D I E B O T H A - B E W I N D I N T R A N S V A A L

1907 - 1910

deur

J.M.H. VAN AARDT, M.A.

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

DOCTOR LITTERARUM

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

PRETORIA.
November 1958.

V O O R W O O R D.

Die tydperk van 1907 tot 1910 is om verskeie redes van besondere betekenis in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Ingrypende gebeurtenisse het plaasgevind en gekulmineer in unifikasie, wat die einde beteken het van die balkanisering van Suid-Afrika as gevolg van die Groot Trek. Terselfdertyd moes die destydse leiers besluite neem wat vir die toekoms van die land van die grootste belang sou wees. Die taalregte van die Afrikaner, die patroon van die toekomstige verhouding van Afrikaans- en Engelssprekendes, die erkenning van outonomie in die belangrikste State en die uitskakeling van die stremmende invloed van Britse partypolitiek, die staatsvorm vir 'n verenigde Suid-Afrika, die nie-blanke stemregkwessie en die toelating van Asiate in die land was maar enkele aktuele sake waaroor in hierdie jare duidelike uitsluitsel gegee sou moes word. Van die verantwoordelike staatslui het dit die hoogste mate van politieke integriteit vereis.

Soos in die vorige eeu het Transvaal met sy geskakeerde verlede en sy heterogene bevolkingsamestelling 'n prominente posisie beklee in die Suid-Afrikaanse staatstruktuur, en van die gesindheid van sy bewindhebbers en die beleidsrigting wat hulle sou volg, het baie afgehang. Voorts kenmerk dié periode die opkoms van oorlogshelde, soos genls. Botha, Smuts en Hertzog, tot staatsmanne in wie die volk al hulle vertroue geplaas het.

Die belangrikste bronnemateriaal vir 'n studie oor hierdie tydperk is ongetwyfeld die persoonlike dokumente van die toenmalige politieke leiers. Gevolglik is ruimskoots gebruik gemaak van die korrespondensie en ander geskiedkundige gegewens in o.a. die Steyn-, Merriman-, Fischer-, F.S. Malan en Hertzog-versamelings. Behoudens dié briewe wat in genoemde versamelings opgeneem is, is die Smuts- en die meeste Hertzogdokumente ongelukkig nog nie vir navorsers beskikbaar nie. Belangrike stof berus ook by die argiefstukke van die verskillende Eerste ministers- en Koloniale sekretariskantore, asook by die Leydsargief.

Die debatte wat gevoer is in die Wetgewende Vergadering en Wetgewende Raad van Transvaal gee die navorser 'n goeie idee van die sienswyses van die volksverteenwoordigers en van die belangrikste ekonomiese, maatskaplike en politieke vraagstukke van die tyd.

Die kontemporêre bronne handhaaf dikwels nie deurgaans 'n objektiewe oordeel nie, maar met versigtige hantering en aan die hand van die oorspronklike dokumente en sekondêre

werke/.....

werke kon 'n juiste beeld bekom word van die algemene posisie in die besondere periode.

Aanvullend is met groot vrug gebruik gemaak van koerante wat in die 1907-1911-tydperk verskyn het en wat in die meeste gevalle gedien het as die lyforgane van die partyleiers.

==========

Dit was vir my 'n voorreg en 'n besondere eer om te kon werk onder die bekwame leiding van prof. dr. D.W. Krüger. Ek wil my dank uitspreek dat hy aan die hand gedoen het dat ek hierdie belangrike en hoogs interessante tydperk in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis navors en 'n wetenskaplike verhandeling daaroor skryf. Dit was vir my aangenaam, betekenisvol en leersaam. Ek waardeer die besieling en sy meesterlike voorligting in die behandeling van hierdie onderwerp. Ook wens ek hom en die Potchefstroomse Universiteit te bedank vir die aanbeveling dat geldelike steun aan my verleen word vir navorsing in Geskiedenis en vir die verslae wat jaarliks goedgekeur is.

Aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing betuig ek langs hierdie weg my opregte erkentlikheid vir die ruim ad hoc-toekenning wat my in staat gestel het om my ondersoekingswerk uit te voer in die argiewe en biblioteke te Kaapstad, Bloemfontein en Pietermaritzburg.

Die Hoofargivaris en personeel in die Staatsargief, Pretoria, het al die jare die grootste hulpvaardigheid aan my bewys. Vir dié bereidwillige diens en vriendelike belangstelling bedank ek hulle besonders. Dieselfde geld vir die personeel van die Staatsbiblioteek sowel as die personeel in die argiewe en die onderskeie beblioteke in die ander provinsiale hoofstede.

J.M.H. van Aardt.

Pretoria.
27 November 1958.

I N H O U D S O P G A W E.

INLEIDEND. 1
Interpretasie van Vredesbepaling - Betekenis van Vrede van Vereniging. 2
Die maatskaplike, politieke en ekonomiese oogmerke van lord Milner. 4
Genl. Smuts se genadelose kritiek. 8

H O O F S T U K 1.

DIE MORELE EN POLITIEKE ONTWAKING VAN TRANSVAALSE BOERE NA DIE OORLOG AS REAKSIE TEEN DIE MILNER-BELEID. 11

„Arm, maar de geest is goed." 11
Milner en Boere van staanspoor oorhoop. 12
Die gevolge van die oorlog. 12
Afrikaners aanvaar Britse beginsels ten koste van eie.. 16
Afrikaner van 20ste eeu moet geestelike waardes van sy verlede red. 17
Leiers op politieke gebied ontbreek aanvanklik. 18
Eerste ontwaking het kulturele oorsprong - die C.N.O.-beweging. 19
Chamberlain in Suid-Afrika. 26
Boere-deputasie ontmoet Chamberlain - Geen politieke aspirasies. 27
Smuts hou politieke situasie dop. 28
Transvaalse Wetgewende Raad nie 'n volksliggaam. 30
Tekens van verset teen Milner-bewind; die Heidelbergse protesvergadering - geen politiek. 30
Eerste stap in rigting van politieke doel: 'n koerant.. 34
Toestand op stoflike gebied haglik. 35
Plaaslike boere-verenigings. 36
Leiers van Volk tree nog onafhanklik van mekaar op. ... 36
Botha soek samewerking op juiste tydstip - nogtans versigtig. 37
Die politieke situasie in Engeland. 38
Boereleiers sien bondgenoot in Liberale party. 42
Die eerste Boerekongres, Mei 1904. 44
Omstandighede vir politieke werksaamhede verbeter - Smuts roepingsbewus. 48
Begrafnis van pres. Kruger: uitwerking. 50
Mantel van Kruger op skouers van Botha. 51
Politieke organisasie onder Engelssprekendes. 52
Milner wantrou Boere-organisasies. 57
Boere verskyn op politieke toneel - Het Volk. 58
Die Botha-Smuts-vriendskap. 62
Politieke ontwaking van die Vrystaatse Afrikaners. ... 67
Het Volk wen veld. 74
Milner vertrek - Selborne se teenwoordigheid meer bevorderlik vir samewerking. 74
Versoening: samewerking tussen Het Volk en T.R.G.A. ... 75
Morele en politieke ontwaking is voldonge feit. 78

Die/.....

Die wese van die Progressiewe Party. 82
Het Volk beleef moeilike tyd. 83
Botha se grootmoedige besluit 84
Grootste probleme: Sjinese, Onderwys en Lyttelton-grondwet. 84
Steyn besoek Transvaal - Vryheidsgees van Afrikaner nie gedemp. 86
Veranderende politieke toestand in Engeland 87
Smuts besoek Engeland.. 90
Smuts se memorandum aan die Koloniale kantoor.. ... 95
Lyttelton-konstitusie herroep. 97

H O O F S T U K 2.

DIE EERSTE VERKIESING NA DIE OORLOG (VOORSPEL, BELANGRIKHEID, AFLOOP) EN DIE BETEKENIS VAN DIE INWERKTREDING VAN SELFREGERING IN TRANSVAAL. ... 98

Smuts se eerste openbare redevoering na sy terug-koms van Engeland 98
Samesprekinge tussen die politieke partye. 100
Voorbereidings vir ontvangs van konstitusie-kommissie. 101
Koöperasie tussen Boer en Brit word aangemoedig deur Botha en Smuts.. 107
Nuwe omstandighede verg politieke opvoeding van Boere. 110
Werksaamhede van die Ridgeway-kommissie... 112
Partye wag in spanning op uitslag... 122
Progressiewe propagande - Het Volk gaan voort op ingeslane weg. 123
Hoofpunte van nuwe konstitusie word bekendgemaak ... 130
Kritiek op die voorstelle 132
Politieke partye bedrywig. 135
Rassevrede grondslag van Botha se verkiesingsveldtog. 141
Die National Association. 143
Progressiewe Party verstig hoop op R. Solomon... ... 144
Het Volk, Nationals en Arbeiders sluit verkiesings-ooreenkoms. 147
Het Volk se Program van Beginsels - Smuts se aandeel. 148
Die Elgin-konstitusie... 152
Politieke en historiese betekenis van selfregering in Transvaal... 155
Die eerste verkiesing - wat op die spel was - belangrikste strydpunte.... 157
Sir Richard Solomon. 163
Partynominasies en kandidate - die verkiesingskam-panje. 165
'n Nuwe strydpunt: naturelle in plek van Sjinese. ... 170
Het Volk seëvier... 178

H O O F S T U K 3.

DIE NUWE KONSTITUSIONELE BEDELING IN TRANSVAAL EN DIE TAAK VAN DIE BOTHA-REGERING TEN OPSIGTE VAN DIE TWEE BLANKE BEVOLKINGSGROEPE. 181

Die probleem omtrent die premierskap. 182

Botha word premier - probleme met samestelling van regering.... 183

Die kabinetslede.... 186

'n Nuwe tydsgewrig en nuwe konstitusionele posisie in Transvaal. 191

'n Selfregerende Transvaal as faktor in die groei van nasionalisme en gemeenskaplike patriotisme - Hoop gevestig op Botha en Smuts. 199

Oorsake vir vertraagde nasionale gees onder Engelse.. 204

Botha en Smuts se taak t.o.v. nie-nasionaalvoelende Engelse en nasionaalbewuste Boere... 207

Botha se eerste tafelrede - Aanduiding van beleid - Reaksie. 209

Aanvanklike wantroue in versoeningsbeleid, later tekens van kentering.... 212

Algemene toestande in S.A. op vooraand van eerste Transvaalse parlementsitting: 1. Transvaal 217
2. Die Oranjerivierkolonie... 220
3. Natal 226
4. Kaapkolonie 235

H O O F S T U K 4.

KONSILIASIE IN TEORIE EN PRAKTYK. 243

Die Speakerskap. 244

Die troonrede en regeringsbeleid. 245

Engelssprekendes wantrou eerste stap tot versoening.. 246

Genl. Botha op premierskonferensie - betekenis en reaksie. 248

(a) Die pers in Suid-Afrika. 250
(b) Die pers in Engeland. 253

Konferensie 'n mislukking - Botha behaal sukses. ... 255

Botha terug in Suid-Afrika - Ontvangs. 256

Die keersy - 'n Betekeisvolle faktor. 257

Die Cullinan-diamant - „Gekristalliseerde Konsiliasie" en die gevolge:.. 265

Persreaksie. 269
Ander. 272
Gevolge... 274

HOOFSTUK 5/.....

H O O F S T U K 5.

DIE ASIATE-VRAAGSTUK. 277

Watter leiding gaan Botha-regering gee? 277
Die Indiër-vraagstuk. 278
Lawley stel Suid-Afrika se standpunt met betrekking tot kleur- en Indiër-vraagstuk. 280
Imperiale owerheid dwarskoppig - Simpatiseer met Indiërs. 281
Indiërs onder bespreking in Transvaalse Parlement - Wet no. 2 van 1907 - Smuts se eerste oorwinning.... 283
Versetveldtog begin. 285
Indiërvraagstuk raak hele Suid-Afrika en fondament van Britse ryk - Onverantwoordelike gesindheid van Natalse owerhede... 293
'n Tydelike skikking. 300
Nuwe Indiërmoeilikhede in Transvaal. 301
Transvaalse Regering neem standvastige Houding in.... 303
Unie-regering erf Transvaalse Indiër-vraagstuk. 309

DIE SJINESE ARBEIDSVRAAGSTUK OP DIE WITWATERSRANDSE GOUDMYNE. 310

Die staking op die Witwatersrandse goudmyne. 310
Die Sjinese arbeidsvraagstuk. 311
Die Debat oor die Sjinese arbeidsvraagstuk. 314
Die kwessie omtrent die Dienskontrakte. 316
Gevolge van indiensneming van Sjinese. 318

H O O F S T U K 6.

DIE ONDERWYSBELEID VAN DIE BOTHA-REGERING. 320

Smuts se geloof in volk van Suid-Afrika. 320
Transvaal die oorheersende Staat - Botha die sentrale figuur. 321
Onderwysbeleid moet eerste antwoord wees op uitdaging aan Botha-regering. 321
Die C.N.O.-beweging. 323
Botha se versekeringe oor C.N.O. tydens eleksie-veldtog. 325
Smuts gee aanduidings van Kerngedagtes in sy aan-staande Onderwyswet. 327
Die C.N.O.-beweging loop prakties ten einde. 330
Lof van Engelse pers vir Smuts - „De Volkstem" se Regsomkeer. 332
Die Keersy - Teenstemme uit die Vrystaat. 333
Smuts verklaar en verdedig sy Onderwyswet - Sy motief. 334
Smuts se Ontwerp-Onderwyswet voor Het Volk-kongres... 336

Invloede/.....

Invloede wat ingewerk het op die formulering van Smutswet. 338

Die Smuts-Onderwyswet van 1907 - Selborne-Onderwysminute die grondslag daarvan. 343

Faktore wat in aanmerking geneem moet word by die beoordeling van die Smuts-Onderwyswet. 345

Grondbeginsels van Onderwyswet no. 25 van 1907. ... 347

Gunstige persreaksie op Smuts-Onderwyswet. 350

Die uitvoering van Wet no. 25 van 1907 en die vordering op Onderwysgebied in Transvaal tot 1910. ... 351

Gevolgtrekking. 358

Die Taalklousule in die Hertzog-Onderwyswet van 1908. 360

Hertzog teenoor Smuts. 363

„De Volkstem" veroordeel Smuts-Onderwyswet - Verdedig Hertzog. 366

Botha: „Die Smuts-Onderwyswet 'n kompromis met 'n politieke doel." 368

H O O F S T U K 7.

DIE LANDBOUBELEID VAN DIE BOTHA-REGERING. 370

Repatriasie voldoen nie aan verwagtinge - Landbouherstel vertraag - Armoede die gevolg. 371

Droogte, veepeste, plae - Misverstand tussen Boere en Administrasie. 372

Milner se progressiewe en wakker Landboudepartement 373

Landboutoestande toe Botha-regering bewind oorneem 376

Die Transvaalse Landbou-unie. 378

Transvaalse Land- en Landboubank-wet. 380

Koöperatiewe Landbouverenigings. 387

Betekenis van Landbank- en Koöperatiewe Landbouvereniging-Wet vir Boerderybedryf in Transvaal.... 390

Landbou-koöperasie op uniale basis. 394

Botha as Minister van Landbou en vooruitgang onder sy bewind. 395

Bestryding van Ooskuskoors. 398

Sprinkane. 401

Die Veldkornettewet. 403

Die Proteksiebeweging in Transvaal - Botha en Smuts se Veldtog daarteen - Vrees vyandskap van Buurkolonies. 403

Gedeeltelike kwytskelding van Repatriasieskulde. ... 409

Die Besproeiingswet. 409

Algemene vooruitgang in Boerderybedryf. 410

Transvaal neem leiding op gebied van Landbou-ontwikkeling. 411

Mielies en Wol - nadruk op gehalte. 413

Lof aan Botha en sy Landboudepartement - „Transvaalse beleid sal Uniale beleid word." 415

HOOFSTUK 8/.....

H O O F S T U K 8.

ALGEMENE BINNELANDSE ADMINISTRASIE. 419

Regering hervorm samestelling van Hoërhuis. 419
Munisipale Bestuur. 420
Openbare Gesondheid. 421
Die Staatsdiens. 423
Besnoeiing deur Sentralisasie. 426
Openbare Diens- en Pensioenewet. 430
Oud-amptenare van die Z.A.R. 431
Vooruitgang in Staatswerksaamhede. 434
Hollandse Taal in die Staatsdiens. 434
Armblanke- en Werkloosheidsvraagstuk. 436
Wetgewing van algemene maatskaplike aard. 441
Immigrasie. 447
Verdediging - Die Boer en die Britse ryk. 448

H O O F S T U K 9.

DIE NATURELLE-ADMINISTRASIE VAN DIE BOTHA-REGERING. 451

Naturelle-administrasie tydens die Engelse bestuur .. 451
Naturelle-administrasie gedurende die Tydperk van Selfregering. 452
Die Botha-regering en die Zoeloe-opstand in Natal: Botha se persoonlike bemoeiing. 456
Misnoeë in ander Kolonies oor optrede van Natal in Zoeloe-onrus. 457
Die vraagstuk van nie-blanke stemreg - Die Imperiale, Koloniale en Afrikaanse Standpunte. 461
Oorwinning vir tradisioneel Afrikaanse Standpunt. ... 462
Smuts verdedig tradisioneel Afrikaanse Standpunt. ... 463
Merriman verdedig Kaaps-Engelse Standpunt. 466
Steyn uit Londen vir Kaaps-Engelse Standpunt.... ... 468
Die Pers en die nie-blanke regte. 469
'n Probleem vir die Nasionale Konvensie. 470

H O O F S T U K 10.

HANDEL, SPOORWEË EN FINANSIES. 471

Die Tolunie van 1903. 471
Die Interkoloniale Raad. 472
Die oorsprong en absolute noodsaaklikheid van die Modus Vivendi. 472
Die Doeane-konferensie te Pietermaritzburg, Maart 1906. 475

Finansiële toedrag van sake. 478

Die einde van die Interkoloniale Raad. Die nuwe ooreenkoms. 481

Kaart van die C.S.A.R. ... ... 481(a)

Spoorweë en Spoorwegontwikkeling - 'n verdelende én verenigende faktor. 485

Die Selborne-memorandum en die Conacher-rapport... 486

Spoorweguitbreiding en Spoorwegwetgewing onder die Botha-administrasie. 490

Die laaste finansiële verslag van die C.S.A.R. en Transvaal se Spoorwegbates aan die Unie van Suid-Afrika. 494

Die Spoorweë en die Unie van Suid-Afrika.... ... 495

Die Handel in Transvaal tydens die Botha-bewind... 497

Die Handel en die unifikasie van Suid-Afrika. ... 501

Die jaarlikse begrotings - barometer van Transvaal se groeiende materiële voorspoed. 502

H O O F S T U K 11.

DIE BOTHA-REGERING EN DIE VRAAGSTUK VAN UNIFIKASIE. .....

505

Positiewe gesindheid van Het Volk-leiers ten opsigte van nouere staatkundige eenheid van Suid-Afrika. 505

Die belangrikste wetgewende maatreëls met die oog op toekomstige verenigde Suid-Afrika. ... 509

Die ontstaan en die inhoud van die Selborne-memorandum. 510

Reaksie. 518

Die nuwe konstitusionele bedeling in die Oranje-rivierkolonie as faktor in die eenheidsbeweging in Suid-Afrika. 523

Klinkende oorwinning vir Orangia Unie. 525

Die betekenis van die in werkingtreding van selfregering ook in die Oranjerivierkolonie.... 528

Die politieke situasie in die Kaapkolonie teen die einde van 1907. 531

Die manifes van die S.A.Party - nasionale gees opvallend. 532

Jameson se pogings om die S.A.Party uit die kussings te hou. 533

Vrees van Engelssprekendes - Hoop op Schreiner gevestig. 534

Die verkiesing in die Kaapkolonie, Januarie - Maart 1908. 536

Belangstelling in Transvaal en die Vrystaat. ... 536

Verkiesingsuitslae - Milnerisme word verwerp - Betekenis. 537

Natal nog uit die pas - Moor-regering nogtans goedgesind. 540

By die kruispad - Voorspel tot die Spoorweg- en Doeanekonferensie te Pretoria. 541

Die Interkoloniale Spoorweg- en Doeanekonferensie te Pretoria, 4-9 Mei 1908. 543

Die Transvaalse parlement en die vraagstuk van nouere vereniging - Botha word al prominenter ... 547

Die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie. ... 550

Die Nasionale Konvensie - Transvalers se aandeel. .. 552

Die Konsep-grondwet - reaksie en goedkeuring. ... 556

Die Boere en die unifikasie van Suid-Afrika. ... 559

Die unifikasie-motiewe van die Engelssprekendes. ... 560

Die Britse regering bekragtig Suid-Afrika-Wets-ontwerp. 561

Botha se gesondheid. 562

'n Tussen-tydperk, September 1909 - Mei 1910. ... 562

Die einde van die Botha-bewind in Transvaal - Kenmerke van die bewind. 564

Die toekoms van Het Volk in die nuwe staatkundige posisie. 567

B Y L A E.

B Y L A A G A.

Memorandum of Points in Reference to the Transvaal Constitution. 574

B Y L A A G B.

Programma van „Het Volk". 586

LITERATUUR- EN BRONNELYS. 589

---oOo---oOo---oOo---

INLEIDEND.

> "..... The one true creed for us is South African Self rule, as you say. But it sounds almost like a mockery at present - what with the malevolence of Conservative governments and the stupidity of Liberals. However, we can but do our duty, knowing that the events of the last seven or eight years have stirred and set free forces in South Africa which are quite beyond the control of Downing Street or any other street or lane in London. To me it is a supreme satisfaction to know that in the end we- or those who come after us - will assuredly win. There is something great and strengthening in the honest appeal to the future. I beleive it is the roots of our views of faith. The man that has faith in the future and, in brave disregard of present appearances, strives for a good and true thing to come, will not be put to shame. You have striven now for thirty years in public life for your ideal for South Africa. You have often suffered defeat, but you are not sorry. I would rather suffer total defeat in such a cause than triumph with the satanic success of a Milner or a Rhodes. For their work will go - the bacilli of right and justice are gnawing away at it and in due course the whole structure will topple even as it is toppling to-day already." 1)

So skryf generaal J.C. Smuts in 1906 uit Transvaal aan sy vriend, mnr. John X. Merriman, in die Kaap. En hierdie enigsins volledig aangehaalde brief is 'n skitterende agtergrond waarteen die belangwekkende gebeure van die eerste dekade van die 20ste eeu in Suid-Afrika gesien moet word. Pas vier jaar gelede is die ontsettende oorlog beëindig. Dié het Afred Milner, Joseph Chamberlain en Cecil Rhodes militêr gewen. Pas vier jaar later sou die Unie van Suid-Afrika verrys. Dié sou Milner, Chamberlain en Rhodes - of hulle soortgenote wat hulle reeds opgevolg het - staatkundig verloor. Trouens die hele struktuur wat hulle in Suid-Afrika gepoog het om op te bou, het reeds begin verkrummel soos Smuts in bogenoemde skrywe bondig meedeel.

Geskiedskrywers, redenaars en staatsmanne is lief om te beweer dat die Unie van Suid-Afrika in 1910 nie tot stand sou kom nie alvorens die twee Boererepublieke van die toneel verdwyn het - met ander woorde dat veelheid op staatkundige terrein in die sin dat daar twee onafhanklike Republieke en twee Britse Kolonies was, moes plek maak vir uniformiteit. En heeltemal tereg ook. Word daar egter in gedagte gehou wie die Vrystaatse en Transvaalse Republiek vernietig het, nl. die Britse imperialisme in sy hoogste bloei soos verteenwoordig deur Chamberlain, Balfour, Milner, Rhodes, gesteun deur die geldmag/...

---

1) Merriman Papers, no. 217, 28.11.1906.

geldmag en goedgepraat deur die magnatepers, is bogenoemde bewering slegs 'n halwe waarheid want nou is 'n groter struikelblok in die weg van Suid-Afrikaanse uifikasie gelê. Kon eenheid van die hele Suid-Afrika onder republiekeinse vlag aan die einde van die vorige eeu nie moontlik wees nie, nog minder sou dit slaag met die imperialisme (soos aangestu deur die geld- en magnatemag) as uitgangspunt. Soos Britse Imperialisme dan die Republieke as struikelblok op die weg na unifikasie uit die weg geruim het, so was dit die taak van Suid-Afrikaanse nasionalisme in die persone van genl. J.C. Smuts, mnr. J.H. Hofmeyr, mnr. John X. Merriman, genl. L. Botha, pres. M.T. Steyn en andere om die Britse imperialisme die voet dwars te sit en toesien dat Suid-Afrikaanse vereniging Suid-Afrika as uitgangspunt neem. En daarom sou die eenheidspoging, ná Vereeniging, op sukses uitloop in 1910 en nie in die eerste plek omdat die Republieke nie meer daar was nie. Skryf Smuts dan nie in bogenoemde brief nie: ".... The one true creed for us is South African self-rule"?

Hoe veral genls. Botha en Smuts in Transvaal, genl. Hertzog, pres. Steyn en mnr. Abraham Fischer in die Vrystaat en mnre. Merriman, Jan Hofmeyr (Onze Jan), J.W. Sauer en adv. F.S. Malan in die Kaapkolonie hulle sou beywer om die imperiale faktor, wat die oorlog gevoer en gewen het, uit te skakel en sou trag om die openbare mening so te rig dat toekomstige gebeure, soos die verkryging van selfregering en staatkundige eenheid, meer uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt gesien moet word, sal insiggewend wees om hierna te sien.

Interpretasie van Vredesbepaling - twee uitgangspunte - Betekenis van Vrede van Vereeniging:

Artikel 7 van die Vredestraktaat van Vereeniging het gelui dat: „militêre administrasie in Transvaal en die Oranjerivierkolonie op die vroegs moontlike datum opgevolg sal word deur burgerlike regering en sodra omstandighede dit toelaat, sal verteenwoordigende instellinge ingevoer word wat sal uitloop op selfregering." [2] Vir Suid-Afrika en vir die bevordering van 'n gesonde verhouding tussen die Boere en die Britte was dit ongelukkig dat staatslui soos Balfour, Chamberlain en Milner die gesag gevoer het in die eerste jare na die oorlog. Vir hierdie imperialiste was die bepalinge in die Vereenigingtraktaat wat betrekking gehad het op Britse onderdaanskap en die eed van getrouheid deur die vroeëre Republikeine aan die Britse kroon, die neerlê van

wapens/...

---

2) Kestell: Christiaan de Wet, Bylae D pp. 265-268.

wapens deur die Boere en dié se erkenning van die Union Jack as hulle vlag en die Britse vors as hulle soewerein, baie belangriker en het hulle hul daarin eerder verlekker as daar-die bepalinge wat voorsiening gemaak het vir toekomstige self-regering of taalgelykheid - bepalings wat vir versiender staatsmanne soos Smuts, Hertzog, Merriman, Botha, Steyn, Hofmeyr, Molteno, Campbell-Bannerman en Lloyd-George van groter betekenis was. Uit die opvattinge van die eerste groep het die gees van die oorlog ter wille van Britse Imperialisme gespreek; uit die sienswyse van die lg. groep het gestraal die hoop op durende vrede en vertroue in die toekoms; hulle wou nie in die minste deel in die "satanic success of a Milner or a Rhodes" nie.

Kortliks kan ons sê dat die belangrikheid van die Vrede van Vereeniging daarin geleë is dat dit die einde beteken het van die politieke resultate van die Groot Trek - 'n volksbeweging wat Suid-Afrika gebalkaniseer het in verskillende onafhanklike State met hulle eie vlae en staatshoofde. Die militêre oppergesag van Groot Brittanje is finaal beklink en dit is aanvaar dat daar in Suid-Afrika nie plek is vir meer as een Europese beleid nie. Hiermee is die weg voorberei vir nouere politieke vereniging. Omdat die Afrikaner deur die oorlog egter slegs materieel geruïneer is maar geestelik en moreel 'n enorme wins behaal het deurdat Vrystaters, Transvalers en Kaapse Rebelle vir <u>een</u> saak geveg het, is 'n nasionale hartstog gaande gemaak, 'n bewuswording van nasieskap ervaar en 'n gevoel vir 'n eie taal verskerp wat sou meebring dat die Afrikaans georiënteerde party-groepe hierna die een oorwinning na die ander sou behaal oor die Empire-georiënteerde seksies waardeur die land vir die volgende halfeeu deur Boeregeneraals geregeer sou word. Die formele vryheid het die Republikeine verloor maar die besondere en aparte identiteit van die Afrikaners as volk het hulle gewen. Paradoksaal genoeg, die Boer het 'n gevoel van eie waarde bo die Engelse soldaat ontwikkel; hy het hom die taktiese meerdere van die Britse "tommy" gevoel. En hoewel Groot Brittanje se vlag nou oor vier Suid-Afrikaanse Kolonies gewapper het, het hy geestelik nie een besit nie want prakties het die Boer van Vrystaat en Transvaal nou Natal en Kaapland met hom meegesleep om die politieke beheer van land in sy hande te neem. In hierdie lig gesien, het Engeland 'n betekenislose stryd gevoer met 'n ewe sinlose verkwisting van £222 miljoen want nie eers die Uitlanders se begeerte om 'n permanente Britse regering hier aan bewind te sien, sou vervul word nie. Britse staatsmanne het vir ewig uit Suid-Afrika verdwyn. Rhodes se vroeë dood het 'n groot gaping gelaat - aan Engelse kant alleen egter. Kruger het ook van

die/....

die toneel verdwyn maar Afrikaners om sy plek vol te staan het nie ontbreek nie: Jan Hendrik Hofmeyr het die smeulende vlam van Afrikaner-wees in die Kaap brandende gehou; in die Vrystaat was daar 'n genl. Hertzog, eerlik, reguit, doelgerig en by hom sy president, Marthinus Steyn, liggaamlik wel sieklik en feitlik geknak maar met 'n gees so gloeiend soos die Afrikaanse somerson op die Vrystaatse ruimtes; in Transvaal het genl. Louis Botha uitgetroon, groot in sy menslikheid en warm van persoon, in die eerste plek gewone skaapboer maar wat hom die materiële verval van sy landgenote sterk aangetrokke gevoel het; sy leierseienskappe was onmiskenbaar. En op die horison het verskyn: Jan Smuts - jonk, versiende, ongenaakbaar, buitengewoon intelligent, geleerd, diplomaties, groot in sy eenvoud - en hierdie eienskappe sou hy, - en sy bogenoemde kamerade hulle s'n - gebruik om die geestelik-morele oorwinning van die Boer oor die jingo-Brit verder uit te dra want op die staatkundige verskiet het hulle gelees: Unifikasie ! Hulle sou toesien dat die Boere- en republikeinse ideale, wat op 31 Mei 1902 nié saam met hulle vlae begrawe is nie, ongeskonde in daardie Unie ingedra word om daarvandaan verder uit te dy; hulle sou toesien dat die beginsel van ongelykheid tussen blank en nie-blank in daardie Unie erken en verskans word; hulle sou toesien dat die Afrikaans-Hollandse taal wat in die Republieke sy suiwerste beslag gekry het en daar vertroetel is, maar in Kaapland en Natal moes swig voor Britse wetgewende maatreëls en gedreig het om in onbruik te raak as gevolg van die passiwiteit van Afrikaners daar, in daardie Unie gehandhaaf en beveilig word.

In latere bladsye meer hieroor.

Het Groot Brittanje in sy oorwinning van geweer, kartets en kanon geroem, groter was die triomf van die Republieke in die gees, in die moraal, in die gevoel van nasieskap; Brittanje se oorwinning was vir die oomblik - dit was stoflik; die Republieke se oorwinning het in die toekoms gelê - dit was nasionaal; 'n groter terugslag het die idee van Britse imperialisme nog nooit ontvang nie, 'n groter spoorslag die Afrikaner-nasionalisme nouliks.

==========

Die Maatskaplike, Politieke en Ekonomiese Oogmerke van Lord Milner: Die brandpunt van Groot Brittanje se koloniale beleid het na die oorgawe van die twee Republikeinse hoofstede in 1900 van Kaapstad na die binneland verskuif. Tot dusver was die Goewerneur van die Kaapkolonie naamlik tegelykertyd ook Hoë Kommissaris vir die hele Britse Suidelike

Afrika/.....

Afrika. Nou is die twee ponte egter geskei en Lord Milner het as Hoë Kommissaris noordwaarts verhuis om vandaar die doelstellinge waarvoor hy in 1897 na Suid-Afrika gekom het, nl. die vestiging van Britse imperialisme van Tafelberg tot aan die Limpopo, te verwesenlik. Transvaal en die Oranje Vrystaat het twee Kroonkolonies geword en na die oorlog is in elk 'n Uitvoerende en Wetgewende Raad ingestel waarvan die lede deur Milner, as verteenwoordiger van die Imperiale Regering in Londen, aangestel is. Onder hom is sir Arthur Lawley vir Transvaal en sir Hamilton Goold-Adams vir die Oranjerivierkolonie aangestel as Luitenant-goewerneurs. Prakties was die Hoë Kommissaris dus die alleenheerser.

Op onvermoeide wyse het Milner van sy magsposisie gebruik gemaak om sy verskillende oogmerke te bereik op maatskaplike, politieke en ekonomiese gebied.

In die eerste plek moes die onderwysbeleid waarmee in die kampskole deur die Direkteur van Onderwys, E.B. Sargant, 'n begin gemaak is na die vrede voortgesit word. Hierdie beleid was in wese, doel en metode onnasionaal. Aan die Boerejeug moes die voortreflikhede van die Britse Ryk geleer word; die Engelse taal was die medium vir die onderrig van al die vakke, behalwe godsdiens; Engelse leerboeke en Engelse onderwysers en onderwyseresse is ingevoer. Ouerlike seggenskap in die aanstelling van onderwysers is nie erken nie. Deur die skole moes die Boere dus gedenasionaliseer word.

In die tweede plek het Milner beoog om, deur 'n uitgebreide skema van staatsondersteunde Britse immigrasie na die twee nuwe Kolonies en deur soveel moontlik Britse soldate te probeer oorreed om hulle hier te vestig as ampenare en landbouers, die bevolkingsamestelling so te verander dat daar uiteindelik 60% Engelse teenoor 40% Boere sal wees. Eers dan, het hy geglo, sal die land veilig en welvarend wees. [3]

Milner was deeglik bewus daarvan dat die ooreenkoms betreffende selfregering, soos vervat in Art. 7 van die Vereenigingse Traktaat, op een of ander tyd nagekom sou moes word. Onder verantwoordelike bestuur verkies die volk self sy regering en dit het die vorming van politieke partye geëmpliseer. Eintlik moes die duisende Britse immigrante en nedersetters 'n politieke doel kom dien: om die Boere, na die instelling van selfregering, by die stembus onder te ploeg. [4]

Daarom het Milner, getrou gesteun deur die Britse Koloniale

sekretaris/..

---

3) Headlam: The Milner Papers (II) pp. 242-243.
4) Ibid.

sekretaris, Chamberlain,en sy opvolger, Lyttelton, in die eerste drie jaar na die oorlog gesorg dat alle aansprake op en versoeke om groter seggenskap in die landsbestuur wat van enige seksie van die Transvaalse of Vrystaatse bevolking gekom het, sorgvuldig in die kiem gesmoor word. Die Britse element moes eers versterk word. [5] Toe dit teen 1905 al duideliker word dat Balfour se Konserwatiewe Regering nie weer die paal sal haal in die volgende verkiesing in Engeland nie maar deur die Liberale onder Campbell-Bannermann opgevolg sou word wat met die eerste die beste geleentheid selfregering aan die voormalige Republieke sou verleen, het Lyttelton en Milner gou 'n konstitusie opgestel waarvolgens hoogstens verteenwoordigende bestuur aan Transvaal toegeken sou word. Die grondwet is op 31 Maart 1905 bekendgemaak. Dit het voorsiening gemaak vir 'n verkose Wetgewende Vergadering van 30 tot 35 lede. Maar die voorsitter van die Vergadering, die Luitenant-goewerneur wat deur die Hoë Kommissaris aangestel is, sou die 6 tot 9 lede van die Uitvoerende Mag benoem wat aan hom, en nie die volksverkose vergadering nie, verantwoordelik sou wees. Die stemreg is ook aan die soldate gegee en Hollands mog in die Vergadering slegs met verlof van die voorsitter gebesig word. [6]

Vir die Boere was hierdie grondwet heeltemal onaanvaarbaar en by monde van hulle voormanne, genl. Louis Botha, genl. J.C. Smuts, genl. J.H. de la Rey, genl. S.W. Burger, genl. C.F. Beyers en mnre. Ewald Esselen en A.D.W. Wolmarans het hulle, sowel as die gematigde Engelse, dit summier verwerp. Alleen die goudmagnate met hulle politieke aspirasies was tevrede daarmee. [7]

Om die politieke oogmerke van sy anglisasie- en immigrasieskemas met sekerder sukses te verwesenlik het Milner hom ook van ekonomiese middele bedien. In die ryk Witwatersrandse goudmyne het hy die grondslag gesien waarop 'n Britse Suid-Afrika gebou kan word, want "... a great Johannesburg .. means a British Transvaal! A British Transvaal will turn the scale in favour of British South Africa, and a British South Africa may go a long way to consolidate the British Empire," het Milner by geleentheid van 'n onthaal in Johannesburg op 8 Januarie 1902 gesê. [8] S.i. kon Transvaal 'n

bevolking/...

---

5) Ibid. pp. 490 en 529.
6) Newton: Select Documents relating to the Unification of South Africa, (II) pp. 8-24.
7) Headlam, a.w. pp. 530-533; Pyrah: Imperial Policy and South Africa 1902 - 1910, pp. 159-160.
8) Headlam a.w. p. 322.

bevolking dra wat twintig maal so groot was as wat daar op daardie oomblik bestaan het; maar dan moes die opbrengs van die myne verdubbel word. Naturelle-arbeid was om verskillende redes na die oorlog skaars - selfs die wat na die M o d u s V i v e n d i [+] met die Portugese uit Mosambiek verkry is, het nie in die aanvraag voorsien nie. [9] As daar binne 'n jaar genoegsame goedkoop hande-arbeid beskikbaar kan wees, het Milner aangevoer, kan die blanke bevolking "of British-minded citizens" verdubbel word. Daarmee sal die politieke vraagstuk permanent opgelos wees. [10]

Milner het in 1903 na Engeland vertrek om die Britse Regering - en selfs vir Henry Campbell-Bannermann en ander Liberale - oor te haal om die invoer van Sjinese na die Transvaalse goudvelde te steun. Lyttelton het dit vir hom maklik gemaak deur amptelik te verseker dat die bespreking van die aangeleentheid en die stemming daaroor in die Transvaalse Wetgewende Raad as toets kan dien om die mening van die publiek vas te stel. Meer hoef Milner nie te gevra het nie. Hy was teen die middel van Desember terug in Suid-Afrika. Die Transvaalse Kroonkoloniebestuur het die Labour Importation Ordinance in die Wetgewende Raad ingedien en op 10 Februarie 1904 is die besluit dat ongeskoolde Sjinese-arbeiders ingevoer mag word met 22 stemme teen 4 goedgekeur. In Engeland het die Konserwatiewe Regering die ordonnansie bekragtig en die eerste Sjinese het in Junie 1904 in Durban voet aan wal gesit; g'n jaar later nie was daar reeds 38,000 op die Randse goudmyne werksaam. [11]

Nog selde in die geskiedenis het die besluit van 'n regering om 'n ekonomies-politieke stap te neem ten einde alleen 'n seksie in die land te bevoordeel, so 'n boemerang vir hulleself geword as hierdie besluit wat die imperialistiese Milner en die jingoïstiese goudmagnate in Johannesburg geneem het met die goedkeuring van die Imperiale Regering. Uit Nieu-Seeland en Australië en van die Liberale in Engeland het waarskuwende stemme opgegaan. In Suid-Afrika was die reaksie landswyd en profeties was Merriman se woorde aan sir Richard Solomon wat as Transvaalse Prokureur-generaal 'n sterk pleidooi gelewer het ten gunste van hierdie onverantwoordelike besluit van Milner en sy magnate-ondersteuners: "In a sense it has

not/...

+ In Hoofstuk 10 word die Modus Vivendi volledig behandel.

9) Meyer: Die Chinese Arbeidsvraagstuk van Witwatersrandse Goudvelde (1903 - 1910) pp. 35-40.

10) Ibid. p. 112; Headlam, a.w. pp. 477-478.

11) Meyer a.w. pp.129-131 en p.156; Headlam a.w. p. 476; Pyrah a.w. pp. 188-189; Phillips: Transvaal Problems, p.51.

not inaptly been called the parting of the ways, whether the development of South Africa is to proceed on the lines of one of the great self-governing colonies or whether it is to become a dependency with an oligarchy of stockjobbers and their dependents and hangers-on, a section of mean whites and a servile class, a contingency from which I at least shrink with horror." 12)

Die koeël was deur die kerk, die sluisdeur is vir die vloedgolf Oosterlinge geopen en van nou af was dit enkel Suid-Afrikaanse patriotisme teen magnaat, jingo en Konserwatiewe impelialis. Ver suid in die Kaap was dit die Afrikanerbond-organisasie onder leiding van J. H. Hofmeyr, F.S.Malan en N.F. de Waal, wat nou uit gegroei het tot die omvattender Suid-Afrikaanse Party onder J. X. Merriman, J. W. Souer, e.a. wat die pro-Sjinese met hand en tand sou beveg; boere, kleurlinge en invloedryke Kapenaars het eenparig teen die skema in opstand gekom. Politieke herlewing het in die Vrystaat onder die Boeregeledere posgevat waar genl. Hertzog, genl. De Wet en mnr. Abraham Fischer op die voorgrond begin tree het. In Transvaal het dit reeds al die beginstadiums verbygesteek onder genl. Botha wat met protesbrief en agitasie aktief in die stryd teen die kapitaliste en goudmyneienaars toegetree het. Selfs Creswell en Wybergh wat groot geloof geheg het aan blanke-arbeid maar wie se eksperiment hiermee nie simpatieke ondersteuning gegun is nie, het hulle gewig geesdriftig gewerp in die anti-Milner- en anti-Sjinese-stryd - die begin van die botsing van kapitaal versus arbeid. Het Engeland, is daar gevra, sy dapperstes verloor en £222 miljoen oorlogskuld opgehoop om Suid-Afrika nou aan die Mongool oor te lewer, en het Kanada en Australië die room van hulle mannekrag gestuur om die Boer van sy geboortegrond te ontneem en dit nou aan die Sjinese te oorhandig?13)

Genl. Smuts se genadelose Kritiek: Aan die spits van die verset teen hierdie roekelose stap van Milner, die magnate en hulle Konserwatiewe beskermhere in Londen, was Jan Smuts. Politiek was hy en die syne nog magteloos en die Boeregeledere was stoflik en maatskaplik nog te lam na die eerlose aanslag op hulle vryheid en hulle eiendom van effens meer as anderhalf jaar gelede. Egter het hy 'n vaardige en snedige pen gehanteer - dit was sy swaard. Die hoofde van

die/.....

---

12) Merriman Papers, no.2, 3.1.1904.
13) Meyer, a.w. pp. 89-90 en 106-108.

die mynindustrie het dit geweet en hom en Botha versoek om neutraal te bly in hierdie Sjinese affêre, maar hulle het natuurlik geweier [14] en die dag voorsien dat die Britte in Suid-Afrika hulle na die Boere sal wend om hulle te red van hierdie "insane policy of to-day". [15] In die gemoedere van die Boere was daar hewige verontwaardiging teen "this sacrilege of Chinese importation - this spoliation of the heritage for which generations of the people have sacrificed their all". [16] Hyself het dit verafsku as onuitspreeklike inhaligheid, selfsugtigheid en roekelocsheid, en dit het hom oortuig dat daar geen vrede met die vyand moontlik sou wees nie - "that they must be fought till either they or we are finally vanquished". [17]

Bitter en neerslagtig, egter, was Smuts nie geheel en al nie. Hy bestudeer die wyere politiek, hy lees 'n brief van sir W. Harcourt waarin lg. verseker dat die Liberale hulle nie verbind het aan die besluit van die bestaande Britse Laerhuis betreffende die Sjinese nie, [18] hy wis dat 'n kentering moet kom en dat Suid-Afrika, deur die verstandige gebruik van die regte geleentheid 'n skitterende triomf kan behaal. Ten volle betrek in die imperiale aangeleenthede van Groot Brittanje, sou Transvaal die geringste steuring in die partypolitieke opset aldaar op sy barometer hier registreer en student wat hy was van die breëre staatkunde, het veral Smuts 'n skommeling in die lesing opgemerk. 'n Optiese illusie was dit nie, want teen die tweede helfte van 1905 was dit glashelder dat daar 'n regeringswisseling in Engeland aan die kom was. Dan herinner Smuts hom sy gesprek met Kitchener tydens die vredesonderhandelinge toe lg. hom vertroulik meegedeel het dat Transvaal en die Vrystaat seker kan wees van selfbestuur sodra die Liberale Party hulle Konserwatiewe opponente uit die kussings gelig het. In samewerking met Botha wys hy die Boere op die Liberale Party-leier (en hoogs waarskynlik eerlang Premier van Groot Brittanje), sir Henry Campbell-Bannermann, se woorde van 17 November 1904 waarin hy die belofte doen van " ... a full and honest measure of self-government" [19] aan die twee

verowerde/...

---

14) Merriman Papers, no. 288, 11.12.1903.
15) Aangehaal by: Williams: Botha, Smuts and South Africa, p.52
16) Aangehaal by: Meyer, a.w. pp. 155-156, Smuts aan Emily Hobhouse.
17) Merriman Papers, no.96, Smuts aan Merriman, 17.3.1904.
18) Ibid. no. 58, 15.12.1904.
19) Aangehaal by: Pyrah, a.w. p. 162.

verowerde Kolonies as sy party aan bewind kom.

In April 1905 is Milner deur Selborne opgevolg, maar die anglisasie-beleid deur middel van immigrasie en onderwys het voortgeduur; die invoer van Sjinese het Selborne goedgekeur en aangemoedig en net soos sy voorganger het ook hy "vehement protests" geopper teen die toekenning van selfregering aan die twee nuwe Kolonies, want dit sou dan, veral in die Oranjerivierkolonie, "peculiarly dangerous and even disastrous consequences" hê. [20]

In hierdie donker uur vir die Boer in besonder en vir Suid-Afrika oor die algemeen, het daar 'n politieke en morele ontwaking onder die Afrikaners dwarsdeur die land posgevat. In Transvaal en die Vrystaat het dit in 'n groot mate die vorm aangeneem van 'n reaksie teen die Milner-beleid. In die Boereleiers, veral in Smuts, Botha, Hertzog en Steyn, het die reaksie gestalte aangeneem. Reeds het Smuts 'n droombeeld gehad van die staatkundige vereniging van die Suid-Afrikaanse State, maar nooit sou hy en sy kamerade as die aanvaarde spreekbuise van die oorwonne volk hulle samewerking bied vir vereniging solank die Boer nog op sy knieë is, solank jingoïsme in Suid-Afrika nog botvier en solank Milnerisme en politieke mynmagnate die botoon voer nie. Daarom kan ons sê dat die tydperk van ongeveer 1903 tot 1907 duidelik in die teken gestaan het van 'n tweegeveg - 'n tweegeweg tussen Smuts en Milner waarin e.g. die steun geniet het van en geveg het namens die veronregte maar nasionaalbewuste Afrikanerdom, die gematigde Engelssprekendes in Suid-Afrika en die Liberale Party in Engeland, terwyl Milner onderskraag is deur die mynmagnate van Johannesburg en Kimberley, die jingo's oor die algemeen en die Konserwatiewe regerende party in Engeland. Die Sjinese arbeidsvraagstuk, die onderwysbeleid, die toekenning van selfregering aan die voormalige Republieke, was belangrike faktore waarom hierdie duel sonder swaarde gegaan het, maar wesenlik het dit gegaan om die behoud van Suid-Afrikaanse patriotisme teen die oorheersing van Britse imperialisme - d.i. die voortsetting van die Anglo-Boereoorlog met geestelike wapens. Tot binne-in Downingstraat 10 sou Smuts hierdie stryd voer; hiertoe is hy aangemoedig deur die aanduidings dat die "bacilli of right and justice" reeds aan die werk was om die Milner- en magnate-konstruksie van die toekoms van Suid-Afrika soos 'n kaartehuis te laat tuimel.

---

20) Aangehaal by: Pyrah, a.w. p. 161.

HOOFSTUK 1.

DIE MORELE EN POLITIEKE ONTWAKING VAN DIE TRANSVAALSE BOERE NA DIE OORLOG AS REAKSIE TEEN DIE MILNER-BELEID.

„Arm, maar de geest is goed":

"The country is quiet ... only it is a complete wreck. Zeerust and Marico, generally, are ... a little better than the rest ... But everywhere else it is a melancholy spectacle. The farm-houses are all gone. But that is the least of the matter. They were wretched things. What is far more serious is the total absence of stock ... If the mealie crop fails, we shall have to feed nearly the whole population for another year."1)

Só skryf Milner vier maande na die beëindiging van die oorlog. Hoofsaak by hom is die materiële - hoe 'n volk stoflik gerufineer is en op stoflike gebied opgehef moet word. Net in 'n ander gedaante, dus, het Rhodes (oorlede op 26 Maart 1902) se invloed voortbestaan.

Maar insgelyks was die gees van Kruger (banneling in Switzerland) nie gedoof nie:

„Het nieuws van daar (Suid-Afrika) is goed en verblijdend... het Afrikaansche volk (is) niet dood of gedemoraliseerd..... zooals veelen vreesden, maar (leeft) vol zelfbewustzijn...,"2)

is dr. Leyds se versekering aan mev. pres. Steyn, en nog sterker bevestig genl. Botha dit:

„Ik ben u net terug van een landreis en de indruk die ik van ons menschen kreeg, is zeer goed, árm maar de geest is goed."3)

Die stryd duur dus voort. By Vereeniging het slegs die militêre krygsoperasies tot stilstand gekom. Imperialisme in sy kapitalisties-materiële aanskyn het nog in sy onverbloemde arrogansie teenoor kulturele nasionalisme gestaan en aangesien kanonne en geweers gebêre en die nuwe vlag aanvaar is, sou ander wapens gevind moet word, en in die ammunisie-fabriek van na-oorlogse omstandighede is hulle spoedig vervaardig: die geestelike en die konstitusionele.

==========

Nuwe Internasionale Posisie aan Begin van 20ste Eeu:

Sedert 31 Mei 1902 sou die Afrikanervolk in sy toekomstige optrede op homself aangewese wees; hulp van buite is uitgeskakel want op staatkundige terrein het daar met die ingang van die 20ste eeu 'n nuwe tydperk aangebreek vir èn Suid-Afrika èn die res van die wêreld. Behalwe die Portugese en Duitse besittings aan die oos- en weskus van Suidelike Afrika, was dié gebied nou geheel en al Brits. Die kwessie oor wie die oppergesag alhier beklee, is deur die afloop van die oorlog beklink en solank sy vlootmag die seë oorheers, was

Brittanje/...

---

1) Headlam: The Milner Papers (II) pp.384-385, Milner aan Lady Edward Cecil, 21.9.1902.
2) L.A. 253(4) 15.8.1903 (Skrywer kursiveer).
3) Ibid. Botha aan Buytendorp, 12.10.1903 (Skrywer kursiveer).

Brittanje verseker van sy strategiese en ekonomiese oorhand in Suid-Afrika. Uit hoofde van hulle onderhorigheid aan Groot Brittanje, het direkte politieke kontakte met die buitewêreld nie vir die Kolonies bestaan nie. Brittanje alleen was hulle spreekbuis.[4]

==========

Milner en Boere van Staanspoor Oorhoop: Die doelstellinge wat Milner vir hom gestel het en die metodes wat hy gevolg het om van sy administrasie 'n sukses te maak het uiteraard nie die goedkeuring van die Boere weggedra nie. In hulle oë was hyself as die verpersoonliking van daardie imperialisme wat die neerlaag van Amajuba en die vernedering van Doornkop (die Jamesonstrooptog) met gewelddadige verowering van die Republieke kom wreek het, nie die aangewese man nie vir die heropbou van die verwoeste land en die hervestiging van gevangenes waar dit hoofsaaklik juis hy is wat die dryfveer agter die grootskaalse ontwrigting was. In hom het die Boere nie 'n simpatieke administrateur gesien nie; die vrymoedigheid wat 'n burger voor die oorlog gehad het om sy president oor probleme of sake van algemene belang te spreek, kon hy nou nie meer openbaar nie want in Milner het hy 'n hooghartige en ongenaakbare heerser gewien wat van sy kant nie veel gedoen het om die Boerehart te verstaan nie; samewerking het gevolglik van die staanspoor af ontbreek en misverstand was aan die orde van die dag. Vir geen volk met selfrespek is dit bowendien aangenaam om te verdra dat sy veroweraar, nadat vrede gesluit is, in sy land agterbly nie; dit wek wantroue en agterdog en is boonop vernederend.

Die Gevolge van die Oorlog: 'n Neerdrukkende stemming het onder die Afrikaners geheers na die vredesluiting. Vir hulle het dit gevoel of alles wat hulle bereik het in 'n eeu-lange stryd, deur proteste, trekbewegings, onderlinge stryd, weerstand teen inboorlinge, en wat in die republikeinse onafhanklikheid

> „opgereik het na 'n steeds dieper verwerkliking, na 'n eie, gefundeerde karakter, - die nekslag toegedien was deur middel van 'n vredestraktaat wat volslae onderwerping as uitgangspunt aanvaar het."

In die Kaapkolonie het die dapper stryd van die Republieke weliswaar 'n sterk nasionale geesdrif by baie Afrikaanssprekendes opgewek, maar aan die anderkant het die strenge toepassing van die krygswet „soveel kwaad bloed geset," dat bitterheid ingetree het en die uiteindelike ondergang van die Republieke 'n lamsakgees in die hand gewerk het.[5]

Staatkundige Gevolge: Staatkundig het die afloop van die stryd beteken dat die twee onafhanklike Republieke „tot dieselfde posisie teruggebring (is) as die Kaapkolonie waar gelykheid van taal- en burgerlike regte binne die Britse Ryk die enigste is wat

oorbly/...

4) Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, pp.243-244.
5) V.d. Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner (III) pp. 19-20. V.d. Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, pp. 181-182.

oorbly." Die Boere van die Oranjerivier- en Transvaalkolonie is nie deelname gegun aan die nuwe regerings nie - dit was „regerings van die veroweraars oor die verowerdes." [6]

Maatskaplike Gevolge: Maatskaplik het die gevolge van die stryd en die beleid van die veroweraar nie minder bygedra tot neerslagtigheid onder die Boerevolk nie. Van 'n georganiseerde kerk- en skoolwese het heel weinig oorgebly. Die taal van die volk is in die onderwys en staatsdiens sy regmatige status misgun. Op skool is die vordering van die Boerejeug vertraag en in die publieke diens is die burgers koud en afsydig behandel omdat hulle die taal van die veroweraar nie verstaan het nie. As een saamvoelende gemeenskap kon hulle hulle nie sterk na buite vertoon teen die onreg nie want hulle geledere was na binne self verdeel: 'n bittere gevoel van veragting het bestaan teenoor die Afrikaners wat tydens die oorlog gehensop het of as 'National Scouts' die kant van die Engelse gekies het; in die Boersamelewing het dit „diep spore....nagelaat: " „die woord ‚verraaier' is dikwels gehoor, en dit is uitgespreek met 'n sisklank van gedempte toorn." [7]

Hierby het die verklaarde beleid van die Milner-regime om hierdie verraaiers in sy rekonstruksiewerk en in plaaslike aanstellings te bevoorreg bo die Bittereinders, die sosiale atmosfeer verder gespanne en gelade gemaak; die verhouding tussen Afrikaner en mede-Afrikaner het gestrem geraak. Die ‚vriendskaplike verskil' wat daar voor die oorlog bestaan het tussen die Kruger- en Joubert-groep, het nou 'n dieper kloof vertoon: Bittereinders en die wat krygsgevange geneem is, het hulle geskaar teen ‚National Scout,' Hensopper, ekstremistiese Brit en tommy. Op politieke gebied het hierdie maatskaplike verdeling meegebring dat die eersgenoemde groep steeds die verlies van hulle republikeinse vryheid, van hulle eiendom en die totale vernietiging daarvan aan die adres van die laasgenoemde seksie sou rig. Die vervreemding onder mekaar sny dieper as die laasgenoemde groep hulle berus in die vreemde heerskappy, sy vlag aanvaar en deel in die Hosannas oor sy grootheid.[8] Watter leiers vir elke groep na vore getree het, sal ons aanstons sien. Die toedrag van sake op maatskaplike gebied het verder sorg gebaar deur die haglike toestand waarin bywoners van voor die oorlog hulle tans bevind het. Die vooroorlogse grondeienaar het tog nog sy geruïneerde plaas gehad, dog die bywoner het kort en klein alles verloor en was uit die staanspoor 'n hulpbehoewende. Sedert die vrede en in die loop van 1903 het talryke briewe genl. Botha bereik waarin predikante en ander gesiene persone skryf oor die broodsgebrek, ellende en ge-

valle/.....

6) V.d. Heever en Pienaar, a.w. (III), p.20: V.d. Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, p.608.
7) V.d.Walt, Wiid, en Geyer, a.w. pp.608-609; V.d.Heever, a.w. p.182.
8) Jamneck: Die Milner-regime in Transvaal (1902-1905), pp.74-79.

valle van siekte wat onder die bevolking, veral in die afgeleë distrikte, heers. Geld en alle soorte van lewensmiddele het ontbreek. Baie het gewerk net om voedsel as dagloon te ontvang. Weduwees, wese en grysaards was ondervoed of het in die grootste armoede geleef. In die briewe word groot somme geld van die geliefde generaal gevra om die nood te lenig. Landdroste en offisiere van die Z.A.R. het dit beklemtoon dat die repatriasierantsoene wat die owerheid verskaf het, totaal ontoereikend was; baie gesinne het niks ontvang nie.[9)]

Die volk was ontredderd - dit lees ons in die aangrypende en hartroerende liriek van die na-oorlogse vaderlandsdigters, Jan Celliers, J. D. du Toit (Totius), Louis Leipoldt en Eugéne Marais: hulle ween oor kindergraf en murasie; hulle herinner aan konsentrasiekamp en slagveld; 1902 en die verlore vryheid word in versvorm verewig; teenoor die durf en onverskrokkenheid van die generaal, is die verslaenheid van die balling.
Die instroming van uitvaagsels van ander lande, gereël deur verskillende organisasies vir immigrasie hoofsaaklik om Britse belange en invloed te versterk, het die Boer se agterdog versterk; dit kon trouens ook nie anders nie want die rasse-motief daaragter was onbedek: 'n getalsterke „industrial population" was welkom in die dorpe en "any flickerings of Dutch disloyalty" moes verswelg word deur die "influx of English blood and enterprises," het "The Star" van 30 April 1903 geskryf.
Ten slotte het die aanwesigheid van 'n in getalle oorheersende naturellebevolking, aangevul deur die groeiende aantal Indiërs wat op 'n maatskaplik lae peil geleef het, die reeds ingewikkelde sosiale struktuur met sy besondere probleme nog ingewikkelder gemaak.[10)]

Ekonomiese Gevolge: Die posisie van die Afrikaner op maatskaplike terrein en die gevolge daarvan bring ons by die ekonomiese aspek. Wanneer die bevolking van 'n land in sy sosiale verhoudinge gelukkig is en die begeerte nie ontbreek nie om op die belangrikste gebiede van die lewe te ko-opereer tot heil van hulle gemeenskaplike vaderland, sal dit uit die aard van die saak ekonomiese stabiliteit in die hand werk. Maar die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner het hom nie die geleentheid verskaf om hom toe te rus met kennis van of ervaring op te doen vir 'n ekonomiese lewenstryd nie. Met die ontdekking van diamante en goud en die daaropvolgende snelle proses van kommersialisering en industrialisering van Suid-Afrika is die lewenskrag van die Afrikanervolk swaar op die proef gestel. Uit die staanspoor was die wedloop met die vreemde elemente wat na die land toegestroom het, en wat uit ondervinding 'n besigheidsin gehad het, dus 'n ongelyke. Deels het

hierdie/.....

9) L.A.210(1); V.d. Walt, Wiid en Geyer, a.w. pp.609-610; De Volkstem, 13. 1. 1906.
10) Jamneck, a.w. p.74; pp. 79-80; pp. 85-86.

hierdie stryd bygedra tot verarming sowel as verstedeliking van die Afrikaner, en die verandering wat lg. aspek noodwendig met hom meebring, het ontwrigtend gewerk. Die beheer oor die ekonomiese ontwikkeling van die land wat die Afrikaner aldus moes prysgee, is deur die uitkoms van die oorlog nog verder buite sy bereik geplaas. Die boerevolk se selfvertroue en geloof in die toekoms - twee onmisbare vereistes vir die ondernemingsgees en werkkrag van 'n gemeenskap - is verswak deur die gees van wanhoop wat die uitkoms van die vryheidstryd meegebring het. 'n Tydelike en kunsmatige handelsopbloei het weliswaar tot die begin van 1903 geduur waar eintlik slegs die Kaap en Natal geldelike baat by gevind het, maar 'n depressie was onafwendbaar en van 1903 sou die land vir die volgende jaar of vyf in die greep daarvan verkeer. Die ekonomiese heropbou van die verwoeste gebiede en die herstel van die handelsverkeer is hierdeur erg bemoeilik. Veestapels het stadiger in getal toegeneem; boere het groter skuld aangegaan (wat by te veel 'n gewoonte geword het) wat alleen na jare van swaarkry en ontbering ,losgeboer' kon word; die beste middele om wetenskaplik te boer ten einde tred te hou in die mededingende stryd, kon deur baie net nie aangeskaf word nie. 'n Aansienlike persentasie van die swakkeres het uitgesak en na die stede verhuis, waar hulle as armoedige arbeiders hoogstens op die paaie, in die myne of ander openbare gebiede diens kon verrig. In die ekonomiese raderwerk van die staat is die Boer se bydrae dus verswak en van leiding was daar geen sprake nie.[11]

Geestelik-kulturele Gevolge: Die staatkundig-politieke onderdaanskap van die Afrikaner, sy maatskaplik-sosiale verdeeldheid sowel as sy tweederangse posisie in die stad en sy ekonomies-finansiële agterstand het onteenseglik 'n nadelige invloed nagelaat op die Afrikaner se geestelik-kulturele vorming.

> „Waterdraers (kan) geen kultuurdraers wees en houtkappers geen kultuurskeppers .....nie, m.a.w. uit sosiale ellende en ekonomiese verslawing kan geen groot kultuur gebore word nie,"

skryf prof. dr. G. Cronjé. Waar so 'n groot gedeelte van die volk verarm is, „kan....wel 'n klasse- of élite-kultuur (geskep word) maar geen egte volkskultuur nie."[12]

> „Bowendien, deur die verlies van ongeveer 35,000 menselewens," voer prof dr. C. G. W. Schumann aan, „het ommisbare arbeidskrag en van die beste geesteskragte vir die Afrikanervolk van die toekoms verlore gegaan." [13]

Vir menigeen was die vernederende sosiale posisie wat hulle beklee teenoor die Engelsman te veel, ander swig onder die geldelike las en die flouhartiges soek kompensasie vir hulle vryheidsverlies deur die eie te versmaai en op kruiperige wyse die veroweraar in alles gelyk te gee. In hierdie teelaarde vat

die/.....

11) V.d. Heever en Pienaar, a.w. (I), pp. 306-307 en pp.446-447.
12) Ibid. I, p.313.
13) Ibid. I, p.447.

die gedagte pos,

„dat alles (soos prof. dr. C. M. van den Heever die kwessie van vervreemding van baie Afrikaners flink opsom „waarvoor Kruger en Steyn geveg het, staatkundig sowel as kultureel, nou onherroeplik verlore was. Uit hierdie ondergrond van teleurstelling verrys die ekonomiese oorweging, wat die leidraad in die meeste mense se lewe is: dit is die beste om jou by die nuwe orde aan te pas; die oorheerser lyk tegemoetkomend noudat hy sy sin gekry het; 'n mens moet, hoe goed of hoe kwaad dit ook al gaan, sorg vir jou gesin. Baie burgers wat deelgeneem het aan die oorlog het nooit grondig besef hoe skerp die imperialistiese ideaal teen die Republikeinse gedagte afgelyn staan nie. Hul vyand was 'n bepaalde soort uniform. Die magte en waardes wat agter daardie uniform lê, kon hulle nie intellektueel deurgrond nie. Toe die oorlog oor was, het hulle die militêre nederlaag gevoel, maar nie altyd diep genoeg verstaan dat die stryd voortaan na die geestelike terrein verplaas is nie en dat daar nou, waar die geweer gefaal het, met alle moontlike geesteswapens gestry sal moet word."[14]

Afrikaners Aanvaar Britse Beginsels ten koste van eie:

So imponerend was die trotse Britse leeu, simbool van mag, krag en 'n wêreldryk, dat baie Afrikaners vergeet het dat dit in Suid-Afrika ook die simbool van sielesmart was. Met verloop van tyd berus hulle al gedweër in die onderdompeling van nasionaliteit, tradisies en karakter. Geredelik gee hulle toe om hulle eie ‚ou taaltjie' te misken ten einde ook as ‚beskaafd' geken te wees deur die ‚taal van alle tale' te aanvaar - dié van die veroweraar.[15] Om die voorvaderlike band ongebroke te handhaaf was vir hulle nie meer 'n dure plig nie, nog minder 'n studie van wyse en sober lesse uit die verlede. In hulle oorhaas om nuwe gewoontes hulle eie te maak, vreemde voetspore te volg en eertydse regte te verloën, het hulle toegelaat dat stof saampak op die geskiedenis waaraan hulle hul geboortereg te danke het en dit alles ter wille van tydelike bekoring, of om die sin vir die verlokkinge van moderne fatsoen te streel. Hulle gaan so op in die nuwe lewenswyse en denkrigting dat hulle nie bedink nie dat 'n betaamlike eerbied vir ander stelsels nie noodwendig vereis dat jy jou eie moet negeer nie; hulle besef nie dat kennis van en respek vir ander se sentimente nie moet beteken die assimilasie daarvan nie, maar juis onafhanklikheid van denke en handeling moet kweek om vryheid of speling te laat vir die behoud van eie instellinge en lewensopvattinge. Die aangeleerde lewenswyse het die jong Afrikaners in 'n waan laat verkeer dat niemand dan sal agterkom nie dat hulle die sfeer waarin hulle sierade kon wees, verlaat het om te veins met die maniere en styl van 'n ander nasie. Sulke beklaenswaardige afvallighede het die Boere-samelewing - ook in die Kaap en die Vrystaat - ontsier en sosiale betrekkinge verbitter; die verdeeldheid wat dit meegebring het, het 'n

dieper/.....

14) Ibid. III, p.20. (Skrywer kursiveer).
15) Breytenbach: Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p.557.

dieper wond nagelaat as wat tydelike verliese kon veroorsaak en het slegs voldoening verskaf aan die opponent.

Op hierdie na-oorlogse Afrikaner-struktuur is die Milner-regime geplaas om met 'n Kroonkolonie-bestuursvorm as instrument orde te handhaaf, rekonstruksie- en repatriasiewerk aan te pak, te sorg vir die ontwikkeling van die land en vir die algemene welsyn van en samewerking tussen die bevolkingsgroepe. As welslae van hom en sy administrasie afgehang het, of as die Afrikanervolk vir sy voortbestaan aangewese was op sy beleid, sou die geskiedenis van Suid-Afrika van die begin van hierdie eeu 'n totaal ander verloop geneem het. Maar die Groot Onderhouer van alle nasies het dit in Sy goddelike wil anders beskik.

Afrikaner van 20ste eeu moet Geestelike waardes van sy Verlede red:

Niks in die geskiedenis gebeur tevergeefs nie en in hierdie donker na-oorlogse jare het die Afrikanervolk voor die uitdaging gestaan om te bewys dat hierdie stelling ook op hom van toepassing is. Hy sou moet bewys dat die gebeurtenisse van die vorige 250 jaar sinvol was, nie een betekenisloos nie. Hulle was:

> „die wonder van 'n nasie se geboorte as 'n nuwe afsonderlike kultuurgemeenskap; die wonder van 'n taal se geboorte as uitdrukkingsmiddel vir daardie kultuurgedagte; en ('n aspek wat vanweë sy laat verskyning buite die bestek van hierdie werk val) die wonder van die Afrikaanse kuns en letterkunde, waarin die diepste belewenisse van die Afrikanermens vorm en gestalte aangeneem het as skoonheid." 16)

Wat behels dit alles nie?

Op die skouers van die Afrikaner-Boer van die vroeë 20ste eeu het die taak gerus om te bewys, of meer nog, om die feit te verdedig dat dit nie om dowe neute was nie dat binne die eerste 150 jaar daar die „patroonvorming" van 'n nuwe volk plaasgevind het waartydens sy volkskarakter en volkskultuur 'n bepaalde patroon aangeneem het. Hierby het gekom, betreffende die verhouding: blank - nie-blank, die beginsel van ongelykheid,

> „'n kulturele apartheidsbegrip, soos dit in die godsdienstige lewensfeer van die Afrikaner ontstaan het reeds in die 18e eeu, lank vóór dit in die politieke gedrang gekom het." 16a)

Vroeg in die 19de eeu tree 'n nuwe fase in die patroonvorming van die Afrikanervolk en die Afrikaner van die 20ste eeu moet hom daarvan vergewis dat ook die gebeurtenisse van dáárdie eeu nie tevergeefs was nie: dit is „die volkstryd en kultuurstryd" wat - net soos 'n „brand-suur" „die lyne inbrand van 'n ets op 'n koperplaat" - die „patroon net skerper ingebrand het." Hy moet bewys dat die Groot Trek nie tevergeefs was nie maar

> „'n Eksodus na die ruimtes van Kulturele Vryheid waar ons as volk onsself kon wees, ons staatkundige ideale kon uit-

leef/.....

16) Erlank: Die Patroon van ons Volkskarakter, pp.7-8.
16a) Ibid. p.11.

leef, ons kulturele ideale kon nastreef....." 16b)
Republieke het hierna in vervulling gegaan waarin 'n eie staatkunde met sy eie opvoedkundige, godsdienstige en maatskaplike beginsels nog steeds deur die Boer gehandhaaf is - ook 'n eie krygskunde en sy eie Afrikaanse taal.

In hierdie Republieke het die Boer - en deur sy inspirasie ook die Afrikaner van die Kaapkolonie - intussen ook ontdek dat hy 'n volk is wat van sy bestaan bewus is.

Op die Afrikaner van ná 1902 dan het die dure verantwoordelikheid gerus om onbevreesd aan die wêreld te toon dat dit alles - geestelike waardes waarsonder 'n volk nie 'n volk is nie - nie in die driejarige worstelstryd saam met die rook en die kruitdamp in die niet verdwyn of saam met die 32,000 oorledenes in die graf gedaal het nie.

Leiers op Politieke Gebied Ontbreek aanvanklik:

Wie sou leiding gee - dit was die vraag! Pres. Kruger, oud en afgeleef, het sy laaste dae te Clarens in Switzerland in bepeining oor die verlore vryheid deurgebring; pres. Steyn, in menige opsig die siel en bron van inspirasie vir die stryd, se gesondheid was in so 'n mate geknak dat hy nog nie van Europa na Suid-Afrika kon terugkeer nie. Dié wakkere staatsprokureur van die Republiek se dae, genl. Smuts, was so moedeloos by die aanskoue van die onbevoegdheid van die Milner-administrasie wat klaarblyklik niks gemeenskapliks gehad het met die Boereidees nie, dat hy nog so laat as Maart 1904 aan Emily Hobhouse skryf dat hy nie die minste geneë voel om die Regering met advies te bedien nie.

> "I prefer to sit still, to water my orange-trees and to study Kant's 'Critical Philosophy' until, in the whirligig of time, new openings for doing good offer themselves."

Hy erken dat sy brief neerslagtig is.

> "But it faithfully reflects the gloom of dull despair which is more and more enveloping us all." 17)

Genl. Louis Botha, die waarnemende Kommandant-generaal van die Z.A.R. se oorlogsmagte en uitmuntende strateeg, se eerste liefde was sy boerdery. Hy skryf aan dr. Leyds dat omstandighede vir hom in Pretoria baie moeilik is. Hy moet vir sy familie sorg, hy is diep in die skuld en sou hom daarom graag op sy plaas wil vestig. Genls. De la Rey en Burger woon op hulle plase, Smuts, Beyers en Esselen het goeie posisies in Pretoria en Wolmarans het sy boerdery aan die dorp.[18] Vier maande later skryf hy aan pres. Steyn:

> „Ik ben verblijd om te zeggen dat mijn boerderij bijzonder goed vordert op de plaats en ik nu vol moed ben om een succesvolle boerderij te kunnen besturen. Dit maakt dat mijn hart brandt om Pretoria te verlaten."19)

Dr. Leyds/.....

16b) Ibid. p.8 en p.16.
17) Aangehaal by: Levi: Jan Smuts, p.70.
18) L.A. 262(1) Botha aan Leyds, 21.8.1905.
19) Steyn-versameling: Ink. Briewe 156/1/4, Botha aan Steyn, 15. 1. 1906. (Skrywer kursiveer).

Dr. Leyds self was pessimisties oor die gebrek aan 'n leier in Transvaal:

„(Ik) verneem .... met sckrik," het hy aan Botha geskryf, „dat gij nu en dan rondgaat met het plan om u op u plaats terug te trekken...." En in 'n ander brief: „Een leider is noodig, ook voor de dagelijks voorkomende zaken en ik weet niet wie het anders zou kunnen zijn als gij...." 20)

Dit is dus duidelik dat dié Afrikaners van wie politieke leiding verwag kon word òf nie geesdriftig daaroor was nie òf ander persoonlike belange gehad het wat ter wille van huishoudelike belang voorrang moes geniet. Vir die soveelste keer was die Afrikaner in nood. Vir die soveelste keer, egter, het uitkoms uit 'n onverwagte hoek gekom.

Eerste Ontwaking het Kulturele Oorsprong: Die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1875 in die Paarl in die lewe geroep is, en die Patriotbeweging wat deur die leiers: S. J. en D. F. du Toit, C. P. Hoogenhout en J. Lion Cachet, Gideon Malherbe en August Ahrbeck aan die gang gesit is, het vér-reikender resultate gehad as wat hulleself voorsien het. Hulle het 'n volk wat in sy eie land doofstom was, leer lees en skryf in sy eie Afrikaanse taal en hom daardeur 'n geestelike tuiste gegee. Hy kon nou ook op papier praat, sy innerlike stem laat geld en 'n besef van volkswaarde kry. Aan 'n volk wat pas van sy nasieskap bewus geword het, het hulle in sy eie taal kennis en kunde aangedra deur hulle geskrifte; in sy kinderjare het hulle aan 'n volk vreugde gebring uit eie hart en bodem geput en so, sonder om die woord kultuur te ken, kultuur gegee. So het „die volk kultureel krag- en besitbewus" geraak en in sy eie taal begin belangstel. In sy politieke vorm het die Patriotbeweging

„die volk nasionaal uit sy loomrige slaap wakker geskud en dit 'n politieke (en 'n ekonomiese) faktor gemaak." 21)

Ná die oorlog kon die taalleiers met minder moeite op hierdie voorbereide akker saai. Toestande het op taalgebied wel donker gelyk vanweë die drastiese anglisasiebeleid van die veroweraar, dog die oorlog het die nasionaalvoelende Afrikanerdom dwarsdeur Suid-Afrika saamgesnoer om in die bresse te tree vir hulle regte. En waar die politieke leiers nog onseker rondgetas het, het die geestelike leiers, soos joernaliste, digters en predikante na vore getree. In die Suide het adv. J.H.H. de Waal as redakteur van „De Goede Hoop" die voortou geneem. In die Vrystaat het Johannes Visscher, redakteur van „De Vriend" en sy bekwame ondersteuner, ds. Willem Postma, die leiding geneem terwyl die joernalis van „De Volkstem," Gustav Preller, nie op hom laat wag het in Transvaal/.....

20) L.A.262(3) Leyds aan Botha, 21.7.1905 en 8. 9.1905.
21) Nienaber: Mylpale, pp. 59-60; Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk, pp.71-73.

vaal nie. J.S.M. Rabie, ook 'n koerantman, het die vlam aangesteek in Natal. „Onze toekomst is Afrikaans of niets," het hy in „De Afrikaner" geskryf. Verenigings soos „Die Afrikaanse Taalgenootskap" (in die Noorde); „Die Afrikaanse Taalvereniging"(in Kaapstad) en verskeie Afrikaanse Debatsverenigings is gestig. Onze Jan se gevleulde woorde „Is het ons Ernst?" het wye weerklank gevind en is beantwoord met Preller se strydvaardige artikelreeks: „Laat 't ons toch ernst wezen!" En 'n drietal jare later sou dit dr. D. F. Malan wees wat die verkreë sukses kon bekroon met „Het is ons Ernst."

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging: Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging was in volle gang en het gou sy vrugte gegee. Geestelike kragte is ontketen en die heropstanding van 'n oënskynlik vernietigde Boerevolk was reeds in stilte aan die gang. In die suiwerste verse het Eugéne Marais se juweel, „Winternag", verskyn om 'n paar jaar later gevolg te word deur die vaderlandse en oorlogsliriek van Celliers, Totius en Leipoldt. Die Afrikaanse prosa maak in geskiedenisvorm sy verskyning in 1906 deur die werk van Preller en De Waal. So is doelbewus die tot dusver geskrewe Hollands vervang deur die tot dusver slegs gesproke Afrikaans wat nou ook tot skryftaal verhef is om in die praktiese behoeftes van die Afrikaner te voorsien. Die oorlogsliriek en ander geskrifte het byval gevind omdat dit van eie ervaring gespreek het. „So führte die gemeinsame Leidenzeit zu kraftvollen Äusserungen der afrikanischen Volksseele," skryf Hintrager.[22)]

Onherroeplik verlore was die Afrikanervolk dus nie. Nie alleen het hy die knellende greep van die veroweraar losgeskud nie, dog ook die gevestigde vooroordeel vir Hollands teen Afrikaans 'n knou gegee in die guns van laasgenoemde.

Geestelike Leiers gee Aandag aan Jeug: Ontstaan van C.N.O.-Beweging: Die geestelike leiers het nie aan die volwassenes alleen gedink nie. In Maart 1894 reeds het 'n 80-tal onderwysers en onderwyseresse in Pretoria vergader met die doel om 'n Onderwysersvereniging te stig. Pres. Kruger was met die opening van die verrigtinge ook teenwoordig en het in 'n toespraak sy belangstelling in en ingenomenheid met die strewe van die leerkragte betuig. Hy het nadruk daarop gelê

> „dat voor die opvoeding naar de eis van Gods Woord, met liefde voor de landstaal, met waardering der volkshistorie in getrouwheid moest worden gearbeid...."

Op die 28ste van dié maand is daarop die Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen (V.v.O.O.) in die lewe geroep met

(i) die erkenning dat in die Heilige Skrif die diepste verborgenhede omtrent die wese en die bestemming van die mens geopenbaar is en hy daarom Gods Woord as sy Grondslag aanneem;

(ii) met/.....

---

22) Hintrager: Geschichte von Südafrika, pp. 396-397; Nienaber, a.w. pp.71-79 en pp.214-217; Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, pp.232-313; Breytenbach, a.w. pp.558-560.

(ii) met die Grondbeginsels dat onderwys en opvoeding christelik en nasionaal moet wees en

(iii) met die Doel om 'n christelike en nasionale opvoeding in en deur die skool te bevorder.23)

Tydens die oorlog het die vyand aan die Boerejeug in die Kampskole onderwys gegee wat grootliks van hierdie beginsels afgewyk het en dit voortgesit in die regeringskole ná die vrede. Die voertaal was Engels, die onderrig van Hollands en godsdiens beperk en die ouerlike seggenskap in die onderwysbeheer verontagsaam. Sterk proteste teen hierdie onderwysbeleid het op dowe ore geval.24) Hierby sou die ouers en baie van die Z.A.R.-onderwysers hulle nie berus nie.

Die „Vriendenkring" en H. J. Emous: Reeds in 1901 is daar in Pretoria 'n Onderwyserskommissie aangestel bestaande uit die here Tromp, Van Rooyen, Visser, Klooster, Boneschans en Vaandrager. Die Kommissie het bekend gestaan as die „Vriendenkring" en het hom ten doel gestel die verskaffing van inligting omtrent die omstandighede waarin Hollandse onderwysers en hulle betrekkinge in Transvaal verkeer en die verleen van steun in gevalle waar dit nodig is, - ook aan die onderwys as sodanig.25) Die „Vriendenkring" het in die gelukkige posisie verkeer dat dit kon skakel met 'n Nederlander wat voortdurend lewendige belang in die lotgevalle en taal van die twee Republieke gestel het. Hy was Hendrik Jan Emous wat sy liefde in tasbare vorm sou bied vir die handhawing van christelike nasionale onderwys in die vroeëre Republieke. In Nederland het hy hom onvermoeid beywer vir die insameling van geld en dit in 'n ononderbroke stroom na veral Transvaal laat vloei waar dit tydens die oorlog vir hulpverlening in die konsentrasiekampe aangewend is en daarna vir die oprigting en instandhouding van C.N.O.-skole.26)

Regeringskole nie Nasionaal; C.N.O. dus Aangewese Weg: Die onderwys wat die Engelse owerheid aan die jeug van die Afrikaner-ouers verskaf het, het lg. in 'n moeilike posisie geplaas. Dit was in die eerste plek gratis, onderwysers is goeie salarisse betaal, fasiliteite het steeds verbeter, voorsiening is gemaak vir hoër opleiding, ens. Maar - en dit was die groot struikelblok - dit was nie christelik-nasionale onderwys nie. Om hierdie rede het 'n groot aantal taal- en nasiebewuste ouers en geestelike leiers hulle beywer vir die oprigting van Christelike Nasionale Onderwysskole ten einde 'n teëwig te vorm teen die opsetlike verengelsing van die Afrikanerjeug en die verontagsaming van nasionale beginsels soos taal en voldoende godsdiens in die Britse staatskole. In 'n verowerde land met 'n verarmde/.....

---

23) Gedenkboek uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika bij gelegenheid van het 25-jarig bestaan, April 1918, pp.10-13.
24) De Volkstem, 30. 5. 1903.
25) Gedenkboek, pp. 143-145.
26) Onderwysblad, Orgaan van die T.O. 1. 5.1955, pp.102-103.

verarmde volk, waar die taal van die ou bevolking vreemd geword het, die godsdiens-onderwys gekwyn en die eie geskiedenis uitgewis moet word en in staatskole gratis onderwys gegee is, - in hierdie omstandighede waag ouers, predikante en onderwysers dit om 'n stap te neem wat in beginsel nog steeds die Bybel neem as grondslag van alle opvoeding en onderwys en as ideaal stel die opbou van 'n stelsel van vry, christelike en nasionale onderwys wat hou aan taal, tradisies, godsdiens en geskiedenis. So het die beroemde C.N.O.-skole ontstaan, nuwe, jong maar kerngesonde en veelbelowende uitspruitsels van die ou stam wat gedurende die oorlog afgekap is dog waarvan die wortels diep deurgedring het in die harte van die Afrikaanse volk, en dit is „as reddingsboei vir die Afrikaanse kind aangegryp" in die donker na-oorlogse jare toe Engels die s u m m u m b o n u m geword het.

Baie ouers het onder die druk van omstandighede geglo en gedink dat 'n kennis van die Engelse taal die beginsel van alle geluk en voorspoed in hom bevat en die saad wat onder diesulkes deur die Britse owerheid gesaai is, het oorvloedig vrug gedra net soos die berugte Mexican Marigold, alias kakiebos.[27)]

Maar die kern van die volk was vasbeslote om „onder de duim van lord Milner" uit te kom omdat dit „op opvoedkundig gebied" „drukkend en despotisch is!" het ds. H. S. Bosman aan Merriman geskryf. Die enigste middel om die Regering te dwing tot samewerking met die Hollandse kerke wat onderwys betref, „is de oprigting en de instandhouding van vrye scholen" want „wy kunnen toch maar niet onze idealen en aspiratien zoo prysgeven!" [28)] Daar die volk nie op politieke of parlementêre wyse hulle stem kon verhef teen die onsimpatieke handelswyse van die Regering nie, sou hulle nie 'n „meer effektieve manier van bestrijding van dit eenzijdig stelsel kunnen aanwenden dan door private scholen op te richten," het 'n sekere A. H. Malan in „Land en Volk" (15.5.1903) geskryf.[29)]

Die moeilike omstandighede ten spyt, het ons hier die begin van die geestelike en kulturele ontwaking van 'n materieel verpletterde volk.

„Die begrippe Christelik en nasionaal word nou, baie hegter as ooit tevore, in die Afrikaner se bewussyn tot 'n onbreekbare eenheid verweef, en in menige beginselprogram (sou) dit voortaan sy verskyning maak."

Die godsdiensgevoel van die Afrikaner kom in die Christelik-nasionale skole tot sy reg

" en/.....

27) Gedenkboek, pp.151-152; V.d.Heever, a.w. p.209.
28) Merriman Papers, no. 313, 22.12.1903.
29) Aangehaal by: Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, p.236.

„en vérsiende manne in die volk (wou) die Afrikaanse gees red deur moedertaal-onderwys vir die Afrikaanse kind op die voorgrond te stel as die ware kern waarom die hele kulturele selfstandigheidsgedagte gekristalliseer is." 30)

'n „Algemene kommissie tot behartiging van 't Christelijk Nationaal Schoolonderwijs" is gevorm met ds. Bosman as voorsitter en ds. P. Postma as sekretaris en M. E. de Wildt, dr. H. Reinink en genl. J. C. Smuts as addisionele lede. In noue samewerking met die „Vriendenkring" met H. Visscher as sy wakker sekretaris, het die Kommissie vir C. N.-onderwys gesorg vir die doeltreffende verspreiding van die somme geld wat H. J. Emous nog steeds uit Nederland vir hierdie doel gestuur het. Finansieel sterk was die C.N.O.-beweging glad nie en vir menig onderwyser is dié tyd „een herinnering van hard werk, een warm beginsel en schraelhans als keukenmeester," skryf W. Klooster, en toe dit geen wonder was dat „hier en daar een minder bedeelde, en soms ook een minder principiële broeder overstappe naar 't goevernement." 31)

C.N.O.-beweging Groei: Teen die middel van 1903 het die C.N.O.-beweging inderdaad groot groeikrag vertoon en, soos die syfers aantoon, in n wesenlike behoefte voorsien. Die omvang van die hele taak van die oprigting en instandhouding van privaatskole, die verskaffing van leermiddele, beheer in verband met salarisse vir onderwysers, inspeksie, ens., het weldra te groot vir die „Vriendenkring" geword sodat reeds aan die begin van 1903 die eerste „Hoofdcommissie voor C.N.O." benoem is. Hulle was „notabele en onafhankelike personen," t.w. predikante van die drie Hollandse kerke: di. H.S. Bosman, P. Postma en Prof dr. Muller; voorts genl. C. F. Beyers, S. Meintjies, M. de Wildt en A. D. W. Wolmarans. H. Visscher was sekretaris.

Die Oosteind- en Eendrachtskool te Pretoria, die Jeppe-opvoedingsinstituut te Johannesburg en kerkskole in Middelburg en Heidelberg, was die eerste skoon getuienis van hierdie arbeid. Namate dit bekend geword het dat daar in Pretoria 'n Kommissie bestaan wat steun verleen aan die Hollandse skole, na dié mate het die aantal C.N.O.-skole in getal gegroei en teen die middel van 1903 het 'n breë gordel van privaatskole van oos tot wes deur Transvaal geloop: van Marico, Rustenburg, Pretoria en Middelburg tot in Lydenburg; en in die suide langs van Piet Retief, Ermelo, Standerton, Heidelberg, Potchefstroom, Klerksdorp en Christiana. Verspreide skole was in Waterberg en Zoutpansberg. In Desember 1903 het hierdie skole aangegroei tot 151 in getal met 215 onderwysers/.....

30) V.d. Heever en Pienaar, a.w. (III) p.20.
31) Gedenkboek, p.29 en p.149.

wysers en 5,328 leerlinge. Die ouers self het toe al meer as £2,000 bygedra vir die onderrig van hulle kinders terwyl die subsidie van die Hoofkommissie meer as £3,500 bedra het.[32]

Die volk het die C.N.O.-skole geesdriftig verwelkom - glad nie omdat dit sg. opposisie-skole was nie, dog omdat dit 'n diepgevoelde leemte gevul het: seggenskap van die ouers in die onderrig van hulle kinders en die bewaking van volksbeginsels.[33] Die finansiële posisie het nogtans 'n probleem gebly; onderhandelinge van die C.N.O.-leiers en genls. Botha en Smuts in Desember 1903 met Fabian Ware, die Direkteur van Onderwys, het geen uitkoms gebring nie. Daarom het die gratisonderrig in die regeringskole steeds 'n groot aantrekkingskrag gebly. Armoede, nie die prysgee van beginsels nie, het meegebring dat baie ouers hulle steun nie verder kon toesê aan die privaatskole nie.[34] Nogtans het simpatie vir hierdie volksaak, selfs uit Nederland, nie verflou nie. Dr. Leyds het die grootste vrees gekoester dat die voorgenoemde onderhandeling van die C. N. O.-leiers en Botha en Smuts met die Regering daartoe sal lei dat hulle „om de geldelijke ondersteuning van de Regeering te verkrijgen," die onderwys uit hulle hande sal laat gaan, het hy aan pres. Steyn geskryf. Gevolglik het hy die heer Emous opgedra om aan Visscher die volgende kabel te stuur: „Waarborg tot maximum vyftienhonderd pond maandelijks voor een jaar aanwesig mits uwe zaak zelfstandig blijwe en zo voortga...." Vir dr. Leyds was nasionale onderwys „dè zaak waarom ons toekomst hangt en waarover ik wel eens in ongerustheid verkeer."[35]

Kerk en Hollandse Pers kampvegters vir C.N.O.: 'n Opvallende verskynsel in hierdie kampanje vir volksonderwys, is die wyse waarop die drie Hollandse kerke saamgespan het en op dié wyse alles in hulle vermoë gedoen het om hulle gemeentes vir hierdie saak te bearbei, - veral in die verarmde dele.[36] In „De Volkstem" het die C.N.O. ook 'n warm voorstander gehad wat op 29 Junie selfs so ver gegaan het om te sê:

> „Het thans levend geslacht is besloten om sijn taal, zeden en godsdient onvervalscht aan het nageslacht over te dragen. En met dat besluit zal voortaan elk Zuid-Afrikaans staatsman die sukses beoogt, rekening dienen te houden." 37)

Aan die einde van 1904 het die volk hom in so 'n mate losgeskud van die Regering se denasionalisering~~s~~beleid, en het die/.....

---

32) Ibid. p.153; Symington, a.w. p.238 en pp. 253 - 254.
33) De Volkstem, 4.6.1904 en 21.9.1904.
34) Gedenkboek, pp.154-155; De Volkstem, 3.9.1904.
35) L.A.254(1) 4.3.1904 (Leyds aan Steyn); L.A. 369(1) Fonds tot Bevordering van het Hollandsch Onderwys in Transvaal: Bestuur gevestig te Amsterdam; Kontrak geteken deur R.J.W.C. van den Wall Bake, J. van Kretschmar en W. J. Leyds (15.7.1904)
36) Kol. Sekr. 1027, 19. 4. 1904.
37) De Volkstem, 29. 6. 1904.

die hulp uit Holland so effektief te stade gekom* dat die C.N.O.-beweging verdere veld gewen het wat betref die getal skole, leerlingtal, organisasie en inspeksie.[38] Hierdie geestelike en kulturele bewuswording van die Afrikaner het in 1905 so sterk toegeneem dat die Engelse owerheid die vrees begin gekoester het dat C.N.O. die openbare onderwys totaal sou verdring. Inderdaad is daar dan ook gedink aan samesprekinge met die Boereleiers om tot 'n vergelyk te geraak.[39]

C.N.O. in die Vrystaat: Selfs in die Vrystaat het dié beweging snel aangewas maar die terugslag het gekom toe die volksleiers aldaar: genls. De Wet en Hertzog, en C.H. Wessels en di. Bam en Van der Lingen, onderhandelinge met die owerheid aangeknoop het waarop die Sinodale Kommissie van die Vrystaatse N.G. Kerk hulle C.N.O.-skole aan die staat oorgedra het. Enkele skole onder die Gereformeerde Kerk het onafhanklik bly voortbestaan.[40]

Hierdie stap van die Vrystaatse Afrikaners was vir Transvaal 'n bittere teleurstelling. Die hele affêre het soos 'n donderslag op ons neergekom, het genl. Botha aan dr. Leyds geskryf, en hy sou al sy tyd gebruik om „die verkeerde stap gerectificeerd te krijgen."[41] Aan genl. Hertzog self wat die woord gevoer het namens die Vrystaters, rig Botha 'n brief waarin hy om 'n verduideliking vra vir die stap want, sê hy, daar is sprake van verandering in regeringsvorm en hoe kan die Vrystaters nou 'n kontrak van die grootste belang vir die toekoms sluit? 'n Soortgelyke aanbod wat aan die Transvaalse voormanne gedoen is, is deur hulle geweier op grond daarvan dat hulle die toekoms van 'n volk nie by wyse van 'n kontrak kan bind nie.[42]

Op 3 April het Hertzog hom geantwoord dat hulle die Vrystaatse Engelse Regering beloof het om nie langer die stryd voort te sit op die vroeëre wyse nie - d.w.s. deur middel van onafhanklike skole nie en dat hulle hul invloed sou gebruik om dit onder die volk as strydmiddel afgeskaf te kry. Hyself het egter die skikking slegs as 'n m o d u s v i v e n d i gesien, en gesê dat hy nie tevrede sal wees

nie/...

38) Symington, a.w. 272-273; Gedenkboek, pp. 156-157.
39) Coetzee, J. Chr.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, p.97.
40) Symington, a.w. pp. 277-279; Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3.
41) L.A. 254(1) Botha aan Leyds, 1.4.1905.
42) L.A. 254(1) Botha aan Hertzog, 31.3.1905 (Skrywer kurs.)

* Van die „Fonds tot Bevordering van het Hollandsch Onderwys in Transvaal"(Bestuur te Amsterdam) is gedurende 1905 die volgende ontvang: (L.A. 369(1):

1905:	Jan - Maart.....	£1,500
	April - Junie.....	3,516
	Julie - Sept.....	2,875
	Okt. - Des.....	3,243
		£11,134.

(Aan die Vrystaat is kleiner bedrae gestuur.)

nie voordat die twee tale gelyke regte geniet en beide verpligtend gemaak word „bij examina".[43] Botha was egter nie tevrede nie; die verskonings het hy as „flou" bestempel en hy het aan Leyds geskryf dat die ooreenkoms van die Vrystaters met hulle Regering „daagliks leliker" word.[44] ✱

Die pragtige vordering wat Transvaal gemaak het, sou helaas ook gestuit word maar om totaal ander redes. In die eerste plek het die fondse uit privaatbronne ver te kort geskiet om so 'n groeiende organisasie aan die gang te hou teenoor die kapitaalkragtiger onderwysdepartement van die Regering; in die tweede plek het politieke en konstitusionele verwikkelinge ingetree wat nie so gunstig was vir en waarvan die leiers nie so simpatiek gesind was teenoor hierdie kragtige, geestelike en kulturele organisasie nie.

Eienaardig genoeg, genl. Botha, maar veral genl. Smuts, was juis van hierdie leiers. En dit bring ons by die politieke ontwaking van die Boere in Transvaal.

==========

„Zooals ik reeds aan u heb geschreven, blijk het nu weer dat onze terugkeer naar Afrika noodzakelijk is .... wegens het bezoek van Chamberlain....",

skryf Botha op 15 November 1902 aan Leyds.[45]

Chamberlain in Suid-Afrika:

Onderwyl genls. Botha, De Wet en De la Rey aan die einde van 1902 in Europa was om geld in te samel ten behoewe van die verarmde volk in die vroeëre Republieke, het die berig hulle bereik dat die Britse Koloniale sekretaris, Joseph Chamberlain, 'n besoek aan Suid-Afrika gaan aflê. Aan die drie Boere-generaals in Europa het hy, sonder aanleiding van hulle kant, gesê dat die Transvaalse Regering die sorg van die weduwees, wese en behoeftiges self sal waarneem.[46] Dr. Leyds was flink om die hele doel agter Chamberlain se plan te sien:

„... het (is) duidelijk dat Chamberlain die personen, vooral de weezen, in zijn macht wil hebben. De nationaliteit moet worden uitgedoofd...."[47]

Toe Chamberlain in Desember 1902 in Kaapstad aankom, was genl. Botha ook daar; hy het e.g. uit die staanspoor van sy "helpful offices.... and that of my collegues" verseker.[48] In Johannesburg het Chamberlain 'n oop oor gehad vir die klaagliedere van die magnate, veral wat die tekort aan arbeid betref, en origens hulle aanbod, om die eerste £10,000,000 te verseker/.....

---

43) L.A. 254(1), 3 4 1905. (44) Ibid. 10.6.1905.
45) L.A. 235(IV) 15.11.1902.
46) Ibid.
47) L.A. 253 (IV) Leyds aan Botha, 22.11.1902.
48) Aangehaal by: Amery: The Times History of the War in South Africa, (VI) p.302.

✱ Genl. Botha maak hier selfs melding van sekere valse beskuldigings deur die Vrystaatse leiers oor Spioenkop en Vereeniging!

verseker van 'n vrywillige oorlogsbydrae van £30,000,000 deur Transvaal, met graagte aangeneem.[49]

Boere-deputasie ontmoet Chamberlain: In Pretoria sou die verwelkoming vir die besoekende Britse gas nie so hartlik wees nie. Tydens 'n onthaal wat vir hom gereël is, moes hy van Engelse kant hoor dat die Kroonkolonie-administrasie aan Transvaal 'glad te min kolonie en te veel kroon' behels. Wat sou die Boere dan nie versoek nie? In 'n kerksaal in Sunnyside het 'n Boere-vergadering onder leiding van die militêre leiers van die oorlog op 6 Januarie 1903 byeengekom om te beraadslaag oor 'n adres wat aan die Koloniale sekretaris gerig sal moet word.[50] Op 8 Januarie het 'n monster-deputasie bestaande uit genls. Botha, De la Rey, Burger en Smuts en ander gesiene Boereleiers uit die hele Transvaal vir Chamberlain, Milner en Lawley in die ou Raadsaal met 'n versoekskrif genader. Genl. Smuts het die woord gevoer en daaruit blyk duidelik met watter moeilikhede die Boere sedert die vrede te doen gehad het.

In die eerste plek versoek hulle dat volledige amnestie verleen word aan alle oortreders wat gedurende die oorlog die wapen opgeneem het teen Engeland. Dit sal rekonsiliasie en hartlike samewerking tussen die twee rasse grootliks bevorder. Tweedens vra hulle 'n billiker behandeling van hulle taal deur die nuwe administrasie - in die staatsdiens sowel as in die skole; die Afrikaanssprekende gemeenskap begeer verteenwoordiging in die plaaslike bestuur van skole. Die huidige onderwysbeleid stuur af op irritering en ontevredenheid. Verder is hulle begaan oor die houding van die naturelle onder wie daar, vanweë die politieke en sosiale ontwrigting wat deur die oorlog meegebring is, 'n gees posgevat het wat ernstige gevolge vir die blankes van Suid-Afrika kan hê.
Hulle maak ook ernstige beswaar teen die aflaai van 'n groot deel van die oorlogskuld op die nuwe Kolonies wat pas een van die vernietigendste oorloë van die moderne tyd beleef het. Die Boeregemeenskap versoek dat sodanige stap nie geneem sal word nie alvorens vrye verteenwoordigende instellinge op grondwetlike gebied aan die Kolonies gegee is waardeur die volk in staat sal wees om hulle sienswyse deur middel van hulle parlementêre verteenwoordigers oor sulke aangeleenthede te lug. Ten slotte het die deputasie gevra dat die repatriasie bespoedig moet word en dat die gebiede Vryheid en Utrecht wat aan Natal gevoeg is, weer aan Transvaal teruggegee moet word.

Behalwe 'n belofte ten opsigte van temoetkominge rakende hulle taal, het die Boere niks meer uit Chamberlain gekry nie.

Die/.....

---

49) Pyrah, a.w. p.210.
50) Spoelstra: Die Bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as Selfregerende Britse Kolonie in 1907, p.9.

Die nakoming van die bepalings van die Vredestraktaat, het hy gesê, is hulle waarborg.

Op die voorstel van genl. Botha het die afgevaardigdes die Koloniale sekretaris drie hoera's toegeroep! Daarop is hulle uiteen.[51]

Boere het nog geen Politieke Aspirasies: Ons sien in hierdie Boere deputasie met hulle klagskrif hoogstens 'n vreedsame demonstrasie ter wille van maatskaplike tevredenheid en goeie verstandhouding. Politiekbewus is hierdie afgevaardigdes as die mondstukke van die Kolonie se ouer bevolking nie, hoewel die kiem vir politieke optrede reeds teenwoordig is bloot in dié sin dat die oorlogsleiers, die generaals, van die belangrikste persoonlikhede onder die deputasie getel het. Milner het dit geweet en ook teen dié tyd deeglik besef dat veral Smuts die skerpste veroordelaar - in sy oë niks meer nie as 'n kritikaster - van sy administrasie was. Hy rig derhalwe aan Botha, Smuts en De la Rey 'n uitnodiging om ook lede van sy Wetgewende Raad te word. Maar op 3 Februarie 1903 het al drie die aanbod taktvol van die hand gewys aangesien hulle geweier het om hulle soos weerhane op die Milner-goewermentsgebou te laat gebruik.[52]

Chamberlain - „hy skyn geheel en al voor Milner te bezweken"[53] - het niks meer in Suid-Afrika uitgerig nie as "to take stock of the position."[54] Hy het die land aan die einde van Februarie verlaat en Milner "was left amongst his ruins."[55] 'n Vlaag van imperialisme het deur Suid-Afrika getrek tydens sy besoek; die magnate kon weer openliker propaganda maak vir die noodsaaklikheid van ingevoerde goedkoop arbeid en toe hy weg is, was Brits Suid-Afrika meer gekonsolideer teen die Afrikanerdom.

Dit was 'n ongelukkige toedrag van sake. Deur die kille optrede van Chamberlain, Milner en Balfour is die eintlike vrede in Suid-Afrika onbepaald uitgestel. Tussen die gewonde en sy vertraagde herstel het Milner met die dolk in die hand gestaan en eers as die kiesers in Brittanje hulle sou laat geld, sou die onreg herstel kon word.[56]

Smuts hou Politieke Situasie nietemin dop: Die herfs van 1903 het op politieke gebied stil verloop. In die geledere van die Boere was daar geen tekens van belangstelling in die poli-

tieke/.....

---

51) Scholtz: Generaal Christiaan Frederik Beyers, pp.106-109; Levi, a.w. p.61; Pyrah, a.w. p.153.
52) Amery, a.w. p.153; Pyrah, a.w. p.144; De Volkstem, 16.7.'09.
53) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/3: Fischer aan Steyn, 11.1.1903.
54) Levi, a.w. p.61.
55) Molteno: Further South African Recollections, p.10.
56) Ibid.

tieke aangeleenthede van die land nie. Net die C.N.O.-beweging en Tweede Afrikaanse Taalbeweging, het ons gesien, het getoon dat die Afrikaner nie „dood" is nie. Wesenlik was dit ook genoeg. Deelname of advies aan die Regering sou noodlottig wees. En in die plan wat Smuts ver agter in sy kop gehad het, het hierdie passiewe houding van die Boeregemeenskap goed ingepas. Voorlopig het hy voldoende genoegsaamheid vir sy wakker gees gevind deur die een bitter en skerp veroordelende brief na die ander aan sy vriend Merriman, aan Emily Hobhouse of aan Britse liberale vriende te skryf oor die onbevoegdheid en ongewildheid van die Milner-bewind in die nuwe Kolonies. Oor die haglike toestand waarin weduwees en wese hulle bevind het, het Smuts hom nie so erg bekommer as byvoorbeeld Botha nie.

> „Er zijn voor ons grooter publieke belange dan de verzorging der bovengemelde klassen waarvoor, volgens de heer Chamberlain, de Koloniale Regeering toch verantwoordelijk is,"

het hy op 18 April 1903 aan dr. Leyds geskryf.[57] Maar oor die beleid van die Regering het hy hom, wat kritiek betref, nie onbetuigd gelaat nie. Die Regering sê hy, probeer probleme aanpak wat ver bokant sy mag is met die gevolg dat die algemene bevolking in fraksies versplinter aangaande sake soos die naturelleprobleem, die Sjinese-vraagstuk, die munisipale vraagstuk, die onderwyskwessie, ens. "If this continues much longer," sê hy aan Merriman, "the fine music of Imperialism will surely be drowned by the creaking of the Parish Pump."[58] Die Transvaalse Wetgewende Raad kan net nie die openbare belangstelling gaande maak nie want die lede self sowel as die publiek weet "that they are mere puppets in a play in which Destiny is the one real actor."[59]

Smuts se belangstelling het nietemin op hierdie tydstip al verder gestrek as slegs rondom die gesukkel van Milner en sy „Kindergarten." In die briewe wat hy van sy "liberal friends in England" kry, lees hy dat die Boere se skynbare tevredenheid - wat sekerlik tog nie eg kan wees nie - hulle (die Boere se) eie sowel as die saak van die Liberale baie skade aandoen en dat dit raadsaam sou wees vir die Boere "to growl a bit in view of the approaching general election". Hy stem nie hiermee saam nie, skryf hy aan Merriman, want op kritieke tye sal die Engelse pers, wat deur finansiële magnate beheer word, die Afrikaners in die steek laat; die Liberale party is s.i. in elk geval te veel van 'n geknakte riet om op staat te maak. Hy reken dis die beste om Verantwoordelike bestuur te bespoedig deur hulle eie vreedsame pogings en daardeur beheer te verkry in die bestuur van hulle eie sake.[60]

Nasionale Besef by Volk is tog aanwesig:

Met "quiet endeavour" sou Smuts egter nie oral en altyd slaag nie. Die driejarige stryd teen Milner en Kitchener het in die Afrikaner sluimerende

kragte/.....

57) L.A.253(4) Smuts aan Leyds, 18.4.1903.
58) Merriman Papers, no.114, 26.5.1903.
59) Ibid. no.116. Smuts aan Merriman, 29.5.1903.

kragte wakker gemaak waarvan hy nie bewus was nie. Die feit dat Kaapse Rebel, Vrystater en Transvaler, as behorende tot een Boernasie, bereid was om die hoogste offer te betaal ter wille van hulle gemeenskaplike vaderland en vryheid, het veroorsaak dat die hele volk opgewek is om hul nasionaliteit te besef en hulle is aangespoor om hul taal en tradisies te handhaaf. Die titaniese worsteling moes na die vrede voortgesit word tussen bouvalle, in droogte en depressie, met die skrale vooruitsig op die betaling van vergoeding uit die £3 miljoen wat in die Vredestraktaat beloof is dog so langsaam uitgevoer is dat menige Boer verder gerufneer is; 'n stem of mondstuk in die landsbestuur het hy nie. Dit alles het die Afrikanervolk hegter saamgesnoer[61] - behalwe die National Scout- en Hensopper-seksie. Op onderwys- en taalgebied het die Boeregemeenskap reeds sterk saamgevoel en saamgestry. Hulle latente belangstelling in politieke aangeleenthede het slegs 'n enkele vonk nodig gehad om dit weer te laat ontbrand en die historiese ,stem van die volk' te laat geld.

Tvl. Wetgewende Raad nie 'n Volksliggaam: Hoe welmenend baie van die lede van Milner se ,Debatsbestuur' ook al mag gewees het, hulle was onbekend met die land en die ware behoeftes van die bevolking; daarom kon hulle onmoontlik 'n beleid volg wat bereken was om die algemene belange te bevorder. Hulle was vertroud met die behoeftes van die mynindustrie alleen en was onder die indruk dat hulle deur die bevordering van die belange daarvan, die hele land sou vooruithelp. Die toestemming wat Chamberlain tydens sy konferensie met die mynmagnate te Johannesburg gegee het vir die invoer van ongeskoolde oorsese arbeid en sy instemming met hulle aanbod om £10 miljoen van die £30 miljoen oorlogskuld te waarborg, het aan die magnate-bewind baie moed gegee. Die belasting op alles wat die mynindustrie nodig het: masjinerie, dinamiet, boumateriaal, is geheel en al opgehef en die spoorwegtariewe daarvoor so laag gestel as maar enigsins kon. Nuwe spoorweguitbreiding, soos die tussen Witbank en Springs en die Veertienstrome-Johannesburg-lyn was in hoofsaak bereken om die goudindustrie te bevorder.

In beide die Wetgewende en die Interkoloniale Raad was die Mynindustrie direk verteenwoordig; hierby het uitsluitlik Johannesburg gebaat terwyl die res van die land maar moes sien om die mas op te kom vir sover as dit nie nodig was om 'n duisternis repatriasie-amptenare werk en 'n salaris te verskaf, en nie nodig was vir lord Milner se setlaarskema nie.

Tekens van Verset teen Milner-bewind: Die bewering dat die Boere hulle maar berus het in hierdie omstandighede en dat hulle leiers in „hulle tente gaan sit en pruil 't" sou spoedig blyk onwaar te wees. Die aandrang om byeenkomste te hou, om

die/.....

61) Scholtz (Genl. Beyers) pp.102-103.

die volkstem te laat hoor, het van alle kante al sterker gekom. Honderde mense - Boere sowel as Engelse - het, toe hulle merk hoe verkeerd landsake verloop, aan die Boerevoormanne geskryf, en op openbare byeenkomste aangedring.

Die verontwaardiging van die volk het ~~egter hoog~~ hoër opgevlam toe die veldtog om Sjinese na die goudmyne in te voer openlik op 31 Maart 1903 van stapel gestuur is deur die aartsmynmagnaat en voorsitter van die Kamer van Mynwese, sir George Farrar, in sy toespraak op die Driefonteinse vergadering van mynwerkers. Aan die uitslag van die kontra-vergadering in die Wanderersaal toe 5,000 mense van alle moontlike beroepe hulle net die volgende dag teen Asiate-invoer uitgespreek het, het die Milner-regering hom min gesteur.

In die Engelse pers sowel as in „De Volkstem" het reekse protesbriewe teen hierdie plan van die magnate die kolomme gevul. En toe dit blyk dat die Regering ten ene male balhoriglik weier om die volksmening in sy administrasie en toekomsplanne te erken, het niemand minder nie as genl. Louis Botha na vore getree. In „De Volkstem" van 6 Junie 1903 het hy bekendgemaak dat alle belangstellendes uitgenooi word om 'n openbere byeenkoms by te woon wat op 2 Julie in Heidelberg gehou sou word.

<u>Die Heidelbergse Protesvergadering - Nie 'n Politieke byeenkoms:</u>

Meer as 2,000 mense het opgedaag: Boere, Engelse en Engelse setlaars, Vrystaters, mynwerkers en baie ander met deputasies. Vir geval van enige gebeurlikhede, het Milner die plaaslike garnisoen die vorige aand met 500 lede van sy South African Constabulary uit Johannesburg aangevul! Onnodig om te sê: Milner was verniet wantrouig - die volk het nie verset of opstand beoog nie. Inteendeel. Hulle wou die Regering help om koers te hou.

Na 'n breedvoerige maar besonder besadigde toespraak deur genl. Botha is drie besluite van historiese belang geneem:

(i) dat die vergadering met leedwese verneem van die plan om £30 miljoen oorlogskuld en 'n verdere £35 miljoen waarvan 'n gedeelte ook vir oorlogskuld-doeleindes bestem is, op die skouers van die Transvaalse volk te plaas op 'n tydstip wanneer die land verwoes en uitgeput is deur een van die bloedigste en mees vernielende oorloë van moderne tye;

(ii) die vergadering neem met leedwese kennis van die poging van die mynkapitaliste om Asiate as arbeiders in te voer en druk sy wens uit dat die Regering voor as nog op generlei wyse die uitvoering van die poging sal help bevorder nie. Suid-Afrika moes as witmansland ontwikkel word daar is reeds 'n nie-blanke oorwig; 'n toevoer van Asiate sal Transvaal as 'n kolonie vir blanke-immigrasie sluit; die gebruik van Asiate is nie bestem om die blywende belang van die Afrikaner-bevolking te bevorder nie; ten slotte is daar nog geen genoegsame bewys gelewer nie dat die arbeidskragte van Suid-Afrika nie voldoende is vir die teenswoordige behoeftes nie; en

(iii) die vergadering wens eerbiediglik ter kennisname van die Regering die diepe teleurstelling van die bevolking

te/

> te bring oor die bestaande openbare onderwysstelsel en in die besonder die behandeling van die volkstaal in die publieke skole. Die volk van Transvaal het nie verdien dat sy taal op dieselfde voet behandel sal word as 'n vreemde taal nie, en druk sy oortuiging uit dat daar geen tevredenheid sal kom nie alvorens aan die landstaal dieselfde voorregte èn in die skool èn in die staatsdiens toegestaan word as aan die Engelse taal; die vergadering ag dit verder noodsaaklik dat die lokale beheer deur die ouers oor die onderwys van hulle kinders uitgeoefen moet word deur die kies van plaaslike skoolkommissies volgens die vorige wette en gebruike van die bevolking.

Aan genl. Botha is opgedra om hierdie drie besluite aan die Koloniale Regering voor te lê en die Regering te vra om die eerste twee ook onder die aandag van die Imperiale owerheid te bring.

Sonder eise, sonder dreigemente is die ordelike vergadering uiteen en min sou hulle weet watter hoekbakens hulle besig was om hier te bou.[62] En dit was na aanleiding van hierdie volksvergadering dat Leyds aan mev. Steyn gesê het dat die gees onder die volk goed is en die volk self nie gedemoraliseerd is nie dog vol selfbewussyn leef.[*] 'n Politieke ontwaking in die ware sin van die woord, soos die Kaapse Afrikaners na die stigting van die Afrikanerbond in die laat sewentiger jare van die vorige eeu politiek ontwaak het, kan ons hier hoogstens in sy primêrste stadium bespeur. Die volk luister hier nie na 'n leier wat hulle om politieke redes gekies het nie en nog minder kom hulle om uitbreiding of herstel van politieke regte te eis. Nogtans is daar tog sprake van konstitusionele optrede. Slegs die omstandighede en invloedryke openlike leiding sou nodig wees om die volgende ontwikkelingstadium in te lui en te voltooi. In die generaals van die oorlog het hulle nog eerder militêre leiers gesien as politieke leiers wat op staatkundige terrein die skoene van hulle nog lewende president sou kon volstaan.

Die Boereleiers is meer Politiek-bewus: Het 'n lewendige belangstelling in die politiek by die volk nog grootliks ontbreek, by die potensiële leiers het die bloei en wasdom van die Afrikaanse gedagte op geestelik-kulturele gebied 'n hoopvoller glans in die oë gegee. Ten spyte van die neerslagtige toon in baie van Smuts se briewe in hierdie tyd, moes hy self erken dat hulle op nasionale onderwysgebied baie herwin het en hoop het om verder te wen as hulle vriende in Holland net

> „steeds warm zullen gehouden worden" want „de tegenpartij maakt zoo 'n totale mislukking van het bestuur des lands dat er met volharding en overdroten voortarbeiden voor ons nog schoone vooruitzichten zijn." [63]

Sonder dat die volk daarvan bewus was, het die leiers juis in hulle pragtige en kerngesonde volharding, ongeag die onbeskryflike/.....

---

62) De Volkstem, 20. 7. 1909 (Terugblik); Meyer, a.w. pp.105-108; pp.148-149; Lt.-Goew. 73: Botha aan Lawley, 4.7.1903.
63) L.A.253(4) Smuts aan Leyds, 18.4.1903 (Skrywer kursiveer).

[*] Vide supra, p.11.

skryflike armoede en misoeste as gevolg van ryp, droogte en sprinkane, heil vir die toekoms gesien. „Het volk is ..... stil maar ongebroken"[64] noem Smuts dit. Botha skryf weer dat die „toestand in ons land swaar (bly)," die droogte is die „mees serieusste" maar „de moed en gees onbegrijpelijk goed.." Die Boereleiers se invloed is nog sterk, sê hy; op alle groot sake staan die volk vas en niemand kan verdeeldheid onder hulle saai nie.[65]

'n Ander faktor wat die Boereleiers - ook in die Vrystaat - as middel sou aangryp om die Afrikaner se posisie op politieke gebied in ere te herstel was deur „hun hoop voor de toekomst te vestigen op het wanbestuur van Milner ..... ‚De zon komt iederen dag voor ons helderder en helderder op!" het genl. de Wet aan pres. Steyn laat weet.[66]

Vir die opmerksame leidsmanne in die Boeregeledere was dit duidelik dat die drietal Heidelbergse besluite op die mense buite die onmiddellike invloedsfeer van Milner en sy Wetgewende Raad, verreikende gevolge gehad het. Vir die eerste maal het baie opgemerk in watter gevaarlike rigting die land met so 'n snelle pas afstuur. Dat die besluite in die offisiële kringe van Transvaal nie veel notisie van geneem is nie, het die voormanne nie van stryk gebring nie. (Die oorlogslening is minstens vertraag). Die belowende tekens van beginselvastheid en tradisionele trots onder die Boervolk vir dit wat vir hulle van meer as stoflike waarde is, het die generaals en advokate wat hulle verantwoordelikheid teenoor hulle volk besef het met optimisme vervul. By nadere bestudering van die globale politieke situasie in Transvaal het hulle op hierdie vroeë stadium reeds tekens bespeur van samewerking van die kant van 'n seksie van die Engelse.

In Pretoria het Smuts sy posisie as advokaat reeds gevestig. Sy intieme kennis van Transvaalse toestande, sy reputasie as 'n deeglike regsgeleerde en sy gawes as pleitbesorger het hom uit die staanspoor van 'n winsgewende professionele loopbaan verseker.[67] Dat ook genl. Beyers en adv. Esselen hulle voltydse aandag kon wy aan hulle regsberoepe en genls. De la Rey en Burger en mnr. Wolmarans hulle ongestoord kon bepaal by hulle boerdery, gee ons die verklaring waarom hulle geldelik vermoënd genoeg was om hulle by volksake te begin bepaal toe hulle uit die resultate van die C.N.O. en Taalbeweging merk dat die gees van die volk nie uitgedoof is nie, en eintlik slegs op ware en openlike leiding wag.

Die/.....

---

64) Ibid.
65) L.A. 253(4) Botha aan Leyds, 21.11.1903. (Skrywer kursiveer.
66) L.A. 260(1) Steyn aan Leyds oor briewe wat hy uit die Vrystaat van Hertzog en De Wet ontvang het, 15.5.1904.
67) Levi, a.w. p.62.

Die samewerking van Botha en Smuts - en later ook Beyers - met die geestelike leiers ten behoewe van C.N.-onderwys, was maar die oorspring-klip wat hulle na die breëre openbare (en uiteindelik politieke) lewe gevoer het. Botha het uit pligsbesef, maar ook omdat die geroep van die volk om troos en simpatieker leiding al meer opgeklink het, sy plaas meer dikwels verlaat en hom na Pretoria begeef waar hy hom later selfs gevestig het. Hier het hy Smuts gevind wat in sy kritiek teen Milner en sy administrasie geen genade geken het nie, en uit die warme meegevoel wat Botha vir sy volk in nood gehad het en Smuts se bittere wrok teen alles wat Milner se stempel dra, het 'n gemeenskaplike plan as vanself voortgekom: net één konstitusionele skuif moet gedoog word - dié wat selfregering aan die bevolking van Transvaal sal verseker; die stappe wat in dié verband geneem moet word, moet terselfdertyd Milner se ondergang meebring.[68] Die Vrystaat het hulle nie in hulle plan uitgeskakel nie.

Eerste Stap in rigting van Politieke Doel: 'n Koerant: Die eerste doelbewuste stap wat dui in die rigting van politieke optrede en 'n politieke ideaal vind ons in genl. Smuts se brief van 18 April 1903 aan dr. Leyds waarin hy wys op die noodsaaklikheid van 'n koerant om as orgaan te dien van die Boereleiers se strewe. Dis 'n saak waarin sonder versuim gehandel moet word en waarvoor geld nodig is:

> „Wij zijn besloten ‚Land en Volk' en ‚De Volkstem' beide uit te kopen" skryf hy, „en in plaats ervan één courant te stichten (met dr. Engelenburg als hoofdbestuurder en editeur) waarvan een paar onzer de eigenaren zullen zijn, welke als nationaal orgaan zal dienen en geen gevaar zal lopen van in de handen der wederpartij te vallen."

Dit sal omtrent £10,000 kos, sê hy en die plan is vervolgens om

> „de ‚plant' van ‚Land en Volk' zonder verzuim na Bloemfontein te zenden om voor een nationaal orgaan aldaar te worden gebruikt."

Ook is ruim persele nodig wat in Pretoria minstens £15,000 en in Bloemfontein £5,000 sal kos. Die totaal is dus £30,000. Die voorlopige planne is reeds gevorm „en men wacht alleen op het geld om het plan uit te voeren." Verder gee hy sekere wenke aan dr. Leyds aan die hand sodat die versending van die geld nie die minste suspisie verwek nie.

> „Spoed is echter noodzakelijk. Wij wenschen het fondament te leggen voor een vaste nationale politiek in de toekomst; en de eerste stap is couranten boven alle suspicie verheven in onze handen te hebben."

En dan, soos tipies van al sy briewe, móét hy die regering 'n hou gee:

> „De Regeering is een totale mislukking," skryf hy, „maar -(en dit is 'n toonbeeld van Smuts se versiendheid en insig in die politieke situasie)- wij houden kritiek achter voor een gelegener tijd. Het volk is tamelijk op de hoogte en

is/.....

68) Vgl. ook Crafford: Jan Smuts - 'n Biografie (Afrikaanse vertaling deur F. A. Venter) p.70.

is stil maar ongebroken. Er ontwikkelt zich allengs een scheuring onder de Engelsche bevolking zelf en de verwachting is dat met een voorzichtige politiek onzerzijds een groot deel hunner eventueel ons programma zal omhelzen."[69]

Hier het ons die eerste tekens van saamdink en saamwerk van die Boereleiers, hier word vir die eerste keer gepraat van 'n plan wat die volk moet bereik deur 'n nasionale orgaan, van 'n vaste nasionale politiek vir die toekoms en selfs van 'n program.

Teen die middel van Oktober 1903 was Botha terug in Pretoria na 'n uitgebreide landreis en

„de indruk die ik van ons menschen kreeg, is zeer goed, arm maar de geest is goed."[70]

Op die gebied van onderwys word hard gewerk en die plan om eie koerante in stand te hou is met inspanning voortgesit.[71] Hoewel hulle nie daarin geslaag het om „Land en Volk" te koop nie* kon Smuts nietemin meld dat die "The Friend" in Bloemfontein deur 'n Afrikaanse maatskappy oorgeneem is waarvan Abraham Fischer die voorsitter is. Onderwyl die onderhandelinge nog aan die gang was met betrekking tot die oorname van „De Volkstem", het dié koerant tog goed veld gewen onder die Boere ongeag die feit dat die leiers „nog niet actief te werk (zijn)." [72]

Haglike posisie van Boere op Stoflike gebied: Dat daar genoeg rede was om die hand uit die moue te steek is duidelik: droogte en sprinkane het die land oorval, rantsoenering aan die gesinne is deur die repatriasiedepartement nou gestaak en dit was duidelik dat hulle gefaal het om die Boer ekonomies te herstel tot sy voor-oorlogse posisie; verstedeliking en werkloosheid het toegeneem en die armblankes se getalle is vergroot deur meer bywoners. Die verbitterde gevoel teen die Regering is hierdeur vererger terwyl die wrok teen dié Afrikaners wat weens hulle ‚lojalitiet' deur die Regering bevoorreg is, tot haat ontwikkel het.[73] Die algemene toestand „is hachelijk"; „de ellende der Boerenbevolking (is) onuitsprekelijk groot"; onder die mense heers „de grootste ontevredenheid," het Smuts beweer.[74]

Ten spyte van sy outokrasie het die Regering tog 'n mate van vrees getoon want van goed ingeligte kant is Botha en Smuts gewaarsku dat die plan bestaan om hulle „uit het land te verwijderen." Smuts was skerpsinnig genoeg om daarvan af te lei

„dat/.....

---

69) L.A.253(4) Smuts aan Leyds, 18.4.1903 (Skrywer kursiveer).
70) L.A.253(4) Botha aan Buytendorp, 12.10.1903.
71) L.A.253(4) Leyds aan Mev. pres. Steyn, 15.8.1903
72) Ibid; Hertzog-vers. (ongeorden) 27.6.1903: Dewdney Drew aan Hertzog: Doen aansoek om editeurskap van "The Friend".
73) Weideman: Die Politieke naweë van die Anglo-Boere-oorlog in Transvaal tot 1907; pp.97-100; pp.112-113.
74) L.A.253(4) Smuts aan Leyds, 24.9.1903.

* Ik heb £2,500 voor „Land en Volk" aangeboden of liever door een derde laten aanbieden. Maar de courant is voor een hoger som waarschijnlijk aan den vijand verkocht. Mischien zullen Ben Viljoen en Van Gelder daar iets mede te doen hebben. (L.A.253(4) Smuts aan Leyds, 24.9.1903).
'n Oorspronklike Dokument in besit van dr. Jan Ploeger toon aan dat „Land en Volk" vir £2,000 @ 3% p.a. aan sir Willem van Hulsteyn verkoop is. Datum: 21 September 1903.

„dat er stroomingen in de diepte zijn waarvan men niets op het vlak bespeurt."75)

Genl. Botha en die ander leiers was bereid om hulle groot opofferinge te getroos as hulle hande net gesterk kon word deur geldelike steun, want hulle kon duidelik sien dat dit nie tevergeefs sal wees nie, het hy per brief aan Leyds gesê. Maar sou hulle nie in staat wees om „De Volkstem" te koop nie, sal hy nie kans sien om die posisie te handhaaf nie en sal hy hom dan maar op sy plaas gaan vestig. Deurdat die C.N.O.-Hoofd Commissie £2,000 per maand aan private skole uitgee, kon die verowerde terrein met moeite gehandhaaf word, - hoe lank weet hy nie want „.....ons pitte gee in en jullie moet ons help."[76]

Boere stig hulle eie plaaslike Verenigings:

Onderwyl hierdie bedrywighede in Pretoria aan die gang was, het die Boere op die platteland nie stilgesit nie. Op eie inisiatief het hulle hulle eie Boereverenigings op die been gebring wat d e j u r e hulle landboubelange moes behartig maar d e f a c t o politieke bewegings in die kleine was. So skryf ene Ernest Sheppard byvoorbeeld aan Merriman oor "a splendidly organised political body" in die Pietersburgse distrik "under the nom-de-plume of the Zoutpansberg Agricultural Society." Die ledetal tel reeds 657 "and these will vote solid when the time comes." Soortgelyke verenigings beweer hy, bestaan in die ander distrikte, o.a. Lydenburg,

"and there seems to be little or no doubt that when the time does come for Responsible Government, our party will be in a position to put up a grand fight."77)

Amptelik het die Krugersdorpse Boerevereniging van hom laat hoor deur by die Regering aan te dring op steun insake die boor van water en omheining; hulle vra 'n spoorwegverbinding van Krugersdorp met die omliggende distrikte en ondersoek in verband met vervoertariewe, brandsiekte, finansiële steun aan Boereverenigings en die drankhandel met naturelle.[78]

Leiers en Volk tree nog Onafhanklik van mekaar op:

Aan die einde van 1903 vind ons dan die posisie dat die potensiële leiers en die volk onafhanklik van mekaar optree. Uit die pers of deur persoonlike kontak met individuele lede uit die Boeregemeenskap sien die leidsliede wat die toedrag van sake is onder die volk. Die leiers self beweeg agter die skerms. Hulle is wel deeglik op die hoogte van sake en alles dui daarop dat hulle sal saamwerk as die „gelegener tijd" aanbreek. Om te vroeg openlik na vore te tree sou slegs hulle planne benadeel.

'n Smeulende vuur kan egter nie lank en willekeurig dig gehou word nie. Die agitasie om Sjinese in te voer, die Regering se/...

75) Ibid. (76) L.A. 253(4) Botha aan Leyds, 21.11.1903.
77) Merriman Papers, no. 248, 20.11.1903.
78) Lt.-Goew. 37 42/3.

se weiering om inskikliker te wees met betrekking tot die reg van die Afrikaner se taal op skool,* die talle kommissies wat die land deurkruis het om skade te takseer sonder dat 'n haan daarna weer daaroor kraai, die veepeste wat die ingevoerde repatriasie-vee in die land gebring het en die ontsaglike somme geld wat verkwis is om Milner se té groot amptenaarsheirskare te betaal, het alles meegebring dat verhoudinge én toestande akuut geraak het. Daar was 'n onmiskenbare begeerte onder die algemene publiek dat daar handelend opgetree moet word; harde woorde is gewissel oor die treurige toedrag van sake terwyl ook memories opgestel is wat die wenslikheid van organisasie beklemtoon het.[79]

Tussen Boer en Engelsman het die gespanne atmosfeer intenser geword toe in die Kaap, ná die kakie-eleksie van 1903-4 waarin duisende Kaapse rebelle nie aan die verkiesing kon deelneem nie omdat hulle stemreg hulle ontneem is, jingoïsme hoogty gevier, Rhodes se Progressiewe party die meerderheid behaal en niemand minder nie as Leander Starr Jameson wie se naam al wat Boer is herinner het aan die sluip-inval van 1895-6, Eerste minister geword het.[80]

Botha soek Samewerking van Volk op juiste Tydstip - Nogtans versigtig:

Genl. Botha wat, soos hyself gesê het, tot hiertoe die enigste man is wat openlik vir die volk opstaan,[81] kon in die aangesig van hiérdie omstandighede nie langer stilsit nie. Gedurende die eerste twee maande van 1904 het hy van plek tot plek gegaan, die Boere toegespreek, aangemoedig om geduld te beoefen en hulle gemaan om hulle veral nie met die politiek te bemoei nie daar hulle leiers intussen aan 'n skema vir 'n politieke organisasie werk wat hulle aan 'n Boerekongres wat op 23, 24 en 25 Mei in Pretoria gehou sal word, sal voorlê. Oral het hy afgevaardigdes laat kies om die verskillende dorpe en distrikte aldaar te kon verteenwoordig. En sy ondervinding op sy rondreise was dat „de geest van ons volk .... goed (is) en dagelijks verbeterd...."[82] Wat die ongetwyfelde weersin van die Boerevolk in die beoogde Sjinese-invoer betref, kon Botha nou al getuig: „ons volk staat onweegbaar sterk op dat punt..."[83] Maar hy het meer rede tot optimisme gehad:

> „...zelfs op alle groot kwesties sta ons volk behalve de National Scouts en een klein deel Handsuppers beter dan men verwacht en kan ik ze gemaklijk leiden. De grootste moeilijkheid is om hen op hoogte te houden...."

Versigtigheid vorm nog die grondslag van sy optrede, maar sodra die tyd sou aanbreek

„zullen/.....

79) De Volkstem, 23.7.1909 (Terugblik); L.A.210(1) Dr. Leyds in onderhoud met Amerikaanse joernaliste, 23.2.1904.
80) Ibid.; Hofmeyr, a.w. p.651.
81) L.A.253(4) Botha aan Leyds, 21.11.1903.
82) L.A.262(1) Botha aan Buytendorp, 4.1.1904; 20.2.1904 en 30.4.1904; Meyer a.w. p.162.
83) L.A.262(1) Botha aan Buytendorp, 14.3. 1904.

* Vide supra, p.24.

„zullen (wy) .... geheele groote organisatie maak, maar doe het nu nog niet op grond dat ek my overtuigd gevoelen een organisatie zal niet alleen ons positie weggeven, maar ook verkeerd worden opgenomen en zal de Regering daardoor mogelyk de toestaan van Verantwoordelyke Regering verschuiven."

Die toestand in Johannesburg, sê hy, is eenvoudig bedenklik; duisende mense is sonder werk en ook die Engelse deel van die bevolking begin sterk te agiteer teen lord Milner. Algemeen word ingesien dat Verantwoordelike Regering die enigste redmiddel sal wees.[84]

Uit 'n onverwagte hoek sou die sluimerende politieke bewussyn en die tekens van verset wat op die agtergrond teen die Milner-wanbestuur aan die broei was, aangestu word tot openlike optrede.

==========

Amper profeties het Julia Merriman op 17 Desember 1903 geskryf:

"I think the immediate future of South Africa ... lies in a change of Ministry in England."[85]

Die Politieke Situasie in Engeland: Die Liberale Party in Engeland het hom van sy opponent, die Konserwatiewe Party, in 'n groot mate daarin onderskei dat hy graag geken wou wees as die ‚Groot Vrymaker.'[*] Die Konserwatiewe het van die standpunt uitgegaan dat slegs Britte met vryheid toevertrou kan word. As ander - in die geval van Suid-Afrika, die Boere - in hierdie voorreg wil deel, moet hulle eers Britte word. Die Liberale weer het so vroeg as 1899 al die idee gehuldig dat Britse soewereiniteit in Suid-Afrika gekombineer moet word met plaaslike outonomie aan die Afrikaners.[86] Courtney, wat sy meegevoel met die Boere nie onder stoele en banke weggesteek het nie, het dit soos volg gestel:

"You cannot make them (d.i. die Boere) forget the war and live in peace together if you base your policy on the conception that there is an enemy to guard against instead of friends to conciliate."[87]

Campbell-Bannerman, leier van die Liberale Party, het miskien die kroon op hierdie benaderingswyse geplaas toe hy beweer:

"Africanderdom is British as well as Dutch, and the whole effort of a true statesman ought to be directed not to reduce and destroy it, but to build up and develop it, and make a nation by its means."[88]

Albei/...

---

84) Ibid. Botha aan Buytendorp, 26.3.1904.
85) Merriman Papers, no 305, Julia Merriman aan John X.Merriman, 17.12.1903
86) Pyrah, a.w. p.81, verwys na 'n brief na Herbert Gladstone aan Campbell-Bannerman, 9.11.1899.
87) Aangehaal by: Pyrah, a.w. p.83 pp.517-518.
88) Aangehaal by: Pyrah, a.w. p.83 (Toespraak van Campbell-Bannerman te Manchester, 15.11.1899).

* Dit was hierdie party wat na die Eerste Vryheidsoorlog weer die onafhanklikheid van die Z.A.R. erken het en na 1902 selfregering aan die vroeëre Republieke wil gee. Vandag, in sy gedaante as Arbeidersparty, gaan die voortbestaan van dieselfde blanke ras, wat hy in die verlede teen Britse imperiale oorheersing help bevry het, hom nie aan nie want nou is dit weer die swart nasie wat hy van die ‚blanke oorheersing' wil bevry! Suid-Afrika se politieke vriend het sy politieke vyand geword!

Albei partye was ten gunste van die handhawing van die ryk; die verskil tussen hulle het betrekking gehad op die metode wat gevolg moes word ten einde imperiale eenheid te verseker. En die Liberale se eerste vereiste hiervoor was: vryheid, wat in die praktyk beteken het die toekenning van selfregering aan die gebiede waar dit aanvaar kon word dat die koloniste op hulle eie voete kon staan. Hierdie vryheid het nie 'n laat-maar-loop beleid beteken nie, dog 'n geloof dat die sterkste skakels van die ryk nie bestaan het in wetlike, konstitusionele of kommersiële bande nie, dog in die mag van onderlinge gehegtheid, gemeenskaplike ras en tradisie, jarelange omgang met mekaar, eensoortige instellinge en lewenswyses, ongedwonge vriendskap, toegeneentheid. Van die krag van koloniale nasionalisme was die Liberale baie meer bewus as die Konserwatiewe, en deur plaaslike selfregering sou daardie nasionalisme bevredig en neigings tot afskeiding vernietig word. Veral in lande soos Kanada en Suid-Afrika waar die bloedverwantskap met Engeland nie so eng was as bv. in Australië of Nieu-Seeland nie en nasionale bewussyn uit die aard van die saak kragtiger, het die Liberale staatgemaak op die inwoners se erkentlikheid vir die vryheid wat dan so mildelik aan hulle vergun word en op die mate van eenvormigheid van gewoontes en instellinge, om onder die Kroon 'n informele unie in stand te hou wat op morele goedkeuring alleen sal rus.[89] Saamgevat was die wese van hulle politieke belydenis dus

(i) 'n geloof in die deugde, die doeltreffendheid en die regverdigheid van selfregering;

(ii) 'n waardering vir en aanmoediging van nasionale sentiment en

(iii) 'n erkenning van die volkswil soos dit konstitusioneel tot uiting kom deur middel van die volk se verteenwoordigers.[90]

Verdeeldheid in Liberale Geledere: Die seëninge wat Suid-Afrika in die verlede deelagtig geword het vanweë hierdie gesonde beleid, kon hom ongelukkig nie te beurt geval het in die krisisjare van ongeveer 1897 tot 1904 nie want die Liberale was juis toe gedemoraliseerd vanweë die verdeeldheid in hulle geledere en vanweë onsekere leiding.[91] As 'n Opposisie was hulle totaal verlam deur hulle onlogiese standpunt ten opsigte van die oorlog.[92] Die party het sy kohesie verloor deurdat sommige die sienswyse gehuldig het dat dit dislojaal is om die Regering langer te kritiseer, en ander weer het so verskil met die Regering se voor-oorlogse beleid en die metodes waardeur die oorlog gevoer is, dat hulle dit hulle plig geag het om hul kritiek voort te sit. Daar was

in/.....

89) Pyrah, a.w. pp.2-9.
90) Ibid. p.22.
91) Merriman Papers, no. 73, MacKarness aan Merriman, 2.6.1900; no.2, MacKarness aan Merriman, 3.1.1902.
92) Ibid. no.20, Stead aan Merriman, 18.4.1902.

in der waarheid drie groepe: die Radikale vleuel met manne soos Morley, Harcourt, Lloyd George, John Burns en Robert Reid onder sy geledere en wat nie geskroom het nie om die hande van die Regering te verswak en dié van die Boere te versterk; op die ander uiterste was die Liberale Imperialiste met Grey, Haldane, Rosebery en Asquith as die siel agter hierdie groep se veroordeling van Kruger en die lof aan Milner; in die Regering se beleid het hulle nie juis iets verkeerds gesien nie. Die groep tussenin, met Campbell-Bannerman as hulle leier, was nogtans die sterkste.[93]

Campbell-Bannerman 'n goeie Leier in moeilike Tye: Sir Henry Campbell-Bannerman het hom nie intellektueel onderskei of het oor geen buitengewone oratoriese gawes beskik nie. Sy krag het egter gelê in sy sterk karakter, sy onwankelbare moed in moeilike tye, sy skerpsinnige oordeel van persone, sy takt en goeie geaardheid as hy met kwasterige persone en ongemaklike situasies te doen het.[94] Hy was 'n vaardige vredemaker wie se toesprake nooit bedoel was om te verdeel nie. Aan die seëviering van sy beleid het hy meer gedink as aan homself, sy reputasie en sy gewildheid. Campbell-Bannerman was verdraagsaam, moedig, onbevooroordeeld, beginselvas, eg; hy was begiftig met 'n gemoedelike en beminlike ontvanklikheid; sy onbeperkte geloof het hom 'n aansteeklike sekerheid gegee dat sy beskouinge uiteindelik sal seëvier. Hierdie onversteurbare optimisme wat innerlik gegloei en uit hom gestraal het in selfs die mees troostelose dae, het hom met 'n gewone kalmte van temperament vervul wat hom in staat gestel het om die gemeenste aanvalle wat hy moes verduur met besadigdheid te bepeins. Uit die oogpunt van die Liberale was hy die aangewese leier op hierdie stadium.[95]

Tussen die standpunt van die Liberale Imperialiste: dat dit onnasionaal is om die Regering so hewig aan te val, en dié van die Radikale: dat dit 'n ewige skande sal wees as die moed ontbreek om die golf van jingoïsme te keer, moes Campbell-Bannerman 'n middeweg soek en duidelike leiding gee, want na gelang die oorlog voortgesleur het, het dit al duideliker geword dat die belangrikste redes vir stryd binne die party gekristalliseer het rondom

(i) krygswet en die wyse waarop dit geadministreer word;
(ii) wreedhede wat gevolg het uit die metodes van oorlogvoering;
(iii) vredesonderhandelinge en
(iv) die geskiktheid van Milner in die hoedanigheid as Hoë Kommissaris.[96]

Campbell-Bannerman/.....

93) Pyrah, a.w. pp.41-48; Headlam, a.w. pp.263-265: Briewe van Milner en Haldane aan mekaar, 1 en 6 Julie 1901.
94) Ibid. p.48. (Pyrah verwys ook na: Samuel se Memoirs, p.40)
95) Ibid. p.49.
96) Ibid. p.50.

Campbell-Bannerman het egter verdienstelike takt geopenbaar in sy hantering van sy ontevrede volgelinge. Self het hy die barbaarse metodes van oorlogvoering ondubbelsinnig veroordeel en toe hy, op 'n kritieke moment vir sy leierskap, mosies van vertroue vra juis vir sy leierskap en sy voorgestelde Suid-Afrikaanse beleid en dit sonder teëstem kry, was sy posisie gered en is hy en sy volgelinge sedertdien gebrandmerk as pro-Boere.[97]

Beleid van die Liberale Party t.o.v. Transvaal en Vrystaat:

'n Vroeë beëindiging van die oorlog en spoedige toekenning van selfbestuur, was die Liberale Party (waarin die Radikale 'n steeds groter invloed verkry het), se uitgesproke beleid ten opsigte van Transvaal en die Vrystaat. Die metodes van oorlogvoering het hulle as uiters skadelik vir die politieke, sosiale en rasse-harmonie in Suid-Afrika bestempel. 'n Oorwinning op hierdie wyse sal rassevyandskap en gramskap meebring wat eers na baie geslagte oorkom sal wees en onherstelbare gevaar inhou vir die Anglo-Afrikaanse rekonsiliasie. Onophoudelik het die Liberale die verskil tussen die militêre en politieke aspekte van die oorlog beklemtoon en dit benadruk dat administratiewe foute en militêre flaters nog tydelike gevolge mag hê, dog dat politieke flaters blywend is, met die sterk moontlikheid dat die gevolge daarvan alles wat deur die wapen gewen is, mag bederf en frustreer. Dit moet onthou word dat die vyand ná die oorlog hulle medeburgers sal wees en instrumente in die bestuur van die land. Slegs deur die gewillige steun van die Boere, en nie ten spyte van hulle vyandskap nie, sal vrede in Suid-Afrika en Britse gesag gehandhaaf word. Dapper teenstanders moet deur versiendheid en groothartigheid verander word na troue vriende. 'n Onvoorwaardelike oorgawe is ondenkbaar en in Chamberlain en Milner se plan om die Boere op die knieë te dwing en hulle dan deur Kroonkoloniebestuur te regeer, het die Liberale leiers 'n afsku gehad. Dit het nie beteken dat hulle die Boere se republikeinse vryheid sou erken nie. "I have been anti-Joe, but never pro-Kruger," het Campbell-Bannerman self gesê; die verowering van die Republieke sou hy en sy party as 'n f a i t a c c o m p l i aanvaar, dog die enigste weg tot vrede, vir Suid-Afrika sowel as vir Ierland, was deur die vroegs moontlike toekenning van selfregering.[98]

Die jare wat onmiddellik gevolg het op die vyandelikhede in Suid-Afrika was vir die Liberale Party nog altyd kritiek. Vir die publiek was dit onverklaarbaar hoe 'n pro- en anti-oorlogse element in een party gehuisves kon wees en dit was te betwyfel of hulle die land tot 'n effektiewe verandering sou kon lei uit die moeilike naweë wat deur die oorlog meegebring is.[99] Die hegtheid van die Party het nog veel te wense oorgelaat en hoop op rekonstruksie was maar karig.

Hoewel/.....

97) Ibid. p.53.
98) Ibid. p.60-75; Breytenbach, a.w. pp.401-417.
99) Merriman Papers, no. 7, Shaw aan Merriman, 7.1.1903; no.79, Goldwin Smith aan Merriman, 28.2.1904.

Hoewel die Tories aan bewind ongewild was, was daar gevolglik geen gevaar dat hulle deur hul Liberale opponente tot 'n val gebring sou kon word nie.[100]

Sjinese-invoer in Tvl. 'n samesnoerende Faktor vir Liberale faksies:

Nogtans kon kenners van die politieke situasie bespeur dat die Konserwatiewe onder Balfour besig was om merkbaar veld te verloor en dat jingoïsme aan die taan was.[101] So behep was Chamberlain en Milner met hulle planne om in die tyd wat die Kroonkoloniebestuur hulle bied die Boere te angliseer en deur middel van Britse immigrasie die Afrikaner se stemkrag te verswak, dat hulle nie opgemerk het dat hulle besig is om hul eie graf te grawe nie. Die laaste sooi van hulle toekomstige politieke tuiste het hulle uitgespit toe Lyttelton, Chamberlain se opvolger, in Februarie 1904 die Britse Laerhuis versoek het om die Sjinese Invoerwet wat die Milner-bestuur in Transvaal so pas deurgevoer het, te bekragtig.

Dit was asof 'n lig vir die nog verdeelde Liberale Party opgegaan het. Skielik het hulle besef dat hulle mos nie net d i e Liberale Party is nie maar ook 'n liberale Party en 'n liberalis verkondig vryheid, vryheid nie slegs op potitieke gebied nie, dog ook menslike vryheid wat menseregte behels, en as menseregte nie gerespekteer word nie is dit slawerny. Om ongeskoolde arbeiders van oorsee in te voer om in die myne van 'n Britse kolonie te kom werk, is niks anders as slawerny nie. Slawerny onder die Union Jack in die demokratiese 20ste eeu as die Britse ryk sy hoogste bloei beleef! Nooit! Asof deur 'n towerslag getref, het die Liberale die verskille wat hulle die afgelope paar jaar so magteloos verdeel het, soos 'n ou kleed afgewerp en hulle eendragtelik agter sir Henry Campbell-Bannerman geskaar. Die vergete laat 18de en vroeg 19de eeuse woord, ‚menseregte,' is eweskielik nuwe lewe ingeblaas. In die sterkste taal het die Liberale Partyleiers hierdie maatreël verdoem as 'n onbesuisde plan van die goudmyneienaars wat slegs daarop bereken was om meer geld in hulle sakke te jaag. Lyttelton het sy bes gedoen om die noodsaaklikheid van die voorgenome stap van die Transvaalse Regering te verdedig, dog die sukses van die anti-Sjinese woordevloed van die Liberale was onmiskenbaar: Milner se "Labour Importation Ordinance" is met die geringe meerderheid van 51 stemme deur die Britse Laerhuis goedgekeur. Die Tories het 'n steierende hou gekry.[102]

==========

Boereleiers sien Bondgenoot in Liberale Party:

Onderwyl genl. Botha in die herfs van 1904 Transvaal deurreis het om sy volk op te beur in hulle nood, om hulle te

maan/.....

100) Ibid. Goldwin Smith aan Merriman, no.53, 6.8.1902 en no.82, 13.9.1902.
101) Ibid. no.7, Shaw aan Merriman, 7.1.1903; no.44, MacKarness aan Merriman, 28.2.1903.
102) Meyer, a.w. pp. 175-177; Weideman, a.w.pp. 308-309.

maan om saam te staan en nie toe te laat nie dat die vyand in sy magnatemondering 'n vatkans op hulle kry en om hulle op te roep om afgevaardigdes te kies vir 'n verteenwoordigende Boere-kongres wat op 23, 24 en 25 Mei in Pretoria gehou sal word, het genl. Smuts die politieke situasie in Engeland bestudeer. Hy het dadelik agtergekom hoe die wind waai; hy het 'n protesbrief opgestel wat deur 15 verteenwoordigende Boeremanne onderteken en deur genl. Botha aan Luitenant-goewerneur sir Arthur Lawley gestuur is met die versoek dat hy dit onverwyld aan die Sekretaris vir Kolonies moet kabel. In die protesbrief het hierdie Boere beswaar geopper teen Lyttelton se bewering in die Britse Laerhuis as sou die Transvaalse bevolking ten gunste van ingevoerde Asiate-arbeid wees. Die bevolking is nooit om hulle mening hieroor gepols nie; die Boerevolk is beslis daarteen. Die Arbeidskommissie wat die saak moes ondersoek, was partydig en nie-verteenwoordigend; boonop sal Asiate die naturelle hulle deelname aan die industriële ontwikkeling van die land ontneem.

Milner het Lyttelton laat weet om hierdie protes van die paar Boerevoormanne nie in 'n ernstige lig te beskou nie en op 15 Februarie het die Koloniale sekretaris dit met 'n taktlose afjak verwerp.[103]

Boere tree vrymoediger na vore teen Milner-bewind:

Tog was die protesnota van hierdie groepie Boerevoormanne nie sonder vérreikende gevolge nie: in die eerste plek het die Liberale Opposisieparty dit onmiddellik aangegryp en dit doeltreffend uitgebuit in hulle propaganda-veldtog teen die swakker wordende Konserwatiewe Party; in die tweede plek is die middelpunt van die stryd om die invoer van Sjinese al dan nie nou van Transvaal na Engeland verskuif waar die Britse kieserskorps die finale beslissing daaroor sou vel; derdens het dit die Boere en hulle leiers in hulle gevoel van onmag om te verhinder dat 'n geel proletariaat ten behoewe van die gierige magnate-kliek hulle vaderland oorstroom, slegs kragtiger aangespoor om hulle in 'n politieke vereniging te organiseer waardeur hulle hulle menings kon lug in sake betreffende hulle algemene belang. Hierdie politieke herlewing het meegebring dat bedekte kritiek teen Milner se beleid nou plek gemaak het vir stoutmoediger teenstand deur albei die blanke taalgroepe. En ten slotte het die Boere uiteindelik meer hoop kon vestig op die Liberaliste wat tot onlangs nog swak en verdeeld was. 'n Transvaalse vraagstuk het meegebring dat 'n spontane bondgenootskap ontstaan tussen die Boereleidsliede en die sg. pro-Boere: - die leiers van die Liberale en Arbeidersparty/.....

---

103) Meyer, a.w. pp.156-159.

beidersparty. Die kwessie van ongeskoolde Sjinese-arbeid het aan die Boer en sy Engelssprekende geesgenoot in Transvaal, aan die Britse Liberaal en Arbeider 'n gemeenskaplike platform verskaf vir die veroordeling van die magnate-bewind in Transvaal en die Unioniste-regering in Engeland.[104)]

Die politieke dood van hierdie twee administrasies het allengs genaak.

Die Eerste Boerekongres in Pretoria, 23-25 Mei 1904 - Leiers en Volk tree gesamentlik op:

In antwoord op genl. Botha se oproep en sy ywerige persoonlike bemoeiinge dat die volk hulle eie verkose verteenwoordigers na die Boerekongres in Pretoria moet afvaardig, het daar op Maandag 23 Mei 1904 op 'n tiental na 200 Boere opgedaag.* Ses het uit die Vrystaat gekom. Die generaals, kommandante en veldkornette uit die Vryheidstryd was oorwegend in getal. Baie ander was Volksraadslede en amptenare van die ou Republiek. Vir die eerste keer sedert die vrede het die Boeregemeenskap, deur sy afgevaardigdes, en hulle leiers mekaar weer in gemeenskaplike optrede gevind. Die sporadiese handelinge van enkele leiers vóór hierdie stadium was nie in opdrag van die volk nie; die handelinge van die volk in die distrikte was nie geïnspireer deur erkende leiers nie. Maar die nood van sy volk het genl. Botha, en die wanpraktyke van die Milner-administrasie vir genl. Smuts, genoop om hulle passiewe houding af te skud en die volk op te roep en te organiseer.+ Dat hulle die gesindheid van die Boerevolk hierdeur reg vertolk het, blyk uit die woorde van dank wat teenoor genl. Botha uitgespreek sou word, nl. dat hy

> "volkomen in de geest van het volk handelde toen hij het kongres opriep en bij andere gelegenheden in der waarheid als mondstuk van het volk in de bres stond." 105)

Die afgevaardigdes het in De Volkstem-gebou vergader waar 'n saal gratis aan hulle afgestaan is deur De Volkstem-editeur/.....

---

104) Ibid. p.156 en pp.160-161.
105) Volledige Notulen van het KONGRES te Pretoria gehouden op 23,24 en 25 Mei 1904, p.43.

* In 'n brief aan Pres. Kruger (L.A.210(2) skryf Botha op 29 Mei 1904: „... De zaal die 'De Volkstem' ons gratis had afgestaan, was 10 maal te klein om de belangstellenden te kunnen opnemen."

\+ Self gee Botha in 'n brief aan Steyn die rede vir hulle aksie soos volg: „... Toen in Transvaal een wet-voorstelling werd gemaakt om 200,000 Chineesers in te voeren, kon ik de zwyg niet meer houden, vooral toen ik zien dat alle invloeden gebruik werd om ons volk de memories voor invoer der Geeles te laten teekenen, en zoo doende ons volk daarvoor de verantwoordelijkheid op te leggen. Myn opstaan heeft dat doel de kop ingeslagen en ons Volk het my manlyk bygestaan; alles hielp niets - de voorhoede der Geeles is reeds aangekomen (nl. Junie 1904 - Skr.), doch wy staan nu schoon."
(Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3, 27.6.1904).

editeur wat alle reëlings getref het vir die ontvangs.[106] Die vergadering het genl. Botha eenparig tot voorsitter verkies, met genl. S.W.Burger tot vice-voorsitter en A. Goldman tot sekretaris. Na 'n gebed deur ds. Goddefroy kon genl. Botha sy

> „aanspraak" „met heldere stem voordroeg. Bij treffende zinsneden daverde een hartelik applaus der aanwezigen, die blijkbaar met instemming de inhoud der toespraak volgen." 107) *

Politiek nié op die Voorgrond: In sy uiteensetting van die doel en werksaamhede spreek dit duidelik dat Botha die politieke aspek van die Kongres nié op die voorgrond wil plaas nie. Uitvoerig bespreek hy in die eerste plek die groot omvang van die veesiektes en die daaruit spruitende pesregulasies; dan volg die benarde toestand van die armes, wese en weduwees. Selfs in sy bespreking van die Sjinese-Invoerwet wat in Engeland al groot propaganda- en politieke doeleindes dien, bring Botha geen dergelike bedoelinge in nie. Die Goud- en Diamantewet val hy sterk aan en op oortuigende wyse kritiseer hy die Regering se kompensasieskema, die £30 miljoen oorlogskuld, opvoeding ên amnestie. Hy noem verder 'n mark vir die boer se produkte, spoorweë, die regte en magte van stadsrade en die instelling van distriksrade. Dan eers noem hy die kwessie van organisasie dog sonder om 'n woord te rep van politiek:

> „Alle deze kwesties toonen duidelijk aan dat de tijd aangebroken is dat de boeren zich beter moeten organiseeren, anders worden hunne belangen verwaarloosd. Dit sou kunnen geschieden zooals bij andere partijen of lichamen, bv. de kamer van mijnen, de kamer van koophandel, vereeniging van arbeiders, enz., op wier wenken en adviezen radicale veranderingen en nieuwigheden werden ingevoerd. Om te organiseeren op absolute financieele, landbouw en veeteelt doeleinden, zal zekerlijk strekken tot bloei en vooruitgang van den boer."

Hy beveel daarop so 'n organisasie sterk aan. Daar kan 'n „uitvoerend comité" in Pretoria wees met „een comité in elk district, of nog liever ook in elke wijk." Hy stel voor dat hierdie vergadering die lede van die uitvoerende komitee kies welke komitee daarna die hele organisasie kan vasstel. Die uitvoerende komitee moet in die begin klein wees; dit kan later vergroot word.[108]

Die Verrigtinge van die Kongres: Hierop het die vergadering sake van verskillende aard - dié wat Botha genoem het en nog meer - breedvoerig bespreek. Uit hulle geledere is kommissies aangestel om grondig in te gaan op die aspekte/.....

---

106) Ibid. p.10.
107) Ibid. p.5.
108) Ibid. pp.5-10; L.A. 210(3) (Skrywer kursiveer).
* Dat hierdie eerste Boerekongres op inisiatief van genl. Botha alleen vergader het, is duidelik. Aan die begin van sy toespraak sê hy: „Niets gaf mij meer vreugde dan de bereidwilligheid en prachtige samenwerking van allen te zien, nadat ik besloten had een Congres bijeen te roepen" (Notule van Kongres, p.5.)(Skr.kurs.)

aspekte van die onderskeie aangeleenthede en besluite op te stel wat op 25 Mei aan die Luitenant-goewerneur voorgelê sal word.[109]

Op die tweede dag van hulle verrigtinge het genl. Louis Botha voorgestel

> „een telegram van hartelike groeten aan oud-President Kruger in Europa te sturen, waarin de vergadering tegelijkertijd haar leed te kennen geeft dat Z.H.Ed. deze groeten niet in zijn eigen land in de boezem zijner familie en vrienden kan brengen."
>
> „Eenparig reze de aanwezige afgevaardigden overeind en werd tot het zenden ervan besloten, de kosten te dekken door een kollektie die dadelik gehouden werd." [110]

Die volgende dag is ook besluit om 'n kabel aan pres. Steyn te stuur waarin hy gelukgewens word met die herstel van sy gesondheid en die hoop uitgedruk word „dat Z.H.Ed. eerlang hier terug mocht zijn met de zijnen." [111]

Deur genl. P. Viljoen is ook gewys

> „op de goede diensten in het verleden bewezen door „De Volkstem" om het volk bij mekaar te houden, en te waken voor het welzijn en de harmonie van het volk, en hij hoopte dat geen enkele van de afgevaardigden die niet reeds lezer was, zou weggaan zonder zulks te worden"

en die voorstel dat almal sou onderneem om die belange van „het volksorgaan" te steun, is met toejuiging begroet.[112a]

Besluit om 'n Organisasie in Lewe te Roep: In die namiddag van 24 Mei is 'n stap geneem wat vir Transvaal in besonder en vir Suid-Afrika oor die algemeen nog van vérreikende betekenis sou wees - en dit juis op politieke en nasionale gebied - sonder dat hierdie Boerekongres dit bewustelik so bedoel het. Dit betref naamlik Organisasie en die besluit het soos volg gelui:

> „Deze vergadering besluit dat de tijd gekomen is een organistie te stichten voor de behartiging van de lanbouw-, handels- en andere maatschappelike belangen van de bevolking van Transvaal, en dat deze organisatie zal gesticht worden op zo brede nationale basis als mogelik."

Te dien einde word 'n „hoofkomité" te Pretoria in die lewe geroep, bestaande uit 7 lede wat deur hierdie vergadering benoem sal word. Die hoofkomitee word gemagtig om:

(a) 'n uitgewerkte konstitusie op te trek vir hierdie organisasie, insluitende vertakkinge daarvan in die stede, dorpe, wyke en distrikte van Transvaal, asmede 'n algemene reglement van orde;

(b) hierdie konstitusie so spoedig moontlik in werking te stel oor die hele Transvaal.

As lede van die Hoofkomitee is benoem: Louis Botha, J.H. de la Rey, S.W. Burger, C. F. Beyers, Ewald Esselen, A.D.W. Wolmarans en J. C. Smuts.[112b]

Boere-afvaardiging/.....

---

109) Kongres-notulen.
110) Ibid. p.28.
111) Ibid. p.29.
112a) Ibid. p.23.
112b) Ibid. p.28.

Boere-afvaardiging spreek Luitenant-goewerneur:

Om kwart voor elf op 25 Mei het 'n afvaardiging Luit.-goew. Arthur Lawley in die ou Raadzaal gaan spreek. Verskillende aangeleenthede, hoe dit die volk raak, die volk se mening daaromtrent, die toepassing van die administratiewe maatreëls, die geslaagde uitwerking of ongelukkige gevolge daarvan is deur die verskillende sprekers aan Lawley oorgebring. Adv. Esselen het as tolk opgetree.

Die £30 miljoen oorlogskuld, die opheffing van ou bestaande distrikte, bewapening van grensdistrikte en distriksrade is deur Botha toegelig; Beyers het gepraat oor kompensasie, die £3 miljoen vrye gif, die skuld van die vorige Regering, kwitansies van militêre en proklamasies waaronder die burgers hulle oorgegee het; oor opvoeding, armes, weduwees en wese het Smuts die gevoel van die volk vertolk, terwyl Wolmarans die kwessies wat voortgespruit het uit die Goud- en Diamentwet, asook memories uit Christiana met betrekking tot die prospekteer van alluviale diamante op privaat-erwe bespreek het. Die veepesregulasies is deur genl. Tobias Smuts, die Arbeidskwessie deur S.W. Burger en die brandsiekte deur genl. P.J.Liebenberg aanhangig gemaak.

Lawley het die standpunt van die Transvaalse Regering ten opsigte van al hierdie punte so oortuigend as moontlik probeer stel en die afvaardiging sy medewerking beloof in die verwydering van skaafplekke.* Hierna het die afvaardiging vertrek.[113]

Die kongresverrigtinge is op Woensdagaand, die 25ste, afgesluit nadat genl. Botha gewys het op die neiging onder baie Boere om Suid-Afrika te verlaat om bv. na Duits-Suidwes- of Suidoos-Afrika te trek. „Er was maar net één Transvaal in de hele wereld", het hy gesê en dis almal se plig om die begin wat hulle hier gemaak het, ook te voleindig.

Botha bepleit konsiliasie:

En dan, in 'n kragtige, geïnspireerde slotwoord spreek dié genl. Louis Botha wat - in sy groot, warm hart diep getref deur bloed en trane, die haat en venyn, die armoede en ellende van die afgelope tyd - besluit het om die Mauser vir goed neer te lê en die palmtak van vrede op te neem: die groot bemiddelaar, in wie se gedagtes, woorde en dade die term K O N S I L I A S I E sedertdien in groot, rooi letters geskryf is.

„Er/.....

---

113) Ibid. pp.31-39; Lt.-Goew. 37, Lêer no. 42.

* Genl. Botha was veral ontstel oor Art. 10 van die vredesvoorwaardes wat handel oor die kompensasie waarmee hulle soveel moeilikheid gehad het. Volgens hom was hierdie artikel „een kind te Londen geboren en onse Vereeniging op het laatst dé keel ingepropt." Die Regering begaan 'n fout as hy van die £3 miljoen vrye gif ook aan „de here Andries Cronje, Vilonel, Steijn en anderen van die klas" (d.i. Hensoppers wat in Milner se goeie boeke was - Skr.) toeken. Chamberlain het hierdie here verseker „dat zij niet vallen zouden onder art. 10, maar uit een ander fonds zouden worden betaald," het Botha gesê. (Kongres-notulen, p.39).

„Er is vandaag een begin gemaakt met een Organisatie," het hy gesê, „die veel voor de toekomst belooft. ... Die vereniging van het volk betekende volkstrouw, de getrouwheid aan elkaar en zichzelven waarin de eer van het ganse volk opgesloten ligt."

Hulle moet bewys dat hulle as volk kan bymekaar staan en

„zich niet om de wille van beuzelarijen uit elkaar laat jagen, waar de kracht in eendracht gelegen is. ... Laten wij het verleden zover terug stellen dat het ons niet langer van elkaar houde. Laten wij alles in ons vermogen doen om de breuke die er bestond te helen; zo zullen wij weer groot worden. Laat de namen van "handsopper" en "scout" uit onze taal verbannen worden. De eer van het volk is te groot en te teer om door deze dingen benadeeld te worden. ...Ik bid u denk na en bepeins al het geen hier gebeurd is, en waardeer het heilig vertrouwen door het volk in u gesteld; beschaam die niet .... Wees ervan verzekerd dat het zaadje hier geplant goede vruchten zal opleveren voor het Afrikaanse volk. Dat volk heeft hier weer getoond tot welke wonderen het in staat is, want na de prikkelende dingen die er voorgevallen zijn, heeft ieder bedacht dat het haast onmogelik zou zijn kalm en beraden over de zaken van ons land te spreken doch juist uit die bezadigdheid is dit eerste kongres het onbetwijfeld sukses geworden waarvoor iedereen het erkent." 114)

Die Boerekongres se Boodskap aan Volk: Hiermee het die Boere-afgevaardigdes verdaag om die verhaal van die verrigtinge, die gesindheid, die toekomsplanne en die boodskappe van die leiers uit te dra en bekend te stel aan die inwoners tot in die verste distrikte. Van politiek in die suiwere sin van die woord sou hulle nie veel kon meedeel nie want in die amptelike verrigtinge van die driedaagse Boerekongres het dit ontbreek. Onbewus, egter, is politieke saad gesaai wat, met al die potensialiteite van 'n nasionale politieke beweging daarin, in die ontvanklike harte van die Boervolk op vrugbare aarde sou val - veral na die geestelike herlewing wat hulle reeds kon smaak. Toesprake van die afgevaardigdes het die elemente van 'n politieke bewussyn bevat; bloot woorde en sinsnedes soos

„organisatie," „centraal bestuur in Pretoria," „als men niet organiseerde zou men als politieke faktor geheel verloren gaan;" „de organisatie ... moet ook buiten de Boerebevolking uitstrekken;" „de organisatie ... moet dienen als oog en oor van het volk;" „staatkundige grenzen" „brede nationale basis"

het daarop gedui dat die volk midde in 'n politieke ontwaking staan. Handelinge soos die boodskappe aan hulle republikeinse presidente, het bewys dat hulle bewus was van hulle groot histories-politieke verlede; die besluit om „De Volkstem" as politieke orgaan vir die Boeresaak te steun het getoon dat hulle oog en oor gerig was op die boodskap vir die toekoms.

Omstandighede vir Politieke Werksaamhede verbeter - Smuts is roepingsbewus. In sy hoedanigheid as een van die lede van die pas verkose Hoofkomitee was Smuts die eerste om die opdrag om „een uitgewerkte konstitusie op te trekken" aan te durf. Hy was „... (zeer) verheug in den drang van het volk om zich te/.....

114) Kongres-notulen, p.41 (Skrywer kursiveer).

te organiseeren" en om dit oral in die Boeregeledere sonder die minste inmenging van die hoofleiers te laat posvat, sou dit s.i.

> „een goed ding zyn als zy steeds hun eigen officieren blyven behouden, ... ik meen personen die commandant en veldkornet en vrederechter worden genoemd en als zoodanig behandeld en gerespecteerd....,"

het hy aan Leyds geskryf.[115] Verder het hy moed geskep vir sy taak omdat die vyandige gevoelens wat deur die oorlog teen Suid-Afrikaanse patriotisme gaande gemaak is, beslis aan die verdwyn is. Reeds kon hy sy vriend, Merriman, gelukwens met 'n oorwinning in 'n tussenverkiesing in die Kaap nadat lg. sy setel in die kakie-eleksie vroeër die jaar moes prysgee. Imperialisme en jingoïsme was slegs tydelik.

> "I look upon this Jingo fever as a moral and political distemper which must make its way, and the capitalistic croud praise this hectic flush on the cheeks of South Africa as a sign of health and strength. <u>But the renovating influences are at work, the fever has even now passed its crisis</u>, and the future improvement may be more rapid than we think... I believe thoroughly in liberty, in patriotism and in those who are faithful to South Africa; the future is with them - and sooner than we think we shall find that <u>Imperialism has spent its force and has come down never to rise again in South Africa.</u>"[116]

By Smuts is daar geen twyfel nie omtrent die politieke funksie van die Organisasie wat tydens hulle pas afgelope Kongres ter sprake was. Hulle beoog "an Organisation on broad national lines," sê hy aan Merriman; rasse-geskilpunte wil hulle verhinder, en verder:

> "to have such a platform that every fair-minded Englishman can take his place on it beside the Boer."

Hy vra of Merriman met die oog hierop 'n program van beginsels aan hulle kan voorstel aangesien hy verneem het dat die Afrikanerbond in Kaapland op breër grondslag gereorganiseer gaan word ten einde ingewortelde vooroordele uit te skakel "...we wish to follow up your suggestion and make an experiment of such a policy here." Dan kyk hy by die grense van Transvaal verby, sy plan behels Suid-Afrika, hy beoog Federasie!

> "If it succeeds, the organisation, or at least its principels, could spread over the whole South Africa ... We must now try to <u>lay the common foundation for the politics of the future when Federation would have consolidated the popular party in South Africa</u> ... and I am sincerely anxious that that foundation shall be a durable one in all respects.[117]

<u>Botha ook Hoopvol:</u> Na die sukses van sy Pretoriase Boerekongres was ook genl. Botha die ene vuur en vlam. In 'n brief wat straal van optimisme skryf hy aan pres. Steyn hoe voorspoedig dit met die C.N.O. gaan, hoe hulle gedetermineerd is „ons traditien vast te houden." Die oes was die jaar goed, en hoewel die armoede nog voortduur, is

„de/.....

115) L.A.259(2) Smuts aan Leyds, 3.6.1904.
116) Merriman Papers, no.146, Smuts aan Merriman, 30.5.1904. (Skrywer kursiveer).
117) Ibid. (Skrywer kursiveer)

„de geest van u volk ... goed en zal dit blyven, want de behandeling (deur die Milner-bestuur naamlik - Skr.) geeft ons de waarborg daarvoor."

Hy skryf verder:

„Al ons advokaat vrienden doet goed, ook Jaap (d.i. adv. Jacob de Villiers - Skr.) in Johannesburg. Het blyft nog treur tyd maar geloof my de verjaar tyd komt met rasse schreden." In die Standerton-distrik vorder sy boerdery fluks „en als ik somtyds of mismoedig of boos wordt dan trap ik plaats toe, slag een schaap en braai ribbetjie dan kryg ik de oorloch gedachte." 118)

Schalk Burger moes met sy swaar en ernstige styl ook 'n stuiwer in die armbeurs gooi. „Er is een tyd om steenen by een te brengen," skryf hy aan pres. Steyn. By die Kongres is besluit dat die volk op ekonomiese en maatskaplike gebied „moeten zamenwerken op eene cooperatiefe wyze." Die Organisasie wat hulle in die lewe wil roep is met die doel om

„met de Regeering voeling te houden, onze belangen haar op constitutionele wyze voor te brengen als de belangen het gansche volk betreffende."

As die Vrystaters ook „zoodanige ligchaam" stig, kan die twee Kolonies „veel beter" saamwerk.[119]

Funksie van Hoofkomitee:

In die Hoofkomitee het die Boeregemeenskap hulle skakel gesien waardeur hulle materiële nood en ander behoeftes aan die Regering voorgelê kon word. Van tyd tot tyd het hierdie liggaam dan die regering genader omtrent die vraagstukke van die volk.[120] Botha het die funksie van hulle Organisasie soos volg gesien:

„Onze organisatie hier in Transvaal is geen organisatie van raadgeving aan onze overheden maar is een organisatie voor bescherming van onze waarachtige rechten, bv. waar die worden aangeraakt treed onze organisatie op daartegen namens het volk by de Regeering te protesteeren, ... en tevens te beletten dat personen met winsbejag bezield, het volk opbrokkelen."120a)

So het die Boere uiteindelik gevoel dat hulle belange - hoewel onregstreeks - tog in die Raadsaal ter sprake kom. Dit alleen was al genoeg om hulle in hulself sterker te laat voel.

Begrafnis van Pres. Kruger veroorsaak vlaag van Nasionale Beroering:

Maar soos die stoflike oorblyfsels van die wêreldbefaamde keiser, Napoleon Bonaparte, in 1840 'n vlaag van volkstrots deur Frankryk gestuur het toe dit uit St. Helena in Parys aangekom het om daar in die Praalgraf te rus, so het die koms van die gebalsemde lyk van die groot Staatspresident teen die middel van Desember 1904 die gemoedere van die Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika diep geroer. Duisende en nogmaals duisende in Kaapland sowel as in die voormalige Republieke het die grote dode op sy tog van Kaapstad na Pretoria die laaste eer gebring. Op 16 Desember is die gewese Republiek se hoofstad swart gedrapeer. Kanonskote verkondig dat Kruger die dag tot sy Vadere versamel word. Die

berge/.....

---

118) Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/3, Botha aan Steyn, 27.6.1904; Vgl. ook L.A.210(2) Botha aan Steyn, 29.5.04.
119) Ibid. Burger aan Steyn, 13.6.1904.
120) Spoelstra, a.w. pp.18-19; Lt.-Goew. 37, 42/3-13.
120a) Steyn-vers. Ink.Briewe, 156/1/3: Botha aan Steyn, 19.9.04.

berge en die wind dra die droewige mare voort tot in die verste boereplaas. Die treurige gebeier van kerkklokke oor gans Suid-Afrika bring stille hulde aan die Landsvader in wie se heengaan 'n verweesde volk so ontsettend veel ontval het. Treurmusiek en Dodemars het die stoet vergesel en met die laaste saluutskoot is die groot leier, staatsman en christen in sy graf neergelaat.

„Gy hebt den goeden stryd gestreden," was pres. Steyn se motto op die brons-lourierkrans.

'n Ontroering van hart en gemoed het deur die volk gegaan by die aanskoue en hoor van hierdie aangrypende plegtigheid. Dit was asof hulle die verlammende nawerkinge van die oorlog afgeskud het en tot nuwe vuur en krag gestaal is. Die roerende **hulde-uiting** van hulle dankbaarheid aan die troue hoeder van hulle nasie het die treffende herrysenis van 'n volk gemanifesteer, want Kruger was nie dood nie, hy het geleef deur dit wat deur hom tot stand gebring is. Sou dit deur die volk vergeet word dan sou die klippe dit uitroep. En dit het die nuwe leiers besef.

In antwoord op die telegram wat op 24 Mei deur die Boerekongres aan pres. Kruger gestuur is, het hy sy beroemde laaste boodskap en politieke testament aan die Transvaalse volk gestuur. Vir genl. De Wet is die president se gevleuelde woorde, dat die toekoms op die skone uit die verlede gebou moet word, 'n opdrag om die verlede in herinnering te hou:

> „Wee hem die het verledene niet voor oogen houdt. Het Afrikaanschen volk word opgebouwd op zyn geschiedenis. Wee hem, die deze opbouw van het Afrikaansche natie wil verstoren. Ik zeg wee hem, en dat zegt God."

Vir genl. Botha is die ontslape president se leuse: ‚Eendracht maakt Macht' 'n sterker opdrag en vertolk hy dit so dat dit goed inpas by sy versoeningsbeleid:

> „Uit zyn graf roep hy ons tot verzoening, tot die onderlinge samenwerking van alle blanken ... Het doet my grote vreugde te zien dat Engelsman en Boer ook heden tezamen geschaard staan..." 121)

Die Mantel van pres. Kruger kom op die Skouers van genl. Botha:

Trou aan hulle republikeinse tradisie aanvaar die volk nou hulle militêre leier as hulle nuwe politieke leier. So was dit met Komdt.-genl. A. H. Potgieter, en na hom het Komdt.-genl. M. W. Pretorius president geword; ook Kruger het van die militêre hoofleierskap die presidentstoel bestyg en Komdt.-genl. Joubert was terselfdertyd vice-president. Tans gebeur dieselfde en al sou baie Boere nie deur Botha se oproep tot versoening oortuig kon word nie, aanvaar hulle hom as die enigste opvolger van Kruger; anders sou dit vir hulle

te/.....

121) De Volkstem, 17.12.1904.

te veel voel soos die verraad van 'n burger teenoor sy offisier. As 'n persoon met 'n warme persoonlikheid sou Louis Botha aanstons die gewildste politieke figuur van Suid-Afrika word.*

==========

Politieke Organisasie onder Engelssprekende Bevolking:

Dit is vanselfsprekend dat die Engelssprekende bevolking van Transvaal nie sonder belangstelling in die politiek van die kolonie was nie. Trouens, so vroeg as Maart 1901 het Campbell-Bannerman al voorspel dat dit nie die flegmatiese Boer sal wees wat eerste moeilikheid sal verskaf aan Milner nie, dog juis die prikkelbare Uitlander. Binne vier weke na die vrede het die Uitlanders die Transvaal Political Association gevorm met die doel om as 'n georganiseerde liggaam onmiddellike selfregering te eis. Hulle agitasie het egter verflou nadat Chamberlain beloof het dat die twee Kolonies sover moontlik as selfregerende gebiede behandel sal word. Hierna het hierdie beweging tot niet gegaan, hoewel die lede afsonderlik die Milner-administrasie heftig gekritiseer het en vanweë die depressie die wêreld vir Milner moeilik gemaak het deur te dreig om by die ontevrede Boere-geledere aan te sluit.[122)]

Dit was Milner se groot ambisie om eenheid onder die Engelssprekende bevolking te handhaaf. Hy sou dit egter nie lank kon volhou nie. Toe hy en Lyttelton gewaar dat die Tories se greep op die algemene landsbestuur begin verswak, was hulle oorhaastig om in Transvaal 'n konstitusionele verandering aan te bring voordat 'n Liberale regering oorneem wat volle selfregering aan die vroeëre Republieke sou toestaan soos hulle beloof het. Voor sy immigrasie- en anglisasieskemas nie volledig geslaag het nie, het Milner geweet sou selfregering op hierdie stadium 'n oorwinning vir die Boere beteken. Onder druk van hierdie omstandighede het Milner en Lyttelton toe Verteenwoordigende Regering vir Transvaal beoog.

Die kwessie van arbeid, die noodtoestand as gevolg van die depressie en nou hierdie sprake van grondwetlike wysiginge, het die Engelssprekendes onklaar betrap. Reeds was

daar/.....

122) Pyrah, a.w. pp. 157-158; Amery, a.w. pp.155-158.

* Ten spyte van sy voorsitterskap van die Hoofkomitee, het Botha homself nog so laat terug as 19 September 1904 nie as erkende leier van die Boere beskou nie. Aan Steyn het hy geskryf: „Van harte hoop ik en ik kan zeggen ons geheele volk, dat u beterschap geheel compleet wordt. Ons volk voelt vandaag, nu oude President Kruger gevallen is, de waarde te meer van mannen zooals gy die de teugels weer kunnen in handen nemen."
(Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3, 19.9.1904.)

daar die groep wat geen simpatie met Milner se sukkelende administrasie gehad het nie terwyl hoofsaaklik die magnategroep pro-Milner gesind was. 'n Skeuring was feitlik onvermydelik.

Die stigting van die T.R.G.A.: Op 25 November 1904 het daar 'n brief in „The Star" verskyn waarin die stigting van die Transvaal Responsible Government Association (T.R.G.A.) aangekondig is. Die belangrikste lede was: E. P. Solomon (voorsitter), A. Johnston, R.K.Loveday, W. Wybergh, R. Goldman, H. Pim, F.H.P. Creswell, H. Solomon, M.R. Greenless, e.a. Onder hulle was ook 'n paar Afrikaanssprekendes soos H. J. Hofmeyr, F. Burger, H. Papenfus en J. G. van Boeschoten. Hulle doelstelling was die propagering van die onmiddellike instelling van selfregering want

(i) politieke stabiliteit en tevredenheid kan alleen verseker word deur die volledige erkenning van die beginsel dat die begeertes en belange van die volk moet seëvier, onderworpe slegs aan die hoogste imperiale oorwegings en

(ii) die aankweek van 'n lewenskragtige en onafhanklike gees in die politiek sal onvermydelik vertraag word deur die instelling van 'n regeringsvorm wat nie volle selfbestuur behels nie.[123]

In 'n manifes is die doelstellinge, algemene beginsels en 'n wetgewende program van hierdie Vereniging volledig uiteengesit met 'n begeleidende memorandum oor Sjinese-arbeid wat daarop neerkom dat hulle dit veroordeel en sal ophef.[124]

In 'n toespraak wat hy op 14 Januarie 1905 sou voer tydens 'n dinee ter ere van die stigting van die T.R.G.A. sou E.P. Solomon uitvoerig aantoon waarom sy Vereniging beslis téén Verteenwoordigende en tén gunste ván Verantwoordelike bestuur vir Transvaal was.[125]

Volgens Alfred Milner het hierdie Engelssprekende seksie niks anders nie as politieke selfmoord gepleeg en die Britse posisie in Suid-Afrika ernstig ondermyn. Dit is hierdie soort Engelse na wie hy al 'n jaar of vier gelede as "cranks" verwys het omdat hul'e nie in sy voetspore sou wou volg nie.

Vanweë sy onwrikbaarheid en die sukses waartoe hy Imperialisme gevoer het met die afloop van die oorlog, het Milner die Engelssprekende wêreld in Suid-Afrika totaal oorheers. Die gevolg was dat daar onder gesiene Britte nie die geleentheid was om inisiatief aan te kweek en 'n leidende posisie te vervul nie. Almal het na Milner se pype gedans,

hulle/.....

---

123) Newton, a.w. p.240; The Star, 25.11.1904.
124) Engelenburg-vers. Band 2: Lêer: Korrespondensie: Het Volk.
125) Newton, a.w. pp.258-268.

hulle as ras onder sy vlerke geskaar teen die gevreesde Boere terwyl die wat in sy landsbestuur diens gedoen het, sy sweepklap gehoorsaam het. Saam met hom het die meerderheid 'n heilige vrees gekoester dat 'n vroeë vorm van selfbestuur die uitvoerende mag in die hande van die Boere sal plaas.[126]

Die Stigting van die Progressiewe Party:

Teenoor die sg. konserwatiewe Boer het hierdie Engelse hulle op politieke gebied as progressief beskou. (In die Kaapkolonie was dit juis die Progressiewe Party - 'n nalatenskap van Rhodes aan Jameson - wat die Regering aan die einde van 1903 oorgeneem het).* Die algemene meningsuitinge oor die konstitusionele veranderinge wat aan die kom was, het ook hierdie seksie laat besluit om 'n politieke organisasie op die been te bring. In 'n brief in die "Rand Daily Mail" van 22 November 1904 het 'n 80-tal invloedryke magnate die stigting van die Transvaal Progressive Association aangekondig. Hulle program het behels: die handhawing van die beginsel van imperiale eenheid; die onmiddellike vervulling van die belofte vervat in die troonrede van 15 Augustus betreffende die daarstelling van Verteenwoordigende regering op liberale en regverdige beginsels met die oog op die toekenning van Verantwoordelike regering sodra die tyd geleë is; die erkenning van die beginsel dat alle kiesers dieselfde voorregte sal geniet en hulle stemme die ooreenkomstige waarde het; 'n ferme en regverdige Naturelle- en Asiate-beleid in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse idees; die ondersteuning van elke maatreël wat daarop gerig is om Transvaal 'n blanke tuiste te maak en ten slotte die teenkanting van inmenging in die belange van Transvaal deur partypolitici van buite.[127]

Die Party is formeel op 29 November 1904 in die lewe geroep en onder die belangrikste stigters van hierdie unionisties pro-Britse politieke organisasie het getel Drummond Chaplin, R. Currie, sir W. van Hulsteyn, G. Mitchell, M. Niven, Orr, e.a. dog sir George Farrar is as leier gekies. Uit die staanspoor was dit groter en effektiewer as die T.R.G.A. Van die ywerigste persoonlikhede van die ou Reform Committee in die Republiek se dae en van die Imperial Light Horse was onder sy geledere. Verder het die Progressives die/.....

---

126) Weideman, a.w. p.298.
127) Newton, a.w. pp.239-240; Rand Daily Mail, 22.11.1904.

* In 'n brief aan Valter (ongedateerd) het dr. Leyds 'n goeie verklaring gegee vir die terme Konserwatief en Progressief soos in Suid-Afrika gebruik: ‚Hierdie twee woorde is misleidend, sê hy, en veral gee ons vyande 'n betekenis daaraan wat volstrek nie weergee wat ons is nie. Die Engelse party noem hulleself altyd "progresief" asof ons dit nie was nie. En tog was ons dit, meer as hulle. In Suid-Afrika staan konserwatief en progressief sowat gelyk met Afrikaans: onafhanklik en Britsgesind respektiewelik.' (L.A.254 (3).

sives die steun geniet van die meeste van die groot mynfirmas wat skrikkerig was vir ingrypende politieke veranderings, sowel as die meerderheid van die industriële middelklas. In die Wetgewende Raad was hierdie Organisasie en sy belange goed verteenwoordig en kop in een mus met Milner. Op die keper beskou, was hy slegs „die politieke beliggaming van die Kamer van Mynwese."[128] In die Boer het die Progressive Association die grootste wantroue gehad, sy getalle gevrees en boonop die idee gehuldig dat daar in Transvaal nie 'n geskikte persoon was om die regering van die land waar te neem nie.[129]

Ander politieke verenigings van minder belang was die Pretoria (later Transvaal) Political Association en die Nasionale Konvensie wat in November 1904 ook in Pretoria in die lewe geroep is om te protesteer teen die invoer van Sjinese arbeiders.

Die Arbeidersparty: Uit die Trades Council, Social Democratic Federation en Transvaal Labour Party het daar ten slotte die Labour Political League ontstaan. Die arbeiders was 'n Boere-organisasie heeltemal goed gesind - ook die T.R.G.A. in soverre dit selfregering nastreef. Die monopolisering van die Regering deur die Progressives het hulle egter gelaak. Hulle program[*] was gevolglik anti-progressief, maar rasse-amalgamasie, gelyke taalregte, selfregering en gelyke stemwaarde het hulle gesteun. Wat program betref, was die Arbeidersparty so ná aan die Boere se idees dat samewerking tussen dié twee seksies vroeg al bepleit is.[130]

Die Progressives en Milner - Geen sprake van Selfregering: Met die oog op die verwagte grondwetlike veranderings wat minstens 'n verkose Wetgewende Vergadering kon beloof, het die Progressive Association, die T.R.G.A. en die Arbeidersgroep hulle die volgende paar maande onledig gehou deur veral in Johannesburg en die groter dorpe kiesers te werf en hulle algemene organisasie op dreef te kry. Op 10 Januarie 1905 bv. het 'n deputasie van die Transvaal Progressive Association vir lord Milner gaan spreek omtrent beginsels wat hulle onderskryf en graag in die nuwe konstitusie beliggaam sal wil sien. Hulle voorstelle was:

(i) Stemwaarde: kiesafdelings wat gebaseer is op die kiesersbasis, met, so na as moontlik, eweveel kiesers wat een lid per setel verkies;

(ii) Herindeling van setels moet periodiek, sodra dit nodig word vanweë die skommeling van die getal kiesers, deur 'n Kommissie wat deur die Goewerneur aangestel is, gedoen word en die partye of stemdistrikte wat ontevrede is met die resultate moet die mag hê om na die Hooggeregshof te appelleer;

(iii)/.....

128) Spoelstra, a.w. pp.20-21; Amery, a.w. pp.162-163.
129) Weideman, a.w. pp.391-392.
130) Spoelstra, a.w. pp.32-33; De Volkstem, 22.7.1905.
[*] Vgl. Spoelstra, a.w. Bylaag D.

(iii) Kwalifikasies: Die huidige munisipale kwalifikasies moet as basis geld (met die vervanging van 6 maande verblyf vir 3 maande) met hierdie alternatiewe kwalifikasie: alle blanke manlike Britse onderdane, genaturaliseer in Groot Brittanje of enige van sy Kolonies wat bewys kan lewer dat hulle 'n gemiddelde inkomste van £150 p.a. ontvang of wat op die kieserslys was vir die Eerste Volksraad van die Z.A.R. voor die uitbreek van die oorlog;

(iv) Die Uitvoerende Raad van die nuwe Wetgewende liggaam moet deels gekies word uit die verkose verteenwoordigers van die volk en

(v) Volle mag moet aan die nuwe Transvaalse Wetgewende mag gegee word met die mins moontlike beperkinge en voorbehoude.[131]

In sy antwoord aan die Progressiewe afvaardiging het Milner duidelik te kenne gegee dat hy die "views of the powerful association to which you belong" in hoofsaak simpatiek gesind is. Dog aan selfregering op hierdie stadium dink hy nie eers nie:

"... To dicuss the matter of the introduction of Responsible Government, or suggestions to that effect, ... seeing the influential quarter (nl. die Boere en die T.R.G.A. - Skr.) from which they come, are of no practical use for me at this moment, because they do not bear on the problem put before me." [132]

Pogings om Breuk in Engelssprekende Geledere te heel: Dit was nog steeds die begeerte van die meeste Engelssprekendes dat die tweespalt wat daar in hulle geledere gekom het, geheel moet word voor dit sou lei tot 'n ope breuk. Reeds tydens die inougurele dinee van die T.R.G.A. op 14 Januarie 1905 het E. P. Solomon laat deurskemer dat hy nieamptelik deur lede van die Progressiewe Party genader is met die oog op samewerking. Hierdie samesprekinge is voortgesit gedurende die tweede helfte van Januarie. Wat imperiale eenheid, gelyke stemwaarde, Transvaal se seggenskap in sy eie kleurvraagstukke, ekonomiese en finansiële stabiliteit, ens., betref, het die twee Engelse partye grootliks saamgestem. Dog in groter kwessies soos die wenslikheid van onmiddellike selfregering en die onnodigheid van Sjinesearbeid wou die T.R.G.A. nie aan die Progressiewe se sienswyse kapituleer nie. Bowe-al het hulle nie die jingo-magnate se wantroue in die Boer gedeel nie. Verdere onderhandelinge het gevolglik afgespring.[133]

Milner, wat tog so graag wou sien dat die Engelsman die oorhand oor die Boer behou, het nogtans, in die aangesig

van/.....

131) Newton, a.w. pp.241-251.
132) Ibid. pp.251-258.
133) Vir T.R.G.A. en Progressiewe Party-samesprekinge vgl. Spoelstra, a.w. pp.30-31; Weideman, a.w. pp.392-295; Amery, a.w. pp.185-186.

van hierdie tweedrag onder die Engelssprekendes van Transvaal, voortgegaan om met Lyttelton te onderhandel en voorstelle te maak vir 'n konstitusionele vorm van nie-selfregering. Op 31 Maart 1905 is die Lyttelton-Konstitusie, ⌘ wat voorsiening maak vir 'n vorm van Verteenwoordigende regering aan Transvaal, gepromulgeer.

Die Progressiewe Party het die Konstitusie op 12 Mei 1905 met ope arms verwelkom as "a noble gift to the people of the country" - en hulle kon dit ook doen want hulle eie beginsels was in 'n groot mate daarin beliggaam.[134]

Die T.R.G.A. het die Lyttelton-Konstitusie in sy geheel verwerp aangesien dit volgens sy leiers die slegste eienskappe van Kroonkolonieregering behou het. Hulle agitasie om selfregering het hulle daarop saam met die Boere voortgesit.[135]

Milner het sy pogings om die Engelsman - en dit nogal in sy mees ekstremistiese gedaante: die jingo-magnaat - die "top-dog" te maak, self verydel. Die skeuring in die Britse geledere was finaal.

Vir die Boereleiers was dit betekenisvol. Smuts het mos geskryf: „.... Er (zijn) stromingen in de diepte waarvan men niets op het vlak bespeurt." +

==========

„Duizende van Engelsche is nader tot ons getrokken, en ik meen wij moet maar op breede en eerlyke beginselen voortgaan en wij zullen, alle menschen die een eerlyke doel met Zuid-Afrika hebben, krygen ons daarin te steunen .....
„Wij wordt niet vertrouw, en het is voor my duidelyk dat zy wil ons onder houden."[136]

So skryf genl. Botha aan pres. Steyn, op 27 Junie 1904.

Milner se Wantroue in Boere-organisasies - Gun hulle geen Politieke mag:

Die bedrywighede van die Boere en hulle voormanne gedurende 1904 het vir Milner baie na politieke agitasie geruik. Die Boereverenigings op die platteland was vir hom niks anders nie as die begin van ook 'n Afrikanerbond soos dié in die Kaapkolonie wat sy oorsprong in die Boerebeskermingsvereniging gehad het. Die uiteindelike doel sou dan wees om onder leiding van Ewald Esselen met Hofmeyr in die Kaap saam te werk. Die Boere beoog glo die vorming van 'n groot Afrikanernasie en die Boerevroue sou dan aangespoor word

"to inspire their children with the national spirit, as they had done during the war, and to teach them the Taal, for 'otherwise even the angels in heaven would be unable to speak to them.'" [137]

Milner/.....

134) The Transvaal Leader, 13.5.1905; Cd. 2563 pp.20-25.
135) Engelenburg-vers. Band 2 no.108: Kritiek oor die Konstitusie.
136) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3. Botha aan Steyn, 27.6.1904.
137) Headlam, a.w.pp.517-518.
⌘ Vide supra, p. 6.
\+ Vide supra, p. 36.

Milner was onrustig. Die Boerekongres van Mei 1904 het hy beskou as die eerste aktiewe stap vir die verwesenliking van die ou ideaal: Suid-Afrika vir die Boere! Fisher en Smuts, sê hy, is die "moving spirits" agter die beweging en hoewel hulle nie rebellie beoog nie, is dit seker dat na gelang die politieke beweging in krag toeneem, daar nogtans die "wilder and less responsible men" is "who think of nothing but rebellion at the first convenient opportunity."[138]

Met hierdie beeld van die Boer in sy gedagte was Milner des te ontwrikbaarder in sy voorneme dat die eersvolgende grondwetlike wysiging alles behalwe selfregering aan Transvaal sal behels. In hierdie sienswyse is hy geterk toe genl. Botha aan die hoof van 'n afvaardiging hom op 16 Desember, na die begrafnisplegtigheid van pres. Kruger, kom spreek het en hom goed laat verstaan het dat die Boeregemeenskap in geen ander soort bestuursvorm belangstel nie as volledige selfregering.[139]

Die duel om regte moes dus voortduur: aan die een kant Milner wat ten alle koste wil verhinder dat Transvaal selfregering gegun word; aan die ander kant die Boereleiers wat van nou af openlik maar konstitusioneel daarvoor sou stry.

Boere verskyn op Politieke Terrein:

'n Mens vra jou af waarom genl. Botha in sy openingsrede aan die eerste Boerekongres van Mei 1904 melding gemaak het van 'n organisasie vir die Boere wat slegs hulle ekonomiese en maatskaplike belange sou moes behartig. Net soos daar 'n Kamer van Mynwese was of 'n Kamer van Koophandel om ekonomiese belange te behartig, het genl. Botha as't ware die stigting van 'n Kamer van Landbou en Veeteelt bepleit.

Die antwoord lê in die toestand wat die tydsomstandighede meegebring het. As 'n land, soos op daardie oomblik, geen verkose Volksraad het nie, is 'n politieke organisasie nie juis van belang of dien dit geen nuttige doel nie. Boonop was die oorlog toe pas twee jaar gelede beëindig en was die Ordonnansie vir die handhawing van vrede* van die Milner-regering nog beslis van krag. 'n Groot politieke organisasie sou onder dergelike omstandighede onraadsaam wees. Die laakbare voorbeeld van die Kamer van Mynwese om hom, as 'n liggaam van suiwer ekonomiese belang, met die politiek te bemoei, wou genl. Botha ongraag volg. Dit is gesonder vir 'n politieke organisasie om die stoflike belange van die volk in beskerming te neem en te sorg vir die behoorlike organisasie daarvan, op afsonderlike voet, as wat dit sal deug vir 'n suiwer ekonomiese vereniging om hom in te laat met die algemene landsake.[140]

Voordat/.....

---

138) Ibid. p.518, Milner aan Lyttelton, 22.2.1904.
139) Engelenburg: Genl. Louis Botha, p.128.
140) De Volkstem, 17.8.1909 (Terugblik).
* Die „Hou-jou-bek-wet", het De Volkstem dit spottend genoem. (17.8.1909).

Voordat die tweede Kongres van die Boere-organisasie onder leiding van die Hoofkomitee kon volg, het die Imperiale owerheid besluit om aan Transvaal Verteenwoordigende bestuur toe te ken wat o.a. 'n verkose Volksraad in die vooruitsig gestel het. Onder hierdie toedrag van sake het dit vir die Hoofkomitee noodsaaklik geword om op suiwer politieke grondslag te begin organiseer indien hulle die Boeregemeenskap se belange inderdaad op die hart gedra het.

Die geboorte van 'n politieke organisasie in Transvaal aan die begin van 1905 het sy wortels in die Volk gehad: die saad is deur die Volk gesaai, die verdere uitbouing het van die Volk gekom opdat die party uiteindelik 'n politieke tuiste vir die Volk kon wees. Die genesis van die volksorganisasie lê in die vorige eeu toe 'n onafhanklike Volk sy nasieskap uitgeleef het in 'n vrye Republiek onder 'n selfverkose president. By Vereeniging het die volksleiers afstand gedoen van hulle regering oor die Volk, dog hulle het afsonderlik en gesamentlik die bedelstaf opgeneem vir die Volk - selfs tot in Europa - en persoonlik die belange van die nasie by die owerheid voorgestaan so ver as hulle kon. Toe hulle die publiek op 2 Julie 1903 te Heidelberg bymekaar geroep het, het hulle uit naam van en deur die Volk gepraat. 'n Jaar later is die eerste Kongres gehou deur afgevaardigdes uit die Volk. 'n Hoofkomitee is benoem met die opdrag om te organiseer, en van dorp tot dorp en van distrik tot distrik te reis om 'n Volksorganisasie te stig en oral takke op te rig wat dan die volgende jaar in staat sou wees om afgevaardigdes te kies na die Kongres waar die Doel, Beginsels en Statute van die organisasie aan die volksverteenwoordigers voorgelê sou word.

Die stigting van politieke partye deur die Engelssprekendes in November 1904 (Progressiewe Party en T.R.G.A.), lord Milner se onwrikbare standpunt dat selfregering nie in die eerskomende konstitusionele verandering in gedagte is nie en die besluit van die Imperiale owerheid om Verteenwoordigende bestuur aan Transvaal toe te ken waaronder die volk die lede vir 'n wetgewende vergadering mag kies maar dat die Uitvoerende mag aangestel sal word, het die lede van die Hoofkomitee laat besluit dat die tyd ryp is om hulle volksorganisasie op breër grondslag te plaas sodat dit ook die politieke belange van die Boerevolk kon bestryk. Aan Milner het genl. Smuts inmiddels op 13 Januarie 1905 in 'n brief namens die Hoofkomitee duidelik laat verstaan dat die mening wat die Hoë Kommissaris en sy Progressiewe ondersteuners huldig ten opsigte van outomatiese herindeling van setels en kwalifikasies vir kiesers glad nie deur die Boereleiers gedeel word nie. [140a]

Die/.....

140a) Phillips, a.w. pp.176-177.

Die Stigting van Het Volk as Politieke Organisasie:

Aan almal: Bittereinders, Hensoppers, National Scouts, Engelssprekendes - kortom: aan diegene wat 'n patriotiese gevoel vir Transvaal het - is deur die Hoofkomitee daarop uitnodigings gerig om die eerste stigtingsvergadering * van die nuwe politieke organisasie by te woon wat op 28 Januarie 1905 in Pretoria gehou sou word.

In sy openingstoespraak het genl. Botha duidelik laat verstaan dat hy hom neerlê by die bepalings van die Vereeniging-traktaat. Transvaal het met die verdrag sy onafhanklikheid prysgegee en die gesag van Engeland aanvaar. Die toekoms van die land lê in samewerking tussen en die wedersydse vertroue van die twee blanke rasse.

Opvallend was dat die toesprake van o.a. genl. De la Rey en mnr. Wolmarans nie so versoenend was nie.[141)]

Hierop het Botha die konsepprogram vir Het Volk-organisasie aan die vergadering voorgelê. Naas sy Beginsels het Het Volk hom twee hoof-oogmerke ten doel gestel:

1. Die verwydering van rassehaat, en samewerking van alle blanke inwoners van Suid-Afrika, sodat die een ras nie oor die ander kan triomfeer nie.
2. Voogdyskap van die blanke oor die naturelle-bevolking, in 'n gees van regverdigheid, wysheid en menslikheid.+

Die konsepprogram is na enige besprekinge aanvaar en daarmee is Het Volk as politieke organisasie in die lewe geroep. Die vergadering was, by monde van genl. Botha, ten gunste van volledige Verantwoordelike Bestuur aan Transvaal sowel as die Oranjerivier-kolonie en 'n voorstel in dier voege is eenparig en "amid ringing cheers" deur die Pretoria-tak van die Het Volk-vereniging aangeneem en aan Milner gestuur ter kennisname aan die Imperiale owerheid.[142)] Hierop is die leiers na die verskillende dele van Transvaal om takke van die nuwe politieke party te stig: genl. Botha het hom hoofsaaklik by oostelike Transvaal bepaal; genl. Smuts is saam met genl. De la Rey na Wes-Transvaal terwyl genl. Beyers en A.D.W. Wolmarans Noord-Transvaal bearbei het.

Oral was die Boeregemeenskap baie entoesiasties. Die nuwe organisasie het hulle laat voel dat die Boer op politieke gebied nie meer 'n weeskind is nie. Die feit dat dit juis

hoofsaaklik/.....

---

141) Scholtz (Genl. Beyers) pp.116-118; Spoelstra, a.w. pp.28-29.
142) Newton, a.w. p.281; Weideman, a.w. pp.332-333.

* In sy biografie van genl. C.F. Beyers noem dr. G.D. Scholtz hierdie stigtingsvergadering waartydens Het Volk as politieke organisasie in die lewe geroep is, 'n ,tweede kongres'. Dit moet nie verwar word nie met die tweede Algemene Kongres, wat op 5 Julie 1905 sou plaasvind.

\+ Vir konstitusie van Het Volk, vgl. Spoelstra, a.w. Bylaag B.

hoofsaaklik hulle leiers uit die oorlog was wat hulle nou op politieke gebied oproep om te organiseer en onder die vleuels van een organisasie saam te werk, het hulle vertroue gegee. Het Volk is met ope arms verwelkom Boonop het die Tweede Afrikaanse Taalbeweging die volk ook reeds uit sy geestelike slaap wakkergeskud en allengs was dit duidelik dat die Afrikanervolk wat die oorlog oorleef het, ook nog sterk genoeg was om die Vrede van Vereeniging soos Milner dit geïnterpreteer en administratief toegepas het, te oorleef. Sy setlaars het sukkelaars geword, maar die Boer het uit die puin opgestaan.[143)]

Het Volk-leiers - twee Strominge:

Die eerste indrukke wat die vroeëre militêre leiers tans op politieke gebied op die Boere gemaak het, was die blywende indrukke. Beyers, De la Rey (en Wolmarans) het nie die idee voorop gestel dat die Afrikanervolk vir goed onder die Engelse vlag staan nie. In hulle toesprake waarin hulle die volk oproep om by Het Volk aan te sluit, beklemtoon hulle die aparte identiteit van die Afrikaner, sy taal en sy volksedes. Die stryd vir die behoud van die Afrikaner moes nou, na Vereeniging, op politieke en geestelike terrein voortgesit word. Veral genl. Beyers was baie uitgesproke hieromtrent en het Selfbestuur as die Afrikaner se reg voorgehou.[144)]

Onder die Engelssprekendes het hierdie uitgangspunt van sommige van Het Volk-leiers groot wantroue meegebring in die doelstellinge van die politieke beweging. Hulle koerante het dit voorgehou as 'n bewys van die dislojaliteit en onversoenbaarheid van die Boere en die risiko wat Britse belange loop indien selfregering aan Transvaal toegeken sou word. Selfs in die Kaapkolonie het bedenkinge ontstaan as sou veral Beyers se uitlatinge wantroue in Engeland skep.[145)]

Die politieke leerstelling van konsiliasie, ko-operasie en toleransie is deur die ander Hoofkomiteelede aan die Boeregemeenskap gepredik. En vanweë sy gewildheid as militêre leier, sy groot menslikheid en sy hartlike en gesellige geaardheid het Botha nie moeite ondervind nie om die meerderheid Boere en selfs baie Engelse tot hierdie standpunt oor te haal. Die indrukke wat De la Rey en Beyers in respektiewelik Wes- en Noord-Transvaal onder hulle oorlogskamerade nagelaat het in hulle propagering van Het Volk, het Botha nagelaat in Oos-Transvaal, in Pretoria en op die Rand. Die briljante Smuts het insgelyks op taktvolle wyse daarin geslaag om die leer van verdraagsaamheid, samewerking en versoening te laat posvat.

Schalk/.....

143) V.d.Heever en Pienaar, a.w. (I) p.106.
144) Scholtz (Genl. Beyers) pp.120-121.
145) Merriman Papers no.63, Julia Merriman aan Agnes Merriman, 21.2.1905; The Star, 13.2.1905; 16.2.1905; Rand Daily Mail, 15.2.1905.

Schalk Burger was, as vice-president van die Republiek en tans onder-voorsitter van die Hoofkomitee, ewe gewild en op besadigde wyse het hy die nuwe beleid van konsiliasie net so oortuigend verkondig as Botha. In adv. Ewald Esselen het die vergewe-en-vergeet-predikers 'n aktiewe ondersteuner gehad.

Uit hierdie twee uitgangspunte dan, met as spreekbuise die invloedryke militêre en ander leiers uit die Republiek en uit die oorlog, is die doelstellinge en beginsels van Het Volk as Boere- en politieke party verkondig.* Enersyds het ons die voormanne wat die Vrede van Vereniging sien as die einde van 'n wapenstryd maar die begin van 'n geestelik-kulturele en politieke stryd ter wille van die identiteit van die Afrikaner as aparte volk. Aan 'n verstewiging van die imperiale bande dink hulle nie. Andersyds het ons daardie groep leiers wat die verlede ongedaan wil maak: Boer en Brit moet alle geskilpunte bylê en die skeidsmure tussen hulle verwyder sodat hulle as een nasie onder die Britse vlag kon streef na die heil van Suid-Afrika binne die Empire. Die enigste voorwaarde was die vergunning van selfregering sodat die beklemmende inmenging van die Britse koloniale kantoor uitgeskakel kon word.

Uiterlik sou hierdie uiteenlopende gedagterigting in die opperste raad van Het Volk geen verdeeldheid meebring nie in nòg die Hoofkomitee nòg die Boeregeledere. Hulle gemeenskaplike vyand: die hand van Downingstraat 10 in hulle Wetgewende Mag, en hulle gemeenskaplike doelstelling: selfregering, het hulle dog aanmekaar gebind. En toe Milner daarin slaag om alle hoop op selfregering die nek in te slaan deur die Lyttelton-Konstitusie op 31 Maart 1905 op hulle nekke af te laai en self die land verlaat in die waan dat híérdie instrument Transvaal sou hou op die koers wat hy uitgestippel het, het die sentripetale kragte onder die Boere en hulle leiers nog sterker gewerk as die sentrifugale invloede.

==========

Die Botha-Smuts-vriendskap: Dit sal nuttig wees om op hierdie stadium kortliks stil te staan by 'n besondere vriendskaps- en kollegiale band wat in die na-oorlogse jare tussen twee gesiene Boerefigure ontstaan het en wat op die geskiedenis van eers Transvaal en later van Suid-Afrika, 'n noemenswaardige invloed uitgeoefen het.

Dit is algemeen bekend dat genl. Louis Botha as lid van die/.....

---

* In sy boek "Transvaal Problems" verklaar Phillips hierdie tweemas-leerstelling van die Het Volk-leiers soos volg: "Seeing that the rancour of the war cannot have entirely disappeared, it is not improbable that the inflamatory speeches are intended purely for Boer consumption, while the more moderate attitude is for the edification of the English people." (p.186).

die Republiek se Eerste Volksraad nie so 'n verdedigende houding ingeneem het nie vir suiwer Transvaalse belange as bv. A.D.W. Wolmarans of die President self. Dat hy die wapenstryd teen die buitelandse indringer nogtans met dieselfde leeuemoed en onverskrokkenheid aangedurf het as De la Rey of De Wet, getuig die skitterende wapenfeite te Colenso en Spioenkop wat hom onderskei het as een van die uitmuntendste strateë van toenmalige oorlogvoering. Na die afsterwe van Komdt.-genl. Joubert is die aanstelling van Botha - hoewel waarnemend - in hierdie hoogste militêre posisie deur niemand betwyfel nie.

Genl. Botha het egter ook maklik ontmoedig geraak. Na die val van Bloemfontein en Pretoria is nie minder nie as vier keer onderhandelinge tussen die Boereleiers en die Britse leërowerhede gevoer met die oog op die staking van vyandelikhede en telkens was Botha aan die kant van diegene wat vrede voorgestaan het al was sy wapenbroers optimisties dat die stryd nog in die Boere se guns voortgesit kon word. Tydens die finale onderhandelinge te Vereeniging was dit hy wat die ontembare genls. De Wet en De la Rey oorreed het om hulle weerstand te staak en te aanvaar dat voortsetting van die stryd nutteloos geword het.[146)]

Van Jan Smuts het ons reeds verneem toe hy, aangegryp deur die Hofmeyr-Rhodes-idee in die tagtiger-negentiger jare van die vorige eeu, daarin die begin gesien het van 'n groot verenigde Suid-Afrika onder Britse vlag. Rhodes se medepligtigheid aan die Jameson-strooptog teen Transvaal het hom na 1896 'n kampvegter vir die republikeinse eenheid van Suid-Afrika gemaak. Die ontsettende verlies wat die oorlog aan menselewens - veral vroue en kinders - veroorsaak het en die algemene toestand van die Republieke het Smuts (in wie se dapperheid tydens die veldslae niemand getwyfel het nie) pessimisties gestem oor die voordeel verbonde aan verdere oorlogvoering en tydens die onderhandelinge van 15 - 31 Mei 1902 het hy sy gewig gegooi aan die kant vir vrede hoewel hy wel deeglik gesorg het dat die Republieke nie hulle vryheid verloor deur 'n vernederende "act of surrender" nie, maar deur die bepalinge van 'n eerbare „Acte van Vrede."[147)]

Met die sluiting van die Vrede van Vereeniging het „die donkerste oomblik in die geskiedenis van die Boerevolk .... aangebreek." Nogtans was genl. Botha nie totaal terneergeslae nie. Aan sy burgers in Vryheid en Wakkerstroom sou hy

(volgens/.....

146) In die „Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog" gee dr. W.J. de Kock 'n boeiende verhaal van die vredesonderhandelinge (pp.303-326).

147) Ibid. p.320.

(volgens sy biograaf, Engelenburg,) tydens die wapenneerlegging gesê het:

„Die opoffering wat ons moes maak, was verskriklik; maar nou gaan ons 'n groot Suid-Afrika kry." [148]

Smuts, egter, was verbitterd - teen die Brit het 'n hewige wrok in hom ontbrand, maar veral teenoor Milner het die intensiteit van sy wrok gegrens aan haat. Magteloos moes hy ervaar hoe die Boere, voorheen as die vryste volk ter wêreld, tans gebonde is en gedomineer word deur 'n hovaardige Britse outokraat met sy jeugdige en eentalige amptenaartjies. In die heftigste taal het hy in sy briewe teen hulle te velde getrek en dan weer soos 'n Jeremia van weleer geklaag oor die swakheid, die absolute hulpeloosheid van die Boervolk wat op die drumpel staan van ondergang want lig vir die toekoms sien hy net nie.[149]

Botha en Smuts se gemeenskaplike Doelstelling:

In sy ontvanklike hart aangegryp deur die ellende waarin sy volk verkeer, het Botha na 'n jaar of wat van sy plaas af Pretoria toe gekom van waar hy in 'n beter posisie kon wees om in voeling te bly met volksgenote wat hom voortdurend om raad en hulp kom spreek het. En selfs vir die nie-emosionele Smuts was die plaasboer se koms na Pretoria "... like some cool firm breeze after a night of fever." Botha het vertroue gestraal, geloof en hoop.[150] Aan sy woning in Sunnyside waar hy te alle tye Boere en vriende ontvang, vertroos en bemoedig het, het hy en Smuts die toedrag van sake in oënskou geneem, dit saam bepeins en uiteindelik „ooreengekom dat die toekoms van Suid-Afrika binne die Britse Ryk geleë was."[151] Vanselfsprekend sou hulle hierin verseker wees van die steun van al wat Engelsman is. Ten einde hulle te vergewis dat die Boere hulle sou volg in hul besluit om trou te sweer aan die ryk en sy vlag, het Botha en Smuts hulleself aan die volgende absolute voorwaarde gebind: weloorwoë stappe moet bereken word om spoedige selfregering aan Transvaal (en die Vrystaat) te verseker - stappe wat by implikasie daarop neergekom het dat die nekslag toegedien moet word aan Milner en sy berekende skemas om die Afrikaner te breek. Die grondslag vir die suksesvolle deurvoering van hulle grootse opset het hierdie Boeregeneraals gesien in V E R S O E N I N G: die verlede moet vergeet word en oor die grafte van dié wat gesneuwel het in die stryd van misverstand en haat moet Boer en Brit mekaar die hand reik en as

een/.....

148) Engelenburg: Genl. Louis Botha, p.87.
149) Armstrong: Grey Steel (J.C. Smuts: A Study in Arrogance) pp.146-147.
150) Ibid. p.149.
151) Crafford: Jan Smuts (Afrikaanse vertaling deur F.A. Venter) p.70.

een nasie hulle kragte wy aan die daarstelling van een verenigde Suid-Afrika wat soos 'n juweel sou skitter in die grootste ryk wat die wêreld nog geken het.

Die groot verskil in karakter tussen die twee generaals:

Die besondere doelstelling wat ons hier het, is miskien nie so uniek nie as die vriendskap waaruit dit gevoed is. Graaf Buxton gee ons 'n goeie deursnee-beeld van die twee persone: In opvoeding, karakter, temperament en geaardheid, sê hy, was hulle in so 'n mate mekaar se teenvoeter dat dit hulle wedersyds aangevul het. Botha was 'n boer, het min onderwys geniet en geen administratiewe opleiding nie; nogtans het hy in staatsmansaangeleenthede buitengewone verstandigheid aan die dag gelê en blyke getoon van 'n ruime opvatting en oordeel. Smuts, weer, het hom onderskei in sy skool- en kollege-loopbaan in Suid-Afrika sowel as aan die Universiteit Cambridge; hy het regsopleiding ontvang, het ondervinding in administrasie sowel as in debatte gehad en was begiftig met 'n briljante intellek en 'n wakker en helder gees. Botha het selde gelees; Smuts het steeds filosofie, geskiedenis, staatkunde, wetenskap en die regte bestudeer; Botha het gewoonlik net Afrikaans gebruik; Smuts was volkome tweetalig; Botha se gedagtegang was stadig dog sy oordele korrek; Smuts het vinnig gedink en besluit. Botha was versoenend en hy kon ander tot sy standpunt oorhaal aangesien hy besonder verdraagsaam en altyd gereed was om 'n saak met die daarby belanghebbendes te bespreek; Smuts het, hoewel hy oor buitengewone dryfkrag beskik het, dit makliker gevind om 'n saak self te beklink as om daaroor te beraadslaag. Albei was moedig, het hulle volk liefgehad maar dit as essensieel beskou dat die twee blanke rasse moet verenig. Hulle was lief vir mekaar, lojaal teenoor mekaar en het mekaar volkome vertrou.[152] ✱

Botha en Smuts besef hulle roeping in opheffing van Volk - wil wrywing uitskakel:

Met hierdie "Dutch in race but British in citizenship"-formule het Botha saam met Smuts in die tuig gespring om hulle verslane volk op te hef. Want in hulle eie land het die Boere soos verstotelinge gevoel; deur Milner se groot Engelssprekende polisie- en amptenaredom is hulle uit die hoogte behandel; misverstand het uit die staanspoor veroorsaak dat wantroue ontstaan het waar die Engelse Regering miskien goeie bedoelinge gehad het; die teenwoordigheid van gewapende imperiale troepe en polisiemagte het die Boer in sy

eer/.....

---

152) Buxton: Generaal Botha, pp.196-197.

✱ Vir die Botha-Smuts-vriendskap vgl. verder: James Rose-Innes (Outobiografie) p.274; Spender: General Botha, pp.180-182; Crafford a.w. pp.86-87; Armstrong a.w. pp.150-157; Levi, a.w. pp.62-63.

eer gekwes. Geleidelik het 'n gevoel van wrywing ontstaan tussen amptenaar en boer, tussen stad en platteland en Milner se bevoorregting van die mynbou en sy vriendelike betrekking met die mynmagnate, het die boere 'n wrewel in hierdie bedryf gegee wat 'n ongesonde verhouding geskep het tussen landbou en industrie. In die politiek het dit 'n strydpunt geword van nasionalisme teen kapitalistiese imperialisme en uiteindelik was dit 'n verdeling in eie huis, van landgenoot teen landgenoot en sou dit die grondslag vorm vir die verdeeldheid in die toekomstige Unie-kabinet.

Algemene Toestande in Boeregemeenskap - Botha en Smuts se Taak hieromtrent:

Die gesinslewe van die Boere was ontwrig; in baie gevalle het die broodwinner gesneuwel of is hy verban; inkomste en lewensmiddele het ontbreek; kompensasie was karig en die boerdery het stadig op dreef gekom. Uit moedeloosheid of weens armoede het baie hulle plase verlaat en as vreemdelinge 'n heenkome in die stede gesoek. Hulle taal is in die skool en publieke diens afgeskeep en werk in die hoëre poste is hulle nie gegun nie. Die Boeregemeenskap se geledere self is geskeur op kerklike en politieke gebied want die Bittereinder het die Hensopper en National Scout in sy siel verag.

Te midde van hierdie toestand het Botha en Smuts hulle bevind en dit sou pligsversuim van hulle kant wees as hulle die Boerevolk nie uit hierdie maatskaplike, ekonomiese en politieke laagtepunt ophef nie. Tussen 'n streng en taktlose regering en die "spirit of the veld," soos Levi die standpunt van die Boere simpatiek stel, het Botha en Smuts dan as buffers gestaan. Die volk se klagtes oor kompensasie, landbou, onderwys, bewapening, e.d.m. het hulle voor die owerheid gelê; die Regering se flaters en doelbewuste verontregting van die Afrikaner het hulle veroordeel.[153] Waar die Regering wou onderhandel, was hulle steeds gewillig maar het nie 'n duim gewyk van dié beginselstandpunte wat die toekoms van die Afrikaner geraak het nie. Met die grootste takt het hulle die breuk tussen Bittereinder en Verraaier probeer heel deur hulle te wys op die krag van eenheid wat noodsaaklik was vir die behoud van die volk teen die magnate-bewind se doelstellinge. Toe die juiste oomblik aanbreek om te organiseer en openlik in die strydperk op te tree teen "Milner and his brood of imported young graduates and officials," [154] was Louis Botha en Jan Smuts op die voorpunt en het taai, volhardend maar skoon geveg.

Hiervandaan/.....

153) Levi, a.w. p.62; Spender a.w. pp.163-166.
154) Armstrong, a.w. p.151.

Hiervandaan sou dit pad vir Botha oop wees om hom te wy aan die versoening van Boer en Engelsman, d.w.s. om eerstens vir volkseenheid te werk, vir die eenheid van harte. Smuts het weer die ou dissipel van Rhodes, die imperialis, (beslis nié van Rhodes die kapitalis nie) geword; die ryksgedagte in hom het herleef; sy honger na mag en ambisie wat die Vrede van Vereeniging hom ontneem het, is versadig en met die grootste ywer, politieke vernuf en heldere vérsiendheid het hy hom gewy aan staatkundige eenheid sodat Suid-Afrika 'n eervolle posisie kon beklee in die statery van die indrukwekkende Britse ryk.

Inderdaad het ons hier die unieke vriendskap van twee politieke reuse. Genl. Louis Botha, kan ons sê, was die gevoel van die vriendskap waaruit die staatkundige doelstellinge gebore is. Genl. Jan Smuts was die intellek.

Vir die toekoms van die Afrikanerdom het die gewete in hierdie vriendskap helaas ontbreek, want pres. Steyn en genl. Hertzog kon die voorwaardes daarvan nie onderskryf nie.

==========

Politieke Ontwaking van die Vrystaatse Afrikaners: Onder die besielende leiding van pres. Steyn, regter Hertzog en genl. De Wet was die Vrystaters hoopvoller vir die voortsetting van die stryd as baie Transvalers wat onder die invloed was van die flouhartige genl. S.W. Burger en die konsiliërende genl. Botha. Pres. Steyn was in die finale stadiums van die vredesonderhandelinge egter 'n liggaamlik gebroke man; De Wet het hom opgevolg nadat die president hom opgedra het

> „dat, indien de Transvalers mochten besluiten om vrede te maken en als het hem duidelik was dat hij hen niet zou krijgen om in de strijd te volharden, hij dan ook maar moeste ingeven...." 155)

Die Vrede van Vereniging is daarop deur die verteenwoordigers van albei die Republikeinse Regerings in Pretoria onderteken.

Genl. Hertzog die aangewese na-oorlogse Leier in Vrystaat: Dit sou gou blyk wie die na-oorlogse leiers van die Vrystaatse Afrikaners sou wees. In Hertzog het Steyn (nou weens sy siekte in die buiteland) absolute vertroue gehad. "....We feel, with yóú on the ship, much will be accomplished," skryf mev. Steyn op 17 Oktober 1902 uit Clarens namens die president aan Hertzog.

"Our people surely need men of your stamp to advise and guide them and we are glad that you think of returning to Bloemfontein." 156)

Aan/...

---

155) Aangehaal by: Breytenbach, a.w. p.324.
156) Die Hertzog-versameling (ongeorden), 17.10.1902.

Aan die begin van 1903 was hy weer terug in Bloemfontein[157] nadat hy aan die einde van die vorige jaar 'n petisie wat algemeen deur albei die rasse onderteken is aan Luit.-goew. sir Hamilton Goold-Adams gestuur het waarin versoek is dat die owerheid die heer Abraham Fischer en 'n aantal ander Vrystaatse burgers moet toelaat om na die Orangerivierkolonie terug te keer. Omdat die owerheid tot dusver geweier het om hierdie persone se terugkoms toe te laat, vertraag dit die verlangde tevredenheid onder die volk. In Fischer, met sy bekwaamheid, eerlikheid, hulpvaardigheid en ervaring, sal die nuwe administrasie 'n man kry wat hulle in raadgewende hoedanigheid doeltreffend sou kon bystaan.[158]

Ook in hierdie Kolonie was die toestande onder die volk betreurenswaardig: dit was droog, die boere kon nie ploeg nie, baie mense het nog in tente gewoon en daagliks het talle die owerheid genader om steun. Uit die samesprekinge met Chamberlain het die Boereleiers geen hoop op verbetering verwag nie. Tog was die gees onder diegene wat in die oorlog enduit trou gebly het bemoedigend, het genl. De Wet aan Steyn geskryf.[159]

Genl. Hertzog het hom spoedig geroepe gevoel om sy volk sedelik op te hef en

> „te verhoed dat hulle ten prooi val aan die vernietigende magte van die minderwaardigheid, wat hulle gaandeweg meer oormeester het noudat hulle 'n stiefmoeder van oorsee gekry het wat glad nie eens hulle taal praat nie." „Die wil om hulle self te wees, moes hy aan sy volk predik. Hy moes hulle sterk deur hulle geloof in 'n eie roeping te gee."160)

Die plek wat pres. Steyn leeggelaat het, het die volk aanvaar, moes deur Hertzog volgestaan word en hulle steun sou hy nie ontbeer nie. Ná 'n protesbrief van Botha in die Londense Times in Julie 1903, skryf o.a. ene Paul H. Roux uit Senekal aan Hertzog:

> „Laat asjeblief Louis Bothas brander opgevolgd worden door een heftiger brander van u. Asjeblief. Laat ons de schurken geene rust geven. Zoover als een mensch een mensch steunen kan, zal ik u steunen ... Myns inziens zitten wy te gerust in den Vrystaat en er is geen persoon beter geschikt ze vrees aan te jagen en de waarheid te verkondigen dan generaal Hertzog."161)

'n Aanbod om die leerstoel in die Fakulteit van Regsgeleerdheid van die Universiteit Leiden te beklee het Hertzog van die hand gewys; sy pligsbesef het hom oortuig dat sy roeping in die Vrystaat is waar sy volk leiding nodig het.[162] Steyn was ver-

heug/...

---

157)V.d. Heever, a.w.p.187.
158)Hertzog-versameling, 16.12.1902.
159)Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3, De Wet aan Steyn, 17.1.'03.
160)V.d. Heever, a.w. pp. 190-191. (Skrywer kursiveer).
161)Hertzog-versameling, Paul H. Roux aan Hertzog, 27.7.1903.
162)V.d. Heever, a.w. pp.197.

heug oor sy besluit want Hertzog

> „is....een van de mannen die wy het minst uit Afrika kunnen missen, en een die de andere party het liefst uit Afrika zal zien vertrekken."163)

In ieder geval, die Vrystaters het in 'n groot mate nog hulle hoop gevestig op pres. Steyn en berigte oor verbetering van sy gesondheid is met vreugde ontvang.

> „Het geheele Afrikaansche volk en ieder hart dat voor hen klopt, verheugt zich daarin, want in u zien wij onzen voorman en om u zullen wij ons scharen voor de toekomst."164)

Selfs genl. Botha het getuig hoedat almal bid en hoop dat Steyn weer volkome sal herstel. „Ach welk een voorrecht en opbeuring zal het niet zyn om u in ons midden te hebben."[165] Origens het die ongewildheid van Milner vanweë die taktloosheid van sy administrasie so toegeneem dat die son, soos De Wet gesê het, vir die Vrystaters iedere dag helderder en helderder opgekom het.[166]

Die eerste Boerebyeenkoms in Brandfort - Sept. 1904. In "The Friend" („De Vriend") waarvan genl. Hertzog en mnr. Abraham Fischer direkteure was, het die Boere hulle menings teen die Milner-bestuur gelug.[167] 'n Gemeenskaplike gevoel van ontevredenheid het posgevat en reeds op 17 September 1904 is die aand ten huise van ene N. Vermaak te Brandfort 'n vergadering deur 18 persone gehou onder voorsitterskap van J. Vlotman. Hulle het die stigting van 'n Nasionale beweging oorweeg as ook die raadsaamheid sowel as die wetlikheid daarvan. Op 24 September is die inhoud van 'n Manifes aan die inwoners van die Vrystaat gestel en op 28 September het dit in „De Vriend" in Hollands sowel as in Engels verskyn.[168]

Die Griewe van die Vrystaatse Boere: In gespierde bewoording gee die Manifes die griewe van die bevolking weer: die armoede en ellende duur voort; talle Boere staar bankrotskap in die gesig; die kompensasie is totaal ontoereikend en geskied op 'n uiters swak wyse; beloftes moet nagekom word deur 'n getrouer uitvoering van die besluite van die Traktaat van Vereeniging deur die owerheid. Ten slotte word die volk opgeroep om die voorbeeld van Brandfort te volg, vergaderings te belê, komitees te stig en afgevaardigdes te kies vir 'n Algemeen Kongres om aan die Britse Ryk en aan die wêreld die griewe van die Boere bekend te stel. Daar moet samewerking wees.[169]

Die/..

---

163) L.A.260(1) Steyn aan Leyds, 24.10.1904.
164) L.A.254(1) Leyds aan Steyn, 4.3.1904.
165) Steyn-vers. 156/1/3 Ink. Briewe, Botha aan Steyn, 27.6.1904.
166) L.A.260(1) Steyn aan Leyds oor De Wet en Hertzog se briewe aan hom, 15.5.1904.
167) Barlow: Almost in Confidence pp. 100-101; Hertzog-vers. 27.6.1903.
168) Hertzog-vers: Offisieel Verslag van de Verrichtingen van het Nasionaal Kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904, pp.4-5(In hierdie Verslag word verwys na die byeenkoms van September)
169) Ibid.pp.5-7.

Die Boerekongres te Brandfort - Des.1904: Nadat die Brandfort-komitee op 3 Oktober 1904 by Goold-Adams in Bloemfontein was om hulle griewe aan hom voor te lê, is vergaderings oor die hele Kolonie gehou, kommissies gevorm en afgevaardigdes gekies. Oral is sake soos kompensasie, repatriase, die 'relief-kampen' die onderwys- en taalkwessie in skole en kantore, die South African Constabulary, verantwoordelike bestuur en die stoflike toestand van die volk, druk bespreek. Eindelik is die datum vir 'n Kongres bepaal, nl. 1 Desember 1904 en die daarop volgende dae, in Brandfort. Op 21 November is ook Goold-Adams daarheen uitgenooi. Hy het dit van die hand gewys dog te kenne gegee dat hy gewillig sou wees om 'n deputasie ná die verrigtinge te ontmoet. Genl. Botha is ook genooi maar op 24 November het hy laat weet dat hy „wegens ziekte bedlegerig is" en ook Kaapstad toe moes gaan om die lyk van wyle pres. Kruger in ontvangs te neem.[170)]

Op 1 Desember is die Kongres in die Brandfortse stadsaal geopen en genl. Hertzog tot voorsitter en J. Visscher tot sekretaris verkies.[171)] Die Boere se griewe is hierna deeglik bespreek en besluite daaroor is geneem.*

Hertzog oor Selfregering: Van groot belang was genl. Hertzog se toespraak oor die kwessie van selfregering. Deur pres. Steyn (het Hertzog gesê) is aan beide Kitchner en Milner bevra:

„Zal zelfbestuur worden toegestaan? En hoe? Op de zelfde voet als in de Kaapkolonie? Beide lords antwoorden „Ja!"

As selfregering dan toegeken word, dog dit is nie bevredigend nie „dan hoop ik dat wij man genoeg zullen zijn om te weigeren" Verder het hy gesê dat beide lords, op die vraag hoe lank dit sou duur alvorens selfregering verkry sou word, geantwoord het: Wat die Vrystaat betref sou dit maar 'n kwessie van 'n paar jaar wees; betreffende Transvaal, moes hulle onthou dat hulle daar Johannesburg het!

Dit was dus duidelik, het Hertzog voortgegaan, dat die Boereleiers laat verstaan is

„dat zelfbestuur zou worden gegeven werd aan de Oranjerivierkolonie niet ná, maar vóór het gegeven werd aan Transvaal."

Daar is dus troubreuk gepleeg, sê hy, aangesien dit reeds seker is dat aan Transvaal 'n Verteenwoordige bestuursvorm gegee gaan word. Die Vrystaat word dus gewantrou ondat daar hier „nog te veel boeren" is. „We moeten wachten dat er nog meer settelaars zijn die de Afrikaanders overstemmen," het die generaal onder uitroepe van „Schande!" gesê.

Die voorgenoemde griewe, het hy gesê, bewys duidelik dat Selfregering die enigste oplossing is. Hierop is 'n besluit

geneem/..

---

170) Ibid.pp.16-19. 171) Ibid.pp.25-29.

* Vgl. Offisieel Verslag: Nasionaal Kongres:
i) Kompensasie: pp.29-56; ii) Repatriasie: pp.56-60;
iii) Taal en skole:pp.60-67; iv) die S.A.C.: pp.67-71.
v) Relief-kampen:pp.71-75; vi) Verantwoordelike bestuur pp75-85.

geneem:

(i) die huidige bestuursvorm is nie in ooreenstemming met die behoeftes en wense van die land nie;

(ii) die administrasie is abnormaal duur en dit sal die Kolonie uiteindelik onder 'n swaar skuldelas laat gebuk gaan;

(iii) die uitgawe van die huidige regering, vergeleke met die voormalige O.V.S.-regering, styg steeds;

(iv) in aanmerking geneem die opbrengs van die O.V.S. voor die oorlog is daar geen rede om te verwag dat hierdie Kolonie in staat sal wees om die rente op die aangegane en nog aan te gane skulde te lewer nie sonder dat 'n buitengewone hoë belasting op die volk gelê word;

(v) die kwessie van selfbestuur is nie alleen van lewensbelang vir die Hollandssprekende bevolking nie, dog vir die hele bevolking van die Kolonie sonder aansien van afkoms;

(vi) die vergadering spreek hom uit ten gunste van so 'n spoedig moontlike uitvoering van die belofte van volledige selfbestuur en wek die bevolking van die Oranjerivierkolonie op om saam te werk tot verkryging daarvan.

Politieke Ontwaking in die Vrystaat: Die Kongres het intussen ook 'n staande komitee van ses lede benoem wat as skakel sou dien tussen die volk en die regering. Beide genls. De Wet en Hertzog is tot lede van dié Hoofkomitee verkies.[172]

Die politieke insinking wat die Afrikaner direk na die oorlog deurgemaak het, het hy dus geleidelik ook in die Vrystaat te bowe gekom. Die herlewing aan weerskante van die Vaalrivier het nou wederwyds invloed uitgeoefen: die een was vir die ander 'n stimulus.

Deur die Engelse is die verrigtinge op die Vrystaatse Boere-kongres ook as vyandig geïnterpreteer.

> "... The speeches made were of the bitterest type, and the tone adopted not of a character to inspire confidence, or to encourage the Brittish Government to place the destinies of the country in the hamds of representatives so frankly hostile,"

skryf Phillips.[173]

Op stoflike gebied, egter, het die volk nóg in 'n benarde toestand verkeer. Fischer en die ander Vrystaatse Boereleiers het voortdurend beroepe gekry van talle Afrikaners in die grootste nood wat by hulle om hulp kom aanklop het.[174]

Tweede Nasionale Kongres - Julie 1905: Aan die politieke front is die wiel nietemin deur die Brandfortse Kongres aan die rol gesit en op 19-21 Julie 1905 het 'n tweede Nasionale Kongres te Bloemfontein gevolg wat deur genl. Hertzog geopen is. Die eintlike motief agter die hele byeenkoms was om deur middel van die volksverteenwoordigers te demonstreer téén 'n konstitusie soortgelyk aan die Lytteltonse wat aan Transvaal toegeken is. Die Britse Regering is nogmaals daaraan herinner dat Verantwoordelike Bestuur soos by Vereeniging ooreengekom is/..

---

172) Ibid. pp. 79-81; V.d.Merwe: Marthinus Theunis Steyn ('n Biografie), p.205; Spoelstra, a.w. p.22.
173) Phillips, a.w. p.189.
174) Fischer-vers. Uitg. Briewe 59/8/3, Fischer aan J.S. de Villiers, 21.6.1905.

is, die enigste is waarin die bevolking in die Vrystaat hom sou berus.[175]

Pres. Steyn, wat teen hierdie tyd terug was op sy plaas Onze Rust, het onmiddellik die geleentheid, wat hom voorgedoen het met die wisseling van regering in Engeland, te baat geneem en die standpunt van die twee vroeëre Republieke ten opsigte van selfbestuur gestel in 'n brief aan W.J. Stead: aan die Hollandse taal moet sy regmatige posisie gegee word, die £3 miljoen vrye gif moet uitbetaal word aan wie dit bedoel was, die Sjinese moet uit die land teruggestuur word en sodra volle selfbestuur aan die Kolonies toegeken is, moet die inwoners aldaar nie deur inmenging van die Britse regeringskant lastig geval word nie.[176]

Die Stigtingskongres van die Oragia Unie 3 - 4 Mei 1906: Op 3 en 4 Mei 1906 het die Vrystaters weer 'n Kongres in Bloemfontein gehou. Van die verskillende voorstelle was die vyfde wellig die belangrikste:

> „Het Kongres, het wenschelijk beschouwende dat een Volks Unie in het leven worde geroepen .... besluit thans tot 't oprichten derzelve, onder nadere bespreking en vasstelling der bijzondere bepalingen der Constitutie."

'n Centraal-Comité is gekies, t.w. J.B.M. Hertzog. (voorsitter) C.R. de Wet, A.E.W. Ramsbottom, A. Fischer, C.H. Wessels, H.F. Gill, W.J.C. Brebner, C.T.M. Wilcocks en W. Wessels.[177]

Hierop is „De Statuten der Orangia Unie" bekragtig. Die doel van die Orangia Unie sou wees om te ywer vir die spoedige verkryging van volle verantwoordelike regering vir die Oranjerivierkolonie en die bevordering en beskerming van alle volks- en landsbelange. Alle blanke persone bo 18 jaar wat permanent in die Kolonie gevestig is, kon lede word. Die bestuur het bestaan uit

(a) 'n Sentrale Komitee,
(b) Takkomitees en
(c) Distrikskomitees.

Daar sou jaarliks 'n kongres gehou word.
Verder het die Orangia Unie 'n Reglement uitgereik wat gevolg sou word vir geval van 'n parlementêre verkiesing.[178]

Hiermee het die Vrystaatse Boeregemeenskap ook 'n politieke tuiste gekry onder welke vleuels hulle hulle beskerm gevoel het. Hertzog, De Wet en Fischer was nou hulle leiers en pres. Steyn hulle beskermheer. Die Orangia Unie het dadelik algemene byval geniet en in al die distrikte is takke met groot entoesiasme gestig. Eksemplare van die verrigtinge van die jongste kongres en van die Statute is gedruk en oor die hele Kolonie versprei.

Die/...

175) De Volkstem, 26.7.1905; 21.2.1906.
176) V.d. Merwe, a.w. pp. 206-207.
177) Hertzog-vers: Verrichtingen van Het Kongres der Orangia Unie gehouden te Bloemfontein op 3 en 4 Mei 1906, p.5
178) Ibid. p.10.

Die Sentrale Komitee het sy aandag gewy aan die mees uiteenlopende sake rakende die land en sy volk en kon na 'n jaar 'n lywige verslag voorlê oor sy werksaamhede.[179] Welgemoed kon Abraham Fischer aan genl. Botha in Transvaal meedeel van hulle geslaagde organisasie in die Vrystaat en dat verteenwoordiging volgens die bevolkingsbasis, met 'n geringe bevoorregting van die buitedistrikte, een van hulle Unie se belangrike grondslae is.[180]

Indrukwekkende Orasie van pres. Steyn - Gevolge: 'n Gebeurtenis wat - net soos pres. Kruger se teraardebestelling - 'n magtige dryfveer was vir die ontwakende Afrikanerbewussyn na die oorlog, was pres. Steyn se groot staatsmansrede tydens die pasgehoue Orangia Unie-kongres. Die manjifieke orasie het te midde van die woordevloed van algemeenhede oor die Suid-Afrikaanse na-oorlogse politieke situasie uitgemunt in

> „'n kennis van sake, heldere redenering, wyse raadgewing, morele waardigheid, literêre skoonheid en hartroerende welsprekendheid,"[181]

wat dit geopenbaar het.

Die Afrikanervolk, het hy gesê, het deur 'n smeltkroes gegaan wat sy toppunt te Vereeniging bereik het. Maar die vredesverdrag het hulle aanvaar en hulle sal die verpligtinge daaronder trou nakom. Milner kon, met die nuwe begin wat die vrede hom gebied het, 'n verenigde en gelukkige Suid-Afrika geskep het, dog na vier jaar is ontevredenheid aan die orde van die dag. Omdat hy 'n produk was van die anti-Afrikaanse sfeer waarin hy hom sedert 1897 bevind het, verstaan hy die Afrikaner nie. Sy ganse administrasie getuig van onwelwillendheid teenoor die ouere bevolkingsdeel en 'n wantroue dat hulle hulleself nie kan regeer nie. Die Britse setlaars word teen die Boere gewaarsku, naturelle word swaarder belas om hulle na die myne te dwing en die Afrikaners word verwyt dat hulle geen liefde vir die Britse Ryk het nie.

Nogtans is die Afrikaners dankbaar teenoor Milner: deur sy oorlog het 'n gees van eiewaarde en 'n gevoel van broederskap onder die Afrikaners ontwaak en deur sy wanregering is Afrikaners en Engelse wat dit wel meen met Suid-Afrika saamgesnoer sodat broeder- en rassetwis nie weer moontlik sal wees nie. Nou vra hy dat daar slegs wedersydse vertroue moet wees.

Ten besluite rig hy 'n kragtige aanmaning tot die volk om dié manne as hulle verteenwoordigers te kies wat trou die belange van Suid-Afrika sal behartig. Hulle moet skouer aan

skouer/..

---

179) Fischer-vers. Ink. Briewe 59/7/2: Verslag van die Sentrale Komitee van die Orangia Unie: 1906-1907.
180) Fischer-vers. Uitg. Briewe 59/8/5, Fischer aan Botha, 4.5.1906.
181) V.d. Merwe, a.w. p.216 (verwys na inleidingsartikel van "The Friend").

skouer hulle gemeenskaplike Vaderland, hulle regte, die regte van hulle kinders en nageslag beskerm en nie skrik vir die las wat die Afrikaner as Afrikaner te dra het nie. Die Afrikaner het die las nie self gesoek nie; dis gevorm deur die dwalinge van ander in die vorige eeu en vir hom swaarder gemaak deur die hebsug van die hede. Maar die Afrikaner moet voortgaan op sy weg en sy hand reik aan dié wat met hom wil meegaan of, indien nodig, selfs alleen, met die bewustheid dat sy doel die geluk is van sy volk en die voorspoed van sy Vaderland.[182]

Die Verskil tussen Orangia Unie en Het Volk: Met hierdie loflike boodskap as sy grondslag het die Orangia Unie sy beginsels aan die volk van die Vrystaat verkondig. Opvallend is dan die verskil in die uitgangspunt van Botha en Smuts in Transvaal wat Het Volk fundeer eerstens op versoening en in die tweede plek dink aan die regte en belange van die Afrikaner. Vir die leiers van die Orangia Unie was Afrikanerbeginsels en -regte primêr en rasseversoening daaraan ondergeskik.[183]

Het Volk wen Veld: In Transvaal het die Het Volk-organisasie „onverwachte bijval in 't algemeen" ondervind, het Botha aan Leyds geskryf.

> „Het success kunt u duidelik zien door de scherpe critiek der jingoes in hunne persorganen."184)

Aan Buytendorp kon hy berig:

> „De vereeniging Het Volk (is) .... niettegenstaande de tegenwerking der echte Imperialisten ... een groot succes, en zal ... zeker een der grootste organisaties in Zuid-Afrika worden."

Die byeenkomste wat die leiers gehou het

> „is byzonder succesvol geweest, de volk is goed georganiseerd en de geest is onverwacht goed en eensgezind."

Hy verwag dat daar „iets goeds voor het volk geboren mag worden."[185] Ook Wolmarens het gemeld van die „algemeene ondersteuning en zamewerking van het volk" wat hulle ervaar het hoewel

> „alle mogelyke lasten (worden) uitgestrooid als zoude het een militaire organisatie zyn waardoor ook zommigen afgeschrikt worden." 186)

Milner se Vertrek en Selborne se Teenwoordigheid bevorder Samewerking: Dat Het volk so vinnig posgevat het in Transvaal is voldoende bewys dat daar 'n behoefte was aan so 'n organisasie maar in 'n groot mate was dit ook te danke aan genl. Botha se gewildheid. En hierdie feit het meegebring dat die leer van verdraagsaamheid wat hy, Smuts, Burger en Esselen as beleid onderskryf het, met sukses verkondig kon

word/..

---

182) Ibid. pp.207-215; Hitrager: Geschichte von Südafrika, pp.401-402.
183) Coetzee: Politieke Groeperinge in die Wording van die Suid-Afrikaanse Nasie, p.338
184) L.A. 254(1) 1.4.1905. (185) L.A.262(1) 6 en 13 Maart 1905.
186) L.A. 261(2) Wolmarans aan Leyds, 10.4.1905.

word. Milner was aanvanklik die struikelblok in hulle pad om ook die gematigde Engelse van hulle eerlike bedoelinge te verseker, maar op die vooraand van sy vertrek kon Botha aan Leyds skryf:

> „De grootste boerenhater staat .... op 't punt van vertrek uit Zuid-Afrika en ik verzeker u dat niettegenstaande alle groote vaarwel speeches en opgewerkte hem opsmukkende artikelen in de courtanten, wordt er geen enkele traan gestort over zijn heengaan, en voelt men al dadelik dat er een mogelijke kans bestaat voor betere verstandhouding en coöperatie tusschen de moderate partijen der verschillende secties."187)

Dit was ook so, want hoewel Milner in 'n ellelange boodskap aan sy opvolger, Selborne, 'n waarskuwing gerig het teen die Boere se hoofwapens: "duplicity and deceit," en hulle gewoonte "(to) involve ... monstrous lying" en teen "Afrikaner Propaganda" deur predikante, doktore, prokureurs, regsgeleerdes, joernaliste en die meer opgevoedes in die dorpe wat "by hook or by crook, by every means fair or foul, by any and every s u p p r e s s i o v e r i and s u g g e s t i o f a l s i " die plattelandse bevolking sou inpomp met 'n gesindheid van haat en wantroue,[188] het daar al dadelik onder Selborne 'n gunstiger wending gekom. Deur sy takt, geduld en diplomasie het die nuwe Hoë Kommissaris Botha en Smuts se vertroue gewen en onder die Boere 'n beter indruk gemaak.[189]

Botha se Versoeningsleer bevorder Samewerking tussen Het Volk en T.R.G.A.: Op die ultra-jingoistiese Progressiewe Partylede en op 'n aantal Boere wat hulle gewese kommandant-generaal se versoeningsleer nie bra kon begryp en glo nie, het Botha se uitnodiginge tot verdraagsaamheid geen indruk gemaak nie. 'n Groot persentasie Boere en Engelse, egter, was siek en sat vir die eeulange rassehaat, en op Botha se verkondiging dat Suid-Afrika ruim genoeg is vir albei seksies mits hulle mekaar respekteer, en kan saamwerk mits dit gegrond is op wederkerige respek vir mekaar se goeie eienskappe, taal, geskiedenis en godsdiens, het hulle hulle hoop gevestig vir die nasionale welvaart van die land en die geluk van Boer en Brit.

Op 15 April 1905, - slegs twee weke na die afkondiging van die Lyttelton-Konstitusie en Milner se vertrek uit Suid-Afrika - het 'n byeenkoms plaasgevind van die leiers van Het Volk en van die Transvaal Responsible Government Association. 'n Bepaalde ooreenkoms is tussen hulle getref wat aan hulle volgelinge vir goedkeuring voorgelê sou word.

Koöperasie gaan voor Beginsels: Dat die Het Volk-leiers hier in die eerste plek gedink het aan samewerking en

konsialiasie/...

187) L.A. 254(1) 1.4.1905 (Skrywer kursiveer).
188) Headlam, a.w. pp.550-556.
189) De Volkstem, 27.5.1905.

konsialiasie met die gematigde Engelse en eers in die tweede plek aan beginsels, is baie duidelik. In 'n brief aan Leyds erken Botha: as ons die Johannesburgse bevolking kan verdeel sal dit ons vir die toekoms grootliks bevoordeel. Dan kry ons ook gelyktydig 'n koöperasie wat oor die algemeen van groter nut kan wees en daarom was dit nodig om hier en daar toe te gee, sonder om groot beginsels te verkrag.[190] En hierdie toegewings „hier en daar"? Van St. IV is Engels as medium in die skole verpligtend! In beginsel aanvaar hulle taalgelykheid hoewel Engels die offisiële taal bly! Hoewel Het Volk teen die invoer van Sjinese is, sal hulle bereid wees om die Sjinese-Invoerwet nog vir 5 jaar van krag te laat! Het Volk kon die T.R.G.A. nie oorhaal om die bevolking as basis van verteenwoordiging te neem nie. Die aantal stemgeregtigdes as basis was hulle beginsel vir verteenwoordiging. Oor die kwessie van nie-stemreg aan die inboorling of die „Kaapse jong," Indiërs, die £30 miljoen oorlogsbydrae, onderwysbeheer deur skoolkommissies en stemregkwalifikasies het die partye ooreengestem. Dat slegs dié burgers kon stem wat vóór die oorlog op die kieserslys was - dus nie diegene wat daarna 21 jaar geword het nie - het die Het Volk-leiers ook in toegegee.[191] En dan erken Botha nogal self teenoor Leyds: Wat betref die ooreenkoms deur die Hoofkomitee met die Resposibles - sal hy (Leyds) sien dat hulle daarin van die onderwys die hoofsaak gemaak het. Want die Regering wil in oorleg met die kapitaliste die kiesstelsel so reël dat die Boere-gemeenskap 'n absolute minderheid gaan kry onder 'n nuwe regeringsvorm. Maar aan die anderkant vorder die C.N.O.-skole weens gebrek aan toereikende fondse so stadig dat 'n groot meerderheid van die Afrikaanse kinders deur die vreemde opvoeding verlore gaan. Deur hierdie kompromis beoog hulle dan 'n verandering in die wet sodat alle kinders onder deeglike invloed Christelike onderwys kan ontvang.[192]

Die prys vir die groot begeerte van Het Volk om met die gematigde Engelse saam te werk deur hierdie kompromis te tref, is dus hulle bereidwilligheid om die Afrikaanse kind van St. IV af deur medium van Engels te laat onderrig, Engels te erken as die offisiële taal, toe te stem dat Boere wat na 1899 mondig geword het, nie stem nie en dat die Sjinese nog vyf jaar in Transvaal kan bly.

Hoewel lg. twee punte later oorboord gegooi is, het ons hier die eerste wrange vrugte van konsiliasie ter wille van

konsiliasie/...

190) L.A. 254(1) 29.4.1905 (Skrywer kursiveer).
191) De Volkstem, 20.8.1909 (Terugblik).
192) L.A. 254(1) 29.4.1905.

konsiliasie sonder inagneming van Afrikanerbeginsels. Sodra hulle met behulp van die Responsible Party 'n meerderheid in die Regering kan behaal, beken Botha op 10 Junie 1905 aan Leyds, wil hulle die bepalings van hierdie onderwysooreenkoms wetlik vaslê.[193]

Die Milner-onderwysbeleid sal dus verwerp word dog die Afrikaanse kind word verplig om Engels as voertaal aan te leer.

Op die Kongres van Het Volk wat vir 5 Julie 1905 belê is, sou die ooreenkoms met die T.R.G.A. en die aanvaarding al dan nie van die Lyttelton-Konstitusie van die grootste belang wees.

Twee Strominge in Het Volk steeds duidelik - Botha wil dit voorkom:

Oor lg. punt was die lede van die Hoofkomitee dit klaarblyklik nie eens nie. In 'n brief aan pres. Steyn op 2 Junie het Beyers bv. te kenne gegee dat hy onwillig is om sy steun te gee aan 'n Verteenwoordigende regering aangesien hy nie die blaam sal wil dra vir die regering se onverantwoordelike handelswyse nie.[194] Botha het die kwessie van C.N. Onderwys en die aanvaarding of verwerping van die Lyttelton-konstitusie in verband gesien. Werk die Boere nie met die Verteenwoordigende regering wat die Konstitusie neerlê, saam nie, word die Milner-onderwysbeleid ongesteurd voortgesit. Sy plan is dat „de kraantje in Holland" wat die geld vir C.N.O. voorsien, oopgehou moet word totdat Het Volk as 'n protesterende party aan die eleksies deelneem en in die Parlement die posisie van lydelike verset aanneem. In samewerking met die Responsible Party en die Arbeiders sou hulle hulle dan teen die Regeringsbeleid laat geld.[195]*

Botha: Transvaalse en Vrystaatse Boere moet Saamwerk:

Botha wou ten alle koste verhinder dat enige misverstand ontstaan omtrent die doelstellinge van Het Volk. Selfs met die Vrystaters het hy openlik saamgewerk en op 31 Maart 1905 al teenoor Hertzog die wenslikheid uitgespreek dat hulle mekaar te Bloemfontein moet spreek oor

> „groote beginselzaken voor de toekomst ... opdat wij elkaar niet alleen goed verstaan op zulke onopgeloste vraagstukken (soos onderwys naamlik) maar dat er een getrouwere samenwerking voor die beginsels kan geschieden."

Die statute van Het Volk, sê hy, raak geen beginsel nie, en dit

het/...

---

193) L.A. 254(1) 10.6.1905.
194) Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/3, 2/6/1905.
195) L.A. 254(1) Botha aan Leyds 10.6.1905.

* Dat genl. Botha die grootste persoonlike opofferings vir die C.N.O. nie te hoog geag het nie blyk uit die feit dat hy £100 uit sy sak betaal het om 'n C.N.O.-skool op Krugersdorp aan die gang te hou. Die Het Volk-organisasie was finansieel ook nog swak en op 10 Junie 1905 skryf Botha aan Leyds: „Tot hiertoe droeg ik persoonlijk bijna alle onkosten." (Vgl. L.A. 254(1)10.6.'05)

het hulle met opset agterweë gehou

„omdat wij gaarne eerst onze Vrijstaatsche vrienden over alle beginselzaken wenschen te raadplegen."

Hertzog het, in 'n brief waarin hy Botha „feliciteer... met Het Volk" saamgestem.[196] Oor sy daaropvolgende besoek aan Bloemfontein, skryf Botha, het hy daar sterk

„aangedrongen dat de vrienden daar, gelijk wij hier, een flink organisatie van het Volk doorzetten."[197]

(Op die Vrystaatse Kongres van 19-21 Julie 1905 is 'n besluit in dier voege geneem).

Voor die Het Volk-Kongres op 5 Julie byeengekom het, is die Vrystaatse leiers uitgenooi om die Transvaalse voormanne op 1 Junie te ontmoet

„ten einde met hen onderling te bespreken de houding en positie die wij moeten innemen voor de toekomst, zoodat wij elkaar goed en degelijk verstaan."[198]+

Politieke en Morele Ontwaking van die Afrikaner 'n voldonge Feit: Die bedrywighede van die Boereleiers gedurende die eerste helfte van 1905 getuig inderdaad dat die Afrikaners van die twee Kolonies politiek ontwaak het. Dwarsdeur Transvaal is geslaagde vergaderings gehou en met die grootste eenstemmigheid is mosies aangeneem ten effekte dat die Boerevolk met niks anders tevrede sal wees nie as volledige selfregering sónder die interim van verteenwoordigende bestuur. Hierdie verantwoordelike bestuur moes aan Transvaal sowel as die Vrystaat toegeken word.[199]

Dus ook moreel het die volk hulle deur hulle politieke organisasie sterker gevoel. Hulle onderlinge sowel as hulle koloniale eendragtelike optrede het hulle sedelike moed gegee. Die volk en die leiers het mekaar volkome gevind. Die konstitusionele posisie soos deur die Lyttelton-konstitusie in vooruitsig gestel, het die volk met die grootste vertroue in die hande van die Hoofkomitee gelaat.

Tweede Kongres van Het Volk - Besluit aangaande Lyttelton-konstitusie Twee Strominge duur voort in Het Volk - hoofleiding: Toe die Kongres van Het Volk op 5 Julie 1905 vergader, was die afgevaardigdes voorbereid. Reeds die vorige dag was die

Hoofkomitee/...

196) Ibid. Botha aan Hertzog 31.3.1905: Hertzog antwoord Botha 3.4.1905.
197) Ibid. Botha aan Leyds 10.6.1905.
198) Ibid.
199) Lt.-Goew.143, 127/107; Lt.-Goew.144, 127/195.
\+ Die samesprekinge kon eers teen die middel van Julie volg; nogtans sou hulle mekaar weer ontmoet om die kwessie van stemreg te bespreek en 'n „beslissing in ooreenstemming met hulle aanbeveling te neem sodat ons in hierdie gewigtige saak streng handel na die sin en wens van ons Vrystaatse vriende," het Botha aan Buytendorp geskryf. (L.A. 262(1) 16.7.1905).

Hoofkomitee en die leiers van die T.R.G.A. by lord Selborne om hulle besware teen die Lyttelton-konstitusie voor te lê. Die verontregting van die Hollandse taal, die voorgestelde stemreg aan soldate,* die beginsel van ‚een-stem-een-waarde' en die onverantwoordelike mag van die aangestelde Uitvoerende Raad het hulle veral gegrief.[200] In 'n breedvoerige rede het Botha ook die volgende dag dié onaanvaarbare bepalings van die Konstitusie voor die Kongres aan die kaak gestel. Die konstitusie was dus onaanneemlik en 'n besluit dat genoemde besware deur die Imperiale Regering uit die weg geruim moet word, is eenparig aangeneem. Het Volk sou 'n afwagtende houding inneem om eers te sien hoe die kiesafdelings ingedeel en watter persone op die kieserslyste geplaas word. Intussen sou die afgevaardigdes sorg dra dat alle stemgeregtigde burgers se name op die stemlyste verskyn.[201]x

Opvallend was weer op hierdie Kongres die verskil in gesindheid tussen Botha en Smuts aan die een kant en Beyers aan die ander kant soos weerspieël uit hulle toesprake. Genl. Botha het versoening gepredik. In 'n vurige toespraak het Beyers die wantroue wat die Imperiale Regering in die Boer geopenbaar het deur selfregering terug te hou maar hom nogtans te wil dwing om die £30 miljoen oorlogskuld te betaal, gelaak.

> „Bij mij is een Engelse Regeering een Engelse Regeering. Ik heb geen vertrouwen in ze (het hy onder toejuiging gesê). Ik verwacht van geen enkele Engelse Regeering iets; 't is net die ene Engelsman van die stoel halen en die andere er op zetten" (gewoel). .... As daar persone is wat die Konstitusie steun, laten de papbroeken onder ons uitvallen (applous). Een ware Afrikaner zal niet met de grondwet meegaan..." (applous).

Smuts het ernstig gemaan tot kalmer insigte („oom Jannie draai briek aan" sê De Volkstem) en gesê dis hulle plig om uit te styg bokant die kleinlike aanmerkinge en aanstootlikhede. Hy sou sover moontlik met die nuwe bevolking in Transvaal saamwerk.[202]+

Ook/...

* „Als het zoo is dat elke Tommy stem moet krijgen, dan komt er gewist weer moeilykheid van zeer ernstige aard," het Botha in 'n brief aan Buytendorp gesê (L.A.262(1)5.6.1905)

x In 'n „Communiqué van de Hoofd Komité aan de lede en Beheerende Ligchamen van Het Volk" het Botha die Lyttelton-konstitusie uiteengesit en breedvoerig aangetoon om watter redes dit verander behoort te word deur die Britse Regering. Vgl. Lt.-Goew.: 144,127/195 (11.7.1905)

+ Die Hoofkomitee is weer herkies: Botha (voors.129 stemme); Burger (vice-voors. 129); De la Rey(129); Smuts(129); Wolmarans (124); Esselen (120); Beyers(87) (Vgl. Volkstem 8.7.1905, p.8 en L.A.254(1) Botha aan Leyds, 16.7.1905.)

200) De Volkstem, 5.7.1905.
201) Ibid. 8.7.1905.
202) Ibid.

Ook in hulle afskeidsboodskappe aan die Kongres was verskil te bespeur. Indien die regering nie verder knoei met die militêre stem nie, het Botha gesê, en eerlik werk met die registrasie van stemme en die kiesafdelings op eerlike wyse indeel, beveel hy aan dat die Konstitusie (hoewel verkeerd) aangeneem word sodat hulle na die parlement kon gaan om vir die regte van die volk daar in te tree. Ook Esselen het vertroue in en waardering van mekaar se beginsels bepleit. Beyers het weer beklemtoon dat hulle dade moet afkeur van 'n Regering wat vals is en nie sy beloftes nakom nie. Smuts het verwys na Esselen se taal van die hoof en Beyers se taal van die hart.[203]

Die voorgestelde Het Volk-Responsible party-ooreenkoms wat in April deur die onderskeie leiers gesluit is, is ook deur die Kongres goedgekeur.[204]

Het Volk en C.N.O. beweging werk saam: - Die kwessie van C.N. Onderwys het 'n belangrike plek ingeneem op die agenda van Het Volk. Di. H.S. Bosman, M. Postma en Prof. dr. P.J. Muller het 'n memorandum oor C.N. Onderwys aan die Kongres voorgelê en Het Volk se daadwerklike steun gevra vir hier belangrike saak want

> „ons volk is geworden wat het vóór de oorlog was, door zijn volgen van de tradities ons van de vaderen overgeleverd en door zijne liefde voor de taal der vaderen."[205]

Genl. Smuts het gesê dat „allen nu overtuigd zyn van 't nut van C.N.O." Vroeër was dit in orde, sê hy, „als men goed kon schieten en Bybellezen." Nou is dit heeltemal anders en as ons volk hom wil staande hou, moet die onderwys behartig word soos in geen ander land ter wêreld nie. Ons stryd is in die eerste plek om die onderwysstelsel van die Regering verbeter te kry. Daar moet meer eenheid in hierdie stryd wees want onderwys is vir ons van meer belang as stemreg vir die parlement.[206]

Die Konres het daarop sy hartlike steun aan C.N.O. beloof en onderneem om saam te werk met voorstanders daarvan in die Kaapkolonie. 'n C.N.O.-Hoofkommissie is aangestel wat sou bestaan uit die voorgenoemde drie predikante van die drie Hollandse Kerke en A.D.W. Wolmarans, C.F. Beyers en - J.C. Smuts van die Hoofkomitee en 5 addisionele lede.[207] In samewerking met Het Volk sou die Hoofkommissie so gou doenlik 'n buitengewone Onderwyskongres byeenroep.[208]

De Volkstem word amptelike lyforgaan van Het Volk: Tydens die verrigtinge van die Kongres het genl. Botha ook die heuglike tyding aan die afgevaardigdes meegedeel dat

„De Volkstem"/..

---

203) Ibid. 12.7.1905. (204) Ibid. 8.7.1905. (205) Ibid.
206) Ibid. 12.7.1905. (Skrywer kursiveer)
207) Ibid. 8.7.1905; L.A.254(1) Botha aan Leyds, 16.7.1905.
208) Symington, a.w. p.281

„De Volkstem" ingevolge 'n transaksie wat hy en genl. Smuts met Dr. F.V. Engelenburg en die here Isaac en Charles Wallach gesluit het, voortaan die offisiële orgaan van die Het Volk-organisasie sal wees. Alle lede is versoek om op die blad in te teken.[209] Het Volk het ook die meederheid aandele oorgeneem van „Het Westen" (Potchefstroom) „De Afrikaner" (Pietermaritzburg) en die „Krugersdorp Herald" in belang van die politieke bearbeiding van die inwoners.[210]*

Hoofkomitee voer Samesprekinge met Selborne: Die eerste werk van die Hoofkomitee na die Kongres was om lord Selborne te gaan spreek oor die besluite van die afgevaardigdes.[212] Die samesprekinge tussen die Hoë Kommissaris en Lawley van regeringskant en Botha, Smuts en Esselen namens Het Volk het op 26 Augustus gevolg en aktuele sake van landsbelang is bespreek. Die Hoë Kommissaris is meegedeel dat die volk wapens vra om hulle te beskerm teen die Sjinese ('n paar weke vroeër is 'n sekere Joubert deur die Sjinese naby Bronkhorstspruit vermoor).[213]

Onderwyssake is bespreek waarin Selborne blyke getoon het van 'n mate van inskiklikheid met die Boere se standpunt. Wat die Hoofkomitee se voorstelle betref insake die wysiging van die Konstitusie, kon Selborne hoogstens beloof om dit aan die Imperiale Regering voor te lê.[214]

Kenmerke van Politieke en Morele Ontwaking: Die politieke en morele ontwaking van die Boere het stadig maar seker beslag gekry. 'n Kenmerk van die herlewing was dat dit geestelik gefundeerd was in die sin dat die politieke organisasie soos beliggaam in Het Volk sy wortels gevoed het in die tradisionele Christelike beginsels van die Boerevolk. Derhalwe het die herrysenis ook 'n eenheid vertoon in die Boeregeledere: kerk, skool en politieke organisasie het in beginsel 'n gemeenskaplike kulturele basis gehad; die doelstelling na

buite/...

209) De Volkstem, 12.7.1905; Preller-vers., Band 82, Lêer135.
210) L.A.262(2) Botha aan Leyds, 19.2.1906.
212) Lt.-Goew.: 144, 127/195 (16.8.1905).
213) De Volkstem, 19 en 23 Augustus 1905.
214) Ibid. 30 Augustus en 2 September 1905; Vgl. ook: Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/3 De Villiers aan Steyn 28.8.'05.

* In sy brief van 19.2.1906 aan Leyds, skryf Botha dat 20,000 uit die 24,000 aandele van „De Volkstem" nou aan Het Volk behoort. Hiervoor het hulle meer as £20,000 betaal (L.A.262(2). Verder vra hy of Leyds nie plus-minus £8,000 aan hom en Fischer kan stuur nie vir die oprigting van permanente geboue. Uit latere korrespondensie van Engelenburg met Leyds (L.A. 219(3) en L.A.255(2) (21.1.1926) blyk dit dat die geld aan Botha en Smuts gestuur is „ten bate van hun politieke bedrywigheid in Transvaal;" „voor nationale doeleinden" - bv. „voor Christelyk National Onderwys," is groter bedrae gestuur - afkomstig uit kapitaal wat onder Leyds se beheer was.

buite en die handhawing van waardes na binne was dieselfde. Hoewel omstandighede dit dus meegebring het dat Het Volk 'n politieke party geword het, het dit nogtans meer behels. Neem ons in aanmerking waar sy ontstaan gesoek moet word, nl. in die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van 'n geruïneerde volk, sien ons dat Het Volk 'n organisasie is wat hom ten doel stel die bevordering van die stoflike welvaart van die land en 'n bepaalde volksdeel maar wat in sy politieke aspirasies, soos uiteengesit in sy beginsels en statute, alle blankes insluit wat volgens die leer van verdraagsaamheid die heil van Transvaal in besonder en Suid-Afrika oor die algemeen ter harte neem. Deur Het Volk (en die Orangia Unie) is in die donkere na-oorlogse jare die bewys gelewer hoe die Afrikaner, wat uitgemunt het in sy hantering van die mauser op die slagveld, hom in vredestyd op waardige wyse dissiplineer tot berusting as hy sy krygsmansberoep aflê en hom wy aan 'n groter en vreedsamer taak. Deur Het Volk en die Orangia Unie sou die groot Afrikaanse krysoffisiere ook die eerste Suid-Afrikaanse staatsmanne word. In die harte van baie Afrikaners in Het Volk het die gedagte aan 'n Republiek nog voortgeleef maar onmiddeliker probleme, soos die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Kolonies, hulle verhouding met die ryk en die basis van samewerking tussen Boer en Engelssprekende, het die volk en sy leiers besig gehou. Die leiers self wat nog aan 'n Republiek gedink het, het geweet dat konstitusionele stappe die enigste weg daarvoor is. In elk geval het die oorheersende invloed van genls. Botha en Smuts, vir wie die Republiekeinse vlae finaal begrawe was, hierdie idee ver op die agtergrond geplaas. Het Volk was 'n eenheid ongeag die verskillende meningstrominge.

Die Wese van die Progressiewe Party: Die oorlog was sogenaamd gevoer om gelykheid tussen Boer en Uitlander te bring; maar hoewel die ou struktuur omgewerp is, was die botsing nie by magte om die gevoel van onenigheid wat soos 'n nalatenskap oorgebly het, uit te wis nie. In plaas van politieke grootheid met samewerking as grondslag, het die Progressiewe Party hom besig gehou met onophoudelike geraas en beskuldigings ter wille van effek. In hulle roem op die militêre oorwinning van die Brit het hierdie party hom nou beskou as die gevolmagtigde van die Suid-Afrikaanse bevolking. Het Volk sou té rasbewus wees, die Responsibles té kor-
rend en die Arbeiders onbenullig. Die Progressiewes
aanmatigende politieke leer gehuldig dat rykdom di
kundige terrein moet domineer deurdat 'n bevoorr

heid die reg het op alleenheerskappy. In elke handeling en in elke geskrif van die ander partye het hulle verborge motiewe, duistere intrige en sinistere planne gesien. Die ooreenkoms tussen Het Volk en die T.R.G.A. is heftig aangeval omdat lg. nie liewer wou buig vir die voorskrifte van die ryk despote nie. 'n Egte gevoel van agting vir die land se belange is die bindkrag in die geledere van die e.g. twee partye. Sodanige sement bestaan nie vir die Progressiewes nie. Hulle was slegs 'n krassende minderheid, behep met myn-spekulasie en totaal ongevoelig teenoor Suid-Afrika en sy swoegende arm-blankemenigte.

Eendag sou 'n verkiesing bepaal aan watter party die regerende mag in Transvaal toevertrou sou word.

Ongeag Groei beleef Het Volk moeilike Tyd: Intussen het 'n opdraande pad vir Het Volk nog voorgelê. Die Hoë Kommissaris, lord Selborne, se persoonlike eienskappe het weliswaar die hoop geregverdig dat meer reg sal geskied aan die Transvaalse publiek as onder sy voorganger. In sy rondreis deur die Kolonie het by bemoedigende blyke gegee van opmerksaamheid vir die griewe en wenke van die Boere ten opsigte var paaie, spoorweë, 'n Landbank en hulle weersin in die Sjinese arbeïdeksperiment. Die eintlike toets, egter, waaraan die Transvalers sou herken of Selborne breë opvattinge het wat tot maatskaplike geluk sou lei, of enge insigte koester wat onrus en verdeeldheid in Suid-Afrika chronies gemaak het, was sy gesindheid ten opsigte van onderwys. Die toets het in November gekom en met leedwese moes Het Volk ervaar dat ook hierdie Britse Goewerneur nie sy weg oopsien om die Hollandse taal sy regmatige posisie in die skole te gun nie - al was dit die taal van die meerderheid.[215)]

Die stryd van die Boere was dus nog aan die gang. Die leiers het ongelukkig nie daarin geslaag om baie te oorreed om nie die land te verlaat nie. Groot getalle Afrikaners het uit Transvaal getrek om hulle in Argentinië, Duitsoos- en Suidwes-Afrika te vestig.[216)] Dit was slegs genl. Louis Botha se geweldige invloed en persoonlike opofferinge wat Het Volk nog staande gehou het. Maar teen Augustus 1905 het sake vir hom ook moeilik geword. Hy skryf aan dr. Leyds dat hy besluit het om hom vir goed op sy plaas in die distrik Standerton te gaan vestig en slegs so een keer per maand na Pretoria te gaan om „hangende kwesties" van die Hoofkomitee af te handel. Sy boerdery het sy aandag nodig en op die huis wat hy in Pretoria

gekoop/...

215) De Volkstem, 18 en 25 November 1905.
216) Ibid. 25.10.1905.

gekoop het, skuld hy nog £6,000.

> „Voor 3 jaar heb ik nu mijn tijd en geld opgeofferd om onze volkzaak te bevorderen. Ik heb dag en nacht geduldig aan die zaak gearbeid en alhoewel ik de beste ondersteuning had van alle andere vrienden, moet ik toch maar altoos het grootste gedeelte van het werk doen."

In Pretoria is omstandighede vir hom baie moeilik. Met soveel skuld „om die hals" voel hy ongerus, daarom wil hy hom graag ter wille van sy familie op die plaas vestig sodat hulle, ingeval hy sterf, versorg is. Sy vriende is daarteen dat hy Pretoria verlaat en wat hulle betref ‚weet hy werklik nog nie hoeveel erns daar by die lede van die Hoofkomitee is noudat hierdie liggaam deur die Kongres as 'n vaste liggaam daargestel is met 'n verantwoordelike posisie nie.'[217]

Dr. Leyds - wat intussen toegesien het dat duisende ponde vir C.N. Onderwys, die koerantwese en ander nasionale aktiwiteite van Holland na Transvaal gestuur is - was baie bekommerd oor hierdie toedrag van sake.[218]

Botha neem Grootmoedige Besluit ter wille van Volk:

Teen Oktober het Botha egter besluit om maar in Pretoria aan te bly. Dit was 'n besonder grootmoedige stap:

> „Finantieel is het bijna voor mij persoonlijk onmogelijk zoo door te gaan," skryf hy aan Leyds, „maar wanneer men aan een volk werkt, dat men lief heeft, dan kan een opoffering niet te groot zijn, en toen mijne vrienden van alle kanten op mij neerkwamen en verzochten niet weg te gaan naar mijne plaats, heb ik gedacht dat het toch onmogelijk is het volk, dat in zulk een diepe ellende verkeert, nu te verlaten, vooral bevreesd zijnde ook dat het door mijn weggaan onder verkeerd invloeden zou geraken."[219]

In die Alexandra-gebou aan die Kerkplein het die Hoofkomitee sy eie kantoor geopen waar adv. I. Ferreira sou optree as sekretaris.[220] Van Leyds het hulle ook 'n toelae ontvang sodat die organisatoriese werk voortgesit kon word. Afgesien van die Hoofkomitee-sake moes Botha ook die politieke partyaangeleenthede behartig, daagliks mense ontmoet, die Regering in belang van die Boere spreek, van tyd tot tyd ‚vriende' uit die Vrystaat ontvang, C.N.O.-sake reël en omsien na die belange van armes. Verder was daar die voorkoming van verdeeldheid „onder de onzen" en honderd en een ander sakies wat daagliks voorgekom het.[221]

Die Probleme vir Het Volk: Sjinese, Onderwys en Lyttelton-konstitusie:

Drie sake veral het die Transvaalse Boereleiers en -volk nog dwars in die krop gesteek. Die eerste was die Sjinese-vraagstuk. In die gebiede grensende/..

---

217) L.A. 262(1) Botha aan Leyds 21.8.1905
218) L.A. 262(3) Leyds aan Botha, 8.9.1905
219) L.A. 262 (1)Botha aan Leyds 18.10.1905
220) Ibid; De Volkstem, 11.10.1905.
221) L.A. 262(1) Botha aan Leyds 18.10.1905.

grensende aan die goudmyne het die Oosterlinge 'n oorlas beword en op sommige plekke was hulle dade eenvoudig hemeltergend. Roof en aanvalle op naturelle en blankes - in die stede sowel as op die platteland - en op reisigers het algemeen geword. Die publiek was dit eens dat die Sjinese 'n maatskaplike euwel geword het. Al was hulle verblyf miskien ekonomies verdedigbaar, is geen industrie in 'n beskaafde land denkbaar nie waarvan een van die elemente aanleiding gee tot voortdurende terorisering van 'n deel van die bevolking, het „De Volkstem" aangevoer.[222]

Die tweede aangeleentheid was onderwys. Die Selborne-Onderwysminute van 17 November 1905 was vir die Boeregemeenskap baie teleurstellend, waarop genl. Botha 'n groot Onderwyskongres byeengeroep het vir 12 en 13 Desember. Vooraf het hy aan genl. Hertzog geskryf om „eenige wenken van u te mogen ontvangen zoodat wy van uwe ondervinding kunnen profiteeren." Hy wou graag Hertzog se sienswyse verneem omtrent die onderwys-kompromis wat die Boereleiers in die Vrystaat met die Regering aldaar getref het, of die Regering „hare verplichtingen" nagekom het, of op welke wyse „zy het compact verbroken (heeft)." [223] *

Die Onderwyskongres was besonder verteenwoordigend, en na deeglike samesprekinge is besluit dat daar met volksopvoeding volgens C.N.O.-beginsels voortgegaan moet word. Die groot struikelblok was die behoefte aan toereikende fondse dog die Hoofkommissie (di. Bosman, Postma en Muller namens die kerke en Beyers en Wolmarans namens die Hoofkomitee) is opgedra om planne te beraam om geld in te samel. 'n Beroep is ook op die Kerke gedoen om hulle kragtige steun aan hierdie nasionale saak te verleen. Ten slotte is die Hoofkommissie opgedra om 'n skema op te stel waarvolgens die C.N.O.-beweging in noue verband met die Het Volk-vereniging gedryf sal word; tweedens om alle gelde te beheer en te administreer en derdens om so gou moontlik weer 'n Onderwyskongres byeen te roep.[224]

In gloeiende taal het „De Volkstem" hierdie besluit verdedig:

> „Dit manhaftig besluit is bewijs dat de Afrikaner, verarmd weliswaar, maar nog niet vernederd, geen plan heeft om zich te laat trappen, en dat hij te midden val al zijn materiële moelikheden, een open oog bewaart voor wat er op 't spel staat/...

---

222) De Volkstem 14 Oktober en 13 Desember 1905.
223) Hertzog-vers. Botha aan Hertzog, 6.12.1905.
224) L.A. 396(2) Kopie van Kongresbesluit, dd.13.12.1905.

* Tydens samesprekinge wat Het Volk-leiers met pres. Steyn gehou het, is voorgestel dat die Vrystaat in oorleg met Transvaal aanvallender wyse te werk sal gaan. Deur in die skool 'n goeie begin te maak, het Steyn gesê, sal alles gewen word. „Ik wil in den onderwysstryd niet handsuppen." L.A. 260(1) Steyn aan Leyds, 8.11.1905.

staat. .... Men merkt in de staatkunde van het tegenwoordig regime, zelfs in zijn vrijgevigste ogenblikken, een onmiskenbaar streven om de taal van de Afrikaner te bekorten en terug te dringen tot de rang die zij thans in de Kaapkolonie inneemt, naast 't Sesoetoe." 225)

Het Volk-leiers se derde groot vraagstuk was die Lyttelton-konstitusie wat in alle waarskynlikheid vroeg die volgende jaar prakties toegepas sou word. Met leedwese moes die Transvaalse volk aansien hoe dat die Regering besig was om van die aanstaande eleksies onder dié konstitusie 'n parodie te maak deur nie te reageer op die Boere se klagtes aangaande die onvolledige en foutiewe kieserslyste nie. Verder het die owerheid voortgegaan met sy indeling van kiesdistrikte sonder om die Boere te raadpleeg; kiesers is kunsmatig vermeerder met tydelike inwoners soos die militêre en noudat daar 'n moontlike eleksie genader het, het elke stoomboot 'n paar goudmagnate uit Engeland gebring wat - tot dusver onverskillig teenoor Suid-Afrikaanse belange - plotseling belangstelling getoon het deur hulle prooi van naby te kom bekyk.[226)]

Steyn se Besoek aan Transvaal - Vryheidsgees van Afrikaner nie gedemp: Steyn simbool van Republikeinse Verlede:

Pres. Steyn het juis in hierdie dae besoek afgelê in Transvaal waartydens hy „lange en confidentiële gesprekken" met die Boereleiers gevoer het, skryf hy aan Leyds. Die Transvalers se grootste moeilikheid, sê hy is

„welke houding zy (moeten) opnemen onder de nuwe Constitutie. Zy zyn verdeeld: een deel wil meewerken om te verhinderen dat onze menchen meer kwaad worden gedaan en een ander deel wil er hoegenaamd niets mee te doen hebben."

Hy het hulle daarop aangeraai om niks te doen nie tot die lyste finaal en die kiesafdelings bepaal is. Hy was van beskouing dat „dit oneerlyk spel" tydens die verkiesing so duidelik sal word dat die Boere klaarblyklike oneerlikheid as rede sou kon aanvoer „om met dat vuil ding niets te doen te hebben." [227)] Aangesien wedersydse vertroue, en samewerking tussen Boer en Brit die enigste grondslag was wat 'n gelukkige toekoms vir die land verseker het, en die juis deur die Lyttelton-grondwet in 'n groot mate misken word, was die advies van pres. Steyn beslis ter sake. Maar voor die jaar sou verstryk het verwikkelinge in Engeland plaasgevind wat sou meebring dat die Boere en die enersdenkende Engelse met groter optimisme hulle verwagtinge op die verwesenliking van hulle ideaal van selfregering kon koester.

Onder die Afrikanervolk self was die vryheidsgees nie ge-

demp/...

225) De Volkstem 20.12.1905.
226) Ibid. 8.11.1905.
227) L.A. 260(1) 8.11.1905.

demp nie en hoewel Botha met sy versoeningsleer die populêre leier was, was Steyn vir hulle die simbool van hulle selfstandige republikeinse verlede. En nêrens is dit so duidelik gemanifesteer nie as tydens die president se besoek aan Johannesburg waar sy vriend Jacob (Jaap) de Villiers vir hom 'n ontvangs gereël het. „...Ik (stond) eenvoudig verbaasd over mijn ontvangst," skryf hy aan Leyds,

> „... de stroom op de toeganskaartjies was zoo groot dat zy verplicht waren later de Wanderers Hall te nemen. En daar in die zaal, de heilige zetel van god Jingo kwamen, na 'n kennisgeving van nauwlyks drie dagen, 'n groote twee duizend menschen 'of all sorts and conditions' om mij en mijne vrouw de hand te drukken. De geest die daar heerschte was zuiwer Afrikaansch."

Pres. Steyn sê hy is nie so hoogmoedig om te reken dat dit vir hom as persoon was nie

> „maar wel ter wille van het idee dat door mij, hoe onwaardig ook, vertegenwoordigd wordt. Als zoo-iets in Johannesburg kan plaats vinden, vorm dan uwe eigen conclusie hoe het in andere deelen van den Staat gesteld is. Milner, de Chineezen en de hebzucht des Randite zyn onze beste vrienden."228)*

==========

Veranderende Politieke Toestand in Engeland:

„De zon komt iederen dag voor ons helderder en helderder op," het De Wet al 'n tyd terug gesê. Hy het gelyk gehad. Milner was reeds uit Suid-Afrika en in Transvaal sowel as die Vrystaat het die Boere 'n nasionale bewussyn getoon soos in die dae na Amajuba, Colenso en Spioenkop. In Engeland het die wiel ook gedraai. Reeds in 1902 het die Markies van Salisbury uitgetree as Eerste minister en het Arthur Balfour die leier geword van die Oorlogsparty. Hy was nie by magte nie om die opsigtelike verbrokkeling af te weer wat sy party in die laaste maande van 1905 bedreig het. Chamberlain se ongewilde veldtog vir tariefhervormings en die kwessie van vryhandel teen koloniale voorkeurtariewe het die Unionistiese totaal verdeel terwyl die Liberale Party se uiterste Imperialistiese en Radikale vleuels wat reeds nouer saamgesnoer is deur hulle gemeenskaplike verset teen die Sjinese-Invoer-wet van Transvaal, nou 'n hegte eenheid gevorm het. Vroeg in Desember was Balfour verplig om sy premierskap neer te lê. Sir Henry Campbell-Bannerman het onmiddellik 'n nuwe en Liberale Regering saamgestel, en hoewel

hyself/...

---

228) Ibid. (Skrywer kursiveer).

* Op 6 Sept. 1905 het dr. Leyds aan pres. Steyn geskryf dat hy en J.W. Sauer saam gedineer het in Amsterdam. By dié geleentheid het Sauer gesê dat hy oortuig is dat Suid-Afrika binne 20 jaar onafhanklik sal wees. (L.A. 254(2). Met verwysing hierna het Steyn, na sy gulle ontvangs in Johannesburg aan Leyds geskryf: „Ik ben met een idee weggekomen nl. dat de tyd door Sauer gesteld veel te lang is, mits de politieke toestand in Europa gunstiger wordt." (L.A. 260(1) 8.11.1905) (Skrywer kursiveer).

hyself oorgehel het na die kant van die Radikale het hy, ter wille van eenheid, gematigde Liberale soos Asquith, Haldane en Grey in sy kabinet ingelsuit. Die Graaf van Elgin het in Lyttelton se plek gekom as Minister van Kolonies, met die 31-jarige Winston Churchill as Onder-sekretaris van Kolonies. Ander figure van belang in die ministerie was Lloyd-George, Morley en Herbert Gladstone.[229)]

Die Anti-Sjinese-verkiesingskreet in Engeland - Gevolge:

Sedert sy terugkoms in Engeland in Julie 1905 moes Milner ontwaar hoe die politieke situasie 'n vir hom sinistere voorkoms aanneem. Dit was asof die anti-Sjinese agitasie juis toe met die mees ongekende geeskrif op tou gesit is. Selfs imperialistiese Liberale soos Asquith, Grey en Rosebery het hulle gewig daarby gegooi.[230)] Campbell-Bannerman en sy ministerie het dié geleentheid nie onbenut laat verbyglip nie. Pas na sy bewindsoorname het hy tydens 'n groot vergadering in die Albert Hall aangekondig dat sy regering besluit het om, vir sover uitvoerbaar, 'n onmiddellike einde te maak aan die verskeping van Sjinese werkliede vir die Transvaalse myne. Selborne is in dier voege deur lord Elgin in kennis gestel. Terselfdertyd is Selborne meegedeel dat die Imperiale Regering besluit het dat die werwing, inskeping en invoer van Sjinese werkers gestaak word tot 'n beslissing geneem sal word betreffende die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Transvaal.[231)]

Met hierdie besluit as een van sy hoof-verkiesingskrete het die Campbell-Bannerman-regering die eleksie van Januarie 1906 tegemoetgegaan. Die anti-Sjinese agiterende Britse menigte het die slagspreuk aangegryp en in baie gevalle is dit skaamteloos verdraai om in te pas in hulle veldtog van "Slavery under the British Flag". Die Konserwatiewe Party is verpletterend verslaan en die Liberale Party gelei deur Campbell-Bannerman het uit die stryd getree met 'n groter meerderheid as wat enige regering behaal het sedert die groot Reform Bill in 1832.[232)]

Vir die soveelste keer het 'n Suid-Afrikaanse aangeleentheid van suiwer lokale aard hom deeglik laat geld in die Britse imperiale politiek.

Boere en Gematigde Engelse in S.A. verheug oor Liberale Oorwinning:

In die Afrikanergeledere, en deur hulle Engelssprekende mede-burgers wat al 'n afsku gehad het in die voortdurende bemoeiinge van imperiale regerings (veral in jingo-gedaante soos die pas verslane

Unioniste/..

---

229)De Volkstem 13.12.1905. (231)De Volkstem 23 en 30.12.1905
230)Headlam a.w. pp.558-559. (232)Meyer a.w. p.355.

Unioniste) in Suid-Afrikaanse aangeleenthede, is die Liberale oorwinning met vreugde verwelkom. In die Kaap was o.a. John X. Merriman besonder uitgesproke; hy het hom verheug oor

> "the collapse of this wretched Balfour government that has wrought so much evil to our race generally and to South Africa in particular..."

Maar die teenwoordigheid van manne soos Asquith, Haldane en Grey in die kabinet het hom laat vrees dat

> "the old Imperial leaven with its arrogant medelling is not dead and always behind it stands the sinister figure of the capitalist who regards nations and peoples through the atmosphere of the stock exchange."

Daarom sou hulle maar al hulle vertroue plaas in die

> "pawky common sense of Campbell-Bannerman who at any rate showed more discrimination than the rest at the time of the khaki fever...."

was sy kommentaar aan prof. Goldwin Smith.[233] Lg. en P.A. Molteno (Kaapse Hoë Kommissaris in Londen) het ook hulle hoop op die Britse Eerste Minister geplaas maar veral ook op Elgin wat as seun van die ou lord Elgin en kleinseun van lord Durham, 'n tradisie oorgeërf het van billikheid en toegewingsgesindheid. Miskien sou hy ook, het Molteno gesê, ten opsigte van Suid-Afrika onvoorwaardelik glo aan selfregering "to cure all the ills of that country."[234] Dan was daar die Ondersekretaris van Kolonies, Winston Churchill. W.T. Stead het hom bondig opgesom:

> "very bright, very intelligent and very sympathetic, and .... much more anti-Chinese than he is pro-Boer."[235]

Jan Smuts het nou die geleentheid gekry om sy duel met Milner in Londen te gaan voortsit. Hy sou die eerste Afrikaner wees wat met die nuwe Britse span te doen kry en ondervind dat veral Merriman se kommentaar oor hulle nogal korrek was.

==========

Liberale Regering het geleentheid om hulle Beleid in S.A. toe te pas:

Onder die Chamberlain-Milner-beleid het Suid-Afrika voortdurend verkeer onder die teken van misverstand, soos Transvaal bv. moes ondervind met die ongevraagde Lyttelton-konstitusie wat nou enige oomblik in werking kon tree. Die nuwe Liberale kabinet was egter nie gekompromiteer om hierdie grondwet van krag te laat bly nie, trouens hulle het die hande vry gehad om s i n e i r a e t s t u d i o die voorgestelde wysigings in die konstitusie in oorweging te neem, of die grondwet desnoods

te/...

---

233) Merriman Papers no. 214, 5.12.1905.
234) Ibid. no. 5, Goldwin Smith aan Merriman, 5.1.1906; no.11, Molteno aan Merriman 9.1.1906.
235) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Stead aan Steyn 16.2.'06.

te herroep. Deur aan Transvaal 'n bruikbare en heilsame regeringsvorm te gee kon die Engelse Regering 'n onskatbare weldaad aan Suid-Afrika betoon, te meer daar die reeds geproklameerde grondwet nog maar weinig bewonderaars getel het in die ganse land.[236)]

Smuts neem Geleentheid te baat - Besoek Engeland:

Toe die Konserwatiewe Party, wat sy krag geput het uit die kakie-verowering in Suid-Afrika, verslaan is deur sy eie maaksel in geel Oosterse gewaad, het Jan Smuts die groen lig gesien. Hy het homself herinner aan Kitchener se uitlating drie en 'n half jaar gelede tydens die vredesamesprekinge ten effekte dat 'n Liberale regering selfbestuur aan die gewese Republieke sou gee sodra hulle aan bewind van sake kom.* Selfregering sou vir die bevrediging van sy begeerte na mag baie beteken en aangevuur deur sy bittere weersin in die onpatriotiese magnate-bewind in Transvaal, met wie hy nooit sou kon saamwerk om sy groot drome te verwesenlik nie, het hy besluit om Engeland toe te gaan. Die een gesiene Liberale partylid na die ander - soos Campbell-Bannerman, Elgin, Burns - het in hulle eleksietoesprake verklaar dat verantwoordelike bestuur die enigste oplossing was vir meer as die helfte van Transvaal se griewe, dit sou 'n einde bring aan die verfoeilike Asiate-invoer en dit sou Suid-Afrika red van ekonomiese ontbinding en selfs moontlike dislojaliteit.[237)] En as woorde iets beteken dan het dit vir Smuts en die ander Het Volk-leiers beteken dat die geleentheid nou aangegryp moet word om hulle land te red uit die posisie van konstitusionele onmondigheid waarin die Unioniste en hulle Progressiewe magnate-handlangers dit wou terughou.

Aan pres. Steyn het genl. Smuts 'n tiental dae na die bewindsoorname van die Liberale Party geskryf dat 'n ,kort uitstappie na Europa hom gewens voorkom aangesien sy gesondheid veel agteruitgegaan het!' Met sy terugkoms teen die einde van Februarie 1906 sal hy Steyn gaan besoek.[238)+]

Die Britse pers het allerlei smalende aanmerkinge kwytgeraak oor "Mr. J.C. Smuts .... sometimes known as general

Smuts/...

---

236) De Volkstem 9.12.1905.
237) Ibid. 20.1.1906.
238) Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/3, 14.12.1905.

* Volgens Barlow (Almost in Confidence, p.112) sou Smuts na aanleiding van sy gesprek met Kitchener gesê het: "This accomplished the peace; we went back and the arrangements were definitely concluded and the war came to a close."

+ Toe hy op 6 Januarie in Engeland aankom, het Smuts aan Leyds geskryf dat hy in Londen is hoofsaaklik met die doel om Transvaal se sake met die Engelse Regering te bespreek! (L.A. 254(1) 7.1.1906)

Smuts" se opwagting in Londen. Vir hulle was hy die erkende agent van die ‚Afrikanerbond in Transvaal' en kop in een mus met Hofmeyr in die Kaap en Leyds in Holland.[239]

Watter vooruitsigte het Smuts op sukses gehad? Campbell-Bannerman se kabinet, het ons gesien, het in Asquith, Haldane en Grey 'n sterk imperialistiese element gehad wat oor koloniale aangeleenthede nie so verskil het van, sê maar Chamberlain, nie. Op 'n keer het Haldane bv. aan Milner geskryf: "... I think you of all men realize the one way of salvation for the Empire."[240]*

Gesindheid van Boere 'n Belangrike Faktor - Botha se Beleid oortuig hulle:

'n Belangrike oorweging in Liberale geledere was egter die houding van Boere in die jare na die vrede. En hier was genl. Botha se gedragslyn vir hulle gerusstellend. Onmiddellik na die staking van die vyandelikhede het Botha, bygestaan deur die vredesapostel, Schalk Burger, hulle geroepe geag om die Anglo-Boere-vriendskap te herstel as grondslag vir 'n groter Suid-Afrika. Met die neerlê van hulle wapens vroeg in Junie 1902 het Botha aan sy Wakkerstroom-Vryheid-burgers gesê dat hulle opofferinge verskriklik was dog hulle was nou 'n groot Suid-Afrika beskore.[241] In 'n ope brief het hy en Burger op 31 Mei 1902 die Boerevolk aangeraai om hulle te berus in die vredestraktaat, om hulle vreedsaam en stil te gedra en om die nuwe Regering te gehoorsaam en te respekteer. Hulle moet mekaar die hand reik om die groter stryd voor hulle aan te durf ter wille van die veiligheid en welsyn van hulle Volk in geestelike en maatskaplike sake; alle gevoel van bitterheid moet hulle opsy skuif en leer om te vergeet en te vergeef sodat die diep wonde wat deur die oorlog toegebring is, geheel kan word.[242]

Deur versoening en samewerking as die toetssteen van sy beleid, het Botha te voorskyn gekom as die vernaamste Boereleier in die na-oorlogse jare en met hierdie beleid ook in die politiek het hy nooit troubreuk gepleeg nie. Hy was oortuig

dat/...

---

239) Levi, a.w. pp.79-80.
240) Headlam a.w. pp.262-265: Vgl. Milner-Haldane-Grey-korrespondensie, 24.5.1901; 1.7.1901; 6.7.1901.
241) Engelenburg, a.w. p.87.
242) Pyrah a.w. pp. 138-139: Verwys na telegram van Milner aan Chamberlain (28.6.1902) waarin betrokke brief ingesluit is. (Cd. 1163, p. 157)

* In 'n gesprek op 6 Maart 1906 met Botha, Esselen en Jacob de Villiers het Smuts die interessante feit aan die lig gebring dat Campbell-Bannerman se kabinet nog steeds duidelik verdelings toon en dat hy nooit die teenstrydige elemente in sy ministerie sou opgeneem het nie as hy vooraf wis watter geweldige meerderheid hy by die stembus sou behaal. (Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4: Jacob de Villiers aan Steyn oor gesprek met Smuts, 6.3.1906).

dat Suid-Afrika se hoogste belange gedien kan word deur omgang met die ander volkere van die Empire, en in hierdie gees het hy en Burger lojaliteit aan die nuwe vlag en koning en samewerking met die Britte gepredik met die oog op die weeropbou van die land.[243] Genl. Meyer en selfs genls. De la Rey en De Wet het hierdie siensw yse van Botha gedeel. Smuts was minder hoopvol. Die verdwyning van die twee republikeinse State het hy, weliswaar, aanvaar as 'n noodsaaklike stap in die rigting van nouere staatkundige vereniging dog die wrange vrugte wat die Boervolk moes smaak onder die Milner-regime, het in hom 'n onbuigsame vyandigheid gewek teen die veroweraar in sy kapitalisties imperiale gedaante. Slegs die kalmerende invloed van Botha het hom tot berusting gebring.[244]

Daar is ook nie-versoenende Boere-leiers - Botha-rigting oorwin egter:

Al die Boereleiers, egter, het hulle nie deur Botha en sy leerstelling laat beïnvloed nie. Fischer, maar veral Reitz, Beyers, Steyn en Hertzog het hulle eerder besin in die onreg van die oorlog, die prysgawe van hulle onafhanklikheid deur 'n gedwonge vredesondertekening, die morele behoud van die volk deur die handhawing van sy taal, sedes en gebruike. Nogtans het ook hulle aanvaar dat die gewapende stryd werby is en het hulle hulle geskik onder die nuwe omstandighede. Maar liefde vir die ryk, die Brit se vlag, sy koning, sy taal, het hulle nie gehad nie en ook geen rede gesien waarom hulle dit moes hê nie; in die adorasie van die grootheid van die ryk en die geleentheid wat dit dan aan Suid-Afrika sou bied om in daardie grootheid te deel, het hulle nie meegedoen nie.

Voorlopig sou die Botha-rigting die oorhand kry. In sy vergewensgesindheid was hy inderdaad grootmoedig en eg. Die invloedrykste onder die ander groep,pres. Steyn, was vir die eerste drie jaar na die oorlog weens ernstige liggaamlike ongesteldheid in Europa en by sy terugkoms het hy nog nie sodanig herstel dat hy in die openbare lewe aktiewe leiding kon gee nie.

Onder die besielende leiding van Botha, dan, is baie gevoelens van antipatie geleidelik oorskadu deur die toenemende besef dat almal se heil geleë is eerder in die opbouingswerk wat voorlê as in besinninge oor die terugslae van die verlede. Met verloop van tyd het hy daarin geslaag om die grootste deel van die Boeregemeenskap te oorreed om hom in sy ideaal te steun en toe hy en sy kamerade in Januarie 1905 Het Volk as politieke party in die lewe roep, het

feitlik/..

---

243)Ibid. p.139 (Verwys na Engelenburg a.w.Eng.uitgawe p.103).
244) Ibid. p. 139.

feitlik die hele Transvaalse Boerevolk sy program van lojaliteit en samewerking met die Britte aangeneem.[245)]

Vir die Liberale leiers in Engeland was hierdie gesindheid van die Boere baie gerusstellend en 'n verstandige beleid van hulle kant, het hulle besef, sou veel bydra om die voormalige vyande van die Britse Ryk te konsilieer. Nietemin was oorredingswerk tog nodig. Hierdie taak het die viriele Smuts op hom geneem want dit was deel van sy tweegeveg teen Alfred Milner en ongewapend het hy sy bedrieglike vyand met sy imperialistiese en Radikale aanskyn nie afgedurf nie. In sy sak was 'n memorandum wat hyself opgestel het.

Smuts en die Liberale leiers - Sy metode: Smuts se optrede was deurgaans nie-amptelik en sonder die geskal van pers of openbare vergadering. Die metode wat hy gevolg het, was deur onderhoude te voer met Liberale staatslui oor die kwessie van die spoedige verlening van selfregering aan die vroeëre Republieke. Die eerste vir wie hy genader het, was Churchill en Morley; maar die resultaat van hulle samesprekinge het Smuts geensins met optimisme vervul nie. Churchill het betoog dat dit ongehoord is dat 'n verowerde volk homself regeer; Smuts verwag heeltemal te veel. Die ministerie, het Churchill gesê, kan die Britte in Transvaal nie in die minderheid plaas in 'n selfverkose parlement nie; hulle vrees die Britse publiek as die eerste regering in Transvaal 'n Boere-regering is. Morley, op wie Smuts die sterkste vertrou het omdat hy 'n Liberale filosoof was wat die deugde van vryheid en geregtigheid gepredik het en 'n stoere kampvegter was vir die Boeresaak, het gesê dat hy sou doen wat hy kon, maar hy moes ook sy kollegas en die openbare mening in aanmerking neem. Ook Elgin het hy genader sonder kennelike gevolg. Slegs David Lloyd George het beloof om hom te steun. Hierop is 'n subkomitee saamgestel, bestaande uit Churchill, Lloyd George, Asquith en 'n paar ander om die saak te ondersoek, maar hulle uitspraak was dat die Oktrooibriewe van die Lyttelton-konstitusie onveranderd moet bly.*

Smuts/...

---

245) Ibid. p. 140.

* Aan Leyds het Smuts op 29 Januarie geskryf dat dit vir hom duidelik is dat die leidende Britte nog 'n ingewortelde vrees vir die Boere het. Hyself was bevrees dat 'n Konstitusie aan Transvaal gegee sal word waaronder die mynmagnate 'n permanente oorhand sal verkry. Hy doen intussen sy bes om vooroordeel uit die weg te ruim, die ware feite grondig met leidende persone te bespreek en aan die Liberale pers die sake duidelik te stel. Die "Daily News" en "Tribune" sê hy, het reeds sterk posisie ingeneem aan die kant van die Boere. (L.A. 254(1) 29.1.1906)

Smuts het egter volhard. Hy het sy vertrek terug na Suid-Afrika 'n week uitgestel en op 7 Februarie het hy 'n vertroulike gesprek met die Premier, Campbell-Bannerman self, gevoer. Hy het die Boere se posisie aan hom verduidelik en aangevoer dat hulle graag met die Engelse wil saamwerk. Campbell-Bannerman wou hierop dadelik weet waarom hy, Botha en De la Rey dan nie vir Milner wou ondersteun nie. Smuts kon slegs antwoord dat hulle, in onverkose hoedanigheid, in die Transvaalse Wetgewende Raad wrywing sou meebring aangesien hulle geen verantwoordelike mag gehad het nie behalwe om te kritiseer. Hierna het hy egter sy argumente téén die Lyttelton-konstitusie en ten gunste van 'n grondwet vir verantwoordelike bestuur so kragtig en logies gestel, dat hy die groothartige Campbell-Bannerman wat simpatiek na hom gesit en luister het, van die egtheid van sy standpunt en die noodsaaklikheid van so 'n stap oortuig het. Die Premier het 'n sterk houding aangeneem en die volgende dag 'n kabinetsvergadering byeengeroep. Nou het Smuts geweet dat die toekoms van Suid-Afrika verseker was. Kort en saaklik het Campbell-Bannerman sy kabinet meegedeel dat hy besluit het om die Lyttelton-konstitusie terug te roep, 'n nuwe begin te maak en die Boere as vriende te beskou. Besware en voorwaardes wat Asquith en Churchill nog in die weg wou lê, het sy summierlik opsy gestoot en waar slegs Lloyd George en Burns hom van die staanspoor gesteun het, het hy na 'n oortuigende toespraak van slegs tien minute die hele kabinet tot sy standpunt oorgehaal. Lloyd George noem dit

> "the most dramatic, the most important .... speech ever delivered in our time... It was the most impressive thing I ever saw,"

en een van die kabinetslede is selfs tot trane beweeg. Campbell-Bannerman se buitengewone sterk karakter het geseëvier.

> "Without being brilliant," het Smuts self van hom gesê, "he was the sort of sane personality, large-hearted and honest - on whom people depend. He reminded me of Botha. Such men get things done."246)* +

Smuts/...

---

246) Ibid. p.165; Vgl. ook Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/4, Jacob de Villiers aan Steyn oor Smuts se eie woorde 6.3.1906; Millin: General Smuts pp.213-214; Crafford a.w. p.75.

* In die voorgenoemde gesprek met sy vriende op 6 Maart 1906 (vgl. p.91 voetnoot) het Smuts beweer dat die Liberale ministerie uiters pap is. Hy het die grootste moeite gehad om hulle so ver te kry om die Oktrooibriewe van Lyttelton te herroep. Die enigste man wat iets beteken, is Campbell-Bannerman.

\+ Met Leyds het Smuts ook samesprekinge gevoer, waaroor e.g. soos volg skryf: „Ik ben op 7 Februarie naar Londen vertrokken en heb daar incognito tot den 11den vertoefd. In die dagen heeft Smuts dagelijks met mij geconfereerd, waarvoor hij bij mij in mijn hotel kwam. (L.A. 254(2) 6.2.1906).

Smuts se Memorandum aan Koloniale Kantoor: Aan die Koloniale Kantoor het Smuts sy "Memorandum of Points in Reference to the Transvaal Constitution" oorhandig.+ Dit is 'n meesterlike dokument waarin hy in 'n twee en twintigtal punte onverbiddelik wys op sy een verklaarde doel: om die saak vir selfregering te stel. Die sterk aanhef gryp al dadelik aan:

> "What South Africa needs above all things after the storm and upheavals of the past is tranquillity. But that can only be secured by the removal of all just grounds of discontent and the unreserved application of Liberal principles to the government of the new Colonies, by showing a statesmanlike trust in the people of the land, of whatever race, and granting them a fair and equitable constitution under which they can work out their own salvation."247)

Elke punt in die redenering, sê Pyrah, openbaar in konsepsie sowel as in aanbieding, die hand van 'n meester, en die geheel is briljant saamgestel sodat dit 'n indruk sou maak op die Liberale gedagterigting van die dag. Dit toon trouens dat Smuts 'n diepe insig gehad het in die wese van die manne - veral van Campbell-Bannerman - met wie hy te doen sou hê. Hy het ook bewys dat hy 'n heldere begrip gehad het van die heersende politieke en sosiale teorieë wat die Liberale van plan was om toe te pas rakende huishoudelike aangeleenthede.

In die eerste plek het Smuts die probleem uit morele oogpunt genader deur die altruïstiese Liberale te wys op die edelheid van staatsmanskap wat gebaseer is op 'n vrymoedige beleid van vertroue in die Boere wat die Vredesbepalings in gees en letter sal nakom. Die Boere aanvaar voldonge feite maar wil graag ook deel hê aan die behartiging van die belange van die land. Die Liberale Regering sal vrede en tevredenheid in Suid-Afrika verseker deur 'n beleid toe te pas wat gebaseer is op gelyke regte aan almal en beide rasse die geleentheid te gee om hulle eie nasionale ideale en lot na te streef.

Vir die Liberale ore het dít baie welluidend geklink!

Tweedens wys hy hulle daarop dat die waarborg vir die Britse verband met Suid-Afrika in hulle eie beginsel geleë is, nl. nie in leërs of in die windmakerige lojaliteit van myneienaars nie, "but in the trust and goodwill of the people of South Africa as a whole."

Vervolgens voer Smuts aan dat slegs deur volle selfregering die wetlike regte van die hele bevolking verseker kan wees. Enige regeringsvorm mínder as dit, sal alleen die myngroepe bevoordeel. En hier het Smuts op subtiele wyse

weggebreek/...

+ Vgl.: Bylaag A.
247)L.A. 259(2) R. 82/1906.

weggebreek van die gedurige getrommel op die rassetamboer waaraan die Britse staatslui van albei partye so gewoond geword het tydens die jare van Milner se veelvuldige "dispatches". Hy het die aangeleentheid na die sosiale vlak verskuif en aangetoon dat die stryd in Suid-Afrika tans nie woed tussen Afrikaner en Brit nie, dog tussen die myneienaars en die orige seksies van die gemeenskap. Die dominerende kenmerk van die politiek in Transvaal is die sug van die mynmagnate na politieke oorheersing.

Hierna anatomiseer Smuts die Lyttelton-konstitusie met 'n skerp ontleedmes, sodat die besware van die Transvaalse volk daarteen duidelik geopenbaar word: die "one vote one value"-beginsel, stemregkwalifikasies, kiesafdelings met een lid in plaas van proporsionele verteenwoordiging, die vernederende posisie van die Hollandse taal in die Wetgewende Vergadering, die magte van die Goewerneur en Luitenant-goewerneur en die beheer van die genomineerde Interkoloniale Raad oor spoorwegaangeleenthede - alles het hy duidelik uiteengesit en aangevoer dat die Boere eerder in die Kroonkolonie-bestuur sal berus as om toe te sien dat die mynmagnate die bewind permanent verower onder die Lyttelton-konstitusie. Alleen Verantwoordelike regering sal rus aan die land bring; die Lyttelton-grondwet "will simply add a new and most potent source of discord and agitation."

Ten slotte is dit die wens van Transvaal dat volle self-regering ewe-eens ook aan die Oranjerivierkolonie toegeken moet word.

Smuts het reeds Federasie in die oog: Met dit alles het Smuts een groot doel voor oë: die staatkundige eenwording van die hele Suid-Afrika. Selfregering aan die twee nuwe Kolonies, sê hy, sou meebring dat Federasie (of Unifikasie) binne vyf jaar voltrek sal wees. 'n Myneienaarsregering sou nie graag sy houvas op Transvaal wil prysgee ten gunste van federasie nie. Nog minder sal die Vrystaat of die Kaap federasie verwelkom as hulle weet dat die sterkste van die State in die groep, nl. Transvaal, oorgelewer is aan 'n selfsugtige beleid van myneienaars.

So het Smuts op behendige wyse aangetoon dat die grootste Suid-Afrikaanse aangeleentheid - staatkundige eenheid, wat sedert Goewerneur Grey se dae nog steeds in die kader van elke staatsman van naam was - betrokke is in die vraagstuk van 'n konstitusie aan Transvaal.

Progressiewe Party Vertoon Swak teen Smuts: Die Progressiewe Party in Transvaal het ook 'n verklaring aan die Imperiale Regering uitgereik dog dat hulle nie

iemand/...

iemand gehad het om Smuts se skerp intellek en magtige pen te ewenaar nie, was duidelik. Hulle dokument, opgestel deur Drummond Chaplin, was deurgans onrealisties, die argumente swak en die aanbieding lomp; teenoor die vaardige analise van Jan Smuts het dit soos 'n bespotlike naïwiteit vertoon.[248]

Campbell-Bannerman baie Verstandig - Vatbaar vir Oortuiging:

Ons moet toegee dat Smuts gelukkig was om op hierdie stadium te doen te gehad het met 'n man soos Campbell-Bannerman wat slegs deur hoë motiewe oortuig kon word. Toe hy sy kabinet oorgehaal het om hom te steun in sy voorneme om aan Transvaal selfregering te gee, het hy 'n beroep gedoen op die hoogste beginsels en 'n voorbeeld gestel van grootmoedigheid. Smuts se oorredingskrag en Campbell-Bannerman se onkreukbare karakter het hier dus die deurslag gegee.*

Lyttelton-konstitusie herroep - selfregering so gou moontlik:

Die onmiddellike gevolg van Smuts se werk in Londen was die Imperiale premier se beslissing op 13 Februarie 1906 dat die Lyttelton-konstitusie herroep word en dat 'n Kommissie na Transvaal uitgestuur sal word om vooraf inligting in te win vir die opstel van 'n nuwe grondwet. In die troonrede met die opening van die nuwe Britse parlement op 19 Februarie is aangekondig dat selfregering so spoedig moontlik aan Transvaal sowel as die Oranjerivierkolonie toegeken sal word.

Smuts het afgestuur op 'n onmiskenbare oorwinning oor Milner.

---

248) Pyrah, a.w. pp. 165-171, 173-174.

* Op 'n vergadering te Calvinia op 29 September 1919 het Smuts self oor sy besoek aan Engeland die volgende gesê: „In Londen het ek die Engelse Ministers ontmoet en ek onthou nog hoe ek een dag deur sir Henry Campbell-Bannerman gevra is of 'n Boereregering aan bewind van sake sou kom as selfregering sou toegestaan word aan Transvaal en Vrystaat. Ek moes toe erken dat 'n Boereregering tog aan bewind van sake sou kom. ‚Maar,' sê ek, ‚die kwessie van die Britse vlag is afgehandel. Julle kan ons vertrou. Die tekening van die Vrede van Vereeniging was finaal, en as manne van eer sal die leiers van die volk hul aan die verdrag hou. En nie alleen die leiers nie, maar ook die Boere self sal die verdrag en sodoende hulle „eer" handhaaf en by hul woord staan. Daar sal 'n Boereregering aan die hoof van sake kom, maar hulle sal nie die kwessie van 'n republiek of die Britse vlag aanroer nie. Hul sal hul hou aan die verdrag van Vereeniging.'"

(Aangehaal by Oost: „Wie is die Skuldiges?" p.34)

==========

H O O F S T U K 2.

DIE EERSTE VERKIESING NA DIE OORLOG (VOORSPEL, BELANGRIKHEID, AFLOOP) EN DIE BETEKENIS VAN DIE INWERKTREDING VAN SELFREGERING IN TRANSVAAL.

„We gaan in dit land uit de gematigde partij van Boer en Brit één nasie vormen die sterk genoeg zal wezen om alle kleinigheden en vooroordelen nek om te draaien. Op dat beginsel zullen we voortgaan. En nu hebben we een Regering in 't land over de zee die ons doet vertrouwen, dat eens recht gedaan zal worden aan ons land."[1)]

Genl. Louis Botha.

Die troonrede in die Britse Laerhuis waarin aangekondig is dat selfregering aan Transvaal toevertrou gaan word, is deur die groot meerderheid van die inwoners van Suid-Afrika verwelkom as 'n koninklike versekering dat die nuwe Liberale Regering niks anders beoog nie as regverdigheid en geen handeling wil gedoog wat nie padlangs is nie. Daarom is die Milner-geïnspireerde Lyttelton-konstitusie herroep, wat daarop neergekom het dat hierdie ongevraagde staatstuk dood in die wêreld aangekom het en nou vir die vergetelheid bestel was. Transvaal het dié regeringsinstrument net met 'n nerf ontkom en tans was dit ook net die kapitaliste en hulle Goudstadse magnate-pers wat lang trane gepleng het omdat „Jannie (soos Botha aan Steyn geskryf het) .... veel bygedra (het) om die Hooggenheimer-konstitusie in die snippermand te werp."[2)]*

Smuts se Eerste groot Openbare Redevoering na sy Terugkoms van Engeland:

Maar „Jannie" het na sy terugkoms uit Engeland in 'n belangrike toespraak op 23 Maart in Pretoria almal duidelik laat verstaan dat hy niks in Londen namens die Boere gevra het wat hy nie ook namens die Engelse bevolking gevra het nie. Hy het sy toehoorders daaraan herinner dat hy reeds elf jaar gelede te Kimberley sy eerste openbare redevoering gewy het aan die kwessie van samewerkin Ten spyte van alles wat intussen gebeur het, streef hy nog

daarna/.....

---

1) De Volkstem, 24.2.1906.
2) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Botha aan Steyn, 22.2.1906.

* In die House of Lords het Milner 'n bittere aanval op die Liberale Regering se Suid-Afrikaanse beleid gemaak. Elgin het sy uitlatings betreur en Reid het verklaar dat Engeland vele foute in Suid-Afrika begaan het maar die grootste was „Milnerisme". (Ons Land, 1.3.1906.)

daarna. „Ik ken geen scheiding meer tussen Boer en Brit." Maar deurdat die „Mijnparty" alle politieke mag wil monopoliseer en landsbelange ondergeskik maak aan die aandelemark, is dit hulle wat skeiding wil bring en teenoor die res van die bevolking staan. Die verlede het getoon wie hierdie party is: dit is hulle wat op 1 Januarie 1896 al met die Jameson-inval die ultimatum gegee het vir die oorlog drie jaar later. Intussen het hulle deur agitasies, petisies en tomtoms die bevolking opgesweep tot oorlog. Milner het aan hierdie party sy oor geleen en vandag verkeer die land in die grootste ellende. Te midde hiervan het die Boerebevolking hulle tog weergaloos waardig, edelmoedig en respekterend gedra. Die mynmagnate durf nie beweer dat die Boere hulle beroep op inmenging van die Engelse regering in Transvaal nie. Die Boere het hulle bloed geoffer téén imperiale inmenging; die magnate het imperiale inmenging hierheen uitgenooi en moet die gevolge daaronder ly. Deur die kiesstelsel te wil baseer op die ‚een-stem-een-waarde'-beginsel wil die Magnate die politieke mag permanent in hulle hande plaas. Maar, sê Smuts, pres. Kruger het altyd gesê, daar is mense wat sê: „Laat mij jou ophangen dan zal ik je een mooie begrafnis geven." Dit is ook die beleid van die Progressiewe Party: met die ‚een-stem-een-waarde'-basis sal die land n mooi begrafnis kry.
Ten slotte voer hy aan dat die hele landsbestuur in orde gebring moet word. Die land kan sy huidige gewig nie dra nie; die bevolking is te klein vir die groot amptenaredom van wie baie onbevoeg is. Van die ou republikeinse en tans werklose amptenare sal vir die land van groot diens kan wees. Die landelike bevolking moet deur die regering gehelp word want die landbou is die ruggraat van die land.[3)]

Saam met Botha sou Smuts van nou af aktief aan die werk spring om alle haakplekke in die organisasie van Het Volk uit te stryk. Botha was uitgerus en vol moed want onderwyl sy vriend in Engeland geswoeg het om sy eerlike doelstellinge aan die verstand van die koppige Liberale leiers te probeer bring, het hy sy familie uit die Vrystaat, Natal en Transvaal gedurende Kersfees en Nuwejaar op sy plaas onthaal. „Paardrij, schaap ribbetjes braai, stampmielies was de order van den dag," skryf hy aan Steyn, „en ik ben spekvet en gezond, nu weer aan het lollen in Pretoria." Hy deel ook in die algemene vreugde „dat de conservatieven duchtig op hulle kop krijgen." Dat die magnate in Johannesburg juis hulle hoop gevestig het op dié

verslane/.....

3) De Volkstem, 24.3.1906; Levi, a.w. pp.81-82.

verslane party is duidelik want die "ou klomp huil wonderlijk sterk .... over Balfour."[4] Nogtans was Botha in hart en niere eerder boer as politikus. Dit is juis ná hierdie verblyf van hom enkele weke op sy plaas dat hy aan Steyn vertel hoe „mijn hart brandt" om Pretoria te verlaat sodat hy sy aandag aan sy „succesvolle boerderij" kon wy.*

Drie dinge moes Botha egter laat besluit het om sy volle gewig in te gooi by die politieke Het Volk-organisasie:

(i) die hoopvolle verwagtinge wat hulle kon koester na Smuts se enigsins geslaagde onderhandeling met die nuwe Imperiale Regering;

(ii) die entoesiasme en ywer waarmee Smuts die saak van Het Volk teen die magnate-bewind gepropageer het na sy terugkoms uit Engeland en

(iii) die skielike organisasie en politieke bedrywigheid van die Progressiewe Partyleiers toe hulle verneem dat die Hoggenheimer-konstitusie teruggeroep gaan word en dat hulle, tensy hulle aan die werk spring, gevaar loop om die politieke mag te ontbeer.

Teenoor Leyds kla Botha juis in hierdie tyd dat dit op politieke gebied nie so goed gaan nie:

> „die Handsuppery gaat nu weer erg voort, de Kapitalisten is bepaald daarop uit om geld op groot maat te spandeeren, want zy wil de eerste electie winnen."

Gelukkig, sê hy het hulle tot dusver nog net „die klas van ons menschen" kon omkoop „die wy gaarne kunnen missen."[5]

Samesprekinge tussen Het Volk, Progressive en Responsible Partye:

Vir die leiers van Het Volk het dus nog 'n groot taak voorgelê om die Boerevolk te oortuig van die erns en eerlikheid van hulle boodskap vir Transvaal in besonder en vir Suid-Afrika in die algemeen. Teenoor die Progressiew Party moes hulle 'n onverbiddelike standpunt inneem, want pas nadat dit bekend geword het dat die Lyttelton-konstitusie herroep gaan word en 'n nuwe grondwet opgestel gaan word met die oog op selfregering, het sir George Farrar, die leier van hierdie party, versoek dat samesprekinge moet plaasvind tussen die voormanne van die belangrikste politieke organisasies, met die oog op 'n beter verstandhouding ter wille van die landsbelang. 'n Voorgestelde ontmoeting van die Transvaalse en Vrystaatse Boereleiers moes vir hierdie doel uitgestel word.[6] Leiers van al drie partye het eers in Botha se huis en drie dae later op Farrar se plaas byeengekom

Die/.....

---

4) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 15.1.1906.
5) L.A.262(2), 19.2.1906.
6) Fischer-vers. Ink. Briewe, Botha aan Fischer, 28.2.1906.

* Vide supra, p.18 (Hoofstuk 1).

Die Het Volk-verteenwoordigers (Botha, Smuts en Esselen) het van die staanspoor nie veel van die onderhandeling verwag[7] nie want dit het gou duidelik geword dat die Randse voorbokke daarmee net een doel voor oë gehad het: om Het Volk met sy getalsterkere ledetal te oorreed om af te sien van sy beginsel dat die bevolking as basis geneem moet word vir die kiesstelsel en die kiesers as basis ("one vote one value") te aanvaar. In die praktyk sou dit daarop neerkom dat aan 'n bevolkingsminderheid 'n meerderheid in die Parlement gegee word en so sienderoë sou die wakkere Boereleiers hulle nie om die bos laat lei nie. Die vorige jaar was hulle bereid om ter wille van hulle konsiliasiebeleid en ooreenkoms met die Responsible Party een en ander prys te gee rakende die onderwys. Wat stemreg betref, het hulle pal gestaan en die Progressiewes is met leë hande huis toe.[8] Hulle was teleurgesteld en meer verbitterd en wantrouig teenoor die Boere as ooit tevore. Vir hulle was daar net twee partye in die land: die Progressiewe en die Boere; daar is geen middeweg of plek vir gematigdes nie. Hulle kan verstaan dat afbakening in Engeland volgens die bevolkingsbasis geskied aangesien die volk daar vrywel eensoortig is; dog om dit in Transvaal ook toe te pas waar jy die Boer kry met sy groot gesin in die uitgestrekte distrikte - "the ignorant country vote"! - teenoor die nuwe inkomelinge in die stede - die „brein en werkkrag van die volk"! - was vir die Progressiewe 'n bitter pil.[9]

Die aankondiging van die Imperiale owerheid dat 'n Kommissie uitgestuur sal word om informasie in te win vir die nuwe konstitusie, het die partyorganiseerders aan die werk laat spring ten einde voorbereid te wees as hulle die Kommissie te woord moet staan.

Voorbereidings vir Ontvangs van Koninklike Kommissie - Die Progressiewe Party: Die Progressiewe se eerste stap was om, soos Botha dit aan Steyn gestel het, 'n „monster-petisie op te trek ten faveure van een-stem-een-waarde," en as dit gaan erken word, hoop hy die Vrystaat en Transvaal sal gesamentlik optree „teen beginsels wat op ons geforseer word."[10] Die ganse Engelse pers het die Progressiewe in hulle agitasie gesteun en dit nou die "Equal Rights"-veldtog genoem waarin

hierdie/.....

7) Ibid.
8) Steyn-vers. Ink. Briewe, Jaap de Villiers aan Steyn, 6.3.1906; Spoelstra, a.w. p.43; Die Volkstem, 17.3.1906.
9) De Volkstem, 31.1.1906.
10) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 22.2.1906; Ons Land, 27.2.1906.

hierdie beginsel tesame met dié van een lid per kiesafdeling en die outomatiese herindeling van setels deur resolusies selfs van die yl-verspreide Progressiewe ondersteuners op die platteland, verdedig is en aan die Luitenant-goewerneur gestuur is ter insae aan die koninklike Kommissie.[11)]

Vroeg in Maart 1906 is 'n kolossale deputasie wat 37 openbare liggame, elke moontlike besigheid of nywerheid of vereniging in Johannesburg sou verteenwoordig het, deur die burgemeester aan Selborne voorgestel. Aan Elgin het Selborne na aanleiding van die deputasie berig dat 'n groot onsekerheid heers oor die toekoms van Transvaal, die kapitaal krimp, besighede staan stil, arbeid is onvoldoende en werkloosheid neem toe - en dit alles weens die vrees dat 'n verandering in die bestaande konstitusie vérreikende gevolge gaan hê. Hy vra die Minister vir Kolonies dus om "the most careful consideration," en stuur terselfdertyd 'n lywige petisie van 41,047 naamtekeningewat deur die "Equal Rights Petition Committee" verkry is as 'n bewys van die teenkanting téén die bevolkingsbasis en vír die "one vote one value"-beginsel by afbakening.[12)]

Die Kamer van Mynwese het dus in sy politieke gewaad sy middel en sy doelstelling openbaar gemaak. Partypolitiek in die Europese sin van die woord was dit nie, maar veeleer die metodes van reusagtige trusts wat sedert Jameson se fiasko aangedryf is deur onbegrensde ambisie en weergalose metodes met die oog op geldsukses. Hulle verlede is gekenmerk deur die skepping van enorme monopolies en geldkombinasies waarin die welvaart van die volk niks meer was as dobbelstene nie. Arbeid en nogmaals arbeid is sy trap om hoër te klim en magtiger te word en so eksploiteer hy die nasionale welvaart terwyl die gewone man hom moet krom onder die juk van sy kapitalistiese honger. Die mark beheer hy namate die goudopbrengs vermeerder of verlaag. Dit alles kry hy reg omdat hy verhinder dat die politieke mag in die hande van die volk kom en die bestaande konstitusie hom vrywaar om verantwoording te doen aan die kiesers.[13)] Slegs die aankondiging dat sy konstitusionele instrument hom ontneem gaan word, was genoeg rede om Johannesburg om te skep in 'n memoriefabriek vir vervaardiging van petisies ter verdediging van die ‚een-stem-een-waarde'-beginsel waarvan

hulle/.....

---

11) Luit.-Goew. 144, 127/195, Feb. 1906.
12) Ibid. Selborne aan Elgin, 5.3.1906.
13) De Volkstem, 17.4.1906.

hulle eensydige magsposisie afhanklik is. Sedert die vrede het hierdie groep hulle sin gekry in elke opsig: die goud- en dinamietbesigheid is in hulle mag; deur hulle posisie in die Interkoloniale Raad is spoorwegkontrakte aan hulle gegee onder die gunstigste voorwaardes; ook in die Johannesburgse Waterraad, - 'n skema waarvan die hele gebied en byna al die myne afhanklik is - het hierdie koterie hulle ingegrawe.
Geen wonder dus nie dat hulle sterk teenstand gebied het teen 'n verandering van regeringsvorm wat hulle van baie van hierdie bevoorregte posisies sou beroof.[14)]

Slegs 'n dag of drie na die aankoms van die koninklike kommissie in Suid-Afrika, t.w. op 27 April 1906, het die Transvaal Progressive Association sy Jaarvergadering gehou. Die gesindheid waarmee hierdie politieke party sy standpunt aan bg. Kommissie sou voorlê, spreek alte duidelik uit die Doel wat die Progressiewe leier sy party ten taak gestel het: die Progressiewe doel, het hy gesê, was om alle Britse partye te verenig; sake soos onderwys, arbeid, invoerregte, immigrasie, landbou, ens. kan wel uiteenlopende menings meebring, dog daar moet saamgewerk word ten einde 'n Britse administrasie in Transvaal te vestig op Britse beginsels deur Britse amptenare en volgens Britse instellinge; die beheer van dit alles moet aan niemand anders toevertrou word nie as alleen aan beslis Britse volksverteenwoordigers, het hy onder toejuiging gesê. Die grondwet wat hulle verlang is een wat die beginsel van 'een-stem-een-waarde' eerbiedig. Die sterk eenheid wat die Afrikaners vorm, moet vir die Britte as spoorslag dien om hulle in die Progressiewe Party te verenig. Die kieserslyste is aangevul om aan Johannesburg 'n behoorlike aandeel in die landsregering te verseker. Met hierdie doel voor oë is 'n verklaring opgestel om aan die Koninklike Kommissie voor te lê waarin vriendelik aangedring word dat die beginsels van die Lyttelton-konstitusie behoue moet bly in die nuwe grondwet.

Daarna het die leiers die Manifes van die Progressiewe Vereniging uitgereik waar in 17 klousules hulle program uiteengesit word ten opsigte van immigrasie, spoorwegbou, die naturelle en Asiate, landbou, onderwys, nywerhede, ens; dog veral prominent was die verpligtinge ten opsigte van die Ryk, die Britse vlag, Sjinese-arbeid en aanverwante sake. Selfs moes elke Britse soldaat toegelaat word om sy stem

uit/.....

14) Ibid. 24.2.1906.

uit te bring sodat hierdie beginsels beveilig en die program uitgevoer kon word.

Rassekonsiliasie en die bevordering daarvan het opvallend ontbreek tydens die verrigtinge; trouens die sg. skrikbeeld van Boere-oorheersing is voorgehou, die Boer wil die Engelsman verdring en die Engelse moet saamstaan om te veg teen die oplewing van 'n erger vorm van Krugerisme in die gedaante van Het Volk wat dan op so 'n buffelagtige wyse sou heul met die Transvaalse Britte van die Arbeidersparty. Vir die Responsible Party het hulle geen goeie woord nie.[15)]

Op hierdie noot sou die Progressiewe leiers hulle onderhandelinge voer met die Koninklike Kommissie.

Voorbereidings van Het Volk vir Samesprekings met die Konstitusiekommissie.

Die Volksparty se leiers het aangedring op 'n suiwer demokratiese verteenwoordiging volgens die bevolkingsbasis omdat hulle oortuig was dat enige ander soort van verteenwoordiging onder die bestaande omstandighede en met die voorgeskrewe stemregkwalifikasies noodwendig alle politieke mag in die hande van slegs een enkele partygroep sal plaas - 'n partygroep wat die kapitaalbelange verteenwoordig en ter wille van sy persoonlike belang in die geldtrusts, monopolie oor verskillende openbare stelsels en sy seggenskap in die regering van die land, die maatskaplike orde versteur deur die grootskaalse invoer van ongeskoolde Sjinese-arbeiders.[16)] Botha het nie geskroom nie om 'n deeglike skrobbering te rig aan die adres van die "Equal Rights Petition Committee":

> „One cannot ... forget the melancholy fact that one petition, got up in the same benevolent manner (Daar was nl. sterk bedenkinge oor die egtheid van duisende naamtekeninge in die petisie wat aan Selborne gestuur is - Skr.) led to the war and its irremediable ruin; a second similar petition led to the scarcely less disastrous introduction of Chinese labour into this country; and one wonders what further calamities to the Transvaal are forboded by your present effort...."[17)]

Die samestelling, verspreidheid en omstandighede van die Transvaalse bevolking in na-oorlogse jare was oorwegings van deurslaggewende belang by die afbakening van kiesafdelings. Die gevestigde blanke bevolking het hoofsaaklik op die platteland gewoon. Baie van die jong burgers wat pas meerderjarig geword het, moes egter die stemreg ontbeer omdat hulle weens die moeilike na-oorlogse omstandighede

nie/.....

15) Ibid. 2.5.1906; Engelenburg-vers. Band 2: Politieke Jake, 30.5.1905.
16) De Volkstem, 17.2.1906.
17) Unit.-Goew. 144, 127/195, 28.3.1906.

nie selfversorgend was nie maar nog onder die ouerlike dak verkeer het - sonder eie inkomste. In die dorpe en stede weer is die familielewe vanweë die hoë lewensduurte grootliks ontwrig sodat daar 'n groot alleenloper-element is - insluitende 'n sterk militêre element - en hulle is stemgeregtig. Die stemgeregtigdes in die groot dorpe en stede was dus in 'n volstrekte meerderheid ten opsigte van die buitedistrikte.

In ronde syfers geneem, het Transvaal in 1906 'n sieletal van 300,000 gehad van wie 90,000 stemgeregtig was. In alle waarskynlikheid sou die nuwe grondwet voorsiening maak vir 'n Wetgewende Vergadering van ongeveer 60 lede.

Volgens 'n bevolkingsbasis sou die verhouding tussen die Witwatersrand en die res van Transvaal in die Vergadering soos volg daar uitsien:

	Inwoners	Lede
Witwatersrand:	122,000	25
Res van Tvl. :	175,000	35
	297,000	60

Volgens die basis van stemgeregtigdes - d.i. die 'een-stem-een-waarde'-beginsel - sou die verhouding aldus wees:

	Stemgeregtigdes	Lede
Witwatersrand:	47,000	31
Res van Tvl. :	43,000	29
	90,000	60

Die leiers van Het Volk het besef wat op die spel is. 'n Oorgrote meerderheid van die Randse stemgeregtigdes was direk of indirek verbonde aan die mynindustrie en met verdeling van die kiesafdelings volgens die kiesersbasis sou die anti-Sjinese stemgeregtigdes wat aan die minderheid is ongetwyfeld totaal oorskadu word deur die ander. Die Rand sou met sy 47,000 stemgeregtigdes 'n groot aantal pro-Sjinese na die parlement afvaardig. Van belang was egter dat dit die oorgrote meerderheid van die gevestigde blanke inwoners was wat die Sjinese as 'n ekonomiese en maatskaplike gevaar beskou het en die Volksparty het volgehou dat dit 'n vraagstuk is waaroor die blanke bewoners behoort te beslis - nie die meerderheid van 'n tydelike, ongevestigde, vlottende mynbevolking nie. Is dit die geval, kan die Elgin-dépêche teen Sjinese-invoer onmiddellik maar herroep en aan die invoer vrye teuels gegee word. Dit is 'n ernstige saak wat die toekoms van blank Suid-Afrika raak. Die federasie van die Suid-Afrikaanse Kolonies is op almal se lippe dog geeneen van die ander state sou iets met Transvaal te doen wou hê terwyl sy maatskaplike rus versteur word deur

en/.....

en sy ekonomiese toekoms afhanklik is van Oosterse arbeiders.[18]

Met hierdie omstandighede in gedagte, het die Boereleiers besluit om definitiewe voorstelle gereed te hê wanneer hulle met die Konstitusie-kommissie sou moet beraadslaag. Die volgende berekenings is gemaak:[19] 'n Wetgewende Vergadering van 60 lede bereken op:

(1) Manne-kiesreg (d.i. mans bo 21 jaar - "manhood suffrage"):

Witwatersrand:	43,145	
Pretoria :	7,559	
Res van Tvl. :	40,683	
Totaal :	91,387	
Kwota per verteenwoordiger:	$\frac{91,387}{60}$	= 1,523 kiesers
(i) Witwatersrand:	$\frac{43,145}{1,523}$	= 28.3 lede
(ii) Pretoria :	$\frac{7,559}{1,523}$	= 4.9 lede
(iii) Res van Tvl. :	$\frac{40,683}{1,523}$	= 26.9 lede
Totaal :		60.1 lede

(2) Bereken volgens die bevolkingsbasis:

Witwatersrand:	119,472	
Pretoria :	22,481	
Res van Tvl. :	146,636	
Totaal :	288,589	
Kwota per verteenwoordiger:	$\frac{288,589}{60}$	= 4,809 inwoners.
(i) Witwatersrand:	$\frac{119,472}{4,809}$	= 24.8 lede
(ii) Pretoria :	$\frac{22,481}{4,809}$	= 4.7 lede
(iii) Res van Tvl. :	$\frac{146,636}{4,809}$	= 30.4 lede
Totaal :		59.9 lede

(3) Bereken volgens die basis van blanke mans en vroue bo 21 jaar:

Witwatersrand:	67,934	
Pretoria :	12,456	
Res van Tvl. :	68,511	
Totaal :	148,901	
Kwota per verteenwoordiger:	$\frac{148,901}{60}$	= 2,481 mans en vroue bo 21 jaar.

(i)/.....

18) De Volkstem, 17.2.1906
19) L.A. 262(2) Botha aan Leyds, 2.6.1906.

(i) Witwatersrand: $\frac{67,934}{2,481}$ = 27.0 lede

(ii) Pretoria : $\frac{12,456}{2,481}$ = 5 lede

(iii) Res van Tvl. : $\frac{68,511}{2,481}$ = 27.9 lede

Totaal : 59.9 lede. *

Dit is dus duidelik waarom die leiers van Het Volk die bevolking as basis vir die afbakening sou voorstel. Die ‚een-stem-een-waarde'-beginsel sou, volgens hulle, 'n onbillike bevoorregting teweegbring van die grotendeels c e l i b a t a i r e mynbevolking bo die grotendeels gehude buitebevolking wat met die verantwoordelikheid van gesinslewe belas was.[20] In hierdie standpunt het die Volksparty ook in hoofsaak die steun geniet van die "Pretoria Political Association" en die Arbeidersparty. Lg. veral het lede gehad wat ook aan Het Volk behoort het aangesien baie deur die gevolge van die oorlog en die Milner-bewind feitlik tot die stand van die arbeider gebring is. Net soos Het Volk het ook die Arbeidersparty in opstand gekom teen oorheersing van die Progressiewe Party, sy geldmag en die invoer van Sjinese.[21] +

Gees van Koöperasie tussen Boer en Brit word aangemoedig: Genl. Botha en Smuts het hierdie tekens van samewerking besonder verwelkom. Die Koninklike Kommissie is reeds op 21 Maart deur die Imperiale Regering aangestel en was op pad na Suid-Afrika. Daarom het die Boereleiers alles in die stryd gewerp om volgelinge te wen vir hulle beginsels. Geslaagde vergaderings is op Germiston, Vrededorp, Pretoria, Klerksdorp, Potchefstroom, Silkaatsnek en ander plekke deur Botha en Smuts gehou terwyl die orige Hoofkomiteelede die res van Transvaal besoek het. Die vriendskap van die Arbeidersparty het hulle hoog geag en sy volgelinge aangeraai om te organiseer en nie slegs die stert van 'n ander party te wees nie. Van die Britse Regering verwag hulle niks meer nie as slegs regverdigheid. Dan sal die

rassekwessie/.....

---

20) De Volkstem, 3.3.1906.
21) Luit.-Goew. 144, 127/195, 21.3.1906; Spoelstra a.w. pp.44-45; De Volkstem, 4.4.1906; 11.4.1906; 18.4.1906.

* In 'n toespraak aan die Vrouefederasie het Botha verklaar dat hy ten gunste is van stemreg aan vroue (De Volkstem, 14.5.1906).

\+ Met Creswell, 'n leier onder die Arbeiders, het hulle goed oor die weg gekom. "Creswell is a most sterling chap with whom I would venture through fire and water," skryf Smuts aan Merriman, "...we shall do our best to put him in Parliament." Creswell self het die Boereleiers nie aldag vertrou wat hulle lojaliteit teenoor die nuwe vlag betref nie. "...But the future must teach him that we are more essentially trustworthy on that score than his own compatriots." (Merriman Papers, no. 121, 5.5.1906.

rassekwessie verdwyn, daar sal samewerking wees en „een volk van Engelsman en Boer tesame dat een sieraad zal worden voor de Britse macht," het Botha onder toejuiging te Germiston gesê. Almal, het Smuts gesê, Jood of Griek, Boer of Engelsman moet saamstaan om te verhinder dat die kapitaliste, - wat nou 'n kunsmatige depressie wil veroorsaak om die Imperiale Regering af te skrik van sy voorneme om konstitusionele veranderings in Transvaal aan te bring, - weer die bewind verower. Die Responsible Party, sê hy, steun Het Volk nog te halfhartig; hulle moet aangemoedig word om meer aktief te help ,sodat die Engelsman nie meer die koei aan die stert beet het en die Boer die horings nie onderwyl hulle toelaat dat die mynkonings maar melk.' Die Boer en die Engelsman moet 'n geloofsartikel kry waarvolgens hulle kan saamwerk op allerlei terreine. Die beginsels wat Het Volk handhaaf, is ter wille van Transvaal en nie gemik teen die Engelssprekendes nie. Die ernstige duisternis is verby, die daeraad breek, al kan die son nog nie gesien word nie. Die Sjinese moet die land uit want dis geen vryheid onder die Britse vlag as jy jou moet wapen teen 'n kleur- en rassegevaar nie.[22)]

Die politieke mag kan nie langer in die hande van een seksie bly nie, het Smuts in Pretoria (Gezina) aangevoer; die Boer en Engelsman moet dit saam deel om 'n toestand van blywende vrede te verseker. Die kwessies tussen groot dorp en buitedistrik is deur die Progressiewe verhef tot 'n strydvraag wat nou vir politieke gewin uitgebuit word. Vir Het Volk is die algemene belange van die stad en die platteland dieselfde en hulle glo dat dit ook so in die grondwet erken moet word. Die eksperiment met die Sjinese, sê hy, het misluk. Die toestande waaronder mynwerkers werk, moet net verbeter word dan sal daar meer naturelle aangemoedig word om op die myne te kom werk in die plek van die Sjinese. Daar is ook duisende verarmde blankes wat te graag werk aan die myne sal wil verrig. Dog die myneienaars wil die posisie van die Afrikaanse werker nie help verbeter nie, uit vrees dat hy stemreg sal verwerf en dit teen die kapitaliste sal gebruik. Hulle soek dus nie stemme met hierdie vergaderings nie dog na die seëpraal van regverdige beginsels. Het Volk het reeds 'n geslaagde stryd gevoer teen die magnate-grondwet wat Lyttelton en Milner opgestel het, het hy op Silkaatsnek betoog, en tans is dit hulle groot doel om, net soos voor die oorlog, te verhoed

dat/.....

22) De Volkstem, 31.3.1906.

dàt Johannesburg en sy mynkapitaliste die oorhand kry.[23]

In Potchefstroom en Klerksdorp het die twee leiers gewys op die baie ander partye en seksies wat bestaan; dit is egter 'n kwessie van: „elke haan kraait op zijn eigen mishoop." Die Boere moet sorg dat dit tog nie van Het Volk gesê word nie. As hulle die ongevraagde wette van die regerende owerheid verbeter wil sien, moet hulle die leiers steun sodat 'n grondwet verkry kan word waarin die volkswil triomfeer. Die konstitusie wat hulle die vorige jaar ontvang het, het die stemreg beperk tot o.a. diegene wat £100 per jaar ontvang. Dog talle Boere besit nog nie eers 'n huis nie en onder die bestaande loon- en huurbepalings sal duisende nie mag stem nie. Het Volk eis stemreg vir 'n ieder bo 21 jaar, of hy duisend skape het of niks, en of hy onder 'n rietdak of 'n sinkdak woon. Verder moet die bestaande kiesdistrikte gehandhaaf word; hulle sal die opsny van en geknoei in die kiesafdelings nie duld nie.

Die wortel van die volk se vooruitgang is die landbou en nie die myne nie; 'n Landbank behoort opgerig te word.

Wat die onderwys betref, het Smuts gesê, is dit die plig van die Regering om die C.N.O.-skole te help as hy die sending- en naturelle-skole ondersteun. Gelykheid van tale moet gehandhaaf word en die Boere- en Engelse kinders moet dieselfde skole besoek sodat die volk sal groei tot 'n gelukkige en eendragtige nasie. Die skeuring wat veroorsaak is in die dae van teenspoed, groei weer toe en in die gees van Christus word daar vergewe en meer en meer sal daar 'n gees van eendragtigheid wees. Dit is 'n groot gees en 'n bewys dat hulle bestem is om 'n groot geskiedenis in Suid-Afrika te hê omdat daar groot belange is om te verdedig. Die belange: taal, landbou, arbeid en hulle welsyn kan alleen beveilig word deur 'n grondwet waardeur hulle eenpariglik 'n sterk parlementêre party na die Wetgewende Vergadering kan stuur.[24]

Op hulle rondreis deur Transvaal het dit die leiers opgeval dat daar onder die Boere 'n algemene gees van koöperasie was, nie net onder mekaar nie dog ook met die Engelse buite die invloedsfeer magnate-politiek. Smuts het self op Germiston getuig hoe Milner se setlaars met hulle griewe en deputasies by Het Volk kom aanklop het om hulp. Die land het nog gebuk gegaan onder die heersende depressie. In baie gevalle moes die boere allerlei ontberings ly; in die najaar het 'n kwaai droogte - „ongekend in ons historie" - die land geteister.[25]

Onder/.....

23) De Volkstem, 31.3.1906.
24) Ibid. 21.4.1906.
25) L.A. 262(2) Botha aan Leyds, 9.6.1906; 2.7.1906; De Volkstem, 13.1.1906.

Onder hierdie omstandighede was daar nie tyd vir Boer en Engelsman om rusie te maak nie. Albei seksies moes beur om kop bo water te hou en mekaar desnoods aktief bystaan. En hiervan het Smuts en Botha goed gebruik gemaak. Op behendige wyse het hulle alle kwetsende woorde onskadelik gemaak en elke geleentheid te baat geneem om die skeidende grense tussen Afrikaner en Engelsman te oorbrug en selfs uit te wis. Die vergadering, die toespraak, die koerant, het hulle as middele aangewend om koöperasie aan te moedig en rasse-eenheid te bevorder.

> „Wij zullen hen (d.i. die Engelse Setlaars - Skr.) helpen even goed als de arme Boeren, gelijk en rechtvaardig. Wij zullen geen grens maken tussen de twee,"

het Smuts verklaar.[26]

Nuwe Omstandighede Verg Politieke Opvoeding van Boere:

Terselfdertyd het hulle die volk politiek opgevoed. Die Boere het onder hulle geen klasse- of standeverskil geken nie; maatskaplik was hulle gelyk, hulle was landbouers en veeboere, het tot dieselfde volk behoort, dieselfde taal gepraat en dieselfde Calvinistiese vorm van die Protestantisme bely. Hieruit kon slegs een staatsvorm ontstaan: die republikeinse, gebaseer op volksoewereiniteit. Wesenlike politieke partye of 'n Wetgewende Mag met twee Kamers was vir hulle onbekend want die Republikeine het 'n Volksraad, 'n Uitvoerende Raad en 'n Regterlike Mag gehad. Die burgers het hulle president, as hoof van die Uitvoerende Raad, elke 5 jaar gekies;[27] - hy was nie die voorsitter of leier van 'n party wat Eerste minister word nie.

Maar nou het die nuwe omstandighede ingetree; allerlei verordeninge en bepalings oor stemregkwalifikasies soos inkomste, woonbuurt, kapitaalkragtigheid, was nou van krag; partyondersteuners wat verskillende belange verteenwoordig, het stemme gewerf of selfs omgekoop; verskillende basisse waarvolgens kiesdistrikte ingedeel kon word, het opgeduik en bestuursvorme soos Kroonkolonie-, Verteenwoordigende en Verantwoordelike regering is aan die Boere voorgehou. Dit alles en nog meer moes die leiers tans in gedagte hou tydens hulle vergaderings en die volk geduldig inlig omtrent die nuwe stelsels en gebruike. 'n Groot mate van takt en diskresie was noodsaaklik. Die bestaande Regering soos gevoer deur die Engelse Goewerneur en Engelse amptenare was vir baie Boere die toonbeeld van 'n vreemde en onvriendelike heerskappy. Sou hulle eertydse militêre leiers op onverantwoordelike of taktlose wyse praat van die moontlikheid van selfregering, kon daaronder maklik verstaan word die herstel van die republikeinse Staat. Deur egter die leer van verdraagsaamheid te verkondig

en/.....

---

26) De Volkstem, 31.3.1906.
27) V.d. Heever en Pienaar, a.w. (I) p.74

en die volk dit in te prent dat die republikeinse vlae begrawe is maar dat hulle in plek daarvan 'n verenigde nasie moet vorm sodat Boer en Brit saam kan streef na 'n gelukkige, vreedsame en gemeenskaplike vaderland, het veral Smuts en Botha daarin geslaag om die Boere te versoen met die nuwe omstandighede, die nuwe vlag en die nuwe soewerein. En die volk het hulle politieke opvoedingslesse geabsorbeer as komende van patriotte wat in die dae van uiterste nasionale leed hulle onkreukbare trou aan volk en vaderland betoon het. Al gou was daar onder die Boervolk, wat herderloos en koersloos uit die driejarige stryd getree het, vaste politieke beginsels, staatkundige ideale en 'n eenheidstrewe.

Soek Bande van Ooreenkoms met ander Kolonies: Die samewerking moes verder strek en selfs die geografiese grens tussen Staat en Staat moes oorbrug word sodat die bande van ooreenkoms - kultureel, maatskaplik, politiek of ekonomies - wat gemeenskaplike belange bevorder of eendragtelike optrede verg, verstewig kan word. Die binnelandse saamhorigheidsgevoel moet nie te introspektief wees nie maar ook speling laat vir vergesigte oor die koloniale skeidslyne heen. Derhalwe het die leiers voortdurend kontak gehandhaaf met die ander koloniale voormanne. Botha praat voordurend van „onze Vrystaatse vrienden" met wie hulle eers moet beraadslaag alvorens gewigtige besluite van gemeenskaplike aard geneem word; in Engeland pleit Smuts vir selfregering aan Transvaal sowel as hulle suidelike bure; pres. Steyn is vir hulle 'n wyse beskermheer en nugtere raadgewer; Fischer was 'n skrander administrateur van wie hulle alles omtrent die werkinge van die staatsdiens kon leer terwyl hulle in Hertzog 'n roepingsbewuste kampvegter gehad het vir die hoogste sedelike waardes van die Boervolk; in Merriman het hulle 'n ervare kenner van die Britse partypolitiek en in Onze Jan 'n versiende staatsman met rotsvaste Afrikanerbeginsels sedert Rhodes se immorele geheul met die Randse jingo's teen Kruger se Staat. Die volk moet weet wie die nuwe Krugers is en wie die nuwe Rhodesse. Belangrike beginsels was op die spel, Suid-Afrika het op 'n kruispad gestaan, die volk sou moes kies.

Die instrument waardeur hierdie keuse gedoen sou word, was in die eerste plek die aanstaande Transvaalse grondwet. Genl. Smuts het dit onomwonde so gestel:

> "....As I told the Brittish Government," skryf hy aan Merriman,"the Transvaal Constitution affects profoundly not only the people of the Transvaal but all of South Africa, and on the principles laid down in that Constitution will depend in a large measure the future welfare and prosperity of South Africa. Should the mine-owners get the lead in the Transvaal their policy will

be/.....

> be to cut themselves off the bond with the Cape and use Delagoa Bay as their port and run the Transvaal as a closed corporation or pocket borough of Wernher, Beit and Company. That must be prevented at all cost...."

Dit skyn vir hom of Suid-Afrika se enigste hoop in federasie of unifikasie lê, sê Smuts, sodat Hoggenheimer verplig kan word om met die volk van Suid-Afrika te doen te kry en nie net met die "crippled population of the Transvaal" nie. Dan sal hy op sy regte politieke plek gehou word.

> "But the only way to bring about that consummation is to introduce into the Transvaal such a constitution as will give the general population the balance of power."[28]

Die Werksaamhede van die Koninklike kommissie onder sir J. West Ridgeway, Mei-Julie 1906:

Terwyl Het Volk sedert sy stigting hom steeds moes verdedig en na die beste van sy vermoë moes poog om die groot mate van wantroue in sy doelstellinge die nek in te slaan, het die partyleiers na Smuts se oortuigingswerk in Engeland oorgegaan tot aanval want die herroeping van die Lyttelton-konstitusie en die besluit dat 'n nuwe opgestel gaan word, het die politieke party verplig om duideliker afgelyn te staan. Dit het die Volksparty in staat gestel om te sien waar die ander groot partye presies staan ten opsigte van die nuwe belangrikste grondwetlike aangeleenthede: hoe die verdeling van die kiesafdelings sal wees en wie sal mog stem. Het Volk se uiteindelike strewe was die federasie - of nog liewer, die unifikasie - van Suid-Afrika. Maar intussen was die Boeregeledere erg uitgedun omdat talle verarmde persone o.a. na Duits Wes-Afrika gegaan het om as soldate diens te doen; ander weer was verarm omdat die Regering in baie gevalle geweier het om hulle in betrekkinge op te neem of om hulle skuldbewyse uit te betaal. Hierdie onsimpatieke behandeling van die Afrikanervolk, sê Botha, was bereken „opdat het ónder zou blyven."[29]

Het Volk sou alles in die stryd moes werp om hierdie agterstand in te haal waarmee hulle in alle waarskynlikheid kort voor lank 'n eleksieveldtog sou moes begin. Daar was rede om hoopvol te wees maar ook genoeg grond vir bedenkinge. Op 21 Maart 1906 skryf Steyn aan Merriman:

> "I had a long chat with Smuts. He seems to be well satisfied with his visit to London altho' he does not consider us quite out of danger yet. The 'one vote one value principle' is still hanging like the sword of Damocles over our heads."

In die Vrystaat sal hierdie beginsel nie baie gevaar inhou nie,

> "but for the Transvaal it is a serious question. If they leave that principle and refer the Chinese question to the Transvaal Legislature it virtually means that the Chinese question is decided."[30]

Die/.....

---

28) Merriman Papers, no. 68, Smuts aan Merriman, 13.3.1906.
29) De Volkstem, 24.2.1906.
30) Merriman Papers, no. 79, 21.3.1906.

Die koninklike Konstitusie-kommissie het op 24 April in Kaapstad aangekom. Sir J. West Ridgeway was die voorsitter en lord Sandhurst, sir Francis Hopwood en kol. Alexander Johnston die ander lede. Beginsels van kardinale belang was op die spel en van die bevinding van hierdie kommissie het afgehang watter beleid uiteindelik sou seëvier. Vir Smuts moes dit gevoel het of hy sy toekomstige politieke loopbaan gaan waag in hierdie voorlaaste loopgraaf in sy stryd teen Milner en die syne. Die weg waarlangs hy sy kwellende ambisie om mag te verkry kon vervul, sou op hierdie stadium vir hom oopgestel of gesluit word. Sy hande het gejeuk om iets te doen:

> "...when I look to the dark and dreary prospect before us, I could almost pray to be invested with despotic power,"[31]

het hy aan Merriman geskryf en selfs lg. gevra om Het Volk te help in hulle onderhandelinge met die Kommissie:

> "I am rather anxious that you and other leaders at the Cape should give evidence..." "...you must help us out of the gerrymandering process embodied in the principle of one vote one value." "...I am sure a determined stand by you and others at the Cape will have a most beneficial effect and will never be forgotten by us..."[32]

Merriman wanhoop oor Transvaal se posisie:

Merriman was die saak van die twee nuwe Kolonies soos Smuts dit in sy Memorandum aan die Koloniale Kantoor uiteengesit het, heeltaml goedgesind. Nogtans het hy nie geweet of hy met die Transvalers in hulle benarde posisie vanweë die teenwoordigheid van die Sjinese moet simpatiseer en of hy hulle omrede die rol wat geld daar speel aan hulle lot moet oorlaat nie. As hy gedink het aan die "...dead weight of that demoralized population" op wie se nekke die Asiaat afgelaai is, het hy gewanhoop. Vir hom was Milner en Selborne en die magnate se idee dat die goudmyne Suid-Afrika is, 'n "monstrous doctrine..., quite destructive of any higher ideal for the future," het hy aan Steyn geskryf. Die enigste vooruitsig wat hy gesien het was in 'n toenadering tussen die Vrystaat en die Kaap sodat hulle die nie-Suid-Afrikaanse elemente kon isoleer

> "...and leave them to stew in their Asiatic juice."[33]

In dieselfde trant - miskien meer wanhopig - skryf hy aan Abraham Fischer oor die politieke en maatskaplike toestande in Transvaal. "I wish one had more confidence in the people of that unhappy country." Hy laak die gepeuter van die magnate met die politiek en hulle vergeefse hoop om hulle eie finansiële en ekonomiese tekortkominge te verduister.

"The/.....

---

31) Ibid. no. 142, 2.6.1906.
32) Ibid. no. 68, 13.3.1906; no. 142, 2.6.1906.
33) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/3, 27.10.1905.

"The people for whom so many have shed blood and sacrificed their all, are going down hill. One hears terrible stories that make one tremble for the future. From the point of view of any one who has faith in the future of the European race in South Africa, the situation across the Vaal is awful. Not politics alone, but the very foundations of society of both races are undermined. The moral waste of war is worse than the material - and far more difficult to repair. God help the country."[34]

Gelukkig was die temperamentele John X. Merriman nie altyd so swartgallig nie en, in gemoedeliker stemming sou hy uit hoofde van sy jarelange parlementêre ervaring aan die Transvaalse leiers nog baie nuttige wenke gee.

Die Konstitusie-kommissie onder Ridgeway het hulle werksaamhede in Transvaal aangepak. Die opdrag van die Imperiale Regering was dat hulle moes ondersoek instel na en rapporteer oor:

(i) die verdeling van Transvaal in 60 kiesafdelings (vir een lid per kiesafdeling) ooreenkomstig die verskillende basisse van verteenwoordiging;

(ii) die geskikste basis van verteenwoordiging;

(iii) die stemreg en die uitwerking wat dit sal veroorsaak as 'n vorm van manne-kiesreg neergelê sal word in die plek van die kwalifikasie-bepalings in die Lyttelton-konstitusie waardeur daar waarskynlik 'n aantal kiesers veral van die jong Boere, se name tot die kieserslyste toegevoeg sal word;

(iv) watter stelsel van verteenwoordiging die beste aanpas by die toestande in Transvaal: 'n stelsel van een lid per kiesafdeling of dan wel proporsionele verteenwoordiging en in verband hiermee: in hoeverre die bestaande distriksgrense, wat erken word vir die doeleindes van lokale bestuur, erkenning gee aan eensoortigheid of verskeidenheid van belange, kommunikasiemiddele of aardrykskundige eienskappe;

(v) die sensusopname van 1904, en of dit ten opsigte van al die verskillende lokaliteite betroubaar is vir praktiese doeleindes en

(vi) in hoeverre soortgelyke prosedure gevolg sal kan word in die Oranjerivierkolonie. Verder moes die Kommissie oorweging gee aan:

(a) die posisie van die Interkoloniale Raad;

(b) die vraagstuk omtrent 'n tweede kamer en

(c) wat die beste verteenwoordiging sal wees vir die arbeiderklasse teenoor die kapitaliste aan die Rand.

Ten slotte versoek die Imperiale Regering die Kommissie om hulle verslag op die vroegs moontlike datum na voltooiing van hulle ondersoek voor te lê want die nuwe konstitusie waaronder Verantwoordelike regering in Transvaal ingestel moet

word/.....

---

34) Fischer-vers. Ink. Briewe, 5947/2, 27.2.1906.

word, kan nie opgestel word nie sonder die inligting wat hulle op hierdie wyse wens in te win; bowendien glo die Regering

> "....that from every point of view it is essential to use every means in their power to shorten this interval before the new Constitution is determined and the new Government is installed."35)

Aan die Unioniste-party in Engeland het Churchill onomwonde gesê dat die Lyttelton-konstitusie herroep is omdat dit onuitvoerbaar was. Om bv. 6 of 9 aangestelde ministers te hê, in 'n Vergadering van 35 of 60 lede, sonder 'n georganiseerde party-meerderheid om hulle te steun sou 'n onhoudbare situasie gewees het. Die Regering sou sonder parlementêre ervaring wees in 'n Vergadering wat grotendeels gekant is teen verteenwoordigende bestuur en tog teenoor die land verantwoordelik moes wees vir die uitoefening van mag wat slegs verkry kon word deur 'n Vergadering waaroor hulle geen beheer gehad het nie. Dit sou slegs kwaad veroorsaak het in 'n Wetgewende Vergadering wat dan as't ware 'n konstituerende vergadering sou word en onder druk sou aanneem alles waartoe Sy Majesteit se Regering nou met eer, onderskeiding en gesag kan inwillig. Daarom het hierdie Regering besluit om die verteenwoordigende trap oor te slaan want volgens hulle mening is daar geen veilige halfwegstasie tussen Kroonkolonie- en volle Verantwoordelike bestuur nie. Die Liberale Regering wil Britse supremasie op 'n ander wyse verseker, nl. deur dit op twee bene te laat staan - nie op een soos die Opposisie dit beplan het nie.

> "The position of the Crown and its agents in South Africa must be as remote from and above racial feuds, as here it is above party politics. We hope to build on the reconciliation, not on the rivalry of races, and so to dispose of this affair that these two strong variant peoples may dwell to-gether in peace and amity."36)

Op die vooraand van die Ridgeway-kommissie se ondersoek was die verskillende beginselkwessies vir die toekomstige grondwet van Transvaal die groot onderwerp van bespreking. Wantroue in die Boere het die grondslag gevorm van die berigte in die Engelse pers. „Teoreties sou dit onbillik wees, het o.a. "The Cape Times" aangevoer, om die verteenwoordiging te baseer op die bevolking in plaas van die kiesers of op stemreg vir alle meerderjariges in plaas van op die voorwaardelike bepalings in die Lyttelton-konstitusie nie. Maar indien die ondersoek van die kommissie sou aantoon dat dergelike proefnemings vermoedelik die oorwig sal plaas in die hande van 'n party, gelei deur manne so deurdrongе van anti-Britse vooroordeel as

die/.....

---

35) Cd. 2823: Instruksie-brief van Downingstraat aan sir J. West Ridgeway, 21.3.1906; Pyrah, a.w. pp.174-175.
36) Luit-Goew. 144, 127/195: Churchill in Britse Laerhuis, 4.4.1906 (Telegram van Elgin aan Selborne).

die here Smuts, Esselen en Kie., dan dien sodanige konsiderasie in aanmerking geneem te word. ....Ons kan ons nouliks voorstel dat die kommissie in hulle ondersoek die belangrike feit uit die oog sal verloor dat onder die verskillende alternatiewe, alleen dit versigtig is wat rym met die doel waarvoor Engeland die oorlog gevoer het.....' Die aap was dus uit die mou: Transvaal mag selfbestuur kry maar die instrument waarkragtens dit moet funksioneer moet so ingestel wees dat die party wat deur die mynkonings beheers word, verseker is van 'n meerderheid. Die leiers van die Volksparty is nie te vertrou nie; die Britte se selfsugtige belange is nie veilig in hulle hande nie.[37)]

Die onderhandelinge van die Kommissie met die partye was lank en moeilik. Die grootste struikelblok was die bedeling van setels tussen die plattelandse gebiede, Pretoria en die goudvelde. Die Kommissie het veral moeilik saamgewerk met die Progressiewe.[38)] Vir die Boereleiers was dit duidelik dat hulle opponente so obstinaat was grootliks om die mag in hulle hande te verseker ter wille van die behoud van Sjinese-arbeiders op die myne. Om dit te verhinder, het Smuts aan Merriman geskryf,

> "Het Volk has asked the Imperial Government.....to settle the Chinese question itself."[39)]

Genl. Botha het die besluite van die Het Volk-kongres van Julie 1905 waarin hulle besware teen die Lyttelton-konstitusie aangegee word, aan die Kommissie oorhandig sodat lg. op hoogte was van die Boere se standpunte.[40)] Binne die eerste paar dae het verskeie byeenkomste plaasgevind en hoewel die Kommissie-lede 'n gunstige indruk op die Boere gemaak het, het hulle nie veel van hulle verwag nie. Agter in die donker hoeke van die Kommissie-lede se gedagtes, het Smuts aan sir Henry de Villiers gesê, loer 'n sterk soort vrees omtrent die Boere se toekomstige beleidsrigting. Hierdie vrees het hy algemeen teëgekom in Engeland selfs in die mees liberale kringe. En dit is onder die geheime invloed van daardie vrees dat hulle nou probeer om reg te laat geskied. "The result will obviously be of a somewhat mixed character," sê hy want die Kommissie het hulle laat verstaan dat hulle nie graag wil sien dat enige politieke party in Transvaal uit die staanspoor 'n besliste oorhand sal verkry nie. Hierteen maak Het Volk nie beswaar nie dog hulle vrees egter dat hulle partyverteenwoordiging so gering sal wees in die toekomstige parlement dat hulle geen teenwig teen die myn-

eienaars/.....

---

37) Ons Land, 28.4.1906 (Ons Land haal aan uit Cape Times)
38) Walker: Lord de Villiers and His Times, p.419.
39) Merriman Papers, no. 166, 22.6.1906.
40) L.A.262(2) 2.6.1906.

eienaars sal kan vorm nie. Ter wille van Transvaal wil hulle net sterk genoeg wees om te voorkom dat verdere rampe ophoop "on this land of sorrows." As hulle sterk genoeg kan wees om met behulp van 'n paar Engelse en Arbeiderlede 'n einde te maak aan ingevoerde Sjinese-arbeid, sal hulle hul gelukkig ag en Suid-Afrika verlos van die grootste gevaar wat sy toekoms bedreig.[41]

Intussen het die Boereleiers tog al meer afgesien van hulle sterk standpunt omtrent die voordele van die bevolkingsbasis ten gunste van manne-kiesreg (manhood suffrage). Merriman se beswaar hierteen het Smuts as "old world Toryism" beskryf. Die armblanke wat hierdeur ook stemreg geniet is weliswaar omkoopbaar.

> "...but my experience is that the rich white is even more so. And the way to raise up the poor white is not to ostracise him politically..."[42]

Verder was manne-kiesreg reeds in die Republiek se dae in gebruik; dit is demokraties en beantwoord aan hoë beginsels. Boonop is bewys dat selfs die enigsins lae stemregkwalifikasies wat Milner se konstitusie voorgeskryf het, meegebring het dat ongeveer 10,000 bywoners en volwasse boereseuns op die plase ontkieser sou wees "...the loss of whom we cannot afford," het Smuts aangevoer.[43]

Die Koninklike Kommissie het hom in 'n netelige posisie bevind. Hulle moeilike taak was om die basis van die vorige konstitusie wesenlik so te wysig dat dit vir die Boere aanvaarbaar is, maar dat die Britse opperheerskappy nogtans gewaarborg bly. Dat 'n Brits-gesinde meerderheid in die eerste Wetgewende Vergadering dus wenslik was, het hulle onderskryf. Hulle taak is effens verlig deurdat dit vir hulle voorgekom het dat dit onwaarskynlik is dat die Boere ooit 'n meerderheid sal behaal - en dit trouens ook nie verlang nie.* Tweedens was hulle onder

die/.....

41) Smuts aan sir H. de Villiers, 3.5.1906 (Aangehaal by Walker, a.w. pp.418-419).
42) Merriman Papers, no. 68 , Smuts aan Merriman, 13.3.1906.
43) Ibid. no. 93, Smuts aan Merriman, 3.4.1906.

* In 'n lang en baie diplomatiese brief (2 Junie 1906) waarin die hand van Smuts duidelik te bespeur is, verduidelik Botha aan Ridgeway dat die Boereleiers nie verwag dat die ouer bevolking in 'n dominerende posisie geplaas moet word nie. Hulle vra slegs die beveiliging van die duursame belange van die permanente bevolking. Die Boere is gewillig om saam te werk maar slegs op die basis van regverdigheid en billikheid. Hoe arm hulle ook al is, het hulle genoeg selfrespek behou om te weier om op enige ander basis saam te werk. Juis om hierdie rede het hulle die Milner-grondwet "...which had the trial of distrust all over it..." verwerp. Vir hierdie land en sy ingewortelde kwaad is daar slegs een kuur "...and that is plain, honest, straightforward meeting out of equal justice to all". Hulle is dankbaar vir die goeie gees waarmee die Kommissie sy groot taak kom verrig het - "...and our prayer is that God Almighty may bless your labours and make them a blessing for South Africa." (L.A.262(2) Botha aan Ridgeway, 2.6.1906.)

die indruk dat die Responsibles so sterk is, dat die Progressiewe kapitaliste nie geregtig is op 'n te groot verteenwoordiging aan die Rand nie. Hierdie gematigde party sou dan die ewewig handhaaf tussen Het Volk en die Progressiewe Party waarop sir Richard Solomon, wat al meer anti-Progressief en pro-Responsible geword het, dan hoogs waarskynlik die eerste koalisie-regering sou saamstel.[44)]

Smuts het hierdie houding van die Kommissie opgemerk en hy kon nouliks versuim om aan sy vriend, Merriman, te skryf: "They are well-meaning but I am afraid weak-kneed."[45)] Botha het sagter geoordeel: s.i. het die Kommissie alles in hulle vermoë gedoen om vrede tussen die twee rasse te verkry - „wat ik meen met vrede is: samewerking," skryf hy aan Leyds. Van hulle kant is hulle dan ook geneë om saam te werk en 'n „breë en liberale houding" aan te neem. Maar dit ten spyt kom dat die Progressiewe of liewer „de Hochenheimers Kosmopolitiese party" nie wil saamwerk nie. Hulle eis 'n meerderheid vir Johannesburg in die parlement. Verder kla hy dat daar weens 'n knoeiery 1,800 kiesers in Pretoria en 4,000 in Johannesburg geregistreer is wat in werklikheid nie bestaan nie.[46)]

Die Progressiewe was vasberade om op geen kardinale punt toe te gee nie;[47)] een van die lede van die Kommissie het gevolglik ook aan sir Henry de Villiers geskryf dat hulle niks met hierdie party kan uitrig nie.[48)+] Hulle het aangedring daarop dat die Lyttelton-konstitusie van krag moes bly, of as selfregering aan hulle opgedring word, eis hulle

(i) die handhawing van die kiesreg soos neergelê in die Lyttelton-grondwet;

(ii) verteenwoordiging volgens die kiesersbasis;

(iii) kiesafdelings wat deur een lid verteenwoordig word;

(iv)/.....

---

44) Amery, a.w. p.186.
45) Merriman Papers, no. 121, 5.5.1906 en no.142, 2.6.1906.
46) L.A. 262(2) 9.6.1906.
47) Amery, a.w. p.187.
48) Walker, a.w. p.419.

\+ In antwoord op Botha se brief van 2 Julie het Ridgeway ook teenoor Botha beken dat die Progressiewe baie ontoegeeflik is. Botha het (op 4 Junie) sy spyt hieroor uitgespreek aangesien die Boereleiers graag sou wou sien dat die konstitusionele kwessie opgelos word voor die Kommissie Suid-Afrika verlaat. Hy reken dat die teenparty hierdie remskoen-houding aanneem in die hoop dat 'n verandering van Regering in Engeland hulle posisie hier mag verbeter. Hierdie onredelike gesindheid regverdig egter geensins die vertraging van die voorbereiding en bekendmaking van die konstitusie nie. Dan benadruk hy nog eens die grondigheid van die verskillende voorstelle van Het Volk en vra ten slotte dat 'n klousule tot die Oktrooibriewe gevoeg word waarin die regmatige posisie van die Hollandse taal gewaarborg word - soos in die Kaapkolonie.
(L.A.262(2) Botha aan Ridgeway, 4.6.1906.

(iv) outomatiese herindeling van setels;
(v) betaling aan lede en
(vi) 'n genomineerde Hoërhuis.

Selborne het by die Imperiale Regering aanbeveel om die kiesersbasis vir verteenwoordiging te aanvaar as hulle rassewrywing in Transvaal wil afwend. Die Kommissie het geleidelik begin swig voor die krag van die Progressiewe se standpunte behalwe in een opsig - die kiesreg, waar hulle voorgestel het dat manne-kiesreg aanvaar word, want die £100-eiendomskwalifikasie soos bepaal in die Lyttelton-grondwet sou in die heersende toestand van verarming in Transvaal baie meer getel het teen die Boere, veral die meerderjarige seuns van Boere, as teen die Britse dorpsbewoners.[49)]

"We are fighting a big fight and must bring every bit of reserve into the field," het Smuts aan Merriman laat weet.[50)] Dit het nie veel gehelp nie - hulle moes toegee. Die kiesersbasis ("one vote one value") is as grondslag vir verteenwoordiging aanvaar met dié verskil dat manne-kiesreg die stemregkwalifikasies in die vorige grondwet vervang het. Outomatiese herindeling van setels is goedgekeur en ook die beginsel van een lid per kiesafdeling in plaas van proporsionele verteenwoordiging soos deur die Boere voorgestel. Die Boereleiers moes tevrede wees met geringer toegewings soos die behoud van ou kiesafdelings volgens die magistraatsdistrikte en die uitsluiting van die soldatestem.[51)]

Die Partye se Verskillende Voorstelle aan die Kommissie:

Die taaiste stryd het egter nog voorgelê en uit die gesigspunte van die onderskeie partye was dit die kern van die vraagstuk: die aantal setels wat aan platteland en die Rand toegedeel moet word.. Die moeilikheid is grootliks veroorsaak deurdat daar 'n merkbare verskil was tussen die getal kiesers wat deur die sensus-opname van 1904 aangegee is en dié kieserslyste wat opgestel is vir die doeleindes van die Lyttelton-konstitusie. Vir Het Volk was die 1904-sensus aanvaarbaar, dog die Progressiewe het, volgens Smuts, verkeerdelik aangevoer dat die Rand sedertdien baie meer kiesers gekry het en aangedring op die 1905-06 registrasie. Het Volk het hierteen heftig beswaar gemaak daar hierdie lyste heeltemal te veel kiesers sou bevat - insluitende 'n spul vreemdelinge wat die Progressiewe Party sou steun en in 'n Raad van 60 lede 28.5 lede aan die Rand, 5 aan Pretoria en 26.5 aan die distrikte sou gee. Het Volk se

oorspronklike/.....

---

49) Pyrah, a.w. p.175; Amery, a.w. p.187.
50) Merriman Papers, no.121, 5.5.1906.
51) L.A. 262(2) Botha aan Leyds, 9.6.1906; Amery, a.w. p.187.

oorspronklike voorstel, gebaseer op die 1904-volkstelling, sou aan 'n Raad van 60 volgens die bevolkingsbasis die volgende verdeling gee:

Rand 24 lede; Pretoria 6 en 31 aan die distrikte.[52)]

Die Kommissie het met die hand in die hare gesit. Albei partye was onwrikbaar. Smuts het soos 'n leeu geveg. Sy land was in gevaar.

> "On the Constitution depends every thing for South Africa. It will settle the Chinese question one way or the other, and many other questions of the same character,"

meld hy in 'n brief aan Merriman. Hy doen 'n ernstige beroep op die Kaapse leiers om Het Volk te steun.[53)] Botha het hom trou bygestaan. Hoe die setel-indeling dan ook al mag wees, berig hy aan Leyds,

> „Van een ding kunt u verzekerd zijn dat wij niets onaangeroerd zullen laten om ontslagen te raken van die gele pest, en wij zullen zeker het plan in onze electieplatvorm opnemen om elke lid door ons gekozen te binden dat hij voor repatriasie der Sjinese moet stemmen."[54)]

'n Kompromis, het die Ridgeway-kommissie besluit, sou die enigste uitweg wees. Het Volk het reeds hulle bereidwilligheid te kenne gegee om die „one-vote-one-value"-beginsel te aanvaar maar op die basis van manne-kiesreg. Volgens dié basis het die Progressiewe en Responsible party geywer vir die volgende (volgens 1904-sensus) uit 'n totaal van 60 lede:

Rand 27; Pretoria 5; Distrikte 28 lede.

Dog die Progressiewes alleen het die 1905-'06 registrasie geëis wat sou beteken:

Rand 28.5; Pretoria 5; Distrikte 26.5 lede.

Op 11 Mei het die Kommissie toe met die volgende voorstel gekom - wat deur die Progressiewe aanvaar is: 'n Raad van 63 lede met:

Rand 29; Pretoria 5; Distrikte 29 lede.

Dog twee dae later het die Progressiewe teruggetrek en 'n Raad van 70 lede geëis, - soos volg toegewys:

Rand 34; Pretoria 6; Distrikte 30 lede.

Hierop het Het Volk 'n Raad van 66 lede voorgestel:

Rand 30; Pretoria 6; Distrikte 30 lede.

Hierna is die saak in die hande van die Kommissie oorgelaat wat nou haastig begin word het. Van sir Henry de Villiers is gesonde advies ontvang en toe hulle teen die einde van Junie na Bloemfontein vertrek, is aan die partye die volgende gebied: 'n Raad van 65 lede met:

Rand 30; Pretoria 5; Distrikte 30 lede.

Hiermee/.....

---

52) Merriman Papers, no.166, Smuts aan Merriman, 22.6.1906. Preller-vers. Band 26, Ridgeway-Kommissie-verslag: Ridgeway aan Botha, 11.5.1906.
53) Ibid. no.142, 2.6.1906.
54) L.A.262(2), 9.6.1906.

Hiermee was Het Volk redelik tevrede aangesien die Rand en die distrikte nou gelyk behandel is en hulle oortuig was dat e.g. nie op meer setels aanspraak kan maak as die platteland nie. Die onopgeloste probleem was nou nog of Transvaal in kiesafdelings opgesny moet word wat deur een lid verteenwoordig sal word en of die bestaande distriksgrense onveranderd gelaat moet word. Het Volk het lg. standpunt verdedig selfs waar 'n distrik en sy dorp twee of 3 lede sou hê. Dit was nodig, het hulle aangevoer, ten einde afbakeningsgeknoei te verhinder en ook as 'n toegewing aan die buitengewoon sterk plattelandse sentiment. Vir Het Volk was dit baie belangrik want hulle krag het in die bevolking buite die dorpe en stede gelê. Die Progressiewe het aangedring op die opsny van Transvaal in kiesafdelings met een lid per setel.[55]

Teen die einde van Junie is Botha en Smuts Bloemfontein toe om die Kommissielede te spreek ten gevolge van 'n brief waarin hulle Het Volk gevra het om in te stem met 'n voorstel om die indeling van setels soos volg te maak:

Rand 33; Pretoria 6; res van Transvaal 30 lede - Totaal 69 lede,

en om die hele Transvaal dan in kiesafdelings af te baken wat elk deur een lid verteenwoordig sal word. Botha en Smuts wou hiertoe nie inwillig nie. Hulle groot beswaar was nou die opsny van die distrikte; die ou grenslyne moet onveranderd bly en as 'n dorp in 'n bepaalde distrik die vereiste kwota kiesers het, kan dit 'n lid afsonderlik kry.

> „Ons het op die punt baie sterk gestaan," skryf Botha aan Leyds, „omdat ons krag daarin lê, want ons hou ons oortuig dat as dit so bly, ons dan 29 uit die 30 solied Het Volk inbring. Anders dan wen de Progressieve 2 of meer setels in de distrikte".[56]

Die Kommissie Vertrek - Botha hoopvoller as Smuts:

Toe die Kommissie vort is Engeland toe, is die partye onder die indruk gelaat dat hulle laaste voorstel aan Het Volk van krag sal bly - m.a.w. 33 setels vir die Rand, 6 vir Pretoria en 30 vir die res van Transvaal. Het Volk kon slegs hoop dat die bestaande distriksgrense onveranderd gelaat sou word.

Genl. Botha was nogal hoopvol en het die posisie vir Het Volk selfs as „zeer goed" bestempel.[57] Maar genl. Smuts was baie teleurgesteld. "...the result is most disappointing," skryf hy aan Merriman. Inderwaarheid het die Kommissie die Progressiewe Party 'n meerderheid van 3 oor enige party-kombinasie gebied, voer hy aan.

"I/.....

---

55) Merriman Papers, no.166, Smuts in 'n brief aan Merriman waarby 'n kort uiteensetting ingesluit is re voorstelle van partye aan Ridgeway-Kommissie, 22.6.'06; Walker, a.w. p.419.
56) L.A.262(2), 2.7.1906.
57. Ibid.

"I think the Commission have gone too far and that a Constitution framed on their advice will be unfavourable to popular interests."

Wat hom in sy pessimisme gesterk het, was die feit dat drie Progressiewe leiers, t.w. sir Percy Fitzpatrick, sir William van Hulsteyn en sir Abe Bailey, op dieselfde skip as die Kommissielede Engeland toe is

"....to fight for their cause and goodness alone knows what the result will yet be."[58]

==========

"Wij gaan deze maand nu rond om byeenkomsten over het geheele land te kunnen houden,"

Politici bedrywig - Partye wag in spanning op uitslag van Ondersoek deur Ridgeway-Kommissie:

het Botha aan Leyds laat weet pas nadat hy en sy kamerade hulle samesprekinge met die Koninklike Kommissie afgesluit het.[59] Op diplomatiese wyse het hy juis van die heersende gedros, oproer en ander oortredings deur die Sjinese tydens die Kommissie se aanwesigheid in Transvaal gebruik gemaak en 'n brief in die verband aan Elgin gerig. Op die Regering van sir Henry Campbell-Bannerman het dit 'n diep indruk gemaak;[60] nogtans kon die Het Volk-leiers nie te veel staat maak op die onsekere goedgesindheid van 'n oorsese regering nie wat maar te skrikkerig was vir sy openbare mening. Van die ondersteuning van hulle eie mense en die foutlose werking van hulle organisasie het grotendeels alles afgehang. Gelukkig kon Botha reeds op hierdie vroeë stadium al aan dr. Leyds meedeel:

"Een ding ben ik blij om te zeggen nl. dat onze Organisatie, wel zwaar werk gevende, een der meest succesvolst - werkende is en zeker de beste Organisatie in Zuid-Afrika."

Daarbenewens kon hy byvoeg dat die

"oude bevolking zonder onderscheid"

alle steun gee aan die volksorganisasie en ongeag die geskille wat daar mag wees, glo hy dat dié houding bewaarheid sal word in "de volle zin van het woord bij de volgende electie." Die geskille onder die Boere was beslis groot en die kloof van verwydering diep

"maar de behandeling die zij allen in de laaste 4 jaren ten ondervinden was nog grootter en nog ernstiger gevoeld en de tijd van het in leven roepen van onze organisatie en het lijden dat de menschen te doorstaan hadden, heeft de organisatie op pooten gebracht....."[61]

Volgens/.....

---

58) Merriman Papers, no.166, 22.6.1906; Scholtz (Genl. Beyers) p.136; De Volkstem, 30.6.1906.
59) L.A.262(2), 2.7.1906.
60) Ibid. Botha aan Elgin.
61) L.A.262(2), 9.6.1906.

Volgens verklaringe in die Britse Laerhuis was dit waarskynlik dat die kieserslyste in Transvaal hersien sou word sodat almal wat volgens die Lyttelton-konstitusie uitgesluit was - bv. seuns wat tydens die oorlog 21 jaar geword het - geregistreer mag word. „De Volkstem" het gevolglik die veldkornette, sekretarisse van distrikskomitees en die wyksbesture gemaan om ernstig op te tree en die mense daaromtrent in te lig sodat iedere stemgeregtigde lid van Het Volk geregistreer word. Origens moet die volk op hoogte gebring word omtrent die aard van die verkiesing aangesien dit die eerste keer sal wees dat 'n algemene verkiesing op partypolitieke basis gevoer word. Verskillende taksbesture, raai die orgaan aan, moet betyds saam geroep word sodat die lede vroegtydig kennis kan dra aangaande hulle verpligtinge en verantwoordelikhede.[62)]

Verdraaide Propaganda van Progressiewe Partyleiers teen Het Volk: Die moeilikste stryd moes die Volkspartyleiers en „De Volkstem" as hulle amptelike orgaan voer teen die bewustelike skewe propaganda van die Progressiewe leiers wat daarop gemik was om die doelstellinge en beginsels van die Boereparty in onguns te bring by die Engelse en selfs by baie Afrikaners. Het Volk, het hulle beweer, bestaan uit die ou inwoners van Transvaal soos hulle hulle geken het voor die oorlog maar tans saamstaan onder een dak. Die oogmerke en ambisie van die Kruger-regering, lui die propaganda voorts, vorm nog die politiek van Het Volk. Die leiers is die offisiere uit die oorlog wat tans die stryd voortsit op politieke gebied. Waar hulle militêr gegefaal het, neem hulle nou alle grondwetlike middele te baat om 'n meerderheid te verkry in die wetgewing. Die publiek volg hierdie leiers blindelings; hulle beleid is baie rekbaar en van tyd tot tyd word nuwe maatreëls opgedis wat hulle geskik voorkom.

> "The men who in the past were the bulwarks of a narrow and essentially selfish oligarchy, have suddenly become converts to the principles of democratic Government, and are prepared to share their blessings with all who care to co-operate with them in fighting capitalists. .... So long as it suits their purpose, Het Volk poses as the friend of the British working man."[63)]

As hierdie Boere 'n meerderheid verteenwoordigers parlement toe stuur, sal hulle in die eerste plek trag om 'n onafhanklike Afrikanernasie te vorm en daarna eers hulle beloftes nakom oor landboubeskerming e.d.m. Hoe die Het Volk-

leiers/.....

---

62) De Volkstem, 13.6.1906.
63) The Star, 7.7.1906.

leiers ook al a d n a u s e a m herhaal dat dit hulle doel is om die welsyn van die land te bevorder, bly hulle verdag vir die Britte want "....the undetermined point is what is meant by "the people." [64]

Die Johannesburgse Engelse pers was egter die gewillige werktuig van die geldkonings; die opinies wat hierdeur wêreldkundig gemaak is, was niks anders nie as die opinies van die belangrikste persoonlikhede van die Aandelemark en het nie verder gestrek nie as die bevordering van die eie persoonlike en kollektiewe belange van hierdie kliek.[65]

Progressiewe Afvaardiging in Engeland - Ontvangs Onvriendelik: Teen die middel van Julie 1906 het die drie Progressiewe afgevaardigdes in Londen gearriveer. Anders as Smuts wat nie ten behoewe van een of ander party of ras sy onderhoude met die Liberale Regering gevoer het nie, dog ter wille van Suid-Afrika wat hom magteloos bevind het in die greep van gewetenlose jingoïstiese kapitaliste, het hierdie drie here uitsluitlik met die doel gegaan

> "...to lay before the Imperial Government the British case in respect to the new Constitution."

Vir hulle raak die grondbeginsels in die aanstaande grondwet die posisie van die Brit teen die Boer - nie saam met die Boer nie. "The Transvaal is the key to South Africa," het Fitzpatrick gesê. "The question is who is going to hold it."[66]

As Smusts dit opdraand gevind het in Engeland, nog moeiliker het Fitzpatrick, Van Hulsteyn en Bailey dit gehad om enige indruk te maak op die Koloniale Kantoor. Elgin se gesindheid was ooreenkomstig Reuter, "most unsympathetic throughout," - en dit ten spyte van die Johannesburgse "Star" se ywerige pogings om hierdie drie geldkonings op te dirk as

> "...the chosen representatives of a party which can claim without arrogance to be the great British party in the Transvaal."[67]

Volkspartyleiers vasberade om op ingeslane weg voort te gaan: Die leidsmanne van Het Volk het onversteurd hulle beleid van samewerking aan die bevolking verkondig ongeag die verdagmaak-stories van die teenparty. Dit was 'n stryd waarin hulle koers moes aandui te midde van 'n wolk van misleidende aantygings. Die Boereleiers, is beweer, kon in 1899 'n oorlog afgeweer het as hulle toe al 'n demokratiese staatsinrigting en stemreg aan 'n ieder gepredik

het/.....

---

64) Phillips, a.w. p.205; De Volkstem, 16.6.1906 (kommentaar).
65) De Volkstem, 23.6.1906.
66) The Star, 16.7.1906.
67) Ibid. 24.7.'06; 26.7.'06; The Rand Daily Mail, 21.7.'06.

het. Tans is dit Het Volk se voorgestelde beleid slegs om in samewerking met die Afrikanerbond Suid-Afrika te oorheers. Botha is die Boere se Jeremia, Smuts hulle Gamaliël en Esselen hulle Ruben en deur hulle toesprake ry hulle alle hoop op samewerking in die wiele.[68]
Teen hierdie soort propaganda moes die Boere-voormanne beur en stry en walgooi.

Hulle eerste groot politieke vergadering na die ondersoek van die Ridgeway-kommissie, het die Hoofkomiteelede vroeg in Julie te Heidelberg toegespreek. Hulle was verseker van 'n groot gehoor want dit was nagmaal en baie boere en hulle families was op die dorp.* "The Star" het die byeenkoms gevolglik bestempel as die begin van die verkiesingsveldtog.[69] 'n Belangrike aankondiging van Botha was dat die jaarlikse Kongres van die Het Volk-organisasie uitgestel is totdat die nuwe konstitusie bekend sal wees; die Kongres sal dan beslis of die grondwet deur die Volksparty aanvaar sal word al dan nie. Intussen sal die Hoofkomitee toesien dat die Program van Beginsels van hierdie vereniging in ontwerpvorm gepubliseer word. Die volk word versoek om dit goed te bestudeer en nie te versuim nie om hulle afgevaardigdes na die Kongres opdrag te gee omtrent die wyse waarop hulle moet stem oor die beginsels. Hy word toegejuig as hy die Liberale Regering in Engeland loof:

> „Wy menen dat hun politiek de enig rechte is om een onrechtvaardige iets terug te trekken, dat niemand gelukkig gemaakt zou hebben in dit land." 69a)

Verder prys hy die werk en metodes van die ondersoek-kommissie. Sy wrewel teen die magnate, soos Fitzpatrick wat die sekretaris was van die geheimsinnige kliek in Johannesburg tydens die Jameson-fiasko, kan hy nouliks verberg. Hy waarsku die volk teen daardie sluipmetodes van o.a. Fitzpatrick van wie nie gesê kan word dat hy „een onbevlekt ridder van spoor tot pluim" is nie. Vir hulle is die goudindustrie alles; maar hulle wil net uitgrawe en beskou hulle werk dan as afgehandel. Het Volk gee sy aandag hoofsaaklik aan die landbou want

„wie/.....

68) De Volkstem, 6.6.1906 (kommentaar.)
69) The Star, 7.7.1906.
69a) De Volkstem, 11.7.1906.

* Volgens "The Star" (7.7.1906) was dit opmerklik dat die landboubevolking sedert die oorlog tog tekens van vordering getoon het in hulle stoflike herstel: "Boer families are no longer crowded within the narrow space of their bullock wagons. Last night almost each wagon had its tent pitched alongside. The meeting, to-day too, was composed of well-dressed, comfortable-looking men for the main part, quite punctilious in their linen clothes."

„wie ook doodgaat, die landbou houdt aan. Dit is de waarachtige, de eenige ruggegraat die een land heeft."[69b)]

Die Progressiewe lede is soos 'n „windhaan" wat dan dit en dan dat verkondig. Hy wys ten slotte op die noodsaaklikheid van organisasie. Elkeen moet self sorg dat sy naam op die kieserslys is want hulle het 'n sterk kombinasie van geld teen hulle. Maar as die volk saamstaan, sal hulle 'n regering kry wat populêr is, waaraan hulle self deel het en wat hulle sal respekteer.

Adv. Esselen het in Engels gepraat.(Dit was, terloops, 'n groot voorsprong van Het Volkleiers dat baie van hulle - Smuts, Beyers, Esselen, Jaap de Villiers, Johan Rissik e.a. - volkome tweetalig was.) Wie Suid-Afrika sy permanente tuiste maak, het hy aangevoer, is in die vereniging van Het Volk welkom - onverskillig sy ras. Die volk moet die land self regeer. Almal moet trag om Engeland oor te haal om die Transvaalse Boere te vertrou sodat hulle hulle eie heil kan bewerkstellig.

Smuts het hierdie dae as die keerpunt in die volk se geskiedenis beskryf. Die afgelope vier jaar was die donkerste in sy bestaan en alle rasse en klasse moet hulle afvra of die eersvolgende vier jaar ook so sal wees. So ja, dan sal daar in 1910 weinig oor wees van Transvaal. Hierdie haglike toestande is te wyte aan die kapitaliste - die sg. Progressiewe, op wie se advies alles gedoen is. Aan hulle werke word hulle geken en een daarvan is om £30 miljoen oorlogskuld op die inwoners te plaas as hulle die meerderheid behaal onder die aanstaande grondwet. Spekulasie en die verkwisting in die administrasie neem toe. Nou is die vraag of dit verder toegelaat sal word dat die rykes die rykes regeer of die bevolking die bevolking. Deur die Sjinese-arbeid bloei alleen die myne; die res van die land word in verhouding swakker. Armoede, werkloosheid en ellende neem toe want die myne word nie ook erken as die erfdeel van die blanke Boer wat na Johannesburg verhuis nie. Die Engelssprekendes behoort teen die tyd in te sien dat hierdie sg. progressiewe leiers wolwe is in skaapklere. Engeland moet die Boere vertrou - hulle is geen adder wat aan die bors vertroetel word nie; daar is geen grond vir die vrees dat die Boere sal rebelleer nie.

„Te Vereeniging heb ik gezegd: ‚Het laatste schot tussen blanken is in Zuid-Afrika geschoten.' Dat is nog myn opinie." [69c)]

Daar/.....

69b) Ibid.
69c) Ibid.

Daar is net een weg deur die Voorsienigheid aangewys en dit is om mekaar te vertrou en een groot Afrikanervolk te word. In hierdie jaar sal dit beslis word of daar samewerking sal kom en of die kloof moet voort bly bestaan. As die Engelse landgenote 'n verkeerde keuse doen en die mynmagnate verkies, sien hy treurigheid, teenspoed, armoede en die een moeilikheid na die ander. Die blanke bevolking sal nie kan bly voortbestaan nie en die rassekwessie sal steeds erger word. Die doel van Het Volk is samewerking met die Engelse broers op politieke gebied en om hulle op alle terreine te steun om aldus 'n nuwe volk in Transvaal te vorm. Selfregering deur die volk vir die volk sal voorspoed bring, die vyandskap laat vergeet en die ou klowe oorbrug. Dit is vir hom geen politieke kwessie nie - dit gaan dieper as alle politiek. Dit is 'n gewetensaak. Dit is 'n kwessie of hierdie 'n witmansland sal word waarin die voorvaderlike ideaal verwesenlik sal word en of al die offers van die verlede verniet was. Elkeen moet dus weet wie sy vyand is en hom beveg want as dit in hierdie eleksie verkeerd loop, weet hy nie of die magnate-juk ooit afgeskud sal word nie. Dit mag dan te laat wees en die son sal ondergegaan wees oor Transvaal. 70)

Die verdagmakery het voortgeduur. Slegs 'n week tevore het Beyers en dr. Du Toit in Potchefstroom - "at the headquarters of Boerdom" - die aanwesiges gewaarsku dat die Transvaalse Britse Regering nie uit liefde of belangstelling die Afrikaanse leerlinge uit die C.N.O.-skole lok nie dog net om hulle in die gratis regeringskole te verengels soos dit so uitstekend geslaag het in die Kaapkolonie. Dit is die volk se plig om sy taal te handhaaf en as wapen te gebruik teen ongeregtighede. Dr. Du Toit het gesê „ons moet liewer sterf as Afrikaners as om as Engelse te floreer."[71)]

Vir "The Star" was dit genoeg om 'n vergelyk te tref. Die Heidelbergse byeenkoms

> "...marked the opening of an election campaign, and it is instructive to contrast the tenor of the speeches with that of the address delivered to Potchefstroom a week ago."

Beyers se uitlatinge word dan as „brutaal" beskou en in die lig daarvan is Botha, Smuts en Esselen se toesprake oor gematigdheid en samewerking slegs valsheid om met die hulp van "British mugwumps" 'n meerderheid te probeer behaal: terwyl hulle hulle eie ondersteuners, soos die eerlike Beyers

wat/.....

---

70) Ibid.; "The Rand Daily Mail", 9.7.1906.
71) Ibid. 4.7.1906.

wat die moed van sy oortuiging het, wil muilband.[72]

Eintlik was dit 'n bekende set van die Boere se teenstanders, nl. die beleid van d i v i d a e t i m p e r a. Daaragter het 'n gees van wanhoop geskuil by die aanskoue van hoe die plutokratiese dinastie se mag aan die taan is. Daarom moet 'n desperate poging aangewend word om te verhinder dat die opregte Engelssprekende Suid-Afrikaner - wat deur Milner die "cranks" en deur "The Star" die "mugwumps" genoem is - met Het Volk saamwerk aangesien dit ongetwyfeld sal lei tot die verplettering van die geldmag. En in drievoudige daaglikse druk is hierdie gesindheid van die Progressiewe aan die Engelse leserspubliek opgedis, t.w. deur die kapitalisties-beheerde "Star", "Rand Daily Mail" en "Transvaal Leader".[73]

Die Hoofkomiteelede het hulle vergaderings in die tweede helfte van Julie voortgesit. Botha en Smuts het hulle hoofsaaklik by die Wes-Transvaalse distrikte bepaal en vergaderings in Christiana, Bloemhof, Schweizer Reneke, Baberspan, Lichtenburg, Zeerust en Ottoshoop toegespreek. Op Christiana was ongeveer 3,000 diamantdelwers en Botha het die hoop uitgespreek dat hulle almal onder die nuwe regering gehelp sal kan word om terug te gaan na hulle plase waar hulle hulle families sal kan onderhou en 'n fatsoenliker bestaan kan voer. Oral doen die leiers 'n beroep op hulle hoorders om knap en onomkoopbare persone aan te wys as hulle verteenwoordigers in die parlement. Hulle vertrou dat aan die Vrystaat ook selfbestuur verleen sal word en dat die Vaalrivier binnekort nie meer 'n skeidslyn sal vorm tussen die twee State nie. Hulle doen 'n beroep op die Boere om tog nie te trek nie; hulle glo in die taaiheid van die volk om die kop bo water te kry. Hulle veg nie teen die Engelse vlag nie maar vra selfregering want die Boer is gewoond aan goeie regering en is trouens ook maklik te regeer as dit die regte regering is. Die C.N.O.-skole is opgerig as protes teen die willekeurige en eensydige beleid van die Engelse want die Boer wil nie van sy kinders Engelse laat maak nie. Die Hollandse taal moet teen verdrukking gehandhaaf word en die ouers 'n regmatige aandeel verkry in die opvoeding van hulle kinders. Op Baberspan het Smuts die vergaderdes daaraan herinner dat die Engelse Regering 6,000 myl ver is; dog 'n kliek en sy betaalde pers op die Rand het daardie oorsese volk en sy regering teen Transvaal opgesweep en die land hier in 'n bloedbad gedompel. Die waarheid het egter

drie/.....

72) The Star, 9.7.1906. De Volkstem, 20.6.1906.
73) De Volkstem, 14.7.1906.

drie jaar later getriomfeer en die regering wat al die onheil veroorsaak het, is uitgedelg en die Milner-konstitusie is vernietig. Nou is daar twee groot partye in Transvaal: die een met die groot geldsake en die ander met reg in die hart. Hy waarsku die volk teen die eerste want 'n soortgelyke - 'n De Beers-regering is aan bewind in die Kaapkolonie en die maatskappy word nie belas nie. In Transvaal gaan dit ook so en sal dit so voortgaan: die myneienaars regeer dog die myne spring belasting vry. Dus:

> „De oppositie is niet tussen Boer en Engelsman; er is plaats genoeg voor beide. Er is een ander man tegen wie gy moet oppassen, de man met de grote geldzaken. Vraagt niet waar een man geboren is; als zyn hart recht is, geef hem dan de rechter hand."[74]

Die politiek van die kapitalis is: verdeel en heers. Hy sal eers die Boer uitroei en daarna die Engelsman. Met bloed en trane het die Afrikaner vir hom 'n skat verwerf, het Smuts op Lichtenburg gesê, en dit is sy nasionale selfrespek en 'n plek onder die volkere van die wêreld. Die twee bates moet hulle in hoë ere handhaaf. Hulle vra geen guns nie, het De la Rey gesê, maar alleen die regte waarop alle Britse onderdane geregtig is.

Ridgeway-kommissie se Rapport voor Britse Kabinet:

Inmiddels is die rapport van die Ridgeway-kommissie aan die Liberale kabinet voorgelê. In die Britse parlement is die voorstelle van die Kommissie deur Churchill uiteengesit waarna dit deeglik bespreek is, met die oog op die tevredestelling van albei seksies in Transvaal.[75]

Reeds op 9 Junie het sir George Farrar

> "on behalf of 55 branches of Transvaal Progressive Association with a membership of 43,000 British subjects"

deur middel van die Hoë Kommissaris 'n skrywe aan lord Elgin gerig waarin hy hom daarop gewys het dat 'n verandering in die kiesreg en die herstel van die ou magistraatskiesafdelings 'n gevaar inhou vir die Britse bevolking, veral aangesien verantwoordelike bestuur beteken dat die genomineerde Uitvoerende Raad "...who formed a security for the continuance of British influence and policy in the new parliament...." gaan verdwyn. Om aan Het Volk se voorstelle toe te gee en hulle boonop die voordeel van uitstel te gee waardeur hulle meer ondersteuners op die kieserslyste kan laat registreer as wat stemgeregtig was vir die Lyttelton-konstitusie "...would result in a grave injustice to the British section of the people.[76]

In/.....

---

74) Ibid. 25 en 28 Julie 1906; 1 Aug. 1906.
75) Weideman, a.w. p.512.
76) Luit.-Goew. 144, 127/195, Farrar aan Selborne vir Kol. Kantoor, 9.6.1906.

In spanning het Farrar se "43,000 British subjects" dus nou gewag op die resultaat van Britse Regering se oorweging van die Ridgeway-voorstelle. Hulle vrees was veral tweeledig: die toewysing van setels waardeur die Britse bevolking 'n kleiner verhouding ontvang as waarop hulle dan geregtig sou wees, of 'n nuwe kiesersly$ wat a d h o c opgestel moet word. Met een van hierdie twee euwels, het "The Star" geskryf, sou die volk hom moet versoen en sluit dan verwytend af met:

> "For our own part we feel no doubt that an arbitrary allocation of the constituencies is by far the lesser evil of the two." 77)

Hoofpunte van nuwe Konstitusie word bekendgemaak:

In die Koloniale Kantoor het lord Elgin en Winston Churchill hard gearbei om die nuwe grondwet vir Transvaal so gou as moontlik afgehandel te kry. Elgin het 'n skoon rekord gehad, en hoewel hy terughoudend en kortaf van geaardheid was, was hy baie konsensieus. As seun van die staatsman, lord Randolph Churchill, en die spruit van 'n hertoëlike huis was Winston Churchill se politieke loopbaan vroeg al met rose besaai. Maar hy het hom nogtans onvermoeid aan sy taak op verskillende gebiede gewy. Hy het sy vader se politieke aanleg en 'n opregte gevoel vir maatskaplike verbetering geerf. Sy politieke loopbaan het hy in 1900 as 'n Konserwatiewe lid vir Oldham begin, maar in 1903 het hy hom met ontoegeeflike heftigheid tot die geledere van die Free Traders gevoeg toe Chamberlain met sy ongewilde tariefhervormings begin het. Hy het by die Opposisie aangesluit en kort hierna, toe hy in 1906 as lid van noordwes Manchester verkies is, was die Tory-demokraat van vyf jaar gelede een van die opkomende kragte vir die Britse Liberalisme.[78)]

Op 31 Julie 1906 het Elgin in breë trekke die hoofbeginsels van die nuwe grondwet vir Transvaal per telegram aan Selborne bekendgestel.[79)] Drie dae later het Churchill as Onder-minister van kolonies ook sekere aspekte aangaande die nuwe grondwet in Engeland bekendgemaak. (Op hierdie oomblik sou hy nog niks meedeel betreffende 'n konstitusie aan die Oranjerivierkolonie nie.)

In die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Transvaal, het Churchill gesê, is die Britse Regering deur die volgende beginsel gelei: om aan beide Boer en Brit die volste mate van die voordele te verstrek wat verbonde is aan die Britse burgerskap. Dientengevolge het die Regering die volgende besluite geneem: (a)/.....

---

77) The Star, 28.7.1906.
78) The Rand Daily Mail, 1.8.1906.
79) Cd. 3250 p.39 Elgin aan Selborne, Telegram, 31.7.1906.

(a) die kiesafdelings word gereël volgens die aantal stemgeregtigdes;

(b) algemene stemreg word gegee aan a le meerderjarige blankes wat langer as 6 maande in Transvaal woonagtig is;

(c) die kiesafdelings word gevorm vir een parlementslid elk;

(d) die ou magistraatsdistrikte word behou dog sal in kiesafdelings vir een lid per setel verdeel word waar dit nodig blyk te wees; die verdeling moet in ieder geval sover moontlik die grense van die veldkornetskappe volg;

(e) daar sal outomatiese redistribusie van setels plaasvind;

(f) in die nuwe Wetgewende Vergadering van 69 lede sal 34 lede sitting kry in setels aan die Rand, 6 in Pretoria en 29 in die orige setels van Transvaal; dit beteken volgens die syfers van die 1904-volkstelling aangesien die 1905-'06-registrasielyste onbetroubaar blyk te wees;

(g) lede mag Hollands of Engels praat;

(h) die militêre stem word uitgesluit;

(i) vroue het geen stemreg nie;

(j) lede word vir 5 jaar verkies;

(k) lede sal betaling ontvang;

(l) Swaziland bly onder die regstreekse bestuur van die Hoë Kommissaris;

(m) Die werwing van Sjinese sal op 11 November gestaak word en in die Konstitusie sal 'n klousule gevoeg word waarvolgens die huidige Ordonnansie vir die invoer van Sjinese ingetrek word;

(n) 'n Landraad sal saamgestel word onder wie se jurisdiksie landbou-nedersetting sal ressorteer;

(o) die Interkoloniale Raad sal tydelik voortbestaan, dog aangesien die Imperiale Regering die hande van die lokale outoriteite nie wil bind nie, kon beide die Kolonies na kennisgewing van 'n jaar daaruit uittree;

(p) die Britse Regering is nie bereid om verdere voorskotte uit te betaal vir verliese gely gedurende die oorlog nie;

(q) daar sal 'n klousule tot die Konstitusie gevoeg word waarin die onderskeid bepaal word tussen wetgewing vir die blanke bevolking en die nie-blanke. Hierby sal neergelê word dat geen wet goedgekeur sal word wat diens- of verblyfvoorwaardes behels wat die karakter van slawerny openbaar nie;

(r) ten slotte word voorsiening gemaak vir 'n tweede kamer, d.i. 'n Hoërhuis of Wetgewende Raad van 15 genomineerde lede veral met die oog op die beskerming van die naturelle se belange.[80]

Op 6 Augustus het Elgin per telegram uitvoerig aan Selborne verduidelik wat die motiewe en redes was vir bepalings rakende die onderskeie kardinale beginselpunte soos deur die Regering neergelê. Dan vervolg hy:

"I/.....

---

80) De Volkstem, 4.8.1906; The Rand Daily Mail, 1.8.1906; The Star, 1.8.1906; Pyrah, a.w. p.177.

> "I am one of those who share the hope that the Government that will be called into life by these elections will be a coalition government with some moderate leader acceptable to both parties and a government which embraces in its party members of both races. Such a solution would be a God-send to South Africa. But whatever may be the outcome, His Majesty's Government are confident that the Ministers who may be summoned from whatever party they may be drawn, will in no circumstances fail in their duty to the Crown."[81]

Kritiek oor Grondwet deur Engelse en Engelse pers in S.A.:

Behalwe die algemene ontevredenheid oor die Tweede Kamer wie se lede deur die Kroon benoem sal word, en dus in stryd is met alle beginsels van selfbestuur, was daar in die reël eenstemmigheid oor die voordele wat die beoogde nuwe regeringsinstrument inhou. Trouens, "The Star" was van mening dat almal teen die tyd al so sat was vir die jammerlike toestande van die afgelope tyd

> "...that ... there is no difference of local opinion as to the disirability of being rid of Crown Colony Government on almost any terms."

Tog kon dieselfde orgaan nie sy venyn beheers waar dit die taalklousule gegeld het nie.

> "The admission of the T a a l to the Legislature on equal terms with English is a plain breach of the intentions of the Terms of Surrender and may lead to a good deal of unnecessary trouble."[82]

Die "Rand Daily Mail" se kommentaar was dat taalgelykheid in die sin sal baat nl. dat Hollands gou deur die letterkundige en handelsvoordele van Engels oortref sal word terwyl die miskenning en onderdrukking daarvan dit juis sal verewig.[83]

Die grootste voordeel wat die Boere ingeoes het van hulle agitasie teen die Lyttelton-grondwet en hulle uitbuiting van die verandering in partypolitiek, het "The Star" aangevoer, was dat

(i) die stemreg uitgebrei is om ook die bywoners in te sluit;

(ii) al die plattelandse distrikte, ongeag hulle lae stemkrag, verteenwoordig sal wees en

(iii) dat die Britse soldaat van sy stemreg ontneem is.[84]

Die volledige grondwet wat sal voorsiening maak vir selfbestuur aan Transvaal, beloof glad nie 'n groot dokument te wees nie, het "The Star" verder geskryf.

> "It is too plainly a patchwork of concessions and restrictions, and falls immeasurably below the standard of equity and confidence which has marked the making of the Empire in other parts of the world."

Alles sal dus afhang van "... every British-born citizen of the Transvaal," en as hulle sou verenig en solied staan

in/.....

81) Luit.-Goew. 144, 127/195, 14.8.1906.
82) The Star, 1.8.1906.
83) Oorgeneem deur De Volkstem, 4.8.1906.
84) The Star, 2.8.1906.

in die komende politieke stryd, soos Het Volk verenig en solied is, is daar alle hoop dat die land geregeer sal word "on British principles and according to British ideals," soos lord Durham beoog het toe hy selfregering aan Kanada toegeken het.[85] Die party waardeur hierdie oorwinning en waarborg vir Britse beginsels verseker kan word, het Farrar op Pretoria verklaar, is die Progressiewe Party; en sy volgelinge sal van groter sukses verseker wees as hulle bereid sal wees " ... to be a little less Progressive and a good deal more truly British," was die "Rand Daily Mail" se slotinterpretasie van hulle leier se woorde.[86] Optimisme oor die welslae wat hulle in die eerste eleksie gaan behaal, het nie ontbreek nie. Hulle Eerste minister het hulle klaar aangewys. "With sir Richard Solomon as the first Prime Minister," het sir Abe Bailey verkondig,

> "the colony would ensure the guidance through a transition period of a man intimate acquainted with every detail of administration and should thereby achieve continuity of policy."[87]

E.P. Solomon en Peter Whiteside, onderskeidelik van die Transvaal Responsible Government Association en die Arbeidersparty, was albei tevrede met die moontlikhede wat die aanstaande konstitusie beloof en hulle was seker dat 'n Britse meerderheid verkry kan word, hoewel Solomon ten gunste was van 'n koalisie-ministerie bestaande uit die gematigde manne van die land. Beide was baie sterk gekant teen die genomineerde Hoërhuis.[88]

<u>„De Volkstem" oor die Konstitusie:</u> Namens Het Volk het „De Volkstem" waardering betuig vir die onmiskenbare sug na gematigdheid wat die voorlopige hoofpunte van die konstitusie weerspieël; dit moes politieke moed van die Liberale Regering geverg het om te erken dat in Suid-Afrika geen durende rus denkbaar is as daar nie eerlik met die Afrikaner gehandel word nie. Daarom kan daar juis grondige rede vir ontevredenheid wees met bepalings soos die wat voorsiening maak vir 'n aangestelde Hoërhuis en die reservering van naturellesake. 'n Verblyf van slegs 6 maande alvorens 'n man stemgeregtig kan wees, is ook heeltemal te kort. Dit vergroot die element van willekeur in die regeringsmasjinerie.

Die eintlike beswaar van „De Volkstem" het gegaan om Churchill se uitlating dat die Liberale Regering die eer het om Verantwoordelike regering aan Transvaal te <u>vergun</u>. Die

Transvaalse/.....

---

85) Ibid. 10.8.1906.
86) The Rand Daily Mail, 11.8.1906.
87) Ibid., 9.8.1906.
88) The Star, 1.8.1906.

Transvaalse publiek, het hierdie orgaan aangevoer, wil selfbestuur aanvaar nie as gif nie, maar as iets waarop regmatig aanspraak gemaak kan word, dus as iets wat die Imperiale Regering verplig is om te verleen. Opregte en onvervalste selfbestuur vir die Oranjerivierkolonie en Transvaal is nie 'n blyk van guns, genade of goedertierenheid van Imperiale kant nie, maar die uitkoms van 'n plegtige kontrak tussen twee partye. Churchill begaan 'n groot flater deur te verklaar dat Transvaal eersdaags met Verantwoordelike bestuur „begiftig" sal word en dit in dieselfde asem met selfbestuur gelyk te stel maar die parlement se wetgewende bevoegdheid te kortwiek deur 'n Tweede Kamer waarvan die lede deur die Imperiale Regering benoem sal word en deur allerlei ander voorbehoude.*

In ieder geval, die Boere het vertrou dat beter dae in sig is.

> „En even als in Moses' dagen zit het Vrystaatse en Transvaalse publiek te staren naar de onzichtbare, verafgelegen bergtop, Downingstraat geheten, waar de geheimzinnige barensweeën voelbaar zyn en de nieuwe Patent-brief in koortsachtige haast geredigeerd wordt. Met de ongeduldige blydschapsenuachtigheid van kinderen, hunkeren de Transvalers en Vrystaters naar de „gift", die hun te Londen is toegedacht, en bestuderen de Imperiale autoriteiten alvast 't effekt dat hun spaarzame onthulligen op Zuid-Afrika's aangezicht teweegbrengt."[89]

Menings omtrent die Grondwet in Engeland: In Engeland het die perskommentaar slegs die sienswyse van die twee hoofpartye weerspieël. Die Konserwatiewe blaaie soos o.a. "The Daily News" en "The Advertiser" het uitgeroep dat die Britte in Transvaal bedrieg is; die konstitusie is 'n tweede Amajuba en alles wat Engeland in die drie jaar van oorlog gewen het, is weer aan die Boere teruggegee. "The Globe" het die grondwet as 'n gevaarlike waagstuk beskou. Meer besadigde koerante soos "The Times", "The Evening Standard" en "The Telegraph" het gesê dat die grondwet 'n gewaagde „proef" of „groot toets" is, maar hulle was nogtans gerus. Die Liberale blaaie soos "The Morning Post" en "The Westminister Gazette" het 'n geesdriftige toon aangeslaan en die Regering geloof om sy openhartigheid.[90]

In die Britse Laerhuis het Balfour, die leier van die Opposie, sy verbasing uitgespreek oor die eksperiment wat die Regering durf waag. Die enigste rede waarom die Regering dit beproef, het hy gesê, was om ontslae te raak van die

verleenthede/.....

---

89) De Volkstem, 11.8.1906.
90) Oorgeneem deur De Volkstem, 4 en 25 Augustus 1906.

* Die ironie is dat juis die prominentste leiers van Het Volk g'n jaar later nie die Britse Regering 'n kosbare beloning aangebied het as blyk van waardering vir hierdie wonderlike „gif" van selfregering. Vide infra, pp. 266 - 269.

verleenthede wat verbonde is aan die ekonomiese en arbeidsvraagstukke in Transvaal wat die Liberaliste se roekelose beloftes tydens die algemene verkiesing vir hulle meegebring het. Hulle moet onthou dat Transvaal net so begerig is om ontslae te raak van Downingstraat! Hyself aanvaar geen verantwoordelikheid nie

> "...for the most reckless experiment which had ever been tried in the development of our Colonial policy."[91]

Balfour was ure lank besig met sy kritiek teen die Regering se Transvaalse eksperiment en toe hy gaan sit, het Campbell-Bannerman opgespring en in die een minuut wat hy tot sy beskikking gehad het, het hy sy opponent se jingoïstiese woordevloed ongedaan gemaak net deur kort en saaklik te sê dat hy nimmer gedurende sy parlementêre ervaring na 'n onwaardiger, boosaardiger en onvaderlandsliewender rede geluister het nie as die van die heer Balfour.[92]

<u>Politieke Partye Bedrywig na Bekendmaking van Hoofgedagtes van nuwe Grondwet: Die Progressiewe Party:</u>

Hoewel die aanstaande Elgin-konstitusie aan die Britse bevolking in Transvaal aansienlik meer voordele gebied het as sekere terme wat deur die koninklike afgesante 'n maand of twee gelede aan hulle voorgelê is, kon hulle geensins bekostig om stil te sit en die finale vorm van die regeringsinstrument af te wag nie. Hulle geledere wàs van bo tot onder geskeur en die moontlikheid dat die Progressiewe Party en die T.R.G.A. mekaar die hand sal gee om die groot breuk te heel was baie vaag. Die verskille tussen die Progressiewe partylede en die volgelinge van die Responsible Party was in alle waarskynlikheid net so diep as die breuk wat Bittereinder en Hensopper in die Boeregeledere van mekaar verwyder het. Liefde vir Suid-Afrika en 'n patriotiese begeerte om te streef na die algemene welsyn van die land en sy inwoners, het by die Progressiewe Engelse vaak ontbreek. Hulle was 'n afsplintering van die jingoïstiese Unioniste in Engeland onder Balfour. Na die noodlottige Jameson-strooptog is hulle deur die vlaag van anti-Kruger-gevoel onder die Engelssprekende Suid-Afrika saamgesnoer in een jingoïstiese verbond, die kapitalisties-imperialistiese Progressiewe Party wat voor die oorlog reeds in die Kaap en daarna in Transvaal op die been gekom het. Nie een van sy baie geldkonings: Farrar, Bailey, Van Hulsteyn, Chaplin, Fitzpatrick, Sampson, Evans e.a. het die politieke vernuf gehad nie of die grootmoedigheid om persoonlike (in hierdie geval geld-) belange op te offer ter wille

van/.....

---

91) The Star, 1.8.1906.
92) De Volkstem, 4.8.1906.

van die uitbouing van hulle party tot 'n magtige Suid-Afrikaanse politieke beweging. Die politieke mag wat op kunsmatige wyse na die oorlog deur Milner in hulle hande geplaas is, wou hulle behou om dit vir persoonlike gewin aan te wend. Selfregering - m.a.w. 'n regering deur die volk vir die volk - het hulle as 'n bedreiging beskou vir hulle eie outokratiese mag en toe die nie-kapitalistiese Engelse set soos die Boere streef na selfbestuur, is hulle uitgekryt as verraaiers van die Britse ideaal in Suid-Afrika. Nie een van die vooraanstaande Engelse het die takt, persoonlikheid, vernuf of politieke ervaring gehad om hierdie breuk in hulle geledere te heel soos genl. Botha en sy makkers Bittereinder, Hensopper en National Scout onder die vaandels van Het Volk saamgesnoer het nie. Vandaar die ware maar vir die Engelse wrange woorde van die "Rand Daily Mail" juis op die oomblik dat die Konstitusie vir selfbestuur in wording is:

> "Het Volk is a model of what a Party should be. The British on the Rand are a model of what a Party should not be."93)

Wat ideale betref het die Progressiewe eerstens gestreef na die handhawing van die Ryksverband.

Hulle ondersteuners was hoofsaaklik in die groot dorpe en stede saamgetrek; daarom was hulle ekonomiese beleid so ingerig dat dit die dorpsbelange bevoordeel het bo die platteland, wat m.a.w. daarop neergekom het dat die mynindustrie met sy talryke nywerheids- en besigheidsvertakkinge ten alle koste onderhou moes word. Op politieke gebied het hulle die steun van al hierdie dorpsbewoners nodig gehad; dog baie van hulle was lede van die T.R.G.A. en die Arbeidersparty. In sy propagandaveldtog, waarin die Progressiewe Party die aktiewe steun van die drie belangrikste Randse nuusblaaie geniet het, het die leiers hulle gevolglik grotendeels beywer om te verhinder dat Het Volk 'n verbond sluit met òf die Arbeiders òf die T.R.G.A. Hierin het hulle nie geslaag nie; die Arbeiders het baie volgelinge juis uit die verstedelikte Afrikanergeledere getrek en daarbenewens het die Engelse leiers van hierdie beweging (Creswell, Whiteside, e.a.) 'n weersin gehad in die geldmag wat die grondslag gevorm het van die Progressiewe beleid. In hulle Sjinese-arbeidsbeleid het die Arbeiders 'n nog groter afsku gehad.

Die T.R.G.A. was 'n soort middelparty tussen Het Volk en die Progressiewes en, soos hulle naam aandui, was hulle hoofdoel die verkryging van verantwoordelike bestuur aan Transvaal. Twee faktore het verhinder dat hierdie politieke

vereniging/.....

---

93) Rand Daily Mail, 16.8.1906.

vereniging langs een vuur sit met die ultra-imperialistiese Progressiewe:

(i) lg. se teenkanting teen selfbestuur hoofsaaklik vanweë

(ii) hulle wantroue in die Boere en die Boere-volksparty.

'n Nuwe bestuursvorm met die oog op selfregering was in wording, wat beteken het dat 'n verkiesing gehou sal moet word, maar die Engelse bevolking was verdeeld in twee kampe en baie enkelinge het selfs aan ander kleiner partygroepe behoort. Dit is vanselfsprekend dat die hebsugtige magnate, wat besef het dat hierdie onenigheid kon meebring dat hulle hulle selfopgelegde politieke mag kan verloor, nie gehuiwer het om van ekstremistiese propaganda gebruik te maak nie - propaganda wat ten doel gehad het die voorstelling van Het Volk as 'n militêre organisasie onder militêre leiers wat wil poog om die onafhanklikheid van die Republieke te herstel en Suid-Afrika vir die Afrikaner te wil inpalm, en die T.R.G.A. as die party van daardie Engelse wat gemene saak gemaak het met die Boere en daarom die Britse ideaal in Suid-Afrika ontrou geword het.

Die besondere taak wat dus op die Britte van die Progressiewe Party rus, is om "British supremacy" in Suid-Afrika te handhaaf; die "future destiny of South Africa" is in húlle hande; om Suid-Afrika groot te maak "in accordance with British ideals" kan húlle alleen vermag; hulle moet steeds volhou, want "all believers in our Imperial destiny will be with them in their endeavour."[94]

In die Liberale Party van Engeland het die Progressiewe Britte in Transvaal hulle oorsese vyand gesien. Dit is hierdie party wat nou aan die "Dutch bywoner" stemreg gegee en dit van die "British soldier" ontneem het; dit is hierdie party wat die Sjinese wil terug stuur. Maar die lot van Transvaal - en toevallig ook die van die Liberale Party, het die Progressiewe blad, "The Star", gesê - sal binne die volgende ses maande beseël wees,

> "...for the Boer majority here will infallibly mean the downfall of the men who brought it about."[95]

Met hierdie ondertoon in sy beleid het die Progressiewe Party die aanstaande eleksie tegemoetgegaan. Vroeg al het die leiers besluit om elke setel te betwis.[96]

Die/.....

---

94) Ibid. 27.8.1906; Vgl. ook The Star, 23.8.1906.
95) The Star, 24.8.1906.
96) Weideman, a.w. p.514.

Die Delimitasie-kommissie - Opdragte: Vroeg in Augustus 1906 is die Afbakeningskommissie deur Selborne aangestel. Hulle was kol. Johnstone, regter Laurence van die Kaapkolonie, regter sir William Smith en maj. Barnett.[97] Die opdrag aan hulle was dat hulle onverwyld moet begin om die kiesafdelings in Transvaal af te baken en wel soos volg: 34 setels aan die Witwatersrand, 6 aan die Pretoriase munisipale gebied en 29 kiesafdelings aan die res van Transvaal. Verdere instruksies het gegaan oor die strenge eerbiediging van bestaande distriksgrense en die van veldkornetskappe waar 'n dorp en sy distrik se kwota kiesers meer as een lid regverdig. Die 1904-sensus met die addisionele kieserslyste moet as basis dien by die afbakening van setels. Elke setel moet 'n naam kry.[98]

Op 1 Oktober was die afbakening op die platteland afgehandel en die setel-indeling soos volg:

Barberton.....	1 lid	Ermelo.....	2 lede
Lydenburg.....	2 lede	Heidelberg.....	2 lede
Lichtenburg.....	1 lid	Marico.....	1 lid
Middelburg.....	2 lede	Potchefstroom - dorp.....	1 lid
Rustenburg.....	2 lede	Potchefstroom-distrik.....	3 lede
Standerton.....	2 lede	Wakkerstroom...	2 lede
Pretoria-munisipaliteit..	6 lede	Pretoria-dist..	3 lede
Waterberg.....	1 lid	Wolmaransstad..	2 lede
Zoutpansberg....	2 lede		

Die Kommissie sal voortgaan om die Witwatersrand te verdeel volgens die bestaande administratiewe grondslag, nl. die munisipaliteitsgrense en magistraatswyke terwyl gemeenskap van belange, verkeersmiddele, ens., ook in aanmerking geneem word.[99]

Het Volk - Voorbereidings en Organisasie met die oog op Verkiesing - Het Volk se Roeping: Die leidsmanne van Het Volk was verstandig genoeg om nie volkome staat te maak op die welwillenheid van die Liberale ministerie nie. Smuts se ervaring in Engeland het bewys dat Campbell-Bannerman 'n taamlike bont spul in sy kabinet opgeneem het van wie sommige se pro-Boer gevoel nie juis diep gesetel was nie, en vir die Britse openbare mening was hulle maar skrikkerig. Het Volk sou dus in die hoogste mate van sy eie stoom afhanklik wees. Dié was gelukkig sterk en gereed, en die amptelike bekendmaking van die setel-indeling van die Transvaalse platteland het die organiseerders met nuwe vuur aan die werk laat spring.

„De/.....

97) De Volkstem, 8 en 15 Augustus 1906.
98) Luit.-Goew. 144, 127/195, Selborne aan regter Smith, 11.8.1906.
99) Luit.-Goew. 144/195: Goewermentskennisgewing no. 788, 1.10.1906; De Volkstem, 3.10.1906.

„De Volkstem" het ook sy plig geken en daarop gewys dat slegs die bekwaamste kandidate vir die party genomineer moet word. Hulle moet deskundiges wees op allerlei gebied van die publieke administrasie: die landbou en veeteelt, mynwese, onderwyssake, publieke finansies, staatshuishoudkunde, kriminele of privaatreg. Die volk moet onthou dat die ministers uit die meerderheidsparty in die parlement benoem sal word. Insgelyks moet die lede van die opposisieparty deskundiges wees wat bekwaam is om die bestuursbeleid van elk van die ministers op afdoende wyse te kritiseer en positiewe wenke aan die hand te doen.

Op die Hoofkomitee van Het Volk het die verantwoordelike taak gerus om sorg te dra dat die bg. belange van die staatsbemoeiing behoorlik in een of meer van die kandidate van Het Volk verpersoonlik sal wees.[100] Hulle het 'n sterk geldparty teen hulle wat op die nog teenwoordige na-oorlogse jingo-koors teer, vir wie die Empire in die Suid-Afrikaanse politiek sinoniem is met die Progressiewe Party, die Kamer van Mynwese, die Eksteins en die Hochenheimers, en wat die ondergang van die Empire wil voorkom deur uitkoms in Sjina te gaan soek. Die strewe van Het Volk is om rassewrywing uit die weg te ruim as voorwaarde vir 'n Suid-Afrikaanse nasionale gees onder albei rasse. En dit het presies neergekom op die vernietiging - in Transvaal sowel as in die Kaapkolonie - van die Progressiewe Party in sy huidige samestelling.[101] Die Boerevolk het reeds sy suiweringsproses deeglik deurgemaak in die afgelope oorlog. Baie het vir hulle hierin verlore geraak, sê Smuts, as 'n prominente leier van Het Volk,

> "...yet I believe that the compensations which will appear in after years will far outweigh the loss and the suffering. No people sacrifices itself for an ideal without advancing that ideal and gathering a moral strength which comes alone from adversity."[102]

Hierdie noodsaaklike "adversity" moet die Progressiewe nog smaak, al moes dit deur Het Volk op politieke gebied aan hulle toegedien word.

'n Proklamasie betreffende die registrasie van alle meerderjarige blanke Britse onderdane voor 20 Oktober wat 6 maande in Transvaal woonagtig is, is deur „De Volkstem" onder die aandag van die Boere gebring. 'n Voorlopige registrasielys sou op 30 September gepubliseer word, en dit was die plig van die verskillende takskomitees van Het Volk om vas te stel of

enige/.....

---

100) De Volkstem, 15.8.1906.
101) The South African News, 2 en 4 Oktober 1906.
102) Smuts aan sir Henry de Villiers, 3.5.1906. Aangehaal by Walker, a.w. p.419.

enige name van hulle volgelinge ontbreek. Die name en plekke van die verskillende registrasie-amptenare - hoofsaaklik resident-magistrate en kommissarisse - is bekendgemaak. Daar was reeds sprake dat die verkiesing in Februarie 1907 sou plaasvind.[103]

Eleksiemasjinerie van Het Volk op dreef - Leiers baie meer hoopvol:

Vir ses maande reeds - van April tot September 1906 - was genl. Botha ononderbroke besig met publieke vergaderings van die Hoofkomitee en met samesprekinge met vooraanstaande persone. Op 21 September kon hy Leyds gerusstel deur te sê dat hy 'hoopvol is dat die opofferinge wat hulle deurgemaak het na die vrede om die volk op te wek, bekroon sal word met sukses'.[104] In elke distrik, tot in die kleinste dorpie, het Het Volk sy plaaslike komitee gehad. Die planne was gereed. Met dieselfde getrouheid as wat die burgers in die oorlog hulle offisiere gevolg het, het hulle nou gereageer op hulle gewilde leier se opdragte. Het Volk was 'n soliede eenheid, sy ondersteuners deeglik gelei, sy doel duidelik en sy partymasjinerie knap.[105] Op 22 September sou Botha nogmaals op reis gaan om die hele Transvaal te deurkruis ten einde persoonlik alle komitees van Het Volk te ontmoet. Voorlopig beplan hy en die Hoofkomitee om die jaarlikse Volkskongres op 6 November te hou waarna hulle besig sal wees met die party-nominasies. Hy beoog om daarna weer publieke vergaderings in elke kiesafdeling te hou.

Botha kla teenoor Leyds: „De spul (sic) van de geheele zaak loopt maar op een paar van ons af" maar hy is beslis meer hoopvol. Hy verwag om 28 uit die 29 plattelandse kiesafdelings te wen. Hierdie lede sal almal „schoon vertrouwbare" ondersteuners van Het Volk wees. Dan hoop hy om 2 uit die ses van Pretoria, 2 in Krugersdorp en 3 in Johannesburg te wen. Gevolglik verwag hy dat die Volksparty saam met die „gematigde Engelse party" en die „Werksmansparty" 'n goeie meerderheid sal behaal oor die ultra-Britse Progressiewe Vereniging en verwag hy ook dat sy party en die gematigde T.R.G.A. 'n regering sal vorm. Dit vra natuurlik harde werk, skryf hy aan Leyds, te meer daar die kapitaliste vanweë hulle geldelike vermoë elke ander party se kandidate in al die setels opponeer. Teen hierdie sterk geldmag, sê hy, het hulle van hulle kant niks „behalwe reg en die waaragtige belange van die land en volk."[106]

Smuts/.....

---

103) De Volkstem, 15, 19 en 22 September 1906.
104) L.A. 262(2) 21.9.1906.
105) Armstrong, a.w. p.166.
106) L.A. 262(2) 21.9.1906.

Smuts het ook nou sy pessimisme afgeskud - nie uit eie vertroue soos Botha wat lughartiger van aard was nie - maar omdat hy uit sy nougesette bestudering van die politieke situasie gemerk het dat daar 'n kentering ten koste van die magnate aan die gang was. Hy is net spyt dat die Engelse 'n groot leier ontbeer.

> "We are making big efforts to strengthen the hands of the moderate English sections. If they had a leader the victory would be overwhelming, for the distrust with the mine-owners is universal. But there is no leader and so E.P. Solomon fills the gap."[107]

skryf hy aan Merriman.

Rassevrede grondslag van Botha se Verkiesingsveldtog:

Teen die einde van September het Botha sy eleksieveldtog hervat. Hierdie keer het hy saam met Beyers na Pietersburg gegaan, in alle waarskynlikheid om hierdie s.i. te uitgesproke kameraad van hom 'n bietjie kort te vat en te verhinder dat hy uitlatinge maak wat die teenparty weer rede sal gee om te beweer dat Het Volk deels versoening en deels rassehaat verkondig. Beyers was dan ook inderdaad matiger in sy redevoering as in die verlede; hy het trouens 'n skitterende pleidooi gelewer vir unifikasie en aangetoon hoe die naturellevraagstuk, die Indiërkwessie, die skool- en universiteitsaangeleenthede deur eenheid in belang van Suid-Afrika aangepak kan word. Botha het 'n beroep op die aanwesiges gedoen om die organisasie te vergemaklik; elkeen moet sy plig ken ten opsigte van registrasie en elke komiteelid moet sorg dra dat hy 'n lys van sy tak bekom en kontroleer of alles in orde is. Verder bepaal hy hom spesifiek by die beskuldiginge uit Johannesburg nl. dat Het Volk almal aan 'n lyntjie hou deur nie sy program bekend te stel nie. Die program, verseker hy, sal op die juiste tyd verskyn, wanneer dit nie nodig is om dit kort-kort te wysig soos die Johannesburgse programme nie. Dit sal voor die verkiesing wêreldkundig wees, verklaar hy op 'n tipiese slim Boeremanier, en dit sal geen „kleingeestighede" bevat nie, dog ruim genoeg wees om alle blankes in Suid-Afrika te omvat. Gods wil is dat die Boere moet saamwoon met diegene teen wie hulle nog onlangs om lewe en dood geveg het. Het Volk bied 'n tuiste aan alle nasionaliteite mits dit hulle skoon, eerlike doel is om die welvaart en die waaragtige belange van die land te beoog. Hy hoop die aanstaande regering sal uit Afrikaners en gematigde Engelse saamgestel wees. Hulle moet wedersyds trag om mekaar se goeie eienskappe te respekteer.[108]

Vir/.....

---

107) Merriman Papers, no.198, 30.8.1906.
108) De Volkstem, 29.9.1906.

Vir Progressiewe Mondstuk bestaan Rasseverskille voort:

Vir die "Star" was Botha se enigsins ontwykende verwysing na Het Volk se program wat nog bekendgemaak sal word en dat lede van die beweging daarna gevra sal word om dit te onderskryf, te erg om los te loop. "There is Boerdom in two sentences, as tight as ever an ox was packed in a tea-cup." Vir die blad is dit 'n voldoende bewys dat Het Volk se "cast-iron political machinery" van bo op die hele Boerebevolking gelê is wat dit sonder die geringste teken van verset aanvaar het. Almal verkeer in die duister omtrent die oënskynlike doel waarvoor hierdie persone hulle saam verenig het. Die besluite wat oral op die vergaderings en kongresse geneem is, was slegs vertroue-mosies in 'n self-aangestelde koukus van Sewe.

> "That simple creed has never failed to satisfy a party which must be reckoned from this solid satisfaction, if from nothing else, to be the strongest single party in Transvaal politics."

Maar 'n erger onheilspellende en klaarblyklike valsheid waaraan Botha hom skuldig maak, deel die "Star" aan sy lesers mee, is dat hy durf beweer dat rassehaat nie meer 'n faktor is in die bevolking se politieke verskille nie - en dit as sy eie party nog sonder politieke program of beginsels lede werf. Hoe kan Botha dít beweer as die lede van sy party net een gemeenskaplike eienskap het, nl. dat hulle Boere is, en die leiers net een gemeenskaplike kwalitiet het, nl. dat hulle in die groot krisis van die Boerevolk na vore getree het as die kampvegters van Boerevryheid? En tans geniet hulle die onverdeelde trou van hulle volgelinge omdat hulle net een doel het, nl. Boere-oorheersing in die raadsale van die Kolonie. Die beloftes wat hulle maak, beoog kompensasie aan "the people" pensioene vir "Republican officials" en toelaes vir "C.N.O. Schools" - alles dus vir een seksie van die Transvaalse bevolking, 'n seksie wat juis van die ander verdeel is deur ras en niks anders nie. Die wesenlike bestaan van Het Volk is op rasseverskil gegrond en om op 'n koalisie-regering aan te dring beteken eenvoudig dat die rassevraagstuk erken word. Die Boere staan bymekaar as 'n ras sonder dat hulle eers 'n politieke program as 'n samesnoerende band nodig het. Die rasseverskil bestaan dus en hoe dit ook al verberg word deur eleksiepraatjies, bly dit die groot onderliggende faktor in die situasie. Elkeen in Transvaal behoort òf aan Het Volk òf hy behoort nie aan Het Volk nie en Het Volk is uitsluitlik saamgestel uit Boere as sodanig. "These are obvious platitudes, but they are the A.B.C. and X.Y.Z. of Transvaal Politics", besluit hierdie Progressiewe mondstuk.[109]

Die/.....

109) The Star, 27.9.1906

Die T.R.G.A. en Reform Club vorm die National Association - Ooreenkoms met Het Volk verval:

Die groot leier van die Boere het hom nie deur hierdie soort van doelbewuste verdagmakery teen sy verdraagsaamheidsleerstelling van koers laat bring nie. Sy knap luitenant, Jan Smuts, se woorde dat daar 'n algemene wantroue is in die myneienaars, was maar al te waar. Teen die einde van Augustus het invloedryke Britte hulle steun aan die Progressiewe Vereniging onttrek en onder die heer W.J. Wybergh 'n nuwe politieke beweging op die been gebring, die Reform Club. Die uitgangspunt van dié party was grootliks dieselfde as dié van Het Volk. Die land se bestuur kan nie langer toevertrou word aan oorsese dividendesoekers en binnelandse spekulante nie maar moet uitgeoefen word deur mense met blywende belange in die kolonie. Die belastingstelsel moet so hersien word dat die goudmynindustrie ooreenkomstig sy dividende belas word; die stelsel om die spoorweë te gebruik as middel om die staatskas te vul moet opgehef word, sodat die spoorweë slegs as goedkoop transportmiddel gebruik word. Daar moet kolonisasie wees en nie uitmergeling nie; beginsels is belangriker as die party. Farrar en Fitzpatrick is tans soos uitgebrande vulkane. Hulle en hul vriende het die afgelope jare enkel aan persoonlike belange gedink en die belange van die Transvaalse gemeenskap verwaarloos. Om die mynindustrie te dryf met 'n horde Asiate is 'n valse beginsel as daarteenoor gestel word blank Suid-Afrika, en net so vals is dit om die lewensduurte goedkoper te maak deur invoerregte te verhoog. Die belastingstelsel waardeur nie die gemaakte wins nie, dog die strewe, die ondernemingsgees, belas word, is ongehoord. Waar moontlik moet die belasting direk wees. Die Sjinese moet onmiddellik gerepatrieer word. Dit is belaglik dat juis die Progressiewe hulle wil voorhou as die enigste Britte in die land en die Boere wil ónderhou. Milnerisme en die Milneriste is geweeg en .... loodswaar bevind.[110]

Die Engelse in die Transvaal Responsible Government Association het in hierdie nuwe beweging van hulle taalgenote 'n bondgenoot gesien. Hulle was minstens eens in die redes vir hulle opposisie teen die Progressiewe Party. Hulle het uit die aard van die saak geleidelik na mekaar beweeg en geen twee maande later nie het die T.R.G.A. en die Reform Club saam die Transvaal National Association gevorm met E.P. Solomon as voorsitter; sy broer Harry Solomon en W. Wybergh, A. Johnston, R. Gregorowski, R. Goldman en H.C. Hull was van die prominentste lede. Die party het 'n suiwer en breë beleid opgestel wat uit die oogpunt van Transvaal se gevestigde belange nie

veel/.....

110) De Volkstem, 22 en 25 Augustus 1906.

veel kritiek kon uitlok nie. Samewerking met en respek vir die Afrikaanssprekende deel van die bevolking het 'n belangrike onderdeel van hulle program van beginsel uitgemaak.[111]*

Hiermee het die ooreenkoms tussen Het Volk en die T.R.G.A. verval aangesien die verstandhouding nie oorgeneem is in die National Association waarin die T.R.G.A. sig opgelos het nie. E.P. Solomon het nietemin verklaar dat hulle graag met enige party wil saamwerk as so 'n party van die beginsels aanhang wat opgeneem is in die manifes van die Nationals. Die rassekwessie wil hulle graag uit die weg ruim; die Boere is nie hulle vyande nie, maar mede-Britte.[112]

Progressiewe Party ontbreek Entoesiasme en Veggees, - Vestig hoop op R. Solomon:

Die Progressiewe Party kon teen hierdie sterker wordende gematigdheidsgevoel van sowel die Boere as baie Engelse nie veel verrig nie. Bowenal het dié party gebrek gehad aan 'n sterk stimulus; 'n gees van entoesiasme wat die lede van enige party moet deurtrek as dit sukses wil behaal - 'n veggees - het ontbreek. Daar was 'n gebrek aan lojalitiet, gebrek aan 'n sterk leidende persoon. Gevolglik was die politieke gevoel onder die ultra-imperialistiese Engelse van die Progressiewe Party maar taamlik negatief. Hulle het baie duidelike oortuigings gehad oor dit <u>waarteen</u> hulle gaan stem maar van dit <u>waarvoor</u> hulle gaan stem, het hulle hoogstens 'n vae denkbeeld gehad.

> "Political enthusiasm exists not in proportion of their liking for any particular party, but rather in proportion to the antipathy they feel for all. It is an unsatisfactory state of affairs,"

het die "Rand Daily Mail" geskryf.[113]

Dit was onder die diepe indruk hiervan dat so baie Engelse hulle hoop gevestig het op sir Richard Solomon, die briljante prokureur en knap spreker wat sedert die einde van 1905 Luitenant-goewerneur was en een van die gewildste Britse amptenare. In administrasie het hy egter hoër uitgeblink as in die politiek; in die opstel van o.a. die Sjinese-Invoerordonnansie het hy 'n groot aandeel gehad.[114] Baie Engelse was oortuig dat hy die steun van nege-tiendes van die Transvaalse bevolking geniet het. Hy moet net met 'n definitiewe en konstruktiewe program voor die dag kom. Vir hulle was die groot vraag voor die kiesers of die Milner-administrasie, waarin sir Richard so 'n prominente rol eers as Prokureur-generaal en toe as Luitenant-goewerneur gespeel het, voort-

gesit/.....

111) The Star 28.9.'06; The Rand Daily Mail, 28.9.'06.
112) De Volkstem, 27.10.1906; 5.12.1906.
113) The Rand Daily Mail, 12.10.1906.
114) Rose Innes (Outobiografie) p.199; Spoelstra, a.w. pp.57-58.
* Vgl. Spoelstra, a.w. Bylaag I.

gesit gaan word onder selfbestuur of nie.

> "We sincerely trust that sir Richard Solomon may see his way clear," het die "Star" gepleit, "to make a bold stand on his return on behalf of the policy and institutions which he has served with so much distinction."115)

Greep van ultra-Britse groep in Suid-Afrika verswak:

Vir die kenner van die partypolitiek het dit al duideliker geword dat die Progressiewe Party sy hoogtepunt bereik het. Die party het beide in die Kaapkolonie en in Transvaal bestaan uit twee elemente: eerstens die finansier-element en tweedens die Jingo-element. Maar teen hierdie tyd was dit alte duidelik dat die gebruik van die woord „progressief" as aanduiding vir die eerste element 'n wanvoorstelling was aangesien die ware doel van hierdie element van die party die versterking, vermeerdering en versekering van sy eie persoonlike en finansiële posisie was. Die tweede element in die party het hom, vanweë die sukses van die jingoïsme in die oorlog, sy eintlike krag gegee. Politieke dwepers het op die toneel verskyn en die politiek slegs gebruik as middel om geld te maak. Met vlaggeswaai, trom, tamboeryn en fanfare het hulle 'n groot gevolg getrek wat onder die indruk gebring is dat die "Dutch people" allerlei kwade bedoelings het. En so het hulle vir tien jaar, van Jameson se onsmaaklike komplot teen die Kruger-regime tot met Milner se vertrek uit Suid-Afrika hulle rassehaat laat hoogty vier in Rhodesië, Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie. In Natal het hulle ondersteuners nie ontbreek nie en in Engeland is hulle vaandel hoog gehou deur Konserwatiewe beskermhere. Die ware strekking van hulle beleid is egter blootgestel en hulle greep op die welmenende seksie van die oorgrote deel van die Suid-Afrikaanse bevolking het verswak. 'n Proses van ontbinding was reeds sedert die einde van 1904 aan die gang en 'n meer nasionale gees het stadigaan onder die Engelse in Suid-Afrika vaardig geword. Slegs die gewetenlose tipe finansiers, die onredbaar anti-Afrikaanse dwepers wat hulle te diep gekompromitteerd gevoel het met hulle tienjaarlange sg. progressiewe en on-Suid-Afrikaanse beleid, sou agterbly as getuienisse van 'n eens magtige party.[116] Voorlopig, nietemin, het die sirs en ander invloedryke magnate aan die hoof van hierdie party nog met genoeg sukses daarin geslaag om deur Empire-verheerliking en bangmaakstories talle volgelinge te monster sodat dit as 'n sterk teenstander te dugte was. Veral toe die tyd vir 'n

beslissing/.....

115) The Star, 2.10.1906.
116) The South African News, 30.10.1906.

beslissing deur die publiek by die stembus nader, het die Johannesburgse kapitaliste aangedra gekom met allerlei fraaie programme en manifeste en het hulle hulle liefde vir Transvaal van die dakke verkondig in die hoop dat die Transvaalse bevolking hulle sal bestendig in hulle tot dusver misbruikte magsposisie.[117]

Alle Partye in gretige Afwagting op Elgin-konstitusie - Britse Regering talm:

Intussen het reeds byna nege maande verstryk sedert Smuts n beroep op die Imperiale Regering gedoen het om die Lyttelton-konstitusie te herroep en byna vyf sedert die Ridgeway-kommissie hulle voorstelle met die oog op verantwoordelike bestuur voorgelê het. Die kerngedagtes van die nuwe grondwet was bekend dog al die partye het in rustelose spanning gewag op die hele dokument. Op 29 September al het Selborne namens Botha aan die Minister van Kolonies getelegrafeer dat Het Volk-party nie graag sy jaarlikse kongres wil hou nie alvorens die teks van die Oktrooibriewe in hulle hande is sodat hulle kan besluit of hulle aan die nuwe bestuursvorm gaan deelneem of nie; hulle sou dus graag wil weet wanneer dit in Transvaal openbaar gemaak gaan word.[118] Maar die Koloniale Kantoor was blykbaar nie haastig nie, of baie besig, en op 27 Oktober moes „De Volkstem" die Volksparty se aanstaande kongresgangers in kennis stel dat die kongres wat op 6 November gehou sou word, uitgestel is.

Die feit dat Het Volk se Program van Beginsels en sy Manifes ook nog steeds onbekend was en in alle waarskynlikheid eers na die bekendstelling van die nuwe grondwet openbaar gemaak sou word, het baie Engelse onrustig gestem. Hulle koester groot agterdog jeens Beyers se woorde dat die boom wat by Vereeniging afgekap is nou begin uit te spruit. Het Volk wil die bewind verower sonder n manifes en die Engelse staatsamptenare, polisie en spoorwegmanne sal saam met die Sjinese uit die land moet padgee. n Derde van die myne sal sluit en die Britse bevolking aan die Rand met 40 of 50% verminder word.[119] Maar die Hoofkomitee was vasberade om Het Volk se program terug te hou totdat die teks van die nuwe grondwet bekend is. Hulle politieke orgaan het dit soos volg gestel:

> „Men houde toch in 't oog dat de Konstitusie, waarvan de houding van Het Volk zal afhangen, nog altyd niet bekend gemaakt is. Bovendien wordt, voor de leden van Het Volk, de inhoud en strekking van een program eerst recht belangryk, wanneer formeel besloten is geworden om deel te nemen aan 's lands politiek."[120]

Die/.....

117) De Volkstem, 10.11.1906.
118) Luit.-Goew. 144, 127/195, Selborne aan Elgin, 29.9.'06.
119) The Star, 17.11.1906.
120) De Volkstem, 20.10.1906.

Die politieke partye was origens veral ontevrede oor die getalm in Engeland aangesien dit beteken het dat 'n baie kort tydjie sou verloop tussen die bekendmaking van die inhoud van die nuwe grondwet en die eerste verkiesing wat moontlik reeds vroeg in 1907 sou plaasvind. Eers in die tweede helfte van November 1906 is uit Londen gekabel dat die Patente-brief wat die Transvaalse konstitusie behels, opgestel is en nog in dieselfde maand die koninklike handtekening sal ontvang. Die openbaarmaking daarvan sou waarskynlik eers heelwat later kan geskied aangesien die Brief per depeches aan Selborne versend moet word.[121] Ten einde raad het Botha vir Patrick Duncan, die Koloniale sekretaris, versoek om deur die Hoë Kommissaris die Britse Regering te pols om die konstitusie voor 4 Desember 1906 te publiseer aangesien dit tog voltooi is. Het Volk kan nie sy kongres langer uitstel nie; almal is haastig en die publiek word ongedurig oor die uitstellery.[122] Duncan het Botha se versoek voor Selborne gelê dog self getwyfel of die grondwet teen daardie tyd openbaar gemaak sal kan word.[123]

Die Hoofkomitee kon die Kongres nie langer uitstel nie en in „De Volkstem" van 28 November is aangekondig dat dit op 4 Desember in die Suzanna-saal te Pretoria geopen sal word. Alle afgevaardigdes word verwag. Behalwe 'n reeks „urgente kwesties van huishoudelike aard," sal van die Kongres veral verwag word om te beraadslaag oor die ontwerp-program wat deur die Hoofkomitee ter tafel gelê sal word en te besluit omtrent die gedragslyn wat Het Volk moet volg nadat die afgevaardigdes insae gehad het in die konstitusie wat nog gepubliseer moet word. As die verkiesing vroeg in 1907 moet plaasvind, is daar baie min tyd oor vir belangrike werk soos die nominasie van kandidate en ander formaliteite rakende die eleksie en dit wil beslis voorkom of die moeilike omstandighede opsetlik deur die Imperiale outoriteite uitgelok word.[124]

Verkiesingsooreenkoms tussen Het Volk, Nationals en Arbeiders: Om alle misverstand uit die weg te ruim het die Hoofkomitee vooraf 'n verklaring uitgereik wat gelui het dat Het Volk met betrekking tot die aanstaande verkiesing geen ooreenkoms gesluit het met enige ander party nie. Hoogs waarskynlik sal Het Volk in sekere gevalle die kandidate van ander partye steun maar dit sal afhang van die

siensw yses/...

121) Ibid. 21.11.1906.
122) Luit.-Goew. 144, 127/195, Botha aan Duncan, 24.11.1906.
123) Ibid. Duncan aan Botha, 27.11.1906.
124) De Volkstem, 28.11.1906.

sienswyses van sodanige kandidate en die feite omtrent elke afsonderlike geval.[125] 'n Week of twee later het samesprekinge tussen verteenwoordigers van Het Volk, die National Association en Arbeidergroep in die hoofkantoor van die Nationals plaasgevind onder voorsitterskap van genl. Botha. Die doel was om 'n m o d u s v i v e n d i te beplan vir die toewysing van setels wat betwis moet word deur die geallieerde groepe sodat die anti-Progressiewe stem nie verdeeld sal wees nie. Veral op die Arbeiders is 'n beroep gedoen om daarvan af te sien om sekere kiesafdelings as onafhanklikes te wil betwis en in ruil die steun van die Nationals en Het Volk te ontvang in ander sterker Arbeider-sentrums.[126]

Het Volk-kongres, Des. 1906 - Program van Beginsels en Maatreëls - Kritiek en Lof:

Vir Het Volk was 1906 'n jaar van harde werk. Die Organisasie was as politieke vereniging nog nie eers twee jaar oud nie maar reeds is dosyne vergaderings belê en toegespreek om die beweging agtermekaar te kry. Die doelstellinge en beginsels van die Organisasie is in breë trekke blootgelê terwyl wykstakke en distriksbesture georganiseer is. Oor die algemeen was die publiek van Transvaal nie gewoond aan so 'n organisasie nie maar dit het hulle nie lank geneem nie om in te sien dat dit die enigste weg was waarlangs die toestand van die land verbeter kon word en oral het die leiers die hartlike samewerking geniet van iedere prominente burger in die distrikte en van byna alle stemgeregtigde Afrikaners.

Smuts en die Program van Het Volk - Sy Afsku in Party-programme - Sy Hoop op 'n groot Toekoms - Sy Geloof in Suid-Afrika:

Inmiddels het genl. Smuts sy ernstige aandag gewy aan die Statute vir Het Volk. Reeds in Julie 1906 het hy 'n konsep van die beginsels en doelstellinge aan pres. Steyn gestuur. Steyn het beswaar gemaak teen die kompromis-gees* wat te sterk teenwoordig was in die hoofdoelstelling nl. die kwessie van samesmelting van die twee rasse tot een nasie en dié omtrent Suid-Afrika as vaderland. Smuts het hierop geantwoord dat hy Steyn se wenk in die verband sal volg maar nogtans verklaar hy dat hy die hoofdoelstelling van Het Volk so gestel het

"deels/.....

---

125) The Rand Daily Mail, 26.11.1906.
126) The Star, 13.12.1906.

* Op 24 Januarie 1907 het Steyn aan Merriman geskryf dat hy een ding in Transvaal vrees nl. "... the spirit of compromise that seems to be alive in the Transvaal... ..." (Merriman Papers, no.6, 24.1.1907).

„....deels omdat suprematie zoo 'n vage term is en niet te identificeren met de vlag, deels omdat ik het Vereeniging traaktaat zie meer als een op ons geforceerde dwanguitoefening dan als iets waarnaar wy kunnen terugwyzen. Ik gevoel echter diep uwe bezwaren die op een punt als deze voor ons beslissend zyn."[127]

Later het Smuts die konsep ook aan dr. Engelenburg voorgelê. Engelenburg het oor 'n omvangryke kennis beskik maar hy was in die eerste plek regsgeleerde, en verder 'n knap estetikus en 'n groot kenner van die lettere en wysbegeerte.[128] Al hierdie kwalifikasies het hom handig te pas gekom toe hy die Smuts-konsep onder hande neem. Plek-plek het hy dit gewysig, aangevul of ingekort. Waar Smuts te vaag is, generaliseer hy en waar Smuts te skerp is, versag hy die taal. Engelenburg gaan na hoe die konsep-manifes vergelyk met die van die ander partye en toe hy dit op 18 Oktober aan Smuts terugstuur skryf hy:

„....natuurlik hebben ze alle een grote gelykluidenheid, maar Het Volk komt toch voor de dag met een paar nieuwe dingen die de anderen niet hebben."[129]

Teenoor Steyn het Smuts erken

„....dat er fraaie sentimenten in het Programma steken; maar als men met den duivel dineert, moet men een langen lepel gebruiken."[130]

Hy het weliswaar deeglik aandag gegee aan die opstel van die Statute sodat dit in trefkrag en oorspronklikheid uitmunt bo die van die ander partye maar vir die ambisieuse en outokratiese Jan Smuts was hierdie tipe formaliteite verfoeilik. 'n Week voor die Kongres van Het Volk stuur hy 'n konfidensiële kopie van die Doeleindes, Beginsels en Maatreëls van die Program van Het Volk aan Merriman en skryf:

"....programmes are really odious to me, as are all formulas which attempt to express man's endless endeavour and strivings. But what can you do? Programmes and parties and all such abominations are part and parcel of the constitutional life in which we have now launched forth. Ours has been drafted and will be launched only next week with much misgivings. There is much in it that is quite honest and sincere, although under the present political circumstances it will sound clap-trap or vote-catching."[131]

Sy groot strewe is Suid-Afrikaanse selfregering en hoewel dit nou nog bespotlik klink, veral as hy dink aan die boosaardigheid van die Konserwatiewe en die onnoselheid van die Liberal in Engeland, vestig hy sy vertroue op daardie magte in Suid-Afrika wat die afgelope sewe of 8 jaar opgewek en ontketen is en wat ver buite die beheer van Downing-

straat/.....

---

127) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Smuts aan Steyn, 18.7.1906.
128) Viljoen: 'n Joernalis Vertel, p.26.
129) Engelenburg-vers. Band 2, 108. Die Konsep.
130) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 18.7.1906.
131) Merriman Papers no.217, Smuts aan Merriman, 28.11.1906.

stryd is. Hy is tevrede om te weet dat Suid-Afrika sal wen, want daar is iets groots en versterkends in die eerlike beroep op die toekoms. Hy glo dat dit die wortels is van die Suid-Afrikaners se geloofsbeskouinge. Die man wat geloof het in die toekoms en, in dappere minagting van huidige verskynsels, streef na 'n goeie en ware saak wat moet kom, sal nie beskaamd word nie. Merriman self, skryf hy, het nou al vir 30 jaar in die openbare lewe gestrewe na sy ideaal vir Suid-Afrika. Hy het dikwels neerlae gely, maar hy is nie spyt nie. Hyself sal liewer 'n algehele neerlaag ly ter wille van so 'n taak, as wat hy sal wil triomfeer met die sataniese sukses van 'n Milner of 'n Rhodes. Want hulle werke sal vergaan - die basille van reg en geregtigheid knaag daaraan en binne afsienbare tyd sal die hele struktuur daarvan omtuimel soos dit reeds besig is om om te tuimel.[131a)]

Die Program van Het Volk - Eienskappe: In 'n toespraak waarin hy die algemene politieke en landstoestande behandel het, het genl. Botha die verrigtinge van die Het Volk-kongres op 4 Desember geopen. Die Programma van Het Volk met drie onder-afdelings: Doeleindes, Beginselen en Maatregelen, was gereed en is aan die afgevaardigdes voorgelê.* Dit is bloot natuurlik dat die Program sekere punte bevat wat as vanselfsprekend aanvaar kon word as uitvloeisels van die algemene Transvaalse behoeftes. Maar wat die Program insonderheid kenmerk bo die van die ander partye is die opregte en onomwonde nasionaal Suid-Afrikaanse gees wat daaruit spreek. Pres. Steyn se invloed is onmiskenbaar te bespeur waar die doel o.a. gestel word as „...gemeenschappelike trots en patriotisme op Zuid-Afrika ziende als op haar tehuis..." Maar die kompromis-gees - selfs ten koste van die Afrikaner - is ewe duidelik as bv. slegs die Onderwysklousule gelees word: die ouers se regte word erken

> „...in de keuze van medium van onderwys, met dien verstande dat onderricht in de Engelsche taal verplichtend zal wesen."

Nogtans straal daar uit die Program 'n vurige verlange om die ingesetenes tot 'n gelukkige en welvarende volk te amalgameer en van Transvaal die uitgangspunt te maak tot 'n staatkundige aaneensluiting van al die Suid-Afrikaanse Kolonies. Die belange van alle rasse wat hulle blywende tuiste in Suid-Afrika gevind het, word gewaarborg om deur die Program beskerm te word. Die Program verseker dat geen oorheersing van die een ras oor die ander of bevoorregting van die een bedryf bo

die/.....

131a) Ibid.

* Vgl. Bylaag B: Program van Het Volk.

die ander geduld sal word nie. Bestaande misbruike sal uitgeroei word en die volkswil tot sy reg kom teen die bemoeisug en bederf van buite. Geen valse vooruitsigte word gestel om enige persoon of gemeenskap om die bos te lei, of wat nie binne die bereik van die eerste landsadministrasie val nie.[132] Inderdaad weerspieël die Program die ‚neerslag van geskerpte politici na jare van intieme toeskouing gevorm vir die welvaart van die land, skryf Spoelstra. Die gees van grootse tegemoetkoming en pan-Suid-Afrikaanse idealisme is daarin opgesluit'.[133] Selfs buite Transvaal is die Program geloof. Na aanleiding van 'n onderhoud wat die Engelse blad, die "South African News", met Merriman hieroor gevoer het, het die blad geskryf:

> "Most people will agree that Het Volk's programme is a singularly excellent one and few people will deny that if Het Volk is able to move the Government of the Transvaal along the lines laid down in the programme, it will have achieved a noble work....The programme is original in form and perfectly logical. .....(It) is drawn up with singular skill, force and effectiveness. The policy sketched is patriotic, democratic and moderate. It must attract all who really care for the interests of the country and it is difficult to see how anyone can doubt that if the country is governed on these lines, racialism will vanish and prosperity be established on a sure and firm foundation. Het Volk has crowned common sense and patriotism."[134]

Om kritiek daarteen op te dis was, soos Smuts voorspel het, baie maklik. Net soos in die godsdiens, etiek of finansies, het die "Rand Daily Mail" gesê is daar baie dinge ook in die politiek waarin die gemiddelde man graag wil glo, baie waarin hy weier om te glo, sommige waarin hy voorgee dat hy glo en enkele dinge waarin hy werklik glo. Hiervan is Het Volk se Program 'n afdoende bewys.

> "In justice, moderation and mutual forbearance, so far as parties are concerned, they would like to believe. In Federation they profess to believe. In Het Volk they really believe. In the Progressives they frankly refuse to believe. Voters are the fish for which they angle..."[135]

Ook die "Star" was neerhalend in sy oordeel en het die Program beskryf as slegs 'n middel waarmee Het Volk die bewind wil verower om sy Boerevolgelinge te bevoorreg in dienste en deur toegifte; dit bevat besonderhede wat opgehoop het sedert die dae van Vereeniging en agter alles doem die belangrikste punt op: 'n nuwe Onderwyswet.

> "Meanwhile no patriotic South African can afford to forget for a moment that the A.B.C. of Boer politics in the past has been to stamp a Boer nationalism and not a South African nationalism on the rising generation."[136]

Op/.....

---

132) De Volkstem, 5.12.1906.
133) Spoelstra, a.w. p.48.
134) The South African News, 7.12.1906.
135) The Rand Daily Mail, 5.12.1906.
136) The Star, 4.12.1906.

Op die Kongres het die afgevaardigdes van Het Volk die Konsep-program deeglik bespreek. Opvallend was die feit dat veral die bepaling rakende die inlywing van Swaziland by Transvaal breë bespreking uitgelok en byval gevind het. Die onderwys-klousule het 'n warm debat veroorsaak en baie afgevaardigdes het sterk beswaar gemaak daarteen dat Engels as vak en as medium verpligtend gemaak word terwyl geen sodanige bepaling vir Hollands geld nie. Botha moes mooipraat en paai en het die kongresgangers probeer oortuig omtrent die noodsaaklikheid van 'n veelsydige en tweetalige opvoeding; die Boere kon nie meer groot plase aan hulle kinders gee nie en die Transvaal moet ook hierin, soos in ander instellinge, die voorloper wees. Die Konsep is hierop goedgekeur.

Die Elgin-Konstitusie - Hoofpunte - Reaksie van Partye en Pers: Terwyl die Boerekongres nog aan die gang was, is berig dat die Transvaalse Konstitusie eers op 13 Desember bekendgemaak sal word. Vir baie afgevaardigdes was dit feitlik onmoontlik om nog tot die volgende week te wag en Botha het voorgestel dat 8 of 12 bekwame persone deur die kongreslede aangewys moet word om op 15 Desember met die Hoofkomitee te beraadslaag i.s. die Konstitusie. 'n Warm bespreking het gevolg en eindelik het Smuts voorgestel dat die Kongres verdaag om weer op daardie dag te vergader. De la Rey het aangevoer dat hy nie op daardie dag teenwoordig sal kan wees nie. Smuts se voorstel is tog aanvaar met 60 stemme teen 49.[137)]

Die Oktrooibrief omtrent die Konstitusie vir Verantwoordelike Regering aan Transvaal is in 'n Buitengewone Staatskoerant van 14 Desember (Regeringskennisgewing no.1278) gepubliseer. Het Volk se Kongres wat op 6 Desember verdaag het, is weer op Saterdag 15 Desember hervat en Smuts het die grondwet uitgelê. Die kerngedagtes wat op 31 Julie 1906 bekendgestel is,* is gehandhaaf. Verder is bepaal dat die genomineerde hoërhuis na die vierde jaar verkies mag word; dit mag geen finansiële wet voorstel of verander nie; dog net goed- of afkeur. Die eerste verkiesingsdatum sal deur die Goewerneur bepaal word. 21 uit die 69 lede van die Wetgewende Vergadering vorm 'n kworum. Daar sal hoogstens 6 ministers wees maar 'n minister hoef nie lid van die parlement te wees nie. Die konstitusie mag deur die Transvaalse parlement gewysig word, maar die Goewerneur moet alle wette goedkeur en die wat betrekking het op nie-blankes aan die Britse

Regering/.....

---

137) De Volkstem, 8.12.1906.

* Vide supra, pp. 130-131.

Regering voorlê vir goedkeuring. In artikel 50 word neergelê dat geen Sjinese ingevoer mag word en geen kontrak met die Sjinese wat reeds hier is, vernu mag word nie. Alle naturelle-aangeleenthede ressorteer onder die mag van die Goewerneur alleen; hy is hulle oppergesag, en ook Swaziland val onder sy beheer. Die amp van die Luitenant-goewerneur verval en alle mag wat voorheen by hom berus het, berus nou by die regering van Transvaal.

Na 'n kort bespreking is die grondwet goedgekeur en 'n voorstel van Botha dat Het Volk „als een der kontrakterende partyen" aan die verkiesing moet deelneem, eenparig aangeneem. Die Hoofkomitee en tien ander lede het as kommissie 'n besluit opgetrek waarin hulle erken dat die Elgin-grondwet 'n verbetering is op die Lyttelton-konstitusie dog dat dit nie beskou word as die daarstelling van volledige self-bestuur waarop die Transvaalse bevolking volkome aanspraak het nie. Maar aangesien hulle oortuig is dat Sy Majesteit se Regering die welvaart van die bevolking beoog en die gees van toenadering wil bevorder, het die party besluit om aan die aanstaande verkiesing onder die Konstitusie deel te neem en die Hoofkomitee op te dra om in terme van die Statute en van die Program van Het Volk alle nodige maatreëls te dien einde te neem.
Die besluit is eenparig deur die hele vergadering aangeneem. In 'n slotwoord het Botha nogeens beklemtoon dat Het Volk nie 'n suiwer Boereregering verlang nie maar 'n koalisie-regering van Boere en Engelse; dit alleen sal die belange van die land bevorder en die verkiesing sal op dié grondslag gevoer word.[138]

Die Progressiewe Party was teleurgesteld en verbitterd en hulle ganse houding teenoor die Konstitusie spreek uit J.W. Leonard, 'n vooraanstaande magnaat se oordeel oor die bepaling i.s. die Sjinese-arbeid:

> "It spells without exaggeration, blank, undisguised ruin to South Africa. That is in plain English the result of this legislation in the Constitution.....His Majesty the King, whom we love and revere, is made by this piece of scroll to pass under the Great Seal of England a document which states that the British population of this country have years past been practising slavery, and that he will see that they practise slavery no more." Vir hom is dit "an infamous document."[139]

Die "Rand Daily Mail" het die grondwet verwelkom as "a charter of freedom" maar was teleurgesteld oor irriterende voorbehoude en die klousule omtrent die opheffing van Sjinese-

arbeid/.....

---

138) De Volkstem, 19.12.1906; The Rand Daily Mail, 15.12.190
139) The Star, 15.12.1906.

arbeid. Die "Cape Times" was ook van mening dat die beperkinge en die genomineerde Wetgewende Raad meer wrywing gaan veroorsaak as wat onder die Lyttelton-grondwet sou plaasvind. Die "Times of Natal" en die "Natal Mercury" was verbaas oor die vrymoedigheid van die Liberal Regering om die Boere met selfregering te vertrou binne vyf jaar na die oorlog terwyl die "Bulawayo Chronicle" dit beskou het as die eerste stap waardeur die Empire Suid-Afrika gaan verloor.[140)]

Die pro-Boergesinde "South African News" in die Kaapkolonie het die Liberale Regering geloof in hulle poging om deur hierdie grondwet rassevrede en koloniale vryheid te bevorder.[141)] Vir „De Volkstem" was dit duidelik dat die Britse Regering maar alte graag die baie sienswyses in Engeland wou tevrede stel. 'n Ernstige studie van die dokument ontmoedig die vryheidsliewende Transvaler. Die tweeledige kamer, waarvan die Hoërhuis benoem word, die restriksies i.s. naturelle-bestuur en nedersetting, die magte van die Goewerneur maak die ministriële verantwoordelikheid 'n paskwil en verander die woorde „Verantwoordelike Regering" in die aanhef tot 'n ydele klank. Dwarsdeur die Kolonie heers groot ontevredenheid oor die afskeiding van Swaziland van Transvaal. Maar dat die Ryksregering tog eerbied getoon het ook vir die anti-Progressiewe bevolking van Suid-Afrika, is duidelik en dit word waardeer.[142)] „Ons Land", orgaan van die Afrikanerbond, het die konstitusie verwelkom daar die Imperiale Regering nie die mag sal hê om oor die hoofde van die koloniale wetgewers wette te maak nie soos die Lyttelton-grondwet neergelê het.[143)]

Merriman was 'n kenner van Britse konstitusionele instellinge en s.i. kon die Transvalers tevrede wees met die nuwe regeringsinstrument; dit was minstens rekbaar en kon deur wetgewing verander word. Die enigste swak plek daarin was dat die naturelle en die Setlaars onder beheer van die Kroon gestaan het. By uitstek was Merriman finansier en daarom was die grootste voordeel in die grondwet vir hom die feit dat Transvaal self volkome beheer sou hê oor sy geldsake "...and that is <u>the</u> great point," skryf hy aan Steyn.[144)]

Genl. Smuts was tevrede met die konstitusie; "...it lays a thoroughly satisfactory basis...." het hy gereken en die voorbehoude daaraan verbonde was s.i. tydelik en sou gou opgehef word. Vir die Boere behoort en sal die bepalings heeltemal aanneemlik wees.[145)]

Die/.....

140) Persopinies opgeneem in "The Star", 14.12.1906.
141) The South African News, 14 en 21 Des. 1906.
142) De Volkstem, 15 en 19 Des. 1906.
143) Ons Land, 20.12.1906.
144) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 19.12.1906.
145) Merriman Papers, no.230, Smuts aan Merriman. 23.12.1906.

Die Politieke en Historiese Betekenis van Selfregering in Transvaal:

„Zal de wereldvrede bewaard kunnen blyven? Als zulks wel geschiedt dan heeft de wereld zulks aan de twee Republieken te danken. Engeland is nu nie meer zo 'cocky' als zy was ten dage van Fashoda."[146]

So het pres. Steyn reeds in 1904 aan dr. Leyds geskryf en dit was 'n groot waarheid. Engeland moes vir sy eie veiligheid sorg want hy het die opkomende Duitse moondheid gevrees. Deur selfregering aan Transvaal toe te ken (en in 1907 ook aan die Vrystaat) kon hy al sy aandag wy aan sy veiligheid in Europa, en aan die genesing van sy wonde na die drie-jarige kryg teen die Boere. Verder het die vloeibare Europese toestand Engeland ook verplig om die bande met sy oorsese Ryk te versterk. Dit het noodsaaklikerwys meegebring dat die Suid-Afrikaanse Kolonies moet verenig want alleen as verenigde staat kon Suid-Afrika vir Engeland 'n sterk skakel wees in die Ryksverband. Selfregering aan die vroeëre Republieke het dus in die eerste plek Engeland onthef van pligte in Suid-Afrika sodat hy voltyds aandag kon bestee aan die beveiliging van sy eie posisie en in die tweede plek het dit die weg na 'n verenigde Suid-Afrika geopen. Dat Engeland dus in 'n hoë mate sy eie belange in gedagte gehad het met die toekenning van Verantwoordelike bestuur aan Transvaal (en later aan die Vrystaat) is duidelik.[146a]

Die toekenning van selfbestuur aan die noordelike Kolonie het verder beteken dat Transvaal deur die verskillende stadia van 'n kolonie gegaan het om sy eie verantwoordelike koloniale of dominiale regering te kies. Dit is 'n stadium van hoë-graadse desentralisasie waarin die Kolonie groter bevoegdheid verkry ten opsigte van sy eie bestuur en die sentrale of imperiale gesag steeds meer teruggedring word na die moederland.[147]

'n Derde groot betekenis van hierdie konstitusionele skikking was dat Groot Brittanje in 'n hoë mate sy naam as eerbare moondheid gered het. Die ganse wêreld het gegru by die aanskoue van die Britse aanval op en sy krygsmetodes van verskroeide aarde en konsentrasiekampe teen die Boere en prof. Goldwin Smith van Kanada het ongetwyfeld namens 'n groot deel van die wêreld gepraat toe hy aan Merriman skryf:

"Nothing/.....

---

146) L.A.254(1) Steyn aan Leyds, 27.2.1904.
146a) Scholtz (S.A. en die Wêreldpolitiek) p.250.
147) Du Plessis: Die Moderne Staat, pp. 99-100.

> "Nothing, I should say in English History, since the burning of Joan of Arc has been so ignoble as the attack of the Empire with all its dependencies on those two little Republics."[148]

Hierdie geskokte eer van Brittanje in die oë van die nasies van die wêreld moes herstel word en deur selfregering toe te ken aan sy vyande van nouliks vyf jaar tevore kon Engeland die ander moondhede weer in die oë kyk.

In die laaste plek het dit beteken dat die verhouding, Boer-Brit, tog deels van sy rasse-venyn ontdaan en op 'n gesonder voetstuk geplaas is. Samewerking was weer moontlik en Botha, Smuts en Burger het daarin die vooruitsig gesien om hulle ideaal van een groot nasie verder na te streef, hoewel ander groot leiers soos Steyn, Beyers, Wolmarans en Hertzog nie dieselfde beskouing daarop nagehou het nie. Maar Botha was die invloedrykste leier en op sy beleid van konsiliasie het die Liberale owerhede hulle vertroue geplaas want basies het die herstel van die Boer-Brit-verhouding vir die Liberale Britte daarop neergekom of die Boere vertrou kan word of nie. Die onreg wat die Brit teenoor die Boer begaan het, moet herstel word deur die Boer te versoen en hom op vreedsame wyse in die Ryk in te lyf. Milner se vaderlike despotisme het nie die Boere se vertroue geniet nie. 'n Volk kan nie suksesvol geregeer word deur metodes wat bots met sy begeertes nie en dit het die Liberale besef. Hulle het geglo dat sukses in Suid-Afrika alleen verseker kan word as die volk die geleentheid gegee word om hulle sienswyses te lug en as hulle hulle eie kragte kan wy aan die verwesenliking van daardie ideale. Die Unioniste-bewind het die Boere geïrriteer en hulle het 'n onvermurfbare weiering getoon om deur Milner geangliseer te word; maar bo alles wou hulle hulleself regeer en dieselfde kwaad wat die eerste bewind veroorsaak, sou die Liberale veroorsaak as hulle selfregering langer sou uitstel want die Boere sou totaal vervreemd raak.

Alles het dus neergekom op die kwessie van vertroue en juis hier is bewys waar die diepste kloof tussen die twee Engelse partye gelê het: die Boer wat die grootste opgedoem het in die gedagte van die Konserwatief was die vorige vyand op die slagveld; die Boer wat in die Liberaal se oogpunt die allereerste plek beklee het, was die een wat bemoedig en as vriend gewen moes word. En so is die vertroue van die Boer in sy veroweraar deels herstel.[149]

Die/.....

148) Merriman Papers, 6.6.1900.
149) Pyrah, a.w. pp.179-181.

Die Eerste Verkiesing - Wat op die Spel was - Die belangrikste Stryd-punte:

Die verskillende partyhoofde en -organisasies het onmiddellik na die bekendmaking van die konstitusie vir verantwoordelike bestuur hulle propaganda- en eleksiemasjien in werking gebring. Kandidate moes gevind word en voor die einde van die jaar het Het Volk aspirant-verteenwoordigers vir 16 setels genomineer gehad.[150] Die verkiesingsveldtog sou in ieder geval eers die volgende jaar in alle erns begin.

Die Progressiewe Standpunt aan die Hand van Progressiewe Organe:

Wat was op die spel? Almal het besef dat Transvaal die sleutelposisie in die Suid-Afrikaanse situasie beklee het en dat baie meer deur die eerste eleksie na die oorlog in Transvaal beslis sal word as bloot net watter administrasie daar aan bewind gaan kom. Vir die Progressiewe was dit 'n onaangename waarheid. In die Vrystaat, het almal geweet, is die Boere ver aan die meerderheid; verder is dit allerweë aanvaar dat die stemreg van die Kaapse Rebelle herstel gaan word waardeur 'n "rebel Ministry" daar in die kussings mag kom. Dus -

> "Five years of British government in the Transvaal will render the British position in South Africa secure from any administration which may rule from Bloemfontein or Cape Town." Maar:
> "Five years of Boer government in the Transvaal will create a Bond from the Cape Peninsula to the Limpopo, ... with its outposts at Cape Town and Pretoria, and its base at Bloemfontein in the heart of hardly mitigated Boerdom."[151]

So het die ultra-Britte die naderende verkiesing gesien; vir hulle was die eintlike vraag of die beleid en instellinge wat deur Milner hier neergelê is, gehandhaaf gaan word of vervang gaan word. 'n Oorwinning vir die Boere het vir hulle beteken die "revival of some aspects of Krugerism" terwyl 'n Britse oorwinning voorspoed sal beteken en "the restoration of European confidence in industry."[152] Die man op wie die bevolking moet steun, is sir George Farrar

> "...one of the men who have built up the industry which makes the Transvaal what it is to-day."[153]

Die Progressiewe leiers veg ook ter wille van al diegene wat imperiaal dink en 'n oorwinning vir hulle beteken die triomf van "... the broad over the narrow mind." Die aandag van die kiesers word gevestig op die sg. fundamentele

beginsels/.....

---

150) De Volkstem, 22 en 29 Des. 1906;
The Star, 28.12.1906.
151) The Star, 13.8.1906.
152) Ibid. 24.10.1906.
153) The Rand Daily Mail, 5.1.1907.

beginsels van imperiale beleid wat geassosieer word met die hoogste ideale en die grootste staatsmanskap in Suid-Afrika. Hierdie imperialisme rus dan op 'n breër patriotisme, nl. op 'n geneentheid vir die Empire.

> "It is that patriotism which stands to national as national patriotism stands to local affection. This wider patriotism is greater than mere local unity, and along this common ground every man in this country can march forward determined to win the victory for the larger idea, the wider view, and the creed of the Imperial citizen,"[154]

het 'n derde Progressiewe orgaan, die "Transvaal Leader", oor die doel van die ultra-Britte in die komende eleksie geskryf.

Dit het nie hier geëindig nie. Vir die Transvaalse sg. progressiewe Brit het so-iets soos mede-seggenskap van die Boer in die landsbestuur nie bestaan nie. Hierdie selfde lg. blad skryf onder die opskrif, "Girding the Loins":

> "The real and fundamental question of the election is whether the government of this Colony will be safer in the hands of Boer or Briton. ...Messrs. Smuts and Botha may be the incarnation of all good qualities, but they are unproven as the guides and guardians of a British Colony..."[155]

Vir die stoflike welvaart van die land, het die Progressiewe Party die kiesers gevra om die goudmyn-verteenwoordigers weer aan bewind te plaas want, skryf die "Pretoria News":

> "The Progressives stand for continuity of policy, for the broadening of the industrial basis on which the country is being built up, for the revival of confidence, the incoming of capital, renewed activity upon the share market, and advancement and progress all round."

Die middel om hierdie stoflike welvaart te bevorder was die arbeidtoevoer uit die Ooste.[156]

Britse opperheerskappy oor die Boer, die versterking van die imperiale bande en eensydige materiële gewin deur middel van ongeskoolde arbeid uit Sjina was dus die hoofredes waarom die Progressiewe Party aan bewind geplaas sou wil word. Met sy magtige wapen, die pen, het Smuts hierdie beginselloosheid meedoënloos ontleed:

> "The cosmopolitan population of the Rand with its political apathy and want of principle and its sordid absorption in material things makes one sometimes despair. To them loss is loss and gain is gain and they have never risen and are perhaps incapable of rising to the height from which the Apostle saw that loss was gain."[157]

Die/.....

154) The Transvaal Leader, 1.2.1907.
155) Ibid. 4.2.1907.
156) The Pretoria News, 28.1.1907.
157) Merriman Papers, no. 230, Smuts aan Merriman, 23.12.1906.

Die anti-Progressiewe Standpunt - Blywender Belange op die Spel in Verkiesing - Boere standvastiger as Engelse:

Ongetwyfeld sou daar oor baie hoër beginsels en oor belange van permanenter aard beslis moes word in die eersvolgende verkiesing in Transvaal as wat die Progressiewe Britte hulle ten doel gestel het. Die taak wat verrig moes word, was van baie ernstige aard en, ironies genoeg, dit was juis die Engelse wat so begaan was oor die handhawing van "British ideals" wat 'n slap houding in die politiek aangeneem het.

> "...There is a flabbiness in the political texture of our English friends", kla Smuts teenoor Merriman, "and an inherent tendency to waive and wobble which is very annoying. The Boers are much more staunch and I have no doubt that the ark of the covenant is still in their possession - despite the war and the despair it has created."158)

Deur die proses wat hom tot politieke en morele rypheid gevoer het, het die Boer aangevoel dat die eintlike stryd-vraag van tweërlei aard is: materieel en nasionaal. Die materiële vraagstuk is gekonsentreer om die kwessie van arbeidsvoorsiening aan die myne. Moet ongeskoolde arbeid geëkonomiseer en die verhouding van blanke arbeid vergroot word, soos Het Volk en die National Association aanvoer, of moet die myne oorstroom word met onbedrewe ru arbeid en blanke arbeid so ver as moontlik uitgeskakel word, soos die Progressiewe aanvoer? Die e.g. twee partye is ten gunste van 'n ernstige poging om die verskaffing van naturelle-arbeid uit te brei en om arbeidsbesparende middele en metodes aan te moedig om aldus die verhouding van geskoolde teenoor ongeskoolde arbeider uit te brei en die geskoolde arbeider so bedrewe as moontlik te maak. Die Progressiewe Party is ten gunste van 'n maksimum goedkoop en ongeskoolde ru arbeid en 'n minimum blanke arbeid wat bowendien ook nie buitengewoon geskik moet wees nie.[159] Die eerste beleid is meer patrioties en verstandiger. Die tweede sal meer onmiddellike wins lewer vir die mynindustrie dog is sedelik nie te verdedig nie, en selfs buite Transvaal is alle hoop op die Volksparty en sy bondgenote gevestig om, soos Merriman dit gestel het, die "plaque spot in the shape of the Chinese" uit die weg te ruim.

> "Everything there depends on the Transvaal elections", het hy aan Steyn geskryf, maar dit sal 'n opdraande stryd wees: "...though Smuts is very sanguine I confess that I dread the money power."160)

Die/.....

158) Ibid. (Skrywer kursiveer).
159) The South African News, 16.2.1907.
160) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Merriman aan Steyn, 19.12.1906.

Die mynkonings sou selfs nie huiwer om die Liberale Regering self ,te lyf te gaan'oor die verbod of Sjinese-invoer nie.

> "The Progressives as you will have seen from Leonard's... phillipics,* are determined to pick a quarrel with the Liberal government over the Chinese provisions."161)

het Smuts, afgesien van sy optimisme, gevrees.

Hierdie materiële faktor in Transvaal waaroor daar in die verkiesing beslis sou moes word, het 'n ekonomiese aanhangsel gehad wat die aangrensende kolonies geraak het. Wat in die ander Suid-Afrikaanse State aangaan, sou nie die uitslag van die eleksie in Transvaal noemenswaardig beïnvloed het nie maar aan die anderkant

> "...all know that the economic welfare of South Africa in the immediate future will be powerfully influenced by the verdict of the ballot in the Transvaal elections,"

het selfs die "Natal Mercury" beken. Die Kolonies se plaaslike welvaart, die openbare inkomste en die politieke toekoms van elkeen as lid van die Suid-Afrikaanse stategroep sal deur die verkiesingsuitslag geraak word.[162)]

> "The economic prosperity of the Transvaal is a factor in the development of South Africa which cannot be ignored ... nobody can deny that the Transvaal must be, for many years to come, the economic barometer of South Africa,"

moes die "Natal Witness" erken. Die grootste en rykste industrieë is in Transvaal en hulle voorspoed of teenspoed is 'n beslissende faktor in die voorspoed of teenspoed van die suster-kolonies. Die uitslag van die eleksie sal gevolglik verreikende gevolge vir die hele Suid-Afrika hê.

'n Oorwinning vir die myneienaars, het dieselfde blad vervolg, sal teleurstellend vir Suid-Afrika wees. Hulle een belang, die goudmynbedryf

> "....is fostered in such a manner that few benefit from it but themselves...; their public policy and their private inclinations alike induce them to regard every question with an eye on the dividends of mine shareholders."

Om alle belange ondergeskik te stel aan die goudmyne beteken die vertraging van daardie algemene en landboukundige ontwikkeling van die land waarop in later jare staatgemaak sal moet word. Die vorige vyf jaar het bewys watter gevolge die mynmagnate-bestuur nalaat: "These people have brought about a serious financial, economic and racial problem." Deur hulle m o d u s v i v e n d i met die Portugese van Mosambiek ("...to bolster up the mining industry...") het hulle 'n groot onreg aan Natal gedoen want

in/.....

161) Merriman Papers, no.280, Smuts aan Merriman, 23.12.'06.
162) The Natal Mercury, 12.1.1907.

* Vide supra, p.153: Leonard se venynige oordeel oor die Elgin-konstitusie.

in 'n groot mate is Durban daardeur keelafgesny. Daarom:

"The defeat of the Progressives should be hailed with satisfaction by every unprejudiced observer in the other British Colonies."[163]

Hulle hantering van die belangrike ekonomiese situasie in Transvaal was 'n mislukking; dit was gedryf deur selfsugtige motiewe en hulle het niks gedoen om industrieë te stimuleer of voorspoed in Suid-Afrika te verhoog nie. Die ekonomiese toekoms van Suid-Afrika was dus in die weegskaal en alles het afgehang van die keuse van die Transvaalse volk.

Die nasionale faktor in die verkiesing was nou verbonde aan die rassegevoel tussen die twee blanke bevolkingsgroepe. "Fighting the Dutch politically" was die metodes van Jameson, Smartt en Walton in die kakie-eleksie van die Kaap in 1904, en in 1907 is dit deur Farrar, Bailey en Fitzpatrick in Transvaal voortgesit. Die ganse atmosfeer in Transvaal en in Engeland het hulle vergif deur suspisie teen die Afrikaner op te wek. Hierdie rasse-verdagmakery was gebaseer op 'n wanbegrip van die heersende toestande en 'n miskenning van die verlede. Want die leiers van Het Volk (Botha, Burger, De la Rey) was in baie opsigte teenstanders van die Kruger-beleid. Toe al het hulle samewerking voorgestaan maar toe al het die Progressiewe nie hierdie liberale seksie in die Volksraad gesteun nie, dog hulle het gepoog om die regering van die Republiek omver te gooi deur geweld en bedrog en uiteindelik het hulle Engeland verblind deur middel van hulle pers en aldus die oorlog veroorsaak. In 1907 is hulle nog net so onverstandig en gewetenloos, en daar is weer net so 'n liberale Boereparty met wie hulle kan saamwerk soos wat hulle voor die oorlog die geleentheid gehad het maar ongebruik laat verbygaan het - met bittere gevolge.[164] 'n Oorwinning vir die Progressiewe Party sou dus die voortduring beteken van rassewrywing soos Suid-Afrika dit vir 100 jaar ondervind het van sir John Cradock in 1806 tot by lord Milner in 1905. Die Transvalers het dus die beslissing oor Suid-Afrika se lot in hulle hande gehad. Kies hulle verkeerd, bly die amateur-politici (as speelbal in die hande van die oorsese finansier, spekulant en burokraat) aan die roer van sake. 'n Oorwinning vir die Het Volk-National-kombinasie het ten minste rassevrede beloof en 'n regering met 'n breër nasionale basis.[165]

Oktrooibriewe/.....

---

163) The Natal Witness, 19.2.1907 (Skrywer kursiveer)
164) The South African News, 13.2.1907; 16.2.1907.
165) De Volkstem, 20.2.1907; The Natal Witness, 12.2.1907.

Oktrooibriewe van 23.9.1902 en 31.3.1905 verval en Konstitusie van 6.12.1906 tree in Werking - Betekenis:

Op 4 Januarie 1907 het die Koloniale sekretaris, (Patrick Duncan) die Luitenant-goewerneur (sir Richard Solomon) in kennis gestel dat die amp van Luitenant-goewerneur met die promulgasie van die Oktrooibrief, wat Verantwoordelike Bestuur aan Transvaal verleen, nie verder sal voortbestaan nie. Die magte wat deur hierdie kantoor uitgeoefen is, sou voortaan deur die Goewerneur behartig word.[166] So is Selborne, as 'n vertroueling van die Tories in Engeland, deur die Liberale Regering toegelaat om as Hoë Kommissaris terselfdertyd ook die selfregerende Transvaal as Goewerneur te dien. Gelukkig het hy as konserwatief gou op stryk gekom met die Liberale se beleid.[167] Die Oktrooibrief van 6 Desember 1906 is op 12 Januarie 1907 in die staatskoerant gepubliseer en daarmee het selfregering in Transvaal in werking getree.[168] Die funksies van die Goewerneur het hiermee verander. Onder Kroonkoloniebestuur was hy feitlik 'n diktator, of die instrument van 'n diktatorskap, bestuur van Downingstraat. Die wette en administratiewe werk in Transvaal uitgevoer, was dié van die Goewerneur en sy Uitvoerende Mag want in die ou Raad was die offisiële element oppermagtig. Dog van 12 Januarie 1907 het Selborne dieselfde mag gehad as die goewerneurs van Natal, die Kaapkolonie of Nieu-Seeland. Dit was sy taak om 'n parlement van die volk byeen te roep uit wie se verkose verteenwoordigers 'n Uitvoerende Regering saamgestel sou word en dit was buite sy terrein om in te meng in die werk van die wetgewing. Hy sou wette goed- of afkeur nadat dit deur die wetgewende mag geloods is, dog sy bekragtiging of weerhouding van bekragtiging daarvan was 'n blote formaliteit soos dit was in die ander outonome Kolonies. Sy verantwoordelikhede was nou baie beperkter maar ook sou die kritiek of lof wat hy en sy voorganger, Milner, ontvang het nou gerig word op die nuwe regering.

Maar die belangstelling in die nuwe regeringsvorm was nie beperk tot Suid-Afrika nie. Die omstandighede wat uitgeloop het op die nuwe politieke situasie in Transvaal het die uitkoms van die verkiesing 'n saak van die gewigtigste imperiale belang gemaak. Dit sou nl. bewys of die Liberale Regering, deur die toekenning van selfregering, volslae wysheid of verbasende dwaasheid aan die dag gelê het.[169]

Sir/.....

166) Kol.-sekr. 686, 1/9749, Kol.-sekr. aan Luit.-goew. 4.1.1907; Luit.-goew. 144, 127/195.
167) Spoelstra, a.w. p.115.
168) T.K. 19, p.79.
169) The Natal Mercury, 12.1.1907.

Sir Richard Solomon: 'n Opspraakwekkende gebeurtenis 'n maand of wat voor die verkiesing, was Sir Richard Solomon se politieke gedaantewisseling. Hy was weliswaar altyd 'n gematigde maar tog 'n vooraanstaande lid van die Milner-administrasie. Tydens sy besoek aan Engeland teen die einde van 1906 is sy dienste grootskaals deur die Koloniale Kantoor gebruik in die opstel van die nuwe konstitusie. Voor die einde van die jaar was hy weer terug in Suid-Afrika en allerweë is aanvaar dat hy die eerste premier van Transvaal gaan word* - trouens die Progressiewe Party het, uit vrees vir die toenemende steun wat die Het Volk-Nationalist-kombinasie geniet het, al hulle hoop op hom gevestig. Sy pos as Luitenant-goewerneur het op 4 Januarie verval en omdat hy sy spoor getrap het in die "useful legislation and capable administration" van die Kroonkolonie-bestuur, het die Progressiewe gehoop dat hy nou hulle leier gaan word en die politiek betree

> "as a sound Imperialist with no inclination towards 'little Africanderism', and above all, that his attitude upon the great economic question (nl. die Sjinese-arbeidsvraagstuk - Skr.) on which the elections are being fought, will be to-day what it was when sir George Farrar's famous motion was passed in the Legislative Council...,"

het die "Pretoria News" hoopvol geskryf.[170]

Maar hierdie selfde Progressiewe blaadjie van Pretoria sou binne vyf dae lelik op sy neus kyk. Richard Solomon se gematigdheid het nie ruimte gehad vir ekstremistiese Progressiewe uitbarstinge nie. Verder was hy, na aanleiding van die steun wat hy die Britse Koloniale Kantoor gebied het in die opstelling van die nuwe grondwet, bewus daarvan dat die Imperiale Regering hom graag aan die hoof sou wil sien van 'n eerste Boer-Brit koalisie-regering in Transvaal. As leier van die Progressiewe Party, wat hulle deur hulle rassepolitiek al meer die onmin van die publiek

op/.....

---

170) The Pretoria News, 10.1.1907.

* Reeds op 30 Augustus 1906 het Smuts aan Merriman geskryf:
"Richard Solomon is determined to be first premier and has, I believe, even declined a governership elsewhere in order to realise this darling ambition. I think he will be premier.... Without a party or a hold on the electorate he will be entirely dependent on his colleagues in the ministry, and his position is bound to be most uncomfortable. But there is no one here (except Bailey) who wishes to be premier and so Richard Solomon's personal wishes will settle the matter. As he is weak, wise and strong colleagues (if such there be) will mould him and after all, his sympathies (apart from personal ambition) are with the general population."
(Merriman Papers, no.198, 30.8.1906).

op die hals gehaal het, sou hy daardie hoë posisie nooit behaal nie. Die Het Volk-Nationalist-alliansie het hom die brug gebied: as Nationalist sou hy op die rug van die Het Volk ondersteuners die paal haal, en hy sluit by die gematigde Engelse party aan. Die Progressiewe was sigbaar ontmoedig en teleurgesteld - die "Pretoria News" nie die minste nie.

> "The news that sir Richard Solomon has irrevocably decided to throw in his lot with the National-Het Volk Party will come as a keen disappointment to those who hoped that he would lead and consolidate a great all-British administration in Transvaal.... That the head of the Government in Transvaal during the five years since the war should enter its first elected Parliament by the grace of Het Volk, is.... a position unspeakably humiliating...."[171]

Die "Star", die invloedrykste Progressiewe spreekbuis, was ook verslae oor Solomon se "regrettable choice" om by sy broer, E.P. Solomon, se party aan te sluit.

> "In other words the ardent advocate of Chinese, sir Richard Solomon, joins forces with the bitterest opponent of Chinese, his brother.....He has become a crank, and is added to a collection of cranks. It must move a real grief in us to witness the fall of sir Richard Solomon from the height to which lord Milner has raised him, and his speedy assumption of the pusillanimity which dare not follow his great leader's last command - to preserve the work done."[172]

Die "Rand Daily Mail" het sy politieke onstabiliteit en verkleurmannetjie-agtige aanpasbaarheid by enige party gelaak en 'n profetiese voorspelling gewaag:

> "Adaptability has become his failing. It discredited him in Cape politics. It will hardly win him the support of the Transvaal."[173]

„De Volkstem" het sy stap as 'n daad van betekenis bestempel; as Britse Imperialis wat tewens ook goeie Transvaler wil wees, sou Solomon geweet het watter party die warmste vir Transvaal ywer.[174]

<u>Richard Solomon se stap plaas Het Volk in netelige Situasie</u>: Voor die einde van 1906 het Solomon al toenadering gesoek tot sy broer se party wat in 'n verkiesingsooreenkoms met Het Volk gebind was. Van selfsprekend sou sy uitgesproke pro-Sjinese beleid onder die vorige bestuur die Het Volk-Nationalist-leiers nou in 'n verleentheid bring as hulle hom sonder meer tot hulle geledere sou toelaat. Pres. Steyn het juis sy misnoegë te kenne gegee oor die "spirit of compromise" wat so opvallend was in Transvaal.

"...I/.....

---

171) Ibid. 15.1.1907.
172) The Star, 15.1.1907.
173) The Rand Daily Mail, 23.1.1907.
174) De Volkstem, 19.1.1907.

"...I do not understand Het Volk supporting a man like Sir Richard Solomon - a pro-Chinese, a Milnerrite,.... His influence will go in favour of Chinese."175)

Maar die politieke meester, Jan Smuts, het 'n oplossing gehad:

"Richard Solomon we have fitted against Fitzpatrick in order to give him an opportunity to burn his boats," stel hy Merriman gerus. "We shall be prepared to accept him and work with him if he is sound on fundamentals and recants his Chinese heresy. But his position will be difficult and anomalous and unhappy. You cannot be the chief handyman of Milner and aspire to be the saviour of South Africa. However, the future is dark enough and sufficient unto the day is the evil thereof."176)

Terug uit Engeland moes sir Richard hom die keuse van sy nuwe meesters laat welgeval en Pretoria-Suid Sentraal betwis en dit teen sir Percy Fitzpatrick "...whose name is an epitome of British endeavour in the Transvaal." Dit was mooi net genoeg om die antagonisme van die oorgrote meerderheid van die Britse bevolking op hom te laat neerreën.

Party-nominasies en Politieke Kandidate:

Intussen is in die Staatskoerant van 18 Januarie aangekondig dat Woensdag, 20 Februarie 1907 deur die Goewerneur aangewys is as die dag vir die algemene parlementêre verkiesing. 9 Februarie is bepaal as die dag waarop persone genomineer moet wees as kandidate vir die verskillende partye wat wil meeding om die 69 kiesafdelings in die Wetgewende Vergadering te verteenwoordig.178) Lyste van persone wat gekwalifiseer is om te stem, is deur die staatsdrukker in gereedheid gebring en deur die kantoor van die Koloniale sekretaris aan die vier partye se hoofkantore gestuur.179)

Die Hoofkomitee van Het Volk moes in baie gevalle hand bysit by die benoeming van kandidate. Botha kla teenoor Leyds dat

„alles niet zoo gemakkelijk gaat, voornamelijk door de ambitie die zoovelen onder ons' volk hebben, want voor eenzelfden zetel zijn dikwijls wrijving en oneenigheid wat ook weer hersteld moet worden door inmenging van het Hoofd Comité."180)

Die 69 kiesafdelings was soos volg versprei:

Witwatersrand-sentraal...	21
Oosrand.....	8
Wesrand.....	5
Pretoria-stad.....	6
Pretoria-platteland.....	3
Res van Transvaal.....	26
Totaal.....	69 181)

Teen/.....

175) Merriman Papers, no.6, Steyn aan Merriman, 24.1.1907.
176) Ibid. no.230, Smuts aan Merriman, 23.12.1907. (Skr. kursiveer.)
177) The Star, 25.1.1907. (178) De Volkstem, 19.1.1907.
179) T.K.19, p.142. (180) L.A.262(2), 23.1.1907.
181) The Star, 7.2.1907.

Teen die einde van Januarie was die Volksparty se kandidate aangewys. Botha sou die kiesafdeling Standerton betwis teen ene Hugh Wyndham van die Progressiewe Party. Reeds voor Kersfees die vorige jaar het Smuts vir hom die noordelike voorstede van Pretoria, t.w. die kiesafdeling Wonderboom, uitgekies "...a large virile community, mostly English, arisen after the war," skryf hy aan Merriman. Die aand van 22 Desember het hy daar 'n vergadering gehou "...and (I) foresee no difficulty in getting elected".[182] Ander vooraanstaande Het Volk-leiers wat genomineer was, was S.W. Burger (Lydenburg-Suid) J.H. de la Rey (Ventersdorp), J.F.B. Rissik (Pretoria-Noord Sentraal), Jacob de Villiers (Maraisburg), A. Stockenstrom (Heidelberg), L.A.S. Lemmer (Marico), C.F. Beyers (Waterberg), Dr. F.E.T. Krause (Vrededorp), N.J. de Wet (Middelburg). Die belangrikste Progressiewe kandidate in die veld was Farrar (Boksburg-Oos) Bailey (Krugersdorp), Chaplin (Germiston-Wes), Evans (Langlaagte), Hosken (Von Brandis), Loveday (Barberton), Van Hulsteyn (Yeoville). Die drie broers Solomon, sir Richard, Harry en E.P. Solomon, en verder Johnston, Hull, Wybergh en Goldman, was o.a. kandidate vir die National Association, terwyl Whiteside, H.W. Sampson en Creswell die bekendste Arbeiderkandidate was. Toe die nominasies op 9 Februarie sluit, het die onderskeie partye die volgende aantal kandidate in die veld gehad:

Het Volk	Progressief	Nationals	Arbeid	Onafh.	Totaal
45	34	17	13	34	143

Maar 10 van die Volksparty-kandidate was onbestrede verkies op die platteland; gevolglik was daar 133 kandidate wat die orige 59 setels betwis het.[183]

Die Verkiesingskampanje - Die Belangrikste Slagspreuke: Reeds kort ná die bekendmaking van die kerngedagtes van die nuwe konstitusie aan die einde van Julie die vorige jaar, het die leiers van die partye hier en daar politieke byeenkomste gehou en vergaderings toegespreek met die oog op die verandering van regeringsvorm wat aan die kom was. Egter het die eintlike eleksieveldtog eers vroeg in Januarie 1907 'n aanvang geneem. 'n Korter maar bedrywiger tyd van politieke ywer en hoogspanning het Transvaal voorheen nog nooit geken nie en die pers het kwistig sy bladsye beskikbaar gestel vir ruim verslae oor die toesprake en lang politieke betoë van korrespondente.[184]

Met/.....

182) Merriman Papers, no.230, 23.12.1906.
183) De Volkstem, 30.1.1907; 13.2.1907; The Transvaal Leader, 11.2.1907.
184) Scholtz (Genl. Beyers) p.159.

Met die bepaling in Artikel 50 van die Elgin-grondwet dat arbeiders nie verder ingevoer en geen kontrak rakende invoer-arbeid hernu mag word nie, het die Sjinese-kwessie as vraagstuk en as eleksiekreet van Engeland na Transvaal teruggewaai. Daar het dit 'n jaar gelede 'n beslissende rol gespeel in die verkiesingstryd van die Liberale en Arbeidersparty teen die Unioniste.

In Suid-Afrika het die industriële en handelslui reeds daarin geslaag om 'n oorlog af te dwing ter wille van hulle eie politieke en persoonlike gewin. Die sukses wat hulle daarmee behaal het, wou hulle nie inboet in die konstitusionele stryd nie.

Vir hulle is die Boer gebore en getoë in die landbou-bedryf en hulle sien hom as vyand van alle soorte industrieë, terwyl handel en nywerheid juis die enigste rede en regverdiging is vir die teenwoordigheid van die Brit in Suid-Afrika. In die politiek beteken dit vir die Britse propagandiste net een ding:

> "....that the parties of the future must be Boer and British. Certainly there will be those who style themselves moderates, and it may be that a Merriman of the Hinterland will come from out their ranks. But the Britisher, imbued with the ideals of his race, cannot long remain in unison with those to whom these ideals are foreign, if not absolutely repugnant."185)

Die Randse industriële klas se voortbestaan hang dus daarvan af of die Britse party die bewind gaan verower. Die myn-industrie verseker die bestaan van die werker en sy stem vir die party wat daardie industrie verteenwoordig, sal sy bestaan moontlik maak. 'n Stem vir die party wat die platteland verteenwoordig, beteken die herstel van die voor-oorlogse administrasie waarin die Uitlander-ambagsman, -handelaar of -myneienaar deur "the landsvaders" uitgeskuif word van alle beheerposisies. Het Volk wil die myne ondermyn want dit beteken die ontslag van blanke werkgewers wat tans hulle politieke teenstanders is. 'n Alliansie tussen arbeid en kapitaal is dus die aangewese weg want die arbeiderstem ten gunste van die party wat handel en industrie bevorder, beteken steun aan die party wat hom sy werk verskaf. Onder bestaande toestande "...that party is to be found in those who direct our mines."

Die basis waarop die politieke myneienaars die goud-mynbedryf gevoer het, was goedkoop arbeid. 'n Korrespondent aan die "Star" het dit saaklik soos volg gestel:

"The/.....

---

185) The Star: Labour as a Factor in Transvaal Politics: Drie Artikels: 24, 26 en 29 September 1906.

> "The reason why a great percentage of us are Progressives is simply because the Progressive Party is the only one which absolutely insists on the paramount necessity of an abundance of unskilled labour."186)

In 'n ellelange toespraak het Fitzpatrick teen die middel van November te Pretoria hierdie standpunt verdedig en verder allerlei „bewyse" aangevoer dat voldoende naturelle-arbeid vir die myne net nie beskikbaar is nie.[187]

Al gou het die Sjinese-kwessie een van die belangrikste verkiesingskrete geword. Vir die kapitaliste was die naderende verkiesingsdag soos 'n dag van vergelding; hulle gaan of triomfeer of hulle propaganda ten gunste van die voortsetting van die Sjinese as mynarbeiders sal as hulle swanesang aangeteken word want:

> „Voor de magnaten is de Chinees een werktuig, een cyfer, waarop zich winst-berekeningen laten bouwen. Voor de Transvaalse bevolking is de Chinezen-invoer als de verderfelike strychnine, welke de vertraagde polsslag verhaast en 't hart sneller doet kloppen, doch 't lichaamsgestel onherroepelik ondermynt."

het „De Volkstem" oor die twee teenstrydige standpunte geskryf.[188] Die depressie het ongeag die myneienaars se belofte dat groter goudproduksie deur Sjinese-arbeid dit sal stuit, voortgeduur. Baie mense het finansieel skade gely en juis die Sjinese-arbeideksperiment daarvoor begin blameer.[189] Nogtans het die Progressiewe aan hulle beleid geglo en staat gemaak op die "...Chinese labour question to carry them triumphantly through the elections"[190] en selfs Churchill se aankondiging in Engeland op 4 Februarie 1907 dat "...the ill-fated Chinese labour experiment" beslis beeindig gaan word,[191] het hulle nie gestuit nie.

Naas die arbeidsvraagstuk met sy sterk ekonomiese grondslag was die Imperiale Britse saak vir die Progressiewe ondersteuners die belangrikste strydvraag. Op die vraag "why I am a Progressive" het die Progressiewe orgaan, die "Transvaal Leader" o.a. die volgende antwoorde verstrek:

> "Because Mr. Cecil Rhodes was one, than whom no greater statesman has yet appeared in South Africa...Because the Imperial is above the parochial interest, and the Progressive and Imperial interests are one. ...Because they will educate the children to look upon a vast Empire as their heritage, and place in the hands of youth the golden key which unlocks the future, and so train them to love their country and their mothertongue, that will esteem these more because they have acquired another language and a larger patriotism."192)

Hierdie/.....

---

186) Ibid. 21.11.1906.
187) Ibid. 17.11.1906.
188) De Volkstem, 26.9.1906.
189) The Rand Daily Mail, 14.11.1906.
190) The Star, 20.10.1906.
191) Ibid. 5.2.1907.
192) The Transvaal Leader, 14.2.1907.

Hierdie Empire-liefde, Britse tradisie en Engelse taal wou die Britte nie toevertrou aan die sorg van Het Volk onder die Boereleiers nie. Die Boere was vir hulle die toonbeeld van vyandskap teenoor alles wat Brits is. En die enigste wyse waarop hierdie Britse beginsels en ideale teen Krugerisme gewaarborg kan word, is deur vir die Progressiewe Party te stem "....because first and essentially it is the British party." 'n Oorwinning vir die Boere sal beteken dat die hele land sal beheer word deur

> "...a Boer coterie, superior in its force, more skilled in the subtleties of organisation and the control of unseen factors, and absolutely governed by one fixed idea: South Africa for South Africans."

Dit moet die Britte in Transvaal verhinder.

> "...Africa must be preserved as the home of British subjects throughout the world, that its ideals must and shall be the ideals of the British race..."

En op die eleksiedag is die Britte aangespoor om soos in die verlede weer hulle steun te gee aan die

> "Progressives who fought the battle of equal rights against the stupendous forces of ignorance, prejudice, tyranny, and all that spells Krugerism in its worst form,"

want deur hulle oorwinning in die verlede is die Britte vandag

> "...no longer white helots crushed under the heel of a Boer oligarchy, but the citizens of a free Colony, with a voice and influence over its destinies."193)

Ook vir Het Volk en sy Arbeider- en Nationalist-bondgenote het arbeid en die Sjinese-vraagstuk in die eerste plek, en die verhouding: Boer-Brit in die tweede plek, die vernaamste strydpunte gevorm in die verkiesingskampanje. Vir hulle sou die oplossing van die eerste vraagstuk 'n stap wees tot die gelukkige bevordering van die tweede. Het Volk se Program van Doelstellinge, Beginsels en Maatreëls het duidelik neergelê wat hierdie party nastreef en oor onderwyssake, koöperatiewe verenigings,landbou, die naturelle, spoorwegtariewe, armoede, die industrieë, ens., is sy beleid aangekondig. In die verkiesingsveldtog het hierdie aangeleenthede van tyd tot tyd ter sprake gekom, dog dit is deur die voorgenoemde twee vraagstukke totaal oorheers.

Die leiers van die Volksparty en hulle Engelse bondgenote was onverbiddelik dat die meer as 50,000 grieselige Oosterlinge uit die midde van hulle Staat verwyder moet word. Hulle anti-Sjinese-agitasie het hulle hoofsaaklik

op/.....

193) Ibid. 15, 16 en 20 Februarie 1907.

op morele grond gevoer. Natal het reeds swaar gebuk gegaan onder 'n Indiërlas wat in getalle die blankes oorskry het, en omdat hulle "British subjects" was, het hulle daarvandaan oor die grens gebars na Transvaal. Om nog boonop met Sjinese opgeskeep te sit, was vir Boer en nie-kapitalistiese Engelsman te veel. Die blanke arbeiders het verder die toenemende verswakking van die verhouding tussen blanke en gekleurde werknemers op die myne met wantroue en misnoeë bejeën en die vrees het ontstaan dat die mynmagnate, sou die Progressiewe Party 'n oorwinning behaal by die stembus, die Sjinese sal toelaat om die terrein van die geskoolde arbeiders te betree. Origens was die plattelandse bevolking hewig verontrus oor die skrikwekkende aanrandings, roof en moordaanslae in die Witwatersrandse omgewing waaraan die Oosterlinge hulle skuldig gemaak het.[194]*

'n Nuwe Strydpunt - Geen Repatriasie sonder Plaasvervanger - Het Volk verdedig:

Die veldtog teen hierdie element het aanvanklik baie suksesvol geblyk te wees dog teen die einde van 1906 en die begin van 1907 het daar tekens van groot verbetering in die handel en nywerheid ingetree. Ongetwyfeld het die groter goudopbrengs deur middel van die goedkoop arbeid veel daartoe bygedra en skielik het 'n nuwe strydpunt onder die Engelse van die Rand posgevat: "No repatriation without a substitute". Die leiers van Het Volk moes walgooi. Smuts het 'n groot vergadering in die Wanderers gehou "to stem this Chinese undercurrent," dog sonder sukses, en ietwat pessimisties skryf hy aan Merriman:

> "Among the urban population and especially along the Rand a strong current is setting in against Chinese repatriation. The cry of a substitute first is proving very successful."[195]

Dat hulle die goudproduksie sal moet handhaaf, was vir die Boerepartyleiers egter 'n uitgemaakte saak. Maar die feit bly dat die "no repatriation without a substitute"-wagwoord al te waar was en hulle moes hulle daarby neerlê. Die kapitaliste het dit as 'n oorwinning beskou en die Bloemfonteinse blad, die "Friend" het berig:

"Smuts/.....

---

194) Meyer, a.w. pp.434-436.
195) Merriman Papers, no.230, Smuts aan Merriman, 23.12.'06.

* Uit 'n gemiddelde getal van 47,000 Sjinese op die Rand in 1905-1906, is 13,532 vir allerlei oortredings gestraf. 1,700 is vir desertasie gestraf, 26 weens moord, 7 weens poging tot moord, 210 vir huisbraak. In 1906-1907 is ongeveer 900 verdagte Sjinese as "undesirables" na Sjina teruggestuur (Vg. Meyer, a.w. pp.434-436.)

> "Smuts professes himself willing out of regard for the necessities of the industry, to make the repatriation of the Chinese conditional upon their replacement by natives; the natives to be recruited before the coolies take ship. What he thus calls a compromise, the capitalist organs look upon as a surrender."196)*

Tog het die Boereleiers hulle veldtog onverpoosd voortgesit al moes hulle nou nog stry teen Milner wat juis weer in Engeland beweer het dat elke 10,000 Sjinese 10,000 blankes na die nywerhede lok. Hierdie keer het die "Natal Witness" hom geantwoord:

> "Events have proved this to be one of the worst and most unfortunate prophecies man ever made - indeed almost from the moment it was uttered, the population of the Transvaal commenced to dwindle and it has dwindled ever since, despite the 60,000 or so of Chinese that have come in."197)

Die skitterende partymasjinerie en -organisasie van Het Volk het gou aan die lig gekom en bo die verwagting van selfs die leiers het die beweging ook op die Rand ywerige steun gekry. Dit het 'n waarheid geopenbaar wat Smuts enigsins teleurgestel het. Hy skryf op 25 Januarie aan Merriman:

> "My impression now is that our organisation seriously underestimated its strength and influence along the Rand and that we gave away a number of seats to our allies which we should have retained as some of them will now be in great jeopardy. The mistake cannot be rectified any more.....now one can only fight to get in the rather weak persons."198)

Reeds moes hulle deeglik rekening hou met die nuwe kreet dat die Sjinese eers vervang moet word alvorens hulle na Sjina teruggestuur word, en dit

> "...combined with the wretched weakness of the National Association, to whom we have had to give some good seats, is making the situation very awkward for us."199)

Die anti-Sjinese-veldtog kon maklik die gedagte laat posvat het dat Het Volk besig is om die Britte in die land te ondergrawe aangesien lg. juis betrokke was by die goudmyn- en newe-goudmynnywerhede - en inderdaad het die "Star" dit ook

so/.....

196) The Friend, 5.1.1907; The Transvaal Leader, 16.1.1907.
197) The Natal Witness, 11.1.1907.
198) Merriman Papers, no.7, 25.1.1907.
199) Ibid. no.230, Smuts aan Merriman, 23.12.1906.

* Na hy 'n vergadering in Standerton toegespreek het, wou ene Pooley van Botha weet hoe Het Volk beplan om die Sjinese met inboorlinge te vervang. Botha het geantwoord: „Als ik de vrager soep gee sonder lepel, kan hij het maar moeilik eten. Plaas mijn party aan't hoof dan kan ik hem spoedig tonen hoe het gedaan word."
Hierop wou Pooley weet watter waarborg hy het dat die soep nie koud sal word nie, waarop Botha geantwoord het dat dit die vraesteller se eie skuld sal wees as dit gebeur. Hy waarborg dat Het Volk nie die sluiting van die myne beoog nie.. (De Volkstem, 19.1.1907.)

so geïnterpreteer:

> "...Every vote given to a Het Volk-Nationalist candidate is a vote given for the abolition of 17,000 unskilled labourers, and consequently of more than 17,000 British workmen by the end of the present year. The elimination of the industrial classes is the first plank in the policy of Krugerism to-day just as surely as it was before the war."[200]

Teen hierdie soort van ekstremisme en wantroue het die Volkspartyleiers hulle beginselstandpunt van samewerking en versoening gepropageer. Teenoor die beklemtoning van Boer en Brit as aparte rasse en dat die Brit die Boer moet oorheers of dat die Boer die Brit wil verdryf uit die land, soos die Progressiewe leiers en hulle persorgane luidkeels verkondig het, kan twee of drie toesprake van onderskeidelik Smuts en Botha geplaas word wat hierdie verdraaide propaganda voldoende sal weerlê.

Op 12 Januarie het Smuts in 'n groot redevoering te Pretoria 'n ernstige pleidooi gelewer vir eenheid. Die oorlog in Suid-Afrika, het hy aangevoer, het elke baken totaal vernietig, maar die ervaring wat hulle ingewin het gedurende daardie ontsettende kryg het hulle heelwat goeie lesse geleer en nou gaan hulle 'n nuwe en trouens beter begin maak as wat hulle ooit voor die oorlog beoog het. Die groot les wat die oorlog hulle aan die verstand gebring het, was dat hulle die land self kan red deur samewerking. Voor die oorlog het hulle met mekaar fout gevind wat gelei het tot verskriklike ellende; nou sal die ou raad: Eendrag maak Mag, bewaarheid word.

Tydens sy besoeke aan plekke oor die hele Transvaal het hy ondervind dat daar 'n wonderlike en ongekende gees van kooperasie in die land heers. Hy het gemerk dat Boer en Engelsman skouer aan skouer saamwerk soos nooit tevore nie. Sy eie party het suiwer Engelse aangewys om Boere in die parlement te verteenwoordig, soos dr. Mortimer in Potchefstroom, en ook H.C. Hull wat een van hulle bitterste opponente was voor die oorlog en 'n Reformer tydens die Jamesonstrooptog. Verder was daar manne soos Hay en Goldman wat ook deur die Boerestem tot die parlement verkies sal word.

Die opbouing van een groot nasie was die ideaal van beide Kruger en Rhodes, en hulle moet hierdie Suid-Afrikaanse Imperialisme volhou. Hy (Smuts) doen nie 'n beroep op die sentimente van die gehoor nie dog op hulle verstand en gewete om die verlangde groot nasie op te bou.[201]

Twaalf/.....

---

200) The Star, 19.2.1907.
201) The Rand Daily Mail, 14.1.1907. (Skrywer kursiveer).

Twaalf dae later het hy op Roodepoort sy argumente herhaal en beklemtoon dat die oorlog die vraagstuk van Boer versus Brit geskik het. Diegene wat aanhoudend waarsku: „Pasop vir die Boer", of wat voortdurend die kwessie van die vlag oprakel, dwaal. Almal staan onder die Britse vlag en die stryd gaan nie om Boer teenoor Brit nie, dog Boer en Brit teen 'n klein koterie wat probeer om almal te regeer. Die gewigtigste vraag aan die kiesers was dus: aan wie gaan hulle die bestemming van hulle land toevertrou? Hulle keuse raak die toekoms van Transvaal en van geslagte wat sou kom. Moet die land regeer word deur mynkamers vir die mynkamers? Het Volk se eerste beginsel is om rassewrywing uit die weg te ruim, het hy op Volksrust gesê, en só 'n gesindheid te openbaar dat hulle op vriendskaplike wyse met hulle Britse broeder kan saamwerk en hy dank God dat hulle reeds geslaag het. Het Volk se meerderheid sal nie 'n Boeremeerderheid wees nie dog 'n meerderheid van die gekombineerde Het Volk-, "National"- en Arbeidersparty.[202)]

Vanselfsprekend het die eerlike apostel van konsiliasie genl. Louis Botha, dieselfde leerstellinge verkondig. In 'n belangrike toespraak aan sy kiesers op Standerton het hy oor verskillende aspekte van die landsbestuur gepraat: die grondwet, Sjinese, die Indiërprobleem, naturelle-aangeleenthede, die groot belang van die landbou, die noodsaaklikheid van 'n landbank en van koöperatiewe verenigings. Maar ten besluite het hy aan sy Engelse vriende gesê: daar was 'n tyd toe hulle oor daardie selfde vlaktes baie sterk agter mekaar gejaag het dog:

> „Laat ik vandaag zeggen dat ik, als hoofd van de partij, die genoemd wordt Volkspartij, hen de hand aanbied van broederschap en samewerking....Laat de graven van beide zijden een nog sterker roepstem wezen om u aan elkander te houden."[203)]

Waar die moontlikheid bestaan het dat ander Volkspartyleiers kwetsende anti-Britse uitlatinge sou maak, soos Botha en Smuts gevrees het dat genl. Beyers sou doen, het hulle, waar moontlik saamgereis om op taktvolle wyse die konsiliasiebeleid by Boer en Brit in te prent.[204)] En selfs die uitgesproke Beyers was geen rassehaatstoker nie soos die Britse blaaie verkondig het of soos die jingo-sprekers van die Progressiewe Party voortdurend opgehaal het. Op Nylstroom het hy teen die middel van Januarie 'n vergadering in die een en toe in die ander taal toegespreek en o.a. gesê:

„...Bij/.....

202) Ibid. 22 en 29 Januarie 1907.
203) De Volkstem, 19.1.1907.
204) Scholtz (Genl. Beyers) pp.159-160.

"...Bij Vereeniging hebben we een groot graf gemaakt en daar is alles in begraven wat ons kan hinderen om samen te werken. We hebben getoond als nasie dat wij het wel menen met Engelsman, Nasionaal Scout en Setlaar. Wij zullen de voorspoedige dagen van vóór de oorlog terugbrengen met behulp der gematigde Engelsman."205)

Progressiewe Slagspreuke en Optrede teenoor Het Volk se Verkiesingsmetodes: Vir ongeveer ses weke was die partyhoofde en hulle politieke persorgane in die hewige en meedoënlose verkiesingskampanje betrokke. Van Progressiewe kant is allerlei slagspreuke bedink: die Boere se erkenning dat hulle Britse onderdane is, is 'n "Boer catchword"; hulle samewerking met die Liberale Regering pas in hulle eie doelstellinge; Het Volk is 'n "...party of incompetence and impotence" wat wil terugkeer na "Kruger economics"; hulle verteenwoordig die ou regime "who manufactured starving burghers"; nie met Milner nie en ook nie ten opsigte van die Lyttelton-konstitusie wou die Boere saamwerk nie; Botha en Smuts en hulle binnekring beoog 'n oorheersing wat net so volkome en tirannies is as dié van die "Afrikander Bond, the Irish Land League, or the New York Tammany"; die "spirit of bribery" onder die Boere het nog nie uitgesterf nie; die vraag voor die kiesers is of hulle "equal rights against autocracy" en "cleanhanded adminisatration against prejudice, corruption and the real 'voetzak' policy" verkies. 'n Stem vir die Progressiewe Party beteken "the maintenance of the broad lines of policy which followed the war - the party of Milnerism". 'n Stem vir Het Volk beteken "...destructive changes ... on the road to Krugerism." Die Boere is "the Voortrekkers" en die beleid van "the Voortrekkers" was "a policy of oligarchy ... a Government of the autocrat that loved bribery and corruption." Die Boere is aanmatigend en "...no British South African can afford to ignore the stupendous arrogance which has created such titles as ,Het Volk' and ,Ons Land'."206)

Vir politieke kenners was al hierdie slagkrete die juisste tekens dat die Progressiewe element in Transvaal vir 'n verlore saak veg, dat hulle in die weegskaal beproef en te lig bevind is, en dat hulle opponente aan die anderkant in die vuur beproef en eg bevind is. Dit is hulle selfde mede-Progressiewe (Jameson, Smartt, Walton) in die Kaap wat dáár verarming, werkloosheid en finansiële nood

teweeggebring/.....

---

205) De Volkstem, 16.1.1907.
206) The Star, 25.10.1906; 5.1.1907; 19.1.1907; 26.1.1907; 6.2.1907; 13.2.1907; 16.2.1907; 19.2.1907; 20.2.1907; The Pretoria News, 28.1.1907.

teweeggebring het.[207] Die hele Britse gemeenskap in Transvaal het in onenigheid verkeer. Die organisasie was swak en die wrywing in 'n groot mate sommer vanweë kleinlike getwis en wederkerige beskuldigings. Die Boere het as soliede en goed georganiseerde eenheid hulle werk gedoen terwyl al die verkiesingsrumoer deur die Britte of nie-Afrikanerelemente veroorsaak is.

> "They are indulging in acrimonious recrimination, raking up each other's past and hurling back and forward strong epithets which are novel to electioneering in South Africa."[208]

Die Hoofkomiteelede van Het Volk het soos ervare politici die veldtog volgehou. Hulle het onder die moeilikste omstandighede die hele land deurreis om 'n klein party se ondersteuners wat verspreid was oor 'n groot gebied op te roep tot stryd. Die Boer moes hulle beskerm teen die Brit en die Brit teen die Boer. Teen die ou Boer van die verre binneland moes Botha en sy makkers hulle aanvaarding van die nuwe toestand verdedig; aan die Uitlander moes Botha die opregtheid van sy lojaliteit teenoor die Empire bewys. Die reise van dorp tot dorp was lank, die vervoer ongerieflik en ongereeld, die verblyfplekke nie altyd na wens nie. In swak verligte dorpsaaltjies het hulle entoesiastiese Boerevergaderings toegespreek. Uit veraf oorde het Boeregesinne met wa en osse gekom en in die dorpe vertoef om hulle leiers te hoor praat.

> "Politics was in their blood, in the blood of every Dutchman and Dutchwoman and they came to win back by politics what they had lost by war."[209]

Botha was imposant, gelykmoedig, hartlik, lief vir gesels en skerts en spel. In almal het hy belanggestel en almal se sorge aangehoor. Smuts was teruggetrokke, afsydig, stillerig, selfs af en toe knorrig. Hy was geen goeie spreker nie dog het sy gehoor geboei met sy logika, oortuigingskrag en vlotheid want sy hart was in sy boodskap. Die "vote British"-kreet van die Progressiewe het hy verfoei as "a damnable doctrine", en die invoer van Sjinese "was a crime. We shall not rest until the last Chinaman has left the shores of South Africa."[210] Beyers was die emosionele en meevoerende spreker, 'n ware Christen en kampvegter van die C.N.O.-beweging. De la Rey met sy hawiksneus en verre

vryheidsblik/.....

207) The South African News, 24.1.1907; 2.2.1907; 7.2.1907.
208) The Natal Mercury, 16.2.1907; 17.1.1907.
209) Armstrong, a.w. pp.166-167; Spender, a.w. p.178.
210) Aangehaal by: Levi, a.w. pp.92-93.

vryheidsblik in sy deurdringende kyk, het die hoë agting van elke burger afgedwing want hulle het hom geken as die onverskrokke Bittereinder-generaal wat menige vyandelike leër in 'n lokval gelei en onverwags oorrompel het. In sy redevoeringe was hy gematigd, verstandig en opreg. Wolmarans was die konserwatiewe verdediger van Transvaal se regte en die Afrikaner se tradisionele beginsels. Soos Botha in Suidoos-Transvaal was Burger in die noordooste die apostel vir verbroedering, samewerking en verdraagsaamheid.

Met krag en oortuiging het hierdie en ander leidsmanne Het Volk se doelstellinge en beginsels verkondig. Hulle Nationalist-bondgenote was maar swakkerig maar tog het sir Richard Solomon se aansluiting by dié party die Progressiewe „vervult met consternatie" waarop hulle allerlei skrikmaak-berigte gepubliseer het. Allengs het dit duidelik geword dat die gevoel teen die magnate-party sterker was as wat die Het Volk-cum-Nationalists ooit gedink het.[211] Die kiesers het hulle verantwoordelik gehou vir die ellende van die na-oorlogse jare. Nogtans was die Boereleiers nie oormoedig of te gerus nie en het „vergaderingen vasgesteld ... op elken dag tot op 20 Februarie behalve de Zondagen," soos Botha aan Steyn geskryf het.

> „...Onze zaak is zwaar, ernstig zwaar. De boerenbevolking in Transvaal is geheel in de minderheid, maar door zamenwerking met de moderate Engelschman is er hoop voor een meerderheid."

Tog kan die geringste gebeurlikheid in die eleksieveldtog die uitslag anders laat verloop.

> „En u weet om volmoed te retireeren is zoo maklik en perden wil partijkeer voor elk bagatel uit de maan uitspring."

Niks moet dus gebeur om suspisie te wek dat die Boere dominering beoog nie. Hulle organisasie is gelukkig deeglik en goed en daarom het hy goeie moed.[212]

Die opponente het uit radeloosheid uiterste middele aangegryp. Hulle pers was eenvoudig verrot van berigte wat die onwelriekendste aroma van rassehaat versprei het en die volle furie van wanhopige jingo's is gereserveer vir daardie Engelse wat hulle durf voeg het by die Boere. Geen beroep is gedoen op plig of patriotisme en geen poging is aangewend om 'n nasionale gevoel op te wek nie. Dit het 'n saak van die beurs geword en Transvaal en sy inwoners is gesien in die lig van ponde, sjielings en pennies.[213]

Onverstoord/.....

---

211) Steyn-vers. Ink. Briewe 516/1/4, Jaap de Villiers aan Steyn, 23.1.1907.
212) Ibid. Botha aan Steyn, 28.1.1907.
213) The South African News, 18 en 23 Februarie 1907; De Volkstem, 9.2.1907.

Onverstoord het die Volkspartyleiers teen hierdie stroom gebeur en hulle leerstelling van rassevrede tot in die hartjie van Johannesburg ingedra. Om die Britte te oortuig van die eerlikheid van hulle herhaalde lojaliteitsbetuiginge teenoor die Empire en sy vlag - dít was veral Botha en Smuts se grootste probleem. Die Randse Engelse wou of kon maar net nie glo nie - tensy die oorlog, soos die "Natal Mercury" dit gestel het 'n "blessing in disguise" was. Kort gelede, skryf die blad, het die Boere die mag van Brittanje uitgedaag juis om gematigde eise om politieke vryheid vir Britse inwoners in Transvaal te weerstaan. Hulle h[illegible] geveg om hulleself as Boere-oligargie en as regerende stand te handhaaf en die Britse element uit te sluit van enige deelname aan die regering.

> "Now all is changed. The Boers are advocating the fullest measures of political freedom and equality for all who are in the country....Circumstances alter cases, but it is hard to believe that the conservative trend of the Boer mind has so completely changed as to sincerely and honestly entertain the democratic convictions that are now being se freely expressed."

En hierdie vryheid, gelykheid en broederskap verkondig die Boere-kandidate

> "in a manner that is in almost bewildering contradiction to the sentiments they expressed, and held to, prior to the war. From being conservative to an extreme degree, they have become the most democratic of democrats."

Voor die oorlog was Rhodes in hulle oë die "fiend incarnate"; vandag is hy volgens Botha 'n groot man en 'n federalis terwyl die Kruger-idee van federasie dood is.[214)]

20 Februarie het genader. Groot beginsels en die toekoms van Transvaal spesifiek en van Suid-Afrika oor die algemeen het van die keuse van die oor-Vaalse kiesers afgehang - en juis was die oorgrote meerderheid op die Rand saamgetrek. Watter mate van sukses het Louis Botha, Jan Smuts, Schalk Burger, Ewald Esselen en ander anti-Progressiewe met hulle versoeningsveldtog sedert September 1906 behaal? Vyf dae voor die verkiesingsdag het die Transvaal Progressive Association se leiers daarin geslaag om 'n indrukwekkende vergadering in Johannesburg te monster en almal was welgemoed

> "that the Progressive cause has at last won the hearts of the people and is destined to a triumph on Wednesday..."

Fitzpatrick/.....

---

214) The Natal Mercury, 1.2.1907.

Fitzpatrick se

"gallant fight in Pretoria has saved the fortunes of the whole cause..."

Onder die leiding van sir George Farrar

"...the Progressive army goes into the battle strong, united, and confident of victory."[215]

Met sy versoeningsbeleid het Botha die eerlikste bedoelinge gehad en tog - vier dae voor die beslissing gevel moes word, moet hy nog uit die land waar hyself jare gewoon het, verneem:

"Mr. Botha can, when it suits him, coo as gently as any sucking-dove and the next day be as venomous as a hornet. Mr. Beyers is always buzzing not far away from him."[216]

Die 104,871 Transvaalse kiesers sou moes besluit.

Die „Slag van Colenso" by die Stembus - Het Volk seëvier - Persoonlike Oorwinning vir Botha en Smuts - Aandeel van „De Volkstem" in Triomf:

Van die 104,871 kiesers het 76,328 of ± 72% regstreeks aan die verkiesing deelgeneem.* 15,320 kiesers het nie gestem nie omdat 10 kandidate onbestrede verkies is. Die stemverdeling wat deur die verskillende partye op hulle getrek is, was dan soos volg:

Het Volk	: 38,326	stemme,	37 kandidate
Progressief:	24,379	stemme,	21 kandidate
National	: 6,976	stemme,	7 kandidate
Arbeid	: 5,268	stemme,	3 kandidate
Onafhanklik:	527	stemme,	1 kandidaat
		Totaal:	69

Het Volk met sy "National"- en Arbeiderbondgenote het dus gesamentlik 47 uit die 69 setels verower, wat hulle 'n meerderheid van 25 oor die Progressiewe en Onafhanklike kandidate besorg het. Maar ook sonder die kandidate van sy eleksiebondgenote het die verrassende uitslag vir die Volksparty 'n meerderheid van 5 oor al die ander partye gesamentlik beteken.[217]

Die enigste troos vir die Progressiewe Party was Fitzpatrick se naelskraap oorwinning oor sir Richard Solomon.

Vir Botha+ en Smuts elk was dit 'n persoonlike triomf: hulle leer van rasseversoening het oor rassehaat geseëvier.

Vir Het Volk as tweejaaroue politieke organisasie was dit 'n grootse begin en 'n nasionale prestasie: Suid-Afrika

was/.....

---

215) The Star, 16.2.1907.
216) The Natal Mercury, 16.2.1907.
217) De Volkstem, 27.2.1907.

* The Star, (28.2.1907) stel die hoeveelheid stemme uitgebring op 61,198 of 67.5%.

\+ "The 'second Colenso' ... is almost as complete as the first", moes "The Star" op 22 Februarie 1907 beken.

was gevrywaar van 'n tweede en moreel laer Oosterse vloedgolf.

Ook vir „De Volkstem" en sy belangrikste joernaliste, dr. F.V. Engelenburg en Gustav Preller, was die verrassende uitslag 'n triomf oor die kwaadstokende rassepropaganda van die betaalde Johannesburgse magnate-pers. „Nie alleen is ons verbly oor die geslaagde eleksieveldtog nie", het die redakteur geskryf,

> „maar veral ook dat ‚De Volkstem' daarin geslaag het om die nobele Transvaalse volksfamilie, wat na die oorlog in alle windstreke verstrooi was, so soetjies nou weer bymekaar te kry in die subskripsieboeke van ons by uitnemendheid Transvaalse blad. Daar is vandag byna geen beskaafde Hollandssprekende huisgesin hier te lande waar ‚De Volkstem' nie gelees word nie. Almal vind in die blad en deur hom 'n weg om gevoelens uit te druk. Daar het op politieke en letterkundige gebied vir die Transvalers 'n tuiste ontstaan wat hulle sterk maak teen die buitewêreld. En hierdie tuiste is vandag ‚De Volkstem'." 218)

Ongelukkig het die dooie hand van Downingstraat 10 weer verskyn. Die tragiek van die bepaling in die konstitusie aangaande 'n genomineerde Hoërhuis het eers duidelik keńbaar geword toe Selborne, na beraadslaging met die Imperiale Regering, die 15 name van die Wetgewende Raad die aand van die 20ste Februarie bekendgemaak het. Die oorgrote meerderheid was Progressief-gesind en nòg verteenwoordigend van die algemene Transvaalse bevolking nòg persone van enige gewig of aansien. Die politieke samestelling van die Wetgewende Vergadering sou dus totaal verskil van dié van die Wetgewende Raad en 'n konstitusionele botsing was onvermydelik.[219)]

Agter in sy kop het Jan Smuts 'n plan beraam.....

Intussen het die Volkspartyleiers gelukwense uit alle oorde ontvang met hulle skitterende oorwinning oor die anti-Suid-Afrikaanse magte. Merriman was verheug, en ook Steyn. "We are delighted at the victory of our friends in the Transvaal..." het die Vrystaatse president aan sy Kaapse vriend geskryf.[220)]

Smuts se lang duel wat hy sedert 1902 met sy vaardige pen en deur middel van die politieke verhoog met Milner gevoer het, het tot 'n einde gekom. "...Our victory in the Lower House is complete", kon hy vreugdevol aan Merriman meedeel. Downingstraat is uiteindelik uitgeskakel; die Boere kon hulleself regeer; onderwyssake, finansies, landbou, mynwese/.....

---

218) Ibid. 6.3.1907.
219) Ibid. 23.2.1907.
220) Merriman Papers, no.13, Steyn aan Merriman, 25.2.1905; vgl. ook no. 15, Botha aan Merriman, 25.2.1907.

wese, immigrasie en bowe-al - nouere politieke vereniging van hulle staat met die res van Suid-Afrika - was in die hande van die permanente bevolking van Transvaal.

Die 37-jarige Boeregeneraal hèt die Britse lord verneder.

Daar het 'n groot taak voorgelê, het Smuts verder aan Merriman geskryf en al wat nog nodig was, was dat die Suid-Afrikaanse Party in Kaapland ook dáár die Progressiewe Party 'n nekslag toedien (van die oorwinning van die Orangia Unie in die Vrystaat was almal seker)

> "...so that a great forward start could be made all over South Africa. There will be a great chance which we ought never to miss."221)

Met selfregering aan Transvaal kon Suid-Afrika se vriend in Engeland, W.T. Stead, in die "Review of Reviews" nou die grafskrif van die Suid-Afrikaanse oorlog skryf:

Judas	Kain	Sodom
1895-1899	1899-1902	1904-1906

> „Het verraad van Judas ontkiemde tot de mensemoord van Kain en beide leverden hun natuurlike vrucht in de gruwelen van de Steden der Vlakte."222)

---

221) Merriman Papers, no.14, Smuts aan Merriman, 25.2.1907.
222) Oorgeneem deur „Ons Land", 12.1.1907.

H O O F S T U K 3

DIE NUWE KONSTITUSIONELE BEDELING IN TRANSVAAL EN DIE TAAK VAN DIE BOTHA - REGERING TEN OPSIGTE VAN DIE TWEE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE.

Op 20 Februarie 1907 het die koningstem in Transvaal gespreek en die eerste gewaarwording in verband met die verkiesing was dat alles so ordelik daaraan toegegaan het. 'n Gevoel van tevredenheid en trots het onder die geledere van die bevolking geheers - en met reg ook want hoewel die gemoedere soms besonder opgewonde was en harde woorde verskeie sprekers ontval het waardeur sterk hartstogte opgewek is, het hierdie eerste stembus-kragmeting binne vyf jaar na die oorlog, sonder ongereeldhede van enige belang afgeloop. Na die bitterheid van die jare wat pas afgeloop het, was hierdie toedrag van sake 'n bemoedigende feit. 'n Bevolking wat hom na 'n eeuoue stryd só kon beheers tydens 'n verkiesing wat hom geleen het tot uitbarstinge, kon nie anders as 'n roemryke toekoms tegemoet gaan nie. Lofwaardig veral was die streng ingehoue emosies van die oorwonne Boere wat, hoewel hartstogtelik lief vir hulle vryheid, op kalm en bedaarde wyse hulle plig teenoor hulle land en hulle leiers by die stembus nagekom het soos dit 'n gedissiplineerde volk betaam. Die "Vote British!" kreet van die Progressiewe het die Boere nie beantwoord met „Stem Afrikaans!" nie. Inderdaad het die ergste vorm van venyn en wedersydse beswaddering voorgekom waar nie Boer teenoor Engelssprekende nie, maar juis Engelssprekende teenoor Engelssprekende te staan gekom het - sir Percy Fitzpatrick teen sir Richard Solomon in Pretoria-Suid Sentraal. En onderwyl die Engelse hulle bitsige aanvalle op mekaar geloods het, waarin hulle aangewese eerste premier van Transvaal toe die onderspit delf, het Het Volk met die roemryke sege weggestap.

Die absolute oorwinning van die Boereparty oor al die ander partye gesamentlik, moes selfs vir die Liberale Party in Engeland 'n onaangename skok gewees het. Afgesien van hulle beleid van koloniale selfregering het dit op die lappe gekom dat dit steeds hulle bedoeling was dat daar met die„goedgunstige" toekenning van 'n grondwet vir selfregering in Transvaal voorsorg getref moet word dat die ou bevolking in die minderheid gehou moet word in die nuwe regeringsliggaam. In 'n onderhoud naamlik wat een van die Londense blaaie met sir West Ridgeway gevoer het, het lg. uitdruklik erken dat die bepalings van die kieswet spesifiek so opgestel is dat 'n meerderheid vir die Engelse in die Transvaalse parlement verseker sou wees - en van die eerste oomblik het hy voorspel dat dit ook so sou verloop, mits die Engelse saamstaan.1)

---

1. Bloemfontein Avond Post, 23 en 27 April 1907 (Berig en Hoofartikel oor sir West Ridgeway se onderhoud met 'n Londense blad.)

Die Probleem omtrent die Premierskap: Nieteenstaande Het Volk se oorweldigende meerderheid by die stembus was die kwessie van die premierskap glad nie 'n uitgemaakte saak nie. Voor die verkiesing het al die partye dit so aksiomaties aanvaar dat Richard Solomon aan die hoof van die eerste regering gaan staan, dat sy neerlaag in Pretoria-Suid Sentraal eintlik 'n groot gaping gelaat het. As Het Volk as bondgenoot van die National Association sir Richard sou versoek om die eersteminister sterskap te aanvaar, sou dieselfde posisie ontstaan as in die Kaapkolonie waar die Bond telkens die een of ander partyregering aan die bewind help plaas het, maar nooit het die leier, Jan Hendrik Hofmeyr, ingewillig om sitting te neem in die ministerie nie - tot ergenis van menige premier. In sy gelukwense aan Steyn oor die Boere se skitterende oorwinning oor die Progressiewe Party, het Merriman, wat ervaring van hierdie rol van Hofmeyr gehad het, ook bygevoeg:

> "I do most sincerely hope that Het Volk will not hesitate to assume the reins of power and show what they can do. They have brains enough and experience will come - at any rate they have as large a stock of that as their garrulous opponents". 2)

Pres. Steyn was 'n voorstander van gesonde administrasie en as regsgeleerde en belangstellende in die gelukkige verloop van Suid-Afrikaanse regeringsaangeleenthede, sou hy die beste advies aan die Transvalers gee:

> "I could never agree with Mr. Hofmeyr and the Bond's policy of going into Parliament and not in the Ministry, for such a policy must necessarily lead to log rolling which generally has a baneful influence on parliamentary work. Hence I strongly advised Het Volk party that Botha must take the premiership and no one else....3)

Warm vaderlander wat hy was en uit ervaring kenner van die subtiele politieke spel van die Brit, was Steyn hoogs bevrees dat die Transvaalse Boereleiers 'n foutiewe stap gaan neem. Hy is verheug oor Het Volk se oorwinning, skryf hy op 25 Februarie aan Leyds,

> „... en toch durf ik niet zeggen dat ik geheel zonder vrees ben. In de gelederen van Het Volk zyn er elementen die mij doen twyfelen of zy in moeilyke tyden „Het Volk" zullen blyven. Namen zal ik niet noemen want ik weet zy zullen u ook niet ontgaan zijn ... maar er zijn mannen by die men nauwlyks kan verwachten dat zij vervuld zullen zyn met „the spirit of the Swarm".4)

In Richard/.....

---

2) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 24.2.1907.
3) Merriman Papers, no.58, Steyn aan Merriman, 9.6.1907.
4) L.A.260(1) 25.2.1907.

In Richard Solomon, met wie die Volkspartyleiers so graag wil saamwerk, het hy geen vertroue gehad nie:

> „Dat sir Richard Solomon uitgevallen is, daarover zal ik my nu niet dood treuren. Hy is my geen sympatiek figuur. Zyne bereidwilligheid om te deelen in de buit van een oorlog door hem veroordeeld, heeft my geen hooge dunkt gegeven van zyne vastheid aan principen..."5)

Vooraanstaande Afrikaners soos Styn en Engelse soos Merriman was geensins verheug dat dit juis 'n kapitalis in die persoon van Percy Fitzpatrick was wat vir Solomon verslaan het nie, dog eerder het hulle hul verheug in sy neerlaag omdat hulle geen vertroue in hom as premier vir Transvaal gehad het nie. Merriman het die Kaapse Suid-Afrikaanse Party, Het Volk en die Orangia Unie reeds as een gemeenskaplike politieke beweging gesien. Daarom skryf hy:

> "I must say that the defeat of R. Solomon seemed to me to remove from our party a great danger for he is by nature one of those who are infinitely more dangerous to their friends than to their enemies and in the capacity of Prime Minister he would have been the tool of Selborne as he was of Milner". 6)

Botha word versoek om Regering saam te stel - Sy Besondere Probleme:

Gelukkig het pres. Steyn se vaderlike raadgewinge nie op dowe ore geval nie. Smuts het hom laat weet: „Wy volgen uw wenk en zullen Botha premier maken". Die beginsel van konsiliasie moes egter nie die minste skade berokken word nie; die kwessie van die premier mag wel opgelos wees, het hy teenoor Merriman beken, maar

> "... we feel sorry for Solomon and if he will serve under Botha (as I think he will) he may be Attorney-general. I am exceedingly anxious not to have a pure Het Volk Ministry. On our policy of racial peace we carried many English Constituencies with us, and I think we should continue that policy night and day. Unfortunately the Nationals have few men of particular note or ability; we shall take, I believe, Hull and (R) Solomon".

Die ander lede van die kabinet, reken hy, sal wees Jacob de Villiers, Rissik en hyself.[7)]

Met die uitskakeling van sir Richard was Suid-Afrika se oë op een man gerig: Louis Botha. Want hoewel dit in invloedryke kringe aanvanklik geglo is dat genl. Smuts vanweë sy besondere politieke en ander gawes die eerste premier sou wees,* was niemand verbaas nie toe goewerneur Selborne vir genl. Botha opgeroep het om die eerste ministerie saam te stel. In 'n heel besondere sin het die eeue-oue motto tot Botha gespreek: V o x p o p u l i, v o x D e i. Die volk het op ondubbelsinnige wyse geantwoord op die verkiesingsmanifes van hulle organisasie en aangesien die beginsel van versoening daarin vervat was, sou Botha nou op hierdie vroeë stadium al moes bewys dat sy party dit eerlik bedoel het.[8)]

Die/.....

5) Ibid.
6) Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/4, 24.2.1907.
7) Ibid. (Geen datum) en Merriman Papers no.14, Smuts aan Merriman, 25.2.1907.
8) The South African News, 22.2.1907; The Friend, 25.2.1907;
* The Star, 23.2.1907: The South African News. 22.2.1907.

Die konstitusie het voorsiening gemaak vir hoogstens 6 kabinetsposte. In die geledere van Het Volk was meer as genoeg knap persoonlikhede om hierdie verantwoordelike posisies met eer te vul, soos o.a. Botha, Smuts, Beyers, Burger, N.J. de Wet, F.E.T. Krause, Rissik, De Villiers, Wolmarans, Nicholson, Stockenstrom, De la Rey, Rooth. Daarby het gekom die Nationaliste met wie Het Volk in bondgenootskap was en onder wie die drie broers Solomon en Goldmann, Hull en Wybergh aanspraakmakers kon wees, hoewel nie een van hulle, soos Smuts gesê het, besonder bekwaam was nie, maar wie se volgelinge tog geaffronteerd sou voel as een of meer van hulle leiers nie in die kabinet opgeneem sou word nie.

Volkome bewus van sy eie tekortkominge en beskeie oor sy eie leierstalente, het genl. Botha aanvanklik baie sterk getwyfel of hy aan Selborne se versoek moes voldoen.

> „U kunt wel verstaan", het hy later teenoor Steyn beken, „dat ik ernstige bezwaren had om die gewichtige verantwoordelijkheid op mij te nemen. Dat heeft mij veel kommer en onrust gegeven, maar ik moest uiteindelijk wijken voor den grooten drang van alle kanten en van die ou volk zijnde, waar het geldt de belangen van hen, die men vertrouwt en die zoo bitter zwaar hebben geleden, dan mag ik niet terugstaan..." 9)

Adv. Jacob de Villiers was intiem bevriend met pres. Steyn en in 'n interressante brief aan lg. skets hy die moeilikhede waarmee Botha te doen gehad het in die vorming van die kabinet. Op 27 Februarie was die voorlopige samestelling soos volg: Botha: premier en minister van landbou; Smuts: Koloniale sekretaris; R. Solomon: Prokureur-generaal; Hull: Tesourier; Rissik: Publieke werke, Lande en Spoorweë; Jacob de Villiers: Myne. „Ons het veel moeilikhede," het hy aan Steyn geskryf. Hull ('n erkende persoonlikheid onder die myngroepe) kon nie Minister van Myne wees nie omdat sy houding te vyandig was („so denkt men") teenoor die Ecksteins. Ook was hy self 'n groot spekulant. Rissik was vroeër weer te bevriend met die Ecksteins, en J.B. Robinson ('n invloedryke maar pro-Boer myneienaar), het Botha gewaarsku dat die benoeming van Rissik as Minister van myne deur Europa beskou sal word as sou die goudindustrie in die hande van die „Hoekhuis" oorgegee is. Daarom is hierdie pos aan hom (De Villiers) toegeken.

> „Ik het groot moeilikhede om dit aan te neem want ik weet nie of ik een success kan maak. Ons moet ons klaarmaak dat die capitaliste al hulle krachte op dié minister zal concentreer. Dit is ons wondbare plek en daar moet die borstwering dus bizonder sterk wees. Ik het geen ondervinding, noch training (sic) in die vak en my gezondheid is nie zoo goed as vroeger. Wat denk u?"
>
> Richard Solomon/.....

---

9) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Botha aan Steyn, 5.3.1907.

Richard Solomon, skryf hy verder, het nou erken dat die premierskap buite die kwessie is. Die prokureur-generaalskap is hom aangebied dog hy het geaarsel om hom dit te laat welgeval. Ten einde die steun van die Engelse aan die Rand te behou, was hulle dit eens dat minstens twee Nationals in die kabinet opgeneem moet word.

„Ons het nou die kans om die Engelse aan ons te bind. Verloor ons dit, dan is ons vir altyd verlore."

En behalwe sir Richard is daar niemand anders onder die Nationals om in die kabinet te dien nie en weier hy om onder Botha te dien, is die groot vraag wie prokureur-generaal moet wees. Die gedagte is dat De Wet (N.J. de Wet - skr.) „'n Bietjie te veul van 'n kriewelkop is vir so 'n gewigtige posisie." En dan ten slotte die trooswoorde aan Steyn:

„As Solomon inkom, sal ons wel sorg dat hy ons geen kwaad kan doen nie."10)

Genl. Botha, wat ongetwyfeld steeds die raad van Smuts ingewin het, kon maklik iemand uit hulle eie partygeledere vind om die pos van prokureur-generaal te behartig indien hy hom ter wille van sy konsiliasiebeleid nie so gekompromiteer het nie. Genl. Beyers, met sy regsopleiding en -ervaring, en sy gesonde tradisievastheid, was die aangewese man daarvoor. Ten tye van Botha se samesprekinge met politici oor die vorming van die kabinet was Beyers ernstig ongesteld maar nogtans was dit nie die rede waarom hy totaal onkundig gehou is omtrent die verwikkelinge nie. Toe R. Solomon finaal weier om onder Botha te dien en Beyers nie deur Botha genader is omtrent die prokureur-generaalskap (of 'n ander portefeulje) nie, was dit alte duidelik dat Botha en Smuts hom as 'n struikelblok in hulle weg van konsiliasie beskou het. Sedert 1905 het almal geweet dat Christiaan Beyers in sy politieke toesprake geen blad voor sy mond neem nie, en aangesien Botha en Smuts nou eenmal besluit het dat van die ses kabinetslede twee Engelse moet wees, was daar vir 'n uitgesproke man soos die Waterbergse volkraadslid geen plek nie.11)

Eindelik het Botha besluit om Mynwese en die prokureur-generaalskap saam te koppel onder adv. De Villiers. Rissik het hy onthef van Publieke werke en dit aan sir Richard se oudste broer, Edward P. Solomon, gebied terwyl e.g. nou belas is met Naturellesake en (Kroon)lande.[12] Op Maandag 4 Maart is dus die volgende ses persone deur die goewerneur tot ministers van Sy Majesteit benoem en ingesweer:

genl.Louis/.....

10) Ibid. De Villiers aan Steyn, 27.2.1907.
11) Scholtz (Genl. Beyers) pp.163-164.
12) De Volkstem, 2.3.1907.

genl. Louis Botha: Eerste Minister en Min. van Landbou;
genl. J.C. Smuts: Koloniale Sekretaris;
adv. J.de Villiers: Prokureur-generaal en Min. van Mynwese.
mnr. H.C. Hull: Koliniale Tesourier;
mnr. J.F.B. Rissik: Min. van Lande en Naturellesake;
mnr. E.P. Solomon: Min. van Openbare werke.[13]

(Met die invloedryke genl. Beyers het Botha en Smuts 'n ander plan gehad).

"I might have been Premier",

het Smuts op 4 Maart aan Merriman geskryf,

"but considered that it would be a mistake to take precedence over Botha who is one of the finest men South Africa ever produced. If he had culture as he has chivalry and commonsense, there would not be his equal in South Africa..."14)

In baie opsigte het Smuts en Merriman dieselfde beskouinge gehuldig maar met hierdie opinie van sy vriend oor Botha kon Merriman nie saamstem nie.

"Botha who is a Bayard in the field is not a great statesman,"

het hy aan prof. Goldwin Smith geskryf ná dit bekend geword het wie die lede van die nuwe regering sal wees. Aan die bevoegdheid van die kabinetslede het hy nogtans nie getwyfel nie:

"The new government there includes some of the cleverest men in South Africa who have proved their manhood in the field as well as their talents elsewhere. The only danger",

voeg hy op sy kenmerkende skerpsinnige wyse by,

"is that they will have too much of the Dutch characteristic of trying to make things pleasant for their opponents, which goes curiously enough with their dogged obstinacy in certain matters."15)

Die Kabinetslede - Besonderhede, Bevoegdhede en Posisie:

Die aanvaarding van die premierskap van Transvaal as selfregerende kolonie deur genl. Louis Botha in plaas van deur sir Richard Solomon was 'n gebeurtenis van besondere betekenis vir Suid-Afrika. Niemand het getwyfel aan Solomon se bekwaamheid as administrateur en wetgewer of in sy lojale gevoel vir Suid-Afrika nie. Koersvas en 'n man met 'n duidelike toekomsideaal was hy egter nie en nooit sou hy die populariteit geniet het onder die Engelssprekendes wat Botha onder die Afrikaanssprekendes geniet het nie en nooit sou hy as Engelsman die steun van die Boere ontvang het soos wat die innemende Botha as Boer beskore was om van die Engelse te ontvang nie. Die loesing wat Solomon op 20 Februarie van Fitzpatrick/.....

13) Staatskoerant T.K.19, 8.3.1907.
14) Merriman Papers, no.18, Smuts aan Merriman, 4.3.1907
15) Ibid. no.28, 26.3.1907.

Fitzpatrick in Pretoria-Suid Sentraal ontvang het was dus in meer as een opsig 'n bedekte seën.

Die meer liberale teenoor die konserwatiewe rigting was van oudsher teenwoordig onder die Boeregeledere. Ten tye van die Voortrekkers in die Noorde was dit Gerrit Maritz teenoor Andries Potgieter. In die Z.A.R. vind ons later Burgers teenoor Krüger en nog later Joubert teenoor Krüger. Hierdie liberale lyn is nie deur die oorlog vernietig nie maar in die persoon van Louis Botha veilig uit die Republiek in die nuwe staatkundige opset ná die Vrede van Vereeniging ingedra netsoos die republikeinse kleinood deur Steyn, Hertzog, De Wet en Beyers bewaar is om dit ter geleëner tyd in die politieke program van die nuwe Suid-Afrika in te sluit. Vir die besondere omstandighede in 1907 was Botha die aangewese man en sy liberale ideerigting die aangewese beleid om prakties uit te voer in die selfregerende Transvaalse Kolonie onder Britse vlag. Hier sou die konserwatiewe en meer Afrikaans nasionale rigting van Steyn en sy soortgenote nie ingepas het nie; die tyd daarvoor sou kom. Botha se hele loopbaan het hom aangestip as die geskikste man vir die nuwe verantwoordelikheid. Voor die oorlog was hy ten gunste van ruimer voorregte aan die Uitlanders; in die stryd om die handhawing van die republiekeinse vryheid het hy die bewondering van elke Boer afgedwing deur sy besielende leiding en uitmuntende strategie toe hy in veldslae soos Colenso, Spioenkop, Dalmanutha en ander wêreldroem aan die Boer as kryger en homself as moedige en bekwame generaal verleen het. Sedert die einde van die oorlog was hy sy volk se hoop; die hart wat meegevoel het, die welsprekende stem wat hulle behoeftes en onregte uitgedruk het en die kragdadige tussenpersoon wat die aandag van 'n wederstrewige regering gewen het ten behoewe van die lydendes. Ander Boereleiers het ook leiding gegee, maar te veel van hulle wou dakwerk doen; Botha was die een wat die noodsaaklike spitwerk gedoen het deur die volk uit as en puin op te hef. Maar verder: uit die hele koalisieparty van Het Volk, die National Assiciation en die Arbeiders, was genl. Botha die enigste man vir wie die Britse publiek sou verkies om te volg. Hy het reeds op daardie stadium baie Engelse se harte verower deur sy rondborstige aanname van hulle koning en vlag ná sy skitterende militêre weerstand en dit sou die Britse ras onwaardig gewees het as hulle nie hartlik gereageer het op die uitnodingings tot goedwilligheid van Botha se kant nie. Almal het sy ridderlike en beminlike aard geken sodat hulle hul toegeneentheid en vertroue aan hom kon bied. En of Botha dit so wou gehad het of nie, hy was die

persoonlikheid/.....

persoonlikheid van die oomblik. Niemand het soveel gedoen om Boer en Brit hulle verskille te laat vergeet en die bewustheid van 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit te bevorder nie en hierdie ideaal het van hom geëis om nie ontroof te word van die betowering en skild van sy naam nie.[16]

As praktiese, progressiewe en verstandige boer sou die departement landbou met sy onderskeie vertakkinge veilig wees in die hande van die Eerste Minister.

Die belangrike posisie van Koloniale sekretaris het Botha gebied aan adv. J.C. Smuts wat reeds groot diens aan die Afrikanersaak betoon het. Smuts se heldere verstand, sy opvoeding en sy wonderlike loopbaan het aan Botha verseker dat hy toegerus sou wees met deskundige kennis in sake die wet, die geskiedenis en staatsgebruike. Deur sy besondere agtergrond sou hy sorg vir die voorsiening van

"..... the parliamentary sledge-hammer power for Botha in South African parliamentary life."[17]

Die parlement moet oppermagtig wees, was Smuts se strewe. Die kontras tussen Botha en Smuts het nou nog duideliker geword. Die eerste premier van Transvaal was nog die vriendelike, taktvolle kameraad wat die onbelangrikste burger laat voel het dat persoonlike belangstelling in sy griewe getoon word, maar nou het die politieke lewe ook bewys dat Botha 'n man van vlees en bloed is wat maklik gekrenk kan word. Smuts is deur die oorlog en die donker jare daarna gestaal tot die taai, manlike persoonlikheid met 'n sterke individualisme. Nog was hy steeds teruggetrokke, in die gees peinsend en eerder geneig om die uiteindelike gevolge as die onmiddellike besonderhede van 'n plan as van belang te beskou. Anders as met Botha het die aanvalle van Smuts se teenstanders van hom weggeskram soos pyle van 'n klipmuur. Bowe-al was hy 'n man van snelle, daadwerklike aksie.[18]

Inderdaad kon Transvaal hom gelukkig ag dat hy oor die dienste kon beskik van hierdie nog jong staatsman met sy kosbare gawes van verstand en karakter wat hy voor, tydens en ná die oorlog so belangeloos geplaas het ter beskikking van sy land en sy leier en vriend, Botha. Weldra sou ook die hele Suid-Afrika kon reken op die trou en vasberadenheid van hierdie Afrikaner.[19]

Sy/.....

---

16) The Friend, 25.2.1907; De Volkstem 2.3.1907.
17) Spender, a.w. pp.180-182; The Star, 4.3.1907
18) Kiernan: General Smuts, pp.55-56.
19) De Volkstem, 2.3.1907.

Sy portefeulje as Koloniale sekretaris was omvangryk en het trouens alles behels wat nie onder die van een van die ander kabinetslede of die Imperiale Regering gesorteer het nie. Vandag ken ons dit as die Department van Binnelandse sake wat in die Verantwoordelike Regering-tydperk in Transvaal van 1907 tot 1910 aangeleenthede behels het soos onderwys, die staatsdiens, gesondheid, poswese en telegrafie, naturalisasie en immigrasie, wapens en ammunisie, die staatsdrukkery en museums, ens.[20]

Ongetwyfeld was Smuts die bekwaamste man in die geledere van Het Volk; hy was die breinkrag van die party en sy toesprake tydens die eleksiekampanje het uitgetroon ver bo dié van sy partygenote. Die Britte het hom al meer geloof omdat hy hom nooit skuldig gemaak het aan "... those occasional lapses into anti-British sentiment" nie. Die oorlog het hy gesien as dié faktor wat respek van die twee rasse vir mekaar meegebring het.[21]

Johan F.B. Rissik: aan wie Botha die tweeledige kabinetspos van Minister van Lande en van Naturellesake gebied het, was 'n gebore Hollander wat in 1874 as landmeter na Transvaal gekom het. Later het hy landmeter-generaal van die Z.A.R. gewórd en hy is die man na wie Johannesburg vernoem is. In die beraadslaginge van die Boere het hy altyd 'n prominente rol gespeel. Tydens die Kroonkoloniebestuur was hy ook lid van die Interkoloniale Raad dog die ouer Boere-amptenare sou steeds aan hom dink as die landmeter van beroep. Hy was 'n erkende outoriteit op naturelle-aangeleenthede maar nogtans nie hoog gekwalifiseerd vir enige van sy twee departementsposte nie.

Adv. Jacob de Villiers (geb.1868) het as Vrystater sy opleiding eers aan die Greykollege ontvang en later voortgesit aan die Victoria College alwaar hy in 1889 die Graad in Regte verwerf het. In 1893 is hy in Londen tot die balie toegelaat. Van 1894 het hy 'n florerende regspraktyk te Johannesburg gehad tot 1896 toe hy deur die Oranje Vrystaatse Republiek benoem is as Staatsprokureur. Hier het hy intiem bevriend geraak met pres. Steyn. In 1898 het hy egter bedank en sy praktyk in Johannesburg hervat. Met die uitbreek van die oorlog het hy by die Vrystaatse magte aangesluit en o.a. ook sy diens gelewer tydens die beleg van Ladysmith. Hy is

krygsgevange/.....

---

20) Spoelstra, a.w. p.62.
21) The Natal Mercury, 5.3.1907.

krygsgevange geneem maar het na die vrede teruggekeer om sy regspraktyk van 1903 af in Johannesburg voort te sit. As een van die gesiene lede van Het Volk is hy aan die einde van 1906 tydens die derde Kongres opgeneem in die Hoofkomitee in die plek van adv. Esselen. Jaap of Japie (soos hy onder sy kollegas bekend was) de Villiers was 'n bedaarde persoon en baie bekwame regsgeleerde wat in latere jare sou vorder tot hoofregter van die Unie van Suid-Afrika.

Henry Charles Hull is in 1860 in Caledon gebore. In die Kaapse staatsdiens het hy 'n mate van openbare ervaring opgedoen. Hy het hom gekwalifiseer vir die Kaapse balie en baie jare 'n regspraktyk te Kimberley aan die gang gehou. Van 1889 het hy sy professie in Johannesburg voortgesit. Spoedig was hy 'n aktiewe lid van die Reform Committee met die gevangenis as voorland na sy deelname aan die anti-Republikeinse uitbarstings in Januarie 1896. Deur sy deelname aan die Uitlander-agitasie was hy verplig om Johannesburg voor die uitbreek van die vyandelikhede te verlaat. Hy het by die Britse magte onder genl. Brabant aangesluit waar hy goeie dienste gelewer het. Na die oorlog het hy lid geword van Milner se Wetgewende Raad en o.a. die invoer van Sjinese sterk teengestaan. Hull was 'n goeie spreker en het indruk gemaak as 'n man van besondere bekwaamhede. Vir sy opponente was hy tydens debatte 'n gevaarlike kalant. Hy was nietemin 'n knap tesourier en 'n bekwame lid van die kabinet van wie verwag sou word om die bedroewende Transvaalse finasies te verbeter.

Edward P. Solomon. Minister van Openbare Werke, was die oudste seun van eerw. E. Solomon van Bedford in die Kaapkolonie. Hy is in Engeland in die Aberdeense Gimnasium opgelei maar het in 1862 na Suid-Afrika teruggekeer en in Port Elizabeth by die prokureursfirma Innes en Ellerde sy leertyd uitgedien en in 1868 self prokureur geword. Vir byna twintig jaar het hy eers in Beaufort-Wes en toe in King Williams Town gepraktiseer; in 1887 het hy na Johannesburg verhuis waar hy sy professie voortgesit het tot in 1903. Na sy uittrede het hy sy aandag gewy aan die T.R.G.A. wat in 1904 tot stand gekom het en waarvan hy die leier was ook nadat dit met die Reform Club en die Pretoria Political Association saamgesmelt het tot die Transvaal National Association.[22)]

Die/.....

22) Brothers: The first Transvaal Parliament, pp.83-88; Meihuizen: Dat Vrye Volk, p.36, pp.42-46; Spoelstra, a.w. pp.60-63; The Star, 4.3.1907; The Natal Mercury 5.3.07; The Rand Daily Mail, 4.3.1907.

Die verantwoordelikhede van die Kroonkoloniebestuur het hiermee op die skouers gekom van 'n sestal Transvalers en die oë van Suid-Afrika en die ganse Ryk sou nou op hulle gerig wees; veral die Engelse in die land sou graag wou sien of die Boere met terme soos „die volk" en „ons land" nog dieselfde bedoel as in die stormagtige negentiger jare toe hulle daarmee bedoel het net Boere en net Suid-Afrika waarin net die Afrikaner alleen reg het, het die "Natal Mercury" betoog en verder geskryf:

> "Botha and his colleagues have one of the greatest opportunities ever given to half-a-dozen men in any British Colony and on their good faith and wisdom depends the success or failure of the greatest political experiment ever tried under Imperial institution.23)

Botha en sy kabinetslede het dit alte duidelik besef en selfs die krygshaftige en rasionele Jan Smuts was skrikkerig:

> "... None of us have any parliamentary experience and I feel horribly afraid," beken hy teenoor Merriman.24)

'n Nuwe Tydsgewrig en nuwe Konstitusionele Posisie in Transvaal: Met die konstituering van die Goewerneur-in-Rade in Transvaal op 4 Maart 1907 het 'n nuwe daeraad vir die vroeëre Republiek (en vir Suid-Afrika) verrys. Veral vir die ouer bevolkingsgroep moes die veranderde toestand duidelik opgeval het - soos o.a. na die beëdiging van genl. Botha as Eerste minister. In 'n motor het hy van die Regeringsgebou tussen die geesdriftige skare weggery, 'n wye draai oor die Kerkplein gemaak en kort daarna het die 20ste eeuse voertuig via Markstraat „in een oogwenk uit 't gezicht verdwenen". Onwillekeurig het die vrolike menigte teruggedink aan vroeër dae

> „toen ook een grote Afrikaner 't land regeerde; en hoe dageliks de bekende victoria met bruine paarden President Kruger van onder dezelfde portiek huis toe placht te ryden na afloop van de Uitvoerende Raads-zitting; en hoe by plechtige gelegenheden de mooie staatsie-koets dienst deed met z'n a n c i e n r e g i m e - stempel van voorvaderlike achbaarheid en deftigheid van de oude styl."25)

Tye het veel verander: genl. Botha wat met sy outomobiel huiswaarts gesnel het, was 'n ander figuur as pres. Kruger in sy glansende gala-rytuig en 'n Eerste minister van Transvaal verskillend van die Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Maar nie/.....

23) The Natal Mercury, 5.3.1907.
24) Merriman Papers, no.18, Smuts aan Merriman, 4.3.1907.
25) De Volkstem, 6.3.1907.

Maar nie alleen die draers van die hoogste staatsgesag het met hulle tyd meegegaan en hulle eie gemaak aan die nuwe na-oorlogse denkbeelde of hulle bedien met die resultate van die allerjongste uitvindinge nie. Geheel die volk het sedert die aanvang van die 20ste eeu verander en verjong. Pynlike ervaringe en droewige aandoeninge het hulle spoor nagelaat, maar nie in die vorm van sedelike en geestelike ontaarding nie, dog by wyse van verhoogde energie en gesterkte wil om die nasionale bestaan te handhaaf in weerwil van die grootste teenstand. Met bewonderenswaardige krag het die mense die reeks teëspoede die hoof gebied en in menige opsig het hulle uit die worsteling na vore getree as 'n sterker en beter ras. Onder die Transvalers was 'n verhoogde en intelligente belangstelling, wat vir die openbare saak wakker geword het, te konstateer. Die publiek het meer gelees en meer gedink en meer geoordeel as tevore en opmerklik veral was die feit dat die ouer bevolking van Transvaal - politiek gesproke - met besondere groot oplettendheid die gewigtige vraagstukke gevolg het wat nou eerlank deur die nuwe Regering en parlement opgelos sou moes word.[26]

Konstitusioneel het daar vir Transvaal 'n nuwe tydperk aangebreek, 'n Volksregering volgens die republikeinse stelsel was in swang tot met die uitbreek van die oorlog. Daarna het die militêre en Kroonkoloniebestuur van 1900 tot aan die begin van 1907 die wysers teruggeskuif. Die nuwe grondwet het weer die swaartepunt van wetgewing en regering na die volksraad verskuif - maar nou volgens die Britse parlementêre stelsel. Demokrasie is grootliks herstel en opnuut sou die nuwe owerheid - soos in die Republiek se dae en soos die Engelse in Engeland gewoond aan was - in gedagte moet hou dat:

> „om te regeer nie is om te domineer nie, maar om te medieer... die staat moet nie oorheers nie, maar versoen.....Daar bestaan in die staat 'n meervoudigheid van wille en belange wat deur sy bemiddeling met mekaar moet saamwerk. In die demokratiese staat mag geen belang oorheers nie; dit is die funksie van die staat om die ewewig tussen die wedywerende en botsende belange en behoeftes te bewaar....."[27]

Die twee blanke bevolkingsgroepe wat nou in Transvaal onder een regering gestaan het, was albei wesenlik Calvinisties en die Calvinistiese land is by uitstek demokraties, - hetsy republikeins of monargaal. Deur die verkiesing onder leiding van die volksorganisasies - of partye - het die volk nou 'n ruime medeseggenskap aan sy bestuur.[28]

Hierdie/.....

---

26) Ibid.
27) Murray: Die Volksraad, p.55.
28) Gey van Pittius: Aktuele Politieke Vraagstukke, p.19; Du Plessis: Die Moderne Staat, pp.17-20.

Hierdie demokratiese regeringstelsel word deur die volk gesien „eerder in terme van funksies as in terme van mag," en hierdie funksies word verrig deur

(a) die party;
(b) die Volksraad (of Laerhuis of Wetgewende Vergadering) waarin die bevolking direk verteenwoordig is;
(c) die Senaat (of Hoërhuis of Wetgewende Raad) waar die bevolking op pluralistiese grondslag verteenwoordig is;
(d) die Uitvoerende liggaam of Kabinet, met die staats - of openbare diens en
(e) die geregsorganisasie.29)

Die Wetgewende Vergadering of Volksraad: Allig die belangrikste van hierdie funksionerende staatstelsel is die Volksraad of Wetgewende Vergadering. Soos die naam aandui, is die Volksraad 'n wetgewende liggaam wat in die eerste plek landswette maak (met behulp van die Hoërhuis) en daarvoor 'n vaste prosedure volg.

In die tweede plek moet die Wetgewende Vergadering in noue aanraking bly met die openbare mening en as 'n brug dien tussen die staatsdepartemente en die openbare mening, want dit gebeur dat kardinale beginsels van diepgaande godsdienstige, etiese of kulturele aard deur die wetgewing geraak word. Hier word van die Volksvergadering verwag om kontak te handaaf met die volkslewe ten einde te kan vasstel wat die volk daaromtrent dink. 'n Derde plig van die Volksraad is om 'n wakende oog oor die werksaamhede en beleid van die Uitvoerende Mag of kabinet te hou; soms moet die teuels ingetrek word of dan weer moet die regering aangemoedig word tot beslister of sneller optrede.

Verder oefen die Wetgewende Vergadering kontrole uit oor die administratiewe werksaamhede van die ministers en die onderskeie departemente.

Ten slotte oefen die Volksvergadering beheer uit oor die finansies van die staat en hierin lê die geheim van die mag van die volksraad aangesien die liggaam wat die fondse beheer, die staat beheer.30)

Die Tweede Kamer of Hoërhuis: 'n Algeheel nuwe en onbekende instelling vir die Boere was die tweede kamer of Wetgewende Raad. Stande het daar nooit onder die Boere bestaan nie en dit is in die Republieke geglo dat besondere regte net so goed in 'n onbuigsame grondwet vasgelê en beskerm kan word. Die omslagtigheid van die tweekamerstelsel met die moontlikheid van botsings is aldus uitgeskakel. Ongetwyfeld het die Imperiale Regering nog nie absolute vertroue in die Boere gehad om aan hulle onbelemmerde selfbestuur toe te ken nie. Derhalwe is die Transvaalse Hoërhuis ingestel ten einde die Boere by 'n eventuele/.....

29) Murray, a.w. p.97.
30) Ibid. pp. 97-100

eventuele meerderheid in die Vergadering te kortwiek. Wesenlik is die doel van 'n Senaat of Hoërhuis (of Wetgewende Raad in die geval van die Transvaalse grondwet) om:

(i) Haastige wetgewing deur die vergadering te voorkom en wette te oorweeg en te hersien en te verhinder dat wette as't ware deur die partykoukus gemaak word;

(ii) spesiale belange en groepe te beskerm en

(iii) om erkenning te gee aan voortreflike dienste van persone wat bv. nie in politieke kampanjes van die Volksraad belangstel nie. Sulke persone - gewoonlik van rype ervaring - kry geleentheid om hulle volk in die Hoërhuis van die land te dien.31)

Veral die tweede doelstelling, t.w. die beskerming van spesiale belange, sou in die selfregerende Transvaal op die Hoërhuis rus aangesien daar in die Kolonie - soos trouens in die hele Suid-Afrika - 'n meervoudigheid bestaan het van ras, kultuur, tradisionele bestuursvorm en ekonomiese belang. Van al hierdie groeperinge moet die Raad verteenwoordigend wees en sy taak is om 'n onderlinge aanpassing te vind tussen die groepe.32)

Die Kabinetstelsel: Die monargale parlementêre stelsel het ook beteken dat die vroeëre Republiek die kabinetstelsel moes aanwaar, as Uitvoerende liggaam wat onder die Goewerneur die Uitvoerende Raad vorm. Die kern van hierdie stelsel berus op die partystelsel aangesien die leier van die sterkste party (of meer partye wat 'n koalisie vorm) op uitnodiging van die Goewerneur 'n kabinet of ministerie saamstel; hierdie regering bly dan aan bewind van sake solank dit die vertroue van die Wetgewing geniet. So word die partyleier Eerste minister; hy is in wetlike sin nie bo die ander ministers nie dog is leier weens sy ervaring en persoonlikheid. Die aktiwiteite van die moderne staat moet

„êrens 'n punt van koördinasie van beleid en verantwoordelikheid ... kry, en die Eerste minister verskaf die punt... en in die raadsaal het hy 'n status as gekosene van die volk."33)

Die kabinet dra gesamentlik die verantwoordelikheid vir die regeringsbeleid maar die ministers kan as departementele hoofde onafhanklik van mekaar optree. By die algemene verkiesing het die regering sy mandaat (opdrag) van die volk gekry en daardie sekere beleid wat in beginsel vasgelê is, moet toegepas word.

In 'n/.....

---

31) Gey van Pittius; Plaaslike en Sentrale Bestuur in Suid-Afrika in Teorie en Praktyk, pp.15-19.

32) Murray, a.w. pp.112-112; V.d. Heever en Pienaar, a.w. (II) pp.369-370.

33) Murray, a.w. pp.138.

In 'n oorgangsperiode waarin die politieke menings onder die volk in die teken staan van nuwe groeperinge - soos dit gou sou blyk in Transvaal ná 1907 en voor 1909 - is die koalisie-kabinet die aangewese uitvoerende liggaam.34)

Die Staatsdiens: Die Uitvoerende Gesag as sodanig is 'n steeds wisselende politieke gesag en nogtans is die gewone landsadministrasie in die hande van hierdie Uitvoerende Gesag of Regering. Maar deur die ontwikkeling van die demokrasie is die staat as oorheersende gesag allengs vervang duer die staat as dienende liggaam. 'n Omvangryke openbare diens het ontstaan naamlik deur die instelling van staatsdepartemente, elk onder 'n minister wat verantwoordelik is aan die Wetgewing vir die beheer daarvan. Uit die aard van die saak is die staatsdiens nasionaal en onafhanklik van die politiek sodat kontinuïteit en stabiliteit gehandhaaf kan word afgesien van die wisseling van regerings. Die staatsamptenare is dan die deskundiges wat die ministers van hulle deskundige kennis bedien en sorg vir die toepassing van die wette sodat voorwaardes vir 'n lewe van welsyn geskep kan word.35)

Die Partystelsel: Niemand sal ontken nie dat die koms van die Brit na Suid-Afrika sekere positiewe gevolge meegebring het, soos o.a. sekere handels- en ekonomiese stelsels. Een van die grootste euwels, egter, wat uit Engeland hier ingebring is, is die partywese in die politiek.

Die demokratiese volksregeringstelsel het in die 18e en 19e eeu vinnig begin wortel skiet in die Afrikanerbodem. Die Patriotdeputasie na Nederland in 1779 het bewys dat die Afrikaner politiek-bewus en op konstitusionele regte gesteld is. De Mist se bewind, met sy uitstekende hervormings, was die eerste regering wat die volk as doel op sigself gestel het - dit het die weg na volksregering, waarvoor die Patriotte reeds die fundament gelê het, aangedui. In Natalia, Vrystaat en Transvaal is die volksregeringstelsels uitgebou. Eie grondwette , geïnspireer deur dié van die Nederlande, die Franse en die Amerikaners, is opgestel en aangepas by die omstandighede van die Boerestaat. Unieke regeringstelsels sou hieruit ontwikkel wat

uit die/.....

---

34) Gey van Pittius (Plaaslike en Sentrale Bestuur) pp.3-4; Murray, a.w. pp.135-139; pp.152-153.

35) Murray, a.w. pp.155-159; Gey van Pittius (Plaaslike en Sentrale Bestuur) pp.117-121.

uit die volksgeaard van die Afrikaner sou voortvloei en volkome by die volkslewe en die landsbehoeftes sou aanpas. Nêrens het die Afrikaner enige partystigting beoog nie; sy politieke strewe was 'n volksbeweging waardeur 'n waardige politieke tradisie vir hom opgebou is.

Die inmenging van Engelse kant het meegebring dat die Boer se bestaande regerings- en bestuurstelsels tot niet gemaak is; dit het 'n natuurlike politieke ontwikkeling afgestomp en verydel; 'n vreemde regeringsisteem is op die Afrikaner afgedwing en nog erger: die vreemde sisteem het as kern gehad die partystelsel waardeur die Afrikaanse volk hopeloos verdeel sou word.[36)]

As ons let op die verklaring wat die Britse historikus, Froude, gee aan die woorde „party-regering", sal ons sien hoe ongesond die stelsel is in 'n land waar een ras hom op 'n nievreedsame wyse kom vestig het langs 'n ander:

> "Party government is the crown and glory of the British constitution; it is a peculiar structure and it involves a peculiar assumption. It assumes that in Great Britian, and indeed everywhere, there are two lines of thought, two principles on which intelligent men form their judgement in political affairs, one or other of which every public man will adopt, but in no case will adopt both. Nature has created us with two eyes, but in matters of State, either of necessity or deliberately, we must extinguish one. We must either be hot or cold; Liberal or Conservative; advocates of changes or advocates of resistence to change. It assumes again that the leading representatives of these opposing principles shall be men, if not of equal ability, yet of a first-class order....."

Van die nie-regerende party word verwag om die land te oortuig

> "that the party on the Government-benches misunderstand the public interests, are incapable of their duties, are misled by prejudice, tradition or particular interest and ambition. Whether the charges against them be true or not, their rivals must so represent them, must endeavour in season, and out season, in Parliament and on platform, in pamphlet and in leading article, from they enter upon office, to undermine their stability and destroy their respect of their countrymen for them."37)

Van buite af is hierdie on-Afrikaanse stelsel op 'n reeds heterogene bevolking afgedwing sonder dat in aanmerking geneem is dat die noodsaaklike partyverdeling in alle waarskynlikheid sal geskied volgens die rasseverdeling. Die Afrikaner is in 'n groot mate individualisties maar die partystelsel ontmoedig juis individualisme en denke. Dit stel patriotisme ondergeskik aan party-lojaliteit, reg onder eiebelang. Dit spoor waarheidsliewende,/.....

---

36) V.d. Heever en Pienaar a.w. (I) P.244.

37) Aangehaal by "The Bloemfontein Post" (Hoofart.)11.9.1907

liewende, opregte persone aan om die mees geheiligde voorskrifte van die gewete geweld aan te doen. Tog funksioneer dit goed in 'n land met 'n homogene bevolking waar daar twee sterk partye is. Die "Rand Daily Mail" van 20 November 1906 het dit lughartiglik soos volg gestel:

> "Each (party) takes an extreme view, and midway between the two lies the course of wisdom as well as the grave of anybody who aspires to make a name in politics. He can afford to be wrong, perhaps even to be ridiculous; but assuredly he must not be reasonable, or, if he is, he must disguise himself in the garb of the conventional extremist."38)

Ongelukkig het, 'n mens kan sê, die ramp Suid-Afrika getref dat veral Engelssprekendes sedert 1896 alle sake in die politiek ingesleep het. Van aangeleenthede soos die godsdiens, lojaliteit aan Suid-Afrika, lojaliteit aan die vlag en die verhouding van die blanke rasse tot mekaar, het hulle net e.g. buite die politiek gelaat. Sake wat die eiendom van beide politieke denkrigtings behoort te gewees het, is deur die Brits-imperialistiese Progressiewe Partye in Kaapland en Transvaal as hulle uitsluitlike besit toegeëien. Hierdie partygroep het hom verder as die party van die „Lojaliste" beskou, wat natuurlik meegebring het dat die ander partye, soos die Suid-Afrikaanse Party, Het Volk en die Orangia Unie, as die „dislojales" beskou is. Deur hierdie benaminge is 'n gevoel van agterdog en wantroue gewek wat al die handelinge van die sg. Lojaliste influenseer. 'n Sin vir die ware belange van die land en sy volk het hulle nie dog vanweë hulle wantroue skep hulle vir hulleself 'n denkbeeldige gevaar wat afgeweer moet word. Omdat Jameson die hoof is van die "British party" moet sy teenstanders bestry word omdat hulle die Boere- of "Dutch party" is.

Onder hierdie omstandighede kon geen gesonde Suid-Afrikaanse nasionalisme opgebou word nie en was dit nutteloos om te dink aan 'n opbouende politieke beleid. Onnoemlik veel skade is gely en dit is vererger omdat Suid-Afrika in die vorige 10 tot vyftien jaar veel krisisse (en ook eleksies in die Kaap) beleef het. Die politikus het betoon gevoer, politieke vraagstukke was op die voorgrond; die volk, sy maatskaplike geluk en die land se natuurlike hulpbronne is verontagsaam. Min tyd is bestee aan die praktiese sy van die lewe en aan praktiese politiek.

Boonop/.....

---

38) The Rand Daily Mail, 20.11.1906.

Boonop is ook nie altyd die juiste betekenis geheg aan die woord politiek nie; dit is verwar met die partypolitiek. Te dikwels is die politiek, wat insluit alles wat dien ter bevordering van die belange en werksaamhede van die staat, verdring deur die partypolitiek wat beperk is tot die beskouinge van die een of ander parlementêre party of persone omtrent die staatsaangeleenthede. Soos altyd was die politiek op sekere tye van groter belang as gewoonlik dog die jingoïstiese nuusblaaie het dit begin oordryf en die gevaar was des te groter toe die partypolitiek hom die plek van die politiek begin aanmatig het.[39]

Suid-Afrika het bittere gevolge gesmaak van die partypolitieke stelsel. 'n Beleid wat die een jaar deur die Whigs in Engeland gevolg is ten opsigte van oorsese Kolonies soos in Suid-Afrika, is die volgende jaar deur die Tories oorboord gegooi. Vir enkele jare word die Kolonies of die Republieke toegelaat om hulle sake self te behartig; net daarna word die bevolking weer gefrriteer deur die mees jingoïstiese imperialisme wat so dikwels so besonder bereid was om verkeerde voorstellinge van onvertroubare verslaggewers aan te neem om daarop hulle beleid te grondves.[41]

Die partyverdeling in Engeland is op die volgens ras verdeelde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika geprojekteer. Die Engelssprekendes het veral die Konserwatiewe party, wat deur Chamberlain, Balfour en Milner so 'n sterk jingoïstiese grondslag gekry het, aangehang, terwyl die Boere geneig was om die Liberale party te vriend te hou. Die grondwette wat die een na die ander in Downingstraat opgestel en op 'n streep aan die Suid-Afrikaanse Kolonies uitgeryg is, het die Britse parlementêre sisteem met sy onvermydelike partystelsel op die heterogene bevolking geplant. Vanselfsprekend het die stelsel eerder tot volksverbrokkeling as politieke volkseenheid gevoer. Beginsel-eenheid kon onmoontlik gedy - hoogstens organisasie-eenheid. Ter wille van die party word misleidende politieke programme opgestel en gepropageer; reeds bestaande antagonismes word deur die partystelsel verskerp en selfs in nie-politieke organisasies soos lokale bestuursliggame en kultuurorganisasies ingesleep. Word die party swakker, berus sy party-wetgewing op 'n kompromis sodat hy ter wille van populariteit staande kan bly. Inisiatief van individuele lede word ingeboet ter wille van setels of omdat 'n kliek begin te oorheers.[42]

---

39) Ons Land, 10.12 en 29 Okt.1907.

41) Hofmeyr. Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) pp.120-121.

42) Murray, a.w. pp.85-86; Du Plessis, a.w. pp.87; Gey van Pittius (Plaaslike en Sentrale Bestuur), pp.44-45.

Die partystelsel, met sy ongetwyfelde voor- en nadele wat onafskeidelik verbonde is aan die parlementêre konstitusie, is op 'n uiters ongeleë tyd in Suid-Afrika van buite ingevoer. Die tyd vir die instelling daarvan sou eers ryp gewees het as almal in die Kolonies bereid was om te glo dat beide die groot politieke rigtings soos weerspieël in die Progressiewe Partye in die Kaap en in Transvaal enersyds, en die Suid-Afrikaanse Party, Het Volk en die Organia Unie andersyds die welsyn van die vaderland, sy bevolking en openbare instellinge beoog. Dit beteken nie dat daar geen verskille en dus geen partye moet wees nie. Dié sou voortbestaan maar die verskil tussen die partye sou gaan oor hulle bevoegdheid om die sake van die staat te administreer en oor die middele wat hulle sou wens aan te wend om die volk op te bou en die hulpbronne van die land te ontwikkel. En allermins sou die party-verdeling volgens ras gewees het.[43]

Presies nié so nie, was die toestande in Transvaal toe die Elgin-konstitusie aan die Kolonie toegeken is en genl. Botha die bewind moes oorneem. 'n Partyregering was die instrument in die hande van 'n nog onkundige Boer en daarmee moes hy en sy ministers die welsyn en geluk van die bevolking probeer bewerkstellig en dit terwyl die wurm van wantroue en agterdog, veral sedert 1896, aan die Suid-Afrikaanse nasionaliteit geknaag het. Drie jaar later, toe die Unie van Suid-Afrika met die Britse stelsel opgesaal is, het dit pres. Steyn as Afrikaner opgeval hoe ooglopend vreemd dit in hierdie land is. Nooit, sê hy aan Merriman, sou hy onder 'n Britse konstitusie kon werk nie.

> "As an onlooker, viewing the game as it is played at present I cannot say that I like it. The party system seems to me to have this double effect: on the one side it kills all individuality in the ordinary member who must be ready in the interests of the party to cast principles as well as concience overboard; on the other hand it tends to make the leaders of the party despotic".44)

'n Selfregerende Transvaal as Faktor in die Groei van Nasionalisme en Gemeenskaplike Patriotisme - Hoop gevestig op Botha en Smuts:

Dit was Afrikaner-Nasionalisme wat Kaapse Rebel, Vrystater en Transvaler saamgebal het in hulle worstelkryg teen die Britse Imperialisme. Die Vrede van Vereeniging het meegebring dat daardie nasionaalbewuste Afrikanerdom nou in sy geheel onder 'n nuwe vlag gestaan het. Die eenheidsband, met ander woorde, is nie verbreek nie, maar die organiese groei van daardie gemeenskaplike nasionalisme onder die Afrikaners van/.....

---

43) Ons Land, 12.10.1907; The South African News, 11.10.1907
44) Merriman Papers, no.13, Steyn aan Merriman, 31.1.1911.

aners van die Noorde tot die Suide is deur die oorlog halt geroep. 'n Nuwe element het bygekom waarmee rekening gehou moet word - die Engelse, en nou was dit te besien of hulle 'n stimulus of dan wel 'n remskoen sou wees vir die Suid-Afrikaanse nasionalisme, want daar waar dit halt geroep is, kon dit tog nie stil bly staan nie.

Die toekenning van selfregering aan Transvaal was 'n gebeurtenis van die ingrypendste betekenis vir die hele Suid-Afrika.* Uit hoofde van sy besondere posisie as faktor in die Suid-Afrikaanse ekonomiese en handelswêreld, is die konstitusionele verwikkeling in Transvaal deur die ander buurstate met groot belangstelling gevolg en toe die eerste bewind onder die grondwet vir selfbestuur deur die Boereparty ingepalm is, was aller oë soveel te meer op die noordelike Kolonie gerig waar die invloedrykste Boeregeneraal die inisiatief geneem het in die verkondiging van 'n nuwe nasionalisme, nl. die van gemeenskaplike patriotisme van Boer en Engelsman teenoor Suid-Afrika onder die Britse vlag, gebaseer op die beginsel van konsiliasie en wedersydse respek. Verantwoordelike bestuur aan die Oranjerivierkolonie was ook nie meer veraf nie en met die vooruitsig dat die hand van Downingstraat daarmee algeheel uit Suid-Afrika teruggetrek sal wees, is dit bloot natuurlik dat die geroep om die opbouing van 'n nasionale gees ("a national spirit") al meer opgeklink het. Jingoïsme in sy koorsagtigste graad was reeds aan die uitmasel en 'n fundamentele beginsel wat alle partye saamvoeg, nl. 'n begeerte om die land voorspoedig te maak, was tog aanwesig ten spyte van die meningsverskille.

Nou bepaal die leer van nasionaliteit dat wanneer ras, godsdiens, taal, geografiese posisie, sede, geskiedenis en wette van 'n gemeenskap saamgaan, daar 'n afsonderlike nasie ontstaan. En die afsonderlike nasionaliteit word volmaak wanneer 'n besondere tipe gevorm is, wanneer 'n groot, eensoortige groep mense vir die eerste maal die bewussyn kry van hulle afsonderlike nasionaliteit, en só 'n morele eenheid word met dieselfde gedagte. Dit is die selfbewustheid wat aan nasies, soos aan persone, hulle eie persoonlikheid gee.[45)]

Die vraag/.....

---

45) Die Volkstem, 28.11.1906.

* Vide supra, Hoofstuk 2, pp.120: Smuts aan Merriman.

Die vraag was nou watter verwagting daar kon wees vir 'n volwaardige nasionalisme of vir 'n afsonderlike nasionaliteit in 'n land wat bewoon is deur twee sulke sterk afgetekende rasse soos die Boere en die Britte in Suid-Afrika. 'n Begeerte dat die klaaglike verdeeldhede tussen Boer en Brit beëindig moet word, het algemeen posgevat onder gesiene Engelssprekende Suid-Afrikaners wat genl. Botha goedgesind was. Aan die Boere is voorgehou dat hulle 'n kosbare besitting verloor het, - hulle onafhanklikheid, maar hulle het 'n groter geskenk ontvang: hulle is naamlik verwelkom

> "into the Great Brotherhood of Nations which owed allegiance to the King of England, and this, though it could not make them Englishmen, would insensibly mould and alter them, and would convert them into 'English-thinking and English-feeling' people."46)

Dit is die groot doelwit waarop die Boer sy oog gerig moet hou en solank selfrespek die grondslag hiervan vorm, moet dit slaag. Aansluiting word hier dus gesoek met Botha se konsiliasie-idee en anders as voorheen het die term „Engelsch gezind" eerder die agting vir persone laat styg as andersom.

Die Vrede van Vereeniging, het die "Natal Mercury" erken, het nie veel gedoen om die verhouding tussen Afrikaner en Engelsman in Suid-Afrika te verbeter nie en 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit kon dus nie daarop gebou word nie.[47] Van die Milner-tydperk daarna kon ewe min verwag word:

> "Milner's policy from first to last has had the brand of Cain upon it,"

het sir William Butler aan Merriman geskryf,

> "so anything this man did or tried to do, has failed."48)

Van die bevolking van Suid-Afrika self, dus, het dit afgehang of 'n gevoel van gemeenskaplike patriotisme aangewakker sal word. Wat by Vereeniging nie gedoen is nie, kon bereik word deur die eerste verkiesing in Transvaal, het Suid-Afrika gehoop, waarop 'n nuwe bedeling sou volg en as albei rasse aan die Suid-Afrikaanse aarde sou dink as 'n plek van arbeid en lewe, eerder as 'n plek van oorlogsveld en oorlogsgraf, sou gelukkiger geskiedenis gemaak word as in die verlede, het die b.g. invloedryke Natalse blad geskryf.[49]

Soos/.....

---

46) The Star, 6.7.1907.
47) The Natal Mercury, 14.1.1907.
48) Merriman Papers, no.67, Butler aan Merriman 13.3.1906.
49) The Natal Mercury. 14.1.1907.

Soos reeds gesê, sou die Brit nou moes bewys of hy 'n prikkel of 'n remskoen gaan wees in die wording van die nuwe Suid-Afrikaanse nasionalisme. Die blote bestaan van twee rasse in dieselfde land het in die pad gestaan van die vorming van 'n nasionale gees. Hulle was grootliks in twee opponerende partye saamgetrek wat juis van mekaar geskei was deur 'n verskil in ideale wat by uitstek wesenlik nasionaal was. Die nasionale gees van die Britse kolonis is gekompliseerd. Hy het hom beroem in sy onafhanklikheid en was terselfdertyd trots op sy afhanklikheid van sy moederland. Hy is 'n vry burger wat trots is op daardie vryheidsbeperkende bande wat hy vrywilliglik dra. Waar hy ook al gaan, neem hy sekere tradisies met hom mee wat hy koester. Die belangrikste is vryheid, algehele persoonlike vryheid en hiervan is die Imperiale gees die oorsprong en 'n gestreepte stuk vlagdoek die geëerde sinnebeeld. Solank hy daardie embleem sien, beskou hy homself as vry onder enige bestuurstelsel. Word daardie embleem weggeneem sonder dat enige wet nogtans gewysig word, beskou die Brit hom as die slagoffer van onderdrukking en word hy boosaardig. Dit is met ander woorde 'n groot sentiment wat die ganse Britse Ryk as 'n "disjointed joint concern" aan die gang gehou het, en waarom ander volkere nie ook daarmee tevrede wil wees nie, kan die Brit nie begryp nie.[50)]

Die Afrikaner huldig dieselfde hoë beginsels omtrent individuele vryheid en tradisie (sonder om vermetel daaromtrent te wees) en waar twee sulke onversoenbare nasionaliteite in dieselfde wieg geplaas is om groot te word, kon niks anders as onenigheid, botsing en buierigheid volg nie, en alvorens dit uitgeskakel is, sou 'n nasionale gees in Suid-Afrika nie verwag kon word nie. Maar 'n groter nadeel was dat die Engelse in Suid-Afrika en hulle pers hopeloos gefaal het om te kon onderskei tussen "South African nationalism" en "Dutch nationalism". Toe die Afrikaanse nasionalisme, wat deur die oorlog tydelik halt geroep is, maar na die geestelike, morele en politieke herlewing van die Afrikaner in die jare na die oorlog weer voortmarsjeer - (nou net onder 'n nuwe konstitusionele bedeling en met nuwe konstitusionele middele om sy eienddoel te verwesenlik) het die Engelse en hulle pers daarin 'n anti-Britse beweging

gesien/.....

---

50) The Rand Daily Mail, 22.8.1906.

gesien, al het Engelse soos Merriman, Fremantle, e.a. en Engelse koerante soos die "South African News" en die "Friend" saam met die Afrikaners beweeg op hulle weg waarop die Suid-Afrikaanse nasionalisme voortgedra is. Vir die Britte van die Progressiewe Partye in die Kaap en Transvaal en die oorgrote meerderheid Engelse in Natal, en vir organe soos die "Cape Times", die "Bloemfontein Post" en die "Star" was 'n pleidooi vir "South African nationalism" sinoniem met 'n pleidooi vir die eksklusiewe "Dutch nationalism," - m.a.w. alles wat Suid-Afrikaans is, is noodwendig anti-Brits. Vir hulle was daar 'n groot kloof tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Eers as lg. sy eie taal en tradisionele beginsels vir die van die Brit verruil, is hy te vertrou.

> "The re-union of the races is, according to this view, to be effected not by such process of mutual assimilation as we always insisted on, and as is represented by bilingualism, but by the complete assimilation of the Dutch to the English element,"

was die "South African News" se bondige opsomming van hierdie jongofstiese standpunt van daardie Engelse en hulle politieke persorgane.[51] Natuurlik was daar ook Afrikaners wat nie die takt gehad het om geduldig en langs konstitusionele weë die einddoel na te streef nie. Maar hulle was min en sonder invloed. Die Britse jingo, daarenteen, was sterk en luidrugtig en hy het die magtige propagande-vermoë van die "Cape Times", die "Star" en ander Progressiewe mondstukke agter hom gehad.[52]

Vir 'n Britse leier soos dr. Leander Starr Jameson, premier van die Kaapkolonie, was 'n gedagte soos Suid-Afrikaanse nasionalisme 'n "rather new idea", ook vir diegene "whom he represents," maar hy kon met lof praat oor "a British nationalism which extends all over the Empire," - asof dit 'n goeie alternatief was vir Suid-Afrikaanse nasionalisme. So was die meerderheid Engelssprekendes na die oorlog te onryp om te besef dat 'n toegeneentheid teenoor die ryk geen nasionalisme is nie en nog minder 'n plaasvervanger vir Suid-Afrikanisme.[53] Die gevolg was dat Engelssprekende Suid-Afrika op daardie vroeë stadium al 'n hele ontwikkelingsfase agter die Afrikaner was op die pad na Suid-Afrikaanse konstitusionele selfstandigheid.

Oorsake van/.....

51) The South African News, 10.11.1906.
52) Ibid.
53) Ibid. 6.6.1907.

Oorsake van die Vertraagde Nasionale Gees onder Engelse: Die vermetele gedagte dat Britse nasionalisme goed genoeg is vir alle nasionaliteite, was nie die enigste rede vir hierdie vertraagde ontwikkeling van die Engelssprekende in Suid-Afrika nie. Daar was ook die volgende oorsake:

(i) die invloed van jingoïstiese leiers soos Chamberlain en Milner. Op sy skerpsinnige manier het Merriman dit soos volg saamgevat:
"...unfortunately the evil that men do lives after their political death, and it will be long before the poison of jingo imperialism is eliminated from the half-educated classes who hold the political balance;"54)

(ii) die materialistiese invloed ten koste van permanenter waardes van die magnate-bewind in Transvaal en die on-Suid-Afrikaanse beleid van die Progressiewe owerhede in hierdie Kolonie sowel as in Kaapland. In dieselfde brief verwys Merriman na die myneienaars en hulle trawante se desperate poging "to set up the creed that somehow the safety of the British Empire depends on the Gold mines...." en hy maak gewag van die vreemdheid van liberale wagwoorde in die monde van finansiële vreemdelinge. Reeds is dit vir hom moeilik om te begryp hoe die bevolking van Transvaal gaan herstel van die "moral and material loss - the former greater and more lasting than the latter."55) Die altyd wakkere Smuts het in 'n brief aan Merriman ook verwys na die "... organised money power which is corrupting politics and tampering with mens' souls all over South Africa," en na die "moral abyss into which we are sinking unless a great stand is made". Dit is om hierdie rede dat hy ten gunste is van die nouere politieke aaneensluiting van die Kolonies in Suid-Afrika want "... as long as we stand divided and separated in South Africa the money power will beat us in the Transvaal first and as a consequence over the rest of South Africa."56) Dié van hulle wat Suid-Afrika se permanente belange verteenwoordig, moet mekaar, ter wille van die gemeenskaplike welsyn, in die toekoms meer raadpleeg "...and try to save the country from its new friends;"57)

(iii) die jingoïsme het in die derde plek ten koste van nasionalisme onder die Britse hoogty gevier omdat hierdie selfde nasie nie gelukkig gevoel het oor die verloop en afloop van die oorlog nie. Uit vrees vir die onverwoesbare Afrikaner se meerderheid en die vreeslike dinge waarvoor hulle hom wantrou, moet 'n kunsmatige meerderheid vir die Britte nou geskep en die Afrikaner deur afbakeningsgeknoei tot onderdanigheid gedwing word. "All this disgusts an Englishman who remembers what his country once stood for in the world," erken Merriman teenoor Goldwin Smith.58) Die rede vir hierdie laakbare gesindheid "is that every Englishman has an uncomfortable suspicion deep down in his heart that, despite our

victory/.....

54) Merriman Papers no.44, Merriman aan Goldwin Smith 20.2.06.
55) Ibid.
56) Ibid. no.230, Smuts aan Merriman, 23.12.1906.
57) Ibid. no. 93, Smuts aan Merriman, 3. 4.1906.
58) Ibid. no.202, 16.9. 1906.

> victory, we did not come best out of the late war. We cut but a poor figure in the field, and the less said about the probity of our administration the better - while we threw overboard every principle of justice and morality on which we had prided ourselves and lectured other nations."
> Hierteenoor sê hy het die Afrikaner ongeëwenaarde heroïsme en onverwagte ridderlikheid aan die dag gelê ongeag die mees uitdagende provokasietoestande. En sedert hulle oorgawe het die Boere boonop uitgemunt in hulle waardigheid en selfbeheer. Nou is daar 'n sekere klas Engelsman, gaan Merriman voort, wat vir sy verdriet wil vergoed deur 'n getier want
> "... he has not got imagination enough to understand why the people, who will live in history with those who died at Thermopylie will not feel properly humiliated and becomes ill-conditioned and vindictive. All this is very sad and it does not make us very hopeful for the future out here. The best element is the dignified selfcontrol of the Dutch, whose native phlegm is slow to move. They can afford to forget. The wound to our national self-esteem rankles and keeps us restless - but it is rather humiliating."59)

'n Krampagtige gekleef aan alles wat Brits is, was oënskynlik die enigste uitweg vir die meerderheid Engelssprekendes onder hierdie omstandighede, en daarmee het hulle 'n Suid-Afrikaanse nasionale gees ingeboet. Hoe anders was die fris gees onder die Boere nie en hoe skerp is die kontras van pres. Steyn se hoopvolle getuienis in die volgende paar reëls oor sý volk nie teenoor die voorgenoemde pessimisme van Merriman oor sy taalgenote nie. Aan hom skryf Steyn:

> "The old inhabitants, or ex-burghers as the jingo-papers love to style them, are dumb, caused by grief, poverty and false hopes based on false promises."

Maar:

> "I am glad to say their spirit is not broken and thousands have their heads above water again, while even more are manfully struggling onwards. You may rest assure that 'Milners may come and Milners may go' but Africanderdom in the wide sense of the word, is not to be broken."60)

Kon daar nog twyfel wees oor watter een van hierdie twee nasiegroepe die leiding gaan neem in die uitbouing van nasionalisme in Suid-Afrika? Die vraag het veral tot genls. Botha en Smuts gekom en ons sal sien hoe hulle die situasie gehanteer het.

(iv) die laaste maar nietemin 'n belangrike en trouens interesante rede vir die louheid van die Engelse ten opsigte van 'n Suid-Afrikaanse nasionale gees was die

algehele/.....

---

59) Ibid.
60) Ibid. no.111, 27.6.1905.

algehele gebrek aan kuns, literatuur en poësie. Die Afrikaner het hierdie gebrek aanvanklik ook ervaar, maar die Eerste en veral die Tweede Afrikaanse Taalbeweging het hierin 'n verandering gebring. Waar daar geen volksgevoel was nie, het die Patriotmanne geestelike beroering gebring en 'n voetstuk gebou vir die beweging na die oorlog - 'n oorlog wat 'n landswye rilling gejaag het deur die hart van die Afrikaner. Verengelste Afrikaners - veral in die Suide - het hulle nasionale besit weer liefgekry en die skok het hulle wat afgedwaal het, teruggebring na die volksgemeenskap. Die verlies van die Republieke se selfstandigheid saam met 'n gevoel dat die volksbestaan bedreig word, was gésels wat die volk gedryf het om vas te klem aan sy eiegoed en veral aan sy taal. En hierdie taal was die instrument vir die suiwer vaderlandse liriek van Marais, Totius, Leipoldt en Celliers wat elkeen na sy eie aard 'n digkuns gelewer het wat tot die Afrikanerhart gespreek en die volk met 'n nasionale trots vervul het. In hulle prosawerke het Preller en De Waal insgelyks bewys tot watter literêre moontlikhede Afrikaans in staat is.61)

Kuns is iets wat spreek tot die verbeelding, tot daardie onbeskryfbare iets wat in die gedagte van meeste mense omgaan, wat 'n kind en eerlike mense ervaar en hulle 'n bietjie verder plaas van die dierlike en nader aan die goddelike as wat hulle andersins sou wees. Dit gee aan almal instinkmatig 'n liefde vir die mooie en maak van almal kunstenaars, maar slegs enkeles kon hulle gedagtes in een of ander kunsvorm interpreteer sodat dit vir ander openbaar kan word. Hierdie enkele draers van die kuns het die Engelssprekendes nie gelewer nie, hoewel die land tog baie skoonheid bevat het wat op interpretasie gewag het. Hulle het geen literatuur gehad nie behalwe koerant-artikels wat selde iets interpreteer. Engelssprekende Suid-Afrika het nie 'n Eugéne Marais of 'n Thomas Moore gehad soos onderskeidelik die Afrikaners en Iere nie vir wie hierdie kunstenaars net soveel gedoen het om 'n nasionale gees op te wek as menige politieke orasie.62)

Dit dan was die redes vir die afsydigheid van die Britte in Suid-Afrika ten opsigte van 'n patriotiese gevoel teenoor hulle nuwe vaderland. Maar Suid-Afrika en sy viriele Boerebevolking en daardie Engelssprekendes wat die bande met Groot Brittanje reeds geknip het, sou nie die pas kon markeer totdat Jameson, Smartt, Walton, Farrar, Fitzpatrick, Bailey, Chaplin, Sampson en ander jingo's eendag besluit het om Suid-Afrika uit 'n meer patriotiese oog te sien as net 'n tydelike oord waar 'n groot persoonlike fortuin opgebou kan word nie. Algemeen is aanvaar dat die kwessie van nouere politieke aaneensluiting onafwendbaar sal wees nadat selfregering ook in die Vrystaat in werking getree het. En vir enige vorm van staatkundige eenheid was Suid-Afrikaanse nasionalisme die enigste gesonde/.....

---

61) D.F. Malherbe in: „Die Genootskap van Regte Afrikaners herdenk" deur P.J. Nienaber pp.68-80; Vgl.ook: Krüger: The Age of the Generals,pp.25-26; Brümmer: Di Afrikaanse Nasie (Lesing gehou vir Stellenbossche Studente)1908, pp.16-17,

62) The Rand Daily Mail, 22.8.1906

gesonde basis.

> "Federation, which is the consequence," het Merriman in die suide benadruk, "is nothing in comparison with national union and character, which is the cause."63)

Uit die Noorde het Smuts laat weet dat dit vir hom lyk of dinge reg verloop:

> "As I gauge the situation in South Africa, the currents are slowly but steadily settling in the right direction; the dupes and their deceivers are gradually drifting apart and fundamental issues are becoming clearer."64)

Teen die einde van 1906 het Merriman 'n geslaagde toer deur die Oostelike Kaapkolonie onderneem en wat hom opgeval het was die nuwe gees wat onder die publiek vaardig geword het. Smuts kon nie nalaat om sy vreugde daaroor teenoor Merriman uit te spreek nie. Hy is verheug, sê hy,

> "to see that in the old Colony as here the South African idea is silently working to the front. That idea - and its noiseless operations and progress - is the chief political asset."

Dit voer 'n dodelike oorlog teen die georganiseerde geldmag wat die politiek bederf en peuter met mense se siele dwarsdeur Suid-Afrika.65)

Botha en Smuts se Taak t.o.v. nie-nasionaal-voelende Engelse en nasionaal-bewuste Boere:

Die agterstand van die Engelssprekende bevolkingsgroep ten opsigte van 'n patriotiese gevoel vir Suid-Afrika teenoor die lewenskragtige nasionale bewustheid van die Afrikaners, het die eerste regering onder Boereleiding in 'n Britse Kolonie in 'n moeilike posisie geplaas. Daar moes 'n aanpassing bewerkstellig word tussen twee kultuurgroepe wat nie dieselfde ontwikkelingstrap bereik het in hulle selfbewustheid omtrent hulle afsonderlike nasionaliteit nie. Die grondwet het 'n raamwerk gebied waarbinne hierdie aanpassing moet geskied: elke wet moes ewewig beoog; wat vir die een rassegroep gegeld het, moes ook vir die ander geld al was daar nog eerder 'n meervoudige as 'n gemeenskaplike patriotisme.

Op genls. Botha en Smuts as die twee leidende figure van die Transvaalse Regering het 'n besondere taak gerus. Die Britse vlag waai in Pretoria dog deur hulle sukses in die verkiesing is groot verantwoordelikheid in hulle hande geplaas - deels met behulp van Engelssprekendes se stemme, en afgesien van die/.....

---

63) The South African News, 24.11.1906.
64) Merriman Papers, no.198, Smuts aan Merriman, 30.8.1906 (Skr. kursiveer)
65) Ibid.no.230, Smuts aan Merriman, 23.12.1906 (Skr. Kursiveer)

van die vlag beteken dit feitlik die herstel van die s t a t u s q u o a n t e b e l l u m.

Uitdaging aan Botha en Smuts: Die Britse gemeenskap kon in dié sin tevrede wees met die uitslag van die verkiesing naamlik dat dit Botha en sy volgelinge nou verplig het om hulle ware voornemens en ware bedoelinge te toon. Botha se optrede sedert die oorlog is deur die Engelse beskou as dié van 'n man wat baie aansigte vertoon. Hy het geweier om saam met Milner te werk en tog predik hy samewerking, het hulle aangevoer. Nou dat hy en Smuts die bewind verower het, is die vraag of hulle in staat sal wees om hulle "backcountry Boer adherents" op die pad van konsiliasie en gematigdheid te hou wat hulle twee in hulle eleksie-toesprake aangedui het. Hulle moes die bewys lewer dat hulle Boere-volgelinge se bekering tot lojale Britse onderdane net so volledig was soos Botha en Smuts graag wou gehad het dat die Engelssprekendes moes glo dat dit met hulle twee die geval was. Die Engelssprekendes sou graag wou sien "...what may be the working of the Boer leaven from the obscure recesses of the veld."66)

Die bewindsaanvaarding van die Het Volk-regering in Transvaal as Britse Kolonie, het 'n algehele ommekeer in die Suid-Afrikaanse toestande ingelui. Verkiesings in die Vrystaat en die Kaapkolonie was ook op hande en die tekens het beslis daarop gedui dat die uitspraak ook daar in die guns van die blywende deel van die bevolking gegee sou word sodat die grootste deel van Suid-Afrika dan ontworstel sou wees aan die oorheersing van die invloedryke kapitaliste-groep.[67] Dit het die Botha-bewind voor 'n nog groter uitdaging geplaas, nl. om intussen leiding te neem in die versoening van die verskillende botsende elemente in die Kolonie self en daardeur 'n ware nasionale gees op te wek, want, het die Natal Mercury betoog:

> "The calling into existence of a truly national spirit in the Transvaal itself will be followed by the practical obliteration of the political boundaries which keep sundered from each other the several Colonies of British South Africa."

Transvaal en sy nuwe regering het dus die geleentheid in hulle hande.

"To the/.....

---

66) The Natal Mercury, 26.2.1907; 22.2.1907; 23.2.1907.
67) De Bloemfontein Avond Post, 25.2.1907.

"To the Transvaal belongs, if its rulers will grasp the opportunity, a true hegemony in South African affairs. Because of wealth, resources, population, even geographical position, the Transvaal can have, if it will, a dominating share in bringing about confederation."68)

Sou Transvaal gebruik maak van sy skitterende geleentheid om versoening en nouere staatkundige eenheid te bewerkstellig, en sou Botha opgewasse wees vir sy buitengewone, verantwoordelike taak wat ook die toekoms van die buurkolonies geraak het? 'n Antwoord hierop sou Botha nie skuldig bly nie. Vir hom en Smuts was dit 'n kwessie van eer.

Botha se Eerste Tafelrede - Aanduiding van Beleid:

Die oorlog, die natuurlike plae as gevolg van droogte, die veesiektes, die slapte in die besigheidswêreld en die lang en hewige botsing tussen mynhuise en die Transvaalse algemene bevolking het alles nadelige uitwerkinge gehad op die gemoedere van die hele Suid-Afrikaanse bevolking. Ook is vir tien jaar, sedert 1896, aan die wêreld verkondig dat imperialisme, slegs van die jingo-merk, goed is vir die Britse Ryk ! Om Afrikaner te wees, was om 'n geswore vyand te wees van alles wat Brits is ! Engeland se eer kon slegs deur die Unioniste "at Home" en die Progressiewe in Suid-Afrika gehandhaaf word. Maar die tromme van albei hierdie seksies is gedemp en hulle is deur die volksuitspraak by die stembus teruggedu na die opposisiebanke. Dit was die algemene gevoel dat dit tyd geword het dat die aanmatigende skynheiligheid aan die kaak gestel en die teenoorgestelde bewys word. Aan die nuwe regering van Transvaal sou hierdie geleentheid gegee word.69)

Op 11 Maart 1907 is 'n groot onthaal gereël in Pretoria ter ere van die eerste Verantwoordelike Regering in Transvaal onder die Britse vlag. As Eerste minister het genl. Louis Botha die hoofrede gevoer. Die grondtoon van sy toespraak was c o - o p e r a t i e.

Die nuwe ministerie, het hy gesê, bestaan uit ernstige manne wie se enigste doel dit is om op gematigde dog ferme wyse die land en die bevolking te regeer. Hulle is almal „gebore Afrikaners" wie se grafte ook hier sal wees. Hy het tweedens die versekering gegee dat die Britse belange in sy Regering se hande absoluut veilig is. Hulle lojaliteit het geen bewys nodig nie; die wêreld sal sien dat hierdie regering ewe jaloers is op en naarstig is oor die eer van die vlag wat nou oor hulle waai, as wat enige ministerie ooit sal kan

wees/.....

---

68) The Natal Mercury, 25.2.1907. (Skr. Kursiveer)
69) The Natal Witness, 14.3.1907; The South African News, 13.3.1907.

wees. Die eer en die belange van die ou bevolking is hierin betrokke, en meer: 'n gevoel van diepe dankbaarheid besiel hulle net soos die nuwe bevolking, want die koning van Engeland, die Britse Regering en die Britse volk het die hele bevolking van Transvaal vertrou op 'n wyse wat geen weerga het in die geskiedenis nie, het hy onder toejuiging gesê. Hierdie edelmoedige en grootmoedige daad het tot gevolg dat manne wat vyf jaar gelede 'n vername aandeel in die oorlog teen Brittanje geneem het, nou Britse ministers is. Hierdie vrye konstitusie het goeie saad in Suid-Afrika gesaai,

Daar is 'n groot en diep gees aan die werk onder die bevolking van Suid-Afrika, 'n gees van samewerking, vergewing en waaragtige verbroedering. Dié gees het die deurslag gegee in die eleksie en dieselfde gees sal ook deurslaggewend wees in die werk van die nuwe regering. Sy regering sal sy bes doen om 'n groot en verenigde nasie op te bou maar vooraf moet 'n gees van waaragtige medewerking, respek en broederskap aangekweek word en op dié fondament hoop hy en sy ministers om vir 'n verenigde Suid-Afrika te werk sodra selfregering ook in die Vrystaat in werking getree het. Verdeeld sal Suid-Afrika klein bly; verenigd sal geen doel vir hom te groot wees om uiteindelik te bereik nie.

Verder het die premier verseker dat die binnelandse bestuur en administrasie van sy regering ten opsigte van arbeid, landbou en onderwys, die handel en die naturelle bestendigheid, billikheid en voorspoed sal beoog ter wille van die welsyn van alle belange en alle rasse.

Hy het aangekondig dat die parlement op 21 Maart vir 'n dag of twee byeenkom om noodsaaklike werksaamhede af te handel wat nie tot die volle sitting later in die jaar kan oorstaan nie; dit sal ook die regering die geleentheid verskaf om hom deeglik voor te berei vir die volle sessie.

'n Oorweldigende toejuiging het Botha te beurt geval toe hy ten slotte bekendmaak dat hy besluit het om die Imperiale Premierskonferensie in April in Londen te gaan bywoon waar hy hoop om die geleentheid te kry om hierdie standpunt aan Sy Majesteit die Koning voor te lê en ook aan Sy Majesteit se ministerie, die Britse Regering, sy kollegas, die premiers van die ander Kolonies van Groot Brittanje en voor die hele volk van die Britse Ryk.[70)]

Reaksie op/.....

70) De Volkstem, 13.3.1907.

Reaksie op Eerste Openbare Redevoering van Botha as Transvaalse Premier:

Koerante soos „Ons Land", die "South African News", die "Natal Witness" en die "Bloemfontein Post" was eenparig in hulle lof oor Botha se historiese tafelrede. Die toespraak is nl. gesien as die begin van die einde van die donkere naweë van die oorlog.

> "The speech of genl. Botha is well attuned to this hour in our history. It sounds a clear note of hope",

het die "South African News " geskryf. Die premier koester nie 'n enkele bittere gedagte teenoor sy politieke teenstanders nie. Die toespraak sal baie doen om die gemoedere te kalmeer, het die "Natal Witness" aangevoer,

> "... and, so long as the spirit which inspired it continues to inspire the Dutch, there need be no fear for the decline of the true spirit of British Imperialism in South Africa".

„Ons Land" het met genoeë melding gemaak van Botha se verseke-ring dat die vertroue wat deur die Britse owerheid in Transvaal gestel is, vertroue waardig is; hierdie plegtige verseke-ringe deur die Boere-premier is 'n terugslag vir die Milners en die Lytteltons wat gevrees en gebeef het dat verantwoordelike bestuur in Transvaal 'n dominerende "Dutch majority" sou skep.

> "In both tone and general substance Botha's speech at Pretoria was alike irreproachable."

het die "Bloemfontein Post" betoog,

> "and if the spirit which animated it is translated into action, there can be little fear for the safe and prosperous future of the Transvaal... The wind is fair and the waters calm for the initial voyage of the Het Volk cabinet...71)

Die hoogste lof - "a striking eulogy" het die "Star" dit genoem -het gekom van 'n hoofartikel in die Londense "Times". Botha se aanstelling as premier, het die koerant gesê, sal die gelukkigste uitwerking hê en meer as enige ander maatreël bydra om enige moontlike saad van dislojaliteit uit te roei. Sy historiese redevoering

> "(has) gone far to dissipate the deep uneasiness we entertained for the future of South Africa,"

het "The Times" erken en bygevoeg dat dit die plig is van die Engelse om die toekoms nou sonder wanhopigheid tegemoet te sien. Verder het dié Londense orgaan hulde gebring aan Botha se merkwaardige oorspronklikheid, sy sterk karakter en grootmoedigheid om bokant kleinlikhede uit te styg en sy vermoë om toekomstige/....

---

71) The South African News, 13.3.1907; The Natal Witness, 14.3.1907, Ons Land, 14.3.1907; The Bloemfontein Post, 13.3.1907.

toekomstige lewensbelangrike faktore te onderskei en te snap. Geen man van kleiner formaat sou met so 'n koene opregtheid kon spreek nie. As Botha se ideale die algemene oortuiging bly van al die Boere, hoef Engeland geen begeerte te hê om sy vlag in veiliger hande te laat nie en hoef hy nie te wens vir 'n sekerder fondament as eer, belang en dankbaarheid nie in 'n ras wat sy aanhanklikheid aan al drie so merkwaardiglik betoon het. Die koerant is seker dat Botha 'n eervolle verwelkoming sal geniet van die koning, die ministers, die koloniale verteenwoordigers en die ganse volk van die ryk.[72]

Van 'n ander aard en - besonder interessant (gesien in die lig van wat in die toekoms sou volg), was die lof wat Botha se eie koerant, „De Volkstem", aan hom betoon het. „De Volkstem" was nl. verbly dat die premier (anders as die ander sprekers) in Hollands gepraat het,

> „die taal wat gepraat en gekoester word deur die party aan wie die Botha-kabinet sy bestaan te danke het. Die dag sal droewig wees,"

het die orgaan voortgegaan,

> „wanneer ons voormanne, om ons Engelssprekende vriende te behaag, afstand doen van die genot om in hulle eie taal hulle gedagtes wêreldkundig te maak. Die land, die breë, uitgestrekte platteland van Transvaal is Hollandssprekend in merg en been, en as die nuwe konstitusie inderdaad is wat dit voorgee om te wees, dan mag geen Britswording van die Z.A.R. beteken dat aan die nasionale tongval geweld aangedoen sal word nie, in welke vorm ook al. En mag genl. Botha selfs in Engeland toon dat die Imperiale belang 'n troue gehegtheid aan die Afrikaanse taalbelang nie uitsluit nie, maar eerder beskerm."[73]

Botha se Lojaliteitsversekeringe word nog gewantrou:

Die muur van agterdog, wantroue en haat wat die Engelssprekende en sy pers in die afgelope eeu teen die Boer opgebou het, was egter baie dik en selfs hierdie ongetwyfeld eerlike en ondubbelsinnige bedoelinge van Botha was nie by magte om baie Britte in Suid-Afrika te genees van hulle kwade gesindheid teen die Boer nie. Dit is moeilik om te glo, het die "Natal Mercury" byvoorbeeld geskryf, dat so 'n wonderlike gedaanteverandering kon plaasvind in "Mr. Botha" se meninge omtrent die Britse konneksie. Dit is moeilik om te glo dat dit dieselfde "Mr. Botha" is wat geweier het om in 1903 saam te werk met die regering. Dit is moeilik om te glo dat dit dieselfde "Mr. Botha" is wat Het Volk gestig het

and stumped/.....

---

72) Oorgeneem deur "The Star", 15.3.1907.
73) De Volkstem, 13.3.1907, (Skrywer kursiveer).

"and stumped the country making speeches which were often literally saturated with racial prejudice and marked by expressions of bitterness against practically everything British."

Dit is moeilik om te glo dat "Mr. Botha" en die Transvaalse Boere hulle wesenlike natuur in so 'n kort tydjie kon verander het deur, pas gelede nog die bitterste opponente van die Britse ras en die Britse vlag, nou té gretig te wees om die hand van kameraadskap aan te gryp. Dit is moeilik om te glo dat die ou ideale van 'n onafhanklike Afrikanerrepubliek van Suid-Afrika van die Kaap tot aan die Sambesie, totaal oorboord gegooi is ten gunste van 'n gefedereerde Suid-Afrika onder die Britse vlag.

Maar ás hierdie verbasende veranderinge wel plaasgevind het, skryf die "Natal Mercury" voorts, en ás die politieke liggaam van die Boeredom wel gesuiwer is van die verderflike elemente wat voor die oorlog rasse-vyandskap verwek het, dan was die oorlog die grootste bedekte seën wat Suid-Afrika nog beleef het en was dit 'n drastiese en selfs bittere geneesmiddel vir die land se kwale, dog dit sal 'n egte en durende geneesmiddel blyk te wees.[74)]

Maar het hierdie genesing nie ingetree nie en heg die Boere nog dieselfde betekenis, soos voor die oorlog, aan terme soos ‚Ons Land', ‚Het Volk' of die ‚Volkstem', en nie 'n veelomvattender betekenis nie, kan Botha se beloftes nie aanvaar en geglo word nie. Dan beteken Het Volk vir die Britte dieselfde as die Afrikanerbond wat in die Kaap van selfregering misbruik gemaak het ten einde rassehaat aan te wakker en van die eerste geleentheid, nl. die oorlog, gebruik gemaak het om die Britse vlag omver te probeer werp.

Botha se taak is om te bewys dat Het Volk 'n organisasie van totaal verskillende aard is as die Bond, voor die Britte hom sal glo. Intussen sien die Engelse hulle veiligheid alleen in die feit dat die republikeinse ideaal na die oorlog geen sigbare punt van konsentrasie meer het nie. Daar is net een vlag

"and Pretoria has ceased to be the Africander Mecca to which the Bondsman of the Cape used to turn his eyes and to open his ears for political inspiration and guidance."

'n Nuwe tydperk het ingetree en wat onmoontlik was onder die twee botsende stelsels van regering, is nou prakties bereikbaar,

but very/.....

---

74) The Natal Mercury. 13.3.1907.

"but very much will depend on how the new Transvaal Government use the power so generously given to them and the meaning Mr. Botha and his colleagues attach to such phrases as „Het Volk" and „Ons Land",

het die "Natal Mercury" op 'n ander datum aangevoer. En die vooruitsigte lyk nie te goed nie want

(a) Botha het Hollands gepraat in sy toespraak en nie Engels nie;

(b) Sy sekretaris en tolk wat hom vergesel Engeland toe is Hollands;

(c) Transvaal begeer steeds nouer verwantskap met die vreemde Delagoabaai en dit terwyl Botha veel te sê het oor federasie met die res van Brits Suid-Afrika en

(d) die Transvaalse kabinet wil die Speakerskap in die Wetgewende Vergadering bied aan 'n vuurvreter soos genl. C.F. Beyers.75)

Al hierdie dinge, het die Natalse Engelse koerant 'n paar dae later beweer, gee aanleiding daartoe dat Botha se soetklinkende toesprake met die mooi beloftes wat dit inhou, vir verskillende interpretasies vatbaar is en dit herinner te veel aan die Bybelse passasie wat verwys na „Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas."*

"...where the British have been reading Tabita, the Dutch have understood that it signified Dorcas."76)

Die Britse vloed van suspisie met sy buitengewoon heldere kleur van jingoïsme was dus baie sterk, so sterk dat min Engelse kon insien dat die tydperk van Milnerisme soos dit uitgeleef is deur die ultra-imperialistiese progressiewe Britte van 1896 tot 1906, 'n groter struikelblok was in die pad van staatkundige eenheid (om nie eers te praat van rasse-eenheid nie) as wat die ideologieë en republikeinse beleid van die Afrikaner ooit was. Selfs die vergewensgesinde en konsiliërende Louis Botha wat deur die Londense "Times" bewierook is om sy "remarkable originality" sy "force of character" en veral sy "largeness of mind"[77] en selfs die briljante student van Cambridge, Jan Smuts, het nie kans gesien om hulle Boerevolgelinge te verbind aan vuurrooi jingo's wat Suid-Afrika in 'n verwoestende oorlog gedompel het, deur 'n onbillike vrede die Republieke van hulle vryheid beroof en 'n volksvreemde bestuursvorm op die inwoners afgedwing het nie. Sekere hindernisse in die weg van 'n gelukkiger en vreedsamer Suid-Afrika is ongetwyfeld deur die wapenstryd uit die weg geruim. Maar nie vóórdat die jingoistiese imperialisme soos verteenwoordig deur Milner, die Progressiewe/.....

---

75) Ibid. 19.3.1907. The Star, 20.3.1907.
76) The Natal Mercury, 23.3.1907.
77) Vgl. The Star, 15.3.1907.
* Vgl. Handelinge 9 vers 36

Progressiewe Partye van Transvaal en die Kaapkolonie en die oorgrote deel van die Britse pers in Suid-Afrika sowel as in Engeland se invloed gestuit was en nie vóórdat die kapitalistiese mag van die magnate in die politiek gedwarsboom was nie, sou die pad na nouere staatkundige eenheid en rassevrede oop wees.

Teen hierdie siedende vloed moes Botha, Smuts en die ander Volkspartyleiers in Transvaal beur en veg. Die kieserskorps het hulle moeite beloon deur die ongewenste elemente op 20 Februarie 1907 verpletterend te verslaan. Binne elf maande sou dieselfde gebeur in die Vrystaat en die Kaapkolonie.

Aanduidings van 'n Kentering - Botha en Smuts se lojaliteitsbetuigings begin ingang vind onder Britte:

Net soos tydens hulle verkiesingsveldtog het die leiers van Het Volk hulle nie in die verkondiging van hulle versoeningsleer deur verdagmakende propaganda van hulle imperialistiese Britse landgenote en hulle pers van stryk laat bring nie. Hulle was oortuig van die opregtheid en uiteindelike sukses van hulle beleid en toe Botha in die tweede helfte van April in Engeland was vir die Imperiale konferensie,[*] het hy van elke moontlike geleentheid gebruik gemaak om die Britse owerheid en publiek te verseker dat sy regering en die Afrikanergemeenskap dit erns is in hulle lojaliteit en toegeneentheid teenoor die Britse vorstehuis, die Britse vlag en die Britse ryk.

Hierteen het selfs die wantrouigste Britte in Suid-Afrika se weerstand begin week word. Dat Botha die moed van sy oortuiging gehad het om in die hartjie van Londen die wêreld te verseker van die Afrikaner se liefde vir die Britse simbole en dít wat dit versinnebeeld, was vir sy vroeëre kritikasters genoeg om nou hulde te bring aan hom vir die

> "... splendid work he has been doing for the South African people and for the great principle of racial unity and co-operation."

Nou is die vroeëre "Mr. Botha" skielik weer "Genl. Botha" -die man wat spreek tot elkeen se verbeelding soos geen ander Suid-Afrikaner kan doen nie en sy besonder dankbare aanvaarding van die Imperiale verband sal nie alleen in die hoogste mate waardeer word deur die Brits-gebore seksie van die Suid-Afrikaanse volk nie,

> "but should also have a good effect on that section of the Dutch which, especially in the Cape, still inclines towards/.....

---

[*] Vide Infra, hoofstuk 4.

towards that particularism which finds expression in the mouths of Bond politicians, Stellenbosch professors, mischief-making predikants and few apostate Englishmen who are more Dutch than the Dutch and who do more to fan the racial spirit than the most rabid Boer Anglophobe."78)

Afrikaners wat nie dieselfde gesindheid openbaar teenoor die Britse Ryk, is Vyande:

Nie alleen was daar aanduidings dat die vriendskaplike gesindheid van Botha en Smuts teenoor die ryk geleidelik deur die Engelssprekendes aanvaar en verwelkom is nie, maar ook het dit daagliks duideliker geword dat dié Afrikanerleiers wat nie net so dikwels (of glad nie) hulle dankbare liefde op vergaderings en tydens bankette betuig het nie vir alles wat die stempel van Brittanje gedra het, deur die jingo's en hulle pers uitgesonder is as die aartsvyande van Engeland. Dieselfde orgaan wat op 13 Maart 1907 vir "Mister Botha" verdoem omdat hy Het Volk op die been gebring het ten einde die Boer stoflik en moreel op te hef uit die toestand van vernedering waarin die Milnerisme hom doelbewus gedwing het, en spedige venyn kwytgeraak het oor "Mr. Botha" se toesprake wat dan deurtrek sou wees van rasse-vooroordeel en bitterheid,[‡] verhef "General Botha" geen twee maande later nie tot die hoogste gestoeltes van staatsmanseer en staatsmanswysheid, en dit omdat hyself, en hy namens die Boere van Transvaal, in Londen beloof om troue ondersteuners te wees van die Britse Ryksverband. Dié Boereleiers wat nie Botha en Smuts se voorbeeld volg nie, ly aan anglofobie:

> "Genl. Botha's speeches (tydens die onthale in Engeland - Skr.) are in a very marked contrast to the petty narrow-minded dia-tribes of men such as Mr. Steyn[/] and Mr. Fischer, but let us hope the Dutch will look to the leaders of the stamp of Louis Botha and Jan Smuts to guide and advise them, and then we shall soon see a new spirit spreading over the country, in which the federal ideal will find a congenial atmosphere, the national desire a healthy soil to grow in until, in Genl. Botha's words we shall be 'one people, with one aim and one ambition'." 79)

Opmerklik ook is die nuwe belangstelling wat die Engelssprekendes in Suid-Afrika nou begin toon in die groei van 'n „nasionale gees" in die land; maar die nasionalisme wat hulle begeer, is nie dié wat sy voedingsbodem het in 'n liefde in die eerste plek vir Suid-Afrika en verpersoonlik word deur Afrikaanse en Engelssprekende leiers soos Steyn en Merriman, Hertzog, Fischer, Beyers of Fremantle nie, dog dié wat getint is met/.....

---

78) The Natal Mercury, 2.5.1907.
79) Ibid. Vgl. ook The Star, 19.3.1907. (Skr. kursiveer).
‡ Vide supra, pp 212-214.
/ Let Wel, Steyn kry nog nie die eer om President genoem te word soos Botha se republikeinse militêre titel weer erkenning geniet nie!

is met Botha se bewondering vir die ryk:

"Genl. Botha, by his decision to participate in the Colonial Conference, by his frank acceptance of his new position as a son of the Empire and by the manly and even noble sentiments he has freely given expression to during the past few weeks, has done more for the unity of South Africa and for the growth of a national spirit than any other man could have done as much."80)

'n Bittere, wrange ironie was besig om hom nog eens in Suid-Afrika af te speel - die ironie naamlik dat die Boeregeneraal wat dit sy eerlike lewensideaal gemaak het om Boer en Brit te probeer saamsmelt tot een nasie, nie besef het nie dat hy deur 'n listige vyand as instrument gebruik word om die viriele Afrikanervolk kragteloos te maak deur hom te verdeel en op dié manier te oorheers.

As 'n Engelssprekende, John X. Merriman, opmerk dat Botha hom nou op 'n dwaalweg bevind, hoe duidelik moes dit nie vir heldersiende Afrikaners gewees het nie en verbaas dit ons nie as pres. Steyn aan Merriman skryf:

"With you I agree that it would be better if Botha did not lay the loyalty butter on so very thick."81)

Algemene Toestande in Suid-Afrika op vooraand van eerste Transvaalse Parlementsitting:

Soos genl. Botha in sy toespraak op 11 Maart te Pretoria gesê het, sou die pas verkose Transvaalse parlement vir 'n kort sitting op 21 Maart byeenkom om sekere spoedeisende maatreëls af te handel. Die vollengte sessie sou teen die middel van die jaar volg. In die Suid-Afrikaanse koloniale statery het Transvaal 'n besondere posisie ingeneem wat betref ekonomie, handel, die produkte- sowel as die arbeidsmark, bevolkingsverhoudinge, rasse-aangeleenthede en ook - na die jongste verwikkelinge - op konstitusionele gebied. Die werksaamhede van die nuwe parlement sou gevolglik deur al die buurstate sowel as Engeland met die grootste belangstelling dopgehou word.

1. Transvaal: Wat was die algemene posisie in Suid-Afrika op die vooraand van die eerste sitting van die Transvaalse eerste parlement en hoedanig was die toestande meer in besonder in Transvaal self? Die nuwe wetgewende maatreëls sou immers op een of ander wyse die een of ander belange- of bevolkingsgroep raak en dit sou op sy beurt invloed uitoefen op

een of/.....

---

80) The Natal Mercury, 2.5.1907. (Skr. kursiveer).
81) Merriman Papers, no.39.Steyn aan Merriman, 16.4.1907. (Skr. kursiveer).

een of meer van die buurstate.

Buitengewone spanning het nog geheers vanweë die heersende depressie wat in ongekende graad dwarsdeur die land gevoel is. Ekonomiese onsekerheid het voortgeduur en uit 'n handelsoogpunt beskou, het die land een van sy donkerste tye beleef. Die nagevolge van die enorme hoeveelheid voorrade wat in oormaat in die land toegelaat is na die vredesverklaring, het nog nie verdwyn nie. Die optimisme dat 'n oneindige uitbreiding van die Rand in vooruitsig was, is nie bewaarheid nie. Te veel nuwelinge het aangekom om mee te ding om die beskikbare besigheid. Statistiek wat van tyd tot tyd geopenbaar is, het getoon dat minder geboue opgerig is, dat die spoorweginkomste in die eerste helfte van 1906 met meer as 'n halfmiljoen sterling gedaal het; grondwaarde het nog steeds gedaal, die eksodus van die Rand na ander dele van die wêreld het voortgeduur, die persentasie bankrotskappe het gestyg en die vele uitverkopings was tekens van die tyd. Veesiektes en sprinkane het die landboubevolking telkens ernstige skade berokken. By dit alles was daar die politieke onsekerheid in Transvaal, want vir die soveelste keer was 'n Britse Kolonie die speelbal van partypolitiek in Engeland en hoewel die Lyttelton-grondwet al in Februarie 1906 teruggeroep is, moes die Transvaalse bevolking die konstitusionele onrus verduur tot op 13 Desember daardie jaar. Die enigste bevredigende prentjie was die inkomste van die goudmynindustrie wat sy opbrengs, danksy die duisende ongeskoolde arbeiders uit die Ooste, in enorme mate opgestoot het. Groot somme geld is omgesit in dividende en die ganse nywerheid is op 'n volkome gesonde voetstuk geplaas en waar droogtes en ander klimaatstoestande die landbou en gevolglik die markte en handel benadeel het, het die Randse mynhuise vanweë hulle ondergrondse skatte gefloreer.[82)]

Die bevolking in Transvaal self moes sedert die vrede die een teleurstelling na die ander ondervind: die Kroonkoloniere-gering se kompensasie- en repatriasieskemas het slegs deels geslaag; in baie gevalle het die onreëlmatighede wat daarmee gepaard gegaan het eerder ontwrigtend gewerk. Honderde Britse setlaars het die grootste mislukking gemaak van die boerdery op die plase waar hulle deur Milner gevestig is en die wat nog probeer uithou het, was 'n morrende, ontevrede gemeenskap. Op onderwysgebied was daar geen samewerking nie; in die regeringskole het die onnasionale stelsel nog voortbestaan terwyl die

C.N.O./.....

82) The Rand Daily Mail, 1.7.1907; The Star, 30.12.1906; The Transvaal Leader, 1.7.1907.

C.N.O.-beweging onder die hoede van Het Volk, vanweë die knellende finansiële posisie en die aantrekkingkrag van die gratis onderrig in die Engelse regeringskole, 'n kwynende bestaan gevoer het. Die geldlenings wat baie boere gewaag het om te neem ongeag die uitgeroeide toestand van die land, het baie na enkele jare aan die kortste end laat trek en in die grootste ellende gedompel. Van die plase is duisende Afrikaners dan na die stede gedwing om daar op die myne 'n uitkoms te probeer vind maar hulle het spoedig ervaar dat die mynindustrie vir blanke armes en die middelman gesluit is. Armoede en werkloosheid was aan die orde van die dag.

Weens die apatie van die regering het maatreëls ter verligting van die behoeftiges ontbreek. Die staatshuishouding is in een rigting gestuur en dít het eerder die opbeuring van die geknakte welvaart in die weg gestaan want die aanmoediging van buitelandse ondernemingsgees het neergekom op die bestendiging van binnelandse armoede.

Die terugslae, soos ons gesien het, wat die boere op landbou- en veeteeltgebied moes ondervind, is geensins verlig deur die hoë koste van boerderymiddele nie, en in die bestaande ekonomiese struktuur het dit 'n nadelige invloed uitgeoefen op die handelaars, winkeliers en op kleinere bedrywe wat afhanklik was van die koopkrag van die buitebevolking. Die koopkrag en ekonomiese veerkrag van die land is verder verswak deurdat die onpatriotiese gewoonte, om hier te lande groot fortuine op te bou maar dit buitelands te bestee, onder baie inkomelinge toegeneem het.

Teen ongewenste immigrasie het die Kroonkoloniebestuur geen streng voorkomende maatreëls toegepas nie. Die aanbod van arbeid het die aanvraag nog oorskry en hierdie skare van werkloses is aangevul deur ongewenste elemente van buite. Nadelige gevolge was seker: deur die teenwoordigheid van só 'n menigte van mense wat nie positiewe arbeid verrig nie, is vele gedwing om hulle lewensonderhoud te voorsien deur skandelike en vernederende beroepe. Onwettige handel is gedryf in drank, in verdowingsmiddele of minerale; ontug en ander misdadige gebruike vir winsbejag het posgevat. Armoede en misdaad, met ander woorde, het mekaar se geselskap opgesoek en die volksmoraal bedreig.

Ten slotte is die nooddruf van die minvermoënde klasse in die hand gewerk deurdat die Engelse owerheid, by die aanstelling van staatsamptenare, nie ag geslaan het op die plaaslik beskikbare kandidate nie. Amptelik is vasgestel dat daar in die Republiek se openbare dienste, soos byvoorbeeld die onderwys, die polisie en speurdiens, die telegrafiese departement,

die artillerie/.....

die artillerie en gevangeniswese, meer as 3,000 amptenare werksaam was in 1899. Van hulle was baie gesinshoofde, maar na die vrede is vele se betrekkings gevul deur ingevoerde persone en in so 'n eng begrensde en weinig elastiese arbeidsmark as die Transvaalse, het hierdie gedragslyn ongetwyfeld meegewerk tot die verhoging van die heersende armoede.[83]

In hierdie onbenydenswaardige toestand was die oor-Vaalse staat toe genl. Botha en sy party vroeg in 1907 aan bewind geplaas is. 'n Reuse taak het op sy regering gewag en hulle was gewillig om dit aan te durf, maar

"... we are so wretchedly poor ... we haven't the money", moes Smuts vroeg al teenoor Merriman beken.[84]

---

2. Verwikkelinge in die Oranjerivierkolonie: Net soos voor die oorlog het die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier ook daarná 'n rustiger tydperk as Transvaal beleef. Die industriële woelinge en skerp afgetekende rasse-verdeling het hier nie, soos noord van die Vaal, die grondslag gevorm van die politieke herlewing nie. Intussen was dit ook slegs die Orangia Unie onder leiding van Fischer, Hertzog en De Wet wat aktief aan die werk was op die gebied van politieke organisasie. 'n Basis waarop 'n ander of teëparty op die been gebring kon word, het wesenlik nie bestaan nie. Toe die koninklike Konstitusie-kommissie onder Ridgeway in Junie 1906 hulle ondersoek met die oog op 'n vrye regeringsvorm ook in die Vrystaat voortsit, was die Orangia Unie die enigste organisasie wat aan die kommissie voorstelle voorgelê het met betrekking tot verteenwoordiging en afbakening.[85] Nieamptelik het diegene wat nie aangetrokke gevoel het tot die Orangia Unie nie (hoofsaaklik Engelse in Bloemfontein) hulleself as die "Moderates" bestempel.

In hoopvolle verwagting het die Vrystaters ook uitgesien na 'n vrye grondwet waarvolgens hierdie vroeëre model-Republiek homself kon regeer. Het die Britse owerheid 'n ingebore agterdog gehad vir die Boere-meerderheid in Transvaal, nog groter was daardie agterdog ten opsigte van die Oranjerivierkolonie waar die Engelssprekendes in getal totaal oorheers was deur die Afrikaners. Dit het op sy beurt by die Vrystaters die vrees laat posvat dat geen verantwoordelike nie maar wel alleen verteenwoordigende bestuur aan hulle toegeken sal word, opdat die

bevolkingsverhouding/....

---

83) De Volkstem, 24 Okt. en 24 Nov.1906; Ons Land, 29.12.1906; The Bloemfontein Post 26.2.1907; Spoelstra, a.w. pp.66-74; V.d. Heever, a.w. p.186.
84) Merriman Papers, no.37, Smuts aan Merriman, 10.4.1907.
85) Fischer-vers. Ink. Briewe 59/7/2, 19.6.1906.

bevolkingsverhouding eers deur groter Britse setlaarskemas ewerediger gemaak kon word. Hierdie tussenfase sou die Vrystaatse Boere nooit aanvaar nie en op 25 Junie 1906 skryf Abraham Fischer juis aan P.A. Molteno, die anti-Progressiewe die Kaapse verteenwoordiger in Londen, dat hy tog sy invloed moet uitoefen dat die Vrystaat die bes-moontlike vorm van vrye regering kry en om te veg teen bv. verteenwoordigende bestuur, 'n tweede Kamer, e.d.m. Molteno het in antwoord hierop aan Fischer verseker dat hy en sy vriende sal doen wat hulle kon en dat hulle reeds vir lord Elgin, die lord Chancellor (Asquith) en sir Henry Campbell-Bannerman in dié verband gespreek het.[86)]

Bittere teleurstelling het onder die Vrystaters posgevat toe dit aan die einde van Julie 1906 bekend word dat voorlopig alleen aan Transvaal 'n nuwe grondwet gegee sal word - mét 'n genomineerde tweede kamer ! Dit was dus seker dat ook die Vrystaatse konstitusie met dié beperkende oortolligheid belas sal wees. Molteno het nog eens laat weet dat hy sterk beswaar gemaak het daarteen; nogtans het hy verseker:

> "... really it is not put in because of any distrust but to ease matters through here as both places have to be considered - yours and theirs here."

'n Voorstel van hom dat die Kaapse voorbeeld, 'n verkose Wetgewende Raad, gevolg moet word, is deur die Imperiale owerheid geweier. Asquith, sê hy, het beweer:

> "The Dutch must recognise we are going to trust them and are their friends but they must recognise that we have our difficulties here."[87)]

Stead, weer, het aan pres. Steyn meegedeel dat die genomineerde Hoërhuis geskep is

> "... apparently, for the purpose of satisfying English radical sentiment as to the treatment of natives."

Om hierdie vrees by die Liberale Regering uit die weg te ruim, sê hy, sou dit baie goed wees as die Vrystaat en Transvaal sou instem dat stemreg aan opgevoede nie-blankes toegeken word, ongeag die bepaling in die Vereeniging-traktaat hieromtrent.[88)] Beide Stead en Molteno het aan Steyn en Fischer verseker dat die toekenning van 'n vrye regeringsvorm ook aan die Oranjerivierkolonie glad nie doelbewus vertraag word nie. Churchill, Elgin en Asquith het uitdruklik gesê dat die vertraging alleen gewyt moet word aan 'n gebrek aan tyd. Die konstitusie sal beslis kom.[89)]*

Fischer/....

---

86) Ibid. Fischer aan Molteno, 25.6.1906; Molteno aan Fischer, 2.7.'06
87) Ibid. Molteno aan Fischer, 3.8.1906
88) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Stead aan Steyn, 4.8.1906.
89) Ibid. Fischer-vers. Ink. Briewe 59/7/2, Molteno aan Fischer, 3.8.1906; Pyrah, a.w. p.179; The Rand Daily Mail, 14.8.1906.

* Gesien uit die suiwer imperiale standpunt was dit nie 'n kwessie van die vertraging van die Vrystaatse grondwet nie maar eerder 'n ocrhaastigheid t.o.v. Transvaal waar 'n invloedryke Engelssprekende seksie vroeër en dringender om selfbestuur geagiteer het as die Boere. Nóg die Konserwatiewe nòg die Liberale Party wou hierdie Transvaalse Britte vervreem deur 'n konstitusie vir verantwoordelike regering uit te stel. (Vgl. Pyrah, a.w. p.157).

Fischer was bereid om hierdie versekering te aanvaar en hulle sy samewerking te beloof. 'n Genomineerde tweede kamer het hy bly verafsku as 'n "political abortion."

> "If it is only to act in accordance with the views and wishes of the majority, then we don't require it; and if it does not, then we won't stand it,"

het hy saaklik aan Molteno geskryf.[90] Aan Selborne het Fischer en Hertzog in baie besliste taal geskryf dat die Vrystaters ander belemmerende klousules (soos imperiale seggenskap in bv. lenings vir of die beheer van nedersetting of spoorwegbou) met die grootste afkeur sal beskou want dit sou die sterkste bewys lewer van die Britse owerheid se onverminderde wantroue in die ouer bevolkingsgroep van die land.[91]

Tot aan die einde van 1906 was die Orangia Unie nog die enigste politieke organisasie in die Vrystaat. Deur die magnatepers in Johannesburg en die Bloemfontein Post is hierdie beweging beskou as die aansluitende geografies-politieke skakel tussen Het Volk en die Bond. Fischer en Hertzog met hulle sg. "unqualified bitterness of language and sentiment" sou die lynregte volgelinge wees van die voor-oorlogse gees van anti-Britse aggressie wat geheers het onder Reitz en Steyn.[92]

Aankondiging i.v.m. Vrystaatse Grondwet - Geboorte van tweede Politieke Party in Oranjerivierkolonie:

Op 17 Desember 1906, 'n tiental dae ná die bekendmaking van die konstitusie vir Transvaal, het Elgin per telegram vir Selborne, die Hoë Kommissaris in kennis gestel van die naderende toekenning van Verantwoordelike Regering aan hierdie Kolonie. Dit het o.m. verder gelui dat

> "H.M. Government .... are now able to announce that the main bases and provisions of the Constitution as granted to the Transvaal shall equally apply in the case of the older sister Colony, and they will therefore advise H.M. to issue Letters Patent for the Orange River Colony following in its substantial features the Transvaal Letters Patent of the 6th instant."

Hierop volg die kerngedagtes van die beoogde grondwet vir die Oranjerivierkolonie wat met dié vir Transvaal verskil slegs in soverre dit voorsiening gemaak het vir 'n Wetgewende Vergadering van 38 lede (27 vir die distrikte en 11 vir die dorpe) en 'n genomineerde Hoërhuis van 11 lede.[93]

Die/.....

---

90) Fischer-vers. Ink. Briewe 59/7/2, Fischer aan Molteno, 3.9.1906.
91) Ibid. Fischer aan Selborne, 6 en 7.9.1906; Die Hertzog-vers., Hertzog aan Selborne, 21.8.1906.
92) The Transvaal Leader, 2.1.1907; The Star, 2.1.1907.
93) Newton, a.w. p.37.

Die partypolitiek het hiermee ook in die Vrystaatse staatkunde verskyn en een van die onmiddellikste gevolge van die aankondiging omtrent die aanstaande grondwet was die stigting van 'n nuwe politieke party. Onder leiding van sir John Fraser het die "Moderates" van Bloemfontein naamlik die Constitutional Party gestig as teëvoeter vir die Orangia Unie en op 31 Desember 1906 is die nuwe party se manifes uitgereik. Die twee belangrikste beginsels was:

(a) om alle rassehaat en alles wat neig om dit in die hand te werk teë te gaan en

(b) om saam te werk met die bestaande Kroonkolonie-bestuur ter wille van die welvaart van die land en volk.94)

Die anti-Afrikaanse Engelse pers het die Constitutional Party verwelkom in die Vrystaat waar

> "a handful of men, strongly influenced by mr. Abraham Fischer and mr. Steyn have done their utmost to galvanise the out-back Boer into a state of political agitation"!

Terwyl dit Hertzog, Fischer en Steyn se oogmerk sou wees

> "... to reproduce a solid Boer community in the guise of a British Colony,"

is dit sir John Fraser ten doel om

> "... the best and not the worst features of the old Free State"

in herinnering te hou en te verhoed dat die partystelsel sal ontaard

> "... into a racial tyranny which was quite unknown in the palmly days of president Brand."95)

Vir ses maande lank sou die Liberale Regering in Engeland die inwoners van die Oranjerivierkolonie in onnodige spanning laat wag op hulle beloofde konstitusie. Dit het wel die leiers en organiseerders van die twee partye die geleentheid gebied om vergaderings te belê, plaaslike besture aan te stel en takke van die organisasies in die lewe te roep, maar ekonomiese, maatskaplike of wesenlike politieke verskille was daar tog nie in die Vrystaat wat uiteenlopende politieke rigtings geregverdig het nie. Sjinese, die kapitalistiese maghebbers of ander euwels waarteen daar gestry kon word, het nie in die Vrystaat bestaan nie. Uit die aard van die saak was daar irriterende griewe en blanke persone van alle klasse, nasionaliteit en oortuigings het hulle in 1905 al met hulle probleme onder die hoede van die Orangia Unie geskaar.[96] As mondstuk van hierdie organisasie het

"The Friend"/.....

---

94) The Friend, 1.1.1907.
95) The Star, 2.1.1907; The Transvaal Leader, 2.1.1907.
96) De Volkstem, 6 en 16.3.1907.

"The Friend" in sy verwelkoming aan Engelssprekendes juis daarop gewys dat die Orangia Unie nie bedoel om 'n politieke party te wees nie, dog presies is wat die naam aandui, "a people's Union".[97]

Die "Bloemfontein Post" (met sy Afrikaans-Hollandse supplement, die „Bloemfontein Avond Post") het gefunksioneer as die orgaan van Fraser se Constitutional Party en baie dikwels skerp en bitter aanvalle op die Orangia Unie en sy leiers geloods.[98] Hieraan het ook die "Star" in Johannesburg en die "Natal Mercury" lustig meegedoen en veral pres. Steyn as skryf uitgesoek.[99]

Al gou het dit dus duidelik geword dat politieke verdeeldheid, veral op die Vrystaatse platteland, onnodig was en dat daar aan partypolitiek geen behoefte was nie. In sy toer deur die land het Fraser dikwels vergaderings toegespreek waarvan die voorsitters lede van die Orangia Unie was. Neigings om hulle in politieke kampe te groepeer het nie onder die plattelandse bevolking bestaan nie en na enkele maande sou die Constitutionalists moes beken dat hulle party se invloed nie juis verder gestrek het as Bloemfontein nie waar dit kon funksioneer as die organisasie vir diegene wat die amptenare-bestuur van die Kroonkolonieregering ondersteun het.[100] Ou vetes, persoonlike vooroordeel en naywer was dus eerder die rede vir die bestaan van twee partye, en nie politieke sienswyses of ander groot beginselverskille nie.

Fischer het nietemin die teëparty nie onderskat nie; met toewyding en erns het hy die Orangia Unie-organiseerders gelei en met advies bedien. 'n Flink organisasie is op die been gebring om te verhinder dat enige ruimte gelaat word vir die Constitutional Party.[101]

In Transvaal was Verantwoordelike Bestuur klaarblyklik reeds goed op stryk toe die Vrystaters nog tot diep in die winter moes wag op hulle grondwet. Die Kroonkoloniebestuur het op 'n onsekere voet voortgesleur en om dit onnodig te verleng het geen voordeel of wins ingehou nie want almal het geweet dat dit reeds gedoem is. Om die laaste kwynende oomblikke daarvan taai uit te rek, sou slegs meewerk dat die bevolking, wat in die afgelope paar maande van beproewing met waardigheid en selfbeheersing gewag het, hulle vertroue en geduld verloor.[102]

Die Vrystaatse/...

---

97) The Friend, 9.1.1907.
98) Vgl. The Bloemfontein Post, 22 Jan. 1907: 2 en 4 Feb 1907; 6 en 7 Maart 1907; Barlow, a.w. p.119.
99) The Star, 6.3.1907; The Natal Mercury, 28.2.1907.
100) The Friend, 7.2.1907; The Bloemfontein Post, 8 en 15 April 1907; 22.5.1907.
101) Fischer-vers. Uitg. Briewe 59/8/4, 6.3.1907 en 5.4.1907, Fischer aan Orangia Unie-organiseerders.
102) The Bloemfontein Post, 13.4.1907.

Die Vrystaatse Grondwet vir Verantwoordelike Regering, - 10 Junie 1907:

Eers op 10 Junie 1907 is die konstitusie vir die instelling van selfregering in die Oranjerivierkolonie tegelykertyd in Bloemfontein en Londen gepubliseer.* Vir die Vrystaters was dit 'n blye dag; op 1 Julie 1907 sou die Kroonkoloniebestuur verstryk, waarop die nuwe Oktrooibriewe vir Verantwoordelike Bestuur in werking sou tree.[103] Net soos in Transvaal was daar beperkende voorbehoude ten opsigte van nie-blanke wetgewing, naturelle-administrasie en die Landraad vir die beheer van nedersetting, maar origens was die uitvoerende mag van die land gestel in 'n ministerie van vyf wat hulle opdragte sou kry van die volksverkose Wetgewende Vergadering van 38 verteenwoordigers. Die instelling van die genomineerde Wetgewende Raad was ook in dié Kolonie baie onwelkom maar gelukkig is voorsiening gemaak vir 'n gesamentlike sitting van die twee Huise vir geval van 'n botsing tussen Vergadering en Raad.

Persopinies omtrent die Vrystaatse Grondwet vir Selfregering:

Oor die algemeen was die twee amptelike politieke organe in die Vrystaat tevrede met die nuwe konstitusie. Soos te verwag, het elk die standpunt van sy party gestel maar tewens ook erken dat die bevolking nou feitlik so vry is as voor die oorlog, met dié voordeel dat hulle nouer ingeskakel is by die res van Suid-Afrika en die Ryk.[104] Van die Progressiewe pers, egter, het dieselfde bohaai, dieselfde afkeurende trant en verbitterde woordevloed gevolg wat a d n a u s e u m opgeklink het toe die Transvaalse grondwet bekend geword het. Met 'n plegtigheid wat onheil spel is meegedeel dat die Britte in Suid Afrika verraai is[105] en in Engeland het die oningeligte Unioniste-pers op sy tipies veragtelike manier hierdie siens-wyse verder verkondig. Kenmerkend hiervan was o.a. die "Standard" wat die grondwet beskou het as

> "... the throwing of a thriving and reasonably contented body of farmers into a turmoil of politics and into the hands of professional politicians, whose ultimate object is the severance of the British connection. There is no gainsaying that the Englishman will be the underdog. It is better to sell one's property and depart before one is squeezed out or driven out by calculated isolation and neglect."[106].

'n Positiewer/.....

---

103) Goewerneurskantoor, Bloemfontein, no.14/5 1907.
104) The Bloemfontein Post, 12 en 13.6.1907; The Friend, 11.6.'07.
105) The Natal Witness, 12.6.1907 (Aanval op Progressiewe nuusblaaie).
106) Oorgeneem deur The South African News, 12.6.1907.
* Vir volledige besonderhede vgl. Newton, a.w.:
pp. 178-206: Die Konstitusie;
pp. 206-211: Die instelling v.d. Amp. v.d. Goewerneur
pp. 212-215: Instruksies aan die Goewerneur.

'n Positiewer oordeel het van die Liberale blaaie gekom, soos die "Daily News," die "Daily Chronicle" en die "Tribune, wat hulle daarin verheug het dat Milner se beleid van wantroue hiermee in Suid-Afrika beëindig is, dat vertroue vertroue voortbring, dat die essensiële stap van Britse kant vir nouere politieke eenheid in Suid Afrika geneem is.[107)]

Dit was baie duidelik, het die "Natal Mercury" erken, dat die toekomstige Vrystaatse parlement deur die Afrikaanssprekendes oorheers gaan word. Die belangrike vraag was in hoeverre die Orangia Unie-leiers Botha se voorbeeld in Transvaal gaan volg deur die twee rasse gelyk te behandel, hulle te probeer amalgameer en te versoen. Voor die oorlog, sê die blad, het hulle in die Vrystaatse Republiek op gesonde en goeie voet saamgeleef. Van die Boereleiers het dit afgehang of dit so sou kon voortgaan.[108)]

'n Lang verkiesingsveldtog het vir die Vrystaatse politici voorgelê.

---

3. <u>Die Algemene Toedrag van Sake in Natal met die Instelling van Selfregering in die twee Binnelandse Kolonies:</u>

Van 1843 af tot 1856 het Natal onder die Kaapse Goewerneur gestaan hoewel hy sy eie Luitenant-goewerneur en Wetgewende Raad van amptenare gehad het. In lg. jaar het die „Tuinkolonie" selfstandigheid bereik deur 'n eie goewerneur te kry met 'n Wetgewende Raad van 16 lede; maar die Kaapse goewerneur het as Hoë Kommissaris nog die hoogste gesag in Natal gevoer. Die ridderlike en trotse Amazulu was egter steeds 'n doring in die vleis vir die Engelse in hierdie Kolonie sedert die beheer van die Voortrekkers, wat na 1843 uitgetrek het, nie meer bestaan het nie en die naturelle in hulle honderde in die gebied ingestroom het. So erg was die onrus dat die Natalse konstitusionele ontwikkeling daardeur erg vertraag en in die sewentiger jare selfs teruggeskuif is. Eers in 1892, toe die land al ver ontwikkeld en die Zoeloe-gevaar verby was, is volle selfregering aan Natal toegestaan.[109)]

Nuwe onluste onder die Zoeloes het die Smythe-ministerie, wat pas in Mei 1905 aan bewind gekom het, sedert Februarie 1906 ernstige hoofbrekings besorg. Vir kenners van die Suid-

Afrikaanse/.....

---

107) Oorgeneem deur The Star, 11.6.1907.
108) The Natal Mercury, 12.6.1907, The Transvaal Leader, 11.6.'07.
109) Boeseken, Krüger en Kieser: Drie Eeue, Deel III, Hoofstuk 3: Die Kaapkolonie en Natal na die Groot Trek-Dr.W.J.de Kock.

Afrikaanse politiek en van die naturel, soos o.a. pres. Steyn, was dit duidelik waar die oorsaak vir hierdie onrus was. In sy belangwekkende redevoering voor die Orangia Uniekongres in 1906 het Steyn die spyker op die kop geslaan: aantreklike beloftes is deur Milner tydens die oorlog aan die naturelle gemaak. Na die vrede het hulle dit dus nie so broodnodig geag om hulle dienste te bied aan die myne nie. Dit het Milner se planne in die war gestuur en om die naturelle na die myne te dwing, is hulle dubbeld belas.[110] Die verhoogde hutbelasting was dus die oorsaak van die Zoeloe-onrus in Natal. Met die grootste teësin is die belasting betaal maar terselfdertyd moes sterk leërafdelings onder kol. MacKenzie die naturellegebied ingestuur word om orde te handhaaf.[111] Aan die polisie is opdrag gegee om die naturelle wat nog weier om hulle hutbelasting te betaal te arresteer.

Zoeloe-opstand en Optrede van Natalse Regering veroorsaak Beroering dwarsdeur Suid-Afrika:

Dwarsdeur Suid-Afrika het 'n beroering ontstaan toe die Natalse Regering krygswet proklameer nadat twee konstabels in die uitvoering van hulle pligte deur sekere Zoeloes verhinder en vermoor is. Twaalf naturelle is skuldig bevind en ter dood veroordeel. Goewerneur Henry McCallun het die optrede van sy ministerie goedgekeur dog lord Elgin het namens die Imperiale Regering aangedring op meer duidelikheid omtrent die hele aangeleentheid en versoek dat die voltrekking van die vonnisse eers uitgestel word. Vir die Smythe-regering was dit genoegsame rede om hulle bedanking op 29 Maart 1906 in te dien.[112]

Die ander Kolonies was enigsins onthuts deur die verwikkelinge in Natal. Om eerstens krygswet te proklameer sonder dat daar 'n staat van oorlog bestaan, was 'n ongehoorde verkragting van die burgerlike vryhede van elke onderdaan. Tweedens was die prosedure om die beskuldigdes deur 'n militêre hof tereg te stel terwyl die gewone geregshowe in volle funksie is, 'n onkonstitusionele ingryping in siviele regte. Derdens kon die Goewerneur die vonnis van die militêre hof wat die 12 naturelle veroordeel het, nie bekragtig nie aangesien sy opdrag slegs die doodsvonnis geld van behoorlik gekonstitueerde geregshowe, en nie die van militêre howe nie wat die skeppinge is van die kryswet. Sodanige vonnisse word bekragtig deur die hoof van die leër, soos Kitchener dit gedoen het ten opsigte van die Kaapse rebelle tydens die Vryheidsoorlog.[113]

Maar/....

---

110) Van der Merwe, a.w. p.213.
111) De Volkstem, 14 en 21.2.1906.
112) Cd.2905, 5.1.1906 - 29.3.1906.
113) Ons Land, 31.3.1906.

Maar 'n ernstiger saak vir die selfregerende Kolonies soos die Kaap, en self Australië en Nieu-Seeland, was die inmenging van die Imperiale owerheid in die suiwer interne Natalse aangeleentheid. Beide die Goewerneurs van Nieu-Seeland en Australië wou onmiddellik, namens hulle regerings, van Elgin weet hoe die inmenging van die Imperiale owerheid in die selfregerende Natal verklaar moet word. Die Minister van kolonies het 'n gerusstellende antwoord verskaf in die sin dat dit nie sy bedoeling was om in te meng nie en na verdere besonderhede van McCallum se kant, het Elgin berus in die beslissings van die Natalse ministers en die goewerneur. Hierop het die Smythe-kabinet hulle ampte hervat en op 2 April 1906 is die twaalf beskuldigde Zoeloes opgehang.[114]*

Die onrus onder die Zoeloe-nasie het egter nie bedaar nie. Inteendeel, allerlei berigte en gerugte is versprei dat Zoeloes wat hulle in Transvaal bevind het na Zoeloeland moet terugkeer. Met behulp van die Swazi's sou daar dan 'n algemene opstand in Natal en Zoeloeland plaasvind.[115] Opperhoof Bambata sou die belhamel wees. Hierop het ook Transvaal sy hulp aangebied; 500 vrywilligers sou op Transvaalse koste hulle buurkolonie help. Die aanbod is met graagte aanvaar en op 21 April skryf luit.-goew. sir Richard Solomon van Transvaal aan McCullum:

> "I do feel that if the rebellion in Natal could be crushed at an early stage much trouble and suffering for the adjoining Colonies may be saved."

Baie meer Transvaalse vrywilligers as wat die Regering voor gevra het, het hulle dienste aangebied.[116]

Die Natalse ministerie het die tesourie geoutoriseer om £500,000 beskikbaar te stel om die onkoste in verband met die naturelle-onluste te delg. Van Mei tot Julie het kol. McKenzie aan die hoof van die Natalse leër- en polisiemagte en die 500

vrywillige/.....

---

114) Cd.2905, 31.3.1906 - 2.4.1906.
115) Luit. Goew.:117, 110/72, Dept. Naturellesake, 24.3.1906.
116) Ibid. 110/72 A en B.

* Aan Merriman het ene W.W.K. Sparrow geskryf dat Churchill die oorsaak is van die Imperiale inmenging: "I believe that fellow Churchill is at the bottom of it all. I must say I don't like that man. He may be and undoubtedly is clever, but he strikes me as an upstart and in some ways hardly a gentleman. I am sorry he has anything to do with the Colonies. (Merriman Papers, No.90, 2.4.1906).
Molteno het in Londen alles in sy vermoë gedoen om hierdie Imperiale inmenging af te weer. (Merriman papers, no.111, Molteno aan Merriman, 27.4.1906.

vrywillige Transvaal Mounted Rifles die Zoeloes aangeval, krale en oeste vernietig en vestings soos Emome gebombardeer. Teen die einde van Junie was dit ook rugbaar dat Dinizulu, die Zoeloekoning, die rebellie steun. Maar teen 11 Julie het die naturelle-weerstand afgeneem en het hulle in al groter getalle oorgegee. Op 18 Julie het McCallum die Minister van kolonies laat weet dat verskeie Natalse magte reeds begin demobiliseer - o.a. ook die Transvaalse Mounted Rifles.[117] Teen die einde van Julie was die openlike rebellie op 'n end en het die troepe teruggetrek. Aan die Transvaalse vrywilligerkorps wat hulle bure te hulp gekom het "... at a period of grave danger to this Colony", het die Natalse Regering sy hartlike dank uitgespreek.[118]

Invloedryke politici in ander dele van Suid-Afrika het die handelwyse van die Natalse Regering tydens die Zoeloe-opstand met die grootste misnoeë beskou, en gesien in die lig van die beleid wat hulle later sou volg met betrekking tot soortgelyke situasies en vraagstukke is dit interssant om van hulle beskouinge kennis te neem.

Vir genl. Smuts in Transvaal was dit 'n kwessie van die toekoms van Suid-Afrika en hoë moraal. Die hele insident, ("which to me is melancholy in the extreme") skryf hy aan Merriman, het twee dinge bewys:

(1) "the danger of leaving large questions affecting the future of all South Africa to be dealt with by a small colony like Natal where there is neither the largeness of vision nor the wholesome depth(?) of a strong opposition and influential leader;

(2) the demoralisation which has set in South Africa since the war, evidenced by the brutal forcing of servile labour on the Transvaal, and now the off-hand way Martial Law is applied. ... there is grave danger that in future Martial Law will simply be used as a political engine against a recalcitrant minority."

Verder is daar 'n sterk seksie op die Rand ("among whom is our friend W. Sampson") wat 'n kafferoorlog verwelkom want dit sou die druk op die Rand verlig en die naturelle dwing om op die myne te gaan werk.

> "We shall have to watch this new spirit very carefully for it bodes innumerable ills to this country in common with the rest of South Africa."119)

Die handhawing van hoë sede is vir Smuts die grootste eer - al is dit ten opsigte van die behandeling van naturelle. Elke moontlike lokmiddel is aan hom en Botha voorgehou ten einde hulle goedkeuring vir die veldtog in Natal te verkry. Maar

hulle/....

---

117) Cd. 3027, 7.5.1906 - 18.7.1906; The Star, 23 en 27.7.1906.
118) Luit.-Goew.: 117, 110/72B, 11.8.1906; Cd.3247, 30.7.1906.
119) Merriman Papers, no.93, 3.4.1906.

hulle het geweier en op meesterlike wyse verdedig Smuts hulle morele standpunt teenoor die immorele oogmerke van die Britse Progressiewe politici op die Rand en hulle vriende in Natal:

> "We have refused (skryf Smuts aan Merriman) as we are convinced that, because of the pecuniary straits of the Natal Government, the profits to be made from military contracts, and the idea that the impoverishment of the kaffirs will force them to the mines, a hostile iniquity is being perpetuated in Zululand. The campaign in Natal is simply a record of loot and rapine and shows how profoundly the late war has demoralised certain sections of the population. It seems to me that those who are going to stand for the warn out ideals of fairness and righteousness in public life will have an uphill fight in South Africa in future; but in the wrench of political aims and aspirations the faith in the right is about the only one I have still retained, and to the measure of my humble power and ability I mean to pursue in that faith."

Abraham Lincoln se motto geld ook vir hom:

> "Let us have faith that Right is Right and in that faith as to the end do our duty."120)

Ook genl. Botha het sy oortuiging teenoor dr. Leyds uitgespreek dat Natal geen „effek met die swaard op die naturelle maak nie"; die gevaar bestaan dat al die naturellestamme byeen sal staan en „dan weet God alleen wat gaan word." Die Boere van Transvaal het hulle uit die saak gehou en wil geen verantwoordelikheid op hulle neem nie.[121)]

John X. Merriman was 'n man wat liberale beskouinge gehuldig het wat betref die nie-blankes. Die uitbreiding van die Kaapse beleid na die ander Kolonies ten opsigte van stemreg aan die naturelle was s.i. die enigste weg vir die oplossing van hierdie vraagstuk. Die taktlose en hardhandige optrede van die Natallers teenoor die Zoeloes het hom gekrenk en vir hom was dit die bewys

> "..... how thin the crust is that keeps our Christian civilisation from the old fashioned savagery,"

het hy aan Goldwin Smith geskryf en vervolg:

> "Machine guns and modern rifles against knobsticks and assegais are heavy odds, and do not add much to the glory of the superior races."122)

Een ding was dus baie duidelik en dit is dat Suid-Afrika se meer verantwoordelike politici die naturelle-probleem van één Kolonie nie as 'n lokale aangeleentheid van daardie Kolonie alleen beskou het nie. Hierdie manne het, wat dit betref, interme van gans Suid-Afrika gedink; die toekoms van die hele land, het hulle tereg tóé al besef, kon ingrypend bepaal word deur die kortsigtige/...

---

120) Ibid no.121, 5.5.1906. (Skr. Kursweer)
121) L.A.262(2) 9.6.1906.
122) Merriman Papers, no.202. 16.9.1906.

kortsigtige of die wyse optrede van 'n enkele koloniale regering; met ander woorde, hulle het nouere staatkundige eenheid as die enigste en verstandigste uitweg aanvaar.

Toe sir Matthew Nathan in September 1906 vir McCallum opvolg as goewerneur was daar al weer tekens van nuwe onluste onder die Zoeloes en hierdie keer is dit algemeen geglo dat Dinizulu 'n hand daarin gehad het.[123] Sterk sou die Smythe-ministerie nie kon optree nie want voor die einde van die jaar sou dit moes plekmaak vir 'n nuwe regering.

Seksionele Voorstelle vir die Amalgamasie van Transvaal en Natal: Die netelige naturelle-probleem in Natal (en wat nog boonop vererger is deur die tienduisende Indiërs) en die opkoms van die Afrikaners in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie as 'n politieke faktor na die oorlog, het by sekere seksies in die oor-Vaalse Kolonie en Natal die idee laat posvat dat dit goed sal wees as hierdie twee Kolonies amalgameer. Omdat Natal hoofsaaklik geregeer is deur die twee dorpe, Durban en Pietermaritzburg, wie se inwoners die Zoeloe nie so goed geken het as die mense van die buitedistrikte nie, het die geringste tekens van naturelle-onrus die Natalse Regering paniekerig gemaak.[124]

In Transvaal weer het die magnate en handelslui wat goed verteenwoordig was in Milner se maaksels, (die Wetgewende Raad en die Interkoloniale Raad) persoonlike voordeel behaal deur hulle beheer oor die Vrystaatse spoorweë deur middel van hierdie Rade.

Die sukses wat Smuts behaal het deur die Lyttelton-konstitusie herroep te kry en die waarskynlikheid dat die Boere 'n beslissende rol gaan speel in die selfregerende Transvaal, het die magnate naarstiglik laat soek na politieke hulpmiddele om dit ten alle koste te verhoed. Natal met sy oorwegend Engelssprekende bevolking moes ingespan word om die Transvaalse Boer politiek onder te hou, nog te meer daar alle tekens daarop gedui het dat die herstel van die rebelle-stemreg in die Kaap sou uitloop op 'n oorwinning vir die Bond (die Suid-Afrikaanse Party) wat dan die Kaapkolonie en die Vrystaat (so het die Engelse geglo) nader na mekaar sal bring sodra ook die Boere in lg. Kolonie onder 'n grondwet vir selfregering die oorwinning behaal het.

> "The Boer party, who have always a reasonable chance of a majority in the Transvaal parliament," het die "Star" geskryf, "would unquestionably be outvoted as a race in a common parliament of the Transvaal and Natal..."[125]

Namens/.....

---

123) Walker: W.P. Schreiner, pp.282-283.
124) Merriman Papers, no.198, sir Graham Bower aan Merriman, 11.5.1906.
125) The Star, 10.9.1906. (Skrywer kursiveer).

Namens die myneienaars en die handelslui het die drie magnate-organe, die "Star", die "Transvaal Leader" en die "Rand Daily Mail" uitvoerige artikels in hulle kolomme geplaas oor die groot voordele van die voorgestelde Natal-Transvaal-amalgamasie. Ene E.J. Edwards se spesiale reeks artikels hieroor in die Augustus-September-uitgawes van die "Transvaal Leader" is in boekvorm gedruk en versprei.[126] Natal se natuurlike hulpbronne soos sy ryk steenkoolmyne, en ook yster, koper en lym, die suksesvolle verbouing van produkte soos veral suiker, is aan die Transvalers voorgehou as die positiewe bydrae wat die kuskolonie tot so 'n amalgamasie kon bring; verder was daar Natal se goeie spoorwegstelsel en dan die miljoen naturelle wat 'n groot wins sou wees as produsente sowel as goeie, nabygeleë goedkoop arbeid. Maar bowe-al het Natal die beste hawe gehad in Suid-Afrika en 'n federasie met Transvaal sou aan lg. Kolonie dan 'n natuurlike Britse uit- en invoerpoort verskaf.

Die bevolking van Natal was verdeeld oor die kwessie, net soos die ministerie. Die suiwer kommersiële element, gelei deur mnr. Maydon was ten gunste van die plan aangesien dit hulle 'n groter deurvoerhandel sou besorg. Hulle het reeds 'n natuurlike bondgenootskap gevorm met die Randse handelslui en magnategroep wat dan volle beheer sou verkry oor die Durbanse hawe soos dit die geval was met die Central South African Railways van die Vrystaat en Transvaal. Die meer permanente deel van die bevolking, verteenwoordig deur mnr. Hyslop (die tesourier) het die gevaar van die skema besef en dit teengestaan. Die premier, mnr. Smythe, was versigtig en ook dubbelsinnig.[127]

Frederick Moor opponeer voorgestelde Transvaal-Natal-amalgamasie. Invloed van Botha nie uitgesluit:

'n Baie besliste 'n duidelike standpunt téén die hele besigheid is ingeneem deur mnr. Frederick Moor, die leier van die Opposisie in Natal. Moor was 'n kenner van die Zoeloenasie en nie kop in een mus met die Durbanse en Pietermaritzburge handelskliek nie.* Vroeg in September 1906 het hy gevolglik/.....

---

126) Edwards: The Amalgamation of the Transvaal and Natal - Being a series of special articles published in "The Transvaal Leader", Aug. en Sept. 1906; Vgl. ook The Rand Daily Mail 3,4, en 8 Aug. 20 en 26 Sept.1906; The Star, 1 en 6 Sept. 1906.

127) Fremantle-vers. no.32, Uitknipsel: The South African News, 13.9.1906.

* Genl. Botha en Frederick Moor was op baie goeie voet met mekaar; hulle het oor sake van gemeenskaplike belang dikwels gekorrespondeer en die moontlikheid dat Botha sy Natalse vriend genader het om sy invloed teen die Natal-Transvaal-amalgamasie te gebruik, is nie uitgesluit nie.

hy gevolglik 'n manifes uitgereik waarin hy die hele amalgamasie-plan skerp veroordeel en beslis afkeur. Ook die Regering wat met die plan durf koketteer het, het hy tromp-op aangeval. Dit is fataal, het hy gesê, om die aparte bestaan van Natal in te boet in so 'n halwe federasie. Al vier die gebiede en Rhodesië het na die oorlog onder dieselfde vlag gekom. Unifikasie van gans Brits Suid-Afrika sou in die onmiddellike toekoms 'n brandende vraagstuk wees en om die nouere aaneensluiting van slegs twee gebiede te wil propageer, was s.i. kortsigtig en ontydig.[128]

Moor staan nie alleen - Steun van ander Leiers van Historiese Betekenis:

Moor het in hierdie standpunt nie alleen gestaan in Suid-Afrika nie, en die besondere historiese betekenis hiervan was dat hy en die politici wat hom hier in 1906 in dié verband gesteun het, mekaar in 1910 in die eerste Unie-regering sou vind teenoor die protagoniste van hierdie ontydige skema. In Johannesburg het die Transvaal National Asscciation wat politici soos o.a. H.C. Hull en E.P.Solomon ingesluit het, hom in Oktober 1906 ondubbelsinnig téén die Transvaal-Natal-federasie uitgespreek. Tydens hulle eleksieveldtog het genls. Beyers en Botha en September dié jaar op Pietersburg namens Het Volk die Johannesburgse persagitasies in dier voege ten strengste afgekeur as kleingeestig en bestemd om die onvangryker staatkundige eenwording van die hele Suid-Afrika te bemoeilik.[129] In die Kaapkolonie het F.S. Malan, redakteur van „Ons Land," insgelyks die afsonderlike amalgamasie van Natal en Transvaal as onsinnig bestempel en as nie-bevorderlik nie vir die federasie van al die Kolonies.[130] Die "South African News" wat geskryf het namens die Suid-Afrikaanse Party waarin leiers soos Sauer, Burton en Merriman hulle bevind het, het ook hierdie sienswyse gehuldig en tewens daarop gewys hoe Milner se pogings om Transvaal en die Oranjerivierkolonie ten opsigte van sekere sake as eenheid te administreer nie 'n besondere sukses was nie.[131]

Die sterkste afkeuring teen die skema en veroordeling van die motief daaragter, is uitgespreek deur genl. Smuts in 'n brief aan Merriman. Geld, sê hy, sal altyd 'n mag bly om mee rekening te hou; maar die magnate wil daarmee 'n monopolie verkry in die politiek en dié alleenheerskappy handhaaf deur rassewantroue en suspisie aan te wakker. As al die Kolonies dus nie tot 'n geünifiseerde/.....

---

128) The Star, 19.9.1906.
129) De Volkstem, 29 Sept. en 27 Okt. 1906.
130) Ons Land, 22.9.1906.
131) The South African News, 13.9.1906.

geünifiseerde Suid-Afrika toetree nie, bestaan die gevaar dat die magnate hulle oppergesag in Transvaal en vervolgens oor die res van die land sal bestendig. Hulle geheul met Natal is maar een stap in hulle doelbewuste rigting. Smuts skryf:

> "... already they are hypnotising poor petty-spirited Natal into an act of suicide and their only object is to neutralise the Boer vote in the Transvaal. We must checkmate them by working for the only real and possible Union - viz. of all South Africa."132)

Voordele van die mislukte Pogings om Transvaal en Natal te amalgameer: Die hele poging het op niks uitgeloop nie en tog het dit dié voordeel gehad: dit het bewys dat die magnate en sommige handelsliede staatkundige eenwording gesien het as 'n middel tot persoonlike wins en voordeel, nie as die enigste weg vir die heil van gans Suid-Afrika en al die bevolkings- en belangegroepe nie. Nog duideliker het dit aangetoon hoe die politieke partye en politieke leiers geleidelik besig was om hulle in twee kampe te groepeer: die Suid-Afrikaans nasionaal-voelendes teenoor die kapitalisties-jingoïstiese imperiaal-georïenteerdes.

Sonder dat hy bewustelik tot die e.g. groep behoort het, het Frederick Moor tog daardie stroming bevorder toe hy die poging van die magnate en Natalse handelaars om federasie tot rypheid te druk, die voet dwars gesit het.

> "To have achieved this result is a great credit to mr. Moor and there can be no doubt that it gives him a just claim to ranking as a benefactor of South Africa,"

het die "South African News" geskryf.[133] Die leier van die Opposisie sou die vrug van sy moedige optrede gou smaak want spoorwegtekorte en ander finansiële probleme, en die onsekere toestand wat deur die viriele Zoeloeras veroorsaak is, het die 18-maande-oue Smythe-ministerie verplig om op 22 November te bedank en 'n nuwe regering is deur Moor saamgestel. Politieke partye as sodanig het nie in Natal bestaan nie en die verandering van ministerie het dus nie beteken dat 'n nuwe party aan bewind gekom het nie; nogtans was die Suid-Afrikaans nasionaalgeorïenteerde politici glad nie spyt dat Frederick Moor die nuwe Natalse premier geword het nie. En toe die Het Volk-cum-Nationalkabinet vroeg in Maart 1907 in Transvaal ingesweer is, was dit een van genl. Botha se eerste take om Moor per telegram in kennis te stel van die samestelling van sy regering en van elke kabinetslid se amp. Hy het daaraan toegevoeg:

"I trust/.....

---

132) Merriman Papers, no.198, Smuts aan Merriman, 30.8.1906.
133) The South African News, 13.9.1906.

"I trust that these changes in the Transvaal Ministry will in no way effect the cordial relations existing between your government and the government of this Colony."

In sy antwoord het Moor Botha gelukgewens en die hoop uitgespreek dat hulle sal saamwerk "for the common good of South Africa."[134]

==========

4. Toestande in die Kaap-Kolonie rondom 1906-'07. Samewerking tussen die twee blanke rasse in die Kaapkolonie voor die oorlog het goed begin vorder op die weg van eendrag. Maar die "Jameson Raid" wat maar die vroeë begin was van die Engelse-oorlog, die strenge toepassing van krygswet, die genadelose vonnisse oor die Kaapse rebelle, Milner se pogings om die Kaapse grondwet op te skort, die wet waarvolgens duisende Kaapse Afrikaners ontkieser is en die feit dat byna vierhonderd burgers nog tot tien maande na die oorlog in die gevangenis verkeer het, het opnuut 'n kloof tussen Boer en Brit geskep. Dit is vererger deurdat die Britte in die roes van hulle militêre oorwinning nou van die politieke platform, die drukpers en selfs die kansel gebruik gemaak het om aan te kondig dat die tyd gekom het,

„om die oorhand van die Britse element te verseker, die Hollandse taal uit te wis, die Afrikanerbond uit te roei en sy lede tot helote op politieke gebied te maak."135)

Die onvermydelike reaksie was dat die ouer bevolkingsgroep hulle geskaar het rondom die vaandel van suiwer Afrikaanse nasionalisme.

Die vlaag van haat en bitterheid wat Rhodes en sy Progressiewe volgelinge teenoor die Afrikanerdom ontketen het, was eenvoudig ontsettend. Van die Afrikaner is verwag dat hy Groot-Brittanje, die ryk en die Britse vlag net so sal bemin as die lojaalste Britse imperialis, en die Afrikaner wat dit nie betoon het nie, is as 'n rassehater bestempel. In die Kaapkolonie sou lidmaatskap van die Afrikanerbond dan sinoniem wees met dislojaliteit en haat teenoor Brittanje. Tereg skryf James Rose-Innes in sy Outobiografie van Rhodes: "he infected Cape public life with a harmful virus..."[136] Dieselfde Bond waarmee Rhodes so goed mee saamgewerk het vóór hy in 1895 toegelaat het dat die geldgod sy moraal verkrag, word in die uur van jingohisterie deur Milner bestempel as 'n

"fundamentally/.....

---

134) Eerste Minister, Natal, Band 63, Minute papers, 4.3.1907.
135) Hofmeyr, a.w. p.630.
136) Rose-Innes: Autobiography, p.199.

"... fundamentally and incurably disloyal organisation which has caused all the mischief, and is as full of devilry as it ever was..."

Hy sal Afrikaners nog ontvang "... but n o t a s B o n d s m e n."[137]

Met die dood van Rhodes in Maart 1902 het die rassehaat wat hy en Jameson ('dr. Jim') in 1896 ontketen het, nou geheel op van lg. se skouers gekom. Maar dit het nie geskyn of dr. Jim hom hieroor beswaar het nie; trouens hy het hom geroepe geag

"... to take his dead friend's place as Prime Minister of the Cape Colony and finish the interrupted work of uniting South Africa under the British flag."[138]

<u>Die Kakie-eleksie - Rasse-wrywing duur voort - Teleurstelling in S.A.</u>

In hierdie tyd van rassehoogspanning het die verkiesing aan die eiende van 1903 gevolg - 'n verkiesing wat bekend is as die kakie-eleksie omdat jingoïsme hoogty gevier en duisende Kaapse rebelle van hulle stemreg ontneem was. Die premier, sir J. Gordon Sprigg, en sy gevolg het gemene saak gemaak met Jameson en sy ekstremistiese Progressiewe ondersteuners. Vir die volgelinge van die Suid-Afrikaanse Party (die Afrikanerbond) was dit genoeg rede om alles in die ongelyke stryd te werp en die enigste teenmaatreël wat Jameson hierteen kon inspan, was om die heersende hoë jingo-koors uit te buit en die rassespook voor te hou. "Evidently the other side are determined to run this election on race lines," het Merriman wat met die verkiesingsveldtog besig was, aan sy vrou geskryf.

"That miserable Jameson has no other alternative. As of-course he and those with him having brought on the war do not wish to see things settle down. It is no use to be indignant, they are as God made them,- troubles in Israel..."

Verontwaardiglik skryf hy twee dae later:

"Really that Jameson seems to me to be acting in a diabolical fashion with his "fighting the Dutch".139)

'n Belangrike beginsel wat op die spel was en die politieke struktuur van die hele Suid-Afrika sou raak indien dit sou slaag, was Jameson se plan om sy "Redistribution Bill" deur die parlement te loods as hy die verkiesing wen. Die stemkrag van die platteland sou hierdeur ingrypend beperk word en die stedelike progressiewe elemente sou verseker wees van veilige meerderhede om hulle lank op die regeringskussingste hou. Die Kaapse eleksie het hierdeur 'n besondere betekenis gekry en vir leiers soos Merriman en Smuts wat aan staatkundige eenheid op

suiwer/.....

---

137) Headlam, a.w. p.442, Milner aan Lady Edward Cecil, 15.2.1903 (Milner kursiveer)
138) Colvin: The Life of Jameson, p.211.
139) Merriman Papers, nos.? Merriman aan Agnes Merriman, 3 en 5.10.1903; Vgl. ook Ibid. no.278, Maasdorp aan Merriman, 7.12.1903.

suiwer Suid Afrikaans nasionale grondslag gedink het, was die Progressiewe se plan 'n bose maatreël wat die nekslag toegedien moet word. Daarom skryf Smuts:

> "I rely on the fighting power of the South Africans to prevent the passing of a Redistribution Bill, which will only mean another bloody revolution in South Africa at no distant date. We are rapidly going to a great political crisis and I want you to lead the battle in Parliament, as you alone could do it."140)

Ook Ernest Sheppard het uit Johannesburg aan die leier van die Suid-Afrikaanse Party laat weet hoe die Kaapse eleksieveldtog "keenly, sympathetically and anxciously" deur duisende dopgehou word "with unalloyed delight."[141)]

Maar die uitgedunde getalle van die Suid-Afrikaanse Party deur die name van die rebelle van die kieserslyste af, het nie opgeweeg teen die geledere van Jameson wat oorgekook het van hulle jingoïstiese oorwinningsvreugde na die vrede van Vereeniging nie. Boonop het Merriman en sy ondersteuners 'n goeie persorgaan ontbeer en reeds met die uitslae van die Wetgewende Raadeleksie was dit duidelik dat Jameson se "Fighting the Dutch"-kreet geslaag was. Uit die 23 setels vir die Hoërhuis het hy 12 verower. Die Bond het 10 gewen en een was Onafhanklik. Die Progressiewe Party was dus seker van 'n skrale meerderheid van 1.[142)]

Merriman se ondersteuners in Transvaal was sigbaar teleurgesteld en algemeen is geglo dat dit die voorloper was vir groter oorwinnings vir die Progressiewe wanneer die Wetgewende Vergadering-eleksie sou volg.

> "The disappointment," skryf Sheppard aan Merriman, "does not only apply to the Boers but many hundreds of British subjects fervantly hoped that your party were going to win all along the line."143)

Vroeg in 1904 is die veldtog om die Laerhuissetels voortgesit en nog nooit voorheen het die Kaapkolonie so 'n vlaag van venyn en haat en bitterheid teen die Boer beleef nie. Selfs het die Progressiewe politici nie geskroom nie om die naturelle kiesers dit in te prent dat dit Merriman is wat Sjinese in die land wil toelaat waardeur die naturel dan deur die Sjinese uit die arbeidsmark verdring sal word. Ook die Engelse kerk het meegedoen om bitterheid te saai deur die gloeiende kole van rassevooroordeel aan te blaas.[144)] Bekende, gematigde en gerespekteerde politici soos Sprigg, Sauer, Merriman en Douglas is

in hulle/....

---

140) Ibid no.58, 15.2.1904.
141) Ibid. no.328, 1.12.1903.
142) Colvin, a.w. p.228.
143) Merriman Papers, no.248. 20.11.1903.
144) Ibid. nos. 36 en 38, Merriman aan Agnes Merriman, 23 en 24.1.1904.

in hulle kiesafdelings verslaan en die Progressiewe Party het ook in die Vergadering van 95 lede 'n geringe meerderheid van 5 behaal.[145]

Op 22 Februarie 1904 het dr. Leander Starr Jameson ("the red rag to the Dutchmen") premier van die oudste en grootste Kolonie in Suid-Afrika geword. In sy kabinet het hy ingesluit o.a. dr. Smartt, Edgar Walton en kol. Crewe. Goewerneur sir. Walter Hely-Hutchinson se beroep op Jameson om die ministerie saam te stel was vir die Afrikaners teleurstellend.

> "The feelings of every decent Dutchman were shocked and outraged by that choice," skryf Molteno, "To my mind that foolish act did more to perpetuate and to consolidate Afrikaner hegemony than even the war."146)

Die kabinet self was beslis ook nie Suid-Afrikaans georiënteerd nie. Die historikus, Eric Walker erken:

> "Jameson took office with a cabinet which might be expected to speak on the federation question in tones hardly distinguishable from those of the Chartered Company."147)

Prof. Goldwin Smith het hard en reguit geoordeel:

> "Sprigg was not all that was to be desired, but Jameson seems to be a catastrophe and a scandal. Kruger made two great mistakes. One was in allowing Milner to meddle with the franchise. The other was in not hanging Jameson."148)

Met die opkoms van „dr. Jim" tot die magspolitiek, het Milner nou die septer geswaai oor die hele Suid-Afrika. Vir die Afrikaner het 'n donkere proeftydperk voorgelê.

> "The four years of Milnerism and Jameson Jingoism were to try out to the marrow, the stuff of which he was made."149)

Maar Jameson se "down with the Dutch"-beleid sou hy nie ten volle kon deurvoer nie. Die oorlog wat hyself in 1895 veroorsaak het, het gevolge ~~nagelaat~~ wat hom nou in sy uur van triomf met groot probleme opgesaal het. Tienduisende kakie-soldate het Suid-Afrika nou verlaat en die kwistige besteding van Britse geld het opgehou sodat 'n finansiële neerslagtigheid in die handel ingetree het. Wisselkoers en tariewe het die hoogte ingespring; die hawens het stil geword, die spoorweë was in 'n swak toestand en vervoer het gedaal. Die depressie het oral ingetree.[150] Van die staanspoor sit Jameson dus met 'n leë beurs

opgeskeep/.....

---

145) Colvin, a.w. pp.232-233; Amery, a.w. p.193.
146) Molteno, a.w. pp.89-90.
147) Walker: Lord de Villiers and His Times, p.413.
148) Merriman Papers, no.79, Goldwin Smith aam Merriman, 28.2.1904.
149) Molteno, a.w. p.90.
150) Ibid. pp.94-95.

opgeskeep en die enigste wat hom te doen gestaan het, was om te besnoei en hoër belastings te hef. Die stedelike Britse gemeenskap wat hom sy Progressiewe meerderheid in die parlement besorg het, is hierdeur die swaarste getref en 'n politieke reaksie teen sy tesourier (Walton) se maatreëls het vroeg al ingetree. Aksynsbelasting het die Opposisie woedend gemaak en besparingsmaatreëls het albei groepe bedroef.

Dit alles het die Jameson-regering gedwing om in alle opsigte gematigd te wees en toe een van sy ondersteuners van die Hoërhuis tydens die sitting na Londen vertrek en die verdeling van die party gelykop was, moes die regering so handel dat dit albei seksies tevrede stel. Dikwels was die voortbestaan van die ministerie in die hande van regter sir Henry de Villiers, die president van die Raad, wat sy beslissende stem moes gebruik hoewel hy nie saamgestem het met die regering se beleid nie.[151]

Tekens dat gevoel teen Jameson draai - Redes vir beter Gesindheid tussen Boer en Brit.

Die politieke en morele ontwaking van die Boere in die Vrystaat en Transvaal en die steun wat hulle van gevestigde Engelse ontvang het, was nie die enigste aanduidings dat 'n kentering teen die Progressiewe jingoïsme begin intree het nie. Die briljante Kaapse parlementariër, John X Merriman, was weer terug in die Vergadering om die regering genadeloos te kasty oor sy ongewilde administrasie en hulle goed te laat verstaan dat opreggesinde Suid-Afrikaners weier om te dans op die gefluit van De Beers, die mynmagnate of Downingstraat. Suid-Afrika sal hom nie laat rig deur 'n party wat net een ras, die Britse, verteenwoordig nie.[152] In Uitenhage het die Afrikanerbond teen die middel van Mei 1906 die Progressiewe kandidaat in 'n tussenverkiesing met 'n meerderheid van 500 stemme verslaan om nog duideliker die tanende populariteit van die Jameson-party te bewys.[153]*

Dit was maar die begin van die einde. Ook Merriman het in 'n brief aan pres. Steyn gewag gemaak van 'n ommeswaai in die openbare mening. Die "raider and his friends" vergal nog hulle lewe, sê hy, maar

> "...there are just signs of a change of opinion. Progressivism has so clearly shown that it means incompetance plus extravagance. - But the day dawns slowly."154)

'n Viertal/.....

---

151) Amery, a.w. p.194; Walker (Lord de Villiers...) P.413.
152) Ons Land, 24.11.1906; Walker (Lord de Villiers...)p.413.
153) De Volkstem, 19.5.1906.
154) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Merriman aan Steyn, 19.12.'06.

* Die gevoel téén die Kaapse Progressiewe Party het hoe later hoe sterker geword. Op 26 November 1906 erken The Star:

> "... Many who have watched the trend of events in that Colony have not disguised their fears that the Progressive Party is steadily, though slowly losing its hold on the electorate."

'n Viertal faktore het veel daartoe bygedra dat 'n beter gesindheid tussen Boer en Brit- ook in die Kaap - allengs posgevat het.

(i) Milner se vertrek uit Suid-Afrika: Hierdie Hoë Kommissaris het die bykans onmoontlike taak ontvang om 'n volk te regeer wat oorwin is in 'n oorlog waarvoor hulle hóm hoofsaaklik verantwoordelik gehou het. Daarby was hy van geaardheid nie in staat nie om in te sien dat die sekerste wyse om versoening teweeg te bring, was deur onderlinge vertroue in te boesem, en deur geloof aan die dag te lê in die goeie bedoelings van hulle met wie hy te doen gehad het.

(ii) Hierteenoor het Selborne se goedwilliger optrede en genaakbaarder gesindheid in skrille kontras gestaan. Hy het hom dit openlik ten doel gestel om die vertroue van die volk te wen, hulle versekering te glo en om oorweging te gee aan hulle voorstelle. Aldus het hy veel bygedra om die wonde te genees.

(iii) In die derde plek het die beleid van vertroue en inskiklikheid van die Imperiale Regering teenoor die verowerde Boere republieke merkwaardiglik bygedra tot die bevordering van welwillendheid in Suid-Afrika. Hierdie ommekeer in die Britse politiek, deur die verantwoordelikheid vir bestuur en interkoloniale betrekkinge aan al die Suid-Afrikaanse Kolonies self oor te laat, het die weg tot nouere politieke aaneensluiting gebaan.

(iv) Ten slotte moet ook melding gemaak word van die opmerklike verstandigheid wat deur die Suid-Afrikaanse staatslui self in hierdie tyd aan die dag gelê is. Die strewe van die Progressiewe elemente om Britse oorheersing in Suid-Afrika te verseker en die reaksie van die ander front om te verhinder dat die Afrikaanse element verswelg word, het spanning veroorsaak. Maar die grootmoedige optrede en wyse uitlatings van leiers soos Botha, Hofmeyr, Merriman en Smuts, deur in alle opregtheid hulle te weerhou van bitterheid en beskuldigings en deur nooit die gedagte van Afrikaanse oorheersing op die lippe te neem nie, het ontspanning meegebring en vurige anti-Afrikaners, soos Jameson self, tot gematigdheid genoop. Hierdie gesindheid moes gedy want teen dié tyd was die oorgrote meerderheid verantwoordelike Suid-Afrikaners eenvouding wars van die rasse-kwessie.155)

Ongetwyfeld het,Onze Jan' indien nie volkome nie, dan wel grootliks die heersende gesindheid van die Afrikaners onder die vaandels van die Bond en Het Volk vertolk toe hy op 1 Mei 1907 „het grote doel en streven van de Bond" op Wellington soos volg gestel het:

„de schepping en koestering van een gevoel van nationale éénheid, zelfrespekt en trots in Brits Zuid-Afrika rustende (met inachtmening van het oppergezag van de Britse Kroon) op de zelfstandige/.....

155) Hofmeyr, a.w. pp. 670 - 671.

zelfstandige ontwikkeling van onze eigen materiële hulpbronnen, en meer nog op de erkenning en eerbiediging van malkanders gevoelens inzake godsdienst, onderwijs en taal.
Deze nationale éénheid, zelfrespekt en trots worden, m.i., nu nog meer dan ooit onontbeerlik, nu de stichting van een Z.A. Federatie een zaak van prakties politiek belang begint te worden..."156)

Van die gebore Engelse het Hofmeyr veral twee dinge gevra nl. om (hoewel woorde soos 'Dutchman' en 'Bond' vir hulle 'n heillose betekenis het en 'Bondsman' vir hulle sinoniem is met 'Ryksvyand' en 'Verraaier') nie te verwag dat die gebore Afrikaner dieselfde afgodiese gevoel van gehegtheid aan die Britse Ryk sal openbaar as die gebore Brit nie en tweedens dat die Engelse hulle bekrompenheid, betreffende wat hulle skimpend "the Taal" noem, sal staak.

'n Gesonder Suid-Afrikaansgeoriënteerde Gesindheid vat pos onder Engelse, behalwe t.o.v. Afrikaner se Taal:

Die teenparty het ingesien dat Hofmeyr hier 'n gemeenskaplike basis aangedui het waarop dit moontlik sou wees om die vraagstuk van eenheid aan te pak. In 'n toespraak kort hierna het Jameson na die redevoering van Hofmeyr verwys as 'n gebeurtenis wat die intrede van 'n nuwe tydperk gekenmerk het. Die wantroue wat sy party vroeër in die Afrikaners gehad het, bestaan nie meer nie en hy is bereid om hand aan hand met hulle in 'n federasie saam te werk. Wat die kwessie van nasionaliteit betref, is hy en sy volgelinge 'n ruimere nasionaliteit toegedaan, nl. die idee van 'n ruimer Britse nasionaliteit, met 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit daarby en dit verhinder nie dat die twee groot partye die wording van 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit in 'n gefedereerde Suid-Afrika, as deel van die Britse Ryk, sal bevorder nie.

Op een punt - een besondere punt het Jameson gesê - was hy nie in staat om Hofmeyr se stelling aan te neem nie. Dit was die kwessie van die taal. En inderdaad het die houding van die Progressiewe verteenwoordigers hieromtrent nie die geringste verander nie. In hulle redevoeringe en in hulle drukpers het hulle hardnekkig bly kleef aan hulle kwade gevoel teen Hollands-Afrikaans. Van die taalbeweging en die belangrikheid daarvan in die vorming van 'n omvattende Suid-Afrikaanse nasionalisme het hulle 'n volslae gebrek aan begrip getoon.[157)]

Maar Jan Hendrik Hofmeyr sou hom nie deur ‚dr. Jim' se Britsgerigte engheid van stryk laat bring nie. „Wij m o e t e n de taalstrijd/.....

---

156) Ibid. p.671.
157) Ibid. pp.673-674.

de taalstrijd winnen" het hy enkele dae later van hom laat hoor. „Wij z u l l e n die winnen. Want onze zaak is recht. Zij rust op gegronde beginsels, op onmiskenbare precedenten. Zij is onafscheidbaar van de veel besproken verzoening. Zonder haar geen tevreden volk, geen ondeelbaar zuidafrikaans nationaliteitsgevoel, geen standhoudende federatie, geen in rust en eensgesindheid tezamen zittende en werkende Engels-Hollands Afrikaanse Natie, maar 'n voortdurende heillose rasseverdeeldheid. Niemand - noch Engelsman, noch Hollandse Afrikaner - verlangt dit. Daarom z a l de zegepraal uw en onz werk kronen."158)

Nooit het Hofmeyr tevergeefs geveg nie. Sy veldeurdagte politieke idees het sedert die sewentiger jare van die vorige eeu vroeër of later praktiese politiek geword. Met sy doelgerigtheid wat die Afrikaans-Hollandse taal betref sou dieselfde nog gebeur, en ten opsigte van nouere politieke aaneensluiting van die Suid-Afrikaanse Kolonies was dit nog eens bewys toe die Kaapse parlement op 24 Julie 1907 byeenkom. Die groot redevoering wat hierdie versiende Kaapse staatsman te Wellington gehou het, het diep ingeslaan en vir weerklank gevind. Die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse en Progressiewe Party, wat 'n luttele drie jaar gelede in twee openlik vyandige kampe teenoor mekaar gestaan het, was opvallend minder gespanne en toe F.S.Malan, 'n getroue Bondsman, 'n voorstel indien oor positiewe stappe in die rigting van staatkundige eenheid, het niemand minder nie as Jameson dit gesekondeer, en le dit eenparig aangeneem. 'n Gees van welwillendheid, wat 'n jaar of twee later die Konvensiegees ("the Convention spirit") genoem sou word, het hier ontstaan.159)

Ongelukkig vir ‚dr.Jim' sou hierdie sitting die laaste wees waarin sy Progressiewe Party die teuels van die bewind sou hou. Die magte, soos Smuts gesê het, wat die vorige eewe of agt jaar in Suid-Afrika geroer en ontketen is, sou nie genade betoon aan 'n remskoen-party wat nie eers erkenning wou gee aan die taal van die oudste en grootste blankegroep in Suid-Afrika nie, of wat aan 'n gevoel van patriotisme teenoor 'n buitelandse moondheid voorrang gegee het bo bereidwilligheid vir die aankweek van 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme.

---

158) Ibid. p.674 - Toespraak van ‚Onze Jan' by die feestelike herdenking te Burgersdorp van die 25ste verjaardag van die invoer van Hollands in die Kaapse parlement.
159) Ibid. p.674.

---oOo---oOoOo---oOo---oOoOo---oOo---

H O O F S T U K 4.

KONSILIASIE IN TEORIE EN PRAKTYK.

Op 6 Maart 1907 het die goewerneur van Transvaal, lord Selborne, proklamasie no. 25 uitgereik waarin bekendgemaak is dat die Wetgewende Raad op Donderdag 21 Maart 1907 in Pretoria sou byeenkom vir die afhandeling van noodsaaklike werksaamhede.[1)]

Kragtens kabinetsbesluite, wat geneem is sedert die offisiële inswering van die ministers op 4 Maart, is die nodige klerklike aanstellings in die parlement intussen aangekondig. Die heer E.M.O. Clough is aangestel as Klerk van die Wetgewende Raad en mnr. D.E. van Velden as Assistent-klerk. Mnr. G.H.C. Hannan was die ‚Drager van de Zwarte Roede'. Die goewerneur het die heer Hugh Crawford aangestel as die President van die Wetgewende Raad. Mnr. Gys R. Hofmeyr, wat as Assistent-klerk van die Kaapse Laerhuis deeglike kennis opgedoen het van die parlementêre prosedure, is benoem tot Klerk van die Transvaalse Wetgewende Vergadering met die heer C.E. Hawkes in die hoedanigheid van Assistent-klerk. Die amp van Sergeant-at-Arms is toegeken aan mnr. T.L. de Havilland.[2)]

Die opening van die parlement van die selfregerende Transvaalse Kolonie op 21 Maart 1907 was 'n toonbeeld van die totale verandering wat in die kort bestek van tien jaar in hierdie staat plaasgegryp het. In 1897 het Sir Alfred Milner na Suid-Afrika gekom om die saak van Britse opperheerskappy sterker te stel. Die volgende jaar is Paul Kruger vir die vierde agtereenvolgende keer verkies tot staatspresident en in die aflegging van sy eed het hy van die balkon van die Raadsaalgebou aan die menigte burgers wat voor hom uitgestrek gestaan het, bevestig dat hy die onafhanklikheid van Transvaal sal verdedig, al moes dit met die swaard geskied. In die lente van 1899 het die militêre maneuvers van die Britse leërs op die Republieke se grense Kruger en Steyn verplig om die ultimatum aan Brittanje te stuur en vir byna drie jaar sou die reuk van kruit oor die land hang. In Junie 1900 het lord Roberts se duisende troepe vreemd vertoon rondom die ou Gereformeerde kerkie in Pretoria waar hulle die historiese plein in kakie gehul het terwyl hulle vlag gehys word. Twee jaar later het Kitchener op dieselfde plek die vredesdiens bygewoon. In Desember 1904 is die golfslag van die see van stemme treuriger as Kruger se geslane volk die laaste droewige ritus nakom en sy stoflike oorskot plegtig grafwaarts voor. Nou/.....

1) Eerste Minister (Tvl.) Band 14, 69/3, 1907.
2) Vgl. Debatten: Wetg. Verg. en Wetg. Raad (Eerste sitting)1907, p.3 en p.1 resp.

Nou volg 21 Maart 1907. Die gebeurtenisse wat mekaar die vorige tien jaar so snel opgevolg en die toneel herhaaldelik so ingrypend van gedaante laat verwissel het, word vir die oomblik op die agtergrond geskuif. Kleurryk is die toneel op en om die Kerkplein waar die stadsbewoners van vroeg al saamgedrom het. Die skare is 'n studie in kontras en trouens die bewys dat die afgelope jare verandering meegebring het. Op die dakke en balkonne is die meer modieuse deel van die groot gehoor, - die dames helder gekostumeerd, die mans met manel en pluiskeil. Op die plein het die grysbebaarde en ouderwets-geklede Boere in groepe gestaan. Almal wag in stilte.

Dan verskyn twee berede manne as die voorlopers van die optog van die Goewerneur. Die gejuig van die skare groei aan totdat die deftige koets opdaag en die lede van die Hoër- en Laerhuis op die balkon verskyn. Die eed word afgeneem deur die waarnemende Hoofregter, regter Solomon, en aan die einde van die seremonie keer die lede terug na hulle onderskeie vergadersale.[3]

Die Speakerskap: Op die vooraand van die parlementsbyeenkoms het dit bekend gewerd dat die Regering voornemens is om genl. C.F. Beyers voor te stel vir die amp van speaker in die Wetgewende Vergadering. Vir die Opposisie was dit 'n ongewilde keuse en hulle pers het dit betreur dat genl. Botha en sy kollegas hulle so vroeg al in hulle loopbaan skuldig maak aan 'n ernstige f a u x p a s. Beyers, het hulle beweer, is alleen populêr onder ekstremistiese Boere en

> "....more than any other member of the ‚Hoofd Komitee' he has carried something of the bitterness of the war into the political arena."

Dit ontbreek hom aan

> "....patience, tact and dignity, ... - qualities associated invariably with the Office of Speaker."

Hulle sou eerder voorkeur gee aan persone soos Stockenstrom, De Wet of Neser. Die benoeming van Beyers "... must be opposed."[4] Die keuse sou die volgende dag beslis word.

In die Raadsaal was die eerste plig van die Wetgewende Vergadering die verkiesing van 'n speaker. Genl. Botha, die Eerste minister en lid vir Standerton, het voorgestel dat die Voorsitterstoel deur genl. Beyers ingeneem moet word. Goldman het die voorstel gesekondeer. Van Opposisiekant is

eers/....

---

3) The Star, 21. 3. 1907; The Natal Mercury, 22.3.1907.
4) The Star, 20.3.07. Ook die Natal Mercury (23.3.'07) het hierdie stap van die Botha-regering as 'n ongelukkige voorteken vir die toekoms beskou.

eers Stockenstrom en toe Jacobsz voorgestel, dog nie een van die twee here wou hulle verkiesbaar stel nie. Hierop is R.K. Loveday deur Fitzpatrick voorgestel. 'n Formele stemming het gevolg en met 45 teen 22 is genl. Beyers, die lid vir Waterberg, verkies tot Speaker.[5]

Met hierdie fyn set is Christiaan Beyers, wat 'n sterk aanspraakmaker was op 'n pos in die kabinet maar wie se ondubbelsinnige taal in die oë van Botha en Smuts nie bevorderlik was vir hulle konsiliasiebeleid nie, nou 'n veilige en tog hoë posisie aangebied waar hy skadeloos sou wees.[6]

In die afsonderlike koukus-vergaderings het die twee belangrikste partye elkeen sy hoofsweep en onder-sweep aangestel. Vir Het Volk en die Nationals is hierdie betrekkings onderskeidelik beklee deur E. Rooth en R. Goldmann en vir die Progressiewe Party deur A. Bailey en H. Lindsay.[7]

Die Troonrede en die Beleid van die Regering t.o.v. enkele Vraagstukke:

In sy troonrede het die Goewerneur, lord Selborne, o.a. verklaar dat dit die ernstige bede van hom en sy ministers is dat die mag om homself te regeer deur die volk en parlement van Transvaal so aangewend sal word dat alle oorsake van misverstand en verdeeldheid wat in die verlede bestaan het, sal verdwyn en dat dit bevorderlik mog wees vir die vrede, voorspoed en goeie bewind van die Kolonie. Tot sy spyt moes hy verklaar dat die gedruktheid wat toe al enige jare bestaan het, nog voortduur en dat daar nog veel armoede en nood heers. Intussen is sy ministers besig om stappe te oorweeg ten einde die ellende wat in verskillende dele van die Kolonie nypend geword het, kragdadig die hoof te bied.

Die bewindsduur van die nuwe Regering, het Selborne voorts gesê, was nog te kort om die ministers in staat te stel om 'n volledige beleidsverklaring met betrekking tot al die ingewikkelde probleme aan die parlement voor te lê. Ten opsigte van die verskaffing van ongeskoolde arbeid aan die myne, egter, kan hy reeds meld dat die Regering besluit het dat die gebruik van Sjinese so spoedig moontlik gestaak gaan word. Nogtans sal dié Sjinese wat reeds in die myne werksaam is, by die verstryking van hulle dienskontrakte nie gerepatrieer word nie alvorens plaasvervangers, hetsy in die vorm van nie-oorsese onbedrewe arbeid of meganiese toestelle, gevind kan word. Wetgewing in dié verband sal in Juniemaand aan die parlement voorgelê word. Onderhandelinge is aange-

knoop/.....

5) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste sitting) 1907, p.1-2.
6) Scholtz (Genl. Beyers) p. 167.
7) The Transvaal Leader, 20 en 21.3.1907.

knoop met die verskillende Regerings in Suid-Afrika om die Transvaalse ministerie te vergewis van bronne buite die Kolonie waarvandaan ongeskoolde arbeid ingevoer kan word.

'n Maatreël van besondere belang wat aan die parlement voorgelê sou word, was die wetsontwerp vir die verpligte registrasie van alle Asiate (bedoelende die Indiërs) in Transvaal. Sodanige Ordonnansie was reeds in die laaste sitting van die vroeëre Wetgewende Raad met dieselfde doel gepasseer, dog die koning het nog nie sy goedkeuring daaraan geheg nie. Die getal Indiese Asiate wat Transvaal ingekom het, het egter steeds toegeneem en gevolglik het 'n dringende noodsaaklikheid ontstaan om die probleem onmiddellik in behandeling te neem. Sonder die registrasie van sulke Asiate was dit onmoontlik om afdoende maatreëls te neem en om daardie rede sou die parlement nog tydens die sitting sy aandag moet wy aan wetgewing om sodanige registrasie wettig te maak.

Ander werksaamhede wat die parlement onverwyld moes afhandel, was die verkiesing van sewe lede van die Interkoloniale Raad, die bevestiging van die aanstelling van sekere amptenare van die twee Huise van die parlement en die benoeming van kommissies met die magtiging om byeen te kom gedurende die tyd dat die parlement verdaag, ten einde sekere dringende sake met betrekking tot die werksaamhede, prosedure en huishoudelike skikkinge van die twee Huise respektiewelik in behandeling te neem. Ten slotte het Selborne aangekondig dat hy verheug is dat die Eerste minister ingestem het om die premierskonferensie in April te Londen te gaan bywoon en hy het die hoop uitgespreek dat veel goeds vir Transvaal en die ryk uit die byeenkoms sal voortspruit.

Hiermee het die goewerneur die eerste sitting van Transvaal se eerste parlement as geopend verklaar.[8)]

Engelssprekendes wantrou eerste stap tot Versoening: Die Engelssprekendes het dit oor die algemeen bitter betreur dat Botha vir genl. Beyers as Speaker voorgestel het, en ons kry hier dan die eienaardige ironie dat die Eerste minister juis vir Beyers die parlementêre pos aanbied ten einde versoening te bevorder. So verstaan die Engelssprekendes egter nie Botha se optrede nie. Inteendeel, as Beyers tot Speaker benoem word, het 'n Natalse koerant geskryf

> "... it will do more to shake confidence in the honourable intentions of Mr. Botha and his colleagues than anything which has yet taken place."

As/.....

8) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, pp.5-7.

As die Engelse orgaan dan die berig ontvang dat die Transvaalse Regering se voorneme bewaarheid is, is die aanvalle teen sowel Beyers as die Botha-regering feller. Beyers is 'n

> "... most rabid Anglophobe (who) has never lost an opportunity of showing his venom of everything English..."

Sy verkiesing tot Speaker

> "... is more than anything else that has yet occured, calculated to arouse a feeling of want of confidence in the sincerity of the non-racial professions of the Government, and their desire for co-operation and conciliation...."

want Beyers is

> "... the personification of rabid racialism."[9]

Wat die koerant ook nie kon veel nie, is dat Botha steeds Hollands praat op alle openbare plekke en geleenthede hoewel hy dan Engels glo goed, beter as sy tolke, sou kon praat![10] Botha en sy Regering moet veral onthou dat hulle, deur die vertroue wat Engeland in hulle gestel het, by die stembus gewen het wat hulle met die geweer verloor het en van al die Kolonies in Suid-Afrika het Transvaal die grootste geleentheid om die twee rasse byeen te bring. Sit die Regering sy woorde nie om in dade nie

> "... they must stand for ever convicted of gross ingratitude and unfaithfulness."[11]

Vir diegene vir wie patriotisme veel meer beteken het as goudaandele en rassevoorspooksels was die beoogde beleid van die Transvaalse Regering waardig, eerlik, gematigd en tog moedig. Dit het die lewendige vertroue geopenbaar dat die historiese Kolonie, as heer in sy eie huis, eer en aansien aan homself en aan die ryk sal verleen. 'n Nuwe tydperk vol van betekenis en gewig, het hulle besef, het op 21 Maart 1907 nie alleen vir Transvaal nie maar vir die res van Suid-Afrika begin. Onder almal wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou het (of dit was omdat hulle hier gebore is of uit hoofde van hulle aanname van die nuwe vaderland), het 'n saamhorigheidsgevoel posgevat; en daarom het die hele land hom verbly dat daar op Donderdag 21 Maart, onder verantwoordelike bestuur, die eerste parlement vergader het waarvan die oorgrote meerderheid 'n regering ondersteun wie se uitgesproke doel dit was om beide nasionaliteite te verenig op die grondslag van gelyke regte en wedersydse toenadering.[12]

Die resep waarvolgens genl. Botha voornemens was om die

bewind/....

---

9) The Natal Mercury, 21 en 22.3.1907; The Star, 22.3.1907.
10) The Natal Mercury, 21.3.1907.
11) Ibid. 22.3.1907.
12) The South African News, 22.3.1907; Ons Land, 23.3.1907.

bewind te voer vir die volgende paar jaar was gefundeer op die term KONSILIASIE en selfs die inwoners van Engeland wou hy nie in die onsekere hou omtrent sy eerlike bedoelings met hierdie beginsel nie. Nadat die Transvaalse parlement sy noodsaaklikste maatreëls dus afgehandel het, het dit na 'n sitting van twee dae verdaag sodat die Premier die geleentheid kon kry om die Imperiale konferensie in Londen te gaan bywoon.

Genl. Botha op die Premierskonferensie in Londen - Betekenis en Reaksie:

In antwoord op 'n brief waarin pres. Steyn genl. Botha gelukwens met sy eersteministerskap en enkele woorde van advies aan hom gee, skryf Botha o.a. soos volg:

> „Nu geachte President, wat de Zeurschap aanbetreft, behoeft U zich niet bang te maken, en ik stem volkomen met U samen dat om in diezelfde span te staan met die Zeurs van Johannesburg ... is om die kou koorts van te kry. Wy hebben immers toch geen advertentie noodig en zullen dus maar Jannie en Louis blyven.
>
> Ik heb heden een uitnoodiging van de Britsche Regeering gekregen om de Conferentie in Engeland by te wonen met alle andere Premiers op 17 April. Myn collega's zyn eenparig daarvoor dat ik moet gaan, maar ta trapt nog vast. Morgen zullen wy echter beslissen. Wat denkt U ervan?"[13]

Reeds 'n maand voor die verkiesing in Transvaal het Elgin aan Selborne berig dat die Imperiale Premierskonferensie teen die middel van April 1907 sal plaasvind en dat dit goed sal wees as die toekomstige Transvaalse eerste minister dit ook sal kan bywoon. Immigrasie, voorkeurhandel, nedersetting, verdediging, mynwese, maatskaplike hervormings en allerlei sake van interkoloniale aard sou onder die soeklig kom.[14] Allerweë is natuurlik toe nog aanvaar dat sir Richard Solomon Transvaal se eerste premier sou wees. Die verkiesing het anders beslis en genl. Louis Botha, vermaarde Boerkryger wie se vernuftige strategie Imperiale Brittanje by Colenso en Spioenkop voor die oë van die wêreld verneder het en wat tydens die anti-Afrikaanse bewind van Milner dit durf waag het om die Boer op te hef en aan hom 'n eie politieke onderdak te gee, moes nou in die konferensiesale van sy veroweraar saam met sommige van sy bitterste opponente van slegs vyf jaar gelede gaan samesprekings voer.

In die sewentiger en tagtiger jare van die vorige eeu het 'n ander Boereheld, Paul Kruger, ook besoek afgelê in Londen/...

---

13) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 5.3.1907.
14) Kol.Sekr. Band 693, no. 10,000, 16.1.1907.

Londen met die doel om die onafhanklikheid van die Republiek terug te wen. Daar het hy die mag en glorie van Engeland en sy hoofstad aanskou; in 'n reis per koets is die pragtige natuurskoon van die land aan hom vertoon; Carnarvon het hom op sjarmante wyse onthaal en hom die paleis en indrukwekkende geboue getoon. Maar die Boer in Kruger het nie gewankel voor die Britse lord wat bewustelik daarop uit was om hom te imponeer nie. Die groot stalle en pragtige perde het die grootste indruk op hom gemaak. En tog sou hy sy doel bereik: in 1884 was Transvaal deur sy toedoen weer algeheel onafhanklik.[15]

Genl. Botha self, kan ons aflei uit sy voorgenoemde skrywe aan pres. Steyn, was nie begerig om op dié vroeë stadium in sy loopbaan as Eerste minister die Premierskonferensie in Londen te gaan bywoon nie. Sy kollegas in die kabinet het hom egter oorreed:

> "... the main object to let him go is to get money for a landbank",

het Steyn aan Merriman verseker.[16]

Soos bekend, het Botha dit op 11 Maart tydens die onthaal vir die kabinet in Pretoria wêreldkundig gemaak dat hy hom die uitnodiging na Londen laat welgeval het. Dit alleen was al van betekenis aangesien sekere finansiële en partypolitieke gevolge uit die konferensie sou spruit. Van verreikende betekenis was die feit dat die reaksie in Suid-Afrika wat gevolg het op Botha se aankondiging dat hy die konferensie gaan bywoon, aangetoon het dat daar twee duidelike strominge heers oor die wenslikheid al dan nie van so 'n stap. Daar was nl. dié politici en daardie persorgane wat Botha se voorneme hartlik verwelkom het. Enkele leiers en sekere koerante het sy plan veroordeel en dit selfs as dwaas bestempel. Trouens, Botha se toespraak tydens die onthaal in Pretoria het al skerp veroordeling uitgelok. Toe al het 'n korrespondent uit Holland aan „Land en Volk" geskryf dat Botha se tafelrede, in vergelyking met die taaiheid van die Boere se nasionale gevoel en hulle weergalose dissipline, alles behalwe 'n fris indruk maak; selfs in Engeland is soveel dankbaarheid en wierook aan John Bull in vele kringe as onmanlik beskou en Boerevriende in Holland het hulle nie kon weerhou om hulle weersin daaroor te lug nie.

> „Er was in die rede een overbuigen naar de Engelse kant, dat de kniebuiging naderde,"

het hulle gesê. 'n Man soos De Wet sou nooit so kon spreek nie.

> „Men mist in die rede tot op zekere hoogte de waardigheid van de overwonnen held,"

en

---

15) Kruger: Paul Kruger in Londen (Die Huisgenoot, 8.10.1956)
16) Merriman Papers, no.39, 16.4.1907.

en dit het gelyk of diegene wat voor die oorlog teen Kruger gestem het, se haan nou koning kraai![17] Dieselfde verskil van mening in Suid-Afrika het geheers omtrent die generaal se doen en late in Engeland en oor die reaksie wat dit ontlok in die Britse pers. Op die verdere verloop van die politieke gebeure in Suid-Afrika het hierdie tweeledige interpretasie, wat geheg was aan 'n hoë amptelike besoek van 'n Boeregeneraal aan Londen, diep spore nagelaat veral omdat die mening van diegene wat daarmee verskil het, nie te versmaai was nie.

Die Pers in Suid-Afrika oor Botha se Bywoning van die Imperiale Konferensie:

Vir genl. Botha moes dit 'n riem onder die hart gewees het om te verneem dat van die mees Progressiewe persorgane sy besluit verwelkom het. Koerante soos die „Star", die „Transvaal Leader" en die „Cape Times" het gewag gemaak van die goeie indruk wat sy versoenende toesprake reeds gelaat het, en die oortuiging is uitgespreek dat sy besoek aan Engeland en die versekering wat hy gegee het om die hele bevolking te verteenwoordig, sy goeie bedoelings sal aksentueer.[18] Die „South African News", die anti-Jameson-blad van die Kaap, het 'n besondere waarde geknoop aan Botha se bywoning van die konferensie. Dr. Jameson, het die blad naamlik aangevoer,

> "... has not the confidence of the people and ... his party does not command a majority of the electorate. Moreover, he is not a South African as sir Wilfred Laurier is a Canadian or mr. Deakin an Australian. His real home is England ... He is out of touch with the real life of South Africa and he misunderstands and derides the national sentiment of the country ... For these good reasons we are glad that genl. Botha is going to the Conference. He is a South African who will speak with the robust voice of South Africa, whereas dr. Jameson is more likely to speak with the voice of South African stockholders."[19]

„Ons Land" (die Bondsorgaan) het nog verder gegaan: Botha gaan na Engeland as Afrikaner en as mondstuk van sy mede-Afrikaners. Aller oë is op hom gevestig. Hy gaan om die Engelse volk te toon dat die Britse gesag veilig is in die hande van die Boere; dat lg. met hulle wil saamwerk om in Suid-Afrika volkome vryheid onder die Britse vlag te geniet.[20]

Die ontvangs wat Botha in Engeland ontvang het, was eenvoudig verweldigend en die entoesiasme waarmee hy begroet is, was soos wanneer een van die lede van die koninklike

gesin/.....

---

17) Land en Volk (oorgeneem in Bloemfontein Avond Post, 16.4.'07).
18) The Star, 25.3.1907; The Cape Times (oorgeneem deur die Star, 28.3.1907); The Transvaal Leader, 15.4.1907.
19) The South African News, 12.3.1907.
20) Ons Land, 28.3.1907.

gesin terugkeer van 'n lang toer. Die „Natal Mercury", (wat 'n maand tevore 'n bitsige aanval op Botha geloods het omdat hy net Hollands gebruik en verklaar het dat as hy dit ook in Engeland sou waag, dit behalwe onbeskoftheid ook 'n bewys sal wees dat die ou rassehaat van die Boere nog fel in hom woed[21]) het nou geskryf dat die Transvaalse premier, net soos maarskalk Soult as verteenwoordiger van Frankryk tydens die kroning van koningin Victoria, die held van die dag was. Bowe-al staan hy voor 'n pragtige geleentheid:

> "Mr. Botha has in front of him opportunities that no other South African statesman has ever had of doing great and lasting work in the union of the two dominant races, and as he makes good or indifferent use of them, so will his future record be made and inscribed in the pages of history."[22])

Sy toespraak, pas na sy aankoms, waarin hy die Britte verseker van die Boere se vriendskap, van hulle dankbaarheid oor die toekenning van selfregering aan Transvaal, van sy voorgenome beleid van konsiliasie en dat die Britse vlag veilig is in die hande van die Transvaalse Regering, is met nog groter toejuiging begroet.

> "The speech not only breathes loyalty, but a spirit of practical and constructive Imperialism",

was die „Times" se woorde wat deur die „Transvaal Leader" oorgeneem is.[23]) Ook sy dogter, Helena Botha, het baie aandag geniet en die „charming Miss. Botha" was spoedig alom bekend as die „Princess Alice of South Africa."[24]) Vir Haldane, die Britse Minister van verdediging, was Botha

> "a new and very great general, whom the General Staff and himself would be pleased to consult in matters concerning the defence of the Empire."[25])

Groter as ooit tevore was die publieke belangstelling in die verrigtinge van die Imperiale konferensie

> "... and we have no doubt that this is due in a large measure to the romance associated with the presence of the Boer General in the counsels of the British empire,"

het die „South African News" besluit.[26])

Sedert die vrede het Transvaal in al groter mate vir Engeland die stert geword wat die hond geswaai het, het „De Volkstem" geskryf, en juis omdat die Imperiale Regering met toenemende besorgdheid gevoel het hoe die nuwe verowerde Kolonie 'n nagmerrie vir die Engelse politici geword het, is genl. Botha nou die reddende engel van die Ryksregering aangesien hy hulle

ontlas/....

---

21) The Natal Mercury, 16.3.1907.
22) Ibid. 15.4.1907.
23) The Transvaal Leader, 18.4.1907.
24) Ibid. 17 en 20.4.1907.
25) The Star, 17.4.1907.
26) The South African News, 16.4.1907.

ontlas het van menige gevaar om Transvaal volgens 'n gesonde beleid te administreer. Die gevoel van trou waaraan Botha dus in Engeland uiting gee, word alom in Transvaal gedeel.[27]

Die Liberale owerheid wou homself graag in die oë van die wêreld regverdig vir hulle beleid van selfregering aan die verowerde kolonies en teen die tyd het hulle Botha geken as die man wat dit die beste sou kon verkondig. Daarom word daar 'n eetmaal aangebied in die historiese Eighty Club wat sy ontstaan te danke gehad het aan Gladstone se seëpraal met die eleksie van 1880 en waarna 'n regering saamgestel is wat Transvaal se onafhanklikheid weer erken het. Ook nou moes die Eighty Club dien as die georganiseerde herinnering aan die beleid van vryheid aan die Boere. En onwillekeurig dink 'n mens terug aan die stugge Kruger wat hom deur al die skitter en praal en lof nie laat beïnvloed het nie. Maar genl. Botha het anders gereageer: dit spyt hom, het hy gesê,

> „dat ik uwe schone taal niet voldoende meester ben om er rechtstreeks myn hartgrondige dank in te kunnen uitdrukken"

vir die vertroue wat die Imperiale Regering in die Boere gestel het deur selfbestuur aan hulle te gee; hierdie vertroue is die beste saad wat nog in Suid-Afrika gesaai is en die oes sal wees die vereniging van Suid-Afrika waardeur hierdie glorieryke Empire versterk kan word. Hy bring slegs een boodskap van Transvaal en dit is dat Transvaal die samewerking met, die eenheid van en liefde vir die ryk wil versterk.[28]

Die Engelse pers in Suid-Afrika het na woorde gesoek om hulle lofuitinge oor Botha in te klee. „Botha the Imperialist" „Botha's Great Speech", „Botha, the popular idol of the hour in London", het dit gelui, en kolomme is vol geskryf oor sy toespraak.

> "Never within living memory has a speech at any banquet been so punctuated by great outbursts of cheering. Twice did the audience rise to its feet cheering the orator to the very echo. From start to finish the speech breathed a spirit of loyalty and devotion to the British flag."

En as dit ooit sou blyk dat Botha gehuigel het, sal hy gebrandmerk wees „as the greatest sycophant and traitor of our time."[29]

Die „tremendous applause" en „wonderful demonstrations" was nog groter toe die Konferensie Imperiale verdedigingsake bespreek en Botha gesê het: Hy was 'n soldaat en het sy plig gedoen/...

---

27) De Volkstem, 17.4.1907.
28) Ibid. 17 en 20.4.1907; The Natal Mercury en The Natal Witness, 18.4.1907.
29) The Natal Witness; The Transvaal Leader en The Natal Mercury, 18.4.1907.

gedoen. Vandag is hy bereid om dieselfde plig te doen ter wille van die ryk. In Transvaal het hy reeds gesê: Laat Boer en Brit mekaar die hand reik oor die grafte van die dapperstes van die dapperes. Laat die bloed van die dapperes hulle in Suid-Afrika tot eenheid saamvoeg.[30]

„Botha lionised" - 'n 'Oorwinning vir Brittanje' se Doel met die Oorlog: Onder die opskrif: „The Lionising of Botha", het die „Star" melding gemaak van 'n hoofartikel in die „Cape Times" wat lui dat Botha se optrede in Engeland bewys het dat Groot Brittanje alles gewen het waarvoor hy in die oorlog geveg het, nl. die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag wat deur Boer en Engelsman gehandhaaf sal word teen vreemde indringers. Die Boeregeneraal weer, het ontdek dat hy so 'n unie kan aanvaar met al die voordele en nogtans die politieke, sosiale en godsdienstige tradisies van sy groot ras behou.

> "With honours thus divided, it is certainly not the Imperialist who has cause to grumble."[31]

Aan die magnate-verteenwoordigers in Londen het Botha die versekering gegee dat dit die doel van sy regering is om van die mynbedryf 'n groot sukses te maak omdat die voorspoed en welsyn van die hele Suid-Afrika daarvan afhang; die landboubevolking is nie van plan om onenigheid te soek met hulle beste mark nie; hulle wil die myne steun, meer myne laat open en saamwerk met die Engelssprekende industriële bevolking sodat hulle kan amalgameer ten einde van Suid-Afrika 'n groot uitvoerland te maak. Vir dr. Smartt, aartsimperialis en progressiewe Rhodes-dissipel in die Kaap, was hierdie versekeringe van Botha die begin van 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika terwyl die „Natal Mercury" beweer het dat hierdie verklaring van Botha net so wel dié van Milner of Chamberlain kon gewees het en die hoop is uitgespreek dat Engeland sal saamwerk met die Transvaalse Premier noudat hy streef om Milner se beleid uit te voer![32]*

Reaksie van die Pers in Engeland: Dit was egter die pers in Engeland wat net nie uitgeskryf kon raak oor Botha nie. Onder groot opskrifte soos „Patriotic Speech", „A Picturesque Premier," „Picturesque Scene", „Happy Speech by the Boer General", „General Botha's Fine Speech", is kolomme en/.....

---

30) The Star, 27.4.1907.
31) The Cape Times (oorgeneem deur The Star, 30.4.1907)
32) The Natal Mercury, 3.5.1907.

* In Transvaal het Smuts aan pres. Steyn geskryf: „Het schynt of genl. Botha een magnifiek onthaal te Londen heeft; ik verwacht dat hy goed werk voor ons in andere richtingen zal kunnen doen (Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 23.4.1907).

en nogmaals kolomme vól geskryf van lof en bewondering en eerbetoon. Almal was „... delighted with the General, but they were charmed with his daughter;" van al die premiers is hy „the most striking figure and most distinguished visitor;" sy aankoms was „the most picturesque feature of the Conference;" Botha is 'n „Loyal friend" omdat hy ander sprekers se woorde soos „God bless our King and Empire" en „Our King, our flag" met instemming begroet het. As al die Boere Botha se „soldierly straightforwardness" sou openbaar, sal daar 'n hoopvolle toekoms wees. „He is the great figure of the Conference". Dat Botha vyf jaar gelede een van Engeland se mees gedugte opponente was maar nou een van die premiers van 'n Britse Kolonie, kon nouliks oorbeklemtoon word, veral as hy homself beskou as „a son and a brother of our great British Empire". Op die talryke „banquets" en „luncheons" is ophef gemaak van „Miss. Helen Botha (who) bubbles with delightful enthusiasm over everything English". Dan weer is die volgende „picturesque gathering" as lord Roberts en sir George White vir genl. Botha ontmoet, maar onder die opskrif „Boer War Heroes Meet", bly Botha „the hero of the hour". 'n Ander koerant geniet dit weer om te skryf oor „the way with which genl. Botha cracks his sly little jokes in the Taal". Sy humor, sê hulle, is „dry, shrewd, and kindly, and probes rather than tickles...." maar die Engelse geniet dit „... especially ... when that tongue is the Taal and the ear of an English dinner party".

In Edinburg, die hoofstad van Skotland, is aan Botha en die ander koloniale premiers die ereburgerskap van die stad en eredoktorsgrade toegeken en by lg. geleentheid het die dekaan van die regsfakulteit, sir Ludovic Grant, gesê:

> "He (genl. Botha) confronts us no longer as a Boer patriot but as a loyal British subject".

In die Mei-uitgawe van die „Review of Reviews" is 'n groot foto van Botha geplaas met die byskrif: "General Botha: The Man of the Month" en by dié van sy dogter: "Miss Botha: Fair Daughter of a Brave General." Die tydskrif „Vanity Fair" van 25 Mei 1907 het geskryf:

> "It fell naturally to Botha as Commander-in-Chief to settle the terms of peace with Lord Kitchener. It is said that most of the concessions accorded by Lord Kitchener were granted to the charm and persuasiveness of Mrs. Botha." *

Weliswaar/.....

---

* Die Preller-versameling, Band 27(Vol.1), 28(Vol.2), 29(Vol.3), 30(Vol.4), 31(Vol.5). In hierdie volumes is talryke uitknipsels uit die Britse koerante oor Genl. Botha se besoek aan Engeland tydens die Imperiale Konferensie in April - Mei 1907.

Weliswaar kan gevra word watter aandeel genl. Botha, te midde van al die eerbewyse, geneem het aan die verrigtinge in Londen. En dadelik kan ons antwoord: nie 'n belangrike nie. Die mees gesaghebbende blad, die „Times" het geskryf:

> "Genl. Botha has been a very popular figure .... But his work was of a different kind from mr. Deakin's of Australia .... (Genl. Botha was) not only new to the premiership, but he represented a Colony which in its selfgoverning conditions has no history and could contribute no experience."[33]

Van die volk in Transvaal het Botha in elk geval geen opdrag ontvang ten opsigte van enige van die besprekingspunte nie. Slegs oor voorkeurhandel het hy 'n negatiewe verklaring gedoen. Oor die kwessie van 'n Appélhof vir al die aangrensende Kolonies in Suid-Afrika, was hy meer uitgesproke in die sin dat hy hom sterk uitgelaat het ten gunste daarvan aangesien dit samewerking sal bevorder wat as 'n belangrike stap in die rigting van Suid-Afrikaanse federasie sal dien.[34]

Die Konferensie 'n Mislukking - Botha behaal Sukses:

Die algemene mening was dat die konferensie 'n mislukking was. Die „Morning Post", „Daily News", „Pall Mall Gazette", en „Globe" het oor die konferensie geskryf as "... a failure from beginning to end"; "... the visible results of the Conference are ... a negative quantity ..."; die imperiale bande is geensins verstewig nie. Ook Jameson, Smartt en Deakin was teleurgesteld; die byeenkoms het volgens hulle geen konkrete resultate gelewer nie.[35]

Op die keper beskou het genl. Botha die grootste sukses behaal. In die eerste plek het hy sy vriendskapsbande met die Britse owerheid versterk; hy het kennis gemaak met groot leiers soos sir Wilfred Laurier van Kanada met wie hy intiem bevriend geraak het; hy het aan Milner en sy Unioniste geesgenote bewys dat die Boer vertrou kan word.[36] Maar vir Transvaal veral was Botha se besoek van besondere betekenis. Hy het in die eerste plek naamlik daarin geslaag om 'n lening van £5,000,000 van die Britse Regering te kry vir 'n Landbank en ander uitbreidingswerke in Transvaal.[37] Tweedens het Wet no. 2 van 1907 insake die Indiër-registrasie die koninklike goedkeuring ontvang ten spyte van 'n Indiërdeputasie wat Botha tydens sy besoek in Engeland kom lastig val het met hulle griewe om op dié manier die Britse owerheid

tot/.....

---

33) Preller-vers. no.31(5), "The Times" 17.5.1907.
34) Ons Land, 30.5.1907; De Volkstem, 1.5.1907.
35) Preller-vers. no.30(4): Uitknipsels uit Britse koerante van 15 en 16 Mei 1907.
36) Merriman Papers, no.50, Molteno aan Merriman, 27.5.1907.
37) The Transvaal Leader, 10.5.1907.

tot ander insigte te probeer beïnvloed het.[38] In die laaste plek het genl. Botha die geleentheid te baat geneem om die beleid van sy regering met betrekking tot die mynwese en handel duidelik te stel. Verteenwoordigers van die bankwese, handel en mynbelange het hom 'n onthaal aangebied en van dié kans het hy deeglik gebruik gemaak. Die twee rasse wat die verskillende belange verteenwoordig, het hy gesê, moet saamwerk en hy het die volste vertroue dat hy van die twee bevolkingsgroepe een hegte, verenigde en sterk ras sal maak. Hierdie ras moet hom beywer om die landbou sowel as die mynwese en die handel te bevorder. Sy regering sal toesien dat plaasvervangers verkry word vir alle Sjinese wat gerepatrieer word, en niks sal gedoen word wat die produksievermoë van die myne sal belemmer nie. Kapitaalbeleggers is baie welkom en hulle word versoek om hulle self te gaan oortuig van die groot moontlikhede vir veilige beleggings in Transvaal. Ongelukkig kon hy nie daarin slaag om die Liberale Regering te oorreed om die bestuur van Swaziland aan die regering van Transvaal oor te laat nie.[39]

Die vertrek van die Transvaalse premier uit Engeland is eweneens gekenmerk deur geesdrif. Skares Britte het op die stasie en die dokke saamgedrom

> "... and amidst a perfect hurricane of cheers, the shrieking of syrens, the clangour of ships' bells, and the waving of handkerchiefs, the Transvaal's Premier ended his memorable visit to Britain."[40]

<u>Genl. Botha terug in Suid-Afrika - Ontvangs:</u> Die maandlange stroom van eerbetoon en lof oor die Benjamin op die Imperiale premierskonferensie het in Suid-Afrika nog nie drooggeloop gehad nie. Toe hy teen die middel van Mei 1907 in Southampton aan boord gaan, het die „Bloemfontein Post" geskryf van die „Return of a Conquerer", en Botha se toesprake in Engeland bestempel as „models of good taste and good feeling." In Engeland het hy nou geleer "... that the Empire spells not slavery or subordination, but a wider liberty and a more gracious freedom."[41] Uit Durban het die „Natal Mercury" namens die stad Botha uitgenooi om daarheen te gaan om die gelukwense te ontvang vir die skitterende werk wat hy verrig het om die twee rasse in Suid-Afrika te verenig,

vir /.....

---

38) Eerste Minister (Tvl.) no.4, 9.5.1907: Elgin aan Selborne; Preller-vers. no.31(5) (The Times, 30.5.1907).
39) Preller-vers.no.29(3) (Morning Leader, 1.5.1907); nos. 28(2) en 30(4) (Morning Post, 10.5.1907).
40) The Transvaal Leader, 13.5.1907; The Tribune (in The Star, 13.5.1907).
41) The Bloemfontein Post, 14.5.1907.

vir sy vrywillige aanvaarding van die Britse burgerskap en sy hartlike toetrede tot die werksaamhede van die ryk.[42] Die „South African News" se lof was van 'n ander en oorspronkliker aard. Botha het baie te sê gehad oor die vlag, oor lojaliteit, eenheid ens., sê die blad, maar:/

> "... he has never given the least encouragement to jingoism ... He cordially accepts the liberal view of the Empire as a group of allied nations, but he does not mistake this for the very different view that all the nations of the Empire must have the nationalism of England or none at all..."

Botha was ook nie skaam om sy eie moedertaal te gebruik nie,

> "... despite all the ridicule and insults which have been heaped upon it."

Aan die Britse gehore het hy benadruk dat die Kolonies eerder susterstate as onderhorige en onselfstandige gebiede is.[43]

Invloedryke Progressiewe blaaie soos die „Cape Times", die „Cape Argus", die „Star" en die „Transvaal Leader" het, hoewel hulle nie openlik meegedoen het aan die lofuitinge nie, geen neerhalende kritiek teen die generaal gebesig nie.[44]

Vir „Ons Land" was Botha in Londen die verteenwoordiger van die hele gevestigde bevolking in Suid-Afrika; die orgaan het die premier geloof vir sy aandeel in die bevordering van nouere politieke eenheid deur sy steun aan 'n voorstel vir 'n appélhof vir al die Suid-Afrikaanse state, sy bydrae tot die aankweek van 'n gesonde, ruim, Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel en sy ywer in belang van Suid-Afrika en nie net vir Transvaal alleen nie.[45]

In Pretoria sou genl. Louis Botha 'n huldeblyk ontvang. 'n Album waar die naamtekeninge van reeds 25,000 Transvalers in verskyn het, is aan die geliefde en gewilde leier oorhandig. Origens het die ondertekenaars bygedra tot 'n fonds waaruit 'n lewensgroot skildery van die generaal* aangekoop en as aandenking aan hom aangebied sou word namens die duisende vriende wat meegehelp het om die huldeblyk moontlik te maak.[46] Aan die spits van die hele onderneming was die ‚volmaakte „gentleman"' en editeur van „De Volkstem", dr. Frans Vredenrijk Engelenburg.

<u>Die Keersy - 'n Betekenisvolle Faktor</u>: Dit is alleen natuurlik dat die hulde wat in Engeland sowel as in Suid-Afrika/...

---

42) The Natal Mercury, 13.5.1907.
43) The South African News, 14 en 29.5.1907.
44) The Transvaal Leader (oor Cape Times en Cape Argus) 30.5.1907; The Star, 30.5.1907.
45) Ons Land, 30.5.1907.
46) De Volkstem, 1.6.1907.
* Die skildery is deur die kunsskilder F.D. Oerder gemaak, terwyl die band van die album deur die Volkstem-drukkery geskenk is (De Volkstem, 26.6.1907.)

Suid-Afrika aan die held van Colenso toegebring is en die roem wat hy vir homself inge-oes het ook 'n keersy sou hê. Die bittere ironie in die spreuk van die wyse is alte waar: „Die wonde deur een wat liefhet, is betroubaar, maar die soene deur 'n vyand, is oorvloedig." Daar is gelukkig ook die troos: „Hy wat 'n mens teregwys, sal agterna meer guns vind as hy wat vlei."

'n Mens kan jou voorstel dàt Boere wat in groepies bymekaar gekom het, die een die ander gevra het of hulle Generaal nou darem nie te ver gaan nie - veral as hy te kenne gee dat hy namens hulle almal liefde en eer betoon aan die Engelse vlag en troon en dat hulle sal veg vir die Britse Ryk.

Aan sy gewildheid onder die sulkes, egter, het Botha se optrede in Brittanje nog geen afbreuk gedoen nie. As oorlogsheld, as bedelaar in Europa na die vrede en as grondlegger van die jeugdige maar lewenskragte Het Volk-beweging wat slegs drie maande tevore triomferend getree het uit die verkiesingstryd teen die ondergrawers van hulle dierbare Republiek, was Louis Botha hulle enigste en geliefde leier en was konsiliasie soos hy dit verkondig het vir hulle die towerspreuk wat sou lei na herstel en geluk. Dan het daar ook geen ander invloedryke leier na vore getree wat met 'n alternatiewe sienswyse Botha na die kroon gesteek het nie.

En tog - uit die Vrystaat, uit die Kaap, uit Transvaal self, uit Holland, uit Duitsland, uit Engeland selfs, het stemme opgegaan, het persone die wenkbroue saamgefrons, is die twyfel gedeel.

Die pittige John Xavier Merriman van die Kaapkolonie het daarmee begin - én Maartmaand al toe Botha aangekondig het dat hy die premierskonferensie gaan bywoon: „What do you think of Botha's speech?" vra hy betekenisvol aan Steyn, en gaan ewe betekenisvol voort:

> "When one's enemies conspire to praise one for moderation, I have misgivings. ... how odd it is that surpassing courage in the field is not always synonymous with the moral courage that can take a line and stick to it ... Happy those who like yourself know how a e q u a m s e r v a r e m e n t e m r e b u s i n a r d u i s.* I confess that I view with much apprehension this visit of Botha to the London Conference where every sort of inconvenient topic will be handled in debating society fashion mixed up with a good deal of warm gush and exuberant outpouring of the stuff they call loyalty/.....

---

* Om in moeilike sake ewewigtige oordeel te handhaaf.

> loyalty .... if he adopts a strictly non-committal line all will be well, but I have my doubts when I read his rather gushing utterances at the banquet. Probably you are the only person of sufficient weight with him to put this matter before him."[47]

Genl. Botha het die president van die Vrystaat geraadpleeg en lg. het hom duidelik laat verstaan dat daar baie redes is waarom hy nie moet gaan nie. Maar ons weet hoe Botha se kollegas hom oorgehaal het om die konferensie te gaan bywoon. Steyn was teleurgesteld. "I am sorry he went to London. No good will come out of it for us." Ook stem hy saam met Merriman dat Botha met sy lojaliteitsbetuiginge die pap gans te dik aangemaak het.[48]

Nie in Jameson van die Kaap of in Moor van Natal nie het Merriman as patriotiese Suid-Afrikaner vertroue gehad dat hulle die belange van Suid-Afrika doeltreffend sal kan verdedig op die Konferensie. As 'n bekwamer staatsman soos bv. Steyn of Henry de Villiers of Hofmeyr of Smuts ook kon gaan, sou hy geruster gevoel het, maar nou is dit Botha wat hy as veldheer respekteer dog nie as staatsman nie en ook teenoor prof. Goldwin Smith lug hy sy twyfel

> "... I question the wisdom of (Botha's) going off to this Conference without having any true grip of the political system under the new order of things. I can see that a great deal of mischief may come out of this meeting."[49]

Die oorstelpende ophemeling wat die Transvaalse Premier van die Britte en hul pers ontvang het, het Merriman in sy oortuiging gesterk dat pres. Steyn, as hy gesond was, die aangewese leier in die Suid-Afrikaanse openbare lewe sou wees en nie Botha nie - 'n oortuiging, daarvan was hy seker, wat elke vriend van Suid-Afrika met hom deel.

> "The Botha boom transcends anything one could have looked for. There seems to me a sad lack of dignity on both sides for which however Botha cannot be blamed. Certainly on his transit through Capetown he was as modest and manly as Washington himself could have been",

het hy aan Steyn geskryf. En dan noem Merriman daardie magtige wapen van die Brit wat hy so subtiel kan gebruik om skynwaarhede en onbenullighede tot yslike groot gestaltes op te blaas, en onervare politici onder wanindrukke te bring, nl. sy pers.

"Of course/....

---

47) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 16.3.1907.
48) Merriman Papers, no.39, Steyn aan Merriman, 16.4.1907.
49) Ibid. no.28, 26.3.1907.

> "Of course in criticising Botha one must never forget that the imperial newspaper press that from the beginning has wrought such harm in South Africa has much to answer for in the sort of hysterical atmosphere with which it surrounds every subject - regardless of the harm that its idle ill-informed (reporters) may do."50)

'n Skerp aanval teen Botha na sy aankondiging dat hy die Londense premiersbyeenkoms gaan bywoon, het van die Bloemfonteinse „Avond Post" gekom. Volgens die blad sou genl. De Wet opgemerk het dat Botha dit behoort te bedag het dat 'n onreg gepleeg is toe alleen aan Transvaal, en nie ook aan die Oranjerivier-kolonie, selfregering verleen is. Onder dié omstandighede is lg. Kolonie nie in die geleentheid gestel om aan die konferensie deel te neem nie of om sy mening te lug omtrent deelname al dan nie. As daar werklik enige ‚deugdelike vriendskapsin' tussen die twee suster-kolonies bestaan het, sou die Transvaalse Eerste minister vooraf met die Vrystaatse voormanne gekonfereer het. In plaas daarvan, egter,

> „speelde men ginds wederom het zelfde speletje als tydens en bij het be-eindigen van de krijg"

waaraan die Oranje Vrystaat so broederlik deelgeneem en deur sy kranige houding die erepalm weggedra het. Opregte geneentheid en die nakoming van die eenmaal gegewe woord, het die „Avond Post" beweer, is geen eienskappe waarop Transvaal in die jongste verlede kan boog nie. Dit skyn of die ganse verlede vir die manne in die oor-Vaalse Kolonie met die mantel van vergetelheid bedek is. Die Vrystaat kan vry voor die ere-regbank en die publiek verskyn want ten opsigte van sy verlede het hy niks te vrees en hoef hy hom vir niks te skaam nie. De Wet het dus die volste reg gehad om te spreek en hy is reg as hy oordeel dat swye misdadig sou wees. Die vredestraktaat het geen verskil bepaal tussen die twee state nie en ook tot die kryg het hulle as eenheid toegetree. Dog „aan gene kant van de Vaal" is steeds die teenoorgestelde waar te neem - ook na die oorlog. En die kroon op die weinig eerbied afdwingende houding word gespan deur genl. Botha wat as Eerste minister van Transvaal sy land in Londen gaan verteenwoordig sonder 'n volledige mandaat van die volk - 'n mandaat wat net so onvolledig is as dié waarop hy gehandel het te Vereeniging. Tydens die oorlog het genoeg gebeur tussen Transvaal en sy eerlike en troue bondgenoot om 'n geheel ander houding van die Transvalers te regverdig, dog dit is nie aan iedereen gegee om die volle betekenis te

begryp/.....

---

50) Steyn-Vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 20.4.1907.

begryp van eer en belofte nie en waar dit eenmaal misken is, kan moeilik iets anders verwag word as wat tans besig is om af te speel. Die konferensie is nie belê as gevolg van die uitdruklike wens van die Koloniale regerings nie en die tyd sal wel leer of die Afrikanerdom veel rede het om te juig oor die besluit van die Transvaalse premier om dit by te woon, het die „Avond Post" geskryf.[51)]

Pres. Steyn het dus nie alleen gestaan in die Vrystaat waar hy sy spyt te kenne gegee het oor Botha se deelname aan die Konferensie nie. Die „Avond Post" het saamgestem en het ongetwyfeld namens baie lesers gepraat. Een van hulle was De Wet en hy het openlik sy vrees uitgespreek oor die invloed wat die ‚dinees, dinees en al meer dinees' in Engeland op sy premier-landgenoot mag hê.

Was dit 'n onverwagse openbaring toe Steyn en De Wet se geledere spoedig versterk is deur nog 'n Afrikaner ..... Hertzog? Sekerlik nie; immers, tydens die oorlog al was die president, die generaal en die regter 'n sonderlinge maar hegte driemanskap. Genl. Hertzog het niks gesê oor genl. Botha se besoek aan Engeland of oor sy baie toesprake oor versoening en lojaliteit en dankbaarheid teenoor Brittanje vir die „guns van selfregering" nie. Maar wat sy woorde so swanger van betekenis gemaak het, was dat dit dit onmiddellik geleen het tot 'n vergelyking met Botha se uitlatinge in Engeland en die Engelse pers was gou om dit raak te sien. In die tweede plek het Hertzog hiermee aangedui wat sý eerlike sienswyse is omtrent 'n kardinale aangeleentheid en vyf jaar later sou hy hierop sy politieke toekoms voortbou.
Te Frankfort het Hertzog nl. verklaar:

> Hy het nie daardie liefde vir die Britse ryk of vir die Britse vloot wat sy Engelse vriende graag verwag dat hy moet hê nie.[52)]

Die wiel was dus stadig aan die rol en die belangrikheid daarvan was dat invloedryke persone daaraan deel gehad het. Botha was natuurlik onbewus hiervan anders sou hy moontlik versigtiger gewees het in sy woordkeuse. Die diplomaties georganiseerde en indrukwekkende feesmaal in die Eighty Club het hom sekerlik beïndruk; vandaar sy lofsang oor die ryk. In Suid-Afrika het dit net die wiel vinniger aan die rol gesit. De Wet se vrees dat die rojale onthaal sou veroorsaak dat die Transvaalse premier sy ewewig sou verloor, is verwerklik, het die blad, „Goede Hoop" geskryf en verder verklaar dat die gewese dappere Kommandant-generaal van Transvaal reeds 'n boel dinge gesê het wat pres. Steyn, genl. De la Rey of

genl./....

51) Die Bloemfontein Avond Post, 19.3.1907.
52) The Bloemfontein Post, 1.5.1907.

genl. De Wet as selfvernederend sou geag het. Die „Goede Hoop" vaar heftig uit teen Botha omdat hy tydens die onthaal in sulke „uitbundige taal" durf spreek het oor die liefde wat die volk van Transvaal dan vir Engeland sou gekry het en omdat hy dit gewaag het van 'n „glorieryke ryk". As daar gedink word aan die verwoesting en dood wat Brittanje meegebring het, sê die blad, ‚dan gevoel ons waarlik nie dat „glorieryk" 'n toepaslike adjektief is vir die Britse Ryk nie.' Al sou genl. Botha na die oorlog 'n doodstil lewe gelei het, sy naam as patriot en krygsman sou onvergeetlik gebly het. Wat sou dit jammer wees, skryf die „Goede Hoop" ten slotte, indien hy aan die beroemde naam gaan afbreuk doen deur 'n oormaat van wat hy waarskynlik diplomasie noem.[53]

Tot in suidwes Kaapland het stemme opgegaan oor die gebeure in Londen. Uit Oudtshoorn het „Het Zuid-Westen" nl. geskryf:

> „Waarvoor van de beginne af door ons met nadruk werd gewaarschuwd, hoewel wij toen een roepende in de woestijn waren, is alreeds begonnen. De poppies beginnen aan alle kanten te dansen."[54]

Net soos Steyn het ook Leyds in Holland geweet dat Botha geen ervare politikus is nie. Die president se raad dat dit onwenslik is dat Botha die premierskonferensie bywoon, het lg. nie gevolg nie, maar hy sou nie kon beweer dat hy nie gewaarsku is nie. Toe hy op 15 April in Engeland aankom, het Leyds aan hom geskryf:

> „Het is een moeilijke taak die gij nu in Engeland te vervullen hebt. En de geheele wereld vraagt zich af: ‚hoe zal hij er zich onder houden?' Dat is zeker: iedereen, het Engelsche incluis, zal u er te hooger om achten naarmate gij u te onafhankelijker toont van alle eerbetoon. Zoo zal u, staat in de krant, door de Universiteit van Edinburg eene doctoraat worden aangeboden. Nu, wanneer dat zou geschieden door een Britsche universiteit die tegen den oorlog geweest is, dan kan daartegen geen bezwaar bestaan. Maar Edinburg heeft dat doctoraat ook verleend aan dr. Jameson, bij monde van sir Ludovic Grant. .... Het kan voor u slechts een beleediging, een vernedering zijn, door dien man te worden toegesproken."[55]

Konsiliasie, samewerking en dankbaarheid vir die „gift of Responsible Government" was egter al wat op dié stadium vir Botha waarde gehad het. Hy was die slagoffer van die subtiele nawerking van die vleitaal en vriendelikheid van die Britse pers en publiek. Vriende van Suid-Afrika het onrustig

begin/.....

---

53) Goede Hoop (oorgeneem deur die „Bloemfontein Post", 8.5.'07
54) Het Zuid Westen (oorgeneem deur die Bloemfontein Post, 8.5.1907).
55) L.A.254(1), 15.4.1907. Dr. Leyds het genl. Botha ook gewaarsku teen beriggewers van sekere Hollandse koerante. (L.A. 236, p.87, 12.4.1907).

begin raak. So bv. skryf H.J. Meerkamp van Embden (voorsitter van die Rotterdamse Nederlands Suid-Afrikaanse Vereniging) aan pres. Steyn:

> „Menigeen maak zich bezorgd over genl. Botha en vreest dat al de vleijerijen en vriendelijkheden waarmee men hem in Engeland overlaaid, hem in een dubbelzinnige positie zullen plaatzen."

Genl. Botha het tog seker nog nie die „ware aard van het Engelsche volk" vergeet nie, sê hy.[56]

So alles oorheersend was die gulle ontvangs wat Botha in Londen geniet het en so byna ongelooflik gunstig die perskommentaar oor sy vriendelike redevoerings, dat niemand verwag het dat daar van Engelse kant 'n teenoorgestelde gesindheid kon wees nie. En tog wás daar - skynbaar betekenisloos, maar tog. Aan een van die Suid-Afrikaanse nuusblaaie het 'n Londense korrespondent gekabel dat die generaal se herhaalde uitinge van lojaliteit aan die Empire in sommige kringe beskou word as „unbecomingly frothy" en dit vergelyk ongunstig met die waardiger patriotisme van die verteenwoordigers van die ander Kolonies.[57]

Onder die opskrif „Loyal Botha" het die „Transvaal Leader" 'n berig uit 'n Berlynse blad geplaas waarin daar ook van Duitse kant 'n aanval op die Premier van Transvaal gedoen word. Die blad beskuldig hom van snode ondankbaarheid teenoor Duitsland en kla oor sy onophoudelike gepraat oor die glorie van die ‚Engelse vaderland'; die konferensie moes hy nooit bygewoon het nie want dit is veel eerder dekoratief as eg.[58]

As genl. Botha gereken het dat die toekenning van verantwoordelike bestuur deur die Britse owerheid aan Transvaal by die Boere 'n liefde vir die Engelse gekweek het, of 'n besondere dankbaarheid dat hulle republikeinse vryheid verruil is vir selfbestuur onder die Britse vlag, of dat hulle die konsiliasie-idee heelhuids gaan insluk, dan het hy die bal ver misgeslaan. Die tragiek was dat hy nie ingesien het nie dat die voorwaardes wat die Brit gestel het vir die geslaagde werking van konsiliasie veelal die Boer juis daarvan vervreem het. Uit Holland het mev. Corrie Reitz, eggenote van oud-president F.W. Reitz van die Vrystaatse Republiek, aan dr. H.P.N. Muller in die Oranjerivierkolonie geskryf: Die gees het in die laaste jare verander, maar:

„Een ding/....

---

56) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 24.4.1907.
57) The Cape Times (oorgeneem deur The Star, 30.4.1907)
58) The Transvaal Leader, 29.4.1907. (n.a.v. berig in Berlynse nuusblad).

> "Een ding is echter zeker, liefde voor de Engelschen bestaat er geen iota en alles mag nog beter gaan dan nu soms lijkt. Ik probeer hard mij niet te zeer te verergeren aan de mooie praatjes van Botha en Smuts. Men sou soms bijna vragen of zij twee gewetens met zich ronddragen. ... Men heeft hier behoefte aan mannen die niet zoo gemakkelijk omdraaien ter wille van de smeer."[59]

Die gevoel van verontwaardiging oor en selfs teleurstelling in genl. Botha se on-Afrikaanse optrede in Engeland was dus nie beperk tot persone sonder aansien, en dit het nie gekom uit net een of twee oorde nie, en hoewel die stroom van 'n anti-Botha-gevoel nog geensins breed gevloei het, was dit nietemin betekenisvol, veral toe ook stemme uit Transvaal tot die koor toegevoeg is.

In sy oor-ywer om sy lojaliteit en toegeneentheid teenoor die Britse koning, vlag en ryk te betuig, het Botha uit die oog verloor dat hy as Eerste minister van Transvaal nie net Engelssprekendes en 'n minderheid nie-konserwatiewe Afrikaners verteenwoordig nie, maar ook 'n meerderheid tradisioneel christelik nasionaalgesinde Boere wat 'n gesonde, ortodokse lewensbeskouing gehuldig het. Trouens, sy eie posisie as leier van Het Volk en as premier van dié Kolonie het hy te danke gehad aan hierdie lg. meerderheidsgroep. Van nog groter belang was dat hierdie groep sterk vertroue gehad het in hulle geestelike en opvoedkundige leiers wat vóór die politici leiding gegee het na die oorlog.

Een van hierdie leiers was ds. A.J. Louw van Heidelberg wat besondere sukses behaal het met die stigting en instandhouding van groot en invloedryke C.N.O.-skole. Almal het hom geëer vir sy onverdeelde patriotisme en die rondborstige wyse waarop hy as kampvegter vir die Afrikaner se christelike nasionale beginsels geywer het. Vleitaal en femelary het hy nie geken nie.* Op 6 Mei 1907 skryf hy aan pres. Steyn:

> "Ja, President, de plumpuddings van de rooies in Londen hebben my ook al wat zorg en kommer verschaft. Maar ons vertrouwen is toch nog al te sterk, dat onze voormannen voet by stuk zullen houden en dat onder al die mooie praatjes en toegejuichte speeches, het hart nog even warm en teer voor Volk en Vaderland zal blyven kloppen. Zoo wij hierin ook teleurgesteld moeten worden - wel dan - ikabod!"[60]

Genl. Botha was ongetwyfeld eerlik in sy bedoelinge. Vyf jaar was al verby sedert die oorlog beëindig is en nog was talle Boere in ellende en armoede gedompel. Plase was verlate/....

---

59) H.P.N. Muller-vers. no.60, 26.6.1907.
60) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 6.5.1907.

* Die huidige voorraanstaande Heidelbergse Volkskool met die bestaande kosgangergeriewe is grootliks die resultaat van ds. A.J. Louw se ywer vir C.N.-onderwys.

verlate want die middele om dit op te bou het nog ontbreek en so het duisende Afrikaners nog in die dorpe en op die Rand in treurige toestande verkeer aangesien werk en geld vanweë die heersende depressie ontbreek het. In die generaal se warm Boerehart was daar ongetwyfeld meegevoel vir sy volk in nood. Geld was nodig om hulle op te hef en dié het hy van die Britse owerheid ontvang - 'n lening van £5 miljoen. Die verlening van selfbestuur, die gulle ontvangs in Engeland, die lening vir sy landbankskema, - dit alles het Botha oortuig dat die Liberale Regering dit ook goed bedoel met Suid-Afrika. Maar hy was nie genoeg politikus nie om te besef dat die Brit, Konserwatief of Liberaal, wesenlik imperialis was wat ook van die Boer eerstens liefde verwag vir alles wat Engels is en eers daarna kon patriotisme teenoor Suid-Afrika betuig word. Sy konsiliasieleer het die Engelssprekendes uit dié oogpunt beskou en omdat hy geen ervare kenner van die politiek was nie - veral die Britse politiek en diplomasie - het genl. Botha nie besef nie dat die imperialiste hom as instrument sou gebruik om die Afrikaner te versoen met die Britse heerskappy.

Nie uit eersug nie, nòg om hulde en lof te ontvang, nòg uit dwarskoppigheid het genl. Hertzog op hierdie vroeë tydstip na vore getree. Die toekoms sou leer dat dit tydig was.

Met Botha se terugkoms in Pretoria het die Vierkleur én die Union Jack langs mekaar in sy tuin gewapper en in sy huis is hy met „God save the King" begroet.[61]

Die Cullinan-diamant - „Gekristalliseerde Konsiliasie" en die Gevolge daarvan:

Die eerste sitting van Transvaal se eerste parlement onder selfbestuur het in die tweede helfte van Augustus 1907 ten einde geloop. Die wetgewende program van die nuwe bewind was noodsaaklikerwys meer voelend as ingrypend; nogtans is nie minder nie as sewe en dertig wetsontwerpe afgehandel. Die Eerste minister en sy Koloniale sekretaris wat so onvermoeid gewwer het om Transvaal van die Downingstraatbestuur te ontworstel kon nou met vreugde ervaar hoe die opdragte van die volk self landswet geword het. Vroeë in die jaar het Botha ondervind dat die Engelse in Brittanje hom op die hande gedra het om sy lojaliteitsbetuigings en hom bewierook het om sy verbroederingsbeleid tussen Boer en Engelsman waardeur eg. 'n getroue dienaar van die ryk sou word. Hierdie ydele, inhoudlose en te oorvloedige maar nogtans

effektiewe/.....

---

61) Spender, a.w. p.187.

effektiewe huldebetoon deur die oorsese Britte aan Botha het hom gevlei en dit vir hom moeilik gemaak om 'n terugtog te doen. Die Brit in Suid-Afrika het Botha se versoeningsleer verwelkom en hom geloof om sy onvoorwaardelike aanvaarding van die Britse vlag en Britse onderdaanskap maar daar was hier nie dieselfde rojale lof toeswaaiery nie. Inteendeel, hier waar die Engelssprekendes direk geraak sou word deur Botha se politieke beleid in die praktyk, het hy van die Premier gevorder dat hy sy vele mooi woorde-beloftes in aktiewe lojaliteit sal moet nakom. Hierdie wantrouigheid van die Suid-Afrikaanse Britte het die lig kwetsbare Botha ongelukkig gestem; hy sou so graag ook hulle vriendskap - sonder voorbehoud - wou wen. Die nie-kontensieuse wetgewing van 1907, soos o.a. die vir die Engelse gewilde Onderwyswet, was nie voldoende om hulle te oortuig van ware lojaliteit nie. Hy sou dus meer moes doen.

Op Donderdag, 26 Januarie 1905 om 5.30 nm. is wat bekend is as die Cullinan-diamant (die grootste en waardevolste van sy soort in die wêreld tot op daardie datum - ook wat graad en kwaliteit betref) deur ene Fred Wells in die Premiermyn ontdek. 60% van die waarde van die diamant het aan die Regering behoort en 40% daarvan aan die Premiermyn-maatskappy. Teen die middel van Augustus 1907 was daar nog geen koper vir die sonderlinge gesteente nie. Die enigste manier om dit verhandelbaar te maak sou wees om dit in kleiner dele op te sny, maar dit sou beteken dat nie alleen die hoë waarde nie dog ook die eienaardigheid daarvan onmiddellik verlore gaan.

Die eerste sitting van Transvaal se eerste parlement het teen hierdie dae ten einde geloop en nog was daar niks waarmee Botha sy aktiewe lojaliteit teenoor Brittanje kon bewys nie. Toe skiet 'n gedagte hom te binne en op 16 Augustus het hy kennis gegee dat hy op 19 Augustus die volgende twee voorstelle in die parlement sal indien:

> „Dat het Goevernement geautoriseerd worde de nodige stappen te nemen ten einde al de rechten te verkrijgen op wat bekend is als de „Cullinan Diamant", ... en de zelve, namens het volk van de Transvaal, Zijne Majesteit Koning Edward de Zevende, Zijne Erfgenamen en Opvolgers aan te bieden als een teken van de getrouwheid en gehechtheid, welke de Transvaalse volk voor Zijner Majesteits persoon en Troon gevoelt, - de steen in kwestie verreweg de meest waardevolle van zijn soort zijnde die ooit gedurende de geschiedenis van dic wereld is ontdekt en daarom bij uitstek geschikt zijnde om het schitterendste juweel in Zijner Majesteits Kroon te vormen."

Botha het die versekering gegee dat die Goewerneur die inhoud van die voorstel ter oorweging van die Vergadering aanbeveel. Die tweede voorstel het gelui:

„Dat Zijne/.....

„Dat Zijne Ekscellensie de Goeverneur per eerbiedig adres verzocht worde, door de Ed. Achtb. de Sekretaris van Staat voor de Koloniën aan Zijner Majesteits Imperiale Goevernment de dank en de waardering over te brengen van het volk van de Transvaal voor het verlenen van Verantwoordelik Goevernement, hetwelk het Zijne Majesteit goedgunstiglik behaagd heeft aan de Transvaal en de Oranje Rivier Kolonie te verlenen. Dit Huis spreekt zijn overtuiging uit dat deze gave, die de geest van vrijheid inhoudt, die de edelste tradisie is van het Britse Rijk, niet alleen de eendracht en tevredenheid in deze twee Kolonies zal bevorderen doch het volk van Zuid Afrika erin behulpzaam zal zijn, de wens naar nasionale eenheid te verwezenliken, en tegelijkertijd de banden, die Zuid-Afrika aan het Rijk verbinden, hechter te doen zijn."[62]

Oor die eerste voorstel het Botha twaalf dae lank onderhandelinge gevoer met die belangrikste leiers van die Opposisie met die doel om die eenparige steun van die hele Vergadering te kry vir die beoogde aanbieding aan die Britse koning. Teenstand het Botha nie ondervind nie. Hy skryf aan sir Francis Hoopwood:

„During all these negotiations they (die Opposisie - skr.) never cited any plausible reason against it. Although they entirely agreed with the proposal, they stated that the time was uopportune and when I asked why, they were unable to give an explanation."[63]

In die debat oor sy voorstel het Botha die standpunt van die Transvaalse Regering verder toegelig. Hy het gesê „de Staat is ... jaloers dat de beste en grootste diamant van de wereld in zijn bezit is." Dit moet dus nie opgesny word nie want dan sal die „eigenaardigheid" daarvan verlore gaan. Die beste uitweg is om dit aan „de Kroon van het Britse Rijk te geven, en om alzo die steen te bewaren voor nasionale doeleinden." Hy vertrou derhalwe dat die land eensgesind sal wees

„om deze gift aan te bieden met de uitdrukking van onze gevoelens van lojaliteit en toegenegenheid, die in Transvaal gekoesterd worden jegens de Kroon en jegens de persoon van Zijne Majesteit."

Hy versoek die Vergadering om die aangeleentheid nie te beskou as

„een zaak van ponden, shillings en pence, maar als een simbool van de groote idealen, waarvoor wij de grondslag willen leggen en waarnaar, zo ik hoop, in dit Huis ieder zal streven."

Die argument dat Transvaal (nog in die greep van die depresie) te arm is om 'n geskenk van £150,000 te bekostig, is s.i. ongegrond/....

---

62) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, p.2742.
63) Eerste Minister (Tvl.) 58: Korrespondensie met sir Francis Hopwood, 29.8.1907.

ongegrond. Die Staat moet buitendien jaarliks 'n groot som betaal vir die bewaring van die diamant in Engeland. Ook het die Premiermaatskappy ingewillig om vir sy aandeel slegs 'n nominale bedrag te aanvaar as die gesteente vir nasionale doeleindes gebruik word, nl. dat die Regering die eerste jaar niks sal betaal nie, en die aandeel daarna paaiementsgewyse oor 'n tydperk van vier jaar kan afbetaal. Dit sal nie die Begroting raak nie en

> „de armste van de armen zal niet voelen dat de Maatschappij voor haar aandeel wordt schadeloos gesteld."

Verder, het Botha betoog, beskou die Regering dit as „betamelik voor de witte bevolking deze steen aan te bieden als een gift aan Zijne Majesteit" want daar het vrede gekom in die land en hulle wil hê dat die twee rasse nie alleen sal werk vir hulle eie belang en hulle eie sak nie „maar om de bevolking op te wekken tot be-oging van grotere idealen dan zak patriotisme."

Ten slotte het Botha verseker dat hulle „geen bijoogmerken" het met die geskenk nie; Transvaal verloor nie sy regte deur die diamant aan Groter Brittanje te gee nie. Inteendeel

> „.... wij weten dat Transvaal als deel van Groter Brittanje een levendig aandeel behoudt daaraan. Daarom hoop ik, dat wij in deze zaak unaniem zullen wezen en daardoor de banden tussen ons en Engeland, nu reeds zo sterk, nog sterker zullen maken."

'n Luide applous het Botha te beurt geval toe hy daarop die mosie ten aanname voorstel.[64]

Die buitengewoon skerp kritiek wat Smuts vóór die verlening van selfbestuur aan Transvaal teen die Britse owerhede kwytgeraak het, het hy nou totaal vergeet en ter verdediging van Botha se voorstel het hy in die Transvaalse Hoërhuis verklaar:

> 'Daar bestaan 'n gevoel, 'n baie sterk gevoel van die kant van ons Hollandssprekende mede-onderdane dat ons op een of ander tasbare wyse ons toegeneentheid en gehegtheid aan die Britse Kroon behoort te toon. Soms is daar openlik en soms op 'n vae manier gesê: 'die leier hou seer fraaie toesprake en praat seer veel oor lojaliteit, maar wag tot hy op proef gestel word dan sal ons sien wat die woorde werd is.' Maar die onherstelbare onregverdighede van die verlede sal ons nie meer bespreek nie. Ons het veel van die Britse Kroon ontvang waarvoor ons dankbaar moet wees. Ons is gedurende hierdie laaste jare edelmoedig behandel. Miljoene ponde het uit die Britse skatkis in die land ingestroom en ons het vyf jaar na die oorlog een van die vryste Konstitusies in die Britse Ryk ontvang en die reg om onsself te regeer. Daarom het ons Hollandssprekende burgers - ons Boere - alle rede om dankbaar te wees vir die wyse waarop die edelste tradisies van die Britse Ryk aan ons hier in Transvaal gebring is.'

Hy/....

---

64) Debatten: Wetg.Verg. (Eerste Sitting) 1907 pp.2803-2806.

Hy versoek die lede van die Hoërhuis om hulle op 'n hoëre standpunt te plaas en te let op die

> ‚grotere en verenigde Suid-Afrika, en na die grote en magtige ryk waarna ons verlang en waarvoor ons werk en voel. Laat die gesteente dus 'n bewys wees van die diepe gevoel van dankbaarheid wat in die land heers.'[65]

In albei Huise van die parlement is die Botha-voorstel onverwags beveg deur die Progressiewe Opposisielede, wat aangevoer het dat die mosie van die Regering, ten gevolge van die heersende depressie en die swak finansiële posisie van Transvaal, ontydig en onregverdig is. Tog het H.L. Lindsay, 'n vooraanstaande lid van die Progressiewe Party en lid vir die kiesafdeling Troyville, die standpunt van sy leier, sir George Farrar, betreur. Ook die Nationals en die Arbeidersparty het die Botha-voorstel gesteun. Die Regering wou ten alle koste vermy dat daar 'n verdeling oor die mosie moes plaasvind, dog dit kon nie afgeweer word nie en toe daaroor gestem is, was 42 lede ten gunste daarvan en 19 daarteen. In die Hoërhuis is 'n mosie teen die Regering se voorstel met 7 stemme teen 5 verslaan.[66]

Die Persreaksie op Botha se Cullinan-diamant-voorstel: Vir die tweede maal in sy kort loopbaan as Premier van Transvaal het genl. Botha daarin geslaag om die regte hartsnare van die Britse pers oorsee aan te roer. Die een koerant wou die ander oortref in hulle hosannas aan die Transvaalse Premier. Die „Tribune" het gepraat van

> „Genl. Botha's graceful thought. This illustrates the spontaneous enthusiasm of the givers, which must appeal to the Mother Country."

Die „Daily Telegraph" het geskryf:

> „So magnificent a compliment, so precious in itself, so handsomely turned, so absolutely unlooked for, belongs to the great compliments of history."

Die blad het die hoop uitgespreek dat die diamant in die Britse kroon sal skitter as 'n simbool van 'n verenigde Suid-Afrika.

> „The proposal is a piece of high and generous statecraft, farglancing and illustrious, ... most interesting and most felicitous"

was die „Daily Chronicle" se kommentaar, terwyl die „Morning Leader" die aanbod bestempel het as

> „an unmistakable picturesque one." „Genl. Botha's proposal" het die ‚Financial News' geskryf,
>
> „is greatly to the credit of that far-seeing politician. People of all shades of politics at Home will agree

that/....

---

65) Debatten: Wetg. Raad (Eerste Sitting) 1907 pp.1093-1096.
66) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907 pp.2825-2826;
Debatten: Wetg. Raad (Eerste Sitting) 1907 p. 1107.

that the Crown is the proper destination for the unique gem."[67]

In Suid-Afrika het die ironiese toestand gevolg dat die instansies van wie Botha teenkanting kon verwag, hom egter getrou gesteun het terwyl daardie politieke verteenwoordigers aan wie Botha die bewys wou lewer dat hy sy konsiliasie-redevoerings ook in aktiewe lojaliteit kan gestand doen, hom nog nie sonder voorbehoud geglo het nie. „De Volkstem" het tot die eerste groep behoort:

„Een kompliment zóó vorstelik als dat het welk onze Opperheer gevraagd zal worden van het Transvaalse Volk te aanvaarden, behoort ongetwijfeld tot de zeldzaamste betuigingen van hoogachting, erkentelikheid en welwillendheid, die ook alleen tussen Volk en Vorst gewisseld kunnen worden. Op waardige wijze heeft genl. Botha dit volbracht, op't psychologiese juiste moment, en op de recht manier."[68]

Die Bloemfonteinse „Friend" het insgelyks die Cullinan-diamant-aanbod verwelkom as 'n mooi blyk van waardering vir die guns wat die Liberale Regering aan Transvaal betoon het.[69] Vir die „South African News" was dit heeltemal verstaanbaar hoekom Transvaal juis nou, aan die einde van die eerste sitting van die eerste parlement onder selfregering die geleentheid aangryp

„for expressing in tangible and visible form its appreciation of the priceless boon of self-government."

Die teenstand van die Progressiewe ondersteuners is maar net 'n toonbeeld van die gesindheid van diegene

„... who have no love for parliaments or for national self-government, who do not wish to see the old population pay a singularly graceful compliment to His Majesty, and who in their hearts repine at the disappearance of the old order when the people counted for nothing and nominees of an undemocratic Downing Street ruled."[70]

As getroue Progressiewe lyforgaan het die „Star" hom aan die kant van die Opposisie ("whose loyalty to the throne is at least as profound as Genl. Botha's") geskaar en onder die opskrif E t D o n a F e r e n t e s (En hulle wat die geskenke bring) sy verbasing te kenne gegee dat die Transvaalse Regering so 'n aanbod op dié stadium doen. Die koning se onderdane in Transvaal verkeer in die diepste dieptes van depressie en ellende. Die publieke finansies van die Kolonie toon 'n ernstige tekort. Die kabinet moes reeds 'n lening by die Imperiale Regering aangaan. Afdankings in elke vertakking van die Regeringsdiens vier hoogty.

Industrieë/.....

67) Oorgeneem deur The Star, 17.8.1907.
68) De Volkstem, 21.8.1907.
69) The Friend, 20.8.1907.
70) The South African News, 22.8.1907.

Industrieë staan stil. Daar is 'n ernstige werkloosheids-probleem. En nou, deur die „diabolical cleverness of the present proposal from the party point of view," word die ondankbare taak om die voorstel te opponeer aan die Progressiewe Party oorgelaat wat voor die alternatiewe staan...

> „.. of accepting a proposal which they know to be a monstrous injustice or of being branded with a desire to thwart an act of signal loyalty and devotion on the part of the latest subjects of the Crown. Loyalty, if it is worth the name, needs no parade...,"

het die blad aan die adres van Botha geskryf.[71]

Die idee om die edelsteen aan die koning te gee is 'n verstandige plan, het die „Bloemfontein Post" geskryf.

> „But the germs of ideas must be brought forth at the right moment or they ran the risk of being addled in process of incubation. It seems very much as if this is what is likely to happen in the present instance."

Dat 19 Opposisielede solied teen Botha se mosie gestem het, maak die voorstel suspisieus. Hulle was egter geregtig

> „... to oppose with all their strength a theatrical appeal to the half baked sentimentality which Mr. Botha's recent visit to England has enabled him to gauge with such extreme nicety."

En die koning?

> „... though being reported as being ‚gratified' at the design cannot fail to perceive the ghastly mockery that waits behind a courtly cloak,"

het die blad dit genadeloos ingevryf.[72]

In Pietermaritzburg het die „Natal Witness" toegegee dat die gedagte om die Cullinan-diamant aan die Britse Kroon te bied een van die interessantste voorstelle van die afgelope jare was, en Botha kon gelukwens word met die „happy thought" en ook met die besielende gees waarin dit gedoen word. Nogtans het die voorstel meer eer gedoen aan die harte as aan die hoofde van die verantwoordelike partye. Botha het baie gewen daardeur, sy diplomasie word bewonder en die idee word in teorie verwelkom, maar die tyd was nie ryp nie dat hy hom sulke weelde van sentiment kon veroorloof.[73]

In Durban het die „Natal Mercury" gewag gemaak van Botha se fyn vernuf om die onverwagte en die treffende te doen en die wêreld met oop mond in verwondering te hou; nie sonder sarkasme nie het die blad vervolg:

> „We can only envy a South African State which, in these days of general depression and budget deficits,

feels/...

71) The Star, 17.8.1907.
72) The Bloemfontein Post, 20.8.1907.
73) The Natal Witness, 21.8.1907.

> feels that it can afford to indulge in such costly courtesy. .... One pleasing aspect of the gift is that it may be regarded as a fresh pledge of Genl. Botha's personal sincerity in avowing fealty to the Power whose crown he desires to make more radiant."74)

Dit was nie sekere Engelse koerante in Suid-Afrika en die Progressiewe Party in Transvaal alleen wat skepties gestaan het teenoor Botha se „half baked sentimentality" soos dit geopenbaar is in sy mosie oor die Cullinan-diamant nie. Sou groot Suid-Afrikaanse leiers soos Steyn of Merriman, wat die Britse imperialisme met 'n afsku verfoei het wat dit verdien, ooit kon stilsit en so 'n voorstel soos dié van Botha oogluikend laat deurvoer? Sekerlik nie, - veral nie as dit die vyand rede gee om die spot te dryf met nasionale verteenwoordigers van Suid-Afrika nie. Daarom skryf Merriman, net 'n dag ná Botha sy mosie bekend gemaak het, aan Steyn:

> „Can you do nothing to get the Transvaal folk to re-consider their curious proposal to waste £150,000 in giving a diamond to the king. It has created such a bad impression. It looks like ‚the gifts of rich men, careless how they give', and I must say it has a smack of snobbery which, coming from the granter it does astounds me. Pray, excuse me for expressing my opinion on a delicate matter but I do so ardently wish the Transvaal Government well, they are so much a part of ourselves that I cannot fear to see them doing anything that makes ‚the enemy to blaspheme'."75)

Merriman se brief het Steyn bereik juis toe hy in Pretoria was maar „... too late however for me to do anything in the matter of the Cullinan diamond." Hy beskou die saak net soos Merriman maar herinner lg. daaraan dat Transvaal moeilikheid het met „high placed personages and that they must do everything in their power to keep in with the Empire Government". Hoewel hy die stap nie goedkeur nie, kan hy tog die motief verstaan wat die Transvaalse Regering daartoe beweeg het om die aanbod te maak.76)

Merriman was nou min of meer oortuig dat Steyn gelyk het maar, kenmerkend van sy fyn humorsin, skryf hy tog:

> „It looks like the citizens of a beleagured city who are sparing but throw loaves of bread over the wall to show how plentiful the supplies are."77)

Die feit dat Botha nie daarin kon slaag om sy mosie oor die bestemming van die Cullinan-diamant eenpariglik in die/.....

---

74) The Natal Mercury, 19.8.1907.
75) Steyn-vers. Ink.Briewe 156/1/4, 17.8.1907.
76) Merriman Papers, no.98, 11.9.1907.
77) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 22.9.1907.

die Parlement aangeneem te kry nie, het hom in 'n moeilike posisie geplaas. Uit Londen het Richard Solomon dit ook duidelik per telegram gestel:

> "..... that owing to resolution not being unanimously carried and that division on itself was practically a party one, His Majesty the King would be placed in a position of difficulty if offer of gift were now made."

Hy het daarom voorgestel dat daar in die resolusie vermeld moet word dat daar geen twyfel bestaan nie dat alle partye spoedig sal ooreenkom om die diamant as nasionale gif aan te bied en dat die bestaande besluit beskou kan word as 'n getuienis van lojaliteit van die kant van die koning se Afrikaanse onderdane in Transvaal en 'n uitdrukking van hulle dankbaarheid teenoor die koning vir die vergunning van selfbestuur aan die Kolonie.[78)]

Aan sir Francis Hopwood het Botha geskryf dat hy sowel as Selborne die absolute versekering kan gee dat nege uit tien Engelse in Transvaal heeltemal ten gunste van die Regering se voorstel is insake die Cullinan-diamant. Slegs 'n klein groepie jaloerse kapitaliste wat nie konsiliasie in die land wil verdra nie is daarteen. In 'n toespraak wat hy kort na die sitting op Standerton gehou het, het die hele groot vergadering hom gesteun in die besluit aangaande die voorgestelde skenking aan die koning.[79)]

Uiteindelik het die Transvaalse Regering 'n uitweg uit die impase gekry toe hulle op die gedagte gekom het om die gesteente op die koning se verjaarsdag - 9 November - aan hom te bied. Onderhandelinge is aangeknoop met die Britse Regering en op 10 Oktober het Solomon aan Botha getelegrafeer dat die Koloniale sekretaris die goewerneur in Transvaal verwittig het dat die koning die diamant sal aanneem as die aanbod gedoen word. Op 9 November 1907 het sir Richard Solomon namens die Transvaalse Regering die Cullinan-diamant aan Edward die Sewende oorhandig

> "...as a token of the loyalty and attachment of the people of the Transvaal to His Majesty's person and Throne, together with their hearty congratulations on his birthday and best wishes for a long, happy, and peaceful reign."

Namens die koning het die Koloniale sekretaris die Transvaalse kabinet bedank vir die goeie boodskap. Die diamant het hy aangeneem in die gees wat dit aangebied is en beloof:

"he will/...

---

78) Eerste Minister (Tvl.)1, Lêer: Korrespondensie re Cullinan-diamant.
79) Ibid. 58, Korresp. met sir Francis Hopwood, 29.8.1907; De Volkstem, 28.8.1907.

> „he will cause the great and unique diamond to be kept and preserved among the historic jewels which form the heirlooms of the Crown."[80]

Dit het £35,000 gekos om die edelgesteente te sny en die dele daarna te slyp en te set. En toe nòg die koning nòg die Britse Minister van Finansies bereidwillig was om die onkoste te betaal het die Transvaalse parlement die koste self gedek deur middel van die pos „Onvoorsiene uitgawes."[81]

Genl. Botha se tweede voorstel van 16 Augustus 1907, t.w. dat die Koloniale Sekretaris deur middel van die Goewerneur versoek word om aan die Imperiale Regering

> „de dank en de waardering over te brengen van het volk van de Transvaal voor het verlenen van Verantwoordelik Goevernement, hetwelk het Zijne Majesteit goedgunstiglik behaagd heeft aan de Transvaal en de Oranje Rivier Kolonie te verlenen ...",

is heelhartiglik deur die leier van die Opposisie gesteun en daarop sonder teenstem deur die hele Vergadering aangeneem.[82]

Gevolgtrekking: Nie deur sy „gekristalliseerde konsiliasiebeleid" nie, en ook nie deur die Imperiale owerhede te bedank het vir die sg. „goedgunstige" verlening van verantwoordelike bestuur aan die Kolonies, het Botha sy posisie as die apostel van samewerking tussen Boer en Brit verstewig nie. Die hele Cullinan-diamantaffêre het by baie van sy eie Boere-volgelinge die groeiende besef laat posvat dat Botha op die pad is om te verengels en dat hy ook die Afrikaner op die pad wil lei. Die aanbod en die boodskap daarby „... was carrying both brilliance and broadness to far,"[83] was hulle mening, en teenstand en suspisie het begin posvat. In 'n groot mate het die latente ontevredenheid wat deur die Cullinan-geskenk veroorsaak is, aansporing gegee tot die Nasionale beweging wat vyf jaar later so lewenskragtig op die voorgrond getree het.

Deur te praat van die „goedgunstige verlening van selfregering" aan die twee Kolonies, en van Britse edelmoedigheid en dat die Boere met weldade oorlaai is deur die Imperiale owerheid, het Botha hom op 'n nog glibberiger pad begeef, en kon die Engelse pers nog groter eise en waarborge van hom verder. Maar hy was al op 16 April 1907, pas na sy eerste openbare redevoering, deur die „Bloemfontein

Avond/.....

---

80) Eerste Minister (Tvl.) 1, Lêer:Korresp.re Cullinan-diamant.
81) Engelenburg, a.w. p.164.
82) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907 pp.2826-2829.
83) Levi, a.w. pp. 110-113; Engelenburg, a.w. pp.158-161.

Avond Post" daarop gewys dat die toekenning van 'n grondwet vir selfregering geen grootmoedige daad en ook geen bewys van vertroue in die beginsel van vryheid van Britse kant is nie. Selfbestuur aan Transvaal en Vrystaat was 'n belofte in die Verdrag van Vereeniging net soos die £3 miljoen vir hervestigingsdoeleindes 'n belofte was. Dit was 'n ooreenkoms tussen die Boere aan die een kant en die Engelse aan die ander kant. Botha het immers self geagiteer teen die Lyttelton-grondwet omdat dit nie was waar die Boere reg op gehad het nie. Die Verdrag van Vereeniging was 'n ooreenkoms van twee partye met wedersydse verbintenisse: die Boere het hulle verbind om die wapens neer te lê; die Engelse het hulle verbind om selfbestuur aan die vroeëre Republieke te gee. Om verbintenisse na te kom is geen edelmoedigheid nie. Bowendien het Engeland sy deel van die ooreenkoms maar half nagekom, want die grondwet is vol beperkinge sodat Transvaal (en die Vrystaat) in vergelyking met die Kaapkolonie slegs 'n skyn van selfbestuur toegeken is.[84]

In 'n brief van 26 Junie 1907 het ook mev. pres. Reitz aan dr. H.P.N. Muller geskryf:

> „Zelfbestuur was toegezegd by de overgawe zoodat er geen sprake kan zijn van ‚weergalooze edelmoedigheid.' Mijn man zei ook, toen ik hem zijn opinie hieromtrent vraag: ‚ik zie er niets zoo wonderlijks in, 't was ons immers beloofd'."[85]

In navolging van Botha en Smuts het verskeie persone in later jare verkondig dat die toekenning van selfbestuur aan die twee vroeëre Republieke vyf jaar na die verowering deur Brittanje „die skoonste en edelste daad van staatsmanskap in ons geskiedenis was". In Holland het dr. W.J. Leyds kwaai te velde getrek teen hierdie drogredenasies, en toe ene Philip R. Botha in 1921 dieselfde bewerings doen in die Nederlandse blad „De Toorts" het Leyds op 8 Februarie 1921 aan hom geskryf:

> „Ik wil u erop wysen dat de vraag of deze toekenning van selfregering al of niet schoon en edel was, niet mag gesteld worden. Men zou even goed kunnen strijden over de vraag of het goed en edel is een stuk brood te betalen, dat men in een winkel koopt.
>
> „Het toekennen van zelfregeering namelijk was een verplichting, die het Britsche Gouvernement bij het tractaat van Vereeniging op zich genomen had. Bij dat tractaat stemden de Boeren erin toe de wapenen neder te leggen, maar niet onvoorwaardelijk.

Zij/....

---

84) Bloemfontein Avond Post, 16.4.1907.
85) H.P.N. Muller-vers. 60, 26.6.1907.

Zij stelden condities die door het Britsche Gouvernement zijn aanvaard en tot die voorwaarde behoorde toekenning van zelfregering. De uitdrukking „schoon en edel" toe te passen op het houden van een gegeven woord, het vervullen van een verplichting, is belachelijk. Het is een bewys hoe men dingen scheef ziet, als men ze door een imperialistischen bril gaat bekijken. Neen, aan de Britsche regeering komt geen lof toe voor de verplichte toekenning van zelfbestuur. Integendeel moet blaam haar treffen omdat zij aan deze verplichting te laat heeft voldaan. Smuts weet dat goed en hij was indertijd, evenals Botha, sterk genoeg in zijn uitdrukkingen van afkeuring, toen hij indertyd als afgevaardigde der Boeren naar Londen ging om zelfbestuur te verkrijgen.

„Ik hoop dus dat men zal oppassen om zich door Smuts te laten verlokken op een verkeerd terrein en in twistgeschrijf over valschelijk gestelde vraagstukken. ... Ik wil hier nog aan toevoegen dat de toekenning van zelfbestuur het werk is geweest van één persoon: Campbell-Bannerman. Deze heeft het doorgedreven tegen het agiteeren van Milner e.a. in. Campbell-Bannerman was de eenige die inzag dat het fatsoen de toekenning eischte en alleen doordat hij dreigde met aftreding en een publiek schandaal, hebben de andere politici toegegeven. Ik weet dat als een feit. Zelfs Churchill heeft hij met moeite met zich medegesleept. Als dankbaarheid verschuldigd is, dan is het aan Campbell-Bannerman persoonlijk omdat hij de moed had fatsoenlijk te blijven te midden van een onfatsoenlijke bende."[86]

Ook aan prof. De Louter van Holland, wat 'n artikel oor Suid-Afrika die lig laat sien het, het Leyds op 7 November 1929 in dieselfde trant geskryf betreffende die selfbestuurkwessie en oor die traktaat van Vereeniging vervolg:

„Dit is en was geen vrèdèstraktaat. Het was slechts een overeenkomst waarbij de Boeren toestemden in het neerleggen van de wapenen op zekere voorwaarden."[87]

Sonder dat genl. Botha daar bewus van was, sou hy deur sy konsiliasie-gepredik, deur sy betuiginge van lojaliteit en deur die Britte op te hemel vir hulle sg. edelmoedigheid, geleidelik sy manelpante vasdraai en so self sy vryheid van optrede inperk waardeur die Britse openbare mening en pers al meer van hom kon vorder. En telkens sou hy moes toegee as hy sy liggeraaktheid wou behoed teen kritiek dat hy rassehaat aanwakker.

Op die lang duur was dit die Boer wat moes boet, want deur voortdurend die „vergewe en vergeet"-beroep op hóm te doen na al die leed wat deur die Engelse-oorlog meegebring is, het Botha veroorsaak dat die indruk posgevat het dat die Boere die aanvallende party was in die imperialistiese oorlog en nie die slagoffers nie.[88]

---

86) L.A. 219(2) 8.2.1921.
87) Ibid. 7.11.1929.
88) V.d. Heever en Lienaar, a.w. (I) p.108-109.

H O O F S T U K 5.

DIE ASIATE - VRAAGSTUK.

Beslissinge van Groot Betekenis vir Suid-Afrika wag op Finaliteit - Watter Leiding gaan Botha-regering gee?

Op verskillende geleenthede het die blanke inwoners in Suid-Afrika en hulle leiers sedert die vroegste jare al voor 'n tweesprong te staan gekom waar die beslissing na die een of ander kant van kardinale belang was vir die uitbouing van die beskawing, die behoud van die Hollandse stam en die handhawing van vryheid op suidelike punt van die Afrika-kontinent. Die besluit, in 1657, om aan die eerste nege Vryburgers eiendomsreg toe te staan, kenmerk die begin van 'n nuwe bedryf, die boerdery, en die ontstaan van 'n nuwe, unieke volk op aarde: die Boer van Afrika. Die Burgerpetisie van 1779 en die besluit van die inwoners van Graaff-Reinet en Swellendam in 1795 om die gesag van die Kompanjie af te skud, was die tenger begin van die demokratiese volksregeringstelsel en die republikeinse idee in Suid-Afrika. Die besluit in 1834 om te trek het beteken dat die vlam van vryheid nooit gedoof sal word en Boeretradisies en die Afrikaanse taal nie in vervreemding sal verdrink nie. Op 16 Desember 1838 is die blanke beskawing by Bloedrivier gered en op 16 Desember 1880 is die republikeinse gedagte by Paardekraal herbevestig. Die besluit van 11 Oktober 1899 het beteken dat die Afrikaner die smeltkroes moes deurgaan om van Tafelberg tot aan die Limpopo tot volkseenheid gelouter te word. Die stigting van organisasies soos die Afrikanerbond, Het Volk en die Orangia Unie was die begin van die Boer se deelname aan sy land se regering na-dat hy deur 'n vreemde moondheid daaruit gedwing is.

Rondom 1907 verower hierdie organisasies die bewind in die grootste deel van Suid-Afrika, en waar die voorgenoemde betekenisvolle beslissinge in die tydsbestek van twee en 'n halwe eeu geneem moes word, sou die bevolking en sy nuwe leiers binne die volgende vyf jaar voor ewe gewigtige tweespronge te staan kom, bv.

(i) Wat gaan seëvier, die beleid van oorlog en Britse imperiale oorheersing soos beliggaam deur Milner, Jameson en Chamberlain of die beleid van vrede en Suid-Afrikaanse patriotisme soos verpersoonlik in Steyn, Botha, Merriman, Hertzog, Smuts en Fischer?

(ii) Watter vorm sou die verenigde Suid-Afrika aanneem? Gaan dit 'n konfederasie wees soos Carnarvon dit wou, of 'n federasie soos Australië of 'n unie soos Engeland, Wallis en Skotland?

(iii)/....

(iii) Sou die beginsel van ongelykheid tussen blank en nie-blank, wat deur die Boererepublieke daargestel is as 'n fondamentsteen vir hulle blanke voortbestaan, nou onder die Brits-negrofilistiese idee wat in die Kaap sedert 1854 erken is, die algemene beleid in Suid-Afrika word, deur algemene stemreg aan blank en nie-blank toe te ken?

(iv) Watter posisie sou gegee word aan die Afrikaanse taal en die Afrikaanse beginsels wat deur die binnelandse Republieke van ondergang gered is en gehandhaaf en vertroetel is?

(v) Sou die protektorate onder Suid-Afrikaanse of Britse bestuur kom?

(vi) Sou Rhodesië ingesluit word by 'n toekomstige staatkundige eenheidstaat in Suidelike Afrika?

(vii) Moet Suid-Afrika toelaat dat sy veelrassige bevolkingstruktuur nog ingewikkelder gemaak word deur die Sjinees hier toe te laat? En wat van die Indiër?

(viii) Is die beleid van konsiliasie en die doel om die republikeinsgesinde Afrikaner en die monargistiese Brit saam te smelt tot een nasie onder lg. se vlag die aangewese weg om die eeu-oue botsings uit te stryk?

(ix) Watter plek sou daar in dié konstellasie wees vir leiers met eerbare oortuigings soos genls. Hertzog en Beyers vir wie die sedelike behoud van die Afrikaner sinoniem was met die handhawing van die Afrikaanse taal en vir wie tradisionele christelike beginsels, die eerbiediging van kulturele besit en nasietrots primêr was en versoening sekondêr?

(x) Drie Boeregeneraals het die politieke toneel betree en veral Smuts sou vroeg al verbysterende sukses behaal; al drie was bestem om voortaan, en vir 'n halfeeu lank, die Suid-Afrikaanse staatkunde te oorheers. Maar wie sou Engelssprekende Suid-Afrika lei en namens hulle praat? Of sou hulle daarin berus dat die plekke wat Rhodes, Milner en Jameson sonder veel eer vol gestaan het maar leeg bly, en toelaat dat gewillige Boerehelde hulle saamsleep na Suid-Afrika se eindbestemming?

In anno 1907, sê ons, het hierdie tiental vrae voor die bevolking van Suid-Afrika gestaan en voor 'n korte vyf jaar sou verstryk, moes hierop antwoorde verstrek word. Die beleid en die optrede van die Botha-regering in Transvaal van 1907-1910 sou in die meerderheid van hierdie gevalle rigtingduidend wees vir die finale beslissing.

Die Indiër-vraagstuk: Ten opsigte van een van hierdie kardinale punte het die Botha-regering nie op hom laat wag

nie/.....

nie; trouens een van die belangrikste redes waarom die parlement vir die kort sitting op 21 Maart byeengeroep is, was om aan die betrokke saak oorweging te gee, en dit was die netelige Indiër-vraagstuk.

Dit is algemeen bekend dat die Republikeinse Regering onder pres. Kruger Wet no. 3 van 1885 aangeneem het ten einde die instroming van die Indiërs in Transvaal te beheer, maar dat die praktiese toepassing van die wet grootliks bemoeilik is deur die onversadigbare heerssugtigheid van Groot Brittanje wat, na die sukses van die Boere in die Eerste Vryheidsoorlog, vasbeslote was om 'n saak teen die Republiek te hê en dus 'n gewillige oor gehad het vir die sg. griewe van die Asiate. Voortdurend het die Imperiale owerheid gevolglik namens die Indiërs allerhande eise aan die Regering van die Republiek gestel. 1)

Toe die oorlog uitbreek, het die meeste Indiërs uit Transvaal padgegee, maar die hysing van die Union Jack in Transvaal was vir hulle die blye teken dat hulle as Britse onderdane die gebied weer kan instroom en omdat Brittanje hulle saak teen die Republiek so gewilliglik verdedig het, het hulle nou verwag om billike behandeling te ontvang. Wettige en onwettige Indiërs het in [illegible] honderde nou na Transvaal verhuis, en om die toestand onrusbarender te maak het hulle, as 'n ras wat glo aan veelwywery, nie gekom (soos die skryfster Sarah Millin dit stel)

"... in the shape of princes and philosophers, but as coolies, waiters, hawkers and small tradesmen - to undercharge, undersell and underlive the Europeans." 2)

Vir Engeland se Oosterse onderdane het 'n onaangename verrassing gewag. Met die oog op Chamberlain se besoek aan Suid-Afrika, het Milner 'n lang Memorandum opgestel waarin hy e.g. daarop wys dat die bevolking eenparig is omtrent streng beperkings op Asiate-immigrasie en as daaraan nie voldoen word nie, is hy en Chamberlain self te blameer as die blanke bevolking op die vroeë stadium op selfregering aandring. Die eerste wet wat so 'n regering sal deurvoer, sal strenger beheer oor Indiër-immigrasie behels. Die saak het by die dag ernstiger geword want wettige en onwettige Asiate het ingestroom en die blanke bevolking het steeds rusteloser geword. Pas het die Kaap 'n baie streng wet gemaak om Indiër-

immigrasie/...

---

1) Cronje: Afrika sonder die Asiaat, pp. 15-21.
2) Millin, a.w. p. 236

immigrasie te beperk en dit is deur die Imperiale owerheid goedgekeur, het Milner in sy memorandum aan die Minister van Kolonies gesê. In Transvaal durf hulle die saak nie vertraag nie. 3)

Die gevolg was dat die Boerewette van krag gebly het en kragtens Goewermentskennisgewing no. 356 van 8 April 1903 is die Indiërs o.a. opnuut verplig om in elke dorp in bepaalde aparte gebiede te woon en handel te dryf en geen nuwe lisensies sou aan Asiate verleen word om elders as in lokasies handel te dryf nie. Lisensies was alleen geldig in die Kolonie waar dit uitgereik is, en dus nie oordraagbaar nie. 4)

Die Indiërs het opnuut begin met hulle klagtes, by die Transvaalse Administrasie sowel as by die regering in Engeland, en in 'n brief aan Lyttelton het sir M. Bhownaggree, 'n lid van Idiese afkoms in die Britse Laerhuis, aangevoer dat "..... the advent of British rule has left the Indian community in a worse position than under the Boer regime." 5)

Lawley stel Suid-Afrika se standpunt met betrekking tot kleur- en Indiër-vraagstuk:

In 'n lang en deeglike rapport van 13 April 1904, 6) waarin hy die beoogde nuwe maatreëls vir die beheer op Indiër-immigrasie uiteensit, het sir Arthur Lawley in sy hoedanigheid as Luitenant-goewerneur van Transvaal, deur Milner die Britse owerheid dit aan die verstand probeer bring dat hulle in aangeleenthede rakende nie-blankes, sekere historiese feite nie uit die oog moet verloor nie.

".... The history of South Africa (het hy geskryf) has been such as to set up an impassable barrier between the European and the coloured races. ..... In the mind of the average Colonial, and particularly of the Dutch, a man is either a 'white man' or a 'coloured man'..... Under the old Grondwet the line was distinctly drawn between coloured and white. It is there stated there shall be no equality between coloured and white and though in the eye of the law they are equal, there is not in this country one man in a hundred who would agree to recognise the coloured man as capable of admission to the same social standard as the white. ..... These sentiments ..... imbue the mind of every South African and find expression in the universal cry of 'A White Man's Country.' The result of any attempt to ignore them would be attended, I feel sure, with most deplorable results."

Vervolgens vra Lawley dat daar ook onthou moet word watter menings in die eerste helfte van die 19e eeu gehuldig is oor die kwessie van rasse-gelykheid, en wat sedertdien

plaasgevind/...

---

3) Headlam, a.w. pp.429-430, Memorandum, Milner en Chamberlain, 26.12.1902.
4) Cd. 2239, p. 42.
5) Ibid. p.21; Pyrah, a.w. pp. 98-99.
6) Cd. 2239, p. 33, Lawley aan Milner, 13.4.1904.

plaasgevind het. Plegtige beloftes is gedoen in 'n tydperk toe baie Britte nog nooit met gekleurde rasse te doen gehad het nie soos baie jare later. Toe is algemeen aanvaar dat alle rasse, ongeag afkoms of kleur, tot dieselfde beskawingspeil in staat is,

"..... and under this idea pledges were then made which the British Government has since struggled in the face of insuperable difficulties to carry out."

Ook wys Lawley die owerhede op die haglike posisie waarin Natal hom bevind as gevolg van die feitlik onbeheerde toegang wat die Indiërs as Britse onderdane tot daardie Kolonie het:

".....the moment one crosses the Transvaal border he loses the impression that he is travelling in an European country at all."

Die honderde Natalse kleinwinkel-besighede wat twintig jaar te vore oral deur die land nog so kenmerkend was, is totaal verdring deur die Asiate.

Die kwessie van klimaat moet ook in gedagte gehou word. Suid-Afrika het nie die voordeel soos Engeland wat deur sy kou klimaat gevrywaar word van Asiate-oorstroming of soos Indië wat deur sy buitengewoon hete klimaat gevrywaar word van Europese immigrasie nie. Die enigste wat hier prakties sal wees, is streng beheermaatreëls wat by voorkeur gelykvorming moet wees in die Kaapkolonie, Natal en Transvaal.

In die geval van Suid-Afrika, het Lawley beklemtoon, is die nakoming van plegtige beloftes van gelykheid ongeag kleur, ras, beskawingspeil of geloof waaraan Engeland hom 'n eeu gelede gebind het, 'n groter misdaad as om dit te verbreek.

Imperiale Owerheid dwarskoppig - Simpatiseer met 'British Indians':

Aan Lyttelton het Milner laat weet dat die Luitenant-goewerneur en die Transvaalse Wetgewende Raad onmoontlik toegeefliker wetgewing ten opsigte van die Asiate kan deurvoor, aangesien die ganse blanke bevolking eendragtiglik daarteen gekant is.[7] Maar Lyttelton se simpatie was aan die kant van die 'British Indians.'

"His Majesty's Government hold that it is derogatory to national honour to impose on resident British subjects disabilities against which we had remonstrated, and to which even the Law of the late South African Republic rightly interpreted did not subject them."[8]

Die blankes in Transvaal het hy daarvan beskuldig dat hulle die ware toedrag van sake nie verstaan nie, en die Minister

van/...

---

7) Ibid. Milner aan Lyttelton, 18.4.1904.
8) Ibid. Lyttelton aan Milner, 20.7.1904.

van Kolonies het hom van die dilemma losgeskud deur eenvoudig niks te doen nie.

Onderwyl Transvaal se inwoners en owerhede hulle onverdeelde aandag moes wy aan talle na-oorlogse bedrywighede en vraagstukke soos opbouingswerke, repatriasie, veesiektes, kompensasie e.d.m. het die 'British Indians' in hulle wemelende getalle Transvaal ingesypel. Weliswaar is aan munisipaliteite deur Ordonnansie no. 17 van 1905 die reg gegee om aparte woonbuurtes aan die Asiate aan te wys, dog lg. kon nie gedwing word om hulle daar te vestig nie. 9)

Toe die Liberale Regering aan bewind kom, het die Indiërs nuwe hoop gekry. In 'n toespraak in die Britse Laerhuis in 1904 al, het Campbell-Bannermann, met verwysing na die voorregte wat die Indiërs as Britse onderdane nie in Transvaal geniet nie, gevra: "What sort of patriotism or imperialism was that?" En Curzon, 'n vooraanstaande lid in die Huis, het verklaar:

"This question is in reality about the most momentous and most far-reaching which could possibly confront any body of British statesmen, since it raises the entire question of the moral and political basis of our Empire, and of the rights which the members of that Empire in different parts of it may justly claim." 10)

Die vraag was nou: hoe gaan die Liberale Regering reageer op die Indiër-wetgewing in Transvaal? Die antwoord het gou gekom. In September 1906 het die Transvaalse Wetgewende Raad 'n Ordonnansie bekragtig wat voorsiening gemaak het vir die inbruikneming van die vingerafdruk-stelsel, foto's en passe vir identifikasie, met die doel om die instroming van ongekwalifiseerde Asiate te voorkom. Die Indiërgemeenskap, met Gandhi as belhamel, het onmiddellik geprotesteer en in massabyeenkomste besluit om die wet deur lydelike verset te verontagsaam. 'n Deputasie onder leiding van Gandhi is in Oktober na Londen om Elgin te spreek oor die nuwe Asiate-ordonnansie.

In Transvaal was die blankes eenparig ten gunste van die Ordonnansie en hulle het hierin ook die steun geniet van die hele pers. 11) Die Liberale Regering het egter meer geneë gevoel om na Gandhi te luister en geweier om die Ordonnansie wat voorsiening maak vir registrasie te bekragtig omdat dit eenvoudig op grond van ras en kleur onregverdiglik

diskrimineer/...

---

9) Cronje, a.w. p. 24.
10) Aangehaal by Pyrah, a.w. p.104 (Skrywer kursiveer)
11) The Star, 12.9.1906, 23.10.1906; The Rand Daily Mail, 11.9.1906, 18.10.1906, 16.1.1907; Die Volkstem, 19.1.1907

diskrimineer tussen een seksie van die gemeenskap en 'n ander." [12] Elgin het aan Selborne laat weet dat die "Asiatic Law Amendment Ordinance", hangende die instelling van selfregering in Transvaal, liewer uitgestel moet word. [13]

Selborne het sy bittere teleurstelling teenoor Elgin uitgespreek oor die weiering van die Imperiale Regering om die gevoelens van die blankes in Transvaal in aanmerking te neem. Die meeste Indiërs wat die land insypel, doen dit op onwettige wyse en hulle is in die reël ongeletterde koelies. Die verhouding tussen blankes en Asiate raak al meer gespanne en blankes se gegronde vrees dat hulle deur die laer klas Indiër-handelaar ondergrawe word, slaan oor in vyandigheid. Die weiering van die Imperiale Regering om die standpunt van die blankes te respekteer, is grootliks verantwoordelik vir die onvriendelike gesindheid wat hulle openbaar teen "the subjects of His Majesty's Indian Empire." Die Indiër is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die blanke in Suid-Afrika. Hy doen dus nogeens 'n beroep op die Imperiale Regering om die gevoel van die blankes in hierdie Kolonie - en hulle toekoms - absoluut te konsidereer. Hulle weiering om die voorgenoemde Ordonnansie goed te keur, vrees hy, gaan beteken dat die aanstaande Verantwoordelike regering met slegs ernstiger moeilikheid te doen sal hê. [14]

Dit dan was die posisie toe Het Volk die bewind in Februarie 1907 oorneem, en die eerste parlement in Transvaal op 21 Maart geopen is.

Indiërs onder Bespreking in Transvaalse Parlement - Wet no. 2 van 1907 - Smuts se Eerste Oorwinning: Enkele oomblikke na die troonrede van die goewerneur het Smuts in sy hoedanigheid as Koloniale sekretaris die Aziaten-wet Amendment Wetsontwerp as onbestrede mosie voorgestel. In die tweede lesing het hy 'n kort oorsig gegee van die posisie sedert 1885, die maatskaplike beroering wat deur die Indiërs veroorsaak is en die tevergeefse pogings wat die vorige regerings aangewend het om die probleem op te los. Die wetsontwerp wat hy tans voorstel is 'n amendement van Wet no. 3 van 1885, wat bepaal dat elke Asiaat wat die land voor die oorlog of onder die Vredeshandhawingswet ingekom het, aansoek moet doen om 'n registrasie-sertifikaat. Alle

ander/...

---

12) Pyrah, a.w. pp. 104-105.
13) Cd.3308, Elgin aan Selborne, 29.11.1906.
14) Ibid. Selborne aan Elgin, 14.1.1907.

ander het die land onwettiglik ingekom en kan sodanige sertifikaat nie ontvang nie; hulle sal beveel word om voor 'n magistraat te verskyn en gelas word om die land binne 'n sekere tyd te verlaat. +

So eenparig het die res van die Vergadering oor die ontwerp gevoel, dat slegs 'n vyftal sprekers aan die debat deelgeneem het. Sonder enige vertraging het die maatreël die eerste en tweede lesing en komitee-stadium deurgegaan. In die Wetgewende Raad is die wetsontwerp deeglik bespreek - ook op die volgende dag, maar ook hier was die mening eenparig: dit moet sonder versuim op die wetboek geplaas word. Selborne het ook nie versuim om sy amptelike goedkeuring daaraan te heg nie, maar ingevolge die klousule in die grondwet dat wette met betrekking tot nie-blankes vir bekragtiging aan die Imperiale owerheid voorgelê moet word, sou dit nie in werking tree alvorens die bevestiging verkry is nie. 14a)

Die Ordonnansie van 1906 wat deur die Britse owerheid geveto is, het wesenlik dieselfde bepaal as Wet no. 2 van 1907 oor die registrasie van Indiërs. Die vraag was nou of die Radikale en Anglo-Indiese lede in die Laerhuis se invloed weer die deurslag gaan gee. Maar vir die oomblik het die Anglo-Afrikaanse rekonsiliasie, wat so duidelik weerspieël is in hierdie eerste belangrike wet van Transvaal onder selfregering, by die Liberale regering swaarder geweeg as die Indiërs se belange. Die wet het die koninklike goedkeuring ontvang, maar die Liberale, wat hulle voorgedoen het as die handhawers van die teoretiese beginsel wat vryheid ~~en~~ van beweging en woonplek veronderstel vir enige Britse onderdaan in die ryk, het hulle hierdeur beslis aan ernstige vooroordeling blootgestel. Al wat hulle verskonend kon aanvoer, was dat hulle, hoewel hulle die beginsel wat die wet behels, afkeur, nie geregverdig voel om die eenparige mening van die blankes in 'n selfregerende Kolonie teen te staan nie. 15)

Hiermee het Smuts sy eerste oorwinning behaal en die mooi samewerking tussen Het Volk en sy opponente was vir Botha die groen lig om op sy weg van konsiliasie voort te gaan. Die parlement het sy noodsaaklike werksaamhede afgehandel en op die namiddag van 22 Maart het dit verdaag tot 14 Junie 1907. Dit het aan Botha die geleentheid gegee om die premierskonferensie in Londen te gaan bywoon.

+ Vir die identifikasie van die Indiërs het die Wet vereis dat die vingerafdruk-stelsel gevolg word.

14a) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907 pp.9-13; Wetg. Raad (Eerste Sitting) 1907 pp.9-26.

15) Eerste Minister (Tvl.) No. 4, 9.5.1907, Elgin aan Selborne.

Versetveldtog begin: Onder leiding van Mahatma K. Gandhi het die Indiërs, wat die verpligte registrasie en die beginsel van identifikasie deur middel van vingerafdrukke, soos neergelê in Wet no. 2 van 1907, as 'n belediging beskou het, massaprotesbyeenkomste gehou, terwyl ook proteskabels aan die Koloniale Kantoor in Londen gestuur is waarin die British Indian Association die Imperiale owerheid versoek om in te gryp.

Ten spyte van die Liberale Regering se versekering dat hy nie die eenparige mening van Afrikaans- en Engelssprekendes in Transvaal wil teëgaan nie, soos uitgedruk in een van die eerste wette van die eerste verantwoordelike Ministerie, en dat hy ongeneë is om in te meng in die sake van 'n self-besturende Kolonie, het Elgin, die Koloniale sekretaris, nogtans op 9 Mei 1907 aan Selborne gekabel:

"I consider it my duty to place it on record that His Majesty's Government do not consider the position of the Asiatics lawfully resident in the Transvaal as settled by this Act, to be satisfactory; that they adhere to the opinions which have been expressed by successive Secretaries of State as to the desirability of relaxing the restrictions to which Asiatics are at present subject; and that they commend this view to the Transvaal Government in the hope that it may be carefully considered how far practical effect can be given to it." 16)

Terwyl genl. Botha in Londen was vir die Imperiale konferensie het Elgin die geleentheid te baat geneem om die saak met hom te bespreek en veral die metodes van identifikasie van Indiërs te berde te bring. Botha het beloof dat hy sal poog om voorsiening te maak vir die toepassing van metodes wat as nie-vernederend beskou kan word deur die Asiate wat onderworpe is aan verpligte registrasie. Twee maande later, op 8 Julie, was Selborne verplig om te antwoord:

"..... after investigation of the various systems of identification that now exists, ... there is no alternative but to adopt the fingerimpression system and submit observations on the system and on the practice of procuring fraudilent admission for Asiatics." 17)

Kragtens Wet no. 2 van 1907 het die kantoor van die Koloniale Sekretaris geproklameer dat die Indiërs in Pretoria en dié distrik hulle in Juliemaand moet laat registreer. Aangehits deur Gandhi en ander mede-leiers is 'n versetbeweging egter op tou gesit en is welmenende Indiërs gedwing om die Wet te verontagsaam. 18) Dit was vir die Regering ondenkbaar/...

---

16) Cd. 3887, p. 2 e.v.
17) Ibid.
18) Eerste Minister (Tvl.) 58: Botha-Solomon-korrespondensie, 22.7.1907.

ondenkbaar om die kwessie met 'n kompromis te probeer skik; streng maatreëls was gebiedend noodsaaklik om die laere tipe Indiër uit die land te weer

"... those low-class coolie immigrants whom it is the special object of the Ordinance to exclude, because they add the most dangerous forms of Oriental filth and vice to the virtues of an inexpensive life",

het die "Star" onomwonde geskryf. 19)

Die toestand het ondraaglik geword maar die kabinet, en by name genl. Smuts as Koloniale sekretaris, was ewe onverbiddelik om korte mette te maak met die kwaadstokers. In die parlement wat juis weer in sitting was, het Smuts op 11 Julie sy Wetsontwerp i.s. die Beperking van Immigrasie in die tweedelesingsdebat verduidelik. In Artikel 2 het hy omskryf watter soort immigrante nie geoorloof is om in die land in te kom nie. In Artikel 6 is uiteengesit watter magte die Uitvoerende Mag het om sekere ongewenste elemente die land uit te sit; lg. bepaling sou bv. Indiërs insluit wat in gebreke bly om registrasie-sertifikate uit te neem kragtens Wet no. 2 (die Asiate-Wet Amendementwet). 20)

Goewerneur lord Selborne het Botha verwittig dat die Immigrasie-beperkingswet buitelandse betrekkinge (in hierdie geval met Indië) mag affekteer; derhalwe is dit na Londen gestuur vir bekragtiging. Genl. Botha het onmiddellik aan sir Richard Solomon, Transvaal se Agent-generaal in Londen, geskryf:

".... It is very important for us to have this Bill assented to as soon as possible and call into existence the Immigration machinery provided in it. The Bill is especially necessary in view of the attitude taken up by the Indian community in the Transvaal in reference to the Asiatic Law Amendment Act of this year, and in order to break the movement against registration it may be necessary to put over the border the ringleaders among the passive resisters .... I am very much afraid that unless this expulsion is carried out we are going to have infinite trouble with the Indian community, and you will therefore understand my anxiety to have the Law assented to and come into force without delay."

Die regering was van voorneme om teen die einde van Julie ernstige stappe te neem en as die Immigrasie-wetsontwerp teen daardie tyd as wet bekragtig sou wees, sou dit hulle hande sterk in hulle optrede teen die agitators. Maar Botha was ook deeglik bewus daarvan dat die Britse owerheid simpatiek gesind was teenoor sy Indiese onderdane; daarom vervolg hy in sy

brief/...

---

19) The Star, 2.5.1907.
20) Wette van Tvl.: Wet no. 15 van 1907.

brief aan Solomon:

"Please see the Colonial Office as soon as possible and urge them to assent to the law <u>without however mentioning to them this special difficulty about the Indians.</u> You can put your representations on the grounds that the Permit Law is a dead-letter now, and that a great deal of undesirable immigration is taking place in the Transvaal which must be put a stop to forthwith." 21)

Solomon wou eers weet of die gestremde gevoelens nie verlig sal word nie as die regulasie wat vingerafdrukke vereis vir identifikasie-doeleindes opgehef word ten opsigte van goed bekende en respektabele Indiërs wat reeds in Transvaal woonagtig is. Botha het teruggekabel dat dit 'n gevaarlike beleid sal wees om uitsonderings te maak ten gunste van sekere klasse. 'n Uitgebreide agitasie is teen die wet op tou gesit en enige teken van swakheid aan die kant van die Regering kon rampspoedig wees. Die Indiërs is herhaaldelik meegedeel dat die Regering nie sal toegee wat die vingerafdrukstelsel betref nie. Hy is van mening dat as 'n ferme houding ingeneem word dit uiteindelik 'n uitwerking op die Indiërbevolking sal hê en dat hulle sal registreer. Die Sjinese konsul het die Regering in kennis gestel dat die Sjinese in die land hulle almal ooreenkomstig die Wet sal laat registreer. 22)

Terwyl die Liberale Regering in Londen getalm het om die Wet i.s. Beperking van Immigrasie by die koning aan te beveel vir bekragtiging, het Smuts te doen gehad met die tergende versetveldtog van Sy Majesteit se Oosterse onderdane. Gandhi en die ander lede van die British Indian Committee het hulle besware uitgebrei en hulle ontevredenheid te kenne gegee oor verskillende wetgewende maatreëls wat in die eerste parlementsitting en deur plaaslike liggame neergelê is.

In 'n protesbrief wat teen die einde van Junie aan die Regering gerig is, het die Indiërleiers betoog dat hulle dit as 'n belediging beskou dat die bepalings van die Asiatewet wat geld vir 'n deel "of the same 'Imperial race'" al die Britse Indiërs onder 'n ban plaas. Die verhouding tussen die blanke en Indiese bevolking kan bestendig word deur 'n praktiese en versoenende kompromis. Om sy Majesteit se onderdane nouer aan mekaar te bind is 'n wysiging van die strekking van die registrasie-regulasies nodig aangesien dit in die bestaande vorm in Indië vereenselwig word met die behandeling van

misdadigers/...

---

21) Eerste Minister (Tvl.) 58: Botha-Solomon-korrespondensie 22.7.1907 (Skrywer kursiveer).
22) Ibid.

misdadigers en daarom is dit buitengewoon aanstootlik "to a people so exceptionally law-abiding." Hulle kla dat 'n haatlike en onvoordelige onderskeid tussen hulle en die blankes gemaak word met betrekking tot regulasies op die spoorweë en die trems, en hulle maak beswaar om geklassifiseer te word saam met die onbeskaafde Suid-Afrikaanse naturelle. Uit Londen het die South African Indian Committee in 'n brief aan Botha ook te velde getrek teen die Vrededorp-dorpsgebiedewet wat bepaal het dat nie-blankes daar moet padgee, as ook teen die feit dat Indiërs nie eiendomsreg besit nie.[23]

Vroeg in Augustus 1907 het Smuts die besware punt vir punt behandel:

(i) Dit is onmoontlik om 'n onderskeid te tref tussen Britse Indiërs en ander Asiate.

(ii) Asiate kon vaste eiendom wat hulle voor die goedkeuring van Wet no. 3 van 1885 verkry het as erfgrond nalaat.

(iii) Die Vrededorp-dorpsgebied was nie bedoel vir die vestiging van nie-blankes nie.

(iv) Dit is onmoontlik om Britse Indiërs vry te stel van die toepassing van Wet no. 3 van 1885.

(v) Die Transvaalse Regering weier om te erken dat identifikasie deur middel van die vingerafdrukstelsel vernederend is.

(vi) Die spoorweg- en tremregulasies ten opsigte van Asiate is nodig in belang van die Asiate self.

Smuts het ten slotte sy spyt uitgespreek dat die Transvaalse Regering, gesien die uittartende taal van die leiers, nie die Indiërs se samewerking kan aanvaar vir die uitvoering van die wette nie[24]

Die versetveldtog het voortgeduur en nou het ook die Sjinese winkeleienaars besluit om die wet in soverre dit registrasie betref te verontagsaam. Uit die Kaapkolonie het die berig gekom dat die Indiërs daar hulle landgenote in Transvaal steun in hulle weerstand teen die Asiatewet. Ten einde raad het genl. Botha persoonlik aan die Britse Regering geskryf en verduidelik hoe die wetsgehoorsame Oosterlinge deur georganiseerde vyandelike agitators gedreig en verhinder word om hulle te laat registreer. Ander wat reeds hulle sertifikate volgens die Asiatewet verkry het, het om polisiebeskerming gevra daar

hulle/...

---

23) The Star, 1.7.1907.
24) The Star, 5.8.1907; De Volkstem 17.8.1907.

hulle persoon en eiendom deur die vyandelike seksie bedreig is. 25)

Behalwe die ergernis wat die Indiërs veroorsaak het deur die landswet openlik te verontagsaam, was hulle 'n dreigende ekonomiese gevaar vir die land. In die laere vertakkinge van die handel het hy sy blanke mededinger verdring deurdat hy sy ware goedkoper van die hand kon sit. Sy lae lewenstandaard, sy onthouding, sy selfverlonende gewoontes en sy vermoë om lank en dikwels sonder ontspanning te werk het hom die meerdere in die handel gemaak. Waar hy in Natal en Transvaal ingedring het, het hierdie deugde hom goed te stand gekom; trouens, Natal het reeds teen hierdie oorheersing van die Indiërs geswig. Ruim gedeeltes van groot dorpe het in die hande van die Indiërs geval; stadig maar seker het hulle die handelslewenskragtigheid van die blankes ondermyn, totdat die hele situasie opgelos het in 'n meedoëlose stryd om die oorhand.

Die Smuts Asiatewet was juis bedoel om te verhoed dat hierdie toestand in Transvaal herhaal word. 26) +

Politieke regte het die Indiërs nie besit nie maar dit was baie duidelik dat die agitasie om eiendomsreg maar die dun end van die wig was om hulle op die lang duur van die stemreg te verseker. Hierteen sou Smuts nog sterker waak en hy kon staat maak op die steun van selfs die imperialisties gesinde blad, die "Star", wat die idee van politieke regte aan die Indiërs beslis verwerp het:

"Once and for all, that is impossible and entirely outside the possibilities of discussion." 27)

Op 1 Oktober 1907 was die kantore spesiaal oop vir die

Indiërs/...

---

25) Cd. 3667, 31.7.1907; 11.9.1907.
26) The Bloemfontein Post, 7.8.1907.
\+ Die Indiërs wat reeds in Transvaal gevestig was, maar ook gewetenlose blankes, was in 'n groot mate verantwoordelik vir die onwettige immigrasie van Asiate na Transvaal. Hulle het gebruik gemaak van die chaos wat geheers het onmiddellik na die oorlog en hulle sakke gevul deur Indiërs, wat begerig was om na Transvaal te kom, in te help trots die regulasies van die Wet vir die Bewaring van Vrede waardeur immigrasie gereguleer is. Op die wyse het ook ander ongewenste elemente in Transvaal ingesypel. Die "Natal Mercury" skryf: "..the bad administration of the so-called Asiatic office, and the equally lax administration of the immigration regulations generally, has mainly to be blamed for the flooding of the Transvaal with undomiciled Indians and the scum of Europe." (The Natal Mercury, 14.1.1908).
27) The Star, 1.7.1907.

Indiërs om hulle te laat registreer, aangesien die tyd daarvoor teen die einde van daardie maand sou verstryk. Teen twaalfuur dié dag het nog geeneen in Pretoria en op die Rand opgedaag vir registrasie nie. Die sukses van die lydelike verset was 'n duidelike bewys van die invloed van die British Indian Association op hulle rasgenote. Die Sjinese winkeliers het dieselfde onwil aan die dag gelê. 28)

Dat slegs 'n klein minderheid van die Indiërs teen 31 Oktober aansoek gedoen het om 'n registrasie-sertifikaat was in 'n baie groot mate te wyte aan die aanmatigende idee in Britse imperiale kringe dat waar die Union Jack ook al wapper gelykheid en vryheid bestaan. In Transvaal het die Uitvoerende Mag van 'n selfregerende Staat magteloos gestaan teen die uittarting van 'n lae kastegroep uit die Ooste omdat die Imperiale Regering die bekragtiging weerhou het van 'n Wet wat die Botha-regering die mag sou gee om die wetsoortreders oor sy landsgrense te sit. Die Regering en die magistratuur het weliswaar oor uitgebreide magte beskik om op te tree teen delinkwente van enige aard. Weerspannige Asiate kon bv. òf kragtens die Registrasiewet òf ooreenkomstig die Ordonnansie vir Vrywaring en die Bewaring van Vrede gestraf word. Maar in die besondere situasie waarin die Regering hom bevind het, sou die statutêre reg om enige ongewenste persoon te deporteer die enigste doeltreffende maatreël wees; die lydelike versetbeweging sou daardeur doeltreffend die nek ingeslaan kon word. 29)

Die registrasie-prosedure het vereis dat die applikante die volgende besonderhede verstrek: sy volle naam, ras, kaste of sekte, ouderdom, liggaamlike voorkoms, verblyf, beroep, geboorteplek, datum van eerste aankoms in Transvaal, woonplek op 31 Mei 1902, name van vader en moeder, naam van eggenote, seuns en manlike pleegkinders onder die ouderdom van agt jaar, hulle name, ouderdom en verwantskap met pleegouers. Daarby word die afdrukke van die tien vingers van elke applikant vereis.

Op die keper beskou, het die Asiate - die belhamels in die versetbeweging uitgesluit - geen wesenlike beswaar gehad teen hierdie registrasiestelsel nie. Dit was die verpligte vereiste om te registreer wat hulle volhardende teenkanting

uigelok/....

---

28) Ibid. 1.10.1907.
29) Ibid. 31.10.1907.

uigelok het. Die gedagte is deur 'n lid van die British Indian Association gelug dat die Indiërs geen beswaar sou opper nie as hulle toegelaat sou word om vrywilliglik te registreer. Hy het vervolg:

"I am prepared to be shot, if necessary, for the principle involved, and not only am I prepared to do that, but also I am willing to bring my sons on to this square and allow them to die too. We have approached the Government like a son would approach his father. Our protestations have been ignored and they can do what they like with our lives. We are not criminals that we should be compelled to do this thing." 30)

In November 1907 is 'n Hindu-priester, Ram Sunder Pundit, tot gevangenisstraf gevonnis omdat hy sy volgelinge aangespoor het om die Registrasiewet te ignoreer. Hierop was duisende Indiërs bereid om tronkstraf te ondergaan bo die prysgawe van hulle beginsel teen gedwonge registrasie. Toe Selborne aan Elgin hieromtrent skryf, hopende dat die Imperiale Regering die Wet i.s. die Beperking van Immigrasie sal aanbeveel vir die koninklike bekragtiging, het die Koloniale sekretaris slegs geantwoord dat die Liberale owerheid onbevoeg is om in te meng in die sake van 'n selfregerende Kolonie. 31)

Eers teen die einde van 1907 het dit die Britse Regering behaag om die Transvaalse Immigrasiebeperkingswet deur die koning te laat bekragtig. Dat dit met die grootste teësin gedoen is, blyk uit 'n telegram wat Elgin op 27 November aan Selborne gerig het. Sy Majesteit se Regering, sê hy,

".... note with some regret that your ministers have not been content to rely on an education test for exclusion of undesirables, and that the practical effect of Section 2, sub-section 4, will be to exclude all Asiatics irrespective of their personal qualifications."

Hy het nietemin die hoop uitgespreek dat die uitsluiting van verdere Asiate-immigrasie na Transvaal tot gevolg sal hê dat dié wat nou wettiglik in die Kolonie woon, beter behandeling sal ontvang, en dat die Transvaalse Ministerie die versekering sal gee dat hulle die toegang van regerende hoofde van Indiërs van gesiene posisie of hoë beamptes van Asiatiese afkoms geensins sal weier nie.

Namens die Britse Regering het Elgin ook beswaar gemaak teen Artikel 6(b) wat die Transvaalse Uitvoerende Mag beklee het met wat hy genoem het "... powers of expulsion of an unusually wide and unrestricted character applicable to foreigners and/...

---

30) Ibid. 1.10.1907.
31) Cd. 3887, 22.11.1907; 3.12.1907.

ers and British subjects alike." 'n Presedent vir sodanige regte aan die owerheid van 'n selfbesturende dominium bestaan eenvoudig nie en die uitoefening daarvan deur die Uitvoerende Mag sonder die inmenging van die Regtelike outoriteite sal aanleiding gee tot ernstige moeilikhede waar dit gevalle van vreemde onderdane raak. In die geval van Britse onderdane is dit "... contrary to traditional principles of policy." Hy het daarom die hoop uitgespreek dat die Transvaalse Regering wetgewing sal indien wat die uitvoering van hierdie mag sal beperk tot persone wat veroordeel is weens een of ander misdryf of dat voorsiening gemaak sal word dat die bevel vir verbanning deur die howe bekragtig of verwerp kan word. Voór sodanige wetgewing deurgevoer is, vertrou hy dat die Transvaalse Ministerie nie daardie mag, om persone te verban, sal uitoefen nie. 32)

Deur middel van 'n minute (9 Desember) aan Selborne het Smuts die Regering in Londen self geantwoord en hulle die versekeringe waar hulle om gevra het, gegee. Weer het hy hulle versoek om die Immigrasiebeperkingswet dan onverwyld te bekragtig sodat die Wet in werking kan tree. Op 19 Desember 1907 is hieraan voldoen.33)

In Pietermaritzburg het die "Natal Witness" die Transvaalse Wet vir die Beperking van Immigrasie verwelkom as 'n navolgenswaardige maatreël wat in Natal ingevoer behoort te word - en gouer ook as wat baie persone dit nodig mog ag aangesien die onbeperkte immigrasie van Indiërs na dié kuskolonie onmoontlik toegelaat kon word. Transvaal het die weg aangewys veral daar die Indiërs nou in alle waarskynlikheid uit daardie Kolonie sal vlug om die wet vry te spring en hulle in Natal te vestig. 34) +

Die getalm van die Britse Regering om Wet no. 15 van 1907 van Transvaal te laat bekragtig, het aan die een kant meegebring dat die Indiërs kon voortgaan met hulle verset teen registrasie en aan die ander kant dat die Botha-

ministerie/...

---

32) Eerste Minister (Tvl.) 4, no.651, 27.11.1907.
33) Ibid.
34) The Natal Witness, 26.11.1907.
+ Die volgende statistiek bewys hoe die talle van die Indiërs in Natal binne 6 jaar toegeneem het in verhouding met die blankes:

	Europeane	Asiate
1898	57,000	62,000
1904	97,000	101,000

(Natal Witness, 30.4.1907)

ministerie nie by magte was om drasties op te tree teen die balhorige maar invloedryke belhamels nie. Van die sewe-tot agtduisend Indiërs in Transvaal wat geraak is deur die registrasiebepalings van Wet no. 2 van 1907 het bietjie meer as 500, of 7% van die totaal, teen Desember 1907 registrasie-sertifikate uitgeneem. Onder die blankes, Afrikaans- en Engelssprekend, was daar gevolglik 'n algemene gevoel van verligting toe die Immigrasiebeperkingswet uiteindelik die koninklike goedkeuring ontvang het. Op 28 Desember, slegs 9 dae nadat lg. Wet bekragtig is, is Gandhi en ander Indiese en Sjinese leiers deur die Hof beveel om die land binne 48 uur te verlaat. 35)

Die reaksie van die Indiërgemeenskap hierop was uit-gebreider protesbewegings en openliker uitdaging van die wet. Die probleem is ingewikkelder gemaak deurdat hulle die kwessie van registrasie skielik vereenselwig het met hulle religieuse geloof en aangevoer het dat die essensie van die lydelike versetbeweging hulle gemoedsbeswaar is teen sekere bepalings van die Wet; die vingerafdrukformaliteite, byvoorbeeld, sou teenstrydig wees met hulle geloofsbelydenis. 36)

Die verbanning van Gandhi en sy trawante het nie gevolg nie, maar hy en twaalf ander voorbokke is gearresteer. Selfs die Opposisiepers het hierdie stap van die Regering verwelkom al het dit algemene verontwaardiging gaande gemaak. Spyt is egter uitgespreek oor die vonnisse wat heeltemal te lig was: in Johannesburg is Gandhi, die f o n s e t o r i g o van die agitasie, en vyf van sy luitenante maar slegs tot twee maande gevangenisstraf sonder harde-arbeid gevonnis. 37)

<u>Die Indiërvraagstuk raak hele Suid-Afrika en fondament van Britse Ryk - Onverantwoordelike Gesindheid van Natalse Owerhede</u>: Die perskommentaar dwarsdeur Suid-Afrika het alte duidelik getoon dat die probleme wat Transvaal met sy Indiërimmigrante gehad het en die gesindheid van die Asiate met betrekking tot die Regering se wetgewende maatreëls 'n saak van Suid-Afrikaanse belang geword het. Die hele Indiese gemeenskap in Suid-Afrika was begaan oor die inhegtenisname van hulle leiers in Transvaal, terwyl daar van die blankes in die ander Kolonies groeiende simpatie gekom het met Transvaal en sy besondere probleem/...

35) The Star, 27, 28 en 30.12.1907.
36) Ibid. 2 en 5.1.1908; The Natal Witness , 1.1.1908.
37) The Star, 10 en 11.1.1908.

probleem. Aan Natal het Smuts 'n tydige waarskuwing gerig - wat hulle ook ernstig ter harte geneem het - dat tensy hierdie Kolonie sy Indiërimmigrasie sonder verwyl beperk

"Natal will become a festering sore and danger which will spread the infection through the whole of South Africa."

As gevolg van die onbeheerde toestroming van Indiërs na Natal, het die probleem daar ernstige afmetings aangeneem; die aard daarvan was van so 'n "bewildering complexity" en so kolossaal van omvang dat dit die leiers afgeskrik het. Eers toe Transvaal die kwessie binne sy grense aandurf, het die Natallers wakker geskrik. In Januarie was daar juis bv. sowa 10,000 Indiër-applikante wat na Natal wou immigreer.[38]

Die grootste struikelblok in die weg na die oplossing van hierdie netelige Suid-Afrikaanse probleem was Imperiale Brittanje wat op daardie oomblik deur 'n Liberale ministerie geregeer is. Dit moes Transvaal voor die oorlog al ervaar: "The Indian question" het Merriman aan Goldwin Smith verduidelik,

".... is really a legacy from the time that any stick was good enough to beat Paul Kruger and the Boers with. In those days the Imperial Government posed as the friend and protector of the British Indian subject, ... and made the question one of the arguments for hostilities. Now times have changed and the High Commissioner in deference to the outcry from the British population of Johannesburg has sanctioned a very drastic measure of registration and generally takes the anti-Indian side. It is a tragi-comic position and does not make one very proud of ones country. The Boer Government in carrying out the law which was framed by their predecessors in Crown Colony days has roused a (?) hornets nest ..... and the miserable quarrel will be heard in India. At the bottom of the whole business is the jealousy of the European trader who sees in the Indian a supple and successful trade rival - to which must be added that general dislike of any other nation which is such a pleasing characteristic of English folk. It is easy to see that sooner or later the affair may be made a pretext for renewed interference in our affairs and so the miserable cycle will begin again."[39]

Die premierskap van die Kaapkolonie was op dierdie stadium binne bereik van John X. Merriman en as patriotiese Suid-Afrikaner het die hoogste belange van Suid-Afrika hom na aan die hart gelê maar "as an Englishman" was hy ook begaan oor die hegtheid van die Britse ryk. Aan pres. Steyn skryf hy:

"What an imbroglio is that Indian question! It may shake the very foundations of the Empire, - all due to the greed of Natal."[40]

In 'n belangrike brief aan genl. Smuts oor die Asiatekwessie

maak/...

---

38) The Natal Witness 14, 21, 23 en 30.1.1908; The Friend, 31.12.1907, 1 en 13.1.1908.
39) Merriman Papers, no. 5, 12.1.1908 (Merriman kursiveer)
40) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 31.12.1907.

maak Merriman die volgende betekenisvolle stellings nadat e.g. geskryf het dat dit lyk of die Transvaalse Regering verplig sal wees om sy toevlug te neem tot drastiese stappe "... such as the deportation of the leaders." 41)

(i) Ten regte of ten onregte is die Indiërs toegelaat om hulle te vestig, eiendom te verkry en hulle beroep te beoëfen. Die verstandigste sal wees om alleen maatreëls neer te lê wat die verdere instroming sal verhinder. Om dié wat hier gevestig is te wil uitdryf, ruik na die optrede van die geel nasies teen die Jode en die Spanjaarde teen die Möre.

(ii) Diegene wat nou die luidste te kere gaan teen die Indiërs is juis hulle wat 'n paar jaar gelede dood en verdelging teen die Boere uitgeskreeu het.

(iii) Hoe aanstootlik die Indiërs ook al is, as hulle uit die land moet padgee, sal hulle plek ingeneem word deur die laer klas Jood ".. who is scarcely a more wholesome element in the population."

(iv) As Smuts volhard in sy standpunt - en hy is geregtig om dit te doen - sal hy slaag maar: "... I much fear that you will alienate the bulk of liberal opinion in England. You will give the Imperial Government a most serious blow in the most vital place - India; and you will above all furnish a pretext for a great deal of mischievous interference in Native matters in the future, particularly in Swaziland and Basutoland."

(v) Sou dit daarom nie moontlik wees nie dat die Transvaalse Regering nou ter elfder ure met waardigheid toegee en aldus die weg open vir toekomstige toegewings van die kant van die mag wat hom verplig sal voel teenoor Transvaal vir die tegemoetkomende stap wat hy geneem het? Transvaal kan so die ongewilde bepalings van die Wet terugtrek op die duidelike voorwaarde dat die Regering toegelaat word om die Kolonie te beskerm teen verdere instroming van Asiate en dat die strengste regulasies vir registrasie uitgevoer gaan word. Sodanige gematigdheid kan die grondslag vorm van toekomstige vertroue en vrymoedigheid, wat andersins bedreig mag word.

Hy het net so 'n wrewel in die Indiërelement in Suid-Afrika as Smuts self - "but as an Englishman". Soos in die verlede het hy simpatie met die swakkeres en die vertraptes en elke ware Suid-Afrikaner moet die volgende reëls gedenk: P a r c e r e s u b j e c t i s e t d e b e l l a r e s u p e r b o s - (Om om te sien na die onderworpenes en die hoogmoed te beveg) - dit moet hulle leidende beginsel wees. 42)

Uit bg. is veral een saak baie duidelik: Merriman wou

ten/...

---

41) Merriman Papers, no.3, 8.1.1908.
42) Ibid. no. 6, 13.1.1908.

ten alle koste probeer verhinder dat die behandeling van die Indiërs in Transvaal die Britse Regering rede sal gee om in te meng in Suid-Afrikaanse aangeleenthede want soos alle reggeaarde Suid-Afrikaners, het hy uit die ervaring van die verlede daar 'n ewige renons in gehad.

Die weloorwoë sienswyses van die ou Kaapse politikus was nie sonder gewig vir die jong Transvaalse Koloniale sekretaris nie, en dat dit invloed gehad het op die formulering van die planne wat Smuts nou in die skild gevoer het met betrekking tot die Indiërs blyk uit sy antwoord aan Merriman:

"Many thanks for your letter in reference to the Asiatic imbroglio. I have shown it also to Botha and Hull. We sympathise entirely with your point of view and to me especially all harsh action is odious. However I am doing my best to obtain a golden bridge of compromise in the matter and hope yet to succeed." 43)

Slegs tien dae later skryf hy weer:

"I am now working on lines which I hope will bring the matter to a successful issue." 44)

Gebeurtenisse soos die anti-bandietebeweging in 1849, die anti-Sjinese-veldtog van 1903-1907 en die algemene gevoel van die blankes in Suid-Afrika teen die Indiërs, het afdoende bewys dat sekere Britse ryksidees onwelkome invoerartikels in hierdie wêrelddeel was. Dit kon die inwoners van Engeland self en die verskillende regerings in Downingstraat 10 nie begryp nie want hulle het 'n naïef eensydige en buitengewoon bekrompe opvatting van die imperialisme gehad veral soos dit die oorsese Kolonies geraak het waar die polsslag van hierdie soort heerskappy gevoeliger was as in die gevestigde politieke klubs van die Britse hoofstad.

Sinds 1907 was dit byvoorbeeld die ongelukkige lot van die Botha-kabinet om te doen te kry met die Indiërs, 'n deel van Imperiale Brittanje se "mighty hordes of dusky children." 45) En hoe die Engelse staatslui aan die oewers van die Theems ook al wou voorhou dat die Union Jack vryheid en gelykheid bring aan volkere afgesien van kleur, geloof of ras, het die Indiërprobleem vir Suid-Afrika dieper gewortel as die kriterium van Britse onderdaanskap. Met sy tradisionele kleurbeskouing was die Indiërkwessie vir die Suid-Afrikaanse deel van die ryk - en spesifiek vir Transvaal en Vrystaat - nie soseer 'n aangeleentheid van politieke karakter nie, maar van ras. Suid-Afrika se standpunt was dat die ryksverband

alleen/...

---

43) Ibid. no. 17. 17.1.1908.
44) Ibid. no. 9, 27.1.1908.
45) The Bloemfontein Post, 31.12.1907.

alleen gehandhaaf kan word indien die heterogene bevolkingsbestanddele elk binne hulle eie perke gehou word. Uit hierdie oogpunt beskou, was die Indiërvraagstuk nie staatkundig nie, maar het dit die hele Westerse mensheid geraak, veral nadat tegniese ontwikkeling verbysterende omwentelinge teweeggebring het in die internasionale verkeer. 46)

Vir die Londense pers het hierdie argumente nie steek gehou nie. Die "Tribune", byvoorbeeld, het die vrees uitgespreek dat genl. Botha en sy kollegas nie die erns van die imperiale kant van die aangeleentheid besef nie. Die liberale idee van koloniale onafhanklikheid, het die blad verkondig, moet altyd gebalanseer word deur 'n eerbied vir die regte van eie immigrante in ander dele van die ryk; toe die Imperiale Regering selfbestuur aan Transvaal toegeken het, is daar noodsaaklikerwys veel nagelaat wat nie in die geskrewe ooreenkoms bepaal is nie.

"We are entitled to demand that the self-governing Colonies shall conduct their affairs at all events in a manner which will not endanger the whole fabric of the Empire,"

was "Tribune" se hovaardige oortuiging. 47) Met die inhegtenisname van die Indiese versetleiers in Transvaal was dit weer die "Globe" se mening

"that the boast of Great Britain that her subjects can come and go where they will, has been turned to shame." 48)

Die ideologie, dus, van Imperiale Brittanje was die oorsaak van die netelige situasie waarin Transvaal hom bevind het. In Natal met sy oorheersende Brits imperialisties gesinde Engelse en waarheen die Britse Indiërs onbeheerd ingestroom het, kon hierdie ideologie sonder meer posvat. Die bittere gevolge hiervan moes Transvaal ook ontgeld. Terwyl Transvaal homself hoofbrekings besorg het oor metodes om die Asiate buite sy grense te hou, het Natal maandeliks skeepsvragte vol Oosterlinge ingevoer. Na 'n tydperk van kontrakarbeid het hierdie Indiërs vry inwoners geword en permanente toevoegings tot die Natalse bevolking; hulle het 'n geringe belasting betaal wat hulle effens ongerief veroorsaak het dog hulle het dit vanweë die defektiewe administratiewe masjinerie in baie gevalle ontduik. Teen die begin van 1908 was daar dientengevolge reeds 'n dosyn Asiate-inwoners teenoor elke tien Europeane in Natal. Die meeste Indiërs teen wie Transvaal wetgewing moes toepas, het van Natal ingesypel en

baie/....

---

46) De Volkstem, 7.1.1908.
47) Oorgeneem deur The Star, 6.1.1908.
48) Ibid. 13.1.1908.

baie wat deur die Botha-regering gedwing sou word om daardie Kolonie te verlaat, sou teruggaan en Natal se gasvryheid geniet.

Van verskillende openbare vergaderings in Natal het die versoek gekom dat die Moor-regering soortgelyke wetgewing moet toepas teen Indiërimmigrasie as wat Smuts in Transvaal gedoen het. Maar die ideologie van Imperiale Brittanje ten opsigte van rassevryheid was al stewig geanker in Natal, en ten spyte van die dreigende gevaar het 'n invloedryke blad soos die "Natal Mercury" met afkeer verwys na die wetgewing in Transvaal wat indruis teen die belange van die ryk:

"Transvaal flouted the wishes of the Imperial Government... and displayed a reckless disregard of Imperial interests. For which of these things are we invited by ranting and unreflective people to give the Transvaal Government our support? Surely, we are not to applaud injustice even to coloured men, not to play fast and loose with the interests of the Empire to which we profess ourselves proud to belong."

Die Natallers self, het die blad wyslik voorgestel, kan die "Asiatic peril" beëindig; hulle moet ophou om by die Indiërbesighede handel te dryf en ophou om die Indiërs werk te gee. Die Indiërs moet belasting betaal, as ook die korporasies wat hulle in diens neem.

"When it does not pay the Asiatic to stay in Natal by the grace of the white man, he will leave it."

Dit is sinloos as die Natallers uitgenooi word om hulle kele hees te skree in die stadsale ten gunste van die wetgewing van 'n buurkolonie wat deurgevoer is juis teen die praktyke wat die Natallers duld. Hulle moet eers voor hulle eie deur vee en sodra hulle dit gedoen het, kan hulle ander loof omdat hulle dieselfde doen, "... so long as they do it in accordance with the principles of British justice." 49)

Genl. Smuts se moed om in reguit taal 'n waarskuwing te rig aan die adres van die Natalse Regering oor die toelating van onbeperkte getalle Indiërs in die kuskolonie, het ten spyte van die "Natal Mercury" se grootspraak oor Transvaal se anti-imperialistiese Indiërwetgewing tog nie op dowe ore geval nie. Hierdie selfde Durbanse blad het grootmoediglik erken dat Smuts die volste reg gehad het om sy stem te verhef teen die beleid van Natal. Federasie was op die spel en as Natal sou voortgaan om onbeperkte hoeveelhede Asiate binne sy grense toe te laat, kon die ander Kolonies weier om hom gewilliglik toe te laat tot die statefamilie. Dit kon selfs

die/...

---

49) The Natal Mercury, 20.1.1908 (Skrywer kursiveer).

die gevoel van Imperiale verantwoordelikheid in Suid-Afrika aanmoedig en lei tot ongevraagde Imperiale inmenging. Dus:

"In justice to the white population it is imperative that indentured Asiatic immigration should be stopped at the earliest possible date. In justice to the adjoining Colonies it is necessary that Natal should cease to be the centre of supply of a race of people who cannot be assimilated in the body politic. In justice to those who are here we must help them to a higher standard of living by lessening the competition from the lowest class of their people willing to work for the merest pittance. In justice to the natives we must save them from being crowded out of the legitimate market for their labour by a race of a different natural order." 50)

Die "Friend" in Bloemfontein het Smuts eweneens geloof vir sy rondborstige waarskuwing aan Natal. 'n Gemeenskaplike beleid in die twee geteisterde Kolonies is broodnodig, het die blad aangevoer, anders sou die toestande in Natal lei tot gespanne verhoudinge tussen die buurstate. As die Natallers tevrede is om 'n aanhangsel van Bengale of Bombaai te word, behoort hulle die natuurlike bekommernis van die ander Kolonies in aanmerking te neem. Wat hulle in hierdie opsig dus nodig het "... is to cultivate a sense of South African responsibility." Dit het ook die Natalse naturelle-administrasie gegeld.

"Natal must shew, in dealing with the coloured races within her borders, that she considers the outside effects of her actions. Otherwise there will soon be a movement for relieving her of her responsibilities, either by federal or by Imperial action." 51)

In Engeland het daar groot bekommernis ontstaan nadat Gandhi en die ander versetleiers sowel as honderde van hulle volgelinge tot tronkstraf veroordeel is. Die volgende parlementsitting was in Londen op hande en die Liberale Regering met sy sg. vryheidsbeginsels kon stellig verwag dat sekere parlementslede die Koloniale Kantoor tot verantwoording sou roep vir die dade van die jongste selfbesturende Staat teenoor die volk van 'n mede-Kolonie. Op 15 Januarie 1908 het die Sekretaris van Kolonies per kabelgram aan Selborne laat weet dat alle offisiële dokumente en korrespondensie rakende die Indiërvraagstuk aan hom gestuur moet word sodat die feite aan die Britse parlement voorgelê kan word. 52)

Die Transvaalse Regering was minstens seker van die steun van Winston Churchill, die Onder-minister van Kolonies. Op 25 Januarie telegrafeer hy aan Selborne:

"Please/...

---

50) Ibid. 30.1.1908.(Skrywer kursiveer).
51) The Friend, 30.1.1908.
52) Eerste Minister (Tvl.) 29, no. 48/1/1908.

"Please tell Botha I am going to support his Government most strongly on the Indian question and that I thoroughly understand the views of white South Africa. There will be parliamentary attacks from our side and from the Opposition but the Government majority will be perfectly solid." 53)

'n Tydelike Skikking: Genl. Smuts se grootste vrees was dat die Indiër-warboel in Transvaal aanleiding sou gee tot Imperiale inmenging. Soos reeds genoem, het hy aan Merriman geskryf dat hy pogings aanwend om die verwikkelinge tot 'n bevredigende oplossing te voer. Omstandighede is vergemaklik toe Gandhi en T. Naidoo namens die Indiërs en Leung-Quinn namens die Sjinese aangebied het dat die Asiate as massa toegelaat moet word om vrywillig te registreer binne drie maande op voorwaarde dat opgevoede en welbekende Asiate en Asiate met eiendom slegs hulle handtekening hoef te gee en die res hulle vingerafdrukke, en dat die registrasie-amptenare nie sal aandring op inligting wat strydig is met die applikante se godsdiensopvattinge nie. Gedurende hierdie registrasietydperk moes die vonnisse van die veroordeeldes in die gevangenis uitgestel word. 54)

Namens die Transvaalse Regering het Smuts bg. voorstel met die Opposisieleiers bespreek. Albei partye was bereid om dit te aanvaar. Selborne het die nuus aan Elgin meegedeel en lg. het die Transvaalse Regering gelukgewens met die uitweg uit die netelige probleem. 55) Ook vir Merriman was dit welkome nuus; hy skryf op 10 Februarie aan Botha:

"Allow me ... to take this opportunity of expressing my hearty congratulations to you and your colleagues on your recent action in the ? Indian matter. It strikes me as a piece of practical patriotism that has relieved Great Britain from the danger of a serious complication in her Indian Empire and as having been a testimony to the wisdom of the Liberal policy of Self Government. Incidently it cannot fail to strengthen your hands in any future negotiation." 56)

Gandhi is uit die gevangenis vrygelaat en in 'n onderhoud met 'n beriggewer van die "Star" het hy sy volgelinge geloof wat die ontberinge van die tronke verkies het bo boetes, of wat bereid was om hoë boetes te betaal as hulle gevangenisstraf kon vryspring - en dit alles "... simply for the sake of principle". Wat die toekoms betref, het hy gesê:

"To my mind the real work commenced only now. We have to play the game. We have to show the Government and to the

Colonists/...

---

53) Ibid. 21, 25.1.1908.
54) Cd. 3892, 29.1.1908; The Star, 31.1.1908.
55) Cd. 3892, 30 en 31.1.1908; The Star, 31.1.1908.
56) Merriman Papers, no. 18, 10.2.1908.

Colonists that Indians as a body have nothing to do with surreptitious entry; that although there is no legal obligation, we recognise a moral obligation to give the Government complete identification of every Asiatic who is entitled to remain in the Colony or to re-enter it, and if we succeed in doing that, the bitterest opponent of British Indians will have to admit that those who prove their right to domicile and give the Government full particulars as to identification should not only be left in the Colony unmolested, but that they should have every encouragement so that instead of remaining in the Colony as a festering sore they may so far as possible be assimilated and form part of the future South African nation."

Aangaande Natal, het Gandhi beweer:

"I certainly believe that so long as Natal continues to import indentured labour so long will there be some trouble or other in connection with Asiatics." 57)

'n Kort tydperk van kalmte het ingetree; Gandhi en sy kollegas het sedert hulle vrylating inderdaad 'n gesindheid van voortreflike swygsaamheid bewaar. Maar dit sou van korte duur wees.

Nuwe Indiërmoeilikhede in Transvaal: Die Transvaalse parlement het in Junie 1908 vir sy tweede sessie byeengekom. Middelerwyl het die vrywillige registrasie van die Indiërs vlot verloop; feitlik almal wat wettiglik of onwettiglik in die land was, het aansoek gedoen om registrasie. Hierdie aansoeke het 'n totaal van 9,158 beloop; hiervan was 7,773 as wettig erken en registrasiebewyse is daarvoor uitgereik. Die aansoeke van 1,214 is van die hand gewys en volgens die bestaande Wet moes hulle die land verlaat. Die kantore het die aansoeke van 171 Asiate nog oorweeg. 58)

Nou was dit Smuts se oogmerk om die ooreenkoms wat hy vroeër die jaar met Gandhi, Naidoo en Leung-Quinn oor die kwessie van vrywillige registrasie getref het in die Gewysigde Asiate-registrasie-wet vas te lê. Onmiddellik het Gandhi Smuts daarvan beskuldig dat lg. deur sodanige wetgewing troubreuk pleeg. "At the interview with you, I did not understand any such thing at all", skryf hy aan Smuts, "and the joint letter of Messrs. Quinn, Naidoo and myself, too, makes it clear." 59) Hy het verder betoog dat Smuts beloof het om die Asiatewet, no. 2 van 1907, te herroep. Die Transvaalse kabinet het ontken dat sodanige belofte ooit gedoen is. Massa-protesvergaderings is deur die Indiërs gehou en die

Regering/...

---

57) The Star, 31.1.1908.
58) Debatten: Wetg. Verg. (2de Sitting) 1908 p. 2303.
59) Cd. 4327.

Regering is van verdere troubreuk beskuldig.[60] Van vooraf is honderde kwaadstokers en ander Indiërs wat onwettiglik in die land was, gevange geneem; die tronke was gou vol want die betaal van boetes is nie toegelaat nie.[61]

Op hierdie stadium het Gandhi ook met 'n splinternuwe eis gekom wat gebaseer was op die sg. reg van elke "British Indian" om die Kolonie binne te kom as hy aan die opvoedkundige toetse van die Immigrasiewet voldoen, en daarom het hy daarop aangedring dat die deur oopgehou moet word vir professionele Brits Indiese onderdane soos dokters, prokureurs, ens. Oor die versetveldtog van sy volgelinge het hy geskryf:

"One reason for undertaking passive resistance is to show that Indians will not be driven, nor will they be content with treatment of them as if they were cattle, not even if the treatment were on 'a p a r' with that of show cattle."[62]

Tydens 'n protesvergadering op 16 Augustus is nie alleen betoog teen die Asiatewetgewing nie; te midde van oproerige tonele is ook sowat 1,300 registrasiesertifikate en 500 handelslisensies aan die brand gesteek.[63]

Die Botha-regering het nie afgewyk van die ooreenkoms wat Smuts aan die begin van die jaar met die Asiate-verteenwoordigers gemaak het nie. Die Gewysigde Asiate-registrasiewet (Wet no. 36 van 1908) het Wet no. 2 van 1907 nie herroep, soos Gandhi verwag het die Regering moet doen nie, dog ten opsigte van sekere bepalings slegs verander, bv. dat Asiate onder die volgende omstandighede registrasie en die reg van verblyf in Transvaal mag verkry:

(i) die besit van 'n sertifikaat ooreenkomstig Wet no. 2 van 1907;

(ii) geboortig in Transvaal;

(iii) verblyf in Transvaal drie jaar voor die uitbreek van die oorlog op voorwaarde dat applikasie om registrasie binne 'n jaar gedoen word;

(iv) definitiewe verblyf in Transvaal aan die einde van die oorlog;

(v) besit van 'n permit wat behoorlik uitgereik is kragtens die Wet vir die Bewaring van Vrede.

Verder het die Wet bepaal dat 'n Asiaat wie se aansoek om registrasie geweier word, die reg het om te appelleer na 'n magistraat wat spesiaal aangestel is om dergelike besware aan te hoor. Betreffende die identifikasie het die Wet neergelê

dat/...

---

60) Ibid; The Star, 23.6.1908; Millin a.w. pp. 242-245.
61) The Star, 21.7.1908.
62) Ibid. 13.8.1908.
63) Ibid. 17.8.1908.

dat alleen die duimafdruk van die applikant vereis word, maar die vereiste het nie gegeld vir hulle wat hulle handtekening (wat in die bank gehonoreer is) kan gee of ander bevredigende maniere van identifikasie kan verskaf nie.[64]

Weer was daar algemene eenstemmigheid onder die Afrikaanse en Engelse bevolkingsdele oor die nuwe Registrasiewet vir Asiate:

" 'Justice, reason and finality' - are the features of the settlement of the Asiatic question provided by the amended Asiatic Registration Validation Bill which the Assembly unanimously carried through all its stages yesterday",

het die "Star" geskryf.

"We congratulate the Government and the Opposition on the wise, generous and statesmanlike decision at which they have arrived. The new Bill is one that does absolute justice to those Asiatics who have any claim upon the Parliament and people of this country - that is to say, those who can establish a right of entry of the ground of domicile.[65]

Die Indiërleiers het erken: Wet no. 36 van 1908 "is a great advance upon the Asiatic Law Amendment Act, no. 2 of 1907" maar die British Indian Association was onwillig om die voordele van e.g. Wet te aanvaar tensy lg. Wet van die Statuutboek geskrap word en opgevoede Indiërs die reg verkry om Transvaal binne te kom onderworpe slegs aan die bepalinge van die gewone immigrasiewet van die Kolonie. Gandhi en sy geesgenote het m.a.w. nou geagiteer vir gelykstelling met die Europeane. Hy en ene Mia het daarop in September 1908 'n petisie in dier voege deur die Goewerneur aan lord Crewe gerig en sommer ook gepleit dat die Imperiale owerheid in die saak moet ingryp.[66]

Transvaalse Regering neem Standvastige Houding in:

Die Botha-regering het nie van sy standpunt afgewyk nie. Die Asiate het die mag gehad om hulle aan die 1908-wet te onderwerp sonder dat die 1907-wet inbreuk sou doen op hulle regte. Aan hulle versoek dat 'n opgevoede Indiër in die land toegelaat moet word, het die Regering eweneens nie voldoen nie aangesien die té groot gevaar nog altyd bestaan het dat baie Indiërs die land kan instroom. Die Regering het in der waarheid voorsiening gemaak daarvoor dat permitte uitgereik word aan 'n sekere getal professionele persone wat vir beperkte tye in Transvaal kon bly ten behoewe van die welsyn

van/...

---

64) Wette van Transvaal: Wet no. 36 van 1908.
65) The Star, 22.8.1908.
66) Cd. 4584, pp. 1-8; The Star, 11.9.1908.

van die Indiese gemeenskap. Sodanige permitte moet dan van tyd tot tyd hernu word. Hierdie voorstel het die Indiërs egter by monde van die British Indian Association verwerp en geëis dat die reg van vrye immigrasie onder die gewone immigrasiewet van die Kolonie aan minstens ses "highly educated Indians" jaarliks toegestaan word "... in order to minister to the spiritual and intellectual needs of the people." +

Namens die Transvaalse ministerie het die Goewerneur die Koloniale Kantoor verwittig dat die Indiërs, in plaas van aansoek te doen om permitte vir die verblyf van opgevoede rasgenote, hulle die 1908-wet uitgetart het vir agitasiedoeleindes. Die Ministerie was bowendien van mening dat die bestaande Wet ruimskoots voorsiening maak vir enige gewettigde behoefte van die Indiese gemeenskap, as hulle die voordele daarvan wil benut. 67)

Van alle oorde uit Suid-Afrika het die Transvaalse Regering die grootste simpatie en steun ontvang in sy stryd teen die Asiatiese bedreiging. Verskillende persorgane het gewys op die noodsaaklikheid van die teenmaatreëls deur die wet, op die gevaar wat die Indiërs is in die wording van 'n Suid-Afrikaanse eenheidstaat, op die ondermynende invloed wat hulle is in die land se kommersiële struktuur en die probleem wat hulle skep in die handhawing van sowel 'n hoë sosiale lewenspeil as die oppergesag van die blanke.

"South/...

+ 'n Aantal Engelssprekende blankes het gemene saak gemaak met die Indiese protesleiers. Hulle was: W. Hosken (die lid vir Von Brandis), en verder A. Cartwright, Eerw. J.J.Doke, Chas. Phillips, John Howard, H. Kallenbach, D.Pollock en W. Evans (The Star 4.11.1908). Op 13 November het die "Star" hierdie optrede van Hosken en sy vriende gelaak. Sterk afkeur is ook deur die "Friend" uitgespreek: "It is to be regretted that English sympathisers with the Transvaal Indians cannot see the hard facts of the position as we see them. If they did, there would be no agitation among Indians in South Africa, for we believe the trouble is being kept alive by the influential nature of the English support it receives." (13.11.1908).
Ook die "South African News" het geskryf: ".. it is .. lamentable to see Englishmen lending themselves to the support of a movement which may possibly have grave consequences and which has no moral or legal justification." (7.11.1908). Sonder hierdie steun en die "misdirected sympathy ... in England ... it is quite probable that the agitation would have died a natural death." (10.11.1908).

67) Cd. 4584, 5.11.1908; Pyrah, a.w. pp. 106-107; The Star, 4.11.1908.

"South Africa has the right to keep out immigrants whose presence threatens the foothold of the white race. Our sheer duty is to preserve the country at all costs for ourselves and our descendants and to do this it is essential to prevent its being overrun by races whose permanent presence means our ultimate ousting,"

het die "Friend" geskryf. Ook die Johannesburgse Kamer van Koophandel het die Regering onvoorwaardelik gesteun in sy beleid ten opsigte van die Asiate.[68]

Crewe, die nuwe Minister van Kolonies,+ het dit wyslik geag om nie teen die eenparige standpunt van die Transvaalse Regering en Opposisie sowel as teen die algemene gevoel van die blankes in Suid-Afrika te handel nie. Die Indiër-petisie van September 1908 is gevolglik verwérp en aan Selborne het hy meegedeel:

"It is clear that the demands of the petitioners in this matter have no chance of acceptance until public opinion in the Transvaal undergoes a change. .... It is not in the interests of the Indians themselves that His Majesty's Government should endeavour to press on your Ministers any policy which cannot be expected to find reasonable support among the electors." [69]

Tog het die Liberale Regering sterk meegevoel gehad met die Indiese lydelike versetbeweging, veral vanweë die belangstelling wat dit gaande gemaak het in Engeland en die onverminderde agitasie in Indië self. Om die geskil te probeer oplos, het Crewe voorgestel dat sodra al die Indiërs in Transvaal geregistreer is, albei die Wette (no. 2 van 1907 en no. 36 van 1908) herroep moet word, dat die bepalings wat nodig is vir identifikasiedoeleindes weer wetlik vasgelê word en dat nuwe immigrante beheer word deur 'n streng Immigrasiewet.[70]

Selborne het hierdie voorstelle aan die Botha-regering

voorgelê/...

---

68) The Friend, 13.11.1908; The Star, 20.11.1908; The Bloemfontein Post, 17.11.1908; The Natal Witness, 14.12.1908; The South African News, 28.11.1908.

\+ Sir Henry Campbell-Bannermann het in April 1908 sy premierskap neergelê. Asquith het hom opgevolg en Lloyd George het Minister van Finansies geword. Crewe het Elgin se plek ingeneem as Minister van Kolonies (Koloniale Sekretaris). Kol. J.E.B. Seely het Churchill opgevolg as Onder-sekretaris van Kolonies en lg. het Lloyd George se amp as Minister van Handel (President of the Board of Trade) oorgeneem. Campbell-Bannermann is kort hierna, op 22 April 1908, oorlede. Die ander ministeriële skommelinge in die Britse kabinet was van minder belang vir die Kolonies.

69) Aangehaal by Pyrah, a.w. p. 107.

70) Pyrah, a.w. p. 107.

voorgelê maar hulle het geweier om dit te oorweeg. In 'n uitvoerige skrywe aan Selborne het Botha (wat nou in Kaapstad was vir die sitting van die Nasionale Konvensie) aangevoer dat dit die oogmerk van die Indiërs is om die Asiate-wette ongedaan gemaak te kry, dat hulle agiteer vir gelyke behandeling met die blankes en dat hulle wil hê dat dieselfde opvoedkundige toetse vir Indiese as vir blanke immigrante moet geld. Sodanige beleid sal nooit gevolg kan word nie en sal hewige teenstand uitlok in die parlement. Sy Regering was van mening dat die lydelike versetbeweging begin kwyn het aangesien die meeste Indiërs in Transvaal hulle aan die wet onderwerp het. Om nou toegewings te maak aan 'n weerbarstige minderheid sou net die posisie vererger. 71)

Hierdie onwrikbare houding van die Transvaalse Regering het die Koloniale Kantoor in Londen oortuig dat dit raadsaam sal wees om nie teen die wil en beleid van die blanke inwoners van die Kolonie en hulle verantwoordelike owerheid aan te dring op ruimer toegewings aan die Indiërs nie. Crewe het Selborne gevolglik in kennis gestel om die Indiese petisionarisse mee te deel dat die Transvaalse Regering nie te vinde is vir die herroeping van die Asiate-wetgewing nie; die Imperiale owerheid kan hulle saak dus nie verder verdedig nie. 72)

Van Oktober 1908 tot in Mei 1909 (met 'n kort onderbreking van 19 Desember tot 11 Januarie) was Botha en Smuts as afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie afwesig uit Pretoria. As waarnemende Eerste minister het adv. Jacob de Villiers egter gesorg dat die registrasie- en immigrasieregulasies stiptelik nagekom word. Alle tekens het daarop gedui dat Gandhi se volgelinge aan die minder word was. Hofuitsprake deur die verantwoordelike magistrate het die Regering se beleid ten goede gestrek en oortreders is in die tronke gestop of gedeporteer. 73) Die toestand was egter allermins bevredigend. Voortdurend was daar klagtes oor die behandeling wat Indiërs ontvang en besware is geopper as sou die Indiërs in die gevangenis slegter daaraan toe wees as die naturellegevangenes. In die Britse Laerhuis is telkens vrae gestel oor die kwessie terwyl onderhoude aangevra is met die Goewerneur. Selborne het geweier en verklaar dat die vraagstuk die verantwoordelikheid van die Ministers is. Ook hieroor het dan klagtes gevolg.

Gandhi/...

---

71) Cd. 4584, 15.12.1908 en 19.2.1909; Pyrah, a.w. pp.107-108.
72) Ibid.
73) The Star, 6.2.1909.

Gandhi was steeds die spreekbuis van die 'British Indians'. Afgesien van sy besware oor sake soos grondbesit deur Indiërs en die segregasie-regulasies van die Spoorweg- en Stedelike vervoerdienste, het hy eintlik bly agiteer vir die herroeping van Wet no. 2 van 1907 en vir die

"guarding of the status of educated British Indians on a basis similar to that adopted in the other Colonies ... in accordance with British traditions...."

Die versetveldtog is opnuut aangeblaas; in die Kaap het die Indiërgemeenskap betogings behou ter ondersteuning van die agitators in Transvaal en selfs in Indië het massavergaderings gevolg as protes teen die behandeling van hulle lotgenote deur die Botha-administrasie. 74)

Die deportasie van Indiërs uit Transvaal het 'n nuwe probleem geskep: Natal en die ander buurstate het beswaar gemaak teen die aflaai van ongewenste immigrante op hulle gebied; die Natalse Regering het 'n versoek gerig aan Botha dat daar 'n beter verstandhouding tussen die twee Kolonies moet wees oor die saak en dat die Transvaalse administrasie hom van ontwyfelbare sekerheid moet vergewis dat daar alleen teen skuldige persone opgetree word. 75) Hierop het die Botha-ministerie 'n ooreenkoms met die Regering van Portugees-Oos-Afrika aangegaan waarvolgens die veroordeelde Indiërs op Transvaalse koste via Delagoabaai na Indië gedeporteer kon word 76) Tog was daar nog na skatting sowat 2,000 volwasse Asiate in die Kolonie wat nie geregistreer was nie en ook geen reg gehad het om aansoek te doen om registrasie nie. Behalwe die meer as 8,000 geregistreerdes was daar ook minstens 4,000 wat jonger was as 16 jaar. 77)

Gandhi het nou 'n volgende skuif gewaag in sy onversadelike strewe na groter bevoorregting van die Indiërgemeenskap. Hy het nl. probeer munt slaan uit die besoek van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na Londen wat in Julie-September 1909 sou plaasvind om die Konsep-Suid-Afrika-wet aan die Britse parlement voor te lê. Hy het ook geweet dat Merriman, die Kaapse Premier, groot belangstelling getoon het in die welsyn van die nie-blankes van Suid-Afrika en meer liberale idees toegedaan was omtrent sekere regte waarop hulle aanspraak gemaak het. In 'n brief aan Merriman enkele dae voor dié se

vertrek/...

---

74) Cd. 5363; The South African News, 10.3.1909.
75) Eerste Minister (Natal) Brieweboek 122, pp. 724-725, 7.2.1909.
76) Pyrah, a.w. p. 108.
77) Cd. 5363, 21.12.1909: Selborne aan Crewe.

vertrek na Engeland het Gandhi die hoop uitgespreek dat e.g. samesprekinge sal kan voer met sekere hoë lui in Londen oor die posisie van die Indiërs in Transvaal, en dan stel hy openlik die eise waar hy nou al meer as 'n jaar op aangedring het en wat die Indiërs s.i. vanselfsprekend toekom:

"The question ... is exceedingly simple. All we want is repeal of the Asiatic Act, ... the repeal, placing the status of highly educated Indians on a footing of equality under the Immigration Law, leaving it open to the administration under the education test, to make it so severe as to debar from the Colony more than say six persons per year. What we bitterly resent is the racial bar, involving as it does a national insult." 78)+

As Suid-Afrikaanse patriot sou Merriman egter nie toelaat dat sy gevoel vir die nie-blankes die groter ideaal van staatkundige eenheid verongeluk nie. Onderwyl die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes in Londen verkeer het, het sekere groepe hulle dit ten taak gestel om die Britse gemoedere gaande te maak teen die kleurskeidslyn wat in die voorgestelde Suid-Afrika-wet en in die Transvaalse Asiatewette vasgelê is. Gandhi het die geleentheid te baat geneem en Londen spesiaal besoek om hom aan te sluit by die verteenwoordigers van die 'British Indians in the Transvaal' en te agiteer teen die kleurskeidslyn in die Transvaalse Immigrasiewet. Die pogings was egter vrugteloos; teen die einde van November 1909 het Gandhi onverrigtersake na Suid-Afrika teruggekeer. 79)

Voor Smuts se vertrek uit Engeland het hy in 'n onderhoud aan 'n beriggewer van die "Morning Advertiser" oor die Indiërvraagstuk in Transvaal gesê:

"I hope it is in a fair way to disappear from the horizon of Transvaal politics. The vast majority of Transvaal Indians are sick to death of the agitation carried on by some of their extreme representatives, and have quietly submitted to the law. I have had repeated conversations with Lord Crewe and other important leaders interested in this matter and I think it will be possible now to find a solution of this vexed question which all reasonable men will consider right and fair...." 80)

Die/...

---

78) Merriman Papers no. 416, 15.7.1909.

\+ Merriman het die saak met die Goewerneur van die Kaapkolonie, sir Walter Hely-Hutchinson, bespreek en in hoeverre die Kaaps-Engelse standpunt in nie-blanke sake van die Transvaalse verskil het, blyk uit Hely-Hutchinson se antwoord aan e.g.: "I know Gandhi, (I) used to have to do with him when I was in Natal. He always struck me as being a reasonable kind of man. I think it quite likely that he has reason to complain of our friend's (d.i. genl. Smuts se) slyness." (Merriman Papers, no. 467, 28.7.1909.

79) The Star, 30.11.1909, The South African News, 20.7.1909, 10.8.1909.

80) Preller-vers. 32, Uitknipsel: Morning Advertiser, 30.8.1909

Die Unie-regering erf die Transvaalse Indiër-vraagstuk:

Die laaste sitting van Tranvaal se eerste parlement het in April 1910 gevolg. Van die kant van die Indiër-leiers is nog voortdurend klagtes ingedien oor die onsimpatieke behandeling wat die Indiërs in die Kolonie ontvang en die minagting van hulle godsdienstige beginsels deur die amptenare. Aan die Imperiale owerheid het die Botha-regering laat weet dat dit met die oog op die op hande synde Unifikasie van Suid-Afrika heeltemal ongeleë is om wetgewing in te dien vir die finale skikking van die Transvaalse Indiërprobleem. 'n Week na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het Crewe aan lord Gladstone, die eerste Goewerneur-generaal, meegedeel dat die Imperiale Regering die erns van die politieke gevolge wat moontlik mag spruit uit verdere deportasies van Indiërs in 'n ernstige lig beskou; hulle het die vertroue uitgespreek dat die inhuldiging van die Unie dit moontlik sal maak om die kwessie bevredigend te skik.

Die Goewerneur-generaal het die saak onder Botha se aandag gebring. Botha, nou die Unie-premier, het geantwoord:

"...the position of British Indians in Transvaal is, in conjunction with impending legislation for the general control of immigration to the Union of South Africa, the subject of the earnest consideration of Ministers, and that as soon as a satisfactory conclusion has been arrived, a further communication on these questions will be transmitted."

Die redes waarop die Indiërs hulle baie klagtes gegrond het oor die behandeling in die gevangenisse, het Botha met beslistheid weerlê. Die Indiërs was die enigste klaers en van al die gevangenes was hulle maar 2%. 81) +

Die/...

+ Net soos Smuts het genl. Botha die immigrasie van Indiërs na Suid-Afrika verafsku. Natal was die groot sondaar en daarom het hy aan die einde van 1909 aan Moor, die Natalse premier, geskryf: "You will no doubt be aware that a great amount of anxiety exists in South Africa outside Natal, and especially in the Transvaal, on account of the policy which Natal is pursuing with reference to the importation of Indian labourers. ... The great number of Indians in Natal today constitute a serious menace to the realization of our 'White Country' dream and every additional coolie who is allowed to settle in Natal will make the situation worse and the whole question more difficult to be dealt with afterwards. ... I feel very keenly that that policy of allowing a still greater number of coolies to be indentured in Natal can only be fraught with the most serious consequences in the future and this must be my excuse for writing to you about it in the hope that you may still be able to do something to restrict such further importation." (Eerste Minister (Natal) 109, 20.11.1909)

81) Cd. 5363, 11.2.1910; 23.2.1910; 8.6.1910; 2.7.1910; 8.8.1910

Die Transvaalse Indiërprobleem het onopgelos gebly. Die Botha-regering se eerlike pogings om die saak bevredigend te skik het telkens skipbreuk gely op die rots van Britse imperiale beleid. Die Unie-regering wat in Mei 1910 oorgeneem het, het hierdeur een van die neteligste vraagstukke geërf wat sy geduld en takt tot die uiterste sou beproef.

DIE SJINESE ARBEIDSVRAAGSTUK OP DIE WITWATERSRANDSE GOUDMYNE.

Die Staking op die Witwatersrandse Goudmyne:

Onderwyl Botha in Engeland was, het sy regering in Transvaal onder waarnemende premier Smuts te kampe gehad met 'n ernstige staking op die Witwatersrandse goudmyne. Die hele aangeleentheid het hand aan hand gegaan met die netelige werkloosheidsprobleem en ook die ongunstige verhouding tussen blanke en gekleurde arbeid wat deur die mynbase in hulle eie voordeel uitgebuit is.

Op 28 Maart 1907 al het die waarnemende Eerste minister 'n brief aan die sekretaris van die Kamer van Mynwese gerig waarin hierdie liggaam vriendelik versoek word om behulpsaam te wees met die verskaffing van werk aan die duisende werkloses aan die Rand wat in baie gevalle ernstige gebrek ly [82] Die Kamer van Mynwese het die voorstel kil ontvang daar dit gebots het met hulle beleid om blanke arbeid op die myne soveel moontlik uit te skakel en voorrang te verleen aan goedkoper nie-blanke-arbeid. En juis op hierdie stadium het die bestuur van o.a. die Knight Deep-myn, digby Germiston, 'n stap verder in die rigting geneem deur 'n groter aantal masjienbore onder die toesig van een blanke mynwerker te plaas as wat tot op dié stadium gebruiklik was. Dié besluit het beteken dat 'n groot aantal blankes sonder werk was en tweedens dat diegene wat in die werk behoue gebly het se gesondheid ernstiger bedreig is. [83]

Vroeg in Mei het die werkers gevolglik besluit om te staak en die beweging het vinnig versprei na ander myne op die Oos-Rand. Die toestand het ernstiger geword toe die stakers - hoofsaaklik ongetroude inkomelinge van oorsee - hulle posisie teenoor die mynbesture wou versterk deur die

werkloses/...

---

82) Eerste Minister (Tvl.) no. 15, 73/9, 28.3.1907.
83) De Volkstem, 11.5.1907; The Transvaal Leader, 9.5.1907; Meyer, a.w. pp. 452-453.

werkloses op die Rand te probeer verhinder om hulle werk oor te neem in die myne. Groot protesvergaderings is gehou waar leiers van die Arbeidersparty, soos Wybergh, die standpunt van die werker verdedig het teen die grootkapitaal. [84] Smuts was verplig om opdrag te gee dat polisie- en leërafdelings oral op die Rand in gereedheid gehou word om die nie-stakers en werkloses te beskerm; terselfdertyd sou dit verseker dat die myne se werksaamhede voortgaan. Inderdaad het die Barnato Group-myne vir Smuts en Rissik, die minister van mynwese, bedank vir die "prompt and courteous action in this matter." [85]

In Engeland wou die goudmagnate die staking, die Sjinese-kwessie, die werkloosheidsprobleem (wat veral Afrikaners gegeld het) en Botha se geslaagde £5 miljoen-lening alte graag in verband met mekaar bring. [86]

Toe Botha terug is in Transvaal was daar reeds tekens dat die staking, danksy Smuts se ferme optrede, aan die afneem is. Die mynbesture het ook nou besef dat die alleenlopende man van oorsee nie so geskik is nie as die Afrikaner-gesinshoof wat hy intussen in e.g. se plek opgeneem het. Aldus is die staking gou in sy voortgang gestuit en uiteindelik beëindig. Die ontslane Britse mynarbeiders het uit teleurstelling in groot getalle die land verlaat en hulle posisies is gevul deur werklose Afrikaners wat, in weerwil van baie myneienaars se onwil om meer blanke arbeiders in die goudindustrie op te neem, [87] sedertdien hulle regmatige aandeel begin verkry het as werknemers in die myne. [88]

<u>Die verdaagde Parlementsitting word hervat - Die Sjinese Arbeidsvraagstuk:</u>

Pas na Botha se terugkoms uit Engeland het die Hoofkomitee die vierde algemene jaarkongres van Het Volk belê, nl. op 6 Junie 1907 te Pretoria. Dit was die eerste kongres sedert Het Volk se pragtige oorwinning by die stembus waaruit die besondere feit gevolg het dat drie van die sewe lede van die Hoofkomitee (Botha, Smuts en De Villiers) nou ook lede van die kabinet was terwyl Wolmarans 'n lid van die Hoërhuis was en Beyers speaker. De la Rey en Burger was gewone dog invloedryke lede van die Wetgewende Vergadering. Dít en die feit dat daar in die Vergadering van 69 lede 37 verteenwoordigers van

Het Volk/...

---

84) De Volkstem, 15 en 25.5.1907; The Star, 17 en 22.5.1907.
85) Kol.-Sekr. Band 798, no. 12771, 21.5.1907.
86) Preller-vers. no. 31(5) (The Morning Post, 28.5.1907 - Uitknipsel).
87) Eerste Minister (Tvl.) no. 58: Correspondence with sir Francis Hoopwood, 29.8.1907.
88) Meyer, a.w. p. 453; Merriman Papers, no.58, Steyn aan Merriman, 9.6.1907.

Het Volk was, het meegebring dat die burgers van Transvaal in direkte kontak met die regering en die volksraad was sodat hulle begeertes onmiddellik onder die aandag van die landsowerheid gebring kon word.

Met reg kan hierdie eerste kongres na die verkiesing die 'Kongres vir die Wysiging van Wette' genoem word. Onthou moet word dat die volk vir sewe jaar lank geen seggenskap gehad het in die opstel of verandering van die landswette nie en dit spreek vanself dat toe hulle die geleentheid eindelik kry, daar 'n behoefte was vir heelwat veranderings. Die 1907-kongres het nl. gevra dat o.a. die volgende wette gewysig moet word: die onderwyswet, brandsiekte-, stadsrade-, plakkers-, polisie-, veepes-regulasiewet, goud-, pas-, water-, kriminele regspleging-, drank-, tolunie-, omheinings-, okkupasiewet, die wet op besmetlike siekte, die wet op openbare feesdae en die wet op die verkoop van medisyne. Daarenbowe is versoek dat verskeie nuwe wette gemaak moet word soos bv. 'n nuwe insolvensie-wet, 'n wet oor weddenskappe, 'n nuwe maatskappywet, 'n wet om geskille tussen werkgewers en arbeiders te besleg en 'n koöperasie-wet.[89] Dat die Boere 'n lewendige belangstelling getoon het in en daadwerklik wou bydra tot die maatskaplike, ekonomiese en kulturele welsyn van hulle land lei geen twyfel nie. In die volgende hoofstukke kan ons sien hoe die belangrikste beskrywingspunte landswet geword het. Vir die Botha-regering was die Sjinese-arbeidsvraagstuk op daardie oomblik egter die belangrikste.

Het Volk is hoofsaaklik aan bewind geplaas uit hoofde van sy ekonomiese beleid of dan wel deur 'n groot meerderheid kiesers wat anti-Sjinees en sterk gekant was teen die industriële beleid van die Kroonkoloniebestuur. Dieselfde dag toe die kabinet ingesweer is, het Smuts aan Merriman geskryf:
"(We) are absolutely determined to end the Chinese curse within a limited time. If we do only that, our work will not have been in vain...."[90]

Toe die parlement slegs 'n dag of vyf na die Het Volk-kongres byeenkom (14 Junie 1907), het die Premier onomwonde in sy beleidsverklaring bekendgemaak dat dit die oortuiging van sy regering is dat die stelsel van Sjinese-arbeid nie alleen in die hoogste graad strydig is met die duursame belange van Transvaal nie, en dus op die vroegs moontlike geleentheid gestaak moet word maar ook dat die aanbod van naturelle-arbeid vir

'n geruime/...

---

89) De Volkstem, 8.6.1907.
90) Merriman Papers, no. 18, 4.3.1907.

'n geruime tyd reeds die aanvraag ruimskoots oorskry. Die Regering het juis 'n Naturelle-arbeidsburo in die lewe geroep en dié buro sal toesig hou oor die rekrutering van en kontrole uitoefen op die sistematiese verskaffing van naturelle-arbeiders aan die myne. Dit sal waak oor die belange van die naturelle in die arbeidsdistrikte waardeur daar by hulle 'n groter vertroue in hulle werkgewers ingeboesem sal word. Hoewel die Kaapkolonie besig is met die oprigting van 'n eie arbeidsagentskap om die Rand van werkvolk te voorsien, is die Regering se Arbeidsburo ook in dié gebied bedrywig met die aanwerf van arbeiders en hy is vol vertroue dat ook Natal en Zoeloeland spoedig oop sal wees vir dié doel. Ten slotte word gepoog om die Witwatersrand Native Labour Association op meer bevredigende grondslag te plaas sodat die werwing van naturelle aan die Ooskus vlotter kan verloop. Die Regering verwag dat die repatriasie van die Sjinese sal lei tot die herstel van 'n gesonder en stabieler toestand op die myne, wat op sy beurt sal uitloop op die indiensneming van meer blankes, die ekonomieser en deegliker gebruik van naturelle-arbeid en 'n groterskaalse aanwending van meganiese werktuie op die myne. 91)

Die Progressiewe party het uit die aard van die saak Botha se verklaring betreur en in die dae daarop het hulle pers van nuuts af hulle heftige aanvalle teen die ministerie en teen die Liberale owerhede geloods. Die £5 miljoen-lening en repatriasie van die Sjinese, het die "Star" beduie:

"... are inter-dependent questions .... The labour question, on which the country depends, has been settled in Downing Street and not in Pretoria, ... the Transvaal Government has been rewarded for its tame submission, and indemnified against the immediate consequences of submission.... "

Daar is 'n té noue vriendskap tussen die Ministerie Botha en die Liberale Regering; e.g. is té afhanklik van lg. en dit maak van die selfregering waarvoor Het Volk so ywerig geagiteer het, 'n klug, het dié magnate-blad beweer. 92) Ook die "Transvaal Leader" het betoog dat Botha slegs een of twee onvermelde konferensies van informele aard met die Liberale vriende gevoer het,

"... and the deal was complete, the doom of the Chinese was sealed, and the Transvaal received a Land Bank for a ruined industry, a loan for an act of folly and injustice. Liberalism was tided over its present difficulties and saved its face before the British electorate, and Genl. Botha is able to redeem his promise to the farmers of this Colony." 93)

Churchill/...

---

91) Debatten: Wetg. Verg. Eerste Sitting (1907) pp.35-36.
92) The Star, 19 en 20.6.1907.
93) The Transvaal Leader, 20.6.1907.

Churchill het hierdie aantygings beslis ontken en daarop gewys dat Botha self reeds van 1903 af 'n teenstander was van ingevoerde Sjinese arbeid. 94) En Botha het op sy beurt aan sir Richard Solomon, Transvaal se algemene verteenwoordiger (Agent-generaal) in Londen oor hierdie sg. "Bargain" geskryf: "... I am sure that the future will show that our policy is not based on any bargain with the Imperial Government, but on the desire to put into effect the policy on which we fought the last election." 95)

In die parlement het die leier van die Opposisie, sir George Farrar, 'n mosie ingedien waarin die mededeling van die Eerste minister met betrekking tot die kwessie van ongeskoolde arbeid betreur word. As die voorstel van die Eerste minister goedgekeur word, het die mosie gelui, sou die bestaande betreurenswaardige toestande van onsekerheid voortduur, dit sal ernstige gevolge hê vir die myn-industrie waarvan die Kolonie afhanklik is en dit sal ernstige finansiële moeilikhede en ellende meebring onder alle klasse van die gemeenskap. Sodanige beleid sal die inkomste van die Kolonie verminder en 'n nadelige uitwerking hê op sy krediet; daarom is dit ongewens om onder die omstandighede die bestaande skuldelas te verhoog deur verder geld onder die waarborg van die Imperiale owerheid te leen, soos die voorneme van die plaaslike regering is. 96)

Die Debat oor die Sjinese Arbeidsvraagstuk: Vyf dae lank - van 17 tot 21 Junie - het die debat geduur en aangesien die Progressiewe verteenwoordigers onder die indruk verkeer het dat sommige van die lede aan Regeringskant nie ten volle saamstem met die premier se beleidsverklaring ten opsigte van die Sjinese nie, het hulle 'n gedetermineerde aanval van stapel gestuur teen die voorgenome stap van die Regering. 97) Maar met danige nuwe argumente het nie een van die byna twintig sprekers aan Opposisiekant gekom nie. Hulle weeklange sarsie oratoriese vuurwerk het heel gou twee dinge aan die lig gebring:

(i) dat die Proggressiewe besef het dat die Sjinese-kwessie, soos Smuts dit saaklik opgesom het, „.... zo dood is als een pier. Zij hebben zich bij het onvermijdelike neergelegd. Zij hebben om het graf gestaan en hebben er in gekeken."

(ii) Omdat die Sjinese arbeiderskwessie en Farrar se mosie daaromtrent nie op eie pote kon staan nie, is die Regering se/...

---

94) Ibid. 22.6.1907.
95) Eerste Minister (Tvl.) Band 58, Konfidensiële korrespondensie tussen Botha en Solomon, 3.7.1907.
96) Debatten: Wetg.Verg. Eerste Sitting (1907) p. 36.
97) Ibid. Die Chinezen-werkvolk-debat pp. 35-197.

se gewaarborgde lening van £5 miljoen daarby ingesleep en gevolglik het al hulle lang toesprake gehandel „over de gegarandeerde lening, en zeer zelden en slechts in een hoekje van hun toespraak zijn zij tot de Chinezen gekom," het Smuts hulle betig.

Baie Opposisielede het groot bitterheid aan die dag gelê in hulle aanvalle op die Eerste minister omdat hy die lening vir Landbank- en ander doeleindes verkry het 98)

Smuts het die Progressiewe Opposisie gewaarsku teen hulle eie stiksienigheid in hierdie opsig en voorspel dat die uitslag van die stemming oor die mosie

„... in de tijden die komen zullen, ... tegen een ieder van hen zal getuigen. Zij hebben de macht in dit land gehad. Zij hadden de macht van de oorlog, al hadden zij niet de macht van de vrede. Hoe gebruiken zij haar? Zij waren een enorme partij. Waar is die partij? Ik zie heden avond voor mij de generaals van het grote Progressieve leger, maar waar is het leger? ... Zij hebben hun leger verloren, en van de manier waarop zij heden avond zullen stemmen, zal het afhangen of zij ooit hier in dit land macht terug zullen krijgen." 99)

Die lang debat het bewys dat die Ministerie Botha en sy ondersteuners in die parlement die goudmynindustrie geensins vyandiggesind is nie. Die feit, egter, dat soveel duisende Afrikaners op die Rand werkloos was en in die grootste ellende verkeer het, terwyl arbeid aan uitheemse Oosterse werkers gegee word, het die lede aan regeringskant saamgesnoer in hulle vasberadenheid dat die Oosterlinge uit die land moet trap. Vir hulle was dit 'n kwessie van sedelike plig teenoor Suid-Afrika en sy blanke inwoners. Die vraagstuk het meer behels as slegs die 53,000 Sjinese wat reeds op die Rand werksaam was; dit het ook gegaan om die vraag of daar nie uiteindelik 500,000 of meer Sjinese in Suid-Afrika sou wees nie. Die leier van die Opposisie, het Botha verklaar, kan met reg beskou word as die vader van die Sjinese in dié land; een ding is hy (Botha) egter seker van:

„de Transvaal weigert beslis de rol van moeder te spelen en als mijn Regering en de partij aan deze zijde zou toestaan het kontrakt te verlengen dan zou zij spotten met de belangen van het volk en de rechten verkrachten en een zedelik moord plegen. Dus moet dit kwaad met wortel en tak uitgeroeid worden." 100)

In die stemming wat kort voor elfuur die aand van 21 Junie gevolg het, is die Farrar-mosie met 45 teenoor 21 stemme verslaan; die Arbeiders en die Nationals het saam met die verteenwoordigers van Het Volk gester 101) en die Progressiewe Party is in die annale van die geskiedenis vir goed gebrandmerk as dié organisasie wat ter wille van ekonomiese gewin Suid-

Afrika/...

---

98) Ibid. Die Koloniale Sekretaris, p.183. De Volkstem 22.6.'07.
99) Debatten: Wetg.Verg. 1ste itting (1907) pp. 188-189.
100) Ibid. pp. 137-138. 101) Ibid. p. 197.

Afrika wou belas met 'n soortgelyke gevaar as die Indiërs wat deur die aanmatigende sentimentaliteit van die Britse imperiale politiek hierdie Suidland in steeds groter getalle binnegekom het.

Die kwessie omtrent die dienskontrakte: Die laaste fase van die Sjinese arbeidsvraagstuk op die Witwatersrandse goudvelde het op 6 Augustus ingetree met die debat oor die dienkontrakte waaronder die Sjinese die land ingekom het. Die goudbase in die parlement - veral Drummond Chaplin en Fitzpatrick in die Wetgewende Vergadering en hulle Progressiewe ondersteuners in die Wetgewende Raad - het 'n laaste poging aangewend om 'n verlenging van die dienskontrakte te verkry. Hulle verbete stryd was begryplik. Die aanwesige 53,000 Sjinese arbeiders was nou reeds ervare en vaardige manne wat na ses maande tot drie jaar van diens op die myne baie gunstig vergelyk het met die nuwe, oningewyde naturellerekrute wat dikwels net 'n jaar of vir selfs 'n korter periode aangebly het. Aangesien dit finaal neergelê is dat geen bykomende Sjinese die land mag inkom nie, het die mynmagnate gereken dat dié wat reeds hier werksaam is, toegelaat moet word om hulle dienstydperk te verleng; hierdeur sou hulle doeltreffendheid nog verder toeneem. Ook het die aanwesige Sjinese geen addisionele werwings- en invoerkoste geverg nie terwyl die naturelle wat deur die Regering as plaasvervangende arbeid voorgestel is opnuut rekruteringsonkoste sou meebring. [102]

Die Regering het voet by stuk gehou; Het Volk was vasberade "to clean the moral cesspool of Johannesburg," het Botha aan Merriman geskryf; [103] geen dienskontrakte sou hernu word nie en na gelang dit verstryk, sou die Sjinese gerepatrieer word. Twyfel het ontstaan omtrent wie verantwoordelik gehou moet word vir die repatriasiekoste. Die magnate het aangevoer dat die wet wat hulle verhinder om die kontrakte te hernu, hulle onthef van die verpligting om die repatriasiekoste te dra. Maar die Prokureur-generaal, adv. Jacob de Villiers, het 'n wetsontwerp ingedien wat die saak opgehelder het. Die werkgewers wat die Sjinese hier ingevoer het, is naamlik verplig om ook vir hulle terugsending te betaal. [104] Die Wet is, veral in die Hoërhuis, kwaai beveg deur die Progressiewe ondersteuners. By 'n uiteindelike verdeling van

stemme/...

---

102) Meyer, a.w. pp. 463-464.
103) Merriman Papers, no. 63, 25.6.1907.
104) Debatten: Wetg. Verg. Eerste Sitting (1907) p.1090.

stemme in die Komiteestadium was die uitslag gelykop - 7 stemme aan beide kante. Die voorsitter, Hugh Crawford, moes sy beslissende stem gebruik. Hy het teen die Progressiewe lede gestem en op 13 Augustus is die Maatreël goedgekeur. 105) Drie dae later het die Wet die koninklike bekragtiging ontvang. 106)

Hiermee was die lot van die Sjinese-arbeiders in Transvaal beklink. Die eerste groep van wie die kontrakte verval het, saam met 'n aantal ongewenste karakters, liggaamlik ongeskiktes en staatsondersteunde gerepatrieerdes, het op 2 Julie 1907 hulle terugreis na Sjina begin. 'n Jaar later was daar van die maksimum getal van 53,000 Sjinese op die Rand nog 21,636 oor, en op 30 Junie 1909 het die getal reeds tot 5,378 gedaal. 107)

Die kroon op sy arbeid wat hy met sy protesvergadering op 2 Julie 1903 te Heidelberg begin het en waarop die volkskongres van Mei 1904 gevolg het wat uitgeloop het op die stigting van Het Volk op 28 Januarie 1905, het genl. Louis Botha gesmaak toe die laaste skeepsvrag Sjinese Oosterlinge op 31 Maart 1910 die Suid-Afrikaanse bodem van Durban af verlaat het. 108)

Intussen was daar geen teken van 'n ekonomiese ineenstorting nie in nòg Transvaal nòg die res van Suid-Afrika soos die magnate-politici en hulle pers so beangstigend voorspel het. Inteendeel - op 11 Maart 1907 reeds het die anti-Progressiewe myneienaar, J.B. Robinson, aan Botha geskryf: "... should the Chinese now working at the North Randfontein leave the mine to-morrow, we are able to replace them by Natives several times over."
Nie een van hierdie naturelle is in Portugees-Oos-Afrika gewerf nie hoewel die Robinson Group-myne se verteenwoordigers in Delagoabaai die versekering gegee het dat as die nodige reëlings met die Portugese getref kan word, "... they will be able to send us a large number at once." 109)

Die Transvaalse Regering het nie stilgesit nie. Sy Naturelle-arbeidsburo se energieke pogings vir die bevordering van 'n toevoer van naturelle na die Witwatersrandse goudmyne, was nie sonder sukses nie, en genl. Smuts se besoek aan Lourenco Marques einde Maart begin April het die onderhandelinge

met/...

---

105) Debatten: Wetg. Raad Eerste Sitting (1907) pp. 372-373.
106) Ibid. p. 468.
107) Meyer, a.w. pp. 475-479.
108) De Volkstem, 31.3.1910.
109) Eerste Minister (Tvl.) no. 15, 73/4, 11.3.1907.

met die Portugese vir die aanwerwing van naturelle in Mosambiek deur die W.N.L.A., vergemaklik. [110] In sy openingsrede op 15 Junie 1908 met die tweede sitting van die Transvaalse parlement, het Selborne verklaar dat die Regering se beleid van repatriasie van die Sjinese met volkome sukses geregverdig is. Die 31,157 Sjinese wat op dié stadium teruggestuur is, is deur meer as voldoende naturelle uit alle dele van Suid-Afrika vervang; die goudopbrengs het geleidelik vermeerder terwyl die bedryfskoste van die myne gedaal het. Die industrie rus inderdaad op 'n gesonder grondslag as ooit tevore, het hy verklaar. [111] Teen Junie 1909 was daar 2 naturelle-arbeiders beskikbaar vir elke gerepatrieerde Oosterling en teen die 8,334 naturelle wat in Junie 1908 in Transvaal om werk aangeklop het, was daar in Januarie 1910 13,831. [112]

Op 'n vergadering van naturelleverteenwoordigers uit die vier Kolonies en Betsjoeanaland wat in Maart 1910 te Bloemfontein plaasgevind het, het afgevaardigdes die „diep gevoelend dankbetuiging der zwarte rassen van Zuid-Afrika" teenoor genl. Botha uitgespreek „voor de dienst aan hen door de Transvaalse Ministerie gedaan met het terugzenden der Chinesen." [113]

Van sy beleid om eerder aan produktiwiteit en produksiekoste ag te gee as aan kleur, het die Kamer van Mynwese nie afgesien nie. Selfs vir geskoolde en halfgeskoolde arbeid het die werkgewers op die myne voorkeur gegee aan gekleurde werknemers; gevolglik het die strewe van die Botha-regering dat meer blankes deur die goudmyne in diens geneem moet word ten einde 'n gunstiger verhouding in die getalle van blanke en nieblanke te skep, nie geslaag nie. [114]

<u>Gevolge van Indiensneming van Sjinese:</u> Daar was belangrike politieke, ekonomiese en maatskaplike gevolge vir Suid-Afrika na die eksperiment met die Sjinese arbeiders op die Randse goudvelde. In 'n groot mate het hierdie Transvaalse aangeleentheid bygedra tot die verpletterende neerlaag van die Unioniste in Engeland met die verkiesing van Januarie 1906. Die Liberale Regering wat daarop aan bewind gekom het, was bereid om Transvaal (en die Vrystaat) te vrywaar van die so ongewilde verteenwoordigende bestuursvorm en aan dié Kolonies

verantwoordelike/...

---

110) Meyer, a.w. pp. 468-469; De Volkstem, 3.4.1907.
111) Debatten: Wetg. Verg. Tweede Sitting (1908) kol.2397.
112) Kol. Sekr. no.865, 15105: Verslag oor naturelle op soek na arbeid in Transvaal; Vgl. ook Meyer, a.w. p. 470.
113) Aangehaal by: Meyer, a.w. p. 479.
114) Ibid. pp. 471-474.

verantwoordelike regering te verleen. Deur sy enigsins roekelose eleksiepropaganda het die Campbell-Bannerman-ministerie homself gekompromitteer in die sin dat hy moes toesien dat ook 'n anti-Sjinese regering in Transvaal aan bewind kom. Die bepalings in die Elgin-grondwet rakende die stemregkwalifikasies en die indeling van setels in Transvaal was gevolglik doelbewus so ingeklee dat dit onwaarskynlik sou wees dat die pro-Sjinese Progressiewe Party 'n absolute meerderheid sou behaal in die verkiesing.

Die oorwinning van die Het Volk-National-Arbeidersparty-kombinasie oor die pro-Sjinese magnate-party is deur patriotiese Suid-Afrikaners dwarsdeur die land verwelkom aangesien Transvaal met sy Sjinese-las nooit 'n welkom bondgenoot in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse eenheidstaat sou wees nie. Die repatriasie van die Oosterlinge het dié probleem uit die weg geruim.

Ekonomies het Suid-Afrika in die periode van 1904-1910 ongetwyfeld gebaat by die indiensneming van die Sjinese in die goudmyne. Hulle het in dié tydperk geoefende arbeiders geword en gevolglik hulle deel bygedra tot die ontwikkeling van die goudindustrie en die stygende goudproduksie; dit het meegehelp tot die distribusie van meer diwidende en tot die algemene handels- en nywerheidsoplewing in Suid-Afrika.

Maatskaplik was die gevolge van die werkverskaffing aan die Sjinese van tweërlei aard: die beleid van werkreservering vir blank en nie-blank is in dié dae gegrondves toe wetlik neergelê is dat die Sjinese uitgesluit word uit beroepe wat tot die arbeidsveld van die blankes behoort; voorsiening is gemaak vir goed toegeruste en higiënies ingerigte kampongs vir die Sjinese en toe hulle teruggestuur is, kon die naturelle, vir wie dergelike geriewe vroeër nie bestaan het nie, hierdie plekke betrek.[115)]

Wesenlik was die gevolge van die gebruikmaking van Oosterse arbeid in Johannesburg vir Suid-Afrika slegs materieel. Maar, materiële welvaart wat met geestelike neerlae verwerf word ‚laat geen volk gedy nie.' Die lof kom Het Volk en sy roepingsbewuste Boereleiers toe dat hulle dié gevaar afgeweer het.

---

115) Ibid. pp. 479-482.

HOOFSTUK 6.

DIE ONDERWYSBELEID VAN DIE BOTHA-REGERING.

Smuts roepingsbewus - Sy geloof in die Volk van Suid-Afrika, ten spyte van rassekreet: Pas na die inswering van die Botha-kabinet as "His Majesty's Government for the Transvaal" op 4 Maart 1907, skryf genl. Smuts soos volg aan John X. Merriman:

> "One is apt to look upon an event as this as a matter of course after the great fight we have had since December; but after all, viewed from a larger standpoint, it is really most remarkable. My mind went back to Vereeniging - separated from the present day by only six brief years - and to the determination to win(?) finally which buoyed me up even there in that darkest hour of our history. You will have seen in the appendix to De Wet's history some remarks of mine spoken at the last moment in which I referred to the great victory which was surely in store. For six years we worked away from the chasm which divided South Africa and in which its peoples had been almost engulfed and here is the result. I don't know whether the new government will succeed or fail - but this I know, that the people of South Africa have advanced at an astonishing rate for the last six years, that they are really ripe for great things and that failure will be due rather to the weakness of leaders or to cursed fate, but not to the people. They have done their duty. It now remains for us to try to do ours. It is almost appalling in its magnitude after the accumulated blunders of the past six years, and all remedies have to be pursued - not only on their merits - but even in view of this racial question which we are anxious to avoid. A one-sided Educational system, a top heavy administration in urgent need of curtailment, a falling revenue crying for retrenchment - all will have to be attacked in face of the cry of racialism which is bound to be raised. However, my experience has been that questions generally appear more formidable at a distance and that, when closely grappled with, the solutions also become more evident. So things may yet be better than we anticipate."1)

Dit was nie toevallig nie dat Smuts hier met sy ampsaanvaarding o.a. praat van "a one-sided educational system". As Koloniale sekretaris was die pos: Onderwys, een van die belangrikste onderdele van sy veel omvattende portefeulje en 'n saak wat - as gevolg van die ontwrigtende gebeure van die laaste tien jaar sowel as die groeiende besef onder die Afrikaners dat hulle nasionale voortbestaan afhang van die behoud van die Afrikaanse taal - in die hele Suid-Afrika om helderheid, koers en erkenning van grondliggende beginsels geroep het.

Met die hervatting van die parlementsitting op 14 Junie het genl. Botha in die „uiteenzetting van de regeringspolitiek" te kenne gegee dat daar veral twee belangrike wetsontwerpe deur die

Regering/.....

---

1) Merriman Papers no.18, 4.3.1907. (Skr. kursiveer).

Regering voorgelê sal word, t.w. 'n konsep met betrekking tot die landbank en dan dié insake onderwys. Hiermee het die Botha-regering homself onmiddellik in die kalklig geplaas aangesien beide onderwerpe kardinaal was in die sin dat dit wesenlik die Afrikaans-Engelse rasse-aangeleentheid geraak het. Net soos voor die oorlog was Transvaal andermaal die brandpunt van belangstelling.

Transvaal die Oorheersende Staat in S.A. - Botha die Sentrale Figuur:

Onder die opskrif, "General Botha's Predominance," het die "Natal Mercury" juis in dié tyd geskryf:

> "The central fact of the present political and economical situation in South Africa is that the country's fortunes rest in the hands of Genl. Botha more absolutely that they have ever before depended upon the will of one man."2)

Tydens sy verblyf in Suid-Afrika het Milner dag in en dag uit aan almal laat verstaan dat Transvaal die oorheersende staat in Suid-Afrika is, dat sy vooruitgang en voorspoed in fondament moet wees van die vooruitgang en voorspoed van die res van die sub-kontinent. Milner se beleid was gevolglik daarop gerig om Transvaal te versterk en te ontwikkel. In sekere opsigte het hy hom misreken maar die onderliggende konsepsie van sy idee was suiwer. Na 'n tussenfase waarin Selborne oor die algemeen Milner se beleid voortgesit het, het die stembus nou vir Botha in die magsposisie geplaas. As Transvaal dus die sentrum was van die samestel van Suid-Afrika, was genl. Botha in die onbetwisbare beheer van die hele land - mits sy politieke ondersteuners trou bly aan hom.

Heeltemal onbewus van die oorheering wat in sy persoonlikheid beliggaam is, was Botha nie. Die Konferensie in Engeland het hy as Afrikaner bygewoon maar ter wille van die belange van die hele Suid-Afrika. Jameson wou ook aanspraak maak op die verteenwoordigende posisie wat hy beklee, dog sy vertoning was flou. Wat in Londen tydens die premierskonferensie, en gelyktydig ook in Suid-Afrika, gebeur het,

> "has gone to emphasize the importance of genl. Botha's position, and to make all South Africa more deeply impressed by the truth that genl. Botha stands apart as the man who is going to mould the history of South Africa in the next few years at all events".3)

Onderwysbeleid moet eerste antwoord wees op Uitdaging aan Botha-regering:

Van die verskillende take wat die Botha-regering moes afhandel soos landbou-ontwikkeling, spoorweguitbreiding, ens., sou dit veral sy onderwysbeleid wees waaraan vriend en vyand hom/.....

2) The Natal Mercury, 1.6.1907.
3) Ibid.

hom gaan toets - en 'n gulde geleentheid het op hom gewag. Enkele jare gelede was daar twee Suid-Afrikaanse reuse - Kruger en Rhodes - en omstandighede het hulle in staat gestel om wye gesag uit te oefen. Maar nie een van hulle twee het voor die geleentheid gestaan wat nou aan Botha gebied is nie. Vir sy ideaal van Britse oorheersing het Rhodes te doen gekry met die kloekmoedige weerstand van Kruger; vir sy strewe na die uitbouing van die republikeinse vryheidsidee oor Suid-Afrika het Kruger gebots met Rhodes. Nou het Botha op die gesigseinder verskyn en sy begeerte is om beskou te word as die verteenwoordiger van Boer en Brit tegelyk en van hulle gemeenskaplike lojaliteit aan die troon. Nêrens, nie in Suid-Afrika nie en ook nie in Londen nie, het Botha hom bedwing in die plegtige openbaarmaking van sy strewe om te ywer vir die vereniging van Boer en Engelsman in een volk dwarsdeur Suid-Afrika, en die reaksie van verantwoordelike koloniale en imperiale lui op sy belydenisse was deurgaans hartlik en gul.

Na die onthale en grootspraak van sy pittoreske besoek aan Londen het 'n opmerksame ryk en 'n verlangende Suid-Afrika op Botha gewag om aan die werk te spring. Die voortreflike menings waarvoor hy toegejuig is, moet nou in praktiese administrasie en wetgewing omgesit word. Die Botha-regering sal moet bewys of hulle die vertroue wat in hulle gestel is, gaan regverdig terwyl die Premier die verwagting wat hy gaande gemaak het, sal moet verwesenlik. Die oorheersende invloed wat Transvaal en die Botha-regering op die stadium in hulle mag gehad het om uit te oefen op die welvaart van Suid-Afrika, was onbetwisbaar. Welsprekendheid alleen, egter, is nie voldoende om rassevrede te verseker en finansiële en kommersiële vertroue in Suid-Afrika te herstel nie; dit is dade wat gaan tel.

"In speeches genl. Botha has sounded the right keynote and we are now waiting for the tune,"

was die Engelse se uitdaging aan die Transvaalse Eerste minister en sy kabinet.[4)]

Genl. Smuts se epochmakende Onderwyswet, Wet no.25 van 1907, was die Botha-regering se eerste antwoord op hierdie uitdaging.

Die Program van Doeleindes, Beginsels en Maatreëls van Het Volk, het ons gesien, was hoofsaaklik die werk van Smuts. Betreffende onderwys, lui Artikel 6 van die Program soos volg:

„Elementair/...

4) Ibid.

„Elementair onderwys op kosten van de Staat, met erkenning der rechten van ouders - by wyze van gekozen kommissies - in de aanstelling van onderwyzers en in de keuze van medium van onderwys, met dien verstande dat onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen. Aanvaarding van leerplicht binnen praktiese limieten, en aanmoediging van goedkope hogere en techniese opvoeding."x

Ten tye van Het Volk se derde Kongres vroeg in Desember 1906, toe die volledige Program aan die afgevaardigdes voorgelê is, het die Onderwysartikel al teenstand uitgelok, maar op behendige wyse het Botha die saak uitgestryk deur te wys op die noodsaaklikheid van 'n veelsydige en tweetalige opvoeding; die Boere kan nie meer groot plase vir hulle kinders gee waarop hulle kan gaan boer nie; die nuwe omstandighede eis dat hulle breë onderrig moet ontvang en Transvaal moet, soos in ander opsigte, ook hieromtrent leiding gee in Suid-Afrika.[5]

Die voldonge feit dat Het Volk se Program van Beginsels, insluitende die voorgenoemde Artikel 6, op 20 Februarie 1907 deur die oorgrote meerderheid van die Transvaalse volk goedgekeur is, het Smuts grond onder sy voete gegee om 'n onderwysbeleid te formuleer wat sou inpas by die konsiliasie-ideologie wat hy en Botha in die praktiese politiek wou toepas terwyl baie Afrikaners wat die heil van die volk in die C.N.O.-beweging gesien het, nou eers tot hulle ontnugtering sou besef watter opdrag hulle aan hulle nuwe Minister vir onderwys gegee het.

Die Christelike Nasionale Onderwysbeweging was, soos reeds gesê, 'n antwoord op lord Milner se eensydige opvoedingsbeleid. Onder sy opvolger, lord Selborne, het geen sodanige verbetering ingetree dat die voortbestaan van C.N.O.-skole, as bolwerke teen die denasionalisasie-pogings in die regeringskole, nie meer geregverdig was nie. Die Selborne-Onderwysminute van 17 November 1905 het juis aanleiding gegee tot die byeenkoms van die groot C.N.O.-kongres van 12 en 13 Desember 1905 waartydens besluit is om kragdadiglik met die beweging voort te gaan en om dit in noue verband met Het Volk aan die gang te hou. Drie van die Hoofkomiteelede van Het Volk, Beyers, Smuts en Wolmarans, was juis terselfdertyd ook lede van die C.N.O. Hoofkommissie, en dwarsdeur 1906 het die nasionale volkskole naas die Engelse regeringskole bly voortbestaan.

Al gou was dit duidelik dat die C.N.O.-beweging sy hoogtepunt bereik het met die kongres wat op 20 en 21 Maart 1906 te Pretoria plaasgevind het. Botha, Wolmarans, Beyers en Smuts was ook teenwoordig. Die organisasie se groot probleem was onvoldoende fondse en hulle/.....

---

5) De Volkstem, 9.12.1906.

x Vgl. Bylaag B. (Skrywer kursiveer).

en hulle standpunt was: aangesien die C.N.O.-beweging onderwys bevorder, die ouers belasting betaal en die Regering naturelle-, sending- en ander skole geldelik steun, hulle gevolglik ook daarop aanspraak maak en dus aandring op finansiële ondersteuning van regeringskant. Die Hoofbestuur van die C.N.O.-organisasie saam met die Hoofkomitee van Het Volk is derhalwe deur die kongres opgedra om die owerheid in dier voege te nader.

Verder is die Grondslag van C.N.O. herbevestig. Artikel 2 het nl. bepaal: Onder christelike onderwys word verstaan onderwys ooreenkomstig die Heilige Skrif in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die drie Hollandse kerke. Onder nasionale onderwys word verstaan onderwys wat, met die oog op die leiding Gods in die geskiedenis van die Afrikanervolk, die godsdiens, die taal en tradisies van die voorvadere in ere hou en voortplant.

Artikel 18 van die Statute het bepaal dat in die volgende vakke onderrig gegee sal word.:

(a) Bybelse geskiedenis,
(b) Aanskouingsonderwys,
(c) Hollandse taal (lees, resiteer en spraakkuns),
(d) Skryf,
(e) Rekene,
(f) Kerkmusiek en sang,
(g) Geskiedenis van Suid-Afrika in die algemeen en van Transvaal in besonder,
(h) Aardrykskunde,
(i) Engels (lees, resiteer en spraakkuns),
(j) Latyn,
(k) Algemene geskiedenis,
(l) Stelkunde,
(m) Meetkunde,
(n) Opsionele vakke: Grieks, Duits, Frans, Botanie (of 'n ander wiskundige vak.)

Die Kongres is toegespreek deur Botha, Smuts en Wolmarans en nadat al drie sprekers klem gelê het op die noodsaaklikheid van 'n goeie kennis van die Engelse taal ten einde onder die nuwe omstandighede vooruit te kom, is met 'n groot meerderheid besluit om Engels 'n verpligte vak te maak in die C.N.O. skole. Die medium van onderrig is in Artikel 19 soos volg neergelê: die medium van onderwys in die eerste drie standerds is Hollands waar die Engelse taal en spraakkuns in die eerste drie standerds onderrig word, kan Engels die medium wees; na st.3 moet beide tale op gelyke voet behandel word.[6]

Van mooi/.....

6) De Volkstem, 24.3.1906; Scholtz (Genl. Beyers), pp.146-147.

Van mooi besluite alleen sou hierdie nasionale beweging egter nie kan voortbestaan nie. Die materiële nood waarin die Afrikanervolk hom nog bevind het, was nog van so 'n ernstige aard dat die middele eenvoudig ontbreek het om selfs hierdie skoonste volkskepping van na die oorlog op die been te hou. Die Selborne-regering was beslis in sy weiering om geldelike steun aan die nasionale skole te verleen. Onderwysers van die C.N.O.-skole wat in die reël beter opgelei was as die leerkragte van die regering-skole het al meer na lg. inrigtinge oorgegaan, terwyl baie van dié wat nog volgehou het, gratis onderwys moes gee. Die ontmoedigende berigte het ook die finansiële hulp wat uit Holland gekom het, laat verflou en selfs die kerke het minder ywerig gearbei vir die saak. Nogtans was daar ook op hierdie gebied Bittereinders wat, ten spyte van die nood, volgehou het en nou alle hoop gevestig het op 'n oorwinning vir Het Volk by die aanstaande verkiesing onder die grondwet vir selfregering.[7]

<u>Beyers se Standpunt t.o.v. Nasionale Onderwys en Tradisies:</u> Op genl. Beyers sou die Boervolk kon staatmaak; liefde vir die Engelse onderwysstelsel het hy nou eenmaal nie gekoester nie. Hy skryf bv. op 13 Maart 1906 aan ene Fortuyn en Oosterhout in die V.S.A. soos volg:

> „De Engelschen schamen zich niet om openlyk te verklaren dat ons opgroeiend geslacht verengelscht worden moet, vandaar dat het tegen woordige leerstelsel in dien geest vasgesteld is. Op genoemde wyze willen zy een einde maken aan onze Moeder- en Bybeltaal voor het voortbestaan waarvan zy vreezen, - dooh meer, zy beschouwen het als een dreigement tegen de Souvereiniteit van Groot Brittannie in Zuid-Afrika. Ja, al wat ons dierbaar is: ons Godsdienst, Taal, Geshiedenis en byzondere eigenaardigheden van het Afrikaansche Volk, alles, moet door één streep van de pen worden uitgewischt. De vryheid van den onderdaan wordt gansch en al ontnomen door de opvoedings wet welke hier bestaat. .... Bij onze laatste kongres (hebben wij) besloten onder geen omstandigheden prys te geven dat wat ons heilig recht aantast, namelyk onze Godsdienst, Taal en Zeden; en de Heere helpe ons daaraan getrouw te blyven zelfs ten spyte van de grootste opofferingen. Wij willen toch niet verengelscht worden. De kaffers .... hebben het recht hunne kinderen door medium van de Kaffertaal te laten onderwyzen, maar de Boer mag zyn kind door middel van zyn moedertaal niet laten leren..."[8]

<u>Genl. Botha se Versekeringe oor C.N.O. (tydens Eleksieveldtog) teenoor Het Volk se Programbeginsel t.o.v. Onderwys:</u> Maar ook genl. Louis Botha het tydens die eleksieveldtog by die Afrikaners wat bekommerd was oor die toekoms van hulle taal en besorgd was oor die soort/.....

---

7) Symington, a.w. pp.304-309; De Volkstem, 4.7.1906; Scholtz (Genl. Beyers) pp.146-147.

8) Beyers-versameling, Band no. 1, pp.8-9

soort onderwys wat hulle kinders ontvang die geloof laat posvat dat hy sal toesien dat Hollands en die C.N.O.-beginsels erkenning sal geniet as Het Volk aan bewind geplaas word. So bv. het hy vroeg in Augustus 1906 op Rustenburg gesê: die volk moet die C.N.O. steun; die opvoeding van hulle kinders moet hulle nie in die hande van vreemdes laat nie dog liewer alles opoffer om die jeug 'n nasionale opvoeding te gee. Met daarna het hy te Sterkstroom verklaar: ek wil my taal nie behandel sien as 'n vreemde taal nie. Dit is 'n land hierdie van twee rasse en van twee tale. Gelukkig is daar C.N.O.-skole. Die onderwysstelsel van die regering is verkeerd. Ons taal, godsdiens en kerk moet gehandhaaf word. In die beginsel van die christelike nasionale onderwys lê daar 'n toekoms, en daarom moet ons die C.N.O. handhaaf en dit gebruik om die regeringstelsel vir alle grwepe aanneemlik te kry.9)

Toe genl. Smuts dus op 4 Desember 1906 met die derde kongres van Het Volk die Program van Beginsels van hulle organisasie bekendmaak en Artikel VI lui „dat onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen", maar geen sodanige verpligting ook ten opsigte van Hollands geld nie, is die Bittereinder-C.N.O.-leiers vir die eerste maal hewig ontnugter.

„Wij moeten niet te veeleisend zijn."

het Botha egter getroos;

„..... de bedoeling daarmee is: de beide rassen tot elkaar te brengen."

Sowel 'n voorstel dat Hollands ook verpligtend moet wees as een dat C.N.O.-skole deur die Regering gesubsidieer moet word, is daarop deur die Kongres verwerp.10)

Vir die verwesenliking van die suiwer C.N.O.-ideale kon die leiers van die beweging dus nie meer honderd persent staatmaak op 'n oorwinning van Het Volk by die stembus nie. Die nypende tekort aan fondse het wel meegebring dat die volksonderwys-beweging eerder gekwyn as gedy het maar tog was daar aan die einde van 1906 nog 140 C.N.O.-skole in Transvaal wat die jeug gevrywaar het van anglisering in die regeringskole.11)

Na aanleiding van Het Volk se kongresbesluit i.s. C.N.-Onderwys, het dr. N. Mansvelt op 11 Januarie 1907 uit Amsterdam aan pres. Steyn geskryf:

„Een ding/.....

---

9) De Volkstem, 8.8.1906.
10) Ibid. 8.12.1906.
11) Symington, a.w. p.309; De Volkstem, 13.12.1906

„Een ding hopen we en dat is dat u Vrystaters, al zyn ze wat later in 't veld geweest met een georganiseerd Christelyk Nationaal Onderwys dan de Transvalers, niet zullen doen als dezen nu op 't Congres gedaan hebben en ter wille van de politiek het C.N.O. geheel en al prysgeven. Mogen in dit geval ook weer de laatsten de eersten zyn en de Vrystaters op dit punt, ‚vasttrappen' zooals zy dat zoo schitterend bewezen hebben te kunnen doen als 't er op aankomt."12)

Genl. Smuts gee Aanduidings van Kerngedagtes in sy Aanstaande Onderwyswet, 26 Maart 1907:

Nóg Botha nóg Smuts was van plan om 'n enkele stap terug te tree op die weg van konsiliasie wat hulle ingeslaan en waarvoor hulle die verkiesing op 20 Februarie 1907 so klinkend gewen het. En juis toe die Transvaalse Premier onder in Kaapstad (waarvandaan hy aan boord die Carisbrook Castle na Engeland sou gaan vir die Imperiale premierskonferensie) die Kapenaars beïndruk het met sy loflike uitinge oor konsiliasie en koöperasie,13) het sy eerste luitenant tuis in sy hoedanigheid as waarnemende Eerste minister 'n geskikte geleentheid te baat geneem om die hoofgedagtes van sy beoogde onderwysbeleid wêreldkundig te maak.

Die element van onsekerheid wat in die verskillende afdelings van die administrasie geheers het as gevolg van die wisseling van regering was veral merkbaar in die onderwysdepartement. Smuts het dit gemerk en omdat hy 'n man vir orde en doelgerigtheid was, en hy nie vir die bekendmaking van sy onderwysbeleid sou kon wag totdat die parlementsitting eers in Junie weer hervat word nie, het hy van die eerste die beste kans gebruik gemaak om 'n aanduiding te gee van wat hy in hierdie opsig beoog. Die geleentheid het gekom met die opening van die regeringskool te Boksburg waar Smuts op 26 Maart 1907 vir die eerste keer as verantwoordelike minister vir onderwys hom oor die aangeleentheid kon uitlaat.

Smuts het vier basiese beginsels van sy voorgenome onderwysbeleid aangekondig:

(i) die voortsetting van die bestaande beleid;
(ii) gratis verpligte elementêre onderwys;
(iii) 'n hoë standaard van sekondêre en tegniese opvoeding;
(iv) 'n waarborg van dienstyd en pensioene vir onderwysers.

Die onderwys, het Smuts bygevoeg, moet nasionaal wees; uitheemse patriotisme kan nie geduld word nie. Die kinders moet leer om trots te wees op hulle eie volk en vaderland. 'n Volk moet opgevoed word wat nie behep is met vreemde, ingevoerde denkbeelde nie dog wat sy idees put uit eie bodem. Eenheid op onderwysgebied is dus noodsaaklik en so kan dit help dat die denkbeelde van die/.....

12) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 11.1.1907 (Skr. kursiveer)
13) The Cape Times (oorgeneem deur The Star, 28.3.1907).

van die Regering in ooreenstemming is met die van die bevolking. Afsonderlike stelsels soos die bestaande wat Boer en Engelsman skei, is ongesond. Die staat wil alle partye bevredig; 'n rekbare beleid moet dus neergelê word „om alle redelike verlangens in te willigen," - die Afrikaner, Engelsman, Duitser, Jood, - almal wat deel uitmaak van die besonder heterogene gemeenskap van die bevolking. 'n Stelsel waaronder elkeen voldaan kan wees, kan geluk deur die mees moontlike vryheid te gee; - dit is die geheim van alle tevredenheid.[14]

Die Progressiewe pers het baie gunstig gereageer op Smuts se toespraak. "(He) has struck a note of signal harmony and assurance," het die "Transvaal Leader" geskryf.

> "Mr. Smuts, with the eye of a true statesman, sees clearly enough that the question of race will be settled within a measurable distance of time within the schools."[15]

Die Koloniale sekretaris se toespraak het tot in die verre suide weerlank gevind en uit Kaapstad het die "Cape Times" geskryf dat dit verblydend is dat Smuts intussen geleer het om groter verantwoordelikheidsin aan die dag te lê:

> "The way is now clear for the development of the education policy of the Transvaal upon lines of unity, for Mr. Smuts' assurances will go far to remove the doubts which in days of less responsibility he has certainly helped to engender."[16]

Smuts se Idee van Nasionale Onderwys beteken Einde van C.N.O. as afsonderlike Stelsel:

Slegs twee weke na sy toespraak op Boksburg het Smuts 'n tweede geleentheid gekry om die beoogde onderwysbeleid van die Het Volk-regering uiteen te sit. Die 1907-kongres van die C.N.O.-beweging het nl. op 10 April te Pretoria plaasgevind. Uit die aard van die saak wou die C.N.O.-leiers presies weet waar hulle staan met betrekking tot hulle verhouding met Het Volk met wie hulle die afgelope drie jaar goed saamgewerk het en wat nou die landsbewind in hande het. Smuts is derhalwe genooi om sy voorgenome onderwysmaatreëls aan die kongres uiteen te kom sit.

Uit die besprekings en voorstelle van die C.N.O.-kongresgangers het dit duidelik geblyk dat hulle onvoorwaardelik verwag dat die Regering die nasionale volkskole met hulle aanvaarde beginsels sal subsidieer sodat hulle as aparte skole op hul tradisionele grondslag sal kan voortbestaan. Vry elementêre onderwys kan afgeskaf word.

Smuts het hom in 'n netelige situasie bevind. Gedurende sy eleksie/.....

---

14) De Volkstem, 3.4.1907 (Smuts op Boksburg, 26 Maart, 1907); Symington, a.w. pp.322-329.
15) The Transvaal Leader, 28.3.1907.
16) The Cape Times (oorgeneem deur The Star, 28.3.1907;)Vgl. ook The Star, 27.3.1907.

sy eleksiekampanje het hy self op Lichtenburg gesê: ons het die geweer neergelê, maar die stryd vir reg het nie opgehou nie. Daar moet 'n ander wapen gehanteer word: ons moet sorg vir die opvoeding van die volk. Die C.N.O. is 'n protes teen die eensydige onderwysstelsel van die Regering en die sukses waarmee dit aangewend is, dien as 'n bewys dat die Regering 'n verkeerde onderwyspolitiek volg en die taal verdruk.[17]

Aan die ander kant weer het die Engelse pers dwarsdeur die land druk uitgeoefen op die Botha-regering om die vorige bewindse onderwysbeleid te handhaaf en die C.N.O.-beweging by die regeringsbeleid in te sluit as 'n bewys dat die Het Volk-leiers eerlik is in hulle verkondiging oor samewerking. Daarby het sowel Adamson, die Direkteur van Onderwys, as Duncan, die toenmalige Koloniale sekretaris, in die onderwysverslag van 1906 gepleit dat die bestaande stelsel van regeringsonderwys behoue moet bly as die enigste doeltreffende beleid.[18]

Die enigste uitweg vir Smuts was om 'n openhartige verklaring te doen. Dit sou veel moed verg dog daaraan het dit die generaal nie ontbreek nie en boonop het die volk self 'n wapen in sy hand gestop deur Artikel VI van Het Volk se Program van Beginsels by die stembus goed te keur. Sy deeglike en reguit antwoord aan die C.N.O.-leiers het op die volgende neergekom:

(i) Die C.N.O.-skole, erken hy, het na die oorlog noodsaaklike en groot werk verrig en die doel waarvoor hulle toe gestig is, het hulle bereik ten spyte van die teenkanting van die Kroonbestuur.

(ii) Slegs een onderwysstelsel kan in die Kolonie bestaan en dit is 'n openbare. Hy is vasberade om die bestaande regeringstelsel so te verander dat die onderwys van die ouers self uitgaan en die goedkeuring van elkeen in die land sal geniet. Hy is ten gunste van skoolkomitees wat namens die ouers toesig sal hou in die skole en oor ander interne reëlings. Die Regering sal die skole laat inspekteer, die aanstelling van onderwysers bekragtig en die nodige fondse verskaf.

(iii) Gratis elementêre opvoeding is voorsien deur die vorige administrasie aangesien ouers nie self kon betaal nie. Dit sal onverstandig wees om dié beginsel omver te gooi. Elementêre onderwys moet vry wees vir almal want dit is maar 'n klein gedeelte van die geheel.

(iv) As dit dan moontlik is om die bestaande stelsel van regeringsonderwys om te skep in 'n publieke opvoedingstelsel en as die ouers meer mag het in die benoeming van skoolkomitees, onderwysers, ens., sien hy geen rede vir die voortbestaan van 'n private onderwyssisteem soos die C.N.O. nie. Die Regering bestee juis al 'n halfmiljoen pond aan goewermentskole. Om by die stelsel van openbare onderwys ook 'n private onderwysstelsel toe te laat deur dié te subsidieer sal eenvoudig 'n saak van onmoontlikheid wees/.....

17) De Volkstem, 1.8.1906.
18) Symington, a.w. pp.327-328.

wees vir die Regering en dit is buitendien 'n verkeerde beginsel. Daar sal ernstige wrywing ontstaan tussen die twee stelsels. Die C.N.O. was nie die enigste private onderwysorganisasie in die land nie en as 'n subsidie toegeken moet word aan een moet dit aan alle ander ook gedoen word, soos die Rooms Katolieke, die Joodse en ander private onderwysinrigtings. Die verwagting wat op die kongres posgevat het dat die Regering die parlement moet nader om toe te stem dat daar in die Begroting voorsiening gemaak moet word vir privaatskole, sal net nie verwesenlik word. nie. Teen so 'n stap is hy beslis gekant. Dus, as die Regering daarin geslaag het om 'n openbare onderwysstelsel gevestig te kry, het hy sy plig volvoer, en ook die parlement. Dit is die kern van die saak.

(v) Hy gee toe dat die Hollandse taal nie tot sy reg kom in die staatskole nie, dat dit onregverdig is om 'n kind wat nie Engels ken nie deur medium van Engels te onderrig en dat sommige onderwysers nie voldoende kennis het van Hollands nie. 'n Nuwe onderwyswet wat deurgevoer kan word, kan voorsiening maak vir die doeltreffende onderrig van Hollands. Maar dit is ondergeskikte kwessies wat later aangepak kan word. Hulle moet eers 'n gesonde publieke onderwysstelsel gevestig kry, daarna kan hulle sake van ondergeskikte belang behandel.

(vi) Wat verpligte onderwys betref, het die Koloniale sekretaris aangevoer dat daar 'n jammerlike toestand in Transvaal bestaan. Slegs 32,000 kinders het die staatskole bygewoon terwyl statistiek aangetoon het dat ongeveer 20,000 kinders geen onderwys ontvang nie. Die enigste manier om dit op te los is verpligte onderwys. Die dorpstrate was gedurig vol kinders wat rondhardloop, perde vashou of kattekwaad aanvang terwyl hulle in die skole moet wees. 'n Bepaling kan neergelê word dat alle kinders tot op die ouderdom van bv. 14 jaar verplig word om onderwys te ontvang. Diskresie kan aan die skoolkomitees gelaat word om sorg te dra dat die regulasie nagekom word.

(vii) Hy is bereid om spesiale voorsiening te maak vir kinders wat ver van publieke skole af woon. In sulke gevalle kan ouers toegelaat word om 'n onderwyser te kry vir die onderrig van hulle kinders op hulle eie plaas. Sulke skole sal onderworpe wees aan inspeksie deur 'n inspekteur van die Regering. Hierdie soort skole sal die enigste wees waarvoor die Regering 'n subsidie kan toestaan.

(viii) Ten slotte het Smuts verwys na die kwessie van godsdiens in die skole. Dit was sy mening dat dit doenlik is dat eenvoudige Bybelonderrig in openbare skole gegee sal word. Die Bybel kan bv. 'n halfuur per dag gelees word en die gelese gedeeltes kan verklaar word. Dié kinders wie se ouers daarteen beswaar het, mag van die Bybelklas verskoon word, maar op dogmatiese sake behoort nie ingegaan te word nie.19)

Die C.N.O.-beweging loop prakties ten einde: „Deze rede gaf de nekslag aan C.N.O.", het W. Klooster, die voorsitter van die beweging, geskryf,[20] en op die keper beskou was hy heeltemal reg. Die C.N.O.-kongreslede het hulle bittere teleurstelling uitgespreek/.....

19) The Star, 11.4.1907; The Transvaal Leader, 12.4.1907.
20) Gedenkboek, a.w. p.31.

uitgespreek oor die standpunt wat Smuts namens Het Volk en as verantwoordelike minister vir onderwys ingeneem het. Weliswaar het hulle besluit om onderhandelinge aan te knoop met die drie Hollandse kerke in Transvaal, die Vereniging vir Onderwysers, die Hoofbestuur van die C.N.O. en die Hollandse kerke in die Vrystaat en Natal, die Onderwysunie en Taalbondvereniging in die Kaap met die oog op die verkryging van 'n Afrikaanse onderwysstelsel waaronder „die regte van ons beginsels, ons taal en ons geskiedenis absoluut gewaarborg is."[21] Enige noemenswaardige invloed sou die beweging egter nie meer uitoefen nie. Smuts was baie taktvol deur H. Visscher, die sekretaris van die C.N.O.-organisasie, aan te stel as verantwoordelike amptenaar vir die oorname van die C.N.O.-skole deur die regeringskole. 115 skole, waaronder beroemde volksinrigtings soos Eendracht en Oost Eind te Pretoria, die Heidelbergse Volksschool en Uitkomst te Ermelo, is teen Mei 1907 onder die openbare stelsel ingesluit.[22] Op 2 en 3 Junie 1907, net voor Het Volk se vierde Kongres, het nog 'n algemene C.N.O.-vergadering byeengekom - hierdie keer om die Konsep-Onderwyswet van Smuts te bespreek. Die totaal-indruk wat hulle van die Konsep gekry het, sê Kloosters, kan weergegee word in hierdie woorde: - „Niet ons ideaal, maar als overgangswet een stap in goede richting." Hulle sou graag wou sien dat meer regte aan die ouers gegee word, beter waarborge vir die taal en die gees van die onderwys, en dat geen gratis onderwys verskaf word nie.[23]

Die Gereformeerde kerk en 'n groep Bittereinders het tog die ideaal van C.N.O. nie laat vaar nie. Onbevredigende toestande, soos o.a. die miskenning van taalgelykheid op die openbare skole, is deur nasionaalbewuste leiers soos A.D.W. Wolmarans, P.G.W. Grobler, genl. C.F. Beyers en 'n aantal predikante op die Het Volk-kongresse van 1908 en 1909 onder die aandag van die regeringshoofde gebring en nog eens is gepoog om 'n staatsubsidie vir privaat skole te kry, maar genls. Botha en Smuts was beslis daarteen.[24]

'n Pragtige, kerngesonde volksbeweging wat die Boerevolk na die oorlog geestelik opgehef het en waarin die politieke Het Volk-organisasie sy wortels gehad het om só 'n kultureel-nasionaal bewuste volk tot die oorwinning te voer by die stembus, het hiermee prakties ten einde geloop. Voorloping sou die voortbestaan van die ideaal van C.N.O. verdwerg raak in die steeds aktueler wordende unifikasie-idee aan die einde van die eerste dekade van die 20ste eeu.

---

21) The Star, 12.4.1907; Scholtz (Genl. Beyers) p.174.
22) Coetzee, J.Chr., a.w. p.119; Symington, a.w. p.332.
23) Gedenkboek, a.w. p.31.
24) Scholtz (Genl.Beyers) pp.175-176; Coetzee,J. Chr. a.w. p.120.

Lof van Engelse Pers vir Smuts - „De Volkstem" se Regsomkeer: Die onversetlike standpunt wat Smuts teenoor die C.N.O.-kongresleiers op 11 April ingeneem het, was vir die Engelse pers genoeg rede om hom hemelhoog te prys. Die "Transvaal Leader" het met lof gepraat van

> "the candour, ... the firmness with which (Smuts) opposed himself to the reactionary views of his audience."

Die "Natal Mercury" het hom geloof vir sy "breadth of view":

> "Genl. Smuts is a bold and courageous man,"

het die "Bloemfontein Evening Post" weer betoog, en voortgegaan:

> "... in facing and grasping the education-cum-religion difficulty, he has given a heavy hostage to political fortune. .... In refusing to assent to the demand of the Transvaal extremists and in holding up the practical scheme of a general uniform, State run educational system, Genl. Smuts calls to his side the progressive thought of the country. And we know he will not call in vain..."[25]

Ook Sir George Farrar het Smuts gehuldig vir sy

> "courageous, statesmanlike and timely pronouncements on the educational policy of the Government,"

en hom die steun van die Opposisie beloof in alles wat bestem is vir die bevordering van die blywende belange van die Kolonie.[26] „De Volkstem" wat die stigting en groei van die C.N.O-beweging altyd in die gloeiendste taal verdedig het, het ná Smuts se twee laaste toesprake op Boksburg en Pretoria hondsgetrou in Botha en sy Koloniale sekretaris se spore gevolg. Argumente wat in die Milnertyd deur die vyande van C.N.O. teen hierdie beweging aangevoer is, het nou in die kolomme van „De Volkstem," die amptelike orgaan van Het Volk, as wapens gedien om Smuts se anti-C.N.O.-beleid te verdedig. So bv. was die Kroonkoloniebestuur en die Progressiewe pers absoluut daarteen dat die owerheid private skole, soos die C.N.O. sal subsidieer. Nou, egter, het „De Volkstem" hierdie argument teen die C.N.O.-beweging aangegryp en aangevoer dat die Regering nie as kassier kan dien van 'n verskeidenheid onderwys-organisasies nie. En wat die C.N.O. self betref, het „De Volkstem" nou betoog dat hierdie beweging sy ontstaan te danke gehad het aan 'n tydelike nooddrang; maar noudat hierdie noodsomstandighede verdwyn het, het ook die rede vir die bestaan van die organisasie opgehou.[27]

Die Keersy/.....

---

25) The Transvaal Leader, 12.4.1907; The Natal Mercury, 12.4.1907. The Bloemfontein Evening Post, 16.4.1907.
26) The Star, 15.4.1907.
27) De Volkstem, 13.4.1907; Symington, a.w. p.331.

Die Keersy - Teenstemme uit die Vrystaat: Die lof wat Smuts dwarsdeur Suid-Afrika ontvang het vir sy beoogde Onderwyswetgewing het die ganse toneel oordonder maar net soos in die geval van sy Premier se gedragswyse op die Londense Imperiale konferensie, was daar 'n betekenisvolle keersy. Pas na die Koloniale sekretaris se toespraak op Boksburg het die „Bloemfontein Avond Post" geskryf:

> „Ons vrees ... dat die nuwe Transvaalse ministers, wat hulle spore as wetgewers en regeerders nog moet verdien, deur 'n sterk sug om almal ter wille te wees besiel word, en daardeur sal verhysien wat die wens is van die oorgrote meerderheid van die Afrikaanse bevolking en dat hulle hulle sal begeef op 'n pad wat is 'n kosmopolitiese land soos Suid-Afrika noodwendig moet voer tot 'n bardnekkige stryd, 'n skoolstryd, soos ons dit kon waarneem in so menige land van ou Europa."28)

Na Smuts se redevoering voor die O.F.O.-kongres op 11 April en die besluit wat dié organisasie daarop geneem het, het hierdie Bloemfonteinse blad verklaar dat e.g.ves in sy skoene sal moet staan om die teenstand wat sy aangekondigde beleid ontlok het, te trotseer.29)

Van groter betekenis was pres. Steyn se kritiek teen Smuts se onderwysplan. Die president skryf op 16 April soos volg aan Merriman:*

> "I am afraid Smuts' education policy is going to land them in difficulties. Under ordinary circumstances I would be able to go with him, but as matters stand now he is risking too much. The first great need of the Transvaal is compulsory education. To pass such a law he will require the assistance of all friends of education and I think they will be strong enough to force such a measure through, but to connect it with a hard and fast system of State education is I think a mistake. He is throwing the apple of discord amongst the educationalists. He will lose both measures. Smuts is I am afraid, in a hurry and that is a fatal mistake."30)

Merriman het meer vertroue in Smuts gehad maar dat ook hy nie heeltemal gerus was oor Smuts se stoutmoedige beleid nie is duidelik. In sy antwoord skryf hy aan Steyn:

> "I thought his (Smuts se) declaration very bold and took it for granted that he had made sure of his ground. If he has not I can see that great trouble may ensue. ... I always looked on Smuts as rather astute and he has a strong colleague in De Villiers. Let us hope for the best."31)

Pres. Steyn/.....

---

28) De Bloemfontein Avond Post, 2.4.1907.
29) Ibid.15.4.1907.
30) Merriman Papers, no.39, 16.4.1907.
31) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 20.4.1907.

* Steyn het ongeveer dieselfde tyd 'n brief aan Smuts gerig waarin hy sy kommer uitspreek oor lg. se onderwysplan en ook sekere wenke aan die hand gee. Die brief berus in alle waarskynlikheid by die Smuts-dokumente wat egter nog nie vir navorsers beskikbaar gestel mag word nie. Uit bg. brief aan Merriman is dit egter duidelik wat Steyn se besware is teen Smuts se beoogde Onderwysbeleid. Vgl. ook Smuts se antwoord aan Steyn op 15.4.1907 en 23.4.1907.

Pres. Steyn se kommer en die mening van veral twee van die drie Hollandse kerke as sou Smuts die C.N.O.-beginsels totaal oorboord wil gooi, was nie in ooreenstemming met die juiste feite nie. Ds. A.J. Louw van Heidelberg, wat grootliks verantwoordelik was vir die oprigting van die Volksschool aldaar en toegelaat het dat dit by die regeringstelsel ingeskakel word, het in dié tyd „een lang en intiem onderhoud" met Smuts gevoer, het hy aan Steyn geskryf.

> („U weet immers dat hy een zoon is myner eerste gemeente en aldaar door my werd voortgeholpen.") „En ik moet zeggen dat ik genl. Smuts volkomen vertrouw dat hy van mening is ons te gaan geven ... wat wy altyd gevraagd hebben voor C.N.O. toe te staan en dit is:
>
> (i) 't inisiatief den ouders;
>
> (ii) onderwyzers aangesteld door eigen gekozen commissies;
>
> (iii) volle rechten der moedertaal;
>
> (iv) godsdiens (niet sectarisch) onderwys verplichtend in de school."

Wat die Gereformeerde predikante voor pleit, sê hy, is slegs 'n plan om hulle eie kerk te sterk terwyl die Hervormers 'n afsonderlike stelsel versoek

> „omdat zij als Hollanders niet zullen kunnen compiteeren in één gouvernementstelsel en daardoor hun kerk ook zullen zien verzwakken."

Net soos Smuts huldig hy ook die mening dat subsidiëring van 'n tweede onderwysstelsel naas die regeringstelsel,

> „noodwendig (zou) aanleiding geven, vooral in de Transvaal, dat ieder kerkgenootschap zyn eigen school op de been zal brengen. Dat zou niet alleen zeer kostbaar zyn, maar ook erg schadelyk voor de opvoeding, omdat men dan byna nergens degelyke groote scholen zou kunnen oprichten."

Deur saam te werk met die leiers van die volk kan hulle die bestaande onderwysstelsel van binne af doeltreffender verbeter en die Milner-personeel verander kry as om

> „opzyde te staan en de jingos de gelegenheid te geven om te zeggen dat wy onderling .... verdeeld zyn. Staatscholen p e r s e, gaan niet. Kerkscholen als zoodanig evenmin."[32]

<u>Smuts verklaar en verdedig sy Onderwysplan - Sy motief:</u> Die vraag ontstaan al dadelik: wat was genl. Smuts se motief deur die C.N.O.-skole te wil verplig om saam te smelt met die Milnerskole en dan die geheel om te skep in openbare skole?
Vir hom was dit duidelik dat diegene wat hom gekritiseer het nie die groter idee wat hy nagestreef het, raakgesien het nie; hulle het hulle s.i. blind gestaarteen onderliggende sake en deur aan te

dring/.....

32) Ibid. 6.5.1907.

dring op voorwaardelike groeis- of persoonlike tevredestelling het hulle die verwesenliking van belangriker nasionale ideale in gevaar gestel. Klaarblyklik het sy toesprake te Boksburg en Pretoria veel misverstand laat ontstaan en gevolglik beantwoord hy Steyn se brief* soos volg:

„...Ik meen ... dat u niet goed op hoogte is van mijn standpunt of van de onderwijs situatie in de Transvaal. ...Mijn plan is door een Onderwijswet de thans bestaande Regeeringscholen om te werken in publieke scholen, waarbij de lokale inisiatief de grondslag zal geven, de ouders de scholen zullen oprichten, de onderwijsers zullen benoemen onder bekrachtiging van het Onderwijs Departement en de Regeering zal salarieeren en inspekteeren. Met andere woorden: het regeeringstelsel wordt feitelijk een C.N.O. stelsel en alle punten waaroor de voorstanders van C.N.O., ik ingesloten, zoo hard gevochten hebben, worden toegestaan en bij wet des Lands erkend."

Hy beweer voorts dat hy verskeie konferensies met die verskillende kerke, die Hoofkomitee en ander komitees van die C.N.O. gehou het en daar bestaan geen twyfel nie dat die oorgrote meerderheid sy plan goedkeur. Dit is alleen

„de Gereformeerden of Doppers, of liever hun predikanten, die nog uitstaan en zij doen dit alleen omdat zij voor kerkscholen ‚puur en simpel' zijn."

Dan openbaar Smuts die motief agter sy besliste weiering om enige skool buite die regeringsbeheer te subsidieer:

„...zoo als dingen nu loopen, (beteekenen) vrije scholen voor ons Volk kerkscholen, en kerkscholen beteekenen de overplanting van verdeeling van de kerken naar de scholen en de verbrokkeling van ons Volk. ... Mijn ondervinding van drie jaren als lid van het Hoofd Comite van C.N.O. heeft mij het gevaar doen inzien ... Op mijn plan is er geen gevaar op scheuring by ons Volk, maar ik zie wel gevaar bij het ondersteunen van vrije scholen, onbeperkt moeilijkheden."

Smuts het ook aangevoer dat hulle miskien nooit weer so 'n gulde kans sal hê nie om 'n Onderwyswet deur te voer wat, betreffende taal sowel as andersins, die behoefte van „ons volk" sal tegemoetkom en dit sou hom bitter spyt as die uitslag van hulle groot geleentheid die aanwakkering van kerklike partyskappe sou wees.

Alleen aan skole wat ver van 'n publieke skool verwyderd is - „zeg 3 mijlen" - sal 'n subsidie gegee word. „Met dat stelsel was ik in de Kaapprovinsie in mijn jeugd bekend en het heeft daar zeer goed gewerkt."

Ten slotte het Smuts geskryf dat dit goed sal wees as die Vrystaatse en Transvaalse leiers samesprekinge voer aangesien dit wenslik is dat hulle „zoo mogelijk een zelfde lijn op Onderwysgebied nemen".[33]

---

33) Ibid. 15.4.1907 (Skrywer kursiveer).

* Vide Supra p. 333 (voetnoot).

Maar daar was ook die kwessie van die kompromis wat Het Volk met die Engelse in die National Association aangegaan het en die steun wat Botha en sy volgelinge van „onze Engelsche vrienden" in die koalisie-kabinet ontvang het. Toe Steyn dus nog nie deur die bg. verklaring van Smuts oor sy eie beleid oortuig is nie, het lg. op 23 April aan die Vrystaatse president geskryf:

> „Myn toespraak tot het C.N.O. Congres is zuiwer Art 6 van ons Programma waarop geen kritiek werd uitgesproken, waarop wij de electies wonnen en waarop onze Engelsche vrienden met ons in 1904 overeenkwam en sedert hebben samengewerkt. Hoe wy daarby voorby komen weet ik niet. Inderdaad zouden wy onze nek breken indien wy voor het subsidie-stelsel thans ingaan, daar wij niet alleen tegen onze Engelschen bondgenooten maar de meerderheid van onze eigen party ter wille van de minderheid zullen moeten gaan. Wij hebben nu de politieke heft in handen en hebben de kans een breede staatsmannelyke regeling der onderwyskwestie te maken en behooren van die kans gebruik te maken."34)

Ons kom hier tot die onvermydelike gevolgtrekking dat die erkenning van opvoedkundige beginsels en die verwesenliking van opvoedkundige oogmerke nie die uitsluitlike motiewe vir Smuts was by die formulering van sy beoogde onderwyswetgewing nie. Daar was ook 'n onmiskenbare politieke motief wat, soos ons sal sien, vir Smuts selfs swaarder geweeg het as die opvoedkundige, nl. die verbroedering van Boer en Brit. Die konsiliasie-ideaal wat hy en Botha wou verwesenlik, het geëis dat die Christelike nasionale skole hulle afsonderlike identiteit moet prysgee en dat die Afrikaner se taal nie op dieselfde reg sou kon aanspraak maak as dié van die veroweraar nie. Die plegtige voorstel wat Smuts in sy brief aan Steyn gedoen het dat Transvaal en Vrystaat „een zelfde lijn op Onderwysgebied" moet probeer volg, het juis skipbreuk gely toe e.g. nie deur Hertzog oorgehaal kon word tot die gelyke erkenning van Hollands en Engels nie.35)

Smuts lê sy Ontwerp-Onderwyswet voor aan Het Volk-Kongres, 6-8 Junie 1907:

Die parlementsitting waartydens die Koloniale sekretaris van plan was om sy onderwyswetgewing deur te voer het genader. Op 6 Junie, 'n week voor die opening van die sessie, het die verskillende afgevaardigdes van Het Volk in Pretoria byeengekom vir die organisasie se vierde jaarlikse kongres en toe die lede hulle oë uitvee, het Smuts aan hulle sy Konsep-Onderwyswet voorgelê wat wesenlik 'n groter ooreenkoms as verskil met die Selborne-Onderwyswet getoon het. Wat hy op 26 Maart te Boksburg, en op 11 April voor die C.N.O.-Kongres meegedeel het, was hier in sy Ontwerp-onderwyswet beliggaam:

Die Regering/.....

---

34) Ibid. 15.4.1907 (Skrywer kursiveer).
35) V.d. Heever, a.w. pp. 227-228 .

(i) Die Regering sal alleen die openbare skole steun. (Die beginsel om geen privaatskole te subsidieer nie, het Smuts in sy toespraak gesê, is hulle eie wat ook voor die oorlog in die Republiek gevolg is. Die beginsel is ook erken in hulle Kompromis met die Nationals en dit is voorgelê aan die 1905-Kongres wat dit eenparig goedgekeur het.)

(ii) Verpligte onderwys vir alle kinders tussen die ouderdom van 7 en 14 jaar, of tot hulle in die 4de standard geslaag het.

(iii) Tot en met st. 3 is die medium van onderrig die moedertaal van die kind, terwyl Engels gedeeltelik ingevoer sal word; na st.3 is Engels die medium behalwe in nie meer as twee vakke nie; dit is verpligtend dat die Engelse taal aan alle leerlinge in alle publieke skole onderwys sal word; net so is die onderrig van Hollands ook verpligtend, tensy die ouers van so 'n kind daarteen beswaar maak.

(iv) Wat godsdiens betref, sal die skooldag begin en afgesluit word met gebed; die eerste halfuur moet gewy word aan Bybellesse. Geen predikant of geestelike sal toegelaat word om met die godsdienonderrig op die openbare skole behulpsaam te wees nie.

(v) Die onderwysadministrasie sal drievoudig wees:

(a) die Onderwysdepartement met die Direkteur van Onderwys as hoof en die Minister as oppergesag;

(b) die Skoolraad en

(c) die Skoolkomitee.

(Die ouers, het Smuts gesê, bepaal die stelsel van onderwys deur die Skoolkomitees en ook twee derdes van die Skoolraad te verkies terwyl die Regering een derde van die lede van die Raad sal aanstel. Die aanstelling en ontslag van onderwysers berus by die Skoolraad onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys).36)

Duidelik het veral twee naakte waarhede tot die Boerekongres deurgedring: die Regering wat deur die Boervolk aan bewind geplaas is, is nie van voorneme om die aparte volkskole te ondersteun nie; as medium van onderrig en as vak is Engels, en nie ook Hollands nie, verpligtend. Dié twee bepalings in Smuts se Konsep het 'n warm bespreking uitgelok; afgevaardigdes het ernstig besware daarteen geopper en die Koloniale sekretaris dringend versoek om wysigings aan te bring sodat die wet vir Afrikaners aanneemliker kan wees. Smuts het hardnekkiglik geweier om hieraan gevolg te gee. Sy troefkaart was die kompromis wat Het Volk met „onze Engelsche vrienden" gesluit het en Artikel 6 van hulle eie

organisasie/.....

36) The Star, 8 en 10.6.1907; The Transvaal Leader, 10.6.1907.

organisasie se Program van Beginsels - twee voldonge feite wat deur sowel die Het Volk-kongres as die kiesers by die stembus goedgekeur is. Daarby was daar nog die reg van die ouers in die aanstelling van gewenste onderwysers vir die onderrig van hulle kinders, en die subsidie aan skole (op plase) wat ver van openbare skole gelee is.

Na 'n lang toespraak waarin hy sy Konsep verdedig en die oogmerke met die onderwysbeleid verklaar het, het Smuts sy sin gekry toe die Kongres die voorgestelde wetsontwerp sonder enige verandering goedgekeur het.[37]

In 'n buitengewone staatskoerant het genl. Smuts se Ontwerp-Onderwyswet verskyn - op 7 Junie in Engels en op 11 Junie in Hollands. (Daar was dus geen Hollandse kopié van die Ontwerp tot beskikking van die Het Volk-kongres nie - en die meerderheid van hulle het nie Engels geken nie !) Op Maandag 17 Junie is die eerste lesing van die Ontwerp in die parlement voorgestel en op Dinsdag 25 Junie het Smuts die debat in die tweede lesing ingelui.

<u>Invloede wat ingewerk het op die Formulering van die Smutswet:</u>

1. <u>Die Engels-Kaapse Onderwysstelsel.</u>

Dit was glad nie sonder betekenis nie dat Smuts in sy bovermelde brief van 15 April 1907 aan Steyn verwys het na die „.... stelsel .... in de Kaapprovinsie in mijn jeugd ...“ Die onderwysstelsel van die Kaapkolonie was maar een van die invloede wat gegeld het by die wording van Smuts se onderwyswet van 1907.

Die invloed van die Nederlandse kerk was sterk aanwesig in die Kaapse onderwysstelsel vóór 1803. Maar deur die Skoolorde van De Mist in 1803-1806 het die sg. „verligte“ idees uit die Franse revolusie in die skoolwese posgevat sodat 'n weg gebaan is vir meer liberale neiginge en dogmatiese onderrig uit die skole geweer is.[38] Die koms van die Britse veroweraar in 1806 het die Engelse gedagte na die Kaap gebring - dié van wesenlike anglisasie. In die onderwys kon die nuwe heerser maklik aansluiting vind by De Mist se beleid aangesien lg. se Skoolorde ook invloed getoon het van die Engelse filosoof, John Locke, wat die waarde van kennis wat op ervaring berus, beklemtoon het.

Die ironie is dat Engeland self aan die begin van die 19de eeu glad nie kon roem op 'n vaste en deeglike onderwyssisteem.

nie/....

---

37) De Volkstem, 12.6.1907.
38) Snyman: Histories-kritiese Studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907, pp.8-9.

nie. Die seggenskap van filantropiese en ander godsdienstige liggame was oorheersend. Eërs teen die tweede helfte van die 19de eeu het Engeland 'n nasionale onderwysstelsel gekry waarin die staatsgesag erken is.[39]

In hulle poging om die Kaapkolonie te verengels het die owerhede gebruik gemaak van die beginsels van die Britse nasionale onderwysstelsel. Skole en leerplanne was geskoei op die basis van vooraanstaande skole in Engeland en onderwysers uit Skotland en Engeland is ingevoer om die ideaal van die owerhede, nl. anglisasie, te verwesenlik. Wat godsdiensonderrig betref, is die nuwe Engelse beleid van nie-sektariese onderwys gevolg, net soos Smuts dit in sy wet sou omskryf. Die idee van vryheid het ten opsigte van die Hollandse taal nie gegeld nie; alleen Engels is verpligtend gemaak. Geleidelik is die beginsel van staatsondersteunde onderwys ingevoer met die beheer onder 'n superintendent-generaal van onderwys en plaaslike skoolkommissies. Die doel met die gratis onderwys - d.i. dat nie die ouers nie maar die staat die skole onderhou - was om die belangstelling van die ouer in die opvoeding van sy kind te ondermyn. Daardeur sou die anglisasieproses makliker vlot.

Onder dr. Thomas Muir (1892-1905) het anglisasie sy hoogtepunt bereik toe hy aangedring het op groter sentrale beheer en verpligte onderwys. Predikante wat in die jare 1875-1892 'n belangrike rol gespeel het in die onderwys is deur Muir uitgeskuif en die taak van anglisasie is daar uitgevoer deur middel van amptenare, inspekteurs en onderwysers. In 1905 is die stelsel van skoolrade op die wetboek geplaas. 'n Belangrike funksie van die skoolrade was om toe te sien dat die beginsel van verpligte skoolbesoek getrou gehoorsaam word. En ook dit het meegehelp dat anglisasie intensiewer toegepas sou kon word.

So het die Britse invloed deurgewerk na die Kaapse Skoolwese wat betref finansiële ondersteuning deur die staat, beheer, medium van onderrig en godsdiensonderrig. Hierdie beginsels is die een na die ander kragtens wet in die onderwyssisteem van die Kaapkolonie neergelê. Onder dié stelsel het Smuts sy eie skooloopleiding in Wes-Kaapland ontvang en, soos hy teenoor Steyn beken het: „.... het heeft daar zeer goed gewerkt."

In vele opsigte het die Kaapse onderwysstelsel gevolglik vir Smuts as model gedien in 1907.[40]

Smuts/.....

39) Ibid. pp.32-40.
40) Ibid. pp.41-58 en pp.63-76.

2. Smuts se Filosofiese en Staatkundige Denke: In die wetenskap en wysbegeerte van die 19de eeu het Smuts as denker nie bevrediging gevind nie; dit was s.i. beperk en afgebaken, en het vooruitgang en denke binne bepaalde grense omlyn. Sy idee was dat die mens se heil daarin gelê is dat hy deel moet hê aan die lewe in sy omvangryke geheel, in sy kosmologiese verband. Eenhede is nie geïsoleerd nie maar fundamenteel ineengestengel in die groot en geheel-patroon; ook die mensheid sien nie om na alleen die individuele ontwikkeling nie maar na die wese en vooruitgang van gemeenskappe, omgewings en na die ingewikkeldhede van die groot natuur. „Holisme" is die innerlike dryfkrag agter vooruitgang en in die verloop van evolusie na orde. Die veld waarin mense of dinge of idees verkeer, is steeds in kontak of in skeppende verband met die veld van ander sodanige dinge of begrippe.

Die mensdom is volgens Smuts een groot geheel en die mens is in hierdie groot geheel volkome vry omdat die persoonlikheid die hoogste vorm van holistiese wese is.[41]

Smuts het ook grootgeword en sy skool- en kollege-opleiding ontvang in die Kaapkolonie wat deurdrenk was met die oorheersende idee dat Engels en die Engelse kultuur en Engelse staatkunde die voortreflikste ter wêreld is. Die toenemende verengelsing van skool, staat en kerk het onvermydelik sy invloed uitgeoefen op die regeringstelsel en politiek, die letterkunde en geskiedenis, die gewoontes en die sedes, en die geestelike houding en lewensopvattings in die sosiale lewe aan die Kaap. In 1890, op twintigjarige leeftyd, is Smuts na die Universiteit Cambridge vir verdere studie in die regte. In Engeland het die staatkundige denke van mede-studente en Britse staatslui, die indrukwekkende Engelse letterkunde en die grootheid van die Britse ryk Smuts beïndruk. Die opvoeding was nie-sektaries en die staatsinstellinge meer liberaal.

Smuts word 'n Dissipel van die Hofmeyr-Rhodes gedagte: Terug in die Kaap het Smuts as persverteenwoordiger kennisgemaak met politici soos Hofmeyr, Merriman, Rhodes, Sauer, Sprigg en Malan; hy het onder die indruk gekom van die ingewikkelde staatkundige probleme van die Britse Kolonies en van die Boererepublieke in Suid-Afrika. Die samewerking tussen Hofmeyr (as leier van die Afrikanerbond) en Rhodes, en lg. se idee om al die state van suidelike Afrika te verenig tot een groot Federasie onder die Britse vlag, het Smuts aangegryp. Op 29 Oktober 1895 te Kimberley het hy sy eerste belangrike toespraak

gehou/.....

41) Ibid. pp.143-155 (Uit: Smuts: Holism and Evolution).

gehou. Hy het gepraat oor: "Fundamental Principles of the South African Political Situation," en aangevoer dat die twee dominerende vraagstukke eerstens die konsolidasie is van die blankes in een homogene nasionaliteit en tweedens die verhouding van die blankes tot die nie-blankes. Wat in Suid-Afrika dan in die eerste plek nodig is, is nie sonder meer 'n materiële kompromis van botsende belange nie, maar 'n groot Suid-Afrikaanse nasionaliteit deurtrek van 'n nasionale sentiment. Die Afrikanerbond was die eerste organisasie om die groot idee van nasionaliteit in die Kaapse politiek in te voer.

> "It was the momentous historical mission of the Bond to spread the truth that there must be a people before there could be a State: that there must be national unity before there could be political unity. ... Fortunately for the Cape Colony Mr. Rhodes and Mr. Hofmeyr discovered a common basis of political action and thus the widening development of political life in this country - represented on the one side by a national movement and on the other by wider commercial and territorial aspirations - was growing apace."42)

Wat die naturelle en hulle onderwys betref, het Smuts daaraan geglo dat meer nadruk op liggaamlike opvoeding en hande-arbeid gelê moet word as op verstandelike ontwikkeling. Suiwer intellektuele opvoeding in die geval van die blankes is gekompliseerd gemaak deur morele kultuur en godsdienstige tradisies van baie eeue en om dit ook vir die naturelle voor te skryf, beteken slegs dat hulle maklik ten prooi sal val aan die verraderlike strikke van die blanke beskawing.

> "It is by developing his physical manhood, by bracing his moral and social stamina, that alone this great work of rising the coloured race can be done."

Die naturel moet gedissiplineer word tot 'n waardige lid van die beskawing.[43]

In 1907 vind ons 'n weerklank van hierdie beskouing as Smuts sy onderwyswet vir Transvaal formuleer.

<u>Smuts word 'n vurige Kampvegter vir Republikeinse Eenheid in S.A.:</u> Die aandeel van Rhodes in die onsmaaklike Jameson-sluiptog teen die Transvaalse Republiek het Smuts geskok, en teleurgesteld het hy omgeswaai en sy volle gewig aan pres. Kruger se kant gegooi. Die nasionale vereniging van Suid-Afrika was nog sy hoogste strewe maar van nou af het hy dit uit 'n Pan-Afrikaanse oogpunt gesien en hom onversaagd daarvoor beywer soos pres. Kruger dit voorgestaan het: onder republikeinse vlag. As hy hom in Johannesburg vestig en in 1898 die President se staatsprokureur

word/.....

---

42) Smuts: Greater South Africa, pp.1-3.
43) Ibid.

word, stel hy die Afrikaanse saak in die gloeiendste woorde waaruit 'n patriotisme straal soos nóg nie geëwenaar is nie, terwyl hy terselfdertyd die Britse imperialisme, met sy kapitalistiese jingo-aanskyn, in die skerpste kritiek gestriem het.

Maar Smuts se droom van een groot „Afrikaner Republiek.... in Zuid-Afrika strekkende van Tafelbaai tot aan de Zambesi,"[44] sou nie verwesenlik word nie want die Republieke het as uiterlike staatsvorm in die driejarige stryd te gronde gegaan. Maar kulturele nasionalisme, die sin vir onafhanklikheid en die gees van die Boerenasie kon nie met kanonne of konsentrasiekampe gesmoor word nie. En vir Jan Smuts moes dit duidelik gewees het. In sy lang brief aan Merriman aan die begin van hierdie hoofstuk het ons gesien hoe Smuts self verwys na sy woorde van geloof by Vereeniging:

> "... I referred to the great victory which was surely in store".

Daar het hy op 30 Mei 1902 o.a. gesê:

> „Niemand zal mij ooit overtuigen, dat de ongeëvenaarde opofferingen, door het Afrikaansche volk op 't altaar der vrijheid gelegd, ijdel en tevergeefs zullen zijn. De Vrijheidsoorlog van Zuid-Afrika is gestreden - niet alleen voor de Boeren maar voor het gansche volk van Zuid-Afrika. De uitkomst van dien strijd laten wij in Gods hand. Misschien is het Zijn wil om het volk van Zuid-Afrika door nederlaag, door vernedering, ja, zelfs door het dal der schaduwe des doods te leiden tot een beteren toekomst en een helderen dag."45)

In die eerste twee hoofstukke het ons gesien hoe Smuts, aangevuur deur die geestelike ontwaking van die Boere, saam met Botha en ander Afrikanerleiers aan die spits geveg het in hulle reaksie teen Milner en die militêre oorwinning van Brittanje as 't ware ongedaan gemaak het toe hulle die politiek bewuste Boere tot die glansryke oorwinning gelei het by die stembus op 20 Februarie 1907.

Vir Smuts was dit "the great victory which was surely in store," waar hy (soos hy aan Merriman geskryf het) in 1902 te Vereeniging na verwys het. Want soos hyself later erken het, was sy stryd om en die verkryging van selfregering aan Transvaal en Vrystaat die grootste diens wat hy aan sy volk betoon het.[46] Daarom kon hy ook, soos reeds genoem, op 4 Maart 1907 toe hy as lid van die Botha-kabinet vir Transvaal ingesweer is, in bovermelde brief aan Merriman skryf:

"For six/.....

---

44) L.A. 192(1):Smuts se geheime „Memorandum op Militaire Positie 4.9.1899.

45) De Wet: De Strijd tusschen Boer en Brit: (Aanhangsel: Notulen van de vergadering van speciale Vertegenwoordigers te Vereeniging, Zuid-Afrikaansche Republiek op Donderdag 29 Mei 1902 en volgende dagen) p.400.

46) Crafford, a.w. Voorwoord, deur Louis Esselen.

"For six years we worked away from the chasm which divided South Africa and in which its peoples had been almost engulfed and here is the result."

'n Enorme taak - "almost appalling in its magnitude" - het Smuts geskryf, is op die skouers van hulle as leiers geplaas. En een daarvan wat op verbetering gewag het was die "one-sided Educational system."*

Die Smuts-Onderwyswet van 1907. - Selborne-Onderwysminute die Grondslag daarvan:

Die Ontwerp-onderwyswet waaroor Smuts op 25 Junie 1907 die tweedelesingsdebat in die Transvaalse Wetgewende Vergadering ingelui het, het onmiskenbaar getoon dat Selborne se onderwysbeleid die nuwe voorgestelde wet ten grondslag lê.

Die Onderwysminute van goewerneur Selborne van November 1905 was die resultaat van sy oogmerk om die onbuigbare en onsimpatieke beleid van Milner en Sargant te versoen met dié van die C.N.O.-kamp vegters sodat daar net een onderwysstelsel vir Transvaal sal bestaa die doel was om opvoedkundige vrede in die Kolonie te verseker deur Afrikaanse en Engelse leerlinge in dieselfde skole op te neem. Die samesprekinge wat Selborne, Lawley, Adamson (die nuwe Direkteur van Onderwys) en Duncan in Augustus 1905 met die Het Volk-leiers Botha, Smuts en Esselen (namens die C.N.O.-beweging) gevoer het, het geen onmiddellike gevolge gehad nie aangesien die tegemoetkominge wat die owerheid bereid was om te maak die ontevrede geestelike en politieke leiers van die Boere nie gerusgestel het nie. Tog was daar 'n merkbare toenadering te bespeur tussen regering en volk op onderwysgebied - soos Selborne se belangrike Goewermentsminute oor onderwys, wat op 17 November 1905 uitgevaardig is, bewys het.

Die dokument is van groot betekenis in soverre dit, wat plaaslike bestuur van skole betref, die grondslag gelê het van toekomstige onderwyswetgewing in Transvaal.[47] Lord Selborne het na die kern van die onderwysprobleem in Transvaal gegaan: die keuse van die taalmedium vraagstuk soos dit die Afrikaanssprekende kind raak.

Wat die eerste kwessie betref, het hy voorgestel dat Skoolkomitees vir die kleinere en adviserende Skoolrade in die groter distrikte ingestel moet word waarvan twee derdes van die lede deur die ouers gekies en een derde deur die Regering aangestel moet word. Hierdie liggame kan algemene toesig uitoefen oor die

bare elementêre/.....

47) Coetee, J. Chr. a.w. p.85; Malherbe: Education in South Africa (1652-1922) pp.325-326.

bare elementêre skole, as skakel dien tussen die Direkteur van Onderwys en die skole en ook mede-seggenskap hê in die aanstelling en afdanking van onderwysers.

Die tweede aangeleentheid, die taalkwessie, het Selborne uit 'n nuwe standpunt benader wat deur sy voorgangers verontagsaam is; hy het naamlik 'n verskil gemaak tussen

(a) die vraagstuk van die medium van onderrig en

(b) die vraagstuk omtrent die onderwysing van die taal self.

Hy het neergelê dat die leerling se moedertaal die medium van instruksie moet wees by die aanvangsonderwys. Die tweede taal moet aangeleer word deur gewone taallesse. Ongelukkig gaan Selborne dan oor tot die onlogiese verklaring deur te beweer dat Engels so belangrik is vir Afrikaanse leerlinge, dat dit die medium van onderrig moet word vir alle vakke, behalwe die Hollandse taal, sodra hulle dit begin verstaan - selfs voor st.3. Die teenoorgestelde feit: dat dit van uiterste belang is dat elke kind 'n deeglike kennis van Hollands moet hê aangesien dit die taal van die meerderheid is en gevolglik die onderrigmedium moet word sodra die leerlinge dit begin verstaan, - hierdie beginsel het Selborne totaal geïgnoreer. En nog belagliker was sy inkonsekwente besluit dat hoewel dit hoogs wenslik was dat Hollands in alle skole deeglik geleer moet word aan leerlinge wie se ouers nie daarteen beswaar het nie, sodanige keuse nie aan ouers aangebied is wat ~~betref~~ Engels betref nie! Sou daar ouers wees wat twyfel oor die standpunt van die Regering betreffende die kwessie van taal en medium,

> "... then the views that I have expressed should be impressed upon them by way of regulation,"

het die Goewerneur ten besluite neergelê. Selfs sou 'n kennis van Engels soos voorgeskryf vir elke standerd 'n voorwaarde wees vir bevordering van enige standerd na 'n hoëre.

> "This was hard on the thousands of children in the country districts who never heard a word of English outside school."

Nogtans was die Selborne-Onderwysminute - die bg. onreëlmatighede ("which were probably due to considerations of political expediency") daar gelaat, 'n stap in die juiste rigting want dit het minstens die geleentheid gebied vir plaaslike beheer waarna die volk so lank verlang het en dit het die prinsipe van moedertaalonderrig in die aanvangstanderds erken, skryf Malherbe.[48)]

Selborne het ook aanbeveel dat die Wetgewende Raad dit moes oorweeg om 'n wet te maak dat laerskoolonderrig verpligtend sal wees vir alle leerlinge.

Nou het/.....

---

48) Malherbe, a.w. pp.326-331; Snyman, a.w. pp.197-201; Coetzee, J. Chr., a.w. pp.85-87.

Nou het die owerheid van die selfregerende Transvaal, en by name Smuts, as verantwoordelike Minister van Onderwys, die geleentheid gekry om die "one-sided Educational system," soos hy sy voorgangers se beleid bestempel het, te hervorm opdat dit ter wille van rassevrede en volksheil aanneemlik sal wees vir alle seksies van die bevolking.

Faktore wat in aanmerking geneem moet word by die beoordeling van die Smuts-Onderwyswet:

Die vraag is: kon die man Smuts op hierdie oomblik met 'n Onderwyswet verenigbaar kom wat ingrypend verskil van dié van sy voorgangers? Voor ons die Smuts-Onderwyswet in oënskou neem, moet die volgende feite in gedagte gehou word:

(i) Die staatkundige idee wat Smuts van Rhodes oorgeërf het, die droom van 'n verenigde Suid-Afrika waarin Boer en Brit as één volk sal saamwerk onder die hoede van die Britse vlag, het weer sterk opgevlam toe Het Volk met sy leer van versoening die konstitusionele oorwinning behaal het oor diegene wat die verwesenliking van sy droom deur die oorlog vertraag en verwoes het. Die Boere, het hy in sy memorandum aan die Koloniale Kantoor in Januarie 1906 gesê, het die Britse vlag as 'n voldonge feit aanvaar in die gewese Republieke; al wat hulle wil hê is 'n konstitusie "...under the protecting aegis of the British flag..."49)

(ii) Smuts se voorgemelde "Memorandum of Points in Reference to the Transvaal Constitution" wat hy aan die Koloniale Kantoor voorgelê het, kan beskou word as sy politieke geloofsbelydenis waarin hy sy eie én Suid-Afrika se vertroue stel in Britse regverdigheid. En toe die Liberale Regering aan Transvaal 'n konstitusie vir selfregering toeken waaronder die gevéstigde bevolking 'n oorwinning by die stembus behaal het, was Smuts se versoening met die Britse imperialisme 'n voldonge feit. Sedertdien sou hy in sy administrasie, in sy wetgewende maatreëls en in sy openbare optrede so handel dat hy Groot Brittanje steeds te vriend ~~wil~~ hou en dat daaruit sy dankbaarheid moet spreek vir die „guns" wat Engeland aan Transvaal bewys het.

(iii) Smuts het die oorwinning van Het Volk in die verkiesing van 20 Februarie 1907 in die eerste plek toegeskryf aan die uitgesproke beginsel van konsiliasie tussen Boer en Engelsman wat die leiers van die Volksparty so onverbloemd dag vir dag in die eleksieveldtog verkondig het en waardeur hulle die steun van 'n aansienlike getal Engelssprekendes ontvang het. Ons het gesien hoe hy aan Merriman geskryf het: "On our policy of racial peace we carried many English constituencies with us, and I think we should continue that policy night and day."*

(iv) Juis om die voorgenoemde samewerking van die Engelse te behou het Smuts die onderwysklousule (Art.6) van die Program van Het Volk só gestel dat die „onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen." Beide die Het Volk-kongres sowel as die kiesers van Transvaal het hulle goedkeuring gegee aan hierdie bepaling.

(v) Milner/.....

49) Vgl. Bylaag A, § 3. (Skrywer kursiveer).

* Vide supra, p.183.

(v) Milner en Selborne was ongetwyfeld goeie administrateurs en toe Smuts in 1907 Koloniale sekretaris van Transvaal word, het hy die administrasie en goed georganiseerde Engelse amptenarepersoneel in die kantore onder sy beheer oorgeërf. Een van hulle was die heer J.E. Adamson, die Direkteur van Onderwys. Sy opleiding as opvoedkundige het hy in Engeland ontvang; opvattinge wat in Engeland gangbaar was, het hy hier as Direkteur gehuldig: Onderwysers was s.i. gewone staatsamptenare en in hulle benoeming moes ouers geen seggenskap hê nie; hy was ten gunste van sterk sentrale beheer - ook wat finansiële sake betref. Hy was 'n sterk voorstander van verpligte onderwys waaraan hy ook die prinsiep van gratis onderwys gekoppel het. Ten slotte was dit sy standpunt dat Engels 'n onontbeerlike vereiste vir die Afrikaanssprekende kind is as hy wil vorder in die wedloop van die lewe. In die onderwysverslag van 1905-1906 het Adamson gevolglik voorgestel dat die onderwysstelsel van die Kroonkoloniebestuur onder Verantwoordelike regering gehandhaaf moet word en Duncan (Smuts se voorganger as Koloniale sekretaris) het die Direkteur heelhartiglik gesteun in sy pleidooi.50)

(vi) Daar was, ten besluite, die hulde soos vroeër aangetoon, wat Smuts van die meerderheid van die persorgane in Transvaal sowel as die res van Suid-Afrika ontvang het vir sy moedige standpunt teen die eise van die C.N.O.-voorstanders en vir sy voorgestelde onderwysbeleid wat getuig het van versiendheid, verdraagsaamheid en staatsmanswysheid.

Die vraag lui dus weer: kon Smuts, in die posisie waartoe hy (en sy party) verbind was en onder die invloed waaronder hy hom bevind het sowel as die oogmerk wat hy hom persoonlik ten doel gestel het, op dié besondere tydstip in die Transvaalse geskiedenis die onderwysstelsel van sy voorgangers ongedaan gemaak het en met 'n ander te voorskyn getree het wat meer algemene byval sou vind onder alle seksies van Transvaal se samelewing as dié wat hy voornemens was om as wet deur te voer? Die antwoord is: nee - behalwe miskien ten opsigte van die taalklousule waar hy Hollands en Engels op gelyke voet kon plaas. Ander Boereleiers soos Beyers of Steyn sou dit kon regkry en in die Vrystaat was Hertzog in der waarheid besig om dit te doen. Maar Smuts, Botha, Burger en Esselen het ander sienswyses daarop nagehou en ter wille van die bereiking van hulle ideale en die beëindiging van die gevaarlike Milnerisme en Progressiewe jingoïsme het hulle hulle gekompromiteer om 'n onderwysbeleid te volg wat in die omstandighede van 1907 vir Transvaal die aangewese weg was.

Die Konsep-Onderwyswet wat genl. Smuts dus in Junie 1907 voor die Transvaalse Wetgewende Vergadering ter tafel gelê het, was veel eerder anti-Milner as anti-Afrikaans.

Grondbeginsels/.....

50) Snyman, a.w. pp.209-211.

Grondbeginsels van Onderwyswet no.25 van 1907:

Die taak waarvoor Smuts en sy hoof-onderwys-amptenare te staan gekom het in die formulering van die konsep was om een uniforme onderwyssisteem daar te stel wat gemeenskaplike voorsiening moes maak vir twee rasse - elk met sy eie taal, kultuur, tradisie, geskiedenis en lewensbeskouing. Die vyf grondbeginsels waarop Smuts sy onderwyswet gebaseer het, was gevolglik, net soos hy aangetoon het op Boksburg (26 Maart) en Pretoria (11 April), die volgende:

(a) 'n stelsel van openbare onderwys wat aan alle regmatige verlangens kon voldoen, word neergelê;

(b) die beginsel van ouerseggenskap deur middel van skoolkommissies en -rade in die benoeming van onderwysers, die oprigting van skole in bepaalde gebiede, plaaslike kontrole, ens. (Art.38-72);

(c) kostelose en verpligte onderwys: gratis laer onderwys is ingestel terwyl elke blanke leerling tussen die ouderdom van sewe en 14 jaar en wat nog nie die vierde standerd gepasseer het nie skoolpligtig sal wees (Art.18-22);

(d) die medium van onderwys sal in die laer standerds die moedertaal wees; waar Engels nie die moedertaal is nie, sal dit nogtans langsamerhand as medium ingevoer word totdat dit na st. 3 die uitsluitlike medium sal wees; waar die huistaal nie Engels is nie, kan op versoek van die skoolbestuur hoogstens twee vakke na st.3 deur medium van die huistaal onderwys word. Hollands sal geleer word mits die ouers nie daarteen beswaar maak nie; geen leerling word na 'n volgende standerd oorgeplaas sonder voldoende kennis van Engels (Art.30-33);

(e) wat godsdiensonderwys betref , het die konsep bepaal dat elke skooldag met Skriflesing en gebed geopen moet word; die eerste halfuur van die skooldag word aan godsdiensonderrig en Bybel geskiedenis gewy; geen dogma sal in skole geleer word nie en die onderrig in Bybellesse sal deur niemand behalwe onderwysers gegee word. (Art.34)51).

Die wet het bestaan uit 91 artikels wat in twaalf hoofstukke ingedeel is. Behalwe bg. vyf grondbeginsels was daar ook o.a. die volgende vername bepalings:

1. Die administrasie het berus by die Departement Onderwys, met 'n Direkteur, onderhorig aan die Minister van Onderwys, aan die hoof daarvan (Art. 3-6).

2. 'n Onderwysraad word ingestel, bestaande uit die Direkteur as voorsitter en 4 lede wat deur die Goewerneur benoem word en wat die Minister sal advisiseer i.s. finansiële sake, mediumkwessies, aanstelling en ontslag van onderwysers en die opstel van regulasies (Art.7-15)

3. Die kwessie van ondersteunde plaasskole (Art.17).

4. Voorsiening vir die oprigting en instandhouding van middelbare-, tegniese-, landbou- en normaalskole (Art.23-27).

5. Aparte gesubsidieerde skole vir kleurlinge (Art.28-29).

6. Die indeling/.....

51) Ibid. pp.216-220.

6. Die indeling van Transvaal in 26 skooldistrikte en die omskrywing van die wyse van samestelling as ook die magte en pligte van die skoolrade en skoolkommissies (Art.38-72).

7. Kwalifikasies, keuring, indiensneming, ontslag, diensvoorwaardes, pensioene, ens. van onderwysers (Art. 74-83).

8. Finansiële reeling (Art.84-86).

9. Algemeen: terreine vir onderwysdoeleindes by die uitlê van dorpsgebiede; skenkings en beurse; wysiging van die wet; kadetopleiding; feesdae, eksamens; statistiek, registers, fondse, ens. (Art.87-90).

10. Artikel 91 het bepaal dat die wet op 1 Oktober 1907 in werking sal tree. Die Onderwysraad, egter, (Art.7-15) sou benoem word sodra die wet gepubliseer is.52)

Smuts het die tweedelesingsdebat oor sy ontwerpwet in Engels ingelui en dit daarna kortliks in Hollands verduidelik. Die sentrale gedagte en hoofdoel van die wet is 'n weerspieëling van Smuts se groot idee: rasse-eenheid, sodat Boer en Brit as een groot geheel tot die groter geheel - die Britse Ryk - kon behoort. Die subsidiëring van privaatskole, soos die C.N.O., sou verhinder dat dié gewenste eenheid bereik word. Dit sou, het hy gesê,

> "...het grote doel - de rassen ook op de schoolbanken bijeen te brengen - ... tegenwerken. De kinders moeten van jongs af aan tesamen opgroeien, en er is geen reden waarom er in Transvaal niet één sisteem van onderwys zal wezen."53)

Deur die beginsel van eenheid - eenheid tussen die Afrikaners van die verskillende kerkgenootskappe en eenheid tussen die Afrikanervolk en die Engelssprekendes in Transvaal - as sy uitgangspunt te neem kon Smuts daarin slaag om daarna die bepalings i.s. ouersegenskap en die voertaal- en taalonderrigkwessie so neer te lê dat dit nie sal indruis nie teen sy hoofdoel, nl. rassesamesmelting.

Dat die Opposisie, wat almal Engelssprekendes was, Smuts geloof het oor sy ongetwyfeld uitmuntende Konsep - („Men heeft mij geprezen, al te algemeen geprezen..." het hy in sy repliek op die debat gesê) - is maklik te begryp, want bloot die feit dat die wet neergelê het dat onderwys aan alle kinders verpligtend was en dat die onderrig, van ~~en van~~ die medium van onderrig (na st.3) deur Engels verpligtend was en dat die bevordering van leerlinge alleen kon geskied as hulle kennis van Engels voldoende was, was vir hulle genoegsame versekering dat die „Engelse gedagte" gehandhaaf sal word al is 'n Boereregering aan bewind.

Teenstand het gekom uit die Regering se eie geledere en die taalklousules soos deur Smuts neergelê was die probleem. Teoretiese gesproke/.....

---

52) T.K. 51, Act No.25 of 1907 (Volledig). Vir volledige opsomming van Smuts-Onderwyswet, vgl. Snyman, a.w. pp.341-345.
53) Debatten: Wetg.Verg. (Eerste Sitting) 1907, p.215.

ties gesproke, is die beginsel van taalgelykheid erken maar:

> „In de Kaapkolonie bestaan ook in teorie gelijke rechten voor beide talen, maar als het op de praktijk aankomt is er geen gelijkheid",

het N.J. de Wet, die lid vir Middelburg-Wes gesê. Die vraag was ook: wie moet bepaal dat 'n kind oor genoegsame kennis van Engels beskik dat dit as medium van onderrig vir hom geskik is.

> „Wanneer het wordt overgelaten aan de inspekteur die geen Hollands verstaat en geen simpatie heeft voor Hollands onderwijs, dan is de wet in dat opzicht een dode letter,"

was de Wet se mening.[54] Ook de Klerk (Middelburg-Oos) en Lemmer (Marico) het beswaar gemaak teen die taalklousule wat net Engels, en nie ook Hollands nie, verpligtend maak.

> „Daaroor wordt een fordament neergelegd dat niet gelijkheid voorstaat voor beide rassen, en dat is niet goed,"

het e.g. aangevoer.[55] Maar die sg. noodsaaklikheid van 'n grondige kennis van Engels as voorwaarde vir 'n suksesvolle toekoms is só beklemtoon tydens die drie-dae-lange debat, dat die mening van F.W. Beyers (Turffontein) klaarblyklik die gevoel van al die Afrikaanssprekende lede van Het Volk vertolk het toe hy gesê het:

> „Ik moet erkennen dat de konseptwet niet voorziet in die ideale gelijkheid van Hollands en Engels in Zuid-Afrika, waarnaar wij allen streven, maar voorzover het mij betreft, ben ik geheel tevreden dat het verplichtend voor mij gemaakt zal worden, om mijn kind Engels te laten leren."[56]

Soos te verwag was dit A.D.W. Wolmarans wat in die Hoërhuis sy misnoeë uitgespreek het oor die kwessie van ouerlike beheer en die taalaangeleentheid.

> „Naar mijn bescheiden mening doet deze wet te kort aan het recht van de ouders,"

het hy betoog.

> „... Volgens alle morele en zedelike wetten heeft alleen de ouder het uitsluitend recht over zijn kind, maar geen Staat."

Die meerderheid van die bevolking, nl. die Hollandssprekendes, het hy aangevoer, is ook in 'n sekere mate gewoond

> „... aan tradisies van het voorgeslacht, waaraan zekere godsdienstige tradisies verbonden zijn met betrekking tot de opvoeding van de kinderen. En wanneer wij deze wet gaan overwegen met die tradisies van ons volk, dan zien wij, dat er in deze wet iets is tegen die tradisies en wel, dat op de ouder alleen berust de plicht om zijn kind op te voeden en niet op de Staat. ... In de wet van 1892 was het beginsel, dat alles uitgaat van de ouder en dat is een prinsiepe dat door de gehele bevolking gehuldigd wordt."

Hy het ook beswaar gemaak teen die veronregting van die Hollandse taal deur die wet en onomwonde gesê

„dat het/.....

---

54) Ibid. pp.263-264.
55) Ibid. pp.274-275.
56) Ibid. p. 281.

„dat het de Koloniale Sekretaris niet gelukt is om gelijke rechten voor beide talen neer te leggen in deze wet."57)

Vir Smuts was dit 'n persoonlike triomf toe sy Ontwerp-Onderwyswet deur al die stadia van beide Huise geloods en sonder teenstem aangeneem is. Op 19 Augustus 1907 het die goewerneur namens die koning sy goedkeuring daaraan geheg. In die staatskoerant van 16 September 1907 is aangekondig dat die volgende persone deur die Goewerneur benoem is om, kragtens Artikel 7 van die wet, in die Onderwysraad te dien: dr. F.V. Engelenburg, dr. N.M. Hoogenhout, T. Reunert en J. Robinson.[58)]x Adamson, die Direkteur, sou die voorsitter van die Raad wees.

Die Smuts-Onderwyswet van 1907 „het feitlik die doodsklok oor die C.N.O.-beweging gelui," skryf dr. G.D. Scholtz in sy biografie van genl. C.F. Beyers. Ten spyte van petisies afkomstig van die platteland - veral Potchefstroom - waarin versoek is dat die tradisionele beginsels van die Afrikaner wat opvoeding betref erkenning moet geniet deur o.a. staatsubsidies aan private skole, is die een volkskool na die ander by die staatskole ingelyf.[59)]++

Gunstige persreaksie op Smuts-Onderwyswet: In en buite Transvaal het die verskillende - selfs Progressiewe - nuusblaaie niks anders nie as lof gehad vir Smuts se Onderwyswet. Vir "The Star" was Smuts as Minister van Onderwys "above criticism" en sy wet

"a sincere, courageous and statesmanlike endeavour to solve the problem of national education in a non-party and non-racial spirit."

In die/.....

---

57) Debatten: Wetg.Raad (Eerste Sitting) 1907, pp.161-162.
58) T.K. 21, P.512.
59) Scholtz (Genl. Beyers) pp.174-175; Snyman, a.w.pp.250-251.

x In die oorspronklike konsep het Smuts nie voorsiening gemaak vir so 'n Onderwysraad nie. Van Opposisiekant het die beswaar gekom dat die Minister en Direkteur van Onderwys té outokratiese magte sal hê. Op 'n wenk van Merriman het hy daarop die klousules oor die instelling van 'n Onderwysraad ingesluit. Hy skryf hieroor op 8 Julie 1907 aan Merriman: "Many thanks for your last letter and the valuable criticism of the Education Bill of which I made use by bringing forward an amendment in favour of an Education Council... The Opposition is suspicious of a Boer Colonial Secretary and was anxious to see the .... change. Of course as you know it all depends on the council you succeed in getting together and in this country the matter presents some considerable difficulty. Parsons and teachers are the only people who really make a study of educational matters and neither is a desirable class on the council. (Merriman Papers,no. 67, 8.7.1907.

++ Veral van Gereformeerde kant is ernstig beswaar gemaak teen die grondbeginsel van die Smutswet. In verskeie brosjures is die standpunt ten gunste van aparte Christelik Nasionale skole uiteengesit, bv. Prof. J.Kamp: „De Vrye School met Gouvernementssubsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel"; Prof.Cachet „Niet om te twisten maar om des geweten wil." Dr.J.D. du Toit: „Christelyk Onderwys met of zonder Dogma". (Snyman a.w. pp.257-260

In die "Transvaal Leader" het dit gelui: Die Onderwyswet

> "is a Bill that indicates an enlightened, progressive policy of the highest merit, and we have nothing but respect for the ability that framed it."

"The Friend" het Smuts geloof vir sy "commonsense craftsmanship," en die wet bestempel as "a model of educational statesmanship" terwyl die "Bloemfontein Post" aangevoer het dat die Vrystaat mooit beter kan doen nie

> "than to follow the road of moderate compromise which the Transvaal Cabinet has marked out,"

want

> "it is becoming increasingly obvious that this education question is the one rock on which this Colony may split."
> "In educational matters ... the Constitutional Party stands shoulder to shoulder with Genl. Smuts and Het Volk Cabinet."

Uit Pietermaritzburg het ook die "Natal Witness" meegedoen in die koor van hulde aan die Transvaalse Koloniale sekretaris, en in die Kaap het prof. Fremantle van die "South African News" geskryf:

> "Genl. Smuts has certainly had a great opportunity. It cannot be denied that he has made a grand use of it. He has shown very great courage and very remarkable statesmanship."

„De Volkstem", die vroeëre kampvegter vir C.N.O., het nou die sienswyse gehuldig dat „de thans verschenen schoolwet iets is om dankbaar voor te zyn."[60]

Die Uitvoering van Wet no. 25 van 1907 en die Vordering op Onderwysgebied in Transvaal tot 1910:

Pas nadat die koninklike goedkeuring aan die Smuts-Onderwyswet geheg is, het die Departement Onderwys 'n Offisiële Handboek uitgegee wat die instruksies en regulasies omtrent die Wet omskryf het.

Wat die administrasie betref, is instruksies uitgereik rakende die indeling van die skooldistrikte en die aanstelling van skoolraadsekretarisse en skoolbeamptes, hulle salarisse, dienstermyn, ens. Opdragte is uitgereik oor die toepassing van die skoolwet met betrekking tot verpligte onderwys, voorsiening in die behoefte van onderwysfasiliteite, konsentrasie op die platteland en sentralisasie in die stede, aansoeke vir die oprigting van skoolgeboue, koshuise en onderwyserswonings en die onderhoud van sodanige geboue.

Die regulasies het verder die voorwaardes verstrek waarvolgens laerskool-, hoërskool- en ambagskoolbeurse, as ook

beurse/.....

60) The Star, 26 en 28.6.1907, The Transvaal Leader, 25 en 26.6.1907; The Friend, 10 en 28.6.1907, The Bloemfontein Post, 17 en 19.6.1907; The Natal Witness, 14.6.1907; The South African News, 27.6.1907; De Volkstem, 15.6.1907.

beurse om kandidate te steun om hulle vir die onderwysberoep te bekwaan, toegeken word. Beurse vir hoër onderwys aan een of ander universiteitskollege was ook beskikbaar.

In die Offisiële Handboek is die prosedure uiteengesit met betrekking tot die aansoek deur onderwysers om en hulle aanstelling in vakante poste. Skole is ingedeel volgens hulle leerlingtalle met die oog op die gewenste verspreiding van die personeel. Dienskontrakte is opgestel waarin noukeurig bepaal is wat die voorwaardes is waaronder onderwysers in diens van die Kolonie aangestel word. Kwalifikasies en die ooreenkomstige indeling van salarisskale is bepaal; en ten slotte is die kwessie van verlof, pensioene en die opleiding van onderwysers duidelik omskryf.[61]

In 'n reeks regulasies, artikels en skedules is alles omtrent die samestelling, magte, funksies en werksaamhede van skoolkommissies, skoolrade en Beherende liggame uitvoerig voorgeskryf.[62]

In 1908 en weer in 1909 het Smuts in die Wetgewende Vergadering kleinere wysigings voorgestel waardeur sekere tegniese onreëlmatighede in die Onderwyswet uitgestryk is.[63]

Die "Provincial Code of Regulations for elementary Schools with Schedules" wat 1903 deur F. Ware uitgevaardig is en waarvan daar in 1906 'n herdruk verskyn het, was nog altyd in gebruik in die Transvaalse laerskole. Maar in Junie 1909 het Adamson, die Direkteur, 'n nuwe volledige voorgeskrewe leerplan vir blanke kinders uitgegee.

Elke leerling moes leer om te lees, te skryf en te reken. Die sins- en verstandsvermoë moes der mate ontwikkel word dat kinders kan onderskei en gevolgtrekkings leer maak uit hulle omgewing. 'n Kennis van natuurstudie, aandrykskunde en geskiedenis was dus noodsaaklik, terwyl ook voorsiening gemaak is vir die onderrig in die eenvoudigste gesondheidsbegrippe en liggaamsontwikkeling deur hande-arbeid, tekene, naaldwerk en gimnastiek. Hollands en Engels moes onderrig word en ook praktiese vakke soos handwerk en kookkuns terwyl 'n regeringsdeskundige die onderwysers sou voorlig oor die kwessie van landelike opvoeding aan die jeug. Die toelatingsouderdom vir leerlinge sou ses jaar wees en aan die einde van die geslaagde voltooiing van die sesde of sewende standerd kon leerlinge 'n einddiploma ontvang.

Die leergang/.....

61) Snyman, a.w. pp.271-303.
62) Ibid. pp.303-308.
63) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting)1908, p.1967; Wetg. Raad (Derde Sitting)1909, pp.239-242.

Die leergang vir Middelbare skole het, vir seuns, ingesluit: godsdiensonderwys, Hollands, Engels, 'n derde taal, wiskunde, natuurwetenskap, geskiedenis, aanrdrykskunde, tekene, gimnastiek, driehoeksmeting, toegepaste wiskunde, hande-arbeid en sang.
Vir dogters is die volgende uitsonderings gemaak: wiskunde kon tot rekene beperk word; kookkuns en higiëne kon algebra en meetkunde vervang; tekene het ook skilderwerk ingesluit terwyl hulle ook onderrig in sang en naaldwerk kon ontvang.[64]

Van die 34 wette wat in die eerste sessie van die Transvaalse parlement gemaak is, was die Onderwyswet die belangrikste, het Botha kort na afloop van die sitting in Standerton gesê. Van groot betekenis was dus die belangstelling wat daar in alle oorde sou heers in die vordering wat die onderwys sou maak onder die nuwe wet, veral ten opsigte van die eintlike doel wat Smuts met die opstelling daarvan beoog het, nl. rasseeenheid.

> „Ik wilde graag dat u op die wet zag als op een wet van kompromis, als een wet die gemaakt is om alle partijen te bevredigen,"

het ook Botha in sy toespraak op Standerton gesê

> „Ik wilde graag dat Engelse en Boeren kinders op de zelfde banken leren, zodat zij beter met elkaar zullen samenwerken dan hun ouders dat gedaan hebben."[65]

Soos blyk uit Adamson se eerste onderwysverslag ná die inwerktreding van die Smuts-Onderwyswet op 1 Oktober 1907, t.w. die Rapport vir die jaar 1 Julie 1907 tot 30 Junie 1908,[66] was daar allerweë aanduidings dat die algemene skool- en opvoedingswese in Transvaal besig was om 'n bepaalde koers te kry. Albei dele van die bevolking het die nuwe wet aanvaar: die Engelse omdat daar geen bepaling in die wet was wat ingedruis het teen hulle regte of hulle voorregte ingekort het nie; die Afrikaners omdat hulle, ondanks die onbillikheid van die wet t.o.v. die Hollandse taal, hulle volle vertroue gestel het,

> „nie in die letter van die wet of in die amptenare wat dit moes uitvoer nie, maar in die Regering by wie tog die hoogste gesag berus het."[67]

Toesig by die praktiese toepassing en nougesette uitvoering van die wet het berus by 'n inspekteurskorps van dertien (later uitgebrei tot 15) waarvan 'n viertal eertydse C.N.O.-leerkragte was, nl. die here T.A. Dönges, W. Klooster, T.C. Stoffberg en J. Visscher/.....

---

64) Snyman, a.w. pp.310-315.
65) De Volkstem, 24.8.1907.
66) T.K. 192: Verslag deur Direkteur van Onderwys 1907-1908
67) Symington, a.w. p.349.

en J. Visscher, wat meer bepaaldelik die onderwys in Hollands moes beheer. Later is hierdie stelsel van aparte Hollandse en Engelse inspeksie afgeskaf.

Die Raad van Onderwys onder voorsitterskap van Adamson het in die doel van sy intelling, nl. om die Minister van algemene advies te bedien en die besteding van finansies te behartig, deeglik beantwoord. Alle pligte is met die grootste nougesetheid nagekom.[68]

Die plaaslike skoolbesture, t.w. die skoolrade en skoolkommissies, se lede was dikwels onervare persone terwyl die sekretarisse nie altyd bekend was met roetine-aangeleenthede nie. Dikwels was die kommissie en die raad van 'n distrik oorhoops terwyl die verskillende rade voortdurend in geskille gewikkel was met die Departement. Nogtans was daar 'n algemene begeerte tot samewerking en op konferensies oor onderwysaangeleenthede is sake uitgepluis hoewel die gevoelens af en toe hoog geloop het as die rasseverskil by die besprekings oor opvoedkundige sake ter sprake gekom het. By baie ouers het ontevredenheid geheers omdat die direkte beheer wat hulle vroeër uitgeoefen het oor die skole en die onderrig van hulle kinders nou in die hande van skoolkommissies was wat hoogstens adviserende instellings was vir die skoolrade in die uitvoering van hulle onderskeie pligte. Veral die ouers verbonde aan die Gereformeerde kerk het aangevoer dat hulle kerkreg, nl. die bevoegdheid om self onderwysers te benoem, toesig te hou oor die godsdiensonderrig en oor die algemene Christelike karakter van die onderwys van die skool, hulle ontneem is.[69]

Ten spyte van die hoë lof wat Smuts vir sy beroemde Onderwyswet ontvang het, was die netelige taalvraagstuk nog geensins daardeur opgelos nie en die lydende party ondertussen was die Afrikaanse kind. Dit is eenvoudig onbegryplik dat Smuts en Adamson die gedagte self kon koester dat die nasionaalbewuste Boere oogluikend sou toelaat dat hulle eie taal permanent veronreg moet word in die openbare skole en hulle kinders verengels raak. Die nadelinge uitwerking van die Wet was duidelik te merk in die stadige toename van die Middelbare Skole deurdat baie ouers nie hulle kinders daarheen gestuur het nie omdat die voertaal daar deurgaans Engels was.[70] Op die laerskole weer het inspekteurverslae aangetoon dat die onderwys van die twee tale veel te wense oorgelaat het. Vir die Direkteur was die oorsaak daarvan die baie klein skooltjies op die platteland. Hy versuim egter om te erken dat, wat die Afrikaanssprekende kind betref, beide

Hollands/.....

68) Snyman, a.w. pp.316-317.
69) Ibid. pp.317-318; 344-345.
70) Ibid. pp.322-323.

Hollands en Engels as voertaal vir hom vreemd is.

Besluite wat op skoolraadkonferensies geneem is oor die wysiging van die Onderwyswet sodat taalgelykheid in letter en gees toegepas kan word, het op niks uitgeloop nie aangesien die Regering nie bereid was om amendemente te oorweeg wat beginsels van kontensieuse aard geraak het nie. Die Afrikaanssprekende kinders moes eenvoudig net sorg dat hulle die Engelse taal so gou as moontlik bemeester want die maklikste manier om die hele taalvraagstuk op te los, was om almal deur medium Engels te onderrig, was die gesindheid van die opvoedkundiges aan die hoof van die Onderwysdepartement. Die Afrikaanse kind sou daardeur geen skade ly nie ! Aparte skole waar die Afrikaanse taal volgens C.N.O.-beginsels gehandhaaf kon word, het nie gepas in Smuts en Adamson se idee van volkseenheid nie.[71] Die sterk aandrang van Gereformeerde kant ter wille van godsdiensonderrig waarin die dogma groter erkenning geniet, is met dieselfde kilheid van owerheidswee teengestaan.[72]

Afgesien van die voorgemelde oorsake van ontevredenheid by 'n deel van die bevolking, het die Smuts-Onderwyswet die Transvaalse opvoedingswese grootliks ten goede gekom. Die regulasie oor skoolplig het uitstekend gewerk. In die laerskole het die leerlingtal aangewas van 37,529 in 1907 tot 49,996 in 1910, terwyl die skole van 702 na 905 en die laerskoolonderwysers van 1,400 na 2,068 in dié periode toegeneem het. In die Middelbare skole was die uitbreiding in 7 inrigtings soos volg:

	1907.	1910.
Leerlingtal:	802	1,416
Onderwysers:	64	98. [73]

'n Stap vooruit is ook geneem in die rigting van tegniese onderwys. Op die groter dorpe en gesentraliseerde plaasskole is voorsiening gemaak vir gevorderde tegniese onderwys en handwerk onderskeidelik. In 1909 is die Tegniese kollege en 'n Ambagskool te Pretoria geopen, terwyl die „Industrieskool" te Potchefstroom die vorige jaar al met opleiding begin het.

'n Belangrike verantwoordelikheid van die Departement Onderwys was die opleiding van onderwysers. Die leerlingtalle, veral op die laerskole, het vinnig gegroei en om hulle onderrig

in bekwame/.....

71) Ibid. pp.318-319; pp.338-341.
72) Ibid. p.319; pp.333-337.
73) Ibid. p.320; p. 322.

in bekwame hande te laat, het die Departement in 1909 oorgegaan tot die oprigting van normaalkolleges te Johannesburg en Heidelberg. 'n Soortgelyke kollege te Pretoria het toe reeds bestaan. Vasgestelde kursusse is neergelê vir onderwysers wat hulle in die verskillende rigtings wou bekwaan; vakansiekursusse is aangebied en ook beter diensvoorwaardes. Op dié wyse is dit verseker dat daar 'n konstante en trouens verblydende toename was van kandidate vir die onderwyssertifikaat.[74]

Die Smuts-Onderwyswet het ook gesorg dat die onderrig van nie-blankes voortgesit word. Die beginsel van onderskeid tussen kleurlinge en naturelle is gehandhaaf. Die kleurlinge het dieselfde sillabus en kursus as die vir blankes gevolg; hulle skole is slegs 'n trap laer gegradeer as die skole vir blankes. Die kleurlingskole was hoofsaaklik in Johannesburg en Pretoria gekonsentreer, en het van 10 skole met 1,347 leerlinge in 1908 tot 12 met 1,644 leerlinge in 1910 vermeerder.

Die naturelle-onderwys was tot in 1907 merendeels in die hande van sendinggenootskappe maar dit was buite die kwessie dat hulle dié groot aangeleentheid eiehandig kon beheer. Samewerking tussen die genootskappe en die Regering was noodsaaklik. 'n Versigtige begin is gemaak en in 1907-'08 is £9,000 beskikbaar gestel vir die onderwys aan naturelle-skole. Die klem het veral geval op handearbeid, veldwerk, skryn- en messelwerk vir mans terwyl naaldwerk en algemene huishoudhunde aan die naturellevroue geleer is.

Van 'n gesonde nasionale onderwysbeleid vir die naturel was hier geen sprake nie. Die medium van onderrig ná St.2 was in die reël Engels; niks is gedoen om die naturel sy eie geskiedenis en kultuurlewe te leer waardeer nie; hy was in aanraking met die blanke beskawingstoestande en gevolglik het die onderwysing van vaardigheidsvakke alleen die naturel nie bevredig nie; die sendingskole het eenmaal begin met die onnasionale beleid om die inboorlinge te wil verwesters en onder invloed hiervan het die naturel die vaardigheidsvakke wat hom 'n aanwins vir die maatskappy kan maak, verwaarloos en ook gestreef na beskawing deur 'n belangstelling in kulturele vakke.

Nietemin het die leerling- sowel as onderwysertal toegeneem, sodat die Botha-regering ook op die gebied van onderwys aan nie-blankes met tevredenheid kon terugkyk na die verdienstelike werk wat verrig is.[75]

Selborne/.....

---

74) Ibid. pp.324-326; De Volkstem, 7.12.1907; Coetzee, J.Chr., pp.112-114

75) Snyman, a.w. pp.326-329; pp.346-347; Coetzee, J.Chr. a.w. pp.114-116.

Selborne het hom ook beywer vir hoër onderwys aan die naturelle van al die Kolonies maar op 17 Mei 1907 het Smuts amptelik aan hom meegedeel:

> "Ministers have the honour to inform His Excellency that it appears desirable to allow the question of an Inter-Colonial College for the higher education of Natives to remain in abeyance until the future Native policy as a whole can be considered jointly by the several Governments of South Africa."76)

Hoër Onderwys: In 1903 al is 'n tegniese inrigting in Pretoria opgerig wat die werk van die mynskool te Kimberley oorgeneem het. Sedert 1906 was dit bekend as die "Transvaal University College." In Mei 1907 is besluit om die hoër opvoeding so te organiseer dat Transvaal selfvoorsienend kan word minstens in soverre dit tegniese, literêre, wetenskaplike en kunskursusse betref. Die doel was ook om opleiding te verskaf in die wet, landbou en landmeting. Die nodige fasiliteite kon aangebring word by die Transvaal University College.[77] Met hierdie doel het die Botha-regering in Mei 1907 die registrateur van bg. kollege, mnr. John Robinson, na Engeland afgevaardig "to see something of the administrative working of some of the English universities and Technical Schools."[78] Terselfdertyd het die Regering 'n departementele kommissie onder voorsitterskap van Adamson benoem met die opdrag om 'n verslag op te stel oor hoër onderwys in Transvaal.

Die uitslag was dat daar in 1908 'n literêre en wetenskaplike afdeling op Pretoria geopen is as deel van die bestaande Transvaal University College met die oog op die hoër eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. In Johannesburg is 'n myn- en werktuigkundige afdeling opgerig.[79] In 1910 het die Pretoriase afdeling, met die bekragtiging van die Transvaal Universiteitskollege Inlywingswetsontwerp, ontwikkel tot 'n selfstandige inrigting, nl. die Transvaalse Universiteitskollege. Die Johannesburgse tegnologiese afdeling is verander tot die „Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie."[80]

'n Aspek van die onderwys wat ingepas het by die Botha-regering se beleid om die ouer bevolking op te hef was opleiding in landbou. Die bogenoemde regeringskommissie het voorgestel dat 'n landboukollege vir Transvaal opgerig moet word vir die bevordering van moderne boerderymetodes. Eers in 1909 is hieraan praktiese gevolg gegee toe die landbouskool te Potchefstroom

geopen/.....

76) Eerste Minister (Tvl.) 9, no.37/5/1907.
77) T.K. 190, 5/1907.
78) Eerste Minister (Tvl.) 9,,no.37/5/1907.
79) Kol. Sekr. 860, no.14802.
80) Debatten: Wetg. Verg. (Buitengewone Sitting) 1910. p.201 en p.648; p.229 en p.648. Vgl. ook: Snyman, a.w. pp.329-331; Wetten van de Transvaal, 1910: Wet no.1 en Wet no.4 van 1910; The South African News, 14.12.1907; De Volkstem, 12.12.1907.

geopen is waar dit in samewerking met die reeds bestaande proefplaas kon dien as opleidingsentrum in die algemene landboukunde. Persone wat in st.7 geslaag het, kon hier 'n tweejarige kursus deurloop in akkerbou, veeteelt, pluimveeboerdery, tuinbou, bosbou, suiwel, smedery, ens. Sedert 1910 kon studente lesings ontvang in die veeartsenykunde en algemene landbou aan die Transvaalse Landboukollege wat in Pretoria opgerig en by die Universiteitskollege ingelyf is. Ten slotte is die bakteriologiese laboratorium by Onderstepoort, wat in 1897 deur die Republikeinse Regering opgerig en in 1902 onder beheer van die Departement Landbou gekom het, verder deur genl. Botha in sy hoedanigheid as Minister van Landbou ondersteun en vooruit gehelp. Ná Unifikasie in 1910 sou hy toesien dat dit onder beheer van die Unielandboudepartement kom.[81)]

Gevolgtrekking: Deur sy Onderwyswet, Wet no. 25 van 1907, het genl. Smuts daarin geslaag om laer, middelbare en hoër opvoeding in Transvaal onder staatskontrole te plaas. Engels was verpligtend, Hollands opsioneel en Bybelonderrig nie-dogmaties. "This measure had results that were greater politically than educationally," skryf Sarah Millin tereg in haar werk oor genl. Smuts.[81a)]

Anders as in die tyd van die Republiek toe plase makliker verkrygbaar was en die stryd om te bestaan nie so mededingend van aard was nie en skoolopvoeding van die jeug dus van geringer belang was, het daar in die na-oorlogse jare nuwe omstandighede met nuwe eise ontstaan wat meegebring het dat onderwys 'n s i n e q u a n o n was vir elke blanke mits hy met sukses wil ding na daardie posisies in die lewenswedloop wat hom 'n menswaardige lewe sal verseker. Uit hierdie omstandighede het daar by die Afrikaner-ouer 'n begeerte gegroei dat sy kind die beste onderwys sal ontvang wat hom in staat stel om vooruit te kom. Soos enige reggeaarde staatsman het Smuts hierdie drang by sy volk verder aangemoedig en die opvoeding aan hulle voorgehou as die doeltreffendste wapen ter verwesenliking van die hoogste ideale. Sy eie hoogste ideaal was staatkundige eenheid en die samesmelting van Boer en Brit tot een volk in Suid-Afrika wat in die groot Britse ryksgeheel 'n eervolle rang sal beklee. Die begeerte van die Afrikaner-ouer na onderwys wat vir sy kind in die Britse

Kolonie/...

81) Snyman, a.w. pp. 331-332; Debatten: Wetg. Verg. (Buitengewone Sitting) 1910, pp. 215-218; p. 648; Coetzee, J. Chr. a.w. pp. 118-119.

81a) Millin. a.w. p. 230.

Kolonie 'n veilige bestaan sal verseker, vervul Smuts deur die ouers gratis onderrig vir hulle kinders aan te bied in regeringskole onder sy oppergesag waarin Engels die medium is sowel as 'n onmisbare voorwaarde vir bevordering. In hierdie feitlik Engelse skole word, deur die onderwysstelsel, dan eintlik 'n politieke frontaanval op die Afrikaner se volksbestaan geloods want ten einde nie vreemd en ontuis in die Engelse staatskole te voel nie, moet die Boereseun en -dogter hulle die geestelike verengelsing laat welgeval.[82]

Die stoflike behoeftes van die Afrikanervolk was in dié jare inderdaad groot, maar soos daar by alle volkere diegene is wat, in tye van krisis, dit noodsaakliker ag om materiële nood te verlig as om onverganklike waardes te handhaaf, was daar ook onder die Afrikaners hulle wat ter wille van inkomste en brood, of selfs ter wille van eie bevordering, volksvreemde bewegings gesteun en nie-tradisionele beginsels aangehang het, - solank dit persoonlike vooruitgang en voordeel beteken. Waar die Engelse taal, soos Smuts se Brits geïnspireerde Onderwysdepartement geweet het te verklaar, groter geleenthede gebied het tot stoflike gewin, aansien of promosie, het hierdie Afrikaners hulle eie taal verwaarloos; volksbeginsels het hulle beskou as lastige ouderwetshede wat in die weg gestaan het van hulle ekonomiese vooruitgang en sosiale aansien.[83]

Hierdie verskillende faktore het meegehelp dat die Smuts-Onderwyswet byval gevind het by die oorgrote meerderheid van die Transvaalse bevolking - Engels- sowel as Afrikaanssprekend. Tog was die vlam van C.N.O. nog nie geblus nie. Op 12 Februarie 1909 berig die "Pretoria News" bv. van 'n sterk komitee wat saamgestel is onder voorsitterskap van prof. Lion Cachet, en die doel was om die Regering oor sy beleid van gratis onderwys te beveg. Een van die lede was o.a. A.D.W. Wolmarans, lid van die Wetgewende Raad.[84]

In April 1910 het 'n C.N.O.-kongres onder leiding van genl. C.F. Beyers en ds. P. Postma in Pretoria vergader en tot die besluit gekom dat die Smuts-wet wat godsdiens, taal en geskiedenis betref, nie langer geduld kan word nie en die Regering

is nog/.....

82) V.d. Heever en Pienaar , a.w. (I), pp.242-243.
83) Ibid. (III), p.17.
84) The Pretoria News, 12.2.1909.

is nog eens versoek om ouers toe te laat om vrye skole op te rig met geldelike steun van staatswee. Botha se antwoord hierop (26 April 1910) het gelui dat dit die sienswyse van die Regering is dat die tyd ongelee is om wetgewende veranderinge in die Onderwyswet aan te bring aangesien laer onderwys deur die Suid-Afrika-Wet aan die Provinsiale Rade opgedra is en dit slegs billik is dat daardie liggaam die veranderinge wat nodig mog blyk, sal behandel. Dit was verder sy mening dat

> „die huidige onderwyswet 'n heilsame invloed gehad het nie alleen in die groot en snelle bevordering van die onderwys gedurende die laaste drie jaar nie, maar ook deur die mate van algemene tevredenheid en die samewerking van die beide blanke rasse wat dit verseker het. Hy vertrou dat by enige eventuele veranderinge van die bestaande wet hierdie nasionale doeleindes nie vergeet of opgeoffer sal word aan kleiner of seksionele belange nie." 85)

Ook in Holland het die C.N.O.-idee nog voorthestaan ten spyte daarvan dat die Transvaalse Regering dit ter wille van politieke gewin prysgegee het. In sy „Verslag van die Daaglikse Bestuur van die Fonds ten behoewe van die Hollandse Onderwys in Suid-Afrika in 1910" maak dr. Mansvelt melding van die Hollandse onderwysers wat nog uitgestuur is na Suid-Afrika waar hulle hoe betrekkings beklee het in die onderwys. Groter of kleiner subsidies is nog aan twee C.N.O.-skole in die Kaapkolonie en een in Transvaal toegeken om die stryd vir dié beginsels vol te hou, terwyl ook aan die Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Taalbond 'n bedrag gegee is om as prys uitgeloof te word vir bedrewenheid in die Hollandse taal. 86)

Die Taalklousule in die Hertzog-Onderwyswet van 1908:

Die klein groepie handhawers van die tradisionele onderwysbeginsels in Transvaal het hulle moreel gesterk gevoel deur die onwankelbare standpunt wat genl. Hertzog in die Vrystaat ingeneem het ten opsigte van die reg van die Hollandse taal in die skole.*

Net soos/.....

---

85) Eerste Minister (Tvl.)43, no.37/2.
86) L.A. 369(2), Verslag: Hollandse Onderwys in S.A., 1910.
* In 'n latere hoofstuk word verwys na die verkiesing in die Vrystaat op 20 November 1907 waarna Fischer Eerste minister en Hertzog Prokureur-genaal en die verantwoordelike Minister vir Onderwys geword het.

Net soos in die geval van Transvaal het die konstitusie waarvolgens verantwoordelike regering aan die Oranjerivierkolonie verleen is, die tweetaligheidsbeginsel (Art.36) volledig erken. Die Onderwyswet van die Kroonkoloniebestuur wat op 15 Julie 1905 aangeneem is, het o.a. bepaal dat

> „Engels die voertaal in die skole sal wees, maar die tyd wat aan die onderrig van Engels en Nederlands as tale bestee word, sal gelyk wees."

In die eerste sitting van die Vrystaatse parlement in Junie 1908 het genl. Hertzog sy onderwyswet deurgeloods wat heeltemal verskil het van die 1905-Onderwyswet van die Engelse bestuur en wat o.m. die volgende behels het: verpligte onderwys vir kinders tussen sewe en 16 jaar en die herinstelling van skoolgeld in plaas van skoolbelasting; onderrig in Bybelgeskiedenis tot st.6; 'n verandering in die wyse waarop skoolkommissies gekies word. Wat die taalvraagstuk betref, het die Hertzogwet die volgende bepaal:

Art.14: „Dit sal die plig van die hoofonderwyser van elke primêre of sekondêre openbare skool wees om voorsiening te maak vir en die gelyke behandeling sover doenlik toe te pas van die Engelse en die Nederlandse taal in sodanige skool, ten einde te verseker dat die kinders 'n behoorlike kennis van elkeen van hierdie tale sal hê.

Art.15: (i): Behoudens by die onderrig van enige vreemde taal sal Engels en Hollands die enigste en gelyke mediums van onderwys in alle openbare skole wees, en elke kind tot en met st.6 sal in elke vak onderrig ontvang deur middel van die taal wat sodanige kind die beste praat en verstaan as die medium van onderwys vir sodanige kind, en die taal wat nie die medium van onderrig vir sodanige kind is nie sal deur geleidelike toename en in 'n mate wat ooreenstem met die ouderdom en intelligensie van sodanige kind aangewend en gebruik word.

„(ii) Waar en wanneer 'n klas gedeeltelik uit Engels- en gedeeltelik uit Hollandssprekende kinders bestaan, sal sowel Engels as Hollands sover as moontlik gelyke medium van onderrig vir sodanige klas wees.

„(iii)(a): Na st.3 sal Engels en Hollands albei as tale aan iedere kind onderrig word, met die voorbehoud dat wanneer 'n ouer skriftelik versoek dat sy kind vrygestel moet word van die toepassing van hierdie sub-artikel en tot bevrediging van die Direkteur aantoon dat, hetsy as gevolg van sodanige kind se gesondheidstoestand of deur die tydelike aard van verblyf in Suid-Afrika, of dat as gevolg van enige ander afdoende rede van soortgelyke aard, dit tot voordeel van sodanige kind sal wees om hom vry te stel van die aanleer van die een of ander van die twee tale, sal die Direkteur sodanige vrystelling verleen.

„(b): Die onderrig van die Engelse of Hollandse taal sal geskied deur die medium van die taal wat die vak van onderrig is.

„Art.16: Na st.4 moet minstens drie hoofvakke deur medium van Engels onderrig word, en minstens drie deur medium van Hollands."87)

Hierdie/.....

87) Hertzog-Annale van die S.A.Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg.1 no.1, Nienaber: Genl.Hertzog se Onderwyswet, pp.101-102.

Hierdie taalklousules het die grootste verontwaardiging onder die Engelssprekendes van Suid-Afrika opgewek - nie so seer omdat Hertzog die beginsel van slegs Engels as medium in die skole (soos neergelê deur die Onderwyswet van 1905) oorboord gegooi het nie, maar omdat hy dit durf waag het om Hollands gelyk te stel met Engels. Die Afrikaner en sy taal het die Engelse, ondanks vrome uitlatings, as minderwaardig beskou; dit was vir hulle ondenkbaar dat die twee tale dieselfde status moes geniet, merk prof. dr. C.M. van den Heever op.[88] Anders as die hulde en lof wat Smuts ontvang het omdat hy Engels verpligtend èn as medium èn as vak gestel het in sy wet, is Hertzog in 'n taal wat deurspek was van skeladjektiewe sleggesê omdat hy albei tale op gelyke grondslag as vak en as medium gestel het. Die taalklousules in die Hertzogwet, het die "Bloemfontein Post" gesê

> "... is thoroughly bad in spirit, vicious in principle, and - crowning mercy - unworkable in practice. The heated visions of a doctrinaire lawyer and the blatant prejudices of political racialists have found vivid expression in a pack of clauses which combine every defect and disadvantage bred by invincible bigotry and hopeless ignorance."89)

Die "Natal Witness" het verwys na die "fanatical and ungenerous policy of Mr. Hertzog."[90] Toe Hertzog drie inspekteurs ontslaan „weens insubordinasie," d.w.s. weens kwaadwillige pogings om sy Onderwyswet te verongeluk, is die Engelse pers dwarsdeur die land versier met opskrifte soos: "Tyranny," "Depraved Racialism," "A Grave and Disgraceful Scandal," "A Crying Injustice."[91] Die Engelssprekendes kon nie begryp waarom die Vrystaat nie ook 'n onderwysstelsel kon volg soos die van Transvaal nie,

> "...which received the sanction of such thorough-going Afrikaners as Genl. Botha and Genl. Smuts..." "The language basis of Mr. Smuts' Bill is good enough for us..."92)

Waar Smuts Engels in 'n dominerende posisie teenoor Hollands plaas, is dit vir die Engelse aanvaarbaar; waar Hertzog die twee tale op gelyke voet plaas, is hy volgens "The Star"

> "... in educational matters ... a bigoted fanatic and all the more dangerous because his motives are sincere and, from the narrowest point of view, patriotic."

Omdat Smuts in sy wet die beginsel van taalongelykheid, wat neergelê is deur Milner en Selborne, bly handhaaf, word dit bestempel as "sincere, courageous, statesmanlike, non-racial." Omdat Hertzog in sy Onderwyswet die beginsel van diskriminasie

teen/.....

---

88) Prof. C.M. van den Heever: Genl.-Hertzog en ons Taal, p.7.

89) The Bloemfontein Post, 24.9.1908.
90) The Natal Witness, 17.10.1908.
91) Vgl. Ibid. 21.5.1909.
92) Ibid. 10.9.1909; The Bloemfontein Post, 2 en 3.7.1908.

teen Hollands (soos deur die Engelse bestuur onder Milner en Selborne erken) uitskakel en die twee tale op gelyke basis plaas, word dit bestempel as "a retrogressive measure - a complete reversal of the policy of the past six years."[93]

In teenstelling met die gawe Smuts-Onderwyswet was die hele Hertzog-wet, wat groter seggenskap aan ouers gegee en die beginsel van taalgelykheid erken het, vir die Engelse omrede hulle weersin in Hollands en hulle haat teen die Afrikaner wat nie volgens die Smuts-resep wou verengels nie, onaanneemlik. Spottend het die "Bloemfontein Post" geskryf:

> "Mr. Hertzog, in the four corners of his Bill is beating the big drum of language dominance lustily and loudly; he is playing the tin whistle of democracy with his Committees; he is clapping the cymbals of class legislation with his fees, and the Colony is invited to be ravished by the harmony of the whole."[94]

Hertzog teenoor Smuts - Kulturele Nasionalisme teenoor Holistiese Imperialisme:

Dat daar 'n wesenlike verskil sou wees in sekere basies, beginsels wat die Onderwyswette van Smuts en Hertzog onderskeidelik ten grondslag sou lê, was onafwendbaar.

Die sg. goedgunstige toekenning van selfregering aan Transvaal deur die Imperiale Regering, het Smuts in sy vyandige gesindheid teen die Britse veroweraar ontwapen. In 'n aparte bestaan van die Afrikanervolk het hy nie meer geglo nie, want in die oorlog het hierdie ideaal misluk; die Britse vlag en Britse onderdaanskap het hy as voldonge feite aanvaar. Die toekenning van verantwoordelike regering aan Transvaal (en later aan die Vrystaat) was vir Smuts die einde van 'n tydperk: die einde van die Boer se stryd teen die Brit. Die magsposisie waarin Het Volk hom in 1907 geplaas het, het hom nou die unieke geleentheid verskaf om sy strewe na 'n verenigde Transvaal te verwesenlik sodat hy van daardie hoogte uit kon werk vir sy ideaal van 'n staatkundig verenigde Suid-Afrika wat as deel sal inpas by sy holistiese idee van 'n groot Britse ryksgeheel. Sy onderwysbeleid was vir hom 'n middel om die afsonderlike dele - die Afrikaners en Engelse in Transvaal - tot een volk saam te smelt vir sy eindpunt: die groot imperiale geheel. En in hierdie holistiese lewens- en wêreldbeskouing het die siel van die Boerevolk vir Smuts 'n vergete terrein geword. Sentiment, kultuur, tradisie, godsdiens moes gewy word aan die geheel om/.....

93) The Star, 28.6.1907; 27.6.1908; 18.5.1909.
94) The Bloemfontein Post, 24.11.1908.

heel om dié ter wille te wees en tot volmaaktheid te voer.[95]

Te veel het egter in die vorige kwarteeu gebeur dat die Afrikaner hom meteens sou laat absorbeer in Smuts se omvattende geheel-idee. Taal, ras, geskiedenis, tradisies, sedes, gewoontes en gebruike het daartoe meegewerk dat 'n bewussyn van 'n volmaakte eie nasionaliteit in die Afrikaner gevestig is. Sedert die tagtiger jare van die 19de eeu het die vernaamste Afrikaners, deurdronge van die eie bestaansreg, steeds hardnekkig gestry vir hulle Afrikaanse nasionaliteit, en omdat taal die middel is tot bevryding van geestelike kragte, en help om gestalte te gee aan 'n volk se ideale, het die nasionaalbewuste Afrikanerleiers ook die Afrikaanse taal beskerm en sy regmatige posisie opgeëis in alle vertakkinge van die staat.[96]

Die nasionalisme, as spruitende uit die eie aarde, die vaderland, het genl. Hertzog met sy besondere Afrikaans-Hollandse kulturele agtergrond diep aangegryp. Hy het ervaar hoe die nasionalisme 'n wesenlike deel en bestaansvoorwaarde is van die kultuurbewuste mens. Die uitingsmiddel waardeur nasionalisme tot die volk spreek, is die moedertaal.

„Genl. Hertzog se strewe was (gevolglik) ten nouste verbonde aan die gedagte van nasionalisme sowel as van 'n erkenning van sy moedertaal. ... 'n Volk wat nie liefde of agting het vir wat sy eie is nie, het hy duidelik gevoel, en wat die wesenlikste van sy siel, naamlik die taal, nie na waarde kan skat nie, is gedoem om geestelik onderhorig te bly en om blywend 'n aanhanger en na-aper van 'n groter kultuur te wees."

Daarom het hy vir Milner, wat by Vereeniging wou neerlê dat Engels die enigste kultuurtaal van Suid-Afrika moet wees, op etiese en juridiese grondslae verbete bestry en erkenning vir die taal van die oorwonne volk verkry. Hy het die gelykheidsleer gehuldig dat sy moedertaal, nie die mindere nie, maar die gelyke van Engels sal wees, anders sou sy volk die mindere van die Engelse medeburgers wees. In sy toesprake het Hertzog beklemtoon dat 'n volk wat sy eie taal nie eer nie, deur 'n ander geminag sal word, en hulle wat om stoflike redes en persoonlike aansien hulle taal verruil vir 'n taal met groter handelswaarde, stel daardeur slegs hulle kultuurloosheid ten aanskoue van die wêreld.

„Herhaaldelik het hy ook daarop gehamer dat ... die persoon wat 'n ander taal aanhang en as sy eie wil gaan gebruik, daardeur sy geestelike selfstandigheid en gaafheid prysgee en 'n agterryer word van ander se presentasies."

Om hierdie/.....

---

95) Snyman, a.w. pp.349-354.
96) De Volkstem, 26.6.1907; Hertzog-Annale, Jg.1, no.1, V.d. Heever: Genl. Hertzog en ons Taal, p.6.

Om hierdie rede het Hertzog as Minister van Onderwys in die Oranjerivierkolonie in sy beroemde onderwyswet van 1908 die gelykheid van Hollands en Engels konsekwent probeer handhaaf.[97]

In die Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie wat van Oktober 1908 tot in Mei 1909 'n grondwet vir 'n verenigde Suid-Afrika probeer opstel het, was dit veral Hertzog wat met onverdrote ywer gesorg het dat die beginsel van taalgelykheid absoluut beveilig is.

Opnuut het die Engelse pers teen die gelykstelling van Hollands met Engels begin skel.

> "...Our Dutch friends must not forget that South Africa is now British, and that the language of the Empire must take first place. It is and must remain the language of commerce, and generally of politics also, and no attempt to oust it from its place will succeed,"

was die "Natal Witness" se norse kommentaar.[98]

Beginselgetrou het die Orangia-Unie-kabinet toegesien dat die taalklousules soos wetlik bepaal in die Hertzog-Onderwyswet op billike wyse toegepas word. Want na die bekragtiging van die Suid-Afrika-Wet in Augustus 1909, was dit nou nie net alleen artikels 14-16 van die Vrystaatse Onderwyswet wat nagekom moes word nie, maar ook e.g. dokument wat in Artikel 137 die gelykheid van die twee amptelike tale verskans het. Maar nog het die "Natal Witness" dit uitbasuin:

> "Hertzog, high-priest of racialism, has worked more wanton mischief in South Africa than any other of its politicians."

Hierin is hy glo gesteun deur die hele Fischer-kabinet:

> "Indeed for hopeless and wilful incompetence, coupled with racial animosity the Orange River Colony cabinet stands alone and unexampled."

Die een groot voordeel van Unifikasie sal wees

> "... the obliteration of the O.R.C. Government which has become an incubus and a nightmare to the country... These men have no spirit of conciliation in them.... We despise them, but unfortunately we cannot ignore them. Around them all the reactionary influences gather and so long as they exist, they will wield a certain power for evil which will gather in volume unless at the very outset it is recognised, fought and crushed."[99]

Konsiliasie volgens die resep van Botha en Smuts het Hertzog tereg nie geken nie. Waar 1907 vir Smuts die einde van die tydperk van stryd tussen Boer en Brit was en die geleentheid om

hulle/.....

---

97) Hertzog-Annale, Jg.1 no.1, Van den Heever: Genl. Hertzog en ons Taal, pp.6-7.
98) The Natal Witness, 10.9.1909.
99) Ibid. 26.11.1909.

hulle deur konsiliasie saam te smelt tot een Brits georiënteerde onderdanige volk, was die gebeure van 1907 vir Hertzog die teken vir die voortsetting van die geestelike, politieke en kulturele stryd wat hy in Mei 1902 teen Milner van stapel gestuur het. Die mag wat deur selfregering aan Transvaal in Smuts se hande geplaas is, het hom die geleentheid gegee om 'n onderwysbeleid meer te lê wat tot gevolg kon hê dat die Afrikaner verengels en 'n getroue onderdaan word van die Britse ryk. Die mag wat deur selfregering aan die Vrystaat in Hertzog se hande geplaas is, het hy, omdat hy 'n geloof gehad het in die inherente krag van nasionalisme, in sy Onderwyswet aangewend om die Afrikanervolk se sedelike karakter te bewaar; deur die wetlike erkenning van die Afrikaner se moedertaal en die gelykstelling daarvan met Engels, sou dit verhoed word dat hy tot minderwaardigheid verval. Anders as Smuts het Hertzog geglo dat die Afrikanervolk 'n duidelike afsonderlikheid is wat nie, soos e.g. gehuldig het, sonder meer geassimileer kan word tot 'n eensoortigheid met 'n ander volk nie. Die kultuurskeppinge sal die waarborg wees dat die Afrikanervolk sy identiteit in ere wil hou; maar alleen 'n nasionale Afrikanerdom sou in staat wees om 'n sie kultuur te skep; hiervoor was die behoud en die erkenning van die volkstaal 'n absolute vereiste en daarom het hy dit so beliggaam in sy Onderwyswet.[100]

„De Volkstem" veroordeel Smuts-Onderwyswet - Verdedig Hertzog.

Die gekyf en vitterige gekibbel van die Engelse pers en publiek oor die onwrikbare standpunt wat genl. Hertzog ingeneem het in die praktiese uitvoering van sy Onderwyswet in die Vrystaat, en hulle voortdurende opvyseling van die Smutswet, was teen April 1910 selfs vir „De Volkstem" te veel. As troue lyfblad van Botha en Smuts het hierdie koerant drie jaar tevore die stem van die Engelse blaaie versterk in hulle verenigde huldebetuiging aan Smuts vir sy beroemde Onderwyswet. Eers toe die Engelse persorgane na aanleiding van Hertzog se ferme optrede in onderwysaake in die Vrystaat met 'n groot bohaai skryf oor die "Orange River Colony-Scandal," die "Hertzog-pest," die "Afrikander Tyranny," het „De Volkstem" hom uit hulle lawaaierige geselskap losgeruk en geskryf:

„Weet die Engelse pers dat die Transvaalse Onderwyswet,

vergeleke/.....

100) Hertzog-Annale, Jg.1. no.1, V.d. Heever: Genl. Hertzog en ons Taal, p.7.

vergeleke by die gebrandmerkte Vrystaatse wet, uit Afrikaner-oogpunt gesien, 'n hemeltergende wangedrog is? Die Transvaalse Wet erken uitsluitlik die Engelse taal en dwing dit aan alle leerlinge en studente op in Universiteitskolleges, hoër-, sekondêre-, ambag- en laerskole. Die meerderheid van die Transvaalse bevolking het in 1907 in die wet berus nie omdat dit volmaak was nie, maar om die Engelssprekende minderheid tegemoet te kom want die Afrikaner is lankmoedig. Hierteenoor raas die Engelssprekende minderheid met 'n histeriese oordrywingsug en word die Vrystaatse onderwysaangeleenteheid aangedik tot 'n dreigende gevaar. Ook die Engelse politici het die paniekerige stemming verhoog met hulle angsgegil. Vir drie jaar het die Hollandssprekende bevolking van Transvaal stilgebly oor die Onderwyswet wat hulle taal mishandel het; ter wille van onderlinge vrede het hulle kalm 'n gunstige oomblik afgewag om gelyke taalregte in die volkskole erken te kry.....Die rustige houding van die verongelykte Hollandssprekendes steek gunstig af by die betonings van politieke senu-swakte wat deur so vele Engelssprekendes geopenbaar is. Die dag nader wanneer ook die Hollandssprekende bevolking sal opstaan en 'n einde maak aan die beskamende verdrukking wat hulle taal deur die Engelssprekende mede-burgers opgelê is; en dieselfde argumente wat die ongeduldige en driftige vyande van die „Hertzog-pes" so ryklik verkondig, sal binnekort aangewend word deur die Hollandssprekende vyande van die jammerlike taalskandaal wat die Britse regime in Suid-Afrika 'n eeu lank ontsier het."101)

"The Friend", die mondstuk van die Orangia-Unie-organisasie in die Vrystaat, was flink om hierdie ommeswaai van „De Volkstem" teen die Smutswet raak te sien en verder te ontmasker deur te skryf:

> „De Volkstem" is the recognised official organ of the Government in the Transvaal and voices the views of the Het Volk Parliamentary Party. .....It had "burnt its boats" and has taken its stand alongside Genl. Hertzog. The majority of the people in South Africa are rapidly following suit. ... It is clear to those who have thought out the problem of education in this country that the solution for the whole of South Africa will be found in the principles on which the School Act of this Colony is based."102)

Die Orangia/.....

---

101) De Volkstem, 26.4.1910. (Skrywer kursiveer).
102) The Friend, 29.4.1910.

Die Orangia-Unie-Onderwyswet het geëis dat elke kind albei landstale moet leer. Die Transvaalse en Kaapse Wette het dieselfde eis gestel aan die kinders van Hollandssprekende ouers dog het aan die Engelssprekende ouer die reg gegee om te kies of sy kind Hollands sal leer of nie. „Dit is 'n konsessie aan bekrompenheid," het F.S. Malan, bewonderaar van genl. Botha, in „Ons Land" geskryf. „Wie daarvan gebruik maak, behoort hom eerder te skaam as trots daarop te wees."[103)]

Botha: „Die Smuts-Onderwyswet 'n Kompromis met 'n Politieke Doel".

Smuts se Transvaalse Onderwyswet was ongetwyfeld 'n briljante stuk werk. In deel en geheel het dit uitgemunt bo alle vorige Onderwyswette in Transvaal en wat wet- en taalstruktuur betref, was dit 'n monumentale konstruksie. Maar: dat die politieke doel by die opstelling van die Wet by Smuts en Botha swaarder geweeg het as die opvoedkundige, was eweneens 'n onweerlegbare feit. Trouens, Botha self het met die hele mandjie patats te voorskyn gekom.

Nadat Botha minder goed sou vaar in 'n volgende eleksie is die Losbergse setel aan hom gebied, en daar het hy in September 1911 gesê:

„By Vereeniging het hulle, sonder sukses, probeer om Milner te oorreed om gelykheid van die twee tale te erken. Daarom is private skole opgerig met gelyke taalregte. Later het hulle met Selborne onderhandel met die oog op 'n kompromis en die be-eindiging van die tweedrag, maar sekere Progressiewe leiers het so erg daarteen geagiteer dat Selborne se oorspronklike bedoeling verydel is, hoewel 'n mate van toegewing verkry is. Dit alles het gelei tot die onderhandelinge met die Nationals, wat geëindig het in die meerderheid van die gekombineerde partye in die parlement. Die Smuts-wet was hiervan 'n resultaat, en daardie Wet was die beste wat moontlik was onder die omstandighede, hoewel die mense dit vandag ongenadiglik veroordeel. Hulle moet onthou dat Het Volk geen veilige meerderheid gehad het nie, maar toe gereken het op die Nationals, en die Smuts-wet was al wat hulle uit die kombinasie kon verkry. Dit het geen gelykheid verskaf nie, maar het 'n groot voordeel in dié tyd ingehou en het as geheel goed gewerk ten spyte van moeilikhede af en toe. Bowendien, op daardie tydstip moes die Vrystaat nog selfregering ontvang nadat Transvaal dit na baie gesukkel verkry het. Die eksperiment in Transvaal is noukeurig dopgehou deur

Engeland/.....

---

103) Ons Land, 14.7.1908.

Engeland, en Transvaal kon dit nie bekostig om enigiets te doen wat die gemoedere van die Engelse volk sal verontrus nie, want die Vrystaat het in die teenspoed van Transvaal gedeel en moes gekonsidereer word..."[104]

En die interessante paradoks is dat nie die Boere nie maar die Engelssprekendes agterdogtig begin word het oor Smuts en Botha se verkondigings van verbroedering. Vroeg-vroeg gedurende die bewind van Botha se eerste Unie-regering was dit duidelik dat die Premier en sy eerste luitenant se gewildheid onder die Engelse aan 't gaan was. Tekenend van die argwaan wat hoofsaaklik die opperste jingo's begin koester het teen die Botha-Smuts-versoeningsleer was 'n ope brief in die "Pretoria News" aan genl. Smuts na aanleiding van Botha se voorgenoemde uitlatinge oor die Transvaalse Onderwyswet van 1907. Dit is geskryf deur V.S. (vermoedelik die jingo-joernalis, Vere Stent) wat nie die gevoel van alle Engelssprekendes vertolk het nie maar aan wie se mening die hoofstad se bekende persorgaan gewone prominensie verleen het. Hy het o.a. geskryf:

"So after all, the Smuts Act which everyone praised so much and of which you yourself are so proud, was merely passed in order to diddle the Imperial Government, to humbug them into giving the Free State the same rights they had given the Transvaal, and all your professions of a desire to live at peace with your neighbours, and to bring the races together were merely hypocricy. You see, we have the Prime Minister's own word for it that you and he deliberately deceived us in 1907, that you did not mean the Smuts Act to be the last word on Education that you only passed it because you were not strong enough to do better for your supporters. .... If you were speaking with your tongue in your cheek in 1907 - and the Prime Minister says you were - .... how can you wonder that we are suspicious and distrustful of a Government with a man at the head of it who could publicly make so cynical and so discreditable an admission?"

Wat die Engelse betref wat saamwerk met die Boereparty, skryf hy ten slotte aan Smuts:

"We look upon them very much as you did upon the National Scouts during the war." 105)

Allengs het dit duidelik geword dat Botha se beperkte ervaring in die politieke skool, Smuts se ideaal om vir Verenigde Suid-Afrika 'n eerbare posisie in die ryksverband te erlang en die obsessie waarmee albei behep was dat hulle Groot Brittanje en die Britse volk ten alle koste ter wille moet bly, verhinder het dat hulle kon besef dat hulle twee onversoenbare volkselemente wou probeer saamsmelt in een nasie. Tewens het hulle altwee te los gestaan van die nuwe lewenskragtige Afrikaanse kultuurlewe om te kon voorsien dat veral die Afrikaanse taal bestem was om 'n magtige invloed uit te oefen op die staatkundig-politieke verwikkelinge in Suid-Afrika.

---

104) The Leader, 26.9.1911: Toespraak van Botha as Unie-premier op Bank in Losberg-kiesafdeling. (Skr. kursiveer).
105) The Pretoria News, 9.13.1911.

HOOFSTUK 7.

DIE LANDBOUBELEID VAN DIE BOTHA - REGERING.

Vir die meeste dorpe in die Vrystaat en Transvaal het die besetting van Bloemfontein en Pretoria deur die Britse leërs teen die middel van 1900 beteken dat die oorlog vir sover dit die beskadiging van geboue en eiendom betref, beëindig is. In die dorpe is soldatemagte onder hulle leërowerhede gestasioneer en met verloop van tyd is besighede en ander bedrywighede hervat.

Buite op die plase was dit nie die geval nie. In hulle verskillende gewestе het die republikeinse kommando's onder aanvoering van hulle militêre leiers die taai stryd onvermoeid voortgesit. Dikwels is hulle lewensmiddele aangevul deurdat hulle Britse konvooie of kampe oorrompel en die proviand buitgemaak het; maar ook van hulle eie plase, waar die boerdery in baie gevalle aan die gang gehou is deur die vroue en jonger seuns, het burgers voorrade gekry ten einde die kryg te kan voortsit. Dit wou Kitchener beëindig; derhalwe is die konsentrasiekampe opgerig waarheen die vroue en kinders gestuur is. Hierna is die Boere se eiendom verwoes, plaaswonings en skure, boorde en landerye is deur vuur vernietig terwyl die vee of doodgeskiet of gekonfiskeer is. Toe die oorlog in die winter van 1902 beëindig is, was daar gevolglik van boerdery in die buitedistrikte weinig sprake; die wêreld was een groot verskroeide en huilende woesteny. Die boere wat van kommandodiens of hulle ballingskap na hulle plase teruggekeer het, sou hulle boerdery van die grond af moes opbou.

Artikel 10 van die Vredestraktaat van Vereeniging het bepaal dat in elke distrik van Transvaal en Vrystaat 'n kommissie aangestel sal word met die doel om behulpsaam te wees met die repatriasie van die bevolking na hulle wonings, en om te sorg dat diegene wat weens oorlogsverliese nie in staat is om vir hulleself te sorg nie, voorsien sal word van herberg, voedsel, die nodige hoeveelheid saad, vee, gereedskap, ens. Vir bg. doeleindes sal die Imperiale owerheid £3,000,000 ter beskikking van hierdie kommissies stel; daarbenewens sal die kommissies elke note van die Z.A.R. wat uitgegee is kragtens Wet no. 1. van 1900, asook alle kwitansies wat deur offisiere van die Republiek te velde uitgereik is (indien hulle wettig is) as bewyse van oorlogsverliese aangeneem word. Behalwe bg. vrye gif van driemiljoen pond is die Britse Regering bereid om vir dieselfde doeleindes rentevrye lenings te verstrek vir twee jaar; daarna sal dit terugbetaalbaar wees oor 'n tydperk van drie jaar teen 3% rente.[1]

Repatriasie/...

1) De Wet: De Stryd tuschen Boer en Brit, pp. 368-369.

Repatriasie voldoen nie aan verwagtinge - Landbouherstel vertraag - Armoede die gevolg: Uit die staanspoor was dit duidelik dat die Repatriasie-kommissies nie opgewasse was vir hulle moeilike taak nie; boere wat hulle hoop op herstel gevestig het op die spoedige uitbetaling van kompensasie net na die sluiting van die vrede, moes teleurgesteld omdraai. Twee jaar later was talle nog nie geholpe nie en toe die eerste Boerekongres in Mei 1904 byeenkom, het Botha self verklaar:

„er is niets dat hun dieper teleurgesteld heeft dan deze kwestie. ... de intentie der Regeering was goed, zij beoogde werkelijk niets anders dan de bevolking doeltreffend te helpen, maar de uitvoering zelve was voor ons teleurstellend; de Repatriatie Commissie was te kostbaar; te veel geld werd verbruikt voor administratie en transport; millioenen ponden zijn uitgegeven, maar daarvan werden millioenen niet aangewend voor het doel zelve, nl. hulp aan de boeren voor repatriatie doeleinden." 2)

Die wyse waarop die Repatriasiekommissies te werk gegaan het om die boere op die been te bring sodat landbou en veeteelt weer lonend kan wees, spreek van die grootste dwaasheid. Byvoorbeeld: 'n halfmiljoen pond is bestee om 2,500 halfverslete ossewaens en 16 afgewerkte osse vir elke wa te koop. Aan die boere is dan so 'n wa en 'n span osse vir £200 verkoop. 14,000 afgewerkte en aan pes onderhewige maer osse is vir £10 stuk gekoop. Honderde van die beeste het gevrek en om te vergoed vir die skade is die res teen £15 en £20 stuk aan die boere van die hand gesit. Afgejakkerde muils is van die militêre vir £27 stuk gekoop en 'n span van 10 met 'n wa teen £300 aan die boere verkoop. Van Australië is o.a. 27,000 kiste saadertappels ter waarde van £10,000 bestel. Maar 6,000 kiste moes reeds op see oorboord gegooi word omdat dit bederf het; in Durban is 1,500 op las van die gesondheidsinspekteur vernietig terwyl 1,500 daar teen 1/- per kis verkoop is. 500 kiste wat Transvaal uiteindelik bereik, was nouliks geskik vir saaddoeleindes.

Toe die oorlog beëindig is, het die militêre hulle vee in klas a, b, c en d ingedeel. Die swakstes, die c en d-klasse, het hulle aan die Repatriasiekommissies verkoop om aan die boere van die hand te sit. Vir hulle eie vervoer-doeleindes het die Repatriasiekommissies toe die beste vee uit klas c geneem terwyl die res aan die burgers vir £10 stuk verkoop is. Ook is o.a. 4,000 donkies teen £8 en £9 stuk gekoop en teen £12 stuk verkoop.

Sodanig dan was die sg. „herstel" van die uitgeroeide boerebevolking deur die Milner-administrasie. Duisende ponde van die/...

---

2) Volledige Notulen van het Kongres te Pretoria gehouden op 23, 24 en 25 Mei 1904, p. 7.

van die £3 miljoen vrye gif is bestee om die weeropbou-skema te administreer terwyl min daarvan werklik na die boer gegaan het. Ook met die uitbetaling van wettige kwitansies is oneindiglik gesloer of tot die teleurstelling van baie kwitansiehouers het vergoeding slegs deels geskied en dikwels is dit totaal geweier. 3)

Droogte, Veepeste, Plae, ens. - Misverstand tussen Boere en Administrasie:

Die weeropbou van die plase is verder in die wiele gery deur die ontsettende droogte in die na-oorlogse jare, ontydige ryp en die groot skade wat deur sprinkaanswerms aangerig is; maar veral was dit die veepeste soos ooskuskoors onder die skape en perdesiekte onder die muile en perde wat gedreig het om hand uit te ruk. Streng maatreëls is van owerheidswëë geneem om dit te bekamp, maar omdat die Engelse amptenare vir die boere vreemd was en lg. baie van die regulasies as tergend en onnodig beskou het, het die veesiektes voortgewoed onder die kuddes.

Hier het die terugslae nie geëindig nie. Nog voor die bevolking behoorlik en ten volle gerepatrieer is, of ander 'n kans gehad het om hulleself op te werk en in baie gevalle nog gearbei het onder die swaar druk van skuld en armoede, is hulle reeds deur die Engelse Kroonkolonie-owerheid aangeskryf vir die betaling van goedere wat hulle van die Repatriasiekommissie ontvang het. 4)

Armoede en ellende weens die gebrek aan geld om die boerdery aan die gang te kry het op die plase voortgeduur en „de toestand van die menschen wordt elken dag erger," het Botha op die kongres in Mei 1904 gesê. 5) Geen wonder dus nie dat die kongres besluit het om by die Regering

„ernstiglik aan te dringen op de onmiddellike uitbetaling van de vrije gift van drie miljoen pond st." .... en „dat gevolg zal worden gegeven aan de herhaalde verzekeringen ... dat alle kwitanties door Britse officieren getekend ten volle zouden worden uitbetaald ..." 6)

Geen noemenswaardige verbetering het ingetree nie. Milner en sy Wetgewende Raad het hulle in hoofsaak bemoei met die goudindustrie en dié ook bevoordeel bo die landbou. Op goedere soos dinamiet, boumateriaal en masjinerie vir die goudmynbedryf het die magnate feitlik geen spoorvrag betaal nie terwyl alleen aan die spoorvrag vir repatriasie-benodigdhede meer as 'n halfmiljoen pond betaal moes word, en die uitgeroeide boer moes dit uit eie

sak/..

3) T.G.32, 1908: Rapport der Kommissie inzake Repatriasieschulden.
4) Kongres-notule, p.7
5) Ibid. p.6
6) Ibid. p.27

sak in die vorm van belasting (die £35 miljoen lening) betaal.[7] Toe die repatriasie-affêre dus in die loop van 1905 beëindig is, was daar baie boere wat nog nie 'n behoorlike bestaan kon voer op hulle plase nie, terwyl honderde in Pretoria en op die Rand 'n heenkome gaan soek het.

Nuwe hoop het opgevlam toe die Regering 'n Kommissie benoem het (waarvan ook genl. Botha lid was) om vas te stel in hoeverre die instelling van 'n landbank geregverdig sal wees ten einde hulpbehoewende boere op die been te help.[8] Ook het die berigte dat selfregering binne die eersvolgende maande ingestel gaan word baie boere met nuwe verwagtings vervul.

Milner se progressiewe en wakker Landboudepartement: Teenoor die fiasko waarop die Kroonkoloniebestuur se repatriasie- en kompensasieskemas uitgeloop het, staan in skrille kontras die gesonde basis waarop Milner en sy amptenare die Landboudepartement in Transvaal gevestig het. 'n Progressiewe industriële ontwikkeling, het Milner besef, moet gepaard gaan met 'n ewe progressiewe landbou-ontwikkeling; onder die nuwe omstandighede is die een van die ander afhanklik.

Die Afrikaanssprekende boere van dié dae, het Milner intussen geleer, was by uitstek 'n herdersvolk; grond het hulle alleen verbou om in hulle eie onmiddellike behoeftes te voorsien. Daar was 'n gebrek aan kapitaal by die boer, en kennis oor hoe struikelblokke bekamp en oorkom is in ander lande het hy nie oor beskik nie. Hy was nogtans 'n praktiese proefnemer, nie haastig nie, het eenvoudig geleef en was omrede sy nederige behoeftes selfversorgend. 'n Vlytige ondernemer was hy nie, maar volgens sy eie beginsels het hy aan sy plaas gedoen so veel as hy kon, en gesien die enge wêreld waarin hy hom bevind het, was dit nie uitsonderlik nie dat hy aan sy grond nie reg verskaf het nie. Statistiek het die Afrikanerboer nie geken nie maar hy het vir hom 'n eie wetenskap daargestel, gegrond op eie ondervinding; hy het talryke en effektiewe voorbehoedmiddels teen veepeste en plae gehad en het beskik oor 'n soort van veeartsenykundige bedrewenheid wat gegrond was op bygeloof. Hierdie bygeloof en die gewoonte om agter elke terugslag 'n teologiese verklaring te soek was nie eintlik stimulerend vir werklus nie.[9]

Hierdie toedrag van sake kon onmoontlik voortduur as die land se akkerbou en veeteelt moes tred hou met die kragtige industriële/...

---

7) T.G. 32, 1908, Repatriasie-rapport.
8) De Volkstem, 15 en 18.8.1906.
9) Buchan: The African Colony, pp. 258-259.

industriële vooruitgang. Op 31 Julie 1902 het 'n landbou-adviseur, F.B. Smith, 'n verslag aan Milner voorgelê waarin hy aanbeveel dat 'n Landboudepartement ingestel word. Die noodsaaklike redes daarvoor en die voordele daaraan verbonde was s.i.:

(i) organisasie;

(ii) die bevordering van boerebelange op elke landbougebied;

(iii) die opstel, formulering en administrasie van wette en regulasies i.s. landbou en boerdery;

(iv) die instandhouding van 'n inligtingsdiens om kontak te handhaaf met landboudepartemente oorsee en in die ander kolonies;

(v) die reëling van plaaslike en oorsese bemarking;

(vi) die publikasie van inligting oor romerye, tabakverdroging, vleisbewaring, vrugtedroëry en -inmaak, die voordeel van koelkamers en van die snelle vervoer van melk, vleis, vrugt en ander bederfbare produkte;

(vii) die nut van samewerking tussen die staat en individue en die geldelike opleiding van die volk om die noodsaaklikheid van bg. voordele te besef.

Smith het ook die volgende spesifieke aanbevelings gedoen:

(a) samewerking tussen Transvaal en Vrystaat;

(b) landbounedersetting in samewerking met 'n Landraad;

(c) 'n goed beplande repatriasieskema;

(d) die instelling van Chemiese departemente vir bodemkunde, geologie en ook

(e) 'n Botaniese departement vir sistematiese en algemene plantstudie, plantfisiologie en -patologie, tuinbou en bosbou;

(f) inrigtings vir landbou-opleiding en die voorsiening van publikasies en 'n biblioteek;

(g) die noodsaaklikheid van proefplase vir die bevordering van en voorligting in wetenskaplike boerdery;

(h) die aanstelling van amptenare met die regte gesindheid;

(i) die aanstelling van 'n bekwame hoof vir die landboudepartement;

(j) algemene besonderhede oor koste en salarisse.[10]

Milner het die landbou-adviseur se aanbevelings gunstig oorweeg en waar die kapitaal dit toegelaat het en geskikte vakkundige personeel vir dié doel beskikbaar was, het hy onverwyld oorgegaan tot die instelling van sodanige departement vir landbou. Die aanstelling van F.B. Smith as direkteur van die departement sou 'n sukses blyk te wees, maar veral was dit dr. Arnold Theiler, hoof van die bakteriologiese afdeling, wat aan Transvaal en later aan Suid-Afrika die voortreflikste diens sou bewys in die bekamping en voorkoming van dreigende veesiektes. Onder sy beheer is veeartse dwarsdeur die Kolonie aangestel om nie alleen die heersende oeskuskoors-, brand- en perdesiekteplae

onder/...

---

10) Luit.-goew. 89, no.27.9.1902.

onder kontrole te kry nie dog ook om die vertroue te wen van die enigsins teësinnige en wantrouige boere. Oral is verder inligtingsdienste gevestig om die departement op hoogte te hou van algemene toestande en die boere voor te lig; toegeruste laboratoriums het navorsing gedoen en die boere van entstowwe, dipstowwe en ander middele en raad voorsien teen veepeste.

Vir die bevordering van wetenskaplike en moderner boerderymetodes is die Proefplaas op Potchefstroom gestig en departementele stoetplase op Standerton en Ermelo vir die instandhouding van goeie vee. Opreggeteelde hingste, bulle en ramme was tot die beskikking van die boere. Op Tzaneen is die kweek van tabak bevorder deur die oprigting van 'n fabriek vir die vervaardiging van rooktabak, sigarette en sigare. Landbougenootskappe en -organisies is op Pretoria, Potchefstroom die Witwatersrand, Klerksdorp, Marico, ens. op die been gebring. Met dit alles het gepaard gegaan Milner se setlaarskema waardeur Britse nedersetters met hulle progressiewer boerderymetodes in aanraking kon wees met die ortodokse Afrikaanssprekende boer en lg. aldus nuwer idees kon bekom terwyl die Brit weer kon put uit die kennis en ervaring van die ou boeregemeenskap aangaande die land se besondere eienaardighede, weersgesteldheid, arbeidstoestande, ens. [11]

Dit het dikwels moeilik gegaan om die wantroue by die ouer boere die nek in te slaan en hulle te laat afsien van hulle bygelowige en konserwatiewe gebruike. Nogtans was daar gesonde tekens van vordering; die boere is verplig om op groter skaal hulle plase te omhein, vee te vervoer of aan te jaag deur die permitstelsel en gereeld te dip. Deur streeksindelings, voorligting oor kruisteling, die aanmoediging van die aanplant van plantasies, die verskaffing van bome aan boere, die verspreiding van pamflette, 'n begin te maak met kleiner besproeiingskemas, ens. is die algemene akkerbou, veeboerdery en intensiewe bewerking van plase grootliks bevorder. Aan 'n mark vir die uitbreidende boerderybedrywighede met sy toenemende produksie het dit nie ontbreek nie want die ekonomiese en nywerheidsontwikkeling aan die Witwatersrand het 'n goeie afsetgebied verleen. [12]

Algemene/...

---

11) Ibid. Vol. 88, no. 96/19: Milner stuur die Kol. Owen Thomas-rapport oor Landbou aan Lyttelton, 8.2.'04; Vgl. verder Vol. 90, no. 96/52, 1905-'05, Landbouverslag; Vol. 88, no. 96/23, no. 96/28; Vol. 89, 96/48; Vol. 91, no. 96/82, no. 96/87, no. 96/88, no. 96/92. Vgl. ook Amery, a.w. pp. 138-139.

12) T.K. 181, pp. 1-31: Rapport van die Direkteur van Landbou, 1905-1906; Amery, a.w. p. 140.

Algemene Toestand van Landboubevolking toe Botha-regering die Bewind corneem:

Ten spyte van die welslae wat Milner se wakkere landboudepartement behaal het met die propagering van nuwerwetse en wetenskaplike boerderymetodes en die toepassing daarvan deur sommige boere, het die tydperk van Kroonkoloniebestuur ook op landbougebied, net soos dit die geval was met onderwys, arbeid, kompensasie, ens. nie in die teken gestaan van geluk, tevredenheid en voorspoed nie. Die samewerking en wedersydse gesindheid tussen Milner se Engelssprekende veeartse, vee-inspekteurs, voorligtingsbeamptes, e.s.m. aan die een kant en die Boere op die plase aan die ander kant het wat te wense oorgelaat. In ander gevalle was die boere te diep in die groef van konserwatisme en het hulle die wenke en hulp van die ywerige nuwe landboudepartement met die grootste suspisie bejeën. Dan weer was daar boere wat eenvoudig onwillig was om die hande uit die moue te steek en te werk; die vroeëre gebruik om toekennings te maak in die vorm van grondeiendom het hulle bederf; te veel wou van aalmoese van die Regering leef.

Maar ook elemente buite menslike beheer het die landbouherstel gestrem. In sy laaste landbourapport onder die Kroonkoloniebestuur het F.B. Smith, die Direkteur van Landbou, geskryf dat die jaar 1906 'n herhaling was van die vorige in soverre dit teleurstellend was vir die meerderheid boere. Droogte, springkane en vroeë ryp het swaar verliese veroorsaak aan baie en almal in 'n mindere of meerdere mate geaffekteer. Die bekwame, vlytige boere met kapitaal (ou inwoners sowel as nuwe aankomelinge) het geleidelik gevestig geraak. Boere by wie dit aan middele en bekwaamheid ontbreek het maar wat kennis van boerdery gehad het en spaarsaam en ondernemend was, het hulle man gestaan en het in baie gevalle vooruitgang gemaak. "But the remainder - and unfortunately they form the bulk of the agricultural community -" het Smith geskryf, "are if anything, worse off than they were last year, and many of them are in very poor circumstances indeed."

Daarbenewens was die invoer van produkte wat in Transvaal kon en behoort te gekweek word nog baie hoog, die produksiekoste was buitengewoon duur en arbeid glad nie volop nie. 13)

Tydens hulle verkiesingsveldtog het die politici in die Het Volk-geledere ondubbelsinniglik laat blyk dat hulle ten gunste is van meer aandag aan landbou-aangeleenthede van die

kant/...

13) T.K. 181 p.32.

kant van die Regering. Die Boereleiers het geensins onverskillig gestaan teenoor die mynbedryf nie; dit was slegs hul mening dat die ontwikkeling daarvan „langs bepaalde riglyne in belang van die hele land" moet geskied. Hierdie twee hoof-industrieë van Transvaal moes koöpereer ter wille van die algemene welvaart van die land.[14] Toe die selfregeringsbewind in Februarie 1907 deur genl. Botha geloods is en hyself Minister van landbou word, het daar gevolglik allerweë die hoop posgevat dat die boerderybedryf meer simpatie sal ontvang van owerheidsweë

'n Groot taak het op die nuwe Regering gewag, want hoewel daar op landbougebied ten tye van die bewindsoorname tog verblydende tekens van oplewing en verbetering was, het die toestand, soos gesien uit die Direkteur se laaste jaarverslag, nog baie te wense oorgelaat: die ernstige oeskuskoors het die beeskuddes nog bedreig terwyl brandsiekte onder die skape voortgeduur het. Veral was daar bittere ontevredenheid onder die boere oor die toepassing van veepesregulasies in die stryd teen hierdie siektes gesonde samewerking tussen boer en landbou-amptenaar het grootliks ontbreek. Dan ook was daar talle boere wat, as gevolg van die misoeste in twee agtereenvolgende jare, die eise om terugbetaling van geldlenings en die onvermoë om drukkende skulde af te betaal, op die rand van bankrotskap gestaan het en hulle plase sou moes prysgee tensy ander weë gevind kon word om hulle posisie te verlig. Baie het onder dié benarde omstandighede die slagoffers geword van gewetenlose spekulante wat hulle grond teen lae pryse opgekoop het. Ander boere het nog hulle plase gehad maar het dit reeds verlaat om op die Rand en in Pretoria werk te soek aangesien die kapitaal ontbreek het om die noodsaaklike middele aan te skaf ten einde die boerdery aan die gang te kry. Onder die boere self was daar 'n gebrek aan noodsaaklike koöperasie en koöperatiewe verenigings wat beteken het dat hulle belange as gemeenskap verwaarloos is. Die Koloni het ook 'n doeltreffende spoorwegstelsel ontbeer, wat beteken het dat die boere in die ryk landboustreke nie in verbinding was met die markte op die Rand met sy groot handels- en industriële bevolking nie. Die spoorweguitbreidings wat deur die Kroonkoloniebestuur aangepak is, was in hoofsaak met die doel om die goudindustrie te bevorder. In ieder geval was daar tog nie 'n oormaat van binnelandse produkte nie want vleis, meel, eiers, botter, mielies, hawer, koring en voer moes ingevoer word.[15]

Die/...

---

14) Spoelstra, a.w. p. 80.
15) De Volkstem, 28.11.1906.

Die meeste van die produkte wat vir gebruik in Transvaal benodig was, kon plaaslik gewin word, maar dit het kapitaal geverg en dit saam met die oplossing van die voorgenoemde probleme waarvoor die landboubedryf gestaan het, was die reuse taak wat op die Botha-regering gewag het. Die belange van Transvaal en die welvaart en toekoms van baie van sy inwoners was op die spel. In die uitvoering van sy taak sou die Botha-regering in gedagte moet hou dat die verskillende Kolonies teenoor mekaar in verpligting staan wat betref handelsooreenkomste, tariewe, in- en uitvoerregte, spoorweguitbreidings, ens. 16)

Die Transvaalse Landbou-unie: 'n Belangrike organisasie wat reeds gevestig was toe die Botha-regering die bewind oorneem, was die Transvaalse Landbou-unie. Dié organisasie was die sentrale liggaam waarin die lokale landbou-verenigings verteenwoordig was wat in die verskillende distrikte van Transvaal deur die boeregemeenskap op die been gebring is.

Soortgelyke Landbou-unies het ook in die ander Britse Kolonies van Suid-Afrika bestaan en reeds in Julie 1904 en Oktober 1905 is Interkoloniale Landboukonferensies in onderskeidelik Pretoria en Pietermaritzburg gehou waar agrariese aangeleenthede van interkoloniale belang bespreek is, soos o.a.: spoorwegtariewe en skeepsvragpryse betreffende saad, bemestingstowwe, landbouprodukte, masjinerie, omheiningsmateriaal; die naturelle-arbeidsprobleem en die plakkerwette; koöperasie in die verkoop van plaasprodukte; ooskuskoors en kwarantynmaatreëls; koelkamers; mate en gewigte, die bestryding van sprinkane, ens. Selfs 'n besluit is in 1904 geneem dat die tyd geleë is vir die stigting van 'n Sentrale Suid-Afrikaanse Landbou-unie. 17)

Op die kongres van die Transvaalse Landbou-unie in Desember 1905 is ernstig gepleit vir die uitbreiding van spoorweë as noodsaaklike middel van kommunikasie en vervoer in die landboubedryf. Op die kongres was dit duidelik dat die boere lewendig belang stel in koöperasie, veral insake die wolhandel, waardeur hulle die vertroue van die Europese mark kan wen. 18)

In sy verslag van die byeenkoms van die Landbou-unie op 10 Julie 1906 te Pretoria het die sekretaris, F.T.G. Nicholson, melding gemaak van die uitbreiding van die organisasie deur die ywer van die bestuurslede wat veel rondgereis het om die doel van die Unie aan boere uit te lê. 'n Meer progressiewe gees het onder die boere posgevat; hulle het onder die indruk gekom

van/...

---

16) Eerste Minister (Twl.) Vol. 8, no. 27/2/'07.
17) Luit-goew. 91, no. 96/62 en 96/77; De Volkstem, 7.10.1905.
18) De Volkstem, 20 en 23.12.1905.

van die voordele wat die wetenskaplike en administratiewe takke van die Departement Landbou vir hulle inhou. Deur hulle ywer het dr. Theiler en sy amptenare veesiektes soos rooiwater en perdesiekte feitlik onder die knie gehad. Op die Londense tentoonstelling was Transvaal die trotse wenner van 'n goue medalje vir sy lemoene.

'n Vermelding van groot betekenis was dat die Transvaalse Landbou-unie ook nou aangesluit het by die Interkoloniale Landbou-unie van Suid-Afrika.

Vervolgens het die Unie 'n aantal belangrike aanbevelings gedoen wat, as gevolg van die op hande synde konstitusionele verandering, die aandag van die nuwe bewind sou verg. Daar is o.a. die volgende versoeke gestel:

(i) die beginsel van koöperasie moet uitgebrei word na alle vertakkinge van die landboubedryf;

(ii) sekere onduidelike en ingewikkelde landbouwette moet hersien word;

(iii) Transvaalse produkte moet beskerm word op so 'n wyse dat die boer in staat gestel kan word om iets te verdien op sy uitgawe aan kapitaal en arbeid;

(iv) produksie en markte moet verbeter;

(v) daar moet 'n einde kom aan die invoer van produkte wat deur moderne boerderymetodes in voldoende hoeveelheid in Transvaal geproduseer kan word;

(vi) Transvaal moet uittree uit die Tolkonvensie;

(vii) spoorweë moet aangelê word na die winsgewendste landbou-streke; spoorweë moet omhein word en spoorvragte billiker wees;

(viii) die Departement Publieke Werke, die C.S.A.R., munisipaliteite en ander openbare en partikuliere liggame moet aangemoedig word om hulle produkte van die plaaslike boere te kry i.p.v. om dit in te voer;

(ix) samewerking met alle Brits Suid-Afrikaanse Kolonies en aangrensende gebiede vir die bestryding van besmetlike veesiektes en plae; wette hieromtrent moet streng en eensoortig wees;

(x) Algemeen: die invoer van goeie aanteelvee; beter markwette; beskerming van nuttige wildevoëls; die aanplant van bome; tweetalige landboubeamptes; die oprigting van sentraal gelee laboratoria. 19)

Het Volk en die Transvaalse Landbou-unie: Intussen het daar ook samesprekinge gevolg tussen die leiers van Het Volk en die Hoofbestuur van die Transvaalse Landbou-unie. 'n Verstandhouding is getref waarvolgens hierdie twee organisasies mekaar wedersyds sover moontlik sal steun. Die Landbou-unie sou hom streng bepaal by sy beginsel van nie-inmenging in die politiek. Op sy beurt sal Het Volk uit hoofde van sy invloed onder die landbougemeenskap en die steun wat hy van die boere ontvang, lg. aanmoedig/...

19) Ibid. 11.7.1906; The Star, 10 en 11.7.1906.

aanmoedig om soveel moontlik aan te sluit by die Unie. Op die wyse kon daar eenheid van handeling verkry word wat, vanweë die groot agterstand waarin die landbounywerheid nog verkeer het, dringend noodsaaklik was. [20]

Toe Botha in Februarie 1907 die bewind in Transvaal oorneem, het hy 'n taktvolle greep uitgevoer deur Nicholson, wat 'n aantal jare reeds die sekretaris van die Transvaalse Landbou-unie was, aan te stel as sy eie privaatsekretaris in sy hoedanigheid as Minister van Landbou. [21] "The Star" het dit "an excellent appointment" genoem en tewens daarop gewys dat dié aanstelling 'n waarborg is dat die progressiewe en verligte beleid wat deur Milner ingewy en deur die Departement Landbou voortgesit is, verder gevolg sal word aangesien Nicholson nooit onwillig was nie om die waardevolle werk te erken wat deur F.B. Smith, die Direkteur van Landbou, en sy personeel tot stand gebring is. [22]

Die Transvaalse Land- en Landboubank-wet (Wet no. 26 van 1907): Die vraagstuk oor die wenslikheid al dan nie van die instelling van 'n landbank in Transvaal ten bate van die boere het aktueel geword toe Het Volk met sy groot boere-aanhang die regerende party geword het in 1907. In sy uiteensetting van die Regering se beoogde beleid op 14 Junie, het Botha daarvan gewag gemaak dat die konsep-wet met betrekking tot 'n Landbank, naas die Onderwyswetsontwerp, die belangrikste maatreël sal wees ter oorweging van die parlement tydens sy eerste sitting. [23] Die saak was egter die vorige jaar al ter sprake toe die Kroonkoloniebestuur in April 'n kommissie aangestel het om ondersoek in te stel en verslag te lewer oor die beste wyse waarop 'n Landbank gestig kan word.+ Die volgende persone het daarop gedien: H. Crawford (voorsitter), J.W. Honey, genl. Louis Botha, J.C. Minnaar, J.A. van der Byl, W.C. Fricker en kaptein C.A. Madge. [24] Die kommissie het 'n groot aantal getuies aangehoor en talle rapporte ontvang van belanghebbende liggame [25] Van insiggewende betekenis veral

was/...

20) De Volkstem, 5.9.1906.
21) T.K. 20 p.44.
22) The Star, 11.3.1907.
23) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, p.34.
24) Luit.-goew. 89, no. 96/52.
25) De Volkstem, 15 en 18.8.1906.
+ „De Volkstem" het op 24 Januarie 1906 die instelling van 'n Landboubank bepleit vir die beskikbaarstelling van kapitaal en arbeid om die land se hulpbronne te ontwikkel. Die banke moet koöperatiewe krediet-verenigings wees waarteen lenings gewaarborg is. Die benodigde geld moet enkel geleen word vir reproduktiewe doeleindes.

was die weldeurdagte getuienis wat genl. Smuts in September 1906 voor die Landbank-kommissie afgelê het.

Smuts se praktiese Verklaring voor die Landbank-kommissie: Die skema wat Smuts aan die kommissie voorgelê het, was gebaseer op 'n intelligente benuttiging van die ervaring wat reeds opgedoen is deur ander jong Kolonies, maar dit het tewens rekening gehou met die spesifieke behoeftes van die Transvaalse landbougemeenskap. Die hoofbeginsels wat Smuts voorgestel het, was die volgende:

(i) die bank moet nie opgerig word met die oog om wins te maak nie en sal veral geen liefdadigheidsinstelling vir individue wees nie maar moet gereël word volgens gesonde ekonomiese en besigheidsbeginsels;

(ii) krediet mag nie verleen word op so 'n manier dat dit sal lei tot 'n gees van roekelose lenery en die op die hals haal van skulde nie maar dit sal verleen word op 'n matige wyse en om verspilling en sorgeloosheid by die besteding van die geld te voorkom, moet daar verstandige en sorgvuldige toesig gehou word;

(iii) die landbouende bevolking moet deelneem aan die instandhouding en beheer van die bank sodat hulle dit kan beskou as 'n trotse nasionale instelling en nie as 'n vreemde inrigting wat hulle bestaan bedreig nie. Die deelname van die bevolking is te meer noodsaaklik by 'n instelling wat met die Regering in verband staan.

Die raadsaamheid van die stigting van 'n Landbank met die doel om die landbou te bevorder is duidelik, het Smuts vervolgens gesê. Die weergalose verwoesting van die langdurige oorlog moet herstel word. In die vorige vier jaar het die Kroonkoloniebestuur verdienstelike pogings aangewend om die ellende te bestry, maar opeenvolgende teëspoede het in 'n groot mate die weldadige bedoelings daarvan verydel en die landbou het nog in 'n allertreurigste toestand van agterlikheid verkeer. Om hier hulp aan te bied en daar toegifte te maak is nutteloos. Die enigste gesonde beleid is om 'n instelling tot stand te bring waardeur b o n a f i d e steun verleen word sonder dat die selfrespek van die behoeftiges en die gees van spaarsaamheid van die landboubevolking skade aangedoen word.

Dit word algemeen erken dat daar vir die landbou in die Kolonie 'n groot toekoms is; daarbenewens het dit, as die permanentste en belowendste nywerheid van die land, 'n besondere reg op die milde behandeling en koesterende sorg van die kant van die staat. Te midde van veel wat tydelik is in die ekonomiese struktuur van Transvaal, is die landbou die enigste hoop en steun vir die toekoms en eweneens die enigste wyse waardeur grootskaalse kolonisasie van 'n groter blanke

bevolking/...

bevolking kan plaasvind. Toenemende landbouproduksie sal die lewensduurte laat daal en lei tot die vermeerdering van huisgesinne waar die eenlopende man op die oomblik 'n ongelukkige en onsekere bestaan voer weens die ontsettende hoë pryse van noodsaaklike lewensmiddele.

Verder het Smuts voorgestel dat regeringskapitaal gebruik en regeringskontrole uitgeoefen moet word. Dit mag egter nie beteken dat die bank 'n regeringsinrigting gemaak word nie waarop politieke invloede ongunstig sou inwerk. In die konstitusie van die bank moet 'n sterk onafhanklike element wees en dit moet kom van die landboubevolking. Daarom stel hy voor dat daar 'n Hoofbestuur van bv. 5 lede en 'n Distriksraad (bestaande uit 'n plaaslike verteenwoordiger van die bank in elke magistraatsdistrik) sal wees om applikasies om bystand in ontvangs te neem, skattings te maak, aanbevelings te doen en advies te gee. Lenings kan toegeken word teen:

(i) sekuriteit van onroerende, landelike besit;
(ii) landbouprodukte as borgstelling;
(iii) roerende goedere as borgstelling.

Die hele skema vereis deeglike wetgewing maar dit sal s.i. vry gemaklik wees om alles te beliggaam in een groot en omvattende wet waarvan daar eksemplare in albei landstale moet wees.

Ten slotte het Smuts bekentoon dat die Landbank geen partikuliere instelling moet wees nie wat beheer word deur partikuliere kapitaliste wie se belange en politiek miskien nie ooreenstem met die ware landboubelange en politiek van die land nie; nòg moet dit 'n suiwer goewermentsinrigting wees wat onder die invloed van die politiek sou kan kom. Dit moet 'n staatsinstelling wees wat in noue kontak met die regering saamwerk en wat rus op die breë basis van die agrariese gemeenskap en met hulle in volkome harmonie en verstandige simpatie sal funksioneer; dit moet nie alleen steun op die gegoede grondbesitters nie maar ook op die groter klas wat meer bystand verdien dog geen grond as sekuriteit het om aan te bied nie, alleen hulle gewillige hande, eerlike harte en roerende goedere in een of ander vorm. Deur sulke steun op verstandige wyse te verleen kan diegene wat onbetroubaar en niks werd is nie uitgesif word en kan die armes wat deur omstandighede in onverdiende ellende gedompel is, hulp erlang. Deur dit alles uit te voer met die aktiewe samewerking en sedelike steun van die beste verteenwoordigers van die landboubevolking sal so 'n bank nie alleen 'n geldelike nie maar ook 'n morele steun blyk te

wees/...

wees vir Transvaal en die volk sal dit met trots en toegeneentheid beskou as 'n waarlik nasionale instelling. 26)

Die Verslag van die Landbank-kommissie - Beliggaming van Smuts se aanbevelings: Die Landbank-kommissie het sy ondersoek teen die einde van 1906 afgesluit en op 4 Maart 1907 is die verslag aan die Goewerneur voorgelê. Die opvallendste kenmerk van die besluite waartoe die kommissie gekom het, was dat dit in wese eintlik 'n weerspieëling was van die aanbevelings wat Smuts ses maande tevore aan hulle voorgelê het. Die besluite het gelui:

(i) dat dit raadsaam is om 'n Landbank te stig wat in staat is om kapitaal te voorsien volgens gesonde besigheidsbeginsels vir die winsgewende ontwikkeling en uitbreiding van die landboukundige en pastorale industrieë van Transvaal;

(ii) dat die bank onder die beskerming van die Regering opgerig moet word, maar as 'n nasionale instelling en nie as 'n departement van die Regering nie;

(iii) dat die administrasie van die fondse ter beskikking van die bank in die hande sal wees van 'n deur-en-deur bevoegde en verteenwoordigende Algemene Raad van Bestuur bestaande uit vyf lede, waarvan twee benoem sal word deur die Goewerneur en die orige drie op so 'n wyse verkies sal word dat dit die moontlikheid van politieke manipulasie sal uitsluit; die vorming van Koöperatiewe Distriksverenigings moet soveel moontlik aangemoedig word om eerstens die Algemene Raad te steun in die administrasie van die fondse en tweedens om die gees van samewerking onder die boeregemeenskap te bevorder;

(iv) dat die werksaamhede van die bank met omsigtigheid sal begin en op 'n betreklik klein skaal, en geleidelik sal uitbrei na gelang die Algemene Raad in ondervinding baat en die boeregemeenskap die aard en ware funksies van die instelling begryp;

(v) dat goed geleë grondgebied en koöperatiewe verantwoordelikheid erkende sekuriteite sal wees waarop lenings toegeken kan word; alle lenings wat toegestaan word, moet gebruik word vir goedgekeurde reproduktiewe of ekonomiese doeleindes en moet periodiek geïnspekteer word. Onderworpe aan sekere duidelik omlynde voorwaardes en beperkinge wat neergelê moet word in 'n Wet waarin die bank se grondwet beliggaam is, moet die Algemene Raad oor aansienlik willekeurige magte beskik by die toekenning van lenings en in hulle besluit oor die terme en sekuriteit waarop dit toegestaan word;

(vi) dat 'n volledige en omvattende Wet van die Parlement deurgevoer moet word waarin hierdie aanbevelings beliggaam is en die Bank op 'n stewige grondslag gevestig word. Indien nodig kan 'n verdere Wet gemaak word met die oog op die vorming en inlywing van koöperatiewe instellinge volgens veilige en eenvoudige beginsels en teen 'n lae koste;

(vii)/...

26) Ibid. 5.9.1906.

(vii) dat die verhouding van die bank teenoor koöperatiewe instellinge sal wees soos dié van 'n bankier teenoor 'n klant; maar die onafhanklike oprigting van sodanige instellinge sal ten volle aangemoedig en gesteun word aangesien hulle in alle opsigte aan te beveel is; die middele waardeur hulle enige noodsaaklik finansiële steun kan ontvang, moet voorsien word en moet baie eenvoudig, baie veilig en heeltemal bekend wees.

Genl. Botha het intussen die Premier van Transvaal geword; daarom, en ook omdat hy nie saamgestem het met enkele van die aanbevelings van die meerderheid van die kommissielede nie, het hy die verslag nie mede-onderteken nie. Aan Crawford, die voorsitter, het hy egter die vriendelike versoek gerig om nie die finale vorm van die verslag om die rede te vertraag nie. 27)

Die Botha-ministerie was dit eens dat die Crawford-verslag 'n aanneemlike basis vorm vir 'n wetsontwerp met die oog op die instelling van 'n Landbank vir Transvaal. In sy kapasiteit as Minister van Landbou moes genl. Botha eintlik die konsep vir die Wet opstel maar aangesien hy lid was van die ondersoek-kommissie, het genl. Smuts dit op hom geneem. Die Landbank-Wetsontwerp wat 'n week of wat voor die parlementsitting in die staatskoerant verskyn het, het gevolglik veel trekke openbaar van die getuienis wat Smuts in September 1906 voor die kommissie afgelê het.

Die Landbank-Wetsontwerp in die Parlement: Die Wetsontwerp is op die 17de Junie vir die eerste maal gelees en op die 28 Junie het Smuts die tweedelesingsdebat daaroor ingelui. Kortliks het die beoogde Wet die volgende bepaal:

I. DIE OPRIGTING VAN 'N LAND- EN LANDBOUBANK:

1. Daar sal in Transvaal 'n land- en landboubank opgerig word en dit sal geadministreer en bestuur word soos in die Wet neergelê.

2. Die bank sal 'n verenigde liggaam wees met ewigdurende erfreg en sal onder die titel: „Die Transvaalse Land- en Landboubank" in staat wees om te vervolg en vervolg te word; dit mag ook roerende en onroerende goedere vervreem.

3. Die Minister van Landbou sal in die staatskoerant kennis gee van watter datum af die bank in werking tree.

II. DIE BESIGHEID, SEKURITEITE EN FONDSE VAN DIE BANK:

1. Dit sal die besigheid van die bank wees om geld voor te skiet op:

(a) verbande op die volgende soorte van grondeiendom:

(i) eiendomsplase;

(ii) erfpagplase;

(iii) grond wat bewoon word volgens die Occupation Farms Ordinance, 1904;

(iv) grond wat bewoon word volgens die 99 jaar huurkontrak;

(b)/...

27) T.K. 186; De Volkstem, 25.5.1907.

(b) ander sekuriteit, soos vee, en die reputasie dat 'n boer 'n goeie landbouer is, sal deur die bank aanvaar word en hulp kan aan sodanige persone verleen word mits hulle lede is van koöperatiewe verenigings wat as borg vir hulle sal optree.

2. Doeleindes waarvoor die bank voorskotte mag maak:

(a) verbeterings wat insluit: plaaswonings, waterbewaring en besproeiingswerke, omheining, die skoonmaak van grond vir akkerbou en boomaanplantings, boorde en wingerde;

(b) die aankoop van vee, saad of algemene landboubenodigdhede;

(c) om bestaande skulde op plase af te betaal en ook vir onvoorsiene uitgawes by die onderverdeling van plase wat in ondeelbare aandele gehou word;

(d) vir oprigting en bevordering van landboukundige en plattelandse industrieë, insluitende die wol-, tabak-, leer-, suiwel en dergelike industrieë en die verbouing, verkoop en uitvoer van vrugte;

(e) vir die aankoop van grond vir enige van die bg. doeleindes deur persone of groepe persone wie se finansiële bronne as voldoende geag word om die bepalings van die ooreenkoms na te kom.

3. Die Fondse van die Bank:

Die fondse van die bank bestaan uit £2½ miljoen wat voorgeskiet sal word van die Gewaarborgde Lening van £5 miljoen wat genl. Botha van die Imperiale Regering ontvang het tydens sy besoek aan Londen in April-Mei dié jaar.

III. DIE VERSKILLENDE SOORTE LENINGS:

1. Wat die grondeienaar betref kan daar deur hom een van twee soorte lenings aangegaan word:

(a) 'n Vaste lening vir nie meer as 5 jaar nie; d.w.s. hy kan 'n sekere bedrag leen vir 3, 4 of 5 jaar teen 5% rente per jaar, totdat die lening verval is, waarna hy die hele bedrag terugbetaal.

(b) 'n Grondeienaar kan 'n vaste lening kry vir 25 jaar in welke geval halfjaarlikse paaiemente afgelos moet word. Die bedoeling is dat hy genoeg tyd moet kry om 'n sukses te maak van sy boerdery; behalwe die halfjaarlikse bedrag wat hy afbetaal, betaal hy ook 5% rente. Teen die einde van die 25-jaar-tydperk moet die hele voorskot afbetaal wees.

2. Persone sonder vaste sekuriteit kan deur die landbank gehelp word as:

(a) die applikant lid is van 'n koöperatiewe vereniging wat vir hom sal borg staan; die vereniging moet egter toesien dat die geleende geld behoorlik bestee word; die goedere bv. vee, wat met die lening aangekoop word, is dan die sekuriteit van die bank wat deur die lener beheer word; die eerste 3 jaar word alleen 5% rente betaal; van die vierde jaar word paaiemente afbetaal totdat die bedrag na 10 jaar afbetaal is;

(b) as 'n applikant produkte het as onderpand, kan 'n tydelike lening met die medewerking van die koöperatiewe vereniging aangegaan word teen 5% rente; dit

sal/...

sal verhinder dat boere hulle produkte verkoop as markpryse laag is en hulle aldus die prooi van spekulante word.

3. Lenings deur koöperatiewe verenigings

(a) Koöperatiewe verenigings wat opgerig is om die produkte van lede te bemark kan, met die produkte as onderpand, lenings van die bank verkry, mits die produkte-voorraad deur die vereniging verseker is;

(b) vir groter kapitaalwerke, soos bv. 'n besproeiingskema, tabakfabriek, geboue vir koöperasies, wolwasserye, ens. kan koöperatiewe verenigings die benodigde kapitaal van die bank leen; as die beoogde skema £3,000 te bowe gaan, moet die goedkeuring van die Regering verkry word sodat die Staat kan nagaan of die plan uitvoerbaar is alvorens die bank gemagtig word om die vereiste bedrag voor te skiet.

IV. DIE RAAD VAN BESTUUR:

Die Wet het bepaal dat die Goewerneur, onderworpe aan die goedkeuring van albei Huise van die Parlement, al vyf lede van die Raad van Bestuur sal benoem vir 5 jaar. Die Raad kies hulle voorsitter uit eie geledere en hulle stel 'n bestuurder vir die Landbank aan; lg. stel die personeel van die bank aan. Die Raad van Bestuur het bepaalde magte om regulasies op te stel.

V. REKENINGS EN OUDITERING:

(a) Periodieke publikasie van finansiële verslae en lyste van verbande.

(b) Die ouditering van rekeninge.

(c) Boekhouding en Assuransie.

(d) Inspeksie van rekeninge en dokumente deur die Tesourier. [28]

Dieselfde simpatie, steun en eerbetonings wat Smuts van die Opposisie ontvang het toe hy die Engelse taal bevoorreg het bo Hollands in sy Onderwyswet, het hy nie weer ontvang nie met die indiening van die Landbank-wetsontwerp wat bedoel was om die boere (van wie die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekend was) aan te help en die boererybedryf op 'n winsgewende grondslag te plaas. Hulle het die Het Volk-regering nie vertrou met die besteding van groot somme geld nie en het gevrees dat voorskotte in die vorm van aalmoese aan die Afrikaanssprekende boere geskenk gaan word waarvoor die Engelse belastingbetaler in die stede sal moet vergoed. Voorts was hulle van mening dat die Regering eers volle besonderhede moet verstrek aangaande die gewaarborgde £5 miljoen lening wat die Eerste minister van die Liberale owerheid in Londen ontvang het.[29] Hulle argument kon hulle egter nie end-uit volhou nie aange-

sien/...

---

28) T.K. 51. Wet no.26 van 1907; Debatten: Wetg. Verg. (Eerste sitting) 1907, pp. 296-309.

29) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, pp.354-384; pp.667-670; p.699-705 Wetg.Raad (Eerste Sitting) 1907, pp.251-262.

aangesien hulle dan as openlike vyande van die landboubedryf gebrandmerk sou staan. "The Star" was buitengewoon vriendelik:

"The liberality and conciliatory attitude shown by Mr. Smuts in introducing the Land Bank Bill took away members' breath; and even those who are filled with gloomy financial forebodings in regard to the policy of the Bill warmly recognised its author's evident good faith. 30)

Die Wetsontwerp is na lang besprekings, veral in die komiteestadium, deur beide Huise sonder teenstem goedgekeur en op 19 Augustus het dit die koninklike bekragtiging ontvang. 31) Op 19 September is in die staatskoerant bekendgemaak dat die volgende persone deur die Goewerneur aangestel is om op die Raad van Bestuur van die Landbank te dien: A.A.J. Dieperink, J. Dougall, T.B. Herold, J.C. Minnaar en C.H. Muller. Per proklamasie is aangekondig dat die Land- en Landboubankwet op 1 Oktober 1907 in werking sal tree. 32)

Koöperatiewe Landbouverenigings. Wet no. 17 van 1908:

In noue verband met die Landbankwet was die Wet oor Koöperatiewe Verenigings. Reeds voor die sessie in 1907 het die Regering 'n wetsontwerp ipsake Koöperatiewe Verenigings gepubliseer, maar voordat dit behandel is, het dit duidelik geword dat die bepalinge so ingewikkeld en sommige van die beginsels so nuut was vir die omstandighede dat die Koloniale sekretaris dit teruggehou het. In plaas daarvan het die Regering gedurende die reses deskundige advies omtrent die kwessie van koöperasie ingewin. Van Denemarke is nl. ene mnr. Andersen en van Holland die heer Pape se dienste ingeroep. Albei het uitstekende werk verrig deur onder die boere rond te reis en hulle te adviseer omtrent geslaagde koöperatiewe pogings. Deur middel van die advies van dié twee manne was die Regering in staat om 'n nuwe en veel eenvoudiger wetsontwerp op te stel en dit is in Julie 1908 tydens die tweede sitting van die parlement ter behandeling ingedien. 33)

Een van die vernaamste doeleindes van die voorgenome Wet was om leiding te gee aan die boere in soverre dit organisasie betref, sodat hulle beter kan verenig om op dié wyse hulle eie belange te beskerm. Deur samewerking is hulle dan by magte/...

30) The Star, 29.6.1907.
31) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, p.1416.
32) T.K. 21 p. 510 en 516.
33) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908, pp.1168-1169.

magte om hulle produkte volgens die voordeligste voorwaardes te bemark en mislukkings makliker uit te skakel.

Tweedens was dit die bedoeling om die landboubevolking in spesifieke aspekte van die landbouwese „op te voed," soos bv. die handel, vervoer, bemarking, faktore wat prysstyings en -dalings beïnvloed en die wenslikheid verbonde aan koöperatiewe optrede ten opsigte van hierdie aspekte as die boer die mees bevredigende resultate wil verkry.

Die derde wyse waarop die Wet die landbouer kon bevoordeel, was die vestiging van landboukrediet op gesonder basis. 'n Boer kan nie krediet kry nie tensy hy onroerende eiendom besit. Sodra landbouers egter saamwerk, soos die Wet bepaal, sal finansiële inrigtings - nie alleen die Landbank nie - voorskotte aan hulle verleen. Op dié wyse kan landboukrediet bevorder word. Die regulasies het bepaal dat alle transaksies sal plaasvind teen kontante betaling of teen sekuriteit, sodat daar geen aanspreeklikheid op lede sal rus nie.

Alle Landbouverenigings moet by die Departement Landbou ingeskryf wees.

Insake die vorming van koöperatiewe landbouverenigings het die Wet bepaal dat enige aantal persone (nie minder as 7 nie) 'n landbou-vereniging kan stig, en enige persoon wat in Transvaal boerdery bedryf, kan kwalifiseer as lid van so 'n vereniging.

'n Koöperatiewe landbouvereniging mog, onderworpe aan die bepalings van die Wet, gevorm word vir enige van die volgende doeleindes:

(a) die verkoop van landprodukte van enige van sy lede op 'n manier wat die voordeligste is vir die vereniging;

(b) die fabrikasie of behandeling van die produkte van sy lede vir gesamentlike rekening en die verkoop van die produksie, wat so gefabriseer of deels gefabriseer is, op die voordeligste wyse vir die vereniging;

(c) die onderneming van besproeiingskemas, die boor van water of die bevordering en ontwikkeling van bestaande besproeiing- en waterboorskemas.

(d) die aankoop of huur van landbou-implemente en -masjinerie namens sy lede;

(e) die aankoop of uithuur en die gebruik van en beheer oor aanteelvee namens sy lede;

(f) die aankoop van vee, voer, saad vrugtebome, kunsmis en ander boerderybenodigdhede namens sy lede en die voorsiening daarvan aan hulle;

(g) die oprigting, verkryging en bestuur van voorraadewinkels onder 'n koöperatiewe stelsel om landbou- en ander produkte te verkoop en te voorsien;

(h)/...

(h) om versekeringsgenootskappe op koöperatiewe basis te stig en in stand te hou ten bate van sy lede;

(i) die inwin en verspreiding van inligting oor die beste wyse waarop boerderybedrywighede aan die gang gehou kan word;

(j) om enige onroerende eiendom in die Kolonie te verkry deur dit te huur, aan te koop of deur toekenning te kry en dit in naam van die voorsitter van die direkteure van die vereniging te bestuur sodat enige van die doeleindes van die vereniging beter bevorder kan word;

(k) vir die bevordering van sodanige oogmerke wat van tyd tot tyd deur die Minister van Landbou toegelaat word en bestem is om die belange van die landbouwese in Transvaal te bevorder en te ontwikkel. 34)

Sonder enige noemenswaardige teenkanting is die wetsontwerp deur beide Huise geloods en op 22 Augustus 1908 is bekendgemaak dat Wet no. 17 van 1908, die Koöperatiewe Landbouvereniging-Wet, finaal bekragtig is. 35)

Wysigings in die twee Landbouwette, 1908 en 1909: Die Landbankwet het twee keer en die Koöperatiewe Landbouvereniging-Wet een keer ondergeskikte wysigings ondergaan. Tydens die parlementsitting in 1908 is voorstelle van die Koloniale sekretaris goedgekeur dat

(a) die Landbank in die vervolg 'n rente van 3½% aan die Regering sal betaal op geldsomme wat van tyd tot tyd deur die Regering aan die bank uitbetaal word;

(b) dat die langtermyn-leningstelsel, waarvolgens lenings met interes halfjaarliks afbetaal word totdat die hele bedrag vereffen is, saamgevat word met die ander soort lening waarby die gehele bedrag na 'n bepaalde tyd afbetaal moet wees aangesien e.g. stelsel nie ingang gevind het by die landboubevolking nie. Hiervolgens kan elke lening op vaste hipoteek by die bank vir 5 jaar aangegaan word en in dié tydperk word alleen die bepaalde rente afbetaal; na vyf jaar moet die kapitaal oor 'n tydperk van 25 jaar afbetaal word. Op die wyse word die geleende kapitaal in hoogstens 30 jaar vereffen;

(c) die finansiële betrekkinge tussen die Landbank en die Koöperatiewe verenigings is duideliker omskryf na die goedkeuring van die Koöperatiewe Landbouvereniging-Wet;

(d) 5% van die rente op lenings sal in die reserwefonds gestort word. 36)

Die belangrikste wysiging in die Landbankwet wat in 1909 tydens die derde sitting van die eerste Transvaalse parlement deur Smuts voorgestel is, het bepaal dat die beide ampte, nl. die voorsitter van die Algemene Bestuur en die bestuurder van die Landbank gekombineer sal word sodat die voorsitter van die

Raad/...

---

34) T.K. 69 Wette van Transvaal (1908): Wet no.17 van 1908; Eerste Minister (Tvl) 24, no. 18/18 en 18/26 1908.
35) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908 p.2392.
36) T.K. 69; Wette van Transvaal (1908): Wet no 37 van 1908; Eerste Minister (Tvl) 25, no. 18/43 1908.

Raad ook bestuurder van die bank sal wees. Verder het die parlement ingestem dat die kapitaal van die Landbank verminder sal word van £2½ tot £2 miljoen. 37)

In dieselfde sitting is ook veranderings goedgekeur ten opsigte van die Koöperatiewe Landbouverenigings-Wet. Die belangrikste was dat die een vereniging met die ander mag handel dryf asook die lede van 'n vereniging onder mekaar. Verder is dit neergelê dat die bepalings van die Wet ook toepaslik sal wees op maatskappye wat onder die beskerming van die Regering opgerig word. Die bedoeling van die Landbou-departement was om sekere takke van die landbou soos melkerye, tabakspakhuise, kwekerye, ens. wat moeilik deur private persone onderneem kan word, te bevorder. Bg. wysigings sou boonop dien om samewerking aanmerklik aan te moedig. 38)

Betekenis van die Landbank- en Koöperatiewe Landbouvereniging-Wet vir Boerderybedryf in Transvaal:

Vir die algemene boerderybedryf in Transvaal en vir honderde boere het Wet no. 26 van 1907 en Wet no. 17 van 1908 vêrreikende gevolge gehad. Die verskroeide-aarde-metode van oorlogvoering, die roekelose uitroeiing van die Boere se vee en die vernietiging van hulle opstalle, waens en alle ander boerderybenodigdhede deur lord Kitchener en sy soldate, het beteken dat die boerdery as bedryf, waarvan die meerderheid van die burgers afhanklik was, totaal tot stilstand gekom het. Na die oorlog het die dodelike ooskuskoors in die land ingekom en die oorblywende beeskuddes bykans uitgeroei. Baie boere het gevolglik niks meer gehad nie as net 'n stuk grond wat hulle nie eers kon bewerk nie vanweë die gebrek aan trekdiere en die nodige fondse om vee aan te koop. Hierna het die depressie ingetree; geld het baie skaars geword en kon alleen teen buitensporig hoë koers verkry word terwyl lenings te eniger tyd ingetrek kon word, dikwels op die mees ongelegë oomblik vir die landbouer. Die banke en ander finansiële instellinge het alleen grondeiendom as sekuriteit vir lenings erken; baie boere wat tog waardevolle roerende goedere besit het, kon gevolglik nie geholpe raak nie. In vele gevalle het die veroweraar se repatriasie- en kompensasieskemas nie geslaag nie en baie boere wat daarop hulle hoop gevestig het, was tot ondergang gedoem. Die nedersettingskemas wat Milner so geesdriftiglik beplan en tot uitvoering gebring het, het eweneens misluk weens droogte, sprinkane, ontydige ryp en die ander na-oorlogse

terugslae/...

37) T.K. 70: Wette van Transvaal (1909): Wet no. 17 van 1909.
38) Ibid. Wet no. 21 van 1909.

terugslae.

Al hierdie faktore het veroorsaak dat die landboubedryf in Transvaal ten tye van die bewindsoorname deur die Botha-regering in Februarie 1907 met een woord in 'n jammerlike toestand verkeer het. Die blote feit dat Transvaal met sy klein bevolking nie eers selfversorgend was nie wat alledaagse produkte betref soos meel en mielies, eiers, botter en vleis was 'n genoegsame bewys dat alles nie pluis was nie. Talle landbouers wat moes boer, het onderstandswerke vir die Regering verrig omdat hulle bankrot gespeel het of net nie oor die middele beskik het om van onder af te begin nie. Die voorgenoemde twee wetgewende maatreëls ten behoewe van die landbounywerheid en die boeregemeenskap was derhalwe tydige skikkinge en omdat dit met suiwere bedoelinge getref en op gesonde grondslag gebaseer was, kon dit nouliks anders dat daar positiewe resultate gevolg het.

Uit die aard van die saak het die boere en die verantwoordelike hoofde van die Landbank mekaar aanvanklik nie so goed verstaan nie. Die taak van die Landbankbeamptes was onbenydenswaardig want hulle het dikwels met boere te doen gekry wat die sekuriteit wat hulle aangebied het vir landbanklenings skromelik oorskat het. Op die manier het daar partykeer wrywing ontstaan wat die prestige van die jong finansiële instelling geskaad het.[39] Maar dit het gou geblyk van verbygaande aard te wees. Die Regering is spoedig oorstroom deur aansoeke van behoeftige en ander boere om finansiële steun met die doel om grond te koop of te huur of vir die aankoop van vee, gereedskap of ander boerderybenodigdhede. Met groot geduld en ernstige toewyding is die applikasies oorweeg.[40]

Die Transvaalse Landbank het 'n besondere nasionale taak verrig deur die grondeiendom van talle boere te verlos uit die grypende hande van ongewenste geldleners. Vanweë die terugslae wat die landbouers ondervind het sedert die oorlogsjare was hulle plase verpand aan sekere banke en ander finansiële instellinge wat van hulle so 'n ongehoorde hoë rente afgepers het dat dit as niks anders as woeker bestempel kon word nie. Gevalle was bekend van bankinstellinge wat nie minder nie as selfs 12% rente afgevorder het - wat dit onmoontlik gemaak het vir die uitgeroeide boere om rente sowel as kapitaal af te betaal en ontslae te raak van dié woekerwins; meer as een grondbesitter het hierdie soort geldlener ten prooi geval. Die instelling van die Landbank het die

ganse/...

---

39) De Volkstem, 14.12.1907.
40) Kol. sekr. 751, no. 11961.

ganse rentekoers afgebring na 6 en selfs 5½%. Op dié manier is ook verhinder dat duisende ponde van die permanente bevolking na oorsese aandeelhouers in bg. tipe banke gaan.[41]

Teen 30 Junie 1908 was lenings ten bedrae van £372,110 toegestaan aan 909 applikante. In detail was die lenings soos volg versprei:

11	van meer as £1,500	£ 26,500
51	tussen £1,000 en £1,500	£ 66,480
158	tussen £500 en £1,000	£100,810
295	tussen £250 en £500	£114,575
284	tussen £100 en £250	£ 52,855
130	minder as £100	£ 10,890

Dit het beteken dat daar gemiddeld £409 per persoon toegestaan is. Die grootste bedrag, £176,950, is aan boere uitbetaal met die doel om bestaande skulde op plase te delg. £134,040 is aangevra om vee, bedryfuitrusting en algemene landbouimplemente aan te koop. Ongeveer £50,625 is van 1 Oktober 1907 tot 30 Junie 1908 bestee aan verbeterings; £9,910 aan die aankoop van grond en £585 om onvoorsiene uitgawes te delg by die onderverdeling van plase.[42]

Ten spyte van hierdie vordering het die Direkteur van Landbou nogtans melding gemaak van

"the utter lack of organisation in respect of financial transactions and the disbelief in the organising of co-operative bodies amongst the farmers."[43]

Die Transvaalse boer was 'n swak besigheidsman:

"... he is a believer in unity only where politics or Church matters are concerned,"

was die Direkteur se mening.[44] Andersen, die regeringsadviseur in koöperatiewe landbouverenigings het beklemtoon dat die Transvaalse boerderybedryf enorme voordeel sal trek uit hierdie organisasies "upon the 'unlimited' principle" en hy het aanbeveel dat baie meer koöperatiewe agentskappe, koöperatiewe romerye, koöperatiewe slagterye, koöperatiewe vrugtekwekersverenigings opgerig moet word; ook in die tabak- en wolindustrie was daar 'n behoefte aan op uitgebreider skaal.[45]

As Minister van Landbou het genl. Botha ook sy invloed gebruik om hierdie gesindheid van onderlinge samewerking te bevorder onder die boeregemeenskap. Vroeg in September 1908 het hy 'n Kongres van Koöperatiewe Landbouverenigings te

Pretoria/...

---

41) De Volkstem, 17.9.1909.
42) Verslag: Direkteur van Landboudepartement, 1907-1908; The South African News, 30.3.1909.
43) Ibid. The Rand Daily Mail, 25.2.1909.
44) The Star, 4.9.1908.
45) Verslag: Direkteur van Landboudepartement, 1907-1908.

Pretoria geopen en besonder nadruk gelê op die noodsaaklikheid en groot betekenis van hierdie bewegings vir die behoud van die boer en die sukses van die landbou as bedryf. Die uitgebreider organisasie daarvan dwarsdeur Transvaal kon 'n keerpunt meebring in die geskiedenis en ontwikkeling van hierdie belangrike nywerheid van die Kolonie.[46] Ook „De Volkstem" het as Boere-persorgaan die algemene publiek ingelig oor die praktiese resultate wat uit samewerking spruit en het die dwase vooroordele wat daarteen bestaan het die nek probeer inslaan; deur kongresse en lesings, het die blad aangevoer, kan die beginsel van samewerking grootliks bevorder word.[47]

Geleidelik het die boere meer koöperasie-bewus geraak. Tydens die Kongres van Koöperatiewe bewegings wat vroeg in Junie 1909 te Pretoria gehou is, kon Smuts melding maak van 27 sodanige geregistreerde verenigings wat reeds veel verrig het vir die bevordering van die ekonomiese welvaart in Suid-Afrika. Die regeringsdeskundiges het voortgegaan met voorligting in die verband en die personele in die verskillende administratiewe vertakkinge is deur bekwame persone aangevul, soos in die tabak-, wol-, vrugte- en graanafdelings. In die metodes van klassifikasie en verpakking van produkte het 'n verbetering ingetree. Deur koöperasie kon boere daarin slaag om hulle voorrade teen verminderde spoortariewe te laat vervoer. Verdienstelike vordering is gemaak in die suiwelbedryf terwyl aandag geskenk is aan die vleishandel. Die arbeidskwessie was 'n netelige saak en die erns van die posisie is deur die verenigings onder die aandag van die regering gebring. Aan die kongresgangers het Smuts dit beklemtoon dat hulle nie moet verwag dat die Regering hom moet bemoei met die huishoudelike sake van die landbouverenigings nie. „As jy die nek van koöperasie wil breek, laat die Regering intree," het hy gesê. Die Regering sal sy steun verleen net tot sekere duidelik omlynde perke. Buite daardie perke, het hy gesê, moet die volk hulle eie heil bewerkstellig.[48]

Die Landbank was nog aktief werksaam en hulpverlening in die vorm van voorskotte aan die landbouers het voortgegaan. Teen September 1909 het die bank al £1,136,554 uitgegee in die vorm van vaste, tydelike en ander lenings aan boere en koöperatiewe verenigings. In Junie-, Julie- en Augustusmaand 1909 is sowat £24,000 alleen aan landbouverenigings voorgeskiet[49]

Teen/...

---

46) De Volkstem, 4.9.1908.
47) Ibid. 15.9.1908.
48) Ibid. 4 en 8.6.1909.
49) Ibid. 17.9.1909.

Teen die einde van dié jaar was die aanduidings goed dat die ongeveer £1½ miljoen wat deur die Landbank onder die boere in omloop gebring is, binne afsienbare tyd tot 'n paar miljoen pond sou styg, want hulle het al meer die waarde van die instelling vir die verbetering van hulle eiendom besef.[50] Op simpatieke wyse het die Landbank gesonde besigheidsbeginsels by die boeregemeenskap gekweek.[51]

In die Kaap het die "South African News" grootmoediglik erken dat Transvaal, in soverre dit landbou betref, die Kaapkolonie verbygestreef het en hy het dit toegeskryf van die milde en intelligente steun wat die boere van die owerheid ontvang het. Die blad het met lof gepraat van die geslaagde koöperatiewe landbou in Transvaal en van die botter- en ander fabrieke wat reeds op groot skaal aan die gang of in aanbou was.[52]

Landbou-koöperasie op uniale basis. Toe die idee van nouere staatkundige eenheid teen die einde van die dekade onder die Suid-Afrikaanse bevolking begin posvat, het die behoefte aan nouere vereniging ook op landbougebied hom al sterker laat geld. Aan die einde van Augustus 1909 is 'n konferensie oor nouere unie in die landbou te Bedford, in die Kaapkolonie, gehou en daar het die Kaapse Sentrale Landbouvereniging, die Kaapse Landbou-unie en die Tuinbouraad van die Westelike Provinsie besluit om 'n gesamentlike Landbouraad in die lewe te roep.[53] Teen die einde van November 1909 het verteenwoordigers van die landbouverenigings in die verskillende Kolonies in Bloemfontein byeengekom vir 'n Interkoloniale konferensie. Hier is daarop gewys dat Suid-Afrika se mededingers die Suid-Afrikaanse markwese nie as vier aparte entiteite sien nie maar as 'n eenheid. Die mening was dus algemeen dat interkoloniale vereniging op landbougebied noodsaaklik is. Gevolglik is die Interkoloniale Landbou-unie gestig.[54]

Die invloed van Transvaal het ook na die Vrystaat deurgewerk. Daar het die Orangia-Unie-regering in Maart 1910 besluit om, ter wille van die Vrystaatse boere, deur wetgewing

koöperasie/...

---

50) Ibid. 28.12.1909.
51) Spoelstra, a.w. p. 84 (Verwys na Verslag van Carnegie-kommissie I 1932, p.227 en verder)
52) The South African News, 9.6.1909; 26.7.1909.
53) Ibid. 31.8.1909; 8.9.1909.
54) The Bloemfontein Post, 28.11.1909.

koöperasie in die landbou in te stel. Die boere moes leer om hulleself te help en selfvertroue te wen. Dit sou vir alle boere 'n wesenlike waarborg was teen die herhaling van katastrofes wat gevolg het uit die onbeperkte verantwoordelikheid van die kommersiële kringe 'n geslag tevore.[55]

In Mei 1910 het die laaste kongres van die Koöperatiewe Landbouverenigings in Transvaal as afsonderlike staat met genl. Botha as hulle verantwoordelike Minister van Landbou in Pretoria vergader. Op die byeenkoms is melding gemaak van die groot sukses wat koöperasie in die landboubedryf van dié Kolonie meegebring het en van die ergieke ondersteuning wat die beweging van die Transvaalse Regering ontvang het. Die kongres het tot die besluit gekom dat daar op agrariese gebied goeie vooruitsigte vir Transvaal is.[56]

Genl. Louis Botha as Minister van Landbou en die Vooruitgang op Landbougebied onder sy bewind in Transvaal:

Genl. Botha se eerste liefde was die boerdery en dit is as plaasboer waar sy voortreflike eienskappe as mens die beste opgemerk word. Na die oorlog het hy sy aandag grootliks bepaal by die ophou van sy verwoeste plase en sy veestapel. Hierin het hy groot sukses behaal en spoedig het hy 'n gesiene skaapboer geword. Hy het ook met grond gespekuleer en op die manier 'n goeie besigheidsin ontwikkel. Teenoor dr. Engelenburg het hyself erken:

„Hulle mag my 'n krygsman of 'n staatsman noem; in werklikheid is ek 'n boer en niks anders as 'n boer nie." 57)

Die boerderybedryf van die hele Transvaal het hom na aan die hart gelê. Op 4 Januarie 1904 reeds al skryf hy bv. aan ene Buytendorp in Holland dat hy sestig stuks vee van Nederland ingevoer het vir aanteel- en verbeteringsdoeleindes in die kuddes van die Transvaalse boere. Dié beeste, het hy later geskryf, doen uitstekend goed in Suid-Afrika, maar skape en perde was nog skaars.[58] Op 18 Oktober 1905 het Botha per brief aan dr. Leyds gevra om besonderhede te kry omtrent die Ramboillet-skape van die stoetplaas van die Franse Regering. Hy sou graag drie ramme wil invoer aangesien dié stoetery die Transvaalse skaapboerdery voor die oorlog veel gebaat het en die skape hier goed beantwoord. Die

Australiese/...

---

55) The Friend, 17 en 24.3.1910.
56) De Volkstem, 12.5.1910.
57) Engelenburg, a.w. pp. 109-113.
58) L.A. 262(1) 4.1.1904; 20.2.1904.

Australiese skape, het hy geskryf, word slegs deur die Engelse ingevoer ter wille van die gunstige handelsbelang van 'n Engelse Kolonie.[59] +

Tydens sy besoek aan Engeland in Augustus-September 1909* het Botha ook na Parys gegaan en daarvandaan na Ramboillet waar hy drie stoetramme aangeskaf het, twee vir die Transvaalse Landboudepartement en een vir homself. Aan pres. Steyn skryf hyself soos volg oor die besigheid:

„Ik had een tamelyke geluk; de Directeur vroeg my om in de stal te gaan en 3 rammen uit te zoek, en toen hy weer inkwam was ik klaar. Maar, zeg hy, twee van de 3 rammen is de eenigste studrammen en ook de eenigste twee onder 150 die niet te verkopen zyn, en ik kon amper vir myzelf op de ou Afrikaansche manier applaudiceer om te zeg: Hotnot!"

In Friesland het hy ook 25 aanteelbeeste gekoop - 19 vir die Transvaalse regeringstoetery en die res vir hom en Smuts.[60]

Landbou-onderwys en wetenskaplike Navorsing:

Genl. Botha het 'n progressiewe kyk op boerdery-aangeleenthede gehad; dit het hom gevolglik nie moeilik geval nie om in te sien dat die Suid-Afrikaanse boerderywese 'n nuwe fase in sy ontwikkeling ingegaan het en dat die vooruitgang in die toekoms grootliks afhanklik sal wees van die toepassing van wetenskaplike kennis en moderne metodes in landboukundige beoefening. Die opvoedkundige element was veral nodig in die suiwelbedryf, veeteelt, besproeiing, kwekerye en die klassifikasie van boerderyprodukte.

Die werksaamhede wat deur Milner op die Potchefstroomse proefplaas begin is asook op die veestoetplase op Ermelo en Standerton en die tabakbewerking op Tzaneen het die Departement Lanbou onder genl. Botha voortgesit. Hy het verder gegaan: hy het 'n aantal jong boere uitgesoek en hulle na Kanada en Amerika gestuur om kennis op te doen in nuwe boerderymetodes. Op die wyse het hy 'n begin gemaak met die opleiding van 'n groep jong progressiewe boere wat die idees van die nuwe wêreld in Transvaal ingebring het.[61]

Van die konferensie van die Transvaalse Lanbou-unie in September/...

---

59) L.A. 262 (1) 18.10.1905.
60) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/5; 12.9.1909.
61) Spender, a.w. p. 193

+ Vroeg in 1906 het Leyds aan Botha geskryf dat die ramme aangestuur word. Botha het hom bedank en gesê hy is benuud om die vee te sien; sy boerdery vorder goed. Teen die einde van die jaar het Botha geskryf dat die ramme „en die blesbulletjie" goed by hom aangekom het. (L.A. 345(3) 25.1.1906; L.A. 348, 14.12.1906).

* Botha was toe een van die afgevaardigdes om die Konsep-Suid-Afrika-Wet aan die Britse parlement voor te lê.

September 1908 het die versoek gekom dat meer landbou-opvoeding in skole ingevoer moet word. Die Botha-regering het beloof om aandag hieraan te gee. By wyse van resolusie is vervolgens die volgende besluit aan die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur: Dat voorsiening gemaak moet word vir die onderrig van die beginsels van elementêre landbou in die plattelandse skole op so 'n wyse dat leerlinge gesonde kennis kan inwin omtrent die soort boerdery in hulle eie omgewing en dat die onderrig van landbouwetenskap ingesluit sal word in die kurrikulum in hoër regeringskole.[61(a)]

Soos reeds genoem het die Regering in 1909 in samewerking met die proefplaas op Potchefstroom ook 'n landbouskool daar geopen waar 'n tweejarige kursus in die onderskeie boerdery-vertakkinge aangebied is. In 1910 is wetgewing aangeneem vir die oprigting van die Transvaalse Landboukollege in Pretoria mits die stadsraad die terrein daarvoor sou skenk. In dié kollege sou eksamens afgelê en sertifikate toegeken word in landboukundige en veeartsenykundige vakke.[62)] *

Weens die knou wat die boere se veestapels telkens moes ondervind as gevolg van die heersende veesiektes soos perde-siekte, bloutong, galsiekte, ens. was dit veral die veeartsenykundige laboratorium op Onderstepoort wat vir die Transvaalse Regering van groot betekenis was. Uitbreidings is aangebring en op 1 Oktober 1908 is die nuwe geboue in gebruik geneem.[63)] Hier was dr. Arnold Theiler die groot pionier wat 'n weg ingeslaan het wat gevolg is deur die hele Suid-Afrikaanse veeartsenykorps. Deur sy toedoen was daar die laaste jaar of twee 'n merkbare en selfs merkwaardige verbetering in die verskillende maniere om veesiektes te bekamp.

Dr. Theiler het besef dat die voorkoming van die aansteek-like veepeste met sukses bestry kan word alleen as al die state van Afrika saamwerk. Derhalwe is 'n <u>Pan-Afrikaanse Kongres van Veeartse</u> in die eerste helfte van Januarie 1909 in/...

61(a) Kol. sekr. 804, no. 12871.
62) Coetzee, J.Chr., a.w. pp.118-119; De Volkstem 22.4.1910.
63) Ibid, p. 119
* Die Pretoriase Stadsraad het dadelik eenparig besluit om ± 2,000 morg in Groenkloof grensende aan die Johannesburg-Pretoria-spoorweg en rondom Klapperkop, aan die Regering te skenk vir 'n Landboukollege. Die probleem was of dit geskik was vir hierdie doel.
Oor hierdie voorneme van die Regering het daar groot ontevredenheid in Potchefstroom geheers. Plaaslike verteenwoordigers van Het Volk het te kenne gegee dat hulle op die volgende Kongres van hierdie organisasie beswaar daarteen gaan aanteken. Botha en sy departement se argument was dat die Landboukollege in die nabyheid van dr. Theiler se navorsingslaboratoriums moet wees. (The Star, 25.2.1910 en 19.3.1910).

in Pretoria gehou, en hier het dit geblyk hoeveel die sub-kontinent te danke gehad het aan die Transvaalse geleerde wie se briljante laboratoriumwerk so epogmakend was in die geskiedenis van navorsing.

Die veesiektes van Suidelike Afrika, het dr. Theiler meegedeel, word in drie groot groepe verdeel: eerstens was daar dié wat veroorsaak is deur protozoa wat in die bloed van vee voorkom en geleidelik die rooi bloedliggaampies vernietig. In hierdie groep val al die vlieg-siektes soos o.a. dié wat deur die tsetsevlieg veroorsaak word; in die tweede groep word die rooi bloedliggaampies wat lewe-beskermend is vernietig deur eenselligé diertjies; hierdie groep word op sy beurt in twee klasse verdeel: (a) dié wat insluit gal-koors en rooiwater en (b) ooskuskoors en galsiekte. Die derde groep veesiektes word veroorsaak deur mikro-organismes wat nie eers deur die mikroskoop blootgelê kan word nie. Dit is parasiete wat perdesiekte, bloutong en hartwater veroorsaak.

Die vorige jaar al het dr. Theiler entstowwe berei wat met aansienlike sukses as voorbehoedmiddels teen perdesiekte en bloutong ingespuit kon word. Teen ooskuskoors kon geen middel ingespuit word nie. Die enigste oplossing was dat die Regering die besmette gebiede moet isoleer, bosluise moet vernietig deur verpligte dippery en plaasgrense te bewaak.

Hierdie veeartskongres was inderdaad 'n groot sukses en sou positiewe resultate lewer betreffende die beskerming van kuddes teen veesiektes.[64]

Ná die Unifikasie in Mei 1910 het die landbou-onderwys as onderdeel van hoër onderwys onder F.S. Malan as uniale Minister van Onderwys gesorteer. Toe het daar al vyf Land-boukolleges bestaan: Elsenburg (Westelike Provinsie), Grootfontein (Oostelike Provinsie), Tweespruit (O.V.S.), Potchefstroom (Transvaal) en Cedara (Natal). Hier is praktiese boere opgelei en op die Universiteitskollege die eksperte en spesialiste. Aldus is tegniese en wetenskaplike kennis onder die boere van Suid-Afrika versprei.[65]

Die Bestryding van Ooskuskoors - Transvaalse Beleid word Uniaal toegepas:

Onder die Kroonkoloniebestuur het die Direkteur van Landbou, F.B.Smith en sy departement uiters streng maatreëls getref om die ooskuskoors-epidemie onder die Transvaalse beeskuddes te bekamp.

Ordonansies/...

---

64) De Volkstem, 12.1.1909; The Bloemfontein Post, 16.1.1909.
65) The South African News, 31.10.1910.

Ordonansies is uitgevaardig waardeur besmette streke onder streng kwarantyn geplaas is, vee moes op 'n spesiale manier gebrand wees, plase moes omhein word en permitte verkry word vir die aanjaag of vervoer van beeste. Duisende beeste wat onderhewig was aan die siekte is doodgeskiet.[66]

Baie boere was bitter ontevrede oor die onverbiddelike streng wyse waarop die wet toegepas is en ook die magistrate in sommige distrikte wat moes toesien dat geen nalatigheid of oortreding voorkom in die uitvoering van die wet nie, het gekla oor die beslommernisse wat veroorsaak is deur die kwarantynmaatreëls.[67] Die owerheid het egter voet by stuk gehou en met die bewindsoorname deur genl. Botha en sy ministerie kon Nicholson, die sekretaris van die Landbou-unie, verklaar dat die pes heeltemal onder beheer is.[68] In die aangrensende kolonie, Natal, het die siekte egter nog algemeen voorgekom. In die staatskoerant van 9 Januarie 1907 is derhalwe aangekondig dat die invoer van vee daarvandaan verbode is en dat oortreders met £50 beboet of tot 6 maande gevangenisstraf veroordeel sal word.[69] Al hierdie maatreëls is deur Botha as Minister van Landbou gehandhaaf ten spyte van ernstige besware van die konserwatiewe boere wat onwillig was om hulle plase te omhein en die ander beheerregulasies as te drukkend beskou het.

Drie wette is deur die Botha-regering deurgevoer met die doel om ooskuskoors finaal onder die knie te kry. In 1907 is die Wetsontwerp insake wysiging van die Veesiekte-(Ooskuskoors)Wet (Wet no. 17 van 1907) en in 1908 die Veesiekte Wysigingswetsontwerp (Wet no. 10 van 1908) in die parlement voorgelê en goedgekeur. Sekere onreëlmatighede oor plase wat onder kwarantyn is en waarop boere lenings wou neem by die landbank is hierdeur uitgestryk. Die Veesiekte-ordonnansies van die vorige bestuur is gekoördineer en swaarder strawwe is bepaal vir persone wat die regulasies om die veesiektes te voorkom, oortree. In 1908 is ook die Omheiningswet (Wet no. 12 van 1908) deur die parlement geloods. Die wet het die grondeienaar in staat gestel om omheiningsmateriaal teen billike terme in die hande te kry om sy plaas af te kamp en te omhein en aldus te help om die bosluispes (ooskuskoors) en ander/...

---

66) T.K. 21 p.3 Ordon. no.15 van 1904; Ordon. no.38 van 1904
67) De Volkstem, 25.8.1906.
68) The Star, 15.4.1907.
69) T.K. 19, p.54, en p.402.

en ander besmetlike veesiektes te bestry.[70]

'n Ernstige toestand het op die Transvaalse oosgrens ontstaan toe die ooskuskoors in Maart 1908 in Natal totaal handuit geruk het. Die Natalse Regering het so ver gegaan om selfs finansiële steun van sy buurstate te verwag (£30,000 van Kaapland, £20,000 van die Vrystaat en £10,000 van Basoetoland) om die siekte die hoof te bied en te voorkom dat dit na dié state toe versprei. Vanselfsprekend het hulle nie op Natal se versoek gereageer nie; F.S. Malan, die Kaapse Minister van Landbou, het dit as "an astonishing request" bestempel. Al raad wat hulle aan Natal gegee het, was: beter omheining![71]

Aan sy noordwestelike grens het Natal goed saamgewerk met Transvaal; op die helfte-helfte-basis het die twee Kolonies draad gespan en dit laat patrolleer. Namens sy regering het Frederich Moor die versekering gegee dat die Natalse Departement Landbou hulle plig nougeset sal nakom.[72] Maar hierdie plaag het geblyk een te veel te wees vir die Natalse administrasie; dwarsdeur 1909 het dit voortgewoed en die Kolonie se horingvee in een jaar met 298,000 stuks uitgedun. Die vrees in Kaapland en die Vrystaat dat die siekte oor die grens kan kom, het toegeneem.[73] Die saak is aan "advisory Boards" oorgelaat "who are pulling ,hot en haar'," het Merriman spottend aan Botha geskryf en lg. gevra of Transvaal nie "a really experienced veterinary officer" na Natal kan stuur nie. "Unless we put some common pressure on Natal the case seems pretty hopeless."[74] Botha het ingewillig en in Maart het hy ene C.E. Grey na Pietermaritzburg gestuur om die Natallers advies te gee. Moor was tevrede.[75]

Toe die somermaande aanbreek, was die posisie eens so erg en Natal het 'n bron van bedreiging vir die ander Kolonies se beeskuddes geword. Wrywing het selfs ontstaan tussen die Ministers van Landbou van Natal en Kaapland toe die pes die Kaapse oostelike grens nader. Moor het Smuts en Merriman, op hul pad terug van Engeland na Suid-Afrika, egter beloof om sy bes te doen om die ooskuskoors uit te wis.[76] Vir dae lank was die Natalse parlement in die hewigste debat gewikkel

omtrent/...

---

70) Wette van Transvaal: Wet no. 17 van 1907; Wet no.10 van 1908; Wet no. 12 van 1908. Vgl. ook: Eerste Minister (Tvl) 24 en 25, no.18/27 1908. Ook T.K.25.pp.627-630.
71) Goewerneurskantoor (Bloemfontein) no.327, ?.3.1908;14.4.'08.
72) Eerste Minister (Natal) Brieweboek 122 pp.68, 146 en 369.
73) The Bloemfontein Post, 28.1.1909; The South African News 19.1.1909; The Natal Mercury 6.10.1909 en 4.12.1909.
74) Merriman Papers no. 112, ?.3.1909.
75) Ibid. no.131, 2.4.1909; nos. 134, 135, 136 en 137, 3.4.'09.
76) The South African News 9, 10 en 15.9.1909; Ons Land, 19 en 28.8.1909.

omtrent wetgewende voorsorgmaatreëls teen die veesiekte. Die eenvoudige dog streng en geslaagde regulasies van Transvaal nl. gereëlde dip, omheining, patrollering, kwarantyn, die doodskiet van vee waar die siekte te ernstig is, die ontsmetting van velle en die permitstelsel is op lakse wyse in Natal toegepas. 77)

Met die herfs en die vat van die winter in 1910 het die plaag uitgebrei na die Kaapkolonie en in Junie het dit ook weer kop uitgesteek in Waterberg, Transvaal.[78] Maar nou was Botha die Unie van Suid-Afrika se Minister van Landbou en in Augustus en November 1910 het hy aangekondig dat die volgende voorkomende en bestrydende maatreëls wat hy met sukses in Transvaal toegepas het, dwarsdeur die Unie van krag sal wees waar ooskuskoors voorkom:

(1) Die beperking van die beweging van vee, behalwe deur 'n permit, vir 'n tydperk van 6 maande.

(2) Verkeer deur naturelle en ander deur besmette plase word ontmoedig.

(3) Vee word ontruim van besmette gebiede totdat alle besmette bosluise daar dood is.

(4) Plase en lokasies word omhein.

(5) Alle vee moet gebrand word.

(6) Spekulasie met slagvee word afgeraai.

(7) Vrektes moet onmiddellik gerapporteer word.

(8) Beeste moet gedip word.

(9) Boere moet saamwerk.

(10) Die Departemente Justisie en Naturellesake sal saamwerk met die Departement Landbou om toe te sien dat bg. regulasies uitgevoer word.

(11) Swaar strawwe sal opgelê word op diegene wat die regulasies oortree. 79)

Die Bestryding van Sprinkane: In die lente van 1906 het sekere dele van Transvaal en Vrystaat ernstig te kampe gehad met die sprinkaanplaag.[80] Met die bestryding van hierdie plaag het dit egter baie beter gegaan as met ooskuskoors, bloot omdat die verskillende state - ook Mosambiek - saamgewerk het. In Transvaal was die Departement Landbou, afgesien van enkele gevalle van vooroordeel en bygeloof, verseker van die boere se heelhartige steun. 'n Entomoloog het oral in die dorpe geïllustreerde lesings aangebied en ook informasie ingewin.

In Augustus 1906 is 'n verteenwoordigende konferensie van die State/...

---

77) The Natal Mercury, 4.12.1909; The Natal Witness, 10 en 20.12.1909; The South African News, 3.12.1909.
78) The South African News, 2 en 9.4.1910; 3,8,14 en 17.6.1910
79) Ibid. 5.8.1910; 18.11.1910.
80) De Volkstem, 25.8.1906; The Rand Daily Mail, 5.11.1906.

die State van Suidelike Afrika oor sprinkaanbestryding in Pretoria belê. Transvaal was verteenwoordig deur A. Jameson (Kommissaris van Lande), F.B. Smith (Direkteur van Landbou) en C.B. Simpson (Regeringsentomoloog). 'n Sentrale buro, die "South African Central Locust Bureau", is hierna in die lewe geroep met die doel om rapporte op te stel, opdragte te gee en te sorg dat dit uitgevoer word, tabulerings te doen, ens. Die Buro sou in Pretoria gesetel wees. Die owerhede in Duits-Wes-Afrika, Mosambiek en Rhodesië het ook gekoöpereer.[81] In die eerste voetganger-seisoen die volgende jaar het Transvaal alleen £10,000 bygedra om die sprinkaanswerms uit te roei.[82] Met Natal het die Transvaalse Regering onder genl. Botha in verbinding getree met die oog op gemeenskaplike optrede.[83] In 1909 en 1910 het die Buro £4,000 bestee om sprinkane in die Kalahari te bestry. Swerms is ook langs die kus tussen Port Elizabeth en Oos-Londen vernietig.

Die werk van die Sprinkaanburo is sedert Mei 1910 deur die Unie-landboudepartement onder genl. Botha gesteun.[84]

Die Veldkornettewet, (Wet no. 34 van 1907) Vir die uitvoering van sy uitgebreide landboubeleid het die Botha-regering die addisionele dienste van veldkornette ingeroep. Voor die oorlog was die funksies van die veldkornet hoofsaaklik van militêre aard; maar onder die nuwe omstandighede was die bepalings van die ou republikeinse wet (Wet no. 2 van 1885) nie meer prakties nie; derhalwe is die nuwe wet in die parlement deurgeloods waardeur veldkornette nie meer verkies nie maar wel aangestel sal word vir drie jaar. Hiermee is nie alleen voorsien in 'n nasionale behoefte nie maar ook was dit die her-instelling van 'n nasionale tradisie, want oor die algemeen was die buitevolking vir ongeveer 100 jaar al gewoond aan die dienste van die veldkornet. Die plattelandse publiek het die Veldkornettewet hartlik verwelkom aangesien die administrasie van die land hierdeur in nouere aanraking met die buitebevolking gebring is.

Ingevolge die wet is veldkornette met o.a. die volgende funksies beklee:

(i) Hulle sal behulpsaam wees in die administrasie en uitvoering van die wet aangaande veesiektes.

(ii) Die veldkornet hou verslag van die toestand van openbare wee, die pos- en telegraafwese en waak oor die bewaring van omheining.

(iii)/...

---

81) Luit.-goew. 88, 96/11.
82) De Volkstem, 27.4.1907.
83) Eerste Minister (Natal): Brieweboek 121, p.683.
84) The South African News, 3.10.1910

(iii) Veldkornette waak oor die handhawing van rus en vrede.

(iv) Nuwe wette en plakkate van die owerheid word deur hulle aan die bevolking bekend gestel en hulle sorg vir die uitvoering daarvan.

(v) Hulle sorg vir die registrasie van geboortes en sterfgevalle en hou lykskouings.

(vi) Hulle waak teen slawerny, tree op in geskille tussen heer en diensbode, stel voorlopige ondersoek in by gepleegde misdade en stel 'n verslag op vir die landdros.

(vii) Die veldkornet moes 'n lys aanhou van die inwoners van sy wyk en van alle diensplichtige burgers en verslag hou van persone wat verhuis. 85)

Teen die begin van 1908 was daar reeds 75 veldkornette op die platteland aangestel en die Regering was in sy skik met die herverskyning van die burgerlike element in die amptelike wêreld. 86)

Die Proteksie-beweging in Transvaal - Botha en Smuts se Veldtog daarteen - Vrees Vyandskap van Buurkolonies:

Die besonder moelike tye wat die landboubedryf in Transvaal sedert die oorlog deurgemaak het, die beperkte mark en die algemene skaarste aan geld, arbeid en werkgeleentheid, het meegebring dat die kwessie van beskermende regte van die Transvaalse produkte teen dié van die buurkolonies teen die einde van 1907 'n netelige saak geword het. Vir die politieke leiers het dit 'n moeilike situasie geskep: Transvaal was nog lid van die Tolverbond en saam met die Oranjerivierkolonie medeeienaar van die Central South African Railways; boonop het die vraagstuk van nouere Staatkundige eenheid steeds aktueler geword - veral na die eleksies in die Vrystaat en die Kaapkolonie aan die einde van 1907 en die begin 1908 respektiewelik.

Die politieke verwikkelinge in Transvaal gedurende die vorige twee jaar het klaarblyklik die sterk gevoel ten gunste van beskerming van die Kolonie se produkte tydelik in die skadu gestel want die vraagstuk was in 1905 al ter sprake. Op 19 en 20 April 1905 naamlik, het daar een van die grootste vergaderings onder beskerming van die Transvaalse Landbou-unie te Potchefstroom plaasgevind, en die besluite wat daar geneem is, het die sekretaris, mnr. T.G. Nicholson gesê, was die sienswyse van nagenoeg al die boere in Transvaal. Hy is opgedra om die volgende onder die aandag van die Hoë Kommissaris te bring:

(i)/...

---

85) Wette van Transvaal: Wet no. 34 van 1907; De Volkstem, 10.8.1907.
86) The Star, 16.1.1908.

(i) Die invoer van landbouprodukte van ander Kolonies het 'n skadelike uitwerking op die plaaslike bedryf.

(ii) Die heersende markpryse is van so 'n aard dat dit feintlik onmoontlik is vir lokale boere om produkte teen 'n profyt te lewer.

(iii) Dit is die begeerte van die boere dat 'n vorm van proteksie verskaf moet word in dié kritiekste jare van hulle bestaan sodat hulle op hulle eie markte met sukses kan meeding met die buite-produsent.

(iv) Hulle stel voor dat die spoortariewe van die C.S.A.R. van stasie tot stasie op alle plaaslike produkte wat in groot hoeveelhede aangebied word, verlaag word, sodat die koste waarteen sodanige produkte op die mark geplaas word laer kan wees.

(v) Hierdie tariefvermindering moet ook geldig wees vir die vervoer van kunsmis, landboumasjinerie, veevoer en omheiningsmateriaal - m.a.w. op benodigdhede wat nie plaaslik vervaardig kan word nie. 87)

Op 19 Mei 1905 het R.H. Brand, die sekretaris van die Interkoloniale Raad wat beheer gehad het oor die C.S.A.R., Nicholson geantwoord dat dié versoeke strydig is met die beginsels van die Raad en met die beleid van die C.S.A.R.-administrasie. Daar het gevolglik niks van tereg gekom nie.[88])

Die konstitusionele verwikkelinge in 1906, die verkiesingsveldtog, die verkiesing self en die verrigtinge van die parlement tot in Augustus 1907, het die proteksie-beweging tydelik oorheers. Hierna het dit weer opgevlam en in Pretoria is selfs 'n sg. beskermingsvereniging, „Het Transvaalse Proteksie Verbond" in die lewe geroep met ene F.P. van Deventer as voorsitter en ander lede onder wie komdt. D.J. Liebenberg, B.A. Meintjes, R. Lilienfeld, T.D. Moodie, H.R. Abercrombie, e.a. 'n Brosjure, met die titel: W a t V e r k i e s t G i j ? V e r h o n g e r i n g o f B l o e i e n d e I n d u s t r i ë n is gedruk en versprei. Onder die ou Transvaalse leuse: „Een dracht maakt Macht" is persone van alle politieke partye uitgenooi om by die vereniging aan te sluit. Hulle doel was o.a. (net soos die boere in 1905 te Potchefstroom besluit het):

„Om door middel van taksasie op produkten van overzee en fabrikaten, een gelijk mijl-tarief over de spoorwegen of anderszins, redelike bescherming te verkrijgen voor produkten of fabrikaten welke in Transvaal kunnen worden geproduceerd of vervaardigd.

„Het gebruik en verbruik van alle lokale produkten en fabriekaten zoveel mogelik aan te moedigen, door alleen produkten in Transvaal verbouwd en hier vervaardigde artikelen te gebruiken en anderen te bewegen hetzelfde te doen."

Daar/...

---

87) Luit.-goew. 37, 42/3.
88) Ibid.

Daar sou 'n „Uitvoerend Komité, bestaande uit Zeven Leden" wees wat gekies sal word „op Algemene Vergaderingen van afgevaardigden val alle takken van het Verbond." Daar sou 'n voorsitter, sekretaris en tesourier wees. Die „generale publiek" is versoek om aan te sluit want

„wij kunnen niet toestaan uit sentimentele redenen, dat enige naburige Kolonie ons zal werpen van onze eigen Markten..."

Die „generale publiek" is ook gewaarsku teen

„de verschrikking van Federasie welke ons wordt voorgehouden en de uitroep niet te hard op de Kust Kolonies te zijn..."89)

Die pers van die buurkolonies het onmiddellik skerp gereageer teen hierdie beweging in Transvaal: as Transvaal daartoe sou oorgaan om 'n tariefmuur om hom te trek, sou dit 'n bewys wees dat sy politieke leiers se verkondiginge oor unifikasie en federasie vals is; die een staat sal teenoor die ander te staan kom in 'n voortdurende stryd ter wille van die enge beginsels van eiebelang en kolonialisme. In elk geval sou dit vir die binnelandse state wat sonder hawens is noodlottig wees: kapitaal en besighede sal na die kuskolonies oorgaan; die boeregemeenskap op die platteland (hoofsaaklik Afrikaanssprekend) sal in 'n skerper kontras staan teenoor die industriële bevolking (hoofsaaklik Engelssprekend) in die dorpe en stede; Suid-Afrika sal meer verbrokkel wees in klein groepe en gebiede wat op selfsugtige en jaloerse wyse hulle beperkte lokale markte wil beskerm.90)

Skimpend het die "Natal Mercury" geskryf oor hierdie proteksie-beweging onder die Transvaalse "back-country Boer" en dat Botha beter sou kon staat maak op die Progressiewe as op die "reactionaries of the veld."

"If Genl. Botha has the courage to break with the Boer reactionaries and co-operate with all who are moderate and reasonable on the Progressive side, the political outlook in South Africa will greatly brightened."91)

Die Transvaalse Regering, en by name genls. Botha en Smuts, het die hele Transvaal deurreis en toesprake gehou teen hierdie gevaarlike beweging onder hulle eie plattelandse ondersteuners. Hulle het dit bestempel as 'n nadelige beweging vir Transvaal se uiteindelike welvaart en as 'n openbaring van vyandige gesindheid teen die res van Suid-Afrika wie se eenheid

hulle/..

---

89) Brosjure: „Wat Verkiest Gij? Verhongering of Bloeiende Industriën" (Het Transvaalse Proteksie Verbond).
90) The Friend, 19.10.1907; 16.12.1907; 3.3.1908; 4.4.1908. The Natal Mercury, 7 en 22.11.1907; 13.12.1907.
91) The Natal Mercury, 19.3.1908.

hulle nastreef; dit veroorsaak verdeeldheid tussen Transvaal en die ander Kolonies en onder die Transvaalse volk self. Hulle het daarop gewys dat so 'n beleid Transvaal self duur te staan sal kom: die Kolonie kan nog nie voldoende produseer om selfonderhoudend te wees nie; derhalwe moet sekere produkte ingevoer word; verder sou 'n reeks van tolhuise op die Transvaalse grense duur wees en smokkelary aanmoedig. En sou Transvaal genoeg produseer vir eie gebruik, waarheen sal hy, vir geval 'n beleid van beskerming gevolg word, die res uitvoer? Die leuse moet dus wees: vryhandel tussen die Suid-Afrikaanse Kolonies; Suid-Afrika moet as een geheel beskou word wat sy doenanestelsel betref. Die tolhuise moet dus aan die kus opgerig word.[92]

Pres. Steyn was vir al die Boere die simbool van hulle Afrikanerskap en sy invloed onder hulle was baie sterk. Dit het sowel Botha as Smuts goed geweet en hulle het gevrees dat die president sy gewig by daardie Boere sal gooi wat die binnelandse state van die kuskolonies deur 'n tariefmuur wil afsonder. Hulle was ook bewus daarvan dat Steyn glad nie gediend was met hulle onvoorwaardelike konsiliasiebeleid ten opsigte van die Engelse nie. Daarom het albei die generaals hulle gehaas om aan Steyn te verduidelik watter groot gevaar die proteksiebeweging vir die Afrikanervolk inhou en hoe dit uiteindelike staatkundige eenheid (waarvan hy 'n groot voorstander was) sal verongeluk.

Smuts was baie ernstig en bekommerd. Sy alles oorheersende passie: die praktiese verwesenliking van 'n staatkundig groot en verenigde Suid-Afrika, kon allesins 'n vergeefse droom blyk te wees as die gees van separatisme in Transvaal die oorhand sou kry. Dinge loop vinnig en gaan na 'n punt, skryf hy op 2 Februarie 1908 aan Steyn,

„en de punt is deze: òf een Vereenigd Zuid-Afrika òf een geïsoleerde Transvaal. Het eerste alternatief is niet populair, maar het is het hoogste en beste ideaal in onze politiek, waarvoor, volgens mijn zienswyze, de opofferinge van den oorlog grotendeels zyn gebracht. En daarvoor is het waard verder te vechten en op te offeren. Het alternatief van een klein ringmuur om Transvaal zal onder de bevolking seer populair zyn, maar met hard vechten is het misschien nog te overwinnen. Ik ben bang echter dat als met vereeniging gedraald worden, de Transvaal natuurlijkerwijze weer in de oude groeve zal raken - wat een noodlottig ding zou zijn èn voor Transvaal èn elk deel van Zuid-Afrika. Wij zijn bij de verdeeling der wegen en als de betere koers niet wordt ingeslagen, dan wordt de andere gekozen. Dat zal bitter en noodlottig zijn."

Op/...

---

92) De Volkstem, 7.2.1908, 17.3.1908; Ons Land, 10.3.1908; The South African News, 29.2.1908; 2 en 4.3.1908. Laurence: The Life of John X. Merriman. pp.260-261.

Op taktvolle wyse versoek Smuts hierna dat Steyn ook sy mening sal uitspreek en, indien moontlik, die Vrystaatse Boere wys op die gevaar wat daar in afskeiding skuil en hulle aanwakker vir die saak van Suid-Afrikaanse vereniging. Om die erns van die situasie te benadruk vervolg hy dan:

„Het zal een zwarte dag zijn in de geschiedenis van het Afrikaansche volk wanneer dit land gesloten wordt tegen de Kaapkolonie, om niet van de Oranjerivierkolonie te spreken, maar indien wij niet voorzichtig zijn, komt die dag. Misschien kan u ook by een of ander publieke gelegenheid zekere groote en nooit te vergeten dingen op het gemoed van ons volk drukken. Zy zullen naar u luisteren, meer dan naar anderen."93)

Twee weke later het genl. Botha 'n lang brief aan Steyn gerig waarin hy eweneens die president vra om sy invloed te gebruik en die mense af te raai om hulle steun aan die proteksionisme te verleen. Hy wyt die ontstaan van die beweging aan persone wat teleurgestel is (blykbaar in die politieke beleid van die Regering - skr.) en nou teen die Regering agiteer en allerlei stokke gebruik om hom mee te slaan. Verontwaardiglik, maar tog nie sonder 'n bedekte doel nie, vra hy die retoriese vraag: Hoe kan die Transvalers hulle grense teen die Vrystaters sluit terwyl lg. hulle huise, vee en selfs hulle vroue, kinders en die lewens opgeoffer het ter wille van Transvaal? En het die Kaapse mense tevergeefs ook hulle bloed vir Transvaal gestort of aan die galg gesterf of in honderde in die tronke gesit - ook die Natallers? Vir vyf jaar het diegene wat tariefbeskerming eis, stilgesit. Noudat daar simpatieke Afrikaner-regerings in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie aan bewind is, wil hulle hê Transvaal moet oorlog verklaar teen die ander. „Ek vra alleen dat u alles deeglik ondersoek, voordat u die volk aanraai om proteksie te gaan inneem, wat moontlik kan lei tot die diepste ellende en die grootste moeilikheid vir die land self", skryf hy aan Steyn, en vervolg: „... Die rede waarom ek u ernstig op al die gevare wys, is alleen met die doel om dit te doen wat reg is vir die ou bevolking vir wie se lojaliteit en liefde ek vir niemand terug staan nie." Daar is reeds aanduidings dat die plaaslike produksie van tabak, mielies, steenkool, vrugte en wol binnekort te groot sal wees vir konsumpsie in Transvaal. Proteksie sal beteken dat uitvoer vir goed doodgedruk sal wees. Ten slotte wil hy waak teen 'n beleid wat die dorpsbevolking sal opsweep teen die distriksbevolking en omgekeerd, wat daartoe kan lei dat die buitebevolking se verteenwoordiging afneem en

daardeur/...

---

93) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 2.2.1908. (Skrywer Kursiveer).

daardeur weer 'n onsimpatieke administrasie aan bewind van sake kom in Transvaal.[94]

Dr. Engelenburg, redakteur van „De Volkstem" was nie so begaan oor die invloed van Transvaal se „kleine groep luidruchtige ringmuurders" nie; trouens, in 'n sekere sin het hulle s.i. goeie werk gedoen:

„Wij laten onze ringmuurders 'n bietje hard razen, ten einde in de kustkolonies niet de indruk te laten post vatten dat de Transvalers een al te gemakkelike prooi van de kustkoloniale ambisies zullen worden".[95]

Intussen het pres. Steyn gereageer op die briewe wat hy uit Transvaal gekry het; hy het die proteksie-beweging gelaak,+ en in dankbare jubeltoon loof Botha hom om „de schoone idealen uit uwe pen." In „een kort briefje" sê hy

„dankie, ja banja dankie, ... dit heeft my goed gedoen in de mids van zooveel isolatie-agitasie, waar men voel om de wolf met een kleilat te gooi. Gelukkig dink ik wy zullen hen uitstoffen."[96]

Toe die Het Volk-kongres op 8 April 1908 open, het die Transvaalse Regering te staan gekom voor 'n sterk aandrang van die landboubevolking (veral van die Wes-Transvaalse distrikte soos Lichtenburg en Marico) om die plaaslike produk te beskerm deur 'n tariefmuur op die Kolonie se grense. 'n Breedvoerige diskussie het gevolg maar die Regering het die veldslag gewen toe die volgende taktvolle besluit opgestel en eenparig deur die Kongres aanvaar is:

„Die Hoofkomitee van Het Volk word opgedra om ernstig by die Regering aan te dring om by die aanstaande spoor- en tolkonferensie dit te bewerkstellig dat die Transvaalse burger die regmatige voordeel op die binnelandse mark sal ontvang waarop hy geregtig is vanweë die geografiese posisie van Transvaal."[97]

Hiermee het die beweging ten gunste van beskermende tariewe vir Transvaalse produksieware feitlik ten einde geloop want bg. weldeurdagte besluit het eintlik die menings van alle groepe in Transvaal behels, aangesien alle Transvalers, net soos alle Vrystaters, Kapenaars of Natallers, van huis uit proteksioniste was. Met hulle sterk optrede het die Transvaalse Proteksieverbond die Regering waaksaam gehou vir die dringende behoefte aan verdedigingsmiddele teen 'n alte gemaklike kompetisie van buite. Ook „De Volkstem" het erken dat die Verbond Suid-

Afrika/...

---

94) Ibid. 17.2.1908 (Skrywer kursiveer).
95) Ibid. 10.3.1908.
96) Ibid. 25.2.1908.
97) De Volkstem, 14.4.1908.
+ Verontwaardiglik het pres. Steyn by een geleentheid gesê „As Transvaal bereid was om in die verlede die goed en bloed van die Vrystaat te aanvaar het hy geen reg om nou sy markte teen die Vrystaat se pampoene te sluit nie." (Walker: Lord de Villiers and his Times, p.430).

Afrika daarop gewys het dat die eenheid van belang nie gelykluidend mag word met verontagsaming of opoffering van plaaslike belange nie.[98]

Hierdie parogiale standpunt sou een van die moeilike struikelblokke wees waarmee die Nasionale Konvensie ses maande later te kampe sou hê.

„In any scheme of federation Transvaal is bound to be an important factor, but a selfish policy of this sort may have the effect of debarring them from an inter-colonial union such as that proposed at present,"

het die "Natal Witness" betekenisvol gewaarsku.[98a]

Gedeeltelike Kwytskelding van Repatriasieskulde: Die mate van wrywing wat daar in die eerste maande van 1908 tussen die Regering en die plattelandse bevolking bestaan het as gevolg van e.g. se weiering om die boere se produkte teen mededinging van buite te beskerm, is grootliks oorkom toe die Regering in Augustus van dieselfde jaar gelas het dat die landbougemeenskap van sekere repatriasieskulde kwytgeskel word. Reeds die vorige jaar het die Regering 'n kommissie onder voorsitterskap van R.K. Loveday benoem om die saak te ondersoek. Blykens die kommissie se opgawe was daar nog £2,182,738 uitstaande. 'n Aantal aanbevelinge is gedoen wat daarop neergekom het dat amper die helfte van bg. bedrag afgeskryf is aangesien dit die bevinding was dat pryse vir vee, veral trekdiere, gans te hoog was en dat baie daarvan onderhewig was (en gevrek het) aan pes. Ander toegewings is voorgestel betreffende die vereffening van rente en kapitaal.[99]

Hoewel Het Volk-ondersteuners in die parlement dit betreur het dat die kommissie nie ruimer toegewings aanbeveel het nie, is die voorstelle goedgekeur.[100]

Hiermee was die repatriasie-affêre afgehandel. Teen die einde van 1909 was daar nog geringe agterstallige rente wat deur die toekomstige Unie-regering ingevorder sou word.[101]

Die Besproeiingswet: Wet no. 27 van 1908. Die Minister van Lande, J.F.B. Rissik, het in Julie 1908 sy Irrigasie-wetsontwerp ter goedkeuring aan die parlement voorgelê. Die ontwerp is, na geringe amendamente in die komiteestadium, goedgekeur. Wet no. 27 van 1908 het die kontrole van waterverbruik beoog. Derhalwe is voorsiening gemaak vir Rivierkommissies en Waterhowe, en is die bepalings omskryf vir die gebruik van private

en/...

---

98) Ibid.
98a) The Natal Witness, 13.4.1908.
99) T.G. 32 (1908) p. 40.
100) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908, pp. 2336-2368
101) De Volkstem, 6.8.1909.

en publieke water. Die belange van grondeienaars aan rivieroewers kon deur die Rivierkommissies behartig word sodat die inmenging van regeringskant so-te-sê uitgeskakel is, terwyl die Waterhowe 'n waarborg kon wees teen die willekeurige handelinge van die Rivierkommies. Waterdisputo tussen boere en die kommissies en tussen boere onderling kon aldus teen 'n geringer koste besleg word. Ook het die Wet die voorwaardes neergelê waarvolgens lenings en subsidies toegeken mag word aan rivierrade of individuele persone vir opgaardamme en ander besproeiingswerke.[102]

Soos geblyk het uit die debat wat oor die ontwerp gevoer is,[103] het die Irrigasiewet voorsien in 'n groot behoefte van die landelike bevolking.

Vroeg in Mei 1910 is 'n groot Besproeiingskongres te Potchefstroom gehou. Baie boere en verteenwoordigers van die verskillende Kolonies was teenwoordig; vrugbare samesprekings is gevoer en die vorming van 'n Suid-Afrikaanse Besproeiingsvereniging is bepleit. Eindelik is 'n Beherende Liggaam vir Besproeiing saamgestel bestaande uit 'n verteenwoordiger van elke Kolonie, nl. dr. T. Smartt (voorsitter) en C. Southey (Kaapkolonie); E.W. Evans (Natal); C. Wessels (O.V.S.); A.G. Robertson (Transvaal). Ook Rhodesië is genooi om aan te sluit.[104]

Algemene Vooruitgang in die Boerderybedryf: Die Minister van Landbou, genl. Botha, en sy wakker Landboudepartement kon na 'n jaar van werksaamhede die goeie vrugte sien van hulle toegewyde arbeid. In sy jaarverslag van 1 Julie 1907 - 30 Junie 1908 kon die Direkteur van Landbou melding maak van algemene verbetering en vordering. Boere was hier en daar nog bevooroordeeld teen die nuwe boerderymetodes, dog gaandeweg het daar verandering ingetree. Al meer het hulle die nut van wetenskaplike boerdery besef; die verskillende departementele afdelings in die plantkunde, bosbou, tuinbou, entomologie ens. het die boere van raad bedien en lg. het op hulle beurt geleidelik meer inligting versoek en gebruik gemaak van die regeringsfasiliteite op die proef- en stoetplase om hulle boerdery te bevorder. 'n Beter gehalte tabak is gekweek, die mielie-oes was groter, duisende vrugtebome sou binne 'n jaar aan boere verskaf kon word, suiwelboerdery het geleidelik meer byval gevind en deur kruisteelt is beter melkkuddes opgebou. Die veeartsenyafdeling/..

---

102) Wette van Transvaal (1908): Wet no 27 van 1908; Eerste Minister (Tvl) 24, no.18/6, 1908

103) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908, pp.1595-1619.

104) The Star, 4,5,6, en 14.5.1910.

veeartsenyafdeling het met groot sukses die verskillende veesiektes bekamp. Aan finansies het die departement reeds £23,105 bespaar vanweë sy geslaagde veldtog om die boere bewus te maak van die voordele van samewerking en gesonde akkerbou- en veeteeltmetodes.

In die verskillende afdelings het die amptenare wat gereeld met die boere te doen kry, veral in die veeartsenyafdeling, Hollands aangeleer; aldus is die vervreemding wat vroeër gedurende die Milner-tydperk tussen boer en amptenaar ontstaan het, gaandeweg oorkom. 'n Aanbeveling is gedoen dat selfs naturelletale aangeleer moet word.[105]

Op die jaarkongresse van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (November 1908 te Bloemfontein, September 1909 in Durban en in November 1910 in Kaapstad) is in die toesprake melding gemaak van die merkwaardige vooruitgang in die beoefening van die agrariese en pastorale industrie. Skaapboerdery veral, maar ook graanverbouing, vrugtekwekery en wattle-aanplantings het groot vordering getoon. Daar was 'n begeerte om saam te werk en 'n erkenning van die voordele daarvan, terwyl wetenskaplike navorsing verwelkom is en die bevindinge daarvan toegepas is op 'n skaal wat vroeër ongekend was. Veestapels het verbeter, welproduksie het toegeneem en die ondernemingsgees van die landbouers in elke Kolonie was die hoopvolste teken van die tyd. Aan beter tegniese instruksie en meer landbou-opvoeding was daar nogtans 'n groot behoefte.[106]

Transvaal neem die Leiding op die Gebied van Landbou-ontwikkeling:

Dit was veral in Transvaal waar die ontwikkeling van progressiewe boerdery betreklik gesproke, die skouspelagtigste was. As Minister van Landbou het Botha die onselfsugtige steun van Smuts gehad. Smuts se boodskap aan die boere was steeds: harder werk. In April 1907 het hy 'n besielende rede gevoer by die Klerkdorpse Landbouskou. Ondubbelsinniglik het hy verklaar dat die land uiteindelik groot sukses te wagte kan wees as elkeen skouer aan die wiel sit. Intelligente harde werk moet goeie vrugte afwerp. Van die Regering moet die boere nie te veel verwag nie; inteendeel, hulle moet self uitspring en eie inisiatief aan die dag lê.[107] Die armoede onder die landbougemeenskap, het hy verklaar, is te dikwels te wyte aan 'n onwilligheid van die boere/...

---

105) T.K.187, pp.1-36: Verslag van die Dept. Landbou 1907-1908.
106) The Star, 25 en 26.11.1908; 2.11.1910; The South African News, 27.11.1908; Ons Land, 9.9.1909. Kol. sekr. 1004, no. 21293.
107) The Transvaal Leader, 18.4.1907.

boere om harde werk te verrig en skertsend het hy bygevoeg dat 'n ou Boer eendag aan hom gesê het: Die fout met Transvaal is dat die grond te laag is -- 'n mens moet jou rug buig om te werk! [108] As Minister van Onderwys het hy ywerige pogings aangewend om aan die Transvaalse Universiteitskollege nie alleen die wetenskap en kuns te bevorder nie maar ook landbou-opleiding.[109]

Onder genl. Botha het die Departement Landbou die boere die beste diens bewys. Belangrike veeveilings is in 1907 en 1908 o.a. op die Potchefstroomse proefplaas en die Standertonse stoetplaas gehou waar die boere opreggeteelde aanteelvee kon aanskaf.[110]

'n Betroubare barometer vir die algemene toestand op landbougebied in Transvaal was die jaarlikse Landbouskou van die Witwatersrandse Landbouvereniging. In 1907 het die skou getoon dat die boerderybedryf reeds merkbaar gebaat het by die nuwere metodes wat Milner se progressiewe landbou-amptenare in Transvaal ingevoer en aan die boere bekendgestel het.[111] Die volgende tentoonstelling is in April 1908 gehou. Weer was dit opvallend watter verdienstelike vordering wetenskaplike boerdery intussen gemaak het. 'n Hoë standaard is bereik en dit was veral duidelik dat die industriële en kommersiële gemeenskap 'n simpatieker belangstelling begin toon het in die landbounywerheid. Die idee dat Johannesburg vyandig gesind was teen die boerderybelange het stadigaan plek gemaak vir die besef dat landbou en industrie van mekaar afhanklik is.[112]

In 1909 het die Witwatersrandse Landbouvereniging daarin geslaag om 'n manjifieke skou te organiseer. Die puik toestand van die vee was 'n toonbeeld van sorg en belangstelling van die kant van die boere. Alle verwagtings is oortref in soverre dit gehalte betref en groter getalle volbloedvee is tentoongestel.[113] Ook in 1910 het die tentoonstelling getuig van entoesiasme en ondernemingsgees. Inderdaad kon dit beskou word as 'n opvoedkundige prestasie; dit het getoon hoe die boere, die Landbou-unie en die landbouverenigings met mekaar in voeling is, en dié weer met die magistrate en veldkornette in die buitedistrikte. Oor die algemeen het die skoue steeds gedien om die boere onder die besef te bring

van/...

---

108) The Star, 18.4.1907.
109) Ibid. 12.12.1907.
110) Ibid. 17.12.1907; 1.12.1908.
111) The Transvaal Leader, 15.5.1907.
112) The Star, 30.4.1908.
113) Ibid. 19.4.1909.

van watter belang dit is om die lokale mark te bestudeer en vas te stel wat in aanvraag is en wat nie.[114]

F.B. Smith, die Direkteur van Transvaalse Landbou-departement, het ook aandag gegee aan die brandende kwessie van nouere staatkundige eenheid soos dit die boerdery raak. Vir hom was die landbou 'n nasionale bedryf en sekere ongewensthede daarin was juis grootliks toe te skryf aan:

(i) die swakheid en verwarring wat veroorsaak word deur die arbitrêre verdeling van die sub-kontinent in gebiede wat afhanklik is van mekaar en

(ii) die onmag om 'n ware begrip te kry van die pligte van die Staat teenoor die boere.

Die ongelukkige verdeling, het hy aangevoer, het reeds baie geld- en tydverkwisting veroorsaak. 'n Sentrale Departement van Landbou vir 'n uitgestrekte land soos Suid-Afrika kan doeltreffender en meer ekonomiese diens lewer. Onder die toesig van 'n sentrale parlement sal dit aangemoedig word om 'n ware nasionale beleid te volg. Dit sal vry wees van al die skadelike invloede van plaaslike politici en plaaslike vooroordele in administratiewe sake en dit sal geregtig wees om amptenare uit 'n wyer veld te werf met die ooreenkomstiglike geringer moontlikheid van nepotisme en „politieke aanstellings."

'n Enkele, sterk en progressiewe Departement Landbou se grootste voordeel sal daarin geleë wees dat daar eendragtig opgetree sal kan word teen die verskillende peste en plae wat die voorspoed van die boer so vertraag het. Daar was reeds bemoedigende tekens van koöperasie tussen die boere en die onderskeie landboudepartemente in die Kolonies, maar die afwesigheid van 'n gemeenskaplike beleid in die bekamping van ooskuskoors, brandsiekte, sprinkane, ens. het ware doeltreffende optrede bemoeilik. Die mislukte pogings in Natal om ooskuskoors te bestry het alte duidelik bewys watter bedreiging dit vir ander dele van die sub-kontinent was.

Gesien uit die oogpunt van die boer, was die argumente ten gunste van nouere staatkundige eenheid dus selfs sterker as die politieke en ekonomiese beweegredes, en dit het die Transvaalse Direkteur van Landbou op 'n bekwame en duidelike wyse aangetoon.[115]

Mielies en Wol - Nadruk op Gehalte vir Uitvoer: Die vooruitgang wat Transvaal op landbougebied ondervind het, was veral op te merk aan die groter produksie van mielies en wol/..

114) Ibid. 26.3.1910; 4.4.1910.
115) Ibid. 24.10.1908.

wol. Tydens 'n vergadering van die Transvaalse Landbou-unie in Januarie 1910 te Ermelo, kon mnr. A.G. Robertson in sy voorsittersrede melding maak dat die mielie-oes die seisoen dubbeld soveel as die vorige jaar sou wees. Vir die landbouers was die verbouing van mielies reeds 'n byna onberekenbare bron van welvaart. Die probleem was die gehalte van die graan. Twee jaar tevore, in Februarie 1908, is 'n konferensie te Pretoria gehou waarop die boere wat van vervoer van C.S.A.R. gebruik maak, verteenwoordig was. Hier is dit beklemtoon dat die grade van Suid-Afrikaanse mielies swak vergelyk met die van lande soos Argentinië. Boere is aangeraai om in geen opsig nalatig te wees in die verbouing, gradering en verpakking van die graan nie. Streng regulasies is in die verband opgestel, as ook vir die versending van mielies.[116] 'n Beroep is op die boere gedoen om streng eenvormigheid te handhaaf in die standaardisering van die mielieproduk en hulle nie skuldig te maak aan vals verklarings omtrent hulle ware nie.[117] Hierna kon die voorsitter van die Transvaalse Landbou-unie in 1910 melding maak daarvan dat die uitvoermielies van die Kolonie, anders as vroeëre jare, gunstig ontvang is op die buitelandse markte en dat Transvaal 'n goeie kans gehad het om op 'n bestendige afset te reken terwyl die boere van 10/6 tot 11/6 per sak kon verwag. In die jaar is mielies ter waarde van £693,415 uitgevoer teenoor £660,547 in 1909 - 'n toename van £31,868.[118]

Genl. Botha was 'n skaapboer by uitnemendheid. Toe hy in 1907 die Transvaalse Minister van Landbou word, kon hy hierdie gawe in diens stel van daardie streke in die Kolonie waar wolskaapboerdery uitstekend aard. Van die Kroonkoloniebestuur het sy departement 60 eersteklas ramme geërf wat van Australië ingevoer is en 35 van Frankryk en op die stoetplase te Ermelo en Standerton is van hulle gebruik onder twee troppe van 200 goeie ooie.[119] Botha het gesorg dat die skaapboere baat by hierdie stoetplase deur die ramme uit te leen of nakomelinge van die volbloedvee aan boere te verkoop.

In 1908 was die wolindustrie nog in sy beginstadium maar nogtans het dit as binnelandse nywerheid in betekenis toegeneem in die plek van die ingevoerde artikel, bv. komberse.[120] Na die skeerseisoen van 1908-09 was die opvallendste verskynsel die bemoedigende aanduiding dat die wolboere hulle intelligente aandag begin gee het aan die beste metodes om hulle produk op

die/..

---

116) The Friend 27.1.1908; 17.2.1908.
117) Ibid. 2, 10 en 12.8.1909.
118) De Volkstem, 25.1.1910; 10.2.1911.
119) The Rand Daily Mail, 17.10.1906.
120) The Star, 20.4.1908.

die mark te bring. Reeds was daar 6,500,000 lb. Suid-Afrikaanse wol meer uitgevoer as die vorige seisoen. In Transvaal alleen het die wolproduksie met 20% gestyg.[121]

In Maart 1909 is 'n groot Brandsiekte-kongres in Pretoria gehou en afgevaardigdes en veldkornette uit alle dele van Transvaal het dit bygewoon. Belangrike toesprake is gehou deur genl. Botha as Minister van Landbou en ook deur lord Selborne. Botha het onverbiddelik daarop aangedring dat die boere hulle streng bepaal by die regulasies vir die uitroeiing van die siekte; geen oortreding sal gedoog word nie en van die veldkornette is verwag om hulle plig in die verband getrou na te kom.[122]

In September 1909 het verteenwoordigers van die landbou-departemente uit Transvaal en Vrystaat saam met afgevaardigdes van die C.S.A.R. onder voorsitterskap van genl. C.R. de Wet, die Vrystaatse Minister van Landbou, te Bloemfontein gekonfereer oor die beste metodes van vervoer, oor spoorwegtariewe en uitvoerregulasies van wol. Om wolboere te verplig om netjieser en meer metodies te boer, is besluit dat wol wat deeglik gesorteer en verpak is teen 'n laer tarief op die C.S.A.R. vervoer sal word as andersins. Wol moet vry wees van die brandsiektemyt en brandsiekteluise en swaar strawwe sal opgelê word vir vals verklarings. Die regulasies sou op 1 Oktober 1909 in Transvaal en Vrystaat in werking tree.[123]

In sy voorgenoemde voorsittersrede op die byeenkoms van die Transvaalse Landbou-unie op Ermelo het mnr. A.G.Robertson met voldoening gewag gemaak van die gestadige verbetering in die gehalte van die wol, die behandeling daarvan en van die toename van beter tipe skape op die plase as gevolg van die verspreiding van stamboekvee deur die Regeringsplase en ook omdat gegoede boere self opreggeteelde skape ingevoer het. Hy was vol vertroue dat die skaapboerdery binne afsienbare tyd van groot belang sal wees as middel tot die vermeerdering van die nasionale welvaart.[124] Teenoor die £3,502,089 wat die woluitvoer in 1909 ingebring het, het die inkomste in 1910 gestyg tot £3,574,532 - 'n toename van £72,443.[125]

Lof aan genl. Botha en sy Landboudepartement: "Transvaalse Beleid sal Uniale Beleid word": In die drie jaar wat genl. Botha Minister van Landbou was in Transvaal het die boerdery in al sy vertakkinge/..

121) De Volkstem, 23.2.1909; 16.4.1909; The Star, 9.3.1909.
122) De Volkstem, 9.3.1909.
123) The Friend, 2, 17 en 18.9.1909.
124) De Volkstem, 25.1.1910.
125) Ibid. 10.2.1911.

takkinge sonder twyfel merkbare vooruitgang beleef, en weldra sou dit alte duidelik word dat die generaal 'n baie groter sukses gemaak het van sy landboubeleid as van sy konsiliasie-beleid. In die een geval het hy te doen gehad met 'n beroep waarvoor hy hartstogtelik lief was, wat hyself met entoesiasme beoefen het en waaraan hy geglo het as die belangrikste bedryf vir die opheffing van die Boervolk wat hy opreg liefgehad het. In die ander geval moes hy, wat veeleer praktiese boer was as politieke denker, hom moeg maak met 'n ideologiese kunsmatigheid terwyl 'n aanmatigende Engelse pers steeds wou voorskryf volgens watter resepte dit moet geskied. En Botha het hom die kritiek, anders as Smuts, juis so aangetrek.

In ieder geval, onder hom het die Departement Landbou veel nader aan die gevestigde bevolking gestaan. Nogtans het hy nie geskroom nie om dikwels onpopulêre maatreëls te tref; die vordering van die bedryf was vir hom van groter betekenis as persoonlike gewildheid. Die groot vryheid wat boere onder die Republikeinse bewind geniet het, het hy ingekort; hy het hulle nie bederf met voorkeurtariewe, maklike lenings of skenkings nie. In elke opsig moes die boer sy eie aandeel bydra en sy inisiatief aan die dag lê. In Oktober 1909 het sy departement so ver gekom om 'n landbou-nuusblad, De Boer, te registreer en weekliks te publiseer. Dit is as byvoegsel tot „De Volkstem" uitgegee en op dié wyse is nuttige kennis onder die boere versprei.[126] *

Buite Transvaal het genl. Botha groot lof ontvang vir sy progressiewe, wetenskaplike en moderne landbouprogram. Dit was duidelik dat hy nie net dinge sê nie maar ook die daad by die woord voeg, het "The Friend" geskryf. Hy het koöperasie bevorder en beurse toegeken; die jonger boere het inligting oorgedra na die ouer konserwatiewe landbouers. Deur skoue en kongresse is hulle ingelig omtrent die markte en bemarkingstelsels. Aan die boere is kennis versprei en raad verskaf deur eksperte. Te midde van dit alles het Botha steeds gestaan as die apostel van landbouvooruitgang. Van die natuurlike middele en finansiële bates wat Transvaal gehad het, het die departement deeglik gebruik gemaak.[127] Die vordering wat na enkele jare volgens hierdie program gemaak is, het die indruk dat Transvaal net op industriële terrein

groot/...

---

126) Kol. sekr. 924, no. 18518.
127) The Friend, 15.9.1908.
* Hierbenewens het daar reeds die „Landbouwjoernaal" bestaan met 'n sirkulasie van 8,000 Engelse en 2,000 Hollandse eksemplare (in 1907) (Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907. p.646.)

groot moontlikhede bied, duidelik die nek ingeslaan.[128]

Selfs in die droër dele van Wes-Transvaal het Botha se landboudepartement toegesien dat deur korrekte metodes droogland-boerdery moontlik is. Die boere het saamgewerk want hulle het hier die leiding gehad van die entoesiastiese kol. Heinrich du Toit van Lichtenburg vir wie hulle gerespekteer het as held van die Republikeinse staatsartillerie. Die boere is aangeraai om vir die beste oeste diep te ploeg, die grond doeglik te bewerk, die jong gesaaides gereeld te eg, onkruid te bestry en ook voghoudende braaklande aan te lê. Hulle is aangemoedig om vrugtebome in dié streke aan te plant.[129]

Allengs is dit in die ander Kolonies as vanselfsprekend aanvaar dat die werk wat die wakkere Departement Landbou in Transvaal verrig ook tot diens van die hele Suid-Afrika sal wees.

"It points the way to the other Colonies",

het "The Friend" geskryf en vervolg:

"With the advent of Union it may be taken for granted that the progressive methods of the Transvaal will be followed within the bounds of a United South Africa." 130)

Transvaal het die bewys gelewer wat die betekenis van wetenskaplike opleiding vir die boerdery is, en dat die dag toe gereken is dat die man wat nie vir iets anders deug nie maar kan gaan boer, tot die verlede behoort. Die boer wat sukses wil behaal, moet geestelik en verstandelik net so goed toegerus wees as die lid van enige ander professie. In Transvaal het die boere geleer dat die teoretiese aspek van boerdery hand aan hand gaan met die praktiese. Die knap hoofde van elke afdeling van die landboudepartement het toegesien dat die boere eerstehandse raad kry oor die verskillende aangeleenthede waarvan hulle nog nie op die hoogte van sake was nie, en openlik het "The Friend" erken -

"The Transvaal is setting an example which it would be well for the future of South Africa were the other Colonies to follow." 131)

Die merkwaardige uitbreiding wat die boerdery as sodanig en die Departement Landbou in die drie jaar onder die Botha-bewind ondervind het, blyk ten slotte uit die groeiende finansiële bedrae wat vir dié pos voorsiening gemaak is. In die onderskeie finansiële jare het die Minister van Landbou

sees/...

---

128) The South African News, 12, 15 en 18.3.1909.
129) The Star, 14 en 19.3.1910.
130) The Friend, 2.4.1909.
131) Ibid.

soos volg begroot:

1907-1908 ..... £161,656.
1908-1909 ..... £194,913.
1909-1910 ..... £211,969. 132)

In die laaste begroting het Botha voorsiening gemaak vir nog agt studente om oorsee gestuur te word vir studie in die landbou. Hy was van mening dat

„Als de deskundigen en veeartsen uit dit land komen, zij meer invloed op de bevolking zullen hebben. Dat geld wordt op een goede manier besteed voor de Transvaal. De rapporten van de (vorige) 8 studente zijn uitstekend en (ik) verwacht goede resultaten daarvan." 133)

In die Kaap het die "South African News" die Transvaalse Ministerie gelukgewens met hulle vooruitstrewende wetgewing op landbougebied, en vir die samewerking wat hulle hulle daardeur van die kant van die Opposisie verseker het.

"... Genls. Botha and Smuts as well as their opponents have shown once more that they are as great adepts on the fields of Peace as they have proved themselves to be on other fields" 134)

In Bloemfontein het "The Friend" nog eens gewag gemaak van die simpatieke regering waarmee Transvaal gesëën is, van die uitstekende laboratoria onder beheer van dr. Theiler, van die leiding wat Transvaal in Suid-Afrika neem in die triomf van die wetenskap oor veesiektes en van die doeltreffende Departement Landbou met sy bekwame personeel van eksperte. 135)

Aan die Unie van Suid-Afrika het Transvaal in 1910 'n deeglik georganiseerde, verteenwoordigende landboudepartement gegee, met 'n skrander amptenarekorps. Die tereg hooggeroemde diens wat Transvaal van Onderstepoort ontvang het, sou sedertdien onvoorwaardelik ter beskikking van die land wees, en so ook die opvoedkundige fasiliteite. Die Transvaalse Landbank wat as weldadige faktor 'n heilsame uitwerking gehad het op die boerderybedryf en by die boere gesonde besigheidsbeginsels tuisgebring het, sou in Oktober 1912 uitgebrei word tot 'n uniale instelling. Aan Suid-Afrika het Transvaal 'n besondere gemeenskap gegee, t.w. sy boere wat uit puin en as opgestaan het en besig was om met hulle nuwe, progressiewe idees en wetenskaplike metodes in die landbouberoep te ontwikkel tot 'n betekenisvolle faktor in die huishouding van die Staat. In die persoon van genl. Louis Botha het Transvaal aan die Unie 'n Minister van Landbou gebring wat deur sy entoesiasme en praktiese sin vir die boerdery met dieselfde sukses aan die hoof sou staan van die Unie-landboudepartement en die boerderybedryf van Suid-Afrika.

---

132) Debatten: Wetg.Verg (Eerste sitting) 1907.p.632;(Tweede Sitting) 1908,p.1251; (Derde Sitting) 1909 p.320.
133) Debatten: Wetg. Verg. (Derde Sitting) 1909, p. 323.
134) The South African News, 19.6.1909.
135) The Friend, 8.9.1909.

H O O F S T U K 8.

ALGEMENE BINNELANDSE ADMINISTRASIE.

In die Program van Beginsels van Het Volk is neergelê dat die party aandag sal gee aan sekere binnelandse aangeleenthede wat die welvaart van die Staat en die geluk van die gemeenskap intens raak. Die algemene oortuiging onder die Boere en hulle leiers was bv. dat die siviele administrasie so hervorm kan word dat dit eenvoudiger, en dus ekonomieser, en tog doeltreffender kan wees. Die arbeiders moes verseker wees van behoorlike voorwaardes in hulle diens, soos veiligheid, gesondheid en vryheid van politieke optrede. Die party sou hom ook beywer vir die oplossing van die sorgwekkende armoedevraagstuk. Toe Het Volk die bewind oorneem, het daar ook ander wanpraktyke aan die lig gekom wat staatsoptrede vereis het of het dit duidelik geword dat daar in sommige gevalle weer 'n behoefte was aan behoorlike wetgewing.

Die Regering hervorm die Samestelling van die Hoërhuis:

Die Het Volk-cum-National-ondersteuners wat die klinkende oorwinning met die verkiesing behaal het, was bitter ontevrede toe die name van die lede van die Hoërhuis deur Selborne bekend gemaak word en dit duidelik was dat die Progressiewe Party hier van 'n meerderheid verseker was. Tevergeefs het Botha en E. Solomon in 'n gesamentlike brief by die Goewerneur hieroor beswaar geopper.[1] Die benoeming van W. H. Bührman van Ermelo op 12 Junie 1907 in die plek van W. Grant, wat intussen oorlede is,[2] het nie 'n groot verskil gemaak nie. 'n Botsing tussen die Wetgewende Vergadering en die Wetgewende Raad kon nog voorval.

Tydens die eerste sessie van die parlement van 21-22 Maart en van 14 Junie - 20 Augustus 1907 was die kabinet nooit seker van 'n meerderheid in die Hoërhuis nie. In die komiteestadium van die wetsontwerp oor die dienskontrakte van die Sjinese en van die Veldkornet-wetsontwerp was daar oor die voorstel van sekere amendemente in e.g. geval 'n gelyke verdeling van stemme terwyl daar in die tweede geval bv. 'n meerderheid teen die regeringsondersteuners was.[3] Vanselfsprekend kon die Regering, ter wille van sy beleidsbeginsels, nie maar net op goeie geloof vertrou en hierdie onsekere toedrag van sake laat voortduur nie. In September 1907 het omstandighede - in die een geval bewerkstellig deur die slim

handelswyse/....

---

1) De Volkstem, 23 en 27.2.1907; 2.3.1907.
2) Eerste Minister (Tvl.) 14, no. 69/7, 1907.
3) Debatten: Wetg. Raad (Eerste Sitting) 1907, p.372 en p.516.

handelswyse van die Ministers - meegebring dat daar twee vakante betrekkings in die Wetgewende Raad geskep is. Die Regering het nl. vir A. S. Raitt aangestel as goewerments-inspekteur van blanke-arbeid en vir T. A. R. Purchas as voorsitter van die Randse Waterraad.[4] Beide was sterk Progressief gesind en getrou aan die beginsel van konsiliasie is hulle posisies in die Hoërhuis deur die Botha-ministerie gevul deur adv. E. Esselen, 'n prominente Het Volk-politikus en voormalige lid van die Hoofkomitee, en M. R. Greenlees van die National Association en verslane kandidaat in die kiesafdeling Berea (Pretoria).[5] Aanvanklik was Selborne onwillig om die twee nuwe benoemings te bekragtig, dog Smuts het hardnekkiglik daarop aangedring totdat die bevestiging verkry is.[6]

Sowel die „Natal Mercury" as die „Star" het hierdie optrede van die Botha-regering bestempel as rassediskriminasie want twee Engelse is vervang deur 'n Boer en 'n Engelsman en boonop is dit twee verteenwoordigers van Pretoria in die plek van twee Randse verteenwoordigers.[7] Hoewel Botha hierdeur nie teen die letter van die Konstitusie gehandel het nie, het die Natalse blad geskryf,

> "... he has flagrantly violated the spirit in which it was hoped that he would work under it, and has shown a poor appreciation of the overflowing generosity to his people which was displayed in granting of the Constitution. ... It is disquieting to see the audacity with which Genl. Botha is building up his personal ascendency, at the expense of British interests in the Transvaal.."[8]

Munisipale Bestuur in Transvaal: Onder verantwoordelike bestuur in Transvaal is geen belangrike wetgewing deur die parlement aangeneem rakende die plaaslike bestuur van die dorpe nie. Die munisipaliteite met hulle bevoegdhede soos bepaal in Ordonnansie no.41 van 1904 het bly voortbestaan. Dit was die voorneme van die Koloniale sekretaris om in die parlementsitting van 1908 „wettelike bepalingen voor te stellen om de verschillende munisipale wetten te amenderen en te konsolideren," maar dit is nie gedoen nie.[9] Eindelik het 1910 aangebreek sonder dat die Regering genoegsame tyd kon vind om die beoogde Algemene Munisipale Wet van Transvaal aan die parlement voor te lê.[10] Alleen is daar deur die Dorpsgebiedewet van 1907 en die wysigings wat daarin aangebring/...

---

4) T.K. 21, p.516 en p.520.
5) The Star, 3. 10. 1907; Steinmeyer: Spykers met Koppe, pp.52-54.
6) Levi, a.w. p. 109.
7) The Star, 3. 10. 1907.
8) The Natal Mercury, 5. 10. 1907.
9) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907, p.478.
10) Kol. Sekr. 960, no.19658, 16. 8. 1910.

aangebring is in 1908 en 1909 (Wet no. 33 van 1907, no. 34 van 1908 en no.30 van 1909) duidelik neergelê wat die regulasies is vir die aanlê en stigting van nuwe dorpe in spesifieke gebiede, soos die op die goudveld.[11] Verder is Wet no. 23 van 1909, die Munisipale Verkiesingswet, deur die parlement aangeneem met die doel om die stadsrade van Pretoria en Johannesburg volgens proporsionele verteenwoordiging te verkies.[12]

Die dorps- en stadsrade het van 1907-'10 nietemin 'n tydperk van opvallende vooruitgang deurgemaak. Verskeie dorpe het gevorder met wateraanleg of dit reeds afgehandel. Ligte is verbeter en in Johannesburg is tremweë gebou ten bedrae van £680,000. Pretoria het op die punt gestaan om sy perde-tremwaens te vervang met 'n elektriese stelsel. Markte en geskikte geboue vir markdoeleindes is opgerig in Johannesburg en deur ander munisipaliteite. Slagpale is opgerig te Krugersdorp en was in aanbou in Germiston en Johannesburg. Groot somme is op die Rand en in Pretoria bestee aan riolering, gronddreinering en ander sanitêre verbeteringe. Origens het die munisipaliteite dwarsdeur Transvaal aansienlike bedrae bestee aan verbeterings soos strate en parke. Gesondheids- en Hospitaalkomitees was in wording in verskillende dorpe en voorstede.[13]

Openbare Gesondheid: Die volgende belangrike aangeleentheid waaraan die Regering deeglike aandag aan bestee het, was openbare gesondheid en in die Begroting van die eerste finansiële jaar het die Koloniale sekretaris £117,462 aangevra vir dié doel asook vir hospitale en gestigte. Vir 1908-'09 was dit minder, nl. £93,177, maar vir die jaar 1909-'10 is begroot vir £171,715.[14]

'n Baie ernstige vraagstuk waarmee die geneeshere te doen gehad het, was die byna algemene voorkoms van sifilis in al die Transvaalse streke onder blankes en naturelle; in die distrikte Waterberg en Barberton het die gevalle onder die naturelle chroniese afmeting geneem.[15] Die Departement van Gesondheid/..

---

11) Wette van Transvaal: Wet no.33 van 1907; Wet no.34 van 1908 en Wet no.30 van 1909.
12) Ibid. Wet no.23 van 1909; Debatten: Wetg.Verg. (Derde Sitting) 1909, pp.408-420.
13) T.K.197: Verslag deur E.H. Farrar, Plaaslike Regeringsinspekteur, Maart 1910.
14) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907 p.687; (Tweede Sitting) 1908 p.1296;(Derde Sitting) 1909 p.399.
15) Kol. Sekr. 723 no.11523; 728 no.11775-11780; 729 no.11781-11785.

van Gesondheid het alles in sy vermoë gedoen om die verspreiding van die siekte te voorkom deur die aangetaste persone te verwyder na die daarvoor beskikbare inrigtings. Streng voorsorgmaatreëls is getref om die siekte uit te wis en te verhinder dat naturelle-arbeiders wat dit onder lede het, die Kolonie binnekom.[16]

Deur die Leprosewet van 1907 (gewysig in 1908) het die Regering gesorg dat deeglike voorsiening gemaak is vir die behandeling van melaatses in Transvaal.[17] Groot somme geld is deur die Publieke Gesondheidsdepartement bestee aan die instandhouding van melaatshuise en die Pretoriase Hospitaal vir melaatses. Tenders is aangevra vir die verskaffing van noodsaaklike lewensmiddele aan hospitale, inrigtings en gestigte.[18] Melaatses of hulle verwante is uitbetaal vir verliese wat hulle gely het weens die vernietiging van eiendom as gevolg van melaatsheid. Deur die Departement van Lande is die terrein aangekoop vir die oprigting van melaatshuise terwyl die Departement van Openbare Werke gesorg het vir die geboue, verbeterings, sanitêre aanleg, ens.[19]

Dieselfde deeglikheid is ook aan die dag gelê met betrekking tot die gestigte vir kranksinniges.[20] Deur die aanname van die Wet i.s. die bestuur van gestigte is verseker dat die administrasie en inspeksie van hierdie inrigtings sal beantwoord aan die nodige vereistes.[21]

In die distrikte het die Regering duisende ponde bestee om aansteeklike siektes soos pokkies, ingewandskoors en malaria te bekamp, die verpleegpersoneel te besoldig en hospitale in stand te hou. Ook aan die skole en die myne is voorligting verskaf en inspeksie gedoen ter bestryding van siektes.[22]

Deur 'n wysiging aan te bring in die Mediese, Tandartse- en Aptekerswet het die Transvaalse Regering dit moontlik gemaak vir studente om ook aan ander as net Britse universiteite in die geneeskunde te studeer sonder die gevaar te loop dat hulle hulle beroep nie in Suid-Afrika sal kan beoefen nie.[22a]

Die Botha-regering/.....

16) Kol. Sekr. 727 no. 17770; 908 no.17843-17851; 909 no. 17852-17856; 910 no. 17857-17862; 965 no. 19784.
17) Wette van Transvaal: Wet no.5 van 1907 en Wet no.2 van 1908.
18) Kol. Sekr. 729 no.11811; 730 no.11814; 731 no.11818; 732 no. 11820; Vgl. verder: Kol. Sekr.732-742 nos. 11842-11862.
19) Kol. Sekr. 744 no.11895; 840 no.13853 en 13860.
20) Wette van Transvaal: Wet no.16 van 1907 en Wet no.3 van 1908
21) Ibid. Wet no. 4 van 1908; Kol. Sekr. 729 no. 11811.
22) Kol. Sekr. 744-750 nos. 11921-11941; 862 no. 14906.
22a) Wette van Tvl.: Wet no. 5 van 1909.

Die Botha-regering en die Staatsdiens. Die volgelinge van Het Volk en die leiers van die organisasie was daarvan oortuig dat Milner se staatsdienspersoneel onder leiding van sy „Kindergarten" hulle op 'n heeltemal te duur wyse verlustig het in Pretoria. Na die oorlog is die diens op 'n onverstandige en rojale skaal aangevoor wat, in verhouding met die aantal blanke belastingbetalers in Transvaal, veels te groot en veels te duur was. Die een kantoor na die ander is geopen en die een betrekking na die ander gevul, dikwels meer om werk te verskaf aan verdienstelike satelliete as om persone te verkry om noodsaaklike diens te verrig. Die gevolg was dat die handjievol blankes in die Kolonie 'n groter en duurder administrasie moes dra as wat absoluut nodig was. Het Volk was dus van gevoele dat die Staatsdiens van „heelwat oortollige uitgroeisels van buitensporige Milner-ornamentasie" bevry kan word.[23] In sy Program van Beginsels is derhalwe in Artikel 9 neergelê:

> „Eenvoudigheid en doeltreffendheid der Administrasie, en de toekomstige opvulling van de Civiele Dienst uit de bewoners der Transvaal of van Zuid-Afrika onder voorzieningen bestemd om de gehele dienst in meer sympathieke aanraking met elk deel der bevolking te brengen."[24]

In 'n groot mate het die term „Milnerisme" sy ontstaan te wyte gehad aan die openbare diens van die Kroonkolonie-bestuur. Daarom kon die „Star" skryf:

> „..... civil servants are the butt of all the easy reformers, the object of envy in rivals and the burden of the jealous Have Nots."

Die blad het die ernstige hoop uitgespreek dat die Botha-bestuur nie sal terugval nie

> „... into the corrupt and narrow methods of a Kruger or into the incorruptible and ignorant anarchy that earned the name of a 'model republic' on the other side of the Vaal".[25]

Dit was dus baie duidelik dat die nuwe regering hom gereed moes hou vir nydige aanvalle van die Progressiewe pers oor die staatsdiensaangeleenthede. Dit was nie 'n maklike taak nie. Aan die een kant sou daar eerstens baie amptenare ontslaan moes word - en die oorgrote meerderheid was Engelssprekend; aan die ander kant het baie van die ou Republiek se staatsdienare aanspraak gehad op verskeie posisies. Tweedens het die/.....

---

23) De Volkstem, 13.1.1906; Spender, a.w. p.191.
24) Engelenburg-vers. 2 no. 108; Vergelyk ook Bylaag B.
25) The Star, 4.5.1907.

het die jare van die Milner-regering 'n verwydering teweeggebring tussen die bevolking en die administrasie, en hiervan moes die nuwe regering - ofskoon uit die volk - die pynlike gevolge ondervind; by die publiek was daar nog 'n restant van agterdog jeens die skare van Engelse aan wie die openbare diens toevertrou is omdat die vorige bewind nie daarin geslaag het om in simpatieke aanraking te kom met die gevestigde Transvalers nie en hulle mag en invloed uitsluitend aangewend het ten bate van belange wat vreemd was aan Transvaal.[26]

Die owerhede van die Kroonkoloniebewind het so vroeg as Februarie 1904 self ingesien dat die openbare diens oorbeman is. Ingevolge 'n besluit van die Uitvoerende Raad het Milner op 22 Februarie 1904 die name van 'n 17-tal magistrate, assistent-magistrate, onder-naturellekommissarisse en amptenare van die Departement Lande ontvang wat afgedank is met die doel om die personeel weens finansiële redes in te kort.[27] Richard Solomon, die waarnemende Luitenant-goewerneur, het in April 1906 'n Staatsdienskommissie onder voorsitterskap van sy broer, W.H. Solomon, benoem om die noodsaaklikheid van besnoeiing verder te ondersoek.[28] Die kommissie het in sy verslag eenparig aanbeveel dat die uitdunning van die staatsdienspersoneel die aangewese weg is om te besuinig.[29] Gevolglik het die Uitvoerende Raad in Januarie 1907 o.a. die volgende opdragte aan ene mnr. W. S. Marris ('n outoriteit uit Indië) gegee wat hy moes uitvoer aan die hand van die aanbevelings van die kommissie:

Hy moet 'n konsepwet vir die Staatsdiens opstel waarin voorsiening gemaak word vir

(a) die indeling van die diens in administratiewe, klerikale, professionele en algemene vertakkinge;

(b) die organisasie van die Diens in grade, klasse en afdelings;

(c) die voorwaardes wat toetrede tot en bevordering in die Diens bepaal, vir die uittrede en ontslag van die staatsamptenare en die uitskakeling van ampte;

(d) die pensioene of ander toekennings wat aan uittredende amptenare betaalbaar is;

(e) regulasies wat betrekking het op die Staatsdiens oor die algemeen en wat noodsaaklik geag word vir die voorgestelde Staatsdienswet.[30]

Marris het ver gevorder met sy voorstelle toe die Botharegering die bewind oorneem. Hy wou sy werk net daar staak en teruggaan Indië toe dog die nuwe Ministerie het hom oorreed om te bly/.....

---

26) De Volkstem, 22.5.1907.
27) Kol. Sekr. 1028, no.09/04, 22.2.1904.
28) T.K. 184, p.4.
29) Spoelstra, a.w. p. 70.
30) Kol. Sekr. 686 no.9774.

om te bly totdat sy hele skema noukeurig uitgevoer is. Alleen wat die polisie betref, het die Regering 'n uitsondering gemaak. Sedert Mei 1907 is die besnoeiing gevolglik uitgevoer volgens die bevinding van die bovermelde kommissie van die vorige regering en ooreenkomstig die voorstelle van Marris, sonder enige inmenging van die Botha-kabinet.[31)]

Onmiddellik het die Engelse pers in Transvaal sowel as in Engeland 'n geweldige keel opgesit omdat daar meer Engelse as Boere afgedank is. Dat daar honderde meer Engelssprekendes as Afrikaners deur Milner in die Staatsiens aangestel is, het hierdie kritici nie aangegaan nie. Uit Engeland het sir Richard Solomon, die Transvaalse Agent-generaal,⌘ om 'n verduideliking gevra.[32)] Botha het hom eerstens herinner aan die „Public Service Commission under Chairmanship of your brother" en toe vervolg:

> „..... Some Africanders have been retrenched by him (Marris) but there is no question that their number is small compared with the number of English officials who have been so retrenched. The reason, however, is perfectly simple: the large proportion of English officials in the Service and their predominence in those Departments to which the pruning knife of Mr. Marris has been more especially applied, accounts for the fact that numerically more English than Dutch have been retrenched. It has not been our doing. It has nothing to do with racial considerations and I feel certain that Mr. Marris has made his recommendations purely and simply in accordance with the facts and the equities of each particular case." [33)]

Die Regering het ook besnoei wat uitgawes aan salarisse en toekennings betref. Klerke soos tiksters en snelskrifskrywers is gegradeer en hulle salarisse daarvolgens vasgestel. Toelaes aan weduwees en wese van staatsamptenare is hersien en verminder. Die Besproeiingsdepartement het die Regering geamalgameer met die Departement van Lande en onder een Minister geplaas.[34)] Klagtes het ontstaan oor die besnoeiing, maar die Regering het by sy besluite gebly.[35)] Ook in die kantoor/.....

---

31) Eerste Minister (Tvl.) 58, 3.7.1907, Botha aan Solomon.
32) Ibid. 13.6.1907.
33) Ibid. 3.7.1907.
34) Eerste Minister (Tvl.) 6, no. 23/18/1907; 23/19/1907; 23/30/1907.
35) Ibid. 23/33/'07; 23/34/'07.

⌘ Een van die eerste hoë aanstellings wat die Botha-regering gedoen het, was die benoeming in Mei 1907 van sir Richard Solomon as Transvaal se Agent-generaal in Londen. Hy sou diens doen as die Kolonie se verteenwoordiger in Engeland en is volgens Wet no. 11 van 1907 vir vyf jaar aangestel. (Wette van Transvaal: Wet no. 11 van 1907.)

kantoor van die Koloniale sekretaris is die salarisse van elke amptenaar met £40 verminder. [36]

Besnoeiing deur Sentralisasie van Lokale Bestuur in die hande van Magistrate: Die Regering was van mening dat daar in die dorpe en buitedistrikte op 'n groot skaal besnoei kan word - finansieel sowel as in die gebruik van mannekrag. Die funksies van die magistrate en die getalle van die South African Constabulary (S.A.C.) sou veral onder die soeklig kom. Hier het die Regering 'n uitsondering gemaak en nie Marris se voorstelle gevolg nie dog 'n eie kommissie aangestel om die saak te ondersoek. Op 24 Maart 1907, slegs sestien dae na die inswering van die nuwe kabinet, het Botha aan ses magistrate, t.w. A. B. Roberts (Standerton), H.F.D. Papenfus (Johannesburg), J.B. Skirving (Potchefstroom), J.C. Krogh (Nylstroom), A. R. Orsmond (Rustenburg) en H. Rose-Innes (Pretoria), geskryf om hom of - as hy reeds vertrek het na Engeland - vir Smuts in Pretoria te kom spreek. Dit was sy oortuiging, het hy gesê, dat die magistrate in die Transvaalse dorpe en distrikte sover moontlik dieselfde funksies moet verrig as die landdroste in die vroeëre jare en as die resident-magistrate in die naburige Kolonies; m.a.w. dat die hele administrasie van die distrikte, in soverre dit prakties is, by die magistrate moet berus en dat hulle op die platteland, as hoofverteenwoordigers van die sentrale Regering in Pretoria, sal toesien dat die instruksies uitgevoer en in die behoeftes van die verskillende departemente voorsien word. Van hierdie magistrate het Botha derhalwe verwag dat hulle hulle hulp sal aanbied en beskouinge sal gee uit hoofde van hulle lokale ervaring.

Intussen het Botha vertrek en op 13 April 1907 het Smuts drie van hierdie magistrate: Rose-Innes, Roberts en Orsmond, as 'n Komitee aangestel en hulle opgedra om die verskillende distrikte van Transvaal te besoek en ondersoek in te stel na die vraagstuk van plaaslike administrasie veral met die oog op besparing en doeltreffendheid. [37]

Smuts se eerste opdrag was dat die Ondersoekkomitee moet vasstel in hoeverre die S.A.C. uitgedun kan word. Hierdie polisiemag van Milner was s.i. heeltemal te groot en vir die Staat 'n finansiële las. Daarbenewens het die Boere die aanwesigheid van so 'n sterk polisiemag in hulle midde as 'n vernedering beskou; hulle was lojaal en het die terme van die Vredestraktaat aanvaar; die wantroue wat die Britse Regering jeens hulle gekoester het deur die polisiemag in Transvaal aan te hou, was onnodig. [38]

In Transvaal/.....

---

36) Kol. Sekr. 804, no. 12889.
37) Eerste Minister (Tvl.) 6, no.23/3/'07.
38) Ibid. Vgl. ook L.A. 210(1) 1904.

In Transvaal het daar twee polisie-eenhede bestaan: die South African Constabulary wat deur Milner ingestel is en die Dorpspolisie („blue police"). Hierdie twee magte het die staatskas meer as £1 miljoen p.a. gekos en in verhouding met die klein getal inwoners in Transvaal was dit 'n vermorsing van geld.[39] Smuts het gevolglik die bg. komitee daarvan verwittig dat dit die oogmerk van die Regering is om die twee eenhede te amalgameer en onder sentrale beheer te plaas wat in die distrikte deur die resident-magistrate uitgeoefen sal word. Die komitee moes dus aanbevelings doen oor hoeveel polisie-offisiere en -manskappe hulle nodig ag vir elke afsonderlike distrik. Ook moet hulle voorstelle aan die hand doen met betrekking tot die toekomstige samestelling van die Polisiemag met die oog op besuiniging.[40]

Die drie magistrate het teen die middel van April eers die Oos-Transvaalse distrikte (Wakkerstroom, Standerton en Ermelo) besoek; op 17 April was hulle te Heidelberg. Daarvandaan is hulle na Pietersburg, Nylstroom en Rustenburg. Hulle het hulle ondersoek afgesluit in die distrikte Klerksdorp, Wolmaransstad, Lichtenburg en Krugersdorp. Op 10 Mei het hulle Smuts weer in Pretoria ontmoet.

Daar was geen twyfel nie, het hulle verklaar, dat daar op 'n groot skaal bespaar kan word. Hulle het die Heidelbergse magistraat bv. bereid bevind om die polisie, naturellesake en die beheer van paaie onder hom te neem. Die bestaande reëling was dat Naturellesake deur 'n onderkommissaris en drie klerke behartig is teen 'n koste van meer as £2,000 per jaar. Die magistraat was gewillig om die verantwoordelikheid oor te neem en sou slegs een klerk benodig met 'n salaris van £300 p.a. Aldus kon sowat £1,700 in hierdie enkele geval bespaar word. Hulle bevinding omtrent die getalsterkte van die S.A.C. was:

> "... it appears possible to affect a reduction of something like 40%; that can..... be taken to represent the average reduction throughout the country."[41]

Die Regering het flink gereageer op die aanbevelings van die Komitee. Onder leiding van die Prokureur-generaal, adv. Jacob de Villiers, is die sg. Town Police en die S.A.C. geamalgameer tot een Polisie-eenheid, en dit kon nouliks geskied sonder dat vele offisiere en konstabels afgedank is.

Nuwe/.....

---

39) Eerste Minister (Tvl.) 58. Korrespondensie met sir Francis Hopwood, 29.8.1907.
40) Eerste Minister (Tvl.) 6, no.23/3/'07.
41) Ibid.

Nuwe aanstellings en 'n beter her-indeling van die polisiemag is gemaak.[42] Teen Junie 1908 was die polisiekorps reeds meer as 25% uitgedun; hiervan was meer as 300 lede van die dorpspolisie. Die Engelse pers het 'n venynige kampanje teen die Regering op tou gesit oor hierdie drastiese besnoeiing, maar dit was duidelik dat dit veeleer propagandalawaai en agterdogsaaiery was. Die Regering het gevolglik geweier om sy stappe te hersien. Ongeveer 90 afgedankte polisiemanne wat almal soldate was in die oorlog en daarna aangestel is „om wet en orde in Transvaal te handhaaf"! het met hulle vrouens en kinders teruggegaan Engeland toe.[43]

In Junie 1908 het die Prokureur-generaal die Polisiewetsontwerp vir Transvaal in die parlement voorgelê. Die ontwerp het in die eerste plek voorsiening gemaak vir die organisasie van die polisiemag. Die samestelling, magte en pligte van die korps en die gebruik van die mag in tyd van nood is uiteengesit. Offisiere sou deur die Goewerneur aangestel word en die Kommissaris van Polisie sou bevel voer oor die mag. In die tweede plek is die dissiplinêre regulasies duidelik omskryf en in die derde plek die algemene bepalings soos belonings vir buitengewone diens, salarisse, beperking van handelinge, die aanstelling van spesiale konstabels, ens.[44]

In aansluiting by hulle kritiek teen die besparingsmaatreëls en die hersamestelling van die polisiemag deur die Regering het die Opposisie verskeie artikels van die Polisiewetsontwerp heftig bestry. Hulle voorgestelde amendemente is egter die een na die ander in die komiteestadium van die konsep verwerp.[45] Die Wet is op 28 Julie bekragtig.[46]

Dit was die bevinding van die drie-man-komitee van ondersoek dat die administrasie ook kon klaarkom sonder die diens van sekere magistraatsamptenare. Op hulle aanbeveling het die Regering daarop vier resident-magistrate en vyf assistent-resident-magistrate afgedank omdat hulle oortollig was.[47]⌘

Deur Wet/.....

---

42) Eerste Minister (Tvl.) 26, no.23/8/'08.
43) The Star, 1, 13 en 29.6.'08; 4 en 6.7.1908.
44) Wette van Transvaal; Wet no. 5 van 1908; T.K.24 pp.481-484.
45) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908 pp.533-595.
46) Ibid. p.1462.
47) Eerste Minister (Tvl.) 58, Botha aan Solomon, 3.7.1907.

⌘ In Engeland was sekere politici begaan oor die lot van die afgedankte Engelse staatsamptenare en deur die propagandastories het hulle hulle laat wysmaak dat die Botha-regering die Afrikaanssprekende amptenare bevoorreg het. Churchill het dit heftig ontken en hulle verseker dat die besnoeiing van amptenare onder die Milner- en Botha-bewind goed vergelyk. (The Star, 7.2.1908).

Deur Wet no. 30 van 1908 is die jurisdiksie van magistraatshowe bepaal en verder is die grense van magistraatsdistrikte duidelik bepaal veral met die oog op die pligte van die polisie. Die lokale beheer oor die konstruksie, herstel en instandhouding van paaie is ook opgedra aan die resident-magistrate wat bygestaan sal word deur die Veldkornette en 'n padinspekteur.[48]

In die 9 departemente van al vyf die Ministers (Eersteministerskantoor, Landbou, Prokureur-generaal, Mynwese, Tesourie, Lande, Naturellesake, Publieke Werke en Koloniale sekretaris) het die Regering volgens die aanbevelings van die Staatsdienskommissie en die voorstelle van Marris hergraderings gemaak van die administratiewe personele, sekere beamptes afgedank en die salarisse, pensioene en ander toekennings aangepas by die nuwe regulasies en omstandighede.[49] Van die kant van die getroude staatsdiensamptenare is beswaar aangeteken oor die afskaffing van sekere geldelike toelaes. Die Regering het kort en saaklik geantwoord:

> „Reasons for its grant, namely, the abnormal cost of house rent and necessaries of life prevailing in the early days of the British Administration, no longer existed, and, therefore, the justification for its continuation had also disappeared.[50]

Daar was ten slotte sekere wanpraktyke in die administrasie wat die tesourie duur te staan gekom het. Te hoë toelaes is bv. toegeken aan amptenare wat op staatsonkoste reis. Buitensporige toekennings is gemaak ten opsigte van families van staatsamptenare, hulle bagasie en verblyfonkoste. En veral in gevalle waar 'n amptenaar aangestel is as 'n sekretaris van 'n kommissie of 'n komitee (en daar was vele) het sodanige persoon gewoonlik aansoek gedoen om 'n buitengewoon hoë bonus of beloning op grond van sg. spesiale dienste gelewer. Hieraan het die Regering 'n besliste einde gebring en neergelê volgens welke meriete sodanige persone besoldig sal word. Ook is die betaling en ander voorregte aan staatsamptenare wat met verlof was, ingekort.[51]

Vir die Progressiewe pers was al hierdie drastiese stappe 'n groot stok om die Regering mee te slaan en hulle het in wilde berigte die publiek teen Botha en sy kollegas probeer opsweep.[52] Vir lg. was dit glad nie 'n aangename taak om hulle/.....

---

48) Wette van Transvaal: Wet no. 30 van 1908; Eerste Minister (Tvl.) 26, no.23/13/1908 en 23/15/1908.
49) Eerste Minister (Tvl.) 27, no.23/26, /38, /39, /44, /45/1908.
50) Ibid. no. 23/32/1908.
51) Eerste Minister (Tvl.) 6, no. 23/7, /9, /11, /13/1907.
52) The Star, 20, 21 en 27.5.1908.

hulle voorgangers se swak en lomp administratiewe beleid te verbeter nie. Teenoor Richard Solomon erken Botha:

> „For us it is a most painful work; it continually exposes us to the charge of racialism; but it is a work which has to be done once for all, and we may not flinch from doing our duty simply because we are thereby exposing ourselves to a certain form of criticism to which we are extremely sensitive." 53)

Die reorganisasie van die Staatsdiens en die daarmee gepaardgaande doelbewuste pogings van die Regering om sover moontlik te bespaar het nie afgeloop nie sonder dat daar onenigheid ontstaan het tussen die kabinetslede en W. S. Marris. Die geskil het ontstaan toe die Minister van Lande en Naturellesake, J. F. B. Rissik, voorkeur gegee het aan oud-amptenare van die Republiek bo dié wat Marris aanbeveel het. Die geskil het ontwikkel tot 'n wrywing tussen Smuts en Marris toe lg. hom aangematig het om ernstige aantygings teen die publieke diens in die algemeen en teen spesifieke amptenare te maak.[54] 'n Paar weke voor sy dienstyd sou verstryk, het hy bedank. Die Opposisie wou die hele saak openbaarmaak deur by wyse van 'n voorstel die Koloniale sekretaris in die parlement te probeer dwing om die Marris-dokumente ter tafel te lê. Smuts het verduidelik dat die korrespondensie tussen die Regering en Marris nog nie afgehandel is nie en dat dit in die tweede plek glad nie in die openbare belang is dat al die dokumente ter tafel gelê word nie. Die voorstel is daarop teruggetrek.[55]

<u>Die Openbare Diens- en Pensioenewet (Wet no. 19 van 1908)</u>: Reeds in die uiteensetting van die Regeringsbeleid in 1907 het die Eerste Minister beklemtoon dat 'n wet insake die Staatsdiens van Transvaal gebiedend noodsaaklik is. Die Regering was toe egter van gevoele dat die reorganisasie van die diens ooreenkomstig die nuwe beleid en staatkundige omstandighede eers afgehandel moet word; die volgende jaar sou die konsep aan die parlement voorgelê word.[56]

In Julie 1908 het Smuts die „Wetsontwerp inzake de Publieke Dienst en Pensioenen" in die tweede sitting van die parlement verduidelik. Dit was 'n lywige maatreël dog die beginsels wat daaraan ten grondslag gelê het, was eenvoudig. Die verslag van die Publieke Diens-kommissie wat in April 1906 deur die Luitenant-goewerneur aangestel is onder voorsitterskap van William H. Solomon, het in hoofsaak as leidraad gedien vir Smuts.

Die ontwerp/.....

---

53) Eerste Minister (Tvl.) 58, 3.7.1907.
54) Kol. Sekr. 658, no.8189: Memorandum van Marris, 1908.
55) Debatten: Wetg. Verg.(Tweede Sitting) 1908 p.53 en 711-716; The Star, 23.5.1908; 22.7.1908.
56) Debatten: Wetg. Verg. (Eerste Sitting) 1907 p.35.

Die ontwerp het voorsiening gemaak vir 'n Staatsdiensraad wat aanstellings sal doen, help met die promosies van amptenare en eksamens sal afneem. Amptenare wat hoër as £600 ontvang, sal egter deur die Minister aangestel word. 'n Spesiale bepaling het gelui dat magistrate en publieke aanklaers in 'n wetseksamen moet geslaag het voor hulle aangestel word en soveel kennis van die Hollandse en Engelse taal moet besit as wat die Minister nodig ag aangesien die noodsaaklikheid om albei die tale magtig te wees nie in al die dele van die land ewe groot is nie.

Alle persone wat in die administratiewe diens van die Regering is, sou verplig wees om in verhouding tot hulle salaris by te dra tot 'n pensioenfonds wat onder die beheer van die Tesourie staan. Ook die polisie, gevangenisbeamptes, verpleegpersoneel in die verskillende inrigtings en gestigte en die onderwysers sou ooreenkomstig hulle diensvoorwaardes moet bydra tot hulle onderskeie pensioenfondse.

Ten slotte het die Wet die amptenare onder sekere streng regulasies geplaas wat bereken was om hulle te beskerm maar terselfdertyd ook bedoel was dat die Staat aanspraak kon maak op elkeen se volledige en onpartydige diens ten bate van die grootste openbare voordeel.[57)]

Met Wet no. 19 van 1908 het Smuts daarin geslaag om die openbare diens in Transvaal op 'n gesonde grondslag te plaas. Dit het aan die amptenaar 'n gevoel van sekerheid gegee met sy betrekking aangaan. Die streng regulasies waaronder die staatsdiensamptenare geplaas is, het aan die ander kant beteken dat hulle van hulle onafhanklikheid verseker kon wees.

Die volgende jaar is geringe wysigings in die Wet voorgestel en aangeneem.[58)]

Die oud-amptenare van die Z.A.R. : 'n Besondere onderafdeling van die pensioenfondsskema waarvoor in die Staatsdienswet voorsiening gemaak is, was dié wat betrekking gehad het op die oud-amptenare van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Die vorige jaar het die Regering in die Staatskoerant van 17 Julie 1907 kennis gegee dat ondersoek ingestel sal word na die gevalle van alle oud-amptenare van die Republiek wat as gevolg van die anneksasie van Transvaal van hulle amptelike posisies ontroof is, met die oog op die uitbetaling van pensioene of belonings aan sodanige amptenare. Dit het ingesluit alle lede/.....

---

57) Wette van Transvaal: Wet no. 19 van 1908; Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908 pp.1083-1114.
58) Wette van Transvaal: Wet no. 19 van 1909.

alle lede van die Siviele Diens, die Polisie en die Staatsartillerie van die Republikeinse Regering, asook die weduwees en oorlewende onmondige kinders van sodanige oorlede amptenare. Applikante kon hulle eise stel op vorms wat verkrygbaar was van die Sekretaris van die Tesourie in Pretoria, die Ontvanger van Inkomste in Johannesburg of van die resident-, assistent-resident-magistrate of resident-vrederegters in die distrikte.[59]

In die parlement moes Smuts die saak taktvol hanteer aangesien die Opposisie by monde van hulle leier hulle ontevredenheid te kenne gegee het oor die bedrag wat in die Begroting voorsiening gemaak is vir die doel terwyl die Regering terselfdertyd ook 'n besuinigingsveldtog aan die gang gesit het.[60] Na die oorlog, het Smuts verduidelik, is die amptenare van die Republiek as geheel ontslaan - 'n stap wat op sigself sonder presedent was. Nog tydens en toe ná die stryd het die Engelse owerhede persone in die nuwe staatsdiens aangestel, egter totaal buite verhouding tot die behoefte van die land. Van tyd tot tyd het Milner dit derhalwe nodig gevind om van sy amptenare weer te ontslaan, maar nie sonder dat hulle op milde wyse finansieel vergoed is nie, „... zodanig dat het de mond zelfs van de grootste brompot gesnoerd heeft." Die gevolg was dat die oud-amptenare van die Republiek hulleself georganiseer het en herhaaldelik aangedring het op soortgelyke behandeling. Hulle saak was volkome reg: hulle was in diens van die land - in die meeste gevalle langer as die ontslane Milner-amptenare; hulle was verdienstelik en was in dieselfde kantore saam met baie van die Engelse amptenare werksaam.[61] Die moeilikheid het nou op die nuwe Regering gekom

> „omdat onze voorgangers aan sommigen een pensioen gaven en aan de anderen (die in de zelfde kantoren werkten en armer waren) niets gaven.... De Moeilikheid vandaag is dat een deel is weggeschopt,"

het ook Botha verontwaardiglik gesê.

> „Kan een Regering zulk een politiek doorzetten en die toestand laten voortgaan? Neen Mr. Speaker, dat kan hij niet! Daarom heeft de Tesourier gezegd, dat in die gevallen het veel zal kosten, maar wat het ook kost, laat ons onrecht herstellen en die mensen tegemoetkomen.[62]

Vir hierdie gratifikasie aan die oud-amptenare van die Republiek het die Tesourier begroot vir 'n maksimum bedrag van £200,000 terwyl dié aan pensioene £25,000 sou beloop. In sy wet het/.....

---

59) T.K. 21 p.114.
60) De Volkstem, 24.7.1908; Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908, - Farrar - pp. 1039-1043.
61) Ibid. Smuts - pp.1108-1109.
62) Ibid. Botha - p. 1047.

wet het Smuts neergelê dat die salaris en pensioen van geen oud-amptenaar hoër sal wees as wat hy onder die Republikeinse bewind ontvang het nie. 'n Verdere bepaling het gehandel oor die liefdadigheidstoelae uit bg. fonds aan persone wat in die oorlog vermink of hulpbehoewend nagelaat is.[63]

Vir Smuts was die onsimpatieke wyse waarop die Republikeinse amptenare deur die Milner-bewind behandel is „een bladzijde in onze geschiedenis die .... gesloten behoort te worden,"[64] en deur sy Staatsdiens- en Pensioenewet het hy daaraan probeer voldoen.*

Die aantygings dat die Het Volk-bewind in sy besuinigingsprogram die Afrikaanssprekende burgers simpatieker gesind was as die Engelssprekendes, word deur die volgende feite weerlê: op 10 Junie 1908 was daar in die verskillende staatsdiensdepartemente 737 Afrikaanssprekende amptenare teenoor 3,870 Engelssprekendes. Die personeel in sommige van die departemente was soos volg saamgestel:

	Hollandssprekend	Engelssprekend.
Goewerneursdiens	geen	6
Eerste Minister	3	1
Koloniale Sekretaris	22	160
Onderwysdepartement	9	31
S.A.C.-offisiere	geen	44
Foreign Labour Dept.	1	29
Dept. Justisie	145	199
Totaal	180	470

In die spoorwegdiens was daar aan die einde van 1907 teenoor die 3,629 Engelse amptenare, 2,195 wat in Suid-Afrika gebore is en 329 ander. Hierdie getalle wat deur die kantoor van die Koloniale sekretaris verstrek is, was 'n afdoende antwoord aan die Engelse en hulle pers, oorsee sowel as plaaslik, oor die bohaai wat opgeskop is toe die Botha-regering ter wille van besparing besnoei het en daar gevolglik meer Engelse as Afrikaners ontslaan is.[65] In die Oranjerivierkolonie waar die Orangia Unie-regering dieselfde maatreëls moes tref, was die „Bloemfontein Post" 'n uitsondering en op ondubbelsinnige wyse het die blad die paniekerige Engelse pers tereggewys:

„Among a/.....

---

63) De Volkstem, 24.7.1908; Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908, - Tesourier - p. 702; Smuts, pp.1110-1111; Wette van Transvaal: Wet no. 19 van 1908; T. K.26, p.32.

64) Debatten: Wetg. Verg. (Tweede Sitting) 1908 p.1108.

65) Kol. Sekr. 859.

* Aan 'n komitee van drie lede, A. D. W. Wolmarans, R. K. Loveday en H. R. Sloan (sekr.) is opgedra om die applikasies om toelaes en vergoeding te ondersoek en uit te betaal. Teen 1910 het 391 oud-amptenare pensioene ontvang en 2,877 toelaes. Die aansprake van 1,856 amptenare is van die hand gewys. Die applikasies om staatsondersteuning van 671 oorlogsverminktes is goedgekeur (T.K.192, 193, 196, 197.)

„Among a certain class of English newspaper there still exist a strange tendency to twist and distort the simplest and most inoffensive acts of the Governments north of the Orange and the main gravamen of the incessant indictment is retrenchment and replacement of British officials by the fuglemen of Het Volk and the Unie."

Die gepubliseerde statistiek het egter bewys dat geen diskriminasie plaasgevind het nie en alvorens dit nie weerlê kan word nie, „..... we refuse to endorse the panic-stricken mendacity of the cheaper press."[66]

Vooruitgang in die Transvaalse Staatswerksaamhede, 1907 - 1910: Gemeet aan die groeiende uitgawes van die Transvaalse staatsdepartemente, het die Kolonie van 1907 tot in 1910 merkbare vooruitgang gemaak. In Junie 1908 was daar bv. 450 poskantore met 'n personeel van 1,119 blankes. Die telefoonsentrales het vermeerder en die verbindings na die platteland het aansienlik uitgebrei. Die uitgawes verbonde aan verbeterings het £11,992- 2- 1 meer beloop as die vorige jaar. 'n Jaar later was daar 507 poskantore en 1,284 blanke amptenare.[67] Vir 1909-1910 is ten behoewe van die pos- en telegraafwese begroot teen 'n bedrag van £402,428.[68] Ook ander departemente het, wat die uitgawes betref, in die teken gestaan van groei en vooruitgang soos o.a. :

Finansiële jaar:	1907-'08	1908-'09	1909-'10.
Publieke Werke:	£391,426	£401,938	£443,536.
Werke en Brûe:	£276,989	£201,819	£595,200.
Magistrate:	£149,164	£137,879	£146,767.
Onderwys:	£501,815	£602,808	£658,476.
Drukwerk:	£ 99,381	£ 90,664	£ 94,067.
Lande en Irrigasie:	£ 99,798	£103,165	£145,637.

[69]

Die Hollandse Taal in die Staatsdiens: In die meeste staatsdepartemente, het ons gesien, was baie meer Engelssprekende as Hollandssprekende amptenare. Van tweetaligheid onder hierdie meerderheid was daar weinig sprake. Dit het gou duidelik geword dat hierdie toedrag van sake groot ergernis veroorsaak het. Die Afrikaanssprekende publiek, wat van die nuwe Boere-regering minstens onverbloemde respek verwag het vir hulle eie taal, is in menige opsig teleurgestel; die Hollandse taal is in meer as een staatsdepartement niks anders nie as gruwelik verontreg. Botha was verplig/.....

---

66) The Bloemfontein Post, 26.11.1908; 16.6.1909; Vgl. ook The Friend, 13.6.1908; 18.1.1909; 16.6.1909.
67) T.K. 192 en 193; De Volkstem, 3.4.1907.
68) Debatten: Wetg. Verg. (3de Sitting) 1909, p.502. 1907-1909 - Begrotingsposte.
69) Debatten: Wetg. Verg. (1ste, 2de en 3de Sittings) 1907-1909 - Begrotingsposte.

was verplig om in te gryp en in Februarie 1908 het hy die volgende omsendbrief na die verskillende departemente gestuur:

> „Owing to the large number of complaints received from the general public that much inconvenience and delay is caused through officers of various Departments not possessing a satisfactory knowledge of the Dutch Language, the Government consider it most desirable that all officials of the Service should have a working knowledge of both English and Dutch.
>
> "Further, I have the honour to inform you that the Government have decided in future only to appoint such officers as shall possess a sufficient knowledge of both languages." 70)

Die gees van die tyd en die atmosfeer wat die administratiewe kantore en regeringsgeboue deurwasem het, was Engels. „De Volkstem" het gekla dat selfs persone wat beide tale goed kon besig - en dit was in die reël die Hollandssprekendes - hulle steeds van Engels bedien het en daardeur ook ander gedwing het om dit te doen. 'n Hollandse toespraak sou hierdeur 'n seldsaamheid word soos in die Kaapse parlement waar die konstitusionele reg om Hollands te praat 'n dooie letter geword het. Die Transvaal moet trag om dit te vermy, het die blad geskryf.[71])

'n Noemenswaardige verbetering het na Botha se opdrag nie ingetree nie. In Augustus 1908 is 'n brief aan die „Hoog Ed. Heer" die Koloniale sekretaris gerig waarin hy versoek word om

> „een Circulaire uit te zenden aan hoofden van alle Gouverments Departementen met het verzoek dat ten minste een Hollandsch-sprekende persoon die in staat zijn in het Hollandsch te korrespondeeren aangesteld worden in alle Gouwerments Kantoren,"

aangesien hy seker is dat in meer as een kantoor

> „het de gewoonte(is) brieven in het Hollandsch geschreven in de snippermand te werpen. Persoonlyke applicatie vindt het zelfde einde."

Dit gebeur ook dat briewe in Hollands, na 'n oneindige getalm, in Engels beantwoord word

> „en de zender moet nog eens een ander persoon in zijn vertrouwen nemen om hem de inhoud duidelijk te maken."

Die korrespondent het die hoop uitgespreek dat die Koloniale sekretaris

> „noch eens aan ons Volk toonen zal dat gij alles in uw vermogenheid doenen zal hun te hulp te komen." 72)

In Junie/.....

---

70) Eerste Minister (Tvl.) 26, no. 23/20/1908.
71) De Volkstem, 31.7.1907.
72) Kol. Sekr. 868, no. 15238.

In Junie 1910, dus na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, het Botha aan al die departemente en onderdepartemente instruksies uitgereik dat alle proklamasies en Regeringskennisgewings in Hollands en Engels gepubliseer moet word.[73]

---------- oOo ----------

Die Armblanke- en Werkloosheidsvraagstuk: 'n Ernstige binnelandse probleem waar die Botha-regering by sy bewindsaanvaarding mee te doen sou kry, was die toestand van armoede en werkloosheid wat algemeen voorgekom het in die Transvaalse distrikte sowel as in die dorpe en in Pretoria en Johannesburg.

> „De toestand der armen blijft een beroerde omstandigheid; wij gaan de toekomst tegemoet met een zwaren band van armoede onder onze menschen,"

het Botha op 2 Julie 1906 aan Leyds geskryf.[74] Op die spoorwegkonstruksiewerke is 'n karige mark gevind vir die gewillige hande en ongeskoolde breinkrag van honderde armes. Op die plase kon sommiges werk kry vir kort periodes tydens die oestye, maar aan die ander kant was naturelle-arbeid goedkoper en handiger. Plase is nog maar steeds opgesny en boerderymetodes het nog nie eintlik verander nie; gevolglik was daar 'n voortdurende stroom van seuns van grondeienaars en bywoners na die dorpe waar die arbeidsmark reeds oorvul was van ongeskoolde en ongeoefende werkers, waar die arbeid skaars, die lewe duur en die bestaan ongesond was. Sedelik, maatskaplik en finansieel het dit met die plattelanders wat hulle na die groot dorpe en die stede begeef het spoedig slegter gegaan as met hulle wat probeer vashou het aan hulle plaaslewe. Te dikwels het die verstedeliking toegeneem bloot omdat baie boere totaal onwillig was om self op die plase te werk of omdat die plattelanders geweier het om op die plase as arbeiders diens te doen. So het menige jongmens wat gehoop het om in die stede 'n beter lewensbestaan te kon vind, in sy vrugtelose poging om vooruit te kom en hom aan die stadslewe te gewen, die geskiktheid en ook die lus om na die land terug te keer so goed as geheel verloor. En vaak is die voorheen gesonde, tevrede en sedelike plattelandse bevolking aangetref in die „heggen en stegen van de gemeenste achterbuurten der steden" waar hulle 'n ellendige, ongesonde en minder sedelike lewe gelei het.[75] In Augustus/.....

---

73) Kol. Sekr. 697, no.10207.
74) L.A. 262(2), 2.7.1906.
75) Ons Land, 29.12.1906; De Volkstem, 6 en 13.1.1906.

In Augustus 1907 het ongeveer 1,600 werkloses 'n petisie aan die Goewerneur oorhandig waarin versoek word dat 'n skema vir staatsondersteunde emigrasie geformuleer word sodat hulle in ander lande 'n heenkome kan gaan soek. Onder hulle was veral ambagslui soos bouers, timmerliede, werktuigkundiges, handwerksmanne, pleisteraars, ens. wat kort na die oorlog, toe die Imperiale owerheid buitensporige groot bou- en ander werksaamhede aan die gang gesit het vanweë die baie geld wat in omloop was, die land in groot getalle ingekom het. Toe gevestigde en normale toestande weer intree, het 'n reaksie ingetree. Die blanke bevolking van Transvaal was gering en die permanente absorpsievermoë van al die industrieë nog baie beperk. Teen 1907 het die vooruitgang van die mynbedryf 'n stadium bereik dat dit slegs normaalweg uitgebrei het. Hierdie reaksie het ook in die ander dele van Suid-Afrika ingetree en aldus is veral diegene wat in die groot sentrums saamgedrom het, die ergste geraak. Die spekulante wat in die florerende tyd baie geld verdien het, het dit in die daarop volgende depressiejare verbeur sonder dat voorsorg getref is vir 'n ander bestaansmoontlikheid.[76]

Met die benoeming van die Landbankkommissie in April 1906 het die Kroonkolonieregering deels die oplossing van die armblankeprobleem in gedagte gehad. Die aanbevelings van die Kommissie was gevolglik dusdanig dat 'n skema daarvolgens ontwerp kon word met die oog op die hervestiging van boere op die plase. In 'n groot mate het Smuts se Landbankwet aan hierdie doelstelling uitvoering gegee. Maar dit het gou duidelik geword dat die werkloosheid- en armoedekwessie deur 'n afsonderlike kommissie ondersoek sal moet word. In November 1906 is die volgende persone op die Transvaalse Armoedekommissie aangestel: J. S. Quinn (voorsitter), H. Crawford, L. Curtis, R. Feetham, H.J. Hofmeyr, J. Reid, F.B. Smith en P.H. Kerr (sekretaris).* Hulle moes ondersoek instel na en verslag lewer oor die algemene oorsake van armoede in Transvaal, die ekonomiese toestande waaronder behoeftiges hulle bevind, die werking van besondere wette of gebruike veral met betrekking tot grondeiendom en die oordrag van plase en die tekortkominge in die onderwysstelsel.[77]

Die Kommissie/.....

76) Eerste Minister (Tvl.) 15, no. 73/26/1907; Ibid. 58, Korresp. met sir Francis Hopwood, 29.8.1907; Kol.Sekr.786 no.12502.
77) T.K. 189 pp.1-3; L.A. 262(2) Botha aan Leyds, 2.7.1906.
* Genl. Botha was ook aanvanklik lid van die Kommissie, maar weens drukke werksaamhede (hy was lid van die Landbankkommissie, aktief besig met die organisasie van Het Volk en hy moes ook sy boerdery behartig) het hy hom later onttrek (T.K. 189).

Die Kommissie het sy verslag in Junie 1908 voltooi en bevind dat daar die volgende twee klasse van armes is:

I. (a) die liggaamlik en verstandelik ongeskiktes;

(b) die slagoffers van die fluktuerende toestande in die handel en die industrie;

(c) dié wat onwillig is om te werk en as leeglêers, rondlopers en as lede van 'n semi-kriminele klas leef;

(d) dié wat, hoewel liggaamlik sterk, nie geskik is om geskoolde of half-geskoolde werk te verrig nie en nie in staat is om ru hande-arbeid te verkry in mededinging met die naturel nie; - hulle is die eintlike armblankes.

II. Die tweede groep armes het bestaan uit persone wat slegs tydelik genoeg gehad het om van te leef maar so onkundig of lui was en op so 'n lae lewenspeil geleef het dat hulle verseker vroeër of later totaal hulpbehoewend sou wees. Hulle het agter geraak in die voortgang van die beskawing en het oor die algemeen gesproke oor geen kennis beskik omtrent boerdery of enige geskoolde ambag nie. Hulle het geen nywerheidsgewoontes aangekweek nie, geen reserwe-voorrade opgebou nie en het slegs van die hand in die tand geleef; enige onverwagse terugslag, soos 'n misoes, sou hulle op die drumpel van uithongering te staan bring. Deur onbeholpenheid en 'n gebrek aan vooruitsiendheid sal hulle in ieder geval hulpbehoewend word en as hulle 'n terugslag kry, verhuis hulle na die dorpe en word armblankes soos dié wat reeds genoem is.[78]

Die kommissie het 4 metodes aan die hand gedoen waarvolgens in verband met armoedigheid opgetree moet word:

(i) Die belangrikste is dat die algemene, sosiale en ekonomiese redes wat armoede veroorsaak, bekend moet wees en die doel moet wees om die toename van armoede te voorkom.

(ii) Die metode om diegene wat in armoede verval het weer tot so 'n toestand te bring dat hulle hulleself kan help sonder ondersteuning.

(iii) Die metode wat daarin bestaan dat tydelike hulp aan mense verleen word wat in hopeloos armoedige omstandighede verval het sodat hulle die periode van buitengewone ellende te bowe kan kom.

(iv) Die metode van gereelde liefdadigheidsondersteuning waardeur diegene wat hulleself nie kan help nie, soos wese, die bejaardes en die swakkes wat niemand het wat vir hulle kan sorg nie, voorsien kan word van die noodsaaklike lewensmiddele.[79]

Die Kommissie het ook positiewe aanbevelings gedoen oor hoe die werkloosheidsprobleem aangepak kan word. Werkloosheid kon op tweërlei wyse verminder word:

A. Voorkomend:/.....

---

78) T.K. 189 pp. 3-4.
79) Ibid. p.4.

A. Voorkomend:

(a) blankes moet ongeskoolde werk verrig en aldus die gebied van arbeidsmoontlikhede vir hom vergroot;

(b) deur hernieude aktiwiteit in die besighede en industriële ondernemings;

(c) deur immigrasie te beheer.

B. Tydelik verligtende Maatreëls:

(a) 'n beleid wat gebaseer is op die beginsel dat die staat aan almal werk moet verskaf teen bepaalde lone;

(b) kolonies waarheen werkloses kan gaan en waar hulle verseker kan wees van onderhoud;

(c) die stigting van arbeidsburo's of onderstandstasies deur middel waarvan diegene wat uit hulle werk uit is, werk kan kry.

Die groot getalle beroepsbedelaars en misdadigers in Transvaal, veral in Johannesburg moet

(a) verplig word om 'n fatsoenliker lewenswyse aan te kweek,

(b) hulle kan na verbeteringskolonies vir arbeiders gestuur word;

(c) die immigrasie van sulke elemente moet voorkom word.

Ander spesifieke aanbevelings was:

(i) voorsiening moet gemaak word vir deeglike laer en hoër landbou-opleiding, handwerkonderrig en tegniese en industriële onderwys;

(ii) die regulasie dat armblanke plakkery nie in naturellegebiede toegelaat word nie, moet baie streng toegepas word;

(iii) die Regering moet nie die beleid volg waardeur armes deur direkte regeringsteun op plase gevestig word nie;

(iv) gesonder beginsels moet gevolg word wat die eiendomsreg en oordrag van plase betref;

(v) die stelsel van registrasie en oordrag van grond moet goedkoper en eenvoudiger wees;

(vi) daar moet 'n sentrale liggaam op die been gebring word op die Witwatersrand ten einde die metodes van liefdadigheidsondersteuning te ko-ordineer en te verbeter;

(vii) as openbare outoriteite in tye van nood verplig is om handelend op te tree ten einde liggaamlik geskiktes van uithongering te red, moet hulle alleen voorsiening maak vir werk.

(viii) by die behandeling van misdadigers moet die beginsel van karakterverbetering die primêre doel wees. 80)

Ten tye van die verskyning van bg. verslag was die Transvaalse kabinet al amper 15 maande besig om die armoedige toestand waarin so baie inwoners hulle bevind het, te probeer verlig deur aan hulle werk te verskaf. Waar moontlik is hulle/.....

---

80) T.K. 189 pp. 121 - 202; The Star, 15.7.1908.

hulle dienste gebruik in die spoorwegkonstruksiewerke, op die paaie, die uitbreidings van die verskillende publieke geriewe wat deur die Departement Openbare Werke aangepak is en in ander verskillende onderstandswerke. Die ongeskoolde werkers moes genoeë neem met 3/6 per dag, en toe daar hieroor gemurmureer is, het Smuts hulle daarop gewys dat dit baie beter is om te leef van 3/6 per dag as van liefdadigheid. Die Regering kon buitendien niks meer doen nie. Die repatriasie van die Sjinese sou spoedig daartoe lei dat meer werk vir blankes beskikbaar is.[81)]

In hulle toesprake op die platteland het Smuts en Botha telkens beklemtoon dat harder werk die sekerste uitweg uit al die ellende is waarin die boere hulle bevind. Die Regering was geensins van plan om geldelike toekennings te doen nie en finansiële hulp sal alleen verleen word aan diegene wat bewys gelewer het dat hulle flukse, eerlike en eerbare boere is. 'n Landraad is aangestel om deeglik in te gaan op die gevalle van die persone wat geskikte landbou-nedersetters sal wees.[82)] Deur middel van die magistrate het die Departement Lande 'n volledige opname laat maak van al die beskikbare regeringsplase wat dwarsdeur die jaar bewoonbaar sal wees, sodat soveel moontlik van die gekeurde armes hervestig kan word op die plase.[83)]

Die groot doel met die opheffing van die armes dwarsdeur Suid-Afrika, het al die owerhede besef, was om te waak dat hierdie blankes nie in hulle lewenspeil sal daal nie, nie sal „verkafferen" nie, het prof. Marais van Stellenbosch gesê. Daarom was veral morele en sosiale magte nodig om die vervalle armblankes te herwin en te hervorm. Betekenisvol het die „Friend" dit soos volg gestel:

> „The political lesson is that which is embodied in the pregnant word 'segregation'. A white democracy and a black democracy cannot mix, it seems too clear, except to their mutual injury. In the solution of the poor white problem there is this inducement to grapple with, that its solution, if achieved, promises to be the solution of the native problem too.[84)]

Die voorbereidings vir die aanstaande Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie met die oog op die nouere staatkundige eenheid van Suid-Afrika het verhinder dat die Botha-regering

daadwerklik/.....

---

81) Eerste Minister (Tvl.) 30, no. 58/2/1908; Levi, a.w. p. 103.
82) Eerste Minister (Tvl.) 30, no. 58/2/1908.
83) Ibid. 31, no. 66/1/1908.
84) The Friend, 4.1.1908.

daadwerklik uitvoering kon gee aan aanbevelings in die skitterende verslag van die Armoedekommissie. Met die skemas wat hy reeds aangebied het om die posisie te verlig, het die Regering nietemin voortgegaan. Die ware oplossing, het hulle besef, was om die land se produksie- en industriële bronne te eksploiteer - m.a.w. om die produksievermoë van die land na sy hoogs moontlike kerf op te skuif. Suid-Afrika moet 'n uitvoerland gemaak word, en dan sou dit ook 'n land word wat goedere vervaardig. Die Transvaalse Regering se landbou- en industriële program was daarom ook op hierdie basis gegrond. Hierdeur sou die redenasies oor die oortollige armblankes later gevolg word deur planne om in die aanvraag na arbeid deur immigrasie te voorsien.

Wetgewing van Algemene Maatskaplike Aard: Op alle terreine van die samelewing het Suid-Afrika in die eerste dekade van die 20ste eeu 'n oorgansperiode beleef. Nie minder nie as vyf algemene verkiesings is in die tien jaar in die land gehou. Regerings het gewissel, nuwe grondwette het in werking getree, ou ordes en stelsels moes plek maak vir nuwes; ander bevolkingselemente het die land (veral Transvaal) ingekom om die maatskaplike voorkoms en rassesamestellinge ingrypend te verander; die Zoeloe-onrus in Natal, die Sjinese-vraagstuk in Transvaal en die Indiër-gevaar in albei hierdie Kolonies het 'n gevoel van onsekerheid meegebring dwarsdeur Suid-Afrika en selfs wrywing veroorsaak.

Die Afrikaanse kerkwese het ook in die teken van oorgang gestaan, en trouens 'n kritieke tydstip beleef. Gemeentes het geweldig uitgebrei en sodoende die verantwoordelikheid van geestelike leiers groter gemaak. In vele gemeentes het daar weer roering in die dorre beendere gekom. Kerkraads-, sondagskool- en strewerskonferensies is met goeie vrug gehou en spesiale dienste met veel nut gereël. Maar daar was ook ander leringe wat posgevat en uitgebrei het, bv. die Metodisme, en al meer uitheemse leraars het hierheen gekom. Vele verkeerde strominge is op elke gebied van die sedelike, geestelike en verstandelike lewe onder die volk ingevoer en het kragtig voortgewoeker. 'n Gees van hoeveelheid het posgevat in plaas van hoedanigheid; daar is meer getel en minder geweeg. Daar was verder 'n behoefte aan meer verstandelike, weldeurdagte boodskappe, die resultaat van diepe studie, wat in woord en geskrif aan die volk oorgedra kon word, in die plek van hartroerende preke en platformtoesprake.[85]

In 'n/.....

---

85) De Volkstem, 9.6.1906: Sinodale byeenkoms van N.H. of G. Kerk in Pretoria.

In 'n aansienlike mate is hierdie toestand van vloeibaarheid en die kenmerk van tydelikheid op die sosiaal-maatskaplike en die politiek-staatkundige gebied dwarsdeur die land veroorsaak deurdat die idee van nouere staatkundige eenheid die ganse Suid-Afrikaanse toneel oorkoepel het. Maar selfs onder hierdie omstandighede moes die verskillende Kolonies wetgewing deurvoer ter wille van die maatskaplike welsyn, orde en vrede - en Transvaal was geen uitsondering nie.

In 1907 is o.a. die Vrededorpstandplasewet aangeneem. Die wet het duidelik omskryf wat die voorwaardes is waaronder standplase in hierdie Johannesburgse voorstad gehuur mag word. Voorsiening is gemaak vir versekering teen vervreemding. Die doel van die wet was hoofsaaklik om te verhinder dat nie-blankes hulle in hierdie blanke woonbuurt, wat hoofsaaklik deur minder gegoedes betrek is, sal vestig. Die Asiate wat reeds hulle intrek daar geneem het, sou gekompenseer word.[86]

In dieselfde jaar is die belangrike wet i.s. kompensasie aan werknemers deur die parlement geloods. Die Regering se uitgangspunt was dat persone wat buite aksie gestel word, of wat in die geval van dood hulpbehoewende gesinsverwante nalaat, swaar druk op die Staat. Hierdie wet het aan die werknemer billike skadevergoeding verseker van sy werkgewer in geval van 'n ongeluk, of aan die afhanklike naasbestaandes in die geval van die broodwinner se dood in die diens van die werkgewer. Die wet het daarby 'n goedkoop en eenvoudige regsmiddel verskaf waardeur spoedige vergoeding verkry kon word.[87]

Die Wapens en Ammunisiewet van 1907 het die Ordonnansie van 1902, wat die noodsaaklike beperkings neergelê het oor die besit van wapens en ammunisie net na die oorlog, vervang. 'n Permanente lisensie kon nou weer verkry word waardeur wapens en ammunisie aangeskaf kon word. Geen sodanige reg sou aan nie-blankes gegee word nie. Duidelike regulasies is neergelê betreffende die invoer en vervoer van wapens.[88] Die boere in die buitedistrikte veral, en die inwoners van die gebiede naby die Sjinese kampongs, het dié wet verwelkom.

Deur Wet no. 13 van 1907 is aan die Regering groter magte toegeken vir die beskerming van wild en strenger optrede moontlik gemaak teen die onverantwoordelike en onwettige uitroei van wild/.....

---

86) Wette van Tvl. : Wet no. 27 van 1907.
87) Ibid.: Wet no. 36 van 1907 (Ondergeskikte wysiging in 1910).
88) Ibid.: Wet no. 10 van 1907.

van wild deur persone wat 'n winsgewende bedryf gevoer het deur die markte van biltong te voorsien. Die wet het ook vir naturelle gegeld.[89]*

Met die Kriminele-Wet van 1908 was dit die Regering ten doel om die regspleging van die geregshowe so te reël dat daar onverbiddelik paal en perk gestel kon word aan allerlei misdrywe wat bereken was om aan die gemeenskap kwaad te berokken.[90] Die Wet op Winkelure was bedoel om winkelklerke te beskerm teen oormatige lang dienste per dag. Dit het winkeleienaars verplig om hulle besighede op 'n bepaalde uur te sluit en nie ter wille van eie gewin en konkurensie oop te hou nie tot groot ongerief van die assistente.[91]

In 1909 is die Maatskappywet aangeneem. Dit het o.a. bepaal dat geen maatskappy enige besigheid kon begin nie voordat die owerheid verseker is dat aan alle vereistes en verpligtinge van die wet voldoen is. Maatskappye sou voortaan gereeld verslag moes doen aan die staat van hulle statute. Boeke moes gereeld ge-ouditeer word en groter beskerming is aan aandeelhouers verseker.[92]

In die Wet vir Mynwerkers het die Regering gesorg dat die lewe van mynwerkers beter beveilig word. Uitvoerig is neergelê welke veiligheidsmaatreëls deur elke myn geneem moet word asook die strafbepalinge wat die stipte uitvoering daarvan verseker het.[93]

Wet no. 20 van 1909 is deur die Prokureur-generaal opgestel met die oog op die voorkoming van industriële geskille; dit het voortgevloei uit die werkstaking op die myne in 1907. In die eerste plek is 'n Arbeidsdepartement ingestel sodat arbeidverskaffing en werkverdeling beter kan geskied. Die wet het tweedens voorsiening gemaak vir die aanstelling van inspekteurs vir blanke-arbeid. Die inspekteurs is belas met die uitvoering van die wet. Hulle moet in voeling bly met die arbeiders en trag om die verhouding tussen arbeider en werkgewer sodanig te reël dat botsings vermy word. Langs verskillende weë kon industriële geskille deur arbitrasie geskik word.[94] Ter wille van die boere en ander werkgewers wat van/.....

---

89) Wette van Tvl. : Wet no. 13 van 1907.
90) Ibid.: Wet no. 16 van 1908.
91) Ibid.: Wet no. 32 van 1908. (Geringe wysiging in 1910).
92) Ibid.: Wet no. 31 van 1909.
93) Ibid.: Wet no. 32 van 1909. (Geringe wysiging in 1910).
94) Ibid.: Wet no. 20 van 1909.

* In 1909 het genl. Smuts sekere wysigings voorgestel in die bestaande Jagwet ingevolge waarvan die houers van jaglisensies toegelaat sal word om slegs bepaalde aantalle wildsoorte te skiet. Aan eienaars van plase is groter vryheid verleen om wild op hulle grond te skiet. Die regte en verpligtinge van opsigters en blanke en nie-blanke veldwagters in die Sabie-wildtuin is omskryf. Strenger regulasies is neergelê met betrekking tot die invoer van wild, horings en huide uit Rhodesië aangesien baie diere vir hierdie doel in Transvaal gedood of aangekeer is. (Wet no.11 van 1909).

wat van naturellewerkers gebruik gemaak het, is die Heer- en Diensbodewet gewysig en duideliker omskryf. Dit het gedien ter beskerming van die meester sowel as die diensbode en om misverstande omtrent elke party se verpligtinge, regte en voorregte uit die weg te ruim.[95)]

Om die bedrog van 'n sekere klas handelaarselement, wat besighede gedryf het onder enige naam, aan bande te lê, is die Wet op die Registrasie van Besighede goedgekeur. Hiervolgens moes iedere besigheid geregistreer wees onder die naam waaronder dit gedryf word en die name van die vennote moes, na beëdiging, aan die outoriteite bekend wees. Van alle veranderings moes behoorlike kennisgewing plaasvind.[96)]

Die Botha-administrasie was vasberade om die euwels van allerlei aard wat ontstaan het as gevolg van die ontwrigting van die vorige jare en die instroming van kwaadwillige elemente na Transvaal, die nek in te slaan. Tydens die ondersoek van die Armoedekommissie het dit bv. aan die lig gekom dat kinders dikwels verwaarloos en selfs mishandel word. Die Wet ter Beskerming van die Lewens van Jong Kinders is daarop aangeneem. Hierin is bepaal dat ouers die magistraat in kennis moet stel as hulle kinders vir 'n bepaalde tyd aan die sorg van ander toevertrou word. Magistrate en veldkornette was belas met die uitvoering van die wet en hulle moes in dergelike en ander gevalle hulleself oortuig dat die kinders goeie sorg geniet en, waar nodig, die vereiste maatreëls tref vir die versorging en opvoeding van die kinders. Waar ouers hulle kinders mishandel, sal die kinders hulle ontneem word en aan ander bevoegde persone toevertrou word. Oortredings was swaar strafbaar.[97)]

In Oktober 1908 is 'n Kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die drankhandel.[98)] Na aanleiding van die verslag wat die kommissie opgestel het, is die gewysigde Dranklisensiewet in 1909 goedgekeur. Hiervolgens is strenger regulasies neergelê betreffende die algemene drankhandel, terwyl die vervaardiging en verkoop van kafferbier alleen ooreenkomstig vasgestelde beheermaatreëls en in bepaalde plekke kon geskied. Geen lisensie sou uitgereik word vir die verkoop van drank aan blankes en nie-blankes op dieselfde persele nie. Die polisie wat belas is met die toepassing van die drankwetregulasies/...

---

95) Wette van Tvl. : Wet no. 27 van 1909.
96) Ibid. : Wet no. 36 van 1909.
97) Ibid. : Wet no. 24 van 1909.
98) T.K. 190.

die drankwetregulasies op die Rand sou versterk word.[99]

'n Gebruik wat ook aanleiding gegee het tot allerlei maatskaplike euwels en menige gesin in ellende gedompel het, was die weddenskappe en perdewedrenne. 'n Dobbelgees het onder sekere mense posgevat en in sommige gevalle het dit erg bedenklik geword. Geestelikes het teen die misdrywe geprotesteer en eindelik het die Regering 'n kommissie van Ondersoek aangestel. In hulle rapport is duidelik aangetoon hoe diep die ruïnerende verskynsel reeds wortelgeskiet het in die gemeenskapslewe. Sekere praktiese voorstelle is aan die hand gedoen.[100] In 1909 is 'n ontwerpwet deur die Prokureur-generaal aan die parlement voorgelê en op 7 Julie het dit wet geword. Die wet het die aantal reisiesbyeenkomste per jaar beperk asook die byeenkomste binne sekere afstande van mekaar. Dit het die weddenskappe beperk tot die baan en die dag waarop die wedren sou plaasvind. Alle reisiesbane moes 'n spesiale daarvoor bepaalde lisensie hou.[101]

Deur die wysiging van die Wet op Opiumhandel en die goedkeuring van strenger beheerregulasies het die Regering verseker dat die wanpraktyke wat op hierdie gebied voorgekom het en van baie Sjinese, kleurlinge en naturelle slagoffers gemaak het van dié verdowingsmiddel, grootliks ingeperk is.[102]

Om die grootskaalse bedrog wat op die Aandelemark gepleeg is te bekamp, is die Wet i.s. die reëling van Effekte- en Aandelehandel in Junie 1909 sonder teenstand goedgekeur. Die doel met die Wet was om eerlike mense te beskerm teen die kunsgrepe van sommige makelaars of „brokers." Iedere makelaar was voortaan verplig om 'n behoorlike lisensie uit te neem en voordat hy dit kon ontvang, moes hy die owerheid oortuig het van sy geskiktheid om as sodanig gelisensieer te word. Hy moes oor voldoende sekuriteit beskik, 'n behoorlike besigheidsplek hê en aan verskeie voorskrifte voldoen wat bereken was om die publiek van bedrog te vrywaar.[103]

Ten behoewe van die byeboere en die heuningindustrie het genl. Botha as Minister van Landbou gesorg dat die Wet i.s. die reëling van die invoer van bye goedgekeur word. Daardeur is dit verhinder dat die siekte, bekend as byepes, wat in Europa geheers het, na Transvaal oorgedra word. Alleen met

spesiale/.....

---

99) Wette van Transvaal: Wet no. 33 van 1909.
100) Kol. Sekr. 904, no. 17599.
101) Wette van Transvaal: Wet no. 37 van 1909.
102) Ibid.: Wet no. 4 van 1909.
103) Ibid.: Wet no.34 van 1909.

spesiale toestemming kon bye en heuning voortaan in die Kolonie ingevoer word. Hy het die versekering gegee dat die ander Suid-Afrikaanse Kolonies soortgelyke wetgewing sal formuleer.[104)]

Genl. Botha het ten slotte toegesien dat die parlement die Wet oor die uitroei van skadelike onkruide aanneem. Die Wet het die persone wat belas was met die uitroei van skadelike onkruide gemagtig om ook geproklameerde terrein te betree, soos bv. Myngebiede, aangesien baie onkruide soos die boetebossie, die skotse dissel, die kankerroos en kakiebossies selfs in en rondom die stede welig getier het.[*] Die Wet het die Regering ook gemagtig om ingevoerde saad te ondersoek ten einde die verspreiding van onkruid te bekamp.[105)]

Ander wette, van ondergeskikte belang en van meer administratiewe aard is tydens die parlementsittings van 1907, 1908 en 1909 aanvaar.

In die baie kort en laaste sitting van Transvaal se eerste parlement, in 1910, is slegs 15 minder belangrike wette aangeneem. Vier hiervan was wysigingswette van vorige maatreëls, vier het oor onderwysaangeleenthede en twee oor finansiële sake gehandel.[+]

Die Botha-regering was slegs drie jaar en drie maande lank aan bewind in Transvaal. Tydens elke parlementsitting is 'n lywige wetgewende program afgehandel ter wille van die algemene voorspoed en geluk van die land en sy inwoners. Hinderlike toestande in die openbare lewe is sover moontlik uitgeskakel en die behoeftes van die gemeenskap tegemoetgekom. Sommige wetgewende maatreëls was in der waarheid bestem om van durende betekenis te wees vir Transvaal en ook 'n weldadige invloed uit te oefen op die bevordering van die maatskaplike welsyn in Suid-Afrika as geheel.

Immigrasie/.....

---

104) Wette van Transvaal: Wet no. 6 van 1909.
105) Ibid.: Wet no. 12 van 1909.

[*] Die lid vir Carolina, D.F. van Aardt, het beweer dat hy gesien het „dat op de begraafplaats te Pretoria schotse distel gebruikt was op een graf te planten; die mensen kenden dus het onkruid niet." (Wetg. Verg. 1909, p.77).

[+] Die enkele Onderwys-, Landbou- en Spoorwegwette van 1910 word by die hoofstukke oor die betrokke onderwerpe ingeskakel.

Immigrasie: As 'n land vir kolonisasie het Afrika aan die begin van die eeu 'n skrille kontras gevorm met Amerika. In Amerika het 'n groot aanvraag bestaan vir werk van alle grade en verskillende beroepe, in die fabrieke, die ambag, ingenieurswese en landbou. Gevolglik was Amerika in staat om immigrante sonder geld e n m a s s e te absorbeer sonder enige versteurende ekonomiese gevolge. Afrika, aan die ander kant, het geringe geleentheid gebied aan geskoolde arbeid en so-te-sê niks aan ongeskoolde nie. Sy arbeidsvelde was min in getal en beperk in omvang.ø 'n Groter bevolking was nodig om sy bronne te ontgin dog in die praktyk was enige grootskaalse instroming van immigrante eerder 'n belemmering as 'n voordeel. Daarby was daar 'n steeds toenemende getal werkloses, 'n daling in die loonskale en gevolglik 'n verlaging van die status van die blanke werker in vergelyking met die nie-blanke.

Met hierdie faktore sou elke regering in Suidelike Afrika rekening moes hou. In Transvaal het die Botha-ministerie gevolglik geen beplande immigrasiebeleid gehad nie. Die armoede- en werkloosheidsvraagstukke sou eers bevredigend opgelos moet word. Die Wet i.s. die Beperking van Immigrasie is laat in 1907 goedgekeur en die doel daarmee was hoofsaaklik om te verhinder dat enige ongewenste persone soos misdadigers, armlastiges, ongeletterdes, kranksinniges of persone wat aan enige oorerflike of aansteeklike siekte ly die land inkom. Die Wet het die Minister ook die mag verleen om persone wat gevaarlik is vir die vrede en die behoorlike administrasie van die land te laat arresteer en uit die Kolonie te verban.[106] Die ware oogmerk van die Botha-regering met hierdie maatreël was om Indiër-immigrasie na Transvaal te beperk en wetsongehoorsame Asiate-leiers oor die grens te sit.¤

Daar was in hierdie jare in ieder geval 'n sekere soort immigrant wat Suid-Afrika in nogal aansienlike getalle binnegekom het, t.w. die Russiese Jode.[107] Die leiers van Het Volk het geen beswaar teen hulle emigrasie na Transvaal gehad nie. Op 31 Januarie 1907 het Smuts bv. aan E. P. Solomon geskryf:

> „The Russian Jews who come to this country intend to make it their home; they always have been and will continually be heartily welcomed by our organisation."[108]

Aan die/.....

---

106) Wette van Transvaal: Wet no.15 van 1907.
107) Ons Land, 3.5.1906, 12.1.1907.
108) Aangehaal by Levi, a.w. p.93.
ø Cd. 3918 (31.12.'07) South Africa: The depression continued. There was no demand for immigrants of any kind. Cd. 4526 (31.12.1908) South Africa: Although some improvement in general conditions was visible, there was no demand for immigrant workers of any kind, except for a limited number of female servants. Cd. 5101 (31.12.'09) S.A.: Dieselfde as in 1908.
¤ Vide supra, Hoofstuk 5.

Aan die einde van 1907 was van die 213 immigrante na Transvaal 141 van Russiese nasionaliteit, met vanne soos Cohen, Berger, Davis, Dorfman, Freedman, Goldberg, Goldstein, Goodman, Harris, ens. en 'n menigte ander met die -sky-, -ski- en -witz-uitgange aan die van.[109)]

Van 1906 tot 1908 het 18,432 persone na Suid-Afrika geimmigreer en 18,788 geëmigreer. Van e.g. groep skryf die „South African News" : „... the very large majority were simply passing through the Cape Colony to the Transvaal." Wat nasionaliteit betref, was hierdie immigrante soos volg verteenwoordig: 3,864 Britse onderdane, 347 Duitsers, 42 Franse, 909 Russiese Jode, 47 Skandinawiërs, 9 Portugese, 57 Grieke of Italiane, 56 Australiërs, 119 van die V.S.A., 3 van Suid-Amerika en 168 van ander nasionaliteite.[110)]

In die halfjaar wat geëindig het op 30 Junie 1910 is 328 persone in die Unie van Suid-Afrika genaturaliseer. Hiervan was 257 van Russiese nasionaliteit. Uit die totaal het 159 hulle in Transvaal kom vestig; van hulle was 130 van Russiese nasionaliteit en van beroep was hulle hoofsaaklik handelaars, winkeliers, spekulante, bakkers, skoenmakers, kleremakers, produkte- en algemene handelaars, handelsreisigers horlosiemakers, slagters, meulenaars en hoteleienaars. Van die 328 genaturaliseerde persone was slegs 10 Hollandssprekend.[111)]

Verdediging - Die Boer en die Britse Ryk: 'n Belangrike Interkoloniale Verdedigingskonferensie is op 21 Januarie 1907 onder voorsitterskap van lord Selborne in Johannesburg gehou. Transvaal is op die vergadering verteenwoordig deur Patrick Duncan (Koloniale sekretaris) en kol. sir Aubrey Wools-Sampson. Die afgevaardigdes was dit eens dat 'n plan nodig is waarvolgens 'n uiteindelike federasie van die Verdedigingsmagte van Suid-Afrika verkry kan word. Uit die aard van die saak kon Transvaal en Vrystaat hulle as nie-selfbesturende Kolonies nie neerlê by die besluite nie. In Mei 1907, egter, het die nuwe Transvaalse Regering ook van hulle kant die resolusies goedgekeur.

Op die konferensie is o.a. besluit dat vir geval van enige oorlog of opstand in Suid-Afrika, die Kolonie wat daarin betrokke is, die reg sal hê om op die ander Kolonies 'n beroep/.....

---

109) T.K. 23, pp. 126-128. Vgl. ook Luit.-Goew. 61, no.2218, 2981, en 2982.
110) The South African News, 30.3.1909.
111) Unie-staatskoerant, no. 1. pp.578-581; The South African News, 1.8.1910.

beroep te doen op die steun van sodanige magte soos wat deur die terme van die ooreenkoms voorsien word, - behalwe as 'n Kolonie sy magte vir eie verdediging benodig. As sodanige hulp verleen word, sal die Kolonie wat in die staat van oorlog is al die koste dra van die troepe wat hy aanvra, van die datum van mobilisasie.

Die numeriese sterkte van die magte wat volgens die ooreenkoms deur elke Kolonie voorsien sal word, sal soos volg wees: Kaapkolonie: 1,500; Transvaal: 1,00; O.R.C.: 500; Natal: 500; Suid-Rhodesië: 200. Dit is 'n totaal van 3,700 man. Elke Kolonie sal sy afdeling saamstel uit sy eie ingeskrewe magte en sal sorg dat sy afdeling gewapen, toegerus en van perde voorsien is. As 'n afdeling na 'n ander Kolonie gestuur word, sal dit daar onder bevel staan van die Goewerneur van daardie Kolonie en onder die hoër offisiere wat hy aanstel.

Ander bepalings van ondergeskikte belang is neergelê.[112]

Die kwessie van imperiale verdediging het ter sprake gekom op die Premierskonferensie wat genl. Botha in April-Mei 1907 in Londen bygewoon het. 'n Besluit is aanvaar dat die Kolonies deur die Britse Koloniale sekretaris in verbinding sal tree met die Committee of Imperial Defence indien deskundige advies benodig word. Wat die see-verdediging betref, het Botha gesê dat Brittanje op 'n historiese oomblik Transvaal se weg na die see versper het. Hy stel sy vertroue egter in 'n politieke federasie van Suid-Afrika waarin Transvaal graag in samewerking met die ander Kolonies sal bydra tot die militêre en see-verdediging van die Britse Ryk.[113]

In Mei 1909 het die Botha-kabinet 'n berig van Engeland ontvang dat 'n konferensie oor die verdediging van die Britse Ryk, en die handhawing van die Britse oppergesag op see teen die middel van Julie 1909 in Londen gehou sal word.[114] Dié reëling het die Suid-Afrikaners gepas aangesien die politieke leiers van die 4 Kolonies juis in hierdie tyd in Londen sou wees om die Ontwerp-Suid-Afrikawet aan die Britse parlement voor te lê.

Tydens die samesprekinge op die Imperiale Verdedigingskonferensie is die Kaapkolonie verteenwoordig deur Merriman,

Natal/.....

---

112) Eerste Minister (Tvl.) 8, no. 35/1/1907; Eerste Minister (Kaapkol.) 301, p.228, 23.7.1907.
113) Preller-vers. 27(1), Uitknipsels: Daily Telegraph en Daily Chronicle, 24.4.1907.
114) Eerste Minister (Tvl.) 51, no.78/1/1909.

Natal deur kol. E. M. Greene (Minister van Spoorweë en Hawens), die Vrystaat deur Fischer en Hertzog en Transvaal deur Smuts. Die volgende uitgangspunte is deur die konferensie aanvaar:

(i) Sonder die oppermag op see kan die Ryk nie gehandhaaf word nie.

(ii) Dit is die plig van elke selfregerende deel van die Ryk om sover moontlik te sorg vir sy eie territoriale veiligheid.

(iii) Planne vir onderlinge steun in tye van nood moet volgens 'n definitiewe sisteem opgestel word. 115)

Op 'n banket vir die afgevaardigdes na die verdedigingsamesprekinge het verskeie sprekers dit gehad oor imperiale verdediging. Smuts het ook die woord gevoer en aan die einde van sy orasie betoog:

> „There was the material in South Africa for the best defence force which any country of that size had ever seen. They had in South Africa at least 100,000 men who had gone through one of the most prolonged and difficult wars of recent times. There was their experience, there was the endurance and patriotism that they had shown in the past for the ideals that they had held on one side or the other, and he could not doubt that, if the necessity arose - he hoped it never would - all that experience and endurance which had been gathered together would be at the disposal of the defence of South Africa and of the Empire." 116)

Het genl. Smuts inderdaad geglo dat elke Boer in Suid-Afrika sy goed en bloed sou opoffer ten behoue van die Britse Empire? 1914 sou die spoedige bewys lewer. Ons volstaan met 'n betekenisvolle kwotasie uit 'n brief aan pres. Steyn van genl. C.F. Beyers wat, juis deur Smuts as Suid-Afrika se eerste Minister van Verdediging, as eerste Kommandant-generaal van die Unie-weermag aangestel sou word. Op 9 Februarie 1910 het hy geskryf:

> „Ik verlang al om een beetjie politiek van mijn President te horen. Ik hoop net, dat wanneer wij een dag van die ou rooi vlag verlost zijn, uwe gezondheid u weer zal toelaten ‚voor-touw' te nemen....." 117)

---

115) Eerste Minister (Tvl.) 42, no. 30/1/1909.
116) Preller-vers. 34, Uitknipsel: The Times, 29.7.1909 (Skrywer kursiveer.)
117) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/5, 9.2.1910.

-------oOo-------

H O O F S T U K 9.

DIE NATURELLE-ADMINISTRASIE VAN DIE BOTHA-REGERING.

Die Grondwet waarvolgens verantwoordelike regering op 12 Januarie 1907 in Transvaal in werking getree het, het o.a. neergelê dat die Goewerneur (lord Selborne) as verteenwoordiger van Brittanje in Transvaal, en nie die Ministerie nie, die oppergesag sal uitoefen oor die Transvaalse naturelle.* Die ernstige hoop wat in die geledere van Het Volk gekoester is dat Swaziland administratief direk by die selfregerende Transvaal ingelyf moet word, is nie vervul nie; die hoogste woord in hierdie naturelleprotektoraat sou insgelyks deur die Hoë Kommissaris namens die Imperiale owerheid gevoer word. Hierdie toedrag van sake het natuurlik nie verhinder dat die regeringshoof 'n minister van naturellesake in sy kabinet sal opneem nie. Aan J.F.B. Rissik het genl. Botha dié portefeulje toegewys - soos die Indiërs gesorteer het onder die beheer van Smuts as Koloniale sekretaris. Die wetgewing ten opsigte van ieder geval het vir die finale bekragtiging by die Imperiale Regering berus.

Naturelle-administrasie tydens die Engelse Bestuur: Oor die algemeen het die administrasie van die naturelle sedert die Vrede van Vereniging met so min moontlike veranderinge van die ou bestuur voortgeduur. Hierdie bestuur was in ooreenkoms met die begeerte van die groot naturellemassa, en nie soos 'n kleiner geleerde groep geëis het nie. G.Y. Lagden, die Kommissaris van Naturellesake, het self geskryf:

"There is an exaggerated belief in the virtues of legislation or forced progressive measures which would to my mind be harmful to the general cause of Native development. I sympathise with the cause of Native progress but dissent from the view that it can usefully be hurried. ....The ideas of the promotors, who represent the educated section, are not in accord with the thoughts of the masses." 1)

Wet no. 4 van 1885 was derhalwe nog van krag in soverre Naturellehoofde deels verantwoordelik was vir die insameling van belasting (2/- per capita) en vir die handhawing van goeie orde onder hulle stamme. Sover doenlik is die naturellewette in stand gehou waar grondgebied volgens gemeenskaplike eiendomsreg besit is; onderworpe aan die reg van appél na die Naturellekommissaris en na 'n hoër regbank, het die

naturellehoofde/..

---

* Art. LI.
1) Luit.-Goew. 112, no.110, 7.7.1906.

naturellehoofde hier aansienlike vryheid geniet in die uitoefening van hulle erkende jurisdiksie.

Die paswet het nog heeltemal doeltreffend gefunksioneer. Aan die verskillende sendinggenootskappe is steeds ruim geldelike steun verleen vir onderwysdoeleindes. Naturelle-arbeid was oral nog skaars; van die kant van die Regering is nietemin eerlike pogings aangewend om die belange van naturelle-arbeiders te beveilig - veral op die myne. Die naturelle se aansoeke om skadevergoeding vir verliese wat hulle tydens die oorlog gely het, is ondersoek; die £114,000 wat deur die Imperiale Regering beskikbaar gestel is vir kompensasie aan hulle is in 1904-'05 uitbetaal teen 3/5 in die £.[2)]

Blykens die maandelikse rapporte van die resident-magistrate was die algemene toestande onder die naturelle in Transvaal op die vooraand van die bewindsoorname deur die Botha-regering heeltemal bevredigend. Die verhouding tussen die blankes en die naturelle was goed en die insameling van belasting het geen probleem opgelewer nie. Die kondisie van hulle vee was redelik en al minder uitbrekings van ooskuskoors het voorgekom. Die sterftesyfer onder die naturelle het ook gedaal, maar oortredings, siviel sowel as krimineel, het nog baie voorgekom en daar was dikwels onderlinge moeilikheid oor die kwessie van die opvolging van kapteins.

'n Saak wat onrus onder die Zoeloe-werknemers in Johannesburg veroorsaak het, was die militêre optrede teen die Zoeloe-opstandelinge in Natal. Die berig dat Transvaal 500 vrywilligers daarheen gestuur het, het die gemoedere meer gaande gemaak aangesien die Zoeloes in Transvaal bekommerd was oor die veiligheid van hulle gesinne in Natal. Van die kant van die geleerde naturelle is betoog dat die rebellie eenvoudig moes volg vanweë die afwesigheid van behoorlike verteenwoordiging of konsiderasie van hulle ras in die rade van die Kolonie.[3)]

<u>Naturelle-administrasie gedurende die tydperk van Selfregering:</u> Met die instelling van Verantwoordelike Bestuur in Transvaal het die administrasie van naturellesake van die beheer van 'n Uitvoerende Kommissaris oorgegaan na 'n kabinetsminister. Met die aftrede van sir Godfrey Lagden vroeg in 1907 het mnr. Johann Rissik dus die beheer oorgeneem oor die Departement Naturellesake.

Ooreenkomstig/...

---

2) Ibid.
3) Ibid. 115, no. 110/42.

Ooreenkomstig die nuwe Regering se beleid van besuiniging is die onder-naturellekommissarisse in sekere distrikte afgedank en die administrasie van naturellesake oorgeplaas in die hande van die magistrate met die hulp van klerke van die Departement Naturellesake.

Sekere probleme met betrekking tot naturellelokasies het die vorige Regering hoofbrekings besorg. 'n Kommissie van drie onder voorsitterskap van H.W. Struben is in Augustus 1905 deur sir Arthur Lawley aangestel om die aangeleentheid te ondersoek en aanbevelings te doen aangaande lokasiegrense, die aansprake van ander stamme op lokasies en die verskillende kwessies wat uit die aangeleentheid spruit. Die Struben-kommissie het sy finale verslag in Mei 1907 aan die nuwe Regering voorgelê en gelei deur die verskillende aanbevelings daarin vervat, het die Departement Naturellesake onder Rissik erkenning verleen aan sestig lokasies in Transvaal. Die grense sou duidelik afgebaken word waar dit nog nie geskied het nie; grond wat as naturellewoongebied toegewys is of later toegewys mog word, kon nie vervreem word nie behalwe ooreenkomstig 'n wet wat in die parlement deurgevoer is. Regulasies is opgestel om onwettige plakkery op onbewoonde plase en kroongronde te voorkom.[4]

Wetgewende Maatreëls: Die toestand van voorspoed, tevredenheid en wetsgehoorsaamheid wat onder die naturelle in Transvaal geheers het, het meegebring dat geen wetgewing van ingrypende betekenis tydens die Botha-bewind ingedien is nie. In 1907 is die Wet ter Wysiging van die Naturelle-administrasie (Wet no. 29 van 1907) deur die parlement goedgekeur. Die bestaande Wet is alleen sodanig verander dat naturelle voortaan ook in alle sake die reg sal hê om na die hoër howe van die Kolonie te appelleer.[5]

In dieselfde jaar is, soos ons gesien het met betrekking tot die Indiërs, die Wet op die Beperking van Immigrasie, deurgevoer. Die Regering het egter ondervind dat hierdie Wet nie verhinder het nie dat talle naturelle uit ander dele van Suidelike Afrika oor die grens gekom het en hulle wederregtelik in die Transvaalse naturellegebiede kom vestig het. Die Regering het in 1908 besluit om hierdie immigrasie te beperk deur die Wet i.s. die Wysiging van die Beperking op

Immigrasie/...

---

4) T.K. 192: Jaarverslag van Sekretaris van Naturellesake, 1907-1908.
5) Wette van Tvl.: Wet no. 29 van 1907.

Immigrasie (Wet no. 38 van 1908). Ingevolge dié maatreël sou dit onmoontlik wees vir naturelle uit ander gebiede om na Transvaal te immigreer, tensy hulle voldoen aan die beperkinge van die Immigrasiewet, nl. aan die ondersoek betreffende opvoedkundige kwalifikasies, besittings en alle ander formaliteite waaraan blankes moes voldoen, of tensy hulle as arbeiders kom, waarvoor daar dan spesiale uitsonderings vir hulle gemaak word.[6]

In 1909 het Rissik die Paswet vir Naturelle in Stedelike Gebiede deur die parlement geloods. Dit het voorsiening gemaak vir die oordrag van die naturelle-pasadministrasie in die dorps- en stedelik gebiede dwarsdeur die Kolonie van die lokale outoriteite na die Departement Naturellesake. Terselfdertyd is die administrasie van die pasregulasies van die munisipaliteite na die Sentrale Regering oorgedra sodat die hele stelsel onder een beherende outoriteit kan wees. Die Wet het op 1 Januarie 1910 in werking getree.[7]

Met die insameling van belasting in 1907 en 1908 het dit geblyk dat die Ordonnansie van 1906 i.s. Naturellebelasting nie meer doelmatig was nie. Van die kant van naturellehoofde sowel as sommige boere het daar beswaar gekom. Met die goedkeuring van die Naturellebelastingwet (no. 9 van 1908) deur die parlement het die Minister, mnr. Rissik, daarin geslaag om die onreëlmatighede uit te stryk en ook sekere toegewings te doen aan die belastingbetalers. Die Wet het op 1 Januarie 1909 in werking getree.[8] Die Sekretaris van Naturellesake, mnr. W. Windham, het 'n personeel van ses naturellekommissarisse aangestel om die belasting in te samel; hulle is bygestaan deur 'n aantal naturellekonstabels. 'n Totale bedrag van £352,433 is in die finansiële jaar wat op 30 Junie 1909 geëindig het, ingevorder.[9]

Naturelle-onderwys: Goeie vordering is op die gebied van naturelle-onderwys gemaak. Daar was in 1909 reeds 243 regeringsondersteunde en 141 nie-ondersteunde skole met 9,833 en 4,627 leerlinge onderskeidelik en 62 blanke- en 486 naturelle-onderwysers in e.g. en 182 onderwysers vir lg. skole. Teenoor £5,850 wat in 1906 aan naturelleskole

bestee/...

---

6) Ibid.: Wet no. 38 van 1908.
7) Ibid.: Wet no. 18 van 1909; T.K. 30 p. 833.
8) Luit.-Goew. 117, no. 110/76 en /78; T.K. 192: Jaarverslag, 1907-1908; Wette van Transvaal: Wet no. 9 van 1908. T.K. 25 p.540.
9) T.K. 23, p. 191; T.K.196: Jaarverslag, 1908-1909, p.10.

bestee is, het die bedrag in 1909 tot £10,976 aangegroei, en steeds was daar 'n toenemende vraag na opvoeding onder die naturelle gemanifesteer. Onder die meer verligte kringe van die naturelle het die versoek gekom dat die moedertaal die medium van onderrig moet wees tot st. 3 en Engels daarna tot sover dit prakties is. Beide Engels en die moedertaal moet as tale dwarsdeur die skoolloopbaan onderrig word.[10]

Arbeid: Die Botha-regering se wakkere Naturelle-arbeidsburo, en die uitgebreide verbeterings in die lewensomstandighede en behandeling van naturelle-arbeiders op die myne sedert die oorlog, was faktore wat grootliks daartoe bygedra het dat die vroeëre ongewildheid van werkverskaffing in die myne aan die afneem was. 'n Verblydende teken was dat 85% van die arbeiders hulle op eie verantwoordelikheid, m.a.w. sonder die hulp van die buro, by die arbeidsmark aangemeld het vir werk. Die sowat 25,000 Sjinese wat van Oktober 1907 tot Junie 1908 gerepatrieer is, is vervang deur 30,000 naturelle. Teen 30 Junie 1909 was daar 252,674 naturelle werksaam in die verskillende arbeidsvelde van Transvaal. Die ± 16,000 Sjinese wat in dié jaar gerepatrieer is, is deur bykans twee maal soveel naturellewerkers vervang. Tog was daar op die plase nog 'n groot tekort aan hande-arbeiders en 'n beroep is op die Regering gedoen om die boere in die opsig te help. Die doel van die Heer- en Diensbodewet was juis om die diensterme aan boere en plaas-arbeiders duidelik te omskryf, om 'n beter verstandhouding tussen hulle te skep en te probeer verseker dat werkstoestande op plase gewilder sal word onder die naturelle. Daarbenewens het die Departement alles in sy vermoë gedoen om die beste gesondheidstoestande op die myne te handhaaf ten einde die sterftesyfer te laat daal.[11]

Met behulp van die distriksgeneeshere, die veldkornette, naturellekommissarisse en die sendelinge is onverpoosd gestry teen siektes soos malaria, melaatsheid en sifilis wat in die buitedistrikte, op die plase en in die naturellegebiede onder die nie-blankes voorgekom het. Staatsondersteunde inrigtings te Rietfontein (naby Johannesburg), Pietersburg, Bochem en Elim het spesiale voorsiening gemaak vir die behandeling van sifilis-lyers.[12]

Deur taktvolle optrede het die Departement Naturellesake

die/...

---

10) T.K. 192 en 196: Jaarverslae: 1907-1908 en 1908-1909.
11) Ibid.
12) Ibid.

die samewerking van die naturelle erlang in die landswye veldtog teen veesiektes. Die veiligheidsmaatreëls soos die verpligting om vee te brand en te laat dip en gebiede te omhein is met sukses aangewend om die verspreiding van veesiektes te voorkom. Ten spyte van hulle liefde vir en afhanklikheid van hulle vee het die naturelle goeie begrip getoon wanneer daar van hulle vee vernietig moes word ten einde ooskuskoors doeltreffend te bekamp. Hulle het aanvaar dat die gemeenskap daarby sal baat en het met tevredenheid die kompensasie ontvang.

Afgesien van 'n onbeduidende mate van onrustigheid onder die Zoeloes in Johannesburg en Piet Retief as gevolg van die Zoeloe-onluste in Natal het die naturellebevolking in Transvaal inderdaad 'n tydperk van vrede en rus beleef en was hulle gehoorsaam en onderdanig. Die kleinere geskille met die opvolging van nuwe stamkapteins is maklik uit die weg geruim en ook die onderlinge stamverhoudings was bevredigend. Van voedseltekort was daar geen sprake nie aangesien hulle vanweë die gunstige reënval buitengewoon goeie oeste ingesamel het.

Van beskawing onder die naturelle was daar nog weinig sprake, ten spyte van die invloed van die blankes. Die blankes se kleredrag het onder hulle posgevat maar aan die ander kant was hulle bygeloof nog baie sterk en gebruike soos toorkuns en veelwywery op verre na nie uitgesterf nie.[13]

Die Botha-regering en die Zoeloe-opstand in Natal: Genl. Botha se persoonlike bemoeiing:

In Augustus en September 1907 het berigte uit Natal gelui dat daar tekens is van hernieude en broeiende onrus onder die Zoeloes. Opperhoof Dinizulu het die vuurwapens wat in besit was van sy onderdane geïnspekteer en daar is verwag dat hy nuwe voorrade uit die Portugese gebied sou ontvang. Die algemene mening was voorts dat hy die moord op Sicheli, een van die indoenas, en op 'n blanke magistraat, beplan het; ander moorde het gevolg en konsternasie het onder die lojale indoenas ontstaan.[14]

Goewerneur Nathan van Natal het die Koloniale sekretaris in Londen meegedeel dat die Moor-ministerie oortuig daarvan is dat die verwydering van Dinizulu uit Zoeloeland noodsaaklik is vir die vrede in Natal. Die opperhoof was besig om sy

posisie/...

---

13) Ibid.
14) Cd. 3888, 28.8.1907; 10.9.1907; Eerste Minister (Natal) 103, 12 en 15.8.1907.

posisie te versterk en die verwagting was dat daar later in die somerseisoen onrus sal uitbreek in verskillende dele van die Kolonie wat sal kulmineer in n algemene opstand. Nathan versoek derhalwe dat Elgin met die voorgestelde optrede sal instem. Die Minister van Kolonies het geantwoord dat hy die stap as baie ernstig beskou en versoek dat niks gedoen sal word nie alvorens hy oor volledige inligting beskik.[15)]

In Oktober het verdere berigte gevolg - selfs van die Kommissaris van Naturellesake in Zoeloeland - en sonder uitsondering is Dinizulu aanspreeklik gehou vir die toestand van onrus en die vrees vir verdere moorde, ook onder die blankes. Op 28 November het die Goewerneur aan Elgin laat weet dat die Ministerie finaal besluit het om volmag te verleen vir die arres van Dinizulu. Op aanbeveling van die Naturellesakekommissie is n deel van die militêre mag gemobiliseer om die polisie te versterk, en in Zoeloeland is krygswet afgekondig.[16)] Aan genl. Botha het Moor laat weet dat hulle gaan optree teen Dinizulu aangesien hy die kwaadstigter is.[17)]

Misnoeë in ander Kolonies oor Optrede van Natal in Zoeloe-onrus:

Die heersende onrus onder die Zoeloes en die manier van optrede van die Natalse Regering het die owerhede in die buurstate met kommer vervul; veral genl. Botha wat in Natal grootgeword het, en die taal en mentaliteit van die Zoeloenasie, hulle trots en tradisie, deeglik geken het, was bevrees dat enige ondeurdagte daad van die kant van die blankes onherstelbare skade kon berokken in hulle betrekkinge met hierdie koninklike swart nasiegroep. Op 11 September het Botha gevolglik die volgende voorstel aan Moor gemaak: Moor moes toelaat dat Botha vir ene Coenraad Meijer van Utrecht stuur om Dinizulu persoonlik te gaan spreek. Meijer was n ou man van ongeveer 70 jaar en n boodskapper tussen die Transvaalse Regering en Panda, Cetchewayo en Dinizulu. "He is one of the few white men who enjoy the full confidence of the Zulu nation." Meijer moet hom persoonlik in Pretoria kom besoek en hy sal hom instruksies gee hoe om op te tree.

> "I know that (Dinizulu) will speak openly to Coenraad Meijer and thinking that he is Dutch he will be able to get more out of him than anybody else."[18)]

Moor het ingestem en deur middel van die magistraat van Vryheid Meijer opdrag gegee om na Botha te gaan sonder dat hy wis dat dit die Natalse Regering se versoek is. In Pretoria het Botha aan Meijer die saak verduidelik en die nodige

instruksies/.....

---

15) Cd. 3888, 11.9.1907; 13.9.1907.
16) Ibid. 4 en 12.10.1907; 28.11.1907; 3.12.1907.
17) Eerste Minister (Natal) 103, 27.11.1907.
18) Eerste Minister (Natal) 103, 11.9.1907.

instruksies aan hom gegee.[19]

Coenraad Meijer het sés dae by Dinizulu vertoef -

"...for I wished to have time to speak to him about everything and he on no account would let me leave sooner" -

en die volgende verslag aan Botha gegee wat lg. op sy beurt aan Moor gestuur het:

(i) Dinizulu het verklaar dat dit moeilik is om vas te stel wat die oorsake is van die moorde; hy bepaal hom streng by grense van die gebied wat onder sy opperhoofskap val. Tog reken hy dat die moord op Sicheli gedoen is uit weerwraak na sekere gebeure in die vorige rebellie.

(ii) Met die moord op die magistraat het hy nie direk of indirek iets te doen nie. Die magistraat is vermoor deur Zoeloes onder die indoena Ngoti en as Ngoti sy plig wou doen, kon hy die skuldiges uitgelewer het.

(iii) Die opstand onder die Zoeloes is nie begin deur naturelle wat in Zoeloeland woon nie dog deur naturelle wat tussen die blankes in Natal woon; daarna het dit uitgebrei na groepe in Zoeloeland en hy het, waar hy nog invloed gehad het, sy volgelinge afgeraai om aan die rebellie deel te neem en hulle oorreed om hulle belastings te betaal.

(iv) Ou naturelle-kennisse wat vroeër op sy plaas gewoon het, het hom verseker dat Dinizulu nie geblameer kan word vir die moord op lojale naturelle, of op die magistraat of vir die rebellie wat plaasgevind het nie.

(v) Dinizulu het net een begeerte en dit is om in vrede te leef met die Natalse Regering en dit grief hom dat hy beskuldig word vir die onreëlmatighede.

(vi) Zoeloeland is opgedeel in streke wat onder hoofde geplaas is; naturelle van daardie streke word nie toegelaat om hom te besoek nie; daardeur het hy beheer oor hulle verloor en hy was nie by magte om op te tree nie.

(vii) Dit was baie duidelik dat Dinizulu glad nie meer enige beheer oor die Zoeloenasie as geheel het nie; sy eens goedversorgde kraal is totaal verwaarloos, en n mens kan dadelik opmerk dat hy n man van hoë rang is sonder volgelinge.

(viii) Meijer beveel aan dat die Natalse Ministers in nouer en direkter kontak met Dinizulu tree; toestande sal dan spoedig verbeter.

(ix) Dinizulu se groot begeerte was dat genl. Botha hom moet kom spreek.[20]

Die Moor-ministerie het klaarblyklik nie baie waarde geheg aan Meijer se bevindings nie en ook nie moeite gedoen om op sy aanbevelings te reageer nie. Die onrus het gevolglik voortgeduur - en dit tot ergenis van die buurstate vir wie die gedagte aan nouere politieke eenwording, waarby Natal met sy nieblanke probleem ingesluit moes word, daagliks meer prominent geword het. Juis in hierdie dae skryf pres. Steyn aan Merriman:

"...Natal... is one of our weak spots and I must say that I am not at all at ease about the Native question there."[21]

Genl/.....

---

19) Ibid. 17.9.1907.
20) Ibid. (Geen datum).
21) Merriman Papers, no.105, 4.10.1907.

Genl. Botha was ook bitter spyt oor die verloop van sake in Natal.

> "I regretted very much that the Natal Government called out all the Militia in order to arrest Dinizulu as if a great war was threatening,"

het hy aan Merriman geskryf.

> "I did my utmost to prevent this but Natal has followed its own mind and has to-day to bear the blame".[22]*

Volgens genl. Smuts was die groot gevaar die waarskynlikheid dat Dinizulu, vir geval van oorlog, na Transvaal sal vlug

> "...relying on old Boer friendship to protect him against Natal. And that would place us in a very troublesome position."

Die Transvaalse Regering was dus in 'n groot verleentheid oor die optrede van die Natallers, erken hy teenoor Merriman, en die uitwerking van daardie flaters sou al die Kolonies raak, want daar was aanduidings dat die moeilikhede sal versprei. Hy vertrou nietemin dat die kennis en wysheid wat daar in Transvaal is, sodanige ramp sal afweer. Hy is erg teleurgesteld dat die Moor-kabinet die voorstel van Botha om die moeilikhede te voorkom, van die hand gewys het en paniekerig geswig het voor die druk van die Natalse publiek.[23]

In antwoord op Moor se brief van 27 November dat sy Regering Dinizulu as die kwaadstigter in Zoeloeland beskou en gevolglik met 'n militêre mag teen hom gaan optree, het genl. Botha enigsins verontwaardiglik geantwoord:

> "I cannot tell you how much I regret that you did not follow my advice in reference to Dinizulu, and that at a time of general peace, when only isolated crimes were being committed by the rebels. You have taken war measures which are bound to excite not only the Zulus but also other native races."

Hy verwys met afkeer na 'n berig uit Natal in die Londense Tribune wat lui:

'I/.....

---

22) Ibid. no.147, 13.11.1907.
23) Ibid. no.160, (waarskynlik November) 1907.

* Merriman was oortuig daarvan dat Botha die aangewese man was om die naturelleprobleem in Natal op te los. Hy skryf op 20 Des. 1907 o.a. aan Botha: "Probably you are the only man who can influence Natal at the present for our country's good." Aan Goldwin Smith skryf hy weer of 12 Jan. 1908: "Probably the only sane course will be to work through Botha who has very moderate views and is half a Natalian himself..." (Merriman Papers, no.147, 20.12.1907; no.5, 12.1.1908). Onderwyl Merriman juis in hierdie tyd (Nov.1907) in Transvaal besoek afgelê het, skryf hy aan sy vrou, Agnes Merriman; "In my opinion he (Botha) stands between South Africa and a great catastrophe in that miserable Natal native question". (Merriman Papers, no.141, 15.11.1907). "...Just now he has done some first rate work by stopping these fools in Natal from going to war with the natives." (Engelenburg-vers. 19, Nov. 1907).

'I understand on the best authority that genl. Botha strongly urged the Government of Natal to take the present action owing to the evil influence exerted by Dinizulu in Swaziland.'

"I do not wish to contradict this for fear of embarrassing you still further,"

skryf hy voorts,

"but you will understand how annoying it is to be held responsible for things of which you utterly disapprove."

Hy doen dan nogmaals 'n laaste beroep op Moor om, selfs op die late oomblik, sy bes te doen om 'n botsing met die Zoeloes te voorkom. Hy weet die gemoedere is gaande in Natal, maar in sake van so belangrike en verreikende betekenis is dit onverstandig om so ligtelik te swig voor die openbare mening wat dikwels deur onwaardige motiewe beïnvloed word.[24]

Teen die begin van Desember 1907 het die gerugte oor die erns van die onluste in Zoeloeland tot in Kaapstad weerklank gevind waarvandaan die Premier, dr. Jameson, beloof het om onmiddellike steun te verleen indien dit nodig mog blyk.[25]

Die militêre maneuvers wat vroeg in Desember teen die Zoeloes plaasgevind het, was van baie korter duur as 1906. Die ekspedisie het reguit opgeruk na Nongoma, Dinizulu se hoofstad, en sonder noemenswaardige teenstand het die opperhoof op 9 Desember oorgegee; binne 'n week was hy in Pietermaritzburg waar hy verhoor moes afwag.[26] Aan genl. Botha het Moor die versekering gegee dat die kabinet oor feite en getuienis beskik het wat gedui het op 'n "far reaching conspiracy" en dat die sterk optrede teen Dinizulu die enigste weg was om die gevaar van ernstige verloop van sake in die nabye toekoms af te geweer het.[27]

Op navraag van Elgin oor die definitiewe aanklagte teen Dinizulu het Nathan die volgende verstrek:

(i) Hoogverraad
(ii) Oortreding van die Vuurwapens- en Ammunisiewet van 1905
(iii) Opruiing en Rebellie
(iv) (a) Moord
(b) Medepligtig aan die misdaad van moord
(c) Sameswering om te moor
(d) Aanhitsing om te moor.[28]

In Engeland het daar groot bekommernis geheers oor die lot van Dinizulu en van die Natalse Regering het die Imperiale owerheid die versekering geëis dat die hoogste regsondersteuning in Suid-Afrika ter beskikking van die Zoeloe-opperhoof sal wees om sy saak te verdedig. Hulle het bv. gedink aan

iemand/.....

24) Eerste Minister (Natal) 103, 6.12.1907.
25) Ibid. no.104, 3.12.1907.
26) Cd. 3888, 9 en 14.12.1907.
27) Eerste Minister (Natal) 103, 10.12.1907.
28) Cd. 3998, 6 en 7.2.1907.

iemand soos W.P. Schreiner.[29)]

In die verantwoordelike kringe in Suid-Afrika is die hoop uitgespreek dat die verhoor spoedig, en gunstig vir Natal, afgehandel sal wees. Veel skade is reeds verrig en die verantwoordelike regerings het gevrees dat verdere moeilikhede net aanleiding sal gee tot inmenging van Britse kant en die weiering van die Imperiale owerheid om naturelle-aangeleenthede ten volle aan 'n toekomstige Suid-Afrikaanse regering en Suid-Afrikaanse volk oor te laat. Die spoedige beslegting van die saak was in die belang van die hele Suid-Afrika, en as Dinizulu die reg sou kry om na die Geheime Raad in Engeland te appelleer kon dit verreikende gevolge hê.[30)] In ieder geval het die lomp optrede van die Natalse leiers in die hele situasie bewys gelewer dat Natal nie alleen kan staan nie en sy kanse om in die geval van 'n federale unie sy eie sake te behartig, baie verswak het.[31)]

Maande later is Dinizulu deur 'n spesiale hof verhoor. W.P. Schreiner was sy vernaamste advokaat. Eers in Maart 1909 is die uitspraak gelewer; hy is op sekere aanklagte skuldig bevind en veroordeel tot vier jaar tronkstraf.

Genl. Botha was ontevrede oor die hele verloop van die besigheid. Aan Moor het hy laat weet dat sy naam glad nie in die Blouboeke moet verskyn met betrekking tot wat hy gedoen en probeer doen het in die Dinizulu-saak nie.[32)] Hy sou nog die geleentheid kry om die gedane kwaad te herstel.

==========

<u>Die Vraagstuk van Nie-blanke Stemreg - Die Imperiale, Koloniale en Afrikaans-Republikeinse Standpunte:</u>

Die nouere staatkundige eenheid van die Suid-Afrikaanse State was voor hande. Historiese omstandighede het veroorsaak dat daar uiteenlopende prinsipiële opvattings sowel as tradisionele gebruike in die verskillende gebiede bestaan het. Met die toekenning van Verteenwoordigende regering aan die Kaapkolonie in 1853 kon blanke en nie-blanke Britse onderdane hulle stem uitbring vir verteenwoordigers in die verkose parlement. Hierdie gebruik van politieke gelykstelling is herbevestig met die inwerktreding van verantwoordelike (of self-) bestuur in 1872. Toe Natal in 1894 'n selfbesturende Kolonie word, is dieselfde beginsel gehandhaaf. In beide Britse Kolonies is sosiale ongelykheid, egter grootliks volgehou.

In/.....

29) Ibid. 15 en 20.2.1908.
30) Merriman Papers, no.17, Merriman aan Botha, 20.12.1907; The South African News, 15.5.1908.
31) The Natal Witness, 11.6.1908.
32) Eerste Minister (Natal) 105, 7 en 10.1.1908.

In die Republieke van Vrystaat en Transvaal het die Boere daarin geslaag om, te midde van die duisende heidense naturellerasse met hulle laer lewenspeil, hulle eie blanke identiteit ongeskonde te handhaaf ten spyte van die gebrek aan opvoedkundige geriewe. Die Bybel was hulle rigsnoer en hulle Ou-Testamentiese geloof dat die Heere God der Legerscharen hulle soos die Israeliete van weleer veilig deur die barbaarse heidendom heen gelei het, het by hulle n besef van die hoë waarde van hulle aparte, suiwer, blanke volksbestaan ingebrand. Nòg op sosiale nòg op politieke gebied sou daar dus gelykstelling of vermenging geduld word tussen blank en nie-blank - sy lg. dan ook al hoe beskaafd. (Baie Afrikaners wat in die Kaapkolonie agtergebly het, het dieselfde sienswyse gehuldig.) Met die ondertekening van die Vredestraktaat van Vereeniging het die Britse Regering hierdie standpunt van die Boere gerespekteer deur in Artikel 8 neer te lê: die kwessie van naturelle-stemreg sal nie beslis word nie voor die verlening van selfbestuur aan die verowerde Republieke. Toe selfbestuur in 1906 en 1907 onderskeidelik aan Transvaal en die Oranjerivierkolonie verleen is, is die bestaande toestand van politieke ongelykheid gehandhaaf deurdat die stemreg tot die mondige manlike blanke onderdane beperk is.

<u>Betekenisvolle Oorwinning vir die Tradisioneel Afrikaanse Standpunt:</u>

Ten tye van die vredesonderhandelinge in 1902 was die agressiewe Unioniste- (Konserwatiewe) party in Engeland aan bewind. Die oorwinning van die Britse idee in Suid-Afrika het die geleentheid geskep om volksvryhede uit te brei na alle beskaafde Britse onderdane, afgesien van kleur. Dit is nie gedoen nie. Toe die grondwette vir selfregering aan Transvaal en Vrystaat opgestel is, was die Liberale Regering aan bewind met sy humane beginsels van lokale onafhanklikheid, vriendskap en samewerking ten opsigte van alle rasse. Tog is die stemreg beperk tot die blankes.

In die traktaat wat hulle militêre neerlaag bevestig het, en in die konstitusie wat hulle selfbeskikkingsreg erken het, het die Boere van Transvaal en Vrystaat n epogmakende politieke oorwinning behaal vir die tradisioneel Afrikaanse standpunt oor die Brits Imperiale standpunt ten opsigte van politieke regte aan nie-blankes. Daarmee het sowel die Konserwatiewe as die Liberale Party self hulle hande gebind, en as enige van hòùe as regerende party die wil van Brittanje sou wou afdwing op die militêr oorwonne Boere deur aan die nieblankes politieke status te verseker, sou hulle ongetwyfeld nie alleen hierdie selfde Boere met wrok vervul het nie, maar

ook/.....

ook die inwoners van Natal waar stemreg aan die naturelle wesenlik slegs teoreties bestaan het, sowel as die Britse arbeidersklasse op die Rand wat in die nie-blanke n gevaarlike mededinger gesien het.[33] Hierdie taktiese en politieke oorwinning vir die Boere-standpunt in die nie-blanke stemregkwessie het die goeie gevolg gehad dat dit die Afrikaans- en Engelssprekendes in die noordelike drie kolonies ten minste wat dit betref, saamgesnoer het om n eenheidsfront te toon teen die invoering van die Imperiale en dus vreemde standpunt.

Van die kant van die nie-blankes in Transvaal is daar reeds in 1905 (toe dit bekend geword het dat verteenwoordigende regering kragtens die Lyttelton-grondwet in die Kolonie ingestel gaan word) versoeke aan die Kommissaris van Naturellesake gerig dat hulle belange soos stemreg en grondbesit in die nuwe Konstitusie erken moet word. In dié verband het die Native United Political Association van Transvaal n petisie aan die Britse koning gerig waarin om bg. versekeringe gevra is.[34] Uit Potchefstroom het A.P. Livers as 'verteenwoordiger' van die nie-blankes in dié distrik die besluite wat daar op vergaderings geneem is aan die Luitenant-goewerneur gestuur; daarin word versoek dat die regte van nie-blankes nie oor die hoof gesien moet word as daar nuwe konstitusionele verwikkelinge in die Kolonie intree nie.[35] In Natal, het ons gesien, het sekere Zoeloes die onluste gewyt aan die gebrek aan behoorlike verteenwoordiging van hulle ras in die rade van die land.

Dit was dus onmiskenbaar duidelik dat daar in die noordelike Kolonies n mate van politieke bewussyn onder die naturelle teenwoordig was ten spyte van die feit dat hulle geen politieke regte geniet het soos die nie-blankes van die Kaapkolonie nie. Toe die kwessie van nouere staatkundige eenheid teen 1907-1908 steeds aktueler geword het, het die politieke implikasies van die situasie nie ongemerk by die nie-blankes verbygegaan nie. Die alles oorheersende vraag was hoe die blanke politici die vraagstuk die hoof gaan bied en watter standpunt sou seëvier: die Kaaps-Engelse of die Afrikaans-Republikeinse. Die twee prinsipiële opvattinge het onderskeidelik in Merriman en Smuts prominente verteenwoordigers gehad.

Smuts verdedig die Tradisioneel Afrikaanse Standpunt:

Dit is alom bekend dat genl. Smuts sy eerste groot openbare redevoering op 29 Oktober te Kimberley gehou het en wel oor 'Fundamental Principles of the South African Political

Situation/....

---

33) Pyrah, a.w. p. 90.
34) Luit.-Goew. 144 no.127/195, 25.3.1905; 19.5.1905.
35) Ibid. 143, no.127/107, 3 en 25.2.1905.

Situation.' Oor die nie-blanke vraagstuk het hy o.m. gesê:

"...the theory of democracy as currently understood and practised in Europe and America was inapplicable to the coloured races of Africa."36)

In sy meesterlike pleidooi vir selfregering aan die twee vroeëre Boererepublieke wat Smuts in Januarie 1906 aan die Koloniale Kantoor voorgelê het, rep hy nie 'n woord van die politieke regte aan die nie-blankes nie. Merriman was hieroor erg verontwaardig; hy het saamgestem dat die politieke beheer in Suid-Afrika uit die hande van die geldmag gehou moet word maar dit was dwaas om dit van driekwart van die Transvaalse en Vrystaatse volk, nl. die naturelle, te weerhou.37) Maar Smuts se eerste groot ideaal was om die politieke invloed van die mynmagnate en uitbuiters te breek wat in hulle sug na geld skromelik misbruik gemaak het van goedkoop naturelle-arbeid. Politieke regte aan die naturelle sou eerder die verwesenliking van sy doel in die wiele ry. Aan Merriman skryf hy dus:

"...it ought to be the policy of all parties to do justice to the native and to take all wise and prudent measures for their civilisation and improvement. But I don't believe in politics for them. Perhaps at the bottom I do not believe in politics at all as a means for the attainment of the highest end; but certainly so far as the natives are concerned, politics to my mind have an unsettling influence. I would therefore not give them the franchise, which in any case would not affect more than a negligible number of them at present. When I consider the political future of the natives in South Africa, I must say that I look into shadows and darkness; and then I feel inclined to shift the intolerable burden of solving the Sphinx-problem to the ampler shoulders and stronger brains of the future. My feeling is that strong forces are at work which will change the Africander attitude towards the natives. As against the somewhat crude missionary policy, Africander views were bound to be somewhat anti-native; but the mine-owner and exploiter has taken the place of the missionary and as against him we are all becoming negrophilists. You must bear in mind that I discussed many matters with the English Government to which I have not referred in the memo. The native question I discussed on the above lines, and they seemed impressioned that a Boer should hold such views. But events are showing them who is the real slave driver in South Africa."38)

Smuts het nie alleen gestaan in sy teenkanting teen naturelle-verteenwoordiging in die Transvaalse parlement nie; inteendeel,

"...public opinion is solid against a native representation at present,"

het/.....

36) Smuts: Greater South Africa, p.2 (Skrywer kursiveer).
37) Vgl. Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4 Merriman aan Steyn, 10.3.1906; Fischer-vers. Ink. Briewe 59/7/2 Merriman aan Fischer, 27.2.1906; Merriman Papers, no.76, Merriman aan mev. Merriman, 18.3.1906.
38) Merriman Papers, no.68, 13.3.1906 (Skrywer kursiveer).

het hy 'n paar maande later aan Merriman geskryf.[39] Pres. Steyn was grootliks dieselfde sienswyse toegedaan en wou veral verhinder dat die gedagte posvat dat alleen die Engelsman die naturel se vriend is. As die naturel stemreg kry, moet dit kom van die blanke volk se verkose parlemente in die twee noordelike Kolonies; m.a.w. die volk moet toestem dat die betrokke artikel in die Vereeniging-traktaat in dier voege verander word.[40]

John Hobson, een van Smuts se Liberale vriende in Engeland, het belang gestel in die kwessie van die naturelle-stemreg in Suid-Afrika en wou graag weet hoe die Suid-Afrikaanse politici die saak gaan aandurf as hulle met mekaar oor nouere staatkundige eenheid te rade gaan. Drie maande voor die Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie sou byeenkom, het Smuts hom geantwoord en ongetwyfeld het hy die mening van die meerderheid van die blankes in die hele land vertolk. Aan Merriman het hy 'n kopie van sy brief gestuur. Kortliks het dit hierop neergekom:

(i) Die publieke mening oor die saak was in 'n "chaotic state"; om 'n kompromis te tref tussen die verskillende standpunte sou slegs 'n beter oplossing, wat 'n staatsman waardig is, later benadeel.

(ii) Die meerderheid van die blanke bevolking in Suid-Afrika is téén enige vorm van naturelle-stemreg, terwyl meer verantwoordelike persoonlikhede die volk vooruit is in hierdie delikate onderwerp; maar uit vrees vir die openbare mening deins hulle terug vir die invoering van nuwighede. Omdat dit juis die volk is wat die finale grondwet vir 'n Verenigde Suid-Afrika sal moet goedkeur, sal dit 'n groot terugslag wees vir hierdie groot ideaal as hulle dit verwerp omrede die stemreg aan naturelle toegeken is.

(iii) Die politieke status van die naturelle is ongetwyfeld 'n baie belangrike saak, "but vastly more important to me is the Union of South Africa, which, if not carried now, will probably remain in abeyance until another deluge has swept over South Africa." Daar moet dus nie nou te veel hooi op die vurk geneem word nie, en hoe onsmaaklik die uitstel van 'n beslissing oor die naturelle-stemreg ook al vir die Liberale sal wees, daar sal 'n baie beter geleentheid voor wees na die Unie tot stand gekom het. Met die uitsondering van enkele Kaapse leiers, is dit ook die mening van meeste leidende Suid-Afrikaners.

(iv) Dit is waarskynlik dat die beginsel van eenvoudige mannekiesreg in 'n toekomstige verenigde Suid-Afrika in gebruik sal wees. Dit is baie duidelik dat hierdie beginsel nie ook op die naturelle van toepassing sal kan wees nie. Daar sal 'n verskil móét wees. Elke blanke, hoe arm of onkundig ook al, is gebore in 'n gemeenskap wat 'n lang beskawingsagtergrond het met opvoeding en tradisies wat die sterk veronderstelling daarstel ten

gunste/.....

39) Ibid. no.121, 5.5.1906.
40) Ibid. no.60, Steyn aan Merriman, 7.3.1906.

gunste van sy bevoegdheid om sy stemreg behoorlik uit te oefen. Sodanige historiese en kulturele veronderstelling bestaan ten gunste van die naturel glad nie; die verpligting berus geheel en al by hom om eers sy bevoegdheid te bewys "...before he is admitted into the charmed circle..." Naturelle-stemreg sal m.a.w. sekere opvoedkundige en beskawingstoetse behels wat nie op blankes toegepas sal word nie.

(v) Aangaande die groot naturelle-reservate soos Basoetoland, Betsjoeanaland, ens., kan daar s.i. geen twyfel oor wees nie dat hulle van die begin af by die Unie ingesluit behoort te word. Zoutpansberg in Transvaal het net so n groot naturellebevolking as Basoetoland, en Zoeloeland in Natal het n baie groter bevolking. As dié gebiede aan die Unie toevertrou word, is daar geen rede waarom die ander soos Basoetoland en soortgelyke reservate uitgesluit moet word nie. Die blanke bevolking van Suid-Afrika behoort ten volle vertrou te word in hierdie saak deur die hele Brits Suid-Afrika aan hulle sorg toe te wys. Sodanige vertroue sal nie misplaas wees nie dog hulle ten duidelikste laat verstaan wat hulle plig is in hierdie verband.

(vi) Die Suid-Afrikaanse staatslui wil baie graag saamwerk met hulle Liberale vriende in Engeland en hy sal dit op prys stel as Hobson hierdie beskouinge met hulle sal bespreek.41)

Op die vooraand van die sitting van die Nasionale Konvensie het Smuts nog eens beklemtoon dat hy geen duidelike oplossing kan bied vir die naturelle-stemregkwessie nie; daarom moet dit aan die Unie-parlement oorgelaat word want as naturelle-stemreg in die Konstitusie erken sal word, sal die volk die unie nie aanvaar nie.

"Let us therefore adhere to the comfortable gospel of l a i s s e z f a i r e. To us Union means more than the Native question and it will be the only means of properly handling that vexed problem."42)

Merriman verdedig die Kaaps-Engelse Standpunt: John X. Merriman het nie saamgestem met Smuts dat die beginsel van manne-kiesreg waaraan die blankes alleen deel het die aangewese weg vir Suid-Afrika is nie, en nog minder dat die nie-blanke totaal onbevoeg is om met politieke mag beklee te word. Sy standpunt het hy soos volg gestel:

"Personally I think that the safest course for a community like ours is a high franchise with a real educational test and a free right to all irrespective of colour to such franchise if they can get it. In this way we shall create a small but influential class of natives* who as voters will feel/.....

41) Ibid. Aanhangsel by no.81, 13.7.1908.
42) Ibid. no.240, Smuts aan Merriman, 2.10.1908.

* In die amptelike beleid van die Verenigde Nasionale Suid-Afrikaanse Party onder leiding van adv. J.G.N. Strauss en daarna sir De Villiers Graaff word n soortgelyke idee gehuldig nl. dat die geleentheid geskep moet word om n verantwoordelike klas naturel op te lei en dat aan hulle politieke regte verleen word waardeur nie-blanke belange in samewerking met blanke verteenwoordigers behartig kan word.

feel their allegiance to the State and not to the tribe or class."[43]

Die bestaande stelsel in die Kaapkolonie waar geen onderskeid op grond van kleur gemaak is nie, en sekere opvoedkundige vereistes gestel is vir die beoefening van stemreg, het, volgens Merriman, heeltemal doeltreffend gefunksioneer.

"On the whole this has worked well", skryf hy aan Goldwin Smith.

> "Our natives have increased both in wealth and in habits of industry and civilization. They give little or no trouble, though of course they require careful and above all just management. So - though having like most white men who live under South African conditions a great distaste for colour, I must confess that viewed merely as a safety valve, I regard the franchise as having answered its purpose."[44]*

'n Sterk argument van Merriman ten gunste van die behoud van die Kaapse stemregbasis en die uitbreiding daarvan na die blankes en nie-blankes van die ander buurkolonies, was dat dit die skikking van Suid-Afrikaanse sake uit die hande van Downingstraat sal hou; terselfdertyd sou dit die besef laat groei dat alle Suid-Afrikaners lede van een liggaam is en dat kwessies, soos bv. die Sjinese en stemreg, Suid-Afrikaanse en nie lokale aangeleenthede is nie.[45]

Teen 1908 het dit vir hom duidelik geword dat die ander Kolonies nooit die Kaapse stelsel van stemreg aan nie-blankes sal aanvaar nie. Aan beide Steyn en Smuts (aan lg. in reaksie op Smuts se brief aan Hobson waarvan 'n kopie aan hom gestuur is) het Merriman dit daarop uitdruklik gestel dat die partye in die Kaapkolonie plegtig verbind is aan die versekering dat die bestaande stemreg aan nie-blankes gehandhaaf sal word.[46]

Om uit hierdie impasse te kom het Merriman voorgestel dat 'n kompromis getref word: in 'n toekomstige verenigde Suid-Afrika moet elke konstituerende 'provinsie' ooreenkomstig sy blanke bevolkingsterkte verteenwoordig word. Terselfdertyd

moet/.....

---

43) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Merriman aan Steyn, 10.3.1906.
44) Merriman Papers, no.111, 26.10.1907.
45) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Merriman aan Steyn, 10.3.1906.
46) Ibid. Merriman aan Steyn, 12.3.1908; Merriman Papers, no.86, Merriman aan Smuts, datum ± 16 - 20.7.1908.

* In 1903 het Milner die Lagden-kommissie aangestel om naturellesake dwarsdeur Suid-Afrika te ondersoek. In die Verslag wat in 1905 gepubliseer is, het die Kommissie tot die volgende slotsom geraak aangaande die nie-blanke stemreg in die Kaap: Die naturelle-stemreg word gebruik in 'n gees van mededinging met en in vyandskap teen die blanke kiesers, wat beteken dat die georganiseerde naturellestem as arbiter gebruik word in kwaai verkiesingsbotsings tussen politieke

partye/.....

vervolg op p. 468

moet hierdie stemregbasis beveilig (verskans) word. Dit sou die Kapenaars vry laat om hulle lede volgens hulle bestaande stelsel te verkies terwyl die gebruik in die ander „provinsies' onaangetas gelaat word.[47)]

Steun uit Londen vir die Kaaps-Engelse Standpunt: P.A. Molteno, die Kaapkolonie se verteenwoordiger in Londen, het hom grootliks beywer vir die uitbreiding van die stemregbeginsels in die Kaapse Konstitusie na die noordelike Kolonies. Hy was deeglik op hoogte van sake in die opstelling van die grondwette vir selfregering aan die Vrystaat en Transvaal. Op 28 Maart 1906 het hy uitvoerig aan genl. Hertzog geskryf dat die Kaapse stelsel van algemene stemreg afgesien van kleur nou al die toets van 50 jaar deurstaan het; die toepassing van hierdie stelsel ook in die noordelike Kolonies was die sekerste waarborg dat die nuwe verantwoordelike Regerings geen las sal hê van inmenging van die kant van Downingstraat nie - die soort inmenging wat voor 1856 so rampsoedig vir die Kaapkolonie en vir Engeland was, want dit het beteken oneindige klagtes van die blankes en oneindige oorlogvoering teen die swartes. Hy weet dat die terme van die Vereeniging-traktaat neerlê dat stemreg aan die naturelle nie bespreek sal word nie alvorens selfregering toegeken is aan die vroeëre Republieke; maar nou dat dit toegeken gaan word, is die vraagstuk ryp om geskik te word uit eie beweging in plaas van dat dit op die nuwe Kolonies afgedwing word.[48)] Die gebeure in Natal, het Molteno aan Merriman geskryf, het ten oorvloede bewys dat die naturelle stemreg moet geniet; dit is die enigste doeltreffende wyse

waarvolgens/.....

47) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, Merriman aan Steyn, 12.3.1908; Merriman Papers no.86, Merriman aan Smuts, ± 16.- 20.7.1908.
48) Die Hertzog-vers. (Ongeorden) 28.3.1906.

* Vervolg van p.467:
partye; na gelang die naturelle-kiesers in getalle toeneem, sal hierdie reg hulle in staat stel om die blankes in sekere dele van die land te oorstém; dit sal 'n ondraaglike posisie skep en dit is 'n onverstandige en gevaarlike toedrag van sake.

Die Kommissie het eenparig aanbeveel dat die naturellekiesers afsonderlik moet stem vir 'n vasgestelde aantal lede wat hulle in die Wetgewende Magte van die land sal verteenwoordig. Hulle moet dieselfde status geniet as die blanke verteenwoordigers, maar net genoeg wees om uitdrukking te gee aan die wense en begeertes van die Naturelle.

Die Kommissie het aanbeveel dat die ander Brits Suid-Afrikaanse gebiede dieselfde skema volg sodra hulle selfregerende state word. (Luit.-Goew. 113, no. 110/8).

N.B. Onder premierskap van genl. Hertzog het die Unie-regering hierdie beleid in 1936 t.o.v. die Kaapkolonie deurgevoer toe voorsiening gemaak is vir die aparte verteenwoordiging van naturelle-kiesers. In 1955 is die beleid ook t.o.v. die Kleurlinge uitgevoer. In die gedinge wat uit albei gevalle voortgespruit het, het die Appélhof die Regering gelyk gegee. - Skr.

waarvolgens naturelleregte beskerm sal word en wat sal verhinder dat uitbarstings plaasvind. Daarom moet hierdie beginsel in die nuwe Konstitusie van Transvaal en Vrystaat neergelê word.[49]

Pas na die aankondiging van die hooftrekke van die Transvaalse grondwet aan die einde van Julie 1906 het ook W.T. Stead uit Londen aan dr. Engelenburg geskryf:

> "...I wish very much you could adopt the formula of equal rights for all educated men, without regard to colour, for the number of educated blacks is so few that it could not seriously impair your position; whereas it would enable you to have a much stronger hand in dealing with the protests that may from time to time be made in this country against the native policy in South Africa....If you concede the franchise to all persons regardless of colour, I think it would be a very satisfactory arrangement."[50]

Die twee noordelike Kolonies het egter by hulle standpunt gebly: die tradisionele Afrikaanse beleid van geen gemeenskaplikheid tussen blank en nie-blank op die politieke en sosiale gebied is getrou gehandhaaf, soos dit in die Smuts-wette ten opsigte van die Indiërs, ten spyte van Imperiale bemoeisug, beliggaam is.

Slegs 'n maand of twee voor die Nasionale Konvensie in Durban sou vergader, het Molteno na aanleiding van Smuts se mening omtrent die oplossing van die naturelleprobleem nogmaals beklemtoon dat die algemene toepassing van Kaapse stelsel die aangewese weg daarvoor is. En alleen as die toekomstige grondwet vir 'n verenigde Suid-Afrika onomwonde bepaal dat politieke regte aan die naturelle nie weerhou sal word nie, sal die Imperiale Regering toestem dat die inboorlinggebiede soos Betsjoeanaland, Swaziland en Basoetoland aan die sorg van die aanstaande Suid-Afrikaanse Regering oorgedra word.[51]

Die Pers en die Nie-blanke Regte: Die vyftigjaaroue gebruik in die Kaapkolonie dat die kleurling- en „kombersstem" saam met die blankestem uitgebring kan word op dieselfde kandidaat, het teen 1908 reeds diep wortelgeskiet. Vir Kaapse persorgane soos „Ons Land" en die "South African News" was dit derhalwe absurd om te wil redeneer dat hierdie regte en voorregte van die nie-blankes opgehef of ingekort behoort te word. Beide het die Merriman-idee gehuldig: as die Kaapse beginsel van algemene stemreg nie ook na die ander ‚provinsies' uitgebrei kan word nie, moet dit minstens in die Kaap onaangetas gelaat word.[52]

In/.....

---

49) Merriman Papers, no.153, 11.6.1906.
50) Engelenburg-vers. 5, 4.8.1906.
51) Merriman Papers, no.129, Molteno aan Merriman, 19.8.1908.
52) Ons Land 11 en 13.1.1906; The South African News, 20.10.1906; 3.4.1908; 9.12.1908.

In die noordelike Kolonies het die pers deur die een of ander benaderingswyse steeds die begrip vertolk van die inwoners en van leiers soos Steyn en Smuts omtrent die politieke en sosiale regte van die nie-blanke. Koerante soos die "Friend", die "Bloemfontein Post", die "Transvaal Leader", die "Rand Daily Mail", die "Natal Witness" en „De Volkstem" het hulle beslis uitgespreek teen politieke gelykstelling tussen blank en nie-blank.[53] Die "Natal Mercury" en die "Star" was effens versigtiger en het hulle vertroue gestel in die politici by wie die oplossing van die netelige probleem berus het.[54] Tog het die "Star" op 5 Augustus 1908 geskryf:

> "...the weakness of the Cape system appears to us to be that it offers a standing temptation to each political party to strain the law in favour of getting as many natives as possible on to the voters' role. Especially is this the case when the native vote becomes strong enough to hold the balance of power - as it has before when parties were more evenly divided. We do not think any one can contemplate with approval the inevitable consequences of such a position."[55]

n Probleem vir die Nasionale Konvensie: Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Smuts volkome reg was toe hy in sy brief aan Hobson oor die verskillende probleme omtrent die politieke status van die naturelle gepraat het van

> "...the chaotic state in which public opinion on this subject is at present...."

In der waarheid het hierdie toedrag van sake soos gevaarlike rotspunte gestaan in die weg van die veilige loodsing van die skip van nouere staatkundige eenheid na gevaarvryer waters. Hoe die Nasionale Konvensie n aanneemlike en prakties uitvoerbare uitweg uit hierdie moeilike parket sou aandui, val nou te besien. Die belangrike vraag waarop n antwoord verstrek moes word, was: sou die Kaaps-Engelse beginsel van gelykstelling tussen blank en nie-blank ook die algemeen Suid-Afrikaanse prinsipe word, of gaan die tradisioneel Afrikaanse beginsel - die beginsel van ongelykheid - seëvier?

---

53) The Friend, 15.5.1908; 21.12.1908; 1.4.1909; The Bloemfontein Post, 14.1.1907; 20.2.1907; 10.10.1907; 31.10.1907. The Transvaal Leader, 11.4.1907; The Natal Witness, 20.4.1909; De Volkstem, 30.9.1905; Rand Daily Mail (vgl. The Natal Mercury, 15.2.1909).

54) The Star, 11.11.1908; The Natal Mercury, 15.5.1908; 5.10.1908.

55) The Star, 5.8.1908.

H O O F S T U K 10.

HANDEL, SPOORWEË EN FINANSIES.

Vóór die oorlog was dit alleen natuurlik dat die uiteenlopende belange op ekonomiese en handelsgebied in die twee Boererepublieke en die twee Britse Kolonies op herhaaldelike botsings uitgeloop het. Die moeilikheid was glad nie opgelos nie toe daar ná die vrede net een in plaas van drie vlae oor die hele Brits Suid-Afrika gewapper het - Rhodesië en die naturelle-enklaves, Basoetoland, Swaziland en Betsjoeanaland, ingesluit. Om die oorsake van die wrywing uit die weg te ruim het Milner in Maart 1903 'n Suid-Afrikaanse Doeane-uniekonferensie in Bloemfontein belê. Die vier Britse Kolonies sowel as Suid-Rhodesië en Portugees-Oos-Afrika was op die Konferensie verteenwoordig. As Hoë Kommissaris van al die Britse gebiede in Suidelike Afrika het Milner van sy absolute mag gebruik gemaak deur 'n Tolunie-konvensie (Customs Union Convention) op te stel wat die Kaapkolonie, Natal, die Oranjerivierkolonie, Transvaal, Suid-Rhodesië en ook Betsjoeanaland, Basoetoland en Swaziland ingesluit het. Hiervolgens is nie alleen alle binnelandse tariefgrense opgehef nie, maar daar sou ook voortaan imperiale voorkeur verleen word aan goedere van Groot Brittanje en wedersydse voorkeur aan goedere uit ander dele van die ryk. In die meeste gevalle het hierdie voorkeur 25% beloop en 'n totale kwytskelding van die invoerreg in ander.[1]

Ten spyte van hulle status as selfregerende Kolonies moes die Kaapkolonie en Natal hulle hierdie besluit laat welgeval; daardeur is die twee belangrikste bronne van belasting, nl. doeane en spoorweë, uit die hande van die parlementêre liggame geneem en buite die grondwet gereël. Natal, wat vir sy voorspoed afhanklik was van sy vragvaart met as lewenslagaar die spoorverbinding tussen die Durbanse hawe en die Witwatersrand, was nou ekonomies in elke opsig afhanklik van Transvaal. En as die Kaapkolonie nie die handelsvoorkeur wou sluk nie, sou daar dwarsdeur Suid-Afrika geen vryhandel gewees het vir sy produkte nie en sou die Kaapse spoorwegstelsel geen wins put uit die nuwe Kolonies nie.[2]

'n Eerlike poging is die volgende jaar aangewend om ook Mosambiek by die Suid-Afrikaanse Tolunie in te sluit. Die feit is benadruk dat hierdie Portugese Kolonie algeheel afhanklik was van die goeie gesindheid van Transvaal maar dat die voordeel wat hy daaruit getrek het, bedreig is deur die jaloesie van die ander aangrensende Kolonies.[3] Die gedagte het geen praktiese gevolg gehad nie; Mosambiek was volkome tevrede met die handelsvoordele wat hy geniet het uit hoofde van sy spoorwegooreenkoms met Transvaal, waarna ons op die volgende bladsye sal verwys.

In/.....

---

1) Newton: Select Documents relating to the Unification of South Africa (I) pp.209-214; Headlam: Milner Papers (II) p.451.
2) Laurence, a.w. p.212; Molteno, a.w. pp.68-69.
3) Luit.-Goew. 14, no. 25/2, 31. 10. 1904.

In Mei 1903 het Milner die Interkoloniale Raad in die lewe geroep met die doel om sekere sake van gemeenskaplike belang in die Oranjerivierkolonie en Transvaal gemeenskaplik te administreer. Hiervolgens sou o.a. die spoorweë, die South African Constabulary en die verspreiding van die £35,000,000 Gewaarborgde Lening deur hierdie Raad behartig word. Uit bg. bedrag sou £14,000,000 aangewend word om die aandele van die Nederlandse Spoorwegmaatskappy in die Transvaalse spoorwegstelsel af te los terwyl £5,000,000 gebruik sou word vir spoorweguitbreidings in die twee nuwe Kolonies.[4] Om die taak van die Interkoloniale Raad te vergemaklik en terselfdertyd wrywing en onnodige verkwisting van geld en tyd uit te skakel het Milner die afsonderlike ontwikkeling en bestuur van die spoorwegstelsels van Transvaal en die Oranjerivierkolonie beëindig en dit verenig tot die Central South African Railways.[5]* Die beskikbare £5,000,000 het die administrasie in staat gestel om belangrike spoorweguitbreidings aan te pak, soos bv. die verbindings tussen Veertienstrome en Klerksdorp, tussen Pretoria en Rustenburg, tussen Bloemfontein en Kimberley, tussen Springs en Witbank, terwyl ook belangrike konstruksies op die Rand afgehandel sou word.[6]

In November 1904 is besluit dat die aanbou en instandhouding van trajekte wat die deurvoerhandel van die kusdorpe na die Witwatersrand beheer, voorrang sal geniet; terselfdertyd sou gepoog word om die produktiefste landbougebiede so spoedig moontlik per spoor te verbind met die markte op die Rand.[7]

Konstruksies soos die Klerksdorp-Veertienstrome-, die Bloemfontein-Kimberley- en die Kroonstad-Bethlehem-Ladysmith-spoorverbindings het ernstige onmin veroorsaak tussen die verskillende Kolonies. Die Witwatersrand met sy groot industriële bevolking en gevolglike voordelige afsetgebied was die sg. "competitive area" waar veral die kuskolonies en hulle hawestede afgunstiglik met mekaar meegeding het. Die hele situasie is vererger deurdat die nie-Britse hawe van Lourenco Marques die naaste en natuurlikste in- en uitvoerpoort vir Transvaal was en in elke opsig 'n voorsprong gehad het bo Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad. Nòg die verowering van Transvaal nòg die vorming van die Tolunie-ooreenkoms het hieraan 'n verandering gebring en sonder dat dit sy begeerte was, moes Milner die toedrag van sake verdra.

Die Oorsprong en Absolute Noodsaaklikheid van die Modus Vivendi:

Die genesis van die hele politieke en ekonomiese nagmerrie is op te spoor in die toesegging wat maarskalk MacMahon, die tweede president van die Franse Republiek, in 1875 gedoen het toe hy ten gunste van Portugal teen Brittanje besluit het in die dispuut/.....

4) Vir volledige weergawe van Samestelling, Magte en Funksies van Interkoloniale Raad vgl.: Newton, a.w. pp.220-231.
5) Weideman, a.w. pp.133-134; Pyrah, a.w. pp. 204-205.
6) Luit.-Goew. 79, no. 90/55; 81, no.90/90, 90/92, 90/93, 90/94, 90/96.
7) Weideman, a.w. pp.138-141.
* Vgl. Kaart, p.~~15/16~~. p. 481(a)

dispuut wat ontstaan het oor die seggenskap oor Delagoabaai. As die uitkoms van die arbitrasie anders was, sou die Suid-Afrikaanse geskiedenis daarna 'n volslae ander verloop geneem het, en Delagoabaai sou nie, soos dit nou ná die vestiging van Britse oppergesag oor die hele Suid-Afrika die geval was, die sleutel gewees het tot die land se spoorwegpolitiek en die hooffaktor in die probleem van die Suid-Afrikaanse politieke federasie nie. Want direk na die uitspraak van MacMahon het die President van die Z.A.R. en die koning van Portugal die Verdrag van Lissabon gesluit - 'n handels- en vriendskapsooreenkoms waarvan die hoofdoel was om voorsiening te maak vir die vrye ruilhandel van Mosambiekse produkte met dié van Transvaal - m.a.w. 'n soort van Doeane-unie. Een bestanddeel van die verdrag was 'n ooreenkoms vir die bou van 'n spoorlyn van Delagoabaai na Transvaal. As suwerein van Transvaal het die Britse Regering die verdrag in 1882 bekragtig. In daardie jare het die ooreenkoms niks meer beteken nie as politieke vriendskaplikheid tussen die twee State; want Transvaal het weinig gehad om na Mosambiek te stuur of Mosambiek na Transvaal. Die Britse outoriteite het dus geen rede gehad om die ratifikasie daarvan te weier nie.

Deur die aanbou van 'n aansluitingslyn van Vaalrivier af was die Rand en Pretoria al op 1 Januarie 1893 in spoorverbinding met die Kaapse hawens. Intussen het die konstruksie van die Delagoabaai-Pretoria-lyn vinnig gevorder en teen die middel van 1895 is dit voltooi. In Februarie 1894 is die Konvensie van Charlestown onderteken waarvolgens ook Natal die reg verkry het om die Durbanspoor na Johannesburg te verleng.

As Transvaal 'n pastorale Staat gebly het, sou die bestaan al dan nie van die Delagoabaaispoor van geen groot betekenis gewees het en geen bedreiging ingehou het vir die Kaapse en Natalse spoorwegstelsels nie. Trouens, die skema het nie juis betekenis gekry nie totdat die Randse goudmyne ontdek en ontwikkel is en die karakter van Transvaal vervorm het van dié van 'n onontwikkelde en onbemiddelde boereland tot een van die rykste produsente van die kosbare metaal. Die mag wat die Britse kuskolonies in staat was om uit te oefen oor die Transvaalse bloeiende handel, het nie die goedkeuring geniet van pres. Kruger nie wat geen sentimente ten gunste van hulle gekoester het nie. Hy het tasbare redes gehad om voorkeur te gee aan die nie-Britse hawe van Delagoabaai. En toe die Lourenco Marques-Pretoria-spoor voltooi is en in volle werking getree het, het Transvaal die kommersiële belange van gans Suid-Afrika op die knieë aan sy voete gehad. Dit was onvermydelik dat die handel sedertdien in die rigting van Delagoabaai geneig het. Hierdie spoorlyn was

(i) 89 myl korter as die Natalse roete;

(ii) tariewe op goedere van Delagoabaai af was betaalbaar oor 'n afstand van 341 myl teenoor 178 myl (van Charlestown na Johannesburg) op goedere van Durban en 49 myl (van Vaalrivier tot in Johannesburg) op goedere van die Kaapse hawens af.

Verskeie pogings is aangewend om die verkeer eweredig te verdeel

tussen/.....

tussen die verskillende hawens, dog sonder sukses. Die tariewestryd het voorgeduur.

Toestande het heeltemal verander na die oorlog; die spoorweë is genasionaliseer en onder Britse beheer geplaas. Dog die druk van omstandighede het weer in die guns van Delagoabaai getel. Die voortbestaan van 'n groot blanke bevolking in Transvaal het afgehang van die her-opening van die goudmyne en die enigste sekere bron van ongeskoolde arbeid vir die myne was Mosambiek. Die verowering van Transvaal het die einde beteken van die Lissabon-verdrag maar die Portugese was skerpsinnig genoeg om toekomstige ontwikkelings te voorsien en het hulle bereidheid te kenne gegee om die verdrag te hernu. Milner, wat die goudmyne wou inspan om duisende Engelse immigrante te lok ten einde Transvaal en uiteindelik die hele Suid-Afrika te ontwikkel en te angliseer, het nie 'n ander uitweg gehad nie: hoe hy en Rhodes pres.Kruger se handelsbeleid ten opsigte van Delagoabaai ook al verafsku het, dit het nou hulle eie geword. Op 18 Desember 1901, naamlik, het Milner 'n modus vivendi met die Portugese owerheid gesluit. Vir die voorreg om arbeid vir die myne in Mosambiek te werf moes Transvaal toestem dat goedere per spoor van Delagoabaai na Johannesburg vervoer sal word teen tariewe wat dieselfde verhouding handhaaf met die tariewe wat gehef word op goedere van die Britse hawens, soos dit voor die oorlog bestaan het. Die bedoeling was dat hierdie ooreenkoms alleen tydelik sou wees; dit moes Transvaal help om 'n moeilike oorgangstydperk te bowe te kom; vandaar die term: m o d u s v i v e n d i.

Die Portugese het dit as iets belangrikers beskou; hulle het 'n voordelige greep gekry - 67% van die Transvaalse spoorwegverkeer - en hulle was van plan om dit te behou. Die Britse owerhede kon die verdrag opsê, dog 90% van die ongeskoolde arbeid op die myne het van Mosambiek gekom kragtens die terme van die modus vivendi en hierdie toevoer sou kwyn van die oomblik af wanneer kennis gegee word dat die ooreenkoms beëindig word.

Die nuus dat verantwoordelike bestuur aan Transvaal verleen gaan word met die beloftes dat die ingevoerde Sjinese teruggestuur sal word, het die waarskynlikheid dat die Modus Vivendi tussen Transvaal en die Portugese owerhede opgesê sal word, nog geringer gemaak. Al sou dit ook gebeur en die totale Delagoabaai-handel oorgeplaas word na die Britse kuskolonies, sou 'n kommersiële tetugslag nie ontwyk kon word nie aangesien die helfte van die goudbore op die Rand sou stilstaan as gevolg van onvoldoende naturellearbeiders.[8]

Die opheffing van die binnelandse tariefgrense sedert die Doeane-unie op 1 Julie 1903 in werking getree het, het nie verhinder dat/.....

8) Headlam, a.w. p.241; The Natal Mercury, 13.7.1907; 18.11.1908; Luit.-Goew. 14, no. 25/2, 5 en 12. 6. 1905.

der dat die vreemde hawe van Delagoabaai groter handelsvoordele getrek het van die "competitive area" in Transvaal as die Britse hawens nie. Besware is geopper in die Kaapkolonie, Natal en die Oranjerivierkolonie oor wat beskou is as die onregverdige nadeel waaronder hierdie Kolonies onderworpe was uit hoofde van die funksionering van die Modus Vivendi. Mosambiek, wat nie lid van die Doeane-unie was nie, het dieselfde voorregte geniet as die Britse Kolonies wat daarby ingesluit was. 'n Ernstiger rede vir beswaar het gespruit uit die feit dat die gekombineerde uitwerking van die Tolunie en die Modus Vivendi sodanig was dat dit op sekere soort goedere in der waarheid die Povinsie van Mosambiek bevoorreg het. Ingevoerde mielies, byvoorbeeld, is in Delagoabaai afgelaai en daar tot mieliemeel gemaal waarop dit aangestuur is na Transvaal waar dit vry van invoerreg inkom as 'n produk van Mosambiek. Natal en die Vrystaat wat albei mielieproduserende Kolonies was, is hierdeur ontroof van die beskerming wat hulle geniet het en wat hulle verwag het om te ontvang kragtens die Doeane-unie.[9]

Van die kant van Johannesburg was daar eweneens die beswaar dat die kuskolonies Transvaal te veel as melkkoei behandel het. Die ontevredenheid het toegeneem en spoedig was daar 'n algemene begeerte dat 'n nuwe Doeane-konferensie byeengeroep moet word.[10] In Februarie 1905 is 'n interkoloniale Spoorwegkonferensie te Johannesburg gehou waarop ook Mosambiek verteenwoordig was, maar nòg die Portugese nòg die verteenwoordigers van die Britse Suid-Afrikaanse kuskolonies wou toegewings doen wat die tariewestryd sou beëindig. Die gevolg was 'n dooiepunt.[11]

Die Doeane-konferensie te Pietermaritzburg, Maart 1906: Onder voorsitterskap van lord Selborne het 'n volgende Doeane-konferensie van 8 tot 23 Maart 1906 in Pietermaritzburg byeengekom. Die vier Britse Kolonies sowel as Rhodesië en Portugees-Oos-Afrika het elk vyf afgevaardigdes gestuur. Transvaal is verteenwoordig deur die here Duncan, Farrar, Martin, Neser en Hichens. R. H. Brand was die sekretaris. 'n Spoorwegkonferensie is tegelykertyd en op dieselfde plek belê. Tariewe en die uiteenlopende belange van die binnelandse en kusgebiede het uit die staanspoor as bykans onoorkomelike struikelblokke opgedoem. Deur kompromie by wyse van 'n beleid van ‚gee en neem' is 'n redelik bevredigende oplossing gevind, hoewel baie wye diskresie en ruime vryheid aan die Tariewekomitee oorgelaat is. Hoër belasting in die binnelandse Kolonies was onvermydelik terwyl die ander Kolonies tevrede moes wees met minder as wat hulle aanspraak op gemaak het. Die belangrikste was egter die feit dat alles daarop gedui het dat alleen nouere staatkundige eenheid 'n oplossing sou bied vir die talryke probleme en botsende ekonomiese be-

lange/.....

9) Luit.-Goew. 14, no. 25/2, 13. 1. 1904.
10) Ibid. 16, 25/26 A, 27.4.1905; De Volkstem, 31.1.1906 en 7. 3. 1906.
11) Luit.-Goew. 14, 25/2, Februarie 1905.

lange.[12]+ Verskeie Transvaalse liggame, soos die Kamers van Koophandel van Pretoria en Klerksdorp en die Departement Landbou was hoogs ontevrede oor die besluite van die Tolkonferensie; daar is aangevoer dat Transvaal aan die kortste end trek en dat die kusgebiede grootliks bevoordeel is met die gevolg dat die lewensduurte in die binneland en die bedryfskoste van die myne die hoogte in geskiet het.[13] Op 28 Junie 1906 het die Transvaalse Wetgewende Raad die nuwe Tolkonvensie bekragtig.[14]*

Hernieude voorstelle is gedoen met die oog op die insluiting van Mosambiek in die Tolunie, maar dit was sonder sukses.[15]

Van die kant van Natal het daar uit die staanspoor besware gekom oor nuwe tariewe op sy suiker wat na die ander Kolonies versend word en die Regering het vertoë tot Selborne gerig waarin aangedring is op die her-instelling van die ou uitvoerregte. Die versoeke is egter van die hand gewys.[16]§

Onverpoosd het die spoorweg-tariewestryd en die wrywing op ekonomiese gebied tussen die aangrensende gebiede voortgeduur. Van die kant van Mosambiek het ernstige besware gekom as sou die voltooiing van die Klerksdorp-Veertienstrome- en die Bethlehem-Kroonstad-verbindingsroetes inbreuk maak op die bepalings van die Modus Vivendi. Tussen die Kaapkolonie en Natal het 'n tweespalt gedreig oor die verdeling van die handelsverkeer wat van en na Delagoabaai afgesonder is; die krisis is vererger deurdat die Ladysmith-Bethlehem-Kroonstad-spoor Natal in staat gestel het om die handel van die noordelike halfte van die Vrystaat van die Kaapkolonie af te neem terwyl die Klerksdorp-Veertienstrome-spoor 'n deel van die handel wat voorheen na Natal gegaan het, na die Kaap afgekeer het. In die Vrystaat en Transvaal het die grootste ontevredenheid geheers insake die spoorwegsake omdat die vragpryse (uitgesonderd dié vir die goudmyne) op die publiek gedruk het as swaar belasting. Hierbenewens moes daar nog rekening gehou word met die politici in die kusstate wat die leer toegedaan was dat die binnelandse state in die allereerste plek die betaalbaarheid van die verafgelegë hawens en spoorlyne/.....

12) Ibid. 16, no.25/26 A: Selborne se Verslag aan Elgin oor die Verrigtinge van die Doeanekonferensie, 2. 4. 1906.
13) Ibid. no. 25/26 B; Walker: Lord de Villiers and his Times, p.418.
14) De Volkstem, 30. 6. 1906.
15) Luit.-Goew. 16, no.25/26 B., 1. 8. 1906.
16) Eerste Minister (Tvl.) 8, no.27/1/1907, 22. 11 en 21.12.1906.

\+ Volledige besonderhede oor die Doeane-unie van Maart 1906, raadpleeg Cd.2977.

* De Volkstem (23.5.1906) was daarteen dat die nuwe Tolunie deur die Transvaalse Wetgewende Raad bekragtig moet word aangesien die Kolonie weinig baat by die interkoloniale vryhandelsverkeer. Die blad het 'n beleid van proteksie vir Transvaal voorgestaan, as 'n metode om die lewensduurte te verlaag.

§ Na die bewindsoorname in Transvaal deur die Botha-regering het die Natalse Eerste Minister weer versoek dat die vroeëre tarief op die suikeruitvoer herstel moet word (13.4.1907). In sy hoedanigheid as waarnemende Eerste Minister in Transvaal het Smuts geantwoord (24.4.1907) dat dit onmoontlik is. (Eerste Minister (Tvl.) 8, no. 27/1/1907.

spoorlyne moes waarborg.

Die hele krisis het voortgevloei uit die heersende toestande van spoorwegbestuur in Suid-Afrika. Solank die vragvaart na die binneland verdeel moes word tussen wedywerende hawens en spoorwegstelsels wat nie verenig is deur enige gemeenskaplike belang nie, sou die vraagstuk opduik telkens as 'n nuwe spoorlyn aangebou word om die binneland met die kus via 'n korter roete te verbind of as aan enige hawe gunstiger toegang verleen word na 'n spesifieke gebied as wat voorheen die geval was.[17]

Ongelukkig het die lewensbelangrike aangeleentheid van spoorwegtariewe wat die ekonomiese betrekkinge tussen die kus- en die binnelandse Kolonies reeds so vertroebel het, verstrengel geraak met die kwessie van die toevoer van naturelle-arbeid wat Transvaal kragtens die Modus Vivendi van Portugees-Oos-Afrika gekry het. Op die keper beskou was die f o n s e t o r i g o m a l i die feit dat Milner, deur die Modus Vivendi, die ekonomiese vryheid van Transvaal, en daarmee dié van Natal en die Kaapkolonie, verkwansel het. Want dit het van die goeie gesindheid van die Portugese afgehang of die handelsmededinging tussen die hawens (waardeur Delagoabaai so ruime voordeel geniet het) so beheer kon word dat Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban 'n groter aandeel daaraan kon neem. Hierdie toedrag van sake het die Britse Kolonies in 'n ongemaklike posisie geplaas en Transvaal moes die verwyte verdra, maar tog die myne en ander industrieë op die Rand aan die gang hou sodat die afsetgebiede vir die buurstate se produkte nie droogloop nie.[18]

Op die vooraand van bewindsaanvaarding deur die Botha-regering in Transvaal was die interkoloniale ekonomiese verhoudinge met een woord gespanne. Die hele suidelike Afrika het oor 'n spoorwegnet van tussen 7,500 en 8,000 myl beskik, soos volg verdeel: Kaapkolonie 2,986 myl; Rhodesië 2,151 myl; die C.S.A.R. 1,685 myl; Natal 786myl; Mosambiek ± 425 myl. Hierdie stelsel het 'n kapitale waarde verteenwoordig van sowat £80,000,000 [19] - ongetwyfeld 'n kolosale onderneming wat groot finansiële verpligtinge op die land geplaas het, maar beslis ook 'n enorme bate en seën kon wees as die verskillende spoorwegadministrasies en die State agter hulle nie so 'n onvriendelike, bykans vyandige, gesindheid teenoor mekaar geopenbaar het nie. Onder sodanige omstandighede het die spoorwegstelsels eerder 'n positiewe gevaar vir Suid-Afrika ingehou. Die onaangename ironie van die situasie was dat die hele veld van die Suid-Afrikaanse politiek allengs begin gekleurd geraak het met die bestaan van Delagoabaai as 'n Portugese hawe. Met prysenswaardige energie en vooruitsiendheid het die Portugese van hulle groot en natuurlike voorsprong gebruik gemaak deur die aansienlike winste wat hulle van hulle afhanklike maar ryk binnelandse buurstaat ontvang het, doeltreffend aan te wend vir die bou en toerusting van die Delagoabaaise dokke en die

Mosambiekse/.....

---

17) De Volkstem, 18.7.1906; The Rand Daily Mail, 6. 7.1906; The Star, 13. 9. 1906.
18) Luit.-Goew. 14, no.25/2, Selborne aan Elgin, 1.10.1906.
19) Ons Land, 3.11. 1906.

Mosambiekse spoorweë; in ruil hiervoor het hulle in 'n gees van pure vriendelikheid hulle naturelle na die Randse goudmyne gestuur. So kon Delagoabaai in 'n land wat feitlik sonder hawens was, van 'n eenvoudige hawe vóór die dae van Randse goudontdekking, ontwikkel tot 'n vooruitstrewende in- en uitvoerpoort; terselfdertyd het die Portugese beskik oor 55 myl van die kortste spoor wat na die grootste Suid-Afrikaanse mark gelei het en oor 'n oorvloedige naturellebevolking binne redelike afstand van 'n groot industriële sentrum.[20]

Afguns en wrywing was die gevolg hiervan en 'n gevaarlike toestand kon maklik daaruit voortspruit. Die algemene gevoel was nog eens dat 'n koferensie gehou moet word ten einde die handelsbetrekkinge tussen die buurstate op 'n gesonder grondslag te plaas. Die mening is uitgespreek dat die politieke federasie of unifikasie van die Suid-Afrikaanse State 'n oplossing vir die vraagstuk sou bied en dat die moontlikhede daarvan ondersoek behoort te word.[21] In sommige kringe in Transvaal is die sienswyse gehuldig dat die Tolunie gehandhaaf moet word as 'n oorspringklip na nouere staatkundige eenheid - mits dit nie behoue bly ten koste van die belange van Transvaal nie, want dan sou dit 'n onvaste oorspringklip wees![22]

In Transvaal en die Vrystaat was die 1,685 myl spoorlyn van die C.S.A.R. direk betrokke by die onverkwiklike tariewestryd. Daarbenewens was die Interkoloniale Raad, onder welke beheer die C.S.A.R. geval het, by die inwoners van albei die Kolonies 'n baie ongewilde liggaam. Die groot meerderheid van die lede is deur die Goewerneur benoem en in soverre dit Transvaal betref, was hulle hoofsaaklik belanghebbendes in die grootkapitaal en die Randse goudmynbedryf.[23]

Die Interkoloniale Raad was nie die minste by magte om die teenslae van die heersende depressie die hoof te bied nie. Teen die begin van 1907 het die inkomste-verdienste van die C.S.A.R. wat tot £100,000 per week beloop het, vinnig gedaal en 'n tydlank gevarieer tussen nie hoër as £80,000 en £90,000 per week nie. In die hantering en besteding van hierdie geld het die publiek geen kontrole oor gehad. Gevolglik is dit deur verantwoordelike persone in albei die binnelandse Kolonies algemeen aanvaar dat die Interkoloniale Raad met die verwesenliking van selfbestuur noodwendig verander sal moet word.[24]

==========

Die finansiële toedrag van sake: Vir die finansiering van sy skemas soos spoorwegkonstruksie, die instandhouding van die South African Constabulary, die hervestiging van die Boere en die algemene ontwikkeling van die nywerheid en die landbou, het lord Milner 'n groot lening van £35,000,000 aangegaan wat deur die Imperiale Regering gewaarborg is.[25] Hierdeur is 'n groot finansiële las/.....

---

20) The Star, 2. 11. 1906; 15.1. 1907.
21) Luit.-Goew. 81, no. 90/87.
22) The Pretoria News, 18.1.1907.
23) Luit.-Goew. 148, no. 136.
24) Inter-Colonial Council (Debates), 18; T,78: 28 en 29 Mei 1907.
25) Headlam, a.w. pp.439-440.

las op die skouers van die twee verowerde Kolonies geplaas en reeds het die indirekte belasting neergekom op sowat £10 per jaar per persoon van die blanke bevolking alleen.[26]

Drie jaar na die beëindiging van die oorlog het duisende persone hulle in finansiële nood bevind as gevolg van groot somme geld wat hulle aan privaat mense, kapitaliste en banke verskuldig was waarvoor buitengewone hoë rente gevorder is. Die repatriasieskulde het ook talle inwoners in ernstige moeilikheid gedompel, veral omdat die uitbetaling van die £3 miljoen kragtens die Vereeniging-traktaat lank vertraag is.[27] Selfs Progressiewe persorgane het erken dat die fiskale stelsel in Transvaal groot ontevredenheid veroorsaak.

> "....The country is hobbling along under a burden becoming increasingly oppressive, white men are leaving it as rats a sinking ship .....,"

het die "Transvaal Leader" gekla.[28]

In sy begrotingsrede as Tesourier in die Botha-kabinet het H. C. Hull duidelik gewys op die verkwisting en misplaaste optimisme van die Kroonkoloniebestuur ten opsigte van geldbesteding. Hy het aangevoer dat reuse somme verspil is vir die instandhouding van die Suid-Afrikaanse Konstabelmag met sy duisende manskappe en offisiere; die Kolonie was opgeskeep met 'n groot en lompe amptenaarswese wat geheel en al oneweredig was aan die behoeftes van die landsadministrasie; op uitgebreide skaal is geld bestee aan groot boukonstruksies en vir die setlaarskemas is grond aangekoop teen driemaal die waarde daarvan.[29]

Tydens sy besoek aan Engeland in 1907 het genl. Botha daarin geslaag om 'n lening van £5,000,000 van die Imperiale owerhede gewaarborg te kry. By wyse van wetgewing is die Transvaalse Gegarandeerde Lening in die parlement goedgekeur. Die wetsontwerp het aansienlike teenstand ondervind; van Opposisiekant is aangevoer dat die finansiële en ekonomiese toestande van die Kolonie nie 'n addisionele las regverdig nie. Die helfte van hierdie lening het die Botha-kabinet afgesonder vir sy Land- en Landboubank-skema terwyl die res bestem was vir publieke werke, spoorwegkonstruksie- en besproeiingswerke. Die algemene inkomste en bates van die Kolonie sou as sekuriteit dien vir die lening.[30]

Die £5,000,000 gewaarborgde lening het beteken dat nog 'n bykomende bedrag van £200,000 per jaar op die skouers van die Transvaalse belastingbetalers gekom het. Maar die Botha-regering het geglo dat veral die spoorweg- en besproeiingsontwikkeling sal meewerk om die kapitaalverdienste van die inkomstebronne wat daarmee

in verband/.....

---

26) Pyrah, a.w. p.209.
27) L.A. 262(3) Botha aan Leyds, 29. 2. 1905.
28) The Transvaal Leader, 27. 3. 1907.
29) Debatten: Wetg. Verg. Eerste Sitting (1907) pp.834-835, 846-854.
30) Wette van Tvl.: Wet no 8 van 1907; Eerste Minister (Tvl.) 58, 4. 5. 1907.

in verband staan te verhoog. Dit was hulle begeerte om op die wyse die beleid af te rond wat voorsiening gemaak het vir die ekonomiese vestiging van Transvaal.

Die positiewe resultate wat gevolg het uit die gedeeltelike aanwending van die lening vir 'n Landbank in Transvaal het ons in 'n vorige hoofstuk aangetoon. In 'n groot mate was die besteding van die orige £2½ miljoen 'n ewe groot sukses, wat deels te danke was aan die gestadige terugwyk van die depressie vroeg in 1908 en die herstelde vertroue in die mynbedryf toe dit blyk dat daar oorvoldoende naturelle was om die Sjinese se plek in te neem.[31] Geleidelik het Hull as tesourier van Transvaal die vertroue van verstandige waarnemers gewen want sonder twyfel het hy 'n gesonde insig geopenbaar in die situasie deur in gedagte te hou dat die minerale rykdom van die Kolonie van verbygaande aard kon wees. En dit sou die beleid wees van die Botha-ministerie om die voorspoed wyslik te gebruik net soos die Boere die teëspoed van die vorige jare met waardigheid die hoof gebied het. Drastiese besnoeiing in die administratiewe uitgawes was die Regering se onverbiddelike eis en daarin het hy binne die eerste jaar grootliks geslaag. Die uitgawes van Mei en Junie 1908 was byvoorbeeld byna 'n halfmiljoen minder as dié van die ooreenstemmende periode van 1906-'07. In elke opsig het die Regering daarin geslaag om binne die vermoë van sy finansiële hulpbronne te bly en alles het daarop gedui dat Hull in dié jaar 'n begroting van onverwags gunstige aard sou indien.[32]

Die swaar en stremmende aanhangsel aan die Botha-regering tydens die eerste jaar van sy bewind was Milner se skepping: die Interkoloniale Raad. Aangesien die Grondwet vir Verantwoordelike Regering aan die Oranjerivierkolonie eers teen die einde van 1907 in werking sou tree, was dit ook nie gerade om enige drastiese veranderings in die samestelling of funksies van hierdie liggaam aan te bring nie. Nietemin was dit gebiedend noodsaaklik, het Hull, die tesourier van die Raad gesê,

> ".... to mark time and to go slow for the simple reason that the Inter-Colonial Council has got to the end and, indeed, beyond the end of its funds." 33)

In sy begrotingsrede aan die einde van Mei 1907 het Hull aangetoon dat die £35,000,000 wat aan die Raad toevertrou was vir verspreiding reeds met meer as 'n miljoen pond oorskry was. Een van die swaarste laste wat op die twee Kolonies gedruk het, was die South African Constabulary wat ook onder die beheer van die Interkoloniale Raad gesorteer het; sedert dié polisiemag op die been gebring is, is sowat £10 miljoen aan die instandhouding daarvan bestee - voorwaar 'n reuse som as in aanmerking geneem word dat Transvaal in die tyd 'n blanke bevolking van slegs ongeveer 300,000 gehad het. 'n Tekort

van/.....

31) Pyrah, a.w. pp.212-213.
32) The Star, 3.6.1908; The South African News, 4. 9. 1907.
33) Inter-Colonial Council (Debates) T.78, 29.5.1907. (Skrywer kursiveer).

van £183,000 is ook aangetoon in die spoorwegbegroting van die C.S.A.R. wat ingelyks onder die beheer was van die Interkoloniale Raad.[34]

Alleen die vertraagde inwerktreding van selfregering in die Oranjerivierkolonie het in die weg gestaan van die uiteindelike aftakeling van hierdie duur instelling. Met die byeenkoms van die Raad in Mei 1907 was die "Friend" dus geregtig om onder die opskrif: "A Moribund Council, " te skryf: "The Inter-Colonial Council meets for its last session under appropiately funeral conditions. The two Colonies are suffering from a commercial depression to which its own wastefulness has, without question, been largely contributive." [35]

Die Einde van die Interkoloniale Raad. Die Nuwe Ooreenkoms:

Die verkiesing vir 'n Verantwoordelike Regering in die Oranjerivierkolonie het op 20 November plaasgevind. Slegs veertien dae later, t.w. op 4 Desember 1907, het die Botha- sowel as Fischer-regering by monde van Goewerneurs Selborne en Goold-Adams hulle begeerte uitgespreek om van die Interkoloniale Raad onttrek te word.[36]

Soos bekend, was die Interkoloniale Raad in beheer van hoofsaaklik die Central South African Railways, die South African Constabulary en die besteding van die £35,000,000 gewaarborgde lening. Dit was veral die reuse lening wat 'n probleem geskep het want Transvaal alleen was verantwoordelik vir die gehele skuld wat geleen is teen hiérdie Kolonie se sekuriteit. 'n Groot som hiervan is aangewend aan spoorwegbou, repatriasie, kompensasie aan „lojaliste", openbare geboue en nedersetting in die Oranjerivierkolonie.


Vroeg in 1908 het Fischer na Pretoria gegaan om daar met die Transvaalse Regering te beraadslaag oor 'n beginsel waarvolgens die verantwoordelikheid vir die lening ten laste van beide die Kolonies sal kom sodra die Interkoloniale Raad sou ontbind. Daar was veral verskil van mening omtrent kompensasie vir die verliese wat deur die oorlog in Natal en die Kaapkolonie veroorsaak is. Tog is 'n vergelyk getref.[37]

Teen die einde van Maart 1908 was Fischer en van sy kollegas weer in Pretoria. Met die Transvaalse Regering het hulle ooreengekom oor die likwidasie van die Interkoloniale Raad; terselfdertyd is besluit om die spoorwegverbond van die afgelope vyf jaar voort te sit.[38] In die tweede sitting van die Transvaalse parlement is die nuwe ooreenkoms in die vorm van 'n wet, die wet op die Ratifikasie van die Interkoloniale Konvensies, goedgekeur.[38a]

Die/.....

34) Ibid.
35) The Friend, 29. 5. 1907.
36) Goewerneurskantoor (Bloemfontein) 35/10, 4.12.1907.
37) Ibid. 226.
38) Merriman Papers, no.48; Smuts aan Merriman, 5. 4. 1907.
38a) Wette van Transvaal: Wet no. 8 van 1908.

MIKROFILM-AFDRUK VAN KAART: INTERKOLONIALE RAAD, T.78. (STAATSARGIEF, PRETORIA).



Die ooreenkoms het bepaal dat die Interkoloniale Raad op 2 Junie 1908 gelikwideer sal word.

Die nuwe ooreenkoms het die volgende drie hoofpunte behels:

1. Die Hóe Kommissaris sou voortaan nie meer verantwoordelik wees vir die beheer oor en instandhouding van die S.A.C. nie. In hulle respektiewelike gebiede sou die twee koloniale Regerings hierdie verantwoordelikheid op hulle neem In hierdie Konvensie is voorsiening gemaak vir die uitbetaling van persioene of beloninge aan persone wat in die diens van die Interkoloniale Raad werksaam was en vir die verdeling tussen Transvaal en die Oranjerivierkolonie van die geldelike verpligtings vir sodanige pensioene en gratifikasies.
2. Insake die Transvaalse Gewaarborgde lening van £35,000,000, en die gedeeltelike aanwending daarvan vir konstruksiewerke, repatriasie, nedersetting, ens. in die Vrystaat, is ooreengekom dat die Fischer-regering 'n gedeelte van die skuld ten bedrae van £7,700,000 sal oorneem. Die skuldpligtigheid vir die orige £27,300,000 het die verantwoordelikheid van die Botharegering geword.
3. 'n Konvensie is bekragtig ingevolge waarvan die twee Regerings toestem tot die gesamentlike eksploitasie van die spoorweë van die Vrystaat en Transvaal (die C.S.A.R.).[39] Hiervolgens sou

   (a) die C.S.A.R. van 2 Junie 1908 geadministreer en beheer word deur 'n Spoorwegraad bestaande uit drie Transvaalse en twee Vrystaatse regeringsverteenwoordigers. (Die Raad wat op dié datum in werking getree het, het bestaan uit: Hull, Smuts en Goldman vir Transvaal en Ramsbottom en C. H. Wessels vir die Vrystaat).

   (b) Johannesburg het hoofkwartier van die Administrasie van die C.S.A.R. geword en die Raad sou minstens een keer per maand daar vergader.

   (c) Die Raad sou 'n d o m i c i l i u m c i t a n d i e t e x e c u t a n d i in Bloemfontein aanstel waar alle regsgedinge teen die Administrasie kan dien.

   (d) Die spoorweë sal bestuur word deur 'n Algemene Bestuurder wat in bevel staan van die hele stelsel ooreenkomstig die instruksies wat van tyd tot tyd deur die Raad uitgereik sal word. Die Algemene Bestuurder sou 'n jaarlikse verslag indien wat aan die parlemente van die twee Kolonies voorgelê sal word. Daarin moes hy 'n oorsig gee van die aard van die verkeer, die koste en verdienste, die toestand van die spoorlyne, akkommodasie e.d.m.

   (e) 'n Aangestelde Ouditeur vir die Spoorweë sou 'n jaarlikse rapport indien met betrekking tot die geldelike sake van die finansiële jaar, terwyl die boeke en rekenings van die administrasie só gehou moet word dat dit die afsonderlike aandele in die bates en verpligtinge van Transvaal en die Oranjerivierkolonie weerspieël.

(f) In/.....

39) T.K.24, pp.613-615, 639-642, 642-644, 685-687; Goewerneurskantoor (Bloemfontein) 225/4; 226; 226/1; 226/2; Debatten: Wetg. Verg. 2de Sitting (1908), pp.59-74; Fischer-vers. (Staatargief, Pretoria): Spoorweë, 3.3.1908; (Fischer-Hull-korrespondensie) 22.4.1908 (R.H. Brand aan Fischer).

(f) In samewerking met die Transvaalse en Vrystaatse Regerings sal die Raad gereeld die spoorwegraming van uitgawes voorberei om aan die parlemente van die twee Kolonies voor te lê.

(g) Die twee Regerings kom ooreen om, solank hierdie Konvensie stand hou, geen spoorlyn aan te lê wat, volgens die Raad, waarskynlik sal meeding met enige spoorlyn van die administrasie van die C.S.A.R. nie. As enige van die twee Regerings in sy eie gebied 'n spoor wil bou, sal die Raad vasstel of dit nie op hierdie voorwaarde inbreuk doen nie.

(h) Elke Regering onderneem om eenvormigheid te verkry in die wetgewing met betrekking tot die spoorweë in sy eie gebied, en sover moontlik ook ten opsigte van dié in die ander Kolonie.

(i) Hierdie Konvensie sal vir 'n tydperk van 4 jaar van krag wees en as een van die partye van voorneme is om uit te tree sal dit 'n jaar vooruit daarvan kennis gee.

(j) Die Spoorwegraad het oor die volgende magte beskik:

(i) Dit gaan ooreenkomste aan met ander Regerings of persone in verband met die administrasie, funksionering of beheer van spoorweë.

(ii) Die Raad onderhandel met enige Regering of ander belanghebbendes oor die konstruksie van spoorweë in besondere gebiede.

(iii) Dit verander en stel tariewe en vraggelde vas.

(iv) Dit verkry deur ooreenkoms regte op die gebruik van water en grondeiendom vir spoorweggebruik.

(v) Die Raad stel amptenare aan en dank hulle af al na gelang dit nodig blyk en stel hulle salarisse en besoldiging vas.

(vi) Die Raad kontroleer die finansies van die Administrasie en berei die Spoorwegbegroting voor. 40)

Kragtens die Staatskoerant sou die Interkoloniale Konvensies-Ratifikasiewet op 21 November 1908 in werking tree.41)

Prokonsul Milner se Interkoloniale Raad, wat by sy ontstaan vyf jaar tevore deur die eenstemmige persgejuig begroet is as die n e c p l u s u l t r a van Suid-Afrikaanse Staatsmansgrootheid en verheerlik is as die eerste daeraad van 'n verenigde Suid-Afrika, het hiermee doodgeloop en dit is sonder seremonie begrawe. In die herinneringe sou dit alleen voortleef as 'n burokratiese proefneming, 'n kosbare utopie, die kunsmatige vrug van amptelike willekeur wat hoe later hoe ongewilder geword het. Die waarheid is dat Milner self verplig was om te beken dat sy skepping tot misluking gedoem was. In sy afskeidsboodskap aan Selborne het hy op 14 April 1905 geskryf: "The big political objects .... which I had at the back of my mind, when I started the Inter-Colonial Council, must be regarded as definitely defeated." 42)

As troue Progressiewe lyfblad en bewonderaar van Milner het die "Star" sy bes gedoen om die oorlede Interkoloniale Raad te verdedig. "It was alike in its conception and its constitution a notable piece of constructive statesmanship," het die blad onbeskeie geskryf.43) Hierteenoor staan die getuienis van „De Volkstem," „Ons Land" en die "South African News" wat sonder aarseling Milner

se/.....

40) Eerste Minister (Tvl.) 59: Convention providing for the joint working and administration of the Railways in the Transvaal and Orange River Colony, Mei 1908.
41) T.K. 26, p.447. (42) Headlam, a.w. pp.556-558.
43) The Star, 6.6.1908.

se skepping as 'n anachronisme en 'n anomalie bestempel het. Dit was 'n liggaam wat onmoontlik kon voortbestaan in twee outonome Kolonies waar Boereregerings die bewind gevoer het. Dit was 'n liggaam wat herinner het aan die ongewenste toestande van verbygegane jare.[44] Waar Milner en die syne die Interkoloniale Raad graag beskou het as die kiemplantjie van toekomstige Suid-Afrikaanse staatkundige eenheid, het die gevestigde bevolking dit verwerp soos Carnarvon van weleer se ingevoerde konfederasieskema van slegs twee en dertig jaar gelede verwerp is. Van hierdie klap wat Carnarvon ontvang het, het Milner niks geleer nie; daarom was die knou wat sy prestige ontvang het des te meer vernederend. Want nie alleen het sy Interkoloniale Raad 'n enigsins eerlose dood gesterf nie, maar is die herroeping daarvan as 'n noodsaaklike stap bestempel op die weg van die nouere unie van die hele Suid-Afrika. "We are heartily glad that it is gone, and cordially congratulate all concerned in bringing about its demise," [45] was die "South African News" se meesmuilende kommentaar.

In die Vrystaat het die "Bloemfontein Post," wat in die politiek kant gekies het vir sir John Frazer se Constitutional Party teen die Orangia Unie van Fischer en Hertzog, sy grootste misnoeë uitgespreek met die nuwe spoorwegooreenkoms en die skuldelas van £7,700,000 uit die £35 miljoen Gewaarborgde Lening wat dié Kolonie die Transvaal moes help dra - en dit vanweë 'n oorlog wat ter wille van Transvaal gevoer is en waarin die Vrystaat die Transvalers so lojaal gesteun het en verloor het wat vir hom die dierbaarste was: sy onafhanklikheid! Die nuwe spoorwegverdrag, het die blad verklaar, is maar 'n herlewing van die Interkoloniale Raad, met dié verskil: Transvaal sal, uit hoofde van sy groter verteenwoordiging op die Spoorwegraad, eens so erg die Vrystaatse spoorweë domineer, die beleid beheer en die administrasie rig. Die Vrystaat sal, met ander woorde, maar net 'n "vassal position" in die Verdrag inneem.[46]

Die lyfblad van die Orangia Unie, die "Friend", was baie meer hoopvol en het die positiewe nut van die "new pool", of "working partnership", beklemtoon. In plaas van die Transvaal se vyandskap as gevolg van mededinging, het die Vrystaat nou sy vennoot se goedwilligheid erlang. In die Transvaalse handelsmark het die Vrystaatse spoorweg immers sy grootste bate gehad en die profyte wat Delagoabaai verskaf het, het die Vrystaat nou met sy oor-Vaalse buurstaat gedeel. Die gesamentlike winste is daarop verdeel in aandele volgens ooreenkoms. Hierbenewens is die twee Kolonies se spoorweë buite die partypolitiek geplaas en is 'n groot struikelblok uit die weg geruim van nouere staatkundige eenheid. 'n Ander voordeel was dat die magte van die Spoorwegraad alleen administratief was, nie staatkundig nie, en hierby kon beide Kolonies alleen baat. Ten slotte: waar Milner die Vrystaatse spoorwegstelsel aan die Transvaalse

geheg/.....

44) De Volkstem, 2.6.1908; Ons Land, 2.6.1908; The South African News, 30.5. 1908.
45) The South African News, 30. 5. 1908.
46) The Bloemfontein Post, 10, 18 en 26.6.1908.

geheg en deur die Rand laat eksploiteer het deur die inkomste daarvan aan te gewend het vir die verbetering en konstruksie van mededingende spoorlyne in die rigting van Veertienstrome en Delagoabaai, en die Vrystaat aldus die ondergeskikte vennoot gemaak is, het die nuwe verdrag hierdie Kolonie 'n eerlike bydrae laat verkry in die beginsel van federasie waarvan lord Milner se skepping 'n bespotting was. Voortaan sou die Vrystaat 'n billike deel bekom van bates en die geldelike verpligtings, en net soveel direkte voordeel vind in sy vennoot se verbeterde spoorlyne as sy vennoot self. En om die beginsel oorboord te gegooi het dat die spoorweë 'n middel is om belastings te in, kon alleen voordelig wees, het die "Friend" besluit.[47)]

==========

Die Spoorweë en Spoorwegontwikkeling - 'n Verdelende én Verenigende Faktor: Die £5 miljoen wat uit die £35 miljoen Gewaarborgde Lening tot die beskikking van die Interkoloniale Raad gestel was vir spoorweguitbreiding in die Oranjerivierkolonie en Transvaal, het hierdie twee Kolonies, afgesien van die swaar skuldelas, in die geleentheid gestel om hul bestaande treinspore met etlike myle te verleng. Teen Mei 1907, d.w.s. enkele maande nadat die Botha-regering die bewind oorgeneem het, was daar die volgende uitbreidings in konstruksie: die Springs-oostelike spoor; die Pretoria-Rustenburg-spoor; die Krugersdorp-Zerust-spoor; die Oos-Rand-Witbank-spoor; die Machadodorp-Ermelo-spoor; die Bethlehem-Kroonstad- en die Bloemfontein-Kimberley-spoor. Ten slotte was daar die Klerksdorp-Veertienstrome-spoorlyn in aanbou waarvoor hoofsaaklik die De Beers-maatskappy die geld voorsien het. Byeengereken was daar onder die administrasie van die C.S.A.R. 'n totale afstand van 1,273 myl spoorweë in aanbou of feitlik voltooi. Met die aanvang van die werksaamhede was daar slegs 1,307 myl spoorlyne in die twee Kolonies. Die mylafstand van die spoorwegstelsel sou dus nou verdubbel wees. Vir sowel die myn- as die landboubedryf, en die passasiersverkeer, sou hierdie vervoerstelsel van groot nut en gerief wees. Aan die nuwe Verantwoordelike Regerings was dit oorgelaat om die werk voort te sit.[48)]

Die uitbreidende spoorwegnetwerk dwarsdeur Suid-Afrika was 'n enorme ekonomiese bate vir die land. Aan die ander kant het niks die gevaar van onenigheid en die noodsaaklikheid van nouere staatkundige eenheid meer beklemtoon nie as juis die progressiwiteit van die verskillende koloniale administrasies op die gebied van spoorwegvooruitgang. Tydens die Doeane-konferensie wat in Maart 1906 te Pietermaritzburg gehou is, was dit baie duidelik dat botsende belange, wrywing en mededinging tussen die buurstate die gemeenskaplike oogmerke totaal oorskadu het; gevolglik is dit algemeen aanvaar dat die tolverbond hoogstens 'n tydelike skikking was.

Twee/.....

47) The Friend, 8, 11 en 18.6.1908.
48) Inter-Colonial Council (Debates) T.78, Mei 1907 (Openingsrede deur Selborne).

Twee Belangrike Dokumente oor Spoorwegwedywering en -vereniging - Nasionale Eenheid ter sprake: Nog voor die einde van dieselfde jaar was daar al weer soveel tussenstaatse probleme wat wrywing en oponthoud meegebring het in spoorweg- en ander sake, dat die Kaapse Ministerie op 28 November 1906 versoek het dat aandag gegee moet word aan die omvangryker probleem van politieke vereniging. Die idee van die Jameson-regering was dat 'n beweging aan die gang gesit moet word vir die daarstelling van 'n sentrale nasionale regering wat al die Kolonies en Protektorate onder Brits Suid-Afrikaanse administrasie sal omvat.[49)]

Die versoek van die Kaapse Regering was nie 'n losstaande gebeurtenis nie. Lionel Curtis, een van die entoesiastiesste jong Oxford-manne in Milner se ,Kindergarten' was 'n man van aansienlike dryfkrag. Aan sy kollegas, o.a. Patrick Duncan (Koloniale Sekretaris), Lionel Hichens (Tesourier), Geoffrey Robinson (Dawson, die editeur van die "Star"), Richard Feetham (stadsklerk van Johannesburg) en sy plaasvervanger, John Dove, Robert Brand (sekretaris) en Philip Kerr (assistent-sekretaris van die Interkoloniale Raad) en D.O. Malcolm (private sekretaris van Lord Selborne), het Curtis in Junie-Julie 1906 voorgestel dat iemand 'n memorandum behoort op te stel waarin, aan die hand van feite en statistiek, duidelik vermeld word watter gevare daar vir Suid-Afrika bestaan in 'n toestand van staatkundige onenigheid (disunion) en aangetoon word hoe eerheid die enigste middel is om dit uit die weg te ruim. Almal het die voorstel geesdriftiglik gesteun en hulle was dit eens dat Curtis self, met die nodige bystand van sommige van sy vriende, die aangewese man is om die taak aan te durf. Die voorstel het ook Selborne se heelhartige goedkeuring geniet en hy het Curtis toestemming verleen om al die Kolonies te besoek ten einde data in te win vir die memorandum. Dr. Jameson,Premier van die Kaapkolonie, was eweneens ten gunste van die plan en Curtis se taak is vergemaklik toe e.g. sy bereidwilligheid te kenne gegee het om die opstel van sodanige memorandum as't ware uit te lok by wyse van 'n amptelike versoek deur sy kabinet. Jameson het, bygevolg, namens sy ministerie 'n minute aan Selborne aangestuur waarin hy die Hoë Kommissaris se aandag vestig op die gevare van die toestand van verdeeldheid in Suid-Afrika; terselfdertyd word hy versoek om die publiek hierdie gevare aan die verstand te bring deur te onderneem om 'n oorsig te gee van die situasie, op so 'n wyse dat die volk ingelig kan word oor die algemene toestand van sake dwarsdeur die land.

So, m.a.w., was die voorgenoemde versoek van die Kaapse ministerie oor die daarstelling van 'n sentrale nasionale regering vir die hele Suid-Afrika ingeskakel by die memorandum van Curties en Kie. waarvoor Selborne nou die volle verantwoordelikheid voor geneem het. Die versoek van die Kaapse Regering het hy aan die ander Britse Regerings in Suid-Afrika voorgelê en van algar die hartlike steun ontvang vir

die/.....

49) Cd. 3564, pp.4-5; Pyrah, a.w. p.109.

die voorstel.* As antwoord het Selborne self op 7 Januarie 1907 'n rapport aan die Goewerneur van die Kaapkolonie geskryf waarin hy saaklik en kragtig die moeilikhede aanstip waaronder Suid-Afrika gebuk gegaan het deurdat daar geen gemeenskaplike Suid-Afrikaanse beleid was nie met betrekking tot die spoorweë, doeane, die regstelsel, verdediging, landbou, mynwese, naturelle- en kleurlingsake en interne stabiliteit oor die algemeen; selfs al sou elke Kolonie selfbestuur hê, sou die Suid-Afrikaners by verre nog nie die meesters in hulle eie land wees solank hierdie moeilikhede stuksgewys geskik word nie, het die Hoë Kommissaris aangevoer. By dié rapport het Selborne die Memorandum, deur Curtis opgestel maar wat hyself finaal hersien en afgerond het, aangeheg. Sedertdien het dit bekend gestaan as die Selborne-memorandum, getiteld: 'A Review of the Mutual Relations of the British South African Colonies in 1907.+ 'n Afsonderlike memorandum deur Philip Kerr het gehandel oor die spoorweë. In hoofsaak het dit die tegniese aspekte van spoorwegbestuur behels en op oortuigende wyse het Kerr aangetoon hoe voordelig dit sal wees as die spoorweë sou verenig onder 'n federale Suid-Afrikaanse regering en die bestuur vry sou wees van politieke invloede. Al hierdie dokumente is in Julie 1907 deur die Koloniale Kantoor in Cd.3564 gepubliseer.[50]

Insake spoorweë is dit opmerklik dat die Selborne-memorandum niks minder beoog het nie as die spoedige opheffing van die Modus Vivendi van Transvaal met sy Portugese buurstaat - 'n traktaat van die handhawing waarvan afgehang het die toevoer van nege uit elke 10 naturelle-arbeiders vir die goudvelde, en dit juis op 'n tydstip toe daar besluit is om beslis af te sien van die verdere gebruik van ingevoerde Sjinese werkvolk. Dit was origens 'n onomstootlike feit dat die welvaart van nie net die goudmyne nie (Transvaal se vernaamste industrie), maar ook die daaglikse brood van die helfte van die Kolonie se bevolking, grootliks te danke was aan die goeie gesindheid van die Portugese nabure.

In sy betoog blyk dit dat Selborne geensins oortuig is dat, vir geval van staatkundige eenheid, Delagoabaai vir èn die Regering èn die verbruiker in Transvaal die voordeligste seehawe behoef te wees nie. Hy versuim om te meld dat die spoor wat Transvaal met sy natuurlike hawe - Lourenco Marques - verbind, 89 myl korter is as die kortste ander verbinding; 341 myl van hierdie spoorlyn is die eiendom van die Transvaalse belastingbetaler vergeleke met slegs 178 myl van die Natalse en net 49 myl van die Kaapse spoor. Enigsins spot-

tend het/.....

50) The Selborne Memorandum. A Review of the Mutual Relations of the British South African Colonies in 1907, with an Introduction by Basil Williams: Vgl. Voorwoord, pp.XVI-XXII; Kruger: The Age of the Generals, pp.30-31.

* L.W. Op hierdie stadium (Nov.1906) het die twee voormalige Republieke nog nie selfregering nie. Die bg. steun aan Jameson se voorstel is dus deur die Kroonkolonie-bestuur gegee.

\+ In die hoofstuk oor Unifikasie word die Selborne-memorandum en die reaksie daarop vollediger behandel.

tend het die „Volkstem" gevolglik geskryf: „....Aangesien die goederevervoer nou eenmaal sóveel per ton per myl kos, en nie sóveel per graad bloedverwantskap of nasionale gesindheid nie, kon die Transvalers nie insien wat dan verhinder dat die Delagoabaaise spoorweg altyd vir hulle die kortste en voordeligste bly nie of waarom hulle hulle langer ter wille van allerhande sentimentele oorweginge moes laat uitmergel deur die kuskolonies nie. Selfs moes hulle hulle nie van stryk laat bring het nie wanneer hulle 'n nog korter en voordeliger verbinding na die see via Swaziland kon verkry." 51)

Vir die Transvalers was federasie, konfederasie of unifikasie heeltemal aanneemlik mits dit sou geskied met die volle inagneming van die belange van die Transvaalse bevolking. En een van die belangrikste voorwaardes was dat enige eenheidsvoorstel nié moes beteken nie dat Transvaal ontvreemd sou word van sy natuurlike hawe, van sy eie spoorweg en van die voordele van die kortste spoorbaan na en van die grootste mark op sy eie gebied - al was dit waar dat historiese omstandighede dit so bewerkstellig het dat daar aan die einde van hierdie spoorbaan nie dieselfde vlag gewapper het as bv. in Port Elizabeth of Durban nie. In hierdie sin was Mosambiek 'n vreemde faktor, maar dit was geensins 'n vyandige faktor nie. Dat daar vier verskillende Kolonies was onder die Britse vlag, was 'n blote toeval, 'n „fout van die geskiedenis," het Selborne in sy dokument aangevoer. Suid-Afrika het op die drumpel gestaan van die politieke eenwording van hierdie „geskiedkundige foute." Maar Transvaal sou enige skema as onwenslik en onuitvoerbaar verwerp as dit die totale uitsluiting beoog van nog 'n ander „geskiedkundige toevallighoid" - Mosambiek met Delagoabaai as hawe - wat geografies 'n onafskeidelike deel en kommersieel grootliks afhanklik was van die Transvaalse grondgebied en markte. Derhalwe was die Botha-regering van mening dat 'n toekomstige Brits Suid-Afrikaanse eenheidstaat alleen op welslae kon hoop mits aan die provinsie Mosambiek die vriendskaplike samewerking van die orige „toevallighede" verseker word. Dit behoef niks meer te beteken het nie as 'n spoorwegooreenkoms en 'n verdrag van handel en vriendskap tussen die selfbesturende Portugese Kolonie en die Verenigde State van Suid-Afrika.[52]

Die Conacher-Rapport oor die Suid-Afrikaanse Spoorweë - Aanbeveling: Unifikasie:

Die Botha-regering was nouliks vyf maande aan bewind toe die belangrike Selborne-memorandum gepubliseer is. Minder as 'n jaar hierna het 'n tweede dokument, spesifiek oor die spoorweë verskyn: die Conacher-rapport.

Die heer J. Conacher was 'n Engelse spoorwegdeskundige wat aan die begin van 1907 deur die regerings van die Kaap en Natal en die Spoorwegkomitee van die Interkoloniale Raad opgedra is om 'n noukeurige ondersoek in te stel na die spoorweë van Suid-Afrika, verslag te doen oor die verdeling van vervoer tussen die verskillende hawens en spoorwegadministrasies, oor die juiste koste van eksploitasie en die hoeveelheid van vervoer van en na die binneland, asmede oor die algemene/.....

---

51) De Volkstem, 6. 7. 1907.
52) Ibid. 10. 7. 1907.

algemene toestande insake skeepsvragte, haweregte en fasiliteite by die verskillende hawens. Voorts het hy opdrag ontvang om die saak uit twee oogpunte te behandel: (a) onder die bestaande toestande, t.w. met aparte administrasies en Kolonies en (b) onder die veronderstelling dat die spoorweë onder een administrasie staan.

In 'n verslag wat in April 1908 verskyn het, het Conacher waardevolle inligting en statistiek versktrek oor die verskillende treinspore, die hawens en administrasies. In 'n oorsig van die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse spoorweë het hy aangetoon hoe die aanbou van al die hooflyne gebiedend geword het namate die land ontwikkel het. Die eienaardige posisie in Suid-Afrika, het hy aangevoer, is dat die eindpunt van al die handelsroetes van die kus na die belangrikste binnelandse sentrums van verbruik in die hande was van één spoorwegadministrasie (die Interkoloniale Raad) wat nie onder die kontrole gestaan het van 'n wettige outoriteit, waarna die ander administrasies kon appelleer nie. Elke Kolonie het in die eerste plek - en heel natuurlik - sy eie belange beskerm. Solank die spoorweë onder die beheer van verskillende partye staan, kan geen reëling van blywende aard getref word nie. Die bestaan van aparte administrasies is 'n inherente bron van inter-koloniale konflik, dit werk nadelig op die beste gebruik en vrye ontwikkeling van spoorweë en bring toestande mee wat, veral in Suid-Afrika waar die spoorweë sote-sê die enigste middel van vervoer is, baie nadelig is vir die belange van die land.

Hierop het Conacher se voorgestelde remedie gevolg. Na hy sorgvuldig al die gegewens bestudeer het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die deurvoerhandel alleen dan met goeie gevolg tussen die verskillende lyne verdeel kan word as die spoorweë - en nog beter: óók die hawens - onder een administrasie en dieselfde beheer geplaas word. Weliswaar sou die een of ander Kolonie 'n deel van sy vervoer moet prysgee, dog daarvoor sou meer as vergoed word deur te deel in die algemene winste, want as die spoorweë verenig is, sal die winste ongetwyfeld groter wees daar die administrasiekoste verminder en 'n algemene beleid gevolg sal word.[53]

In soverre dit Transvaal betref, het die Conacher-verslag opnuut die volgende onderstreep: indien die Transvalers uitsluitend hulle eie belang sou raadpleeg, het daar nie die minste aanleiding bestaan dat hulle daarna moes streef om hulle eie invoerhandel te verdeel ook oor die nie-Transvaalse spoorbane nie. Want die Transvaalse Oosterlyn alleen het bv. die helfte van die tonnemaat van die invoerhandel verower; die ander helfte was só verdeel dat via Durban drie tiendes en via Port Elizabeth en Oos-Londen elk een tiende van Transvaal se oorsese invoer die Kolonie bereik het. Die rede hiervoor was dat in weerwil van die enorme hoë vragtariewe van die C.S.A.R. en in weerwil van die onnodig hoë seevrag- en hawegeld, gehef op goedere wat bestem was vir Delagoabaai, die vervoer oor die Oosterlyn nog steeds ietwat goedkoper was as oor die ander bane, en/.....

53) Ons Land, 18.4.1908; The Star, 18.4.1908; The Bloemfontein Post, 18. 4. 1908.

en in dié dae van swaarkry en hewige kompetisie het dit 'n waardevolle faktor geword in die plaaslike handelsbeweging.

Die syfers waaraan die Conacher-verslag die verdeling van die profyte oor die onderskeie spoorwegstelsels ontleen, was eweneens insiggewend. Vir die vervoer van 300 ton goedere van Durban tot in Germiston is 'n wins £1,155 gemaak oor 'n afstand van 473 myl; die wins van die vervoer van Port Elizabeth af het £1,119 bedra oor 'n afstand van 703 myl; dié van Oos-Londen was £869 oor slegs 301 myl. Die wins wat verkry is van die vervoer oor die Oosterlyn was geheel ten bate van die Transvaal-Vrystaatse inwoners. Maar van die Natal-Transvaalse profyt het die C.S.A.R. slegs £450 gekry, van die Port-Elizabethse spoor £663 en van die Oos-Londense £645. Dus: op elke 300 ton goedere wat van een van die seehawens na Germiston vervoer is, het Transvaal en die Vrystaat ruim £200 meer profyt ontvang indien hulle hul van Lourenco Marques laat bedien het as van enige van die Kaapse hawens, en ruim £420 meer profyt as van Durban.[54]

Die groot waarde van die Conacher-verslag was dat dit die groot noodsaaklikheid van nouere staatkundige eenwording in Suid-Afrika pertinent onder die aandag van elke loek gebring het. Dit het in 'n groot mate Selborne se memorandum onderskryf maar terselfdertyd die politici van gegewens bedien wat bewys het dat die Delagoabaai-Pretoria-spoor 'n lewensbelangrike slagaar is vir die binnelandse gebiede en dat dit kortsigtig sou wees om dit af te bind as die vier Britse Kolonies onder een sentrale regering geplaas word.

==========

Spoorweguitbreiding en Spoorwegwetgewing onder die Botha-administrasie: 'n Besondere kenmerk van die Botha-regering se administrasie van 1907-1910 was dat hy nie bevrees was nie om sy populariteit in die waagskaal te plaas waar die land se hoogste belange op die spel was. Die Regering was met 'n patriotisme vervul teenoor Transvaal sodat hy die wegkwyning van die vroeëre plaaslike voorspoed nooit met gelatenheid sou aansien nie. In die proses om die verlore voorspoed van Transvaal te agterhaal sou die Botha-regering hom die misnoeë van baie persone in die Kolonie op die hals haal en die aanmoediging van die lokale welvaart sou nie strook met enkele stoflike belange van die buurstate nie. Maar hiervan het die Regering hom nie laat afskrik nie.

Die nuwe Regering se algemene landsadministrasie en sy spoorwegpolitiek het 'n noue verband getoon. In 'n toespraak te Klerksdorp wat Smuts twee maande na die bewindsverandering in sy hoedanigheid as waarnemende Eerste Minister gevoer het, het hy die grondgedagte van die regeringsbeleid duidelik aangetoon: 'n suinige en eenvoudige bestuur, opdat die grootste deel van die land se inkomste bestee kan word aan werke van blywende en produktiewe aard, aan bevordering van sproeiing, aan ondersteuning van koöperasie, aan bevordering van die landbou. Ten einde die eie werkkrag aan te moedig en die bevolking op/.....

54) De Volkstem, 21.4.1908.

king op te beur tot intenser werksaamheid, het Smuts verklaar, was dit die plan van die Regering om deur die reëling van spoorwegtariewe en van invoerregte die enigsins agterlike land die geleentheid te bied om kragtig te word teen die naburige sowel as die verafgeleë State, wat op daardie oomblik Transvaal se markte beheers en die plaaslike ondernemingsgees verlam het. Want die Botha-regering was sterk van mening dat die ganse Suid-Afrika baie meer sou baat by 'n welvarende Transvaal waar 'n gelukkige en getalsterke bevolking gedy as by 'n uitgemergelde waar die blankes alleen die minerale industrie en openbare kantore aan die gang gehou het.[55]

Kommissies is benoem om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die organisasie en administrasie van die C.S.A.R. en aanbevelings te doen oor die tariewe. Deeglike werk is verrig en in April 1908 het die eerste kommissie met breedvoerige voorstelle vorendag gekom wat neergekom het op die afskaffing van poste, die vermindering van uitgawes en die amalgamasie van dienste - alles met die oog op wetenskapliker werkverrigting en goedkoper dog doeltreffender administrasie. Thomas R. Price, die Algemene Bestuurder van die C.S.A.R., het aangekondig dat die aanbevelings in die rapport aangeneem sal word en dat verantwoordelike outoriteite die besnoeiing en die herorganisasie sal waarneem.[56]

Die kommissie wat verslag gelewer het oor die tariewe het beklemtoon dat alleen industrieë wat op groot markte staat maak op grond van die natuurlike voordele van omgewing en materiaal die moeite werd was om in stand te hou. Dié wat nie kon meeding met industrieë buite Transvaal nie kon nie voortgesit word op 'n ekonomiese basis nie. Té streng proteksie sou dus onverstandig wees. Gevolglik het die kommissie aanbeveel dat die noodsaaklike lewensmiddele vry van invoerregte moes wees waar so 'n beleid nie onnodiglik in stryd sal wees met bestaande industrieë nie. Dieselfde het gegeld vir masjinerie, implemente en onverwerkte stowwe. Hierteenoor moes weelde-artikels hoog belas word en op vervaardigde en semi-vervaardigde artikels 'n redelike invoerreg gehef word. Oor die algemeen moes daar gestreef word na uniformiteit op al die Suid-Afrikaanse spoorweë.[57]

Met die Interkoloniale Raad afgeskaf en die Selborne-memorandum, die Conacher-verslag en die aanbevelings van die onderskeie Kommissies tot hulle beskikking, was die Transvaalse Regering gereed en toegerus vir sy taak op die gebied van spoorweë.

In sy verslag oor die werking van die C.S.A.R. in Desember 1908 kon Thomas Price, meld dat sommige van die spoorlyne wat 'n jaar tevore in aanbou was, voltooi is, terwyl nuwes in aanbou was. Die hoofkenmerke van die werksaamhede was

(a) die aanduidings van terugkerende voorspoed;

(b) die groei van die interne handel van die twee binnelandse Kolonies en

(c) die/...

---

55) Ibid. 20.4.1907.
56) The Bloemfontein Post, 4, 6 en 14.4.1908.
57) T.K. 190, p.3 e.v.; The Natal Mercury, 5.5.1908.

(c) die besondere welslae wat bereik is deur die aanwending van blanke arbeidskragte in die konstruksiewerke van die spoorweë - vir die oplossing van die werkloosheidsprobleem sowel as vir die geleentheid wat geskep is vir samewerking tussen die twee blanke bevolkingsgroepe in die nuwe Kolonies, waardeur wantroue, agterdog en onmin verminder is.

(d) In die laaste plek het dit in 'n aansienlike mate die oënskynlik onoorkomelike vooroordeel van die kant van die blankes teenoor hande-arbeid teen vasgestelde lone, oorbrug. Nogtans was daar 4,700 naturelle teenoor die 1,900-2,000 blankes op die spoorweglyne werksaam.[58] ⁂

Die eerste spoorwegkonstruksie waarvoor die Botha-regering goedkeuring van die parlement ontvang het (Augustus 1908), was die Lydenburg-Belfast-verbinding.[59] Die amptelike opening van die spoor is in April 1910 deur genl. Botha waargeneem[60]

Tydens die parlementsittings van 1909 en 1910 het die Regering goedkeuring verkry vir die konstruksie van verskeie bykomstige spoorwegverbindings. Die voorgestelde planne en roetes is deeglik uitgepluis en eindelik is besluit dat die volgende uitbreidings aangepak en op koste van die Transvaalse Regering voltooi sal word aangesien dit onwaarskynlik was dat die Unie-regering wat in Mei 1910 die bewind sou oorneem, sy onmiddellike aandag hieraan sou kon skenk:

1. 1909: die Welverdiend-Lichtenburg-spoor; die Ermelo Piet Retief-Wakkerstroom Volksrust-uitbreiding; die verlenging van die spoor van Pietersburg noordwaarts na Bandelierkop; die verlenging van die noordoostelike Komatiepoort-Selatie-spoorweg na 'n punt op of naby die Groot Latabarivier.
2. 1910: 'n uitbreiding van 'n punt op die Delagoabaai-spoor (Nelspruit of Alkmaar) na die Pelgrimsrustse goudvelde op Graskop; 'n verbinding tussen Standerton en Vrede (die Transvaalse Regering sou die konstruksie finansier tot aan die Kliprivier; daarvandaan sou die Oranjerivierkolonie die verdere koste bydra); 'n verlenging van die Selatie-spoor tot by 'n punt op of naby die Messina-kopermyn aan die noordelike grens van Transvaal.[61]

Die Opposisie en hulle pers was nie besonder geesdriftig oor die Regering se spoorwegprogram ten bate van die plattelandse landbou-distrikte nie.[62] Die Regering het sy gang gegaan en ook die samewerking geniet van die Orangia Unie-ministerie wat mede-vennoot was van C.S.A.R.[63]

Benewens die maatreëls vir spoorweguitbreiding het die Botha-

administrasie/.....

---

58) T.K. 190, pp.3-5.
59) Wette van Transvaal: Wet no. 25 van 1908 (Die Lydenburg-spoorwegwet).
60) De Volkstem, 3. 5. 1910.
61) Wette van Transvaal: Wet no. 10 van 1909 (Die Spoorwegbou en Aankoopswet) en Wet no. 10 van 1910 (Die Spoorwegaanlegwet). Vgl. ook: Debatten: Wetg. Verg. 3de Sitting (1909) pp.369-380; Buitengewone Sitting (1910) pp.426-431.
62) Vgl. Tweede lesing- en Komiteestadium-debatte oor Spoorweë; The Star, 21.6. 1909.
63) The Friend, 25.11.1909; Die Fischer-briewe in Staatsargief: Lêer: Spoorweë, 7.10.1909 en 22.11.1909.

⁂ Teen Januarie 1910 was daar 3,622 ongeskoolde blankes in diens van die spoorweë waar hulle geëmplojeer is in afdelings soos instandhoudingswerke, verkeer, vervoerdienste, pakloodse of ook as stokers op treine. Verder was hulle werksaam op die verskillende treinspoor-konstruksies wat in aanbou was. Die naturelle-werkers het aangegroei tot 5,262.
(Eerste Minister (Tvl.) 54 no.99/11; T.K.195, pp.18-20).

administrasie slegs twee addisionele wette namens die Departement Spoorweë deur die parlement geloods. Daar was in die eerste plek die Spoorwegdiens- en Pensioenewet van 1908 wat deur Smuts ingedien is en dieselfde beginsels gevolg het as die Staatsdiens- en Pensioenewet wat hy vroeër die jaar aan die parlement voorgelê het. Dit het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Spoorwegbestuur wat absolute mag verkry het met betrekking tot die aanstelling en ontslag van spoorwegamptenare, hulle promosie, salarisse en pensioene; dit het ook oor dissiplinêre magte beskik. Bepalings is neergelê waarkragtens 'n pensioenfonds opgebou en pensioene uitbetaal word - ook aan weduwees en ander afhanklikes van die spoorweglui. In die tweede plek is die Spoorwegregulasiewet (1908) aangeneem. Dit is genoodsaak deur die beëindiging van die Interkoloniale Raad. Die vernaamste bepalings in hierdie wet het voorsiening gemaak vir skeiding tussen blank en nie-blank op die treine en vir arbitrasie in gevalle van geskille tussen die werkers en die owerhede. Hierdeur is werkstakings as onwettig verklaar.[64]

Vir die C.S.A.R. het die jaar 1909 in die teken gestaan van uitmuntende vooruitgang. Op 30 April die jaar het die inkomste op £3,738,485 gestaan teenoor 'n uitgawe van £1,938,912 - 'n balans dus van £1,799,573. Hierdie verblydende resultaat was nie alleen te danke aan die verbetering van industrieë en die handel nie, maar ook aan die geslaagde nawerking van die reorganisasie van die spoorwegdiens waaronder die verkeersdepartement geamalgameer is met die instandhoudingsafdeling en die nuwe vervoerdepartement wat in die lewe geroep is. Hierdie nuwe skema was beide ekonomies en doeltreffend en het op die begroting vir uitgawes 'n besparing van £200,000 meegebring. Dit het die Transvaalse parlement in staat gestel om uit die surplus 'n bedrag van £300,000 te stem vir addisionele spoorwegdoeleindes. Tussen £120,000 en £130,000 sou benodig word vir 'n nuwe stasie op Pretoria, terwyl verbeterings ook op Braamfontein en Germiston aangebring sou word. In 'n groot mate was hierdie gesonde en welvarende posisie te danke aan die dienste van 'n bevoegde personeel, die rype ervaring van sir Thomas Price (die Algemene Bestuurder), die werkkrag en besigheidsin van mnr. W.Hoy (Assistent-bestuurder) en die skitterende werk van mnr. B.P. Wall (hoof-ingenieur).[65]

Die volgende syfers gee 'n beeld van die besondere vooruitgang van die Spoorweë onder die Botha-regering:

(i) die Transvaalse spoorwegbegroting vir 1909-1910 het 'n surplus getoon van £1,191,000;

(ii) van Februarie tot Augustus 1909 het die inkomste van die C.S.A.R. met £370,329 toegeneem - d.i. 'n gemiddelde toename van bykans £19,000 per week;

(iii) in Desember 1909 het hierdie weeklikse toename in vergelyking met 1908 die £20,000-kerf oorskry;

(iv) ook die Kaapse en Natalse spoorweë het vooruitgang getoon maar dit was nie so opmerklik as die van die C.S.A.R. nie.[66]

In sy/...

64) Wette van Transvaal: Wet no. 20 en Wet no. 13 van 1908.
65) The Friend, 8.7.1909.
66) Debatten: Wetg. Verg. 3de Sitting (1909) 634-642; The Friend: 5.8.1909, 29.12.1909.

In sy verslag vir die jaar eindigende op 31 Desember 1909 het Price o.a. die volgende insiggewende feite verstrek: die twee Kolonies het op dié stadium oor spoorweë beskik met 'n totale afstand van 2,590 myl. Ses nuwe spoorbane met 'n gesamentlike lengte van 503 myl was in aanbou; dit sou aan die twee Kolonies 'n stelsel besorg met 'n totale spoorbaan van ongeveer 3,500 myl teenoor die 1,331 myl met die uitbreek van die oorlog. Ander buitengewone kenmerke van die jaar se werk was

(a) die aansienlike oplewing van die handel van die twee Kolonies soos weerspieël in die toenemende spoorwegverkeer en -inkomste;

(b) die gevolglike voordele aan die kuskolonies van hierdie handelsopbloei in die binnelandse Kolonies;

(c) die toename in oorsese handel;

(d) die onafgebroke en groot gedeelte van die oorsese handel via die Delagoabaaise roete na wat bekend is as die Transvaalse "competitive area", ten spyte van die tariefveranderings van die ander hawens.

(e) die voortgesette groei van die oorsese uitvoerhandel in graan, sement, steenkool en ander minerale.

(f) die vooruitgang in albei die Kolonies in landboukundige en pastorale bates;

(g) die verblydende toename in inkomste uit die vervoer van lewende hawe.[67]

Ten gevolge van hierdie vinnige vooruitgang het dit spoedig duidelik geword dat die bestaande rollende materiaal, veral masjienkrag en waens, heeltemal ontoereikend was. Daarom is daar op 'n byeenkoms teen die einde van 1909 waar al vier die Kolonies verteenwoordig was, besluit om 'n addisionele £700,000 aan die toekomstige Unieregering te waarborg. In dié distrikte waar spoorwegfasiliteite nog nie aangebring is nie, is met groot sukses gebruik gemaak van motordienste.

Van tyd tot tyd is vrugbare samesprekinge gevoer tussen verteenwoordigers van die spoorwegadministrasie en die handelsgemeenskappe van Transvaal en die Oranjerivierkolonie. Verskeie onderwerpe rakende die spoorwegwerking en die verhouding van die administrasie tot die verskillende handelsliggame is in detail bespreek.[68]

Die laaste finansiële Verslag van die C.S.A.R. en Transvaal se Spoorwegbates aan die Unie van S.A.: In 'n buitengewone gesamentlike sitting van beide Huise van die parlement het H. C. Hull as die verantwoordelike Minister vir Spoorweë op 12 April 1910 die laaste finansiële verslag van die spoorweë van Transvaal as selfbesturende Kolonie ingedien. Blykens die gegewens was die geldelike toestand van Transvaal en van die C.S.A.R. in die hoogste mate bevredigend, en dit het 'n juiste aanduiding verskaf van die mate van toenemende voorspoed in die binnelandse State. Die C.S.A.R. het in 1909 bv. anderhalf miljoen meer passasiers vervoer as in die vorige jaar, terwyl die goedere-vervoer in dié periode van 4,800,000 ton tot 6,290,000 ton toegeneem het - 'n verbetering van 25%. Bedryfskoste is verminder van 60% per ton in 1905 tot minder as 40%. Die weeklikse spoorwegontvangste het/.....

67) T.K.195, pp. 2-12. (68) Ibid. pp. 20-22.

het geweldig toegeneem; verskeie hoogtepunte is bereik, bv. op 19 Februarie toe die ontvangste vir daardie week op £127,000 te staan gekom het. Onder toejuiging kon die Minister gevolglik aankondig dat hy verwag dat die batige saldo op 31 Mei 1910 nie minder nie as £1,688,000 sal bedra.

Spoorwegbates wat deur die C.S.A.R. aan die Unieregering oorgedra sou word, was die volgende: 'n treinspoornetwerk van 2,572 myl wat toegerus en in volle eksploitasie was; 577 myl wat in aanleg was en 214 myl wat spoedig aan begin sou word. Hierdie bates het 'n kapitale waarde van £29½ miljoen gehad; die werklike waarde was egter baie hoër aangesien dit op daardie stadium 'n skoon profyt teen meer as £2 miljoen p.a. ingebring het. Daar was weliswaar meer as £20 miljoen spoorwegskuld maar hierteenoor het gestaan die krediet op die Skulddelgingsfonds plus die kapitale bate wat £29½ miljoen ver oorskry het. Bereken volgens dravermoë, handel en inkomste was die waardevolste gedeelte van die C.S.A.R. in Transvaal geleë. Dit was van direkte voordeel vir Natal en die Kaapkolonie aangesien die hooflyne van hierdie twee Kolonies afhanklik was van die Transvaalse handel. Dit was dus nie alleen die <u>waarde</u> van Transvaal se spoorweë wat van betekenis was nie maar dit moes in gedagte gehou word dat dit ook ander spoorweë moes dra. Met groot reg kon Hull dus beweer: „uit suiwer finansiële oogpunt beskou, sou Transvaal met sy toetrede tot die Unie van Suid-Afrika die grootste opoffering doen van al die Kolonies." 69)

<u>Die Spoorweë en die Unie van Suid-Afrika:</u> Vroeg in Februarie 1910 is 'n konferensie van die hoofde van die verskillende spoorwegdepartemente van die vier Kolonies in Bloemfontein gehou. Die verrigtinge was privaat maar dit was bekend dat die konferensie die beste metodes bespreek het waarvolgens die onderskeie spoorwegstelsels met die geringste ongerief onder die Unie kon amalgameer.[70]

Kragtens die Suid-Afrika-wet sou die eerste Unieregering 'n Spoorwegraad benoem wat die Minister sou bystaan. Die portefeuljе Spoorweë en Hawens van die Unie van Suid-Afrika is op 31 Mei 1910 aan J. W. Sauer van die Kaapprovinsie toegesê. Die eerste Spoorwegraad het bestaan uit: sir Thomas Price, mnr. McEwen (van die Kaap), kol. E. Greene (van Natal) en mnr. W. Hoy.[71]

Vroeg in Augustus 1910 het Sauer en die lede van Spoorwegraad 'n uitgebreide toer onderneem om hulle op die hoogte te stel van die griewe en behoeftes in die verskillende dele van die land, en van die bestaande toestande en toerusting. Dit was duidelik dat Sauer geen pad van rose betree het nie; wedywering en jaloesie was algemeen; 'n enorme hoeveelheid werk moes aangepak word om die spoorweë doeltreffend en in die landsbelang te laat funksioneer. Stasies, dreinering, brûe, nuwe spoorlyne, verbeterings en veranderinge - ook in die hawens - was nodig. Spesiale tariewe, die ver-

voer/.....

69) Debatten: Wetg. Verg. Buitengewone Sitting, 1910, 257-266; The Star, 15. 4. 1910.
70) The South African News, 7. 2. 1910.
71) The Star, 7 en 8. 6. 1910.

voer van produkte en steenkool, ens. het aandag geverg. Klaarblyklik het baie persone nie die geweldige omvang van die verandering begryp wat ingetree het met die totstandkoming van die Unie nie. Vir baie van die werke wat aangevra is en noodsaaklik was, moes in ieder geval eers die goedkeuring van die nuwe (nog onverkose) parlement verkry word. Nogtans is dadelik 'n begin gemaak met die reorganisasie van die spoorweë en die uitbreiding van die eenvormige stelsel wat reeds in Vrystaat en Transvaal aan die gang was. Veral die Kaapse stelsel was nog konserwatief. Onder die nuwe bedeling is 'n goedkoper en gesonder administrasie ingevoer rakende die boekhouding, verkeer, werktuigkundige en kragvertakkinge. Daar was 'n Algemene Bestuurder en onder hom drie Assistent-Algemene Bestuurders wat elk verantwoordelik was vir die werkverrigtinge in 'n besondere area, t.w. die Kaap-Bulawayose, die Johannesburg-Durbanse en die Bloemfontein-Port Elizabethse area. Die tegniese en professionele amptenare is onthef van amptelike beslommernisse in die kantore, waardeur hulle hulle aandag ten volle kon wy aan tegniese en professionele pligte.[72)]

Volgens die statistiek van die waarnemende Algemene Bestuurder (mnr. Hoy) en volgens Sauer se eerste Begroting in Desember 1910 was die Suid-Afrikaanse Spoorweë 'n enorme onderneming. Die spoorwegnetwerk het 'n totale lengte van 7,423 myl beslaan. 900 myl was onder konstruksie in Transvaal en die Vrystaat, 223 in die Kaap en 60 in Natal. Die hawens en die spoorweë het 'n kapitale waarde van sowat £100,000,000 gehad. Die weeklikse ontvangste het meer as £12,000,000 beloop. Daar was 'n personeel van 38,080 persone, van wie 21,000 blankes was. As besigheidsonderneming in diens van die publiek, die myne, die landbou en die handel het die Spoorweë allengs 'n reuse sukses blyk te wees - soos dit trouens ook deur die grondleggers van die Unie bedoel was. In J. W. Sauer het die land 'n bevoegde Minister van Spoorweë en Hawens gehad wat hierdie kolossale onderneming, ten spyte van die uitbarstinge van onverantwoordelike kritici, deeglik van stapel gestuur het.[73)] Sy eerste begroting vir 10 maande wat hy in Desember 1910 ingedien het, het 'n inkomste getoon van: £10,037,462 en 'n
uitgawe van: £ 8,817,462.
Surplus: £ 1,220,000.[74)]

Van die Botha-regering wat in Transvaal van Februarie 1907 tot in Mei 1910 aan bewind was het die Unieregering 'n bate van besondere betekenis geërf: 'n spoorwegstelsel wat nie alleen die bevolking van die groot industriële sentra bedien het nie, maar ook die platteland se inwoners tevrede gestel het. Want dít was die beleid - en dit is sover moontlik uitgevoer - van die Botha-regering om elke Transvaalse distrik van 'n spoorweg te voorsien nog voordat die staatkundige vereniging van Suid-Afrika voldaan is. Die Engelssprekende/....

72) The South African News, 8.7.1910 en 6. 8. 1910.
73) Ibid. 20. 10. 1910; Ons Land, 13.12.1910.
74) The South African News, 13.12.1910; The Natal Mercury, 14.12.'10.

sprekende industrialiste het nie die aanleg van taklyne, soos van Pretoria na Rustenburg, van Pretoria na Pietersburg, van Springs na Ermelo, die Machadodorp-Ermelo-verbinding en die uitbreiding na Zeerust, Baberton en Lydenburg, goedgekeur nie. Hulle het aangevoer dat dit onbetaalbaar is. Maar vir die Boere-regering was hier faktore op die spel wat hulle eenvoudig nie tot £. s. d. laat herlei het nie. Die taklyne moes dien as voerders van die hooflyne in die sin dat dit die hele Transvaal in staat gestel het om deur sy produkte te betaal en aldus die bevolking vooruit te help.[75] Vir die plattelandse publiek was die trein die nuwe voertuig en transportmiddel aangesien die perdekar en ossewa geleidelik op die agtergrond begin raak het en die outomobiel nog nie algemeen in gebruik gekom het nie.

==========

Die Handel in Transvaal tydens die Botha-bewind: Nou verbonde aan die spoorwegbeleid en -ontwikkeling in Transvaal in die laaste helfte van die eerste dekade van die huidige eeu was die algemene in- en uitvoerhandel en die besondere posisie van hierdie binnelandse Kolonie ten opsigte van sy buurstate.

As lid van die Britse ryk was Transvaal ook gebonde aan die ooreenkoms waarvolgens in die handel voorkeur verleen is aan goedere uit Brittanje en die mede-rykskolonies. Hiervolgens sou daar op sekere wedersyds ingevoerde handelsartikels bevoorregting toegestaan word insake doeanetariewe bo sodanige goedere wat afkomstig is van lande buite die ryk. Die ooreenkoms het o.a. betref tabak, suiker, sterk drank, wyn, botter, vrugte, vere en 'n menigte ander landbouprodukte. Vir die Suid-Afrikaanse Kolonies het daar in hierdie gebruik van handelsvoorkeur geen groot voordeel in gesteek nie, om die eenvoudige rede dat Suid-Afrika behalwe goud, diamante en wol wat nie belas is nie, niks uitgevoer het nie. Die wederkerigheid was dus grootliks eensydig; aan Australië het Suid-Afrika bv. goedere ter waarde van slegs enkele duisende ponde uitgevoer; Australië, daarenteen, het vir 'n paar miljoen pond aan eie goedere jaarliks na Suid-Afrika uitgevoer. Maar imperiale oorweginge het swaarder geweeg as die ekonomiese en die fiskale.[76]

Die jaar 1906 was vanweë konstitusionele en arbeidsonsekerheid vir industriële en handelstoestande in Transvaal nie so gunstig nie. Die landbou weer het gebuk gegaan onder die terugslae wat meegebring is deur droogtes, ontydige ryp, sprinkane, veepeste en die heersende depressie. Teen die tweede helfte van 1907 was die eerste aanduidings daar dat die insinking op handelsgebied sy keerpunt bereik het en teen 1908 het die statistiek oor verskillende items getoon dat 'n gestadigde terugkeer van normale toestande verwag kan word.

Die Goudopbrengs/.....

75) Die Volkstem, 20. 7. 1909.
76) Ibid. 6. 10. 1906.

Die Goudopbrengs: In 1906 is 5,786,617 onse goud geproduseer ter waarde van £24,579,987.[77] In 1908 het dit gestyg na 7,052,617 onse ter waarde van byna £30,000,000.[78] Die oorsese vertroue in Transvaal se goudmyne is geleidelik herstel; gevolglik is 'n begin gemaak met die installering van 1,620 nuwe stampers.[79] In November 1908 was daar 21,078 meer naturelle op die myne werksaam as in Januarie die jaar.[80] In die eerste vyf maande van 1909 is 1,213,212 meer ton erts verwerk as in die ooreenstemmende tydperk in 1908. Die meulens het met 53 toegeneem terwyl die bedryfskoste per ton van 18/11d. in 1908 na 17/5d. in 1909 gedaal het.[81] Teen 30 Junie 1909 was daar 23,537 blankes, 198,612 naturelle en nog net 7,317 Sjinese werksaam op die myne. Aan hierdie leër van arbeiders is salarisse en lone ten bedrae van meer as £12,000,000 uitbetaal.[82] Aan dividende alleen uit die goudopbrengs van 1909 is byna £9½ miljoen uitbetaal.[83] Die goudproduksie van die hele wêreld is in 1909 geskat op £91 miljoen. Hiervan het Transvaal 34% opgelewer.[84] In 1910 het die waarde van die goudopbrengs weer met meer as miljoen pond gestyg en op ver hoër as £32 miljoen te staan gekom.[85]

Vooruitgang is ook getoon in die steenkooluitvoer. In 1904 is 54,000 ton via Delagoabaai uitgevoer en in 1908 het die uitvoer 'n tonnemaat van ongeveer 120,000 bereik.[86] In 1909 het die produksie met byna 'n halfmiljoen ton toegeneem en die waarde met £115,000 wat in Februarie op £122,503 te staan gekom het. Hierdie stygende opbrengs is deurgaans gehandhaaf.[87]

Die diamanthandel het met die wisseling van die jare 1907-1908 dwarsdeur die wêreld 'n laagtepunt bereik omdat die aanvraag sterk gedaal het as gevolg van 'n monetêre krisis in Amerika wat die grootste mark vir Suid-Afrikaanse diamante was.[88] Gelukkig het daar 'n kentering ingetree in Julie 1908 en met vertroue kon die handelaars hulle hoop vestig op 'n gereelder vermeerdering in die opbrengs. Die hernieude aanvraag in Amerika vir Suid-Afrikaanse diamante het die volgende styging getoon:

Jan. 1908:	£50,169;	Aug. 1908:	£186,800
Maart " :	£59,800;	Okt. " :	£467,000
Junie " :	£143,000;	Des. " :	£400,000

Teen Maart 1909 was die oplewing 'n voldonge feit.[89]

Die Transvaalse mielie-uitvoer het dieselfde bemoedigende styging getoon. Teen die einde van September 1909 is 84,049 sak mielies van Transvaal na Port Natal vervoer. In die eerste vier maande van 1910 het Transvaal byna 260,000 sak uitgevoer. Van die

1,238,269/.....

77) Die Volkstem, 20.7.1909 (78) The Star, 11.1.1909.
79) Ibid. 22. 5. 1908. (80) Ibid. 20.11.1908.
81) Ibid. 24.6.1909. (82) De Volkstem, 1.2.1909.
83) The Star, 1. 1. 1910. (84) Ibid. 25.2.1910.
85) De Volkstem, 13.1.1910. (86) Ibid. 24.11.1908.
87) The Star, 1.1.1910, 25.2.1910; De Volkstem, 30.8.1910.
88) The Star, 17. 1. 1908; The South African News, 23.7.1908.
89) The Bloemfontein Post, 5.9.1908 en 8.10.1908; The South African News, 23.10.1908, 21.1.1909, 27.3.1909.

1,238,269 sak mielies wat in die loop van 1910 van Durban af verskeep is, het die helfte van die Vrystaat gekom en 480,458 sak van Transvaal. Die waarde van hierdie totale mielie-uitvoer was omtrent £100,000 meer as in 1909 en het byna £700,000 beloop.[90]

Uit toesprake van politieke sowel as industriële leiers en uit die statistiek wat van tyd tot tyd gepubliseer is, het dit geblyk dat daar algemene tekens was van gevestigdheid en vooruitgang.[91] In Selborne se troonrede met die opening van die tweede sitting van Transvaal se parlement in Junie 1908, was daar 'n optimistiese toon; hy het gewag gemaak van die tekens van terugkerende voorspoed, die uitgebreide konstruktiewe werk soos die grootskaalse spoorweg- en irrigasiewerke, die landbank, landbouskole en verbeterde arbeidstoestande.[92] Suid-Afrika het die nadir van die depressie bereik en oorleef; stabieler voorspoed sou uit hierdie wee gebore word. Die Kolonies het nie meer hulle hoop gevestig op uitsluitlik buitelandse kapitaal vir verligting nie, maar op die ontwikkeling van hulle eie inheemse nywerhede. Die depressie wat in 'n groot mate vererger is deurdat die invoer van alledaagse landbou- en pastorale produkte die uitvoer ver oorskry het, kon teëgehou word deur die eie uitvoere in kwantiteit sowel as kwaliteit op te stoot, self voedselware te produseer en die aanvraag op die wêreldmarkte te bestudeer.[93]

Die herlewing in die handel is die beste weerspieël in die uitvoerige tabelle wat die Suid-Afrikaanse Buro vir Handelstatistiek verstrek het. Gedurende die ses maande geëindig op 30 Junie 1909 het die invoer van Brits Suid-Afrika £13,948,814 bedra en die uitvoer £23,724,457 - 'n verbetering van 8% in vergelyking met die eerste 6 maande van die vorige jaar.[94] Die verbetering was nie met horte en stote nie maar 'n voortsetting van 'n stabiele uitbreiding van die handel sedert die begin van die jaar. Tot aan die einde van September 1909 het die waarde van ingevoerde koopware £19,441,338 beloop. Verblydend veral was die feit dat daar 'n daling was van £200,000 in die totale bedrag vir invoergoedere wat in Suid-Afrika self vervaardig kan word. Die uitvoer vir Januarie tot September 1909 het met 9% gestyg.[95] Die volledige syfers vir 1908 en 1909 het soos volg vergelyk:

	1908	1909.
Uitvoer:	£45,876,714	£51,158,463
Invoer:	£26,203,855	£28,847,055.

Die uitvoer het dus met ruim £5½ miljoen sterling vermeerder en die invoer met £2½ miljoen. Tussen die uit- en invoer was daar

'n/.....

---

90) The Friend, 10.11.1909; De Volkstem, 23.5.1910, 28.6.1910, 10. 1. 1911.
91) The Star, 2.3.1908.
92) Debatten: Wetg. Verg. 2de Sitting (1908) 2395-2400.
93) The Friend, 9. 7. 1908.
94) The South African News, 23.8.1909.
95) Ibid. 25.11.1909.

'n voordelige balans van ruim £22¼ miljoen, teenoor die £19¼ miljoen van 1908. Wat veral bevredigend was, was dat die uitvoer dubbeld soveel as die invoer gestyg het, terwyl die verskil tussen uit- en invoer steeds groter geword het ten gunste van eersgenoemde.[96]

Hierdie vooruitgang en aktiwiteit is nie alleen meegebring deur die minerale-industrie nie; die plattelandse bevolking het aansienlik hiertoe bygedra: die uitvoerwaarde van koring, mielies en meelblom het van £366,818 in 1908 tot £807,268 gestyg; dié van wol het met 'n miljoen pond sterling toegeneem; vir huide en velle het die uitvoerbedrag van £780,747 tot £1,144,790 gestyg, vir bokhaar van £710,097 na £861,639 en vir volstruisvere van £1,738,392 na £2,091,280.[97]

Behalwe die uitvoer van goud en diamante ten bedrae van £40 miljoen in 1910 toon die volgende tabel voldoende aan hoe die handel sedert 1908 in omvang toegeneem en veral die uitvoer van landbouprodukte jaarliks gestyg het:

	1909		1910	
Wol	126,659,538 lbs.	(£3,502,089);	117,446,361 lbs.	(£3,574,532)
Huide	11,607,137 "	(£ 310,263);	13,253,215 "	(443,995)
Mielies	305,547,568 "	(£ 660,547);	356,304,105 "	(£ 693,415)
Boombas	80,127,136 "	(£ 194,696);	92,610,026 "	(£ 219,433)
Steenkool	1,292,600 "	(£ 824,942);	1,975,135 "	(£ 991,486)
Volstruisvere	788,262 "	(£2,091,280);	741,078 "	(£2,272,846)
Tin	1,363 ton	(£ 90,118);	2,408 ton	(£ 175,994)
Tabak	128,079 lbs.	(£ 9,870);	248,130 lbs.	(£ 18,924)
Vrugte	-	(£ 39,029);	-	(£ 36,948)

Die totale waarde van die uitvoer het in 1910 na meer as £56 miljoen gestyg.[98]

Ander positiewe aanduidings dat die wolk van depressie wat so lank oor Suid-Afrika gehang het, sedert 1908 aan die verdwyn en die land se stabilitiet aan die herstel was, was die groter geldomloop, die lewendige aktiwiteit van bou-ondernemings in die oprigting van openbare, private en besigheidsgeboue, die oplewing in die industrieë soos Kynochs en Lever Brothers, en die belegging van plaaslike kapitaal in nywerheidsondernemings. Op die skoue het lokale ware en artikels van 'n moderner voorkoms en beter kwaliteit gespreek en by die publiek het 'n groter trots ontstaan vir die nasionale produk. Teen die einde van 1909 het Transvaal dágliks delfstowwe soos goud, diamante, steenkool, tin, koper, kalk en vuursteen ter waarde van £100,000 geproduseer.[99]

In/.....

---

96) Ons Land, 27. 1. 1910.
97) The Star, 5. 3. 1910.
98) De Volkstem, 10. 2. 1911.
99) De Volkstem, 27.11.1908, 28.12.1908, 19.7.1909; The Bloemfontein Post, 4.11.1908; The Natal Mercury, 21.10.1909, 26. 11. 1909; The South African News, 1. 9. 1908.

In teenstelling met die ontmoedigende koerantopskrifte en swaarmoedige berigte, het daar nou 'n nuwe klank opgeklink soos "Dawn of Prosperity", "Revival of Trade", "Returning Prosperity", "Commercial Expansion".[100]

Die handelsuitbreiding, die nywerheidsgroei en landbou-ontwikkeling was dus 'n landswye verskynsel in Suid-Afrika teen die einde van die eerste dekade van hierdie eeu. Die sentrum van hierdie vooruitgang en die momentum daaragter was in 'n baie groot mate die progressiewe Transvaalse Kolonie met sy viriele Regering onder genl. Louis Botha, sy ambisieuse industriële en handelsbevolking op die Rand en sy vooruitstrewende landbougemeenskap.

Die Handel en die Unifikasie van Suid-Afrika:

Van al die vraagstukke waarvoor Suid-Afrika te staan gekom het, was die belangrikste dié van ekonomiese aard. Alle vertakkinge van die industrie, die handel, die fiskale en tariefstelsels het die bewys gelewer dat 'n vroeë heraanpassing van die bestaande ongesonde stelsels gebiedend noodsaaklik is. Van die kant van die kommersiële leiers het stemme opgegaan ten gunste van die unifikasie van die Britse State in Suid-Afrika. Op die kongres van die Verenigde Kamers van Koophandel in Julie 1909 te Lourenco Marques is besluite geneem waarin die toekomstige Unie-regering versoek word om so gou doenlik 'n kommissie aan te stel om die industriële en handelsaangeleenthede in elke aspek daarvan te ondersoek en verslag te lewer daaroor. Die hoop is uitgespreek dat daar 'n ministerie van Handel en Industrie in die lewe geroep sal word ter wille van die kommersiële en bedryfsbelange van Suid-Afrika.[101]

As eerste Premier van die Unie van Suid-Afrika was genl. Botha deeglik bewus van die noodsaaklikheid dat die land ekonomies stabiel moet wees en van die belangrikheid daarvan dat hierdie afdeling van die staatshuishouding verteenwoordig moet wees in die kabinet. Hy het daarom die departement Handel en Nywerheid nie saamgekoppel met 'n ander of vir sir Frederick R. Moor onder wie se beheer dit sedert 31 Mei 1910 geplaas is, ook die verantwoordelikheid van 'n ander departement opgelê nie. Sy Regering het, in reaksie op die versoek van die Verenigde Kamers van Koophandel, in Oktober 1910 'n verteenwoordigende Kommissie van sewe lede aangestel onder voorsitterskap van sir. T. M. Cullinan. Die Kommissie moes ondersoek instel na die industrieë en handel van Suid-Afrika en in besonder aandag gee aan:

(a) die toestand van die bestaande industrieë betreffende veral
  (i) rou materiaal wat gebruik word en
  (ii) die koste en soort arbeid wat daarin geëmplojeer word;
(b) die uitwerking van die bestaande Doeane- en Spoorwegtarief op die industrieë;

(c) die/.....

100) The South African News, 1.11.1909, 29.9.1910; The Natal Mercury, 21.10.1909, 1.12.1909, 16.12.1909.
101) Kol. Sekr. 923, no. 18383; The Star, 20 en 21.7.1909.

(c) die stappe wat geneem moet word om
  (i) die handel en industrieë te stimuleer,
  (ii) om nuwe industrieë op te rig en
  (iii) blanke arbeid in die handelsindustrieë aan te moedig;
(d) die bestaande vervoerreëlings vir die uitvoerhandel en die stappe wat geneem moet word om Suid-Afrikaanse produksie en uitvoer te stimuleer.[102]

Soos in ander opsigte, vroeër genoem, was genl. Botha voornemens om die progressiewe beleid van sy bewind in Transvaal van 1907 tot 1910 ook op ekonomiese gebied uit te brei en op uniale grondslag toe te pas. Daarmee sou hy die snode kritiek van die vyandiggesinde Engelssprekendes en hul pers dat die Afrikanerpolitikus noodwendig bekrompe is en konserwatief, in die swak betekenis van die woord, terdeë die nek inslaan.

Die Jaarlikse Begrotings - Barometer van Transvaal se groeiende materiële voorspoed:

Die erfenis wat die Kroonkoloniebestuur aan die Botha-regering in 1907 nagelaat het, het die nuwe Tesourier, H. C. Hull, weinig geleentheid gebied om 'n indrukwekkende begroting aan te bied tydens die eerste parlementsitting van Transvaal. Die amptelike masjinerie was 'n logge, ondoeltreffende en gevolglik duur liggaam; die Engelse amptenare was nie almal vry te spreek van onnodige geldverkwisting nie, die staatskemas is aangepak sonder deeglike vooraf-beplanning; daarby het die depressie taai voortgesleep en sy spoor merkbaar ingeprent in elke afdeling van die staatshuishouding.

Hull se voorganger, mnr. Hichens, het die begroting vir 1906-'07 opgestel in die veronderstelling dat die land die einde van die depressie beleef. Hierin het hy hom erg misreken. Vier maande nadat die Botha-ministerie ingesweer is, t.w. op 9 Julie 1907, moes Hull die begroting vir die volgende finansiële jaar indien, en onder dié omstandighede was dit nouliks verbasend dat die pas afgelope finansiële jaar met 'n tekort van £97,115 afgesluit is. Die Regering het 'n streng besuinigingsveldtog op tou gesit deur die doeltreffendheid van die staatsdiens te verhoog, die amptenaargeledere uit te dun en die belastingdruk eweredig te versprei waardeur die ontvangste uit die goudmyne ook aangewend kon word ter bestryding van staatsuitgawes. Dit het die Tesourier in staat gestel om vir 1907-'08 te begroot teen 'n inkomste van £4,428,500 en 'n verwagte uitgawe van £4,519,960, - 'n aangetoonde tekort dus van £91,460.[103]

Voordat die finansiële jaar in Junie 1908 ten einde geloop het, was die uitgawe as gevolg van die Regering se besparende maatreëls en sy geslaagde pogings om binne perke van sy finansiële inkomstebronne/.....

102) The South African News, 15 en 18.10.1910.
103) Debatten: Wetg. Verg. 1ste Sitting (1907) 846-854; De Volkstem, 13.7.1907.

inkomstebronne te bly, 'n £½ miljoen minder as in die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar. Opgawes het getoon dat die inkomste heeltemal voldoende sou wees om die uitgawes te dek.[104] Toe Hull sy begroting op 7 Julie 1908 indien, kon hy melding maak van 'n skoon surplus van £531,000 terwyl die gekonsolideerde inkomstefonds op byna £1,400,000 te staan gekom het.[105] Vir Transvaal was hierdie gesonde finansiële toedrag van sake veral om twee redes van betekenis:

(a) dit was die eerste begroting sedert die afskaffing van die Interkoloniale Raad; m.a.w. dit het die uitgawes van die hele Kolonie (behalwe die spoorweë) gedek en

(b) hierdie begroting het die finansiële posisie weerspieël waarmee Transvaal in die Nasionale Konvensie sou tree vir die samesprekinge oor 'n verenigde Suid-Afrika.

Die Vrystaat het gesukkel om binne sy inkomstegrense te leef terwyl die Kaapkolonie en Natal hulle moeg gespook het aan groot en klaarblyklik hopeloos nadelige saldo's.[106]

Hull het van alle kante lof ontvang vir die geslaagde wyse waarop hy die Transvaalse finansies bestuur het: "Neither friend nor political opponent can deny that Mr. Hull has acquired a thorough grasp of the working of the important department entrusted to his charge," het die "Star geskryf.[107] En vir 'n oomblik het Merriman ook sy gevoel van wantroue in die Transvaalse politiek vergeet en in 'n brief aan genl. Botha o.a. geskryf: "I congratulate you heartily on your financial position...."[108]

Met die nadering van die einde van die finansiële jaar 1908-1909 was dit andermaal duidelik dat daar 'n besonder bevredigende toedrag van sake in Transvaal heers en dat die Tesourie weer sou kon boog op 'n aansienlike surplus.[109] Hierdie hoop is nie beskaam nie. Die inkomste van die land het £5,502,000 bedra en die uitgawes £4,600,000, met 'n batige saldo van £902,000.[110] Geleidelik het die Botha-regering se verstandige beleid ten opsigte van die myn- en landbou-industrie aangename vrugte afgewerp en op afdoende wyse het hierdie syfers getoon dat Transvaal uiteindelik met sukses uit die depressie te voorskyn gekom het wat Suid-Afrika vir soveel jare geteister het.[111] Voortvarend het die "Star" geskryf: "For some years to come the Transvaal will be the financial mainstay of the Union Exchequer."[112] Die begrotings van die tesouriers van sowel die Kaapkolonie as die Oranjerivierkolonie het nog tekorte aangetoon van £62,000 en £37,000 onderskeidelik.[113]

Teen/.....

104) The Star, 3. 6. 1908; De Volkstem, 3. 7. 1908.
105) Debatten: Wetg. Verg. 2de Sitting (1908) 683-705.
106) The Star, 18.7.1908.
107) Ibid. 8.7.1908; Vgl. ook The Natal Witness, 17.7.1908.
108) Eerste Minister (Tvl.) 60, 9.7.1908.
109) The Star, 8. 3. 1909.
110) Debatten: Wetg. Verg. 3de Sitting (1909) 138-162.
111) De Volkstem, 4. 6. 1909; The Star, 9. 6. 1909.
112) The Star, 15. 6. 1909.
113) Ons Land, 7. 10. 1909; The Friend, 15. 10.1909.

Teen Desember 1909 het die statistiek aangetoon dat Transvaal se ontvangste alleen vir die vier maande 1 Julie - 31 Oktober ver bo 'n derde van die geraamde bedrag gestaan het.[114]

Met die indiening van sy laaste finansiële verslag op 12 April 1910 het H. C. Hull sy kort maar skitterende loopbaan as tesourier van die selfregerende Transvaalse Kolonie afgesluit. Hy het op 'n hoë noot geëindig. Sy beraming was dat die inkomste plus die gekonsolideerde inkomstefonds op 30 Mei 1910 £6,782,000 bedra; die uitgawes het hy bereken op £5,417,000. Transvaal sou dus met sy toetrede tot die Unie van Suid-Afrika kon spog met 'n saldo van £1,365,000. Hiervan sou £690,000 aan die Unieregering oorhandig word vir werke in Transvaal waartoe reeds besluit was. Van die balans van £675,000 sou £297,977 opsy gesit word as bydrae tot die £35 miljoen gewaarborgde lening van 1903. Die saldo van sowat £377,000 sou aan die Unieregering oorhandig word as 'n deel van die bydrae van Transvaal vir die oprigting van die Uniegebou waarmee reeds 'n aanvang gemaak is. Daarenbowe was daar nog twee bedrae wat die vorige jaar in die 1903-Leningskedule bestem was vir geboue van die Departement Landbou, en die Museum en Biblioteek, nl. £85,000 en £90,000 respektiewelik. In die Transvaalse skatkis sou daar m.a.w. op 30 Mei die volgende saldo's wees tot die beskikking van die Unieregering:

	£690,000
	377,000
	90,000
	85,000
Totaal:	£1,242,000

Soos gesien, het Hull verwag dat die batige saldo van die spoorweë op 31 Mei nie minder nie as £1,688,000 sal beloop.[115]

Met groot vrymoedigheid het genl. Louis Botha die verantwoordelike taak van Minister van Finansies van die Unie van Suid-Afrika aan sy kollega, H. C. Hull, toevertrou - tot ergenis van Merriman en Sauer wat ondubbelsinniglik te kenne gegee het dat die beheer en administrasie van die nuwe Staat se geldwese eerder "on Cape lines" as "on Transvaal lines" van stapel gestuur moet word.

---

114) De Volkstem, 17. 12. 1909.
115) Debatten: Wetg. Verg. Buitengewone Sitting (1910) 249-257; The Star, 12.4. 1910.

---oOo---oOo---

H O O F S T U K 11.

DIE BOTHA-REGERING EN DIE VRAAGSTUK VAN UNIFIKASIE.

Positiewe Gesindheid van Het Volk-leiers t.o.v. Nouere Staatkundige Eenheid van Suid-Afrika:

Luidens die Program van Het Volk wat in Desember 1906 deur die Kongres te Pretoria goedgekeur is,[x] was die hoofdoel van hierdie politieke organisasie

> „....te streven naar rasseverzoening, elke aanleiding tot onderling wantrouwen of verdeeldheid te vermijden, de overheersing van 't ene blanke ras over 't andere tegen te gaan en alle blanke inwoners van de Staat te verenigen in een grote Zuid-Afrikaanse Nasie, gelukkig, welvarend en eensgezind, met gemeenschappelike trots en patriotisme op Zuid-Afrika ziende als op haar tehuis, en met gezamenlike krachten werkend voor haar toekomstige grootheid en glorie."

Punt 2 van die beginsels van Het Volk het gelui:

> „De bevordering der spoedige totstandkoming van een Verenigd Zuid-Afrika, met inachtneming der belangen van de Transvaalse bevolking."1)

Genl. J.C. Smuts was hoofsaaklik verantwoordelik vir die opstel van die Program van Doeleindes, Beginsels en Maatreëls van Het Volk. Wat hy hier in 1906 omtrent „een Verenigd Zuid-Afrika" geskryf het, was die beliggaming van n idee wat hy tien jaar tevore al gehuldig het. Met sy terugkoms van Cambridge in Suid-Afrika het rassestryd alhier hoogty gevier, maar hy het sterk geloof geheg aan die Hofmeyr-Rhodes-bondgenootskap met die oog op die vereniging van Suid-Afrika onder die Britse vlag. Toe raak hy ontnugter deur die rampspoedige Jameson-inval en soek vervulling vir sy droom van n verenigde Suid-Afrika in die strewe van pres. Kruger om dit onder republikeinse vlag te verwesenlik. Jare van wrywing het gevolg op die Jameson-fiasko en dit het gekulmineer in die Anglo-Boere-oorlog, oor die afloop waarvan Smuts by n latere geleentheid hom soos volg uitgelaat het:

> "We were left with the fragments out of which we were to make a whole, and it was the problem of South African statesman to follow up the ideal in the solution of our political problems."2)

Twee jaar na die vredesluiting, op 30 Mei 1904, spreek Smuts die gedagte teenoor Merriman uit dat hulle in die rigting van federasie behoort te werk sodra die Liberale in Engeland aan bewind kom. Dit sou hulle hopelik lig uit die eng groef waarin hulle geraak het en voorsiening maak vir n

grootser/.....

---

1) Vgl. Bylaag B.
2) Smuts: Greater South Africa, p.133.

x Vide supra, Hoofstuk 2, p.150.

grootser en ruimer ideaal vir Suid-Afrikaanse patriotisme. By die Boere was die gedagte van 'n Verenigde Suid-Afrika nog altyd 'n diepgewortelde politieke verlange en dit mag dien as 'n gunstige plaasvervanger van die Imperialisme wat Sjinese, 'n vreemde burokrasie en 'n vreemde staande leërmag ingevoer het.[3] Aan 'n vergadering te Potchefstroom in Februarie 1905 het hy onomwonde verklaar:

> "...the source of all our evils was disunion, disruption. Our object of old was to found a United South Africa, stretching as far as the Zambesi or farther, but because we were at sixes and sevens we did not succeed. ...Let us take the hand of brotherhood...."

Die eenheid wat hulle tussen Boer en Brit moet smee, moet wees soos die eenheid tussen Engeland en Skotland - nie soos dié tussen Engeland en Ierland nie, het Smuts in Klerksdorp betoog. Saam met Botha en Beyers het Smuts op 16 Mei 1905 'n vergadering toegespreek in die Wanderersaal, Johannesburg. In 'n akademiese maar origens praktiese en passende redevoering het lg. aangevoer dat daar geen dispuut en geen kwessie is oor die Britse vlag nie, soos die Progressiewe met soveel bohaai oprakel. Die leiers van Het Volk het hulle name geheg aan 'n dokument by Vereeniging en solank daardie dokument bestaan, sal hulle hulle woord hou.[4]

Op 23 Desember 1906 skryf Smuts weer aan Merriman; hy beklemtoon dat federasie - of liewer, indien moontlik, unifikasie - die enigste doeltreffende bolwerk sal wees teen die geldmag wat daarop uit is om (as die onenigheid sou voortduur) die gevestigde bevolking in Transvaal, en daarop in die res van Suid-Afrika, te breek. Die Tol-ooreenkoms is glad nie gewild nie; alleen na politieke unifikasie sal kommersiële samewerking prakties moontlik wees. Selfsugtigheid - privaat of publiek - is af te keur; daarom:

> "...let us follow the better way and through mutual self-sacrifice proceed to lay the foundation of a united South African people...."[5]

Hoewel dit sy begeerte was dat die vereniging van die Suid-Afrikaanse Kolonies so gou doenlik moet volbring word, moes daar met die samesprekinge eers gewag word totdat selfregering ook in die Oranjerivierkolonie in werking getree het

> "...and a General Election at the Cape has given the quietus to the Jameson crowd" -

nie/.....

---

3) Merriman Papers, nc.146, 30.5.1904.
4) Levi. a.w. pp.74-75 (Levi kursiveer).
5) Merriman Papers, nc.230, 23.12.1906.

nie omdat hy hierdie belangrike saak uit partypolitieke oogpunt wou benader nie,

> "but because I think a hopelessly weak and discredited government is not the proper authority to deal with a matter of such far reaching importance."[6]

Tydens die verkiesingsveldtog in Transvaal, van Augustus 1906 tot Februarie 1907, het meer plaaslike aangeleenthede soos die bevordering van die landbou, die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk, die Sjinese-kwessie, repatriasieskulde - m.a.w. ekonomiese aangeleenthede van verskillende aard soos dit Transvaal in besonder raak - die toneel oorheers en die kern gevorm van die politieke leiers se redevoeringe. Op hierdie basis het Het Volk sy Progressiewe teenstanders beveg, en deurgaans was hy die aanvallende party. Sorgvuldig is gepoog om die vraagstuk van nouere staatkundige vereniging nie te prominent op die voorgrond te stoot nie, deels omdat hulle lotgenote in die Vrystaat nog nie 'n grondwet vir selfbestuur ontvang het nie en deels omdat die ouer seksie van die bevolking veral geen eie opvallende begeerte getoon het dat Transvaal sy afsonderlikheid moet prysgee deur opgeneem te word in een groot Suid-Afrikaanse staat nie. Die inisiatief het by die Het Volkleiers gelê en toe hulle daarin slaag om die Progressiewe Party met ekonomiese middele en die beleid van rassekonsiliasie by die stembus politiek te verslaan, kon hulle hulle idees omtrent Suid-Afrikaanse eenwording verder uitbou onder hulle volgelinge.

Die staatkundige eenheid wat die Transvaalse leiers - en by name genls. Smuts en Botha - vir Suid-Afrika in gedagte gehad het, moes al die Britse kolonies insluit; vandaar hulle besliste teenkanting teen die pogings van sommige Johannesburgse en Natalse lui in 1906 om Transvaal en Natal te amalgameer. Soos gesien, het dié pogings die voordeel gehad dat dit geopenbaar het watter politieke leiers in Suid-Afrika die vraagstuk van eenheid uit 'n patriotiese en wie dit uit 'n selfsugtige en imperialistiese oogpunt gesien het.[*]

Vyf dae na Het Volk se skouspelagtige stembus-oorwinning oor al die ander partye het Smuts in 'n brief aan Merriman gewag gemaak van 'n groot taak wat voorlê. Hy het die hoop uitgespreek dat die Suid-Afrikaanse Party (die vroeëre Afrikanerbond) onder Merriman se leiding na die volgende verkiesing die bewind sal oorneem in Kaapland sodat 'n magtige

voorwaartse/.....

6) Ibid. Smuts aan Merriman, 25.1.1907.

[*] Vide supra, Hoofstuk 3, pp. 231-235.

voorwaartse stap dwarsdeur Suid-Afrika geneem kan word. Dit sal 'n uitmuntende geleentheid wees wat nie verspeel mag word nie.[7]

Genl. Botha het nou in sy hoedanigheid as Premier van Transvaal sy volle gewig gegooi agter Smuts, die ywerige apostel vir Suid-Afrikaanse staatkundige eenheid. Ten tye van sy bywoning van die Imperiale premierskonferensie in April-Mei 1907 het hy erken dat die toekenning van selfbestuur aan Transvaal 'n noodsaaklike voorvereiste was vir die daarstelling van een groot eenheidstaat en hy het die Britse owerheid versoek om Suid-Afrika te help

> "...to establish a great community of the federated South African nation under the protection of the British flag."[8]

Terug in Suid-Afrika het Botha in antwoord op 'n brief van Merriman geskryf dat daar met die belangrike kwessie van federasie voortgegaan moet word alleen nadat Verantwoordelike bestuur ten volle in werking getree het in die Oranjerivierkolonie.[9] Dit het hy op 25 Junie 1907 geskryf en die grondwet vir selfregering aan die suidelike buurstaat is juis twee weke vroeër, t.w. op 10 Junie, bekendgemaak. Botha was derhalwe bereid om by die eerste die beste geleentheid onderhandelinge aan te knoop met betrekking tot nouere staatkundige eenheid.

'n Besondere taak het op die skouers van die Boereleiers gekom nadat die kiesers hulle aangewys het as die maghebbers vir die daaropvolgende vyf jaar. Die bitterheid van die vorige jare het nog nie noemenswaardig afgeneem nie. 'n Vlaag van Britse imperialisme met skakering van ekstremistiese en stroperige jingoïsme het net soos die depressie swaar oor die land gehang. Aan die anderkant was daar Boere wie se vryheidsin so intens was dat hulle die oorname van die bewind deur hulle militêre leiers van die oorlog al dadelik geïnterpreteer het as die eerste stap tot die omverwerping van die Britse gesag. Vir die nouere staatkundige samesmelting van die voormalige Boererepublieke met die twee ouer Britse Kolonies was geeneen van hierdie twee neigings gesond of aanvaarbaar nie. Veral Smuts en Botha het hulle in Transvaal geroepe geag om tussen hierdie twee antipodes 'n gangbare middeweg te vind opdat die kwessie van Suid-Afrika as 'n politiek en staatkundig verenigde vaderland aanneemlik kan wees vir één

groot/.....

---

7) Merriman Papers, no.14, 25.2.1907.
8) Koerantuitknipsels in: Preller-vers. 27(1): Tribune, 17.4.1907 en 29(3): The Times, 17.4.1907.
9) Merriman Papers, no.63, 25.6.1907.

groot nasie wat uit Boere en Britte saamgestel is. Die konsiliasiegedagte het hier n vrugbare voedingsbron gevind en waar Botha en Smuts voortaan ook al sou optree, was samewerking tussen Boer en Brit en tussen Kolonies onderling die uitgangspunt van hulle staatkundige idees en die grondslag van hulle politieke leerstellinge.

Die Belangrikste Wetgewende Maatreëls met die oog op Toekomstige Verenigde S.A.: Die Botha-regering het in die korte vier jaar van sy bewind in Transvaal jaarliks n lywige wetgewende program aan die parlement voorgelê. Die welsyn van die eie staat en die geluk van die bevolking was uit die aard van die saak die doel van elke maatreël. Nogtans het die Regering nooit uit die oog verloor nie dat Transvaal maar n deel was van n groter land en slegs om historiese redes tydelik geskei was as afsonderlike staat. Die tyd het vinnig genader dat die kunsmatige grense wat hierdie staat afgesonder het van die Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie sou verdwyn. En dit het die Botha-regering in gedagte gehou wanneer die belangrikste watsontwerpe deur die parlement geloods is. (1) Sy Onderwyswet het Smuts as Boer so ingeklee dat die Engelse niks anders as lof daarvoor gehad het nie terwyl die Afrikaners gewillig was om dit te aanvaar as n groot verbetering op die Milner-wet. Deur die pers en baie geestelike leiers is dit voorgehou as dié onderwyswet wat die Afrikaans- en Engelssprekende jeug langs mekaar sou laat ontwikkel tot een saamhorige Suid-Afrikaanse nasie in die groot Britse ryk. (2) In die program wat Botha gevolg het vir die landbou-uitbreiding in Transvaal, het hy ook die toestande en die toekoms van hierdie bedryf in die buurstate in aanmerking geneem. Transvaal het n prominente plek vervul in die Interkoloniale Landbou-unie en het in die bestryding van veesiektes, landbouplae en -peste n leidende aandeel geneem ten bate van homself en sy buurkolonies. (3) Ten opsigte van die handel en spoorweguitbreiding het die Regering alleen n gesonde, onselfsugtige proteksiebeleid gevolg waardeur die ander Kolonies die ekonomiese aandeel wat hulle toegekom het, ruimskoots kon geniet.

Dit was in n besonder opvallende mate ten opsigte van die Sjinese en die Indiërs dat die Botha-regering hom verplig gevoel het om nie alleen namens die Transvaal nie, maar namens en ter wille van Suid-Afrika in die breë te tree. Die Regering was byna fyngevoeliglik bewus daarvan dat Transvaal met n groot aanhangsel Oosterlinge n allesins onwelkome

genoot/.....

genoot sou wees in 'n toekomstige Verenigde State van Suid-Afrika. Natal met sy tierende Indiër-menigtes moes telkens verneem watter las hy om hierdie rede op die skouers van sy buurstate sou plaas vir geval federasie of unifikasie bereik kon word. Nou het die Botha-regering juis te kampe gehad met die sy majesteit die koning se "British Indian subjects" wat ten spyte van Smuts se teenmaatreëls in groot getalle in Transvaal aanwesig was of onder alle voorwendsels gepoog het om hierheen te immigreer. Boonop het die imperialistiese Milner en sy Progressiewe magnate-vriende 'n halwe honderdduisend Sjinese die Kolonie laat binnekom.

Die regerende Het Volkparty het dit sy dure plig geag om Transvaal van hierdie smet te reinig voor hulle met vrymoedigheid kon toetree tot die samesprekinge oor nouere staatkundige eenheid. In hulle parlementêre optrede teen hierdie Oosterse vraagstuk het die Boereleiers die aangeleentheid beskou uit 'n breë Suid-Afrikaanse oogpunt, het hulle by die toenmalige toestand in Transvaal verbygekyk, die toekoms in, en die heil van groter Suid-Afrika in die oog gehou. Hiervoor het hulle die agting en erkentlikheid van die regerings van die aangrensende Kolonies ontvang, en is die weg vir interkoloniale koöperasie ter wille van nouere aaneensluiting aansienlik vergemaklik.

Binne die eerste jaar van sy bewind het drie gebeurtenisse van ingrypende betekenis in Suid-Afrika plaasgevind en in ieder geval was dit 'n toets vir die Botha-regering in hoeverre dit hom erns was met betrekking tot hegter staatkundige aaneensluiting:

in die eerste plek was daar die verskyning van die Selborne-memorandum in Julie 1907;

tweedens het gevolg die uitslae van die algemene verkiesings in die Oranjerivierkolonie en die Kaapkolonie aan die einde van 1907 en die begin van 1908 onderskeidelik;

derdens was daar die aanstaande spoorweg- en doeane-konferensie wat ook teen hierdie tyd gehou moes word.

Die Ontstaan en Inhoud van die Selborne-memorandum: In die voorafgaande hoofstuk is dit aangetoon dat nie die Hoë Kommissaris nie, maar wel Lionel Curtis (die stadsklerk van Johannesburg en latere Assistent-koloniale sekretaris) die kragbron was agter die ontstaan van die dokument wat met Selborne se naam verbind was.* Selborne het sy morele steun aan die gedagte gegee

maar/.....

* Vide supra, Hoofstuk 10, pp. 486-487.

maar, gedagtig aan Carnarvon se gedoemde poging, was hy versigtig om dit nie te doen uit hoofde van sy hoë imperiale posisie nie. In die Kaapkolonie het Curtis dr. Leander Starr Jameson, die Eerste minister, bereid gevind om offisiële status aan n dergelike memorandum te gee deur in naam van sy ministers die Kaapse Goewerneur, sir Walter Hely-Hutchinson, te versoek om n amptelike skrywe aan Selborne te rig waarin dit onder die aandag van lg. as Hoë Kommissaris van Suid-Afrika gebring word watter bedreiging dit vir die Kolonies self is as hulle verdeeld is; daarbenewens word hy versoek om die algemene bevolking op hoogte te bring omtrent die gevare wat in hierdie toestand skuil

> "...by 'undertaking to review the situation in such a manner that the public may be informed as to the general position of affairs throughout the country.' "10)

Dr. Jameson, wat hom nou alte bewus gevoel het van die feit dat Rhodes se mantel op sy skouers tereg gekom het en hý dus die erfgenaam was van dié se entoesiasme vir n verenigde Suid-Afrika, se minute aan Hely-Hutchinson is gedateer 28 November 1906. Sy uitgangspunt was die aanstaande Spoorweg- en Doeanekonferensie wat binne die eersvolgende twaalf maande tussen die verskillende regerings in Suid-Afrika, gehou sou moes word, en dadelik het die Kaapse Ministers beklemtoon:

> "...that in their opinion any serious attempt on the part of the several British Colonies to accomplish a settlement of this question, brings them to the border line of the larger question of Political Unification or Federation..."

Voorts het hulle daarop gewys dat sake wat die belange van elke Kolonie raak, sedert die vrede in 1902 geweldig toegeneem het en nie sonder die medewerking van een of meer van die ander Suid-Afrikaanse regerings geskik kan word nie. Die bespreking van sodanige sake het in byna ieder geval buite verhouding baie tyd en krag van die administrasie vereis terwyl dit telkens geblyk het onmoontlik te wees om tot enige volkome en durende skikking te kom in sommige van die belangriker vraagstukke. Die afwesigheid van n bevoegde gesag om vraagstukke op te los waarin twee of meer Kolonies betrokke is, en die tyd wat die verskillende Regerings verkwis in hulle pogings om die sake af te handel, het, volgens hulle mening, stremmend gewerk op die vrye ontwikkeling van die land oor die algemeen. Hierdie toestande van wrywing belemmer die goeie verhoudings tussen die onderskeie Suid-Afrikaanse gemeenskappe en neig om n gevoel van onderlinge

wantroue/.....

---

10) Williams, Basil: Voorwoord tot: "The Selborne Memorandum", pp.XVI-XX.

wantroue op te wek, wat dit in 'n toenemende mate moeilik maak om geskille tussen hulle te skik. Alleen 'n behoorlik gekonstitueerde Suid-Afrikaanse gesag wat verantwoordelik is aan alle partye in die land, is bevoeg om hierdie toestande, wat by die dag ingewikkelder word, die hoof te bied.

Jameson en sy ministers het verder hulle twyfel uitgespreek of enige voorgestelde oplossing van die spoorwegprobleme op die aanstaande Konferensie finaal of effektief sal kan wees tensy dit gebaseer is op 'n heroorweging van die bestaande stelsel van administrasie in Suid-Afrika. Baie vraagstukke moes onder hierdie omstandighede by wyse van onderhandelinge tussen die verskillende regerings geskik word; gevolglik het dit in baie gevalle onmoontlik geword om inligting hieroor openbaar te maak. Om hierdie redes, het die minute ten besluite gelui, was die Kaapse ministerie van gevoele dat die bestaande situasie sodanig is dat die onderskeie gemeenskappe nie 'n goeie begrip van sake het nie of nie in staat is om die probleme, wat gemeenskaplik is aan al die State, as 'n geheel te besien nie. Hulle versoek dus die Kaapse Goewerneur om hierdie vertoë tot lord Selborne te rig

> "...with an expression of their desire and hope that in his capacity as High Commissioner for South Africa he will undertake to review the situation in such a manner that the public may be informed as to the general position of affairs throughout the country. Their object in urging this course being that they consider it due to the people of South Africa that they should have a timely opportunity of expressing a voice upon the desirability, and if acknowledged, the best means of bringing about a Central National Government enbracing all the Colonies and Protectorates under British South African administration."[11]

Die volgende dag, d.i. op 29 November 1906, het sir Walter Hely-Hutchinson hierdie amptelike brief van sy ministers aan die Hoë Kommissaris gestuur en die voorstelle daarin vervat sterk aanbeveel vir gunstige oorweging.[12]

Selborne se eerste reaksie na ontvangs van hierdie versoek uit Kaapstad was om afskrifte daarvan, gedateer 21 Desember 1906, aan die regerings van Transvaal, Oranjerivierkolonie, Natal en Suid-Rhodesië te stuur, met die opdrag dat hy graag die amptelike mening van elk daaromtrent sou wil ontvang.[13]

Namens die Suid-Rhodesiese Regering het die Administrateur, W.H. Milton, op 29 Desember geantwoord dat dié regering hom onmoontlik op daardie stadium kan verbind aan enige

beslissende/.....

---

11) Eerste Minister (Tvl.) 10, no.45/1/'07, 28.11.'07. (Skr. kursiveer).
12) Ibid. 29.11.1907.
13) Ibid. 21.12.1907.

beslissende mening omtrent die hoofgedagte wat strydvrae van aansienlike ingewikkeldheid sou omvat. Nogtans was hy heeltemal ten gunste daarvan dat Selborne dit sou onderneem om n oorsig te gee van die bestaande algemene toestand ter wille van die bevolking van die land, soos die Kaapse Regering aanbeveel het.[14)]

Die antwoord van die Vrystaatse Kroonkolonieregering, by monde van die Luitenant-goewerneur, sir Hamilton Goold-Adams, het gelui dat hy ten volle saamstem met die Kaapse Regering oor die heersende onbevredigende interkoloniale verhoudinge, oor die erns van die situasies wat daaruit voortvloei en oor die noodsaaklikheid daarvan dat hierdie feite onder die aandag van die verskillende gemeenskappe van Suid-Afrika gebring moet word. Maar in hoeverre daar praktiese gevolg gegee moet word aan die suggestie van die Kaapse Ministerie, het Goold-Adams vervolg, moes die Hoë Kommissaris hom onder bestaande omstandighede hoofsaaklik laat lei deur die menings van daardie Kolonies wat volle selfregering het.[15)]

Die saaklike antwoord uit Natal(29.12.1907) wat deur sir Henry McCallum aan Selborne gestuur is, het gelui dat hierdie Regering akkoord gaan met die aanbeveling van die Kaapse Ministers soos vervat in die laaste paragraaf van dr. Jameson se Minute van 28 November.

Die antwoord van die Transvaalse Uitvoerende Raad is verstrek deur die waarnemende Luitenant-goewerneur, Patrick Duncan, en wel op 27 Desember 1906. Dit het soos volg gelui:

„Die Transvaalse Regering vereenselwig hom gewilliglik met die sienswyses van die Regering van die Kaap die Goeie Hoop soos uitgedruk in die Minute van 28 November 1906. Die ervaring van die Konferensies in die verlede betreffende Spoorwegprobleme en ander sake rakende die interkoloniale betrekkinge het buite alle twyfel getoon dat geen permanente oplossing van hierdie vraagstukke op hierdie wyse verkry kan word nie; elke Konferensie het n nasleep van talryke bronne van onenigheid en wrywing.

In soverre dit ander sake van Suid-Afrikaanse belang aangaan, is die Raad bewus daarvan dat menings uitgespreek is dat Transvaal nie tot die praktiese oorweging van die kwessie van vereniging met ander Suid-Afrikaanse Kolonies moet toetree nie alvorens n skikking vir party van hierdie

vraagstukke/....

---

14) Ibid. 29.12.1907.

15) Ibid. 24.12.1907.

vraagstukke binne sy eie grense verkry is. Hoewel die Raad volkome bewus is daarvan dat hy hom oor 'n saak van so 'n belang nie kan verbind of selfs kan spreek namens die nuwe Regering wat binne afsienbare tyd in die lewe geroep sou word nie, voel hy hom geregtig om dié mening, wat hy gevorm het uit ervaring van die bestuur van die sake van die Kolonie, uit te spreek: en dit is dat Transvaal geen permanente oplossing kan bied vir vraagstukke (soos bv. die kwessie van naturellebeleid) wat in werklikheid Suid-Afrikaans van omvang en aard is nie. Alvorens een of ander vorm van konstitusionele masjinerie geskep word waardeur die volk van Suid-Afrika as geheel vraagstukke kan aandurf wat hulle gemeenskaplike belange wesenlik raak, is dit nutteloos dat enige Kolonie op eie houtjie sou trag om dit binne sy eie grense op te los. 'n Skikking van die spoorwegmoeilikheide waarna die Kaapse Ministerie verwys het, is dringend en kan nie uitgestel word nie. Selfs vraagstukke wat nie op die oomblik nie, en ook minder sigbare, wrywing veroorsaak, kan gevaarlik wees as dit nie op 'n Suid-Afrikaanse grondslag geskik word nie. Daarom vereenselwig die Raad hom met die Kaapse Regering in hulle versoek aan die Hoë Kommissaris dat hy sy menings moet lug oor die oorsake en gevolge van die bestaande posisie van die Brits Suid-Afrikaanse Kolonies in hulle betrekking tot mekaar, sodat die volk, by wie dit berus het om 'n remedie te vind, voor hulle 'n verklaring kon hê oor die aangeleentheid van die enigste gesag in Suid-Afrika wat onafhanklik was van die verskillende politieke verdelinge waar dit op die oomblik in verkeer het."[16]

Hierdie verloop van sake het Lionel Curtis baie goed te pas gekom. Die data omtrent die algemene toedrag van sake wat hy op sy rondreis dwarsdeur Suid-Afrika ingewin en verwerk het, het hy aan die ander „Kindergarten"-lede gestuur, t.w. G. Robinson, R. Feetham, J. Dove, R.H. Brand, P. Kerr, en D. Malcolm. Hulle het Curtis se verslae bespreek en hier en daar verander en verbeter. Tydens formele byeenkomste onder voorsitterskap van Selborne is dit finaal hersien en in gereedheid gebring. Selborne moes dit nog net onderteken.

Die probleem was nou hoe om hierdie memorandum op die verstandigste manier onder die aandag van die Suid-Afrikaanse staatsmanne te bring. Want, soos gesien, was Selborne baie versigtig om nie Carnarvon se spoor te volg deur die kwessie

van/.....

16) Ibid. 27.12.1907.

nouere staatkundige eenheid uit 'n imperiale oogpunt te benader nie. Maar die positiewe reaksie van die verskillende Suid-Afrikaanse Regerings op die voorstel van die Kaapse Ministers het hom bemoedig, en op 7 Januarie 1907 het hyself as antwoord aan die Kaapse Goewerneur 'n rapport geskryf. In saaklike, sterk taal het hy die moeilikhede opgesom met betrekking tot die spoorweë, doeane, die gereg, landbou, mynwese en die nie-blanke-vraagstuk waaraan Suid-Afrika onderworpe was deurdat daar geen gemeenskaplike Suid-Afrikaanse beleid daarvoor bestaan het nie; al sou elke Kolonie oor selfregering beskik, het hy betoog, sou die Suid-Afrikaners ver van baas wees in hulle eie land solank hierdie moeilikhede stuksgewys deur elke Regering afsonderlik geskik word.

By hierdie rapport het Selborne die Memorandum (met sý handtekening daarby) aangeheg wat deur Curtis opgestel en finaal deur e.g. hersien en van die nodige veranderinge voorsien is. Hy het dit getitel: A R e v i e w o f t h e M u t u a l R e l a t i o n s o f t h e B r i t i s h S o u t h A f r i c a n C o l o n i e s i n 1907. 'n Paar dae later, op 16 Januarie 1907, het hy ook die Memorandum oor die Spoorweë van Philip Kerr aangestuur.[17]

Dat dit 'n waagstuk was van die kant van Selborne om hom, as Imperiale verteenwoordiger, te bemoei met hierdie suiwer Suid-Afrikaanse aangeleentheid, val nie te betwyfel nie. Juis het die "South African News" 'n week later gesinspeel op die Hoë Kommissaris se té openlike belangstelling in die federasie van Suid-Afrika. Tromp-op het die blad gewaarsku:

> "Let him take warning by Lord Carnarvon and Sir George Grey and begin by recognising that he will only do mischief if he proceeds without both the concurrence of the Imperial Government, which was refused to Sir George Grey, and the concurrence of the South African people, which was rightly refused to Lord Carnarvon. If Lord Selborne wishes to win a name by helping this great movement forward, he can do it, but only in one way, and that way is to efface himself completely. Any action taken by him in regard to federation will be postponed until he has left South Africa. If he does not take such action, federation will come, for the time seems practically ripe, and he will have won a just reputation by his self-control."[18]

Die idee van staatkundige vereniging was egter in die lug dwarsdeur Suid-Afrika, en vooraanstaande politici, soos

Smuts/.....

17) Williams, a.w. pp. XVIII - XXIII; Eerste Minister (Tvl.) 10, no. 45/1/1907, 7.1.1907.
18) The South African News, 24.1.1907.

Smuts, Botha en Jameson, wat intussen insae in die Memorandum gekry het, het dit nie die minste as 'n gevaarteken uit Downingstraat beskou nie. Op 1 Julie 1907 dus, het die Koloniale Kantoor die Selborne-memorandum met al die bykomstige dokumente gepubliseer in Cd.3564 en dit aan die Imperiale Parlement voorgelê.[19]

Die Selborne-memorandum het kortliks die historiese oorsake gegee waarom Suid-Afrika, wat geografies 'n eenheid vorm, in verskillende geweste verdeeld was en hoe dit aanleiding gegee het tot gewestelike onenigheid en die voortdurende inmenging van Downingstraat. Die opsteller noem vlugtig die vroeëre pogings van Grey en Carnarvon om die Suid-Afrikaanse gebiede te verenig en die mislukking daarvan. In hoofstuk 2 word verhaal hoe Suid-Afrika van 'n 'land van die ossewa' ontwikkel het tot die 'land van die spoorweë', en hoe Delagoabaai vanweë sy noue betrekking met die grootste mark, nl. die Rand, die sleutel geword het tot die Suid-Afrikaanse politiek. In besonderhede word die ontwikkeling van die spoorweë sedert die oorlog geskets en hoe die Portugese Kolonie, Mosambiek, sy greep op die Transvaalse (en gevolglik Suid-Afrikaanse) handel verstewig het na die totstandkoming van die Modus Vivendi. Daar word aangetoon hoe Milner deur die skepping van die Interkoloniale Raad en die C.S.A.R. nouere samewerking tussen die Oranjerivierkolonie en Transvaal probeer bewerkstellig het, maar hoe elke spoorweguitbreiding in een Kolonie aanleiding gegee het tot 'n dispuut met die Regering van 'n aangrensende gewés.

Vervolgens word die ontstaan en uitwerking van die Doeane-unie behandel. Maar vanweë die baie anomalieë, betoog die skrywer, dreig ook hierdie metode van samewerking om op 'n mislukking uit te loop en is dit 'n gevaar vir die fiskale beleid van al die gebiede. Dieselfde het gegeld vir die naturelle- en arbeidsvraagstukke, en hier was dit veral die industrie van die hele land wat daaronder gely het:

> "If the development of the mining industry is starved for want of labour, the farmers in Malmesbury lose their markets, the merchants of Natal and the Eastern Provinces their business, and the value of property everywhere declines."

Die paradoks was dat hierdie arbeidsprobleem stuksgewys behartig is deur administrasies wat weinig of geen verband gehad het met die omvang van hierdie industrieë nie. Veral was dit Transvaal wat op hierdie stadium 'n beslissende besluit sou moes neem oor die kwessie van ingevoerde arbeid,

en/.....

---

19) Williams, a.w. pp. XXII - XXIII.

en hierdie besluit sou die struktuur van die gemeenskap en die politieke toestand dwarsdeur die land ingrypend raak.

In die memorandum word noukeurig aangetoon hoe die staatkundige onenigheid in alle opsigte nadelig is vir die ekonomiese stabiliteit, hoe dit die handel strem, die gesonde werking van die gereg in die wiele ry, die landbouontwikkeling ontmoedig en die skeepvaartverenigings in staat stel om die skeepvragtariewe vas te stel soos dit hulle die beste pas. Veral het dit verhinder dat die spoorweë en hawens staatseiendom word om aldus uit een mond te kan spreek wanneer juis sake soos seevaarttariewe gereël moet word.

'n Besondere vraag van betekenis was: wat sou die toekoms van Suid-Rhodesië wees met sy 12,000 blankes wat yl-verspreid oor die uitgestrekte oppervlakte gewoon het? Ook hier het die Britse vlag gewaai maar konstitusioneel was Suid-Rhodesië nie op gelyke voet met die ander Britse Kolonies nie en deur die houvas wat die British South African Chartered Company op die gebied se bestuur gekry het, het die funksies van administrasie en handel erg verstrengel geraak. Moes die regte van hierdie maatskappy oorgeneem word of nie? As Suidelike Afrika wou vorder op die weg na 'n groot en omvangryke eenheid, soos Kanada en die Verenigde State van Amerika, kon hy glad nie te vroeg met hierdie vraagstuk afreken nie, het die memorandum gelui.

Sonder nasionale instellinge, soos 'n nasionale pers of 'n nasionale parlement, kon daar geen nasionale, openbare mening wees nie. En 'n openbare mening is die siel van 'n nasie, het die opsteller van die dokument geskryf,

> "...but just as a soul cannot exist on earth without a body to inhabit, so their can be no national opinion without national institutions. When South Africa have national institutions of her own she will also conceive a public opinion to inform and guide them and a Press to reflect that public opinion."

Alle tekens het daarop gedui dat die tyd aangebreek het dat 'n besliste besluit ten gunste van nouere aaneensluiting of afskeiding geneem sal moet word, en die geleentheid daarvoor was die komende Spoorweg- en Doeanekonferensie, het Selborne geskryf. Onder die bestaande toestande het 'n vreemde hawe, Delagoabaai, gegroei en gefloreer ten koste van die Brits Suid-Afrikaanse hawens en deur middel van die handel van Brits Suid-Afrika; die gevolg was: wrywing. Die enigste manier om 'n eenvormige verdeling van al die winste te verkry, is om die geografiese verdelings, in soverre dit die spoorweë betref, uit te wis deur die spoorweë te verenig en op te hou om dit as 'n bron van inkomste vir belastingdoeleindes/.....

eindes te behandel, aangesien dit slegs beteken dat die belastingdruk oneweredig op die bevolking van die land rus. Dit is alleen nasionale eenheid, waardeur die nasionale regering gelei sal word deur die verenigde stem van die volk, wat sal voorkom dat Suid-Afrika in die oplossing van sy spoorweg- en ander vraagstukke gevrywaar sal wees van inmenging van die kant van Downingstraat. Soos dit oral gaan, is die onvermoë om sy eie sake te behartig die noodsaaklike gevolg van onenigheid en die sekerste oorsaak van mislukking in Suid-Afrikaanse aangeleenthede.

Die gevaar van uitstel, in die laaste plek, was dat dit by die afsonderlike Kolonies die neiging laat posvat om die verdeling wat daar bestaan te beklemtoon en te bestendig, waardeur n hegte eenheid later onmoontlik sal wees. Hiervan was Australië, waar die Federale Regering moes spook om die samestellende eenhede bymekaar te hou, n goeie voorbeeld. Die Suid-Afrikaanse geweste moet die parogiale standpunt opsy skuif en elke probleem uit n nasionale en Suid-Afrikaanse standpunt benader. Dit is die enigste manier hoe groot struikelblokke, soos die lastige kwessie van die hoofstad, uit die weg geruim sal word.

Rasse-onmin tussen Boere en Britte in Suid-Afrika het daar nog bestaan, soos dit te verwag is vyf jaar na die oorlog beëindig is. Die ideaal is nietemin n samesmelting van gedagte, doel en bloed tussen Boer- en Britse afstammelinge waaruit n nasionale soort sal ontwikkel wat ewe sterk sal wees as die vermengde volkere van Wes-Europa.

Suid-Afrikaners moet hulleself afvra: watter rampe sou hulle land nie bespaar gebly het nie as die federasie van Suid-Afrika, gebore uit n beweging wat in die land self ontkiem het, vyftig of dertig jaar tevore volbring kon word? Aan hulle kinders is hulle dit verskuldig dat dieselfde vraag nie hierna gestel sal word nie.[20]

Die algemene Reaksie op die Selborne-memorandum - gunstig en ongunstig:

Milner se „Kindergarten" wat nou onder Selborne se hand werksaam was, het n sterk invloed gehad op die Johannesburgse Progressiewe pers. Veral die "Star" het die Hoë Kommissaris "and those nameless volunteers who assisted him" geloof om hulle waardevolle werk en die memorandum aan die Suid-Afrikaners voorgehou as

n/.....

20) The Selborne-memorandum: A Review of the Mutual Relations of the British South African Colonies in 1907, with an Introduction by Basil Williams. Vgl. ook: The Star, 3.7.1907, pp. 9-10.

n offisiële geskrif wat, met die gesag van Selborne self daaragter, van die hoogste opvoedkundige en politieke belang was in soverre dit die toekomstige welsyn en vreedsame ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gebiede onder Britse gesag geraak het.[21)]

Maar ook uit ander oorde het daar lof gekom vir die gees wat uit die memorandum gespreek het en vir die positiewe benadering van die hele vraagstuk omtrent eenheid. „Ons Land", die Bondsorgaan in die Suide, het dit verwelkom dat Selborne die federasie-gedagte buite die partypolitiek gepropageer het. Verder het die blad gewag gemaak van die mooi sameloop van omstandighede deurdat die memorandum gepubliseer is juis toe die kwessie omtrent nouere aaneensluiting deur F.S. Malan in die Kaapse parlement aanhangig gemaak en bespreek is en pas nadat n konstitusie vir selfregering aan die Oranjerivierkolonie toegeken is.[22)] Vir die "Natal Mercury" was die waarde van die belangrike geskrif veral daarin geleë dat dit die betrokke onderwerp gestroop het van al die plegtige ballâs wat die idees van so menige "after-dinner"-spreker en parlementêre orator versier het.[* 23)]

Belangrike nuusblaaie in Engeland, soos die "Times", die "Tribune", die "Daily News", die 'Daily Chronicle", en die "Morning Post" het grootliks saamgestem dat die nouere staatkundige eenwording van Suid-Afrika noodsaaklik is en dat die Selborne-memorandum veel sou bydra tot die bereiking daarvan mits Downingstraat nie ongevraagd sou inmeng nie.[24)]

Die reaksie op die Selborne-memorandum was <u>nie deur die bank gunstig nie</u>, en dit was van ewe groot belang. Daar was „De Volkstem", lyforgaan van die regerende Het Volkparty in Transvaal, wat die Hoë Kommissaris dit erg verkwalik het dat hy die belangrike Modus Vivendi van Transvaal met Mosambiek durf gekritiseer en as n vir Brits Suid-Afrika ekonomiese en politieke nadeel bestempel het. Die blad lees Selborne deeglik die les omdat hy in sy memorandum noukeurig, en boonop partydiglik, nagelaat het om die aandag te vestig op die groot voordele van Delagoabaai as natuurlike hawe vir Transvaal - al was dit in Portugese hande en al sou die Britse

Kolonies/.....

---

21) The Star, 3 en 6.7.1907.
22) Ons Land, 4 en 6.7.1907. Vgl. verder: The Natal Witness, 5.7.1907 en The Bloemfontein Post, 15.7.1907.
23) The Natal Mercury, 4.7.1907.
24) Berigte in: The Star, 13.7.1907.

* Die "Natal Mercury" (4.7.1907), stel die Selborne-memorandum selfs op dieselfde voet as lord Durham se deurdringende ondersoek in die staat van Kanada se toestande in 1838.

Kolonies federeer. Tereg voer „De Volkstem" aan dat daar in die memorandum geen ander oplossing aangebied word nie as dat Transvaal alle natuurlike stoflike voordele ten offer sou moet bring aan die onnatuurlike hebsug van die kuskolonies; daarom is dit moeilik om te begryp hoe enige federasie-voorstel ernstiglik en met enige hoop op sukses by die Transvalers bepleit kan word as hulle Kolonie daardeur ontvreem sou word van sy natuurlike hawe, van sy eie spoorweg en van die voordele van die kortste spoorbaan - wat met die gegoël van syfers eenvoudig nie weg te redeneer is nie.[25]

Die "South African News", mondstuk van Merriman se Suid-Afrikaanse Party in die Kaapkolonie, het baie reguit gepraat:

> "It is easy to see that (the memorandum) was not written by Lord Selborne. It breathes a spirit of panic and of precipitation which would be strange in a man of Lord Selborne's experience of affiars and of men, and it is not free from blemishes and errors even in regard to facts; but, on the whole, what it says is undoubtedly true. Federation is necessary. Federation is within our reach."[26]

Hierby het Merriman hom aangesluit; hy het dit as verregaande beskou dat daar persone is wat "that kindergarten piece of work" kon durf vergelyk met die Durham-rapport. Oor Selborne se aandeel, skryf hy aan Steyn: "The best that can be said for the fellow is that it was not his own writing but emanated from the brains of the kindergarten."[26a]

Interessante kommentaar wat spreek van rype insig was dié van pres. Steyn op die Selborne-memorandum. Waar sy gesondheid dit toegelaat het, het hy homself op die hoogte probeer hou van al die belangrike staatkundige verwikkelinge in en met betrekking tot Suid-Afrika. In die tweede helfte van 1907 het hy weer besoek afgelê in Transvaal en die saak van nouere vereniging met Botha en Smuts bespreek. Die twee generaals was beslis dat niks in hierdie verband gedoen moet word nie, nie alleen vóór die nuwe Vrystaatse Regering gevorm is nie, maar ook nie voor hy stewig in die saal sit nie, het Steyn aan Merriman geskryf. Daarby was hulle albei sterk ten gunste van unifikasie en nou het Steyn self tot dié oortuiging gekom dat:

> "...the more one thinks about it (d.i. Unifikasie) the more you become convinced that that is the only kind of Union we ought to accept."

Omdat sy oë nog baie swak was, het Steyn die memorandum aan hom/.....

---

25) De Volkstem, 6 en 10.7.1907.
26) The South African News, 4.7.1907.
26a) Steyn-vers. Ink. Briewe 516/1/4, 22.9.1907 (ook 7.7.'07)

hom laat voorlees. Dadelik het hy n selfstandige standpunt ingeneem deur nie saam te sing in die koor van lofsang aan Selborne en sy helpers nie. Inteendeel:

> "I did not see that he removed or showed us how to remove the many difficulties that are in our way to federation. The whole pamphlet is crude, full of rhetoric and bad history."

Selborne propageer federasie veral sodat imperiale inmenging, wat die oorsaak was van al Suid-Afrika se leed in die verlede, verhinder kan word; maar hy skyn te vergeet, sê Steyn, dat daardie inmenging alleen gevolg het ter ondersteuning van die versoek vir sodanige intervensie deur imperiale dienare in Suid-Afrika. En solank sulke dienare hier behoue bly, kan hierdie versoek steeds herhaal word!

> "Thus if Lord Selborne draws his reason to its logical conclusion, he must advocate the policy of 'cutting the painter'."27)*

Dit was in ieder geval die Transvaal-Mosambiek-spoorwegooreenkoms (die veelbesproke Modus Vivendi) wat, in die oë van die bewonderaars van die Selborne-memorandum, die vlieg in die salf was. Reeds op 12 Maart 1907 (dus net n week na Botha se inswering as Premier van Transvaal en enkele weke voor hy na Engeland vertrek het) het Selborne n Hollandse en Engelse kopie van sy memorandum aan die Eerste minister gestuur in die hoop dat hy aan boord die Carisbrook Castle tyd sal hê om dit te bestudeer. (Smuts en Hull het dit toe al te sien gekry). Hy het Botha laat verstaan dat hy dit sou verwelkom as die Premier sy eerlike mening sou uitspreek oor die verdienstes of swakhede van die dokument.28)

Botha het sy antwoord eers op 1 Julie 1907 verstrek. Sy Regering, het hy aangevoer, is sterk ten gunste van beleid wat federasie of unifikasie sal aanmoedig en steun oor die algemeen die sienswyses soos weergegee in die pamflet. Hulle was nietemin van mening dat sekere uitsprake met betrekking tot die Portugese besittings in Suid-Afrika aanstoot sal gee in sommige kringe en misverstand sal meebring in die verhouding van die Transvaalse Regering tot daardie besittings. Ongelukkig was die interkoloniale situasie in Suid-Afrika op dié oomblik van so n aard dat die Transvaalse Regering dit nie sou kon bekostig om die risiko te loop deur

vyandiggesindheid/...

---

27) Merriman Papers no.98, 11.9.1907.
28) Eerste Minister (Tvl.) no.45/2/1907, 12.3.1907.

* Smuts se dunk van die Selborne-memorandum was ook nie baie hoog nie. Op 22.7.1907 skryf hy aan sir Henry de Villiers: '...I don't think (the cause of federation) is really advanced by a one-sided statement such as the memo. attached to Lord Selborne's minute'."
(Smuts: Greater South Africa, pp.4-5).

vyandiggesindheid te openbaar teenoor die Portugese buurstaat nie. Om hierdie redes het hy en sy Ministers, teësinniglik, tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie reg sal wees van die Transvaalse Regering om in enige opsig verbind te wees met die publikasie van die voorgenoemde dokument nie. Hulle stel derhalwe eerbiediglik voor dat die publikasie daarvan elders in Suid-Afrika uitgestel word.[29]

Die koeël was egter deur die kerk: die Selborne-memorandum is dieselfde dag gepubliseer. Al wat Selborne kon doen, was om op 2 Julie 'n telegram te stuur aan die Goewerneurs van die Kaapkolonie, Natal en die Oranjerivierkolonie en aan die Administrateur van Suid-Rhodesië. Hierin word verklaar dat dit die wens is van die Transvaalse Regering dat die ander Regerings daarop gewys sal word dat die memorandum en die daarby behorende rapporte geskryf en versend is vóór hierdie Regering aan bewind gekom het en dat dit daarom nie veronderstel kan word dat hulle hulle vereenselwig met al die menings wat daarin uitgespreek word nie, veral nie met die punte wat die beleid van Transvaal betref ten opsigte van Portugees-Oos-Afrika nie. Hulle bly by hulle dikwels uitgesproke mening ten gunste van die federasie van Suid-Afrika en hulle steun die meeste van die sienswyses in die memorandum en die aangehegte rapport, maar hulle gesindheid teenoor Portugees-Oos-Afrika sal altyd gekenmerk word deur opregte vriendskap en hulle sal 'n oplossing van die federasievraagstuk verwelkom wat die beleefdheid van Suid-Afrikaanse samewerking sal uitbrei na die Provinsie van Mosambiek.[30]

Vir Natal was hierdie amptelike mening van die Botha-regering oor die Selborne-memorandum soos die spreekwoordelike rooi doek vir 'n bul. Opnuut het die "Natal Witness" dit nodig gevind om veragtend na die Modus Vivendi te verwys as een van die skandaligste ooreenkomste wat Milner ooit aangegaan het; dit sou dan die oorsaak wees van die botsing van spoorwegbelange en sou 'n toestand daargestel het wat skadelik is vir Britse belange. Die blad het dit as 'n "ill-timed minute of Mr. Botha and his Government" bestempel en verergd die Transvalers daaraan herinner dat federasie die hoofpunt is, en nie 'n ooreenkoms met Mosambiek nie![31] Ook die "Natal Mercury" van Durban was teleurgesteld oor die

verklaring/.....

---

29) Ibid. 1.7.1907.
30) Ibid. 2.7.1907.
31) The Natal Witness, 5.7.1907.

verklaring van die Transvaalse Regering aangesien dit in federasie en spoorwegunifikasie die enigste hoop gesien het teen die mag van Portugal as die gebieder in die fiskale en spoorwegaangeleenthede van Brits Suid-Afrika.[32)]

Hierdie soort kritiek het grootliks gespruit uit vooroordeel en afguns teen Transvaal. Aan die positiewe gesindheid van die Botha-regering teenoor die kwessie van nouere staatkundige eenwording het dit nie afbreuk gedoen nie en nog minder sou dit verhinder dat die entoesiasme van leiers soos Smuts en Botha vir hierdie saak sou verflou.

==========

Die nuwe konstitusionele Bedeling in die O.R.K. as Faktor in Eenheidsbeweging in Suid-Afrika:

Van veel groter betekenis vir die nouere unie-beweging in Suid-Afrika as die verskyning van die Selborne-memorandum, was die nuwe regerings wat teen die einde van 1907 en die begin van 1908 in die Oranjerievierkolonie en die Kaapkolonie aan bewind van sake gekom het. In die een geval het dit gepaard gegaan met 'n konstitusionele evolusie en in die ander moes 'n regering, wat die prototipe kon wees van jingoïstiese 'Britsheid', plek maak vir 'n suiwer Suid-Afrikaans georiënteerde landsbestuur.

In hoofstuk 3 het ons gesien dat die grondwet wat voorsiening gemaak het vir selfbestuur in die Oranjerivierkolonie op 10 Junie 1907 gepubliseer is en dat daar teenoor die Boereparty, of te wel die Orangia Unie, onder leiding van Abraham Fischer en Hertzog, die Constitutional Party van sir John Fraser was. Die Orangia Unie was 'n volksorganisasie met takke dwarsdeur die Kolonie terwyl die Constitutional Party se aanhangers in Bloemfontein en hoogstens in die grotere dorpe saamgetrek was.

Die Verkiesingsveldtog - Partypolitieke Strydpunte Ontbreek:

Rede vir die bestaan van afsonderlike politieke partye in die Kolonie was daar nie juis nie. Hier was daar nie die verskeidenheid van belange soos in Transvaal nie. Voor die oorlog was daar 'n partylose Republiek met 'n Uitvoerende Raad buite die Volksraad; albei is verkies vir 'n bepaalde tydperk. Nou het die Britse stelsel gevolg wat aksiomaties die partypolitiek meegebring het. Maar die bevolking het nie 'n behoefte daaraan gehad nie* -

soos/.....

---

32) The Natal Mercury, 10.7.1907.

* Dit is bekend hoedat pogings om takke van die Kaaplandse Afrikanerbond in die Vrystaat op die been te bring geen sukses was nie.

soos dit trouens ook in Natal die geval was. Hier in die Vrystaat was almal in die buitedistrikte - Afrikaans- sowel as Engelssprekend - boere. In Bloemfontein en in die belangrikste dorpe was die amptenare en prokureurs, ook van albei taalgroepe. Alleen vanweë beskuldigings teen Fischer aan die een kant en teen Fraser aan die ander, gegrond op verskille uit die dae van die Republiek en op gebeurtenisse tydens die oorlogsjare, is die persoonlike element in die politiek ingebring en oorgeplant op die twee partye.[33)]

Die Orangia Unie was die beliggaming van die volk se ontwaking uit die verlamming wat veroorsaak is deur die lang en uitputtende oorlog. "It was not made, but born", het die "Friend" dit kragtig gestel. Dit is gebore uit die onlesbare en vaste oortuiging dat die bestemming van die land beter van binne gerig kon word as van enige bron van buite. Hierdie oortuiging is gehuldig deur almal wat help veg het vir die erkenning van hulle onvervreembare reg op selfregering. Toe hierdie sekerheid gewen is deur die toekenning van die grondwet, het die Orangia Unie hom beywer om verteenwoordigers van die hele blanke gemeenskap en van alle oortuigings in die Vrystaat in 'n groot nasionale organisasie byeen te bring.

Eers ruim 'n jaar na die ontstaan van die Orangia Unie het sir John Fraser sy manifes die lig laat sien, maar daar was geen groot strydvrae voor die inwoners wat hulle natuurlikerwys in partye kon verdeel nie. Alleen die warm as van die oorlogsbrand was nog daar en deur daaroor te hark het manne soos Fraser, adv. C.L. Botha, Ehrlich, Barlow en Bolt rede gevind vir die skepping van 'n soort politieke sekte. Die meerderheid Engelse dorpsbewoners en 'n aantal ryk boere, waaronder veral die hensoppers en "ex-military burghers" uit die oorlog, was hulle volgelinge en hulle was ten gunste van die behoud van die bestaande konstitusie; vandaar hulle partynaam: Constitutional Party.[34)]

Behalwe oor onderwys, was daar in die programme van die twee politieke organisasies geen noemenswaardige verskille nie, hoewel die aanwesige geskilpunte van praktiese aard was en dit nogal die verdeling tussen buitedistrik en dorp beklemtoon het. In die groter dorpe het die politici hulle uitgepraat oor federasie, onderwys, plaaslike bestuur en oor Britse industriegoedere en proteksie. In die buitedistrikte het die redevoerings praktieser aangeleenthede geraak, soos brandsiekteregulasies/...

---

33) Barlow: Almost in Confidence, pp.118 en 121; The Bloemfontein Post, 2.7.1907.
34) The Friend, 13.11.1907; Amery, a.w. (VI) pp.191-192.

brandsiekteregulasies, sprinkaanbestryding, spoortariewe op boerderybenodigdhede en dipstowwe, graanpryse en veesiektes, besproeiingsprobleme en wolpryse. Die naturellekwessie is aangeroer net in soverre dit n deeglike paswet betref; aan akademiese bespiegelinge oor die kombersstem of segregasie is weinig aandag gegee. Hieruit het dit geblyk dat die Oranjerievierkolonie bowe-al behoefte gehad het aan n praktiese regering, n regering wat die belange van die meerderheid te alle tye voor oë sal hou en in gedagte sal hou dat sy krag en steun „in die veld" lê. Die grootste vraagstukke was in hul wese landelik; daar was geen Witwatersrand met magnate en Sjinese, en geen tergende Indiër-agitasie of dreigende inboorlingopstand soos in Natal om die situasie ingewikkeld te maak nie. Soos in die verlede het daar uit hierdie landelik-gefundeerde politieke bewussyn n gesonde Suid-Afrikaanse patriotisme te voorskyn getree. Hiervan was die Orangia Unie onder leiding van Fischer, Hertzog en De Wet, met pres. Steyn as hulle beskermheer, die sigbare beliggaming.

Oor onderwys het die twee partye die ooglopendste verskil. Die Constitutional Party het die onderwysbeleid van die Kroonkoloniebestuur gesteun, soos neergelê in Julie 1905. Hiervolgens is Skoolkomitees aangestel vir elke distrik: die meerderheid is gekies deur die belastingbetalers en die minderheid benoem deur die Goewerneur. Die plaaslike liggame is verantwoordelik gestel vir n gedeelte van die finansiële laste. Die taalklousule het gelui dat Engels die voertaal in die skole sal wees maar dat die tyd wat bestee word aan die onderrig van Engels en Nederlands as tale, gelyk sal wees. Onderwys aan kinders was gratis en verpligtend.

Die Orangia Unie was ten gunste van n verandering in die wyse waarop skoolbesture gekies word en van volle beheer in die hande van hierdie lokale liggame. Verder het die organisasie beoog: verpligte onderwys en die herinstelling van skoolgeld in plaas van skoolbelasting, gelyke behandeling van Hollands en Engels en die onderrig in Bybelgeskiedenis tot St. VI.[35]

Klinkende Oorwinning vir Orangia Unie in die Vrystaat:

Teen die middel van September 1907 was die kiesafdelings - 38 - volgens die nuwe grondwet afgebaken. Die verkiesingsveldtog was nou in volle swang; veral Hertzog, Fischer, De Wet en Brebner en die leiers van die Constitutional/.....

35) The Friend, 8.7.1907; De Volkstem, 24.9.1907; The Bleëmfontein Post, 15.9.1907 en 11 en 30.10.1907; Hertzogannale, 1ste Jg. no.1, Nienaber: Genl. Hertzog se Onderwyswet, pp. 99-101.

tutional Party was baie aktief.[36] Hoe nader die dag van afrekening gekom het, hoe nouer het die Constitutional Party sy gevegsterrein om Bloemfontein getrek. Toe die nominasiedag op 6 November aanbreek, het dit geblyk dat Fraser vir die 38 setels slegs 7 kandidate in die veld kon stoot; hiervan het vyf (hyself, Ehrlich, Barlow, C.L. Botha, en Bolt) setels in Bloemfontein betwis; die ander twee het hulle in Ladybrand en Thaba Nchu verkiesbaar gestel. Hierteenoor het die Orangia Unie reeds veertien onbestrede kandidate benoem gehad.[37] Dit was duidelik dat die inwoners van die Kolonie buite Bloemfontein die bestaan van geen ander party erken het nie as net die Orangia Unie. Van die kiesers van Bloemfontein het die Constitutional Party dus verwag dat hulle die bestaan van n faktor in die Vrystaat se nasionale lewe moet erken wat elders nie erkenning geniet het nie.[38]

Die uitslag van die verkiesing van 20 November het die algemene vermoede klinkend bevestig: die Orangia Unie het 30 uit die 38 setels verower, die Constitutionals slegs 4 in Bloemfontein; dan was daar nog 2 Orangia Unie-onafhanklike kandidate en 2 onafhanklike Fraser-manne wat die paal gehaal het. Die Opposisiekon dus hoogstens 8 lede monster teen die 30 van die oorwinnende party, hoewel dit in die praktyk sou neerkom op 32 teen 6. Besonder betekenisvol was dat die Orangia Unie 84% van die stemtotaal verkry het, wat bewys het dat hierdie Boereparty relatief meer stemme van Engelssprekendes getrek het as wat die Constitutionals die steun van Hollandssprekendes ontvang het.[39]

Inderdaad was dit n oorwinning (in die woorde van die "South African News") van "manly Nationalism" oor "flunkeyish Imperialism." Die volgelinge van die Constitutional Party wou alte graag floreer waar volksregering nie bestaan nie; hulle was tevrede met die gunste van amptenare wat uit Downingstraat aangestel is en het die meerderheid van hulle landgenote gewantrou. "(They) basked in the venal smiles of the most tawdry fashion of British society", het die blad kensketsend geskryf. Fischer se volgelinge het die geskiedenis van die Vrystaat veredel met hulle heldedade in die oorlog; hulle was eenvoudige en beskeie manne

"...whose/....

---

36) The Friend, 4, 5, 9, 10, 11, 12.9.1907.
37) Ibid. 7 en 8.11.1907.
38) Ibid. 19.11.1907.
39) The Bloemfontein Post, 21.11.1907; The Friend, 22.11.1907; The Natal Mercury, 23.11.1907; The South African News, 22.11.1907.

"...whose dignity is that of character and not of mode, whose ambitions are those of country and not of place, whose names will in the remotest future make patriotic South Africans..."[40]

Ook die "Bloemfontein Post", kampvegter vir die party van Fraser, het erken dat "the claim to be a national organisation" die Orangia Unie ten volle toekom. Fischer se reuse-oorwinning in Bethlehem het die orgaan bestempel as

"an emphatic testimony to his firm popularity, his tried sagacity and tactful and genial leadership."[41]

Die uitslag van die verkiesing in die Oranjerivier-kolonie het feitlik beteken dat die Sentrale Komitee van die Orangia Unie met wetgewende mag beklee is. Op 27 November is die volgende lede van die Wetgewende Vergadering as Ministers ingesweer:

A. Fischer: Eerste minister en Koloniale sekretaris.

J.M.B. Hertzog: Prokureur-generaal en verantwoordelike Minister vir Onderwys.

Dr. A.E.W. Ramsbottom: Koloniale tesourier.

C.R. de Wet: Minister van Landbou.

C.H. Wessels: Minister van Openbare Werke, Lande en Myne.[42]

Hier het Milnerisme weer n deeglike knou gekry. Slegs vyf jaar na die oorgawe van die Republiek vind ons feitlik die herlewing van die ou Republikeinse Regering waarin Fischer n leidende rol vervul het, Hertzog n regter en Wessels n uitvoerende lid was; Ramsbottom was n hartstogtelike ondersteuner en De Wet die moedigste kampvegter daarvan op die oorlogsveld. In die Wetgewende Vergadering het manne van durf gesit wat agter hulle Regering sou staan. Pres. Steyn het hulle, in n brief aan Merriman, soos volg gesien:

"The war has had its influence on the elections. Anyone who was in the least shaky in those dark days, has been rejected. I am glad of it - not from any ill-feeling but for the fact that it proves that the people as a whole value faithfulness and loyalty which must have good effect. Most of the younger men are all tried men and are certainly very earnest. ...that they mean to do their very best for their country I have not the least doubt."[43]

Ook vir Merriman was hierdie verloop van sake n bewys van

"...how the heart of the people is still sound."[44]

Abraham Fischer was by uitnemendheid geskik vir sy pos. Hy het n omvangryke begrip gehad van administratiewe masjinerie, hy het oor rype ervaring en wye kennis beskik. Sy

gematigdheid/.....

---

40) The South African News, 22.11.1907.
41) The Bloemfontein Post, 22.11.1907.
42) Goewerneurskantoor (Bloemfontein) no.35/9, 25.11.1907, Goold-Adams aan Sekretaris van Kolonies.
43) Merriman Papers no.153, 27.12.1907.
44) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4: Merriman aan Steyn, 25.11.1907.

gematigdheid en breë simpatie met die wyere nasionale aspirasies van die hele bevolking sou hom goed te stade kom in die geslaagde uitoefening van sy ampspligte. Hy sou die samewerking geniet van genl. Hertzog wie se omvattende kennis van die wet en die toepassing daarvan, asook sy regstemperament en -kyk op die lewe, hom al die nodige tegniese kwalifikasies gegee het om sy hoë amp as Prokureur-generaal met sukses te beklee. Sy kulturele agtergrond het hom die bevoegdheid verskaf om as Minister van Onderwys net die beste te beoog vir die Vrystaat en sy inwoners wat hy hartstogtelik liefgehad het. Genl. de Wet was nie begerig om 'n ministerskap op hom te neem nie maar Steyn het hom oorreed om in te willig, aangesien hy juis net dáárdie element met hom meegebring het wat 'n groot deel van die Vrystaters graag in die Kabinet sou wou sien. Daarby het hy, in Steyn se woorde oor "sound common-sense" beskik.[45] Merriman het ook dié eienskap van De Wet in sy antwoord aan Steyn genoem; hy het dit as "a rare quality" bestempel en daaraan toegevoeg: "(De Wet's) reputation is such that he must be a strength".[46] Hy was in ieder geval bekend as 'n progressiewe en wetenskaplike boer, hy was vernuftig, en hardwerkend en het 'n sterk persoonlikheid gehad.[47]

Die Betekenis van die Inwerktreding van Self-regering ook in die Oranjerivierkolonie:

Dat die Oranjerivierkolonie nie politieke verskille en politieke opwellinge geken het van dieselfde skerpte en omvang as in Transvaal of die Kaapkolonie nie, het nie afbreuk gedoen nie aan die unieke posisie wat hierdie Staat onder die Suid-Afrikaanse geweste ingeneem het. Waar dit die sentrale plek in die aardrykskunde van Brits Suid-Afrika ingeneem het, het dit ook in baie opsigte die spil gevorm van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. Vraagstukke wat die samewerking en voorspoed van die hele versameling Kolonies wesenlik geraak het, het vir die praktiese behandeling daarvan oorgestaan net dat die Oranjerivierkolonie ten volle kon toetree tot die posisie van sy erfdeel as 'n selfregerende Staat en 'n grondwetlik benoemde Ministerie kon hê wat bevoeg sou wees om op gelyke voet te onderhandel met konstitusionele Ministeries van naburige State. Interkoloniale aangeleenthede soos spoorwegtariewe, die hernuwing van die Doeane-unie,

politieke/.....

---

45) Merriman Papers no.153, 27.12.1907.
46) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 31.12.1907.
47) The Bloemfontein Post, 26.11.1907.

politieke federasie - alles het die grondige oorweging vereis van die staatsmanne van die onderskeie Kolonies wat op die vroegs moontlike datum in konferensie moes vergader, en met die oorname van die bewind in die Oranjerivierkolonie deur 'n volksverkose Regering is die weg hiertoe geopen.

Die betekenis van hierdie gebeurtenis het verder gestrek: al vier die Suid-Afrikaanse Kolonies was nou bevry van 'n jarelange tergende verbondenheid aan Britse politiek, - m.a.w. dit het Suid-Afrika nou minder geskeel wie in Engeland regeer: die Liberale of die Tories. Selfregering het voorts sekerheid en bestendigheid verskaf. Solank die stem van die volk nie gehoor is nie, kon die nominale owerhede steeds aanvoer dat hulle beleid populêr is - soos die Transvalers moes verneem in verband met die Sjinese; enige reëling moes onder sodanige omstandighede gerus het op die veranderende fondamente van inbeelding. Nou het die volk gespreek en die hele wêreld het geweet dat die beleid wat neergelê is die goedkeuring van die bevolking geniet. Al vier die Kolonies was nou verseker van goeie administrasie want die betrokke Regerings was aan die parlemente verantwoording verskuldig vir elke beslissing wat hulle neem.

Van die gewigtigste betekenis was die volgende: wat deur die jare heen in Suid-Afrika gehuldig is as 'n paradoks, het nou 'n onmiskenbare waarheid geword, en dit was dat selfregering aan elke gebied die érste voorwaarde was vir staatkundige eenwording; selfs diegene wat dit steeds betwis het, het nou geglo dat dit 'n vanselfsprekendheid was. Botha, Smuts, Steyn, Fischer - almal het hierdie sienswyse gehuldig en dit beskou as die enigste basis vir samewerking. Net meer as 'n maand nadat hy Premier van die Vrystaat geword het, spreek Fischer in 'n brief van dank aan Merriman die hoop uit dat lg. en sy kollegas ook spoedig die teuels van bewind in die Kaap sal oorneem -

> "prepared, as you will find us, to work together for the good of South Africa"

Hyself sou op 10 Januarie 1908 na die Transvaal gaan

> "...to see our friends whom I have not had a chance of meeting yet since taking office."48)

Aan beide die voormalige Republieke is nou selfbestuur verleen en het Boereregerings die bewind oorgeneem. Die betekenis hiervan was dat die koloniale beleid van die regerende Liberale Party in Engeland nou aan 'n besondere toets onderwerp is en dat hulle aan die wêreld sou moes toon wat wedersydse goeie trou en die toepassing van suiwer morele

beginsels/.....

---

48) Merriman Papers, no.1, 2.1.1908.

beginsels in die staatkunde vermag. Die band van begrip wat tussen die Boere en die pro-Boer Liberale tydens die oorlog gelê is, is deur Campbell-Bannerman versterk toe hy, onder die indruk van en in vertroue op die politiek van kooperasie en konsiliasie wat Botha en Smuts tussen Hollands- en Engelssprekendes in Suid-Afrika verkondig het, sy kabinet oorreed het om so vroeg doenlik aan Transvaal en die Vrystaat selfregering toe te ken. Aan Brittanje het dit die geleentheid gegee om hom te ontdaan van Suid-Afrikaanse huishoudelike probleme en hom te wy aan die ernstiger wordende internasionale situasie, terwyl dit aan die anderkant baie Boere wat minder konsiliërend was as Botha, Smuts, Burger en Esselen, - soos Steyn, Beyers, Hertzog en Fischer - gewen het vir die unifikasie-gedagte.[49]

Uit hierdie interessante verloop van omstandighede is die volgende betekenisvolle vrae gebore waarop die gebeurtenisse ná 1910 n antwoord sou verstrek:

(i) Was die toekenning van grondwette vir selfregering aan die vroeëre Republieke (- ons moet onthou dit was maar die nakoming van n verdrag neergelê in Art. 7 van die Vereenigingse Traktaat -) voldoende om die bitterheid te versag wat veroorsaak is deur die onreg wat die Boer n eeu lank moes verduur van die Brit en gekulmineer het in die gewelddadige vernietiging van e.g. se Republikeinse onafhanklikheid - m.a.w. kon daar hoop bestaan vir die sukses van Anglo-Afrikaner-samewerking gegrond op Campbell-Bannerman se geloof dat goeie vertroue goeie vertroue wek en op Botha en Smuts se verklaarde beleid waarin hulle hulle verbind het om hulle te beywer vir rassekonsiliasie in die selfregerende State binne die ryksverband? - Of was dit reeds te laat vir so n skikking?

(ii) Hoe sou Suid-Afrikaanse politieke leiers wat nie dieselfde sienswyse toegedaan was as Botha en Smuts nie die mag van selfregering gebruik vir geval die mag van regering in hulle hande geplaas word?

(iii) Sou die reg om hulle self te regeer die Suid-Afrikaanse gebiede hegter bind aan Imperiale Brittanje en die kroon of sou dit dien as n stimulus vir Suid-Afrikaanse nasionalisme en die bevordering van Republikeinse onafhanklikheidsidees?

Vir ons doel is dit genoeg om te konstateer dat die niejingoïstiese leiers in Suid-Afrika die instelling van verantwoordelike bestuur in die Vrystaat en die verowering van die bewind daarop deur die Orangia Unie verwelkom het as n stap vooruit in die regte rigting wat Transvaal reeds met sy verkiesingsuitslag nege maande tevore aangedui het. Nou moet nog net die Kaapkolonie ‚skoongemaak' word van daardie magte wat op die hoë na-oorlogse golf van Britse jingoïsme in die

regeringskussings/.....

49) Pyrah, a.w. pp.223 - 227.

regeringskussings gelig is, t.w. dr. Jameson en sy luitenante, onder wie dr. T. Smartt, V. Sampson, E.H. Walton en kol. Crewe

---

Die Politieke Situasie in die Kaapkolonie teen die Einde van 1907:

Die Hoër- en Laerhuisverkiesings wat aan die einde van 1903 en vroeg in 1904 in die Kaapkolonie gevoer is, het plaasgevind op n tydstip toe die gees van Britse imperialisme en jingoïsme besonder hoog geloop het en toe duisende Kaapse rebelle van hulle stemreg ontneem is. Ten spyte hiervan het die Progressiewe Party slegs n naelskraapmeerderheid van een in die Hoër- en 5 in die Laerhuis behaal. Maar, soos vermeld in Hoofstuk 3, was dit nie alleen hierdie skrale oorwinning wat die Progressiewe Partyleiding verplig het om sy ekstremisme te temper nie; ook omstandighede van ekonomiese en finansiële aard het teen die Regering gedraai, en met die ongewilde en taktlose pogings wat aangewend is om die vlugkapitaal te keer en die staatskas te styf was die bevolking, veral die stedelike, nie gediend nie. Daar was weliswaar tekens van toenadering tussen Boer en Brit maar daar was onmiskenbare aanduidings dat Progressievisme as politieke ideologie uitgeleef was.

Die Jameson-regering het die naderende parlementsitting in die tweede helfte van 1907 met die grootste onsekerheid tegemoetgegaan: sy meerderheid was gevaarlik klein en die landsprobleme, veral van ekonomies-finansiële aard, skrikwekkend groot. Baie Kapenaars, eens beproefde Progressiewe, sou maar te bly wees as die Regering gelig en vervang word deur n Suid-Afrikaanse Party- (Bonds-) kabinet.[50] E.H. Walton, die Tesourier, het in Augustus met n Begroting vorendag gekom wat die onverbeterlikste optimis ontmoedig het. Uit sy begrotingsrede het dit duidelik geblyk dat die Jamesonregering noustrop trek en dat die Kolonie hom in n haglike finansiële posisie bevind. In sy poging om die posisie te red het hy voorstelle oor belastingverhoging gedoen wat veral onder die stedelike bevolking uiters ongewild was. Die Regering was verplig om sekere finansiële hoofbeginsels van die Opposisie, onder leiding van Merriman, te aanvaar. Die belastingvoorstelle is slegs met n meerderheid van 2 in die Vergadering goedgekeur want selfs J.W. Jagger, n uitgesproke Progressiewe lid, het teen die Regering gestem. In n mosie oor die spoorweë het drie Regeringsonderstéuners, Jagger, Garlick/.....

---

50) The Natal Witness, 22.6.1907.

Garlick en Ginsberg, in 'n stemming hulle gewig by die Opposisie gegooi. Ook oor die geskilpunt van Vryhandel vs. Proteksie was die Progressiewe verdeeld.[51]

Dit was in die Kaapse Hoërhuis waar Jameson sy genadeslag sou ontvang en die geskiedenis van Suid-Afrika daarmee ingrypend beïnvloed is. Hier het die Regering nog steeds sy meerderheid van slegs een gehad en om sy posisie hagliker te maak het een van sy ondersteuners, J.D. Logan, wat in onenigheid gewikkal was met sy Premier, in September 1907 in Skotland gaan besoek aflê juis toe Walton se ongewilde finansiële maatreël (die "Appropriation Bill") behandel moes word. Die president van die Raad, sir Henry de Villiers, het volgens die parlementêre gebruik die Regering van 'n neerlaag gered deur sy beslissende stem in dié se guns uit te bring. Die probleem het egter in die komiteestadium opgeduik waar die voorsitter 'n Progressiewe ondersteuner was en die Opposisie aldus oor 'n meerderheid van een beskik het. Die gevolg was dat 'n dooiepunt ontstaan het toe die Opposisie-raadslede geweier het om die Regering se geldelike voorstelle goed te keur.[52]

J.X. Merriman het onmiddellik hierop besluit om in die Wetgewende Vergadering voor te stel dat Goewerneur sir Walter Hely-Hutchinson die parlement moet ontbind ten einde die kiesers die geleentheid te gee om hulle uitspraak te lewer. Hierdie vernedering het Jameson afgeweer want voor sy meedoënlose opponent sy mosie kon stel, het die Premier self die stryd gewonne gegee deur die Goewerneur te versoek om die parlement te ontbind.[53]

Die Manifes van die S.A.P. - Nasionale Gees opvallend:

Merriman het nie getwyfel oor die sukses wat die Suid-Afrikaanse Party in die komende verkiesing sou behaal nie, as hulle net selfvertroue sou toon. Oor sy eie toekoms was hy minder optimisties: "...personally I may play the part of Moses rather than Joshua", het hy al in Junie 1907 aan pres. Steyn geskryf.[54] Vir die eleksiestryd was hy gereed. Van die Bondorganisasie onder leiding van J.H. Hofmeyr (Onze Jan) en wat sedert die einde van 1902 deur die parlementêre Suid-Afrikaanse Party verteenwoordig is maar as organisasie bly voortbestaan het, het Merriman die intiemste steun ontvang. Sy verkiesingsmanifes het hy teen die einde van September 1907

gereed/.....

---

51) The South African News, 13, 16, 17, 20 en 21.8.1907; Walker: Lord de Villiers and His Times, p.423; Ons Land, 17.8.1907.
52) Ons Land, 19.9.1907; Preller; Die Konvensie-Dagboek van F.S. Malan, 1908-1909, pp.10 - 11.
53) The South African News, 18.9.1907.
54) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 14.6.1907.

gereed gehad en gepubliseer en die nouere staatkundige vereniging van Suid-Afrika was een van die belangrikste beginsels wat daarin opgeneem is.

In dieselfde tyd het ook Jameson met sy party se manifes vorendag gekom, en in vergelyking met dié wat Merriman uitgegee het, was dit opvallend dat daar geen verskil was tussen die doel en strewe van die twee partye nie.[55] Maar dit was die gees, eerder as die vorm van Merriman se voorstelle aan die kiesers, wat sy verklaring wesenlik so verskillend en merkwaardig gemaak het teenoor die manifes van sy teenstander. Dit het 'n nasionale gees geadem; die belange van gans Suid-Afrika is uit 'n nasionale oogpunt benader want hy het hom afgevra hoe die politiek van Suid-Afrika ingerig behoort te word ten einde die permanente bevolking te bevoordeel en laat gedy.

Aangaande die nouere politieke vereniging van die State van Brits Suid-Afrika, het die manifes gelui, moes die Kaapkolonie hom voorberei om die naburige Kolonies op die aanstaande tol-, spoorweg- en federasie-konferensie te ontmoet. Indien die Kolonie dan deur 'n regering verteenwoordig word wat die simpatie geniet van dié in die buurstate sal die samewerking ongetwyfeld veel hartliker wees.[56]

> "Your manifesto...", het Smuts aan Merriman geskryf, "...has given me the greatest pleasure, because it breathes the wise spirit of a common national sentiment as distinguished from commercial makeshift which simply lead to fresh trouble."[57]

Jameson se Poging om die S.A.P. uit die Kussings te hou:

Dr. Jameson het deeglik besef dat sy Party nouliks die paal sal haal in die komende verkiesing. Terselfdertyd was hy vervul met 'n gevoel van kleinlike bitterheid en afguns teen manne soos Merriman en Sauer en was dit hom te doen om hulle uit die regeringskussings te hou. Hy het gevolglik planne beraam "to smash the Bond."[58]

Jameson het eerstens, met die publikasie van sy manifes op 26 September 1907, aangekondig dat die Progressiewe Party nou herdoop is tot die South African Unionist Party. In die tweede plek het hy W.P. Schreiner, wat Kaapse premier was van 1898-1900, genader om 'n Moderate-Unioniste-koalisie te vorm ten einde die steun van sg. gematigde Afrikaners (en Engelssprekendes) te bekom om in sy bovermelde doel teen die Bond te slaag; hyself, het hy geweet, sou nie hierdie steun op hom trek nie want na die "Raid" van 1895-1896 het die

Hollandssprekende/.....

55) The South African News, 28.9.1907; The Star, 28.9.1907.
56) Ons Land, 1.10.1907; The South African News, 28.9.1907; Laurence, a.w. p.244.
57) Merriman Papers, no.103, 28.9.1907.
58) Walker: Lord de Villiers, p.424.

Hollandssprekende bevolking in Suid-Afrika sy anatema teen hom (Jameson) uitgespreek. Dit was klaarblyklik dat hy uit die politiek wil tree as hy daarin geslaag het om Merriman en Sauer uit die regering te hou. "My aim is to put Schreiner in..." het hy op 12 Desember 1907 teenoor sy broer beken. "...(I) won't take any office myself, so most probably shall be home in May."[59]

Vrees van die Engelssprekende Bevolkingsdeel: Hulle Hoop op Schreiner gevestig:

Die meerderheid Engelssprekendes in Suid-Afrika het in die komende Kaapse verkiesing groot onheil vir hulleself gesien. Dat die Bond Jameson gedwing het om vroeër 'n beroep op die kiesers te doen as wat normaalweg moes geskied, het Engelssprekende Suid-Afrika beskou as 'n politieke dors van die Kaapse Afrikaners om die bewind tot elke prys te verower opdat hulle saam met die Boere van Het Volk wat al in Februarie 1907 in Transvaal die regering oorgeneem het en die Orangia Unie-Boere wat in November hulle voorbeeld in die Vrystaat sou volg, oor die vereniging van Suid-Afrika kon beraadslaag. Boereleiers se versekeringe omtrent Anglo-Afrikaner-samewerking het die Engelssprekendes nie geglo nie. Nee:

> "Next March (wanneer die Kaapse verkiesing afgehandel sou wees - skr.) was to see the final consumation of the triumph or the disaster .... which was begun in the Transvaal a twelve months earlier and is perfectly certain to be continued in the Orange River Colony. We were to have Bond rule, in one form or another, from the Cape Peninsula to the Limpopo; and the obvious sequal was to be a South African federation designed to perpetuate Bond rule for ever,"

het die Johannesburgse "Star" beangst geskryf.[60] Die "Natal Mercury" het dieselfde gevrees en het die opkoms van die Afrikaners vereenselwig met rassewrywing terwyl die magsbewind van Engelssprekendes sinoniem sou wees met rassevrede!

> "The Cape elections were to determine whether the hegemony of South Africa is to pass absolutely into the hands of Genl. Botha and his co-workers for Dutch ascendency from Cape to Limpopo, or whether there is to be a fresh start in South Africa upon the lines of racial harmony and fusion,

het die blad betoog en gekla:

> "'Loyal little Natal' will be like wax in the hands of the dominant Dutch."[61]

Vroeër het die blad melding gemaak van die inskiklikheid van Moor, die Natalse Premier, teenoor genl. Botha en hoe maklik

lg./.....

---

59) Aangehaal by: Colvin: Life of Jameson, pp.266-269, Vgl. ook: Walker: Lord de Villiers.. p.424; Ons Land 1 en 31.10.1907 en 9.11.1907; The Natal Mercury, 8.11.1907.
60) The Star, 30.10.1907.
61) The Natal Mercury, 2.11.1907.

lg. sy invloed, deur die verteenwoordigers van die Hollandssprekende kiesafdelings van Vryheid en Utrecht en in ander kiesafdelings waar die "Dutch vote" 'n betekenisvolle faktor is, in die Natalse parlement kan laat geld. Slaag die Bondsleier dus daarin om dr. Jameson die premierskap in die Kaap te ontneem, sal Botha en die verteenwoordigers van die ander Kolonies wat hulle geseglik aan sy leiding sal onderwerp, die patroon bepaal van die aanstaande interkoloniale konferensies. Botha se toesprake is skitterende voorbeelde van "non-racialism" en harmonieuse vooruitgang dwarsdeur Suid-Afrika,

> "but we doubt if Dutch predominance from Cape to Limpopo is exactly in accordance with a true conception of the unity which South Africa in its best interests demands,"

het die Durbanse blad besluit.[62]

Dit was om hierdie redes dat die meerderheid Engelssprekendes in Suid-Afrika die Kaapse eleksie as "most fateful" gesien het en daarom heimlik hulle hoop gevestig het op die sukses van die koalisie tussen die "Moderates" en die ou Progressiewe in die Kaapkolonie onder die naam, Unionist Party, met W.P. Schreiner as die moontlike nuwe premier.[63]

Jameson was hoopvol, maar sy plan het nie gedeug nie. Vir alle kenners van die politiek was dit alte duidelik dat die herdoping van sy Party 'n kwessie was van 'n "new name to cloak a squalid past."[64]
Smuts het hom hierby aangesluit:

> "The adoption of an alias by the Progressive Party, or rather by Dr. Jameson, seems a fitting conclusion to their criminal record in a political sense."[65]

Die poging om Schreiner in te span teen die Suid-Afrikaanse Party, het aanvanklik onrus veroorsaak onder Merriman en sy volgelinge en hulle met pessimisme vervul oor die moontlike gevolge. Die Opposisieleier het Schreiner bestempel as 'n "pragmatical wrongheaded politician" wat in die najaging van sy eie kleinsielige nyd Suid-Afrika sal ruïneer. Sou dit nie wees vir hierdie rol van Schreiner nie, sou hy seker wees van 'n meerderheid.[66] In sy antwoord het pres. Steyn die hoop uitgespreek dat die volk die ou Hollandse spreuk sal onthou: „Een ezel stoot sich niet tweemaal aan dezelfde steen." Eens het hulle Schreiner vertrou en hom Premier van die Kaapkolonie gemaak dog hy het hulle in die steek gelaat deur die

Kaapse/.....

---

62) Ibid. 18.9.1907.
63) The Star, 30.10.1907; The Natal Mercury, 11.10.1907.
64) The South African News, 27.9.1907.
65) Merriman Papers, no.103, Smuts aan Merriman, 28.9.1907.
66) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 22.9.1907.

Kaapse rebelle te straf. Vroeër was hy een van die hoofgetuies teen die medepligtiges in die Jameson "Raid" maar nou het hy uit persoonlike motiewe en wrok getrag om die Suid-Afrikaanse Party te skeur vanweë 'n gevoel teen Merriman en Sauer. Sy ambisie het dus sy selfrespek ondermyn.[67]

Die Verkiesing in die Kaapkolonie, Jan.-Maart 1908:

Die eleksieveldtog was in volle swang en in die tweede helfte van November 1907 het Jameson nog hoopvol aan sy broer, Sam, laat weet: "My Schreiner scheme going on well. The Bond shrieking with rage."[68] Maar Merriman was nader aan die waarheid toe hy op 25 November aan Steyn skryf dat hy en sy ondersteuners, ten spyte van die Milnerisme "...with its damnable top dog doctrine" vol vertroue is want "...as far as we can see the flowing tide is with us." Hulle sou hulle uiterste bes doen om die Kaapkolonie gelyk te bring met die res van Suid-Afrika.[69] Op die vooraand van die Hoërhuisverkiesings moes Jameson, met sy besondere sin vir humor, beken: "...my Schreiner plan looks very shaky..." Geleidelik het sake teen hom begin draai en op die ou end het hy Schreiner beskuldig vir ontrou maar hy het hom daarmee versoen dat hy (Schreiner) minstens in die parlement sal wees.[70]

Vrystaat en Transvaal intens geïnteresseerd in Kaapse Verkiesing:

In die politieke kringe in Transvaal en die Vrystaat het die grootste belangstelling geheers in die verloop van die Kaapse verkiesing. Steyn het aan Merriman laat weet dat hulle almal ernstig hoop dat die Suid-Afrikaanse Party mag oorwin aangesien dit hulle oortuiging was dat dit nie veel sou baat as Transvaal en die Vrystaat Afrikaner-ministeries het maar 'n Progressiewe Regering in die Kaapkolonie die seggenskap verkry nie.[71] Vir die vérsiende genl. Smuts was dit 'n saak van hartstog, van nasionale noodsaak en politieke eer dat die party van Hofmeyr en Merriman oor Jameson en sy kollegas móét triomfeer. Van dié oorwinning sou baie, oneindig baie, vir Suid-Afrika afhang. In Transvaal het die regte party die bewind verower, Natal het 'n welmenende regering gehad en in die Vrystaat het sake reg verloop. Sou die Suid-Afrikaanse Party nou ook in die Kaapkolonie wen, het hy in gloeiende taal aan Merriman geskryf, sal 'n unieke geleentheid hom voordoen om die situasie in Suid-Afrika reg te stel, 'n geleentheid wat nie in 'n hele leeftyd weer sal voorkom nie.

Dit/.....

---

67) Merriman Papers, no.105, 4.10.1907.
68) Aangehaal by: Colvin, a.w. p.268.
69) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, 25.11.1907.
70) Colvin, a.w. p.269.
71) Merriman Papers, no.105, 4.10.1907.

Dit sou die kans wees om al die kwade gevolge van die oorlog uit te wis, om Suid-Afrika saam te smee tot 'n hegte Suid-Afrikaanse nasie en hulleself te bevry van daardie interne onenigheid wat voortdurend en onvermydelik Downingstraat se inmenging meegebring het.[72)]

Die Verkiesingsuitslae - Milnerisme word verwerp - Betekenis: Teen die einde van Januarie 1908 was die uitslae van 21 van die 26 streke vir die Hoërhuis-verteenwoordiging bekend. Nou eers het dit geblyk - noudat rassegevoelens kalmer was en die Kaapse rebelle ook hulle stem kon uitbring - dat die eleksie van 1904 nie Suid-Afrika se uitspraak oor Jameson en sy geesgenote gewysig het nie, want op hierdie vroeë stadium al is sy Party met nuwe naam en Schreiner se steun en al met beslistheid deur die kiesers verwerp: teenoor die 15 Suid-Afrikaanse Party-kandidate was nog net 6 Unioniste en 1 Onafhanklike verkies. Sonder om te wag vir die finale uitslae, of die Laerhuisverkiesing, het Jameson dit raadsaam geag om sy bedanking as Premier by die Goewerneur in te dien.[73)] Hely-Hutchinson het sy bedanking aanvaar en 'n sonderlinge posisie het gevolg toe die Goewerneur vir J.X. Merriman uitnooi, en dié dit ook aanvaar, om 'n nuwe regering saam te stel, want nòg hy nòg diegene wat hy genader het om in sy kabinet te dien, was lede van 'n parlement. (Die Kaapse parlement, het ons gesien, is in September 1907 ontbind).

Op 2 Februarie 1908 het Merriman die volgende persone aan die Goewerneur voorgestel en is hulle ingesweer as lede van die nuwe Ministerie:

J.X. Merriman: Eerste minister, Tesourier en Ministeriële Hoof van die Departement Naturellesake.

J.W. Sauer: Kommissaris van Publieke Werke en Spoorweë.

F.S. Malan: Kommissaris van Landbou en Minister van Onderwys.

N.F. de Waal: Koloniale sekretaris.

D.P. de Villiers Graaff en H. Currey: Ministers sonder Portefeulje.[74)]

Die uitslae vir die verafgeleë streke soos Griekwaland-Oos, Cathcart, Kingwilliamstown, Temboeland en Wodehouse het teen die einde van Februarie 1908 bekend geword en die finale stand van die twee partye in die nuwe Raad was:
Suid-Afrikaanse Party: 18; Unioniste Party: 8.[75)]

In/.....

72) Ibid. no.103, 28.9.1907.
73) Colvin, a.w. p.270; The South African News, 1.2.1908.
74) The South African News, 3.2.1908.
75) Ibid. 28.2.1908.

In Maart is die uitgerekte Kaapse verkiesing voortgesit - nou vir die Wetgewende Vergadering of Laerhuis. Merriman het sy volle gewig in die stryd gewerp. Te Robertson het hy 'n toespraak gehou wat, volgens Smuts, veral uitgemunt het omdat dit

(i) 'n breër kyk op Imperiale betrekkinge bepleit;

(ii) 'n gees van vriendskap en broederskap tussen die rasse en State van Suid-Afrika vra;

(iii) 'n gees van selfstandigheid in ekonomiese sake voorstaan en

(iv) die verwesenliking van nouere eenheid in Suid-Afrika om die kroon te span.

"...surely this is as wise and broad a foundation as could be laid by South African statesman",

het Smuts aangevoer en voorts vermeld watter vreugde dit is om te bevind dat rassegevoel dwarsdeur Suid-Afrika aan 't taan is, dat daar meer verdraagsaamheid en samewerking is en dat die ou, eng kyk op sake besig is te verruim.[76)]

Teen hierdie program wat uitgemunt het om sy breë nasionalisme, was die aanslae van die meer materialisties- en Britsgeoriënteerde Unionisteparty nie opgewasse nie. Selfs pogings om die Kaapse kiesers diets te maak dat die Suid-Afrikaanse Party die nie-blanke-stemreg sal verruil vir die federasie van die Kaapkolonie met die res van Suid-Afrika, het nie gedeug nie.[77)] In die derde en grootste Britse Kolonie suid van die Sambesierivier is die jingoïstiese imperialisme wat in 1895 met die Jameson-strooptog ontketen en sedertdien deur Milner en die Progressiewe (Unioniste-) Party beliggaam is, beslissend verwerp. Van die 107 kandidate vir die Wetgewende Vergadering is 69 vir die Suid-Afrikaanse Party en slegs 38 vir die Unioniste verkies.

S.A.P.-meerderheid: 31 - die grootste meerderheid vir 'n party sedert selfregering in 1872 ingestel is.[78)]

Net soos dit in Transvaal en die Vrystaat die geval was, het die verlorende Party ook in die Kaapkolonie skoonskip gemaak van die setels in die digbewoonde sentra. In die skiereiland het die Unioniste al sewe setels ingepalm asmede dié in die kusdorpe en plekke soos Grahamstad. Hieroor het Merriman, die nuwe Premier, nie gelukkig gevoel nie:

"...I deeply regret that the Peninsula and the coast towns have not thrown in their lot with the rest of South Africa,"

skryf hy aan Smuts na die volledige uitslae bekend geword het.[79)]

Die/.....

---

76) Merriman Papers, no.24, 18.2.1908.
77) The South African News, 13 en 25.3.1908.
78) Laurence, a.w. p.245.
79) Merriman Papers, no.46, 3.4.1908.

Die "South African News", mondstuk van sy party, was eweneens ongelukkig hieroor en het dit bestempel as "an unhappy state of affairs" en "a dangerous division" aangesien dit beteken het dat in die parlement die platteland feitlik uitsluitend deur die Suid-Afrikaanse en stede en dorpe deur die Unioniste-party verteenwoordig sou wees.[80)]

Eers met die samesprekinge oor die afbakening van setels vir en die verteenwoordiging van kiesers in die parlement van die toekomstige verenigde Suid-Afrika sou dit blyk hoe gegrond hierdie uitsprake van teleurstelling was.

Vir Smuts was hierdie toedrag van sake van minder belang; die "brilliant victory" van die susterparty van Het Volk en die Orangia Unie het by hom swaarder geweeg. En ongetwyfeld het hy die gevoelens van die Regering sowel as die permanente bevolking van Transvaal vertolk toe hy in hoopvolle toon aan "My dear Mr. Merriman" skryf:

"I need not tell you how pleased I and we all feel."[81)]

Want soos Smuts op die namiddag van 30 Mei 1902 by Vereeniging teenoor sy strydmakkers beken het dat die Vryheidsoorlog nie alleen vir die Boere nie, maar vir die ganse volk van Suid-Afrika gestry is en dat dit die wil Gods was dat die volk van Suid-Afrika deur neerlaag en vernedering, en selfs deur die dal van die doodskaduwee, gelei moet word tot "eem beteren toekomst en een helderen dag",[82)] net so het hy onwrikbaar geglo dat hierdie luisterryke grootheid bereik kan word alleen nadat die Milnerisme, die Britse imperialisme en jingoïsme soos beliggaam in die kroonkoloniebesture in Transvaal en die Vrystaat en in die "Progressive", 'Unionist" en "Constitutional Partye, grondwetlik uit die weg geruim is. Eers dan kon nasionale Suid-Afrikaanse leiers wat deur edeler en patriotieser motiewe besiel is hulle kragte wy aan die konstruksie van die omvangryke verenigde State van Suid-Afrika en sou hulle die sekerheid hê dat dit durend sou wees. Hiertoe het die sege van Het Volk op 20 Februarie 1907 die weg gebaan; dit is glansryk opgevolg deur die Orangia Unie op 20 November dieselfde jaar en nou het die Suid-Afrikaanse Party hom ondubbelsinniglik geskaar aan die kant van Suid-Afrikaanse nasionalisme teen die magte wat die oorlog agt jaar tevore ontketen het. In ieder geval het die nuwe Regerings 'n mandaat van hulle kiesers ontvang om die vraagstuk van unifikasie te ondersoek.

Natal/.....

---

80) The South African News, 8.4.1908.
81) Merriman Papers, no.48, 5.4.1908.
82) De Wet: De Strijd tusschen Boer en Brit, p.400.

Natal nog uit Pas - Moor-regering nogtans goedgesind:

Alleen Natal het in sy afgesonderdheid oos van die Drakensberg nog 'n groot tree agter gestaan. Die inwoners van die „Tuinkolonie" was nie op die hoogte van hulle Regering se planne omtrent spoorweë, doeane, federasie, die naturelle-vraagstuk, ens., nie. Ook die Natalse publiek het geen deurdringende begrip getoon in politieke sake nie omdat die Regering aan hulle geen vergesigte voorgehou het nie. Binne die volgende maande sou die histories belangrike Spoorweg- en Doeanekonferensie volg, maar dit was asof Natal die byeenkoms toe-oë tegemoet gegaan het. 'n Opvallend Suid-Afrikaanse patriotisme het hierdie owerheid ook nie juis besiel nie; gevolglik het die inwoners met hulle sterk Britse element die eenheidsideaal van veral die Botha-regering vereenselwig met 'n gesamentlike strewe van die Afrikaanssprekendes soos verteenwoordig deur Het Volk, die Orangia Unie en die Afrikanerbond om unifikasie op Suid-Afrika af te dwing en die Engelssprekendes aldus in die ongelyk te plaas.[83]

Die Moor-regering was nietemin nie totaal in diskrediet by die nuwe ministeries van die buurkolonies nie. Die Natalse Premier se moedige teenstand teen die eensydige pogings van handelaars en magnate in die tweede helfte van 1906 om Transvaal en Natal te amalgameer, het hulle nog vars in die geheue gebly. Smuts, trouens, het kans gesien om saam te werk met Moor en sy ministers want hulle was s.i. "a well-disposed government."[84] Dit was origens algemeen bekend dat genl. Botha en die Natalse Premier op goeie voet verkeer het.

Tot op hierdie stadium het die Botha-regering die toets insake sy erns oor die vraagstuk van unifikasie deeglik deurstaan. In die een geval - die verskyning van die Selborne-memorandum - het die Regering sy krag en individualisme getoon toe hy nie verval het in 'n klakkelose navolging van die enigsins eensydige lof van sommige bewindhebbers en persorgane wat oorgretiglik die dokument wou opdirk tot wat dit nie eintlik was nie, - en dít sonder om 'n duim prys te gee van sy positiewe gesindheid ten opsigte van nouere staatkundige eenheid. In die tweede geval: na die inwerkingtreding van selfbestuur in die Vrystaat met die daaropvolgende uitskakeling van die reste van die Milnerisme en die politieke magnate in hierdie Kolonie en in Kaapland, was die Botha-regering onmiddellik gereed om die volgende voorwaartse stap te neem in

die/.....

---

83) Vgl. The Natal Mercury, 9.3.1908.
84) Merriman Papers, no.103, 28.9.1907.

die rigting van ekonomiese en staatkundige vereniging in Suid-Afrika. Die geleentheid wat die Regering te baat geneem het, het hom vroeg in Mei 1908 te Pretoria voorgedoen waar die Spoorweg- en Doeanekonferensie byeen sou kom.

==========

By die Kruispad - Voorspel tot die Spoorweg- en Doeanekonferensie te Pretoria:

"The Conference on Railway and Customs policy to be held next year will mark the crossroad; if by any possibility we could make that the startingpoint for a United South Africa, no consummation could be better."[85]

Hierdie woorde, waarin die tikkie skeptisisme oorheers word deur hoop, was alleen sprekend van Smuts en hy skryf só aan Merriman pas nadat Jameson gedwing is om die Goewerneur te vra om die Kaapse parlement te ontbind. Kenner wat hy was van die politiek, het hy onmiskenbare tekens bespeur van nuwe en gesonde nasionale strominge, sodat hy met groot sekerheid kon voorspel dat die Suid-Afrikaanse Party en die Orangia Unie die komende verkiesings sal wen. Daarna kon hierdie twee partye in samewerking met Het Volk en die goedgesinde Moorregering van Natal die unieke geleentheid wat hom in hulle leeftyd miskien nie weer sal voordoen nie, aangryp om Suid-Afrika te verenig.* Hy en sy geesgenote, wat Suid-Afrika as geheel liefhet, wat vir hulle land 'n ideaal stel en wat begeer om die idee van 'n verenigde Suid-Afrika as plaasvervanger te bied vir die verlore onafhanklikheid, is bereid om veel op te offer - nie ter wille van bv. Natal of die Kaapkolonie nie, maar ter wille van Suid-Afrika. In 'n breër kyk op sake en in 'n omvangryker staatmanskap het hulle die geneesmiddel gesien vir al hulle kwale; alleen só kan hulle die vervelige bekrompenheid en gekibbel oor die verlede ontkom. Die eintlike worsteling sou op die Spoorweg- en Doeanekonferensie uitgespook word en die vraagstuk van nouere aansluiting sou in 'n groot mate hier beslis word. Daarom het hy gehoop dat die onderskeie Kolonies hulle heel beste manne na dié Konferensie sal stuur.[86]

Ook/.....

---

85) Ibid.
86) Smuts: Greater South Africa, p.5 - Smuts aan sir H. de Villiers, 22.7.1907.

* Teenoor Merriman het Smuts die mening uitgespreek dat die prosedure wat Selborne, die Progressiewe en die Kindergarten wou volg m.b.t. federasie s.i. alleen bestem is "to damn the cause".
(Merriman Papers, no.74, 15.7.1907).

Ook Botha het geglo dat die toekoms veel goeds inhou en dat daar alle hoop bestaan het om "this sorely tried country" weer op die weg na voorspoed en vrede te plaas.[87]

Die Suid-Afrikaanse Party was nouliks aan bewind in die Kaap toe Smuts aan Merriman skryf dat dit nóú tyd is om die kwessie van nouere unie aan te pak.[88] Merriman was die regte persoon om die saak op breë Suid-Afrikaanse grondslag mee te bespreek. Toe Botha uit Engeland terugkeer en deur die Vrystaat sou reis na Pretoria, ontvang Steyn briewe van Merriman waarin hy die president versoek dat lg. Botha moet adviseer om nie te veel met die magnate en Selborne te heul oor die kwessie van federasie nie en hy waarsku teen die neiging in sommige kringe wat in hierdie saak alleen wil munt slaan op handelsgebied en die nuusblaaie in Groot Brittanje wil behaag. Dit is klaarblyklik die ambisie van Selborne om staatkundige vereniging onder die invloed van sy magnate-vriende gevestig te kry.[89] Verder wys hy op die eerlike maar impulsiewe F.S. Malan wat ook pas teruggekeer het uit Engeland en maklik die kapitaliste ten prooi kon val.* Binnekort sou hy juis in die noorde gaan besoek aflê en in Johannesburg "he will be the moth fluttering round the candle". As hy dus in Bloemfontein kom, versoek Merriman, moet Steyn ook met Malan gesels:

> "To you he will listen more than to any man; he is too good a fellow and too great a South African asset to be swallowed by the capitalist boa-constrictor who is now engaged in besliming him previous to deglutition."

Vir hulle wat die oorlog meegebring het, is dit slegs te doen om die aandag af te lei van hulle wanbestuur na die breër en vaer vraagstuk van federasie. Om hierdie groot saak toe te vertrou aan 'n reeks genomineerde konferensies onder beskerming van Selborne is om dit te verongeluk. 'n Sterk en durende Unie kan alleen voortspruit uit die volk en gefundeer wees op 'n breë Suid-Afrikaanse gees, nie op die imperiale ambisie van hulle wat nie 'n jota omgee vir Suid-Afrika nie. Steyn moet party van hierdie "fiery devotes of federation" 'n bietjie beteuel en hulle wys op die kwessie van die gesteldheid van die bevolking, want watter verwagting is daar vir enige gebou as die fondament nie stewig is nie? Dit is sy begeerte dat Steyn die president moet wees van enige konferensie wat sal vergader; derhalwe moet hy sy oë en sy gesondheid oppas want

"...we/.....

87) Merriman Papers, no.63, Botha aan Merriman, 25.6.1907.
88) Walker: Lord de Villiers... p.425.
89) Steyn-vers. Ink. Briewe 156/1/4, 1.6.1907.

* In 'n aantal skitterende artikels in Ons Land (Aug. - Sept. 1906) het F.S. Malan 'n sterk pleidooi gelewer vir 'n verenigde Suid-Afrika.

"...we shall need all the counsel and energy that you have."90)

Toe Malan as leier van die Afrikanerbond in die Kaapse parlement in Julie 1907 'n mosie indien ten effekte dat stappe geneem moet word in die rigting van nasionale vereniging, is die voorstel weliswaar eenparig aangeneem maar Merriman was bitter teleurgesteld omdat die tyd ongeleë was. "Malan's motion on federation has been a cruel blow," skryf hy aan Steyn en nou juig die Progressiewe pers dit toe as

"a funny alliance between Malan, as the leader of the Dutch, and Jameson."

Agter dit alles, sê hy, is die hand van Selborne te bespeur, die "capitalist brood" en "a knot of ex-Milnerites". Dat die mosie so hartlik gesteun is deur die Rhodesië-groep (Jameson en Kie. - Skr.) wys hulle oorgretigheid om Rhodesië - "that unfortunate financial speculation" - met sy groot geldelike skuldelas oor te ent op Suid-Afrika. Gelukkig sou dit van Transvaal en die Vrystaat afhang of hierdie plan verwesenlik sou word. In die belang van almal in Suid-Afrika is dit te hope dat hulle hul oë sal sluit vir die koerantelawaai en dat hulle nie oorhaastig sal wees nie. "It will be a misfortune if this question is handled on Selborne-Jameson lines."91)

Die verkiesingsuitslae wat in die Vrystaat en die Kaapkolonie die patroon van die Transvaalse gevolg het, het Merriman se vrees die kop ingeslaan. Nou was suiwer Suid-Afrikaanse regerings in minstens drie Kolonies aan bewind van sake, Natal, het hy geglo, "is past praying for."92) As Premier van die grootste en oudste Kolonie het Merriman by Botha en Smuts aangedring dat hulle Fischer en Hertzog moet saambring na die Port Elizabethse Landbouskou waar hulle dan met hom stappe in die rigting van eenheid kon bespreek. As Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie volhard, kan die saak deurgedruk word deur 'n c o u p d e m a i n.93) Teenoor Steyn het hy nou, ná sy eleksie-oorwinning beken: "I endorse the Transvaal feeling that it is now or never."94)

Die Interkoloniale Spoorweg- en Doeanekonferensie te Pretoria, 4 - 9 Mei 1908:

Alleen Smuts kon afreis na Port Elizabeth en op die oggend van 21 Maart 1908 kon hy en Merriman onversteurd vrugbare samesprekinge voer oor kwes-

sies/.....

90) Ibid. 21.6.1907.
91) Ibid. 28.7.1907 en 17.8.1907.
92) Ibid. 21.6.1907.
93) Merriman Papers, no.18, Merriman aan Botha, 10.2.1908; no.26, aan Smuts, 24.2.1908.
94) Engelenburg-vers. 19, 12.3.1908.

sies van prosedure en die grondslag van verteenwoordiging met die oog op nouere vereniging.[95] In 'n brief aan Botha het die Kaapse Premier voorgestel dat die Interkoloniale Spoorweg- en Doeanekonferensie op Maandag 4 Mei 1908 te Pretoria sal byeenkom.* Hiermee het die Transvaalse Regering ingestem.[96] Behoudens sake oor toltariewe en spoorweë sou die vraagstuk van nouere eenheid ook bespreek word. Verder was daar die Indiërvraagstuk, Natal se verdediging, Mate en Gewigte, Patente en Handelsmerke, Insolvensie en Versekering wat moontlik onder die soeklig sou kom.[97] Maar dit was asof Smuts vooraf geweet het dat die samesprekinge oor hierdie ondergeskikte aangeleenthede tot geen vrugbare resultaat sou lei nie, en veelseggend skryf hy aan Merriman:

> "Perhaps we shall find that Federation is so near that we had better address ourselves to the greater issue without too much waste of time."[98]

Alleen die toekoms sou leer hoe reg Smuts was.

Die volgende afgevaardigdes het die verskillende gebiede op die konferensie verteenwoordig:

Kaapkolonie: J.X. Merriman, J.W. Sauer, F.S. Malan.
Transvaal: L. Botha, J.C. Smuts, H.C. Hull.
Mosambiek: T.A. Garcia Rosado, B.M. D'Almeida.
Oranjerivierkolonie: A. Fischer, J.B.M. Hertzog, A.E.W. Ramsbottom.
Natal: F.R. Moor, C. O'Grady Gubbins, C. Hitchens.
Rhodesië: L. Mitchell, F.J. Newton, E.C. Baxter.

R.H. Brand was die sekretaris en P.H. Kerr die assistent-sekretaris. Origens was daar 'n skaar van adviseurs, privaatsekretarisse en ander personeellede.[99] F.R. Moor, die Premier van Natal, is tot voorsitter verkies.

Van meet af aan het dit geblyk dat die doeane- en spoorwegaangeleenthede onoplosbare vraagstukke geword het. Die betrokke verteenwoordigers kon net nie tot enige ooreenkoms geraak nie en die verskillende belange nie versoen word nie. Alleen 'n radikale wysiging in die hele interkoloniale sisteem sou 'n uitkoms bied.

Smuts/.....

---

95) Laurence, a.w. p.265.
96) Merriman Papers, no.18, 10.2.1908 en no.24, 18.2.1908.
97) Vermooten, a.w. p.81.
98) Merriman Papers, no.24, 18.2.1908.
99) F.S. Malan vers. Acc. 583, no.6, Mei 1908; De Volkstem, 5.5.1908.

* Merriman het vooraf seker gemaak dat die imperiale faktor in die persoon van Selborne uitgeskakel word deur Botha, Hull en Moor, wat ten gunste daarvan was dat die Hoë Kommissaris die voorsitter van die Konferensie moet wees, te oorreed om van sienswyse te verander. (Vermooten: Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, pp.74-77).

Smuts was gereed. Op die tweede dag van die byeenkoms het hy die besprekingspunt wat op die agenda verskyn het oor die vraagstuk van nouere staatkundige vereniging geopen. Die bestaande situasie, het hy betoog, het ondraaglik geword en as dit nie bevredigend geskik word nie, sal daar 'n beweging posvat ten gunste van afskeiding eerder as samesmelting. Die volgende ses punte het hy vooraf opgestel gehad en dit nou formeel aan die Interkoloniale Konferensie voorgelê vir goedkeuring:

a) Na die sienswyse van hierdie Konferensie kan die beste belange en die blywende voorspoed van Suid-Afrika verseker word alleen deur 'n spoedige vereniging, onder die kroon van Groot Brittanje, van die verskillende selfregerende Kolonies.

b) Rhodesië kan op sodanige tyd en op sodanige voorwaardes as waartoe later mog ooreengekom word geregtig wees tot die toelating in die Unie bedoel in die voorgaande besluit.

c) Die lede van hierdie Konferensie stem ooreen om die voorgaande besluite aan die Wetgewende Mag van hulle respektiewe Kolonies voor te lê en om sodanige stappe as nodig mog blyk te neem om toestemming van hulle parlemente te verkry vir die benoeming van afgevaardigdes na 'n Nasionale Suid-Afrikaanse Konvensie waarvan die doel sal wees om oorweging te gee aan en verslag uit te bring oor die wenslikste vorm van 'n Suid-Afrikaanse Unie en om 'n Ontwerpgrondwet op te stel.

d) Die Konvensie sal bestaan uit hoogstens 12 afgevaardigdes uit die Kaapkolonie, hoogstens 8 uit Transvaal en hoogstens 5 uit Natal en die Oranjerivierkolonie onderskeidelik en sal so spoedig doenlik vergader na die eersvolgende sittings van al die parlemente, mits sodra minstens twee Kolonies hulle afgevaardigdes benoem het, die Konvensie as gekonstitueer beskou sal word.

e) Die Konvensie sal die Ontwerp-grondwet so spoedig moontlik publiseer en sal, in oorleg met die regerings van die self-regerende Kolonies, die verdere stappe wat hieromtrent geneem moet word, bepaal.

f) In die Konvensie sal die stemming hoofdelik geskied en nie per Staat nie. Uit die lede sal 'n voorsitter gekies word wat die reg sal hê om te spreek en te stem en in die geval van 'n gelyke verdeling van stemme, 'n beslissende stem sal hê.100)

Merriman het Smuts se voorstelle gesekondeer en dit begroet as die eerste stap na nasionale eenheid. Die Vrystaters en Natallers het beswaar gemaak oor die voorgestelde basis van proporsionele verteenwoordiging op die Konvensie en gevrees dat hulle deur die twee groter Kolonies ingesluk sal word. Nogtans was hulle redelik en die ses resolusies is aanvaar.

In die lig van hierdie besluite het die besprekings oor die verskillende ander interkoloniale aangeleenthede maar

ietwat/.....

---

100) De Volkstem, 12.5.1908; The Star, 9.5.1908.

ietwat nodeloos voorgekom en op voorstel van Merriman het die Konferensie op 9 Mei verdaag tot 26 Mei toe dit weer in Kaapstad byeengekom het. 'n Menigte items is teruggetrek of na komitees verwys of glad nie bespreek nie. Op 28 Mei het die laaste Interkoloniale Spoorweg- en Doeanekonferensie verdaag nadat dit besluit is dat dit onraadsaam is om die bestaande fiskale reëlings te versteur en dat die Tolkonvensie sal voortbestaan tot 30 Junie 1909 en daarna vir periodes van 12 maande met dien verstande dat enige lid daarvan nie minder nie as drie maande vooruit kennis moet gee van sy begeerte dat die konvensie gewysig moet word of dat hy voornemens is om daaruit te tree.

Ten slotte het die Konferensie die taktvolle besluit geneem dat die Nasionale Konvensie sy eerste sitting in Durban sal neem. Hiermee was die ietwat bitter smaak wat die Pretoriase resolusies vir Natal gehad het taamlik versuiker.[101]

Vir die derde en beslissende keer het die Botha-regering in Transvaal bewys gelewer dat die vraagstuk van Suid-Afrikaanse staatkundige eenheid by hom erns was. Hierdie Regering het óf leiding geneem in hierdie nasionale saak óf hom trou geskaar aan die kant van hulle wat net een doel nagestreef het: die vereniging van die Suid-Afrikaanse state en die samewerking van die hele bevolking.

Op sy ingeslane weg het die Regering voortgegaan en die eerste wat Botha gedoen het na die aanvaarding van die ses resolusies op 5 Mei was om dit ook aan die leier van die Opposisie te stuur. Hiervoor was sir George Farrar hom opreg dankbaar en hy het die hoop uitgespreek dat hy en die Eerste minister 'n geleentheid sal kry om saam te beraadslaag oor die benoeming van die Transvaalse afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie.[102]

Smuts het intussen op 'n hoë sosiale byeenkoms in Johannesburg die kans benut om die Pretoriase resolusies, waarteen daar in sommige kringe ernstige kritiek uitgespreek is, te verklaar en te verdedig. Die Nasionale Konvensie, het hy aangevoer, moet 'n Konvensie wees van manne en nie van partye nie; dit moet die beste manne wees wat sal beraadslaag en sal stem met die blik enkel op die permanente belange van Suid-Afrika. Hy glo dat hulle die formule gevind het wat die ideale van al die blankes in die land sal pas, en dit is: eenheid. Die Boer het geveg vir sy onafhanklikheid en die Engelsman vir sy ryk - beide rasse het geveg vir wat hulle as die hoogste beskou

het/.....

---

101) F.S. Malan-vers. Acc. 583, no.6: Vermooten, a.w. pp.80-87
102) Eerste Minister (Tvl.) 60, 11 en 21.5.1908.

het. Nou was die tyd ryp om te werk vir die verwesenliking van hierdie ideaal van eenheid wat die hoogste strewe van almal sal bevredig. Daardeur sal Suid-Afrika daardie toppunt van voorspoed verkry waarna almal gestreef het.[103]

Die Transvaalse Parlement en die Vraagstuk van nouere Vereniging - Botha word al prominenter: Die Botha-regering was vyftien maande aan bewind van sake toe die hoogs belangrike nasionale vraagstuk van Suid-Afrikaanse staatkundige eenwording in die Transvaalse parlement ter sprake kom. In sy troonrede het Selborne op 15 Junie 1908 gewag gemaak van hierdie gewigtigste onderwerp wat aan die vergadering voorgelê sal word en van die benoeming van afgevaardigdes om Transvaal op 'n Nasionale Konvensie te verteenwoordig ten einde die kwessie van nouere aaneensluiting te oorweeg en 'n Konsep-konstitusie vir Suid-Afrika op te stel.[104]

Uit hoofde van die feit dat Transvaal al vir 'n kwarteeu lank die politieke toneel in Suid-Afrika oorheers en ingrypend beïnvloed het, het daar nou weer belangstelling geheers in die rigting wat Het Volk-leiers as verteenwoordigers van die oor-Vaalse Boere sal inslaan in hierdie allergrootste saak van Suid-Afrikaanse eenheid. Sedert sy aanvaarding van die premierskap het Botha die hoofrol gespeel in die bevordering van politieke vooruitgang en sosiale vrede tussen Boer en Brit en tussen Bittereinder en Hensopper; in Transvaal sowel as in Engeland het hy gewerk vir 'n beter begrip van Suid-Afrika se probleme. En nou het die gees van die Pretoriase ses resolusies 'n onmiskenbare stempel getoon van Transvaal se politieke leiers. Tereg kon die "Natal Mercury" skryf:

> "Botha has become the most powerful statesman in South Africa and it is due to him that acknowledgment should be made of his evident desire to pursue to really South African and non-racial policy and to educate his friends and supporters to the acceptance of a policy so essential to the welfare of the country as a whole."[105]

Geleidelik het Botha sy politieke gesigseinder verbreed en gepoog om by sy volgelinge dieselfde ruimer beskouing aan te kweek as waartoe hy homself bekeer het. Diegene van Hollandssprekende kant wat in gewoonte verval het om te veel van die Regering te verwag, het hy kort gevat, die armes en werkloses het hy vriendelik maar streng beveel om harder te werk en bowe-al het hy die Transvaalse proteksioniste genadeloos beveg en die versekering gegee dat hierdie Kolonie hom nie deur 'n doeaneringmuur sal isoleer nie, maar hom inteendeel steeds 'n ware vriend van Suid-Afrikaanse eenheid en vooruitgang sal

betoon/.....

---

103) The Star, 18.5.1908.
104) Debatten, Wetg. Verg. (2e Sitting) 1908, p.2,400.
105) Natal Mercury, 8.2.1908.

betoon. Dit was hierdie gesindheid van Transvaal en sy Regering wat oneindig veel bygedra het tot die merkbare vordering in die politieke vooruitsigte in Suid-Afrika en dit was hierdie omstandighede, erken die "Natal Mercury",

"...which have made the Transvaal more than ever the centre of gravity for the whole country from Capetown to Limpopo."106)

Sedert Botha aan die einde van die oorlog sy burgers versoek het om hulle wapens neer te lê in die wete dat hulle geveg het vir n groter Suid-Afrika, het hy baie woorde oor hierdie aangeleentheid geuiter, maar nou eers het dit praktiese politiek geword, en hy en sy Regering het voor die uitdaging gestaan dat hulle aan die wêreld moes toon dat hulle hulle opponente vertrou en hulle samewerking nodig het. Punt (d) van die Pretoriase besluite het bepaal dat Transvaal hoogstens 8 afgevaardigdes na die voorgestelde Nasionale Konvensie kan stuur. Net soos tydens die samestelling van sy kabinet sou Botha se probleem eerder wees wie om weg te laat as wie om in die afvaardiging op te neem. Daar was in die eerste plek sy vyf kollegas in die ministerie; verder was daar invloedryke figure soos Burger, De la Rey, Beyers, en regsgeleerdes soos F.E.T. Krause en N.J. de Wet. Lede van die Hoërhuis soos Esselen en Wolmarans het ook aansien geniet.

Op 22 Junie 1908 het die Premier die ses resolusies van 5 Mei aan die Wetgewende Vergadering voorgelê vir goedkeuring. In n skitterende toespraak het hy beklemtoon dat die vraagstuk van aaneensluiting nie opgeneem moet word as n partysaak en nie behandel moet word volgens partyverdeling nie, maar as n groot Suid-Afrikaanse saak. Probleme soos die Natalse Indiërkwessie, die Kaapse nie-blanke-stemreg of die toekomstige hoofstad, moet nie vooruitgeloop word nie. Die Nasionale Konvensie sal hieroor beraadslaag en die instrument skep om daarmee te handel, t.w. n ontwerp-grondwet. Die verdeling wat daar tans heers, is die voedingsbodem van onsekerheid wat op sy beurt elke Staat en elke gemeenskap ondermyn. Na die ingrypende gebeurtenisse van die afgelope jare het Suid-Afrika iets nodig om hom te bevry van die dae van verdriet en hom op te werk tot iets groters. Alleen staatkundige eenheid sal dit moontlik maak.

„Verdeeld ... zijn wij zwak maar indien verenigd, kunnen wij grote dingen doen in Zuid-Afrika. ...Laten wij de handen ineenslaan en doen wat Transvaal en Zuid-Afrika van ons verwacht... en spoedig zullen (wij) zien een Verenigd Zuid-Afrika, opdat wij kunnen zeggen: Eén God, één volk, één land."107)

Farrar/.....

106) Ibid.
107) Debatten: Wetg. Verg. (2e Sitting) 1908, pp. 120 - 127.

Farrar, die leier van die Opposisie, sowel as Whiteside, die leier van die Arbeiders, en verskeie ander sprekers het die voorstel van die Premier heelhartiglik gesteun.

Smuts het op die uitgebreide debat van twee dae geantwoord en die doel, die meriete en betekenis van die Pretoriase resolusies in n deeglik beredeneerde toespraak op n meesterlike wyse verklaar en verdedig. Voorts het hy aangetoon hoe die beweging vir nouere aaneensluiting van die onderskeie State ontstaan het uit die volk van Suid-Afrika. Die beweging is sterk voortgedu deur belangrike faktore soos eerstens, die ekonomiese faktor wat sake soos tariewe, die geldwese en natuurlike hulpbronne betref. Die staatkundige onenigheid het energieverspilling teweeggebring en ekonomiese wanorde geskep. Hierdie toestand het eendrag vereis. In die tweede plek het groot politieke faktore, soos die naturellevraagstuk, die volk genoop en gedryf tot stappe in die rigting van vereniging. Die toestand is vererger deurdat die naturellekwessie die blankes reeds verdeel het en indien die saak nie onmiddellik reggestel word nie sal daar geen oplossing voor wees nie. Daarenbowe het die naturelleprobleem nie alleen betrekking gehad op die selfbesturende Kolonies nie; daar was ook die Imperiale gesigspunt in die sin dat daar n aantal protektorate was waar die Imperiale Regering n eie beleid gevolg het. Die derde faktor was die nasionale standpunt. Die volk van Suid-Afrika het hom nl. begin bewus word dat hy n nasie begin te vorm en n nasie behoort te wees. Hierdie gevoel van nasionaliteit sal hom ongetwyfeld mettertyd meer en meer laat gevoel. Die gebeurtenisse van die laaste jare het onder hulle n hoë gevoel van selfbewustheid gegee wat van groot en verreikende invloed sal wees op die karakter van die volk. Die volk het gevoel dat die tyd aangebreek het dat hy sy plek in die ry van nasies moet inneem. Verspreide regerings oor geheel Suid-Afrika is nie bevorderlik vir hierdie doel nie. Die wil van die volk moet gekonsentreer wees in één wetgewende mag, want dit is die nasionale wil wat op die lange duur die meeste vermag soos die Duitse volk, wat voorheen verdeeld was, in 1870 bewys het.

Vervolgens het Smuts n vurige pleidooi gelewer vir unifikasie waarin één nasionale parlement en één nasionale uitvoerende raad uitdrukking kan gee aan die nasionale wil wat in Suid-Afrika bestaan en waaraan die oplossing van groot probleme toevertrou kan word. In die geval van federasie sou dit beteken dat die konstitusie berus op n onveranderlike ooreenkoms tussen Natal, Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie/,...

kolonie, wat voortdurend kontrole en teen-kontrole beteken. Die verenigde krag van so 'n grondwet is nie so sterk as dié van 'n unie nie.

Hierna het Smuts beklemtoon dat die bestaande tydsgewrig in Suid-Afrika hom uitmuntend leen aan 'n staatkundige verandering. Die land het juis 'n ontsettende depressietyd beleef wat nou aan die terugtrek was en hy was oortuig daarvan dat groot en durende voorspoed aan die kom is. As die tydperk van lyding verby is en voorspoed finaal teruggekeer het, sou dit moeilik gaan om die Suid-Afrikaanse volk se aandag te bepaal by die vraagstuk van vereniging aangesien materiële vooruitgang al die belangstelling en energie sal absorbeer. Daarmee sal een van die geskikste geleenthede wat hom ooit voorgedoen het en wat nou reeds langer as 'n menseleeftyd voor hulle gelê het, verlore wees. Hy wil nie die saak deurforseer nie maar dit sal fataal wees om langer te draai.

Op 'n hoë noot het Smuts sy rede afgesluit deur te wys op die krag van die géés van die Suid-Afrikaanse patriotisme wat die belangrikste faktor sal wees vir die oplossing van Suid-Afrika se probleme. Wanneer 'n mens jonk is, het hy betoog, verkeer jy onder die indruk dat dit die verstand, die menslike ratio is, wat die groot wêreldvraagstukke oplos, maar allengs leer 'n mens dat dit inderdaad meer die gees van vereniging, van kameraadskap, van onderlinge vriendskap is wat die dryfkrag uitoefen onder die mensheid, en indien die volk metodes wil toepas vir die oplossing van sy probleme laat hom hierdie dinamiese geeskrag van Suid-Afrikaanse patriotisme en Suid-Afrikaanse kameraadskap gebruik - hoe eerder hoe beter.

Botha se voorstel waarin hy die parlement se goedkeuring gevra het vir die 6 resolusies van die Interkoloniale Konferensie is hierna onder luide toejuiging aangeneem.[108]

Die Afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie: By die keuse van afgevaardigdes vir Transvaal na 'n Suid-Afrikaanse Konvensie het die Botha-regering in alle opsigte kameraadskap aan die dag gelê wat aan die hoogste verwagtinge voldoen het. Uit die geledere van die regeringsondersteuners het die Premier nl. voorgestel dat die volgende vyf uit 8 persone Transvaal sal verteenwoordig: genl. S.W. Burger, genl. J.H. de la Rey, H.C. Hull, genl. J.C. Smuts en die Eerste minister. Dit het aan die Opposisie 'n keuse gelaat van drie en Botha het, na beraadslaging met die Opposisieleier,

bekendgemaak/.....

---

108) Ibid. pp. 206 - 224.

bekendgemaak dat dit die volgende lede sal wees: sir G.H. Farrar, sir J.P. Fitzpatrick en H.L. Lindsay. Farrar het die voorstel gesekondeer.[109]

Dieselfde grootmoedigheid is betoon deur die Kaapse en Vrystaatse Regerings waar die Opposisie (ook hoofsaaklik Engelssprekend) vanweë hulle klein getalle nie juis op noemenswaardige verteenwoordiging op die afvaardiging na die voorgestelde Konvensie kon aanspraak maak nie. In die Kaap het Merriman die volgende regeringsondersteuners voorgestel: - dr. J.H.M. Beck, sir J.H. de Villiers, C.H. Maasdorp, F.S. Malan, J.X. Merriman, J.W. Sauer en H.C. van Heerden. Van die Opposisie: J.W. Jagger, J.S. Jamson, W.P. Schreiner, T.W. Smartt en E.H. Walton.[110]
(Later is kol. W.E.M. Standord in die plek van Schreiner benoem wat in die hoogverraadsaak in Natal as advokaat vir Dinizulu opgetree het.)
Op 18 Augustus 1908 is die volgende Vrystaatse afgevaardigdes benoem: genl. C.R. de Wet, A. Fischer, genl. J.B.M. Hertzog en pres. M.T. Steyn. Die Opposisieverteenwoordiger was sir John Fraser, maar vanweë sy voortdurende ongesteldheid is A. Browne van die Wetgewende Raad in sy plek benoem.[111]

Alleen in Natal, die Kolonie met sy sterk Englese element en waar die grootste agterdog geheers het jeens die sg. oorheersing van Het Volk, die Orangia Unie en die Afrikanerbond, het die Regering nie die ruimheid van gees en goedwilligheid betoon om ook die Afrikaanssprekende minderheid verteenwoordiging te gee in die afvaardiging na die Konvensie nie. Die volgende persone is benoem: Kol. E.M. Greene, T. Hyslop, F.R. Moor, W.B. Morcom, en C.J. Smythe. (Na die verrigtinge van die Konvensie 'n tydlank aan die gang was, het Morcom siek geword; sy plek is gevul deur T. Watt.[112]

Al wat Moor gedoen het was om verskonend aan Botha te skryf dat hy nie daarin kon slaag om 'n Hollandssprekende in die Natalse afvaardiging ingesluit te kry nie. Botha het geantwoord dat hy bly sal wees as sy geboorteland sal saamgaan in die nouere unie; nogtans was hy teleurgesteld dat Natal geen Hollandssprekende afgevaardigde benoem het nie. Dit het beteken dat Natal die enigste Kolonie sal wees waar die minderheid nie verteenwoordiging het in die Konvensie nie.

"This/.....

---

109) Ibid. pp. 615 - 616.
110) Eerste Minister (Kaapkolonie) 303, Min. no. 1/334, 2.7.1908.
111) Goewerneurskantoor (Bloemfontein) 461, 18.8.1908.
112) Walton: The Inner History of the National Convention of South Africa, pp. 29 - 30.

"This of course will give me and others a good deal of trouble later on....", skryf hy aan sy kollega.[113] Merriman, Engelssprekend net soos Moor maar in hart en niere 'n Suid-Afrikaner, was verheug dat enkele gesiene plattelandse Boereleiers op die Konvensie teenwoordig sou wees:

> "I am glad De la Rey, Burger and de Wet are included as I have always recognised that unless we carry the 'platteland' with us we shall make a failure and in a national matter like this the 'wetsgeleerden' are not the only people to be considered",

het hy in 'n brief aan Botha gesê.[114] Op hulle beurt het hulle albei saam met Hertzog, vir pres. Steyn oorreed om hom beskikbaar te stel as 'n Vrystaatse afgevaardigde. Verder het die verskillende leiers ooreengekom dat Selborne as Imperiale verteenwoordiger nié ingesluit sal word nie, dat sir Henry de Villiers die voorsitter en pres. Steyn die onder-voorsitter van die Konvensie sal wees. Rhodesië is vergun om drie verteenwoordigers te stuur maar hulle het geen reg gehad om te stem nie. Hulle was: sir W. Milton, sir C.P.J. Coghlan en sir L. Michell.

Die Nasionale Konvensie - Transvalers se Aandeel: Die beroemde Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie het van 12 Oktober tot 5 November 1908 in Durban, van 23 November 1908 tot 3 Februarie 1909 in Kaapstad (met 'n onderbreking van 19 Desember tot 10 Januarie) en van 3 tot 11 Mei 1909 in Bloemfontein sitting gehou. Daar was groot struikelblokke wat hierdie keur uit die Suid-Afrikaanse staatslui uit die weg moes ruim.

1. In Transvaal het invloedryke persone soos A.D.W. Wolmarans (L.W.R.), Tielman J. Roos, dr. Hjalmar Reitz, komdt. D. Fouché en Stallard en ook andere soos S.W. en C. Pienaar, D. Brewis, F.W. Coles, E. Dustling, W. Oosthuizen, Williamson en Wilson, sterk geagiteer teen unifikasie. 'n ‚Derde Party' en 'n sg. "Constitution Amendment Society" is op die been gebring. Sterk beswaar is gemaak teen die Kaapse nie-blanke-stemreg, die Senaat wat vir 10 jaar genomineer word, die hoofstadkompromis, die beperkte mag van Provinsiale Rade, die groot opofferings wat Transvaal materieel doen, die weiering van die Regering om 'n referendum oor die ontwerp-grondwet te hou en die oorwig verteenwoordiging wat aan die Kaap gegee is in die Unie-parlement.

> "O, wat blijft er over voor ons arm Transvaals volk, die niet met de tegenwoordige partij kan instemmen?"

het/.....

---

113) Eerste Minister (Natal) 106, 6.8.1908.
114) Eerste Minister (Tvl.) 60, 9.7.1908.

het Wolmarans teenoor Leyds gekla.[115] Botha het maar gehoop dat die invloed van stoere Boereleiers in die Konvensie by die volk 'n indruk sal maak en die teenstroom sal trotseer:

"De la Rey and Burger will not be of great assistance at the Convention but they will be a great strength to me especially now that A.D.W. Wolmarans has given me notice that he shall oppose any form of closer union",

het hy aan Merriman meegedeel.[116]

2. Die Vrystaat met sy 5 verteenwoordigers teenoor die 20 van die Kaapkolonie en Transvaal het gevrees vir die verdwyning van sy identiteit as afsonderlike Staat en dat hy sou verdwerg onder die oorheersing van die Kaapkolonie en Transvaal. Daarby het Steyn, Hertzog en Fischer hulle bekommer oor die toekomstige posisie van die Hollandse taal en van Bloemfontein as erkende hoofstad van hierdie Staat.
3. Die Kaapkolonie het met sy nie-blanke-stemreg gesit wat onder die noordelike Kolonies glad nie gewild was nie - trouens totaal onaanvaarbaar was vir die inwoners.
4. Die Bond as sodanig, (tesame met die Het Volk- en Orangia Unie-organisasies) het nie gerus gevoel oor die veiligheid van die platteland in so 'n toekomstige grondwet nie. Hierteenoor het die Engelse en stedelike verteenwoordigers weer die grootste wantroue gekoester teenoor bg. drie politieke organisasies wat dan daarna sou streef om die Engelse stem te smoor.
5. Die grootste paniekerigheid het in Natal geheers. Hier het die groot Engelse meerderheid hulle beskou as die enigste betroubare beskermers van die Britse tradisies, die Union Jack en die Engelse taal. Elke beweging, elke daad, elke woord van die leiers van "the three Bonds" (Het Volk, Orangia Unie en Afrikanerbond) is met die grootste misnoeë en suspisie bejeën en selfs met vyandigheid geassosieer. Hulle was sterk teen unifikasie en sou alleen federasie aanvaar as nouere aaneensluiting verwesenlik word. Die volgende opdrag wat die "Natal Witness" die afgevaardigdes op die openingsdag in die oor geknoop het, was feitlik verteenwoordigend van die joernalistiek uit Pietermaritzburg:

"One thing ... we do most emphatically call upon all, and especially upon those representing this Colony, to bear clearly and steadfastly in mind from the very outset to

the/.....

---

115) L.A. 261(2) 28.1.1909; eerste Minister (Tvl.) 60, Wolmarans aan Botha, 16.6.1908, 25.6.1908, 11.8.1908, 19.3.1909; De Volkstem, 16.2.1909; The Pretoria News, 18.3.1909; The Rand Daily Mail, 20.2.1909; Oost: Wie is die Skuldiges? p.41; Vermooten, a.w. p.89.

116) Merriman Papers, no. 74, 29.6.1908.

the close of all the negotiations, no matter how protracted they may be: We enjoin upon them to remember that this is a sacred charge on one and all of them to see that, come weal, come woe, South Africa remains British from Capetown to the Zambesi. ...We desire the whole of South Africa to be British and to remain British, cherishing and supporting British ideals and upholding the honour and prestige of British traditions. ...Let our delegates bear in mind that under no circumstances conceivable to the mind of any Natal colonist will a form of union be acceptable in which, by act or by implication, the British characteristics of this Colony are undermined or its British ideals falsified. No scheme of Union will be acceptable to us which in the smallest degree pre-supposes the dominance of any influence that is not British in its character, its aims, its ideals, and its aspirations."[117]

Tussen hierdie en nog ander gevaarlike rotspunte deur moes die Nasionale Konvensie die skip van Suid-Afrikaanse eenwording loods na veiliger waters waar nasionale idealisme reeds sòos groot, lewenskragtige eike die struikgewas van parogialisme, jingoïsme en bekrompenheid oorgroei en oorheers het om, gewortel in die grond van Suid-Afrikaanse patriotisme, op te reik na die hemelse hoogtes en hulle takke te versprei oor 'n gemeenskaplike vaderland van die Kaap in die suide tot aan die Limpopo in die noorde, van Durban in die ooste tot by Alexanderbaai in die weste.

Soos 'n reus het die agt en dertigjarige Smuts die verrigtinge oorheers. Hy was een van die weiniges wat met 'n vooropgestelde raamwerk vir 'n grondwet in sy sak na Durban afgereis het.[118] Federale en unitale konstitusies van Duitsland, Groot Brittanje, Amerika, Australië, Kanada en Switserland het hy noukeurig bestudeer en aspekte daarvan so gegiet dat dit aanpas by Suid-Afrikaanse staatkundige en volkekundige omstandighede. Nooit het hy hom blind gestaar teen die groot probleme of hom deur netelige situasies van stryk laat bring nie. Die vereniging van die Suid-Afrikaanse State was sy passie, die opstel van 'n grondwet sy onmiddellike doel sodat dit die instrument kon wees waarmee daardie probleme opgelos en daardie situasies die hoof gebied kon word. Meer as ooit tevore het hy beïndruk deur sy vlugheid van intellek, sy helderheid van visie, sy diplomatiese ratsheid, sy onverfloubare geesdrif, sy matelose energie. Waar hy taktloos was, was sy groothartige vriend en leier, Louis Botha, by om die verstandelike met die gevoel te versoen. Vir Smuts was staatkundige eenheid voorop, vir Botha weer die eenheid van harte. Al sy takt, sy gesonde verstand, en mensekennis het Botha aangewend om die verrigtinge te laat vlot. Trou aan hulle kant

het/.....

---

117) The Natal Witness, 12.10.1908.
118) Vermooten, a.w. pp. 99 - 104.

het die ander ses Transvalers gestaan om Suid-Afrika te verenig, egter met duidelike voorbehoud dat die tradisionele beginsels en permanente belange van Transvaal nie geweld aangedoen word nie.

Ander bouers van formaat wat hulle besondere gawes gewy het aan die konstruksie van die ontwerp-grondwet was Merriman, vir wie gesonde administrasie en die handhawing van parlementêre demokrasie die hoogste eis was; Steyn, vir wie volksregering en rassegelykheid die eerste vereistes was. "Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde, is die taal van slawe", het hy gesê. Hertzog, Botha, Fischer, Malan, De la Rey en Burger het die president hierin rotsvas gesteun. Ook het die lughartige Jameson, die skerpsinnige Farrar en die impulsiewe Fitzpatrick hulle deel bygedra, en op bekwame en waardige wyse het sir Henry de Villiers die vyf State van Suidelike Afrika se verteenwoordigers - saam met hom 33 in getal en in baie gevalle hoogs uiteenlopend in agtergrond, politieke sienswyse en toekomsideaal - gelei en beheer.

Uit die aard van die saak was daar verskille en ook geskille.

> „De verteenwoordigers van Natal schenen in 't begin niet in staat te zijn zich op 't Z.A. standpunt te verplaatsen - ze bezagen alles uit 't oogpunt van 't kleine Natal",

skryf F.S. Malan byvoorbeeld in sy Konvensie-dagboek. Hy sê ook:

> „Het is opmerkelik dat Botha en Smuts veel opofferen om de afgevaardigden van Johannesburg halfweg te ontmoeten",[119]

Dr. W.J. Leyds, wat juis in hierdie maande op besoek in Suid-Afrika was,[120] het van pres. Steyn verneem,

> „...dat Botha en Smuts zich op de Conventie niet gehouden hadden aan voorafgemaakte afspraken, alleen om Natal te winnen. Dit had groote misstemming gewekt bij de Vrijstaatsche afgevaardigden, inzonderheid bij Fischer. En als Botha en Smuts dat niet gedaan hadden maar getrouw gebleven waren aan hun woord, dan hadden zij ook het Parlement in Pretoria gehad. Het heeft mij zeer gefrappeerd wat Steyn daaromtrent vertelde."[121]

In 'n tweede brief aan Engelenburg het Leyds dit spesifiek oor Smuts gehad:

> „Ik ben bizonder getroffen door den slechten indruk dien Smuts op de leden der Conventie heeft gemaakt, door zijn onbetrouwbaarheid. Hertzog zei dat de Kaapsche afgevaardigden hem beschuldigden van hen opzettelijk bedrogen te hebben. Hij zal een moeilijkheid opleveren bij de vorming van een unie-ministerie".[122]

In/.....

---

119) Preller: Konvensie-dagboek van F.S. Malan, pp. 75 - 76.
120) L.A. 254(1) 2.10.1908; L.A. 346(1) 31.7.1908, Leyds aan Wolmarans en Botha resp.
121) Ibid. 254(2), Leyds aan Engelenburg, 27.2.1909.
122) Ibid. 11.3.1909.

In 'n brief aan Steyn gedurende die reses van die Konvensie na 3 Februarie 1909, spreek Merriman weer sy erkentlikheid uit vir die werk en invloed van die president, vir die goeie samewerking van die Vrystaters as groep en vir die redelikheid en betroubaarheid van Fischer.

> "As for Hertzog", vervolg hy, "I do not know any-one in the Convention who advanced more in the estimation - I might say the affection - of his brother members or who gives greater promise of statesmanship. How different it would have been if the O.F.S. had thrown its weight into the Natal-Transvaal alliance."[123]

Die Konsep-Grondwet - Reaksie en Goedkeuring: Die resultaat van die Nasionale Konvensie se beraadslaginge sedert 12 Oktober 1908, 'n Konsep-grondwet vir die Unie van Suid-Afrika, is vir die eerste keer op 9 Februarie 1909 gepubliseer. Vir die daaropvolgende sewe weke sou die lede van die Konvensie die geleentheid kry om die Ontwerp aan die kiesers te verduidelik en hulle sienswyse daaromtrent in te win. Die parlement van elk van die vier Kolonies sou dan op 30 Maart byeenkom met die uitsluitlike doel om die dokument te bespreek en vir die goedkeuring of verwerping daarvan te onderwerp aan die beslissing van die kiesers se verteenwoordigers in die Wetgewende Vergaderings.

Die ongeveer twee maande tussen 3 Februarie en 30 Maart 1909 was 'n tydperk van groot politieke bedrywigheid en die persorgane het hulle kolomme daagliks vol gehad van lof, kritiek en die moontlikhede wat die ontwerp-grondwet bied. Die dertig Suid-Afrikaanse afgevaardigdes na die Konvensie het nou tydens die reses op onvermoeide wyse die land deurgereis om hulle produk aan die bevolking bekend te stel, sy implikasies te verklaar en sy funksies te verduidelik. In die meeste gevalle het hulle sukses behaal; die volk het hom laat oortuig en het tewens vertroue gehad in die leiers om aldus die saak eintlik in hulle hande te laat waar die dokument nie oral helder was of bevredig het nie. Nie al die kiesafdelings het op die sweepklap van die Konvensielede gehoorsaam nie. Op etlike vergaderings aan die Rand het die vergaderdes 'n mosie gesteun waarin geëis word dat die konsep aan die beslissing van 'n referendum onderwerp moet word.[124] Smuts self het so 'n mosie op die lyf geloop in Gezina, 'n deel van sy kiesafdeling. Nogtans het hy onvermoeid die moontlikhede van die konsep verdedig; vir hom was die Konvensie 'n natuurlike gevolg van die Vrede van Vereeniging; nou eers, noudat die volk sy stem kon laat hoor, kon 'n finale vrede tussen die

onderskeie/.....

---

123) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, 12.2.1909.
124) Ibid. Botha aan Steyn, 16.3.1909.

onderskeie dele van Suid-Afrika gesluit word en kon die werk wat by Vereeniging begin is, afgerond word.

In Natal het die pers so te kere gegaan dat hoor en sien kon vergaan. Die besware het gegaan oor die té gesentraliseerde en sterk sentrale regering, die beperkte magte van die provinsiale rade en die nominale magte van die senaat. Voorts was daar die hewigste onsteltenis oor die vervanging van die Modus Vivendi deur 'n nuwe verdrag tussen Transvaal en Mosambiek[125] - en Natal het juis sedert die vroegste jare geglo dat die nouere staatkundige eenheid van die Britse Kolonies die nekslag sal toedien aan die Transvaal-Mosambiek-handelsvriendskap wat hierdie „vreemde" moondheid so 'n sleutel-faktor gemaak het in Suid-Afrika se ekonomie.

In die Vrystaat en in die Bondskringe in die Kaap het die ernstige vraag ontstaan of die stelsel van eweredige verteenwoordiging nie 'n groot nadeel vir die yl-bewoonde platteland sal wees nie.[126]

Die Botha-regering het die buitengewone parlementsitting wat vir 30 Maart 1909 bepaal is om die ontwerp-konstitusie te beoordeel, met vertroue tegemoetgegaan. Op oortuigende wyse het die Eerste minister die doel van die Nasionale Konvensie en die patriotiese idealisme van die afgevaardigdes geloof; met krag, met geloof in die opregtheid van die saak het hy die produk van hulle lang beraadslaginge, die konsep-konstitusie wat nou voor die Vergadering gelê het, verdedig. Ernstig het hy gepleit dat die dokument - desnoods sonder amendemente - aangeneem moet word.

> „Vereniging moet 't zwaarste wegen. 'Geen vereniging' beteken isolatie, strijd en ongeluk. ...of wij hollands of engels zijn, wij moeten elkaar helpen en deel gaan uitmaken van de zuidafrikaanse nasionaliteit. ...Het is nu de gelegenheid om, gedreven door liefde voor vrede en vaderland, gebruik te maken van de bestaande kans. Laten wij het ideaal verwezenliken, waarnaar onze voorvaderen en wij zolang gestreefd hebben."[127]

Drie dae later het Smuts die geleentheid gehad om die mosie oor die Suid-Afrika-wetsontwerp aan die Wetgewende Raad voor te stel. Met briljante oorredingskrag en in meevoerende taal het die Koloniale sekretaris die belangrike onderwerp benader en die voorgestelde grondwet verdedig. Anders as die Konstitusies van federale state, het hy aangevoer, is hierdie een volkome rekbaar en kan dit al na gelang die behoeftes en die ervaringe van die Suid-Afrikaanse volk geknie word. Die

volk/.....

---

125) Vermooten, a.w. pp. 172 - 175.
126) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, Merriman aan Steyn, 8.3.1909; Fischer-vers. Ink. Briewe, 59/7/3, Fischer aan Botha, 13.3.1909.
127) Debatten: Wetg. Verg. Buitengewone Sitting, (1909) pp. 132 - 138.

volk van Suid-Afrika kan nie in swagtels gebind word nie, nòg geryg word in 'n keurslyf; daar moet aan hom 'n regeringsvorm gegee word wat hy na sy eie wil kan knie en verander namate hy ondervinding opdoen en teenoor nuwe vraagstukke te staan kom in sy politieke ontwikkeling. In hierdie regeringsvorm moet die volk werklik oppermagtig wees, en nie soos in die V.S.A., Kanada of Australië nie waar die geregshowe in die laaste instansie die mag het en oor die geldigheid van die wette beslis. Die grondgedagte van hierdie Konsep-grondwet is dat Suid-Afrika één word en dat die grense uitgewis word om een groot land te skep. Toegewinge is aan die twee kleiner State gedoen deur die skepping van die voorgestelde provinsiale rade en die senaat. Hy het die hoop uitgespreek dat die nuwe konstitusionele instellinge die politieke lewe in die land sal suiwer en dat 'n nuwe ras van politieke reuse in Suid-Afrika voortgebring sal word wat wondere sal verrig. Tog moet niemand verwag dat die unifikasie van Suid-Afrika die Duisendjarige Ryk van buitengewone bloei sal meebring of groot veranderinge sal teweegbring nie. Die eerlike doel van die konsep is om die volk te bring op die ware pad van toekomstige ontwikkeling en as hy eers daarop voortgaan, sal hy die doel bereik wat deur die lot vir hom weggelê is.[128)]

Die geregimenteerde lede van die Transvaalse Wetgewende Vergadering en van die Raad (behalwe die obstinate A.D.W. Wolmarans) het die Ontwerp-grondwet geodgekeur soos dit op 3 Februarie 1909 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie in Kaapstad bekendgestel is. Die Vrystaat het drie amendemente verlang, die Kaapkolonie 11 en Natal sestien.[129)] Die belangrikste van hierdie voorgestelde amendemente het grondbeginsels geraak soos taalgelykheid en gelyke verteenwoordiging van die dig- en ylbewoonde gebiede. Baie het gevrees dat sake gaan skeefloop en dat die hele konstitusionele konstruksie waaraan sedert 12 Oktober 1908 gebou is, in duie gaan stort hier waar die Nasionale Konvensie nou op 3 Mei 1909 te Bloemfontein vergader het om die wysigings te oorweeg. Inderdaad het die atmosfeer soms gespanne geword en kon die ergste enige oomblik gebeur. Gelukkig het begrip, takt en die goedwilligheid om redelike argumente te verstaan geseëvier.

Die Nasionale Konvensie het op 11 Mei 1909 vir die laaste keer byeengekom. Die 33 lede het elkeen die finale Konsep-Suid-Afrikawet onderteken, mekaar gegroet „en een ieder ging zijns weegs."[130)]

Die/.....

---

128) Debatten: Wetg. Raad, Buitengewone Sitting, (1909) pp. 23 - 38.
129) F.S. Malan-vers. Acc. 583, no.3.
130) Preller: Konvensie-dagboek van F.S. Malan, pp. 248 en

Die Boere en die Unifikasie van Suid-Afrika: Die vraag ontstaan: hoe is dit te verklaar dat dit die Boere van die twee verowerde Republieke was wat met die minste teësin die unifikasie van hulle geboortelande met twee Engelse Kolonies aanvaar het?

Daar is verskillende antwoorde op hierdie vraag:

i) Die sterk ontwakende gees van Suid-Afrikaanse patriotisme wat die imperialistiese en jingoïstiese oorheersing by die stembusoorwinnings van 20 Februarie 1907, 20 November 1907 en Januarie-Maart 1908 in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie onderskeidelik die voet dwars gesit het, het aan die Boer n nuwe besef gegee van sy wesenlike bestaan as volk in Suid-Afrika wat, hoewel militêr verslaan, geestelik en konstitusioneel in die vermoë is om sy vaderland self te regeer.

ii) Op die Nasionale Konvensie is die Afrikaners verteenwoordig deur hulle drie geliefde leiers. Daar was die president en vise-president van die voormalige Republieke - Steyn: onkreukbaar, bemind en besonder skrander; Burger: waardig, genaakbaar en inskiklik. Daar was hulle onverskrokke offisiere uit die vryheidstryd wat vermaardheid verwerf het as guerrilla-aanvoerders; De la Rey, De Wet, Hertzog, Smuts. Daar was Botha, held van Colenso en Spioenkop en opperste strateeg, op wie se skouers die mantel van die oorlede staatspresident van die Z.A.R. teruggekom het. Daar was F.S. Malan wat weens sy uitgesproke simpatie met die Kaapse rebelle in hulle selfverloënende stryd ter wille van die republikeinse saak, in die gevangenis moes sit. Ander Afrikaners van hoë aansien was Fischer, Sauer, Beck, Van Heerden en Maasdorp. In n meerdere of mindere mate het elkeen van hierdie persone dit makliker gemaak vir die Boere om die unifikasie van die State - sy dit onder Britse vlag - te aanvaar.

iii) Die Hollands-Afrikaanse taal wat in die Republieke van verdrukking en ondergang gered is, is deur die toedoen van hierdie leiers in die Grondwet beveilig en verhef tot een van die amptelike tale van gans Suid-Afrika met gelyke erkenning en reg in elke opsig.

iv) Die Boereleiers van die twee binnelandse State het sorggedra dat die tradisionele Afrikaanse beginsel van ongelykheid tussen blank en nie-blank gehandhaaf word deur en erken word in die voorgestelde Grondwet en dat die uitbreiding van politieke gelykheid wat in die Kaapkolonie bestaan het, nie na die noorde sou kon geskied nie.

v) Daar was onder die Boere, wat tog stamverwant was maar deur die verloop van omstandighede van amper n eeu geografies geskei geraak en toe in langdurige verdeeldheid geleef het, ongetwyfeld n sug na vredeliewende sáámlewing, want op die keper beskou hét die blywende oplossing van al hulle probleme alleen in eenheid gelê.

vi) Sedert jaar en dag was dit die strewe van die Afrikaner dat die verskeidenheid op godsdienstige en kerklike gebied plek moet maak vir eenheid. Toenadering het geslaag en is dan weer verydel, maar sedert die oorlog het dieselfde toenadering hom weer geopenbaar in n gees van groter onderlinge samewerking en verdraagsaamheid. In 1907 het daar te Colesberg samesprekinge begin oor n federasie tussen die N.G. Kerk van die Kaapkolonie, die

Vrystaat/.....

Vrystaat en Natal en die N.H. of G. kerk van Transvaal; dit is deur die hoogste kerklike outoriteite in 1909 voortgesit. Die hoop het opgevlam dat daar ook tussen die ander kerkgenootskappe 'n alliansie tot stand sal kom; veral kon dit makliker bevorder word deur die jonger generasie wat buite die rankune en rusie van die verlede grootgeword het. Per slot van sake was die godsdienstige faktor by die Afrikanervolk nog altyd en oral 'n direkte openbaring van die nasionale erediens.

vii) Daar was vervolgens die nie-blanke-vraagstuk: die oorweldigende meerderheid van die nie-blankes, hulle opkoms as ras, hulle aanvaarding van die beskawing en veral die gevaar wat daar geskuil het in hulle politieke mag soos geopenbaar in die liberale Kaapse nie-blanke-beleid, het die Boere genoop om saam te staan en het die idee van „Suid-Afrika as witmansland" veral by die plattelander ingeskerp.

viii) Ten slotte het die toekenning van selfregering aan die Boer vyf jaar na die stryd waarin hy met vrou en kind byna ten onder gegaan het, hom nuwe vertroue gegee in die Engelsman wie se regering in die vorige eeu 'n lang tradisie geskep het van die verbreking van beloftes en die skending van traktate. Noudat die belofte, by Vereeniging gedaan, gestand gedoen is, het die Boer die selfregering aanvaar as 'n bewys van goeie trou en sou hy met groter vrymoedigheid wil saamwerk met die Engelsman tot volmaakter vereeniging en ruimer welvaart in Suid-Afrika.[131]

Die Unifikasie-motiewe van die Engelssprekendes: Teenoor hierdie gesindheid van die Boere ten opsigte van unifikasie was daar die motiewe van die Engelssprekendes wie se idee omtrent Suid-Afrikaanse vereniging nie so nasionaal gefundeer was nie. Vir hulle was daar in die eerste plek nie leiers van dieselfde formaat as wat Steyn, Botha, Hertzog of Smuts vir die Afrikaners was nie. Hulle het 'n simbool in die gestalte van 'n nasionale leier wat hulle 'n Suid-Afrika-gerigte vergesig vir die toekoms kon bied, ontbeer. Daarom het hulle, in die tweede plek, vir eie bevrediging eerder teruggeblik en hulle dors na erkenning geles in die militêre oorwinning van die oorlog wat deur Rhodes, Milner en Chamberlain aangeblaas is ten einde Suid-Afrika onder Britse vlag te verenig. Dus: waar eenheid vir die Afrikanerleiers hoofsaak was, was die vlag waaronder eenheid geskied vir die Engelssprekendes die belangrikste oorweging. En alles waarvoor hulle hulle moederland, Groot Brittanje, gehelp het om met die oorlog te verkry: 'n verenigde Suid-Afrika onder die Union Jack, die uitskakeling aldus van vreemde moondhede en 'n ander politieke ideologie as die Britse, sou hulle met unifikasie verkry. Hierin het hulle genoegsaam berus.

By gebrek aan leiers in Suid-Afrika en omrede hulle noue verbintenis/.....

131) Vgl.: De Staat: Preller: Unifikasie en die Boer, pp. 439 - 450.

verbintenis met hulle land van herkoms wat juis in dié jare die limiet van sy wêreldheerskappy bereik het, het die Engelssprekendes derdens hulle die staatkundige vereniging van die Britse Kolonies met die voormalige Boererepublieke laat welgeval, waardeur hulle langs hierdie weg die trotse mede-inwoners kan wees van 'n dominium wat ná unifikasie met eer en aansien lid kon wees van die groot Britse imperiale ryk. Hulle het geglo dat hulle alleen binne so 'n imperiale ryksverband hulle behoefte aan die uitlewing van eie nasionale aspirasies sal kan bevredig, en nie deur hulle toeëiening van enkel Suid-Afrikaanse patriotisme nie.

Nodeloos om te sê dat die vaderlandsliewende gesindheid waarmee die Boere die Unie sou betree, vir Suid-Afrika van durender en geskiedkundiger betekenis sou wees as die allesins on-Suid-Afrikaanse houding van hulle Engelssprekende landgenote wat op hierdie vroeë stadium blyke getoon het dat hulle ongraag hulle samewerking sou bied in die groot toekomstaak om die gemeenskaplike vaderland konstitusioneel volkome onafhanklik te maak.

Die Suid-Afrika-Wetsontwerp, soos aangeneem deur die Nasionale Konvensie in Mei 1909 te Bloemfontein, is teen die middel van die jaar goedgekeur - in Transvaal, die Vrystaat (die benaming Oranjerivierkolonie is deur die Konvensielede oorboord gegooi) en die Kaapkolonie deur hulle parlemente en in Natal deur 'n referendum. Afgevaardigdes is benoem om die Ontwerp in Londen aan die Britse parlement voor te lê vir finale bekragtiging. Transvaal is verteenwoordig deur genls. Botha en Smuts en die here Hull, Farrar en Fitzpatrick.

Britse Regering bekragtig Suid-Afrika-Wetsontwerp:

Teen die tweede helfte van Julie 1909 was al die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes in Londen. Die Konsep is op 20 Julie in die Britse parlement ter tafel gelê en, behoudens enkele formele veranderings om sekere klousules duideliker te stel, is dit sonder enige amendement deur beide Huise goedgekeur en voor die einde van September deur die koning bekragtig. Die Suid-Afrika-Wet sou op 31 Mei 1910 in werking tree.

Vir Smuts was die bekragtiging van die Suid-Afrika-Wet inderdaad "the end of the century of error", soos die "Morning Leader" in Londen geskryf het.[132] Vir hom veral het Suid-Afrika nou op die drempel gestaan van staatkundige grootheid. Vir Botha was dit die einde van misverstand en wantroue tussen Afrikaner en Engelsman; hy het hierin die begin

gesien/.....

---

132) Preller-vers. 32: Koerantuitknipsels: Morning Leader, 30.8.1909.

gesien van die eenheid van harte, van Afrikaanssprekende en Engelssprekende wat mekaar die hand gee om een Suid-Afrikaanse nasie te stig.[133]

Botha se Gesondheid: Botha se gesondheid het hom begin laas gee en voor hy terug is na Suid-Afrika het hy eers vir 'n gesondheidskuur na die Bad Kissingen in Duitsland gegaan. Gou het hy, soos hy aan Steyn geskryf het, 30 lb. ligter geword, heeltemal herstel gevoel, lus gehad vir werk en gemaklik gestap „...alhoewel, mijn vel aan mijn nek en mogelijk andere plekken begin nu zoo los te hang zoo's my ou ingevoerde schaap zyne." Sy professor het hom hardhandig behandel: elke oggend om sesuur het 'n groot fris Duitser hom in 'n „yskas nat laken" gewoel „en klap my vuur warm en ik heb hem vanochend zoo bekyk, en dacht ik magtig Duitser jy bars!" Op 25 September het hy sy terugreis na Suid-Afrika aanvaar en teen die einde van die jaar meld hy aan Steyn dat hy gesond is en werklik 'n „los hotnot." Hy was van plan om van die begin van Januarie besoek af te lê in die Transvaalse distrikte.[134]

'n Tussen-tydperk - September 1909 - Mei 1910: 'n Tydperk van vloeibaarheid en baie gissinge het in Suid-Afrika gevolg na die Konsep bekragtig is as die Suid-Afrika-Wet. Die goeie verstandhouding wat daar tussen die twee taalgroepe in die Nasionale Konvensie geheers het, het die gedagte laat posvat dat die eerste Unieregering 'n koalisieregering behoort te wees. Nog steeds bevrees vir Afrikaneroorheersing, is die idee sterk gesteun van die Engelse kant. Die bedekte doel was nietemin om Botha as gematigde leier oor te haal om saam te werk met die Unioniste van Jameson en die Progressiewe Party in Transvaal ten einde te verhinder dat die Afrikanerbond, die Orangia Unie en die 'regsgesindes' in Het Volk die eerste Unieregering sal domineer. Jameson en Botha het juis, veral ten tye van hulle besoek aan Engeland, openlik getoon dat hulle op politieke gebied te vinde is vir toenadering. Smuts was nie te vinde hiervoor nie.

> „Ik denk de geheele poging om coalitie te krijgen is bedoeld ons in een verkeerde licht by de bevriende Engelschen te brengen",

het hy aan Steyn geskryf.[135] Die hele Engelse pers in Suid-Afrika (behalwe die "South African News" en die "Friend") was ten gunste daarvan en het as mondstukke van die Progressiewe

en/.....

---

133) De Volkstem, 28.9.1909 - Botha se Afskeidswoorde in Engeland.
134) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, 31.8.1909 en 8.12.1909. Vgl. ook De Volkstem, 28.9.1909.
135) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, 22.2.1910.

en Unioniste die plan onder propagandaspreuke soos "Coalition", "Best man Government", "the Convention spirit" en "A Fresh Start" opgehemel.

In dieselfde tyd het die toepassing van die Hertzog-onderwyswet in die Vrystaat, waar absolute gelykheid voorgeskryf is vir Hollands en Engels op skool, aanleiding gegee tot die allerergste jingo-uitbarstinge onder die meeste Engelssprekendes en hulle pers in die land. „Hertzogisme" is as strydkreet verhef en daarmee is alles geassosieer wat nasionaal en patrioties was en wat die geringste sweem getoon het dat dit on-Brits was.

Die propagandakreet oor koalisie het nou saamgehang met die politieke belangstelling oor die kwessie van die eerste premier van die Unie van Suid-Afrika. Vroeg was dit duidelik dat dit òf John X. Merriman òf genl. Louis Botha sal wees. Omdat Merriman hom van die staanspoor sterk uitgespreek het teen enige vorm van koalisie, het die Kaapse Unioniste onder Jameson teen hom gedraai; hierin is hulle gesteun deur die Progressiewe van Transvaal, die Constitutional Party in die Vrystaat en die Natallers. Vir hulle was Botha aanneemliker omdat hy beslis gematigde neiginge geopenbaar het en sy regeringstermyn in Transvaal sedert 1907 in die teken gestaan het van eerlike konsiliasie. Rotsvas agter Botha het natuurlik die sterk Het Volk-organisasie gestaan. Vir die Vrystaters wat in die Orangia Unie verenig was en vir die Suid-Afrikaanse Party met die Afrikanerbond as politieke organisasie was Merriman die aangewese leier om as premier die eerste Unieregering saam te stel. Veral Sauer, Steyn, Hertzog en Fischer was sterk ten gunste van Merriman. Tog - en dit was van insiggewende betekenis - was daar twee van Merriman se eie invloedryke kabinetslede met n sterk aanhang van die Kaapse Afrikaners wat nie volle vertroue in hulle Premier gehad het nie, nl. F.S. Malan (nuwe leier van die Afrikanerbond na Onze Jan se dood) en D.P. de V. Graaff wat bedekte pogings aangewend het om Merriman uit die toekomstige parlement te hou.[136]

Teen hierdie tyd het dit op die lappe gekom dat Merriman sou weier om onder Botha in n toekomstige Unie-kabinet te dien. Teenoor Steyn het hy erken dat hy geen respek vir Botha se politieke kennis het nie, en dat ondervinding in die Konvensie getoon het dat hy en Botha voortdurend verskil. As persoon het hy van hom gehou en hom bewonder as n partyleier, maar dit het nie verhinder nie dat hy Botha se

politieke/.....

---

136) Merriman Papers, no.113, Merriman aan Steyn, 22.7.1910; no.177, J.D. de Ville aan Merriman, 30.5.1910; no.195A, Merriman aan P.R. Rabie, 31.5.1910.

politieke tekortkominge raakgesien het. Botha se "tortuous intrique" met Jameson oor koalisie het hom dwars in die krop gesteek; verder het hy die Botha-regering in Transvaal beskuldig van kwistigheid en aangevoer dat die „stoomroller"-beleid en die koukus die politiek in Pretoria gedomineer het. Dit alles het hom oortuig "that service under such a chief would.....be an act of political dishonesty."[137] Aan prof. Goldwin Smith het Merriman reguit geskryf:

> "Botha himself is a weak man ready to make promises - rather like Laurier without his brains and I cannot help somewhat mistrusting his fulsome expressions of attachment to the British Connection, if false they are not unnatural, if true they are certainly different from the feelings that an Englishman whose independence had been wrested from him would express under the circumstances."[138]

Al was konsiliasie en samewerking Botha se politieke geloofsbelydenis, sou hy hom nie deur die temperamentele Merriman laat vermaak nie - selfs nié eers nadat Steyn hom probeer oorreed het om te kenne te gee dat hy bereid sal wees om onder Merriman se leiding in die toekomstige ministerie te dien. Toe dit hom gevolglik ter ore kom dat sy Kaapse kollega nie onder hom sal dien nie, het hy ook aan Steyn meegedeel dat hy nie Merriman se mindere sal wees nie. Hy het geweet dat Merriman oorhoops was met die Kaapse Afrikaners en was dus nie voornemens om,

> „een meerderheid van de Afrikaansche partyen te laten vernietigen ter wille van een persoon. ...als dit eensgezindheid kan teweegbrengen, zal ik stil en rustig op Rusthof gaan zitten, want om Regeeringen te vormen of om Minister te zijn is niet mij idiaal (sic) van een gelukkig leven. Ik zou graag zoolang mijne gezondheid dit toelaat lid blyven van het parlement om zoo mee te helpen met de opbouwing van een groote Afrikaansche Natie."[139]

Sodanig was die klimaat oor die kwessie van die premierskap toe lord Herbert Gladstone as eerste Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika op 17 Mei 1910 in Kaapstad aan wal stap. Binne die eersvolgende paar dae moes hy n leier aanwys om die eerste Unieregering saam te stel en dit nieteenstaande die feit dat hy van die wesenlike politieke situasie in Suid-Afrika geen benul gehad het nie.

==========

<u>Die Einde van die Botha-bewind in Transvaal. Kenmerke van die Bewind:</u>

Die eerste Transvaalse parlement het op 6 April 1910 vir sy laaste sitting byeengekom. Daar was

slegs/.....

137) Ibid. no.113, 22.5.1910.
138) Ibid. no.217, 5.6.1910.
139) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, Botha aan Steyn, 21.1.1910.

slegs n kort wetgewende program om af te handel en die vyftiental wetsontwerpe is sonder lang besprekings deur al die stadia geloods. Op 20 April het die twee Huise gesamentlik vergader ten einde kragtens Art. XXIV van die Suid-Afrika-Wet, agt senatore te verkies vir die provinsie Transvaal in die parlement van die Unie van Suid-Afrika. Dertien persone is genomineer en op 22 April het die stemming plaasgevind waarna die speaker aangekondig het dat die volgende 8 here verkies is: W.H. Buhrmann, J.H. de la Rey, W.F. Lance, G.G. Munnik, E.P. Solomon, W.K. Tucker, P. Whiteside en A.D.W. Wolmarans.[140]

Die laaste sitting van die eerste en laaste parlement van Transvaal het op 28 April 1910 ten einde geloop. Prakties is die kort termyn van verantwoordelike bestuur hiermee na effens meer as drie jaar beëindig. Dit het, in die woorde van die speaker, genl. Beyers, n hoofstuk in die geskiedenis van dié Staat afgesluit en die oorgawe beteken van instellinge wat opgebou is en waarvoor die Transvalers liefgeword het.[141] Die werk wat verrig is, was belangwekkend, vrugbaar en van groot betekenis, wat bewys het dat die Botha-regering van selfbestuur n onvermengde sukses gemaak het. Grondslae is gelê waarop die eerste Unieregering met vertroue sou kon voortbou. Stellig die belangrikste hiervan was die vorming van n gesonde verstandhouding tussen die twee blanke bevolkingsgroepe. Drie jaar tevore het die parlementslede as vreemdelinge vir mekaar byeengekom; hulle was nie alleen op politieke gebied verdeeld nie maar het mekaar in geen geringe mate nie gewantrou. Binne die mure van die historiese Raadzaal het gaandeweg n gees van inskiklikheid en onderlinge vertroue ontstaan wat sy weldadige invloed op die bevolking uitgeoefen het. Uit hierdie gees kon die vereniging van Suid-Afrika as voldonge feit voortspruit, en is die wete gevoed dat n bevolking wat in so n kort tydsbestek sy onderlinge meningsverskille kon te bowe kom, die hoedanighede besit het om n grootse eindbestemming te bereik.

Terselfdertyd het hierdie periode van verantwoordelike bestuur die bevolking konstitusioneel opgevoed. Die inwoners van Transvaal het geleer om n intelligente en ywerige belangstelling te toon in openbare aangeleenthede en het leer besef dat daar op hulle as kiesers n groot verantwoordelikheid rus. In hierdie tydperk is kennis versprei van parlementêre prosedure en publieke lewe wat elders die toets van 250 jaar

deurstaan/.....

---

140) Debatten: Beide Huise - Buitengewone Sitting (1910), pp. 441 - 442; 516 - 517.
141) Ibid. pp. 644 - 646.

deurstaan het. Hierdie voordele was bestem om die Transvalers in die groter parlement wat met die Unie van Suid-Afrika in die lewe geroep sou word, goed te stade te kom.

Die Botha-bewind in Transvaal van 1907 - 1910 het in die teken gestaan van:

i) konsiliasie;

ii) geleidelike opkoms uit die wurggreep van die depressie en n stabiele vooruitgang op die weg na ekonomiese en finansiële herstel en

iii) die praktiese volvoering van die langgekoesterde ideaal van staatkundige eenwording van die onderskeie outonome State in Suid-Afrika. Dit was die praktiese uitvoering van die opdrag aan Het Volk as die sterkste party in Transvaal, en so bevredigend het die Botha-regering hom van sy taak gekwyt dat hy met reg, in samewerking met die ander verwante partye in die aangrensende provinsies, aanspraak kon maak op die voortsetting van hierdie beleid in die aanstaande Unie van Suid-Afrika.

==========

Die dag na lord Gladstone se aankoms in Kaapstad sou die uittredende Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, lord Selborne, na Engeland vertrek. Dit het hom die geleentheid gegee om n lang en noue samespreking te voer met sy opvolger, die Goewerneur-generaal.[142] Ongetwyfeld het hierdie konfidensiële gesprek in n groot mate beslis wie die Unie se eerste premier sal wees. In 1907 al het Merriman gewag gemaak van Selborne se "thinly veiled hostility"[143] teen die meer nasionale rigting in Suid-Afrika. Met die voorbereidings vir die Interkoloniale Spoorweg- en Doeanekonferensie in Mei 1908 te Pretoria het Merriman die hoofrol gespeel in die neutralisering van die Hoë Kommissaris. Selborne was bewus van hierdie gesindheid van die Kaapse premier.[144] Terselfdertyd het daar met verloop van tyd tussen Botha en Selborne n besonder goeie verstandhouding ontwikkel en ook was dit teen hierdie tyd duidelik dat die Transvaalse premier sonder twyfel n groter aanhang in Suid-Afrika agter hom het as sy Kaapse kollega.

Die Transvalers in besonder en die Engelssprekendes oor die algemeen was verheug toe Gladstone op 21 Mei 1910 vir genl. Louis Botha versoek het om n regering vir die Unie van Suid-Afrika saam te stel. Botha se eerste stap was om Merriman te nader om in die kabinet te dien, maar lg. het die

aanbod/.....

---

142) The Star, 18.5.1910.
143) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/4, Merriman aan Steyn, 24.2.1907.
144) Merriman Papers, no.17, Smuts aan Merriman, 17.1.1908; Vermooten, a.w. p.76.

aanbod van die hand gewys.[145]

Op 31 Mei 1910 het Botha die Goewerneur-generaal in kennis gestel dat hy sy ministerie soos volg saamgestel het:

Genl. L. Botha	:	Eerste Minister en Minister van Landbou.
Genl. J.C. Smuts	:	Minister van Binnelandse Sake, Mynwese en Verdediging.
J.W. Sauer	:	Minister van Spoorweë en Hawens.
A. Fischer:	:	Minister van Lande.
F.R. Moor	:	Minister van Handel en Nywerhede.
Genl. J.B.M. Hertzog	:	Minister van Justisie.
F.S. Malan	:	Minister van Onderwys.
H. Burton	:	Minister van Naturellesake.
H.C. Hull	:	Minister van Finansies.
D.P. de Villiers Graaff:		Minister van Openbare Werke, Pos- en Telegraafwese.
Dr. C. O'Grady Gubbins	:	Minister sonder Portefeulje.

==========

Die Toekoms van Het Volk in die nuwe staatkundige Posisie:

Die staatkundige vereniging van Transvaal met die aangrensende drie geweste het uit die aard van die saak die toekoms van Het Volk as politieke party-organisasie wat, na 'n betekenisvolle bestaan van ses jaar, diep wortelgeskiet het in die harte van die Boere, bevraagteken. Dat die party se energieke leier geensins in gedagte gehad het nie dat Het Volk totaal moet doodloop, blyk uit Botha se brief van Kissingen aan Steyn so vroeg as Augustus 1909:

> "...ik heb in my nu vast besluit om by terugkomst in Transvaal stil en rustig zaken te bestuderen en my alleen te bemoeien met het degelyke organisatie van mijn partij in Transvaal en zoo mogelyk ook met de Hollandsche deel van Natal, een degelyke programma van beginselen en doeleinden op te trekken; die klaar en gereed te houden om op de regte tyd te doen publiceeren, en om de beste mannen te laten staan, en dan ook trachten om £50,000 by elkander te krygen om een goed en groot dagelyksche Engelsche Courant te openen, zoo dat die voorgoed op finantieel gebied sterk is."[146]

Helderheid omtrent die toekoms van al die partye was daar op hierdie oomblik nog glad nie, en om die saak ingewikkelder te maak het hierdie probleem ineengestrengel geraak met die kwessie van die koalisie (hoe breed dié term ook al gebruik is) van regerende en opposisiepartye. Uit 'n brief van F.S. Malan aan Steyn blyk dit dat Botha aan sir M. Nathan vertel

het/.....

---

145) Merriman Papers, no.111(a), 21.5.1910; no.111(b), 21.5.1910.

146) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5 (geen datum, maar waarskynlik Aug. 1909). Vgl. ook: Ibid. dd. 31.8.1909; Botha aan Steyn oor sy plan om 'n Engelse blad op te rig as teenvoeter vir die Star, Leader, Rand Daily Mail en Pretoria News.

het dat hy (d.i. Botha) „...meer geneigd was om aan koalitie te denken" en juis in Desember 1909 het dr. Jameson by die Transvaalse premier op sy plaas, Rusthof, gekuier.[147] Terselfdertyd het Botha aan Merriman geskryf dat dit duidelik is

> "...that a great number of members of the 'Progressive Parties' would be willing and were anxious to subscribe to the principles and programmes of our parties if only the racial sentiment could be removed which they attach to the present parties."

Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die Suid-Afrikaanse Party, die Bond-organisasie, Het Volk en die Orangia Unie behoort saam te smelt tot 'n nuwe Suid-Afrikaanse Party

> "...the programme and principles of which will be acceptable to the moderate men amongst our present opponents."

Slaag hulle hierin, sal die "moderate section" verseker wees van 'n lang bewind. Aangeheg by sy brief het Botha 'n ontwerpmanifes aan Merriman gestuur vir sodanige nuwe party. Kopieë daarvan is ook na Malan en Fischer versend.[148]

Met hierdie sienswyse as uitgangspunt het Botha hom gou op 'n eensame weg bevind, want nie Merriman, Malan, Steyn, Hertzog of Smuts het in gedagte gehad dat hulle politieke organisasies moet koaliseer met die Progressiewe seksies nie. Vir hulle was daar 'n groot verskil, in die woorde van Merriman aan Steyn:

> "...between including in the government men of both races and inviting men of different opinion to make up the cabinet."[149]

Tereg het hulle van die standpunt uitgegaan dat die laaste eleksies oortuigend bewys het dat daar binne die raamwerk van die Bond, die Orangia Unie en Het Volk plek is vir persone uit albei taalgroepe en dat die Kaapse Unioniste-, die Transvaalse Progressiewe en die Vrystaatse Constitutional Party die tuistes is van die ekstremistiese Britte.

Onder leiding van Jameson en die Randse magnate het die jingo's gehoop dat hulle die konsiliërende genl. Botha met sy sterk aanhang in Transvaal en van Kaapse Afrikaners in hulle invloedsfeer sal betrek. Hierdie verwagting het in duie gestort toe Botha (wat nou die implikasies van koalisie met die Progressiewe ingesien het) as Premier van die Unie van Suid-Afrika geen lid van die Unioniste Partyleiding* uitgenooi

het/.....

147) Ibid. Malan aan Steyn, 30.12.1909.
148) Merriman Papers, no. 617, 29.12.1909.
149) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, 27.2.1910.

* Op 'n Kongres van 21 - 24 Mei 1910 het die Kaapse Unioniste, die Transvaalse Progressiewe en die Vrystaatse Constitutional Party verenig tot die South African Unionist Party met dr. Jameson as leier. (The Star, 21 - 25 Mei 1910).

het om in sy eerste regering te dien nie.

Teen hierdie tyd het daar vir almal duideliker onderskeid gekom tussen koalisie en die reorganisasie van die verskillende partye na die veranderde staatkundige toestand. Die vraag het ontstaan of die drie Nasionale partye met die oog op die eerste verkiesing vir die Unie-parlement moet saamsmelt of net tot 'n ooreenkoms moet kom. In Januarie 1910 was Botha in Kaapstad om samesprekinge te voer met die politieke leiers van die regerende partye. As hy aan die verkiesing dink, meld hy in 'n brief aan Steyn, word hy bang. Alles het weliswaar van die afbakening afgehang, maar hoe meer hy oor die saak dink hoe meer is hy oortuig „dat ons moet koppen by makaar (sic) gooi" want dit blyk dat die drie partye hoogstens 'n meerderheid van 13 kan behaal in die komende verkiesing. As sake die geringste skeef loop, kan hulle met 3 setels wen „en dan bars ons."[150]

Die samesprekinge wou nie vlot nie. Na 'n week se onderhandelinge, lui Botha se brief aan Steyn, lyk dit vir hom of hulle „leeg" uitmekaar sal gaan „en (komt) van ons amalgamatie plaan (sic) niets."[151]

Die parogiale gevoel was natuurlik nog sterk en onderlinge vertroue het wat te wense oorgelaat. Juis het dr. Engelenburg van „De Volkstem" bv. aan F.S. Malan geskryf:

> „Wy zullen wel ertoe moeten overgaan om Bond, Unie en Het Volk te amalgameeren. Inmiddels moeten we de ‚makke' Engelsen in Transvaal niet bang maken want ze zyn Ü! zo schrikkerig, vooral voor de Bond. Dit zo zynde zou ik ervoor zyn om eventuele amalgamatie eerst te doen plaatsvinden nadat de a.s. verkiesingen voorby zullen zyn."

Hiermee het Malan saamgestem.[152]

Volgens Smuts het die saak van party-hervorming in Transvaal "imperatively necessary" geword.

> "Our present name (d.i. Het Volk - skr.) is narrow and savour of racial arrogance and is a serious handicap and it will be wise to spread our nets somewhat wider,"

is sy mening teenoor Merriman. Dieselfde het gegeld vir die naam ‚Bond' in die Kaapse politiek. As hulle vir die hele Suid-Afrika 'n party onder 'n naam soos die ‚Suid-Afrikaanse Party' kan aanneem, kan hulle daaronder konsolideer en provinsiale seksionalisme binne die party verhoed. Die kwessie van beginsel sal, soos by die geboorte van alle partye, moeilikheid oplewer. Maar as hulle nie versigtig is nie

sal/.....

---

150) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/6 (waarskynlik Januarie) 1910.
151) Ibid.
152) Ibid. 156/1/5, Malan aan Steyn, (12.1.1910) waarin hy o.a. verwys na Engelenburg se brief.

sal hulle nie verseker wees van n praktiese meerderheid in die Unie-parlement nie. Merriman se streng beleid in die Kaap was nie gewild nie en ook in die Vrystaat, reken hy, het Fischer veld verloor. Hierteenoor het die Progressiewe hulle oor die saak van unifikasie goed gedra en hulle het hulle in n mate gerehabiliteer. Onder bekwame leiding kan hulle indrukwekkend vertoon by die verkiesing.[153]

Soos hy aan Steyn gemeld het,* het Botha in die eerste maande van 1910 besoek afgelê in die verskillende distrikte van Transvaal. Oral het hy die partytakke van Het Volk ingelig omtrent sy toekomsplanne in verband met die organisasie van die vereniging onder die nuwe omstandighede. Alles het daarop gedui dat sy volgelinge hom steeds getrou steun; oral het tevredenheid geheers - ook met sy toekomsplanne.[154]

Die jaarlikse kongresse van Het Volk, die Bond en die Orangia Unie het op 22 Maart, 31 Maart en 19 April en die daaropvolgende dae in Pretoria, Beaufort-Wes en Bloemfontein respektiewelik plaasgevind. Die vraag oor party-hervorming en party-samesmelting was by al drie kongresse die belangrikste punt van bespreking.[155] In n meeslepende rede het Botha die afgevaardigdes in Pretoria oorreed om toe te stem in die reorganisasie van Het Volk sodat dit op n uniale basis kan bestaan, alle bevriende organisasies kan omvat en n politieke tuiste kan bied aan Afrikaanssprekende sowel as Engelssprekende Suid-Afrikaners.[156] Twee weke vroeër reeds het hy

> „kopieë van het Programma van de Zuid Afrikaansch Nationale Party zooals wy het herzien hebben na bespreking met de vrienden"

aan Steyn en Fischer gestuur.[157]

Onder die heersende omstandighede van rassewantroue het Botha se voorstel die meerderheid Engelssprekendes nie van sy eerlike bedoelings oortuig nie. Toe „De Volkstem" die vorige jaar al met n soortgelyke voorstel kom, het die "Natal Mercury" teruggekap:

> "We do not desire to see Het Volk widened and broadened; we should prefer to see it dissolved."[158]

En toe die jongste plan van Botha omtrent die toekoms van Het Volk aanhangig gemaak is, het dit die blad laat dink aan die

"Aaron/.....

153) Merriman Papers, no.19, 10.2.1910.
154) The Star, 26.2.1910 en 8.3.1910.
155) De Volkstem, 22.3.1910; Ons Land, 2.4.1910; Die Hertzog-vers. (ongeorden) Verrichtingen van het Vijfde Jaarliksch Congres der Orangia Unie - Bloemfontein 19 en 20 April 1910.
156) De Volkstem, 22 en 24.3.1910.
157(Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/5, 4.3.1910.
158) The Natal Mercury, 28.9.1910.

* Vide supra, p. 562.

"Aaron rod in politics": dit verander om die ander organisasies te kan insluk.[159]

Die Bond- en Orangia Unie-organisasies was versigtiger. Hulle het gevrees dat samesmelting met die kragtige Het Volk onder die invloedryke leiding van Botha en Smuts sal beteken dat die politieke swaartekrag totaal na Pretoria sal verskuif.

> „Wij zijn bereid onze samenwerking te verlenen, doch met ongekrenkt behoud onzer beginselen, aangepast natuurlik aan de nieuwe toestanden welke door de Unie in 't leven geroepen worden,"

het die Bondsorgaan, „Ons Land", op 2 April 1910 in 'n hoofartikel geskryf. Kragtens die Kongresbesluite sou hierdie twee organisasies nog afsonderlik voortbestaan; alleen sou bepaalde artikels in hulle konstitusies gewysig word ooreenstemmig die nuwe omstandighede wat na 31 Mei 1910 sou intree - soos bv. met betrekking tot die benoeming van kandidate vir die algemene verkiesing. Nogtans het die leiers besef dat die organisasies vroeër of later op uniale grondslag sal moet uitbrei.[160]

Voorlopig het die gedagtes omtrent party-samesmelting op die agtergrond geskuif want die eerste verkiesing sou op 15 September 1910 volg; die Bond, Het Volk en die Orangia Unie het dus as aparte politieke organisasies in Kaapland, Transvaal en die Oranje Vrystaat die Unioniste-teenstanders die hoof gebied.
Vir amper vier maande, dus, moes Botha se Unieregering sonder parlement regeer.

Paradoksaal genoeg, al die hoon van die meerderheid Engelssprekendes wat voor 31 Mei op Merriman gekom het, het nou op Botha, die man wat hulle as premier verkies het, neergereën, en dit omdat hy koalisie verwerp het en Hertzog, die kampvegter vir taalgelykheid, in sy kabinet opgeneem het. Opnuut het die kreet, „Hertzogisme", in die monde van Jameson, sy Unioniste-volgelinge en die jingo-pers opgeklink. Die effek op die Engelssprekendes was kennelik: van die 121 setels vir die Unie-volksraad het die Suid-Afrikaanse Party, die Orangia Unie en Het Volk gesamentlik in die verkiesing 67 gewen - d.i. 'n meerderheid van slegs 13 oor al die ander partye saam. En om alles te kroon is drie ministers

verslaan/.....

---

159) Ibid, 8.3.1910.
160) Ons Land, 2.4.1910; Hertzog-vers.: Verrichtingen van het Vijfde Jaarliksch Congres der Orangia Unie - Bloemfontein 19 en 20 April 1910.

verslaan: Botha, Hull en Moor.*

Die setel Losberg is aan Botha gebied en hy het hom dit laat welgeval. Op 4 November 1910 het die eerste Unieparlement byeengekom. Staatkundige onenigheid en administratiewe verskeidenheid het plek gemaak vir eenheid in Suid-Afrika. Vir die eerlike, kragtige leier van Het Volk en sy briljante regterhand, Jan Smuts, was dit die kroon op hulle onvermoeide ywer, hulle opoffering, hulle strewe van die afgelope dekade.

Rassekonsiliasie, die ander groot beginsel van Het Volk wat die Botha-regering met so 'n hoë mate van sukses sedert 1907 in Transvaal bevorder het, moes nou op uniale vlak aangemoedig en volbring word. In die proses sou Botha nog altyd die gevoel vertolk. Die rasionele benadering het Smuts voorsien. Die gewete het nog ontbreek want uit die staanspoor was daar aanduidings dat Hertzog in hierdie saak nie dieselfde sienswyse toegedaan was as sy leier en sy kollega nie.

Botha het nietemin met groot vertroue sy plan, om een groot Suid-Afrikaanse party op die been te bring, ná die eerste sitting van die parlement in 1911 voortgesit. F.S. Malan het hom ywerig gesteun. Hulle het die statute van die verskillende Nasionale politieke organisasies aangevra - ook van die Natalse Volksvereniging van wie adv. E.G. Jansen die sekretaris was.[161] In die tweede helfte van die jaar is uitnodigings gestuur aan die politieke leiers buite die Unionisteverband en aan die taksleiers van die Bond, Het Volk, die Orangia Unie en die Volksvereniging in Natal om 'n Kongres by te woon op 21 en 22 November 1911 te Bloemfontein.[162]

Amper 700 afgevaardigdes van albei taalgroepe het opgedaag. Genl. Botha was die voorsitter. Sy doel was om „de bredere weg" te volg wat nie net die ouer bevolking tevrede sal stel nie, maar persone van altwee die bevolkingsgroepe wat Suid-Afrika liefhet - „een politiek", het hy taktvol aan

pres./.....

161) F.S. Malan-vers. Acc. 583, no. 1.
162) Ibid. Botha aan Malan, 7.9.1911; Fischer-vers. Ink. Briewe, 59/7/5, Botha aan Fischer, 6.9.1911.

* Daar is drie foutiewe stellings oor die eerste Unieregering in Dr. Vermooten se proefskrif: „Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika", wat soos volg verbeter kan word:

i) Die eerste verkiesing het nie in Augustus nie, maar wel op 15 September 1910 plaasgevind.
ii) Die drie Nasionale partye het 67 setels verower - nie 70 nie. (De Volkstem, 20.9.1910).
iii) Die tweede Botha-kabinet is op 20 Desember 1912 - nie 1910 nie - saamgestel, m.a.w. ná die sg. Hertzog-krisis. (Vgl. o.a. Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, p. 49).

pres. Steyn geskryf, „die ik van u uit de oude Vrijstaat heb geleerd".[163]

Uit die onderhandelinge het gevolg die samesmelting van Het Volk, die Afrikanerbond, die Orangia Unie en die Natalse Volksvereniging tot een groot party, t.w. die Zuidafrikaanse Nationale Party. In sy breedvoerige manifes betreffende die politieke beginsels van die party, skryf genl. Botha ten slotte dat dít die doeleindes en beginsels is

> „naar de uitvoering waarvan ik gestreefd heb gedurende mijn ambstijd in Transvaal, en welke ik en mijn kollega's naar onze beste krachten wensen uit te voeren in het goeverment van Zuid-Afrika, en ik doe een beroep op alle Zuid-Afrikaners om onze handen te sterken, door met ons op deze grondslagen samen te werken".[164]

Op Vrydag en Saterdag 24 en 25 November 1911 het die laaste kongres van Het Volk as Nasionale organisasie in Transvaal in die Pretoriase stadsaal plaasgevind. In sy toespraak het Botha - pas terug van Bloemfontein - die afgevaardigdes gevra om hulle eie organisasie op te hef en die program van beginsels van die nuwe en omvangryke Suid-Afrikaanse Nasionale Party te aanvaar. Verskeie sprekers het sy voorstel gesteun, waarop dit eenparig aangeneem is.[165]

Hiermee het die bestaan van Het Volk verstryk. Dit was 'n Boere-organisasie wat uit die nood van die tyd in 1904 in die lewe geroep is. Toe was die ledetal maar gering, maar omdat dit 'n boodskap vir die volk gehad het, het Het Volk uitgegroei tot die sterkste en mees viriele politieke vereniging in Suid-Afrika om nou, na 'n vrugbare bestaan van sewe jaar in Transvaal, sy belangrikste beginsels in te dra in die staatspolitiek van Suid-Afrika. Ván hierdie beginsels het binne die eerste jaar van die nuwe party se bestaan die eerste groot skokke meegebring en die toekomstige politieke verdeling in die land sou grootliks bepaal word deur die wyse waarop hierdie skokke getrotseer is.

---

163) Steyn-vers. Ink. Briewe, 156/1/6, 17.10.1911.
164) F.S. Malan-vers. Acc. 583, no.1: Manifest der Zuidafrikaanse Nationale Partij uitgegeven door de hooged. genl. Louis Botha, premier van de Unie van Zuid-Afrika.
165) Preller-vers. no.35, Uitknipsel: The Rand Daily Mail, 25.11.1911.

B Y L A A G A.

L.A. 259(2) R.82/'06.

MEMO OF POINTS IN REFERENCE TO THE TRANSVAAL CONSTITUTION.

A. GENERAL.

1. What South Africa needs above all things after the storms and upheavals of the past, is tranquility, but that can only be secured by the removal of all just grounds of discontent and the unreserved application of Liberal principles to the government of the new Colonies, by showing a statesmanlike trust in the people of the land, of whatever race, and granting them a fair and equitable constitution under which they can work out their own salvation.

There may be some danger in trusting the people too soon, but there may be much greater danger in trusting them too late.

2. If a fair and just constitution is not granted to the new Colonies, there is great probability that the Boers of the Transvaal will not take part in the elections; they will stand aloof and the state of affairs in South Africa will go from bad to worse. At the last Annual Congress (July 1905) of Het Volk, which comprises all sections of the Boer people, the vote on the present constitution had to be postponed, because, from the direction the dabate was taking, it became clear to the leaders that the great majority would vote for abstention from participation in that constitution.

3. Let it be clearly understood once and for all that the Boers and their leaders do not wish to raise the question of the annexation of the new Colonies or the British flag. They accept accomplished facts and desire to take part in the affairs of the country on that basis and hope that a constitution will be granted to the country under which the legitimate interests of the people as a whole may be secured and their legitimate aspirations realised under the protecting aegis of the British flag, just as a similar result has been achieved under similar conditions in Canada.

/...

4. In our opinion the only security for the British connection lies - not in armies or the ostentatious loyalty of mine-owners - but in the trust and goodwill of the people of South Africa as a whole. Let the permanent population (English and Dutch) who are not speculators and birds of passage come to realise that under the British flag there is peace and contentment, there is justice and equal rights for all, and there is the free scope to follow their own national ideals and destiny - and the beneficent results will be far-reaching. I can conceive no nobler task for Liberal statesmanship than that it may inaugurate in South Africa such an era of trust and goodwill and reliance on the people of the land, and bring healing to the wounds which the errors of the past have inflicted.

5. It cannot be too strongly insisted that the great practical issue in Transvaal politics, before which the racial issue has receded, is the distribution of political power as between the mine-owners and the permanent population of the land, English as well as Dutch. The struggle by the mine-owners for political domination which began before the war, but has been enormously accentuated since the war, is obliterating all other issues and is to-day, and will long continue to be, the dominant factor in Transvaal, perhaps in South African politics: English and Dutch alike, who are jealous of the political ascendancy of the mine-owners, will combine (as they already do) on a defensive basis for the protection of the general interests and the liberties of the people, English and Dutch alike, who are dependant on the mines, will, for the present, at any rate, go with the mine-owners. The racial issue which the mine-owners are doing their best to raise is a false issue, and is only intended to excite English suspicions against the Boers and to divert attention from the unreasonable and somewhat discredited pretension of the mine-owners.

6. There is a strong impression among the Boers - an impression which is growing also among the British section of the population - that, in the years since the conclusion of the war, the balance has not been held evenly between the people and the mine-owners, that the economic aims of the mining magnates have been unduly favoured to the

/.....

detriment of the general interest, and that the real balance of political power has passed over to the Chamber of Mines. This policy, shown by innumerable acts of legislation and administration, but most unmistakeably in the way that the importation of Chinese labour was brought about, is producing a state of tension not only among the Boer, but also large sections of the English population which cannot but have disastrous results in the long run. Once the people of South Africa come to the conclusion that the Imperial Government and their representatives have - for whatever good economic ~~of~~ Imperial reasons - espoused the cause of cosmopolitan finance as against them, the moral hold of the Imperial Government on South Africa will be gone, and a new situation will arise.

B. THE PRESENT CONSTITUTION.

7. The most flagrant result, however, of this policy of favouring the mine-owners at the expense of the population as a whole, is the present constitution of the Transvaal, in which the position of the mine-owners is rendered impregnable to future attack by the principles adopted in it. I shall here note the most salient points.

8. The adoption of the so-called principle of one-vote-one-value constituencies, equal not in point of population but of voters, will make the minority controlled by the mine-owners rule the majority in the Transvaal.

Out of a total number of 80,324 voters (according to the provinsional registration lists which were published when I left the Transvaal) the Witwatersrand has 40,143 representing half, and on a voters' basis of constituencies it will have exactly half the number of representatives in the Legislative Assembly (say 30 out of 60). In point of population, however, the Rand has only 114,021 out of a total of 289,062 for the whole Transvaal (according to the census of 1904) or 39 per cent of the whole and is therefore only entitled to 23 out of 60 members of the Legislative Assembly. The present constitution is therefore cleverly devised to give the mine-owners - who may fairly rely on carrying the whole Rand with them - 7 seats or 11.5 per cent more than they are entitled to, that is

/...

to say, an undue advantage of 78 seats on the House of Commons basis. The final registration lists as cabled comprise 91,000 voters of whom the majority are on the Rand, and the gain to the Rand on the principle of one-vote-one-value becomes so much greater.

9. The disparity between voters and population at the Rand and in the rest of the Transvaal arises from the fact that the population of the Rand consists largely of bachelors and therefore yields a higher percentage of voters.

The principle of one-vote-one-value is unsound, and a misnomer, as it really gives a higher value to a vote on the Rand than in the rest of the Transvaal, and undemocratic, as it assumes that the State consists only of qualified male adults, and neglects not only the unqualified, but also the women and children who constitute from many points of view the most important part of the population and an asset infinitely more important than all the gold and diamond mines in the country.

The principle, moreover, is not law anywhere in the British Empire, nor I imagine, in any part of the modern world, with the exception of the Australian Commonwealth.

10. This principle secures to the mining magnates on the Rand alone at least half the members of the Legislative Assembly, and, what with the seats they are certain to capture elsewhere at such English centres as Pretoria, Barberton, Klerksdorp and Potchefstroom, will give them an unassailable position in the Legislature and Government of the country. They will thus be enabled to carry any labour proposals in the teeth of the great popular opposition in the Transvaal and all over South Africa, and will carry all those schemes, such as the amendment of the gold and other laws which they are studiously keeping in the background at present. They will continue to pose as Imperialists and as the true bulwark of the British connection, and the popular antagonism to them will gradually tend to drive the people of South Africa to political discontent and disaffection as the only alternat

Let me/...

11. Let me here point out that neither I nor the Boers as a whole are actuated by any unfriendly feelings towards the mine-owners or to mining interests in general. The great mining industry never had a happier or more prosperous time than during the Boer administration before the war. I think this is generally admitted. Nor have the Boers the slightest intention to depart from their historical attitude of goodwill to this vast industry; but we say that the claims of capital are very exacting everywhere, and that the power and influence of the mine-owners are so great in a poor and sparsely populated country like South Africa, that every precaution ought to be taken to safeguard the interests of the people and to prevent their political submersion.

12. While the Boers generally favour the distribution of constituencies on a population basis, they believe that no arithmetical principle ought to be rigidly followed but that legitimate vested interests (e.g. existing districts and divisions) as well as territorial extent should to some extent be considered, while the large native population in the outlying districts might also have some weight in electoral distribution.

13. Besides this fundamental objection to the constitution the Boers object very strongly against some other important provisions:

(a) They object to the occupation and salary qualification of voters (residence on premises worth £100 or producing £10 rental a year, or receipt of £100 salary per annum Art.3) and claim manhood suffrage as the only true democratic principle. This qualification has led to the disfranchisement of thousands of voters. Comparing the census and preliminary registration figures, it appears that 26,169 males above 21 in 1904 (the number in 1905 must be much larger) have been disfranchised, of whom 11,375 are on the Rand and must include a goodly proportion of aliens. Even making the necessary deductions for aliens (resident mostly on the Rand) the proportion of disfranchised under the above qualification still remains alarming. I have not yet seen the exact

figures /...

figures according to the final registration lists though the number of the non-registered has been largely reduced on the Rand.

(b) They object to one-member constituencies all over the country (Art.6(4)) as being unfair to the numerous minorities (Boer on the Rand and British in the country towns). They claim either larger constituencies of 2 to 3 members so that the influence of minorities, which may yet be the surest and best influence in Transvaal politics, may be duly felt. The most practical course would be to maintain the present magisterial districts in the rest of the Transvaal with slight readjustments but to cut up Pretoria (town and district) and the Rand (Central, East and West).

(c) They object to the mathematical division of electoral areas by a commission of three appointed by the Lt. Governor (Art.6) as quite impracticable, and they object to automatic redistribution by such a commission every four years and the throwing of all electoral boundaries into the meltingpot (Art.7). The arrangement opens the door to every sort of jerrymandering and political trickery. Decennial redistribution on the census basis as laid down in the Canadian Constitution is the proper course.

(d) They object to the humiliating provision that a member of the House may address it in Dutch only with the permission of the President (Art.15) and claim equal rights for English and Dutch as they exist in the Cape Legislature.

(e) They object to the novel provision that the Lt. Governor shall preside at the meetings of the Legislative Assembly (Art.8) and to the still more dangerous innovation whereby the Governor gets the power, not only as in other Colonies to assent or refuse to assent to bills passed by the Legislature, but also to return it to the House with amendments (Art.10). Such a provision gives unnecessary power to the Governor and may make him a partisan in the legislation of the country.

(f) They object to the provision that the constitution can be amended by Letters Patent (Art.20) and claim

the right, conceded, I believe, in all other colonial constitutions, to have the constitution or any irksome provision thereof amended by the Colonial legislature. If it is deemed necessary to confer an unalterable constitution on the Transvaal, it would be better to follow the precedent of having it settled by act of the Imperial Parliament and not by mere Letters Patent.

(g) They object most strongly - as I believe the majority of even English Colonists object - to the provision (Art.18) whereby the railways - the most valuable asset of the country and its principal source of income - are placed under a nominated Inter-Colonial Council and excluded from the jurisdiction of the Legislative Assembly. Such a reservation really nullifies the grant of a representative Legislature to the country.

(h) Finally they object to the military having a vote in the Transvaal and interfering in the elections of the representatives of the people. The military are not in the Transvaal in order to take part in party politics and though the mine-owners are strongly in favour of their having a vote, that seems only an additional reason for excluding the military from the arena of party politics.

14. May I point out in conclusion, that the Boers were not consulted in the framing of this Constitution and were taken by complete surprise when they found the above provisions contained in it. Some members of the Central Committee of Het Volk had the honour of an interview with Lord Milner, at which he discussed with them several methods of electoral distribution, all of which, however, favoured the country as distinguished from the large towns. The principle of one-vote-one-value was never even mentioned. The present constitution represents the suggestions of the Progressive or Mine-owners' party, which unfortunately must have overborne Lord Milner's own ideas.

C. RESPONSIBLE GOVERNMENT.

15. While the Boers think that Responsible Government will be the proper and natural remedy for many of the ills under

which ...

which the new Colonies are at present suffering and that the time has come when the grant of responsible institutions might fairly and safely be ventured, they wish it to be clearly understood that Responsible Government granted on the basis of the present constitution will only make matters worse and is strongly disapproved of by them. Responsible government under such conditions will simply substitute the mine-owners for the Colonial Office in the government of the Transvaal, and the Boers would rather have an indefinite period of Crown Colony administration than see the Transvaal permanently put under the government of the financial magnates. With a fair constitution adjusted on a population basis, Responsible Government will bring tranquility to the land; on the basis of the present constitution it will simply add a new and most potent source of discord and agitation.

16. In taking up this attitude the Boers are not acting in a narrow selfish spirit. They want a constitutional settlement which will commend itself - not to the passions but to the conscience of South Africa, not to this or that sectional interest, but to the abiding interests of the permanent population of the land. They have the consciousness that, inferior as they are in culture and many other respects to the newcomers, they yet stand in a very true sense for the liberties of the people as against the encroachments of the money power, and cherish the hope that in time the newcomers will also rally to their standpoint. They do not wish to see the rights and liberties of the people prejudiced by a patched up and opportunist settlement conceived in the supposed interests of British supremacy, but really operating only in the interests of the mine-owners, unjustifiable in principle and fruitful of future discord.

If the British people and government do not see the situation in a clear light at present and are still apprehensive of the Boers, it would be better by far to delay the grant of a constitution until the truth has been fully ascertained, either by an impartial commission or in any other way, and it has become possible for a policy of trust

and/...

and reliance on the people to be inaugurated.

A further question arises whether it would not be advisable to embody the Constitution, under which the new Colonies will receive Responsible Government, in an Act of Parliament so that ample opportunity may be afforded for discussing the principles involved and some security for the permanence of the Constitution may be obtained.

This would naturally involve the suspension of the present Constitution and the continuance for some time of the present régime of Crown Colony administration, against which there could, under the circumstances, be no objection.

17. I repeat again, that this is no question of English against Dutch. The Boers are in a minority in the Transvaal and even a population basis for the Constitution will give them only a minority in the House. I have carefully gone into the figures and have come to the result that on a population basis and the maintenance more or less of the present districts (except Pretoria and the Rand), the Boers will command at the outside 23 and the English 27 in a House of 50 members. On the basis of one-vote-one-value, the Boers will be in a permanent minority of at most 18 as against 32 in a House of 50. Those who say that the Boers will get a majority on the population basis have not studied the figures of the last census.

18. Finally, the Boers of the Transvaal desire that, whatever rights are conceded to the Transvaal, the people of the Orange River Colony shall be dealt with in the most generous spirit. Whatever our mistakes in the Transvaal before the war, it is generally admitted that the administration of the Orange Free State was the simplest, most efficient and satisfactory in South Africa. The Orange Free State, in a spirit of chivalrous attachment to its legal obligations towards the Transvaal, sacrificed its all in the war. It is our sincere wish that to the Orange River Colony may be given the freest and best constitution in all South Africa, as its people are in every way worthy of and ripe for it.

D. FEDERATION OR UNIFICATION.

19. Even larger issues than those already referred to will be profoundly affected by the character of the Transvaal constitution. The South African Colonies are so situated geographically and economically that the question of Federation, or perhaps even Unification, will become a practical one as soon as Responsible Government has been granted to the new colonies. The people, and I may perhaps add, the statesmen of South Africa, are in favour of Federation, and with a truly popular constitution in the Transvaal, we may see Federation or Union in South Africa perhaps within the next five years; but a plutocratic constitution in the Transvaal will militate most powerfully against this consummation. The mine-owners, once they have ascendancy assured to them in the Transvaal, are not likely to run the risk of losing this by entering into a federation, in which they will have to contend, not with the helpless people of the Transvaal, but the people of South Africa, and conversely the people of the Cape and Orange River Colony at least will be far less anxious for Federation when they know that the most powerful State in the group is devoted to a selfish mine-owners' policy. In granting a Constitution to the Transvaal this larger South African aspect of its probable operation must not be lost sight of.

E. ADDITIONAL COMPENSATION.

20. Next to a free and proper constitution the measure which will give the greatest satisfaction in the new Colonies and tend most to remove irritation and ill-will, is the grant of war. During the war, the entire country outside the larger towns was desolated and laid waste as a measure of military necessity, and one could not impress too strongly on the heart and conscience of the English people the moral obligation resting on them as far as possible to compensate those whose private property was sacrificed for public ends. The three million free grant given in the Vereeniging agreement has produced more than two shillings in the pound on the assessed value of these losses plus £25 to each sufferer. A grant of more adequate compensation will not only harmonise with the traditions

and ....

and generous instincts of the British people but will be appreciated in the new colonies far above its mere money value, and it will raise the rural districts and villages of the new colonies out of that economic ruin into which they now seem permanently plunged.

Perhaps the simplest way in which this compensation could be given will be for the British Government to enforce the first instalment of 10 million pounds which the Rand magnates guaranteed as a war contribution, and then to restore this amount to the Transvaal Government for further payment to those who have received only two shillings in the pound. The money would really come from the Transvaal taxpayer, but instead of going into the British Exchequer, it would return to those who suffered most in the new colonies.

F. A PRACTICAL SCHEME OF REPRESENTATION.

21. The annexed table shows a practical scheme of the representation of the Transvaal in a House of 50 members, who are apportioned on a population basis (one member for every 5,400 persons). The districts which are Boer in population are maintained as the basis of electoral areas, but the boundaries are shifted so as to give the necessary quota of population to each; this does not, however, affect the aggregate result arrived at.

The principle of one-member constituencies is also abandoned, so that the minorities might have some chance of representation, the number of members for the electoral districts being fixed as in the table.

The Rand, being too large, must be cut up into three districts (Central, East and West), and Pretoria for the same reason is cut up into two districts (town and district, which later will include the suburbs of Pretoria.)

Barberton, which is again too small, is lumped with Lydenburg, so that the English minority in Lydenburg might combine with Barberton (a purely mining community) to return one English member.

The Rand, the towns of Pretoria and Barberton, will return English members. The district of Pretoria which will include the suburbs and some thousands of persons cut

off /...

off from the town on the readjustment of the electoral boundaries will return one English member, and the two others I assume to be Boer.

Klerksdorp in the Potchefstroom district is a mining centre and will return an English member; the other two members for Potchefstroom I assume to be Boer.

The Boers will thus get 23 out of the 50 members, but this represents the most sanguine view of their position. Of this number they are likely to lose either now or in the immediate future one other seat in the Pretoria district (the Premier Diamond Mine); Krugersdorp on the Rand is also a very unsafe seat for them, while Zoutpansberg, which is a rising mining district will also be lost in the future. If only two seats are lost by the Boers they will have only 21 as against 29 members in the House.

On the so-called principle of one-vote-one-value, the Rand will get 26 instead of 21 members; the Boers will then get 18 out of the 50 seats, and if they lose two more as I have indicated, they will have only 16 out of the 50, which is less than a third of the House.

Districts.	Population	No. of Members	English	Dutch
Rand	114,021	21	21	-
Pretoria town & Railways	21,587	3	3	-
Pretoria Dist. & Suburbs	19,033	3	1	2
Potchefstroom	24,416	3	1	2
(Lydenburg)	6,978			
(Barberton)	2,645	2	1	1
Krugersdorp	5,630	1		1
Lichtenburg	6,294	1		1
Wolmaransstad	9,061	2		2
Rustenburg	11,451	2		2
Zoutpansberg	7,799	1		1
Waterberg	4,349	1		1
Middelburg	10,795	2		2
Ermelo	7,536	1		1
Wakkerstroom	8,584	2		2
Standerton	11,323	2		2
Heidelberg	10,833	2		2
Marico	6,787	1	-	1
TOTAL:	289,062	50	27	23

B Y L A A G B.

Engelenburg-vers. 2, no.108.

PROGRAMMA VAN „HET VOLK".

DOELEINDES.

(a) Het hoofddoel van „Het Volk" is te streven naar rassenverzoening, elke aanleiding tot onderling wantrouwen of verdeeldheid te vermyden, de overheersing van 't ene blanke ras over 't andere tegen te gaan en alle blanke inwoners van de Staat te verenigen in een grote Zuid Afrikaanse Nasie, gelukkig, welvarend en eensgezind, met gemeenschappelike trots en patriotisme op Zuid-Afrika ziende als op haar tehuis, en met gezamelike krachten werkend voor haar toekomstige grootheid en glorie.

(b) Terzelfder tyd erkent „Het Volk" dat de voogdy ener blanke samenleving over de naturellen-bevolking ernstige plichten en verantwoordelikheden op de blanken legt; en „Het Volk" beoogt de vervulling dezer plichten en verantwoordelikheden in een geest van rechtvaardigheid, wysheid en menselikheid, zodat verbittering tussen blanken en gekleurden moge voorkomen worden en allen mogen saamwerken voor Zuid-Afrika's heil.

BEGINSELEN.

Ter bereiking dezer doeleinden staat „Het Volk" de navolgende algemene beginselen voor:

(1) De oplossing van alle uitstaande kwesties van een rassenkarakter (zooals die van taal, opvoeding en door de Staat ondersteunde landbouw) in een geest van rechtvaardigheid, gematigdheid en wederzydse verdraagzaamheid.

(2) De bevordering der spoedige tot-stand-koming van een Verenigd Zuid-Afrika, met inachtneming der belangen van de Transvaalse bevolking.

(3) Aandeel, in overleg met de Ryksregering in beslissingen over territoriale en andere aangelegenheden van Britse Protektoraten in Zuid-Afrika en over Zuid-Afrika's internasionale betrekkingen, inzonderheid met Duits en Portugees Zuid-Afrika.

(4) Herstel/.....

(4) Herstel, op een gezonde en blyvende basis, van binnelandse voorspoed en van buitenlands vertrouwen in de Transvaal; opening der ryke hulpbronnen des lands, al naarmate het volks-belang daartoe zal dringen; verlichting der ekonomiese en administratieve lasten door by de invoering van fiskale hervormingen te rade te gaan met oordeelkundige verdeling van belastingen, waar die 't minst zwaar zullen drukken op het Transvaalse publiek; erkenning der doelmatigheid om de minerale industrie te belasten met in-achtneming der behaalde winsten, met dien verstande dat hoe groter de percents-gewyze profyten ener onderneming zyn, des te hoger de daarop te leggen profyten-belasting.

(5) De behandeling der naturellen-kwestie in haar verscheiden politieke verschynselen als een algemeen Zuid-Afrikaanse kwestie, en niet als een van party-politiek. De opbeuring der naturellen-rassen door gepaste opvoeding, vooral in de richting van verhoging van hun werklust en nywerheid.

(6) Elementair onderwys op kosten van de Staat, met erkenning der rechten van ouders - by wyze van gekozen kommissies - in de aanstelling van onderwyzers en in de keuze van medium van onderwys, met dien verstande dat onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen. Aanvaarding van leerplicht binnen praktiese limieten, en aanmoediging van goedkope hogere en techniese opvoeding.

(7) De bevordering der myn-industrie, niet alleen als een bron van rykdom voor de weinigen, maar tevens van nut en welvaart voor de algemene bevolking, en als een middel tot aanmoediging van blanke arbeid. De zorgvuldige inachtneming van middelen, berekend om de mynen van een voldoende hoeveelheid naturellen werkvolk te voorzien. Het tegengaan van monopolies, van 't misbruik van maatschappy-fondsen voor politieke doeleinden, van willekeurige opsluiting van de minerale bronnen des lands en van de sluiting der mynen in stryd met de belangen der gemeenschap.

(8) De bevordering van landbouw, als zynde zowel de meest blyvende en welvaart verspreidende industrie van het land alsook het meest doeltreffende middel om het leven goedkoper te maken, een grote blanke bevolking naar het platteland te trekken en een einde te maken aan de verhuizing der landelike bevolking naar de steden.

(9) Eenvoudigheid en doeltreffendheid der Administrasie, en de toekomstige opvulling van de Civiele Dienst uit de bewoners der Transvaal of van Zuid-Afrika onder voorzieningen, bestemd om de gehele dienst in meer sympathieke aanraking met elk deel der bevolking brengen.

(10) De/.....

(10) De bescherming van industriële blanke arbeid tegen maatregelen beperkende het recht van kombinasie en de vryheid van politiek optreden; toezicht op behoorlike voorwaarden van arbeid, met name wat veiligheid, gezondheid, Sabbatsheiliging betreft; bevordering ener gemakkelike beslissing van geschillen tussen werkgever en werkman en regeling der werkgever's verantwoordelikheid by ongelukken.

(11) Tegengaan van ongewenste immigrasie en beperking van toekenning van handelslisensies tot de Aziaten, voor 1899 in de Transvaal woonachtig.

(12) Verbod van invoer van alle Aziaten-arbeid, hetzy vry of onder kontrakt, en terugzending van alle Aziaten die tans op de mynen ge-employeerd zyn, by 't verstryken van hun tegenwoordige dienst-kontrakten.

(13) Bestryding der zorgwekkende toename van armoede.

MAATREGELEN.

Als een Program van wetgeving staat „Het Volk" alle maatregelen voor, berekend om de voorgaande beginselen te bevorderen en uit te voeren, onder andere de volgende:

(1) Oprichting ener Nasionale Landbouw-Bank op niet-politieke grondslag, en aanmoediging van landbou-ko-operasie.

(2) Verlaging van spoorweg-tarieven en verschaffing van andere faciliteiten voor 't vervoer van Transvaalse produkten.

(3) De herziening, op billike en redelike gronslag, van schulden, aan de Regering verschuldigd door Setlaars en voor Repatriasie-leningen.

(4) Medewerking van Regering en Wetgever tot verkryging, voor de mynen, alsook voor de landbouwers, van voldoende naturellen-werkvolk.

(5) Wyziging der wet op publieke stromen en op besproeiing.

(6) Oprichting van een Bestuurs-Departement ten einde toezicht te houden by leningen en bestryding van armoede.

(7) Regeling, by wet, van de rechten van nering-doenden by de goudmynen.

(8) Onderzoek naar de aanspraken der by de claim-lotery van 1898 betrokken personen.

---oOo---oOo---

LITERATUUR- EN BRONNELYS.

1. ARGIVAAL

A. STAATSARGIEF, PRETORIA.

a. ONGEPUBLISEERD.

(i) Die Beyers-versameling. 1906 - 1910.
(ii) Kantoor van die Eerste Minister. 1907 - 1910.
(iii) Die Engelenburg-versameling. 1904 - 1910.
(iv) Die Fischer-korrespondensie (ongeorden). 1905 - 1910.
(v) Die Hertzog-versameling (ongeorden). 1904 - 1910.
(vi) Kantoor van die Koloniale sekretaris. 1904 - 1910.
(vii) Die Leyds-argief. 1903 - 1910.
(viii) Kantoor van die Luitenant-goewerneur. 1904 - 1907.
(ix) Die Preller-versameling. 1904 - 1910.

b. GEPUBLISEERD.

(i) Imperiale Blouboeke (Cd.-reeks). 1905 - 1910.
(ii) Transvaalse Blouboeke (T.K.-reeks). 1905 - 1910.
(iii) Transvaalse Staatskoerant. T.K. 1907 - 1910.
(iv) Transvaal (De) Wetgewende Vergadering. Debatten. 1907 - 1910.
(v) Transvaal (De) Wetgewende Raad. Debatten. 1907 - 1910.
(vi) Wetten van Transvaal, T.K. 66 - 72

B. VRYSTAATSE ARGIEF, BLOEMFONTEIN.

(i) Die Fischer-versameling. 1904 - 1910.
(ii) Die Goewerneurskantoor. 1907 - 1910.
(iii) Die Steyn-versameling. 1904 - 1910.

C. KAAPSE ARGIEF, KAAPSTAD.

(i) Kantoor van die Eerste Minister. 1907 - 1910.
(ii) Die F.S. Malan-versameling. 1906 - 1910.
(iii) Die Fremantle-versameling. 1906 - 1910.

D. NATALSE ARGIEF, PIETERMARITZBURG.

(i) Kantoor van die Eerste Minister. 1907 - 1910.

2. S.A./.....

2. S.A. OPENBARE BIBLIOTEEK, KAAPSTAD.

(i) Die Merriman-versameling. 1903-1910.

(ii) Die Hofmeyr-versameling. 1907-1910.

3. PUBLIKASIES.

a. KOERANTE.

A. TRANSVAAL.

(i) De Volkstem. 1905-1911.

(ii) The Star. 1905-1910.

(iii) The Rand Daily Mail. 1906-1910.

(iv) The Transvaal Leader. 1906-1910.

(v) The Pretoria News. 1906-1910.

B. ORANJE VRYSTAAT.

(i) The Friend (+ De Vriend). 1907-1910.

(ii) The Bloemfontein Post (+ De Bloemfontein Avond Post) 1907-1910.

C. NATAL.

(i) The Natal Mercury. 1907-1910.

(ii) The Natal Witness. 1907-1910.

D. KAAPKOLONIE.

(i) Ons Land. 1906-1910.

(ii) The South African News. 1907-1910.

b. TYDSKRIFTE.

(i) Die Huisgenoot. Kaapstad, 8.10.1956.

(ii) Onderwysblad van die Transvaalse Onderwysvereniging. Johannesburg, 1.5.1955.

c. PAMFLETTE EN BROSJURES.

(i) Brümmer, N.J.: Di Afrikaanse Nasie. Z.A. Niewsblad Maatschappij, 1908.

(ii) De Staat, Het Orgaan der Nauwere Aaneensluiting. Een Zuid-Afrikaanch Nationaal Tydschrift, 1909-1910. Kaapstad.

(iii) Dönges, T.E. : Die Afrikaanse Gedagte en die Draers Daarvan. Johannesburg, 1953.

(iv) Erlank, W.J. du P.: Die Patroon van ons Volkskarakter. Johannesburg, 1952.

(v) Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Johannesburg.

(vi) Nienaber, P.J.: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk. Johannesburg, 1950.

(vii) Transvaal Proteksie Verbond (Brosjure)(Byvoegsel tot De Volkstem). Pretoria, 1908.

(viii) Verkiesings/.....

(viii) Verkiesings 1910 tot 1958. Johannesburg 1958.

(ix) Volledige Notulen van het Kongres te Pretoria gehouden op 23, 24 en 25 Mei 1904. Pretoria, 1904.

4. KONTEMPORÊRE EN SEKONDÊRE BRONNE.

a. GEPUBLISEERD.

Amery, L.S. : The Times history of the War in South Africa. Vol. VI.Londen, 1909.

Armstrong, H.C.: Grey Steel. Londen, 1937.

Barlow, A.G.: Almost in Confidence. Kaapstad, 1952.

Böeseken, A.J., Krüger, D.W. en Kieser, A.: Drie Eeue (Die Verhaal van ons Vaderland). Kaapstad, 1953.

Botha, Genl.- 'n Paar Besonderhede en 'n paar Foto's (Volkstem Drukkery, Pretoria, 1920.)

Brand, P.H.: The Union of South Africa. Oxford, 1909.

Breytenbach, J.H.: Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, 1949.

Brothers, O.F.: The First Transvaal Parliament. Johannesburg, 1907.

Buchan, J.: The African Colony. Londen, 1903.

Buxton, Earl.: General Botha. Londen, 1924.

Cambridge Modern History (The) (Vol. VIII). Cambridge, 1936.

Cana, F.R.: South Africa from the Great Trek to the Union. Londen, 1909.

Cloete, Bettie: Die Lewe van Senator F.S.Malan. Johannesburg, 1946.

Coetzee, J.C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937. Pretoria, 1941.

Coetzee, J.A.: Politieke Groeperinge in die Wording van die Suid-Afrikaanse Nasie. Johannesburg,1941.

Colvin, I.: Life of Jameson. Londen, 1922.

Crafford, F.S.: Jan Smuts (In Afrikaans vertaal deur F.A. Venter). Kaapstad, 1947.

Cronje, G.: Afrika sonder die Asiaat. Die Blywende Oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk. Johannesburg, 1946.

De Kiewiet, C.W.: The Imperial Factor in South Africa. Cambridge, 1937.

De Wet, C.R.: De Strijd tussen Boer en Brit. Amsterdam, 1903.

Dietzel, K.H.: Die Südafrikanische Union. Berlyn, 1934.

Du Plessis, L.J.: Die Moderne Staat. Stellenbosch, 1941.

Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, 1652-1939. Pretoria, 1940.

Edelman, H.: Vorming en Ontvoogding van de Unie van Zuid-Afrika. Rotterdam, 1935.

Edwards/.....

Edwards, E.J.: The Amalgamation of the Transvaal and Natal. Johannesburg, 1906.

Engelenburg, F.V.: Generaal Louis Botha. Pretoria, 1928.

Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents illustrating the South African History, (1795-1910). Londen, 1918.

Framework of the Union (The), prepared for and issued by the Closer Union Society. Kaapstad, 1908.

Fremantle, H.E.S.: The New Nation. Londen, 1909.

Gedenkboek uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika by gelegenheid van het 25-jarig bestaan, April 1918. Pretoria, 1918.

Gey van Pittius, E.F.W.: Aktuele Politieke Vraagstukke. Pretoria, 1945.

Gey van Pittius, E.F.W.: Plaaslike en Sentrale Bestuur in Suid-Afrika. Pretoria, 1937.

Government of South Africa (The) (2 dele). Kaapstad, 1908.

Gross, F.: Rhodes of Afrika. Londen, 1956.

Headlam, C.: The Milner Papers. Londen, 1933.

Hintrager, O.: Geschichte von Südafrika. München, 1952.

Hofmeyr, J.H.: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad, 1913.

Keppel-Jones, A.: South Africa, A Short History. Londen 1949.

Kestell, J.D.: Christiaan de Wet. Kaapstad, 1920.

Kiernan, R.H. General Smuts. Londen, 1943.

Krüger, D.W.: The Age of the Generals. Johannesburg, 1958.

Laurence, P.: The life of John X. Merriman. Londen, 1930.

Levi, N.: Jan Smuts. Londen, 1917.

Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652-1922. Kaapstad, 1925.

May, H.J.: The South African Constitution (with 1950 Supplement). Kaapstad, 1949.

Markham, V.R.: The New Era in South Africa. Londen, 1904.

Markham, V.R.: The South African Scene. Londen, 1913.

McCord, J.J.: The South African Struggle. Pretoria, 1952.

Meihuizen, J.: Dat Vrije Volk. Amsterdam, 1948.

Millen, S.G.: General Smuts. Londen, 1954.

Molteno, J.T.: Further South African Recollections. Londen, 1926.

Milner, A.: The Nation and the Empire. Londen, 1913.

Murray, A.H.: Die Volksraad. (Die Beginsels en Vraagstukke van Volksregering, met besondere verwysing na Suid-Afrika) Pretoria, 1939.

Nathan, M: South Africa from Within. Londen, 1926.

Newton, A.P.: Select Documents Relating to the Unification of South Africa. Londen, 1924.

Nienaber, P.J.: Mylpale. Johannesburg, 1951.

Oost, H.: Wie is die Skuldiges? Johannesburg, 1956.

Phillips, L.: Transvaal Problems. Londen, 1905.

Pienaar, E.C.: Die Triomf van Afrikaans. Kaapstad, 1943.

Preller, G.S.: Historiese Opstelle. Pretoria, 1925.

Preller, J.F.: Konvensie-Dagboek van F.S.Malan. Kaapstad, 1951.

Pyrah, G.B.: Imperial Policy and South Africa, 1902-1910. Oxford, 1955.

Rose-Innes, J.: Autobiography. Kaapstad, 1949.

Samassa, P.: Das Neue Südafrika. Berlyn, 1905.

Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914. Johannesburg, 1941.

Scholtz, G.D.: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek. Johannesburg, 1954.

Smuts, J.C.: Greater South Africa. (Plans for a better World). Johannesburg, 1940.

Smuts, J.C.: Africa and some World Problems. Oxford, 1930.

Spender, H.: General Botha. Londen, 1916.

Steinmeyer, J.: Spykers met Koppe. Kaapstad, 1946.

Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika 1910-1953 (Die). Johannesburg, 1953.

Unie van Zuid Afrika: Notulen van Verrichtingen met Aanhangsels (Uitgekozen) van die Zuid Afrikaanse Nationale Konventie gehouden te Durban, Kaapstad en Bloemfontein 12 Oktober 1908 tot 11 Mei 1909. Kaapstad, 1911.

Van den Heever, C.M.: Genl. J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1943.

Van den Heever, C.M. en Pienaar, P. de V.: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, 1950.

Van der Merwe, N.J.: Marthinus Theunis Steyn. Bloemfontein, 1921.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad, 1951.

Van Jaarsveld, F.A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewuswording. Johannesburg, 1957.

Van Rooyen, J.J: Die Nasionale Party, sy opkoms en Oorwinning. Kaapstad, 1956.

Vermooten, F.: Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. (Argiefjaargoek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis - Deel 2). Parow, 1957.

Viljoen, J.M.H.: 'n Joernalis Vertel. Kaapstad, 1953.

Walker, E.A.: Lord de Villiers and His Times. Londen, 1925.

Walker/.....

Walker, E.A.: W.P. Schreiner, A South African. Londen, 1937.

Wallach, I.: Die Volmaakte "Gentleman" (Intieme kykies op die lewe van Dr. F.V. Engelenburg. Met waarderende artikels van H.C. de Kock en Dr. C.L. Leipoldt). Pretoria, 1945.

Walton, E.H.: The Inner History of the National Convention. Londen, 1912.

Williams, B.: Botha, Smuts and South Africa. Londen 1946.

Williams, B.: The Selborne Memorandum (Inleiding deur B. Williams), Oxford, 1925.

Worsfold, W.B.: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, Londen, 1913.

b. ONGEPUBLISEERD.

(i) Jamneck, C.P. : Die Milner-regime in Transvaal (1902-1905). (M.A.-Proefskrif). Universiteit van Suid-Afrika, 1947.

(ii) Meyer, I.M.: Die Chinese Arbeidsvraagstuk van die Witwatersrandse Goudvelde (1903-1910). (Doktorale proefskrif). Universiteit van Pretoria, 1946.

(iii) Snyman, J.J.: Histories-kritiese Studie van die Smuts Onderwyswet van 1907. (Doktorale proefskrif). Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1951.

(iv) Spoelstra, B.: Die Bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as Selfregerende Britse Kolonie in 1907. (M.A.-proefskrif). Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1950.

(v) Symington, F.C.: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode (1900-1907) (Doktorale proefskrif). Universiteit van Pretoria, 1948.

(vi) Weideman, N.C.: Die Politieke Naweë van die Anglo-Boere-oorlog in Transvaal tot 1907. (Doktorale Proefskrif). Universiteit van Pretoria, 1955.

---oOo---oOo---